


# ***LitNet Akademies***

**23(2)  
2026**



'n Akademiese vaktydskrif in  
Afrikaans vir die Ekonomiese  
en Bestuurswetenskappe,  
Geesteswetenskappe,  
Godsdienwetenskappe,  
Opvoedkunde,  
Natuurwetenskappe en  
Regte

---

**ISSN 1995-5928**

[doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n2](https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n2)

---

## **Direksie: LitNet Akademies**

**Etienne van Heerden (Voorsitter)**

**Christo van der Rheede**

**Martin Geldenhuys**

---

### **Bestuur**

**Etienne van Heerden (PhD, LLB, DLitt h.c.), Universiteit van Kaapstad**

*Hoofbestuurder en hoofredakteur – LitNet, LitNet Akademies en Voertaal*

**Menán van Heerden (MA)**

*Bestuurder en webmeester: Redaksioneel – LitNet Akademies, LitNet en Voertaal*

*Senior inhoudsbestuurder – LitNet en LitNet Akademies*

*Redakteur – Voertaal*

**Izak de Vries (MA)**

*Spesialis-inhoudsbestuurder en mederedakteur: Boeke – LitNet, LitNet Akademies en Voertaal*

*Webmeester: Tegnies – LitNet, LitNet Akademies en Voertaal*

**Naomi Meyer (MA, LLB)**

*Senior inhoudsbestuurder en mederedakteur: Boeke – LitNet, LitNet Akademies en Voertaal*

**Nicky Grieshaber (MA)**

*Teksredakteur*

**Gerdus Senekal (BA Hons.)**

*Redaksionele bestuurder – LitNet Akademies*

**Liné Loff (BA, NDV)**

*Inhoudsbestuurder en teksversorger – LitNet, LitNet Akademies en Voertaal*

---

### **Afdelingsredakteurs**

*Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-redakteur*

**Bennie Linde (PhD), Noordwes-Universiteit**

*Geesteswetenskappe-redakteur*

**Francis Galloway (DLitt)**

*Godsdienswetenskappe-redakteur*

**Pieter G.R. de Villiers (DTh, ThDrs)**

*Natuurwetenskappe-redakteur*

**Wessel Pienaar (MSc in Siviele Ingenieurswese, MEcon, PhD (Ing), DCom),  
Universiteit Stellenbosch**

*Natuurwetenskappe-ereredakteurs*

**Hendrik Geyer (MSc in Teoretiese Fisika, PhD in Teoretiese Kernfisika, FRSSAf),  
Universiteit Stellenbosch**

**Jannie Hofmeyr (BSc Hons in Biochemie, MSc in Biochemie, PhD, FRSSAf), Universiteit Stellenbosch**

*Opvoedkunde-redakteur*

**Alta Vos (PhD), Universiteit van Pretoria**

*Regte-redakteur*

**Johan Scott (BA Hons, LLB, Dr Iuris), Universiteit van Suid-Afrika**

## Adviesraadslede vir LitNet Akademies

Ruth Baitsewe, Universiteit Stellenbosch  
Andries Bezuidenhout, Universiteit van Pretoria  
Frikkie Botha, Direkteur: Navorsing en Ontwikkeling, Hyatech  
Guillaume Brümmer, Universiteit van Kaapstad  
Joel Claassen, Universiteit van Kaapstad  
Eugene Cloete, Universiteit Stellenbosch  
Neil Cochrane, Universiteit van Suid-Afrika (Unisa)  
Ronald Cools, Katholieke Universiteit Leuven – België  
Scarlett Cornelissen, Universiteit Stellenbosch  
Darryl David, Universiteit van die Wes-Kaap  
Leon Dicks, Universiteit Stellenbosch  
Eric Dirix, Universiteit van Leuven – België  
Ian Dubery, Universiteit van Johannesburg  
Heilna du Plooy, Noordwes-Universiteit  
Jat du Toit, Noordwes-Universiteit  
Kobus Eloff, Universiteit van Pretoria  
Hans Ester, Radboud Universiteit Nijmegen – Nederland  
Aslam Fataar, Universiteit Stellenbosch  
Eep Francken, Universiteit Leiden – Nederland  
Johan Henning, Universiteit van die Vrystaat  
Ewoud Hondius, Universiteit van Utrecht – Nederland  
Thys Human, Universiteit van Johannesburg  
Ena Jansen, Vrije Universiteit Amsterdam – Nederland  
Jerzy Koch, Adam Mickiewicz Universiteit – Pole  
Chris Koen, Universiteit van die Wes-Kaap  
Kobus Kruger, Universiteit van Suid-Afrika (Unisa)  
Derek Litthauer, Universiteit van die Vrystaat  
Catharina Loader, Universiteit van Wenen – Oostenryk  
Amanda Lochner, Universiteit Stellenbosch  
Braam Louw, Universiteit van Pretoria  
Frans Malan, Appèlregter  
Johan Malherbe, Universiteit van Pretoria  
Jean Meiring, Universiteit van Cambridge – Engeland  
Johan Meyer, Universiteit van die Vrystaat  
Albert Neitz, Universiteit van Pretoria  
Philip Nel, Universiteit van die Vrystaat  
Jannie Otto, Universiteit van Johannesburg  
Desmond Painter, Universiteit Stellenbosch  
Johan Potgieter, Universiteit van Suid-Afrika (Unisa)  
Marius Potgieter, Noordwes-Universiteit  
Sakkie Pretorius, The Australian Wine Research Institute – Australië  
Heinrich Raubenheimer, Universiteit van Johannesburg  
Helgard Raubenheimer, Universiteit Stellenbosch

Koot Reinecke, Universiteit Stellenbosch  
Egmont Rohwer, Universiteit van Pretoria  
Vasti Roodt, Universiteit Stellenbosch  
Alfred Schaffer, Universiteit Stellenbosch  
Arnold Schoonwinkel, Universiteit Stellenbosch  
Jan Smits, Universiteit van Maastricht – Nederland  
Gert Steyn, Universiteit van Pretoria  
Wilhelm Steyn, Universiteit Stellenbosch  
Hendrik Swart, Universiteit van die Vrystaat  
Neels van der Schyf, Northeast Ohio Medical University – VSA  
Etienne van Heerden, Universiteit van Kaapstad  
Ian van Rooyen, Universiteit van Kaapstad  
Christa van Staden, Universiteit van die Vrystaat  
Hannes van Staden, Universiteit van KwaZulu-Natal  
Helize van Vuuren, Nelson Mandela Universiteit  
Christa van Wyk, Universiteit van Suid-Afrika (Unisa)  
Noleen van Wyk, Universiteit van Suid-Afrika (Unisa)  
Steward van Wyk, Universiteit van die Wes-Kaap  
Emile van Zyl, Universiteit Stellenbosch  
Francois Venter, Noordwes-Universiteit  
Rudi Venter, Oxford University Press Southern Africa  
Louise Viljoen, Universiteit Stellenbosch  
Andries Visagie, Universiteit Stellenbosch  
André Weideman, Universiteit Stellenbosch  
Gideon Wolfaardt, Ryerson University – Kanada  
Hein Willemse, Universiteit van Pretoria  
Imke van Heerden, King's College London

Uitgegee deur LitNet

LitNet Akademies is 'n geakkrediteerde Afrikaanse akademiese aanlyn joernaal.

Alle gepubliseerde artikels is ooptoegang ingevolge lisensie CC BY-NC-ND.



**Web:** <https://doi.org/10.56273/1995-5928/LA>

**E-pos:** [akademies@litnet.co.za](mailto:akademies@litnet.co.za)

**Kontaknommer:** 083 461 8348

**ISSN:** 1995-5928

*Ondersteun deur:*



**TRUST<sub>VIR</sub>  
AFRIKAANSE  
ONDERWYS**



# INHOUDSOPGAWE

## ***Ekonomiese en Bestuurswetenskappe***

- 'n Onderzoek na Afrikaanse familiefeesbesoekers en hul bywoningsmotiveerders by  
Aardklop Nasionale Kunstefees \_\_\_\_\_ 1  
Walter Wessels

## ***Geesteswetenskappe***

- Operasie Savannah: Die “ligte mistyk” wat die apartheidstaat ekonomies geknou het \_\_\_\_\_ 27  
Kobus du Pisani

- Levinas en die postkolonie: van abstrakte alteriteit tot konkrete geregtigheid \_\_\_\_\_ 60  
A.B. (Benda) Hofmeyr

- 'n Onderzoek na die verklaring vir die komplekse verhouding tussen verbruikers se  
kwalifikasievlak en ervaring van gewonetaaldokumente \_\_\_\_\_ 77  
Annie Burger

- Buitelandsebeleidsbeginsels van Donald Trump: Deel 1 \_\_\_\_\_ 108  
Riaan Eksteen

- Toepassing van Donald Trump se “Amerika Eerste”-leerstelling op die VSA se  
buitelandse beleid: Deel 2 – Gevallestudies \_\_\_\_\_ 159  
Riaan Eksteen

- 'n Woordmedevoorkomsnetwerk-ontleding van die Nederlandse lirieke van Heidevolk  
as heidenmetaalgroep \_\_\_\_\_ 214  
Burgert Senekal

- Wêreld wat tot stand vertel word: Narratiewe konstruksie en die etiek van representasie  
in *Die wêreld van Charlie Oeng* \_\_\_\_\_ 238  
Willie Burger

## ***Godsdienswetenskappe***

- Fanonisme as 'n vyand van vrede: 'n ervare antwoord vanuit die teenrevolusionêre tradisie \_\_\_\_ 261  
J.A. Schlebusch en Paul Maritz

- Heinrich Bullinger se kommentaar op die Brief aan Filemon \_\_\_\_\_ 280  
D. Francois Tolmie

## **Natuurwetenskappe**

|                                                                                                                                                                                                                                                                   |            |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------|
| <b>Epistemiese verwagtinge en werklikhede by aandeelprysopbrengste</b> _____                                                                                                                                                                                      | <b>310</b> |
| Abie Bouwer en Eben Maré                                                                                                                                                                                                                                          |            |
| <b>Hiperboliese omskakeling. 'n Gedagte-eksperiment – met afleiding en evaluasie van 'n beskrywende hiperboliese verdeling – wat die bestaan van 'n sistematiese heuristiese denkfout tydens menslike skattings van nedirek meetbare eienskappe aantoon</b> _____ | <b>347</b> |
| Abie Bouwer en Eben Maré                                                                                                                                                                                                                                          |            |

## **Opvoedkunde**

|                                                                                                                                                                              |            |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------|
| <b>Innoverende kurrikulumontwerp vir volhoubare ontwikkeling: Heelbrein®-gebaseerde Kodering en robotika-kurrikulum</b> _____                                                | <b>364</b> |
| Soené Botha-Zietsman                                                                                                                                                         |            |
| <b>Die Hompie Kedompie-dilemma van kurrikulum: 'n verkennende studie van onderwysstudente se kurrikulumbegrip</b> _____                                                      | <b>419</b> |
| Chris-Mari Le Hanie                                                                                                                                                          |            |
| <b>Poësie as emosionele brug: 'n ontleding van gedigte vir graad 8 Afrikaans Eerste Addisionele Taal</b> _____                                                               | <b>455</b> |
| Lydia Cathleen Barnett en Emma Groenewald                                                                                                                                    |            |
| <b>Van taalaanleer na tolkaanleer (deel 2): Die skep van kognitiewe en metakognitiewe tolkaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding</b> _____                        | <b>487</b> |
| Kanja van der Merwe en Elbie Adendorff                                                                                                                                       |            |
| <b>Ekokritiek: nuwe moontlikhede vir teksontleding op hoërskoolvlak</b> _____                                                                                                | <b>540</b> |
| Schalk J. Lubbe, Susan Meyer en Elize Vos                                                                                                                                    |            |
| <b>'n Ondersoek na die rol van affektiewe en kulturele faktore in die aanleer van Afrikaans Eerste Addisionele Taal by graad 10-leerders</b> _____                           | <b>567</b> |
| Cameron Jo Benjamin en Elbie Adendorff                                                                                                                                       |            |
| <b>Moontlike nut van ChatGPT-4o tydens juweliersontwerp, faktore wat die gebruik daarvan kan dryf en riglyne vir verantwoordelike gebruik in hoërsonderwysatellees</b> _____ | <b>599</b> |
| Eric Leslie Holmes en Christina Johanna van Staden                                                                                                                           |            |
| <b>Van taalaanleer na tolkaanleer (deel 3): Die skep van affektiewe en sosiale tolkaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding</b> _____                               | <b>645</b> |
| Kanja van der Merwe en Harold Lesch                                                                                                                                          |            |

## **Regte**

- Vonnisbespreking: Die billikheid van ouderdomsgebaseerde diensbeëindiging \_\_\_\_\_ 697**  
Jacques Nieuwoudt en Judith Geldenhuys
- 'n Wêreldoorsig van kliniese regsopleiding: die Verenigde Koninkryk en Ierland \_\_\_\_\_ 727**  
Riette du Plessis
- 'n Wêreldoorsig van kliniese regsopleiding: Latyns-Amerika en Noord-Amerika \_\_\_\_\_ 748**  
Riette du Plessis
- Bedenklike verwickelinge oor die rol van deskundige getuienis in verhore met betrekking tot skadevergoedingseise in drie onlangse beslissings van die Gautengse Hooggeregshof \_\_ 777**  
Magda Slabbert, Melodie Labuschaigne en Magdaleen Swanepoel
- Die beperkings van toestemming in die Suid-Afrikaanse inligtingsbeskermingsreg \_\_\_\_\_ 799**  
Gretchen Jansen

# ***Ekonomiese en Bestuurswetenskappe***

---

ISSN 1995-5928

# **'n Onderzoek na Afrikaanse familiefeesbesoekers en hul bywoningsmotiveerders by Aardklop Nasionale Kunstefees**

**Walter Wessels**

---

Walter Wessels, Skool vir Toerismebeheer,  
TREES (Toerismenavorsing in Ekonomie, Omgewing en Samelewing),  
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Noordwes-Universiteit (Mahikeng kampus)

---

## ***Opsomming***

In 2025 het die Afrikaanse taal sy 100ste bestaansjaar gevier, en nasionale kunstefeeste is 'n platform wat hierdie taal in verskeie kunsvorme aanmoedig. Dit word egter al hoe moeiliker om kunste, spesifiek aangebied deur feeste, lewend te hou as gevolg van verskeie eksterne faktore. Dit behels moeiliker ekonomiese toestande vir verbruikers, 'n verskuiwing in vermaaklikheidsbelangstelling van families met jong kinders, en ondoeltreffende bemarkingsstrategieë wat deur kunstefeeste gebruik word weens 'n gebrek aan verbruikerskennis. Laasgenoemde is hoofsaaklik te wyte aan die aanname van homogeniteit onder feesgangers. Hierdie studie ondersoek spesifiek die familiefeesbesoeker wat Aardklop Nasionale Kunstefees saam met hul gesin besoek het. Deur 'n kwantitatiewe metode te gebruik, toon hierdie navorsing spesifieke bywoningsmotiveerders van die marksegment. Die bevindinge dui daarop dat familiefeesbesoekers die meeste beïnvloed word deur beide teater- en terreinaanbiedinge. Hierdie aktiwiteite versterk gesinsbande, verbreed kulturele horisonne en bied ook waarde vir geld. Gebaseer op hierdie resultate word praktiese aanbevelings vir feesorganiseerders en bemarkers voorgestel om kunstefeesbywoning te bevorder en die volhoubaarheid en groei van Afrikaanse nasionale kunstefeeste te ondersteun.

**Trefwoorde:** aankoopgedrag; Afrikaanse kunstefeeste; bywoningsmotiveerders; familiemark; familiereis

## **Abstract**

### **An investigation into Afrikaans family festival attendees and their attendance motivators at Aardklop Nasionale Kunstefees**

The Afrikaans language celebrated 100 years of existence in 2025, and one of the most prominent platforms promoting the language, through various forms of art, is the Afrikaans national arts festivals. South Africa hosts five major Afrikaans national arts festivals, namely Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK), Innibos Lowveld National Arts Festival, Toyota US Woordfees, Vrystaat Arts Festival, and Aardklop Nasionale Kunstefees. Each of these festivals offers a broad range of activities, including children's theatre productions, outdoor entertainment, music performances and arts and crafts markets. Despite the significant economic contribution of festivals, the family market remains relatively underexplored within both tourism and festival research, particularly in the South African context. This gap may be attributed to the multidimensional and dynamic nature of family travel behaviour.

Festival organisers are under increasing pressure to continually innovate and differentiate their programmes, as oversaturation of similar activities may weaken a festival's unique value offering. Festival offerings should therefore align with both children's ages and parents' spending behaviour. This complexity highlights the need for a deeper understanding of the family market, attending individual festivals, particularly because these events are hosted in different provinces and at different times of the year. A market-specific approach is therefore necessary not only to maintain a competitive advantage, but also to position festivals more effectively within increasingly segmented cultural tourism markets. The aim of this study is therefore to investigate Afrikaans family festival visitors and their motivations for attending Aardklop Nasionale Kunstefees.

This empirical study was exploratory in nature and used Aardklop Nasionale Kunstefees as a case study. A quantitative research design employing a self-administered questionnaire was followed. A new survey instrument was developed, consisting of two sections. Section A captured the demographic and family profile of respondents, including age, gender, level of education, and the ages of children attending the festival with their parents. Section B consisted of 22 statements relating to aspects influencing family attendance at the festival. Respondents indicated the importance of each statement on a five-point Likert scale ranging from 1 (unimportant) to 5 (extremely important).

A purposive sampling technique was applied. Data were collected among parents attending Aardklop Nasionale Kunstefees from 7 to 11 October 2025 with their children. Potential respondents were identified at family-friendly theatre productions and children's activity areas on the festival grounds. Where both parents were present, only one parent participated in the survey. No public data are currently available regarding total attendance at Aardklop Nasionale Kunstefees in 2025. The most recent available statistics indicate that approximately 150 000 visitors attended the festival in 2016. Based on the sampling formula, proposed by Krejcie and Morgan (1970), a sample size of 375 respondents is representative of the population. However, it should be noted that this population estimate reflects total festival attendance and not specifically family attendance. Furthermore, only one respondent per family completed the questionnaire. A total of 239 usable questionnaires were included in the analysis.

Data were analysed using Microsoft Excel and SPSS (Version 30.0). Descriptive statistics were first used to profile respondents, followed by an exploratory factor analysis (EFA) to identify underlying motivational dimensions.

The majority of respondents were female, Afrikaans-speaking, aged 29–40 years, and graduated with a postgraduate qualification. Most families originated from the North West Province, followed by Gauteng and the Free State. Families generally consisted of two children, with the youngest and oldest children averaging 5 and 7 years old, respectively. Respondents spent an average of two days at the festival.

Three individual motivational aspects emerged as the most influential in affecting attendance: the opportunity to broaden the family's cultural horizons, the opportunity to strengthen family bonds, and the value for money. In contrast, traditional promotional methods such as newspaper advertisements, local radio interviews, and roadside billboards along school routes were the least influential on this market segment.

The exploratory factor analysis identified four underlying motivational factors: theatre production offerings, festival site offerings, marketing, and personal needs. Theatre production offerings and festival site offerings emerged as the strongest attendance motivators among family visitors.

The findings suggest several practical implications for festival organisers, marketers, and theatre producers. From the demographic profile, it is evident that the festival programming should consider the ages of the family unit and align its offerings with the evolving needs of this market segment to encourage repeat visitation. As children grow into teenagers, the festival has an opportunity to progressively adapt its family-oriented offerings to maintain relevance and foster continued engagement.

The results further indicate that the festival should place greater emphasis on offerings that appeal to families as collective units. Afrikaans artists such as Kurt Darren, Bernice West, and Bobby van Jaarsveld may be important draws due to their broad intergenerational appeal and strong cultural connection with Afrikaans-speaking audiences. However, affordability remains critical, as value for money emerged as a key motivator for attendance. The introduction of family ticket packages for two adults and two children may therefore improve accessibility and perceived value.

The most significant finding of this study was that personal needs emerged as the least influential motivational factor among family festival visitors. This finding contrasts with both national and international festival literature, which consistently identifies personal needs as important attendance motivators. Within the South African arts festival context, previous studies have shown that factors such as prior exposure to the arts, identity formation, and emotional attachment to festivals play a critical role in fostering visitor loyalty and sustained festival participation. However, the present finding suggests that decision-making within the family market is influenced less by individual motivations and more by collective family priorities.

This finding raises important concerns regarding the long-term sustainability of arts festivals. The existing literature emphasises that parents' personal experiences, cultural values, and emotional attachment to festivals significantly influence the cultural exposure they provide their children, as well as perceptions of value and future arts participation. Such emotional and

psychological “push” factors, which develop over time through continued involvement in the arts, are often regarded as more influential than traditional marketing strategies. The limited influence of personal needs identified in this study may therefore indicate a declining culture of arts engagement within the family market. Festival organisers and marketers should therefore reconsider the strategic focus of their marketing approaches by placing greater emphasis on cultivating emotional connections between families and the arts. The festival should actively promote meaningful family experiences, nostalgia, cultural identity, and long-term emotional engagement rather than focusing solely on programme information. Re-establishing a stronger culture of arts participation among families may ultimately prove essential to ensuring the sustainability of Afrikaans national arts festivals, more specifically, Aardklop Nasionale Kunstefees.

The study contributes theoretically to the limited body of research on festival market segmentation within South Africa and the broader African context. Furthermore, the study provides a foundation for replicating the methodology at other Afrikaans arts festivals and cultural festivals elsewhere in Africa. From a practical perspective, the findings may assist festival organisers and marketers in developing more targeted family-oriented strategies and in re-evaluating existing family-friendly offerings. Ultimately, these insights may contribute to increased arts participation, enhanced cultural appreciation, and the long-term sustainability of arts festivals.

**Keywords:** Afrikaans arts festivals; attendance motivators; family market; family travel; purchasing behaviour

## 1. Inleiding

Kunstefeeste funksioneer binne ’n toenemend mededingende ekonomie en die vermoë om innoverend te wees, sodat feeste volhoubaar kan bly, is noodsaaklik (Pizzolitto 2023). Volgens Williams (2024) is ’n markspesifieke aanslag noodsaaklik om volhoubaarheid te verseker en lei ook tot ’n meer effektiewe posisionering om sodoende die teikenmark suksesvol te bereik en ’n mededingende voordeel te handhaaf. Kunstefeeste trek egter nie ’n homogene mark nie, maar bedien verskillende marksegmente, waarvan die familiemark ’n prominente en strategies belangrike segment is (Viljoen en Kruger 2025). Ten spyte van sy beduidende ekonomiese bydrae, bly die familiemark relatief onderbestudeer in die akademiese literatuur en meer spesifiek binne feesliteratuur, ’n leemte wat waarskynlik verband hou met die multidimensionele en dinamiese aard van familiereise (Yang 2020, Liu en Draper 2022, Griffen, Kellershohn, Oh en Francis 2024).

Familiereise strek verder as konvensionele ontspanningsaktiwiteite; dit vereis betekenisvolle finansiële en logistieke beplanning en word doelbewus onderneem om gesinsbande te versterk, nuwe ervarings te fasiliteer en die algehele welsyn van die gesin te bevorder (Lehto, Fu, Li en Zhou 2017). Binne die Suid-Afrikaanse konteks reis meer as 60% van binnelandse toeriste saam met familieleden (SAT 2023). Die Suid-Afrikaanse Nasionale Toerismesektorstrategie 2016–2026 (NTSS 2017) beklemtoon eweneens die belangrikheid van ’n geteikende benadering tot binnelandse toerisme en dui aan dat spesifieke marksegmente en aangepaste aktiwiteite geprioriseer moet word, met besondere klem op die ontsluiting van die reis- en bestedingspotensiaal van die familiemarksegment.



Nasionale kunstefeeste is 'n prominente familie-aktiwiteit wat graag deur die hele gesin bygewoon word (Liu en Draper 2022). Kunstefeeste word gedefinieer as gemeenskaps-temageleenthede wat ontwerp is om verskeie kunsvorme te vertoon, insluitend uitvoerende, visuele en literêre kuns (Viviers en Botha 2019). In Suid-Afrika is daar vyf prominente en bekende Afrikaanse kunstefeeste, naamlik Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) (Oudtshoorn), Innibos Laeveld Nasionale Kunstefees (Mbombela), Toyota US Woordfees (Stellenbosch), Vrystaat Kunstefees (Bloemfontein) en Aardklop Nasionale Kunstefees (Potchefstroom) (Stander, Sandham en Visser 2021). Hierdie feeste bied 'n wye spektrum van aktiwiteite, insluitend kinderteater, buitelugvermaak en kuns- en handwerkmarkte (Viviers en Botha 2019). Ironies genoeg plaas hierdie uitbreiding van familiegerigte aanbiedinge ook druk op feeste om voortdurend te innoveer en hul programme te differensieer, aangesien 'n oorversadiging van soortgelyke aktiwiteite die unieke waarde-aanbod kan beïnvloed (Dragin-Jensen, Kwiatkowski, Hannevik Lien, Ossowska, Janiszewska, Kloskowski en Strzelecka 2022). Aanbiedinge moet ook spesifiek wees vir die ouderdom van die kinders sowel as die spanderingsbereidwilligheid van hulle ouers (Davies, Gouthro, Matthews en Richards 2023). Curtale (2018) voeg by dat kinders 'n groot invloed op hulle ouers se keuses het, veral wanneer die gesin besluite neem oor die tipe ontspanningsaktiwiteite wat hulle saam bywoon. Ouers is ook baie spesifiek oor die tipe ervaring wat hulle saam met die gesin wil beleef soos samesyn, ontspanning, nuwe ervarings en, veral ten opsigte van teaterbywoning, opvoedkundige geleenthede (Liu, Draper, Madera en Taylor 2023; Wessels, Viviers en Botha 2023). Hierdie kompleksiteit skep 'n probleem vir feesorganiseerders en motiveer dus dat meer omvattende kennis, spesifiek van die gesinsmark wat elke individuele fees bywoon, noodsaaklik is omdat elk van die feeste in verskillende provinsies aangebied word en op verskillende tye van die jaar plaasvind (Stander e.a. 2021, Viljoen 2023). Verder, soos aangedui deur vorige studies gedoen deur Pretorius, Viviers en Botha (2016), Viviers en Botha (2019) en Kruger (2020), word elke fees in die meerderheid ondersteun deur die provinsiale inwoners waar elke fees gehou word en daar moet dus spesifieke fokus op die kulturele agtergrond, akademiese geletterdheid en ervaringsverwagtinge van hierdie besoekers gefokus word. Sonder hierdie inligting, bestaan daar onvoldoende insig oor watter faktore werklik die besluitneming en deelname van familiefeesbesoekers beïnvloed.

Hierdie leemte word ook verder beklemtoon deur die feit dat bestaande studies oor ervarings-gebaseerde aankope nie spesifiek op die familiemark binne 'n feeskonteks fokus nie (Caldwell 2001, McCarthy en Jinnett 2001, Botha, Slabbert en Viviers 2014; Wessels e.a. 2023, Wessels en Botha 2026). Volgens Viviers en Botha (2019) maak feesprogramme ook nie altyd voorsiening vir aktiwiteite en teateraanbiedinge wat deur die hele gesin bygewoon kan word nie, maar fokus eerder op volwasse vermaak. Gevolglik is dit duidelik dat daar 'n dringende behoefte aan gefokusde navorsing om die gedrag, en meer spesifiek die motivering en verwagtinge, van die familiemark by kunstefeeste te verstaan met spesifieke fokus op elke individuele kunstefees. Ter verdere ondersteuning van die noodsaaklikheid van hierdie studie: Kinders is die toekomstige mark vir feeste en blootstelling aan produkte en ervarings, insluitende blootstelling aan die kunste, gedurende hulle kinderjare het 'n direkte invloed op die toekomstige spanderingspatrone en belangstellings van hierdie markte (Richardson 2022, Vasumathi, Dharshini en Dhanuskumar 2025).

Die studiedoel is dus om die Afrikaanse familiefeesbesoekers en hul bywoningsmotiveerders by Aardklop Nasionale Kunstefees te ondersoek. Hierdie is 'n verkennende studie en gebruik 'n kwantitatiewe empiriese metodologie om sy doel te bereik. Dit sal gedoen word deur spesifieke navorsingsvrae te beantwoord, naamlik: 1) Wat is die profiel (ouderdom, geletterdheid

en gesinsgrootte) van die familiemark wat Aardklop Nasionale Kunstefees bywoon?; 2) Watter faktore beïnvloed die besluitneming van die familiemark om Aardklop Nasionale Kunstefees by te woon? Die teoretiese bydrae van hierdie studie is dat die bevindinge bydra tot die huidige akademiese kennisbasis met betrekking tot feesmarksegmentering in Suid-Afrika, maar ook binne die groter akademiese sfeer van kontinentale navorsing wat, soos ondersteun deur Viljoen (2023), beperk is. Hierdie studie gee ook rigting vir die duplisering van die metodologie by ander Afrikaanse nasionale kunstefeeste in Suid-Afrika sowel as kulturele feeste in ander Afrika-lande en kan waardevolle bevindinge lewer met betrekking tot die faktore wat die familiefeesmark, wat verskillende kunstefeeste bywoon, beïnvloed. Die praktiese bydrae van hierdie studieresultate sal Aardklop Nasionale Kunstefees se feesorganiseerders en -bemarkers in staat stel om kreatiewe strategieë te identifiseer om die familiemark beter te bereik en te motiveer om hierdie kunstefees by te woon. Dit sal ook insig verskaf aan die ander vier groot nasionale kunstefeesorganiseerders ten opsigte van moontlike aspekte wat hulle mark kan beïnvloed. Sodoende kan dit lei tot die herevaluering van hulle feesprogram om die huidige familiévriendelike aanbiedinge sowel as die leemtes te identifiseer. Hierdie sal direk bydra tot toekomstige kunsdeelname en -waardering en sodoende feesvolhoubaarheid verseker.

## 2. Literatuuroorsig

Hierdie afdeling bespreek tersaaklike literatuur met betrekking tot marksegmentering, die familiemarksegment sowel as aspekte wat die bywoning van kunstefeeste beïnvloed.

### 2.1 Marksegmentering

Marksegmentering is die eerste keer deur Wendell Smith in 1959 bekendgestel (Dolnicar 2020). Marksegmentering neem aan dat verbruikers verskillend is, en as gevolg hiervan verskillende verwagtinge van produk- en diensverskaffers het (Dibb en Simkin 2016). Hajibaba, Grun en Dolnicar (2019) voer aan dat die gebruik van marksegmentering produk- en diensverskaffers in staat stel om hulself uniek te posisioneer, bemarkingskoste te verminder en 'n langtermyn- mededingende voordeel te verseker danksy die vermoë om die spesifieke behoeftes en begeertes van die marksubgroep meer effektief te bepaal (Park en Yoon 2009). Kruger, Viljoen en Manners (2025) stem saam en verklaar dat, deur die identifisering van unieke behoeftes en begeertes, die koopgedrag van verbruikers bepaal en gemonitor kan word, en sodra enige veranderinge plaasvind, produkaanpassings makliker en meer koste-effektief gedoen kan word.

Soos voorgestel deur Kotler (1980) kan marksegmentering gedoen word deur verskillende basisse as fokus te gebruik, insluitend gedrags-, psigografiese, geografiese en demografiese basisse. Volgens George (2019) fokus gedragsegmentasie op verbruikers se optrede, insluitend hul koopgedrag, gebruiksfrekwensie, lojaliteitsvlakke en die voordele wat hulle uit 'n produk of diens soek. Fisiologiese segmentering (wat dikwels naby aan psigografiese aspekte lê) neem kenmerke in ag soos verbruikers se fisiese behoeftes, biologiese faktore of liggaamlike toestande wat hul aankoopbesluite kan beïnvloed, byvoorbeeld produkte wat ontwerp is vir spesifieke voedings-, gesondheids- of ergonomiese behoeftes. Geografiese segmentering verdeel verbruikers volgens ligging, soos land, streek, klimaat of stedelike teenoor landelike gebiede, en erken dat plekgebaseerde faktore behoeftes en verbruikspatrone vorm (Naim 2023). Laastens kategoriseer

demografiese segmentering individue volgens meetbare statistieke soos ouderdom, geslag, inkomste, opvoedingsvlak, gesinsgrootte of beroep (Ernst en Dolnicar 2018).

'n Kombinasie van die segmenteringsbasisse word gebruik in akademiese navorsing wat fokus op marknavorsing van kultuurfeesbesoekers, en uit hierdie resultate is dit duidelik dat die familiemarksegment feeste bywoon (Li, Huang en Cai 2009; Giaccone en Galvagno 2021, Viljoen en Kruger 2025). 'n Studie deur Li e.a. (2009) gedoen by 'n kultuurfees in Indiana, die Verenigde State van Amerika, het vyf feesbesoekersegmente geïdentifiseer, naamlik familie-reisigers, feesentoesiaste, lojale feesgangers, ontvlugters en sosiale vlinders. Volgens hierdie navorsing is die familiesegment tussen die ouderdomme van 25 en 44 jaar en het jong kinders wat saam met hulle reis. 'n Meer onlangse studie deur Giaccone en Galvagno (2021) onder feesbesoekers in Italië, het vier segmente geïdentifiseer, naamlik ontvlugters, sosiale vlinders, lojale feesgangers en tradisionaliste. Laasgenoemde segment is besoekers wat die fees bywoon saam met hulle gesinne en vriende met die doel om die plaaslike kultuur te versterk en bevorder. Binne Suid-Afrikaanse feesnavorsing, en meer onlangs spesifiek by Aardklop Nasionale Kunstefees, het Viljoen en Kruger (2025) ook vier feesbesoekersegmente geïdentifiseer, naamlik welgestelde kulturele entoesiaste, hoëbestedingsfeesbesoekers, jong, plaaslike en begrotings-bewuste sosialiseerders en gesinsgerigte kultuursoekers. Volgens die resultate is hierdie segment middeljarig (gemiddelde ouderdom van 45 jaar) en word sterk gemotiveer deur kulturele verryking en sosiale interaksie.

Vanuit die bogenoemde statistiek is dit duidelik dat marksegmentering spesifieke eienskappe van 'n mark kan toon en dus 'n noodsaaklike bemarkingsinstrument is (Srihadi, Sukandar en Soehadi 2016). Marksegmentering, spesifiek vir feeste, bied verskeie voordele, insluitend die skep van lojaler verbruikers en die maksimering van beperkte bemarkingsbegroting (Sohn, Lee en Yoon 2016). Daar kan meer gefokus word op behoeftebevrediging van die prominente familiemark by feeste. Dit is belangrik om inligting rakende die reisbesluitneming, ervarings, voordele en beperkings van hierdie mark te bekom om ook hierdie faktore tydens die organisering en bemarking van feeste in ag te neem (Kolhede en Gomez-Arias 2016).

## ***2.2 Familiereis: Besluitneming, ervarings, voordele en beperkings***

Familiereis het 'n prominente fokusgebied van akademiese ondersoek geword, wat strek van reisverwante besluitnemingsprosesse tot die ontleding van vakansievoordele (Lan 2021). Lehto, Lin, Chen en Choi (2012) het agt sleutelkomponente wat bydra tot Amerikaanse gesinsvakansie-aktiwiteite geïdentifiseer: verkenning, aktiewe avonture, inkopie-ervarings, eet- en kulinêre ervarings, vermaak, gesinsgebonde sosiale aktiwiteite, buitelug- en vaardigheidssport en landbougerigte aktiwiteite. Wu, Wall, Zu en Ying (2019) se navorsing het getoon dat Chinese gesinstoeriste hoofsaaklik fokus om gesinsbande te verbeter en aan fisiese aktiwiteite deel te neem. Volgens Lan (2021) speel gesinsdinamika 'n bepalende rol in die vorming van gesinsvakansie-ervarings, insluitend gesinsamehorigheid en -onderskeiding, ouerontspanning, asook kindergenot, opwinding, nuutheid, veiligheid en gemak. Gesinstruktuur, spesifiek die aantal kinders per gesin, word verder as 'n bepalende faktor erken, wat die aard en kwaliteit van die familiereis beïnvloed (Feng, Dijst, Wissink en Prillwitz 2013; Yu, Anaya, Miao, Lehto en Wong 2018).

Reis word wyd erken as 'n instrument om gesinslewenskwaliteit en -funksionering te versterk, met besondere impak op kinders se welstand, paartjies se gesondheid en die versterking van ouer-kind-verhoudings (Durko en Petrick 2013). Lehto e.a. (2017) se navorsing het getoon dat

gesinsvakansies kommunikasie verbeter en familiebande smee. Volgens Hall en Holdsworth (2016) word aangename gesinsvakansie-ervarings dikwels gekenmerk deur ontvlugtings-aktiwiteite wat boeiend, interaktief en afgegrens van die alledaagse roetine is. Hierdie ervarings funksioneer dikwels as ontvlugting vir kinders, terwyl dit vir ouers estetiese ervarings of ontspanningsgeleenthede kan verteenwoordig. Wu, Kirillova en Lehto (2021) bepleit dat toekomstige navorsing toenemend moet fokus op reiservarings wat beide ouers en kinders betrek, sodat die uiteenlopende vakansiebehoeftes van gesinslede in balans gebring word.

Familie-aankoopbesluite word egter direk deur kinders beïnvloed en daarom kan hierdie nie oorsien word nie (Xu, Li, Lin en Feng 2025). Ouers maak slegs reisbesluite, meer spesifiek na feeste, indien hul kinders ook na die ervaring en aanbiedinge uitsien (Tseng, Chien en Shen 2023). Kinders se behoeftes verander egter dikwels en, volgens Li, Xu en Chen (2020) verander kinders se reisvoorkeure en onderliggende motiverings namate hulle deur verskillende ontwikkelingsfasies beweeg. Alhoewel jong kinders nog beperkte kognitiewe en taalvaardighede het, beïnvloed hul teenwoordigheid en spesifieke behoeftes steeds gesinsvakansies op 'n direkte wyse (Tseng e.a. 2023). In die geval van voorskoolse kinders, wat geneig is om vinnig moeg te raak, word korter reise en 'n fokus op veiligheid aanbeveel (Li e.a. 2020). Namate kinders ouer word, ontwikkel hulle logiese denkvermoë, verbeter hulle verbale redenasie, en toon hulle 'n groter voorkeur vir sosialisering met portuurgroepe (Kapur 2015). Dit is noodsaaklik om hierdie ontwikkelende voorkeure te verstaan om 'n positiewe en bevredigende gesinsreiservaring te skep (Cullingford 1995). Gedurende hierdie fase verkies kinders ook bekende en herkenbare elemente (Blichfeldt, Pedersen, Johansen en Hansen 2010) en is hulle meer geneig tot 'n verskeidenheid vermaakopsies eerder as onbekende en meer avontuurlike omgewings (Buzlu, Kuhzady en Ghaderi 2025).

Ten spyte van die sosiale en kulturele betekenis van reis binne gesinskontekste, bly hierdie navorsingsveld relatief onderontgin (Li, Yang en Zhang 2024). Vir die toerismebedryf bied 'n beter begrip van ouers se voorkeure vir gesinsbestemmings waardevolle geleenthede om 'n gesinsvriendelike handelsmerkbeeld te vestig, wat die ontwikkeling van toerisme verder kan bevorder. Om die potensiaal van die gesinsmark ten volle te benut, moet bedryfsrolspelers die voorkeure en behoeftes van alle gesinslede begryp, met spesiale aandag aan die jongste lede. In die hedendaagse tydsgewrig prioriseer ouers beide kinders se vermaak én hul eie ontspanning, wat gesinstoerisme met kinders 'n tersaaklike studieveld vir beide die akademie en praktyk maak (Li e.a. 2020). Om hierdie doel te bereik, is dit dus belangrik om spesifieke aspekte van die familiemark se kunstefeesbywoning uit te lig.

### ***2.3 Aspekte wat kunstefeesbywoning beïnvloed***

Daar is nie net unieke verskille tussen geldbesteding aan fisiese goedere in vergelyking met ervaringsgebaseerde besteding aan byvoorbeeld die kunste en teater nie, die aspekte wat kunsverbruik onder verbruikers beïnvloed, is ook meer kompleks (Gupta 2019). Dit het navorsingsinisiatiewe aangemoedig om die unieke aspekte te identifiseer wat kulturele of kunsverbruik beïnvloed en daartoe bydra. Noemenswaardige navorsingsbydraes binne hierdie konteks sluit in McCarthy en Jinnett (2001) se RAND-deelnamemodel en Caldwell (2001) se verbruikstelsel van koop-verbruik-ervaringsmodel. Hierdie studies identifiseer 'n verskeidenheid unieke aspekte wat die besluit om kunsverwante goedere en ervarings te koop/aan deel te neem, beïnvloed.

Die RAND-deelnamemodel dui aan dat die besluit om geld aan kunsaanbiedinge te bestee nie 'n enkele aksie is nie, maar eerder 'n reeks afsonderlike besluite is wat deur verskillende gedragsaspekte gelei word. Hierdie aspekte sluit in persoonlike agtergrond, persoonlike

perspektief, praktiese uitvoerbaarheid en ervaring. Binne elke van hierdie aspekte word die verbruiker deur verskeie faktore beïnvloed (McCarthy en Jinnett 2001). Hierdie faktore behels sosiodemografiese veranderlikes soos opvoeding, inkomste, beroep, geslag en lewensfase, asook persoonlikheidsaspekte, groepaffiliasies en vorige ervarings. Verdere invloede sluit persoonlike oortuigings en die mate waartoe vriende en familie die kunste ondersteun, in. Die model beklemtoon ook die evaluering van geleenthede om die kunste te ondersteun, teenoor moontlike hindernisse soos 'n gebrek aan programinligting, hoë koste, tydsbeperkings en ongerief, asook die verwagte vlak van persoonlike vervulling. Die verbruikstelsel van koop-verbruikende ervaringsmodel sluit ook gedragsaspekte in, maar hierdie model stel voor dat verbruiksmotiewe spesifiek deur drie kernkomponente beïnvloed word (Caldwell 2001). Die model is daarop gemik om die gedagtes, gevoelens en aksies wat verband hou met die bywoning van uitvoerende kunstefeeste beter te verstaan (Botha, Viviers en Jordaan 2014). As gevolg van die verwerking van inligting, word die drie komponente van hierdie model, naamlik gedragssnellers en beperkings, verbruiksmotiewe en vorige koop-verbruik-ervarings, vasgevang in die langtermyngeheue van die verbruiker en kan uitvoerende kunsteverkaffers die koop-gedrag makliker voorspel (Caldwell 2001). Die model sluit 'n wye reeks faktore in, soos sosiale klas, beroep, etnisiteit, ouderdom, betrokkenheid en persoonlikheid, sowel as geleenthede vir sosiale interaksie. Daarbenewens speel die produkeienskappe self 'n rol, en in die geval van teaterproduksies ook die produksiegenre, die reputasie en aantal kunstenaars, die tydsduur van die vertoning, asook elemente soos dekor, fasiliteite, personeel en atmosfeer. Verder sluit die model ook faktore in wat verband hou met die breër diens- en verbruikerservaring, soos die programinhoud, spyseniering, ander besoekers en die fisiese omgewing. Aspekte soos die lokale waar teaterproduksies aangebied word, prys, die dae van die week en tye van die dag wat die kunservarings beskikbaar is, beïnvloed ook die verbruiker se besluitneming. Persoonlike hulpbronne soos beskikbaarheid van tyd, geld, energie, gesondheid, gemoedstoestand en vervoer speel 'n verdere rol. Laastens word verbruikers se keuses ook beïnvloed deur hul soeke na positiewe ervarings, resensies deur kritici, mediaberigte en die geleenthede vir sosialisering wat deur die ervaring gebied word.

Hierdie twee modelle het verskeie Suid-Afrikaanse kunsverbruikerstudies ondersteun en het daartoe gelei dat spesifieke aspekte binne die konteks van Suid-Afrikaanse nasionale kunstefeeste geïdentifiseer kon word. 'n Studie deur Kruger (2020) het unieke bemarkingsaspekte uitgelig wat die bywoning van kunstefeeste beïnvloed. Hierdie studie het aangedui dat tradisionele bemarking soos televisie- en radio-advertensies, sowel as digitale platforms soos webwerwe en sosiale media, die invloedrykste vir kunsverbruikers is. Kruger en Saayman (2016) meld ook dat advertensieborde op daaglikse roetes en advertensies in plaaslike koerante 'n invloed het. Kruger e.a. (2025) voeg ook by dat sosiale media 'n belangrike platform vir bemarking is, veral vir jonger feesbywoners (18 tot 44 jaar oud).

Nog 'n unieke invloedryke aspek wat bydra tot feesbywoning, is persoonlike kenmerke (Wessels en Botha 2026). Hierdie studie beklemtoon die feit dat ouers, wat hul kinders na feeste neem, self 'n groot ondersteuner van die kunste is, feeste beskou word as waarde vir geld en gesinsbande wil versterk. Volgens Kruger en Saayman (2016) is volwasse feesdeelnemers goed opgeleide individue (meestal tersiêre graad-houers), met voltydse indiensneming en 'n hoë maandelikse inkomste. Volwasse feesdeelnemers is dikwels nie eerstekeer-feesdeelnemers nie, toon 'n lojaliteit teenoor die kunste, en het blootstelling gehad aan 'n verskeidenheid feeste, insluitend musiek-, letterkunde- en kulturele feeste (Viljoen 2023). Hierdie feesdeelnemers kies om 'n fees by te woon vanweë die aantreklikheid daarvan, wat spesifiek gebaseer is op kulturele bevrediging en sosiale interaksie (Viljoen en Kruger 2025).



Feesaanbiedings word verder verdeel in twee kategorieë, naamlik teaterproduksies en terrein-aanbiedings (Viviers en Botha 2019). Terreinaanbiedings verwys na die breër, fisiese en sosiale ervarings wat die feesterrein self bied (Morgan 2007). Hierdie aanbiedings vorm deel van wat in die literatuur beskryf word as die uitgebreide produk van 'n fees, wat die totale ervaring en waarde vir die besoeker verhoog (Viljoen, Kruger en Saayman 2018). Volgens Carse, Venski en Steyn (2018) word feesterreinbesoeke die meeste beïnvloed deur die beskikbaarheid van 'n verskeidenheid kos- en drankstalletjies, kuns- en handwerkmarkte, buitelugvermaak, musiek-optredes en interaktiewe kunsaktiwiteite.

Teaterproduksies is formele, gestruktureerde kunsprogramme wat deel vorm van die fees se kernartistieke inhoud (Botha e.a. 2016). Dit sluit teaterproduksies, musiekuitvoerings, dans-vertonings, kabaret, literêre gesprekke en visuele kunsuitstallings in (Burger 2015). Volgens 'n studie deur Botha e.a. (2014), ondersteun deur Wessels en Botha (2026), is die produksiekwaliteit, die fasiliteit waar die produksie aangebied word en die prys alles faktore wat die kaartjieaankope van teaterproduksies vir die familiemarksegment beïnvloed.

Soos in die vorige gedeelte bespreek, is dit ook belangrik om kinders se verwagtinge en goedkeuring in ag te neem. Kinders soek sosiale betrokkenheid en vermaak by feeste (Schänzel en Smith 2014), en ervaar ontspanningsgerigte en sensoriese aktiwiteite as die betekenisvolste (Therkelsen en Lottrup 2015). Kinders is ook geneig om interaktiewe vermaak by feeste te soek (Kozak 2016), en daarom prioriseer ouers feeste waar hierdie tipe aktiwiteite aangebied word en terselfdertyd hul kinders se sosiale identiteit kan ontwikkel (Schänzel en Smith 2014, Therkelsen en Lottrup 2015). 'n Studie deur Varadi en Jozsa (2023) het getoon dat kinders meer geneig is om kunsdeelname onder hulle familieleden aan te moedig indien daar dansaktiwiteite en poppekasproduksies aangebied word. Hulle sal ook eerder 'n teaterproduksie bywoon as aan buitelugaktiwiteite op die feesterrein deelneem. Binne die Suid-Afrikaanse konteks ondersteun die bevindinge van Viviers en Botha (2019) ook hierdie aspekte.

Dit is dus duidelik uit die bevindinge wat hierbo uitgelig is, dat familiefeesgangers uniek gemotiveer word om feeste by te woon. Hierdie studies is wel nie spesifiek by Aardklop Nasionale Kunstefees gedoen nie en ook nie spesifiek onder die familiefeesbesoeker nie. Dit is daarom belangrik dat die aspekte spesifiek onder familiefeesbesoekers getoets word. Hierdie studieresultate vir feeste, en in hierdie geval Aardklop Nasionale Kunstefees, kan beter leiding bied vir toekomstige produkontwikkeling en bemarkingsveldtogte vir alle betrokke rolspelers.

### 3. Metodologie

Hierdie empiriese studie is verkennend van aard en fokus spesifiek op Aardklop Nasionale Kunstefees as 'n gevallestudie. Aardklop Nasionale Kunstefees is die derde grootste kunstefees in Suid-Afrika en word jaarliks in Potchefstroom in die Noordwes Provinsie aangebied (De Klerk en Endrissat 2024). Die doel van hierdie fees is om die Afrikaanse taal en kultuur te bewaar en te bevorder deur verskillende kunsaanbiedinge (Krüger 2025). In 2023 het die feesprogram uit meer as 80 produksies bestaan (Viljoen en Kruger 2025) en in 2025 tot 106 produksies toegeneem. Hierdie produksies sluit verskeie genres in, waaronder Afrikaanse kabaret, klassieke musiek, jazz, musiekteater, drama, kinderteater, dans, asook letterkunde en die visuele kunste (Viljoen en Kruger 2025). Die feesbesoekers, hoofsaaklik Afrikaanssprekend, betaal 'n daaglikse toegangsfooie tot die feesterrein waar kuns en handwerk, asook

buitelugmusiekvertonings aangebied word (Viljoen en Kruger 2025). Teaterproduksies word by verskeie teaterlokale regoor Potchefstroom, soos skole, die universiteit en kerke, aangebied (Viljoen en Kruger 2025). Die vyfdagfees word jaarliks in Oktober aangebied en die kombinasie van terreinaanbiedings sowel as teaterproduksies beklemtoon Aardklop Nasionale Kunstefees se fokus op kulturele verdieping en sosiale betrokkenheid van feesgangers (Kruger en Saayman 2016). Hierdie nasionale kunstefees volg streng prosesse om 'n verskeidenheid kunste en aktiwiteite te selekteer en uiteindelik ten toon te stel om aan die behoeftes van die diverse bywoners te voldoen (Burger 2015).

'n Kwantitatiewe navorsingsontwerp met behulp van 'n selfgeadministreerde vraelys was gevolg (Bryman, Bell, Hirschsohn, Dos Santos, Du Toit, Masenge, Van Aardt en Wagner 2015). 'n Nuwe opname-instrument was ontwikkel met verwysing na vorige werk deur Kruger en Saayman (2016), Viviers en Botha (2019), Kruger (2020) en Wessels e.a. (2023), en bestaan uit twee afdelings. Afdeling A het ten doel gehad om die gesinsprofiel van die deelnemers te bepaal. Hierdie afdeling het uit agt vrae bestaan en het onder meer ouderdom, geslag, vlak van opvoeding en die ouderdomme van die kinders in die gesin wat saam met die ouers die fees bywoon, ingesluit. Afdeling B het bestaan uit 22 stellings wat verband hou met aspekte wat die familiemark beïnvloed om die fees by te woon. Respondente moes op 'n vyf-punt-Likert-skaal aandui hoe belangrik elke stelling is (1 = onbelangrik, 5 = uiters belangrik). Veranderlikes in hierdie afdeling het onder meer die volgende ingesluit: promosieplakkate, beskikbare kosopsies op die feesterrein, waarde vir geld en die soort teaterproduksies wat aangebied word. Die betroubaarheid en geldigheid van die vraelys en individuele ladings is deur 'n statistiese kenner van die navorser se instelling getoets. Enige stellings wat onduidelik was, of verkeerd geïnterpreteer kon word, was reggestel voor die vraelys vir etiese keuring gestuur is.

Dit is belangrik vir 'n navorser om etiese oorwegings te handhaaf wanneer navorsing gedoen word om 'n geakkrediteerde uitkoms te verseker (Lesenyehlo en Klinck 2025). Dus, voordat data ingesamel is, was etiese goedkeuring van die navorser se universiteit se Navorsings-etiekkomitee vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EMS-REC) verkry, met verklaringsnommer NWU-01875-23-A4. Toestemming was ook vanaf die feesbestuur ontvang om hierdie navorsing te voltooi. Etiese studieoorwegings het ingesluit dat slegs respondente bo die ouderdom van 18 jaar aan die studie mag deelneem, geen persoonlike inligting ingesamel mag word nie, elke respondent ter enige tyd van die studie kon onttrek en hul antwoorde anoniem en vertroulik sou wees.

Vir hierdie studie was 'n doelgerigte steekproeftegniek gebruik. Drie opgeleide veldwerkers het data ingesamel. Hulle is voor die tyd ingelig oor die studiedoel en het 'n inligtingssessie deur die navorser bygewoon, wat op etiese datainsameling fokus. Die data was vanaf 7 tot 11 Oktober 2025, tydens Aardklop Nasionale Kunstefees, ingesamel onder ouers wat hierdie kunstefees bygewoon het saam met hul kinders, tussen die ouderdomme van een en 17 jaar. Ouers wat gesinsvriendelike teaterproduksies by 'n verskeidenheid teaterlokale bygewoon het, of hulle kinders na die kinderspeelarea op die feesterrein geneem het, was as 'n potensiële respondent geïdentifiseer. In gevalle waar twee ouers hul kinders vergesel het, was slegs een ouer gevra om aan die studie deel te neem. Elke potensiële respondent was ingelig oor die doel van die studie en moes toestemming gee om deel te neem. Nadat toestemming verkry is, is 'n vraelys oorhandig en, sonder enige hulp van die veldwerker, moes die vraelys ingevul word. Sodra die respondent klaar was, het die veldwerker weer die vraelys teruggeneem.

Daar is tans geen publieke data beskikbaar oor die totale aantal feesbesoekers aan Aardklop Nasionale Kunstefees in 2025 nie. Die mees onlangse data verkrygbaar, toon aan dat 150 000 feesbesoekers hierdie fees in 2016 bygewoon het (Viljoen en Kruger 2025). Die steekproefgrootte was dus bereken met behulp van die formule wat deur Krejcie en Morgan (1970) voorgestel is, met 'n 95%-vertrouensvlak en 'n 5%-foutmarge. Volgens hierdie formule is 375 respondente 'n verteenwoordigende steekproef vir 'n populasie van 150 000. Dit is egter belangrik om kennis te neem dat die studiepopulasie op die totale feesbesoekers gebaseer is en dat daar geen data rakende die presiese aantal families wat die fees saam met hulle kinders besoek het, beskikbaar is nie. Verder het slegs een persoon per gesin die vraelys ingevul. 'n Totaal van 239 bruikbare vraelyste is by hierdie studie ingesluit. Die outeur erken die beperkings van 'n klein steekproef vir kwantitatiewe navorsing, maar die feit dat hierdie verkennende navorsing is, resultate slegs op een gevallestudie gebaseer is en die verkennende faktoranalise 'n aanvaarbare steekproefgeskiktheid getoon het, kan die steekproef as voldoende vir die studiedoel geag word.

Die data is met behulp van Microsoft Excel en SPSS (30.0) geanaliseer. Eerstens is beskrywende statistieke gedoen met betrekking tot die deelnemersprofiel. Dit was gevolg deur 'n meer komplekse statistiese ontleding, naamlik 'n verkennende faktoranalise (EFA) om die individuele aspekte in faktore te omskep.

## 4. Resultate

Hierdie afdeling bied 'n oorsig oor die resultate.

### 4.1 Deelnemersprofiel

Tabel 1 dui die volgende aan: Die meerderheid deelnemers wat die opname voltooi het, was vroulik (88%), het 'n nagraadse kwalifikasie voltooi (61%), praat Afrikaans (97%) en was tussen die ouderdom van 29 en 40 jaar. Die resultate toon verder dat die meerderheid gesinne van die Noordwes Provinsie afkomstig was (51%), gevolg deur Gauteng (21%) en die Vrystaat (13%). Die oorwegende getal gesinne het uit twee kinders (50%) bestaan, en die ouderdomme van die kinders het gewissel tussen 5 (jongste) en 7 (oudste). Die gesin het ook 'n gemiddeld van twee dae by die fees spandeer.

**Tabel 1. Deelnemersprofiel**

| Geslag                                    |     | Hoogste kwalifikasie                   |     |
|-------------------------------------------|-----|----------------------------------------|-----|
| Vroulik                                   | 88% | Graad 12-sertifikaat                   | 8%  |
| Manlik                                    | 12% | Tersiêre sertifikaat                   | 7%  |
| <b>Gemiddelde ouderdom van deelnemers</b> |     | Tersiêre diploma                       | 10% |
| 28<                                       | 9%  | Baccalaureusgraad                      | 14% |
| 29–34                                     | 31% | Nagraadse kwalifikasie                 | 61% |
| 35–40                                     | 42% | <b>Gemiddelde ouderdom van kinders</b> |     |
| 41–44                                     | 16% | Jongste                                | 5   |
| 45>                                       | 2%  | Oudste                                 | 7   |



| Provinsie van permanente verblyf |     | Gemiddelde dae by die fees     |     |
|----------------------------------|-----|--------------------------------|-----|
| Noordwes                         | 51% | 2 dae                          |     |
| Gauteng                          | 21% | <b>Kinders per huishouding</b> |     |
| Vrystaat                         | 13% | 1                              | 37% |
| Noord-Kaap                       | 6%  | 2                              | 50% |
| Mpumalanga                       | 4%  | 3                              | 10% |
| Wes-Kaap                         | 2%  | 4>                             | 3%  |
| Oos-Kaap                         | 1%  | <b>Huistaal</b>                |     |
| Limpopo                          | 1%  | Afrikaans                      | 97% |
| KwaZulu-Natal                    | 1%  | Engels                         | 3%  |

#### 4.2 Individuele aspekte wat familiebesoekers se feesbywoning beïnvloed

Die vraelys het 22 aspekte getoets wat die bywoning van die familiefeesbesoekers beïnvloed (sien tabel 2).

Volgens hierdie resultate is die geleentheid om die gesin se kulturele horisonne te verbreed (M=4,66), gesinsbande te bou (M=4,67) en waarde vir geld (M=4,48) die drie aspekte wat die familiefeesmark die meeste beïnvloed. Advertensies in plaaslike koerante (M=3,37), onderhoude op plaaslike radiostasies (M=3,40) en advertensieborde op skoolroetes (M=3,68) beïnvloed hierdie marksegment die minste.

**Tabel 2. Individuele aspekte wat familiebesoekers se feesbywoning beïnvloed**

| Aspekte                                                     | Gemiddelde waarde |
|-------------------------------------------------------------|-------------------|
| Geleentheid vir gesinsbande bou                             | 4,67*             |
| Om my gesin se kulturele horisonne te verbreed              | 4,66*             |
| Waarde vir geld                                             | 4,48*             |
| Toeganklikheid van die teaterlokale                         | 4,36              |
| Kaartjieprys                                                | 4,30              |
| Die opgewondenheid van my hele gesin om die fees by te woon | 4,22              |
| 'n Verantwoordelikheid om die kunste te ondersteun          | 4,20              |
| Tydskuur van die produksie                                  | 4,18              |
| Beskikbare kosopsies                                        | 4,13              |
| Beskikbaarheidsopsie vir voorafkaartjieaankope              | 4,07              |
| Literêre kunsaktiwiteite                                    | 3,98              |
| My eie teaterervarings uit my kinderjare                    | 3,96              |
| Treffende en kleurvolle promosieplakkate                    | 3,95              |
| Kaartjiepryse wat op bemarkingsmateriaal aangedui word      | 3,93              |
| Bemarking op Facebook                                       | 3,88              |
| Buiteluggesinsaktiwiteite                                   | 3,81              |
| My liefde vir feeste                                        | 3,77              |

| Aspekte                              | Gemiddelde waarde |
|--------------------------------------|-------------------|
| Visuele-kunswerkssessies             | 3,76              |
| Aanbevelings vanaf onderwysers       | 3,75              |
| Advertensieborde op skoolroetes      | 3,68**            |
| Onderhoude op plaaslike radiostasies | 3,40**            |
| Advertensies in plaaslike koerante   | 3,37**            |

\*Grootste motiveerders \*\*Kleinste motiveerders

#### 4.3 Verkennende faktoranalise

'n Verkennende faktoranalise is gedoen om die individuele items te verminder en die data te vereenvoudig (tabel 3). Deur die EFA kon faktore geïdentifiseer word wat gehelp het om meer akkurate aanbevelings vanuit hierdie resultate te kon maak. 'n Geldige faktoranalise is egter afhanklik van geskikte data, en word daar eerstens genoegsame datapunte (of steekproef-genoegsaamheid) vereis; tweedens, dat die data wat ingesamel is, betroubaar is; en derdens, dat daar nie ongelyke of kombinasies variansie in die data bestaan nie. Vir die verkennende faktoranalise is die Kaiser-Meyer-Olkin-maat van steekproefgeskiktheidstoets (KMO) en Bartlett se toets van sferisiteit gebruik om te bepaal of die patroonmatriks geskik is vir 'n faktorontleding. Die KMO-waarde behoort tussen 0 en 1 te lê, en hierdie studie het 'n KMO van 0,859 gelewer, wat op hoë betroubaarheid dui (Field 2013). Die Bartlett-toets was betekenisvol [ $\chi^2(231) = 2332,87, <0,05$ ]. Waar enige item met meer as een faktor kruislaai, was die ladings geïnterpreteer en in die faktor geplaas waar dit teoreties die beste gepas het. Om elke faktor se betroubaarheid te verseker, is Cronbach se alfa-koëffisiënt bereken. Cronbach se alfa is 'n maatstaf van die interne konsekwentheid of betroubaarheid tussen veelvuldige items, metings of graderings (Lesenyehó en Klinck 2025). Cronbach se alfa is gebruik om die betroubaarheid van die skaal en sy items te bepaal, met 'n afsnypunt van 0,7 wat as 'n riglyn vir aanvaarbare betroubaarheid gebruik word (Field 2013). Elke faktor het 'n Cronbach alfa-koëffisiënt (CA) bo 0,8 getoon en kan as betroubaar beskou word. Die EFA het ook 'n hoë statistiese beduidendheid tussen elke aspek en die faktor waarin die aspek geplaas is aangedui ( $<0,001$ ). Alhoewel die Gemiddelde Variansie Onttrek (AVE) vir sommige faktore effens onder 0,50 is, ondersteun die hoë saamgestelde betroubaarheidswaardes geldigheid wat aanvaarbaar van die faktore bevestig (Ringle, Sarstedt, Michell en Gudergan 2018).

Soos gesien kan word in tabel 3, is die 22 aspekte wat met die vraelys getoets is, in vier faktore gegroepeer. Die resultate van die EFA, wat die gemiddelde waardes van elke faktor gebruik, dui daarop dat teaterproduksie-aanbiedings die gesinsmark die meeste beïnvloed om feeste by te woon ( $M=4,26$ ;  $SD=1,935$ ). Die faktor terrein-aanbiedings ( $M=4,12$ ;  $SD=1,75$ ) het die tweede hoogste gemiddelde waarde getoon, gevolg deur bemarking ( $M=3,87$ ;  $SD=1,18$ ). Die faktor wat die gesinsmark die minste beïnvloed, is persoonlike behoeftes ( $M=3,54$ ;  $SD=1,94$ ).

**Tabel 3. Verkennde faktoranalise**

| Item                                                           | Faktor 1:<br>Bemarking | Faktor 2:<br>Terreinaan-<br>biedings | Faktor 3:<br>Persoonlike<br>behoefes | Faktor 4:<br>Teater-<br>produksie-<br>aanbiedings |
|----------------------------------------------------------------|------------------------|--------------------------------------|--------------------------------------|---------------------------------------------------|
| Treffende en kleurvolle<br>promosieplakkate                    | 0,617                  |                                      |                                      |                                                   |
| Advertensies in plaaslike koerante                             | 0,692                  |                                      |                                      |                                                   |
| Bemarking op Facebook                                          | 0,605                  |                                      |                                      |                                                   |
| Onderhoude op plaaslike<br>radiostasies                        | 0,762                  |                                      |                                      |                                                   |
| Advertensieborde op skoolroetes                                | 0,802                  |                                      |                                      |                                                   |
| Aanbevelings vanaf onderwysers                                 | 0,688                  |                                      |                                      |                                                   |
| Kaartjiepryse wat op<br>bemarkingsmateriaal aangedui<br>word   | 0,616                  |                                      |                                      |                                                   |
| Beskikbare kosopsies                                           |                        | 0,492                                |                                      |                                                   |
| Literêre kunsaktiwiteite                                       |                        | 0,606                                |                                      |                                                   |
| Visuele kunswerksessies                                        |                        | 0,722                                |                                      |                                                   |
| Buiteluggesinsaktiwiteite                                      |                        | 0,648                                |                                      |                                                   |
| Geleentheid vir gesinsbande bou                                |                        |                                      | 0,563                                |                                                   |
| My eie teaterervarings uit my<br>kinderjare                    |                        |                                      | 0,525                                |                                                   |
| 'n Verantwoordelikheid om die<br>kunste te ondersteun          |                        |                                      | 0,739                                |                                                   |
| My liefde vir feeste                                           |                        |                                      | 0,538                                |                                                   |
| Waarde vir geld                                                |                        |                                      | 0,665                                |                                                   |
| Die opgewondenheid van my hele<br>gesin om die fees by te woon |                        |                                      | 0,466                                |                                                   |
| My gesin se kulturele horisonne te<br>verbreed                 |                        |                                      | 0,652                                |                                                   |
| Tydsduur van die produksie                                     |                        |                                      |                                      | 0,688                                             |
| Kaartjieprys                                                   |                        |                                      |                                      | 0,676                                             |
| Beskikbaarheidsopsie vir<br>voorafkaartjieaankope              |                        |                                      |                                      | 0,763                                             |
| Toeganklikheid van die teaterlokale                            |                        |                                      |                                      | 0,744                                             |
| <b>Gemiddelde waarde</b>                                       | 3,87                   | 4,12                                 | 3,54                                 | 4,26                                              |
| <b>Standaard-afwyking</b>                                      | 1,81                   | 1,75                                 | 1,94                                 | 1,93                                              |
| <b>Inter-itemkorrelasies</b>                                   | 0,523                  | 0,321                                | 0,635                                | 0,607                                             |
| <b>Betroubaarheid (Cronbach alfa)</b>                          | 0,885                  | 0,841                                | 0,867                                | 0,903                                             |
| <b>Saamgestelde betroubaarheid</b>                             | 0,903                  | 0,868                                | 0,887                                | 0,911                                             |
| <b>Gemiddelde variansie onttrek</b>                            | 0,528                  | 0,454                                | 0,468                                | 0,557                                             |

## 5. Bevindinge en aanbevelings

Volgens Ernst en Dolnicar (2018) is die demografiese profiel van 'n mark 'n belangrike bepalende faktor om meer gefokusde bemarkingstrategieë en produkaanbiedinge te verseker. Uit die studie se demografiese profiel is dit duidelik dat die eienskappe van die feesbesoeker wat aan hierdie studie deelgeneem het met vorige Suid-Afrikaanse kunstefeesnavorsing ooreenstem (Kruger 2020, Kruger en Viljoen 2021, Stander e.a. 2021). Volgens Kruger en Viljoen (2021) is die feesmark tussen die ouderdom van 29 en 44 jaar die aktiefste kunsverbruikers. Hul studie ondersteun verder dat hierdie feesbesoekers jong gesinne het. Die studiebevindinge gee egter meer insig oor hierdie mark en dui aan dat die gesinne uit 'n gemiddeld van twee kinders, tussen die ouderdomme van vyf en sewe, bestaan. Dit is daarom belangrik dat Aardklop Nasionale Kunstefees hul feesprogram aanpas om spesifiek vir hierdie mark aantreklik te bly, sodat hulle jaarliks sal terugkeer. Met elke jaar wat die kinders ouer word, bied dit Aardklop Nasionale Kunstefees die geleentheid om hulle gesinsaanbiedinge aan te pas. Sodra die kinders hulle tienerfase (die ouderdom van 13) bereik, bied die feesprogram klaar aantreklike aanbiedinge vir hierdie mark en voel hulle reeds deel van die fees.

Stander e.a. (2021) se studie het getoon dat die meerderheid feesgangers wat nasionale kunstefees by woon gewoonlik inwoners is van die provinsie waar die fees aangebied word. Gautengse feesgangers is die tweede meeste kunstefeesbywoners. Die studiebevindinge ondersteun Stander e.a. (2021) rakende Aardklop Nasionale Kunstefees wat in Potchefstroom in die Noordwes Provinsie gehou word. Naas Gauteng lewer die Vrystaat en Noord-Kaap egter ook 'n hoë persentasie feesbywoners, en dit word dus aanbeveel dat Aardklop Nasionale Kunstefees se bemarkingsplan hul fokus op hierdie twee provinsies stel, en meer spesifiek die aanbiedinge en voordele wat hierdie fees vir gesinne bied, uitbeeld. Groot stede in hierdie provinsies, soos Bloemfontein en Upington, met skole vir kinders van omliggende dorpsbewoners, bied 'n ideale gebied vir gekonsentreerde bemarking. Albei hierdie provinsies grens ook direk aan die Noordwes Provinsie en is dus maklik bereikbaar vir die gesinsmark.

Tabel 2 het waardevolle insig gegee rakende die 22 aspekte wat die Afrikaanse familiefeesbesoeker beïnvloed. Uit hierdie resultate word feesbywoning deur drie dinge beïnvloed: aanbiedinge wat die kulturele horisonne van die hele gesin verbreed, aktiwiteite wat almal saam kan geniet, en aanbiedinge wat goeie waarde vir geld bied. Volgens Viviers en Botha (2019) fokus feesfeeste meestal op die volwasse mark wanneer die feesprogram saamgestel word, met minder aanbiedinge vir die hele gesin. Navorsing deur Kruger en Saayman (2019) toon aan dat feesaanbiedings en artistieke inhoud kernfaktore is om bywoners se lojaliteit te verseker. Dit impliseer dat feesprogramme hoofsaaklik ontwikkel word rondom produksies wat artistieke waarde en kulturele diepte bied. Soos Varadi en Jozsa (2023) bevind het, vind hierdie eienskappe meer aanklank by 'n volwasse gehoor omdat kinders, veral onder die ouderdom van 10, eerder produksies en aktiwiteite by woon wat pret is en animasiekarakters as deel van die teaterproduksie bied. Aardklop Nasionale Kunstefees se program beklemtoon kulturele verkenning, vermaak en artistieke waardering (Kruger en Saayman 2009, Kruger en Saayman 2019, Kruger e.a. 2025), soos ook deur Viviers en Botha (2019) bevestig. Daarom is dit gepas dat gesinsgerigte ontspanningsaktiwiteite nie die kern van die program vorm nie. Vorige studies is onder die algemene feesbesoeker gedoen, terwyl hierdie studie, wat baie spesifiek op die familiemark fokus, kontrasterende resultate gee. Dus, deur hierdie resultate in ag te neem, word dit aanbeveel dat Aardklop Nasionale Kunstefees meer op gesinsaanbiedinge fokus. Afrikaanse sangers soos Kurt Darren, Bernice West en Bobby van Jaarsveld, met musiektreffers wat deur die hele gesin geluister word, is 'n ideale aantrekking vir die familiemark. Hierdie kunstenaars

se musiek is ook in Afrikaans wat steeds die kulturele verbintenis tussen hulle en hierdie feesbywoners versterk. Dit is egter belangrik dat die kaartjiepryse vir hierdie aanbiedinge die gesinsamestelling in gedagte hou omdat waarde vir geld 'n belangrike motiveerder is. Dit word dus aanbeveel dat Aardklop Nasionale Kunstefees gesinspakkette saamstel waar een prys vir twee volwassenes en twee kinders aangebied word.

Die EFA het vier faktore getoon, waarvan teaterproduksie-aanbiedings die grootste invloed op familiefeesbesoekers gehad het. Hierdie bevinding word ondersteun deur verskeie Suid-Afrikaanse feesnavorsingstudies (Botha e.a. 2014, Botha e.a. 2016, Viviers en Botha 2019, Wessels, Viviers en Botha 2024). Uitvoerende kuns beslaan 'n groot deel van 'n feesprogram en word baie noukeurig deur die feesorganiseerders gekies. Soos reeds genoem, bestaan die program egter nie uit 'n groot verskeidenheid familievertonings nie, en indien Aardklop Nasionale Kunstefees die familiefeesbesoekers se ondersteuning wil behou, word dit sterk aanbeveel dat die feesorganiseerders die huidige program aanpas. Wat verder uitstaan in hierdie faktor is dat kaartjiepryse nie onder die top drie aspekte binne hierdie faktor verskyn het nie, maar eerder as die minste invloedryke aspek. Hierdie bevinding toon dat kaartjiepryse minder invloedryk is in vergelyking met teater-toeganklikheid of beskikbaarheid van voorafkaartjie-aankope. Volgens Willis, Snowball, Wymer en Grisolia (2012) word 'n gesin se begroting baie noukeurig beplan, al verdien beide ouers 'n gemiddelde tot hoë salaris, en is daar beperkte fondse vir luuksheid. Hierdie studie is egter gedoen in Engeland, 'n eerste wêreld-land. Die bevindinge van hierdie studie toon dus 'n afname in prys sensitiviteit onder Suid-Afrikaanse gesinsbesoekers aan feeste wat tot voordeel van alle kunstefeeste kan wees. Aardklop Nasionale Kunstefees moet hierdie bevinding prioriseer, want indien gesinsvriendelike produksies van die volwasse produksies vervang in die program, sal Aardklop Nasionale Kunstefees steeds hul inkomste kan genereer maar meer volhoubare ondersteuning verseker.

Terreinaanbiedings het die tweede grootste invloed op die gesinsmark se besluit om Aardklop Nasionale Kunstefees by te woon. Volgens Durko en Petrick (2013) is dit belangrik vir gesinne, as gevolg van beperkte gesinstyd, om aktiwiteite saam te doen wat 'n aangename ervaring vir elke lid van die gesin bied. Hul studie ondersteun dus hierdie bevinding, maar dit is ook belangrik dat Aardklop Nasionale Kunstefees op gesinsaktiwiteite op die feesterrein fokus. Visuele kunswerksessies, buitemurse gesinsaktiwiteite en literêre kunsaktiwiteite het binne die faktor hoë ladings gehad en dus moet Aardklop Nasionale Kunstefees verseker dat hul terreinprogram hierdie tipe aktiwiteite aanbied. Kinderboek-voorlesings, deur storieboek-karakters soos Liewe Heksie of skrywers van kinderboeke soos Mel die Storieverteller, is in 2025 vir die eerste keer op die terrein bekendgestel. Dit was 'n groot sukses, maar nie alle ouers het daarvan geweet nie. Aardklop Nasionale Kunstefees moet hierdie inisiatief weer insluit by hul volgende programsamestelling, maar ook meer bemaking doen by die gesinsteater-produksies. Dit sal ook die bywoning van beide die teateraanbiedinge en die terrein aanmoedig. Vir gesinne, spesifiek met kinders vanaf sewe jaar en ouer, kan pottebakker-klasse op die terrein aangebied word. Hierdie sessies kan ook deur bekende keramiekkunstenaars soos Andile Dyalvane, Antoinette du Plessis en Nic Sithole, kunstenaars wie se werk self by Aardklop Nasionale Kunstefees uitgestal word, gefasiliteer word.

Bemaking is ook uitgelig as 'n belangrike bywoningsmotiveerder, maar tabel 2 het spesifiek uitgewys dat tradisionele bemaking minder effektief as digitale bemaking is. Bemaking is een van die grootste uitgawes vir 'n fees en dus moet dit baie strategies gedoen word. Tradisionele media, insluitend plaaslike koerante, radio-onderhoude en advertensieborde, toon egter 'n afnemende invloed op die feesbywoning van hierdie spesifieke marksegment. Hierdie

bevinding staan ook in kontras met vorige Suid-Afrikaanse feesstudies (Kruger 2020, Kruger en Saayman 2016, Viviers en Botha 2019), maar word ondersteun deur meer onlangse navorsing (Kruger e.a. 2025, Wessels en Botha 2026). Dit toon dat Generasie Y, wat tans die meerderheid ouers verteenwoordig, toenemend digitaal georiënteerd is en 'n hoë vlak van interaksie met sosiale media toon. Hierdie studie dra egter verder by tot die literatuur deur te argumenteer dat kinders self toenemend as medebesluitnemers binne die gesinskonteks funksioneer, en dat hul mediaverbruik, veral op platforms soos TikTok en Instagram, 'n groeiende invloed op gesinsbesluite uitoefen. Navorsing oor Generasie Alpha beklemtoon dat hierdie kohort van jongs af in 'n hoogs gedigitaliseerde omgewing grootword, waar “shorts” (soos TikTok- en Instagramvideo's) hul aandag, voorkeure en uiteindelijke gedragsintensies vorm (Kaplan-Berkley 2022). Hierdie generasie se ervarings word sterk beïnvloed deur algoritme-gedrewe inhoud, eweknie-invalde en digitale storievertelling, wat beteken dat hul persepsies van vermaak, ontspanning en kulturele deelname reeds op 'n vroeë ouderdom gevorm word. Dit is belangrik dat literatuur verder aantoon dat positiewe kinderervarings, insluitend blootstelling aan kunstefeeste, 'n bepalende rol speel in die ontwikkeling van langtermynlojaliteit en toekomstige ondersteuning van sulke geleenthede (Wessels e.a. 2023). Met ander woorde, die kweek van betekenisvolle, genotvolle feeservarings vir kinders dien as 'n belegging in die volhoubaarheid van die kunstefeesmark. Teen hierdie agtergrond behoort Aardklop Nasionale Kunstefees hul bemarkingstrategieë doelbewus te herposisioneer om beide ouers en kinders te bereik. Terwyl platforms soos Facebook en Instagram steeds vir ouers tersaaklik is, is dit noodsaaklik om inhoud te ontwikkel wat spesifiek gemik is op jonger gehore deur dinamiese, visueel aantreklike en deelbare inhoud op TikTok en Instagram te skep. Sulke inhoud kan insluit kort video's van gesinsvriendelike aktiwiteite, interaktiewe ervarings en hoogtepunte wat emosionele betrokkenheid en fomo (“fear of missing out”) stimuleer. Digitale platforms bied nie net groter bereik nie, maar maak ook meer presiese teikenbemarking moontlik deur algoritmes, wat dit aansienlik meer koste-effektief en kragtig maak as tradisionele media. Boonop het 'n studie deur Kruger e.a. (2025) aangedui dat gesinne gemotiveer word deur betroubare mondelinge bemarking. Binne hierdie faktor is dit egter duidelik dat aanbevelings vanaf onderwysers 'n groot motiveerder is. Vir Aardklop Nasionale Kunstefees bied dit 'n ideale geleentheid om onderwysers in hul bemarkingsveldtog te betrek. Dit kan gedoen word deur eksklusiewe teatervoorskoue vir gesinsvriendelike produksies, die gebruik van onderwysers in aanlyn bemarkingsvideo's, of deur afslag op terreintoegangskaartjies aan te bied.

Uit die vier faktore, en die belangrikste bevinding van hierdie studie, is persoonlike behoeftes uitgewys as die minste invloedryke faktor onder die familiefeesbesoekers. Hierdie resultaat daag bestaande aannames in feesnavorsing uit, aangesien verskeie nasionale en internasionale studies (bv. Kruger en Viljoen 2021, Viljoen en Kruger 2025, Maeng, Jang en Li 2016; Rodriguez-Campo, Alen-Gonzalez, Antonio Fraiz-Brea en Lourendo-Lorenzo 2022) konsekwent aantoon dat persoonlike behoeftes 'n belangrike motiveerder vir feesgangers is. Binne die Suid-Afrikaanse konteks bevestig navorsing oor nasionale kunstefeeste verder dat persoonlike faktore, insluitend vorige blootstelling aan die kunste, identiteitvorming en 'n gevestigde “liefde vir feeste”, 'n kritieke rol speel in die ontwikkeling van lojaliteit en volhoubare feesdeelname (Viljoen en Kruger 2025). Hierdie is egter nie die geval vir die gesinsmark wat Aardklop Nasionale Kunstefees bywoon nie. Die kontras wat in hierdie studie waargeneem word, dui op 'n unieke dinamiek binne die gesinsmarksegment, waar besluitneming minder deur individuele behoeftes en meer deur kollektiewe gesinsprioriteite beïnvloed word. Tog is dit kommerwekkend dat persoonlike behoeftes so 'n beperkte invloed het, aangesien literatuur beklemtoon dat ouers se eie ervarings, waardes en emosionele verbintenis met feeste 'n direkte impak het op die tipe kulturele blootstelling wat hulle aan hul kinders bied, sowel as hul



persepsie van waarde vir geld. Hierdie proses funksioneer as 'n sielkundige “stoot”-faktor wat oor tyd ontwikkel deur volgehoue betrokkenheid by die kunste (Dobson 2010). Dit word selfs as meer invloedryk as tradisionele bemarking beskou (Quintal, Lwin, Phau en Sood 2020), 'n bevinding wat nie deur hierdie studie bevestig word nie. Die grootste uitdaging sal wees om 'n kultuur wat lief is vir die kunste te laat herleef en te herontwikkel. Hierdie studieresultate bevestig die afname in persoonlike behoeftes as 'n sterk motiveerder en juis met hierdie afname binne die gesinsmark, hou dit 'n potensiële risiko vir die langtermynvolhoubaarheid van kunstefeeste in. Gevolglik behoort feesorganiseerders en bemarkers strategies die fokus van hulle aanslag te heroorweeg en op die ontwikkeling van 'n persoonlike verbintenis van elke gesin met die kunste fokus. Aardklop Nasionale Kunstefees moet doelbewus poog om 'n liefde vir feeste te kweek deur betekenisvolle ervarings, nostalgiese elemente en kulturele identiteit te versterk. In hierdie verband behoort die fees se bemarkingsbenadering aangepas te word om nie slegs oor programinligting te kommunikeer nie, maar om die emosionele weerklank van gesinne te versterk.

## 6. Gevolgtrekking, beperkings en toekomstige navorsing

Die identifisering en begrip van die bywoningsmotiveerders van die familiemark wat Afrikaanse feeste bywoon, is belangrik om kunstefeeste lewendig te hou. 'n Gefokusde aanslag is nodig, veral met die bemarkingsplan en ook die samestelling van Aardklop Nasionale Kunstefees se feesproduksieprogram, aangesien daar spesifieke behoeftes is wat hierdie marksegment wil bevredig. Vorige studies het gefokus op 'n meer algemene benadering om die bywoningsmotiveerders te identifiseer binne die konteks van Afrikaanse nasionale kunstefeeste. Hierdie studie het egter die fokus geplaas op Afrikaanse familiefeesbesoekers, en die studieresultate gee belangrike insigte ten opsigte van hierdie marksegment en hul unieke bywoningsmotiveerders. Juis omdat hierdie een van die eerste studies by Aardklop Nasionale Kunstefees gedoen is, met spesifieke fokus op die familiemarksegment, dra die resultate beduidend by tot die teoretiese landskap van feesnavorsing in Suid-Afrika. Die nuwe meetinstrument wat in hierdie studie ontwikkel en suksesvol getoets is, kan by ander kunstefeeste ook gebruik word. Deur die aanbevelings gee dit die feesorganiseerders, produksievervaardigers en bemarkers waardevolle insig rakende die unieke aspekte wat hierdie mark se besluitneming beïnvloed. Dit stel hulle in staat om 'n meer gefokusde produkaanbod by hierdie Afrikaanse nasionale kunstefees te skep en die volhoubaarheid van hierdie unieke kunsplatform te verseker. Verder gee hierdie studie ook belangrike insig oor huidige ouers en die kunsblootstelling wat hulle aan hul kinders gee. Daar moet ook uitgelig word dat binne die faktor Persoonlike Behoeftes, dit duidelik is dat kinders se opgewondenheid en die waarde van gesinsbande uniek in hierdie marksegment is. Daarom moet ek beklemtoon dat effektiewe feesbemarking nie meer uitsluitlik op ouers as primêre besluitnemers kan fokus nie, maar dat kinders, veral binne die konteks van Generasie Alpha, as invloedryke rolspelers erken moet word. Die strategiese integrasie van digitale platforms, tesame met die doelbewuste skep van positiewe kinderervarings, is daarom krities om nie net huidige bywoning te verhoog nie, maar ook om 'n toekomstige generasie feesgangers te ontwikkel wat 'n gevestigde liefde vir die kunste en feeste sal dra.

Die studiebeperkings het behels dat slegs 'n kwantitatiewe navorsingsmetodologie gevolg is en ook net by een van die groot vyf kunstefeeste in Suid-Afrika uitgevoer is. Hierdie beperkings gee egter leiding vir toekomstige navorsingsgeleenthede. Die studie beveel aan dat verdere ondersoek gedoen moet word na die aspekte wat bydra tot persoonlike behoeftes, veral die rol en invloed



van vorige blootstelling, nostalgiese herinneringe van feeste onder ouers, sowel as aspekte wat toekomstige opgewondenheid van alle familieleden oor feeste kan aanmoedig. Hiermee inaggenome, sal 'n kwalitatiewe aanslag meer diepgaande insig oor hierdie marksegment gee. Om hierdie navorsing ook by ander feeste te herhaal, kan waardevolle vergelykingsgeleenthede bied tussen verskillende feesgangers binne dieselfde marksegment. Met hierdie navorsing kan daar dan bepaal word of die familiemark se motiveerders dieselfde is ongeag die fees wat hulle bywoon. Verder is meer longitudinale studies nodig met betrekking tot familievermaak buite nasionale kunstefeeste, uitsluitend nasionale kunstefeeste, om meer insig te kry oor alternatiewe aktiwiteite waaraan die familiemark deelneem, watter aspekte hul deelname motiveer, en ook hul reispatrone. Dit sal 'n meer holistiese begrip van die familiemark bied.

## 7. Belangebotsing

Ek het geen belangebotsing om te verklaar nie.

## 8. Finansiële bystand

Ek wil graag die PUK-Kanselierstrust bedank vir die finansiële bystand om hierdie studie in 2025 te kon uitvoer.

## Bibliografie

Blichfeldt, B., B. Pedersen, A. Johansen en L. Hansen. 2010. Tween tourists: children and decision-making. *Journal of Tourism Consumption and Practice*, 2(1):1–24.

Botha, K., E. Slabbert en P. Viviers. 2014. Towards a ticket purchase behaviour model for South African arts festivals. *Journal of Contemporary Management*, 1(1):324–48.

Botha, K., P. Viviers en J. Jordaan. 2016. A comparative analysis of the ticket purchase behaviour of live theatre attendees versus film theatre attendees. *African Journal of Tourism, Hospitality and Leisure*, 5(3):1–22.

Bryman, A., E. Bell, P. Hirschsohn, A. dos Santos, J. du Toit, A. Masenge, I. van Aardt en C. Wagner. 2015. *Research methodology: Business and management contexts*. Suid-Afrika: Oxford University Press.

Burger, S.E. 2015. A brand loyalty model for arts festivals. PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.

Buzlu, M.O., S. Kuhzady en Z. Ghaderi. 2025. Dream vacations of children: Exploring key motivations and preferred experiences by drawing. *Tourism Recreation Research*, 50(5):1044–61.

- Caldwell, M. 2001. Applying general living systems theory to learn consumers' sense making in attending performing arts. *Psychology and Marketing*, 18(5):497–511.
- Carse, C., E. Venski en J.N. Steyn. 2018. Critical factors influencing visitor attendance at a literary arts festival in Stellenbosch. *African Journal of Hospitality, Tourism and Leisure*, 7(3):1–17.
- Cullingford, C. 1995. Children's attitudes to holidays overseas. *Tourism Management*, 16(2):121–27.
- Curtale, R. 2018. Analyzing children's impact on parents' tourist choices. *Young Consumers*, 19(2):172–84.
- Davies, K., M.B. Gouthro, N. Matthews en V. Richards. 2023. Festival participation, inclusion and poverty: an exploratory study. *Tourism and Hospitality*, 4(1):51–74.
- De Klerk, S. en N. Endrissat. 2024. Cultural entrepreneurship at the Aardklop Arts Festival: An ecosystem perspective. In Hill, Elias, Jones en Dobson (reds.) 2024.
- Dibb, S. en L. Simkin. 2016. Market segmentation and segment strategy. In Baker en Saren (reds.) 2016.
- Dobson, M.C. 2010. New audiences for classical music: The experiences of non-attenders at live orchestral concerts. *Journal of New Music Research*, 39(1):111–24.
- Dolnicar, S. 2020. Market segmentation analysis in tourism: a perspective paper. *Tourism Review*, 75(1):45–8.
- Dragin-Jensen, C., G. Kwiatkowski, V. Hannevik Lien, L. Ossowska, D. Janiszewska, D. Klosowski en M. Strzelecka. 2022. Event innovation in times of uncertainty. *International Journal of Event and Festival Management*, 13(4):387–405.
- Durko, A.M. en J.F. Petrick. 2013. Family and relationship benefits of travel experiences: A literature review. *Journal of Travel Research*, 52(6):720–30.
- Ernst, D. en S. Dolnicar. 2018. How to avoid random market segmentation solutions. *Journal of Travel Research*, 57(1):69–82.
- Feng, J., M. Dijst, B. Wissink en J. Prillwitz. 2013. The impacts of household structure on the travel behaviour of seniors and young parents in China. *Journal of Transport Geography*, 30(1):117–26.
- Field, A. 2013. *Discovering statistics using SPSS*. 5de uitgawe. Londen: Sage.
- George, R. 2019. *Marketing Tourism in South Africa*. 6de uitgawe. Kaapstad: Oxford University Press.
- Giaccone, S. en M. Galvagno. 2021. Small-scale cultural festivals in Southern Europe: A motivation-based segmentation study. *European Journal of Tourism Research*, 29(1):1–24.

Griffen, T., J. Kellershohn, H.R. Oh en N. Francis. 2024. Visiting friends and relatives travel: Unveiling hidden drivers behind festival attendance and experiences. *Event Management*, 28(5):811–17.

Gupta, V. 2019. The influencing role of social media in the consumer's hotel decision-making process. *Worldwide Hospitality and Tourism Themes*, 11(4):378–91.

Hajibaba, H., B. Grun en S. Dolnicar. 2019. Improving the stability of market segmentation analysis. *International Journal of Contemporary Hospitality Management*, 32(4):1393–1411.

Hall, S.M. en C. Holdsworth. 2016. Family practices, holiday and the everyday. *Mobilities*, 11(2):284–302.

Hill, I., S. Elias, P. Jones en S. Dobson (reds.). 2024. *Creative (and cultural) industry entrepreneurship in the 21st century: Policy challenges for and by policymakers* (pp. 35–47). Verenigde Koninkryk: Emerald Publishing.

Kaplan-Berkley, S. 2022. Digital tools and streaming media converge to inspire social interactions of generation alpha. *International Journal of Early Childhood*, 54(2):185–201.

Kapur, S. 2015. Adolescence: the stage of transition. *Horizons of Holistic Education*, 2(1):233–50.

Kolhede, E.J. en J.T. Gomez-Arias. 2016. Segmentation of infrequent performing arts consumers. *Arts and the Market*, 6(1):88–110.

Kotler, P. 1980. *Principles of marketing*. Englewood Cliffs, New York: Prentice-Hall.

Kozak, M. 2016. Family-based travel narratives: Confirmatory personal introspection of children's interpretations of their journey to three destinations. *Journal of Hospitality and Tourism Management*, 29(1):119–25.

Krejcie, R.V. en D.W. Morgan. 1970. Determining sample size for research activities. *Educational and Psychological Measurement*, 30(3):607–10.

Krüger, L. 2025. The text and context of Post-Apartheid Afrikaans theatre: a case study of Aardklop Arts Festival. *Journal of Literary Studies*, 41(1):1–25.

Kruger, M. 2020. Arts festival offerings: What do market segments prefer? Evidence from a South African national arts festival. *Event Management*, 24:197–216.

Kruger, M. en M. Saayman, 2009. Travel motives of visitors attending Oppikoppi Music Festival. *Acta Academica*, 41(4):56–73.

—. 2016. Are you willing to pay more for the arts? *Journal of Economic and Financial Sciences*, 9(2):392–408.

—. 2019. The relationship between decision-making factors and 'festivalscapes' with visitor loyalty: evidence from a South African national arts festival. *Acta Commercii*, 19(1):1–10.

- Kruger, M. en A. Viljoen. 2021. Terroir wine festival visitors: uncorking the origin of behavioural intentions. *Current Issues in Tourism*, 24(5):616–36.
- Kruger, M., A. Viljoen en B. Manners. 2025. The nexus between arts and ageing: bridging the generational gaps. *International Journal of Arts Management*, 27(3):4–21.
- Lan, Y.F. 2021. Exploring factors shaping the decision roles of family vacations: A multi-level perspective. *Journal of Morisita Memorial Research*, 6(1):16–25.
- Lehto, X.Y., X. Fu, H. Li en L. Zhou. 2017. Vacation benefits and activities: Understanding Chinese family travelers. *Journal of Hospitality & Tourism Research*, 41(3):301–28.
- Lehto, X.Y., Y.C. Lin, Y. Chen en S. Choi. 2012. Family vacation activities and family cohesion. *Journal of Travel & Tourism Marketing*, 29(8):835–50.
- Lesenyeho, D.L. en K. Klinck. 2025. Verkenning van die bepalers van talentbehoud van vroeë-loopbaanakademici in Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings. *LitNet Akademies*, 22(2):1–29. <https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1>.
- Li, M., Z. Huang en L.A. Cai. 2009. Benefit segmentation of visitors to a rural community-based festival. *Journal of Travel and Tourism Marketing*, 26(5):585–98.
- Li, M., W. Xu, en Y. Chen. 2020. Young children's vacation experience: Through the eyes of parents. *Tourism Management Perspectives*, 33(1):1–9.
- Li, Z.Z., Y. Yang en X. Zhang. 2024. Family travel as an educational experience: Revealing multi-level parents' perceived value through a family systems approach. *Tourism Management Perspectives*, 53(1). <https://doi.org/10.1016/j.tmp.2024.101301>.
- Liu, Y. en J. Draper. 2022. The influence of attending festivals with children on family quality of life, subjective well-being, and event experience. *Event Management*, 26(1):25–40.
- Liu, Y., J. Draper, J.M. Madera en D.C. Taylor. 2023. Parents' attending status and alcohol consumption of family cohesion and satisfaction at art festivals. *International Journal of Event and Festival Management*, 14(4):423–40.
- Maeng, H.Y., H.Y. Jang en J.M. Li. 2016. A critical review of the motivational factors for festival attendance based on meta-analysis. *Tourism Management Perspectives*, 17(1):16–25.
- McCarthy, K. en K. Jinnett. 2001. *A new framework for building participation in the arts*. Santa Monica, CA: RAND.
- Morgan, M. 2007. Festival spaces and the visitor experience. *Social and Cultural Change: Making Space(s) for Leisure Tourism*, 98(1):113–30.
- Naim, A. 2023. Consumer behaviour in marketing patterns, types, segmentation. *European Journal of Economics, Finance and Business Development*, 1(1):1–18.

- NTSS. 2017. National Tourism Sector Strategy (NTSS) 2016–2026. [https://www.gov.za/sites/default/files/gcis\\_document/201712/national-tourism-sector-strategy-ntss-2016-2026a.pdf](https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201712/national-tourism-sector-strategy-ntss-2016-2026a.pdf).
- Park, D. en Y. Yoon. 2009. Segmentation by motivation in rural tourism: a Korean case study. *Tourism Management*, 30(1):990–1008.
- Pizzolitto, E. 2023. Music in business and management studies: a systematic literature review and research agenda. *Management Review Quarterly*, 74(3):1439–72.
- Pretorius, S.C., P. Viviers en K. Botha. 2016. The perceived contribution of three South African arts festivals to the development of the arts and tourism. *African Journal of Physical Activity and Health Sciences*, 22(1–2):290–305.
- Quintal, V., M. Lwin, I. Phau en A. Sood. 2020. Festival personality and how it influences visitor attitude and intention. *Event Management*, 24(6):665–84.
- Richardson, J.M. 2022. Performing identity: identity formation in the teenage live theatre audience. *English in Education*, 56(2):139–59.
- Ringle, C.M., M. Sarstedt, R. Michell en S.P. Gudergan. 2018. Partial least squares structural equation modeling in HRM research. *The International Journal of Human Resource Management*, 46(1):1–27.
- Rodriguez-Campo, L., E. Alen-Gonzalez, J. Antonio Fraiz-Brea en M. Lourendo-Lorenzo. 2022. A holistic understanding of the emotional experience of festival attendees. *Leisure Sciences*, 44(4):421–39.
- Schänzel, H.A. en K.A. Smith. 2014. The socialisation of families away from home: Group dynamics and family functioning on holiday. *Leisure Sciences*, 36(2):126–43.
- Sohn, H., T.J. Lee en Y. Yoon. 2016. Relationship between perceived risk, evaluation, satisfaction and behavioral intention: A case of local-festival visitors. *Journal of Travel & Marketing*, 33(1):28–45.
- Srihadi, T.F., H.D. Sukandar en A.W. Soehadi. 2016. Segmentation of the tourism marketing for Jakarta: Classification of foreign visitors' lifestyles typologies. *Tourism Management Perspectives*, 19(1):32–9.
- Stander, J.H., L.A. Sandham en G. Visser. 2021. The geographies of artists and stall holders at Afrikaans arts festivals, South Africa. *African Journal of Hospitality, Tourism and Leisure*, 10(5):1630–44.
- Suid-Afrikaanse Toerisme (SAT). 2023. Unlocking the domestic market. [https://live.southafrica.net/media/304384/unlocking-domestic\\_v1.pdf?downloadId=421120](https://live.southafrica.net/media/304384/unlocking-domestic_v1.pdf?downloadId=421120).
- Therkelsen, A. en M. Lottrup. 2015. Being together at the zoo: zoo experiences among families with children. *Leisure Studies*, 34(3):354–71.

- Tseng, T.A., H. Chien en C. Shen. 2023. Exploring family travel motivation, preferences and decision-making with children of different ages. *Tourism and Management*, 19(4):35–45.
- Varadi, J. en G. Jozsa. 2023. Factors affecting attendance of and attitudes towards artistic events among primary school children. *Social Sciences*, 12(7):1–12.
- Vasumathi, T., M.K. Dharshini en K. Dhanuskumar. 2025. Children's influence on parental purchase attitudes and buying behaviour: an empirical study. *International Journal for Novel Research in Economics, Finance and Management*, 3(4):1–8.
- Viljoen, A. 2023. Beyond a tug-of-war: motivation-based segmentation of visitors to a national arts festival. *Journal of Convention and Event Tourism*, 24(5):433–57.
- Viljoen, A. en M. Kruger. 2025. Understanding festival attendee segmentation: a longitudinal analysis of a small city arts festival in South Africa. *Journal of Tourism and Cultural Change*, 23(5):596–618.
- Viljoen, A., M. Kruger en M. Saayman. 2018. The art of tastings: enhancing the arts festival experience. *International Journal of Event and Festival Management*, 9(3):246–65.
- Viviers, P. en K. Botha. 2019. Determining the key factors contributing to children's theatre ticket purchases at Afrikaans arts festivals. *South African Theatre Journal*, 32(2):89–107.
- Wessels, W. en K. Botha. 2026. Using market segmentation to examine factors influencing live theatre ticket purchases among South African festival attendees across generations. *South African Theatre Journal*. <https://doi.org/10.1080/10137548.2025.2594562>.
- Wessels, W., P.A. Viviers en K. Botha. 2023. A comparative analysis of aspects influencing live theatre ticket purchases of teenagers and students in South Africa. *South African Theatre Journal*, 36(1):74–87.
- . 2024. 'n Ondersoek na faktore wat kaartjie-aankope vir gemeenskapsgebaseerde kinderteater beïnvloed: 'n kwalitatiewe benadering. *LitNet Akademies*, 21(2):1–20. <https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n2a1>.
- Williams, J. 2024. Consumer behavior analysis in the age of big data for effective marketing strategies. *International Journal of Strategic Marketing Practice*, 6(2):36–46.
- Willis, K.G., J.D. Snowball, C. Wymer en J. Grisolia. 2012. A count data travel cost model of theatre demand using aggregate theatre booking data. *Journal of Cultural Economics*, 36(2):91–112.
- Wu, W., K. Kirillova en X. Lehto. 2021. Learning in family travel: What, how, and from whom? *Journal of Travel & Tourism Marketing*, 38(1):44–57.
- Wu, M.Y., G. Wall, Y. Zu en T. Ying. 2019. Chinese children's family tourism experiences. *Tourism Management Perspectives*, 29(1):166–75.



Xu, W., M. Li., G. Lin en X. Feng. 2025. Children in family travel: relating age, gender, and family types to decision-making. *Current Issues in Tourism*.  
<https://doi.org/10.1080/13683500.2025.2578719>.

Yang, S. 2020. Are you happy? Discovering tourism experience of family vacation. PhD-proefskrif. Hongkong: Hong Kong Polytechnic University.

Yu, X., G.J. Anaya, L. Miao, X. Lehto en I.A. Wong. 2018. The impact of smartphones on the family vacation experience. *Journal of Travel Research*, 57(5):579–96.

# *Geesteswetenschappen*

ISSN 1995-5928

# Operasie Savannah: Die “ligte mistyk” wat die apartheidstaat ekonomies geknou het

Kobus du Pisani

---

Kobus du Pisani, buitengewone professor, navorsingsfokusarea Sosiale Transformasie, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

---

## *Opsomming*

Operasie Savannah, die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) se militêre ingryping in Angola (Oktober 1975–Maart 1976), het misluk daarin om die Suid-Afrikaanse regering se politieke oogmerk, naamlik om te verhinder dat die kommunistiesgesinde MPLA (Movimento Popular de Libertação de Angola) die alleenheerskappy oor Angola kry, te verwesenlik. Die regering se hoop op aansienlike Amerikaanse politieke en militêre ondersteuning is verydel. Met die hulp van Sowjetbewapende Kubaanse troepe, het die MPLA die SAW-aanslag afgeweer en die erkende Angolese regering geword.

Operasie Savannah het verreikende militêre, diplomatieke, politieke en ekonomiese gevolge vir die Republiek van Suid-Afrika (RSA) ingehou. Die internasionale gemeenskap het die apartheidstaat se skending van die volkeregtelike beginsel van nie-inmenging in ’n ander staat se huishoudelike aangeleenthede veroordeel. Eerste minister John Vorster se détentebeleid in Suider-Afrika is in die wiele gery. Die SAW se tekortkominge is blootgelê en die beeld van Suid-Afrika as die sterk man van Afrika aangetas. Die South West Africa People’s Organisation (SWAPO) en die African National Congress (ANC) se posisie is versterk en hulle het moed geskep dat apartheid oorwinbaar was.

Hoewel Vorster en sy minister van verdediging, P.W. Botha, skuldig was aan outokratiese besluitneming en die magtiging om Angola binne te val by nabaat ’n ernstige flater was, het hulle daarin geslaag om konserwatiewe wit kiesers te oortuig dat hulle reg opgetree het deur kommunistiese uitbreiding teen te staan. Hulle het deur die denkbeeld van ’n “totale aanslag” die vrees vir die “kommunistiese” en “terroristiese” bedreiging aangeblaas en hul ondersteuners laat glo dat hulle in ’n stryd om oorlewing gewikkel was. By die stembus het die regerende Nasionale Party (NP) in die 1977-verkiezing ’n rekordoorwinning behaal.

Hierdie artikel fokus op die ekonomiese gevolge van Operasie Savannah. Die operasie het baie geld gekos en veroorsaak dat die verdedigingsbegrotings vir 1975/76 en 1976/77 oorskry is. P.W. Botha het die verswakte veiligheidsopset van die RSA ná Operasie Savannah gebruik as 'n hefboom om by die Kabinet te beding vir die drastiese verhoging van die verdedigingsbegroting. Hy wou die SAW se militêre teenwoordigheid op die noordgrens van Suidwes-Afrika versterk. Ook wou hy die militêre vermoë van die SAW opgradeer deur die staande mag te vergroot, die dienspligstelsel uit te brei en die Suid-Afrikaanse krygstuigvervaardigingsbedryf uit te bou.

Die drastiese verhoging in militêre besteding in die res van die apartheids tydperk het geweldige druk op die staatskas geplaas. Sosiale besteding moes ten gunste van verdedigingsbesteding besnoei word. In 'n tydvak toe die Suid-Afrikaanse ekonomie reeds in 'n resessie verkeer het, het oormatige staatsbesteding, waartoe militêre uitgawes 'n aansienlike bydrae gelewer het, die afwaartse spiraal van die Suid-Afrikaanse ekonomie verhaas. Dit het inflasie buite beheer laat toeneem en die betalingsbalans nadelig beïnvloed. Ekonometriese navorsing bevestig dat militêre besteding die Suid-Afrikaanse ekonomie geknou het.

Uiteindelik was die land se ekonomiese verknorsing een van die belangrikste faktore waarom F.W. de Klerk kort na sy bewindsoorname besluit het om met die ANC oor die beëindiging van apartheid te onderhandel. My argument is dus dat die ekonomiese gevolge van Operasie Savannah 'n vername sneller vir die begin van die einde van apartheid was.

**Trefwoorde:** Angola; apartheidstaat; MPLA; Operasie Savannah; Suid-Afrikaanse Weermag; SWAPO

### *Abstract*

#### **Operation Savannah: The “slight mistake” that economically hurt the apartheid state**

Operation Savannah, the South African Defence Force (SADF) military intervention in Angola (October 1975–March 1976), failed to achieve the South African government's political objective of preventing the communist-leaning MPLA (Movimento Popular de Libertação de Angola) from gaining sole control of Angola. The government's hopes for substantial American political and military support for its anticommunist campaign were dashed by strong opposition in Congress to President Ford's request for funding of military intervention in Angola. The SADF operation achieved its objective of supporting the FNLA (Frente Nacional de Libertação de Angola) and UNITA (União Nacional para a Independência Total de Angola) to hold on to the parts of Angola which were under their control. However, with the help of Soviet-armed Cuban troops, the MPLA repelled the SADF assault on the Angolan capital, Luanda, and after an OAU vote in its favour became the recognised Angolan government. Thereafter the SADF withdrew from Angola.

Operation Savannah had far-reaching military, diplomatic, political and economic consequences for the Republic of South Africa (RSA). The international community condemned the apartheid state's violation of the international law principle of non-interference in the domestic affairs of another state. A United Nations Security Council resolution to this effect was adopted without opposition by its Western members. The Angolan invasion was a setback for prime minister

John Vorster's policy of détente in Southern Africa which lost the support of moderate African leaders. The SADF's shortcomings were exposed and the image of South Africa as the strongman of Africa was damaged. The position of the South West Africa People's Organisation (SWAPO) and the African National Congress (ANC) was strengthened, and these liberation movements took courage that apartheid was not invincible.

Although Vorster and his minister of defence, P.W. Botha, were guilty of autocratic decision-making and their authorisation to invade Angola was a serious blunder in retrospect, they succeeded in convincing conservative white voters that they had acted correctly in opposing communist expansion. They used the idea of a "total onslaught", formulated by Botha in defence white papers, to incite fear of a "communist" and "terrorist" threat to the country's security and led their supporters to believe that they were engaged in a fight for survival. Afraid that they would be branded as unpatriotic, the leaders of the parliamentary opposition parties (the United Party and Progressive Reform Party) were hesitant in their criticism of Operation Savannah. At the ballot box, the ruling National Party (NP) won a record victory in the 1977 elections.

This article focuses on the economic consequences of Operation Savannah. The operation cost a lot of money, according to official figures almost R200 million and according to other unverified sources much more. The direct costs of the operation caused the defence budgets for 1975/76 and 1976/77 to be exceeded. P.W. Botha used the weakened security position of the RSA after Operation Savannah as leverage to negotiate with the Cabinet for a drastic increase in the defence budget. He wanted to strengthen the SADF's military presence on the northern border of South West Africa. He also wanted to upgrade the military capability of the SADF by increasing the permanent force, expanding the conscription system and expanding the South African arms manufacturing industry. Although the monetary position in the Treasury was not such that all Botha's requests could be met, the Cabinet nevertheless approved a substantial increase in the defence budget which caused a spike in government expenditure. The amount allocated to the Department of Defence in the 1976/77 budget (R1 350 million) was 40 per cent higher than the previous year.

In the 1977/78 financial year defence expenditure reached a peak of more than 5 per cent of Gross Domestic Product (GDP) and 19 per cent of total government expenditure. The minister of finance had to channel additional funds to the military through the reallocation of budget funds.

The drastic increase in military spending during the remainder of the apartheid period to strengthen the SADF and continue the "bush war" against the liberation movements put enormous pressure on the state coffers. Both the expansion of military capacity and preparedness and the counter-insurgency operations cost a lot of money, as much as R32,5 billion in 1989 according to unverified sources. A committee, appointed by the minister of finance to investigate the implications for the country's economy of the increased defence budget, found that the defence spending had further hampered the already struggling economy and asked whether the military threat was so serious that the economic sacrifices that would be necessitated by increased defence spending could be justified. Excessive military spending was not the only factor, but one of the major factors identified by economists that weakened the South African economy. Social spending had to be cut in favour of defence spending. At a time when the South African economy was already in recession, excessive government spending, to which military expenditure made a significant contribution, accelerated the downward spiral of the South African economy. This caused inflation to rise out of control and adversely affected the balance of payments.

The international literature on military financing points out the disadvantages of excessive defence spending. Economists have used econometric tools to try to determine the impact of military spending on the South African economy. They have indicated that incomplete data on the extent of military spending makes it difficult to quantify this impact accurately. Yet the consensus among researchers was that high defence spending had a negative impact on the economy. Thus, econometric research confirms that military spending hurt the South African economy.

Ultimately, the country's economic predicament was one of the most important factors why F.W. de Klerk decided to negotiate with the ANC about ending apartheid shortly after taking power. My argument is therefore that the economic consequences of Operation Savannah were a major trigger for the beginning of the end of apartheid.

**Keywords:** Angola; apartheid state; MPLA; Operation Savannah; South African Defence Force; SWAPO

## 1. Inleiding

Tussen Oktober 1975 en Maart 1976 was die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) betrokke by 'n militêre inval, Operasie Savannah, in Angola. Die doel van die SAW-inval in Angola was om te verhoed dat die kommunistiesgesinde MPLA (Movimento Popular de Libertação de Angola) met onafhanklikwording op 11 November 1975 die alleenheerskappy oor die land kry en die ander twee meer Westersgeoriënteerde bevrydingsbewegings, die FNLA (Frente Nacional de Libertação de Angola) en UNITA (União Nacional para a Independência Total de Angola), se bedingingsposisie te versterk om 'n regering van nasionale eenheid in Angola tot stand te bring (Spies 1989:xiv–xv, 40–8; Du Preez 1989:21–5). Ondanks aanvanklike militêre suksesse moes die SAW uit Angola onttrek sonder dat dié politieke oogmerk van die Suid-Afrikaanse regering verwesenlik is.

Daar is reeds boekdele oor die redes, verloop en gevolge van Operasie Savannah geskryf. Vanuit die perspektiewe van die verskillende destydse rolspelers – die Suid-Afrikaanse regering (Fourie s.j.) en weermag (Du Preez 1989; Spies 1989; Steenkamp 1990; Geldenhuys 2011; Breytenbach 2014), Portugal (Guimarães1992; De Sá en Cruz 2011; Castelo 2014; George 2023), die MPLA (Mabeko-Tali 2018), UNITA (UNITA 1985; Bridgland 1986), die VSA (Borosage, Cox, Klaus, Macy en Marks 1975; United States 1976; Central Intelligence Agency 1977; Stebbins en Adam 1977; Stockwell 1978; Davis 1978; Klinghoffer 1980a en 1980b; Westad1996/7; George 2005), Kuba (Castro en Marquéz in Deutschmann 1989; Gleijeses 1996/7, 2002 en 2006) en die Sowjetunie (Shubin en Tokarev 2002; Shubin 2008) – asook onafhanklike akademiese navorsers (John 2002; Labuschagne 2009; Péclard 2021; Schriffl 2022), is die gebeure in Angola in die aanloop tot en die maande ná onafhanklikheid deeglik ontleed en beoordeel ter regverdiging of beskuldiging van die deelnemende partye.

Met verbetering het John Vorster, die destydse Suid-Afrikaanse eerste minister, en P.W. Botha, sy minister van verdediging, hul besluit om Angola binne te val in die Volksraad regverdig en ontken dat dit 'n oordeelsfout was (Hansard 1976a), terwyl die SAW-generaals volgehou het dat die operasie nie 'n militêre nederlaag was nie (De Villiers 1984:273; Spies 1989:280, 289–92). Selfs ondersteuners van die Nasionale Party het egter besef dat Operasie



Savannah, soos Max du Preez (2009:112) dit gestel het, 'n "kolossale flater" was. Ander waarnemers het die operasie bestempel as 'n "militêre fiasko", 'n "kolossale politieke blaps", 'n "volslae katastrofe" en "die flater van die eeu" (De Villiers 1984:241). Die toe reeds afgetrede veteraanjoernalis van Nasionale Pers, Schalk Pienaar, het ironies daarna verwys as 'n "ligte mistyk" (Pienaar 1976). Die operasie het ernstige militêre, diplomatieke, politieke en ekonomiese gevolge vir die RSA ingehou, waarvan die meeste ongunstig was. Ellis (2012:112) bestempel hierdie gevolge as "the worst possible outcome" vir die Vorsterregering en Miller (2016:330) tipeer dit as Pretoria se Viëtnam.

In hierdie artikel fokus ek op die ekonomiese gevolge van Operasie Savannah en die naweë daarvan vir Suid-Afrika in die kort en medium termyn. Ek het gegewens uit primêre en sekondêre bronne gekombineer en die standaardstappe (insameling, klassifikasie, ontleding, vertolking en verslaglewering) van die heuristiese metode van kwalitatiewe historiese navorsing gevolg. Bronnekritiek is toegepas om die betroubaarheid en geldigheid van gegewens te verifieer.

## 2. Operasie Savannah: kort historiese konteks

"Hier vandag begin 'n nuwe geskiedenis" het Vorster vir sy vrou gesê toe hy in 1974 hoor dat die nuwe regeerders van Portugal onafhanklikheid aan Mosambiek en Angola gaan verleen (T. Vorster 1991). Vir Suid-Afrika was die onttrekking van Portugal uit haar twee kolonies in die subkontinent in 1975 inderdaad 'n transformerende gebeurtenis wat die magsbalans in die streek onherroeplik verander het. Toe die dekolonisasie van Afrika in die 1960's begin momentum kry, het die internasionale druk op Mosambiek, Angola, Rhodesië, Suidwes-Afrika en Suid-Afrika, die laaste bastions van wit minderheidsregering in Afrika, toegeneem om mag oor te dra aan die bevrydingsbewegings wat vir swart meerderheidsregering geveg het. Met die aanvang van die 1970's was die wit regering in die streek skynbaar nog stewig verskans met noue bande tussen die Suid-Afrikaanse regering, die Caetanobewind in Portugal en Ian Smith se regering in Rhodesië. Hierdie stand van sake is deur die omverwerping van die Caetano-regering in 'n staatsgreep in April 1974 beëindig. Die besluit van Caetano se opvolgers om die mag in Mosambiek en Angola aan die swart bevrydingsbewegings af te staan, het 'n domino-effek gehad wat wit beheer in die subkontinent uiteindelik sou beëindig. Sodra die mag in die hande van die Mosambiekse en Angolese bevrydingsbewegings sou oorgaan, sou dit die *cordon sanitaire* van witbeheerde state rondom Suid-Afrika laat verbrekkel en 'n veiligheidsbedreiging vir die wit bewinde in Suidwes-Afrika, Rhodesië en Suid-Afrika inhou. Die swart bevrydingsbewegings se stryd om wit oorheersing te beëindig sou tot op die apartheidsstaat se drumpel vorder (Arnold 1976:154; Landgren-Bäckström 1976:199–200; Jaster 1988:51–2; Miller 2016:124–8).

Om hierdie bedreiging die hoof te bied, moes die Vorsterregering sy streeksbeleid aanpas. Vorster en sy vertrouelinge het détente as beleidsinisiatief geloods om internasionaal aanvaarbare skikkings vir die Rhodesiese en Suidwes-Afrikaanse dispute te probeer bemiddel deur wit en swart leiers om die onderhandelingsstafel byeen te bring. Die oogmerk was om gematigde eerder as radikale swart leiers in hierdie twee gebiede aan bewind te probeer stel (Olivier 1977:286–7). Van Oktober 1974 af het Vorster en president Kenneth Kaunda van Zambië se gesamentlike projek om die Rhodesiese leiers vir onderhandelings byeen te bring internasionale media-opskrifte gehaal. Die toppunt was die brugberaad van Augustus 1975, toe die swart en wit leiers by die Victoriaval ontmoet het. Hoewel hulle nie 'n ooreenkoms kon bereik

nie, is Vorster lof toegeswaai vir sy staatsmansrol (Legum 1975:7–12; Legum 1976:16–7; Muzorewa 1978:140–66; Vorster 1980; Smith 2001:161–81; Tamarkin 1990:23–38, 69–75; Fourie s.j.:115–27, 150–68, 181–9). Intussen het Vorster ook deur middel van die Turnhalle-beraad gepoog om ’n bedeling in Suidwes-Afrika te beding wat internasionaal aanvaarbaar sou wees, maar SWAPO sou uitsluit (vir besonderhede, kyk Du Plessis s.j.; Mudge 2015). Dat hy Suid-Afrika daarvan weerhou het om in Mosambiek se onafhanklikheidsproses in te meng, het Vorster se aansien verder verhoog (Middlemas 1980:215–24; Azevedo 1980:571). Hy was op die kruin van sy politieke loopbaan.

Minder as twee maande ná die brugberaad is Vorster voor ’n verdere keuse gestel toe die Angolese burgeroorlog in die MPLA se guns begin verloop en die gevaar van ’n kommunisties-gesinde bewind in Luanda ’n sterk moontlikheid word. ’n MPLA-regering sou SWAPO ’n vrye hand gee om Suidwes-Afrika vanuit Angola binne te sypel. Die minister van buitelandse sake (Hilgard Muller) en sy sekretaris (Brand Fourie) was ten gunste van nie-inmenging deur Suid-Afrika in Angola (Fourie s.j.:191–2; Barber en Barratt 1990:192). P.W. Botha, die minister van verdediging, ondersteun deur sommige SAW-generaals, het egter aangedring op militêre ingryping om die MPLA-opmars na mag te stuit (De Villiers 1984:275; Flower 1987:154, 156, 163; Steenkamp 1990:43; Miller 2016:174–5).

Vorster wou die gebeure in Angola op so ’n manier beïnvloed dat dit die veiligheid van die RSA sou verseker teen wat hy as die “kommunistiese” en “terroristiese” bedreiging beskou het (Vorster 1975). Antikommunisme was een van die primêre dryfvere in Vorster se streekspolitiek. Hy en P.W. Botha het geglo dat daar ’n samespanning tussen kommuniste en radikale swart nasionaliste was wat ’n wesenlike bedreiging vir Suider-Afrika ingehou het, wat ten alle koste afgeweer moes word om die voortsetting van wit beheer in Suid-Afrika te verseker (Spies 1989:xiv–xv; Bridgland 1986:145). Hulle het alles in die werk gestel om te verhinder dat ’n MPLA-SWAPO-alliansie ’n veiligheidsbedreiging aan die noordwestelike grens van die RSA skep. Hulle was bewus daarvan dat antikommunistiesgesinde Afrikaleiers soos Kaunda, Mobutu, Houphouët-Boigny en Senghor voorkeur aan ’n gematigde pro-Westerse regering of minstens ’n regering van nasionale eenheid in Angola verleen het (Stockwell 1978:186; Swanepoel 1982:423; Spies 1989:xv). Dit kon Pretoria se geloofwaardigheid by sulke leiers aantas indien die RSA ’n beleid van neutraliteit volg en toekyk terwyl die MPLA se teenstanders die onderspit delf. Hulle het ook gemeen dat tussenkoms ter ondersteuning van die FNLA en UNITA die land se bande met die Ford-administrasie in die VSA sou versterk op grond van die gemeenskaplike doel om die kommunistiese invloed in Suider-Afrika aan bande te lê. President Ford en sy minister van buitelandse sake, Kissinger, het ’n kovert operasie van die Central Intelligence Agency (CIA), om ’n MPLA-oornam in Angola teen te werk, gesteun. Vorster en sy kollegas het gehoop dat die VSA grootskaalse militêre hulp sou verskaf om die kommunistiese steun vir die MPLA te neutraliseer, maar weens die Kongres se teenkanting daarteen het hierdie hulp nie gerealiseer nie. Vorster en sy vertrouelinge het hulle misreken met sowel die militêre situasie in Angola as die Ford-administrasie se vermoë om ’n MPLA-oornam in Angola te verhoed (Stockwell 1978:186–8; Klinghoffer 1980a:53; De Villiers 1984:262, 265; Bridgland 1986:145, 155, 169; Spies 1989:xiv–xv, 40–4, 68, 133, 150, 258–61; Du Preez 1989:21–5).

P.W. Botha se “valke”-benadering het geseëvier en Vorster het die groen lig gegee vir ’n militêre inval in Angola, wat op 14 Oktober 1975 geloods is toe ’n SAW-taakmag van 2 500 manskappe met 600 voertuie die Angolese grens oorgesteek het (Miller 2016:178, 185). Die korttermyn- militêre doelwitte van Operasie Savannah was om voor Angola se onafhanklikwording verdere MPLA-gebiedswins te voorkom en gebiede in Suidwes-Angola en die

Angolese hawestede suid van Luanda van die MPLA te herower. Die oorhoofse politieke doelstelling was om te help om 'n goedgesinde regering, wat sonder kommunistiese hulp sou regeer en nie SWAPO-basisse op sy grondgebied sou toelaat nie, in Angola aan bewind te plaas. Voor Angola se onafhanklikwording het die SAW die militêre doelwitte bereik deur UNITA en die FNLA in beheer van hul tradisionele gebiede te hou. Tog kon die politieke doelstelling van die operasie, om 'n MPLA-bewindsoorname te verhinder, nie verwesenlik word nie (De Villiers 1984:270; Spies 1989:146, 256–7).

Kort ná die SAW-inval het Kuba Operasie Carlota van stapel gestuur, waardeur duisende Kubaanse troepe na Angola gestuur is om FAPLA (die MPLA se weermag) te versterk (Castro 1989: 61–8). Fidel Castro het 'n sosialistiese ideologie met die MPLA gedeel en wou wat hy beskou het as Westerse imperialisme en Suid-Afrikaanse rassisme teenstaan. Die Sowjetunie het gevorderde wapens aan die Kubane verskaf. Kubaanse soldate en Russiese wapens het aan die MPLA die militêre oorhand gegee. Die SAW-taakmag het ter ondersteuning van UNITA flink langs die Angolese kus noordwaarts gevorder tot redelik naby aan die MPLA-beheerde hoofstad, Luanda (Spies 1989:82–3, 86–129; Malan 2006:124–7). Hulle is voor Angola se onafhanklikwording op 11 November gestuit deur die gesamentlike magte van FAPLA en die Kubane, wat ook 'n SAW-FNLA-aanslag op Luanda vanuit die noordooste afgeweer het.

Op aandrang van Jonas Savimbi van UNITA het Vorster die onttrekking van die SAW uit Angola vertrap tot ná die OAE-beraad in Januarie 1976, waar die Afrikastate met 'n skrale meerderheid besluit het om die MPLA as die legitieme regering van Angola te erken (Fourie s.j.:203–4; De Villiers 1984:270–1; Bridgland 1986:162; Spies 1989:55, 264–6; Steenkamp 1990:59; Miller 2016:197). Operasie Savannah het ten einde geloop toe die laaste Suid-Afrikaanse troepe die Kunenerivier in Maart 1976 oorgesteek het (besonderhede oor die militêre operasies word in die bronne hier bo verskaf).

### 3. Militêre gevolge

Ná Operasie Savannah sou Suider-Afrika en Suid-Afrika nooit weer dieselfde wees nie. Die militêre en politieke gevolge daarvan vir Suid-Afrika is goed gedokumenteer. Omdat dit nie die fokus van hierdie artikel is nie, word dit in hierdie en die volgende afdeling net kortliks saamgevat.

Operasie Savannah het die Kubane en Russe die geleentheid gebied om hulself as die beskermers van Angola teen aggressie deur die rassistiese aartsvyand, Suid-Afrika, en sy Westerse imperialistiese bondgenote voor te doen (Bridgland 1986:151; Klinghoffer 1980a:55). Legum (1978:41) redeneer dat die “roekelose” SAW-inval die grootskaalse Russies-Kubaanse militêre ingryping in Angola gelegitimeer het, sodoende die MPLA se oorwinning verseker het en dus presies die teenoorgestelde bereik het as wat die Suid-Afrikaanse regering wou hê. Plotseling het die apartheidsregering, wat voorheen op 'n welwillende Portugese bewind in Angola kon reken, te doen gehad met 'n vyandige MPLA-regering gesteun deur Kuba en die Sowjetunie.

Operasie Savannah was nie 'n volslae militêre nederlaag vir die SAW nie. Vorster het in die Volksraad gespog met die aanvanklike militêre sukses van die inval. Hy het gesê dat die SAW die MPLA en die Kubane “baie ver gejaag” het (Hansard 1976a:kolom 368). Die SAW-generaals het in nabetragting klem gelê op die merkwaardige operasionele suksesse wat 'n relatief klein

SAW-taakmag in 'n kort tydsbestek met min verliese behaal het (Spies 1989:307–8; Malan 2006:125; Scherman 2019:84). Hul suggestie was dat indien die SAW voluit gegaan het, hulle Luanda sou kon inneem (De Villiers 1984:276). Generaal Magnus Malan (2006:121), wat destyds Hoof van die Leër was, ontken dat die SAW opdrag gekry het om Luanda in te neem. Volgens Miller (2016:183) het die vooraf goedgekeurde operasionele plan wel voorsiening gemaak vir die verowering van Luanda in die finale fase van die operasie. Weens die gevaar van groot lewensverlies onder Suid-Afrikaanse soldate en die moontlikheid van 'n eskalerende Kubaans-Russiese teenoperasie was dit uiteindelik nie 'n haalbare opsie nie (De Villiers 1984:164, 264; Bridgland 1986:156; Spies 1989:155–7, 177–254; Du Preez 1989:35–7; Papenfus 2010:469).

Hoewel die operasie waardevolle operasionele ondervinding gebied het (Malan 2006:136, 142–3), het dit die gebreke van die SAW blootgelê. Sonder deeglike strategiese beplanning en met verouderde wapentuig kon die beperkte Suid-Afrikaanse magte nie die vinnige ontplooiing van 'n groter Kubaanse troepemag met meer gesofistikeerde Sowjetwapentuig troef nie (Miller 2016:199; Scherman 2019:84). Die vernederende onttrekking uit Angola het die beeld van Suid-Afrika as die sterk man van Suider-Afrika geknou (Rhodie 1983:137).

Operasie Savannah het 'n strategiese en operasionele patroon ingelui wat in die res van die apartheidsera deur die SAW nagevolg is. P.W. Botha en sy generaals het besef dat militêre mag en paraatheid opgeskerp moes word. Hulle het die denkbeeld van 'n “totale aanslag” op Suid-Afrika, georkestreer deur die Sowjetunie, geskep en aangevoer dat dit met 'n “totale strategie” afgeweer moes word ten einde die RSA se hegemoniese posisie in Suider-Afrika te handhaaf (Johnson en Martin 1989:1–2; Miller 2016:211–2). Dit het tot die verdere militarisering van die apartheidstaat oor die volgende dekade deur die loodsing van 'n eie krygstuig-vervaardigingsbedryf, die uitbreiding van die nasionale dienspligstelsel en die voortsetting van die program om kernwapens te vervaardig bygedra (Van der Westhuizen s.j.; De Villiers 1984:241; Spies 1989:304–5; Giliomee 2004:527–8; Ferreira en Liebenberg 2006:49; Miller 2016:210). Om die gevaar van SWAPO-insypeling uit basisse in Angola teen te werk, het Suid-Afrika se politieke en militêre bevelvoerders 'n groter SAW-mag in die noorde van Suidwes-Afrika gestasioneer, sporadiese militêre oorgrensoperasies teen SWAPO-basisse in Suid-Angola uitgevoer en UNITA in die voortgesette Angolese burgeroorlog teen die MPLA en die Kubane bly steun. Dit het die onstabiliteit in die streek vererger en veroorsaak dat talle Angolese, Kubane, Namibiërs en Suid-Afrikaners hul lewens in die voortslepende konflik verloor het.

#### 4. Politieke gevolge

Op die politieke terrein het die inval in Angola groot rimpelings veroorsaak. Vorster het outokraties opgetree. In geen stadium het hy dit oorweeg om die demokratiese weg te volg en die Parlement of die NP-koukus of die Kabinet te raadpleeg voordat hy die SAW-operasie in Angola gemagtig het nie. Besluitneming is beperk tot 'n klein binnekring, waarin hyself en P.W. Botha die hoofrolle gespeel het. Hulle het vir weke lank gepoog om die inval in Angola vir die Suid-Afrikaanse publiek geheim te hou. Dit was dieselfde soort besluitnemingstyl wat Vorster met die magtiging van die Departement van Inligting se geheime propagandaveldtog gevolg het en wat uiteindelik tot sy ondergang gelei het.

In 'n minder konserwatiewe politieke milieu sou die opposisiepartyte uit die flaters wat met Operasie Savannah gemaak is, munt kon slaan met meedoënlose kritiek teen die regering. In die eenpartygedomineerde Suid-Afrikaanse parlementêre bedeling het die Verenigde Party (VP) en die Progressiewe Reformisteparty (PRP) nie gewaag om te snydende kritiek oor 'n veiligheidskwessie te lewer nie, omdat hulle besef het dat hulle dan 'n lat vir hulself sou pluk en deur die NP, met die steun van die meerderheid kiesers, van 'n onpatriotiese houding beskuldig sou word (Hansard 1976a:kol. 30–1, 100, 104, 107, 341; Sparks 1993:306; Slabbert 2006:29–30; Miller 2016:182189).

Die volgende aanhaling uit 'n pamflet van die Progressiewe Reformisteparty (1976) vat nietemin die geregverdigde kritiek teen die regering knap saam:

Die Nasionale Party-regering het Suid-Afrika by die burgeroorlog in Angola betrek, in stryd met ons beleid van nie-inmenging in die sake van 'n ander land. Die Regering het dit in die geheim gedoen, sonder om 'n mandaat te vra en sonder om die land of die Parlement oor sy optrede in te lig. Die Regering se inmenging in Angola was kontra-produktief en het die veiligheid van Suid-Afrika in gevaar gestel. Deur ons troepe te stuur om die UNITA/FNLA-alliansie teen die MPLA te help het die Regering die Russiese en Kubaanse teenwoordigheid in Angola geweldig laat toeneem. Die MPLA word nou deur die hele Afrika as die regering in Angola erken. Deur buite ons landsgrense in die sake van 'n ander land in te meng, is die weg oopgestel vir inmenging in ons sake deur andere. Suid-Afrika is meer geïsoleer in Afrika en die Westerse wêreld as tevore. 'n Vreedsame skikking in Suidwes-Afrika is in gevaar gestel.

Operasie Savannah het nie steun vir Vorster of die Nasionale Party onder wit kiesers benadeel nie. Legum (1978:36, 38) het destyds beweer dat dit Vorster se leiersposisie verswak het en Miller (2016:181–2, 185, 208) het meer onlangs aangevoer dat P.W. Botha en die sekurokrate se mag in die binnekringe daardeur in so 'n mate 'n hupstoot gekry het dat Vorster se gesag uitgedaag is. Dit was kwalik die geval. Daar was wel meningsverskille in die veiligheids-gemeenskap oor Suid-Afrika se militêre betrokkenheid, waarvan die botsing tussen Hendrik van den Bergh en P.W. Botha die sigbaarste voorbeeld was. Indien daar 'n mate van faksievorming in die Kabinet was, het Vorster dit effektief besweer. By die kabinetsvergadering van 14 Januarie 1976 is genotuleer dat “die konsensus is dat dit korrek was dat ons in die omstandighede betrokke geraak het” (Kabinet 1976a). Ook die NP-koukus het hul geledere agter Vorster gesluit (Miller 2016:206).

Vorster en sy medebesluitnemers wou nie toegee dat die inval in Angola 'n fout was nie en het voortgegaan om hul optrede te regverdig. Via die Afrikaner-Broederbond (AB) het hulle die boodskap onder die Afrikanerelite versprei dat die Angolese krisis reg en goed deur die regering hanteer is. Die Uitvoerende Raadsvoorsitter van die AB het in Maart 1976 in 'n omsendbrief aan die organisasie se afdelings geskryf dat die besonderhede van die militêre operasie 'n geheim moes bly, omdat “demokratiese openheid” nie in 'n oorlogsituasie haalbaar was nie. Hy het verskeie redes aangevoer waarom die inval in Angola geloods is, ontken dat die inval 'n fout was en lede versoek om “ons leiers” met “vertroue en lojaliteit” te volg. Hy het die bravado van die SAW-hoofde geëggo dat, indien politieke oorwegings dit nie verhoed het nie, die militêre operasie tot 'n oorwinning oor die vyand gevoer sou kon word: “Daar is geen twyfel nie dat ons sou kon ‘opruim’ as ons wou” (Afrikaner-Broederbond 1976:3).

Ondanks al die negatiewe gevolge van die Angolese operasie het dit Vorster se partypolitieke posisie ironies genoeg eerder verstewig as verswak. Vorster en sy regering het die terugslag



benut om vrese vir die aftakeling van wit beheer in die land uit te buit. Die NP se kieserspubliek het die propaganda geglo dat die RSA eerbaar opgetree het deur saam met bondgenote uit Afrika en die Weste teen kommunistiese aggressie weerstand te bied. Meningspeilings het getoon dat die meerderheid wit Suid-Afrikaners oortuig was dat die regering reg opgetree het om troepe in Angola te ontplooi en dat hulle die opbou van die land se militêre mag gesteun het (aangehaal in Miller 2016:207, 210). Die rekordoorwinning van die NP in die 1977-verkiezing het bewys dat Vorster se aansien by die kieserspubliek nie as gevolg van die Angolese episode afgeneem het nie. Partypolities het Vorster gebaat by die verslegtende veiligheidsituasie en die vreespsigose wat onder sy ondersteuners posgevat het. Vrees vir die bedreiging van die “kommuniste” en “terroriste” het die kiesers in die NP se kamp gejaag. Om sy steun onder konserwatiewe Nasionaliste te behou, het Vorster die sterkmanbeeld uit sy termyn as minister van justisie gehandhaaf deur kragdadige optrede in belang van wet en orde en militêre paraatheid. Ook kon hy die meningsverskille oor veiligheidskwessies tussen die konserwatiewe en liberale faksies in die VP uitbuit om die wig in dié verdeelde party al verder in te dryf.

Met die denkbeeld van ’n kommunistiesgeleide “totale aanslag” op Suid-Afrika, wat met ’n “totale strategie” (soos onder meer uiteengesit in die Verdedigingswitskrif van 1977 en die NP se twaalfpuntplan in 1979) afgeweer moes word, het Vorster se opvolger, P.W. Botha, die vreespsigose in stand gehou. Regeringspropaganda het die meeste kiesers oortuig dat dit ’n stryd om oorlewing was waarvoor militêre mag noodsaaklik was om wit beheer teen binne- en buitelandse bedreigings te verskans (Orbann 1984:57–8; Batchelor, Dunne en Lamb 2002:317, 329).

Vir die bevrydingspolitiek, wat deur die meerderheid swart Suid-Afrikaners gesteun is, was die gebeure in Angola ’n teken van hoop dat die apartheidsregime oorwinbaar was en dat die dae van apartheid byna getel was. Ander Suider-Afrikaanse bevrydingsbewegings het gebaat by die MPLA-magsoorname in Angola. Sowel SWAPO as Umkhonto we Sizwe (MK), die gewapende vleuel van die ANC, kon geredelik basisse in Angola vestig, waar rekrute militêre opleiding kon ondergaan en van waar operasies teen Suidwes-Afrika en Suid-Afrika uitgevoer kon word. Die suksesse van FRELIMO (Frente de Libertação de Moçambique) en die MPLA het veral die jonger geslag in die ANC en die swart bewussynsbeweging moed laat skep dat die bevrydingstryd ook binne die afsienbare toekoms in Suid-Afrika die oorwinning sou behaal (ANC 1976). Dit het die binnelandse verset teen apartheid gestimuleer. Skaars drie maande nadat die SAW uit Angola onttrek het, het die Soweto-oproer losgebars en landwyd versprei.

Op die terrein van die streekspolitiek het Operasie Savannah Vorster se détente-inisiatiewe in die wiele gery. SWAPO se posisie is met die MPLA-oorwinning in Angola polities en militêr versterk. Die bevrydingstryd in Suidwes-Afrika het ’n nuwe meer intensiewe fase betree en die Turnhalleberaad is as skikkingsopsie uitgerangeer (Department of State Bulletin 1977:47–8; Zartman 1985:70; Legum 1988:86; Papenfus 2010:489). Wat die Rhodesiese vraagstuk betref, het gematigde Afrikaleiers hul steun aan détente onttrek. Volgens die *Rand Daily Mail* (1978) was détente “as dead as a dodo”. Dit was egter nog nie die einde van détente nie. Kissinger het die hoop op ’n gematigde skikking in Rhodesië, waarby die Vorsterregering intens betrokke was, met sy spitsdiplomatie in 1976 laat herleef (Vorster 1980; Fourie s.j. 213–5, 219–26; *Congressional Quarterly* 1977:735–6; Flower 1987:131–3, 153, 164–9; Jaster 1988:55–7; Legum 1988:21–2, 26–9; Barber en Barratt 1990:216–8; Du Toit 2006:20; Onslow 2006:146; Miller 2016:218, 225–8, 241).

Op die internasionale politieke terrein het die Angolese inval Suid-Afrika se toenemende isolasie onderstreep. Dit het bewys dat die RSA in 'n noodsituasie selfs in die Weste nie op 'n enkele aktiewe bondgenoot kon staatmaak nie. Die afkeer in apartheid het veroorsaak dat die Fordadministrasie in die VSA, asook ander Westerse regerings, nie openlike steun aan die SAW-operasie in Angola kon gee nie (Stockwell 1978:193; Miller 2016:194). Uit die buiteland het kritiek op die Suid-Afrikaanse regering neergereën oor die inval in Angola. Dit was 'n skending van die volkeregtelike beginsel van nie-inmenging in 'n ander staat se huishoudelike aangeleenthede (Rhoadie 1983:146). Tydens 'n spesiale sitting van die Verenigde Nasies (VN) se Veiligheidsraad in Maart 1976 het verskeie sprekers skerp aanvalle op die RSA gedoen, sonder dat enige staat tot sy verdediging gekom het. 'n Resolusie is aanvaar waarin Suid-Afrika weens sy betrokkenheid in Angola veroordeel is en geëis is dat hy skadevergoeding aan Angola moes betaal. Die VSA, Frankryk en Brittanje het buite stemming gebly (*Pretoria News* 1976; Spies 1989:291–2).

## 5. Korttermyn- ekonomiese impak

Operasie Savannah het onvermydelik 'n negatiewe impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad weens die geweldige koste wat dit meegebring het. Dit het meer as vyf maande geduur vandat die SAW-taakmag Angola op 14 Oktober 1975 binnegedring het totdat die laaste SAW-troepe daardie land op 27 Maart 1976 verlaat het. Die 165 dae van semi-konvensionele oorlogvoering het buitengewoon hoë staatsbesteding geverg en veroorsaak dat Suid-Afrika se verdedigingsbegroting vir die 1975/76-boekjaar oorskry is.

Volgens 'n amptelike SAW-dokument, gedateer Junie 1976, het die direkte uitgawes aan die operasie ongeveer R90 miljoen bedra, waarvan die grootste gedeelte bestee is aan wapentuig, toerusting en ammunisie, die verskaffing van voorrade aan UNITA en die FNLA en salarisse en vervoer van militêre personeel (Suid-Afrikaanse Weermag 1976. Kyk ook Spies 1989:311–3; Du Preez 1989:16; Miller 2016:199). Die Hoof van die SAW, admiraal H.H. Bierman, het die bedrag later opwaarts aangepas tot R99,916 miljoen op die 1975/76-begroting plus R92,023 miljoen op die 1976/77-begroting, dus 'n totaal van ongeveer R192 miljoen (Bierman 1976a; Bierman 1976b). Destyds het 'n vierslaapkamerwoning vir 'n wit middelklasfamilie ongeveer R20 000 gekos, dus sou 9 600 sulke huise en waarskynlik tien keer meer huise in swart woongebiede gebou kon word met die geld wat aan Operasie Savannah bestee is, indien die SAW-beramings korrek was.

By die kabinetsvergadering van 2 Desember 1975 het die Kabinet besluit dat in die volgende hoofbegroting vir 'n verhoogde verdedigingsbegroting van R1 000 miljoen (R1 miljard) voorsiening gemaak moes word en dat die SAW die hoogste prioriteit moes kry in die aanvullende begroting (Kabinet 1975). Hierdie bedrag was onvoldoende om die uitgawes aan die Angolese operasie, die versterking van die SAW-teenwoordigheid in die noorde van Suidwes-Afrika en die krygstuigopgraderingsprogram te bekostig. P.W. Botha het ná raadpleging met die SAW-hoofde op 19 Januarie 1976 in die Kabinet aangedui dat R2 000 miljoen (R2 miljard) in die 1976/77-begroting nodig was om 'n redelike mate van militêre paraatheid vir die RSA in die lig van die kommunistiese bedreiging te verseker (Kabinet 1976a). Die minister van verdediging, die hoof van die SAW en die president van die Krygstuigraad het met die minister van finansies, die sekretaris van finansies en die sekretaris van die Tesourie oor die verdedigingsbegroting beraadslaag. In die lig van die geweldige druk waaronder die staatskas



in die verslegtende ekonomiese toestande verkeer het, het die Kabinet nie hul weg oop gesien om meer as R1 350 miljoen vir verdediging op die hoofbegroting in te sluit nie. Daar was die moontlikheid van addisionele fondse in die aanvullende begroting later in 1976 (Samuels 1976. Kyk ook Miller 2016:209–10).

Die Verdedigingsbeplanningskomitee, wat besig was om 'n vyfjaarplan vir die SAW op te stel, het ondersoek ingestel na watter besnoeiings gemaak kon word om die gaping tussen die beskikbare R1 350 miljoen en die benodigde R2 000 miljoen te verklein. Hulle het aanbeveel dat die benodigde bedrag tot R1 810 miljoen verminder kon word en dat die minister van verdediging by die Kabinet goedkeuring moes kry om 'n addisionele bedrag van R460 miljoen by die begrote R1 350 miljoen te voeg vir die SAW om sy “minimum operasionele verpligtinge” na te kom (Samuels 1976; Departement van Verdediging 1976; Kabinet 1976b). Daarsonder sou die SAW sy teenwoordigheid in die operasionele gebiede drasties moes afskaal, wat aan SWAPO vrye teuels vir insurgensie in die noorde van Suidwes-Afrika sou gee. Verder sou bestaande kontrakte vir die opgradering en vervaardiging van krygstuig gekanselleer en die ammunisievoorraad verminder moes word. Nasionale veiligheid sou na bewering ernstig in die gedrang kom (Botha 1976; Malan 1976a; Malan 1976b).

Die addisionele bedrag, indien dit goedgekeur word, sou verdedigingsuitgawes opstoot tot 21,9% van die totale nasionale begroting in vergelyking met 14,5% die vorige jaar (Departement van Finansies 1976:1). P.W. Botha het die versoek op 26 Mei 1976 by 'n spesiale kabinetsubkomiteevergadering voorgelê (Departement van Verdediging 1976). Hy het aan Vorster geskryf dat die addisionele geld vir verdediging noodsaaklik was omdat die paraatheid van die SAW om “intense subversie en grensinsurgensie te bekamp, asook om eskalasie na 'n streeks-konvensionele konfrontasie” die hoof te bied, 'n prioriteit vir die RSA was (Botha 1976b). Die Tesourie het aangedui dat die staat nie oor die vermoë beskik om die bedrag te verhoog nie. Hoewel die SAW daarna die addisionele bedrag waarvoor gevra is na R200 miljoen verminder het, het die armdrukkery oor die verhoging van die verdedigingsbegroting vir die grootste deel van 1976 aangehou sonder dat uitsluitel daaroor bereik is (Bierman 1976b:4–5).

In die loop van 1977 het Owen Horwood, die minister van finansies, en P.W. Botha as minister van verdediging nog erger koppe gestamp oor verdedigingsuitgawes. Botha en sy sekurokrate wou die land se militêre vermoë aansienlik versterk deur die uitbou van 'n eie krygstuig-vervaardigingsbedryf, die verlenging van verpligte militêre diensplig tot twee jaar (wat reeds in 1977 goedgekeur is en in 1978 in werking getree het) en die vergroting van die staande mag. Dit sou geweldige eise aan die skatkis stel vir addisionele befondsing. Samesprekings oor die finansiële implikasies van verhoogde verdedigingsuitgawes is tussen die Departemente van Verdediging en Finansies gevoer. Op 12 April 1977 en 16 Augustus 1977 het Botha die Kabinet ingelig oor die verdedigingsbehoefte. In die lig van die verslegtende ekonomiese posisie het die Kabinet besluit dat die Departement van Verdediging se kontantaanvraag uit die skatkis vir die volgende boekjaar tot R1 750 miljoen beperk moet word en geen oorskryding toegelaat mag word nie. Horwood het Botha per brief ingelig dat die land se beskikbare middele en ekonomiese vermoë dit onmoontlik gemaak het om al die behoeftes wat hy gestel het te vervul. Hy was bekommerd dat die “eskalerende verdedigingsrekening” die landse ekonomie 'n ernstige knou kon gee (Horwood 1977c). Hy het Vorster ook meegedeel dat die bedrag wat Botha aangevra het nie haalbaar was nie en dat dit aansienlik afgeskaal sou moes word (Horwood 1977d).

## 6. Die bydrae van verhoogde verdedigingsbesteding tot Suid-Afrika se verslegtende ekonomie in die laat 1970's

In die 1960's, die eerste dekade van die bestaan van die Republiek van Suid-Afrika, toe die ekonomiese groeikoers in Suid-Afrika rekordvlakke bereik het, het verdedigingsbesteding maar 'n geringe deel van owerheidsbesteding verteenwoordig. In die 1960/61- finansiële jaar was militêre besteding slegs R44 miljoen, 6,6% van die nasionale begroting en 0,9% van die land se bruto nasionale produk (BNP). Namate die interne en eksterne druk op apartheid van die middel 1960's af toegeneem het, het die staat meer aan verdediging begin bestee. In 1965 het verdedigingsbesteding tot 7,4% van die nasionale begroting toegeneem. Die SAW het in daardie dekade in grootte verdubbel. Krygkor het tot stand gekom en filiale daarvan het vliegtuie en gewere onder lisensie begin vervaardig. Van die 1972/73- tot die 1973/74-begrotingsjaar, toe die militêre dienspligstelsel uitgebrei is, het die verdedigingsbegroting met 41% gestyg tot R472 miljoen, wat 13,7% van die nasionale begroting en 2,6% van die BNP uitgemaak het. Militêre besteding het in 1975 tot R469 per capita van die bevolking gestyg (De Wet en Coetzee s.j.:8; Orbann 1984:31; Dunne en Vougas 1999:523; Batchelor e.a. 2002:317; De Wet en Liebenberg 2014:8; Gopaul, Van der Lingen en Oosthuizen 2024:62).

Besteding aan verdediging het in die laaste helfte van die 1970's 'n aansienlike deel van regeringsbesteding in Suid-Afrika uitgemaak. Dit word in die tabel 1 aangedui.


**Tabel 1. Suid-Afrika se besteding aan verdediging, 1974 tot 1980**

Bronne: Orbann 1984:64; De Wet en Liebenberg 2014:11

| Finansiële jaar | Verdedigings-begroting (miljoene rand) | Persentasie van nasionale begroting | Persentasie van BNP | Persentasie van jaarlikse toename |
|-----------------|----------------------------------------|-------------------------------------|---------------------|-----------------------------------|
| 1974/75         | 692                                    | 16,0                                | 3,2                 | 47                                |
| 1975/76         | 948                                    | 18,5                                | 3,7                 | 37                                |
| 1976/77         | 1 400                                  | 17,0                                | 4,1                 | 48                                |
| 1977/78         | 1 526                                  | 19,0                                | 5,1                 | 9                                 |
| 1978/79         | 1 682                                  | (15,8)                              | (3,6)               | 10,3                              |
| 1979/80         | 1 857                                  | (17,6)                              | (3,4)               | 10,4                              |

Tydens die 1970's het verdedigingsbesteding deur die Suid-Afrikaanse regering gemiddeld 3,3% van die land se bruto binnelandse produk (BBP), heelwat hoër as in die 1960's, bedra. In die middel-sewentigerjare het die Suid-Afrikaanse regering se militêre besteding aansienlik toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van Operasie Savannah. Dit het in die 1977/78-boekjaar 'n piek van meer as 5% van die BBP en 19% van die totale owerheidsbesteding bereik. Dit was die jaar toe baie wapentuig vir die SAW in die buiteland aangekoop is, voordat die VN se verpligte wapenboikot teen Suid-Afrika in werking getree het. Daarna het verdedigingsbesteding hoog gebly om aan die SAW se behoeftes te voldoen (De Wet en Coetzee s.j.:4; Batchelor e.a. 2002:317; De Wet en Liebenberg 2014:24; Gopaul e.a. 2024:64). Die grafiek in figuur 1 toon die pieke van militêre besteding in die 1970's en 1980's.

## MILITARY EXPENDITURE IN SOUTH AFRICA, 1960-2022

**Figuur 1. Militêre besteding in Suid-Afrika, 1960–2022**

Bron: TGM Statbox, World Development Indicators

Van Vuuren (2017:67) voer aan dat die jaarlikse verdedigingsbegrotings wat openbare kennis was, maar net die seekoei se oortjies was van die totale militêre besteding deur die staat, veral in die jare ná 1977 toe sanksies omseil moes word om wapentuig te bekom. Hy beweer dat daar in die besteding deur die geheime Spesiale Verdedigingsfonds, waartoe die ouditeur-generaal nie toegang gehad het nie, 'n drastiese toename van R111 miljoen in 1974 tot R1,579 miljard in 1976 en R2,577 miljard in 1977 was. Hierdie syfers kon ek nie uit ander bronne verifieer nie. In die “uiters geheime” dokumente wat ek onder oë gehad het, kon ek geen getuienis vind wat die bewerings staaf nie.

Soos reeds gemeld, was daar in 1976 en 1977, tydens en onmiddellik ná Operasie Savannah, 'n toutrekkery tussen die Departement van Verdediging en die Departement van Finansies oor hoeveel geld vir verdediging begroot kon word. Zielinski (2016) identifiseer drie maniere

waarop 'n staat buitengewone militêre besteding tydens 'n oorlog kan finansier, naamlik deur 'n heffing op belasting te plaas, lenings aan te gaan (en sodoende staatskuld te verhoog) en 'n groter geldvoorraad te skep (en sodoende inflasie te verhoog). In die geval van Suid-Afrika moes die Kabinet die finansiële noodsituasie wat as gevolg van Operasie Savannah ontstaan het, hanteer. Die minister van finansies moes addisionele fondse na die weermag kanaliseer deur 'n hertoewysing van begrotingsfondse. Volgens De Wet en Coetzee (s.j.:11) het dit beteken dat fondse wat vir onderwys, gesondheidsorg en openbare belegging geoormerk was vir militêre besteding aangewend moes word.

Die duur SAW-optrede in Angola het op 'n tydstip plaasgevind toe die Suid-Afrikaanse ekonomie in 'n resessie verkeer het. Een van die belangrikste bydraende faktore tot Suid-Afrika se ekonomiese probleme was die staat se onvermoë om die verhoging in owerheidsbesteding te beheer. Die drastiese verhoging in verdedigingsuitgawes wat deur Operasie Savannah meegebring is, het 'n groot bydrae tot verhoogde owerheidsbesteding gelewer. In die 1975/76-geldjaar het staatsbesteding met 24% toegeneem en gedurende die eerste kwartaal van 1976 was staatsuitgawes 46,2% hoër as in die ooreenstemmende kwartaal die vorige jaar (*Financial Mail* 1976; *Volkshandel* 1976b). Die bedrag wat in die 1976/77-begroting vir die Departement van Verdediging bewillig is (R1 350 miljoen) was 40% hoër as die vorige jaar en het 15% van die totale begrote staatsuitgawes en 4,1% van die BNP verteenwoordig, wat aansienlik meer as in die vroeë 1970's was (Amptelike Jaarboek 1977:339).

Buitensporige militêre besteding was net een van die verskeie faktore, wat deur Jones en Müller (1992:353) geïdentifiseer word, waardeur die Suid-Afrikaanse ekonomie verswak is. In die 1975/76- en 1977/78-boekjaar was dit weliswaar die enkele grootste faktor wat druk op die staatsfinansies geplaas het. Die dramatiese styging in verdedigingsuitgawes was een van die primêre redes waarom die Vorsterregering gesukkel het om owerheidsbesteding in bedwang te hou. Dit het weer die inflasiekoers, wat volgens Anton Rupert (1981:36) die “vyand nommer een” vir die landse ekonomie was, die hoogte laat inskiet. Terwyl anti-inflasioneêre maatreëls aan die begin van Vorster se bewind betreklik goed gewerk het en prysstygings redelik onder beheer was, het dit in die 1970's, veral weens die regering se onvermoë om owerheidsbesteding te beperk, 'n byna onstuitbare momentum opgebou en die hardnekkigste ekonomiese probleem geword. Tussen 1974 en 1978 is dubbelsyferinflasie van tussen 11 en 13,5% aangeteken (Suid-Afrikaanse Reserwebank 1976:5; Emary 1977:82; Jones 2002:27; Jones en Müller 1992:235). Die inval in Angola en die eskalerende grensoorlog was belangrike snellers van die snelstygende inflasiekoers. In die Volksraad het Vorster self erken dat “verdedigingsbesteding” bygedra het tot die styging in owerheidsbesteding (Hansard 1976b:kolom 5304).

Die internasionale literatuur oor militêre finansiering wys die nadele van oormatige verdedigingsbesteding uit. In reaksie op Emile Benoit (1973) se aanvegbare standpunt in die 1970's dat militêre besteding ekonomiese groei in minder ontwikkelde lande kan bevorder, het navorsers empiriese studies in tientalle lande gedoen om die teendeel te bewys (onder meer Looney en Frederiksen 1983 en 1986; Deger en Sen 1983; Lim 1983; Biswas en Ram 1986; Harris 1988; Grobar en Porter 1989; Looney 1991; Scheetz 1991; Azam 2020). Hoewel die situasie van land tot land verskil het, was die konsensusbevinding dat die negatiewe uitwerking van militêre besteding op ekonomiese ontwikkeling en groei die positiewe uitwerking oorskadu het. Daarom moes lande wat nie oor ruim finansiële hulpbronne beskik het nie versigtig wees om nie te groot militêre uitgawes aan te gaan nie.

In Suid-Afrika se geval kan daar min twyfel wees oor die skade wat Operasie Savannah en die regering se verhoging van verdedigingsbesteding na afloop daarvan aan die ekonomie aangerig het. 'n Komitee, wat deur die minister van finansies aangestel is om die implikasies vir die landseconomie van die verhoogde verdedigingsbegroting te ondersoek, het bevind dat die verdedigingsuitgawes die reeds sukkelende ekonomie verder gestrem het deur die betalingsbalans en die reserwes onder groter druk te plaas en die inflasiekoers verder te laat styg. Omdat buitelandse lenings moeilik bekombaar was, moes die addisionele fondse vir verdediging gefinansier word deur ander staatsdepartemente se begrotings te besnoei, deur 'n petrolheffing en deur maatskappye en individue se belastinge en leningsheffings te verhoog. Verhoging van die reeds hoë belastingkoerse sou die reeds lae ekonomiese groeikoers nog meer aan bande lê en werkloosheid laat toeneem. Die komitee het die vraag gestel of die militêre bedreiging so ernstig was dat die ekonomiese opofferings geregverdig kon word wat deur verhoogde verdedigingsbesteding genoodsaak sou word (Departement van Finansies 1976).

Omdat daar in die taai ekonomiese omstandighede nie voldoende fondse in die staat se skatkis beskikbaar was om die verhoogde verdedigingsuitgawes te finansier nie, moes onkonvensionele metodes gebruik word om addisionele fondse te genereer. Horwood het in 1976 die uitgifte van nasionale verdedigingsobligasies aangekondig, met die doel om daarmee jaarliks meer as R100 miljoen te verkry vir noodsaaklike verdedigingsuitgawes. Enige inwoner van Suid-Afrika kon die obligasies vir 'n termyn van vyf jaar in veelvoude van R50 aankoop en sou 'n stewige 9½% rente per jaar op die belegging ontvang (Horwood 1976a). Om die verdedigingsobligasies 'n aantrekliker belegging te maak en die verkope daarvan te stimuleer is bonusprystrekkings in 1977 bygevoeg, waardeur wenner van kontantpryse deur 'n rekenaar aangewys sou word. Dit het 'n hewige polemie, veral in Afrikaanse kerklike kringe, uitgelok. Sommige lidmate, predikante en kerklike liggeme het die beweerde lotery-element as strydig met die Bybel, gebooie en belydenisskrifte beskou, wat God se straf op die volk kon afbring en het die regering versoek om nie daarmee voort te gaan nie. Die Afrikaanse kerke, gemeentes en individue het die eerste minister gepeper met besware (Coetzee en Buys 1977; Potgieter 1977. Kyk ook Botes 2012:231–3). Daar was ook Christene wat die obligasies nie as 'n dobbelskema beskou het nie, maar as 'n belegging met die doel om die antichristelike aanslag teen die land af te weer (Hervormer 1977). Vorster en Horwood het kennis geneem van die besware teen die obligasies, maar besluit om voort te gaan daarmee (Weillbach 1977; Schoeman 1977). In die bemerking van die obligasies het die regering en die weermag met die slagspreuk “Belê in die veiligheid van jou land” 'n beroep op die patriotisme van landsburgers gedoen. Die skema is met 'n redelike mate van sukses voortgesit tot in die 1980's.

Operasie Savannah het die Suid-Afrikaanse ekonomie nie slegs aan die uitgawekant van die begroting benadeel nie, maar ook aan die inkomstekant deurdat dit bygedra het tot 'n afname van buitelandse beleggings in die land. Die konflik in Angola het die streek gedestabiliseer en die risiko vir buitelandse beleggers in Suid-Afrika verhoog. Dit was een van 'n reeks optredes van die regering tussen 1975 en 1977 (die ander het die Soweto-oproer en die dood van Steve Biko in aanhouding ingesluit) wat 'n negatiewe beeld van Suid-Afrika by buitelandse beleggers geskep het en skietgoed aan anti-apartheidsorganisasies gegee het. Dié organisasies se veldtogte vir boikotte en sanksies teen Suid-Afrika, wat al in die 1960's begin het, het 'n hupstoot gekry. Die databasis van anti-apartheidsorganisasies se disinvesteringveldtog teen Suid-Afrika dui aan dat verskeie plaaslike veldtogte in die VSA, Brittanje en ander lande in 1977 en 1978 afgeskop het (Lakey 2011). Intense internasionale veroordeling van apartheid het politieke risiko vir potensiële beleggers ingehou en die beleggingsklimaat negatief beïnvloed deur buitelandse



maatskappye te ontmoedig om in Suid-Afrika te belê. Omdat dit al moeiliker geword het om nuwe beleggings te lok het dit die apartheidsregime se isolasie vererger (Knight 1990).

## 7. Ekonomiese naweë van Operasie Savannah in die langer termyn

Operasie Savannah was 'n ekonomiese terugslag wat plaasgevind het in 'n tyd van wêreldwye resessie. Soos hier bo aangedui het dit gelei tot 'n proses binne die Kabinet wat die drastiese eskalering van militêre uitgawes aan die gang gesit het. Die vergrote besteding aan verdediging het nie alleen daartoe bygedra dat die Suid-Afrikaanse ekonomie traag gereageer het op die ekonomiese oplewing in die Weste gedurende 1976 nie (*Volkshandel* 1976a), maar het saamgeval met die aanvang van die dekade lange afwaartse spiraal van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Op ekonomiese gebied het die voorspoedgolf, wat in die sestigerjare 'n hoogtepunt bereik het, in die sewentiger- en tagtigerjare vir Suid-Afrika tot 'n einde gekom. Statistiek toon aan dat die ekonomiese groeikoers in die 1970's gehalveer is in vergelyking met die 1960's. In die 1970's het die BBP met gemiddeld 4% per jaar gestyg, teenoor die 8,8% in die 1960's. Van 3,4% in die 1960's het die jaarlikse toename in die BBP per capita gedaal tot 0,7% in die 1970's (Suid-Afrikaanse Reserwebank 1975:5, 1976:5 en 1977:6; Jones en Müller 1992:233).

Die toename in militêre besteding weens die Angolese konflik het bygedra tot oormatige owerheidsbesteding, wat inflasionêre druk en die betalingsbalanstekort laat toeneem het (Feinstein 2005:188; Jones 2002:3–4). Die goudmynbedryf het gehelp om die betalingsbalansprobleem binne perke te hou deur weens die skerp styging in die goudprys genoeg buitelandse valuta te verdien (Houghton 1973:275, 277; Duggan 1973:93, 94; Feinstein 2005:190). Invoere het buite verhouding tot uitvoere gestyg, wat tot groeiende tekorte op die lopende rekening, R1,616 miljard in 1975, gelei het (Wright 1977:322). Die Angolese inval en die voortgesette militêre konflik daarna en die onsekere veiligheidsituasie in Suider-Afrika het Suid-Afrika se kredietwaardigheid benadeel en dit vir die regering moeiliker gemaak om buitelandse investering te werf en om lenings by oorsese banke teen gunstige terme te bekom (Horwood 1976b; De Wet, Van Zyl en De Kock 1977:2, 10; Jones en Müller 1992:300, 302, 341–2; Feinstein 2005:188). Buitelandse beleggingsadviseurs het bevestig dat die Suider-Afrikaanse konflik beleggersvertroue gedemp het (Baxter 1976:3, 5, 8). Vlug van kapitaal uit die land uit en die instelling van sanksies teen die land het gedreig. In 1976 het R654 miljoen se korttermynkapitaal uit die land gevloei (Horwood 1977b:13; Dagut 1977:75).

Omdat die regering sakevertroue nie wou ondermyn nie, het Vorster deurgaans in openbare toesprake 'n rooskleurige prentjie van die Suid-Afrikaanse ekonomie bly skilder. In 1974 kon hy nog spog dat daar min lande in die wêreld was wat by Suid-Afrika kon kers vashou wat betref ekonomiese stabiliteit, 'n sterk geldeenheid en goeie beleggingsmoontlikhede. Hy het daarop aanspraak gemaak dat die landse ekonomie kerngesond was (Hansard 1974; Vorster 1974:15). Selfs nog in Januarie 1976, te midde van die Angolese krisis, het Vorster in die Volksraad gesê dat “Suid-Afrika se ekonomie as gesond en sterk beskou kan word”, dat die land steeds “een van die beste beleggingsvelde van die wêreld” was en dat die ekonomiese grafiek “steeds opwaarts” geneig het (Hansard 1976a). Teen middel 1976 was die ekonomiese vooruitsigte nie langer gunstig nie en het die Reserwebank rapporteer dat die land se ekonomie gebuk gaan onder 'n lae groeikoers, 'n ongunstige betalingsbalans en 'n hoë inflasiekoers (Suid-Afrikaanse Reserwebank 1976:5). Ekonomie het die pessimisme oor die verslegtende Suid-Afrikaanse ekonomie gedeel (Emary 1977:82; Feinstein 2005:201–2; De Wet, Van Zyl



en De Kock 1977:2, 10). Vorster het die ekonomiese probleme toegeskryf aan “gebeure in suidelike Afrika” en “die herhaaldelike verhoging van brandstofpryse” (Hansard 1977). Drastiese stappe het nodig geword om owerheidsbesteding te verminder. Op aanbeveling van ’n interdepartementele komitee, wat ondersoek ingestel het na openbare kapitaalbestedingsprogramme, het die regering staatsdepartemente aan die begin van 1977 opdrag gegee om hul begrotings met 4% te besnoei ten einde ongewilde drastiese belastingverhogings te vermy (Kabinet 1977; Horwood 1977a; Horwood 1977b).

Hier bo het ek uiteengesit hoe P.W. Botha, wat as minister van verdediging in 1975 die voorste pleitbesorger vir die loodsing van Operasie Savannah was, die ongunstige uitkoms van die operasie in 1976 en 1977 aangewend het as hefboom om meer begrotingsgeld te kry om die weermag se kapasiteit en paraatheid vir die afwering van bedreigings teen die staat te verbeter. Botha het geglo dat die RSA ’n teiken in die Sowjetstrategie van wêreldoorheersing tydens die Koue Oorlog was en dat die Kremlin die swart bevrydingsbewegings as pionne gebruik het om Suider-Afrika vir die kommunisme in te palm. Die land was na sy mening in ’n oorlog met eksterne en interne vyande gewikkel, ’n teeninsurgensie-oorlog wat die potensiaal gehad om te verhewig tot ’n konvensionele oorlog. Beïnvloed deur Beaufre se opvattinge oor teen-revolusionêre strategie het Botha die denkbeeld van ’n totale aanslag op die staat deur die kommuniste en terroriste, wat deur ’n totale strategie vanuit al die staat se magsbasisse afgeweer moes word, geformuleer. Hy het reeds in die 1975-verdedigingswitskrif daarna verwys (Van den Berg 2021:45), maar dit in die 1977-verdedigingswitskrif in meer besonderhede uitgespel as die grondslag vir die uitbou van die land se militêre vermoë (Van den Berg 2021:51 e.v.). In dié strategie sou die weermag die leidende rol speel en dit moes voldoende befonds word om hierdie rol te vervul. Die toepassing van die totale strategie het die politieke invloed van die militêre sektor, onder meer as oorheersende deelnemer aan die Staatsveiligheidsraad, versterk. Die samelewing is toenemend gemilitariseer (Prinsloo 1997:63, 133; Van den Berg 2021:5, 15; Gopaul e.a. 2024:64).

In 1978 het Botha vir Vorster as eerste minister opgevolg. Hy het nog vir twee jaar ook die minister van verdediging gebly, voordat hy in 1980 vir generaal Magnus Malan in die pos aangestel het. Met hierdie twee “sekurokrate” aan die spits was dit logies dat verdediging in die 1980’s ’n prioriteit vir die regering sou bly. Botha, Malan en hul militêre medewerkers het daarop gefokus om die SAW tot so ’n mate te versterk dat dit enige bedreiging vir staatsveiligheid sou kon afweer (Van den Berg 2021:4). Hulle het die SAW se staande mag vergroot. Die slaanekrag van die verskillende komponente van die weermag, die leër, die lugmag en die vloot, het in die 1980’s ’n piek bereik. Hulle het ook die militêre dienspligstelsel aansienlik uitgebrei en die kommandostelsel uitgebou. Teen 1985 het die burgermagreserwe van opgeleide troepe, wat beskikbaar was om vir ’n noodsituasie op te roep, tot meer as 400 000 aangegroei (De Wet en Liebenberg 2014:9).

Tot voor die inwerkingtreding van die VN se verpligte wapenboikot teen Suid-Afrika in 1977 kon die SAW wapenstelsels, byvoorbeeld die Franse Mirage F1-vegvliegtuie, in die buiteland aankoop (Dyason 2000). Daarna moes die weermag selfvoorsienend word wat wapentuig betref. As krygstuigvervaardiger het Krygkor die hoofrolspeler in die plaaslike wapenbedryf geword en skouspelagtig vooruitgegaan. Wetenskaplikes en ingenieurs het bygedra tot die diversifisering van die wapenvervaardigingsbedryf, wat onder meer vuurwapens, ammunisie, militêre voertuie, elektroniese toerusting en missiele vervaardig het. Op sy hoogtepunt was Krygkor een van die grootste nywerheidsondernemings in die land, wat oor nege vervaardigingsaanlegte en talle kontrakteurs en subkontrakteurs beskik het, 130 000 werkers direk en indirek in

diens gehad het en bates van R1 600 miljoen beheer het (Campbell 1987:476; De Wet en Liebenberg 2014:9; Matthews en Kok 2021:253; Gopaul e.a. 2024:63, 64).

Van den Berg (2021) het die gereelde verdedigingswitskrifte tussen 1969 en 1989 ontleed. Sy kom, in teenstelling met ander navorsers wat die militarisering van die Suid-Afrikaanse staat negatief beoordeel, tot die gevolgtrekking dat die uitbouing van die SAW en Krygkor 'n merkwaardige prestasie was.

Operasioneel was die SAW bedrywig. In die 1980's het die weermag talle oorgrensoperasies, altesame meer as 50 daarvan tussen 1975 en 1989 (Van den Berg 2021:152–3), as voor-komende aanvalle teen die bevrydingsbewegings se basisse in Angola, Mosambiek en Zambië uitgevoer. Daarbenewens was daar ook kleiner spesiale taakmagoperasies in Lesotho, Botswana en Swaziland. Verder is die SAW ook tydens die noodtoestand sedert 1985 aangewend om die binnelandse onrus in swart woongebiede te onderdruk.

Sowel die uitbou van militêre kapasiteit en paraatheid as die teeninsurgensie-operasies het baie geld gekos. Soos in die laaste helfte van die 1970's het verdedigingsbesteding in die 1980's 'n aansienlike deel van totale owerheidsbesteding in Suid-Afrika uitgemaak. Dit het tussen 1978 en 1981 afgeplat, maar daarna jaarliks gestyg tot 'n piek van 3,4% van BBP en 14% van totale owerheidsbesteding aan die einde van die 1980's (De Wet en Coetzee s.j.:4; Batchelor e.a. 2002:317; De Wet en Liebenberg 2014:24). Volgens GlobalSecurity.org (s.j.) was Suid-Afrika se verdedigingsbesteding in die 1980's gemiddeld 16,4% van die nasionale begroting en het dit toegeneem van R1 miljard in 1975 tot R9,4 miljard in 1989 (kyk ook SIPRI 2026). Die amptelike syfers oor militêre besteding, wat deur die Reserwebank uitgereik is, verskyn in tabel 2.

**Tabel 2. Suid-Afrika se besteding aan verdediging, 1980 tot 1989**

Bron: De Wet en Liebenberg 2014:11 (SARB-statistieke)

| Kalenderjaar | Verdedigings-begroting (miljard rand) | Persentasie van nasionale begroting | Persentasie van BNP | Persentasie van jaarlikse toename |
|--------------|---------------------------------------|-------------------------------------|---------------------|-----------------------------------|
| 1980         | 2,134                                 | 17,6                                | 3,4                 | 27,8                              |
| 1981         | 2,514                                 | 17,5                                | 3,5                 | 17,8                              |
| 1982         | 2,871                                 | 16,7                                | 3,5                 | 14,2                              |
| 1983         | 3,195                                 | 15,5                                | 3,4                 | 11,3                              |
| 1984         | 3,386                                 | 14,1                                | 3,1                 | 6,0                               |
| 1985         | 3,998                                 | 13,7                                | 3,1                 | 18,1                              |
| 1986         | 4,475                                 | 12,7                                | 3,0                 | 11,9                              |
| 1987         | 5,814                                 | 13,5                                | 3,3                 | 29,9                              |
| 1988         | 7,064                                 | 13,9                                | 3,3                 | 21,5                              |
| 1989         | 8,542                                 | 14,0                                | 3,4                 | 20,9                              |

Van Vuuren (2017:67) meen dat hierdie syfers 'n onderskatting van die werklike uitgawes aan verdediging is. Volgens sy ongeverifieerde syfers het die besteding via die geheime Spesiale Verdedigingsfonds gestyg tot R5,598 miljard in 1980, R14,191 miljard in 1985 en R32,580 miljard in 1989.

Omdat die verdedigingsbegroting tot soveel as 'n sesde van die nasionale begroting opgeslurp het, moes fondse wat vir maatskaplike ontwikkeling gebruik sou kon word, na militêre besteding gekanaliseer word. Gopaul e.a. (2024:11) bevind: “the construction of an autarkic defence industrial complex [...] drained the South African revenue streams that could have been used for social development projects”. Sean Archer (aangehaal in Welsh 2009:254) het gesê “defence expenditure [...] constrains sources of economic expansion”.

Besteding aan verdediging is verhoog terwyl die Suid-Afrikaanse ekonomie verder verswak het en deur sanksies en disinvestering onder groot druk gekom het. Toe oorsese banke in 1985 weier om korttermynlenings aan die RSA te herno, het 'n likiditeitskrisis veroorsaak dat die rand se waarde met 50% getuimel het. Die land se BBP-groeikoers het in die 1980's gedaal tot gemiddeld slegs 1,5% per jaar (De Wet en Liebenberg 2014:10).

Ekonomie het ekonometriesse instrumente gebruik om die invloed van militêre besteding op die Suid-Afrikaanse ekonomie te probeer bepaal. Hulle het aangedui dat onvolledige gegewens oor die omvang van militêre besteding dit moeilik maak om hierdie invloed kwantitatief noukeurig te bepaal. Tog was die konsensus onder die navorsers dat die hoë verdedigingsuitgawes die ekonomie negatief beïnvloed het. Dunne en Vougas (1999:536) het met Granger-kousaliteitstoetse binne die VAR-model (“vector autogression”) bewyse gevind dat militêre besteding in Suid-Afrika tussen 1964 en 1996 'n betekenisvolle negatiewe impak op ekonomiese groei gehad het. Dunne, Nikolaidou en Roux (1999:11), met behulp van 'n Keynesiaanse SEM (“simultaneous equation model”) en Aye, Balcilar, Dunne, Gupta en Van Eyden (2014:14) het tot dieselfde gevolgtrekking gekom.

Die buitengewoon hoë koste aan verdediging, wat in 1975 deur Operasie Savannah aan die gang gesit is en tot aan die einde van die apartheidsera voortgeduur het, was dus 'n belangrike faktor in die afwaartse spiraal van die landse ekonomie.

## **8. Ekonomiese druk as faktor in F.W. de Klerk se beëindiging van apartheid**

Toe verdedigingsbesteding 14 jaar na die aanvang van Operasie Savannah 'n hoogtepunt en die SAW die toppunt van sy militêre vermoë bereik, het F.W. de Klerk in 1989 by P.W. Botha oorgeneem as regeringshoof.

In daardie stadium was die land se ekonomie vasgevang in 'n korttermynresessie en 'n langtermyn- afwaartse spiraal (Innes en Gelb 1987:545). Afname in buitelandse beleggings in Suid-Afrika, wat in die 1970's momentum begin kry het, het van 1985 af, in reaksie op die verset teen apartheid in swart woongebiede en die regering se instelling van 'n noodtoestand om die verset te onderdruk, geëskaleer tot disinvestering deur 'n groeiende aantal maatskappye. In die VSA het geloofsgebaseerde organisasies korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid die fokus van hul disinvesteringveldtog gemaak. Tussen 1985 en 1990 het meer as 200 Amerikaanse ondernemings hul bande met Suid-Afrika verbreek. Banke se weiering om verdere lenings aan die apartheidstaat toe te staan en hul besluit om nie bestaande lenings om te rol nie het 'n ekonomiese krisis veroorsaak (Knight 1990).

Volgens die destydse regeringsleiers was die ekonomie nie op die rand van ineenstorting nie, maar dit het vir die meeste van hulle duidelik geword dat apartheid nie ekonomies volhoubaar was nie. Tot 1985 was dit nog moontlik om effektiewe teenvoeters vir die impak op die landse ekonomie van verhoogde militêre besteding te vind deur byvoorbeeld belastinge te verhoog. Om

die bedreiging van 'n vlug van kapitaal, wat tot die ineenstorting van die ekonomie kon lei, die hoof te bied, was daar net een opsie, naamlik om die oorsaak daarvan, die apartheidsbeleid, te laat vaar. Die oplaaiende druk op die apartheidsbestel in die vorm van ekonomiese sanksies, disinvestering en ander vorme van eksterne internasionale druk, binnelandse verset en 'n afname in steun onder jong wit mans vir militêre diensplig het De Klerk voor 'n keuse gestel. Hy kon sy regering teen die groeiende binne- en buitelandse druk in laat ingrawe om apartheid met mag in stand te probeer hou of hy moes aanvaar dat die tyd aangebreek het om apartheid af te takel (Hartley 2021). De Klerk het laasgenoemde opsie gekies en in 'n parlementêre toespraak gesê dat sy doel 'n totaal veranderde nuwe Suid-Afrika was (Hansard 1989).

De Klerk se verhouding met die SAW was fundamenteel verskillend van dié van sy voorganger. Hoewel daar steeds “sekurokrate”, soos Magnus Malan, in sy Kabinet was, het hy weggedoen met die deurslaggewende rol kragtens die “totale strategie”-benadering wat militêre en veiligheidsoorwegings in die Staatsveiligheidsraad tot in daardie stadium in regeringsbesluitneming gespeel het (Kotze 2020).

F.W. de Klerk het in die rigting van onderhandeling vir 'n nuwe politieke bedeling beweeg. Vir hom was die ekonomiese toestand en vooruitsigte van die land 'n belangrike oorweging waarom 'n nuwe bedeling noodsaaklik geword het. Toe hy die leisels oorneem, het hy gesê dat een van die dringendste uitdagings “die verbetering van die haglike toestand van ons ekonomie” was (F.W. de Klerk 1998:172). 'n Deel van sy bekende parlementêre toespraak op 2 Februarie 1990 het hy aan die ekonomie gewy. Hy het verklaar: “'n Nuwe Suid-Afrika kan slegs tot stand kom as dit gerugsteun word deur 'n gesonde, groeiende ekonomie” (aangehaal in W. de Klerk 1991:46). Hy het hoë inflasie en hoë staatsuitgawes (waarvan verdedigingsbesteding 'n deel was) as twee van die ekonomiese knelpunte uitgewys en gesê dat die ekonomie herstruktureer moes word.

In die diskoers oor die naderende einde van apartheid het die nadelige ekonomiese impak van militêre besteding ook ter sprake gekom. Kritici van die regime het die militêre sektor, insluitende die SAW en Krygkor, bestempel as 'n destruktiewe mag in Suider-Afrika (Campbell 1987:468–92). In daardie tyd van enorme ekonomiese druk op die NP-regering, het professor Michael Savage, sosioloog van die Universiteit van Kaapstad, 'n berekening probeer doen van die koste van apartheid. Hy het sewe komponente van die koste van apartheid onderskei, waaronder “enforcements costs”, wat onder meer die besteding aan verdediging om die apartheidstaat in stand te hou ingesluit het. Hy het verklaar: “South Africa must first reach a domestic political accommodation, only then will its economic potential be able to be harnessed for the benefit of its people” (Savage 1987:621. Kyk ook Welsh 2009:252).

## 9. Gevolgtrekking

My argument is dat daar 'n oorsaaklike verband gelê kan word tussen Operasie Savannah in 1975/76 en F.W. de Klerk se besluit in 1990 om vir die beëindiging van apartheid te onderhandel. Hierdie verband het te doen met die druk wat militêre besteding op die ekonomiese volhoubaarheid van die apartheidstelsel geplaas het. Ek het in die artikel aangetoon dat in die tydperk tussen Operasie Savannah en die beëindiging van die apartheidsbedeling 'n groot deel, tot soveel as 'n sesde, van die totale nasionale begroting jaarliks aan die verdedigingsbegroting bestee is om die RSA se militêre vermoë teen eksterne en interne veiligheidsbedreigings vir

die staat te versterk. Dit was net een van verskeie faktore wat die afwaartse spiraal van die landse ekonomie versnel het, maar dit was 'n belangrike sneller van oormatige owerheidsbesteding wat die inflasiekoers die hoogte laat inskiet het. Dat die militêre besteding 'n nadelige effek op die landse ekonomie gehad het, word bevestig in ekonometriese studies deur ekonome. Die “haglike toestand” van die Suid-Afrikaanse ekonomie teen die laat 1980's was een van die primêre oorwegings vir De Klerk se besluit om te begin onderhandel vir die beëindiging van apartheid.

Kort voor die SAW se inval in Angola in Oktober 1975 het eerste minister Vorster met sy détente-inisiatief om die Rhodesiese en Suidwes-Afrikaanse vraagstukke te probeer oplos die toppunt van sy bewind bereik en 'n redelike mate van aansien as 'n staatsman verwerf. Sy en P.W. Botha se besluit om Operasie Savannah te magtig was 'n oordeelsfout en na my mening die begin van die einde van apartheid. Vorster het in die 1976-wantrouedebat gesê hy aanvaar “volle verantwoordelikheid” vir die inval in Angola (Hansard 1976a:kolom 373). Operasie Savannah het oorwegend negatiewe politieke, diplomatieke en ekonomiese gevolge gehad en was een van die grootste oordeelsfoute van Vorster se termyn. Dit en ander gebeure in die volgende twee jaar, die Soweto-opstand in 1976 en die dood van Steve Biko in aanhouding in 1977, het anti-apartheidsaktiviste se aandrang op die isolasie van die apartheidstaat versterk, het binne- en buitelandse druk op die RSA aangewakker en was opeenvolgende stappe in die geleidelike aftakeling van apartheid.

Dit sal interessant wees om die rol van Operasie Savannah as 'n keerpunt in die Suid-Afrikaanse apartheidsgeskiedenis te vergelyk met die effek wat die Russiese betrokkenheid in die Angolese oorlog moontlik op die uiteindelijke val van die Sowjetunie gehad het. Dit was, afgesien van die Kubaanse missielkrisis, die eerste keer dat die Sowjetunie tydens die Koue Oorlog by 'n militêre intervensie in 'n streek ver weg van sy onmiddellike invloedssfeer betrokke geraak het en hierdie tussenkoms het vir 'n paar dekades voortgeduur terwyl die Angolese Burgeroorlog voortgesleep het. Verskeie publikasies handel oor die effek van militêre besteding op die Sowjetunie se ekonomie (Central Intelligence Agency 1975; Westad 1996/7:21, 29; Gaidar 2007; Zubok 2009; Ray s.j.). Hulle bereken dat die Sowjetunie jaarliks tussen 10 en 20% van die staat se BBP aan militêre besteding afgestaan het, wat allerlei ekonomiese probleme veroorsaak het en 'n onvolhoubare ekonomiese las veroorsaak het. Dit was een van verskeie faktore wat 'n rol in die val van die Sowjetryk gespeel het. Militêre besteding het 'n stelsel vol interne swakhede, soos 'n fundamenteel ondoeltreffende bevels-ekonomie, ideologiese onbuigsaamheid en 'n gebrek aan politieke verantwoordbaarheid, verder verswak. Gorbatsjof se hervormings was 'n reaksie op hierdie onvolhoubare situasie en het uiteindelik die ineenstorting versnel deur lank onderdrukte ekonomiese probleme en politieke ontevredenheid na die oppervlak te laat kom. Die koste van intervensies in Koue Oorlog-konflikte in verskillende wêrelddele het saam met die koste van die supermoondhede se wapenwedloop die Sowjetekonomie onder druk geplaas. Die Sowjetbetrokkenheid by die Angolese oorlog, wat militêrgesproke suksesvol verloop het, was net een van hierdie konflikte en was dalk nie so deurslaggewend soos die Afghaanse oorlog nie, maar dit het tog in 'n mate bygedra tot die uiteindelijke val van die Sowjetryk in dieselfde tyd toe apartheid in Suid-Afrika beëindig is. Daar is ooglopende ooreenkomste (maar natuurlik ook verskille) tussen die effek wat intervensie in die Angolese oorlog op die lotgevalle van Suid-Afrika en die Sowjetunie gehad het.

My gevolgtrekking, op grond van die feitlike gegewens oor die ekonomiese en politieke impak van die militarisering van die Suid-Afrikaanse samelewing tydens die bewinde van Vorster en Botha wat in hierdie artikel beredeneer is, is dat die “ligte mistyk” van die SAW se inval in



Angola in 1975 in die kort, medium en lang termyn ernstige gevolge vir die RSA meegebring het en selfs betekenisvolle rimpelings buite die Suider-Afrikaanse sfeer veroorsaak het.

## Bibliografie

- Amptelike Jaarboek. 1977. *Suid-Afrika 1977: Amptelike jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika*. Pretoria: Departement van Inligting.
- Arnold, G. 1976. *The last bunker: A report on white South Africa today*. Londen: Quartet Books.
- Aye, G.C., M. Balcilar, J.P. Dunne, R. Gupta en R. van Eyden. 2014. Military expenditure, economic growth and structural stability: A case study of South Africa. *Defence and Peace Economics*, 25(6):619–33.
- Azam, M. 2020. Does military spending stifle economic growth? The empirical evidence from non-OECD countries. *Heliyon*, 6:1–10.
- Azevedo, M.J. 1980. A sober commitment to liberation? Mozambique and South Africa 1974–1979. *African Affairs*, 79(317): 567–84.
- Barber, J. en J. Barratt. 1990. *South Africa's foreign policy: The search for status and security 1945–1988*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Batchelor, P., P. Dunne en G. Lamb. 2002. The demand for military spending in South Africa. *Journal of Peace Research*, 39(3):315–30.
- Benoit, E. 1973. *Defense and economic growth in developing countries*. Lexington, Massachusetts: Lexington Books.
- Biswas, B. en R. Ram. 1986. Military spending and economic growth in less developed countries: An augmented model and further evidence. *Economic Development and Cultural Change*, 34(2):361–72.
- Borosage, R., C. Cox, D. Klaus, C. Macy en J. Marks. 1975. CIA's secret war in Angola. Intelligence Report 1(1). Washington D.C.: Center for National Security Studies.
- Botes, D.H. 2012. Die N.G. Kerk as profeet teenoor die Suid-Afrikaanse regering (1902–2002): 'n Kerk-historiese perspektief. D.Th.-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat.
- Breytenbach, J. 2014. *Forged in battle*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Bridgland, F. 1986. *Jonas Savimbi: A key to Africa*. Johannesburg: Macmillan.
- Campbell, H. 1987. The dismantling of the apartheid war machine. *Third World Quarterly*, 9(2):468–92.



- Castelo, C. 2014. “Novos Brasis” em África. Desenvolvimento e colonialismo português tardio (“Nuwe Brasiliës” in Afrika. Ontwikkeling en laat Portugese kolonialisme). *Varia Historia*, 30(53):507–32.
- Castro, F. 1989. Cuba responds to the invasion of Angola. In Deutschmann (red.) 1989:61–8.
- Central Intelligence Agency. 1975. The economic impact of Soviet military spending. Intelligence report ER IR 75.3. Langley, Virginia: CIA Directorate of Intelligence.
- . 1977. Soviet and Cuban intervention in the Angolan Civil War. Memorandum. Langley, Virginia: CIA Directorate of Intelligence.
- Congressional Quarterly*. 1977. Historic documents of 1976:72–156.
- Dagut, J.L.R. 1977. Vital fifteen years. In Wright (red.) 1977.
- Davis, N. 1978. The Angola decision of 1975: A personal memoir. *Foreign Affairs*, 57(1):109–24.
- Deger, S. en S. Sen. 1983. Military expenditure, spin-offs and economic development. *Journal of Development Economics*, 13:67–83.
- Department of State Bulletin. 1977. Vol. LXXVI, No. 1960, 17 Januarie.
- Deutschmann, D. (red.). 1989. *Changing the history of Africa*. Melbourne: Ocean Press.
- De Klerk, F.W. 1998. *Die laaste trek – ’n nuwe begin*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- De Klerk, W. 1991. *F.W. de Klerk: Die man en sy tyd*. Kaapstad: Tafelberg.
- De Sá, T.M. en A. Cruz. 2011. *Americanos e a Descolonização de Angola* (Amerikaners en die dekolonisasie van Angola). Lissabon: Leya.
- De Villiers, D. en J. de Villiers. 1984. *PW*. Kaapstad: Tafelberg.
- De Wet, F. en I. Liebenberg. 2014. Ideologies (new), economics, defence and people: Five decades in the state of South Africa. *Politeia*, 33(1):3–34.
- De Wet, G.L, J.C. van Zyl en G.P.C. de Kock. 1977. Die ekonomiese kredietwaardigheid van Suid-Afrika. Fokus op ekonomiese kernvrae nr. 17. Johannesburg: Mercabank.
- De Wet, H.F. en C.E. Coetzee. s.j. South African defence expenditure in the 20th century. <https://econwpa.ub.uni-muenchen.de/econ-wp/othr/papers/0205/0205003.pdf>.
- Duggan, W.R. 1973. *A socioeconomic profile of South Africa*. New York: Praeger.
- Dunne, P., E. Nikolaidou en A. Roux. 1999. Defence spending and economic growth in South Africa: A supply and demand model. Dokument vir ’n projek getitel “Defence, industrial restructuring, conversion and economic growth in South Africa” befonds deur die Leverhulme Trust.

Dunne, P. en D. Vougas. 1999. Military spending and economic growth in South Africa. *Journal of Conflict Resolution*, 43(4):521–37.

Du Plessis, A.H. s.j. Volgens ek onthou: Outobiografiese vertelling en beskouinge (ongepubliseerde manuskrip).

Du Preez, M. 2009. *Dwars: Mymeringe van 'n gebleikte Afrikaan*. Kaapstad: Zebra Press.

Du Preez, S. 1989. *Avontuur in Angola: Die verhaal van Suid-Afrika se soldate in Angola 1975–1976*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Du Toit, Z.B. 2006. Kissinger se rol in SA sake onthul. *Rapport*, 18 Junie, bl.20.

Dyason, A. 2000. Dassault Mirage F1 AZ/CZ. IPMS SA Media Group. <https://artmandelta.com/wp-content/uploads/2024/12/IPMSSA-Dassault-Mirage-F1AZ-CZ-Anton-Dyason.pdf>.

Edgar, R.E. (red.). 1990. *Sanctioning apartheid*. Trenton, New Jersey: African World Press. <https://richardknight.homestead.com/files/uscorporations.htm> (2 April 2026 geraadpleeg).

Ellis, S. 2012. *External mission: The ANC in exile, 1960–1990*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.

Emary, F.E. 1977. Free Market Foundation. In Wright (red.) 1977:824.

Feinstein, C.H. 2005. *An economic history of South Africa: Conquest, discrimination and development*. Cambridge: Cambridge University Press.

Ferreira, R. en I. Liebenberg. 2006. The impact of war on Angola and South Africa: Two southern African case studies. *Southern Journal for Contemporary History*, 31(3):42–73. <https://doi.org/10.38140/sjch.v31i3.538> (2 April 2026 geraadpleeg).

*Financial Mail*. 1976. 2 April.

Gaidar, E.T. 2007. *Collapse of the empire: Lessons for modern Russia*. Washington, D.C.: Brookings Institution Press.

Gehler, M., R. Rollinger en P. Strobl (reds.). 2022. *The end of empires. Studies in universal and cultural history*. Wiesbaden: Springer. [https://doi.org/10.1007/978-3-658-36876-0\\_23](https://doi.org/10.1007/978-3-658-36876-0_23) (2 April 2026 geraadpleeg).

Geldenhuys, J. (samest.). 2011. *Ons was daar – herinneringe van die weners van die oorlog om Suid-Afrika*. Pretoria: Kraal Uitgewers.

George, E. 2005. *The Cuban intervention in Angola, 1965–1991: From Che Guevara to Cuito Cuanavale*. Londen: Frank Cass.

George, J.P. 2023. *O império às costas: Retornados, racismo e pós-colonialismo* (Die ryk agter die rug – teruggekeerdes, rassisme en postkolonialisme). Lissabon: Objectiva.

Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners: 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.

Gleijeses, P. 1996/7. Havana's policy in Africa, 1959–76: New evidence from Cuban archives. *Cold War International History Project Bulletin*, 8/9:5–20. (Uitgegee deur Woodrow Wilson International Center for Scholars, Washington, D.C.).

—. 2002. *Conflicting missions: Havana, Washington and Africa, 1959–1976*. Chapel Hill: Duke University Press.

—. 2006. Moscow's Proxy? Cuba and Africa 1975–1988. *Journal of Cold War Studies*, 8(4):98–146.

GlobalSecurity.org. s.j. South Africa: Military spending. <https://www.globalsecurity.org/military/world/rsa/budget.htm> (2 April 2026 geraadpleeg).

Gopaul, K., E. van der Lingen en R. Oosthuizen. 2024. Reflecting on the rise and decline of the South African defence industry. *Scientia Militaria*, 52(1):59–86.

Grobar, L.M. en R.C. Porter. 1989. Benoit revisited: Defense spending and economic growth in LDCs. *Journal of Conflict Resolution*, 33(2):318–45.

Guimarães, F. 1992. The origins of the Angolan Civil War: International politics and domestic political conflict 1961–1976. D.Phil.-proefskrif, University of London.

Harris, G. 1988. Economic aspects of military expenditures in developing countries: A survey article. *Contemporary Southeast Asia*, 10(1):82–102.

Hartley, R. 2021. Apartheid-era's last president, FW de Klerk, was a man at war with his history. The Brenthurst Foundation. <https://www.thebrenthurstfoundation.org/news/apartheid-eras-last-president-fw-de-klerk-was-a-man-at-war-with-his-history/> (2 April 2026 geraadpleeg).

*Hervormer*. 1977. No. 120, April.

Houghton, D.H. 1973. *The South African economy*. 3de uitgawe. Kaapstad: Oxford University Press.

Innes, D. en S. Gelb. 1987. Towards a democratic economy in South Africa. *Third World Quarterly*, 9(2):545–82.

Jaster, R.S. 1988. *The defence of white power: South African foreign policy under pressure*. Houndmills Basingstoke: Macmillan.

John, N. 2002. South African intervention in the Angolan Civil War, 1975–1976: Motivations and implications. M.A.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad.

Johnson, P. en D. Martin. 1989. *Apartheid terrorism: The destabilization report*. Londen: Commonwealth Secretariat.

- Jones, S. (red.). 2002. *The decline of the South African economy*. Cheltenham: Edward Elgar.
- Jones, S. en A. Müller. 1992. *The South African economy, 1910–90*. Basingstoke: Macmillan.
- Klinghoffer, A.J. 1980a. *The Angolan War: A study in Soviet policy in the Third World*. Boulder, Kolorado: Westview Press.
- . 1980b. The Soviet Union and Angola. Strategic issues research memorandum. Carlisle Barracks, Pennsylvania: US Army War College, Strategic Studies Institute.
- Knight, R. 1990. Sanctions, disinvestment, and U.S. corporations in South Africa. In Edgar (red.) 1990.
- Kotze, D. 2020. F.W. de Klerk made a speech 31 years ago that ended apartheid: Why he did it. *The Conversation*. <https://theconversation.com/fw-de-klerk-made-a-speech-31-years-ago-that-ended-apartheid-why-he-did-it-130803> (2 April 2026 geraadpleeg).
- Labuschagne, B. 2009. South Africa's intervention in Angola: Before Cuito Cuanavale and thereafter. M.A.-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Lakey, G. 2011. South Africa Apartheid Divestment Movement (1970s–1980s). Swarthmore College, The Global Nonviolent Action Database. <https://nvdatabase.swarthmore.edu/category/wave-campaigns/south-africa-apartheid-divestment-movement-1970s-1980s> (2 April 2026 geraadpleeg).
- Landgren-Bäckström, S. 1976. *Southern Africa: The escalation of a conflict, a politico-military study*. Stockholm: Stockholm International Peace Research Institute.
- Legum, C. 1975. *Southern Africa: The secret diplomacy of détente*. New York: Africana Publishing Co.
- . 1976. *Vorster's gamble for Africa*. Londen: Rex Collings.
- . 1978. *After Angola: The war over Southern Africa*. New York: Africana Publishing Company.
- . 1988. *The battlefronts of Southern Africa*. New York: Africana Publishing Co.
- Lim, D. 1983. Another look at growth and defense in less developed countries. *Economic Development and Cultural Change*, 31(2):377–84.
- Looney, R.E. 1991. The economics of Third World defense expenditures: A survey of recent findings on the contrasting patterns of impact and determinants. *Journal of Third World Studies*, 8(2):219–41.
- Looney, R.E. en P.C. Frederiksen. 1983. Defense expenditures and economic growth in developing countries. *Armed Forces and Society*, 9(4):633–45.

—. 1986. Defense expenditures, external public debt and growth in developing countries. *Journal of Peace Research*, 23(4):329–37.

Mabeko-Tali, J-M. 2018. *Guerrilhas e lutas sociais: O MPLA perante si próprio, 1960–1977* (Guerrillas en sosiale stryd: Die MPLA en sigself, 1960–1977). Lissabon: Mercada de Letras.

Malan, M. 2006. *My lewe saam met die SA Weermag*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Marquéz, G.G. 1989. Operation Carlota. In Deutschmann (red.) 1989:41–60.

Matthews, R. en C. Kok. 2021. The decline of South Africa's defence industry. *Defence & Security Analysis*, 37(3):251–73.

Middlemas, K. 1980. Independent Mozambique and its regional policy. In Seiler (red.) 1980:213–34.

Miller, J. 2016. *An African volk: The apartheid regime and its search for survival*. New York: Oxford University Press.

Mudge, D. 2015. *Enduit vir 'n onafhanklike Namibië*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Muzorewa, A. 1978. *Rise up and walk: An autobiography*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Olivier, G.C. 1977. *Suid-Afrika se buitelandse beleid*. Pretoria: Academica.

Onslow, S. 2006. “We must gain time”: South Africa, Rhodesia and the Kissinger initiative of 1976. *South African Historical Journal*, 56(1):123–53.

Orbann, C.T. 1984. South African defense policy. M.A.-verhandeling, Naval Postgraduate School, Monterey, Kalifornië.

Papenfus, T. 2010. *Pik Botha en sy tyd*. Pretoria: Litera.

Péclard, D. 2021. Nationalism, liberation, and decolonization in Angola. *Oxford Research Encyclopedia of African History*. <https://doi.org/10.1093/acrefore/9780190277734.013.640> (2 April 2026 geraadpleeg).

Pienaar, S. 1976. Onderhoud met Schalk Pienaar. *Deurbraak*, Junie.

*Pretoria News*. 1976. Maart.

Prinsloo, D. 1997. *Stem uit die Wildernis: 'n Biografie oor oud-pres. PW Botha*. Mosselbaai: Vaandel-Uitgewers.

*Rand Daily Mail*. 1978. 20 September.

Ray, M. s.j. Why did the Soviet Union collapse? *Britannica*. <https://www.britannica.com/story/why-did-the-soviet-union-collapse> (2 April 2026 geraadpleeg).

- Rhoadie, E. 1983. *The real information scandal*. Pretoria: Orbis.
- Rupert, A. 1981. *Prioriteite vir medebestaan*. Kaapstad: Tafelberg.
- Savage, M. 1987. The cost of apartheid. *Third World Quarterly*, 9(2):601–21.
- Scheetz, T. 1991. The macroeconomic impact of defence expenditure: Some econometric evidence for Argentina, Chile, Paraguay and Peru. *Defence Economics*, 3(1):65–81.
- Scherman, J-P. 2019. Operation Savannah, 1975–76: The initial South African armour deployments into Angola. In Van der Waag en Grundlingh (reds.) 2019:44–91.
- Schrieffl, D. 2022. The end of the Portuguese Colonial Empire. In Gehler, Rollinger en Strobl (reds.) 2022.
- Seiler, J. (red.). 1980. *Southern Africa since the Portuguese coup*. Boulder, Kolorado: Westview Press.
- Shubin, V. 2008. *The hot “Cold War”: The USSR in Southern Africa*. Scottsville: University of KwaZulu-Natal Press.
- Shubin, V. en A. Tokarev. 2002. War in Angola: A Soviet dimension. *Review of African Political Economy*, 28(90):607–18.
- SIPRI (Stockholm International Peace Research Institute). 2026. SIPRI military expenditure database. [milex.sipri.org/sipr](https://milex.sipri.org/sipr) – gaan op die databasis na South Africa > Local currency calendar years (2 April 2026 geraadpleeg).
- Slabbert, F. van Zyl. 2006. *Duskant die geskiedenis*. Kaapstad: Tafelberg.
- Smith, I.D. 2001. *Bitter harvest: The great betrayal and the dreadful aftermath*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Sparks, A. 1993. *The mind of South Africa: The story of the rise and fall of apartheid*. Londen: Mandarin.
- Spies, F. du T. 1989. *Operasie Savannah: Angola 1975–1976*. Pretoria: Van Schaik.
- Stebbins, R.P. en E.P. Adam (reds.) 1977. *American foreign relations 1975: A documentary record*. New York: New York University Press.
- Steenkamp, W. 1990. *Suid-Afrikaanse grensoorlog 1966–1989*. Rivonia: Ashanti Publishing.
- Stockwell, J. 1978. *In search of enemies: A CIA story*. New York: W.W. Norton.
- Suid-Afrikaanse Reserwebank. 1975. Jaarlikse ekonomiese verslag. Pretoria: SARB.
- . 1976. Jaarlikse ekonomiese verslag. Pretoria: SARB.



—. 1977. Jaarlikse ekonomiese verslag. Pretoria: SARB.

Swanepoel, J.J. 1982. Die diplomatie van adv. B.J. Vorster. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Tamarkin, M. 1990. *The making of Zimbabwe: Decolonization in regional and international politics*. Londen: FrankCass.

UNITA. 1985. *UNITA: Identity of a free Angola*. Jamba: UNITA.

United States. 1976. The Angola crisis 1974–75. Washington, D.C.: Department of State, Foreign Service Institute, Office of the Historian (Milestones in the history of U.S. foreign relations, 1969–1976). <https://history.state.gov/milestones/1969-1976/angola> (2 April 2026 geraadpleeg).

Van den Berg, C. 2021. From policy to operational application: The South African Defence force 1969–1989. M.A.-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Van der Velde, R.M. 2017. French-South African arms trade relations as a community of practice, 1955–1979. Doktorale proefskrif, University of Portsmouth.

Van der Waag, I. en A. Grundlingh (reds.). 2019. *In different times: The war for Southern Africa 1966–1989*. Stellenbosch: African SUN Media.

Van der Westhuizen, L.J. s.j. Buitelandse verkryging en verskaffing van Suid-Afrikaanse krygstuig gedurende die Samuels-era, 1968–1976. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Van Vuuren, H. 2017. *Apartheid guns and money: A tale of profit*. Auckland Park: Jacana Media.

*Volkshandel*. 1976a. Augustus.

—. 1976b. September.

Vorster, T. 1991. Onderhoud van Kobus du Pisani met mev. Tini Vorster, Die Strand, 15 Oktober. Kassetband in artikelskrywer se besit.

Welsh, D. 2009. *The rise and fall of apartheid*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.

Westad, O.A. 1996/7. Moscow and the Angolan crisis, 1974–1976: A new pattern of intervention. *Cold War International History Project Bulletin*, 8/9:21–32. Washington, D.C.: Woodrow Wilson International Center for Scholars.

Wright, A.O. (red.). 1977. *South Africa – the Free World's treasure house: Why you should invest in this country*. Sandton: Broadside.

Zartman, I.W. 1985. *Ripe for resolution: Conflict and intervention in Africa*. New York: Oxford University Press.

Zielinski, R.C. 2016. *How states pay for wars*. Ithaca, New York: Cornell University Press.

Zubok, V.M. 2009. *A failed empire: The Soviet Union in the Cold War from Stalin to Gorbachev*. Chapel Hill: University of North Carolina Press.

### **Argivale bronne**

Afrikaner-Broederbond. 1976. Erfenisstigting (ES), Afrikaner-Broederbondversameling (AB), boks 3/1/2, verwysing 3/84/1/Afrikaner, UR-voorsitter, “Ons betrokkenheid in Angola”, Maart.

ANC. 1976. The ANC says to Vorster and his racist regime: All power to the MPLA-liberators of Angola! Vlugskrif. Bloemfontein: Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA), Universiteit van die Vrystaat (PV 476: P.G.J. Koornhofversameling, lêer 1/12/1854).

Baxter, B. 1976. Nasionale Argiefbewaarplek van Suid-Afrika (NABSA), Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Argief van die Privaatsekretaris van die Eerste Minister (MEM), band 1/569, I 14/2 deel 6. How safe are South African investments? *Baxter Bulletin*, no. 13, 26 Maart.

Bierman, H.H. 1976a. AREA, PV 203: P.W. Bothaversameling, lêer PS6/12/3. Hoof van die SAW, dokument HSP/938, Junie.

—. 1976b. AREA, PV 203: P.W. Bothaversameling, lêer PS6/12/3. Hoof van die SAW, memorandum HS/21/1/2/4, Verdedigingsbegroting 1976/77: versoek vir addisionele fondse, 19 Julie.

Botha, P.W. 1976a. AREA, PV 203: P.W. Bothaversameling, lêer PS6/12/3, Notule van samesprekings tussen die Minister van Verdediging en die Minister van Finansies, Pretoria, 27 Julie.

—. 1976b. AREA, PV 203: P.W. Bothaversameling, lêer PS6/12/3, Brief aan Vorster, 15 September.

Coetzee, D.J. en P.W. Buys. 1977. NABSA, SAB, MEM, band 1/569, I 14/2 deel 6, Gereformeerde Kerk (Deputate vir korrespondensie met die hoë owerheid), Memorandum insake voorgestelde obligasiewetgewing, 7 April.

Departement van Finansies. 1976. AREA, PV 203: P.W. Bothaversameling, lêer PS6/12/3, Die implikasies vir die landseksonomie van ’n verhoogde verdedigingsbegroting, 4 Junie.

Departement van Verdediging. 1976. AREA, PV 203: P.W. Bothaversameling, lêer PS6/12/3, kabinetsmemorandum nr. 3/76, Verdedigingsbegroting 1976/77: Versoek vir addisionele fondse, 26 Mei.

Fourie, B.G. s.j. Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA), Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, PV 854: Brand Fourie-versameling. Buitelandse woelinge om Suid-Afrika, 1939–1985. Ongepubliseerde manuskrip.

Hansard. 1974. Republiek van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, deel 47, 4 Februarie, kol. 56.

—. 1976a. Republiek van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, deel 60, 27–30 Januarie (wantrouedebat).

—. 1976b. Republiek van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, deel 61, 23 April.

—. 1977. Republiek van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, deel 68, 20 April.

—. 1989. Republiek van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, deel 9, 8 Februarie.

Horwood, O.P.F. 1976a. NABSA, SAB, MEM, band 1/569, I 14/2 deel 6. Verklaring uitgereik deur Sy Edele Senator Owen Horwood, minister van finansies, insake die uitgifte van Nasionale Verdedigingsobligasies, 10 Junie.

—. 1976b. NABSA, SAB, MEM, band 1/569, I 14/2 deel 6. Brief van minister van finansies aan alle ministers, 16 Augustus.

—. 1977a. NABSA, SAB, MEM, band 1/569, I 14/2 deel 6. Brief van minister van finansies aan alle ministers, 31 Maart.

—. 1977b. NABSA, SAB, MEM, band 1/570, I 14/2 deel 7. Openingsrede by die Afrikaanse Handelsinstituut se kongres, Kaapstad, 10 Mei.

—. 1977c. NABSA, SAB, MEM, band 1/570, I 14/2 deel 7. Brief aan P.W. Botha, 29 Augustus.

—. 1977d. NABSA, SAB, MEM, band 1/570, I 14/2 deel 7. Brief aan B.J. Vorster, 29 Augustus.

Kabinet. 1975. AREA, PV 734: F.W. de Klerkversameling, band K/S/4, kabinetsnotule, 2 Desember.

—. 1976a. AREA, PV 734: F.W. de Klerkversameling, band K/S 2, kabinetsnotule, 14 Januarie.

—. 1976b. AREA, PV 734: F.W. de Klerkversameling, band K/S/4, kabinetsnotule, 3 Maart.

—. 1977. AREA, PV 734: F.W. de Klerkversameling, band K/S/4, kabinetsnotule, 15 Maart.

Malan, M. 1976a. AREA, PV 203: P.W. Bothaversameling, lêer PS6/12/3, Generaal Magnus Malan (waarnemende hoof S.A.W.), Memorandum HS/51/40/8, Implikasies van verdere besnoeiings van die begroting, 2 Augustus.

—. 1976b. AREA, PV 203: P.W. Bothaversameling, lêer PS6/12/3, Generaal Magnus Malan (hoof S.A.W.), Memorandum HS/11/12/2, Tekort aan fondse: begrotingsjare 1976/77 en 1977/78, 27 September.

Potgieter, K. 1977. NABSA, SAB, MEM, band 1/569, I 14/2 deel 6. Brief van ds. Potgieter as skriba van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk aan B.J. Vorster, 6 April.

Samuels, H.T. 1976. AREA, PV 203: P.W. Bothaversameling, lêer PS6/12/3, Brief van Samuels (president van die Krygstuigraad) aan P.W. Botha, 28 Mei.

Schoeman, R.S. 1977. NABSA, SAB, MEM, band 1/570, I 14/2 deel 7. Brief van Schoeman (privaatsekretaris van die minister van finansies) aan alle privaatekretarisse van ministers, 11 Mei.

Suid-Afrikaanse Weermag. 1976. AREA, PV 203: P.W. Bothaversameling, lêer PS6/12/3. Expenses i.r.o. Savannah on 1976/77 budget, Junie.

Vorster, B.J. 1974. AREA, PV 546: N.J. Diederichsversameling, 1/E4/2, Verklaring vrygestel deur Sy Edele die Eerste Minister na aanleiding van die vergadering van die Ekonomiese Adviesraad in Pretoria op 21 en 22 November 1974.

—. 1975. Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA), Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, PV 132: B.J. Vorsterversameling, lêer 3/6/63, toespraak, Stellenbosch, 10 Desember.

—. 1980. AREA, PV 193 INEG-versameling, K445 (kassetband), Onderhoud met Vorster, Oubos, 28 September–2 Oktober.

Weilbach, J. 1977. NABSA, SAB, MEM, band 1/570, I 14/2 deel 7. Brief van Weilbach (privaatsekretaris van die eerste minister) aan die skriba van die Gereformeerde Kerk Nigel, 28 April.

# Levinas en die postkolonie: van abstrakte alteriteit tot konkrete geregtigheid

A.B. (Benda) Hofmeyr

---

A.B. (Benda) Hofmeyr, Departement Filosofie, Universiteit van Pretoria

---

## *Opsomming*

In die eerste deel van hierdie artikel beklemtoon ek die uitdagings wat Levinas in die gesig staar wanneer sy denke oor alteriteit of radikale andersheid en oor die verantwoordelikheid wat ons teenoor die Ander het, in direkte gesprek gebring word met ander (nie-Westerse) maniere om oor alteriteit en veral oor verskil(le) te dink, of wanneer 'n mens oorweeg wat sy etiese metafisika moontlik aan postkoloniale studies of kontekste kan bied. Aangesien Levinas se hele oeuvre daarop gerig is om die gewelddadige reduksionisme wat in die Westerse filosofie werksaam is, bloot te lê, lyk dit waarskynlik dat sy denke 'n waardevolle kritiese perspektief kan bied vir sy postkoloniale Afrikalesers. Tog blyk dit dat Levinas en sy denke besaai is met 'n aantal inherente vooroordele, blinde kolle en leemtes wat die moontlikheid van so 'n kritiese perspektief ernstig ondermyn. Hierdie probleme sluit in dat Levinas se opvatting van 'n abstrakte alteriteit geen rekenskap gee van verskille nie; sy onmiskenbare Eurosentriese vooroordeel en rassistiese vooringenomenheid; en uiteindelik die skynbare onversoenbaarheid van etiek en politiek in sy denke. Deur hierdie aanklagte te beskou, baan ons die weg vir 'n beter begrip van wat hy moontlik vir postkoloniale Afrikakontekste kan bied wat worstel met die verhouding tussen die Self en die Ander. Dit word in die tweede deel van hierdie artikel behandel, wat fokus op die werk van die Kaapstad-gebaseerde filosofiese berader Helen Douglas, wie se Levinas-geïnspireerde filosofiese praktyk duidelik illustreer watse meerwaarde die toepassing van Levinas se denke in postkoloniale-Afrikakontekste bied.

**Trefwoorde:** Afrika; Ander; etiek; etiese metafisika; Eurosentrisme; Emmanuel Levinas; politiek; postkolonie; rassisme; Self

## Abstract

### Levinas and the postcolony: from abstract alterity to concrete justice

This article investigates the relevance and limits of the philosophy of Emmanuel Levinas for postcolonial African contexts, particularly South Africa. The central research problem concerns whether Levinas's ethical philosophy – especially his concepts of alterity, responsibility and the ethical relation to the Other – can meaningfully contribute to postcolonial debates despite the apparent Eurocentrism, racism, and political ambiguities present in his work. The article argues that although Levinas's thought contains serious tensions and limitations, it nevertheless offers valuable conceptual resources for thinking about justice, reconciliation, and responsibility in postcolonial Africa when interpreted critically and creatively through the work of the South African philosophical practitioner Helen Douglas. The article therefore has a dual aim: first, to identify and analyse the major challenges involved in reading Levinas in Africa; and second, to demonstrate how Douglas's Levinas-inspired philosophical practice reinterprets and applies his ideas productively within the African postcolony.

The theoretical framework of the article is grounded primarily in Levinas's ethical metaphysics as articulated in works such as *Totality and infinity* and *Otherwise than being or beyond essence*. Levinas's philosophy is centred on the idea that ethics precedes ontology and politics. Against the dominant trajectory of Western philosophy, which he accuses of reducing alterity to sameness through conceptual totalisation, Levinas insists on the irreducibility of the Other. The ethical encounter occurs in the "face" of the Other, which interrupts the Self's tendency toward self-preservation and mastery. Responsibility for the Other is not chosen freely by the subject but constitutes the very structure of subjectivity itself. Levinas, therefore, reconceives subjectivity not as autonomous selfhood but as being-for-the-other.

However, the article immediately problematises the application of this framework to postcolonial contexts. The first major challenge concerns Levinas's racism and Eurocentrism. The author revisits some controversial statements made by Levinas in interviews and political commentary in which he appeared to privilege European civilisation and dismiss non-European cultures. Examples include his remarks about the "yellow peril", his references to the "underdeveloped Afro-Asiatic masses", and his infamous statement that "humanity consists of the Bible and the Greeks; all the rest can be translated". Such remarks seem fundamentally incompatible with postcolonial critiques of Western domination and exclusion. The article therefore asks whether Levinas's insistence on ethical responsibility toward the Other is undermined by his inability to recognise concrete cultural and racial others on equal terms.

The article nevertheless argues that these prejudices should not simply lead to the wholesale rejection of Levinas. It notes that his racist remarks occur mainly in interviews and occasional political comments rather than in his systematic philosophical writings. In fact, Levinas consistently defines racism philosophically as one of the greatest forms of moral evil because it reduces the singular Other to a mere representative of a category or species. Racism totalises persons by reducing them to empirical characteristics such as race or ethnicity, thereby denying their singularity. Levinas's ethical philosophy, therefore, contains conceptual resources that can also be mobilised against racism, even if he himself failed to escape the prejudices of his historical context. The article interprets this contradiction as symptomatic of the broader tension between Levinas's universal ethical claims and his Eurocentric blind spots.



A second theoretical challenge concerns the distinction between alterity and difference. Levinas's concept of alterity is radically abstract and transcendent. The Other is not primarily encountered as an empirical or cultural difference but as an ethical interruption that exceeds all categories and representations. This creates difficulties for postcolonial theory, which often focuses precisely on historically situated differences of race, gender, ethnicity, and colonial identity. Critics such as John E. Drabinski have argued that Levinas's abstraction risks erasing the concrete realities of oppression and difference. The article explains that Levinas insists that difference does not produce alterity; rather, alterity precedes and grounds all empirical differences. While this position may seem politically limiting, the author suggests that it can also complement postcolonial emphasis on difference. Levinas does not deny embodiment or historical situatedness entirely; instead, he argues that the ethical significance of the Other cannot be reduced to visible characteristics. Ethical subjectivity, therefore, depends on recognising the Other beyond racial or cultural categorisation.

The article develops this point by emphasising that Levinas's notion of the face always manifests through embodied existence, even though it cannot be reduced to embodiment. The ethical encounter is affective and relational. One recognises another person not merely through shared identity categories but through vulnerability and proximity. This enables the author to suggest a productive dialogue between Levinas and African relational philosophies such as ubuntu. Ubuntu's emphasis on relational personhood – "I am because we are" – resonates with Levinas's claim that subjectivity is constituted through responsibility for others. Although the two traditions are not identical, both reject atomistic individualism and foreground relationality as fundamental to human existence.

The third major theoretical challenge addressed in the article concerns the relationship between ethics and politics. Levinas is frequently criticised for prioritising ethics in a way that appears politically impractical, especially in contexts marked by structural injustice and institutional violence. His famous claim that ethics precedes politics risks rendering his thought incapable of addressing concrete political struggles such as colonialism, apartheid, or economic inequality. The article examines this tension in detail by exploring Levinas's distinction between the singular ethical encounter and the political domain of justice. Ethics concerns the face-to-face responsibility toward the singular Other, while politics emerges with the arrival of the "third party", that is, the many other Others whose competing claims require comparison, judgment, and institutions.

The article argues that Levinas does not reject politics outright but rather seeks to subject politics to continual ethical critique. Politics left to itself becomes tyrannical because it operates through universal rules that inevitably reduce singular persons to categories. Yet ethics alone is also insufficient because unmediated ethical obligation can itself become violent or partial if it ignores the claims of other Others. Levinas, therefore, proposes what Simon Critchley calls a "non-dialectical oscillation" between ethics and politics. Ethics grounds politics by reminding institutions of their responsibility toward singular persons, while politics corrects the potentially overwhelming and partial demands of ethics through justice and legal structures.

The methodological approach of the article is philosophical and interpretive rather than empirical. It consists primarily of a critical textual analysis of Levinas's philosophical writings alongside secondary literature from postcolonial and Levinasian scholarship. Authors such as Gayatri Chakravorty Spivak, Stella Drichel, Robert Bernasconi, and Jacques Derrida are engaged to frame the debates surrounding Levinas and postcoloniality. The second part of the

article shifts toward a constructive interpretive reading of Helen Douglas's philosophical practice in South Africa. Douglas's work functions as a case study demonstrating how Levinas's concepts can be critically appropriated within African postcolonial contexts.

Douglas's interpretation forms the core of the article's constructive argument. She applies Levinas to the South African context of apartheid and post-apartheid reconciliation, arguing that both black and white South Africans are caught within a shared "intrigue of proximity and responsibility". According to Douglas, the problem facing postcolonial societies is not merely political or institutional but also ethical and existential. Colonial and apartheid violence wounded the very humanity of both the oppressed and oppressor. Truth and reconciliation, therefore, require more than factual acknowledgement; they require ethical transformation and responsibility.

Douglas interprets Levinas as offering a way beyond both white guilt and black resentment. White South Africans cannot simply escape history through denial or passive guilt, while black South Africans cannot rely solely on revenge or victimhood. Instead, Levinas points toward responsibility as an ethical condition shared by all subjects. Douglas also emphasises the relevance of ubuntu as an African relational framework compatible with Levinasian ethics. Ubuntu reinforces the idea that personhood emerges through relations of responsibility rather than isolated individuality.

One of the article's most important findings is that justice functions as the bridge between ethics and politics in Levinas's thought. Douglas foregrounds Levinas's idea that justice is not merely a concept but a "work" performed within the imperfect world of political institutions. Justice becomes the means through which ethical responsibility enters history and social reality. This insight enables Levinas's philosophy to illuminate practices such as the Truth and Reconciliation Commission, anti-apartheid solidarity, and affirmative action. Ethical responsibility motivates political action, while political structures institutionalise responsibility on a broader scale.

The article concludes that Levinas can indeed be read productively in Africa, provided that his work is interpreted critically rather than dogmatically. Douglas's reading demonstrates three key strategies for recovering Levinas's usefulness in postcolonial contexts. First, she contextualises and critiques his Eurocentrism while preserving his central ethical insights. Second, she bridges the gap between abstract alterity and concrete communal life through dialogue with African relational traditions such as ubuntu. Third, she reconnects ethics and politics by placing justice at the centre of Levinas's philosophy. Through these moves, Levinas's thought becomes a powerful framework for reflecting on responsibility, reconciliation, and justice in societies marked by colonial violence and ongoing inequality.

Ultimately, the article argues that Levinas's philosophy should not be discarded because of its contradictions but rather reinterpreted through postcolonial experience. Read through the lens of justice and relational responsibility, Levinas offers a rich conceptual vocabulary for understanding the ethical demands of living together after histories of oppression and violence.

**Keywords:** Africa; alterity; ethical metaphysics; ethics; Eurocentrism; Emmanuel Levinas; politics; postcolony; racism; Self

## 1. Waarom dit uitdagend kan wees om Levinas in Afrika te lees

Dit is miskien verrassend dat Levinas – “die filosoof van die Ander” – eers onlangs meer aandag begin kry het van postkoloniale denkers, aangesien die begrip van die *Ander* – selfs al is dit omstrede – steeds sentraal staan in postkoloniale studies. Trouens, die opname van Levinas se filosofie in postkoloniale studies was uiters stadig en minder as entoesiasties (Drichel 2012:21). Hierdie weerstand of huiwering kan waarskynlik toegeskryf word aan ’n vermoede dat Levinas weinig het om aan postkoloniale studies te bied (vgl. Spivak 2004). Om vas te stel waarop hierdie vermoede gebaseer kan wees, heroorweeg ek die vooroordele wat Levinas en sy denke ondermyn – iets wat ek reeds elders meer volledig uiteengesit het (vgl. Hofmeyr 2016).<sup>1</sup> Wat veral in ’n aantal onderhoude met Levinas na vore kom, is getuigenis van vooroordeel wat ’n skadu oor sy welbekende ontmaskering van die geweld aan die hart van die Westerse filosofie werp – die reduktiewe neiging van die Self om alle vorme van alteriteit wat dit teëkom, te reduceer, te onderwerp of te “koloniseer”. Maak hierdie vooroordeel dan sy aandrang op die inherente verantwoordelikheid wat ons teenoor ander dra, en sy relasionele konseptualisering van etiese subjektiwiteit, inderdaad “on-nuttig” binne postkoloniale kontekste?

Levinas se Ander is nie bloot die een wat my in die “gelaat” van die bedelaar, die weeskind of die weduwee aanspreek, soos hy in *Totality and infinity* (1961) (TI) aangevoer het, nie. In sy tweede magnum opus, *Otherwise than being and beyond essence* (1974) (OB), dring Levinas nog radikaler daarop aan dat hierdie Ander ’n alteriteit is wat *binne* die Self gehuisves is en meer fundamenteel is as kulturele, etniese of empiriese verskille of andersheid. Levinas se begrip van alteriteit is trouens van ’n heeltemal ander orde as die alteriteit van “vreemdelinge”, dit wil sê die Ander van nie-Westerse kulture wat behoort tot die alledaagse historiese wêreld. Levinas se alteriteit is die alteriteit van transendensie – ’n epifanie van wat Levinas “sin” noem wat deur die horisontaliteit (*horizontalement*) van kulturele betekenis breek (Levinas 1964; Ma 2008). Die vraag is dus of Levinas se transendente alteriteit bruikbaar kan wees in postkoloniale kontekste waar die etiese uitdagings op die vlak van horisontale alteriteit werk – die onderskeie andershede van byvoorbeeld wit setlaars en swart inheemse subjekte.

### 1.1 Uitdaging I: Levinas se rassisme en Eurosentrisme

Die wantroue oor Levinas se moontlike bruikbaarheid in postkoloniale kontekste berus waarskynlik eerstens op die feit dat hy hom skuldig gemaak het aan ’n aantal uitdruklik rassistiese opmerkings (vgl. Bv. Levinas 1994). Hier dring Levinas daarop aan dat ’n Europese identiteit beskerm moet word teen ’n kultuur (die Chinese “geel gevaar”) wat vreemd is aan sy (Europa se) geskiedenis. In sy essay “Jewish thought today” (1961b) herhaal Levinas hierdie xenofobiese sentiment deur te verklaar dat die eise van die “onderontwikkelde Afro-Asiatiese massas” – die vreemdelinge – die outentisiteit van die staat Israel in gevaar kan stel en Jode en Christene kan marginaliseer. Levinas se rassistiese neigings het weer na vore gekom in ’n onderhoud in 1991 waarin hy verklaar het dat “die mensdom uit die Bybel en die Grieke bestaan. Die res kan alles vertaal word: die hele res – al die eksotiese – is dans”<sup>2</sup> (Mortley 1991:18). Hierdie uitspraak kan waarskynlik só geïnterpreteer word dat die etiese responsiwiteit of gevoeligheid wat Levinas teoretiseer slegs ’n responsiwiteit teenoor ander sou wees wat nie “te vreemd” is nie, en dat dit slegs deur die Joods-Christelike wet gesanksioneer word.

Wat wel in ag geneem moet word, is dat hierdie onsmaklike rassistiese opmerkings onverskillig geuiter is in onderhoude en in Levinas se sporadiese kommentaar op politieke aangeleenthede, eerder as in sy sistematiese filosofiese geskrifte. Dit staan in skerp kontras met

Levinas se volgehoue standpunt dat rassisme die mees ekstreme vorm van morele kwaad is, gekonseptualiseer as die redusering van die absolute andersheid van die Ander (die gelaat) tot die nie-menslike andersheid van totaliteit – ’n spesie waarin Andersheid sy singulariteit verloor en bloot as nog een van ’n soort behandel word (Burggraefe 1999:39–42). Redusering tot kwaliteite totaliseer eerder as om te singulariseer. Dit erken nie my uniekheid nie, maar reduceer my singulariteit as ’n persoon – wat ook iemand anders se Ander is – tot empiriese eienskappe soos gelaatskleur, geslag, ras, ensovoort. Levinas beklemtoon dat diversiteit – verskille wat uit verskillende kwaliteite voortspruit – ondergeskik is aan Andersheid/absolute alteriteit (Levinas 1988a:92). Ek is anders op ’n meer fundamentele vlak en vóór enige waarneembare verskille. Om die Ander as ’n gelaat te herken “sonder enige kulturele versiering” (Levinas 1964:53) is om te weier om persone aan sodanige reduksie te onderwerp, omdat dit hulle van hul unieke onvervangbaarheid sou beroof en hulle sou verander in nog een van ’n soort/spesie.

As die Self deur selfbelang gedryf word en ons ontmoetings met ander hoofsaaklik bepaal word deur ’n middel-tot-’n-doel-rasionaliteit – omdat etiese ontmoetings nie die reël nie maar die uitsondering is – dan is rassisme ook nie onwaarskynlik nie maar gemeenplaas. In soverre ’n mens volgens die spontane dinamiek van die bestaan, of *conatus essendi*, gerig is op die handhawing en instandhouding van die Self, moet ’n mens “van nature” as potensieel rassisties beskou word, sonder dat dit natuurlik ’n voorafbestemming of oorbepaling impliseer. Deur die blote feit van bestaan is ons natuurlik geneig om die gelaat tot ’n vorm te reduceer in die belang van selfbehoud. Dit is juis hierdie geweld waarteen Levinas ons waarsku, selfs al kon hy homself nie heeltemal van sulke ander-reduserende neigings weerhou nie.

’n Verdere aanklag wat Levinas in die geselskap van vreemdelinge in die gesig staar, is die feit dat sy werk onteenseglik Eurosentries is. Hierdie Eurosentryse vooroordeel blyk in te druis teen die feit dat sy denke andersins daarop gerig is om die totaliteit wat die geskiedenis van die Westerse filosofie onderlê, met die oneindigheid van die etiese ontmoeting te kritiseer. Wat egter in gedagte gehou moet word is dat Levinas se Eurosentrisme op ’n baie spesifieke begrip van Europa berus: vir hom is “Europa die Bybel en die Grieke” (Levinas 2007:119–21). “Grieks” verwys na “die wyse waarop die universaliteit van die Weste uitgedruk word [...] bo die plaaslike partikularisme(s) verhewe” (Levinas 2007:120–1). Vir Levinas is “Grieks die taal van totaliteit, gegrond in die korrelasies van subjek en objek, van self en wêreld, handelende en handeling, kenner en gekende” (Morgan 2011:186). Dit is die fundamentele grondslag wat aanleiding gee tot die Ander-reduserende geweld van ontologie, waarteen Levinas se etiese metafisika hom verset. Levinas dring daarop aan dat die Bybel ’n ander les leer: die les van etiek en verantwoordelikheid. Sy primêre doel in hierdie hoofstuk, “The Bible and the Greeks”, is om die aandag te vestig op ’n krisis in Europese kultuur. Volgens hom hou die heersende Griekse rasionaliteit die gevaar van drakoniese, georganiseerde onderdrukking, dehumanisering en vernietiging in, soos beliggaam in die Goelag en Auschwitz.

As “Europa” of “Westerse kultuur” dus ’n gesplete identiteit is – verskeur tussen die botsende impulse van sy gekombineerde Helleniese en Hebreeuse erfenis – dan berus Levinas se Eurosentrisme op ’n Europese uitsonderlikheid wat Europa se spesiale posisie toeskryf aan sy vermoë tot selfkritiek. Hierdie vermoë tot selfkritiek word moontlik gemaak deur sy Hebreeuse erfenis: die moontlikheid van ’n “ontologiese omkering” (Levinas 2007:119). Die Bybel kondig die moontlikheid aan om die oorspronklike volharding van entiteite in hul bestaan ter wille van selfbehoud, te onderbreek – dieselfde volharding wat aan die wortel van alle kwaad lê: sowel die kwaad van die Sjoa as die kwaad van kolonialisme. Levinas se godsdienstige

verbondenheid mag dalk sy Eurosentrisme vir gelowiges red, maar beslis nie vir dié wat slagoffers was van die Ander-reduserende geweld van sendingoorsprong nie. Levinas sou teengewerp het dat die geweld van evangeliserende projekte nie die “klein vriendelikheid” – “die goedheid van een persoon teenoor ’n ander”, “die *rahamim* [meegevoel, jammerte, barmhartigheid] van die Bybel” – ongedaan kan maak nie (Levinas 2007:121).

## 1.2 Uitdaging II: Die ondersheid tussen verskil en diversiteit

’n Verdere aspek van Levinas se denke wat ’n beduidende uitdaging vir die tersaaklikheid daarvan in ’n postkoloniale konteks inhou, is die feit dat sy konseptualisering van andersheid geen ondersheid van, vergelyking met of afleiding van identiteit toelaat nie. Radikale andersheid of verskil is vir Levinas op ’n beslissende wyse abstrak en onfenomenaliseerbaar. Dit kan nie as ’n empiriese voorkoms bedink of daartoe gereduseer word nie en kan daarom nie met ander Ander vergelyk of van hulle onderskei word nie. Trouens, Levinas dring daarop aan dat andersheid nie voortspruit uit verskille nie; verskille spruit voort uit andersheid. Gegewe hierdie standpunt kan ’n mens jou afvra watter ruimte daar oorbly vir ’n produktiewe wisselwerking tussen Levinas se etiese metafisika en die postkoloniale vieringe van verskille (dink byvoorbeeld aan “Negritude”, Swartbewussyn, die feit van swartheid, ensovoorts).

Levinas is juis deur onder andere Drabinski (2011) gekritiseer vir sy weiering om diversiteit in verskil te erken. Die mees voor die hand liggende teenargument vanuit ’n Levinasiaanse perspektief sou wees dat die herinvoering van differensiasie in verskil onafwendbaar ook die probleme sal herinvoer van andersheid wat oorbepaald word deur empiriese, waarneembare eienskappe – juis dit wat ons verblind vir die gelaat agter die vorm. Die verskrikking van totaliserende identiteit kan nie bestry word deur op ’n teen-identiteit aan te dring nie. Levinas se aandrang op die “abstraktheid van die gelaat” moet gekwalifiseer word in die lig van sy ewe heftige bewering dat die gelaat slegs toeganklik is deur middel van sy vorm. Met ander woorde, die absolute andersheid van die ander persoon manifesteer sigself in die affektiwiteit van die ontmoeting tussen beliggaamde subjekte. Ek kan *jou* as *jou* herken, anderkant jou gelaatskleur, geslag of etnisiteit, omdat ek geraak word bloot deur jou nabyheid. Die nabyheid van ’n ander persoon raak my omdat dit resoneer met ’n Ander gesetel binne-in myself wat ek nie kan peil nie.

Met ander woorde, Levinas erken die inherente beliggaamdheid van die Self se ontmoeting met die Ander, maar beklemtoon dat die empiriese verskille wat ons in die Ander teëkom, nie dit omvat wat hom/haar werklik uniek maak nie. Bowendien is dit juis hierdie singulariserende alteriteit – gesetel in die gelaat wat uit die vorm na vore straal – wat ons fundamentele menslike verbondenheid moontlik maak. Daar is dus geen gelaat sonder ’n vorm nie, maar ’n etiese ontmoeting behels dat die gelaat nie aan die vorm ondergeskik gestel word nie. Ons is almal vreemdelinge vir onself, afgesien daarvan dat ons vreemdelinge vir ander persone is. My witheid maak my nie meer deursigtig vir myself nie; intendeel, my innerlike ondeursigtigheid is die *verskil* by uitstek wat my singulariseer en my derhalwe van ander onderskei. Terselfdertyd is dit juis hierdie innerlike “verskil” wat ons gemeen het, terwyl dit empiriese verskille onsaaklik maak. Ek sou aanvoer dat, as Levinas se ontkenning van diversiteit in verskil aan die een kant, en postkoloniale vieringe van verskille aan die ander kant, albei gedryf word deur die oortuiging dat die Self en die Ander gelyke erkenning verdien en dat die Self ook iemand anders se Ander is, dan is die verskil tussen hul benaderings aanvullend eerder as onversoenbaar.



### 1.3 Uitdaging III: Etiek teenoor politiek of etiek en politiek

Etiese raamwerke van identiteit en verskil is vanweë hul aard meestal ontwerp om te funksioneer binne die konkrete sosiopolitieke wêreld van besluitneming en handeling. Levinas se konseptualisering van die etiese appèl, asook die noodsaaklikheid van geregtigheid ook vir die Self in die politieke wêreld, dui op twee teenoorgestelde kragte wat op die Self inwerk. Etiek word begryp as 'n eksklusiewe verhouding wat beperk is tot die singuliere Ander persoon, terwyl politiek die domein is waar die ontelbare aansprake van ander Andere op die aangesig-tot-aangesig-verhouding inwerk.

Die hele postkoloniale “oeuvre” is uitdruklik eties-*politiques*, met 'n beslissende klem op die *politiek* van verskil en onderdrukking. Levinas se filosofie, daarenteen, is grotendeels a-polities of hoogstens baie eng polities, in die sin dat hy baie min belangstelling in wêreldgebeure getoon het, buiten sy bemoeienis met die Holocaust en die lot van die Joodse volk. Dit gesê, vanuit 'n sekere metaperspektief funksioneer Levinas se etiese metafisika juis om die politiek te destabiliseer – om rekenskap te eis van die wêreld van “oorlog wat met ander middele gevoer word” deur daarop aan te dring dat “'n sekere menslike swakheid” (OB, 177) nodig is: “[h]ierdie verslapping van viriliteit sonder lafhartigheid is nodig vir die klein wreedheid wat ons hande verwerp” (OB, 185). Wat Levinas hiermee bedoel is dat etiese menslikheid vereis dat 'n mens afstand doen van jou krag, meesterskap en selfhandhawing, sonder om in passiwiteit of vrees te verval. Hierdie “swakheid” dui op 'n vorm van kwesbaarheid of self-beheersing wat ons daarvan weerhou om ons mag op 'n wreedaardige manier oor ander uit te oefen en wat verantwoordelikheid vir die Ander moontlik maak. Wat ons werklik menslik, dit wil sê eties, maak, is juis ons vermoë om die ontologiese besorgdheid oor onself te onderdruk. Aan die ander kant dring hy ook daarop aan dat etiek noodwendig politiek behels: die etiese ontmoeting tussen die Self en die Ander impliseer altyd ook ander Andere. Die singulariserende, asimmetriese verantwoordelikheid wat nie ontwyk kan word nie, en wat uit die appèl van die Ander voortvloei (dit wil sê etiek in Levinas se sin), noodsaak noodwendig denke, kennis en oordeel (dit wil sê ontologie) – aangesien dit vereis dat die onvergelykbare appèlle van ontelbare Andere wat aanspraak maak op die beperkte hulpbronne van die Self, met mekaar vergelyk moet word. Levinas se posisie kan hier saamgevat word as 'n aandrang op etiek *vóór* politiek, en politiek juis *vanweë* etiek.

Hoe behoort die interafhanklike wisselwerking tussen die twee domeine van etiek en politiek – wat Critchley (1999:260) 'n “nie-dialektiese ossillasie” noem – verstaan te word? Aan die een kant, soos Drichel (2012:38) verduidelik, dring Levinas daarop aan dat politiek nie “aan homself oorgelaat” mag word nie, want, soos hy dit stel, “politiek wat aan homself oorgelaat word, dra 'n tirannie in homself; dit vervorm die Ek en die Ander wat daartoe aanleiding gegee het, aangesien dit hulle volgens universele reëls beoordeel, en dus in absentia” (TI, 300). Vanweë hierdie totaliserende geweld, dring Levinas daarop aan dat die etiese “oorsprong, regverdiging en maatstaf” van politiek nie vergeet mag word nie (Levinas 1996:169), maar onthou moet word as dit wat politiek voortdurend tot verantwoording roep: “Geregtigheid, uitgeoefen deur instellings – wat onvermydelik is – moet altyd in toom gehou word deur die aanvanklike interpersoonlike verhouding” (Levinas 1985:90). Etiek, dus, *vóór* politiek, want, soos Levinas (1996:169) skryf,

[n]iks sou sigself aan die beheer van die “een-vir-die-ander” kon onttrek nie, wat die grens van die Staat afbaken en nie ophou om 'n beroep te doen op die waaksaamheid



van persone wat nie tevrede sou wees met die blote ondergeskikstelling van gevalle aan 'n algemene reël – waartoe 'n rekenaar in staat is – nie.

Die onontkomelike waaksaamheid van die etiese verhouding plaas dus 'n beperking op die Staat. Die Staat benodig algemene wette om te kan funksioneer, maar etiese verantwoordelikheid bevraagteken voortdurend of daardie wette nie ongeregtegtigheid in spesifieke gevalle tot gevolg het nie.

Dit gesê, noodsaak etiek ook die totstandkoming van politiek in die vorm van die derde party, aangesien etiek wat “aan sigself oorgelaat” word, ook gewelddadig is. Politiek “beskerm teen die duielsing van etiese geweld self” (Derrida 1999:33). Hierdie “duielsing” is die gevolg daarvan dat die Self volledig in die aangesig-tot-aangesig-verhouding opgeneem word, waar geen ander Ander verpligtinge aan die Self kan oplê nie. In hierdie ongemedieerde ontmoeting ontbreek oordeel wat dit onmoontlik maak om tussen goed en kwaad te onderskei. Alhoewel etiek en politiek teenstrydige eise aan die Self stel, dien hulle terselfdertyd as effektiewe korrektiewe vir mekaar, “elk met die vermoë om die ander te bevraagteken” (Bernasconi 1999:77), mits hulle in 'n waaksame spanning gehou word (Drichel 2012:38). Soos Bernasconi (1999:77) verduidelik:

[d]ie aangesig-tot-aangesig sou as 'n korrektief vir die sosiopolitieke orde dien, selfs wanneer laasgenoemde op gelykheid berus, terwyl die teenwoordigheid van die derde party in die gelaat van die Ander sou dien om die partydigheid [en, sou ek byvoeg, die oorweldigende oneindige eis] van 'n verhouding tot die Ander te korregeer wat andersins geen rede sou hê om nie die eise van ander Andere te ignoreer nie.

## 2. Waarom dit sinvol kan wees om Levinas in Afrika te lees

Noudat sommige van die hoofuitdagings waarmee Levinas se Afrika-/postkoloniale lesers te kampe het, uiteengesit en voorlopig aangeraak is, kan ek oorgaan na die vraag oor wat Levinas moontlik kan bied aan dié wat worstel met die uitdagings wat die postkolonie stel. Terwyl toegegee word dat Levinas se Afrikalesers ander probleme het en gevolglik met ander vrae sal kom, toon Helen Douglas se werk watter nuwe insigte uit Levinas se etiese raamwerk verkry kan word “[a]s ons wit en swart Afrikane almal vasgevang is in 'n intrige van nabyheid en verantwoordelikheid” (Douglas 2010:22). In haar Suid-Afrika-gebaseerde filosofiese praktyk benut sy Levinas se denke om die sentrale postkoloniale uitdaging aan te spreek, naamlik hoe swart en wit mense, ná eeue van geweld wat Afrika deur Europa aangedoen is, nou saam moet leef – in 'n hede wat, drie dekades ná die einde van apartheid, steeds gekenmerk word deur ongelykheid, werkloosheid, armoede, korrupsie en geweld.

Die moeilikheid om bevryding in 'n postkoloniale konteks te verwesenlik, lê daarin dat daar “'n besering op die vlak van die hart is, aan ons menslikheid, wat voortvloei uit 'n gefragmenteerde geskiedenis en geheue en die ervaring van brutaliteit [...] Ná menslike geweld is daar die vraag na geregtigheid” (Douglas 2010:19). Geregtigheid vereis dat bepaal word wat deur wie aan wie gedoen is en wat daarna gebeur het – 'n taak wat aan die Suid-Afrikaanse Waarheid-en-versoeningskommissie opgedra is. Op sigself is waarheid egter nie voldoende om versoening te bewerkstellig nie; wat nodig is, is die moed en die wil om dit wat ons weet, te

verstaan en gevolgtrekkings te maak. Sal dit ons bloot tot wanhoop lei, deurdat ons by die wortel van ons ervaring slegs nóg geweld, vrees en haat ontbloot?

Volgens Douglas (2010:20) “lees ons Levinas in Afrika en elders, omdat hy sê: *Nee, kyk nader*. Die wêreld word altyd onderbreek. Waardeur? Deur die magtelose Gelaat van ’n ander wat ons tot ons verantwoordelikheid roep. Kyk nader, kyk sorgvuldig. Daar is ’n fundamentele goedheid wat aan die begin van elke sosiale verhouding gevind kan word.” Volgens Levinas (TI, 213) “lei elke sosiale verhouding terug na die aanbieding van die Ander aan Dieselfde, sonder enige bemiddeling deur beeld of teken, slegs deur die uitdrukking van die gelaat.” Hy sê nie dit behoort so te wees nie; hy sê dit *is* so. Volgens Douglas (2010:20) is dit die taak van die filosofie om die verskillende vorme wat sosiale interaksie aanneem terug te voer na hul oorsprong in nabyheid.

Historiese ongeregtigheid het postkoloniale Afrika tot ’n Manichese wêreld van onderdrukker en onderdrukte gemaak waarmee ons steeds moet worstel. Geslagte ná die aankoms van die oorspronklike koloniseerders bly wit setlaars voordeel trek uit rasgebaseerde voorreg. Sonder enige voorbedagte rede of keuse bevind “ons wit mense ons skuldig aan verontregting, bloot omdat ons in ’n bepaalde geskiedenis gebore is, by aankoms reeds geïmpliseer” (Douglas 2010:20). Hoe ontsnap ’n mens aan hierdie onontkombare geskiedenis? Om die geskiedenis te herskryf en van voor af te begin is nie ’n opsie nie. Net so lei dit nie tot vryheid om in skaamte en wit skuldgevoel aan die geskiedenis toe te gee en uit die hede te onttrek in ’n poging om vir die verlede te vergoed of ten minste die voortgesette voorreg van witheid te minimaliseer nie. Dit blyk onmoontlik om ons skuld finaal te vereffen, en tog moet herstel op die een of ander wyse plaasvind. Douglas lokaliseer die probleem met al hierdie strategieë in wit mense se voortgesette oortuiging dat hulle hul lot deur wiskrag behoort te beheer. Deur Levinas te lees, ontbloot Douglas egter die moontlikhede van ’n sekere passiwiteit, van ’n “verslapping van viriliteit sonder lafhartigheid” (OB, 185).

Afrikaner, as die histories onderdrukte, staan voor ’n ander uitdaging: “om ’n plek in die wêreld op hul eie terme te vestig en ’n posisie teenoor Europa in te neem”. Terwyl hulle die versoekings van slagofferskap of wraak moet vermy, moet hulle veragte kulturele lewenswyses en tradisies terugwin en daarin vertroosting vind. Vanuit ’n Levinasiaanse perspektief is hulle egter, as die verontregte party, nie vrygestel van verantwoordelikheid nie. Douglas (2010:20–1) haal Njabulo Ndebele aan, wat op 24 September 2009 in die *Mail & Guardian* geskryf het:

[D]it is noodsaaklik om te erken dat [...] Suid-Afrikaners nie dieselfde hoeveelheid verantwoordelikheid en aanspreeklikheid dra nie. As jy swart is op hierdie historiese oomblik, dra jy die groter aandeel [...] omdat ons vir onself gesê het dat [...] ons nie net die roeping gehad het om onself van onderdrukking te bevry nie, maar ook om die onderdrukker te bevry. Ons het dit diep geglo. Wat [...] is ons beoordeling van hoe ons hierdie taak en hierdie verantwoordelikheid uitgevoer het?

Terwyl hy Levinas lees, ontdek Achille Mbembe dat die wese van vryheid is om-vir-die-anderte-wees en dat vryheid dus bewus moet wees van sigself as ’n etiese praktyk (Douglas 2010:21).

Europeërs wil dus aan die geskiedenis ontsnap, terwyl Afrikaner daartoe wil tree. Douglas voer aan dat ons antagonistiese lotsbestemmings ook mag blyk aanvullend te wees, soos Levinas in die geval van Jode en Christene bevind het (Levinas 1997:xiv).

In die Voorwoord tot *Difficult freedom, essays on Judaism* (1997) skets Levinas 'n pad van toenadering tussen Jode en Christene in Europa ná groot geweld:

In die nasleep van Hitler se uitwissings, wat kon plaasvind in 'n Europa wat vir vyftien eeue geëvangelseer is, het Judaïsme na binne gekeer, terug na sy oorsprong [...] Om jouself as 'n Jood te bevind in die nasleep van die Nazi-massamoorde het dus beteken om weereens 'n standpunt in te neem ten opsigte van die Christendom. (Levinas 1997:xiii)

Hierdie na-binne-keer word “onmiddellik” onderbreek en die Jood word omgekeer om die Ander in die gesig te staar deur die herinnering aan “Christene wat hul harte vir hulle oopgemaak het – dit wil sê, alles vir hul ontwil gewaag het”. Hierdie “buurmanskap wat deur die geskiedenis heen voortgeduur het” openbaar dat die antagonistiese lotgevalle van Jood en Christen aanvullend is (Levinas 1997:xiii–xiv). Hierdie verhouding van twee word egter self onmiddellik onderbreek deur die gelyktydige teenwoordigheid van die Derde, die ander Andere – die opkoms van die honger massas van die Derde Wêreld, “wat Jode en Christene herinner aan die heilige verantwoordelikheid om te voed” (Douglas 2010:21). Dit is hierdie dinamiek van omkering en voortdurende onderbreking wat Judaïsme definieer en aanleiding gee tot Joodse ritueel en diens sonder enige gedagte aan beloning – 'n betekenis wat met die Christelike liturgie gedeel word.

“As Levinas reg is oor sosiale verhoudinge,” skryf Douglas (2010:21),

behoort ons op soortgelyke wyse *enige* sosiale aspek van ons identiteit – ras, nasionaliteit, taal, godsdiens, klas, ons ideologieë en ons filosofieë – te kan neem en dit terug te volg na sy vroegste oorsprong, om te sien waar 'n beweging na innerlikheid en afsondering teruggerig word na die wêreld en tot diens geroep word deur die vreemde swaartekrag van etiese alteriteit – en ook waar dit sigself teen daardie oproep verhard of tot geweld aanleiding gee.

Maar Douglas is nie blind vir Levinas se vooroordeel nie: Waarom word Afrika na die geledere van die “derde party” verplaas terwyl Europese Jode en Europese Christene as die twee ware protagoniste beskou word? Waarom word Afrika beskryf as “deur honger verwoes” eerder as verwoes deur eeue van Europese gierigheid en onmenslikheid? Wat, vra sy, het van geregtigheid geword? Haar oplossing is om Levinas verby Levinas uit te brei: hy het beslis die Derde Wêreld verkeerd verstaan, maar “die regstelling is sekerlik om voort te gaan om sy universele aandrang op etiese onderling-verweefdheid buite Europa se grense te toets” (Douglas 2010:21).

Hoe sou dit gedoen kon word? In die Suid-Afrikaanse konteks het swart subjekte byvoorbeeld ook na binne gekeer nadat apartheid tot 'n einde gekom het, en hulle tot hul oorsprong gewend om 'n posisie van vryheid *vis-à-vis* die wit minderheid in te neem. Wat hulle gevind het, was 'n eeue-oue gemeenskapstradisie wat berus op 'n besondere verstaan van menswees, naamlik *ubuntu*, vertaal as “Ek is omdat ons is”. Alhoewel nie identies nie, deel *ubuntu* met Levinas 'n verantwoordelike, relasionele begrip van subjektiwiteit. Die “ons is” is wesenlik oop vir derde partye, vir die gelaat van die Ander, vir vreemdelinge en behoeftiges. Bowendien is die “ek is” ook oorlaai met grenslose verantwoordelikheid.

“As ons wit en swart Afrikane dan almal vasgevang is in 'n intrige van nabyheid en verantwoordelikheid: watter nuwe begrip verkry ons deur Levinas te lees?”, vra Douglas (2010:22). In die eerste plek bied hy 'n ander begrip van die wyse waarop bevryding van gewelddadige

onderdrukking aan die eise van geregtigheid onderwerp moet word. Geregtigheid verbind die onvermydelik verweefde domeine van Syn (totaliteit) en etiek (oneindigheid) aan mekaar. Dit is geregtigheid wat kan boet vir die geweld van die geskiedenis. Geregtigheid, volgens Levinas, is nie 'n begrip nie maar 'n werk. Hierdie werk word binne die onregverdige wêreld van totaliteit verrig:

Ons is ons omdat ons, bevelend van identiteit tot identiteit, onttrek is aan die totaliteit en aan die geskiedenis. Maar ons is ons in dié sin dat ons mekaar beveel tot 'n werk waardeur ons mekaar erken. Om onttrek te wees aan die totaliteit en terselfdertyd 'n werk daarin te verrig, is nie om teen die totaliteit te staan nie, maar daarvóór – dit wil sê, in sy diens. Om die totaliteit te dien is om vir geregtigheid te stry. Die totaliteit word deur geweld en korrupsie saamgestel. Die werk bestaan daarin om gelykheid in te voer in 'n wêreld wat oorgelewer is aan die spel en die dodelike stryd van vryhede. (Levinas 1961a:36)

Volgens Douglas (2010:22) kan die totaliteit hier verstaan word as enigiets waarmee ons onself identifiseer, soos etnisiteit, godsdiens en nasionaliteit: “al die belangstrukture wat in geweld gekonstitueer word, maar wat nietemin noodsaaklik is vir die materiële werk van geregtigheid”. Totaliteit verwys dus na die sosiale en historiese orde – gekonstitueer deur geweld, kompetisie en oorheersing – wat individue absorbeer in sisteme, nasies, klasse en identiteite. Hierdie sisteme is geneig om persone te konseptualiseer in terme van hul rolle en funksies. Om 'n ware “ons” te wees is egter nie om bloot aan so 'n sisteem te behoort nie, maar om mekaar as *persone* te benader ongeag hul toegewese historiese of sosiale identiteite. Die etiese verhouding onderbreek die totaliserende werking van die geskiedenis en transformeer die samelewing deur die stryd teen ongeregtigheid te voer. Etiese verantwoordelikheid bevry ons dus daarvan om bloot produkte te wees van die geskiedenis en sosiale sisteme, maar vereis van ons om binne hierdie sisteme te werk om geregtigheid teweeg te bring. Ware gemeenskap is dus nie gebaseer op 'n gedeelde identiteit nie, maar op 'n gedeelde verantwoordelikheid en die werk om gelykheid en geregtigheid te verwesenlik.

In die tweede plek kan Levinas ons ook 'n uitweg wys uit die moeras van identiteitspolitiek waaruit liberale multikulturalisme – wat steeds agterdogtig staan teenoor verskil – nie kan ontsnap nie. Die uitdaging is hoe rassisme weerstaan of diversiteit omarm kan word sonder om die mites van ras in stand te hou. Hoe om 'n gemeenskaplike identiteit te omhels sonder dat dit verhard tot essensialisme en fundamentalisme? Hoe om 'n nie-rassige samelewing te skep terwyl daar aandag gegee word aan die aansprake van mense wat as swart onderdruk is? Die korrektiewe agenda van regstellende-aksieprogramme, byvoorbeeld, steun immers op rassekategorisering.

Deur Levinas te lees, ontdek ons dat etiese verantwoordelikheid nie 'n funksie van identiteit is nie, maar dat identiteit reeds 'n funksie van verantwoordelikheid vir die werklik Ander is, selfs vir die werklik Ander in die gelaat van dié wat die naaste aan my is (Douglas 2010:22–3). Indien etiese verantwoordelikheid 'n funksie van identiteit was, sou my lojaliteit by my eie soort lê, en sou die belang van my “ons” teenoor dié van 'n ander “hulle” staan. Aangesien apartheid-Suid-Afrika bestaan het in die onderwerping van die meerderheid swart mense deur die minderheid wit mense, het die African National Congress tereg die doel van die “nasionale demokratiese rewolusie” geformuleer in terme van die bevryding van “swart mense in die algemeen”, dit wil sê almal wat deur apartheidswetgewing geteiken is – bruin, Indiër of swart – en Afrikane in die besonder wat voorheen as “inboorling” of “Bantoe” gekategoriseer is. Die

politieke arena is gekonseptualiseer in terme van die opposisie van verskillende nasionale groepe en sosiale klasse wat min of meer rationeel hul eie belange nastreef. Indien die stryd teen onderdrukking egter bloot tot eiebelang beperk word, kan dit nie rekenskap gee van die deurslaggewende rol wat wit anti-apartheid-aktiviste, soos Bram Fischer, Joe Slovo, Ruth First, Albie Sachs en vele ander, gespeel het nie. Belangrik is dat Levinas “’n vroeër betekenis ontbloom, anderkant wese en belang, wat etiek openbaar as die verborge bron van politieke aktiwiteit” (Douglas 2010:23): “[m]et die aankoms van die ander mens is daar iets belangriker as my lewe. Dit is die lewe van die ander” (Levinas 1988b:172).

In navolging van Levinas kan ’n mens die pad van toenadering tussen Jode en Christene in die naoorlogse Europa transposeer na apartheid-Suid-Afrika: “die ervaring van [apartheid] het baie [swart mense] in broederlike kontak gebring met [wit mense] wat hul harte vir hulle oopgemaak het – dit wil sê, alles vir hul ontwil gewaag het” (Douglas 2010:23). Op hul onderskeie maniere was swart en wit anti-apartheid-aktiviste ook altyd “vir die Ander”, verenig deur hul diens aan ’n gemeenskaplike menslikheid wat nie afhanklik was van iets wat hulle gemeen gehad het nie.

Wat Douglas se lesing en toepassing van Levinas se denke in ’n Afrika-postkoloniale konteks op die voorgrond plaas, is die onlosmaaklike verstrengeling van die etiese en die politieke. Altyd reeds teenwoordig in die verhouding tussen die Self en die Ander, in die Manichese wêreld van wit setlaars en swart inboorlinge, is die derde party. In die Suid-Afrikaanse konteks word die Derde verteenwoordig deur Indiër-Suid-Afrikaners en die “bruin” gemeenskappe – dié wat toe sogenaamd nie wit genoeg was nie en nou nie swart genoeg is nie. Bo en behalwe hulle word die verhouding van twee verder gekompliseer deur al die ander Andere – “al die vreemder bure, vlugteling en vreemdelinge, die gemarginaliseerdes en kwesbares, die voorouers en die nuwe geslagte” (Douglas 2010:23). Wat hierdie kompleksiteit openbaar, volgens haar, is dat die “antagonistiese lutsbestemmings” van Europa en Afrika miskien tog aanvullend is. Die Derde dekonstrueer ons gesitueerdheid in ’n oënskynlik eenvoudige dualistiese wêreld van geregtigde, opponerende identiteite en roep ons op om die moeilike werk van geregtigheid op te neem in die voortgaande projek om ’n moeilike bevryding te verwesenlik.

Levinas se wantroue teenoor enige nosie van kollektiwiteit en gemeenskap, wat hy verwerp op grond daarvan dat dit aan die taal van ontologie verbonde is, is erken as ’n fundamentele probleem wat hom “in konflik plaas met vroeë rakende postkoloniale andersheid, wat histories en politiek verbind is aan konstruksies van die ander as ’n *kollektiewe* vorm van kulturele of rasseverskil” (Drichel 2012:24). Sy aandrang op “’n verslapping [*relâchement*] van wese” (OB, 185) onttrek die Self aan ’n gebiedende identifikasie met Dieselfde, met die gemeenskap van ’n gemeenskap. Douglas (2010:23) lees Levinas egter nie as iemand wat gemeenskap volkome verwerp of minag nie. Sy herinner ons daaraan dat dit juis ons gemeenskappe is wat die hulpbronne bied wat ons in staat stel om vir mekaar teenwoordig en nuttig te wees. Levinas sou ongetwyfeld saamstem, aangesien sy punt was dat die “wese van die samelewing”, van “broederskap”, nie te vinde is in ’n opvatting van gemeenskap “wat soortgelyke individue verenig” nie (TI, 213–4), maar in die *vir-die-Ander* van verantwoordelikheid. En “as my posisie as Ek daarin bestaan om te kan antwoord”, is dit omdat ek “hulpbronne vir myself [vind]” (TI, 215). “Vryheid ten opsigte van sittende bestaansvorme,” skryf Levinas (1957:23),

is geensins patologies of geforseerd of hartverskeurend nie. Dit verplaas die waardes wat met wortels verband hou en stel ander vorme van getrouheid en verantwoordelikheid in. Die mens is immers nie ’n boom nie, en die mensdom is nie ’n woud nie. Dit



bevorder meer menslike vorme, want dit veronderstel 'n bewuste verbintenis; vryer vorme, want dit stel ons in staat om 'n menslike samelewing en horisonne wyer as dié van die dorp waarin ons gebore is, te bespeur.

So leer Douglas ons dat die lees van Levinas in die gees van sy etiese metafisika, eerder as in die gees van sy elke woord, sy filosofie uiters bruikbaar maak buite die nou grense van Europa en buite die besware van sy kritici. Benewens die intra-Afrika-stryd teen onderdrukking en vir geregtigheid, toon sy hoe Levinas ons kan help om die inherente verstrengeling van Europa en Afrika bloot te lê. Sy dekonstrueer die veronderstelde teenstelling tussen etiek en politiek in sy denke deur geregtigheid op die voorgrond te plaas as die brug tussen etiek (oneindigheid) en syn (totaliteit), wat enige verskralende lees van Levinas in terme van eenvoudige teenstellings tussen die Self en die Ander in onguns bring. Deur haar leiding te volg in die wyse waarop sy Levinas lees, ontdek ons eerder 'n onderling afhanklike verhouding tussen skynbaar teenstellende kategorieë, wat die gaping oorbrug tussen die singuliere Ander en die gemeenskaplike Ander, en wat in werklikheid – anderkant wortels of oorsprong – gegrond is in 'n gedeelde menslikheid.

### 3. Gevolgtrekking: Levinas in die Afrika-postkolonie

Die drie sentrale uitdagings wat die toepassing van Levinas in Afrika- en postkoloniale kontekste problematies maak, is: (1) sy gedokumenteerde rassisme en Eurosentrisme; (2) die oënskynlike onverenigbaarheid tussen Levinas se *abstrakte*/transendente begrip van alteriteit en die postkoloniale fokus op empiriese verskil en diversiteit; en (3) die spanning tussen Levinas se prioritisering van etiek en die politieke vereistes van geregtigheid.

Levinas se xenofobiese uitsprake en sy neiging om “Europa” as maatstaf te neem, is tereg ontstellend vir postkoloniale lesers, aangesien dit die grense van sy beweerde universalisme blootlê. Douglas ignoreer nie hierdie tekortkominge nie; sy erken dit eksplisiet, maar voer aan dat dit nie Levinas se filosofiese waarde geheel en al ondermyn nie. In plaas daarvan om Levinas summier te verwerp, stel sy voor dat sy universele etiese aanspraak *uitgebrei en getoets* word buite Europa se grense – met ander woorde, dat Levinas gelees word in die gees van sy etiese metafisika eerder as op grond van die letter van geïsoleerde uitsprake. In die praktyk beteken dit dat Levinas se denke as 'n heuristiese raamwerk aangewend word om ons te sensitiseer vir etiese onderbreking en verantwoordelikheid, en dat die werking van hierdie “heuristiek” dan binne Afrika se konkrete histories-politieke realiteite geëvalueer word. Douglas aanvaar dus die aanklag, maar antwoord daarop deur Levinas se denke te herlokalisêr en krities toe te pas eerder as om dit prys te gee.

Levinas dring daarop aan dat absolute alteriteit logies en eties voorafgaan aan empiriese verskille: verskil vloei voort uit alteriteit, nie omgekeerd nie. Postkoloniale teoretici benodig egter begripsinstrumente om oor ras, gender en koloniale verskil te kan dink. Douglas navigeer hierdie spanning deur die beliggaamde dimensie van Levinas se denke te beklemtoon: hoewel alteriteit nie tot empiriese eienskappe gereduseer kan word nie, manifesteer die gelaat altyd deur sy vorm. Die etiese ontmoeting is dus affektief en beliggaam. Douglas toon aan dat dit 'n raakpunt skep met Afrika-relasionele begrippe van subjektiwiteit, veral *ubuntu* (“Ek is omdat ons is”), waarin die Self reeds as verantwoordelik en relasioneel verstaan word. Deur te wys hoe Levinas se transendentale etiek saamgelees kan word met *ubuntu* se gemeenskapsbegrip



van verantwoordelikheid, verander Douglas 'n oënskynlike teenstrydigheid in 'n produktiewe komplementariteit. Levinas bied metafisiese diepte aan die aanspraak dat verantwoordelikheid identiteit voorafgaan, terwyl *ubuntu* die sosiohistoriese hulpbronne verskaf waardeur hierdie verantwoordelikheid konkreet geleef kan word. Verskil en diversiteit bly dus polities tersaaklik, maar identiteit word herbedink as 'n funksie van verantwoordelikheid eerder as 'n grondslag vir uitsluiting.

Levinas se bekende stelling “etiesk vóór politiek” loop die gevaar om sy denke polities onbruikbaar te maak vir kontekste waar institusionele remedies vir grootskaalse onreg noodsaaklik is. Douglas antwoord hierop deur *geregtigheid* as die brug tussen Levinas se begrippe van oneindigheid (etiesk) en totaliteit (syn/politiek) sentraal te stel. Sy bou voort op Levinas se insig dat etiese verantwoordelikheid die Staat voortdurend tot verantwoording roep en die grense van politieke mag aandui. Terselfdertyd beklemtoon sy dat etiek, indien dit onbemiddeld bly, self gewelddadig of blind kan word. Die aankoms van die Derde – die veelheid van ander Andere – noodsaak regs- en politieke strukture wat botsende aansprake kan beoordeel. Douglas herlees Levinas dus nie as anti-politiek nie, maar as iemand wat 'n nie-dialektiese beweging tussen etiek en politiek voorstel, waarin etiese verantwoordelikheid politieke geregtigheid *grond*, terwyl politieke instellings die onhoudbare intensiteit van 'n suiwer etiese eis temper. Hierdie interpretasie maak dit moontlik om Levinas te gebruik om die etiese motiverings agter praktyke soos die Waarheid-en-versoeningskommissie, multirassige anti-apartheid-solidariteit en selfs onvolmaakte maar noodsaaklike regstellende maatreëls te verstaan. Geregtigheid word hier begryp as 'n *werk* wat binne die totaliteit verrig word – 'n sleutelbegrip waarmee Douglas Levinas se etiek polities operasioneel maak.

Douglas se leesstrategie verrig dus drie onderling verweefde handelinge wat Levinas se bruikbaarheid herstel. Eerstens *kontekstualiseer en toets* sy sy universele aansprake buite Europa, terwyl sy sy blindekolle erken maar sy sentrale etiese insig behou. Tweedens *oorbrug* sy die kloof tussen abstrakte etiek en konkrete gemeenskapspraktyke deur Levinasiaanse alteriteit te verbind met Afrikatradisies van relasionele subjektiwiteit, veral *ubuntu*. Derdens *herverbind* sy etiek en politiek deur geregtigheid as werk te sentraliseer: etiek eis verantwoordelikheid teenoor die singuliere Ander, terwyl politiek die institusionele middele verskaf om hierdie verantwoordelikheid op skaal te realiseer. Saam toon hierdie drie bewegings dat Levinas – krities en kreatief gelees – nie 'n Eurosentriese etiek is wat blind is vir koloniale geweld nie, maar 'n ryk begripsraamwerk bied vir die denke oor verantwoordelikheid, versoening en regstellende geregtigheid in postkoloniale kontekste.

## Bibliografie

- Bernasconi, R. 1999. The third party: Levinas in the intersection of the ethical and the political. *Journal of the British Society of Phenomenology*, 30(1):76–87.
- Bernasconi, R. en D. Ward (reds.). 1988. *The provocation of Levinas: Rethinking the other*. New York: Routledge.
- Burggraefe, R. 1999. Violence and the vulnerable face of the Other: The vision of Emmanuel Levinas on moral evil and our responsibility. *Journal of Social Philosophy*, 30(1):29–45.

- Critchley, S. 1999. *The ethics of deconstruction: Derrida and Levinas*. West Lafayette, IN: Purdue University Press.
- Derrida, J. 1999. *Adieu to Emmanuel Levinas*. Vertaal deur P-A. Brault en M. Naas. Stanford: Stanford University Press.
- Douglas, H. 2010. Difficult liberation: Reading Levinas in Africa. *Johannesburg Salon*, 3:19–24. [https://philosophy-practice.co.za/wp-content/uploads/2020/01/salon\\_volume3\\_full.pdf](https://philosophy-practice.co.za/wp-content/uploads/2020/01/salon_volume3_full.pdf).
- Drabinski, J.E. 2011. *Levinas and the postcolonial. Race, nation, Other*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Drichel, S. 2012. Face to face with the other Other. Levinas versus the postcolonial. *Levinas Studies*, 7:21–42.
- Hirsch, E. (red.) 1988. *Racismes. L'autre et son visage*. Parys: Cerf.
- Hofmeyr, A.B. 2016. Levinas and the possibility of dialogue with “strangers”. *Journal of the British Society for Phenomenology*, 47(2):174–89. DOI: 10.1080/00071773.2016.1139929.
- Levinas, E. 1957. A religion for adults. In Levinas 1990:11–23.
- . 1961a. The I and totality. In Levinas 2000:13–38.
- . 1961b. Jewish thought today. In Levinas 1990:159–66.
- . 1964. Meaning and sense. In Peperzak, Critchley en Bernasconi (reds.) 1996:33–64.
- . 1979. *Totality and infinity. An essay on exteriority*. Vertaal deur A. Lingis. Den Haag: Martinus Nijhoff. [Aangehaal as TI]
- . 1985. *Ethics and infinity. Conversations with Philippe Nemo*. Vertaal deur R.A. Cohen. Pittsburgh: Duquesne University Press.
- . 1988a. La vocation de l'autre. In Hirsch (red.) 1988:89–102.
- . 1988b. The paradox of morality: An interview with Emmanuel Levinas. In Bernasconi en Ward (reds.) 1988:168–80.
- . 1990. *Difficult freedom: Essays in Judaism*. Londen: Athlone Press.
- . 1991. *Otherwise than being or beyond essence*. Vertaal deur A. Lingis. Dordrecht: Kluwer Academic Publishers. [Aangehaal as OB]
- . 1994. *Les imprévus de l'histoire*. Montpellier: Fata Morgana.
- . 2000. *Entre nous. On thinking-of-the-other*. New York: Columbia University Press.
- . 2007. *In the time of the nations*. Vertaal deur M.B. Smith. Londen: Continuum.

Ma, L. 2008. All the rest must be translated: Levinas's notion of sense. *Journal of Chinese Philosophy*, 35(4):559–612.

Morgan, M.L. 2011. *The Cambridge introduction to Emmanuel Levinas*. Cambridge: Cambridge University Press.

Mortley, R. 1991. *French philosophers in conversation*. Londen: Routledge.

Peperzak, A., S. Crichtley en R. Bernasconi (reds.). 1996. *Emmanuel Levinas. Basic philosophical writings*. Bloomington en Indianapolis: Indiana University Press.

Spivak, G.C. 2004. Is Levinas “use-less”? A seminar. School of criticism and theory. Ithaca: Cornell University.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Hierdie artikel bou voort op die problematiek wat reeds in my 2016-teks oor Levinas en postkoloniale alteriteit ontwikkel is, maar verskuif die fokus van 'n hoofsaaklik diagnostiese ondersoek na 'n konstruktiewe en konteksgebonde herlesing van Levinas binne die Afrika-postkolonie. Waar die vorige ondersoek die spanninge rondom Levinas se Eurosentrisme, sy abstrakte begrip van alteriteit en die verhouding tussen etiek en politiek geïdentifiseer het, ondersoek die huidige artikel hoe hierdie uitdagings produktief herbedink kan word aan die hand van Helen Douglas se toepassing van Levinas in die Suid-Afrikaanse konteks. Dit word gedoen deur geregtigheid as bemiddelende begrip tussen etiek en politiek te sentraliseer, Levinas in gesprek te bring met ubuntu en die problematiek konkreet binne postkoloniale Afrika te lokaliseer.

<sup>2</sup> Alle vertalings van aanhalings is deur my.

# **'n Onderzoek na die verklaring vir die komplekse verhouding tussen verbruikers se kwalifikasievlak en ervaring van gewonetaaldokumente**

**Annie Burger**

---

Annie Burger, nadoktorale navorsingsgenoot,  
Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch

---

## ***Opsomming***

Die navorsingsvraag wat in hierdie ondersoek beantwoord word, is: Wat is die verklaring vir Burger (2023) se bevinding wat aandui dat daar 'n verhouding tussen deelnemers se ervaring van gewonetaaldokumente en hulle kwalifikasievlak is? Die teoretiese uitgangspunte van hierdie ondersoek is die psigolinguistiek en tekslinguistiek. Daar word spesifiek gekyk na die prosesseringsmeganismes van deelnemers van gewonetaaldokumente en hoe kwalifikasievlak hierdie prosesseringsmeganismes beïnvloed, wat dan deelnemers se ervaring van die gewonetaaldokumente beïnvloed. In hierdie ondersoek word daar klem gelê op die behavioristiese aanname (binne die psigolinguistiek) dat hoe hoër iemand se kwalifikasievlak is hoe beter sal hulle prosesseringsmeganismes wees. In Burger (2023) is daar tot die gevolgtrekking gekom dat hoe hoër mense se kwalifikasievlak is, hoe negatiewer is hulle ervaring van gewonetaaldokumente. Daar word aangeneem dat deelnemers met 'n hoër kwalifikasievlak meer ondervinding het met die tipe dokumente wat getoets word, en gevolglik oor meer kennis beskik om krities na die dokumente te kyk. In die huidige ondersoek word hierdie aanname met behulp van kwalitatiewe data ontleed. In die huidige navorsing word daar ook na aspekte van die teks gekyk om te bepaal of hierdie aspekte deelnemers se ervaring van die teks beïnvloed. Om die navorsingsvraag te beantwoord, maak die navorser dus van kwalitatiewe onderhoude gebruik om data in te samel. Die gewonetaaltekste wat gebruik is in hierdie navorsing, is die "Neem jou besigheid na die volgende vlak"-inligtingstuk van Sanlam. Die onderhoude met deelnemers is opgeneem en getranskribeer. Daarna is sentimentontleding met handgedrewe kodering uitgevoer. Die resultate van die ondersoek dui aan dat die verhouding tussen deelnemers se ervaring van gewonetaaldokumente en hulle kwalifikasievlak waarskynlik verband hou met die ontwikkeling van kritiese leesvaardighede. Deelnemers met laer kwalifikasievlakke fokus hoofsaaklik op die oorhoofse, tasbare aspekte van die teks (soos skrifgrootte, visuele struktuur en bondigheid) omdat hulle

leeservaring meer gefokus is op toeganklikheid en praktiese bruikbaarheid. Namate kwalifikasievlak styg, ontwikkel deelnemers se vermoë om foute in taal, styl, struktuur en inhoud te identifiseer en te evalueer.

**Trefwoorde:** gewone taal; kwalifikasievlak; negatiewe ervaring; positiewe ervaring; sentiment-ontleding

### *Abstract*

#### **An investigation into the explanation for the complex relationship between users' level of qualification and their experience of plain language documents**

Plain language is used to make information findable, understandable and usable (International Organization for Standardization 2023:1; Plain Language Federation 2025). Plain language texts are not written for the general public, but rather for a specific audience. Plain language texts use content, language, structure and design for the audience to have the best chance of unlocking the information in the text (Cheek 2010:5). But it is not only the characteristics of the text that influence findability, understanding and usability; characteristics of the audience also play a role. Burger (2023) investigated how aspects of participants' characteristics influenced their interaction with plain language texts. Although the results of the study determined several (predictable) relationships, they also determined one unpredictable relationship, namely that people with higher qualification levels experience plain language texts more negatively. Burger suggests that participants with a higher level of qualification have more experience with the types of documents tested, and therefore have more knowledge to evaluate the documents critically (Burger 2023:310). In the current study this hypothesis is tested using qualitative data to analyse carefully the nature of this relationship.

One of the two theoretical frameworks of this study is psycholinguistics. Specifically, it looks at the processing mechanisms of participants and how their qualification level influences these processing mechanisms, which in turn influences participants' interaction with plain language texts. In the current research, emphasis is placed on the behaviourist assumption (within psycholinguistics) that the higher someone's qualification level is, the better their processing mechanisms will be. Matveeva, Moosally and Willerton (2017:338) also indicate that qualification level influences people's appreciation of plain language. The results of a study by Trudeau (2012:142–3) indicate that the higher people's qualification levels, the more they prefer plain language texts. This is in contrast with Burger's (2023) results, which indicate that the higher people's qualification level, the more negative their experience of plain language documents.

In the current study, Burger's (2023) findings are further analysed using qualitative data to determine why the results do not correspond with Trudeau's results. In the current study only one document is tested, which makes it possible to look more deeply at characteristics of the text to determine whether these characteristics have an influence on the experience of participants. Here, the second theoretical framework, namely text linguistics, comes into play.

The research question of this study is: What is the explanation for Burger's (2023) finding that indicates that there is a relationship between participants' experience of plain language documents and their qualification level?

To answer this question, qualitative interviews were used to collect data. Participants were identified using convenience sampling with a specific focus on qualification level. Two participants had matric (group 1), two had a diploma or certificate (group 2), two had a bachelor's degree (group 3), two had an honours or master's degree (group 4) and two had a doctorate (group 5). All the participants were home language speakers of Afrikaans. The participants were asked to read the "Neem jou besigheid na die volgende vlak" document from Sanlam. This document was one of the plain language documents tested in Burger (2023) and was identified as the document with which respondents had had the worst experience in that research. After respondents had read the document, they were asked a series of questions to gauge how they felt about the document; specifically whether they had had a positive or negative experience with it.

Interviews were transcribed and then manually coded. To conduct sentiment analysis, phrases that indicate a positive ("I like..."), neutral ("It is normal ...") or negative ("I don't like ...") attitude were colour coded. These coded texts were then checked by a third party to counter possible bias.

The results of the study indicate that despite the differences in qualification levels, there were certain similarities in the observations of all five groups. In each group, participants made positive comments about elements in the document that made it easier to read, for example, the use of clear headings, bold text, bulleted lists and visual elements like photos and icons. At the same time, all groups also expressed criticism of the document regarding aspects that could make reading difficult, for example too much text on a page, too small font, and too much unnecessary and irrelevant content.

However, there is a clear shift in focus as qualification level increases. Groups 1 and 2 mainly assessed the document's practical value and visual appeal. Their criticism was mostly directed at physical readability (for example, font size and text length) and the accessibility of the vocabulary. Group 3, however, began to question the quality of the text itself. This group pointed out copy-editing errors, strange translations and superficial content. In groups 4 and 5 the focus shifted even further, to a more critical evaluation of the language, style and structure. These participants made extensive comments about the text's translation, which may have been done by a translation bot, inconsistent style, illogical flow and superficial content. Group 5 was particularly vocal about the document's shortcomings, offering more technical and detailed criticism and placing less emphasis on general readability or visual appeal. These patterns suggest that higher qualification levels are associated with greater sensitivity to quality aspects such as content reliability, editing and linguistic accuracy, while lower qualification levels tend to focus more on accessibility and usability.

When participants were asked directly whether they thought there was a relationship between their qualification level and experience, most participants indicated that they did not think there was. What did emerge, especially in groups 1 to 3, is that participants felt that the type of qualification (rather than qualification level) had a significant influence on how they had experienced the document. However, participants in groups 4 and 5 highlighted a clearer connection between their qualification level and a more critical, analytical reading experience.



From this discussion it can be concluded that the relationship between participants' experience of documents and their qualification level is likely related to the development of critical reading skills. Participants with lower qualification levels focus mainly on the tangible aspects of the text (like font size, structure and conciseness) because their learning experience is more focused on accessibility and practical usefulness. As qualification level increases, so does participants' ability to identify and evaluate errors in language, style, structure and content development. These results are therefore consistent with the behaviourist assumption (within psycholinguistics) that the higher people's qualification levels, the better their processing mechanisms. Increased processing mechanisms can be accompanied by critical thinking.

These findings can be further illuminated from a text-linguistic perspective. De Beaugrande and Dressler (1981) indicate that the success of a text is determined by the standards of cohesion, coherence, intentionality, acceptability, informativeness, situationality and intertextuality. The results indicate that participants with higher qualification levels are more likely to notice and judge these underlying text features, while participants with lower qualification levels rather base their experience on immediately visible or practical properties of the document. The results of the current study indicate that Burger's (2023) findings are supported to some extent, as participants with higher qualification levels do read texts differently from participants with lower qualification levels and that this influences their experience of texts. However, it is not necessarily the use of plain language techniques that fully influences this experience, but rather the non-compliance with text-linguistic principles. Despite the fact that plain language texts are intended to empower lay readers to access information, the current research indicates that if text-linguistic features are absent, it negatively affects the impact of plain language techniques. Plain language writers and editors should pay attention to creating plain language texts carefully, taking into account text-linguistic principles, in order to achieve the intended goals of communication. This is especially important in a country like South Africa, where the majority of people need plain language to access information.

Future studies could investigate the relationship between text linguistics and experience. In the current study, some of the participants indicated that they thought that parts of the text had been created by a translation bot, and that this negatively affected their experience of the text. These studies could look at the acceptability (or unacceptability) of similar texts created with artificial intelligence.

Another aspect of the study that could be further investigated is the relationship between type of qualification and experience of texts. Future studies could determine whether participants with qualifications that are related to the content of the document have better experiences than those with other qualifications.

**Keywords:** negative experience; plain language; positive experience; qualification level; sentiment analysis

## 1. Inleiding

Gewone taal het ten doel om inligting vir 'n spesifieke gehoor maklik vindbaar, begrypbaar en bruikbaar te maak (International Organization for Standardization 2023:1; Plain Language Federation 2025). Gewonetaaltekste word dus nie vir 'n algemene gehoor geskryf nie, maar vir

'n spesifieke gehoor. Met die skryf van gewonetaaltekste word inhoud, taal, struktuur en ontwerp gebruik vir die gehoor om die beste kans te hê om die inligting in die dokument te ontsluit (Cheek 2010:5). Tog is dit nie slegs eienskappe van die teks wat vindbaarheid, begrip en bruikbaarheid beïnvloed nie; eienskappe van die ontvanger van die teks speel ook 'n rol. Volgens Schmid en Dusseldorp (2010:126) beïnvloed verskeie interne en eksterne persoonlike faktore die linguistiese prosesse van die persone wat betrokke is. Wanneer dit by gewonetaaldokumente kom, kom Burger (2023) tot dieselfde gevolgtrekking. In haar ondersoek is verskeie aspekte van deelnemers getoets, naamlik hulle kwalifikasievlak, inkomste, huistaal, variëteit van Afrikaans wat hulle praat en betrokkenheid by 'n gewonetaaltekste in verhouding met hoe begrypbaar en bruikbaar hulle die teks gevind het, asook hulle ervaring van die teks. Hoewel die resultate van die ondersoek verskeie (voorspelbare) verhoudings bepaal het, het dit ook een onvoorspelbare verhouding bepaal. Hierdie verhouding is dat mense met hoër kwalifikasievlakke gewonetaaldokumente negatiewer ervaar. In die ondersoek word aangevoer dat deelnemers met 'n hoër kwalifikasievlak meer ondervinding het van die tipe dokumente wat getoets is, en gevolglik oor meer kennis beskik om krities na die dokumente te kyk (Burger 2023:310). In die huidige ondersoek word hierdie hipotese getoets met die gebruik van kwalitatiewe data om die aard van hierdie verhouding sorgvuldig te bestudeer. Hier word ook net na een dokument gekyk wat help om te bepaal of daar tekslinguistiese eienskappe van die teks is wat die ervaring van die teks beïnvloed.

Een van die twee teoretiese uitgangspunte van hierdie ondersoek is die psigolinguistiek. Spesifiek word gekyk na die prosesseringsmeganismes van deelnemers en hoe hulle kwalifikasievlak hierdie meganismes beïnvloed, wat dan weer deelnemers se ervaring van die gewonetaaldokumente beïnvloed. Purba (2018:47) is van mening dat taalprosesseringsmeganismes as 'n interne, kognitiewe proses begin, waarna dit deur eksterne opvoeding bevorder word. In die huidige ondersoek word daar klem gelê op die behavioristiese aanname (binne die psigolinguistiek) dat hoe hoër iemand se kwalifikasievlak is, hoe beter sal hulle prosesseringsmeganismes wees.

Sharp, Cole, Lave, Ginsberg, Brown en French (1979:1) wys daarop dat kwalifikasievlak 'n persoon se prestasie in take beïnvloed. Wat gewone taal betref, dui Matveeva, Moosally en Willerton (2017:338) aan dat kwalifikasievlak mense se waardering vir gewonetaaldokumente beïnvloed. In 'n ondersoek deur Trudeau (2012) is 'n aanlyn vraelys uitgestuur om te bepaal hoe mense oor gewonetaaltekste in die regs konteks voel. In hierdie ondersoek is 11 vergelykbare tekste (een in gewone taal en een in regstaal) aan 276 respondente gegee (Trudeau 2012:131;134). Die resultate van die ondersoek toon dat hoe hoër mense se kwalifikasievlakke is, hoe meer verkies hulle die gewonetaaltekste. Trudeau (2012:142–3) dui aan dat selfs al verstaan mense met hoër grade tradisionele regstaal, dit nie is wat hulle verkies nie.

Burger (2023) se navorsing dui egter op teenoorgestelde resultate. Die resultate dui aan dat hoe hoër mense se kwalifikasievlak is, hoe negatiewer is hulle ervaring van gewonetaaldokumente. Burger voer aan dat daar sin van die resultate gemaak kan word deur aan te neem dat deelnemers met 'n hoër kwalifikasievlak meer ondervinding het met die tipe dokumente wat getoets word, en gevolglik meer kennis het om krities na die dokumente te kyk. Hierdie argument stem ooreen met die behavioristiese aanname dat aanraking met iets begrip daarvan bevorder. In die huidige ondersoek word daar ondersoek ingestel na waarom Burger se bevindinge nie ooreenstem met Trudeau s'n nie. Aangesien Burger se ondersoek kwantitatief van aard was, is dit moeilik om die rede te bepaal waarom hierdie resultate verskil van dié van Trudeau.

In die onderhawige ondersoek word Burger se bevindinge verder aan die hand van kwalitatiewe data ontleed om te bepaal waarom hierdie resultate nie ooreenstem met Trudeau se resultate nie. Omdat die huidige ondersoek ook slegs een dokument toets, is dit moontlik om dieper na eienskappe van die teks te kyk om te bepaal of hierdie eienskappe 'n invloed het op die ervaring van deelnemers. Hier is die tweede teoretiese uitgangspunt van die navorsing, naamlik tekslinguistiek, ter sprake.

## 2. Literatuuroorsig

Soos reeds genoem, het gewone taal ten doel om inligting vir 'n spesifieke gehoor maklik vindbaar, begrypbaar en bruikbaar te maak (International Organization for Standardization 2023:1; Plain Language Federation 2025). Gewone taal word hoofsaaklik in komplekse kontekste gebruik, byvoorbeeld die regswêreld, die gesondheidsversorgingssektor en verbruikers-omgewing (Cornelius 2020:3). In hierdie kontekste kom lekelesers met komplekse inligting in aanraking en moet hulle besluite maak gebaseer op hierdie inligting (Cornelius 2020:3). Gewone taal help om lekelesers te bemagtig om hierdie komplekse inligting te verstaan.

In Suid-Afrika word daar in 'n verskeidenheid wetgewing na gewone taal verwys. Van al die wetgewing is die Verbruikersbeskermingswet (Wet 68 van 2008) die mees eksplisiete in dié wet se verwysing na gewone taal.

Hierdie wet voer aan dat 'n teks in gewone taal geskryf is wanneer van “'n gewone verbruiker van die klas van persone vir wie die [teks] bedoel is, met gemiddelde geletterdheidsvaardighede en minimale ondervinding as 'n verbruiker van die betrokke goedere of dienste, verwag kan word om die inhoud, betekenis en belang van die [teks] sonder onnodige inspanning te verstaan”. Verder verduidelik die wet dat gewone taal aangewend moet word in die samehang, omvattendheid, konsekwentheid, organisering, vorm, styl, woordeskat, gebruik en sinstruktuur van die teks, en dat illustrasies, voorbeelde, opskrifte of ander hulpmiddels gebruik kan word (Republiek van Suid-Afrika 2008). Die wet gee dus 'n goeie idee van wat gewone taal is en hoe dit toegepas moet word.

Daar is egter ook meer onlangse internasionale verwikkelinge wat verder help om gewone taal te konkretiseer.

Die International Organization for Standardization- (ISO-) standaard vir gewone taal is in 2023 gepubliseer. Dit is gebaseer op die definisie van gewone taal wat vroeër genoem is en behels vier beginsels:

- Beginsel 1: Lesers kry die inligting wat hulle nodig het.
- Beginsel 2: Lesers kan maklik vind wat hulle nodig het.
- Beginsel 3: Lesers kan maklik verstaan wat hulle vind.
- Beginsel 4: Lesers kan die inligting maklik gebruik.

(International Organization for Standardization 2023:iii)

Die ISO-standaard, saam met die verwysing in wetgewing, bevestig die belangrikheid van gewone taal. Daar is reeds baie navorsing gedoen oor gewone taal en wat dit behels. Soos die geval met die riglyne in die ISO-standaard is, wys verskeie bronne op spesifieke tegnieke wat in gewonetaaldokumente gebruik kan word. Hier volg 'n paar voorbeelde van gewonetaal-tegnieke wat deur verskillende bronne uiteengesit is.

Wat inhoud betref, sluit dit in dat gewonetaaltekste verstaanbaar moet wees die eerste keer dat dit gelees word, dat voorbeelde gegee moet word om moeilike inligting te verduidelik, en dat die inligting altyd so duidelik moontlik moet wees volgens die skrywer se bedoelings (Gouws 2010:81;93).

Gewonetaaltekste moet woorde gebruik wat begryplik sal wees vir die beoogde gehoor (Harris, Kleimann en Mowat 2010:19) en jargon moet vermy word (Kimble 2002:91). Verder moet dieselfde woorde deurlopend vir dieselfde konsep gebruik word (Petelin 2010:213). Waar tegniese terme nie vermy kan word nie, moet die terme verduidelik word naby waar dit gebruik is (Fine 2001:9). Aksiewerkwoorde moet gebruik word om instruksies te gee (DuBay 2008:19; Petelin 2010:212). Lang en onnodige frases, soos “met betrekking tot” en “tot en met” moet vermy word (Kimble 2002:45). Om kohesie en koherensie te bevorder, moet referente in gewonetaaldokumente gebruik word (Cornelius 2012:234).

Wat sinskonstruksie betref, wys Fine (2001:9) daarop dat korter sinne van tussen 15 en 20 woorde in gewonetaaltekste gebruik moet word. Waar langer sinne gebruik word, moet hulle nie meer as 40 woorde lank wees nie (Harris e.a. 2010:19).

Gewonetaaltekste moet hoofsaaklik van die aktiewe sinskonstruksie gebruik maak (Fine 2001:9) en moet nominaalkonstruksies vermy (Petelin 2010:213). Waar instruksies gegee word, moet die werkwoord aan die begin van die sin wees (Kimble 2002:44).

Op makrovlak kan 'n inhoudsopgawe gebruik word by langer dokumente om die oorhoofse struktuur van die dokument duideliker te maak (Kimble 2002:44). Verder moet inhoud opgedeel word in kleiner afdelings met duidelike opskrifte (Fine 2001:9). Afdelings moet in 'n logiese volgorde geplaas word (Fine 2001:8), byvoorbeeld in chronologiese of belangrikheidsvolgorde (Harris e.a. 2010:19). Nommers by opskrifte kan gebruik word om die verhouding tussen die verskillende opskrifte duidelik te maak. Nommering kan ook help met die kohesie van 'n teks, hoewel die teks reeds kohesief moet wees, aangesien nommering alleen nie kohesie kan skep nie (Cornelius 2012:244).

Elke paragraaf moet oor een onderwerp handel en moenie meer as 100 woorde lank wees nie (Cornelius 2012:233). Vertikale lyste kan gebruik word om groot stukke teks op te breek (Harris e.a. 2010:19).

Op visuele vlak moet gewonetaaltekste lettertipes, -groottes en -kleure gebruik wat maklik is om te lees (Harris e.a. 2010:19;21). Die beste manier om woorde te beklemtoon is met vetdruk, en nie hoofletters of kursief nie (Kimble 2002:44). Gewonetaaltekste moet van voldoende wit spasie gebruik maak en moet digte blokke teks vermy (Harris e.a. 2010:19). Illustrasies, byvoorbeeld tabelle en grafieke, moet gebruik word om moeilike inligting begryplicher te maak (Harris e.a. 2010:19).

Die styl van 'n gewonetaaltekste moet gepas wees vir die spesifieke gehoor en dit moet deurlopend dieselfde wees. Volgens Kimble (2002:44) moet dit soos 'n gesprek klink. Die styl moet inklusief wees en moet ouderdomsdiskriminasie, klassisme, rassisme en seksisme vermy (Petelin 2010:213).

Die leser moet in gedagte gehou word wanneer die bogenoemde gewonetaaltegnieke gebruik word. Volgens Petelin (2010:212) moet die teks sensitief wees vir die konteks van die beoogde leser. Die inligting moet op die vlak van begryplikheid wees vir die beoogde leser om dit te verstaan (Fine 2001:8) deur bekende woorde te gebruik en om inligting uit te laat wat die leser nie nodig het nie (Cheek 2010:10). 'n Baie belangrike aspek wat te make het met die inagneming van die leser, is om gewonetaaldokumente met beoogde lesers te toets. Om lesers by toetsing te betrek help gewonetaalskrywers om tekste te verbeter (Kimble 2002:44). Cornelius (2012:433) voer aan dat toetsing in twee fases moet gebeur: Nuwe dokumente moet getoets word, waarna hulle hersien moet word en dan weer getoets moet word. Slegs hierdeur kan die sukses van 'n gewonetaaltekste bepaal word.

Onlangse navorsing wys ook op hierdie eienskappe van gewone taal. In Suid-Afrika is die boek *Gewone taal – 'n oorsig* in 2020 gepubliseer. Die boek bevat 'n kontrolelys wat in die volgende subafdelings verdeel is: doel en teiken gehoor van die dokument; toegangstruktuur, navigasiegemak en teksorganiserings; woorde, sinne en paragrawe; gebruik die volgende konstruksies; ontwerp en tipografie; grafika (Cornelius 2020:92–8).

As gevolg van die klem op toetsing van gewonetaaltekste is daar al baie empiriese navorsing oor gewonetaaltekste gepubliseer. In Suid-Afrika sluit hierdie navorsing onder andere die volgende in: Knight (1997), Steward Smith (1999), Nienaber (2001), Pienaar (2002), Feinauer (2003), Abrahams (2003), Carstens en Snyman (2003), Carstens (2007), Cornelius (2010a, 2010b, 2011, 2012, 2015, 2016), Siebörger en Adendorff (2011), Baitsewe, De Stadler en Du Plessis (2011), Esterhuyse (2013), Burger (2018), Cupido (2018), Green (2019) en Cupido en Lesch (2020).

Waar die huidige navorsing verskil van die meeste ander navorsing wat al gedoen is, is dat die huidige navorsing spesifiek fokus op hoe kwalifikasievlak die ervaring van 'n gewonetaaldokument kan beïnvloed. In De Bruin (2024:100–2) word daar tot die gevolgtrekking gekom dat mense wat op openbare gesondheidsorg steun (wat gepaardgaan met laer kwalifikasies en laer inkomste), mikrotekstuele redes verskaf as voorkeur vir gewonetaaltekste; daarteenoor kla mense wat op privaat gesondheidsorg steun (wat gepaardgaan met hoër kwalifikasies en inkomste) oor probleme op makrotekstuele vlak. Burger (2023) se bevindinge stem ooreen met dié van De Bruin (2024) – beide dui aan dat verskillende lesersgroepe verskillende ervarings van gewonetaaltekste het. Hierdie bevindinge blyk ook in Farrell en Gibbons (1989) se navorsing. Volgens Farrell en Gibbons (1989:1214) het een geval van kommunikasie gereeld meer as een ontvanger. Elke ontvanger van kommunikasie het hul eie oortuigings en hulle neem verskillende aksies gebaseer op hulle oortuigings. Burger (2023) en De Bruin (2024) se navorsing bewys dat dit ook die geval is met gewonetaaltekste. Dit wil sê, gewonetaaltekste het verskillende lesers met verskillende oortuigings wat verskillend teenoor gewonetaaltekste sal reageer.

Buiten dat die huidige navorsing teoreties ooreenstem met Farrell en Gibbons (1989), is die navorsing se teoretiese raamwerk gebaseer op die psigolinguistiek. Volgens Cornelius (2012:139) behels die psigolinguistiek die ondersoek van taalprosesseringsmeganismes om betekenis te konstrueer. Taalprosesseringsmeganismes is die meganismes wat 'n persoon



gebruik om taal te prosesseer, byvoorbeeld om individuele woorde saam te voeg in sinskonstruksies om sin te maak daarvan (Jouravlev, Zheng, Balewski, Le Arnz Pongos, Levan, Goldin-Meadow en Fedorenko 2019:2). Binne die psigolinguistiek is behaviorisme een van die bekendste teorieë. Volgens die behaviorisme word alle aspekte van taal aangeleer deur stimuli, byvoorbeeld om 'n taal te hoor (Nor en Rashid 2018:162). Formele opleiding, waar leerders met stimuli in aanraking kom, is dus baie belangrik vir taalprosesseringsmeganismes om te ontwikkel, meen behavioriste. Hoewel in die behaviorisme dus geglo word dat formele opleiding belangrik is vir taalprosesseringsmeganismes om te ontwikkel, word daar in die huidige navorsing gekyk na hoe die vlak van formele opleiding 'n persoon se ervaring van 'n gewonetaalteks beïnvloed.

Die huidige navorsing fokus ook op daardie aspekte van die spesifieke dokument wat ervaring moontlik beïnvloed. Tekslinguistiek speel dus ook 'n rol in die ontleding van die resultate. Volgens De Beaugrande en Dressler (1981:3) bestaan daar sewe standaarde vir 'n teks om suksesvol te wees. Die eerste standaard, *kohesie*, het te make met hoe die woorde waaruit 'n teks bestaan, verbind is aan mekaar. Daar moet 'n duidelike verhouding tussen die verskillende woorde wees vir 'n teks om kohesief te wees (De Beaugrande en Dressler 1981:3). Die tweede standaard, *koherensie*, kyk na die onderliggende temas van 'n teks en hoe tersaaklik hulle met betrekking tot mekaar is. Vir 'n teks om suksesvol te wees moet dit koherent wees (De Beaugrande en Dressler 1981:4). Die derde standaard, *intensionaliteit*, het te make met die skrywer se bedoeling met die teks. Kohesie en koherensie help 'n skrywer om sy of haar intensie te bereik (De Beaugrande en Dressler 1981:7). 'n Vierde standaard is die *aanvaarbaarheid* van die inhoud van die teks. Lesers moet die toepaslikheid van die inhoud tot hulle eie omstandighede aanvaar (De Beaugrande en Dressler 1981:7). Die teks moet ook *informatief*, die vyfde standaard, wees. Dit moet dus inligting bevat wat insiggewend is (De Beaugrande en Dressler 1981:9). Die sesde standaard is *situasionaliteit*. Volgens hierdie standaard moet 'n teks toepaslik wees vir die situasie (of konteks) waarin dit voorkom (De Beaugrande en Dressler 1981:9). Die laaste standaard, *intertekstualiteit*, het te make met die gesprek tussen die teks en ander tekste (De Beaugrande en Dressler 1981:10). Vir 'n teks om suksesvol te wees, moet dit sin maak in verhouding tot ander tekste. In die huidige ondersoek word daar, buiten die kwalifikasievlak van deelnemers, ook na hierdie sewe standaarde van tekstualiteit gekyk om te bepaal of dit deelnemers se ervaring van die teks beïnvloed het.

### 3. Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag wat in hierdie ondersoek beantwoord word, is: Wat is die verklaring vir Burger (2023) se bevinding wat aandui dat daar 'n verhouding tussen deelnemers se ervaring van gewonetaaldokumente en hulle onderskeie kwalifikasievlakke is?

### 4. Navorsingsmetodologie

Om hierdie vraag te beantwoord het die huidige ondersoek van kwalitatiewe onderhoude<sup>1</sup> gebruik gemaak om data in te samel. Die kwantitatiewe data in Burger (2023) het aangedui dat daar 'n negatiewe verhouding tussen deelnemers se ervaring van gewonetaaldokumente en hulle kwalifikasievlak is. In hierdie opvolgnavorsing is daar eerder van kwalitatiewe data gebruik gemaak om Burger (2023) se resultate te verklaar.



#### **4.1 Deelnemers**

Aangesien die onafhanklike veranderlike in die huidige navorsing kwalifikasievlak is en die afhanklike veranderlike ervaring is, het die deelnemers in hierdie navorsing verskillende kwalifikasievlakke. Deelnemers is geïdentifiseer met 'n gerieflikheidsproefneming met spesifieke fokus op kwalifikasievlak. Twee deelnemers het matriek (groep 1), twee het 'n diploma of 'n sertifikaat (groep 2), twee het 'n baccalaureusgraad (groep 3), twee het 'n honneurs- of meestersgraad (groep 4), en twee het 'n D-graad (groep 5). Uitgesonder die deelnemers se kwalifikasievlakke was die keuseproses verskillend wat deelnemers se ouderdom, ras en geslag betref sodat uiteenlopende tipe mense se ervaring gemeet kon word. Alle deelnemers was Afrikaanse moedertaalsprekers.

#### **4.2 Teks**

Die teks wat gebruik is, is die “Neem jou besigheid na die volgende vlak”-inligtingstuk van Sanlam.<sup>2</sup> Hierdie dokument word as Bylae A aangeheg. In Burger (2023) is 18 verskillende dokumente vir ervaring getoets. Deelnemers se kwalifikasievlakke is ook vasgestel. Drie van die 18 dokumente het die verhouding geïdentifiseer waaroor die huidige ondersoek handel. Dit wil sê, daar is drie dokumente waarvoor deelnemers met nagraadse kwalifikasies die negatiefste opsie gekies het op die Likertskaalvrae wat ervaring meet. Van hierdie drie dokumente het een in die mediese, een in die regs- en een in die finansiële konteks voorgekom. Die konteks wat oor die algemeen die slegste gevaar het wat ervaring betref, was die finansiële konteks. Daarom is daar besluit om die dokument waar die deelnemers die hoogste kwalifikasie en die negatiefste ervaring in die finansiële konteks gehad het, naamlik die “Neem jou besigheid na die volgende vlak”-inligtingstuk, in die huidige ondersoek te gebruik.

Burger (2023) beskou hierdie dokument as 'n gewonetaaldokument omdat dit van verskeie gewonetaaltegnieke gebruik maak, soos bespreek in Burger (2023:120–1). Die gewonetaaltegnieke wat in die spesifieke dokument gebruik is, word, onder meer, in Tabel 1 uiteengesit.

Tabel 1. Gewonetaaltegnieke in die dokument

| Gewonetaaltegnieke                                                   | Voorbeeld in die dokument                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          |
|----------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Gebruik voorbeelde om moeilike inligting eenvoudiger te maak.</b> | <p>Die dokument maak van voorbeelde gebruik om moeilike inligting eenvoudiger te maak. Op bladsy 11 byvoorbeeld word besigheidsbehoeftes met voorbeelde verduidelik:</p> <p><b>01 Bepaal jou behoeftes</b></p> <p>Dit is goeie praktyk om met die einddoel in gedagte te begin. Dit beteken dat jy die besigheidsuitkomst wat jy wil bereik, verstaan. Jy kan dan bepaal watter tegnologie-toepassing jou in die bereik van die besigheidsnoodsaaklikheid sal ondersteun.</p> <p>Byvoorbeeld:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>➤ Jy wil kliënte-inligting bewaar: MS Excel is dalk nou voldoende, maar 'n meer robuuste KVB-stelsel ('CRM') is dalk die uiteindelijke oplossing.</li> <li>➤ Jy ervaar voorraadverliese: Elektroniese voorraadbeheer sal jou in beheer stel van voorraadvlakke en die beweging van voorraad in en uit jou besigheid.</li> <li>➤ Jy wil 'n weeklikse artikel/nuusbrief uitgee: Afhangende van die betrokke volumes en die grafika wat vir die artikel of nuusbrief benodig word, kan jy MS Word, of MS Publisher gebruik, of die inligting in HTML pasmaak (benodig programmeringsvaardighede).</li> </ul> |
| <b>Begin 'n sin met 'n werkwoord wanneer jy instruksies gee.</b>     | <p>Die dokument gebruik werkwoorde by instruksies, byvoorbeeld "Beheer jou kontantvloei deur die bestuursrekening van die afgelope 12 maande te hersien" en "Voorspel die kontantvloei".</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       |
| <b>Gebruik gesprekstyl.</b>                                          | <p>Deur die leser as "jy" en "jou" aan te spreek, is die styl van die teks informeler, en dit dui op gesprekstyl.</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              |

| Gewonetaal tegnieke                             | Voorbeeld in die dokument                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       |
|-------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p><b>Verdeel inhoud in kort afdelings.</b></p> | <p>Die inhoud is in kort afdelings georden, soos duidelik gesien kan word op bladsy 17, waar geen van die afdelings langer as drie sinne is nie:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>④ <b>My besigheid se finansiële posisie:</b><br/>Hoe groot is die gaping tussen die huidige finansiële aanduiders (omset, wins en kostes) en die finansiële groei-doelwitte van my besigheid?</li> <li>④ <b>Teikenmark:</b><br/>Het ons 'n duidelik-omskrewe teikenmark? Weet ons hoeveel van hierdie kliënte ons op ons boeke nodig het en wat die verkoopswaarde per kliënt moet wees om ons finansiële doelwitte te bereik?</li> <li>④ <b>Waarde aanbod:</b><br/>Voldoen ons produk- en diensaanbod aan die behoeftes en vereistes van ons teikenmark?</li> <li>④ <b>Werknemers:</b><br/>Is ons werknemers volledig vaardig en in staat om ons kliënte te diens?</li> <li>④ <b>Dienslewering:</b><br/>Is daar 'n kultuur van diensuitnemendheid in die 'DNA' van my besigheid gevestig? Lei ek aan die voorpunt? Het ek bewyse hiervan?</li> <li>④ <b>Mededingers:</b><br/>Ken ek my mededingers goed genoeg om 'n teenaanbod vir hulle aanbiedinge in die markplek te kan maak?</li> <li>④ <b>IT</b><br/>Is my IT-infrastruktuur optimaal vir die ondersteuning van die uitvoering van my besigheidstrategie?</li> <li>④ <b>Netwerke:</b><br/>Gebruik ons die toegang wat ons betroubare en gevestigde besighedsnetwerke ons tot moontlike kliënte kan verleen?</li> <li>④ <b>Gemeenskap:</b><br/>Gee ons terug aan die gemeenskap waardeur ons besigheid ondersteun word?</li> </ul> <p><u>Nota:</u> Hierdie lys is geensins volledig nie, maar slegs 'n hupstootjie in die regte rigting.</p> |

| Gewonetaal tegnieke                                  | Voorbeeld in die dokument                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |
|------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p><b>Gebruik nommers by opskrifte en lyste.</b></p> | <p>Nommers is by lyste gebruik, byvoorbeeld:</p> <p><b>01 Die Visie van my besigheid</b><br/> 'n Produktiewe metode wat ek gebruik om my hiermee te help, is om te vra: "Binne die volgende vyf jaar sal (<i>jou besigheid se naam</i>) ..... (verwoord wat jy wil bereik/behaal)."</p> <p>Hier is 'n voorbeeld van 'n visie wat die beginsels gebruik: "<i>Binne die volgende vyf jaar sal ABC Solar die leidende verskaffer van eko-vriendelike energie-oplossings vir huishoudings in Suid-Afrika wees.</i>"</p> <p>Onthou om jou "nuwe" visie teen die bestaande een te evalueer.</p> <p><b>02 Die Missie van my besigheid</b><br/> - 'n missie behoort die volgende vrae te beantwoord:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>① Wie is ons?</li> <li>① Wat doen ons?</li> <li>① Hoe doen ons dit?</li> <li>① Vir wie doen ons dit?</li> <li>① Pas dit in by die visie van my besigheid?</li> </ul> <p>Hier is 'n voorbeeld wat by die visie-voorbeeld hierbo aansluit: "<i>By ABC Solar installeer ons eko-vriendelike energie-oplossings wat in pas is met die individueel-vasgestelde energiebehoefte van ons residensiële kliënte en wat aan die algemeen aanvaarde ISO-standaarde voldoen.</i>"</p> <p><b>03 Die doelwitte vir my besigheid</b><br/> Vir my is doelwitte die boublokke van sukses. Dit klink gewigtig, maar die samestelling van doelwitte is eenvoudig indien die "SMART"-beginsels toegepas word. Ek verduidelik dit in Engels:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>① <u>S</u>pecific – right to the point</li> <li>① <u>M</u>easurable – nothing audacious</li> <li>① <u>A</u>ppropriate – needs to "speak" to the specific role</li> <li>① <u>R</u>esult or process goal – a "result-related" goal points to an end goal and a "process" goal to a continuous event – see examples of goals</li> <li>① <u>T</u>ime framed – has an end date by which the achievement should be reached</li> <li>① Start with a verb – action orientated</li> </ul> |

| Gewonetaaltegnieke                                                              | Voorbeeld in die dokument                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                             |
|---------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p><b>Gebruik 'n lettertipe, -kleur en -grootte wat maklik leesbaar is.</b></p> | <p>Hierdie dokument staan veral uit as gevolg van die gebruik van bepaalde lettertipes, -kleure en -groottes, asook vetdruk om belangrike teks te onderskei, byvoorbeeld op bladsy 5, waar aanhalings aangedui is in blou, vetdruk en 'n groter lettertipe. Dit verskil duidelik van die hoofteks:</p> <p><b><i>“Sonder nadenke struikel ons blindweg voort, terwyl ons al meer onbedoelde gevolge skep en daarin faal om enigiets nuttig te bereik.”</i></b></p> <p>(Vrye vertaling van Margaret J. Wheatley – Amerikaanse skrywer en bestuurskonsultant, wat organisatoriese gedrag bestudeer.)</p> |
| <p><b>Gebruik vetdruk om 'n woord of 'n gedeelte te beklemtoon.</b></p>         | <p>Belangrike inligting is in 'n donkergrys blok geplaas en belangrike aspekte van hierdie teks is in vetdruk getik:</p> <p>Nog 'n boublok wat in ons pogings om vir die toekoms van ons besighede te beplan, ingespan kan word, is om die <b>sukseste en teleurstelling</b> van ons besigheid oor 'n spesifieke tydperk (sê die afgelope 12 maande) neer te skryf. Watter leerervarings het jy uit hierdie lys geput en hoe kan jy dit wat jy geleer het, toepas?</p>                                                                                                                                |

Ten spyte van hierdie gewonetaaltegnieke wat teenwoordig is in die teks, is daar ook eienskappe van die teks wat lees bemoeilik. Hierdie eienskappe word in die “Resultate”-afdeling bespreek, maar sluit onder andere lang sinne, direkte vertalings en herhalings in. Hoewel hierdie teks dus nie noodwendig as 'n perfekte gewonetaalteks geklassifiseer kan word nie, toon dit wel gewonetaaleienskappe wat daarop dui dat dit wel op 'n bepaalde “gewone” gehoor gemik is. In hierdie geval is die gehoor besigheidseienaars met uiteenlopende agtergronde.

### 4.3 Onderhoude

In die onderhoud is deelnemers eerstens gevra om 'n instemmingsvorm te teken. Daarna moes deelnemers hulle kwalifikasievlakke aandui, waarna hulle gevra is om die betrokke inligtingstuk van Sanlam te lees. Laastens is verskeie vrae gevra om deelnemers se ervaring van die dokument te identifiseer. Hierdie vrae was:

1. Het jy al hierdie tipe dokument teëgekom? Indien wel, waar?
2. Hoe voel jy oor die algemeen oor hierdie dokument? Brei uit op jou antwoord.
3. Van watter aspek van die dokument hou jy die meeste? Brei uit op jou antwoord.
4. Van watter aspek van die dokument hou jy die minste? Brei uit op jou antwoord.
5. Dink jy daar is 'n verhouding tussen jou kwalifikasievlak en hoe jy oor hierdie dokument voel? Brei uit op jou antwoord.
6. Enige laaste kommentaar?

### 4.4 Ontleding

Die metode van ontleding van die onderhoude stem grootliks ooreen met die metode wat in Burger (2025) gebruik is. Onderhoude is met klank opgeneem en getranskribeer. Daarna is sentimentontleding met handgedrewe kodering uitgevoer. Die ontleding is datagedrewe en het in fases plaasgevind. Eers is alle frases in die transkripsie geïdentifiseer wat 'n waarneembare houding bevat. Daarna is hierdie uitsprake gekodeer as positief, negatief of neutraal op grond van leksikale merkers (bv. “ek hou van ...”; “dit is lekker”; “ek hou nie van ...”; “dit is sleg”; “dit is normaal”; “dit is gewoon”). Derdens is die gekodeerde data vergelykend ontleed om patrone oor deelnemers heen te identifiseer. Laastens is die gekodeerde data deur 'n derde party nagegaan om vooroordeel te bekamp. Hierdie ontledingsmetode word in Hacking, Verbeek, Hamers en Aarts (2023:4) en Heath (2023) uiteengesit. Om deursigtigheid te bevorder, word die aanhalings waaruit die sentiment onttrek is, in die volgende afdeling weergegee.

## 5. Resultate

### 5.1 Groep 1: Deelnemers met matriek

**Tabel 2. Resultate van deelnemers met matriek**

| Positiewer ervarings                                                       |                                                                                                                                                                |
|----------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Tema uit onderhoud                                                         | Aanhaling uit onderhoud                                                                                                                                        |
| <b>Die gebruik van vetdruk om belangrike inligting visueel aan te toon</b> | “[D]aai goeters is donker gedruk. So daai tel jou oog ook vinnig op.” (Onderhoud 6, <sup>3</sup> paragraaf 73)                                                 |
| <b>Foto's</b>                                                              | “So dis hoekom ek sê die prentjies, nie sleg nie. [...] Kyk, dis verskillende foto's, dit trek 'n mens se aandag, ek moet sê.” (Onderhoud 6, paragraaf 69; 75) |



| Positiewer ervarings                                                         |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    |
|------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Tema uit onderhoud                                                           | Aanhaling uit onderhoud                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            |
| <b>Lyste wat puntsgewys uiteengesit is</b>                                   | “Ek soek die punte. So ek kyk, oh, daar is ’n kol. So dan gaan ek kyk wat hy vir jou sê. Maar voor ek nou daai kol gaan lees sal ek eers gaan kyk wat sê die sin bo dit. En dan sal ek die bullets gaan lees.” (Onderhoud 6, paragraaf 61)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         |
| <b>Baie opskrifte</b>                                                        | “Groot opskrif, want dit trek ’n mens, dit sê vir jou waarom die prentjie nou eintlik gaan.” (Onderhoud 6, paragraaf 69)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |
| <b>Die praktiese uitvoerbaarheid van die raad wat in die teks gegee word</b> | <p>“Hoe ’n mens ’n werk kan verbeter. En dis vrae wat ek, hoe kan ek sê, wat nou so half nuut op my pad kom. Soos hoe om die besigheid kan verbeter en ja. Nogal baie interessant.” (Onderhoud 10, paragraaf 41)</p> <p>“Die feit dat dit vir my idees gee, veral in hoe ons nou werk. Laat ’n mens miskien byvoorbeeld vir ouens wat nie so goed aangeleer is, dalk ’n ander pos kan gee in die werk [...] So, hierdie dokument het nou amper so half oopgemaak dat daar is vir een en elke ... [...] ’n Werkie. In ’n werk. [...] Maar hierdie laat my dink, ek kan dalk die besigheid, en ook soos ’n nuwe kliëntebasis maak.” (Onderhoud 10, paragraaf 45)</p> |
| <b>Aanhalings</b>                                                            | “Quotes. Ja. Ek hou daarvan. [...] Al die quotes.” (Onderhoud 10, paragraaf 75)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    |

| Negatiewer ervarings           |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |
|--------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Tema uit onderhoud             | Aanhaling uit onderhoud                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         |
| <b>Lengte van die dokument</b> | “Ek dink die dokument is ’n bietjie te lank. Want mense wil nie te veel ... Hoe kan ek sê? Okay, julle gee genoeg inligting, maar onthou, as dit nou ek was, ek sou net daardeur gekyk het. Too much info. Jy moet so min as moontlik eintlik maak want jy wil nie die mense bore met die goed nie.” (Onderhoud 6, paragraaf 53)                |
| <b>Lengte van paragrawe</b>    | “Ek sal dalk gesê het, weereens my opinie, moenie die hele ding uitrek nie. Maak hom ’n bietjie kleiner, ’n bietjie korter. Gee net basiese dinge dat hulle weet waarom dit gaan. [...] Want ek meen, hierdie lang ry, of hierdie hele paragrawe is te lank vir my. Ek sal net soos my oog dadelik vang die punte.” (Onderhoud 6, paragraaf 57) |
| <b>Lettergrootte</b>           | “Dit is baie geskryf. Soos, klein geskryf. Ja. Ek hou nie so baie van die nie. Dit laat ’n mens amper soos wil oorskip. Maar tog is dit belangrik. [...] Ja, alhoewel, wat dit nou moeilik maak is as jy dit groter maak gaan dit meer raak. Mense gaan ook nie hou van so baie bladsye nie.” (Onderhoud 6, paragraaf 53; 73)                   |
| <b>Voorblad</b>                | “Jy kan miskien, miskien kan jy Sanlam se voorblad ’n bietjie anders maak as net die vroujie se gesig daarop en die naam. [...] Ek sou Sanlam sal ek miskien dalk miskien groter gemaak het. Want dit is ’n company, Sanlam.” (Onderhoud 6, paragraaf 83)                                                                                       |

| Negatiewer ervarings   |                                                                                                                                                                                                                                                    |
|------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Tema uit onderhoud     | Aanhaling uit onderhoud                                                                                                                                                                                                                            |
| <b>Moeilike woorde</b> | “Kyk, daar is soms moeilike woorde wat nie almal kan of verstaan nie. [...] Iets van evaluasie en ... Ek dink ek verstaan dit nou. As jy jou besigheid evalueer dan kyk [jy] waar jou foute is, kan jy dit optimise.” (Onderhoud 10, paragraaf 65) |

| Persepsies oor die verhouding tussen kwalifikasievlak en ervaring                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>Toe hulle direk gevra is of hulle dink daar is ’n verhouding tussen hulle kwalifikasievlak en hoe hulle oor die dokument voel, het beide deelnemers in groep 1 aangedui dat hulle nie dink dat kwalifikasievlak iets daarmee te doen het nie. Albei het gevoel dat dit sal verskil van persoon tot persoon, maar nie dat kwalifikasievlak iets daarmee te doen het nie. Deelnemer 6 het dit so gestel: “As ek my eerlike opinie gaan moet gee, dink ek dit sal ’n mix besigheid wees. Ek weet nie hoe ek dit moet stel nie, maar daar mag dalk mense wees wat dink dit is kwaai, of wat hou van lees. Ek is nie ’n persoon wat baie hou van lees nie. [...] Maar mense wat hou van lees sal hierdie baie maklik deurlees, wat nie dink dis boring nie, jy weet. [...] Dit hang van mens tot mens af.” (Onderhoud 6, paragraaf 93)</p> <p>Deelnemer 10 het die verhouding soos volg beskryf: “Ek sal sê dit hang seker van persoon tot persoon af. Almal kan nie so goed lees nie. Hulle sal dit seker eerder wou luister. As iemand anders dit lees vir hulle dan gaan hulle dalk beter verstaan.” (Onderhoud 10, paragraaf 71).</p> |

## 5.2 Groep 2: Deelnemers met ’n diploma of sertifikaat

**Tabel 3. Resultate van deelnemers met ’n diploma of sertifikaat**

| Positiewer ervarings                             |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |
|--------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Tema uit onderhoud                               | Aanhaling uit onderhoud                                                                                                                                                                                                                                                                                                             |
| <b>Die gebruik van Afrikaans</b>                 | “Meestal as jy dit sien is dit in Engels, so dis nogal lekker om dit in Afrikaans te kry.” (Onderhoud 1, paragraaf 47)                                                                                                                                                                                                              |
| <b>Die inligting kan oorsigtelik gelees word</b> | “Ek kyk altyd na die inhoud en kyk wat jy wil doen. Onthou as mens na so ’n dokument kyk, dink jy okay, daars ’n rede hoekom jy na hierdie dokument kyk. [...] Ek gaan nie alles lees om te kom tot waar ek moet wees nie.” (Onderhoud 1, paragraaf 47; 49)                                                                         |
| <b>“Nuttige inligting”-afdeling</b>              | “So ek like dit dat [dit] voor is by die inhoud. [...] Vir my is dit lekker want glo dit of nie, ek gebruik dit actually baie. Maar dan moet ek deur die hele dokument gaan om by die goed uit te kom. En vir my is dit baie frustrerend. Sit hom reg voor dan hoef ek nie deur alles te gaan nie.” (Onderhoud 1, paragraaf 51; 55) |
| <b>Vetdruk</b>                                   | “Like byvoorbeeld, ek like bold skrif en goeters te gebruik, veral as jy iets wil uitbeeld, ja.” (Onderhoud 1, paragraaf 67)                                                                                                                                                                                                        |

| Positiewer ervarings                                |                                                                                                                                                                                                                                                                                        |
|-----------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Tema uit onderhoud                                  | Tema uit onderhoud                                                                                                                                                                                                                                                                     |
| <b>Inklusiwiteit van die foto's</b>                 | “Die ding is net dat mens moet ook altyd net kyk na die foto's wat mens gebruik van die mense. Dat dit ... Met watse mark jy praat. Verstaan jy wat ek bedoel? Dat mense kan relate, ja. Ja. Maar ek sien julle het ... Hier is letterlik iets van alles.” (Onderhoud 1, paragraaf 79) |
| <b>Puntsgewys</b>                                   | “Ek hou van, soos die puntsgewys is puik. Hoe korter die sinne, hoe beter. [...] So iets, ja. Maar ja, soos van hierdie goed is nou lekker, die visie, missie goed, is puntsgewys en nie te veel goetertjies tussen-in nie, so ek kon daar fokus.” (Onderhoud 7, paragraaf 33; 35)     |
| <b>Blokkies wat belangrike inligting beklemtoon</b> | “Ek hou van ... Ek sal nou sê, blokkies. En die punt is daarin. En dit gaan soontoe. Of dit so opgedeel.” (Onderhoud 7, paragraaf 33)                                                                                                                                                  |

| Neutrale ervarings                        |                                                                                                                                                                                                                           |
|-------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Tema uit onderhoud                        | Aanhaling uit onderhoud                                                                                                                                                                                                   |
| <b>Dieselfde as soortgelyke dokumente</b> | “Lyk soos ander soortgelyke dokumente. [...] Dit is straightforward. Dis regtig ... Ek verstaan dit, dis straightforward. Ja. Dit is nie ... Basically almal is maar dieselfde, min of meer.” (Onderhoud 1, paragraaf 47) |

| Negatiewer ervarings                                 |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |
|------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Tema uit onderhoud                                   | Aanhaling uit onderhoud                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                        |
| <b>Besige uitleg</b>                                 | “Dis net klein bietjie. Waar was daai een bladsy? Klein bietjie te besig.” (Onderhoud 1, paragraaf 67) Sy het wel ook genoem dat, indien die uitleg te eenvoudig is, dit nie lesers se aandag sou behou nie: “Want die ding is as jy nou alles gaan uithaal en dan sit jy net hierdie daar [gewone teks], dan gaan ... Mense mag dalk bored wees.” (Onderhoud 1, paragraaf 63) |
| <b>Nie 'n dokument wat gewoonlik gelees word nie</b> | “So ek het maar net ge ... Die main punte raakgelees, en wat noem mens dit? Ek wil nie sê spot reading nie.” (Onderhoud 7, paragraaf 35)                                                                                                                                                                                                                                       |
| <b>Moeilike Afrikaans</b>                            | “Ja, ons plain, plat, Afrikaanse mense. Ja, hierso is 'n hele paar woorde wat ek net soos, my brein gaan net oor dit. Ek weet nie of dit is omdat ek nie baie lees nie in die algemeen nie. So, my oë is lui. [...] Maar ja, hier is 'n paar woorde wat ek nog nooit in my lewe gesien het nie.” (Onderhoud 7, paragraaf 43; 35)                                               |
| <b>Moeilik verstaanbaar</b>                          | “Gaan nie vir jou jok nie. Ek is maar baie lui vir lees. So, meeste van die paragafies wat ek gelees het, het ek nie geweet wat ek gelees het nie. Ja. [...] Maar van die goed is nogals redelik ... Ja, bo my vuurmaakplek verduidelik.” (Onderhoud 7, paragraaf 33)                                                                                                          |

**Persepsies oor die verhouding tussen kwalifikasievlak en ervaring**

Beide deelnemers in groep 2 het aangedui dat hoewel hulle nie dink dat daar 'n verhouding is tussen kwalifikasievlak en ervaring in die algemeen nie, die tipe kwalifikasie wat 'n persoon het, wel hulle begrip van die dokument beïnvloed. Respondent 1, wat bemarking gestudeer het, het meer gefokus op die uitleg van die dokument as die inhoud: "Wat staan uit vir my. Wat gebruik jy. Watter foto gebruik jy. As ek na hierdie tipe foto gebruik. Wat sê die foto vir my? [...] Maar obviously ek sal nou kyk na iets anders, soos jy weet, na die kleur wat jy gebruik en wat jy probeer sê en praat die foto met my en ja." (Onderhoud 1, paragraaf 71; 75)

Deelnemer 7 het finansies gestudeer en beoefen dit ook as 'n beroep. Sy het aangedui dat die inhoud wat verband hou met haar studies vir haar verstaanbaar is: "Nee. Ek ... Kyk, hier is nou 'n deel van hierdie ding wat direk op my tipe werk van toepassing het. Daai punt, ja, soos die finansiële state deel. So daai verstaan ek actually." (Onderhoud 7, paragraaf 47)

**5.3 Groep 3: Deelnemers met 'n baccalaureusgraad****Tabel 4. Resultate van deelnemers met 'n baccalaureusgraad**

| <b>Positiewer ervarings</b>                     |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |
|-------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Tema uit onderhoud</b>                       | <b>Aanhaling uit onderhoud</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |
| <b>Afrikaans</b>                                | <p>"Ek dink, ek het gedink meeste, of baie van hierdie woorde is mens gewoon om in Engels raak te loop. So dan is die Afrikaans, so half soos, oh, dit is die Afrikaans. So ek was bietjie soos, 'wow'. [...] Positief, ja. Ek is soos, 'wow' okay, daar is 'n Afrikaanse woord vir hierdie term." (Onderhoud 5, paragraaf 47)</p> <p>"Op bladsy 7, ek het baie van die taalgebruik gehou tussen in. So daar was vir my mooi ... Soos op bladsy 7 is dit 'Ons moet die spreekwoordelike byl maar deurlopend skerp hou.' Soos sulke goed hou ek van. [...] 'Glashelder' was vir my mooi. [...] Ja, so om op te som, ek hou van die taalgebruik want dit was nie net die heeltyd aggressiewe, perfekte Afrikaans nie. Dit was Afrikaans, maar daar was mooi Afrikaans tussen-in." (Onderhoud 9, paragraaf 33)</p> |
| <b>Plasing van verwysing na eksterne bronne</b> | "Op bladsy 11 is daar 'n blokkie wat sê 'Hulpmiddels wat jy dadelik kan benut'. Daai is vir my nice. I like that. Dit staan uit, en daar is net vier. Dis cool, ek kan dit nou reference." (Onderhoud 9, paragraaf 33)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          |
| <b>Vetdruk</b>                                  | "En daar is 'n goeie voorbeeld op bladsy 17, is daar vier punte met redelike groot stukkie teks. Maar wat ek van dit gehou het en wat my nie verveeld gemaak het nie, daar is bold tussen-in, so dit trek aandag en ek kan half sien, okay, hierdie is van toepassing op my of nie. So as ek nie belangstel in 'n geheime kliënt nie, dan ignore ek dit. Maar as ek belangstel in die ligging van die besigheid, cool, kom ek lees punt 2." (Onderhoud 9, paragraaf 33)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         |
| <b>Inhoud</b>                                   | "Dis 'n formele dokument, maar ek voel nog steeds, okay, I can relate to this." (Onderhoud 9, paragraaf 33)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |
| <b>Foto's</b>                                   | "Mooi prentjies." (Onderhoud 5, paragraaf 37)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |

| Positiewer ervarings            |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |
|---------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Tema uit onderhoud              | Aanhaling uit onderhoud                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |
|                                 | “Ek hou van die prentjies ook tussenin. Dit laat vir my so half [rus], okay cool, volgende stuk. Ja, big prentjie fan.” (Onderhoud 5, paragraaf 43)                                                                                                                                                                                                                       |
| Uitleg                          | “Ja, ek dink die uitleg is actually baie nice. Dis, ja. Die uitleg is nice.” (Onderhoud 5, paragraaf 35)                                                                                                                                                                                                                                                                  |
| Puntsgewys lyste                | “Ek hou van die bulletpoints onder daai deel. [...] En ek hou van bullet points.” (Onderhoud 9, paragraaf 33)                                                                                                                                                                                                                                                             |
| Groot opskrifte                 | “So ek hou van ’n bold heading en dan ’n klein opsomminkie. Dit is, aandag werk met dit. [...] met klein [kort] titels, en okay, ek weet wat ek, I am prepared for what I am about to read.” (Onderhoud 9, paragraaf 33)                                                                                                                                                  |
| Elke afdeling op ’n nuwe bladsy | “Elke artikel is nie te lank nie. Dis baie, dis lekker kortliks opgesom. Dit hou nie te lank aan nie. It gets to the point.” (Onderhoud 5, paragraaf 37)                                                                                                                                                                                                                  |
| Aanhalings                      | “Ja, quotes, pull quotes, dit is ook nice. Ek kry so half ’n opsomminkie.” (Onderhoud 5, paragraaf 41)                                                                                                                                                                                                                                                                    |
| Prakties                        | “But I think ultimately it achieves its goals. Dit sê vir my hoe ek my besigheid ... Wat ek kan doen as ek ’n suksesvolle besigheid wil hê, waarop ek moet fokus. Hulpbronne. [...] Die ding wat vir my uitgestaan het, is om realisties te wees. So, ja, dit was vir my ... I think the document is achieving what it is setting out to do.” (Onderhoud 9, paragraaf 25) |
| Bruikbaar                       | “As ek iemand was wat belang gestel het om my eie besigheid te hê en hierdie goed nodig gehad het, this would be useful to me and I would like this.” (Onderhoud 9, paragraaf 35)                                                                                                                                                                                         |

| Negatiewer ervarings                          |                                                                                                                                                                                                                                                                                          |
|-----------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Tema uit onderhoud                            | Aanhaling uit onderhoud                                                                                                                                                                                                                                                                  |
| Nie ’n dokument wat gewoonlik gelees word nie | “Ek is net regtig glad nie geïnteresseerd daarin nie. So dis vir my ’n bietjie pynvol om dit te lees.” (Onderhoud 5, paragraaf 45)<br>“Nee, ek voel ek het alles verstaan. Dit was net nie vir my interessant nie.” (Onderhoud 5, paragraaf 47)                                          |
| Kopieredigeringsfoute                         | “Maar vir my as ek foute en inconsistencies in professionele en formele dokumente sien, it takes me out of it. So ek lees, lees, lees, en dan, uh. Dan moet ek eers weer terugkom, so dis distracting vir my.” (Onderhoud 9, paragraaf 27)                                               |
| Direkte vertaling                             | “Oh, op bladsy 14 is daar ’n quote wat vertaal is van Engels af. And I did not like that. Dit het nie vir my reg geklink nie, en dit sou vir my beter gewees het as dit Engels was. Ek weet daar staan ‘vry vertaal’, so dis fine. But I did not like that.” (Onderhoud 9, paragraaf 33) |

| Negatiewer ervarings                            |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |
|-------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Tema uit onderhoud                              | Aanhaling uit onderhoud                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |
| <b>Konsekwentheid</b>                           | “Waar hulle wel besluit het om te vertaal, kon [hulle] dalk bietjie meer consistent gewees het met of alles is in Engels as dit ’n Engelse persoon was, of nie.” (Onderhoud 9, paragraaf 35)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      |
| <b>Vae inligting</b>                            | “Soos wat is eintlik die punt hiervan? Want dit voel regtig net soos general inligting oor besigheidsgoeters. En obviously niks gaan baie diep in nie. Dis baie oppervlakkige voorbeeldjies. Jy weet, ‘doen dit en dat vir jou besigheid’.” (Onderhoud 5, paragraaf 61)                                                                                                                                                                                                                                           |
| <b>Nuttelose inligting</b>                      | “Maar op die ou end voel ek nie dit sê veel nie. Ek voel as jy op die punt is waar jy klaar ’n besigheid het, gaan jy definitief al hierdie goed klaar weet. Ek weet hierdie goed en ek het nie ’n besigheid nie. En ek gee nie eers om daaroor nie.” (Onderhoud 5, paragraaf 67)                                                                                                                                                                                                                                 |
| <b>Lang dokument</b>                            | “Dis ’n baie lang dokument ook. [...] Dit was maar net, this isn’t a topic I’m interested in. So, meh. So in daai opsig, lang dokument.” (Onderhoud 9, paragraaf 43)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              |
| <b>Lang paragrawe</b>                           | “Ek is nie ’n fan van groot stukke teks nie, of as dit ’n groot stuk teks is, moet daar bold stukkies teks tussenin wees. [...] Op bladsy 5 is daar so swart of grys blokkie. Dit was vir my baie boring. Dit was vir my te veel, so ek het dit half ignoreer want ek kon nie my aandag hou op dit nie.” (Onderhoud 9, paragraaf 33)                                                                                                                                                                              |
| <b>Plasing van “Nuttige inligting”-afdeling</b> | “Ek het nie gehou van die nuttige inligting op die inhoudbladsy nie. Dit was vir my baie distracting. Ek sou verkies as so iets of in text moet wees, of aan die onderkant van die bladsy, of aan die einde. Want half dit voel vir my, ek kom nou in, en dan boom, hier is vir jou klomp ekstra inligting. En dis oorweldigend vir my. [...] Ek hou nie van te veel ekstra hulpbronne op een slag nie. Dit moet of overall versprei word, of aan die einde of tussen versprei word.” (Onderhoud 9, paragraaf 33) |

| Persepsies oor die verhouding tussen kwalifikasievlak en ervaring                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>Beide deelnemers in groep 3 het soortgelyke opinies gehad as dié in groep 2 as dit by die verhouding tussen kwalifikasievlak en ervaring kom. Soos in die geval by groep 2, het die deelnemers in groep 3 ook gevoel dat die tipe kwalifikasie wat iemand het belangriker is as die kwalifikasievlak. Deelnemer 5 het dit soos volg verwoord: “Miskien in die sin van dat ek nie ’n BCom gedoen het nie. Dan sou ek dalk meer gevoel het, soos ‘ja’, hierdie is baie bekend. [...] Ek het spesifiek nie ’n BCom gaan swot nie want besigheidsgoed is vir my so vervelig. En net soos glad nie interessant nie. So miskien as iemand met ’n BCom, sal net soos wees van, ja, ja. Maar hulle sal seker ook al klaar alles weet.” (Onderhoud 5, paragraaf 53; 59)</p> <p>Deelnemer 9 het aangedui dat sy geleer het van redigering op universiteit, en dat sy gevolglik na die dokument in meer besonderhede gekyk het en dat dit haar ervaring van die dokument beïnvloed het: “So dis waar daai klein goedjies inkom van, ah, as die persoon net nog eenkeer die dokument deurgelees het, dan sou dit perfek gewees het. Maar ja, weereens, daai goedjies is nie vir my erg genoeg dat ek nou dink die dokument is garbage nie.” (Onderhoud 9, paragraaf 37) Sy het ook aangedui dat iemand wat iets gestudeer het wat met die inhoud van die dokument te doen het, dit anders sou lees: “[I]emand met ’n BCom en ’n BSc, I think they would read with more purpose. Ek dink hulle sal meer gefokus wees op die spesifieke goed wat genoem is, whereas ek het dit meer as, okay, wat is die geheel van die ding,</p> |



**Persepsies oor die verhouding tussen kwalifikasievlak en ervaring**

gelees. [...] En ek dink nie hulle sou omgee het vir 'n punt wat nie op die regte plek is nie. I don't think they'd care. Dit sal nie vir hulle blok wees nie, I don't think so. Ek dink ook hulle sal ook beter wees met scanning. So hulle sal wees soos, okay, ek weet genoeg van teikenmark, so ek gaan daai net scan, ek gaan meer fokus op die tegnologie-gedeelte. So ek dink hulle sal meer purpose driven wees met so 'n teks soos wat ek was." (Onderhoud 9, paragraaf 39; 41)

**5.4 Groep 4: Deelnemers met 'n honneurs- of meestersgraad****Tabel 5. Resultate van deelnemers met 'n honneurs- of meestersgraad**

| <b>Positiewer ervarings</b> |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |
|-----------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Tema uit onderhoud</b>   | <b>Aanhaling uit onderhoud</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      |
| <b>Foto's en ikone</b>      | "Ek hou van die feit dat daar foto's gebruik is. [...] En een of twee icons wat gebruik is." (Onderhoud 2, paragraaf 44)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            |
| <b>Uitleg</b>               | "Ek hou ook van hoe die ... Die feit dat dit nie alles in klein teks is nie. Daar is byvoorbeeld blokkies met teks van verskillende groottes. [...] Dit help om dit meer lewendig te maak." (Onderhoud 4, paragraaf 44; 46)                                                                                                                                                                                                                         |
| <b>Vetdruk</b>              | "Die boldening van die relevante goeters, soos party [...] Ja, amper soos die, soms sal 'n topic sentence soort van die idee, bold is. Dat ek net weet, okay, hierdie is waaroor hierdie gaan. Hierdie is waaroor hierdie gaan. Ek vind dit baie helpvol. So ek hou van dit." (Onderhoud 4, paragraaf 72; 76)                                                                                                                                       |
| <b>Maklik verstaanbaar</b>  | "So dis, jy weet, ek dink ek verstaan die basiese konsepte en goeters [...] Jy weet, jy hoef nie 'n business, 'n BCom te hê om te verstaan wat hulle aan jou sê nie." (Onderhoud 4, paragraaf 66)                                                                                                                                                                                                                                                   |
| <b>Kort afdelings</b>       | "Soos as hierdie een ding net oorgegaan het na nog 'n halwe bladsy toe, dan sou dit ook ... Dan moet mens soortvan net check gou. Versus alles is net at a glance." (Onderhoud 4, paragraaf 76)                                                                                                                                                                                                                                                     |
| <b>Praktiese inligting</b>  | "Dit voel of hulle 'n effort ... Dis bedoel vir iemand wat van begin ... Wat nie veel weet nie wat in die veld of in die wêreld wil ingaan. So ek dink nie dis, ja, ek dink nie dis te moeilik vir iemand ... As ek, vir my, as ek wil uitvind hoe om 'n besigheid te begin of hoe om dit te bestuur en stuff, sou ek sê hierdie is cool. Al die info en detail, nee dis goed want ek het nie hierdie goed geweet nie." (Onderhoud 4, paragraaf 90) |

**Negatiewer ervarings**

| <b>Tema uit onderhoud</b>    | <b>Aanhaling uit onderhoud</b>                                                                                                                                                 |
|------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Kopieredigeringsfoute</b> | "Ek het 'n paar keer spelfoute ... Nie spelfoute nie, maar goed soos kommas waar ek nie 'n komma sou sit nie. Daar's ook 'n paar grammatikafoute." (Onderhoud 2, paragraaf 42) |

| Negatiewer ervarings   |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |
|------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Tema uit onderhoud     | Aanhaling uit onderhoud                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |
| <b>Vertaling</b>       | “Op ’n spesifieke stadium het ek gevoel die ... Daar’s dalk Google Translate gebruik om die teks te skep. So dit het my ’n negatiewe beeld van die teks gegee.” (Onderhoud 2, paragraaf 42)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |
| <b>Sinskonstruksie</b> | “Ja, veral as dit deur ’n vertaalbot gedoen word. Want dan is die sinskonstruksie nie altyd optimaal nie.” (Onderhoud 2, paragraaf 60)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    |
| <b>Afrikaans</b>       | “Dit is die tipe teks wat mens gewoonlik in Engels sal lees. En ek dink baie van hierdie woorde kom ongewoon voor as jy dit in Afrikaans lees. [...] Ek dink ’n woord soos ‘bemarkingsmengsel’. Ek dink in Engels as mens sê marketing mix dan dit klink dit baie minder formeel. [...] Vaardigheidsontwikkelingsplan ...” (Onderhoud 2, paragraaf 52; 54)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |
| <b>Stylbreuk</b>       | “Ek dink daar is [stylbreuk]. Waar mens iets vergelyk soos die bladsy met die dame: ‘Daar is ’n saak voor uit te maak om tyd beskikbaar te stel vir die ondersoek, evaluasie en nadenke oor sommige van die kritieke elemente wat die sukses van besighede raak.’ Ek dink daar is stylbreuk net in daai sin. Dit begin met ’n uitdrukking wat nie grammatikaal is nie wat baie informeel voorkom en dan gaan dit oor na hierdie meer korporatiewe, besigheids ... ‘Kritieke elemente’, ‘ondersoek, evaluasie en nadenke’. En dan in die volgende sin: ‘Dienservaring, besigheidspersoneel, mense en die beeld van my besigheid onder die loep’. ‘Onder die loep’ is ook weer ’n formele manier om dit te sê.” (Onderhoud 2, paragraaf 74) |
| <b>Jargon</b>          | “So dit, like, maar jy weet hulle praat van bemarkingsmengsel en wat is hier gewees? Verkoop en bemarking moet saamwerk, en stuff. [...] ’n Bietjie jargon-y. Nie soos like, ek moet nou iets anders oopmaak om te verstaan wat hulle sê nie. Maar like, eks nie wie hierdie is nie. So ek moet soortvan, dis bietjie van ’n effort net om te lees en te volg. [...] En dis om te sê wat ek bedoel met die jargon-iness, dis die konsepte meer. Hulle gooi nie woorde wat ek like ’n dictionary voor hoof uit te haal nie. Dis nie daai soort jargon wat ek nie weet wat aangaan nie. Maar net soos like, ja, konsepte wat ek oor moet dink en op moet fokus.” (Onderhoud 4, paragraaf 66; 86)                                            |
| <b>Aanhalings</b>      | “Maar ek vind ... Ja, ek dink vir my is die quotes mostly like, extra distractions vir jou. [...] Vir my, ja. Ek neem aan dis veronderstel om verwelkomend te wees, maar ek weet nie of dit relevant is regtig nie. [...] Dis extra. Dis onnodig vir my.” (Onderhoud 4, paragraaf 78; 84)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |

**Persepsies oor die verhouding tussen kwalifikasievlak en ervaring**

Die mening van deelnemer 2 in groep 4 het baie ooreengestem met die opinie van deelnemer 9 in groep 3. Deelnemer 2 het in die kommunikasiekundevelde gestudeer. As gevolg daarvan het hy baie gefokus op mikrovlakaspekte van die teks, eerder as die boodskap: “[E]k dink my kwalifikasie maak my definitief meer krities oor sulke tekste. [...] Ek dink dit hang ook af waarvoor die persoon kyk in die teks. So dis as die persoon baie gefokus was op die boodskap en minder aan hoe dit oorgedra word, dan sou dit daai persoon nie so baie gepla het nie. Ek kyk nou na die teks op ’n ... Hipoteties na die teks, nie eintlik as ’n besigheidseienaar nie. So eintlik nie as die teikengroep nie.” (Onderhoud 2, paragraaf 68; 70)

Deelnemer 4 het ook gevoel dat sy kwalifikasievlak hom nie gehelp het om die teks te verstaan nie: “[E]k dink nie dit het my gehelp om te verstaan wat hier aangaan nie. [...] Ja, as jy praat van formele education, ek dink nie hierdie vra baie van jou nie, like as ek matriek gehad het dat ek baie minder sou, half meer sou gesukkel het om te verstaan wat hulle sê nie.” (Onderhoud 4, paragraaf 92;94).

**5.5 Groep 5: Deelnemers met ’n D-graad****Tabel 6. Resultate van deelnemers met ’n D-graad**

| <b>Positiewer ervarings</b> |                                                                                                                                                  |
|-----------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Tema uit onderhoud</b>   | <b>Aanhaling uit onderhoud</b>                                                                                                                   |
| <b>Navigeerbaar</b>         | “[Dit was] redelik maklik om te kry wat jy soek.” (Onderhoud 3, paragraaf 51)                                                                    |
| <b>Lyste</b>                | “[H]ierdie bulletpoints en goed, is dit redelik maklik om uit te kom by ... Om te sien waaroor elke dingetjie gaan.” (Onderhoud 3, paragraaf 53) |
| <b>Begryplik</b>            | “Ek hou daarvan as hulle, ja, bietjie meer eenvoudige taal gebruik en nie probeer pretentious wees nie.” (Onderhoud 8, paragraaf 70)             |
| <b>Vetdruk</b>              | “Ek hou van as hulle soms iets laat uitstaan met bold.” (Onderhoud 8, paragraaf 78)                                                              |
| <b>Vrae</b>                 | “Ek hou van [...] wanneer hulle vrae vra om jou aandag te trek.” (Onderhoud 8, paragraaf 78)                                                     |

| <b>Negatiewer ervarings</b>      |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                             |
|----------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Tema uit onderhoud</b>        | <b>Aanhaling uit onderhoud</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              |
| <b>Vertaling deur vertaalbod</b> | “Soos ek gesê het, goed wat direk vertaal is en dan is dit nie heeltemal duidelik wat bedoel word nie. [...] Ek dink dis miskien met ’n masjien en toe het hulle vir iemand anders dit gegee om deur te lees. Want toe het hulle party goed gemis. Want daar is dele waar dit ... die sinskonstruksie verkeerd vertaal is.” (Onderhoud 3, paragraaf 49; 65) |
| <b>Direkte vertaling</b>         | “Ek is nou by ‘Is jou besigheidskontinuïteit beskerm?’. Hierso het hulle Engels ingelos. Wat ek neem aan eintlik vertaal moes word. [...] Dis ook die direkte vertaling-ding. Ek dink in Engels lees dit waarskynlik makliker.” (Onderhoud 8, paragraaf 68–69)                                                                                              |

| Negatiewer ervarings         |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          |
|------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Tema uit onderhoud           | Aanhaling uit onderhoud                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |
| <b>Kopieredigeringsfoute</b> | “[S]pasiefout[e]” (onderhoud 8, paragraaf 60); “aanhaling [wat] verkeerd om [is]” (onderhoud 8, paragraaf 62); en tikfoute: “[D]aar is onmiddellik ’n tikfout op die eersteblad, die besigheids-hulpbronne. ‘Besighiedshulpbronne’. Op pad is twee woorde.” (Onderhoud 8, paragraaf 58)                                                                                                                                                  |
| <b>Inkonsekwentheid</b>      | “En soos net soos inkonsekwenthede. Party plekke is, ja, die Afrikaans nie reg nie, of daar is aanhalingstekens wat nie reg is nie, of party aanhalings is vertaal en ander nie. Dis vir my sulke goedjies wat vir my uitstaan.” (Onderhoud 3, paragraaf 49)                                                                                                                                                                             |
| <b>Vae inligting</b>         | “Iets anders wat ek ook oor kan dink, maar dit voel of daar baie vae goed is sonder baie konkrete inligting. Dit voel asof ek nog steeds nie weet wat Sanlam gaan doen nie. Hierdie is baie algemene raad vir besigheidseienaars. [...] Of soos konkrete inligting nie. Jy weet nie hoe Sanlam regtig jou kan help nie. Dit is net sulke tipe tips wat jy by enige ander tipe dokument ook sou kon kry.” (Onderhoud 3, paragraaf 51, 55) |
| <b>Herhalings</b>            | “Ek bedoel, ’n ander element is dat baie van die goed dieselfde goed sê, net in ander woorde. So miskien is dit nie so handig nie. [...] Maar soos ek gesê het, dit herhaal ook bietjie dieselfde goed.” (Onderhoud 3, paragraaf 53)                                                                                                                                                                                                     |
| <b>Jargon</b>                | “Maar dan by ander dele is daar weer baie soos jargon wat soort van onnodig voel. [...] Soos ek sê, party dele het te veel jargon en afkortings en goed wat nie noodwendig so maklik is nie.” (Onderhoud 3, paragraaf 67, 69)                                                                                                                                                                                                            |
| <b>Sinskonstruksie</b>       | “Ek is actually ’n aanhanger van werkwoorde aan die einde van die sin te skuif vir formaliteit, maar hulle doen dit in baie lang sinne. So dit vat flippen lank om by die werkwoord uit te kom en hulle moet nie eintlik dit doen in lang sinne nie.” (Onderhoud 8, paragraaf 58)                                                                                                                                                        |
| <b>Stylbreuk</b>             | “Daar is definitief ’n formaliteitsmismatch. Daar was een van die artikels waar hulle die heeltid sê ‘omtrent’: ‘Hoe voel jy omtrent dit en dit en dit’ wat vir my meer informeel is. Maar dan was daar ’n artikel waar die vrou gesê het iets word onder die loop geneem. Wat baie meer formele taal ... [...] So daai is mismatching.” (Onderhoud 8, paragraaf 62)                                                                     |
| <b>Volgorde</b>              | “Hierdie is vyf teikens of doelwitte. Die vierde een is ‘Wanneer moet die taak afgehandel wees?’ Die vyfde een is ‘Hoeveel befondsing is nodig om die taak uit te voer?’ Ek sal eers dink aan befondsing voor ek dink aan sperdatums.” (Onderhoud 8, paragraaf 60)                                                                                                                                                                       |
| <b>Foto’s</b>                | “Miskien kan ek ook sê ek verstaan nie regtig die foto’s nie. Want dit is nie ... Die artikels het niks te doen met die foto’s nie. Dit is ook nie geskryf deur die persoon in die foto nie. So ek verstaan nie heeltemal dit nie. Ek dink ’n foto is ’n goeie idee as dit sin maak.” (Onderhoud 8, paragraaf 76)                                                                                                                        |

**Persepsies oor die verhouding tussen kwalifikasievlak en ervaring**

Anders as die deelnemers in groepe 1 tot 4, het deelnemer 3 in groep 5 aangedui dat sy dink daar is 'n verhouding tussen kwalifikasievlak en ervaring van die dokument. Sy het spesifiek aangedui dat mense met PhD's dieselfde aspekte van die dokument sou raaksien as wat sy raakgesien het: "Ek dink hulle sou dalk ook die ding opgelet het dat daar ... dat dit dieselfde goed herhaal op verskillende maniere. Ek dink dit is iets wat enige iemand met 'n PhD dalk ... omdat mens 'n kritiese leser is, daai vlak. [...] Ek dink iemand met 'n PhD sou dalk probeer dink wat is die logika agter hierdie. Wat probeer dit nou regtig sê? En dan sou hulle van daai goed gesien het. Nie noodwendig die taalfoute of so nie. Ek bedoel, dit hang af. Ander Afrikaanse mense dalk. My Afrikaans is nie eers die beste nie. Ek het maar net 'n oog vir goed wat uitstaan. Dat dit nie goed geredigeer is nie." (Onderhoud 3, paragraaf 63)

Deelnemer 8 het ook dieselfde sentiment gedeel en het gevoel dat die skryf van 'n tesis hulle meer krities gemaak het teenoor tekste: "Maar definitief ook tydens die navorsings- en die skryfproses. Om seker te maak ek skryf helder en duidelik kom definitief meer van my M en my PhD af." (Onderhoud 8, paragraaf 84)

**6. Gevolgtrekking**

In die vorige afdeling is die resultate van die ondersoek uiteengesit. In hierdie afdeling word tot 'n gevolgtrekking gekom oor die ondersoek in sy geheel.

Die navorsingsvraag wat ondersoek is, was: "Wat is die verklaring vir Burger (2023) se bevinding wat aandui dat daar 'n verhouding tussen deelnemers se ervaring van gewonetaal-dokumente en hulle kwalifikasievlak is?"

Ten spyte van die verskille in kwalifikasievlakke, was daar sekere ooreenkomste in die waarnemings van al vyf groepe. In elke groep het deelnemers positiewe opmerkings gemaak oor elemente in die dokument wat die lees daarvan vergemaklik het, byvoorbeeld die gebruik van duidelike opskrifte, vetdruk, lyste wat puntsgewys uiteengesit is en visuele elemente soos foto's en ikone. Terselfdertyd het al die groepe ook kritiek uitgespreek oor die dokument rakende aspekte wat lees kan bemoeilik, byvoorbeeld te veel teks op 'n bladsy, te klein skrif en te veel onnodige en nietersaaklike inhoud in die teks.

Daar is egter 'n duidelike verskuiwing in fokus namate kwalifikasievlak styg. Groepe 1 en 2 het hoofsaaklik die dokument se praktiese waarde en die teks se visuele voorkoms beoordeel. Hulle kritiek was meestal gerig op fisiese leesbaarheid (byvoorbeeld skrifgrootte en tekslengte) en die toeganklikheid van die woordeskat. Groep 3 het, benewens die positiewe opmerkings oor die voorkoms van die teks, ook begin om die kwaliteit van die teks self te bevraagteken. Hierdie groep het kopieredigeringsfoute, vreemde vertalings en oppervlakkige inhoud uitgewys.

By groepe 4 en 5 het die fokus nog verder verskuif na 'n meer kritiese evaluering van die teks se taal-, styl- en struktuurkwaliteit. Hierdie deelnemers het uitgebreide opmerkings gemaak oor die teks se vertaling wat moontlik deur 'n vertaalbot gedoen is, inkonsekwente styl, onlogiese vloei en oppervlakkige inhoud. Groep 5 was veral uitgesproke oor die dokument se tekortkominge en het meer tegniese en gedetailleerde kritiek gelewer en minder klem gelê op algemene leesbaarheid of visuele aantrekkingskrag. Hierdie patrone dui daarop dat hoër kwali-

fikasievlakke gepaardgaan met groter sensitiwiteit vir gehalte-aspekte soos inhoudsbetroubaarheid, redigering en taalkundige akkuraatheid, terwyl laer kwalifikasievlakke geneig is om meer te fokus op toeganklikheid en bruikbaarheid.

Toe deelnemers reguit gevra is of hulle dink dat daar 'n verhouding is tussen hulle kwalifikasievlak en ervaring, het die meeste deelnemers aangedui dat hulle nie dink dat daar 'n direkte verhouding tussen hierdie twee veranderlikes is nie. Wat wel veral by groepe 1 tot 3 na vore gekom het, is dat deelnemers gevoel het dat die tipe kwalifikasie (eerder as kwalifikasievlak) 'n beduidende invloed het op hoe hulle die dokument ervaar. Deelnemers in groepe 4 en 5 het egter 'n duideliker verband tussen hulle kwalifikasievlak en 'n meer kritiese, analitiese leeservaring uitgelig.

Hieruit kan afgelei word dat die verhouding tussen deelnemers se ervaring van dokumente en hulle kwalifikasievlak waarskynlik verband hou met die ontwikkeling van kritiese leesvaardighede. Deelnemers met laer kwalifikasievlakke fokus hoofsaaklik op die oorhoofse, tasbare aspekte van die teks (soos skrifgrootte, visuele struktuur en bondigheid) omdat hulle leeservaring meer gefokus is op toeganklikheid en praktiese bruikbaarheid. Namate kwalifikasievlak styg, ontwikkel deelnemers se vermoë om foute in taal, styl, struktuur en inhoud te identifiseer en te evalueer. Hierdie resultate stem dus ooreen met die behavioristiese aanname (binne die psigolinguistiek) dat hoe hoër mense se kwalifikasievlakke, hoe beter is hulle prosesseringsmeganismes. Verhoogde prosesseringsmeganismes kan gepaardgaan met kritiese denke.

Hierdie bevindinge kan verder belig word vanuit 'n tekslinguistiese perspektief. Soos reeds bespreek, dui De Beaugrande en Dressler (1981) aan dat die sukses van 'n teks bepaal word deur die standarde kohesie, koherensie, intensionaliteit, aanvaarbaarheid, informatiwiteit, situasionaliteit en intertekstualiteit. Die resultate dui daarop dat deelnemers met hoër kwalifikasievlakke meer geneig is om juis hierdie onderliggende tekskenmerke raak te sien en te beoordeel, terwyl deelnemers met laer kwalifikasievlakke hulle ervaring eerder baseer op onmiddellike sigbare of praktiese eienskappe van die dokument. Die resultate van die huidige ondersoek toon dat Burger (2023) se bevindinge tot 'n mate ondersteun word, aangesien deelnemers met hoër kwalifikasievlakke tekste wel anders lees as deelnemers met laer kwalifikasievlakke en dat dit hulle ervaring van tekste beïnvloed. Dit is egter nie noodwendig die gebruik van gewonetaaltegnieke wat hierdie ervaring ten volle beïnvloed nie, maar eerder die nienakoming van tekslinguistiese beginsels. Ten spyte daarvan dat gewonetaaltekste die bedoeling het om lekelesers te bemagtig om toegang tot inligting te kry, dui die huidige navorsing aan dat indien tekslinguistiese eienskappe afwesig is, dit die effek van gewonetaaltegnieke negatief beïnvloed. Gewonetaalskrywers en -redigeerders moet aandag daaraan gee om gewonetaaltekste sorgvuldig te skep met inagneming van tekslinguistiese beginsels om die beplande doelwitte van die kommunikasie te bewerkstellig. Dit is veral belangrik in 'n land soos Suid-Afrika, waar die meerderheid mense gewone taal nodig het om toegang tot inligting te kry.

Toekomstige navorsing kan die verhouding tussen tekslinguistiek en ervaring verder bestudeer. In die huidige ondersoek het sommige van die deelnemers aangedui dat hulle dink dat gedeeltes van die teks deur 'n vertaalbot geskep is, en dat dit hulle ervaring van die teks negatief beïnvloed het. Hierdie navorsing kan veral kyk na aanvaarbaarheid (al dan nie) van soortgelyke tekste wat met kunsmatige intelligensie geskep is.



Nog 'n aspek wat in toekomstige ondersoeke verder bestudeer kan word, is die verhouding tussen tipe kwalifikasie en ervaring van tekste. In die huidige ondersoek het die meeste deelnemers nie in die finansiële konteks gestudeer nie. Verdere ondersoek kan bepaal of deelnemers met kwalifikasies wat te make het met die inhoud van die dokument, beter ervarings het as diegene met ander kwalifikasies.

Een tekortkoming van die huidige ondersoek wat ook in toekomstige navorsing in ag geneem kan word, is dat die getal deelnemers per groep slegs twee is. 'n Groter groep deelnemers sou moontlik tot ander gevolgtrekkings lei. Toekomstige ondersoeke kan meer deelnemers per groep werf om te bepaal of dit wel die geval is.

## Bibliografie

- Abrahams, E. 2003. Efficacy of plain language drafting in labour legislation. MA-verhandeling, Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie.
- Baitsewe, R., L. de Stadler en P. du Plessis. 2011. Usability testing. A report on user experience of plain language within a selection of Prudential portfolio managers' official external documentation. Universiteit Stellenbosch Taalsentrum.
- Botha, W. (red.). 2003. *'n Man wat beur. 'n Huldigingsbundel vir Dirk van Schalkwyk*. Stellenbosch: Buro van die WAT.
- Burger, J.M. 2018. The effect of iteratively applying plain language techniques in forms and their terms and conditions. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- . 2023. Die verband tussen kontekstuele en buitetekstuele faktore en die doeltreffende aanwending van gewone taal. PhD-proefskrif, Universiteit Stellenbosch.
- . 2024. Verstaanbaar en bruikbaar, maar ook aangenaam? 'n Evaluering van verbruikers se ervaring met gewonetaaltegnieke. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 64(2):281–314.
- . 2025. “It just hits home”: 'n analise van respondente se ervaring van variëteite van Afrikaans in gewonetaaldokumente. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 65(3):799–821.
- Carstens, A. 2007. Comprehension of pictures in educational materials for HIV/AIDS. *Ensovoort*, 11(2):13–32.
- Carstens, A. en M. Snyman. 2003. How effective is the Department of Health's leaflet on HIV/AIDS counselling for low-literate South Africans? *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 10(1):112–36.
- Cheek, A. 2010. Defining plain language. *Clarity*, 64:5–15.
- Cornelius, E. 2010a. Plain language as alternative textualisation. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 28(2):171–83.

—. 2010b. 'n Verkenning van regsvertaling as 'n “spesiale geval”. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalonderrig*, 44(1):71–87.

—. 2011. The curious case of legal translation. *Literator*, 32(1):121–43.

—. 2012. 'n Linguistiese ondersoek na die verstaanbaarheid van verbruikersdokumente vir die algemene Afrikaanssprekende publiek. PhD-proefskrif, Universiteit van Johannesburg.

—. 2015. Defining “plain language” in contemporary South Africa. *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 44:1–18.

—. 2016. An appraisal of plain language in the South African banking sector. *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 46:25–50.

—. 2020. *Gewone taal: 'n oorsig*. Stellenbosch: African Sun Media.

Cupido, A. 2018. Die hervertaling van 'n tegniese teks in gewone taal: 'n gevallestudie. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Cupido, A. en H. Lesch. 2020. Gemeenskapsvertaalpraktyk: gewone taal vir die hervertaling van 'n bankteks. *LitNet Akademies*, 17(1):138–70. [https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2020/04/LitNet\\_Akademies\\_17-1\\_Cupido-Lesch\\_138-170.pdf](https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2020/04/LitNet_Akademies_17-1_Cupido-Lesch_138-170.pdf).

De Beaugrande, R. en W. Dressler. 1981. *Introduction to text linguistics*. Londen: Pearson Education.

De Bruin, G.F. 2024. Towards improved, patient-centred medicine information leaflets in South Africa through plain language. PhD-proefskrif, Universiteit van Johannesburg.

DuBay, W.H. 2008. *Working with plain language. A training manual*. Costa Mesa, CA: Impact Information.

Esterhuyse, E. 2013. Verstaanbare vorms. 'n Lesersgerigte ondersoek na die effek van die veranderinge aan die Universiteit Stellenbosch se Afrikaanse voorgraadse aansoekvorm. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Farrell, J. en R. Gibbons. 1989. Cheap talk with two audiences. *The American Economic Association*, 79(5):1214–23.

Feinauer, I. 2003. TB or not TB. The communicative success of translated medical texts in South Africa. In Botha (red.) 2003:213–27.

Fine, D. 2001. Plain language and developing human rights materials. *Clarity*, 46:8–10.

Gouws, M. 2010. A consumer's right to disclosure and information: comments on the plain language provisions of the Consumer Protection Act. *South African Mercantile Law Journal*, 22:79–94.

- Green, N. 2019. Towards a conceptual framework for implementing plain language as a strategic priority in organisations. MA-verhandelings, Universiteit van Pretoria.
- Hacking, C., H. Verbeek, J.P.H. Hamers en S. Aarts. 2023. Comparing text mining and manual coding methods: Analysing interview data on quality of care in long-term care for older adults. *PLOS ONE*, 18(11):1–13.
- Harris, L., S. Kleimann en C. Mowat. 2010. Setting plain language standards. *Clarity*, 64:16–25.
- Heath, C. 2023. Sentiment analysis: Find out what users think about your brand and product. <https://dovetail.com/customer-research/what-is-sentiment-analysis> (14 Mei 2026 geraadpleeg).
- International Organization for Standardization. 2023. *ISO 24495-1 Plain language – Part 1: Governing principles and guidelines*. Genève: International Organization for Standardization.
- Jouravlev, O., D. Zheng, Z. Balewski, A. Le Arnz Pngos, Z. Levan, S. Goldwin-Meadow en E. Fedorenko. 2019. Speech-accompanying gestures are not processed by the language-processing mechanisms. *Neuropsychologia*, 132:1–38.
- Kimble, J. 2002. The elements of plain language. *Michigan Bar Journal*, Oktober, ble. 44–5.
- Knight, P. 1997. Clearly better drafting: Testing two versions of the South African Human Rights Commission Act, 1995. *Clarity*, 38:8–12.
- Matveeva, N., M. Moosally en R. Willerton. 2017. Plain language in the twenty-first century: Introduction to the special issue on plain language. *IEEE Transactions on Professional Communication*, 60(4):336–42.
- Nienaber, A. 2001. The comprehensibility and accessibility of South Africa's Bill of Rights: an empirical study. *De Jure*, 34(1):113–35.
- Nor, N.M. en R.A. Rashid. 2018. A review of theoretical perspectives on language learning and acquisition. *Kasetsart Journal of Social Sciences*, 39:161–7.
- Petelin, R. 2010. Considering plain language: issues and initiatives. *Corporate Communication*, 15(2):205–16.
- Pienaar, M. 2002. The use of plain language – not that simple. *Journal of Language Teaching*, 36(1&2):146–51.
- Plain Language Federation. 2025. Plain language definitions. <https://www.iplfederation.org/plain-language> (14 Mei 2026 geraadpleeg).
- Purba, N. 2018. The role of psycholinguistics in language learning and teaching. *Tell Journal*, 6(1):47–54.
- Republiek van Suid-Afrika. 2008. Verbruikersbeskermingswet, 2008 (Wet no. 68 van 2008). <https://www.gov.za/documents/consumer-protection-act> (14 Mei 2026 geraadpleeg).

Schmid, M.S. en E. Dusseldorp. 2010. Quantitative analyses in a multivariate study of language attrition: the impact of extralinguistic factors. *Second Language Research*, 26(1):125–60.

Sharp, D., M. Cole, C. Lave, H.P. Ginsburg, A.L. Brown en L.A. French. 1979. Education and cognitive development: the evidence from experimental research. *Monographs of the Society for Research in Child Development*, 44(1/2):1–112.

Siebörger, I. en R.D. Adendorff. 2011. Can contracts be both plain and precise? *Southern African Linguistics and Language Studies*, 29(4):483–504.

Stewart Smith, A. 1999. A linguistic and discourse analysis of legal language: The right to understand legal texts and methods of rewriting them. PhD-proefskrif, Universiteit van Kaapstad.

Trudeau, C.R. 2012. The public speaks: an empirical study of legal communication. *Scribes Journal of Legal Writing*, 131:121–52.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Hierdie navorsing is op 21 Mei 2024 deur die Universiteit Stellenbosch se Sosiale, Gedrags- en Opvoedkunde Navorsingsetiekkomitee (NEK: SGO) (projeknommer 29720) goedgekeur.

<sup>2</sup> Hierdie dokument is nie meer in gebruik deur Sanlam nie. Inligting in die dokument is moontlik verouderd.

<sup>3</sup> Die onderskeie onderhoudnommers stem ooreen met die volgorde waarin onderhoude gevoer is.

## Bylaag A

Klik [hier](#) vir die bylaag.

# Buitelandsebeleidsbeginsels van Donald Trump: Deel 1

Riaan Eksteen

---

Riaan Eksteen, navorsingsgenoot, Departement Politieke Studie en Regeerkunde,  
Universiteit van die Vrystaat

---

## *Opsomming*

Die doel met hierdie tweeledige ondersoek is om, in die eerste deel, Donald Trump se opvatting van buitelandsebeleidsbeginsels aan te dui en te ontleed. In die tweede deel word aandag geskenk aan sy hantering van buitelandse aangeleenthede en toepassing van die beginsel van Amerika Eerste. Aan die hand van kwalitatiewe navorsing word die omvang en impak van Trump se onortodokse benadering tot en toepassing van buitelandse beleid ontleed. Hierdie ondersoek steun op 'n literatuuroorsig van belangwekkende verwickelinge in die VSA se buitelandse betrekkinge gedurende albei Trump se ampstermyne. Kernbronne is gebruik, insluitende primêre bronne soos verklarings en aankondigings deur Trump self, asook deur tersaaklike staats-instellings. Ander bronne sluit artikels in wat deurlopend in publikasies in die openbare domein verskyn en waarin sienswyses van gesaghebbendes oor buitelandse aangeleenthede gestel word. Laasgenoemde bronne is onmisbaar om die daaglikse ontvouende gevolge van Trump se optredes en besluite te interpreteer en te begryp. Gevolglik kan die ingewikkelde en dikwels onsekere gevolge van Trump se buitelandse beleid en sy optredes bepaal word soos nuwe verwickelinge deurentyd op mekaar volg. Die hoofbevindings beklemtoon die kontraktuele aard van die beleid en die strategies belangrike rol wat ekonomiese en finansiële oorwegings speel waarmee Trump die VSA se nasionale belange bevorder en beskerm. Daar is ook beduidende uitdagings wat die VSA in die gesig staar in die uitvoering van 'n heel nuwe benadering tot diplomatie, met inbegrip van strengelike gevolge vir die land en sy internasionale gespreksgenote.

**Trefwoorde:** Amerika Eerste; Arabiese state; buitelandse beleid; buitelandse hulp; Demokrate; diplomatie; Europese Unie; Hooggeregshof; Israel; Kongres; MAGA; nasionale belange; nasionale veiligheidstrategie; Navo; Republikeine; Marco Rubio; transaksioneel; Donald Trump; uitvoerende bevel

## Abstract

### Foreign policy principles of President Donald Trump: Part 1

*Please note at the outset that the cut-off date for incidents and analysis relating to both parts of this two-part paper was 31 March 2026.*

This examination consists of two parts. The first assesses Donald Trump's understanding of foreign policy fundamentals. In contrast, the second evaluates his management of US foreign relations under the America First strategy. It covers various international issues, including tariffs, sanctions and relations with entities like the EU, Russia, China and Iran. The analysis is grounded in a comprehensive literature review of US international relations during Trump's presidency and employs analytical frameworks to understand the implications of his policies. It also considers the roles of Congress and the Supreme Court, highlighting the complexities and challenges of the USA's diplomatic strategies.

Since Trump began his second term in January 2025, his America First foreign policy has prompted a significant transformation in the USA's global position, as the US relinquishes conventional obligations to pursue its immediate self-interest. The extensive system of alliances, treaties and foreign assistance initiatives established by the US after the Second World War is undergoing significant modification or outright elimination. Since January the US has reduced humanitarian and development aid by tens of billions of dollars, withdrawn from significant agreements such as the Paris climate accord, and limited reporting on human rights violations. Entire government agencies have been depleted. A more personalised approach prevails, largely contingent on the caprices of Donald Trump, whose foreign policy embodies a more severe, parsimonious and unforgiving stance.

He criticised the USA's European allies as "freeloaders" and "delinquents", yet achieved what his predecessors could not by compelling them to increase their defence expenditure. He started by following a more robust programme. Two profound grievances informed his perspective. The first concern was that the USA was maintaining international rules and alliances at the expense of regular residents, who financed the nation's foreign engagements through taxes and sacrificed their children in its conflicts. The second point was that the USA was being economically exploited. This notion, mostly dismissed by economists, posits that the USA was adversely affected by importing far more than it exported. In pursuing his foreign policy goals, Trump focuses on swift agreements similar to corporate acquisitions, and prioritising homeland security and immigration concerns. These initiatives often occur without Congressional input, relying heavily on trusted advisors while sidelining career diplomats.

Trump views trade agreements as economic advantages that boost the stock market and benefit Americans, although some may take years to affect living costs. His administration argues that traditional diplomacy hinders effectiveness, and advocates a streamlined approach that allows direct presidential engagement with foreign leaders, bypassing bureaucratic constraints. In this process, Secretary of State Marco Rubio plays a key role. Trump's unequivocal departure from conventional diplomacy is a salient characteristic of his foreign policy. He prioritises national interests and employs disruptive tactics, resulting in judgments that pose enduring challenges to the USA's international stature.



By the conclusion of his second term's inaugural year some of his actions have already proved to be irrevocable, making a return to the previous state in Washington improbable. 2025 was marked by global changes, with Trump as the central figure. From tariffs and the trade war to efforts at mediation in numerous global disputes he has been ubiquitous in newspaper headlines and in the considerations of foreign leaders navigating a markedly different White House during a tumultuous period. His methodology of foreign relations can be encapsulated as follows: He perceives the world from a commercial perspective.

The National Security Strategy of 2025 outlines Trump's assertive global agenda. It aims for the USA to dominate in Latin America and Asia, while focusing less on Europe. Rejecting isolationism, Trump reshapes internationalism to align with his ideals, utilising personal diplomacy and expanding executive powers. His approach raises concerns about undermining post-World War II multilateral frameworks, putting international stability and collaboration at risk. Trump's unconventional, unilateral tactics, including a contentious trade war, have garnered significant authority, with Congress ceding power to the presidency. Scholars warn of potential adverse effects on global diplomacy, as Trump's legacy may persist beyond his presidency, influencing future executive authority and international relations. Conventional Republican politicians hesitate to support alternative ideas due to fears of right-wing backlash, leading to their potential irrelevance and defeat in upcoming elections.

By March 2026, Trump had already issued over 400 executive orders, bypassing Congress and challenging its spending authority. His focus on international relations, including trade agreements and stances against countries like Venezuela, aims to enhance his legacy but detracts from domestic issues. A Quinnipiac survey shows mixed approval for his foreign policy, with 54% disapproving. Strategists believe the economy will be a more significant factor in the 2026 mid-term elections than Trump's foreign policy effectiveness will be. His actions have already made him a prominent figure in global affairs and are reshaping the USA's role on the world stage. Foreign leaders have begun adopting a different approach toward Trump to navigate a new diplomatic landscape. Trump's foreign policy treats international relations as deal-making in which economic leverage is the primary instrument of power, a logic that makes geoeconomics central to US strategy. Economic and financial instruments are deployed not as adjuncts to diplomacy, but as core tools to secure prosperity for the USA and shape the strategic environment. Geoeconomics, understood as the purposeful use of economic instruments to achieve geopolitical goals, aligns with Trump's organising principle that economic security is national security which in turn is vital to protecting and enhancing the national interests of the USA. The result is a foreign policy in which alliances, regional deals, and even conflict management are evaluated by their contribution to growth, jobs and industrial capacity.

Consequently, by elevating geoeconomic competition, Trump's transactional approach reinforces the USA's economic security. His America First foreign policy operationalises a distinctly transactional logic in which economic statecraft serves as the primary currency of influence, thereby recasting traditional security and alliance politics as ongoing negotiations over material advantage and burden-sharing. By following this approach, his policies aim to constrain strategic rivals and re-embed the USA's prosperity at the core of a more contingent, deal-driven international order.

**Keywords:** America First; Arab states; Congress; Democrats; diplomacy; European Union; executive orders; foreign aid; foreign policy; Israel; MAGA; national interests; national security strategy; NATO; Republicans; Marco Rubio; Supreme Court; transactional; Donald Trump

## 1. Inleiding

*Let asseblief uit die staanspoor op die feit dat die afsnydatum rakende gebeure en ontledings in albei dele van hierdie tweeledige reeks artikels 31 Maart 2026 was.*

President Donald Trump se buitelandse beleid kom as onvoorspelbaar voor. Dit is sy soms vae definisie van wat in die VSA se nasionale belange is wat dit so moeilik maak om sy buitelandse beleid te ontleed. Hy pas nou toe wat hy tydens sy verkiesingsveldtogte voor sy eerste en tweede termyne onderneem het en waarvoor hy toe beide kere verkies is (Zurcher en Geoghegan 2025). Daarom is sy hoofbekommernis slegs hoe aanvaarbaar sy verkiesingsbeloftes vir sy volgelinge is en hoe dit sy magsbasis tuis raak (Lamont e.a. 2025). Wanneer na die onderskeie verwante aspekte hiervan gekyk word, is dit maklik om dit as belaglik af te maak omdat daar dan net ag geslaan word op die “hoe” van sy optredes omdat hy tegelykertyd die hoofformuleerder van buitelandse beleid en die land se hoofdiplomaat is wat swaar steun op persoonlike diplomاسie. Eintlik kom dit op eiehandigheid neer, met sy besondere styl asook sy unieke wispelturigheid en uitsonderlike temperament, wat uitloop op ongeduld en selfs ’n kort aandagspan wanneer hy buitelandse aangeleenthede hanteer. Daarenteen is hy in sy element wanneer hy diplomاسie kan beoefen op grond van sy transaksionele benadering tot buitelandse aangeleenthede wat voordele vir sy land kan inhou. Wanneer die “hoe” gesprekke en ontledings oorheers, gaan die “waarom” dikwels verlore. Boekdele kan aan die “hoe” en sy styl gewy word en veral die onbesonne stellings wat hy al in daardie prosesse kwytergaa het. Dikwels vervleg hy onwaarhede doelbewus of by implikasie in sy toesprake of tydens vraagen-antwoordgeleenthede. Hy is ook bekend daarvoor dat hy oordryf. Daarom is dit nie moeilik om sy beleidsrigtings voor die voet as onsinnig af te maak wanneer slegs die “hoe” bekyk word nie. Hierdie “hoe” slaan op sy krasse woordkeuses, aggressiwiteit wat spruit uit sy vinnige humeur en sy oordrewe selfbelang en behepthed om sy eie belangrikheid voorop te stel. Daarenteen kry die “waarom” betekenis met die toepassing van die beginsels waarmee hy fasette van sy beleid suksesvol aanwend en afhandel. Vir hom gaan dit om te wen en nie om oor die agteruitgang van sy land te waak nie. Maar waarom gaan die “waarom”? Hierop is daar nie eenvoudige verduidelikings of antwoorde nie. Soos met alle optredes en besluite is daar gevolge. Beide die positiewes en negatiewes verg aandag. Eers dán kry Trump se benadering tot buitelandse aangeleenthede betekenis.

Hermann en Ozkececi-Taner (2011) lê in hulle hoofstuk “The experiment and foreign policy decision making” in die *Cambridge handbook of experimental political science* (Drucker 2011) besonder klem op Snyder, Bruck en Sapin (2003) se betoog dat individue en prosesse in internasionale aangeleenthede saak maak. Trump se buitelandse beleidsbesluitneming pas by talle van die drie skrywers se kernbewerings in. In sy geval word dit omskep in ’n buitengewoon verpersoonlikte, leiergesentreerde proses waarin ’n klein binnekring, ’n verswakte interagentskapstelsel en ’n faksionaliseerde burokrasie tussen sy persepsies en konkrete buitelandse beleidsaksies probeer bemiddel Trump se buitelandse beleidsbesluitneming kan ook geïnterpreteer word as ’n stelselmatige verwerping van die tegnokratiese styl wat Allison en Zelikow (1971) as die normale agtergrond van die VSA se nasionale veiligheidsbeleid beskou.

In die afdelings wat hierna volg, word Trump se benadering tot buitelandse aangeleenthede beskryf; sy uitvoerende bevel wat op buitelandse beleid van toepassing is, word uiteengesit saam met die rol wat sy minister van buitelandse sake, Marco Rubio, vervul; die beëindiging van buitelandse hulpprogramme word bespreek; die binnekring van Trump en sy kabinet geniet aandag; die nuwe era van diplomاسie word verduidelik; die wisselwerking tussen binnelandse

en buitelandse beleid geniet aandag; die nuwe rol van die VSA in buitelandse aangeleenthede word bespreek; die begrip *Peace through strength* en die nuwe nasionale veiligheidstrategie word ontleed; die onderskeie rolle van die Kongres en die Hooggeregshof met betrekking tot Trump se buitelandsebeleidmaatreëls word bespreek; en die positiewe en negatiewe aspekte van Trump se buitelandsebeleidsoptredes word uitgewys. Hierdie artikel voer aan dat die Hooggeregshof toenemend 'n sentrale rol speel in die beperking van uitvoerende oorheersing in buitelandse sake onder die Trump-administrasie. Dit bevestig 'n verskuiwing in regterlike gesag teenoor optredes van die uitvoerende gesag wat reeds onder George W. Bush begin het (Eksteen 2019a).

'n Toenemende aantal studies gebruik empiriese metodes en gestruktureerde gevallestudies om Trump se buitelandse beleid in sy tweede termyn te ontleed. 'n Eerste groep neem die Nasionale-veiligheidstrategie (NVS) van November 2025 as grondbeginsel en gebruik die taal daarvan om 'n verskerpte "Amerika Eerste"-wending uit te wys: enger kernbelange, verminderde klem op die bevordering van demokrasie, 'n meer uitdruklike fokus op en belang in die Westelike Halfrond, en minder aandag aan Europa. Die NVS se houding teenoor en benadering tot die wêreld bevestig die wegbeweeg van baie lank gekoesterde uitgangspunte en aannames in die VSA se buitelandse beleid (Shiffrinson, Ashford, Crandall e.a. 2025). Aan hierdie aspekte word aandag geskenk in die afdeling waarin die NVS bespreek word.

'n Tweede groep gebruik gevallestudies oor die transatlantiese alliansie wat die erosie van Navo se samehorigheid, verbintenis met Oekraïne en verhoogde handelsgesille met die Europese Unie (EU) uitwys as 'n bevestiging van 'n transaksionele, unilateralistiese verskuiwing van buitelandsebeleidsbenaderings. Streeksgerigte werk volg oor die Amerikas, Europa en die Midde-Ooste wat in besonderhede fokus op beleidsbesluite, soos onder andere tariewe, sanksies, migrasiebeheer, en steun vir Israel en dwangmaatreëls teen Iran.

Die huidige benadering van die VSA tot die konflik met Iran weerspieël 'n strategie van berekende onvoorspelbaarheid. Eerder as om 'n vaste eindtoestand na te streef, word strategiese opsies uitgebrei deur onstabiliteit toe te laat om globale verantwoordelikhede te hervorm. Strategiese dubbelsinnigheid het 'n nuwe hefboom in Trump se arsenaal geword om buitelandsebeleidsdoelwitte na te streef. Wanneer geopolitiek behoorlik toegepas word, is daar beduidende geostrategiese gevolge. Hierdie gevolge is onteenseglik toe te skryf aan Trump se benadering tot en hantering van buitelandse beleid met sy "Amerika Eerste" as rigtingwyser waarin hy onwrikbaar glo. "There is only one sphere of influence in today's world, and it belongs to the US. This gives Washington unmatched power and a secure home base from which it could, if necessary, disengage from any part of the world" (Beckley 2026).

Gedeeltes van hierdie artikel bespreek hierdie aspekte, maar artikel 2 skenk breedvoerige aandag hieraan met 'n reeks gevallestudies.

## 2. Grondslag van Trump se benadering tot buitelandse aangeleenthede

Trump se benadering in sy tweede termyn, wat nou 15 maande oud is, kan nie ontleed word sonder om eers te kyk na aspekte ter sprake tydens sy eerste ampstermyn nie. In daardie termyn het hy riglyne en beginsels neergelê wat nou in sy tweede termyn meer betekenis, aandag en toepassing kry. Hy gryp nie sommerso kwessies uit die lug nie. Al kom dit meestal so voor.

Sy eerste termyn het 'n skerp afwyking van sy voorgangers se benaderings tot diplomاسie en handel gekenmerk. Op sy inhuldigingsdag in Januarie 2016 het die Withuis se nuwe webwerf slegs 220 woorde aan buitelandse aangeleenthede gewy. Dit was uitdagend om iets konkreets oor sy buitelandse beleid te sê. Wat wel opgeval het, was die eerste teken dat “Amerika Eerste”, waarna hy ook in sy inhuldigingstoespraak verwys het, die sentrale punt van sy buitelandse beleid sou vorm. Sy benadering tot die wêreld en prioriteite toe was om die Islamitiese Staat van Irak en Sirië (ISIS) te verslaan, die weermag te herbou en diplomاسie te omarm. Sy taak is nie makliker gemaak met die wisseling van sy ministers van buitelandse sake en sy nasionale-veiligheidsraadgewers nie. Mettertyd het hy sy eie ritme gevind om sy buitelandse beleid op die globale magsdinamika te laat fokus, multilaterale ooreenkomste uit te daag en ekonomiese nasionalisme te bevorder. Die VSA se betrokkenheid by internasionale konflikte moes byvoorbeeld beëindig word. Handelsverskille met China moes aangespreek word. Die heronderhandeling van die handelsooreenkomste met Meksiko en Kanada (North American Free Trade Agreement – NAFTA) moes aandag kry. Die verhouding met Israel moes uitgebrei en verstewig word. Iran moes geïsoleer en aan hewige sanksies onderwerp word vir sy rol as aanstigter van internasionale terrorisme en twyfelagtige kernkragontwikkeling. Nuwe verhoudings is in die Midde-Ooste bevorder, veral met normaliseringsooreenkomste tussen Israel en Arabiese state, die sogenaamde Abraham-ooreenkomste. Lede van Navo moes aangespreek word omdat hulle nie aan verdedigingsbestedingsverplichtinge voldoen het nie en die VSA se steun vir “agterstallige” lede beperk moes word (Reuben 2025).

Hierdie benaderings het 'n verskuiwing van idealisme na realisme weerspieël met die klem op transaksionele diplomاسie eerder as ideologiese verbintenisse. Ten spyte van die bevordering van vredesooreenkomste het sy buitelandse beleid kritiek gekry omdat dit die wêreldorde versteur en selfs ondermyn het. Ook is bondgenote vervreem en geopolitieke onsekerheid veroorsaak. Met sy nasionalistiese en unilateralistiese benadering het hy die VSA se belange, soewereiniteit en veiligheid geprioritiseer en verhef bo multilaterale verbintenisse, en skepties gestaan teenoor multinasionale ooreenkomste, soos die kernooreenkomste met Iran, waarvan hy die VSA onttrek het. Deelname aan internasionale verdrae en organisasies was nie 'n prioriteit nie. Die heronderhandeling van bilaterale ooreenkomste tot voordeel van die VSA is nagejaag. So het hy met sy nuwe, onbeproeft diplomatieke styl ooreenkomste en persoonlike verhoudings bo tradisionele alliansies en waardes beklemtoon. Daar was 'n beduidende afwyking van vorige buitelandsebeleidstradisies en allerlei motiewe en onvoorspelbaarheid is aan hom toegedig.

In enige verkiesingsjaar dra spesifieke onderwerpe meer gewig in die koppe van die gemiddelde Amerikaanse kieser. Trump het in die verkiesingsveldtog van 2024 sy slagspreuk “MAGA” (Make America Great Again) met groot sukses aangewend. Hy het dit saam met sy benadering van “America First” tot die wese van sy binnelandse en buitelandse beleid verhef. Die kernbeginsels van “Amerika Eerste” kan soos volg opgesom word: Dit is 'n nasionalistiese, belangegesentreerde leerstelling wat beweer dat die beleid van die VSA – buitelands en binnelands – hoofsaaklik beoordeel moet word volgens of dit direk die veiligheid, voorspoed en soewereiniteit van Amerikaanse burgers bevorder, eerder as breër internasionale of ideologiese projekte. In hedendaagse gebruik onder Trump word dit as “beginselvaste realisme” aangebied: 'n hardnekkige nastrewing van nasionale belang, skepties teenoor globalistiese instellings, maar nie noodwendig isolasionisties nie.

An America First approach to foreign policy is based on the idea that America is best positioned to lead in the world and preserve peace and stability when it places the safety, prosperity, and overall well-being of the American people first. (Pillar VI 2025)

Hierdie benadering het groot byval by sy ondersteuningsbasis gevind. Hy het aandag gegee aan hul aspirasies en begeertes. Die doel daarmee was om uiteindelik 'n langdurige buitelandse beleidsraamwerk te skep wat die land se belange genoegsaam in ag sou neem en bevorder. Sy metodologie was om die VSA se nasionale belange en veiligheid te beklemtoon met 'n pragmatiese benadering tot internasionale kwessies. Hy het die doeltreffendheid van beleidsmaatreëls wat ooreenstem met nasionale doelwitte beklemtoon. So moes bestaande diplomatieke en ekonomiese raamwerke herformuleer word. Vanuit sy perspektief moes die VSA internasionale aangeleenthede met sy benadering van “Amerika Eerste” realisties en betekenisvol benader. Met bondgenote sou daar saamgewerk word solank dit die belange van die VSA bevorder. Die werklikheid van die VSA se buitelandsebeleidsbenadering beklemtoon opnuut dat dit nou met die binnelandse politiek verweef is. Dit was dus geen verrassing dat soveel kiesers uiteindelik begin het om hul land se langdurige strategie te bevraagteken nie, die een wat voorhou om die wêreld se polisieman te speel en allerlei hulpmiddels oral ter wêreld te verskaf. Vir hulle was dit belangrik om die land eerste te stel. Nie met 'n skielike ineenstorting nie, maar deur 'n proses van opsetlike abdikasie en sistemiese erosie. Om dit te bewerkstellig, moes Washington 'n nuwe groot strategie volg. Wat Trump in die naam van realisme verkondig, is presies so 'n strategie.

Op 5 November 2024 het kiesers besluite geneem wat 'n onbekende wêreldwye uitwerking gehad het. Presidensiële verkiesings het altyd beduidende globale gevolge wat ekonomies en geopolitieke landskappe wêreldwyd beïnvloed en vorm. Die president is nie bloot 'n binnelandse leier nie, maar 'n sentrale figuur in internasionale diplomatie en ekonomie. Die sleutelemente van sy buitelandsebeleidstrategie met Amerika Eerste in sy eerste termyn is in verfynde vorm basies net so in sy benadering in 2025 oorgedra. Die fokus verskerp egter nou om die VSA se belange bo multilaterale verbintenisse te prioriteer en globale alliansies te hervorm. Om die doelwitte van die VSA te bevorder, word ekonomiese en militêre hefbome meer doelgerig ingespan. Die hoofpilare en aksies sluit in dat alle buitelandsebeleidsbesluite uitdruklik gelei sal word deur die beginsel om die nasionale belange van die VSA en sy burgers voorop te stel, soos uitvoerende bevelle alles van tyd tot tyd voorskryf.

Die eerste uitvoerende bevel wat Trump kort ná sy inhuldiging op 20 Januarie 2025 onderteken het, verklaar dat die buitelandse beleid van die VSA die wesenlike belange van landsburgers moet bevorder en altyd daardie belange moet prioriteer (Executive Order 2025). Om uitvoering hieraan te gee, is die minister van buitelandse sake, Marco Rubio, opdrag gegee om leiding te neem om die Departement van Buitelandse Sake se beleid, programme, personeel en bedrywighede in alle opsigte in ooreenstemming met die filosofie en beleid van Amerika Eerste te bring.

Nasionale belange sou voortaan binne die transaksionele raamwerk voorskryf hoe internasionale gesprekke hanteer moes word. Die belange van ander lande is sekondêr tot daardie beleid. Verhoudings word gevorm en beoordeel op die voordele wat die VSA daaruit kan kry. Aanvullend hiertoe hou sy buitelandse beleid en verbintenisse verband met die land se strategiese veiligheids- en ekonomiese belange. Sy beskermde, geïsoleerde uitkyk bied gevolglik 'n uitdaging vir baie lande. So is dit 'n bepaalde uitdaging om met die VSA te onderhandel wetende dat die teenstander eintlik net in sy eie belange belangstel en tot watter mate dié belange bevorder sal word. Eensydigheid word daarmee tot 'n strategie verhef en toegepas. Trump is 'n harde en geharde onderhandelaar. Hy pas sy eie beginsels en agenda op sy buitelandse beleid toe. So bewerkstellig hy radikale veranderinge. Hy floreer daarop om sy teenstanders van koers te dwing en van balans te hou. Hy slaan stewige houe en gee opponente



weinig kans om aan te pas of te herstel. Dit laat hom toe om in verhoudings te oorheers. Terselfdertyd is hy gereed om dekades van buitelandse beleid te laat vaar en 'n nuwe rigting in te slaan, al beteken dit hy vervreem sommige bondgenote in die proses.

Trump se buitelandse beleid vir sy tweede termyn is nie 'n afwyking van sy eerste nie, maar eerder 'n verfyning en stelselmatige uiteensetting van die Amerika Eerste-beginsel wat 2017–2020 gedefinieer het en in 2025 by 'n heelwat meer onstuimige internasionale landskap aangepas is. Gedurende sy aanvanklike ampstermyn het Trump sy buitelandse beleid gestruktureer met die klem op soewereiniteit, bilaterale ooreenkomste en lasverskuiwing eerder as alliansies en multilaterale instellings. Die tweede termyn handhaaf uitdruklik die raamwerk van Amerika Eerste. Dit is verfyn om op noodsaaklike nasionale belange te fokus, terwyl die meeste verwysings na die bevordering van demokrasie uitgeskakel word en noodsaaklikhede vir veiligheid en voorspoed voorrang geniet. So vervang hy konvensionele diplomatie met kerntemas van transaksionalisme, skeptisisme teenoor alliansies, en 'n voorkeur vir ekonomiese hefboomwerking (Waterhouse 2017).

Tot op hede is Trump se tweede termyn een van die mees oorlogagtige van enige presidentskap sedert menseheugenis. In die eerste jaar het hy aanvalle op sewe lande beveel: Iran, Venezuela, Jemen, Sirië, Nigerië, Somalië en Irak, asook op bote in die Karibiese See.

### **3. Uitvoerende bevel en buitelandse beleid: rol van buitelandse-sake-minister Marco Rubio**

Trump se instruksie aan Rubio was om sonder aarseling en sonder om tyd te verspeel die land se nasionale belange as die kern van buitelandse beleid te vestig. Hierdie duidelike en onomwonde opdrag het hy in uitvoerende bevel van 20 Januarie 2025 en 22 April 2025 verwoord om die strategiese hervorming en herorganisasie van daardie staatsdepartement te bewerkstellig (Doherty 2025). Dit stel Rubio in staat om die departement te herorganiseer, missiedoeltreffendheid stelselmatig te verbeter, die VSA internasionaal te verteenwoordig, vermorsing, bedrog en misbruik uit te skakel en die departement in ooreenstemming te bring met die Amerika Eerste-beleidsstelling. Gevolglik moet daar verseker word dat alle buitelandse-beleidsbesluite die VSA se veiligheid, mag en voorspoed ondersteun en verbeter. Met hierdie uitvoerende bevel is een van die belangrikste herstrukturings van daardie departement in die onlangse geskiedenis in werking gestel. Terloops, 25 jaar gelede het 'n Kongresverslag wat albei partye verteenwoordig het, die Departement van Buitelandse Sake tóé reeds as 'n “gebrekkige instelling” bestempel. Sedertdien het dit net erger geword. Rubio het al by verskeie geleenthede beklemtoon dat hy, die departement, en die amptenary daargestel is om gehoor te gee aan die President se uitdruklike opdrag dat die nasionale belange van die VSA in alle opsigte vooropgestel word en om te verseker dat dit nougeset uitgevoer word.

Rubio se uitdruklike taak is om doeltreffendheid, belyning met presidensiële prioriteite en 'n herdefiniëring van die diplomatieke korps te verseker. In die middel van Julie 2025 het Rubio met massa-afdanings in sy departement begin as deel van die herorganiseringsplan wat die VSA in staat sal stel om vinniger te reageer deurdat lae van burokrasie verwyder word. Hierdie optrede het gevolg enkele dae nadat die Hooggeregshof die administrasie toegelaat het om afleggings by federale agentskappe voort te sit. Die land se hoogste hof het bevind dat Trump se uitvoerende bevel van Februarie waarskynlik wettig was. In Julie 2025 het die Hooggeregshof ook beslis dat die administrasie mag voortgaan om die departement van onderwys te ont-



bind. Die uitspraak is 'n beduidende oorwinning vir die administrasie en kan Trump se pogings vergemaklik om die federale regering se rol in die land se skole drasties in te perk. Dit sluit by ander beslissings van daardie hof aan om nie Trump se toepassing van sy binnelandse beleid in die wiele te ry nie.

Trump se buitelandsebeleidsbenadering in 2025 stem nouer ooreen met Rubio se visie van Washington se rol in die buiteland, wat lank reeds maksimale druk deur middel van sanksieveldtogte en verskeie vorme van ingryping deur die VSA ondersteun. Die omverwerping van Maduro was tot dusver 'n gedeeltelike oorwinning vir Rubio wat egter ver te kort skiet aan die omvattende verandering wat hy lank reeds bepleit (Stepansky 2026). Soos drie kommentators opgemerk het: “Rubio wants to be the change agent in the Americas” (Hauslohner, Politi en Mackinnon 2026).

Oor Rubio merk Filkins (2026a) op dat hierdie voormalige politieke teenstander van Trump nou gereeld in openbare optredes Trump se lof besing en sy agenda in Venezuela en regoor die wêreld uitvoer. So kondig Rubio dan ook 'n visumverbodbeleid aan en begin dit dadelik implementeer en spesifieke Europese en Britse burgers teiken wat as “medepligtig” beskou word aan die sensuur van Amerikaanse spraak aanlyn. Dit is egter nie 'n algehele verbod op alle EU- of VK-amptenare nie. Dit gaan meer oor 'n reaksie op buitelandse owerhede wat Amerikaners beboet, teister of aankla, of druk op sosialemediaplatforms van die VSA (soos Elon Musk se X) plaas oor aanlyn spraak. Hy waarsku dan dat sulke individue nie meer die “voorreg” van reis na die VSA sal geniet nie. Vir hom is vryheid van spraak noodsaaklik vir die Amerikaanse lewenswyse – 'n geboortereg waarvoor buitelandse regerings geen gesag het nie.

President Trump has been clear that his America First foreign policy rejects violations of American sovereignty. Extraterritorial overreach by foreign censors targeting American speech is no exception. The State Department stands ready and willing to expand today's list if other foreign actors do not reverse course. (Press Statement 2025)

Verder het die Departement van Buitelandse Sake 'n onbepaalde pouse op die verwerking van immigrantevisums vir aansoekers uit 75 lande gelas. Die besluit geld vanaf 21 Januarie 2026, maar sluit nie alle visums vir die VSA wêreldwyd in nie. Nie-immigrantevisums (vir toerisme, sake, studie ens.) duur oor die algemeen voort, hoewel 'n aparte reisverbodstelsel reeds vanaf 1 Januarie 2026 die uitreiking van immigrante- en nie-immigrantevisums vir 39 lande ten volle of gedeeltelik verhoed (Greene 2026). Funksies en kantore wat Rubio, in oorleg met die Kongres, oorbodig of uit pas met Trump se agenda ag, bly in die slag. In Desember 2025 is byna 30 ambassadeurs van regoor die wêreld beveel om binne weke na die VSA terug te keer. Die stap mag 'n groot gaping in die land se diplomatieke korps laat, veral nadat Trump verklaar het dat hy konflikte deur middel van diplomatie wil oplos (Wong 2025). Onderhandelingsprosesse misluk nie omdat diplomatie onmoontlik is nie, maar omdat dit in ontkenning van die werklikheid gevoer word (Douthat 2025).

Ontwikkelingsdoelwitte is voorheen selde bereik, onstabiliteit het dikwels vererger, en anti-Amerikaanse sentiment het opgebou. Terselfdertyd het Rubio verklaar dat hierdie era van regeringsgesanksioneerde ondoeltreffendheid amptelik tot 'n einde gekom het. Rubio se buitelandsebeleidsbenadering word deur sy verbintenis tot die bevordering van die VSA se veiligheid, mag en voorspoed gedefinieer. Hy fokus op pragmatiese samewerking met ander lande met gedeelde belange. Enige beleid wat nie direk hierdie doelwitte nastreef nie, word verwerp. Verder beklemtoon hy nasionale soewereiniteit en grensbeheer. Hy verwoord baie duidelik die

pragmatiese visie vir die VSA se buitelandse beleid, wat drasties van vorige buitelandse benaderings verskil. So weerspieël sy sienings ’n breër verskuiwing weg van intervensionisme en buitelandse hulp met die klem eerder op ’n meer transaksionele, belangegedrewe benadering tot internasionale betrekkinge. Hy beklemtoon herhaaldelik dat elke handeling, beleid en uitgawe geregtig moet word deur ’n driedelige vraag te beantwoord: Maak dit die VSA veiliger, sterker en voorspoediger?

Hy argumenteer verder dat vorige administrasies se buitelandse beleid bepaal is deur wat vir ander lande voordelig was, maar dat daar voortaan ’n buitelandse beleid gevolg sal word wat voordelig vir die VSA is en wat die VSA bevoordeel. Rubio se hoofboodskap is duidelik: Die VSA streef na ’n vaartbelynde, sekuriteitsgerigte en gesentreerde buitelandse beleid wat die VSA se vereistes en behoeftes in alle opsigte in ag neem, al veroorsaak dit beduidende vermindering in tradisionele diplomatieke programme en buitelandse hulp.

Rubio word as Trump se aanpasbare maar hardkoppige minister van buitelandse sake beskou wat ’n strategie van aggressiewe, maksimale druk teenoor Kuba, Venezuela en Iran voorstaan terwyl hy versigtig die Amerika Eerste-benadering volg. Hy was eens ’n fel kritikus van Trump, maar het ’n lojale argitek van die administrasie se buitelandse beleid geword, planne vir regimeverandering opgestel, ekonomiese blokkades verskerp en mislukte kernkrag-gesprekke met Teheran tot die punt van konfrontasie gedryf. Verder is hoogtepunte van Rubio se status onder Trump sy ideologiese konsekwentheid oor antikommunisme, sy taktiese buigzaamheid en sy toenemende invloed in die Witte Huis se oorlogskamer. *The Economist* som Rubio soos volg op: “On Venezuela, Iran and Cuba, Donald Trump is listening to his secretary of state. [...] Calm, articulate and competent, he does his best to lend coherence to Mr Trump’s foreign policy” (United States 2026).

#### 4. Die beëindiging van buitelandsehulpprogramme

Met die hervorming van die Departement van Buitelandse Sake het Rubio ook die grondslag vir ’n omvattende herstrukturering van die VSA se agentskap vir internasionale ontwikkeling (USAID) gelê (Filkins 2026b). Daar is aangevoer dat hierdie veranderinge deel is van ’n breër poging om vermorsing, bedrog en misbruik in federale besteding uit te skakel. Alhoewel die VSA se buitelandsehulpstelsel nie heeltemal afgetakel is nie, is dit wesenlik herskep om in te pas by die nuwe benadering tot diplomatie en die aanwending van fondse vir bepaalde doeleindes ter bevordering van die land se nasionale belange. Toe hy die septe begin swaai het, het amptenare gevrees dat die VSA sy befondsing aan ontwikkelende lande heeltemal sou opskort. In plaas daarvan het ’n nuwe benadering egter begin vorm aanneem. Dit verteenwoordig ’n revolusie. Die uitgangspunt van die land se finansiële diplomatie is nou onbeskaamd selfbelang. Fondse word aangewend om ideologiese bondgenote en leiers te ondersteun wat iets beheer wat Trump wil bekom, en lande waarvan hy hoop dat hulle hulle van China sal speen (Editorial 2025). Op 26 September 2025 het die Hooggeregshof Trump toegelaat om \$4 miljard aan buitelandse hulp terug te hou wat reeds deur die Kongres toegestaan is, in ’n voorlopige toets van sy pogings om die mag van die beursie van die Kongres weg te neem. In hierdie bondige bevel het die hof se konserwatiewe meerderheid hom toegelaat om die befondsing te sny, deels omdat dit verklaar het dat Trump se mandaat om by buitelandse aangeleenthede betrokke te raak, swaarder weeg as die potensiele skade wat hulpontvangers in die gesig sou staar (Marimow 2025). Hier moet ook verwys word na ’n beslissing van ’n

Federale Appèlhof op 12 Augustus 2025 dat die administrasie kan voortgaan om miljard dollar wat die Kongres vir buitelandsehulpbesteding bewillig het, te vries of te beëindig. Internasionale gesondheidsprogramme van \$4 miljard en \$6 miljard vir MIV- en Vigs-voorkoming was hier ter sprake (Tanis 2025). Later het hoofregter John Roberts 'n federale regter se uitspraak wat die Trump-administrasie gelas het om \$4 miljard in buitelandse hulp uit te betaal wat die Kongres bewillig het, tydelik opgeskort (Liptak 2025).

## 5. Trump se binnekring en die rol van die kabinet

Trump kies sy binnekring sorgvuldig om sy buitelandsebeleidbeginsels toegewyd toe te pas en tot uitvoering te bring. Hy vertrou slegs 'n handjievol van sy naaste raadgevers om sy belangrikste buitelandsebeleidsprioriteite aan te pak. Selfs al vermeerder hul verantwoordelikhede, bly die groep klein. Volgens 'n amptenaar van die Witte Huis roep Trump hierdie span op die ingewing van die oomblik byeen. Vergaderings vind op 'n ad hoc-grondslag plaas en besluite word vinnig geneem.

It's a mark of the president's unyielding belief in his inner circle made up of old friends, family and confidants, and underscores his deep distrust of the broader national security and State Department apparatus that has served as the backbone of foreign relations for decades. (Nerozzi en Stokols 2025)

Wanneer gekyk word na wie die sleutelrolspelers in die toepassing en uitvoering van Trump se buitelandse beleid is, val die volgende op: Trump se buitelandse beleid vind formele beslag in die standaard grondwetlike masjinerie van die VSA. Tog is dit in die praktyk ongewoon gesentraliseerd rondom die President self, 'n hegte politieke binnekring en 'n vaartbelynde proses van die Nasionale Veiligheidsraad. Visepresident J.D. Vance dien as 'n politieke en strategiese plaasvervanger – soms koördineer hy hoërisikobesprekings en tree hy op aan die voorpunt van krisisbesluitneming. In hierdie binnekring speel Rubio 'n kardinale rol, veral nadat hy ook as die President se waarnemende nasionaleveiligheidsraadgewer aangestel is. Bykomend is daar Scott Bessent, minister van finansies, en Pete Hegseth, minister van oorlog (verdediging). Hulle word in spesiale sake, soos met Israel-Gaza en Rusland-Oekraïne, bygestaan deur Jared Kushner, Trump se skoonseun, en sy spesiale gesante Richard Grenell en Steve Witkoff. In sy staatsrede van 24 Februarie 2026 het Trump uitdruklik genoem dat Kushner en Witkoff aan Rubio rapporteer (Trump 2026). Lojaliste word as tussengangers in 'n stelsel aangewend waar toegang, verhoudings en transaksies dikwels in een saamsmelt.

Die rol wat die kabinet as 'n eenheid in die formulering en implementering van Trump se buitelandse beleid speel, is beperk. Wetlik is die kernkabinet vir buitelandse beleid (buitelandse sake, verdediging, tesourie, prokureur-generaal, binnelandse veiligheid, ens.) binne die Nasionale Veiligheidsraad-stelsel gesetel, wat die hoofarena is vir die ontwikkeling van interagentskapsopsies vir die president. Die kabinet se formele funksie in hierdie stelsel is hoogstens raadgevend. In hierdie operasionele samestelling speel die kabinet geen wesentlike rol nie. In die VSA het die kabinet nie dieselfde status en mag as byvoorbeeld in die Verenigde Koninkryk en Suid-Afrika nie, en hulle vergader ook nie gereeld nie, maar eerder per geleentheid wanneer die president sodanig sou besluit.

Benewens Rubio het verskeie ander kabinetslede ook rolle vervul om buitelandse beleid te beïnvloed en te bevorder, soos visepresident J.D. Vance, wat die President se buitelandse inisiatiewe ondersteun; die minister van finansies, Scott Bessent, wat tariewe as buitelandse-beleidsinstrumente toepas; die minister van handel, Howard Lutnick, wat ses afsonderlike handelsooreenkomste onderhandel het wat elk elemente van buitelandse beleid bevat; en die minister van oorlog (voorheen verdediging), Pete Hegseth, wat militêre optredes beplan en uitvoer wat die VSA se nasionale belange beveilig en bevorder.

## 6. Diplomatie se nuwe era

In die 21ste eeu het diplomatie fundamenteel verander. Tradisionele benaderings wat op bilaterale bande, geslote onderhandelinge en stadige protokolle gesentreer het, word nou aangevul, en soms ontwig, deur 'n globale omgewing wat digitaal en multilateraal is en snel beweeg. Diplomatie strek vandag oor verskeie domeine: tegnologie, omgewing, openbare gesondheid en sekuriteit, om maar net 'n paar te noem. Trump se bydrae om diplomatie te omvorm kan derhalwe nie gering geskat word nie.

Kommentaar dui daarop dat hy deur beleid en retoriek die strukture en waardes omkeer wat Pax Americana vir dekades onderlê het. Pax Americana het bekend geword as 'n samehangende, VSA-gesentreerde liberale orde wat nie ongeskonde gebly het nie. Globale mag verskuif van die VSA se unipolariteit na "Pax Multipolaris", 'n onstabiele orde wat gedryf word deur risiko, wedywing tussen groot moondhede en eksistensiële bedreigings (Araya 2025). Volgens Zhiyenbayev (2025) het Pax Americana as 'n betreklik samehangende, VSA-gegronde liberale orde effektief tot 'n einde gekom. In die plek daarvan is daar nog steeds 'n vormende, krisisgevoelige multipolêre orde waarin die VSA as 'n eerste onder verskeie groot moondhede beskou word.

The post-Cold War liberal international order under U.S. leadership – often called Pax Americana – has unraveled. Notably, this collapse has not come from a new superpower displacing the United States, but largely from American retreat and self-inflicted contradictions. (Zhiyenbayev 2025)

Hoewel Trump nie alleen verantwoordelik is vir elke verskuiwing in die internasionale stelsel nie, veroorsaak sy optrede die einde van 'n era wat 'n vorige een gekenmerk het. Dit is dus redelik om te beweer dat Trump 'n sentrale rol speel om die wêreld na 'n meer gefragmenteerde, mededingende en onvoorspelbare wêreldorde te laat beweeg. Soos Charai (2026) dit stel: "Global leadership demands moral clarity and strategic courage." Diplomatie is voorheen meestal privaat beoefen. Transaksies is stilweg onderhandel. Die tydsberekening en keuse van verklarings is noukeurig beplan. Tradisionele media en regeringskanale is selektief gebruik om gehore te bereik. Daardie era is verby. Met Trump het diplomatie 'n ander betekenis en benadering gekry en word dit heel anders beoefen. Openbare diplomatie vind byvoorbeeld regstreeks op sosiale media plaas. Diplomatie in die digitale era – dikwels "digitale diplomatie", "e-diplomatie" of "kuberdiplomatie" genoem – geskied deurdat regerings, diplomate en internasionale organisasies digitale gereedskap en tegnologie gebruik om diplomatieke aktiwiteite uit te voer en buitelandsebeleidsdoelwitte te bereik. Dit omvat 'n wye spektrum praktyke – van sosialemediabetrokkenheid en virtuele onderhandelinge tot die ontwikkeling van digitale platforms met buitelandsebeleidsraamwerke. So word nuwe digitale onderwerpe op die internasionale agenda geplaas en bestuur (Bachmann en Weber 2018; Gilboa 2019).

In die digitale era word diplomاسie vinnig, direk en robuus beoefen. Die hedendaagse wêreld vereis sigbare leierskap, openbare plasing en vinnige kommunikasie. Vandag word diplomاسie oombliklik op digitale platforms en sosiale media gevoer terwyl interaksies in die openbaar verkondig word met kykers wat alles op TV- en selfoonskerms aanskou. Wat voorheen maande van diskrete onderhandeling vereis het, word nou binne minute aanlyn as 'n wapen gebruik wat verkeerd voorgestel of vergroot kan word. Daar is min kans vir omdraai noudat diplomاسie die digitale sfeer betree het. Die openbare mening het ontwikkel tot 'n geopolitieke mag, en digitale diplomاسie het na vore getree en word as 'n strategiese voordeel aangewend. Mense is nou beïnvloeders en niestaatsrolspelers kry ongekennde geleenthede om standpunte te verkondig om daarmee groter gehore te bereik, druk op beleidmakers uit te oefen en beleidskeuses te beïnvloed. Regerings moet nou veg om die vertroue en aandag te wen van die publiek wat hul menings vorm soos wat gebeure voor hulle oë op TV- of selfoonskerms afspeel.

Diplomاسie se wêreldwye bereik het ontwikkel tot “diplomاسie sonder grense”. Trump voer gesprekke met wêreldleiers in die Witthuis voor die media en alles word gebeeldsend terwyl die leiers praat en vrae van die media beantwoord. Leiers “praat” sodoende direk met beide plaaslike en internasionale gehore deur middel van digitale kanale. Sosiale media maak tweerigtinginteraksie moontlik. Waninligting hou 'n ernstige risiko in met hierdie proses. Vals nuus het deel van die oorvol en onstabiele inligtingsoorlog geword. Elkeen met 'n selfoon het toegang tot verskeie nuusplatforms en kan menings oor enige onderwerp lug en geselsprogramme aanbied om in te lig en te verwar. So skep hulle narratiewe vir regerings wat hulle verdeel, ondermyn of wankelig laat.

Wêreldleiers het digitale tegnologie reeds omarm. Met digitale diplomاسie kommunikeer diplomate met mekaar en die publiek soos wat gebeure ontvou. Sosiale media het die globale politiek verander en nuwe geleenthede geskep om by betrokke te raak, maar dit het ook nuwe risiko's geskep. Leiers bevorder regeringsveldtogte en versprei data en ontledings in tye van krisis. Hulle skep nou die geleentheid om internasionale betrekkinge met die klik van 'n knoppie te vorm – vir die wêreld om van kennis te neem! Leiers en diplomate kan sodoende wêreldwye gehore onmiddellik toespreek, en daarmee word tradisionele, stadiger diplomatieke kanale omseil. Die aanwending van digitale diplomاسie is veelvuldig en diplomate gebruik voortdurend nuwe strategieë om doelwitte te bevorder. Diplomاسie in die digitale era word gekenmerk deur die integrasie van digitale gereedskap, die opkoms van nuwe beleidsdomeine en 'n fundamentele verskuiwing in hoe state en niestaatsrolspelers op die globale verhoog met mekaar kommunikeer.

Die onmiddellikheid en informaliteit van sosiale media kan tot impulsiewe stellings, diplomatieke misstappe of die vinnige toename van spanning lei. Die verspreiding van waninligting, kuberaanvalle, en die kwesbaarheid van digitale infrastruktuur hou beduidende risiko's vir diplomatieke stabiliteit in. Bestaande internasionale wette en diplomatieke protokolle moet onwillekeurig aangepas word om die unieke uitdagings van digitale kommunikasie en bestuur te kan hanteer. Digitale diplomاسie het 'n kernkomponent van internasionale betrekkinge geword wat vereis dat diplomate tradisionele onderhandelingsvaardighede en digitale kommunikasie-strategieë moet bemeester. Soos tegnologie aanhou ontwikkel, sal die aard van diplomاسie ook ontwikkel, met voortdurende debatte oor digitale bestuur, etiese standaarde en die balans tussen openheid en veiligheid. Al hierdie fasette het Trump reeds bemeester om sy boodskap byna daaglik oor te dra.



Wither (2026) verduidelik dat die begrip *hibriede oorlogvoering* die afgelope dekade meer en meer in diplomatieke gesprekke gehoor word. Hierdie oorlogvoering meng konvensionele oorlogvoering (gereëde gewapende magte, tenks, missiele, lugmag) met onreëlmatige oorlogvoering (guerrillas, opstandelinge, terroriste, gevollmagtigdes (“proksies”), kriminele netwerke) onder ’n verenigde strategie. Dit vervaag doelbewus die lyn tussen oorlog en vrede deur middel van instrumente soos kuberaanvalle, disinformasie, regsgedinge, ekonomiese dwang en geheime optrede om ’n teenstander te verswak sonder om volskaalse vergelding te veroorsaak.

André Jakobsson is ’n professor aan die Southern Denmark-universiteit en ’n kundige oor hibriede oorlogvoering. In sy artikel haal Talbot (2026) Jakobsson se beskrywing van daardie terminologie aan – dit verwys naamlik na “[when] a country uses economic punishment, cyberattacks, and other aggressive means to harm another country, sometimes in concert with military operations”. Dan voeg Talbot self by: “The U.S. has been using all of its means short of conventional war in its campaign to try to get Greenland. We are uncertain – and that is how hybrid warfare works – how to interpret some of the actions.”

Kleuter (2025) laat hom soos volg uit oor Trump se gebruik van digitale platforms:

Trump uses digital platforms with remarkable effectiveness to convey his messages and policy positions, employing both mainstream social media and his own channels to bypass traditional media and reach supporters directly. His style is fast-paced, bold, and leverages the immediacy and viral potential of digital communication.

Trump se bemeestering van digitale platforms verteenwoordig ’n transformerende verskuiwing in politieke kommunikasie, wat direkte, onmiddellike en invloedryke betrokkenheid by die publiek moontlik maak om met sy steunbasis te kommunikeer én die nasionale nuussiklus te dryf (Torossian 2025).

Op 8 Januarie 2026 het vier joernaliste van *The New York Times* ’n twee uur lange onderhoud met Trump gevoer. Sy beoordeling van sy eie vryheid om enige instrument van militêre, ekonomiese of politieke mag te gebruik om die oppergesag van die VSA te versterk was die mees openlike erkenning tot nog toe van sy wêreldbeskouing en sy dwangdiplomatie. Die kern hiervan behels dat nasionale mag, eerder as wette, verdrae en konvensies, die beslissende faktor sal wees wanneer magte bots. Soewereiniteit en nasionale grense is minder belangrik as die belangrike rol wat die VSA as die beskermers van die Weste speel. “On topic after topic, President Trump made clear that he would be the arbiter of any limits to his authorities, not international law or treaties” (Sanger, Pager e.a. 2026).

Met hierdie benadering tot diplomatie kan die vraag tereg gevra word of Trump se gewildheid en vertroue in sy beleide reeds onder buitelandse leiers vervaag het. Wat wel onder baie buitelandse leiers vervaag het, is nie Trump se sigbaarheid of vermoë om betrokkenheid af te dwing nie, maar die mate van vertroue in sy konsekwentheid, multilaterale verbintenisse en tariefgedrewe ekonomiese staatsmanskap; die meeste handel hom nou as ’n magtige maar onvoorspelbare rolspeler wat bestuur moet word, nie gevolg moet word nie. Sy aansien by buitelandse leiers is hoogs ongelyk: Vertroue in sy beleide het skerp afgeneem onder baie tradisionele bondgenote, terwyl sommige vennote en opportunistiese eweknieë hom steeds pragmaties betrek of selfs spesifieke ooreenkomste prys. In dele van die Midde-Ooste het Trump se tweedetermin-vredesinisiatiewe (Gaza-wapenstilstand, breër streekooreenkomste) en veiligheids- en ekonomiese pakkette opregte lof van sommige leiers tot gevolg gehad, ook



oproep tot groot vredesprys en openbare erkenning van die VSA se “leierskap”. Sommige regerings – veral dié wat sterkmanpolitiek waardeur of hefboomwerking teen mededingers soek – vind steeds Trump se styl en bereidwilligheid om taboes te breek aantreklik, maar dit is hoogs instrumenteel en dikwels beperk tot nou kwessiegebiede eerder as tot algemene vertroue in sy beleidskompas. Europa wil en moet steeds met Trump saamwerk. Maar in die afgelope maande het dit duidelik geword dat hulle toenemend op hul eie is (Stokols 2025).

Needing U.S. support to fend off Russia in Ukraine, European leaders have been cautious about criticizing President Trump on Greenland, Iran, Venezuela and much else. [...] But they need the United States to ensure credible security for postwar Ukraine against any further aggression by Russia – a vital strategic interest for Europe. (Erlanger 2026)

In ’n opvolgartikel maak Erlanger (2026) ook hierdie opmerking: “European leaders have said little, making collective statements that shy away from criticism of their most important and now most disruptive ally, the United States.”

Trump doen stappe of dreig militêre optrede teen swakker teenstanders. ’n Wêreld wat wonder wat die VSA volgende buite sy grense kan doen, is ’n wêreld met minder stabiliteit en groter risiko (Haas 2026). Ernstige vrae ontstaan by bondgenote en teenstanders oor die VSA se voornemens en toekomstige optrede, nie net in daardie huidige brandpunte nie, maar oral. Vrae oor die VSA se huidige buitelandse beleid is volop. Die wêreld wat Trump probeer vorm, laat Europa in ’n ongemaklike posisie. Europa twyfel toenemend oor die VSA se veiligheidswaarborgs vir Oekraïne, en oor die manier waarop die EU probeer om in ’n wêreld op te tree waar brute mag weer aan die orde van die dag blyk te wees.

Vir die VSA se bondgenote in Europa is die implikasies van die gebeure aan die buitelandse front die afgelope jaar onrusbarend. Hulle sal vinnig moet aanpas by die nuwe wêreld wat besig is om tot stand te kom (Editorial Board 2026). Sonder die VSA om hulle te verdedig sal hierdie lande ’n massiewe toename in verdedigingsbesteding nodig hê – meer as ooit tevore. Hulle sal ook ander begrotingsbesnoeiings moet maak wat hulle nie noodwendig wil doen nie, en hulle sal onderling oor militêre sake moet koördineer op ’n manier wat hulle nog nooit tevore gedoen het nie. Om ’n nuwe veiligheidsmodel suksesvol te ontwerp wat nie meer op die VSA staatmaak nie, is solidariteit noodsaaklik tussen lidlande wat verskillende bedreigingspersepsies het.

The crux of Europe’s dilemma lies not merely in crisis management but in adopting a bolder political narrative. The fractured response to Donald Trump’s unilateralism highlights the EU’s vulnerabilities. EU leaders must now consider: how can we transition from a reactive to a proactive stance? (Ramirez 2026)

Rusland se volgehoue oorlog teen Oekraïne, sy hibriede oorlog teen Europese state, en eise deur die Trump-administrasie vir Europese verdedigingsoutonomie maak dit noodsaaklik vir Europese besluitnemers om die militêre, finansiële en verdedigingsbedryfbelagings te oorweeg wat nodig is om afhanklikhede van die VSA te verminder en, in uiterste gevalle, om voor te berei vir ’n Navo sonder enige betrokkenheid van die VSA. Die International Institute for Strategic Studies (IISS) het so ’n studie onderneem. Die doel daarvan was om Europese beleidmakers oor die militêre, finansiële en verdedigings- en nywerheidsimplikasies van die ontstaan van belangrike militêre gapings in te lig. Dit beoordeel die koste van, en vereistes vir,

'n Europese Navo om teen 'n toekomstige Russiese bedreiging opgewasse te wees indien die VSA aan Navo sou onttrek. Dit bevind dat die direkte vervanging van sleuteldele van die VSA se bydrae ongeveer \$1 triljoen sou beloop (Barry 2026).

Tans is daar 'n gedempte Europese reaksie, wat die oorweldigende skaduwee van Washington se invloed op die vasteland weerspieël (Balfour 2026). Navo se stilswye in reaksie op Trump se dreigemente om Groenland te beset het kommer veroorsaak onder Europese hoofstede, wat vrees dat die alliansie nie die regte van Denemarke verdedig nie. Daar is nog nie 'n openbare verklaring uitgereik wat Denemarke en Groenland se territoriale integriteit en soewereiniteit bevestig nie, en nóg is daar gereageer op Trump se verklaarde ambisie om die uitgestrekte Arktiese eiland, wat deel is van die Koninkryk van Denemarke, te bekom nie. Dit het net die woede van Europese lede gewek wat probeer om 'n verenigde front voor te hou en sodoende transatlantiese spanning te verlig. Hierdie stilswye staan in skrilte kontras met die EU se onlangse pogings om rondom Kopenhagen te verenig.

Mark Rutte, die sekretaris-generaal van Navo wat 'n noue verhouding met Trump het, was buitengewoon stil oor so 'n kritieke veiligheidskwessie wat die organisasie in wese raak. Voorstelle van Parys en ander hoofstede vir verbeterde Navo-aktiwiteit in Groenland is nog nie verder gevoer nie (Foy en Milne 2026).

Trump hervorm diplomاسie deur transaksionele, “belange eerste”-bedinging te normaliseer, multilaterale norme te verswak en bondgenote en mededingers te druk om as outonome pole op te tree eerder as volgelinge van 'n VSA-geleide orde. Sodoende word die erosie van Pax Americana bespoedig en word die opkoms van 'n gefragmenteerde multipolêre stelsel versnel (Araya 2025). Trump se aanwending van digitale diplomاسie word die beste begryp deur sy direkte gebruik van sosiale media wat tradisionele diplomatieke kanale omseil en help om 'n meer leiergesentreerde, persoonlike styl van internasionale interaksie te vestig. Sy boodskappe op Twitter/X en later Truth Social omskep diplomاسie in 'n deurlopende, openbare, intydse onderhandelingsruimte. Hiermee word die prosesse herdefinieer oor hoe state toenemend in internasionale betrekkinge kommunikeer (Aslan 2025). Onlangse plasings waarin Trump die behoefte aan Navo- en ook Asiatiese bondgenote ter ondersteuning van optredes teen Iran in die openbaar hanteer het, dien as bewys van hoe hy sosiale media gebruik om alliansieverwagtinge voor binnelandse en internasionale gehore te herdefinieer. Hierdie digitale diplomاسie soos deur Trump beoefen versnel die verskuiwing van reël- en instellingsgerigte multilateralisme na 'n meer transaksionele, openbare en leiergedrewe internasionale orde (Joumaa 2026). Trump se strydvlugtige gebruik van X het waninligting en “fopnuus”, wat vertroue ondermyn en die skeidslyn tussen amptelike en partydige kommunikasie laat vervaag, na vore gebring en sodoende tradisionele diplomatieke praktyke en alliansiebestuur bemoeilik (Al-Mamoori 2021 en Ross en Rivers 2018).

## 7. Die wisselwerking tussen binnelandse en buitelandse beleid

Met 'n bespreking van Trump se buitelandse beleid moet ook aandag aan die wisselwerking tussen binnelandse en buitelandse beleid gegee word. Omdat buitelandse betrekkinge en binnelandse politiek so verbind is, moet hulle gelyktydig as geïntegreerde entiteite ontleed word (Eksteen 2019b). Byna 70 jaar gelede het die politieke wetenskaplike Roy Macridis (1958) dit gestel dat buitelandse beleid bloot 'n neweproduk van binnelandse politiek is. 'n Aantal jare later

het Henry Kissinger (1966) die stelling gemaak dat buitelandse beleid begin waar binnelandse beleid ophou. Vandag is hierdie twee uitsprake besonder geldig. Dit is die duidelikste te sien in Trump se buitelandsebeleidsinisiatiewe gedurende sy eerste ampstermyn en wat in sy tweede termyn voortgesit word. Die VSA se buitelandse beleid word tans gekenmerk deurdat dit nasionale belange en binnelandse prioriteite bevorder, veral aan die hand van binnelandse en buitelandse veiligheid. Gevolglik weerspieël buitelandse beleid dikwels die binnelandse verwantskap wat dit onderlê. Die sukses van buitelandse beleid is tot 'n groot mate afhanklik van die aanvaarding en begrip van binnelandse magte, aangesien hierdie druk verskillende vorme kan aanneem en deur Kongres-optredes, maatskaplike instellings en openbare mening beïnvloed word. Buitelandse beleid moet immers die land binnelands bevoordeel.

In diplomatie verwys die begrip *strategiese buigsaamheid* na die vermoë om beleid, alliansies en operasionele optredes aan te pas by veranderende internasionale gebeurlikhede, terwyl belange geprioritiseer word en opsies vir samewerking, onttrekking of heryking gehandhaaf kan word, soos dit wenslik geag word en internasionale omstandighede verander (Kreutzer 2025). So het Trump druk op die VSA se bondgenote in Navo uitgeoefen om hul eie veiligheids- en diplomatieke beskouings te herdefinieer wat die VSA se lasdeling verminder en Europese strategiese outonomie bevorder het. Met sy eiesoortige diplomatie prioritiseer Trump direkte, bilaterale onderhandelinge en korttermyn-ooreenkomste. Dikwels gebeur dit ten koste van multilateralisme en gevestigde norme (Ganchev 2025). Deur buitelandse betrekkinge as onderhandelbaar en voorwaardelik te hanteer, behou Trump die inisiatief om die VSA se rol in enige gegewe situasie volgens politieke, ekonomiese of veiligheidsbelange aan te pas (Perron 2025). Verder behels hierdie strategie die bereidwilligheid om van koers te verander, alliansies aan te pas of nuwe rolspelers te betrek namate situasies dit vereis. So het Trump reeds sy geneigdheid getoon om tradisionele vennootskappe te ontwig. Hy kry sodoende ook groter presidensiële beheer om diplomatieke opsies in 'n onvoorspelbare wêreld uit te oefen. "President Trump has achieved much of his agenda, leaving the fate of the economy squarely in his hands" (Romm en Smith 2025).

Vir Trump gaan leierskap nie oor gemak nie. Dit gaan oor moed, duidelikheid, en weiering om in te gee wanneer dit die meeste saak maak. Met Trump se buigsaamheid ten opsigte van strategie word voorspelbaarheid en vasberadenheid om diplomatie op te tree en ook om militêr en ekonomies te manoevreer, vervang met gemengde en dikwels teenstrydige gevolge vir beide bondgenote en teenstanders. Trump beskou langtermyn-, waardegelaaide verbintenisse as beperkings op die VSA se vryheid van optrede eerder as strategiese bates. In werklikheid verskerp Trump se buigsaamheid die VSA se hefboomwerking in diskrete onderhandelinge terwyl dit geleidelik die digte, voorspelbare web van verbintenisse verswak wat die VSA eens geanker het (Roa 2026).

## 8. Nuwe rol van die VSA in buitelandse aangeleenthede

Die VSA bly 'n sentrale argitek van die internasionale orde. Vanaf die stigting van die VVO (Verenigde Volke-Organisasie; nou die VN) in 1945 en Navo in 1949 het die VSA reeds die wêreld se benadering tot diplomatie gevorm. Maar vandag staan die VSA se buitelandse beleid voor nuwe uitdagings, wat insluit binnelandse polarisasie, die groeiende belang van China, en die eise vir 'n groter rol in die multipolêre wêreld. Die klem van die VSA se diplomatie is besig om te verskuif met die eensydige slagspreuk "Amerika Eerste" as uitgangspunt.

Baie internasionale rolspelers hanteer die huidige leierskap met beide respek en skeptisisme, al bevraagteken hulle die konsekwentheid en toepassing daarvan. Wanneer die VSA se buitelandse beleid 'n globale reikwydte het, sal die land ook globale verantwoordelikhede moet nakom. Maar dit is nie waarna Trump strewende nie, al wil dit so voorkom. Sy diplomatie is, soos die meeste dinge in sy lewe, onortodoks. Hy meng pragmatisme met ideale. Hierdie dualiteit maak sy leierskap kompleks, maar ook ongelooflik invloedryk, en die energie van sy administrasie is besig om die wêreld te verander. Die mengsel van fiskale dissipline en onverskoonbare soewereiniteit besorg en verseker sekuriteit. "He is no hypocrite. To him, the slogan does not imply isolationism. It licenses American aggression in pursuit of naked self-interest. [...] The world will miss hypocrisy in American foreign policy" (Lexington 2026).

Gevolglik kan daar op drie verwysings na Trump se buitelandse beleid gelet word. In *The New York Times*, wat sekerlik nie die mees ondersteunende koerant vir Trump is nie, is sy optrede teen Iran se kernkragterreine as 'n dapper en korrekte besluit beskryf wat respek verdien, ongeag enigiemand se gevoelens oor hom en sy beleid. Dan word ook opgemerk:

Trump is starting to have a much more successful presidency. This is not what we, his foam-at-the-mouth critics, had planned or perhaps secretly hoped for. [...] Far from destroying the Atlantic alliance, as his critics feared, Trump may wind up being remembered for reviving and rebalancing it, to the advantage of both sides. (Stephens 2025)

Jim Himes, die mees senior Demokraat in die Huis se Permanente Gekose Komitee oor Intelligensie (met 'n Republikein as voorsitter) het in Junie 2025 opgemerk dat hy nie gewoonde is om Trump te prys nie. En toe bygevoeg dat terwyl hy die volgende uur daaraan sou kon spandeer om te praat oor dinge wat hy nie van hierdie presidentskap of MAGA hou nie, hy Trump werklik krediet sal gee vir sy buitelandse beleid (Sakellariadis 2025).

Soos reeds gemeld, is Himes 'n senior Demokraat in die Huis se Permanente Gekose Komitee oor Intelligensie. Hierdie komitee hou toesig oor die VSA se intelligensiegemeenskap. Omdat hy nie 'n lid van die Huis se komitee oor buitelandse aangeleenthede is nie, het hy gevolglik nie inspraak met die bepaling van Trump se buitelandse beleid nie. Selfs met sy insluiting in die geklassifiseerde "Bende van Agt" word hy beperk tot die tipe inligting wat hy ontvang. Die lede van hierdie groep verteenwoordig 'n handjievol leiers in die Kongres wat normaalweg vooraf ingelig word oor geheime en militêre optredes, soos die besluit om aanvalle teen Iran te loods. Beide hierdie posisies stel hom in staat om 'n sleutelrol in toesig en boodskapvoering te speel. Omdat sy invloed egter beperk is, word sy rol dus ook beperk tot voorspraak vir 'n liberaal-internasionalistiese orde in plaas van 'n toenemend gepersonaliseerde, leiergedrewe buitelandse beleid. Gevolglik kan hy in die proses Trump se buitelandse beleid in die Kongres en in die openbaar kritiseer. Hy waarsku voortdurend dat Trump se buitelandsebeleidstyl die risiko loop om weg te beweeg van die VSA se verbintenisse teenoor bondgenote. Himes bestempel Trump se uitbreiding van die uitvoerende mag in nasionale veiligheid herhaaldelik as gevaarlik en ongekend, veral wanneer groot militêre aksies met minimale of vertraagde kennisgewing aan die Kongres voortgaan. Himes stel homself voor as synde verbind tot betrokke, volgehoue en bekwame globale leierskap wat in alliansies, multilaterale instellings en die oppergesag van die reg geanker moet wees. Die botsing tussen Himes en Trump weerspieël 'n breër oorgang in internasionale betrekkinge van VSA-geleide, reëlgerigte multilateralisme na 'n meer transaksionele, "soewereiniteit eerste"- en soms revisionistiese nasionalisme. Dit maak hom 'n prominente kritikus wat weerstand bied teen die buitelandsebeleidsopset en wat by Trump se tweedeterminbenadering tot die internasionale orde moet

aanpas. Sy sienings beklemtoon 'n botsing tussen 'n liberaal-internasionalistiese, instellings-gesentreerde visie van die leierskap van die VSA en Trump se meer eensydige, gepersonaliseerde en transaksionele styl, wat weer spreek van breër verskuiwings in internasionale betrekkinge (Hagen 2026 en Suter 2026).

Nathalie Tocci, wat een van Italië se voorste kenners van internasionale aangeleenthede is, het 'n artikel met hierdie opskrif gepubliseer: “Trump’s foreign policy is succeeding in dividing Europe” (Tocci 2025). Daarin meld sy dat wanneer dit by Europa kom, Trump wen. Hy wil die vasteland verdeel en verswak. En hy slaag daarin. Enkele dae daarna het 'n waarnemer oor Europa oor “Europe’s ‘Great Power’ dream is in tatters” geskryf en toe opgemerk: “Don’t fear the ‘rising European superpower’. It never was, and never will be” (Evans-Pritchard 2025). Europa kan nie ontken dat Trump hulle tot oorgawe gedwing het nie (O’Brien 2025).

Tocci was die argitek én vertolker van die EU se strategiese reaksie gedurende Trump se eerste termyn. Sy het gehelp om die EU se Globale Strategie vanuit die Brusselse masjinerie te ontwerp, en het daarna Trump se buitelandse beleid as 'n akademikus ontleed. Vanuit hierdie twee uitgangspunte kon sy die breër verskuiwings in wêreldorde skets (Tocci 2017). By die EU was sy 'n spesiale raadgever vir die EU se hoë verteenwoordigers Federica Mogherini en later Josep Borrell, wat albei die EU se buitelandsebeleidsettings gelei het. In hierdie hoedanigheid het Tocci die Europese Globale Strategie opgestel en aan die implementering daarvan gewerk, veral ten opsigte van veiligheid en verdediging (Tocci 2017). Hierdie rol het haar op die voorpunt van idees en beleide geplaas oor hoe die EU in 'n veranderende wêreld moet optree. Die begrip *beginselvaste pragmatisme*, soos in die EU se siening vervat, het die Unie se reaksie geword op 'n omgewing wat deur Trump se transaksionele “Amerika Eerste” gevorm is: 'n wêreld waar alliansies afhanklik is van mekaar, en waar die VSA nie meer die liberale orde waarborg nie. Omdat Tocci beide die EU se kern- strategiese leerstelling verwoord het en tans as akademikus Trump se tweede presidentskap en die impak daarvan op Navo, Europese nasionalisme en multilateralisme interpreteer, dien haar publikasies as 'n brug tussen praktyk (die EU se buitelandse beleid) en teorie (debatte oor internasionale orde en multipolarisme). Haar werk verduidelik hoe die EU se hiërargie Trump se uitdagings hanteer het – nie net as 'n beleidsprobleem wat die VSA bied nie, maar as 'n strukturele teken dat Europa in strategiese outonomie moet belê terwyl hulle steeds poog om 'n reëlgerigte, multilaterale orde te behou. Sodoende word die breë verskuiwings in internasionale betrekkinge beklemtoon (Torpey 2025).

Die toonaangewendste multilaterale vryhandelsblok ter wêreld het nie daarin geslaag om vir handel op te staan nie. Ursula von der Leyen, president van die Europese Kommissie, is selfs genoop om Europa as die skurk uit te beeld: “The fragile tariff truce has spared Europe from the U.S. president’s wrath and kept him on board on Ukraine so far – but at a reputational cost” (Gijs 2025). Haar lyftaal tydens haar ontmoeting met Trump later in 2025 het dit duidelik getoon. (Dieselfde kan ook van president Cyril Ramaphosa se lyftaal tydens sy ontmoeting met Trump in die Withuis in Mei 2025 gesê word.)

As president van die Europese Kommissie het Von der Leyen geen primêre bevoegdheid oor die EU se buitelandse beleid nie, wat volgens verdrag hoofsaaklik by lidstate, die Hoë Verteenwoordiger en die Europese Raad berus. Haar rol is belangrik omdat sy die EU se de facto-politieke gesig oor buitelandse sake geword het presies op die tydstip toe Trump, met sy agenda van Amerika Eerste, Europa na groter strategiese outonomie en weg van afhanklikheid van die VSA gedwing het. Ontleders van Trump se denke voer aan dat hy van Europeërs verwag om Navo te versterk terwyl hulle die EU as 'n magsentrum politieke opsy skuif of selfs ontbind –



presies die teenoorgestelde van Von der Leyen se pogings om die EU 'n groter samebindende geopolitieke rolspeler te maak (Miklovis 2025). Hierdie interaksie weerspieël en versnel 'n breër verskuiwing in internasionale betrekkinge van reëlgerigte multilateralisme na harder, belangegedrewe grootmoondheidsbedinging. Dit plaas haar institusioneel sentraal tot die EU se strategie wat Trump nie as 'n welmenende vennoot beskou nie, maar eerder as iemand teen wie die EU verskansing moet bewerkstellig deur diversifikasie van alliansies en die interne uitbou en versterking van kapasiteit (Bhardwaj 2026).

In deel 2 word na die EU en Von der Leyen teruggekeer, waar ander aspekte rakende die EU bespreek word.

Die wêreld se grootste handelseenheid het dalk hoër tariewe ontduik, maar het terselfdertyd tot Trump se nuwe wêreldorde ingestem en sy nuwe globale raamwerk onderskryf. Om gestalte aan hierdie raamwerk te gee, soek hy voortdurend spesiale ekonomiese ooreenkomste in ruil vir sy land se steun. Elke interaksie met die VSA behels 'n element van ekonomiese dwang in die vorm van die ontginning van niewederkerige ekonomiese voordeel. Trump verbind sy buitelandse beleid tot 'n transaksionele benadering. Byna alle Withuis-verbintenisse bevat nou so 'n ooreenkomskomponent (Polity 2025). Hierdie transaksionele benadering word meedoënloos deur Trump toegepas. Dit is alles deel van hoe Washington sy buitelandse beleid toepas wat op hefboomkrag ("leverage") gegrond is en daarvolgens funksioneer. Volgens Krejčí (2025) is 'n soortgelyke benadering – selfs meer onvergewensgesind – eens deur president Franklin D. Roosevelt op die VSA se naaste bondgenoot toegepas. Krejčí (2025) beskou dit nie as 'n anomalie nie, maar as die argetipe van die VSA se diplomاسie.

Wanneer Trump se regeerstyl, en veral sy verhoudings met ander lande, beskryf word, duik twee woorde gereeld op: *wisselvallig* en *transaksioneel* – volgens die personeel van *Foreign Policy*. *Transaksioneel* pas verskeie bondgenote van die VSA, vennote en selfs teenstanders perfek, terwyl *wisselvallig* sommige van Washington se nouste en mees blywende gespreks-genote die afgelope jaar geknou het. Die tydskrif lys ook die lande wat die meeste en die minste voordeel uit die tweede Trump-administrasie in 2025 getrek het. China, Saoedi-Arabië, Sirië, Argentinië en Pakistan het die Trump-spel die suksesvolste gespeel terwyl Venezuela, Iran, Suid-Afrika, Kanada en Indië nie die paal gehaal het nie (Foreign Policy Staff 2025).

Geopolities was 2025 die jaar toe 'n ou orde geëindig het. Trump het dekades oue norme en instellings net so dramaties vernietig as wat hy die Withuis hervorm het. Sy tariewe het die multilaterale handelstelsel platgeslaan. Die masjinerie van internasionale diplomاسie – van die VN tot buitelandse hulp – is geraak deur die VSA se befondsingskortings. Langdurige veiligheidsalliansies is omvorm in meer transaksionele verhoudings wat die VSA se militêre en ekonomiese gewig gemonetiseer het.

With the old order in ruins, the contours of the new world will become much clearer in 2026. [...] [C]larity will be in geopolitics. In 2026 Trumpian transactionalism will evolve into a curious hybrid of erratic peacemaking around the world. [...] But faced with intransigence from Mr Putin, America will leave Ukraine's future to Europe – which, absorbed by the populist right's rise, may fail to step up to that responsibility. (Beddoes 2025)

Trump het internasionale gebeure in 2025 oorheers, en dit sal so bly terwyl hy in die Withuis is. Sy normvernietigende benadering het onrus in sommige gebiede veroorsaak (soos bv. in



handel), maar het ook diplomatieke resultate gelewer (in Gaza) en noodsaaklike verandering afgedwing (soos met Europese verdedigingsbesteding en die vergroting van lidlande se bydraes tot Navo). Sy transaksionele benadering berus grootliks op instink en nie op heersende of ontluikende geopolitieke paradigmas nie. Die ou globale reëlgerigte orde verdwyn al hoe meer en is besig om te verval.

The world was careening into a dangerous new era well before Donald Trump's return to the White House. But the risks are getting higher rather than lower in his second term thus far. (Ero en Atwood 2025)

Continetti (2025) maak die stelling dat Trump en die land trots moet wees op die sukses van Operation Midnight Hammer teen Iran, en geen oordrywing is nodig om die belangrikheid daarvan te bewys nie. Daardie optrede het 'n slag vir nieverspreiding van kernwapens geslaan, die mullahs verneder en die VSA se kapasiteit, wil en bereidheid om drastiese optrede te neem aan Rusland en China bewys. Daarom beskou hy dit as Trump se beste besluit van 2025. Matthew Kroenig, die visepresident en senior direkteur van die Atlantic Council se Scowcroft Center for Strategy and Security, huldig die mening dat Trump 'n dapper besluit geneem het om teen Maduro op te tree. Dit was 'n sukses en kan een van die drie belangrikste buitelandse-beleidsoorwinnings van Trump se tweede termyn wees benewens dat Navo-bondgenote meer aan verdediging bestee en Iran se kernprogram teruggehou word (Kroenig 2026).

Trump has put himself centre stage in many trouble spots. He has brought fresh energy to peacemaking, after years in which diplomatic efforts to end conflicts had been flailing. (Ero en Atwood 2025)

Op 7 Januarie 2026 kondig Trump aan dat die VSA aan dosyne internasionale en VN-entiteite gaan onttrek, insluitend 'n belangrike klimaatsverdrag en 'n VN-liggaam wat geslagsgelykheid en vrouebemagtiging bevorder, omdat hulle teenstrydig met die VSA se nasionale belange optree (Ward en Volcovici 2026). Op 4 Februarie 2025 onderteken hy die bevel om die VSA se deelname aan en betrokkenheid by internasionale organisasies te beëindig, en om waar wetgewing dit toelaat, befondsing daarvoor te staak (Executive Order 14199 2025). Hierna volg die aankondiging van die VSA se onttrekking aan 66 internasionale organisasies (35 nie-VN-liggame en 31 VN-verwante entiteite). Die administrasie het bevind dat hierdie instellings oorbodig is, wanbestuur word, geld verkwis, en gedryf word deur belange wat hul eie agendas bevorder – wat strydig is met die VSA se en ook hul eie, of wat 'n bedreiging vir die soewereiniteit, vryheid en algemene vooruitgang van die VSA is. In die memorandum wat onder Rubio se naam uitgereik is, is die Amerika Eerste-benadering tot multilateralisme duidelik. Dit beteken nie dat die VSA alle internasionale samewerking verwerp en na isolasionisme terugkeer nie, maar eerder dat die VSA afstand doen van wat beskou word as 'n verouderde multilateralismemodel wat 'n breë raamwerk van globale instellings onderskryf. Die VSA se nasionale belange weeg dus swaarder as die handhawing van 'n breë globale bestuursraamwerk. Dit is ook 'n einde aan wat die administrasie noem “blanko tjeks aan internasionale burokrasieë” wat 'n mislukte model van globale bestuur bevorder (Rubio 2026). Dit is nie meer vir Trump aanvaarbaar dat geld van die belastingbetalers ten koste van Amerikaners na buitelandse belange vloei nie.

## 9. Beleid van “Peace through strength” en die nasionaleveiligheidstrategie

Op 4 Maart 2025 het Trump hierdie beleid aangekondig. Dit behels sy oorkoepelende buitelandse en nasionaleveiligheidsbeleidsmaatreëls waardeur hy die weermag as die sterkste, magtigste gevegmag ter wêreld wil herstel. Gevolglik handhaaf die VSA oorweldigende militêre, ekonomiese en diplomatieke mag en gebruik dan hierdie oorheersing om teenstanders af te skrik en onderhandelinge af te dwing met die verklaarde doel om groot, langdurige oorloë te vermy. Hierdie benadering het tot dusver daartoe gelei dat die Trump-administrasie bomaanvalle teen Jemen en Iran van stapel gestuur het, gewapende groepe in Nigerië en Somalië aangeval het, en beweerde dwelmsmokkelbote in die Karibiese Eilande aangeval het (White House 2025a). Dit verbaas dus nie dat een van Trump se vertrouelinge in die Withuis, Stephen Miller, wat sy adjunkstafoff is, die volgende kategoriese stelling oor magsgebruik verkondig nie: “We live in a world in which you can talk all you want about international niceties and everything else, but we live in a world, in the real world, that is governed by strength, that is governed by force, that is governed by power” (Rogers 2026).

Ook het Hegseth onomwonde verklaar: “America can project our will anywhere, any time.” (Norman 2026)

Gevolglik het die VSA se mag die sentrale fokuspunt van die nasionaleveiligheidstrategie geword. In deel 2 van hierdie ondersoek word hierdie strategie en die toepassing van die beginsels wat daarin vervat is, in meer besonderhede uiteengesit. Hierdie dokument, wat op 5 November 2025 gepubliseer is, is die geskrewe weergawe van hoe almal in die Withuis die wêreld beskou en hoe die plan uitgevoer gaan word (White House 2025b). Leiers regoor die wêreld bestudeer en ontsyfer hierdie beleidsbloudruk noukeurig, omdat die dokument bevestig dat die wêreld besig is om onherroeplik onder Trump te verander. En dit bied ook ’n tipe voorskou van wat ’n Vance-presidentskap moontlik kan inhou. Die dokument is nie net ’n openlike uittarting vir baie regoor die wêreld nie, dit is ’n uitdaging om te sien of iemand anders ’n beter of ’n ander visie het.

To intellectualize the Trumpian strain of foreign policy and to try to set down some mile markers for where these things are headed. Why so many people in the foreign policy community have been almost bowled over by this document is the boldness and candor with which it is articulating Trumpian perspectives on Europe, on the Western Hemisphere, on Asia, that are still shocking to some people, but now are being put out very explicitly. (Bateman en Wertheim 2025)

Die publikasie het ’n onbekende golf van verbasing en kommer meegebring en het in sommige Europese hoofstede selfs angs veroorsaak. Waarnemers beskryf dit as ’n ongehoorde reaksie op ’n magsgesentreerde, soewereiniteitsgedrewe dokument wat die diplomatieke woordeskat en multilaterale gerusstelling laat vaar wat die VSA se strategiese benadering tot Europa dekades lank onderskraag het. Europa sal daarna moet streef om minder kwesbaar te wees vir druk van die VSA wat nie sal ophou nie. Dit is tyd vir ’n Europese beleidsplan met stappe vir die ontkoppeling tussen die EU en die VSA om die skade wat “Amerika Eerste” aan Europa kan berokken, te verminder (Sandbu 2025). Hierdie strategie verteenwoordig die VSA se grootste beleidsverskuiwing sedert 1945. Hierin kry Europa geen respek nie.

The new National Security Strategy of the United States of America has many strange features. But the strangest, and for Europeans the most disturbing, is that they alone are

now seen as the only ideological enemies of the US. In the rest of the document, interests are seen as merely material rather than ideological. Threats to democracy and freedom now come only from their opponents within the US and its closest allies. (Wolf 2025)

Die VSA is nie tevrede met die leierskap van Europa nie en meen dat Europese leiers iets wil vermag waarin Europeërs geen belangstelling toon nie. Verder word van Europa verwag om sy ekonomiese huis in orde te kry (International 2025). Die EU het nou reeds deeglik bewus geword daarvan dat die VSA besig is om sy multilaterale verpligtinge na bilaterale transaksies te verskuif – nie om die internasionale orde noodwendig om te keer nie, maar om die beperkings wat dit stel te verswak. “Trump’s new strategy marks the unraveling of the Western alliance. The world’s despots have much to celebrate, while democrats have plenty to be anxious about – especially in Europe” (Dettmer 2025).

Dan vervolg Charai (2026) met die volgende waarneming:

The United States once relied heavily on Europe to manage and stabilize fragile states across its near and extended periphery. The outcome is now evident. Europe failed not only to stabilize these regions but also to correctly identify the ideological nature of the threats emerging from them.

Met die volgende sluit O’Hanlon (2026) hierby aan: “The essence and emphasis of Trump’s national security policy does hark back to a number of early U.S. presidents. [...] The history of U.S. foreign policy and defense strategy has been almost exclusively one of assertion.”

Wolf (2026) se mening is dat hierdie veiligheidstrategie die VSA se binnelandse vrese oorsee omraam. Nadat hy die kritiek op Europa ontleed het, voeg hy by: “This is not to say that all is well in Europe. There exists a host of potent concerns.”

Die Duitse kanselier, Friedrich Merz, het saam met ander Europese leiers in die buiteland erken – wat hulle baie lank vermy het om openlik te sê – dat Europa sal moet leer om aan te pas by die VSA se besluit om sy nasionale belange met hernude duidelikheid na te streef. Dit blyk dat Trump ’n rou senuwee aangeraak het. Merz waarsku sy landsgenote dat hul land se lang vennootskap met die VSA – wat Duitsland se veiligheid na die Tweede Wêreldoorlog verseker het – aan die verander is. Daardie verskuiwing vereis dat Europese lande, met inbegrip van Duitsland, meer moet doen om hulself teen eksterne bedreigings, insluitend van Rusland, te beskerm.

His intervention follows increasingly clear signals from the Trump administration that, breaking with 80 years of trans-Atlantic military partnership, it no longer sees Europe’s defense as a core American priority, even amid growing fears of Russian aggression. (Schuetze 2025)

Om die buiteland se verhouding teenoor Trump te beskryf, sal ’n voltydse diplomatieke oefening verg. Is hy ’n vennoot? Af en toe. ’n Bedreiging? Soms. ’n Mag wat die verhouding op sy eie voorwaardes hervorm? Altyd. Wat egter heel duidelik is, is dat die wêreld hier te make het met ’n onvoorspelbare, dominante vennoot wie se impulse wêreldmagte oornag kan omverwerp.

Die frase “peace through strength” is ’n beleidskonsep en kom in talle toesprake en beleidstandpunte van die huidige administrasie voor. Trump se NVS van 2025 beskryf hoe ’n sterk

VSA beoog om bedreigings vir sy nasionale belange af te weer. In daardie strategie word hierdie begrip soos volg beskryf:

Strength is the best deterrent. Countries or other actors sufficiently deterred from threatening American interests will not do so. In addition, strength can enable us to achieve peace, because parties that respect our strength often seek our help and are receptive to our efforts to resolve conflicts and maintain peace. Therefore, the United States must maintain the strongest economy, develop the most advanced technologies, bolster our society's cultural health, and field the world's most capable military. (National Security Strategy 2025)

Ook in die NSV waar verwys word na die herlewing van die verdedigingsbedryfsbasis, staan geskryf: “to realize President Trump’s vision of peace through strength”. Hierdie begrip vorm ook die hoeksteen van ’n artikel wat die Withuis twee weke voor die militêre optrede teen Iran op 28 Februarie 2026 gepubliseer het. Die openingsparagraaf verklaar:

President Donald J. Trump will always put the American people first – and that includes his unwavering commitment to an America First foreign policy. Through bold actions rooted in Peace Through Strength, President Trump has ended conflicts, dismantled threats, and rebuilt U.S. military dominance, making the world safer for Americans and restoring respect for the United States on the global stage. (White House 2026)

Hierdie NVS sal onvermydelik langtermyngevolge inhou vir hoe die VSA vrede deur mag in die wêreld wil verseker. Ook hoe die VSA sy belange definieer en uitbrei, wedywering tussen groot moondhede bestuur, alliansies hanteer en betrokke bly by globale regering en instellings, selfs al pas volgende administrasies die toon en instrumente daarvan aan. Verder maak hierdie vertroebeling van binnelandse en buitelandse sferes die VSA se buitelandse beleid meer sensitief vir interne polarisasie, wat die nastrewing van stabiele, voorspelbare verbintenisse in die buiteland bemoeilik (Lissner 2025).

## 10. Trump en die Kongres

Alhoewel die Republikeine tans albei kamers van die Kongres beheer, waarborg dit nie altyd dat al Trump se voorstelle aanvaar word nie. Taai onderhandelinge moet soms met halsstarrige partylede gevoer word om hul steun te verseker. In sy tweede termyn geniet Trump se buitelandse beleid egter sterk steun onder die meerderheid Republikeine in beide kamers van die Kongres, veral diegene wat hulself met Trump se Amerika Eerste-slagspreuk vereenselwig. Tog bestaan daar steeds tweeparty- en interne Republikeinse weerstand teen belangrike buitelandsebeleidskwessies. Die meeste Republikeinse wetgewers ondersteun ekonomiese druk op China, Iran, Kuba en Venezuela, sterk steun vir Israel, behoorlike immigrasie- en grensbeheer, en die verandering aan klimaatmaatreëls. Baie Demokrate ondersteun ook sommige van hierdie standpunte, veral toenemende ekonomiese druk op China en die voortsetting van militêre hulp aan Israel. Prominente Republikeine wat hulle tot “Amerika Eerste” verbind, soos Brian Mast (voorsitter van die Huis se komitee oor buitelandse aangeleenthede), en die speaker van die Huis, Mike Johnson, het Trump se invloed verder verskans deur die komitee se leierskap te herskommel om daarmee steun vir sekere van die President se gewaagde buitelandsebeleids-

inisiatiewe te verseker. Rubio is 'n sleutelvennoot wat help om steun vir Trump se buitelandse-beleidsrigting in die Kongres te kry.

In 2025 het die Kongres reeds sommige van Trump se buitelandsebeleidsinisiatiewe ondersteun, veral dié wat verband hou met die getal troepe in sleutelalliansies, veranderinge in buitelandse hulp, en pogings om nasionaleveiligheidsooreenkomste te handhaaf, terwyl dit ook sekere beperkings en beskermingsmaatreëls rondom eensydige uitvoerende aksies ingestel het. Die VSA se verbintenis met Suid-Korea is byvoorbeeld herbevestig, en in die verdedigingswet van 2025 is 'n bepaling ingesluit om 28 500 troepe daar te stasioneer.

Volgens tweepartymaatreëls wat die Kongres tydens 'n vorige sitting aanvaar het, is dit vir 'n president moeilik om die VSA aan Navo te onttrek sonder die Kongres se toestemming. In teenstelling hiermee het Trump die VSA se onttrekking aan die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO) en Unesco met die blote ondertekening van twee uitvoerende bevels gelas.

Op 17 Julie 2025 het die Senaat 'n versoek van die Withuis goedgekeur om \$8 miljard aan buitelandsehulpprogramme te herroep, wat die einde van die VSA se agentskap vir internasionale hulp (USAID) en ander hulpprogramme beteken het. Om sekere Kongreslede se steun vir die besnoeiing te verseker het Trump ingewillig om die \$400 miljoen-besnoeiings aan PEPFAR se wêreldwye anti-Vigs-inisiatief, wat president George W. Bush meer as 20 jaar vantevore van stapel gestuur het, uit die pakket te verwyder. Republikeine het voor Trump se druk geswig in 'n ongewone oorgawe van die Kongres se bestedingsmag en grondwetlike beheer oor federale befondsing. In die Huis van Verteenwoordigers het Trump staatgemaak op dieselfde gewilligheid om hom met sy versoeke ter wille te wees. Bevestiging hiervan is gekry toe die komitee oor buitelandse aangeleenthede op 15 Julie 2025 verklaar dat die VSA 'n gefokuste, missiegedrewe Departement van Buitelandse Sake nodig het waar elke dollar en elke diplomaat die VSA eerste stel. Hierna aanvaar die Senaat die begrotingsvoorstelle – 'n klinkklare oorwinning vir sy besnoeiingsbeleid en herorganisasie (U.S. Senate 2025). Toe die Huis nie Trump se veto's van twee wetsontwerpe ongedaan kon maak nie, het dit die lojaliteit van die Republikeine teenoor die President en hul steun vir sy politieke stryd onderskryf, aangesien die veto's gesien is as voorbeelde van Trump wat uit politieke wraak opgetree het (Brooks en Kochi 2026).

Die Demokrate kom dikwels magteloos voor as gevolg van hul minderheidsgetalle in albei kamers van die Kongres en ook hul swak strategiese besluite en optredes, soos met die weke lange debatte tydens die begrotingskrisis om die land nie tot stilstand te bring nie.

Luce (2025) verduidelik die Demokrate se onbeholpenheid soos volg:

Trump's genius is to keep pushing Democrats into reactive conservatism. Trump's assaults on pretty much every constitutional norm are indeed terrifying and outrageous. Democrats also face a deeper philosophical problem. Rather than seeking ways of reinventing a system in which America has lost faith, Democrats are betting on Trump's defeat in next year's congressional elections. [...] Democrats would be unwise to think their problem will end with Trump.

Die vraag ontstaan dus onwillekeurig waarom die Demokrate so sukkel om Trump se buitelandse beleid teen te werk. Hulle is egter onbeduidend omdat hulle nie oor die institusionele mag beskik nie, verdeelde openbare en elite-opinies oor sleutelkwessies het, en beperk word deur grondwetlike voorskrifte en beduidende tweepartyoorvleueling met elemente van Trump se agenda. Hul optredes kenmerk harde retoriek waarmee gewoonlik min vermag word.



Gevolgtlik word dit selde omskep in bindende beperkings op die President. Skerp verklarings en verslae word uitgereik waarin hulle Trump daarvan beskuldig dat hy alliansies verswak, invloed aan China gee of Rusland ter wille is, en die oppergesag van die reg ondermyn. Dikwels bly dit net by simboliek. Dus, Demokrate veroordeel die aksie en bevraagteken die wettigheid daarvan, maar sonder 'n meerderheid en beperkte Republikeinse steun teen die President, word die Demokrate se betrokkenheid hoofsaaklik tot protes eerder as beïnvloeding verminder.

Alhoewel Trump aansienlike steun onder Republikeine in die Kongres geniet vir die meeste van sy buitelandsebeleidsprogramme, is verskeie senior lede van die party voorstanders van beskermingsmaatreëls ten opsigte van Oekraïne en Navo om party van sy eensydigste impulse te versag. Sommige mag dalk bereid wees om saam met Demokrate te werk om kernelemente van internasionalisme te bewaar (Tama 2025). Of hulle dit sal regkry, bly 'n ope vraag.

Teen die einde van 2025 het die VSA se vlootaktiwiteite in die nabyheid van Venezuela toegeneem om bote met vermeende dwelmsmouse skadeloos te stel. Met hierdie optredes het die Demokrate in die Senaat gepoog om 'n teregwyding teen Trump aanvaar te kry ingevolge die War Powers Resolution of 1973, waarin die vereiste gestel word dat die Kongres vooraf in kennis gestel moet word en magte onttrek moet word by gebrek aan magtiging deur die Kongres. Hierdie resoluë was getiteld:

A joint resolution to direct the removal of United States Armed Forces from hostilities within or against Venezuela that have not been authorized by Congress. S.J.Res. 98. (119th Congress: 2025–2026)

Kort hierna het die VSA teen Maduro opgetree. Vir die Demokrate was hierdie aksie onaanvaarbaar, te meer nog omdat die Kongres nie vooraf daarvoor ingelig was nie. Met die stemming van 53 teen 47 het vyf Republikeinse senatore met die Demokrate saamgestem dat die voorstel bespreek word. Een van hulle was Josh Hawley van Missouri. Hy waarsku al geruime tyd oor vae militêre verbintenisse en bevraagteken die groeiende toename van mag in die uitvoerende gesag (Jimison 2026). Dit het egter nie lank geneem voor Trump weer eens sy houvas op die Republikeinse party bewys het nie. Republikeinse leiers in die Senaat kon genoeg steun kry vir hul prosedurele maneuver om die resoluë te dwarsboom nadat twee senatore van standpunt verander het om te keer dat dit tot stemming kom. Senator Hawley het sy posisie heroorweeg en aangepas nadat die betrokke senatore versekerings van Rubio ontvang het dat die administrasie goedkeuring van die Kongres sou verkry voordat troepe in Venezuela ontplooi word (Bolton 2026). Net meer as 'n maand later het die VSA se offensief saam met Israel teen Iran begin. Die Demokrate was weer gereed met 'n resoluë om Trump hok te slaan, maar hul drie afsonderlike pogings het misluk. Met die derde stemming het een Demokraat saam met die Republikeinse senatore gestem (Sarwari 2026).

“Checking this particular president is especially hard, but there are ways for Congress to do it, if it can muster some political will,” skryf Mackinnon en Milne in die *Financial Times* van 14 Januarie 2026. Die Demokrate se kernstrategie het daarop berus om magsbeperkende resoluë in te stel wat Trump gelas het om die VSA se magte betrokke by vyandelikhede in of teen Iran te onttrek waar hy nie 'n spesifieke magtiging vir die gebruik van militêre mag of 'n oorlogsverklaring versoek en ontvang het nie. Hulle het egter elke keer misluk, omdat hulle 47 stemme teen 'n soliede blok van 53 verenigde Republikeine se stemme te staan gekom het. Die breër politieke klimaat het Republikeinse senatore ook onwillig gelaat om Trump se veldtog teen Iran te beperk (Mitchell 2026).



In deel 2 word die optredes teen Iran in meer besonderhede bespreek.

Wat buitelandse beleid, nasionale veiligheid en intelligensie, asook besteding en toesig betref, ondermyn die President die wetgewende gesag en steur sy administrasie hul min aan grondwetlike voorskrifte in daardie verband. Die Republikeine is ook verbasend stil oor hoe die Trump-administrasie die toesig wat die Kongres nog altyd as sy funksie hanteer het, te omseil. Namate die Kongres se magte afneem, sal dit moeilik wees om die proses later te herstel:

The degree of disdain Mr. Trump has shown for Congress – and the willingness of G.O.P. leaders to defer to him even when it means undercutting their coequal branch of government. Republicans in Congress have capitulated and are not pushing back to assert authority. (Barnes en Edmondson 2025)

Republikeine verwerp egter die argument dat hulle die Kongres se toesig- en bestedingsmagte aan die Withuis afgestaan het. Hulle voer aan dat Trump sy uitvoerende gesag gepas uitoefen om 'n enorme federale burokrasie onder beheer te kry. Die gevolg hiervan word al duideliker: “Mr Trump is leading a revolutionary project that aspires to remake the economy, the bureaucracy, culture and foreign policy, even the idea of America itself” (Leader 2025a).

Die grootliks insiklike Republikeinsgeleide Kongres, met geen aptyt om Trump uit te daag nie, staar 'n nuwe verset in die gesig namate wetgewers wat bekommerd is oor hul politieke toekoms probeer om hulself te laat geld voor die middeltermyn-Kongresverkiesings in November 2026.

## 11. Trump en die Hooggeregshof

In die literatuur oor die VSA se buitelandse beleid en aangeleenthede word die Hooggeregshof van die VSA as 'n rolspeler in buitelandse sake nie wesenlik vermeld of enigsins voldoende bespreek nie. Terughoudendheid, pessimisme en kommer oor oorskryding deur die uitvoerende gesag wanneer dit by buitelandse sake en nasionale veiligheid kom, is tendense wat in uitsprake reeds aan bod gekom het. Besluite wat krities is teenoor die uitvoerende gesag – veral oor presidensiële oorskryding – is nie meer uitsonderings wanneer grondwetlike oortreding ter sprake is nie. Die siening van die Hooggeregshof oor hierdie kwessies het verskuif; die klem het verander. Hierdie hof word tereg gesien as die grondwetlike kompas (Eksteen 2019a). Hierdie rol is dus geensins een van besluitneming nie, maar eerder erkenning van die Hooggeregshof se grondwetlike mag waarmee die uitvoerende gesag met betrekking tot buitelandse sake beïnvloed en selfs beperk en gerig word. Argumente wat presidensiële oorskryding regverdig, beïndruk regters nie meer nie en hul uitsprake dra die onmiskenbare boodskap oor dat die Hooggeregshof wel 'n rol in buitelandse sake te speel het. Die uitvoerende gesag moet die werklikheid aanvaar dat sy optrede in buitelandse aangeleenthede onderhewig aan grondwetlike toesig is. So het George W. Bush nadat die Hooggeregshof hom oor een van 'n reeks buitelandsebeleidsbesluite skerp tereggewys het, opgemerk dat die hof sy uitspraak gelewer het en hy daarby sal hou (Bush 2010).

Verskeie belangrike buitelandsebeleidsinisiatiewe van Trump in 2025 het steun in uitsprake van die Hooggeregshof ontvang, veral dié wat betrekking het op buitelandsehulpbesteding en die verskraling van die federale departemente, soos die Departement van Buitelandse Sake. In

Julie 2025 het die hof Trump se gesag gesteun om federale agentskappe te herorganiseer (Fritze en Luhby 2025). Daarmee is sy besluite oor grootskaalse afdankings en ingrypende herstrukturering gehandhaaf. Hierdie uitspraak versterk breë presidensiële beheer, wat weer 'n impak op diplomatieke en buitelandsebeleidsmasjinerie, soos die Departement van Buitelandse Sake en USAID, het. Dit dui op 'n sterk geregtelike versterking van die uitvoerende gesag se diskresie in die strukturering van buitelandse beleid.

In die konteks van hierdie regsaspekte is dit belangrik om op die uitspraak van die Hooggeregshof te let wat daarop gewys het dat laer houe nie die gesag van die president se magte in die uitvoering van sy pligte kan beperk nie. Ten spyte hiervan gaan hofsake in hierdie laer houe onverpoosd voort en uitsprake teen Trump se optredes en besluite word steeds geneem.

Met 'n beslissing op 5 September 2025 het die Hooggeregshof regshelderheid oor hierdie onderwerp geskep: "In a series of rulings – actually 16 in a row – the Supreme Court has sided with Trump and against challenges to Trump and against lower courts that have ruled against Trump" (Klein 2025).

Dat die Hooggeregshof ten gunste van Trump teen regsuitdagings beslis, is belangrik omdat dit sy uitvoerende mag en vermoë om sy beleid met minder geregtelike beperkings te implementeer, aansienlik verbeter. Die hof se uitsprake beperk laer federale houe om breë landwyse bevels uit te reik wat Trump se uitvoerende handeling kan beperk. Dit beteken dat beleidsmaatreëls, soos om immigrasievereistes en -agentskappe te herstruktureer, minder regshindernisse in die gesig kan staar. Met uitsprake in Trump se guns stel die Hooggeregshof sy administrasie in staat om beslissend op te tree, selfs wanneer regters in laer houe grondwetlike of regsbesware opper. "The balance that the courts must strike in not interfering in the policy decisions of government on the one hand, and their fundamental role in acting as a check on the lawful use of power on the other, is at the heart of the Court's arguments" (Stanton 2025).

Hierdie reeks deurslaggewende beslissings het grasie vir Trump in sy politieke agenda verleen: "The US judiciary is facing unprecedented pressure as President Trump asserts executive dominance" (Roberts 2025).

Hooggeregshofuitsprake in Trump se guns het onmiddellike en verreikende gevolge. Sy uitvoerende gesag word dus met geregtelike toesig versterk. "For the president, the power to issue limitless tariffs is at the heart of his second-term vision, from trade to foreign policy. [...] If the administration ultimately prevails, Mr. Trump stands to significantly expand his power" (Romm en Swanson 2025).

Verder skep hierdie reeks beslissings transformerende regsprezidente en word sowel die vermeende legitimiteit van die regbank as kernaspekte van regeringsbeleid versterk. Die regslanskap verander egter vinnig.

Beleidsbesluite wat voorheen deur laer houe verhinder is, word in sekere houe nog toegelaat om Trump se besluite en optredes te betwis. Ná 'n onlangse uitspraak van 'n Federale Appèlhof om Trump se tariefbevels te verwerp, het die regering die Hooggeregshof genader om dringend uitsluitel oor hierdie aangeleentheid te lewer. Op 9 September 2025 het daardie hof aangekondig dat dit wel die appèl sal aanhoor om te bepaal of Trump noodmagte kan gebruik om ingrypende tariewe op handelsvennote regoor die wêreld te regverdig. Die regters sal in die eerste week van November mondelinge argumente aanhoor. In sy regsvoorlegging beskryf die administrasie dat

Trump se tariewe sy “belangrikste ekonomiese en buitelandse beleidsinisiatief” is. Daar word beweer dat die tariewekwessie onder die mees saakmakende programme tel waaroor die hof in onlangse jare genader is (Trump v. V.O.S. Selections, Inc. 2025).

Hierdie saak daag die geldigheid van die administrasie se belangrikste ekonomiese en buitelandse beleidsinisiatief uit – die instelling van tariewe kragtens die International Emergency Economic Powers Act, 1977 (IEEPA), wat Trump noodsaaklik ag om die VSA se nadelige handelstekorte reg te stel. In elk van die 12 presidensiële uitvoerende bevels wat oor tariewe handel, stel Trump dit duidelik dat dit daarop gemik is om die bedreiging vir die buitelandse beleid, nasionale veiligheid en ekonomie van die VSA die hoof te bied. In die aanbieding aan die hof word dieselfde punte herhaaldelik beklemtoon. Ook dat die Kongres die president se grondwetlike mag oor buitelandse sake en nasionale veiligheid oor die eeue heen aangevul het deur die gesag aan hom te deleger om tariewe of heffings op invoere te bestuur na gelang van internasionale toestande. Die Kongres het sedertdien baie ander wette uitgevaardig wat die Uitvoerende Gesag magtig om tariewe of heffings op invoere op te lê of te wysig. Gevolglik is daar niks nuuts of verdags omtrent die IEEPA se breë delegering van tariefgesag om nasionale noodgevalle te hanteer nie. Die Kongres het reeds lankal die president se bevoegdheid oor buitelandse sake aangevul deur ruim gesag te deleger om tariewe op te lê wat na die president se oordeel nasionale veiligheid sal bevorder, ekonomiese voorspoed sal bevorder of onderhandelinge met buitelandse eweknieë sal vergemaklik. In die regering se hofvoorlegging word vermeld dat die VSA in delikate hoërisiko-onderhandelinge met “dosyne lande” gewikkel is. Daarvolgens sal geen ooreenkomste moontlik wees sonder die oplegging van tariewe om invoere te reguleer nie, en dat die tariewe ander lande na die onderhandelingsstafel gebring het. Die beslissing van die Appèlhof stel tariewe in gevaar wat die President as noodsaaklik vir die land se toekoms bepaal het.

Of die president wel oor die gesag beskik om daardie tariewe kragtens die IEEPA op te lê, is die alles bepalende vraag – en ’n vraag wat die Appèlhof verkeerdelik beantwoord het. Die Minister van Finansies se verklaring word aangehaal waarin gesê word dat die tariewe die afgelope paar maande reeds een van die land se hoogste prioriteite en opsigte van buitelandse beleid is. Om die laer hof se beslissing te aanvaar, sal tot gevaarlike diplomatieke verleentheid lei. Die VSA sal blootgestel word aan vergelding, en kritieke onderhandelinge met buitelandse vennote sal onderbreek word, wat die vermoë om die nasionale veiligheid en ekonomiese welstand van die Amerikaanse volk te beskerm, sal ondermyn. Volgens die Minister van Handel sal die bekragtiging van die besluit van die Appèlhof massiewe en onherstelbare skade aan die land en sy buitelandse beleid en nasionale veiligheid veroorsaak, nou én in die toekoms. Dit sal ook breër binnelandse en buitelandse strategiese belange bedreig. Die Minister van Ekonomiese Sake se verduideliking dat indien die beslissing in werking tree, die President se onlangse hoogs sensitiewe onderhandelinge om die konflik tussen die Russiese Federasie en Oekraïne te beëindig, in gevaar gestel sal word, wat weer ernstige gevolge vir voortgesette vredesonderhandelinge en menseregteskendings sal inhou.

That decision casts a pall of uncertainty upon ongoing foreign negotiations that the President has been pursuing through tariffs over the past five months, jeopardising both already negotiated framework deals and ongoing negotiations. (Trump v. V.O.S. Selections, Inc. 2025:14)

Twee vooraanstaande gesaghebbendes oor die Hooggeregshof huldig die volgende standpunt wat die administrasie in sy betoog aanhaal:

The Supreme Court has recognised that the congressional grant to the President of tariffing and other import-control authority dates back to the founding era and has treated such actions as involving foreign affairs. The President has more independent power relating to foreign affairs than domestic affairs. (Bradley en Goldsmith 2024)

Daardie betoog steun ook sterk op twee belangwekkende uitsprake waarin die Hooggeregshof al voorheen na die President se hantering van buitelandse beleid verwys het:

Policies regarding the conduct of foreign relations are so exclusively entrusted to the political branches of government as to be largely immune from judicial inquiry or interference. (Harisiades v. Shaughnessy 1952)

Matters intimately related to foreign policy and national security are rarely proper subjects for judicial intervention. (Haig v. Agee 1981)

Die Hooggeregshof staan voor 'n groot uitdaging. Dit verleen aan die hof die geleentheid om finaliteit en regsduidelikheid te bring, nie net oor Trump se toepassing van tariewe nie, maar ook oor 'n president se uitvoering van buitelandse beleid (Moroses 2025). Sou 'n ommekeer volg, kan 'n ongelukkige presedent vir uitgebreide uitvoerende magte in buitelandse beleid geskep word. Word dit gehandhaaf, sal hierdie eensydige handelsbesluite beperk word. Daarmee sal vrae ontstaan oor die geldigheid van die tariewe wat reeds gehef is en of die reeds betaalde tariewe terugbetaalbaar moet wees.

In 'n belangrike uitspraak oor presidensiële mag het die Hooggeregshof op 20 Februarie 2026 die omvattende tariewe tersyde gestel wat die President in 'n reeks uitvoerende bevels gehef het. Die hoofregter het die meerderheidsopinie opgestel wat beslis dat die tariewe die magte oorskry wat die Kongres met die IEEPA aan die President verleen om handel te reguleer tydens nasionale noodgevalle wat deur buitelandse bedreigings veroorsaak word.

We claim no special competence in matters of economics or foreign affairs. We claim only, as we must, the limited role assigned to us by Article III of the Constitution. Fulfilling that role, we hold that IEEPA does not authorize the President to impose tariffs. (Learning Resources 2026)

Die hof het bevind dat die begrippe *reguleer* en *invoer* wat in die IEEPA voorkom regulatories is en nie 'n toekenning van belastingmag nie. Tariewe word as 'n aspek van die Kongres se belastingmag beskou en die Grondwet gee geen deel van daardie mag aan die President nie, tensy dit uitdruklik in wetgewing aan hom verleen word (Howe 2026). Gevolglik het die President duidelike Kongres-magtiging daarvoor nodig gehad, en die IEEPA verleen dit glad nie. Die meerderheid het ook beklemtoon dat besluite van groot ekonomiese of politieke betekenis besonder duidelike statutêre taal vereis. Om daardie rede het die hof die betoog verwerp dat die IEEPA stilweg sulke wye tariefmag deleger, selfs in die samehang van buitelandse aangeleenthede (Fritze 2026).

Oor hierdie uitspraak het die minister van finansies, Scott Bessent, verduidelik dat die uitspraak baie eng was in terme van die President se vermoë om die IEEPA te gebruik om inkomste te

vorder. Die Hooggeregshof het toegegee dat die President selfs by magte is om 'n volle embargo in te stel, maar hy kan nie een dollar invorder ingevolge daardie wet nie. Dus het die President, volgens Bessent, steeds die mees drakoniese maatreeël tot sy beskikking in onderhandelinge. Verder vorder die VSA reeds ingevolge ander wetgewing wat toegepas word en verder gebruik sal word, aansienlike tariefinkomste in wat in 2026 onveranderd sal bly en in die toekoms mag toeneem (Hutchison 2026).

Trump het kort na die uitspraak tariewe ingevolge ander wetgewing aangekondig. Artikel 122 van die minder bekende Trade Act van 1974 stel die President in staat om tariewe vir so lank as 150 dae te hef wanneer groot en ernstige betalingsbalanstekorte vir die VSA dreig of ander fundamentele internasionale betalingsprobleme opduik. Nadat die Hooggeregshof Trump se tariewe ongeldig verklaar het, werk buitelandse leiers en bestuurders grootliks met die aanname dat die tariewe hier is om te bly, in een of ander vorm, solank Trump sy amp beklee. (Cohen 2026)

In sy staatsrede van 24 Februarie 2026 het Trump die uitspraak as ongelukkig bestempel en dit duidelik gestel dat die regbank se poging om hom in toom te hou reeds misluk het. Wat sy ekonomiese agenda en toekomstige beleid oor tariewe betref, was Trump onwrikbaar dat sy tariewe van krag sou bly en dat Kongres-aksie nie nodig sou wees om sy handelsbeskerming aktief te hou nie. Hy het aangevoer dat die uitspraak eintlik sy vasberadenheid versterk het om nywerhede van die VSA te beskerm, wat aandui dat hy 'n uitweg gevind het om die handelsbenadering van sy beleid van Amerika Eerste te handhaaf ten spyte van geregtelike struikelblokke (Trump 2026).

Die media het begin om die uitspraak te gebruik as bewys dat Trump se tariewe onwettig is, sy tariefstrategie vernietig is, en dat dit 'n yslike nederlaag vir hom is – maar dan binne net ure daarna moes berig dat hy tariewe verhoog. Hiermee tref hy sekere lande nog harder as voorheen. Die ekonomiese ontwigting wat Trump Kanada toegedien het, is grootliks veroorsaak nie deur die tariewe waaroor die Hooggeregshof se uitspraak gehandel het nie. Trouens, die uitspraak bied geen verligting op die tariewe wat belangrike Kanadese vervaardigingsektore benadeel nie. Nou kom hierdie globale 10% nog by (White House 2026 en Marimow 2026).

Die uitspraak is – let hierop – “a reminder that checks and balances still operate, but in the long run, we are still likely to be living in a global economy defined by higher tariffs than existed prior to the Trump administration” (Froman 2026); en die uitspraak gee toe dat die President “could impose embargoes if necessary to accomplish those objectives”.

In deel 2 word tariewe as 'n buitelandsebeleidsinstrument bespreek.

## 12. Positiewe en negatiewe aspekte van Trump se buitelandsebeleidsoptredes

Hierdie artikel bekyk ook die positiewe en negatiewe aspekte van Trump se buitelandsebeleidsoptredes. Gegewe die sukses, volgens Trump se eie maatstawwe, het hy in die eerste 12 maande redelik goed gevaar, ook op die gebied van buitelandse aangeleenthede. Dit sou onbesonne wees om aan te neem dat alles wat die VSA nou verteenwoordig, tuis én in die buiteland, sal misluk. Die resultaat van die ontleding van Trump se buitelandse beleid en sy eiesoortige toepassing daarvan toon bepaalde sterk en swak punte wat gewortel is in die benadering van Amerika Eerste, wat op sy beurt die klem op unilateralisme en transaksionele



diplomasie, globale ontwigting en 'n herbelyning van die VSA se alliansies en soms teenstrydige verhoudings plaas. Hieruit blyk die positiewe en negatiewe aspekte van sy buitelandse beleid duidelik.

So het sy fokus op die prioritisering van die VSA se belange reeds in sy eerste termyn gelei tot heronderhandelde handelsooreenkomste (soos bv. NAFTA met Kanada en Meksiko) en nou 'n herkalibrering van alliansies wat die VSA se hefboomkrag in globale ekonomiese en veiligheidsaangeleenthede vergroot. Die aanwending van tariewe, soos teen Indië, en taai bedinging met groot vennote, soos met China, het kragtige leierskap getoon, wat binnelandse steun gekry het, maar sterk teenstand en reaksie van teenstanders uitgelok het. Deur multilaterale organisasies uit te daag en nuwe alliansies in die Midde-Ooste te vorm, is die VSA ook binnelands bevooroordeel.

Trump se antagonistiese retoriek en eise vir verhoogde bydraes van bondgenote in Navo het wantroue geskep en die waarde van langdurige vennootskappe ondermyn. 'n Hoogs gepersonaliseerde en onvoorspelbare styl lei tot diplomatieke onsekerheid, veral rakende Oekraïne, China en die ondersteuning vir demokratiese instellings wêreldwyd. Sy wisselvallige besluitneming skep onsekerhede by bondgenote. Die vermeende verskuiwing na 'n ekonomiesebeskermsbeleid en dreigemente om buitelandse gebiede soos Groenland te annekseer, loop die risiko om konflik en globale onstabiliteit uit te lok. Met mededingers (Rusland, Iran, China) wat almal interne uitdagings in die gesig staar, kon Trump die VSA se oorheersing herbevestig en teenstanders se swak punte uitbuit. Die moontlikheid is steeds daar vir nuwe vredesooreenkomste met direkte, transaksionele benaderings. Aggressiewe tariefbeleide en onttrekking aan ooreenkomste stel die VSA se invloed op die globale ekonomie in gevaar en kan verdeeldheid in internasionale betrekkinge verder aanwakker. Ontwiggende diplomاسie en teenstrydige verbintenisse teenoor bondgenote en teenstanders bevorder onvoorspelbaarheid en geopolitieke onsekerheid, wat spanning in wisselvallige streke kan vererger. Volgehoue retoriek teen multilateralisme en die nastrewing van eensydige voordele vir die VSA kan globale aansien en vermoë om gesamentlike veiligheids pogings te lei, ondermyn.

Oor die algemeen lê die sterk punte van Trump se buitelandse beleid in sy duidelike fokus en ontwiggende mag, maar sy swak punte en bedreigings fokus op onvoorspelbaarheid, gespanne alliansies en risiko's vir die gevestigde internasionale orde. Dit is ook nie verbasend nie dat *The New York Times* in 'n onlangse meningsartikel skryf:

It is increasingly clear that the world is no longer persuaded by America's approach to economic policy. In reality, the United States is walking out of the system it created. The Trump administration, by rejecting this global consensus, has damaged both the American economy and American global leadership. (Opinion 2025)

Hierdie mening beskryf Trump se handelsleierskap as ondoeltreffend en dui op 'n afname in die VSA se globale invloed op buitelandse beleid en ekonomiese sake, aangesien min lande of leiers bereid is om die VSA se voorbeeld volgens sy huidige riglyne te volg. Trump het druk uitgeoefen om uitvoerende mag op ongekenne maniere te konsolideer, en het dikwels op uitvoerende bevel en uitvoerende optrede gesteun om sy veldtogbeloftes na te kom. Maar sy pogings het wisselende vlakke van sukses gehad, soms as gevolg van hofbevel en soms as gevolg van die administrasie se eie besluitneming. Maar nóg vergryping nóg terugtrekking kan binnelandse steun wen. Sy Amerika Eerste- buitelandse beleid ontstel die wêreld. Bondgenote bevraagteken die VSA se betroubaarheid as 'n strategiese vennoot en is bekommerd dat



Washington nou meer van 'n vyand as 'n vriend van die liberale reëlgerigte orde is. Hulle het rede om bekommerd te wees. Die Trump-administrasie glo dat internasionale ooreenkomste, oop handel en buitelandse hulp die VSA se mag en invloed afbreek en nie versterk nie. Gevolglik het Trump sy vyandigheid teenoor multilateralisme duidelik gemaak.

Terwyl die Amerika Eerste- buitelandse beleid die fokuspunt van openbare debat oor die toekoms van leierskap in die VSA mag wees, is die wêreld beslis op hete kole. Maar dit is ook 'n simptoom van 'n breër uitdaging waarmee die VSA te kampe het: die verbokkeling van die binnelandse konsensus wat die VSA se groot strategie van die Tweede Wêreldoorlog tot in die 21ste eeu geanker het. Partydige, streeks- en ideologiese verdeeldheid het 'n ontkoppeling tussen die land se binnelandse politiek en sy buitelandse beleid veroorsaak.

Aan die een kant van die politieke spektrum is daar die beleërde liberale internasionaliste, wat ferm verbind is tot die verdediging van die liberale orde deur die projeksie van die VSA se mag, handelsliberalisering, multilaterale regering en die bevordering van menseregte en demokrasie. Aan die ander kant is daar die ondersteuners van die nuut bemagtigde Amerika Eerste-benadering, wat probeer om die liberale orde omver te werp deur buitelandse verpligtinge te verslap, tariefmure op te rig, weg te breek van multilaterale instellings, en pogings laat vaar om demokratiese waardes te versprei. Nie een van die visies kan volgehoue binnelandse steun verseker nie: "U.S. elections rarely turn on foreign policy. They turn on the economy" (Bennhold 2026).

In sy voordrag voor die Council on Foreign Relations het die Withuis se raadgever oor handel, Peter Navarro, sy gehoor prontuit op die volgende gewys:

The world has changed. The American people have changed. The age of blind globalization is over. If the Council on Foreign Relations wants to be relevant, it must stop mistaking nationalism for isolationism, sovereignty for retreat, and strength for aggression. For, ultimately, MAGA and the America First movement isn't about pulling back; it's about standing tall. It's about defending what we make, who we are, and the nation we love. (Navarro 2025)

Gevolglik het die VSA se buitelandse beleid wisselvallig en onbestendig geword met meningsverskille oor hoe om die land se doelwitte die beste na te streef (Kupchan en Trubowitz 2025).

Kritici van die huidige administrasie voer aan dat hierdie verskuiwing op 'n wegbeweeg van die liberale orde dui. Hierdie sentiment word deur kundiges voorgehou as 'n erosie van hegemonaal stabiliteit. Gedurende Trump se aanvanklike termyn het John Ikenberry van Princeton Universiteit die Amerika Eerste- buitelandse beleid reeds bestempel as 'n beduidende afwyking van die liberale internasionalistiese tradisie ná 1945 wat 'n aansienlike bedreiging vir die VSA-geleide liberale internasionale orde inhou. Hy karakteriseer Trump se metodologie as 'n ideologiese en strategiese breuk wat die fundamentele beginsels van die globale leierskap van die VSA in gevaar stel, naamlik multilaterale instellings, alliansies en 'n reëlgerigte stelsel wat op wedersydse voordele gemik is (Eikenberry 2017). So het John Mearsheimer, 'n prominente politieke wetenskaplike en internasionale-betrekkinge-teoretikus verbonde aan die Universiteit van Chicago, in Trump se tweede termyn sy buitelandsebeleidsbenadering van Amerika Eerste as aanduidend van 'n gunstige oorgang na 'n grootmoondheidsesentreerde, realistiese perspektief beskryf. Hy kritiseer egter die implementering daarvan as dikwels kortsigtig, oordrewe transaksioneel en selfvernietigend – veral sy hantering van vennote en benadering tot die

gevestigde internasionale bestel (Katz 2025). Stephen Walt, 'n gerespekteerde realis oor internasionale betrekkinge, spreek simpatie uit oor die fundamentele realistiese rasionaal wat die beginsel van “Amerika Eerste” onderlê – spesifiek 'n oorgang van liberaal-hegemoniese oorskryding na 'n meer belangegedrewe, terughoudende strategie. Hy kritiseer Trump se werklike implementering en beskou dit as onbevoeg en strydig met die baie realistiese beginsels wat dit sou beliggaam. Ook kritiseer hy die VSA se verbintenisse in die buiteland, hoewel hy nie Trump se optrede en onttrekking aan die gevestigde wêreldorde as voordelig vir die VSA op lang termyn beskou nie (Fadel en Manuel 2025).

Daarteenoor verduidelik Jeffrey Sonnenfeld (2026) Trump se strategiese benadering tot mag deur middel van tien herhaalbare tegnieke. Deur te put uit sy uitgebreide ervaring as 'n leierskapskenner aan die Yale School of Management en as adviseur vir vyf voormalige presidente, asook 'n langdurige persoonlike verbintenis met Trump, voer Sonnenfeld aan dat Trump se optrede nie chaoties is nie, maar eerder noukeurig beplan is. Hy bied Trump se leierskap aan as 'n samehangende raamwerk, met die klem op taktiek, soos 'n persoonlike handelsmerk van verdeel en heers. Hy voer aan dat wat as onvoorspelbaarheid voorkom, 'n berekende strategie is om mag te konsolideer en instellings te manipuleer. Uiteindelik beeld hy Trump uit as beslis 'n strategiese leier met onderskeibare beginsels wat konvensionele sienings van sy gedrag uitdaag.

### 13. Samevatting

In sy tweede termyn streef Trump 'n aggressiewe buitelandse beleid na met die fokus op vinnige, aandagtrekkende transaksies soortgelyk aan sake-oornames. Te midde van binnelandse vraagstukke, soos binnelandse veiligheid en immigrasie, geniet sy internasionale doelwitte bepaald voorrang. Hulle word dikwels nagejaag sonder om die Kongres te raadpleeg. Wat hierdie benadering egter verder kenmerk, is hoe sterk hy op betroubare raadgewers steun om hierdie nalatenskap-bepalende inisiatiewe te bestuur en suksesvol deur te voer. In hierdie proses is beroepsdiplomate blote toeskouers. Salama (2026) se artikel hieroor (“The end of diplomacy”) is insiggewend en beslis die moeite werd om in geheel gelees te word.

Hy beskou die reeds lank bestaande handels- en buitelandsebeleggingsooreenkomste as ekonomiese meevallers wat die aandelemark aanvuur en die gemiddelde Amerikaner help. Sommige van hierdie ooreenkomste wat Trump onderhandel het, is egter vaag of kan dalk jare neem om te verwesenlik, en dit mag dalk nie onmiddellik kiesers se bekommernisse oor hul lewenskoste verminder nie. Gedurende sy tweede ampstermyn het die aandelemark rekordhoogtes in 2025 bereik en was die algehele ekonomiese aktiwiteit in hierdie tydperk bestendig. Presidente in 'n tweede termyn prioritiseer dikwels buitelandse beleid omdat hul status as flou makou dit moeiliker maak om saakmakende binnelandse inisiatiewe deur te voer. Hulle is ook geneig om buitelandsebeleidsoorwinnings te beskou as boublokke van hul nalatenskap (Ward en McGraw 2025).

Die administrasie se teorie is dat tradisionele diplomatieke strukture buitelandsebeleidsukses belemmer eerder as moontlik maak. Vanuit hierdie perspektief het die Departement van Buitelandse Sake opgeblase geword, ondoeltreffend en gekaap deur burokratiese belange, wat strydig is met presidensiële prioriteite. Deur die burokrasie te verminder word die President in staat gestel om buitelandse beleid direk deur persoonlike verhoudings met buitelandse leiers en aangestelde gesante, wat nie deur institusionele beperkings belas word nie, deur te voer.

Trump se woorde en daade het reeds monumentale verskuiwings in die geopolitiek meegebring. Die gevolge van baie van hierdie veranderinge sal waarskynlik voortduur. Daar kan nie verwag word dat die wêreld ná vier jaar in 2029 na “normaal” sal terugkeer nie. Trump en sy Amerika Eerste-beweging verteenwoordig ’n kragtige stroom in die Amerikaanse samelewing. Trump het reeds die liberale internasionale orde skade berokken en respekteer nie werklik internasionale reg nie. So beskerm hy ook nie die soewereiniteit en integriteit van ander state nie. Hy ondersteun ook nie multilaterale instellings en hul reëls nie. Net so aanvaar sy ondersteuners nie dat hy die land ekonomies en polities verswak en sy beleid ernstige probleme vir die land se ekonomie skep nie.

Reeds ná die eerste jaar van sy tweede termyn kry die opmerking van Zelizer (2025) verdere betekenis wanneer die mees voorspelbare vervang word met die mees onvoorspelbare: “Trump’s four-year administration had been unlike anything else American democracy had experienced in recent decades, if ever.”

Trump se Amerika Eerste-benadering in elke opsig weerklink ook op internasionale vlak, al kry die VSA se reputasie ’n ernstige knou. In baie Europese en Asiatiese lande het politici, amptenare en sakelui oor geslagte heen met die VSA se globale leierskap grootgeword. Vir baie van hulle was die veiligheidsambreel wat die VSA gebied het, van kardinale belang. Nou laat Trump se uitlatings hierdie eertyds stoere bondgenote, en veral diegene wat deur Rusland of China bedreig voel, onrustig en baie onseker. Leiers in baie van hierdie lande is bekommerd dat die VSA dalk nie meer sy verbintenis om hulle te verdedig sal gestand doen nie.

Die NVS is die duidelikste en gewaagste uiteensetting en verduideliking van Trump se globale visie. Dit onthul die VSA se voornemens om Latyns-Amerika te oorheers, die politiek in Europa te transformeer, en kommersiële geleenthede in Asië aan te gryp. Trump het te kenne gegee dat die VSA beplan om meer aggressief te wees en sy invloed in die westelike helfte van die wêreld te versprei ná die operasie om Maduro gevange te neem. Nadat sy buitelandse-beleidsfokus in die Westelike Halfrond maande lank byna uitsluitlik op Venezuela gerig was terwyl hy sy oog oor Maduro se doen en late en toesig oor dosyne aanvalle op beweerde dwelmsmokkelbote in die Karibiese Eilande en die oostelike Stille Oseaan gehou het, kom die Departement van Buitelandse Sake se onomwonde verklaring op 5 Januarie 2026: “This is OUR Hemisphere, and President Trump will not allow our security to be threatened” (State Department 2026; hoofletters in die oorspronklike). Op 12 Januarie 2026 het Rubio die EU skerp gekritiseer omdat hulle oor Trump gekla het omdat hy internasionale reg sou oortree het met die VSA se militêre optrede rondom en in Venezuela:

I think it’s pretty RICH [...] [T]hese same countries want the USA to send nuclear-capable Tomahawk missiles to protect Europe. But when the U.S. puts aircraft carriers in OUR hemisphere, where WE live [...] suddenly that’s a problem. The European Union does NOT get to decide what international law is. And they sure as hell don’t get to tell the United States how to defend our national security. (Rubio 2025 en deur hom herhaal op X 2026 met hoofletters daarin)

Die inhegtenisneming van Maduro is die duidelikste uitdrukking tot nog toe van Trump se voorneme om die VSA se oorheersing in die Westelike Halfrond te herstel. Of hy dink dat Rusland en China dieselfde invloedseerbeginsel op dele van Europa en die Asië-Stille Oseaanstreek kan toepas, bly onduidelik (Ero en Atwood 2026). Dit dui sekerlik op een van die mees bepalende optredes van beide Trump se termyne wat buitelandse aangeleenthede betref.

Selfs al is daar oor vier jaar 'n meer internasionalistiese president in die Withuis, wat ver van seker is, sal dit lank neem vir die VSA om sy reputasie te herstel wat 'n knou gekry het, nie net in die ontwikkelde wêreld nie, maar veral in die Derde Wêreld. Die handelstelsel wat ná die Tweede Wêreldoorlog opgebou is op die beginsel dat voorspelbare reëls bo politieke ingrypings moet seëvier, het in die slag gebly (100 Days 2025). Hierdie stelsel, gegrond op reëls, het nou gestruikel. Dit is hoogs onwaarskynlik dat die VSA gou weer, indien ooit, die gesag van die Wêreldhandelsorganisasie sal aanvaar. Maatreëls wat ingestel word met Trump se straffariewe gaan die wêreld ekonomie rem. Daarmee word gepoog om die VSA direk te bevoordeel met die klem op dwang eerder as samewerking en onmiddellike nasionale belange eerder as breër internasionale waardes (Carothers 2025). Omdat tariewe nou onder Trump 'n sentrale instrument in die VSA se buitelandse beleid geword het, en so sal bly, beskou sy administrasie die terugslag van die Hooggeregshof se uitspraak oor tariewe as 'n roete-probleem, eerder as een wat 'n strategiese ommekeer noodsaak. Daarom is nuwe tariewe onmiddellik ingestel ingevolge wetgewing wat daarvoor tot die president se beskikking is.

Trump is geen voorstander van isolasionisme nie. Dit wil nie sê dat hy 'n liberale internasionalis is soos sy Republikeinse en Demokratiese voorgangers nie. Hulle het gepoog om internasionale instellings te versterk, 'n reëlgerigte stelsel te volg en die belangrikheid van internasionale samewerking te beklemtoon waarmee beide nasionale belange en transnasionale uitdagings die hoof gebied kon word. Inteendeel, Trump herskep internasionalisme na sy eie beeld. In sy tweede termyn wend hy sy persoonlike diplomاسie nog meer kragdadig aan met sy skynbaar onvermoeibare aptyt vir internasionale betrokkenheid.

Trump does not seek the end of American international leadership, only its redesign. He has rejected traditional approaches to globalism and interventionism for their inefficiency, their moralism, and their failure to deliver visible results. [...] Trump's emerging brand of internationalism is clearer than many expected. Whether it proves durable will depend less on its ambitions than on how the administration – and the public – respond when its internal tensions prove difficult to manage. (Froman 2025)

Die VSA se terugtrekking uit globale diplomاسie is gevaarlik, omdat dit instellings wat konflik bestuur, verswak, magsvakuums skep wat ander state op minder liberale terme vul, en die risiko van streekswapenwedlope, ekonomiese fragmentasie en wanberekening tussen groot moondhede verhoog. Dit hou beduidende risiko's in, veral op die gebied van kuberveiligheid en internasionale samewerking. Die onttrekking van die VSA uit globale diplomاسie word beskou as 'n roekelose en nadelige stap wat verreikende negatiewe gevolge vir internasionale stabiliteit en samewerking kan hê.

Trump se benadering is konsekwent onortodoks, aanmatigend, eensydig, wispelturig en transaksioneel (Keith en Pfeiffer 2025). In sy tweede termyn het Trump reeds sy onlangse voorgangers oortref in terme van magte wat opgeëis en uitgeoefen word met minimale of oneffektiewe weerstand in die geledere van sy opposisie. Die Kongres het in 'n mate die mag om tariewe te hef aan die Withuis afgestaan. Trump se handelsgeveg is egter meer buitengewoon, die wetlike regverdigings meer gespanne, en die implikasies daarvan meer dramaties vir die ekonomie. Die toekoms van hierdie magsgreep sal hoofsaaklik daarvan afhang of die Hooggeregshof besluit om dit te verwerp of te beperk (Doughat 2025). Baie kenners op die gebied van internasionale verhoudings is bekommerd oor wat hulle as 'n ergste scenario beskou: Die Trump-administrasie kan die multilaterale diplomatieke bestel verswak wat die

VSA na die Tweede Wêreldoorlog help bou het en dit vervang met 'n minder stabiele een wat deur Trump gelei word (Cohen 2019 en 2026; Freedman 2025).

Teen die tyd dat sy bewegings omgekeer of sy wetlike argumente verwerp word, sal die proses reeds sy politieke werk gedoen het. Trump bewys dat die uitvoerende gesag baie dinge kan doen voordat grondwetlike beperkings hom inhaal. Trump se persoonlike eienskappe is die deurslaggewendste: Sy persoonlike skaamteloosheid en minagting vir institusionele norme, sy vermoë om intrapartymededingers te neutraliseer, ja-broers deur die bevestigingsproses in die Senaat te kry, en die beginsels van mense in sy invloedssfeer na syne om te keer, is sy sterk punte. Daar is geen sekerheid of 'n ander Republikein, hoe populisties of strydvlugtig ook al, dieselfde sukses gaan behaal nie – ook nie eens 'n tipiese Demokraat nie. 'n Groot gedeelte van sy mag is sy eie. Selfs al verlaat hy die amp ongewild, en selfs al is die volgende president 'n Demokraat, sal hierdie model van uitvoerende mag waarskynlik die een oorleef wat dit geskep het.

*The Economist* stel dit kort en kragtig:

His approval among Republicans is at 90%. He has faced little resistance as he has charged ahead on all fronts. The fact that Democrats can neither constrain Mr Trump nor even communicate clearly leaves their base angry. Mr Trump's ratings are low, but he is more popular than the Democratic Party – not because Republicans and independents disapprove of it (though they do), but because Democrats disapprove of themselves. (Leader 2025b)

Die meer tradisionele Republikeinse wetgewers wat miskien ander standpunte mag ondersteun, bly grootliks stil uit vrees vir 'n uitdaging aan die regterkant. Daarom is daardie senatore en Kongreslede nie bereid om Trump oor botsende kwessies aan te vat nie. Hulle sal bloot nietersaaklik word en uitgestem word en hul volgende verkiesings verloor. In 2025 het Trump die Kongres opsy geskuif deur 'n ongekende aantal uitvoerende be vele uit te reik – meer as 400 tot dusver. Hy het ook fondse teruggehou wat reeds deur die Kongres goedgekeur was – insluitend \$4 miljard se buitelandse hulp, in 'n uitdaging van die wetgewende liggaam se bestedingsgesag – bekend as die mag van die beursie. “Data shows that Republicans have voted with a president more this year than any time since the 1950s” (Eva Xiao 2025).

'n Reeks gebeure beklemtoon Trump se fokus op buitelandse aangeleenthede en die versterking van sy nalatenskap in die buiteland tydens sy tweede termyn. 'n Intrahemisfeer konflik kan Trump se aandag verg en sy eie voorkeurettiket as die “vredepresident” skaad. Daardie aandag saam met al die ander betrokkenheid in buitelandse aangeleenthede kom ten koste van binnelandse vraagstukke. Amptenare in die Withuis het kritiek dat Trump oneweredige aandag aan sake betreffende buitelandse beleid skenk, beantwoord. Hulle verwys na die President se reeks uitvoerende be vele wat daarop gemik is om op binnelandse probleme en kwelpunte te fokus. Trump se bondgenote voer weer aan dat die President se optrede in die buiteland die land binnelands bevoordeel. Ook dat die handelsooreenkomste wat Trump met die EU, Japan en die Verenigde Koninkryk gesluit het, en die konfrontasie met Venezuela, die VSA bevoordeel en teen dwelms en onwettige immigrasie beskerm. Maar die gesaghebbende Quinnipiac University se meningsopname toon dat kiesers Trump nie noodwendig beloon vir al sy aandag aan buitelandse beleid nie. Die peiling het bevind dat 41% sy hantering van buitelandse beleid goedgekeur het, in vergelyking met 54% wat dit afkeur (Quinnipiac University 2025). Maar strateë stem grootliks saam dat die middeltermynverkiesings in November 2026 waarskynlik



meer bepaal sal word deur hoe kiesers oor die ekonomie voel as oor Trump se buitelandse-beleidsprestasies (Samuels 2025).

Trump het hom hoofsaaklik met buitelandsebeleidsaangeleenthede gedurende 2025 bemoei, selfs te midde van kommer oor hoe die ekonomie die Republikeinse Party in 2026 se middel-termynverkiezings mag benadeel. Hy het onderneem om die VSA in 'n ander rigting te stuur. Binne 'n jaar het hy dit gedoen deur fundamentele veranderinge aan beleid (buitelandse en binnelandse), partypolitiek en die samelewing in te stel of te soek.

Many presidents push at mainstream understandings of the limits of executive power when they are trying to solve a specific policy problem. But Mr. Trump has made many attempts to accumulate greater power all at the same time, while routinely and prolifically using emergency authorities meant for dire situations. (Savage en Kanno-Youngs 2025)

Wat ook al die uitkoms van sy buitelandse beleid, sal dit internasionale gevolge hê. Dit hét reeds. Sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog was die VSA se ekonomie en finansiële stelsel die middelpunt van wêreldmarkte. Washington het 'n groot invloed in multilaterale instellings gehad; die IMF en Wêreldbank kan nouliks sonder die teenwoordigheid en steun van die VSA funksioneer as die betroubare dryfveer van wêreldwye ekonomiese groei. Trump se duidelike breuk met tradisionele diplomatie is 'n oorheersende kenmerk van sy buitelandse beleid. Daarmee prioritiseer hy nasionale belange en gebruik hy ontwrigtende metodes, wat weer lei tot bepaalde besluite wat blywende uitdagings vir die VSA se internasionale aansien inhou. Teen die einde van die eerste jaar van sy tweede termyn kan veel van wat hy reeds gedoen het, as onomkeerbaar beskou word, en Washington sal heel waarskynlik moeilik weer dieselfde wees.

2025 was 'n jaar van geopolitieke omwentelinge met een individu die middelpunt van alles: Donald J. Trump. Van tariewe en die handelsoorlog tot pogings om vredemaker te speel in verskeie wêreldwye konflikte ... hy was alomteenwoordig in koerantopskrifte en in die gedagtes van buitelandse leiers wat probeer hond haaraaf maak het hoe om 'n heel ander Withuis in 'n onstuimige tydperk te benader. Sy benadering tot buitelandse aangeleenthede kan soos volg saamgevat word: Hy is iemand wat die wêreld deur 'n besigheidslens beskou.

## Bibliografie

### Boeke

Allsion, A. en P. Zelikow. 1971. *Essence of decisionmaking*. Boston: Little, Brown.

Bush, G. 2010. *Decision points*. New York: Crown Publishers.

Druckman, J. (red.). 2012. *Cambridge handbook of experimental political science*. Cambridge: Cambridge University Press.

Eksteen, R. 2019a. *The role of the highest courts of the United States of America and South Africa, and the European Court of Justice in foreign affairs*. Den Haag: Asser Press/Springer.



Hermann, M. en B. Ozkececi-Taner. 2012. The experiment and foreign policy decision making. In Druckman (red.) 2012:430–42.

Macridis, R. 1958. *Foreign policy in world politics*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall Inc.

O'Rourke, L. 2028. *Covert regime change – America's secret cold war*. Ithaca: Cornell University Press.

Snyder, R., H. Bruck en B. Sapin. 2003. *Foreign policy decision-making*. New York: Palgrave Macmillan.

Sonnenfeld, J. en S. Tian. 2026. *Trump's ten commandments: strategic lessons from the Trump leadership toolbox*. Grand Rapids, MI: Forefront Books.

Tocci, N. 2017a. *Framing the EU global strategy. A stronger Europe in a fragile world*. Londen: Palgrave Macmillan.

Zelizer, J. 2022a. The most predictable, unconventional presidency. In Zelizer 2022b:1–26.

—. 2022b. *The presidency of Donald J. Trump: a first historical assessment*. Princeton, NJ: Princeton University Press.

### **Koerantartikels**

100 Days. 2025. Into Trump's second term: What's changed with tariffs, immigration and more. *The New York Times*, 28 April. <https://www.nytimes.com/interactive/2025/04/28/us/trump-100-days-actions.html> (25 Mei 2025 geraadpleeg).

Barnes, J. en C. Edmondson. 2025. Trump tramples Congress's power, with little challenge from G.O.P. *The New York Times*, 7 September. <https://www.nytimes.com/2025/09/07/us/politics/trump-congress-power.html> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Bennhold, K. 2026. All eyes on the U.S. in 2026. *The New York Times*, 7 Januarie. <https://www.nytimes.com/2026/01/07/world/us-trump-venezuela-2026.html> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Cohen, P. 2026. "Murky waters" for global businesses after Trump's tariff loss. *The New York Times*, 21 Februarie. <https://www.nytimes.com/2026/02/21/business/economy/tariffs-supreme-court-global-business-reaction.html?smid=whatsapp-nytimes> (25 Februarie 2026 geraadpleeg).

Continetti, M. 2025. The Iran strike was the high point of Trump's year. *The Wall Street Journal*, 26 Desember. <https://www.wsj.com/opinion/free-expression/the-iran-strike-was-the-high-point-of-trumps-year-ee0cdfde> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Cumming-Bruce, C. 2025. U.S. pledges \$2 billion for U.N. Aid but tells agencies to "Adapt, shrink, or die". *The New York Times*, 29 Desember. <https://www.nytimes.com/2025/12/29/world/europe/us-un-aid-funding-foreign-assistance.html> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Douthat, R. 2025. How we got to this Marco Rubio moment. *The New York Times*, 20 Desember. <https://www.nytimes.com/2025/12/20/opinion/marco-rubio-trump.html> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Editorial Board. 2026. Trump unbound: unconstrained at home, adventurist abroad. *Financial Times*, 9 Januarie. <https://www.ft.com/content/de864a4d-e2f9-4827-8731-4abae3d30b9e> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Erlanger, S. 2026. Europe and rest of world try to come to terms with Trump the imperialist. *The New York Times*, 7 Januarie. <https://www.nytimes.com/2026/01/07/world/europe/trump-venezuela-greenland-ukraine-europe.html> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Evans-Pritchard, A. 2025. Europe's "great power" dream is in tatters – but don't tell Britain's rejoiners. *The Telegraph*, 5 Augustus. <https://www.telegraph.co.uk/business/2025/08/05/europe-has-hit-rock-bottom-dont-tell-rejoiners> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Fedor, L. 2025. US sanctions four traders it says are shipping Venezuelan oil. *Financial Times*, 31 Desember. <https://www.ft.com/content/ddcdb2af-48a5-457f-a306-0dae538e9c74> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Freedman, L. 2025. Unserious president; serious country. *Comment is Freed*, 17 September. <https://samf.substack.com/p/unserious-president-serious-country> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Gijs, C. 2025. Trump deal threatens EU's image as champion of rules-based trade. *Politico*, 25 Augustus. <https://www.politico.eu/article/donald-trump-deal-eu-image-champion-rules-based-trade> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Hauslohner, A., J. Politi en A. Mackinnon. 2026. Marco Rubio's Venezuelan gamble. *Financial Times*, 7 Januarie. <https://www.ft.com/content/2a85fc8d-b250-459f-a3a2-c62307d8795e?syn-25a6b1a6=1> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Jimison, R. 2026. These 5 Republicans broke with Trump on Venezuela war powers. *The New York Times*, 8 Januarie. <https://www.nytimes.com/live/2026/01/08/world/us-venezuela-trump#five-republicans-congress-trump-venezuela> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Jopson, B. 2025. Drug gangs pose grave threat to European security, agency warns. *Financial Times*, 31 Desember. <https://www.ft.com/content/10148719-3761-4b9f-b52c-5829fdc790d0?syn-25a6b1a6=1> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Kanno-Youngs, Z., E. Mega en R. Jimison. 2026. Venezuela updates: Senate advances measure to curb Trump's use of force. *The New York Times*, 8 Januarie. <https://www.nytimes.com/live/2026/01/08/world/us-venezuela-trump> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Klein, E. 2025. The Supreme Court is backing Trump's power grab. *The New York Times*, 2 September. <https://www.nytimes.com/2025/09/02/opinion/ezra-klein-podcast-kate-shaw.html> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

- Krejčí, P. 2025. The cash-and-carry principle of US diplomacy. *Financial Times*, 28 November. <https://www.ft.com/content/22d53723-db99-4297-a669-68b496d472ee> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Kroenig, M. 2026. Trump was right to oust Maduro. *The New York Times*, 5 Januarie. <https://www.nytimes.com/2026/01/05/opinion/trump-maduro-oust-raid.html> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Liptak, A. 2025. Chief Justice Roberts lets Trump block foreign aid for now. *The New York Times*, 9 September. <https://www.nytimes.com/2025/09/09/us/politics/supreme-court-trump-foreign-aid.html> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).
- Luce, E. 2025. America's left cannot exploit Trump's failures. *Financial Times*, 9 September. <https://www.ft.com/content/dfcacf73-afe0-465b-9e97-70b7e2dcf9ad?syn-25a6b1a6=1> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Mackinnon, A. en R. Milne. 2026. US senators introduce bill to stop military from occupying Nato territories. *Financial Times*, 14 Januarie. <https://www.ft.com/content/c8b309a0-d214-4bb7-9630-bfcaa91925a3?syn-25a6b1a6=1> (14 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Marimow, A. 2025. Supreme Court allows Trump to slash foreign aid. *The New York Times*, 26 September. <https://www.nytimes.com/2025/09/26/us/politics/supreme-court-trump-foreign-aid.html> (124Januarie 2026 geraadpleeg).
- Navarro, P. 2026. U.S. trade and manufacturing. *Real Clear Politics*, 17 Oktober. [https://www.realclearpolitics.com/video/2025/10/17/navarro\\_to\\_council\\_on\\_foreign\\_relations\\_what\\_people\\_in\\_this\\_audience\\_call\\_populism\\_or\\_nationalism\\_simply\\_means\\_doing\\_what\\_is\\_best\\_for\\_americans\\_first.html](https://www.realclearpolitics.com/video/2025/10/17/navarro_to_council_on_foreign_relations_what_people_in_this_audience_call_populism_or_nationalism_simply_means_doing_what_is_best_for_americans_first.html) (25 Februarie 2025 geraadpleeg).
- Norman, P. 2026. Maduro's capture reflects growing role of cyberattacks and satellites in warfare. *The Globe and Mail*, 6 Januarie. <https://www.theglobeandmail.com/business/economy/article-venezuela-us-maduro-capture-cyberwarfare-space-satellites> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).
- O'Brien, J. 2025. EU capitulation to US in trade deal shows weakness of the bloc. *Irish Examiner*, 12 Augustus. <https://www.irishexaminer.com/opinion/commentanalysis/arid-41685450.html> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).
- Opinion. 2025. Trump thought he was leading on trade. No one is following. *The New York Times*, 5 September. <https://www.nytimes.com/2025/09/05/opinion/trump-tariffs-international-reaction.html> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).
- Politi, J. 2025. Donald Trump wields dealmaking diplomacy to shape US foreign policy. *Financial Times*, 22 November. <https://www.ft.com/content/7743e2ff-edfd-4af2-8498-bb0ec6a20750> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Romm, T. en C. Smith. 2025. With taxes and tariffs in place, Trump takes reins of U.S. economy. *The New York Times*, 9 Julie. <https://www.nytimes.com/2025/07/09/us/politics/trump-bill-tariffs-economy.html> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Romm, T. en A. Swanson. 2025. Trump's economic agenda hinges on the Supreme Court's tariff ruling. *The New York Times*, 10 September. <https://www.nytimes.com/2025/09/10/us/politics/trump-tariffs-supreme-court.html> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Sandhu, M. 2025. Europe needs a plan for decoupling from America. *Financial Times*, 30 November. <https://www.ft.com/content/89f172bb-0d60-47b0-ae56-853d25c52db8> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Sanger, D., T. Pager, K. Rogers en Z. Kanno-Youngs. 2026. Trump lays out a vision of power restrained only by "My own morality". *The New York Times*, 8 Januarie. <https://www.nytimes.com/2026/01/08/us/politics/trump-interview-power-morality.html> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Savage, C. en Z. Kanno-Youngs. 2025. Trump promised radical change in his second term. Here's what he's done so far. *The New York Times*, 27 Desember. <https://www.nytimes.com/2025/12/27/us/politics/trump-second-term-promises-actions.html> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Schuetze, C. 2025. Relationship between U.S. and Germany is "changing", German leader says. *The New York Times*, 31 Desember. <https://www.nytimes.com/2025/12/31/world/europe/merz-germany-new-years-speech.html> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Stephens, B. 2025. The Trump presidency takes a better turn. *The New York Times*, 29 Julie. <https://www.nytimes.com/2025/07/29/opinion/trump-president-policy-success.html> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Tocci, N. 2025. Trump's foreign policy is succeeding in dividing Europe. *Financial Times*, 21 Julie. <https://www.ft.com/content/6ef9d415-5096-49c3-9069-4070e43d0f74> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Ward, A. en M. McGraw. 2025. Trump pivots second term toward foreign policy. *Wall Street Journal*, 30 Oktober. <https://www.wsj.com/politics/policy/trump-pivots-second-term-toward-foreign-policy-08d66474> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Ward, J. en V. Volcovici. 2026. Trump withdraws US from dozens of international and UN entities. *Reuters*, 8 Januarie. <https://www.reuters.com/world/trump-signs-proclamation-withdrawing-international-organizations-white-house-2026-01-07> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Wolf, M. 2025. Trump's war on Europe. *Financial Times*, 16 Desember. <https://www.ft.com/content/b17e6660-7722-4723-953b-2d72e7ec9292> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

—. 2026. The Maga war on European democracy. *Financial Times*, 15 Januarie. <https://www.ft.com/content/f1230ddd-0e24-4f0f-8b6e-3fde907fc651?syn-25a6b1a6=1> (15 Januarie 2026 geraadpleeg).

Wong, E. 2025. Trump Administration orders nearly 30 U.S. ambassadors to leave their posts. *The New York Times*, 22 Desember. <https://www.nytimes.com/2025/12/22/us/politics/trump-administration-ambassadors-posts.html> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Wong, E., T. Pager, C. Savage, J.E. Barnes en M. Abi-Habib. 2025. How oil, drugs and immigration fueled Trump's Venezuela campaign. *The New York Times*, 27 Desember. <https://www.nytimes.com/2025/12/27/us/politics/venezuela-trump-maduro-oil-boat-strikes-immigration.html> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Xiao, E. 2025. Donald Trump's second term tests deeply polarised Congress. *Financial Times*, 26 Desember. <https://www.ft.com/content/f3ef5278-d733-424c-8d0a-eab6e7342a88> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Zhiyenbayev, M. 2025. Pax Americana is over – Middle powers must shape what comes next. *The Astana Times*, 23 Mei. <https://astanatimes.com/2025/05/pax-americana-is-over-middle-powers-must-shape-what-comes-next> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

### *Akademiese en algemene tydskrifte en mediakanale*

Al-Mamoori, H. 2021. The main effects of Donald Trump's twitter diplomacy. *International Academic Journal of Education & Literature*, 2(2):1–5.

Araya, D. 2025. From Pax Americana to Pax "Multipolaris": the rise of a fragmented global order. Centre for International Governance Innovation. 5 Augustus. <https://www.cigionline.org/articles/from-pax-americana-to-pax-multipolaris-the-rise-of-a-fragmented-global-order> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Aslan, A. 2025. Digital diplomacy threat or an opportunity: Donald Trump's social media strategy in international relations. *Multidisciplinary Research International Conference*, 8–9 Oktober. <https://www.uow.edu.pk/MRIC/Publications/10th%20MRIC-054.pdf>.

Balfour, R. 2026. The cost of Europe's weak Venezuela response. *Strategic Europe*, 6 Januarie. <https://carnegieendowment.org/europe/strategic-europe/2026/01/the-cost-of-europes-weak-venezuela-response> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Barry, B. 2025. Defending Europe without the United States: Costs and consequences. *IISS Research Papers*, 15 Mei. <https://www.iiss.org/research-paper/2025/05/defending-europe-without--the-united-states-costs-and-consequences> (15 Januarie 2026 geraadpleeg).

Bateman, J. en S. Wertheim. 2025. Decoding Trump's foreign policy blueprint. *Carnegie Endowment for International Peace*, 11 Desember. <https://carnegieendowment.org/podcasts/the-world-unpacked/decoding-trumps-foreign-policy-blueprint?lang=en> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Beckley, M. 2026. There is only one sphere of influence. *Foreign Affairs*, 4 Februarie. [https://www.foreignaffairs.com/united-states/there-only-one-sphere-influence?utm\\_medium=social&utm\\_source=whatsapp\\_posts&utm\\_campaign=wu\\_soc](https://www.foreignaffairs.com/united-states/there-only-one-sphere-influence?utm_medium=social&utm_source=whatsapp_posts&utm_campaign=wu_soc) (10 Februarie 2026 geraadpleeg).

Beddoes, Z. 2025. The contours of 21st-century geopolitics will become clearer in 2026. *The Economist*, 10 November. <https://www.economist.com/the-world-ahead/2025/11/10/the-contours-of-21st-century-geopolitics-will-become-clearer-in-2026> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).



Bhardwaj, A. 2026. America First rising: the strategic shift in U.S. foreign policy during Trump's second term. *Foreign Affairs Forum*, 16 Januarie. <https://www.faf.ae/home/2026/1/16/america-first-ascendant-the-strategic-transformation-of-us-foreign-policy-under-trumps-second-administration> (18 Januarie 2026 geraadpleeg).

Bolton, A. 2026. Hawley changes stance on war powers resolution after Trump backlash. *The Hill*, 14 Januarie. <https://thehill.com/homenews/senate/5689193-hawley-republican-venezuela-bill/mlite/> (14 Januarie 2026 geraadpleeg).

Bradley, C. en J. Goldsmith. 2024. Foreign affairs, non-delegation, and the major questions doctrine. *University of Pennsylvania Law Review*, 172:1743–801.

Brooks, E. en S. Kochi 2026. House fails to override 2 Trump vetoes as Republicans back president. *The Hill*, 8 Januarie. <https://thehill.com/homenews/house/5679733-house-trump-veto-override-fails/> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Carothers, T. 2025. Actually, Trump has a coherent vision. *Foreign Policy*, 29 Mei. <https://foreignpolicy.com/2025/05/29/trump-us-maga-republican-politics-economy-foreign-policy-culture-society> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Charai, A. 2026. Peace through strength in Venezuela – and the world. *The National Interest*, 3 Januarie. <https://nationalinterest.org/feature/peace-through-strength-in-venezuela-and-the-world> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Cohen, E. 2019. Trump's character betrays him. *The Atlantic*. 24 Oktober 2019. <https://www.theatlantic.com/ideas/archive/2019/10/trumps-character-threat-foreign-policy/600616> (15 Februarie 2026 geraadpleeg).

—. 2026. Whatever this is, it is not strategy. *The Atlantic*. 29 Januarie. <https://www.theatlantic.com/ideas/2026/01/unserious-national-defense-strategy/685784> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Dettmer, J. 2025. Trump's new strategy marks the unraveling of the Western alliance. *Politico*, 8 Desember. <https://www.politico.eu/article/donald-trump-national-security-strategy-europe> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Doherty, E. 2025. Trump draft executive order would make sweeping changes to the U.S. State Department. *CNBC*, 20 April. <https://www.cnn.com/2025/04/20/trump-state-department-rubio-executive-order-draft.html?msockid=329ad9c667cf68b2012ccd5366cf69fd> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Editorial. 2025. How the Trump administration learned to love foreign aid. *The Economist*, 2 Oktober. <https://www.economist.com/finance-and-economics/2025/10/02/how-the-trump-administration-learned-to-love-foreign-aid> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Eikenberry, J. 2017. The plot against American foreign policy. *Foreign Affairs*, [https://gji3.scholar.princeton.edu/sites/g/files/toruqf2666/files/gji3/files/may-june\\_2017\\_foreign\\_affairs.pdf](https://gji3.scholar.princeton.edu/sites/g/files/toruqf2666/files/gji3/files/may-june_2017_foreign_affairs.pdf).



Eksteen, R. 2019b. Die uitwerking van binnelandse aangeleenthede op buitelandse beleid, met spesifieke verwysing na hedendaagse gebeure in die Verenigde State van Amerika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(3):398–412. <https://doi.org/10.17159/2224-7912/2019/v59n3a6>.

Ero, C. en R. Atwood. 2025. Ten conflicts to watch in 2026. Crisis Group, 31 Desember. <https://www.crisisgroup.org/visual-explainers/ten-conflicts-2026> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

—. 2026. Trump and the dangers of spheres of influence. *Time*, 10 Januarie. <https://time.com/7344540/trump-venezuela-maduro-sphere-of-influence/> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Fadel, L. en O. Manuel. 2025. 3 thoughts on Trump's foreign policy from an expert critical of U.S. intervention. NPR, 25 Februarie. <https://www.npr.org/2025/02/25/nx-s1-5306874/foreign-policy-expert-stephen-walt-discusses-americas-shifting-alliances> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Filkins, D. 2026a. How Marco Rubio went from “Little Marco” to Trump's foreign-policy enabler. *The New Yorker*, 12 Januarie. <https://www.newyorker.com/magazine/2026/01/19/marco-rubio-profile> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

—. 2026b. Power trip: *New Yorker*, 19 Januarie. <https://www.zinio.com/za/article/the-new-yorker/january-19-2026-i669127/contributors-a1> (19 Januarie 2026 geraadpleeg).

Foreign Policy Staff. 2025. The winners and losers of Trump's new foreign policy. *Foreign Policy*, 24 Desember. <https://foreignpolicy.com/2025/12/24/trump-countries-china-venezuela-saudi-africa-argentina/> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Foy, H. en R. Milne. 2026. Nato silence on Donald Trump's Greenland threats rattles European allies. *Financial Times*, 10 Januarie. <https://www.ft.com/content/d2974417-172f-43f9-a5d5-9f4da48668ae?syn-25a6b1a6=1> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Fritze, J. 2026. Supreme Court rules that Trump's sweeping emergency tariffs are illegal. CNN, 20 Februarie. <https://edition.cnn.com/2026/02/20/politics/supreme-court-tariffs> (20 Februarie 2026 geraadpleeg).

Fritze, J. en T. Luhby. 2025. Supreme Court backs Trump's effort to dramatically reshape federal government for now. CNN, 8 Julie. <https://edition.cnn.com/2025/07/08/politics/supreme-court-trump-rifs> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Froman, M. 2025. A look back at 2025: the year in foreign policy. Council on Foreign Relations, 19 Desember. <https://www.cfr.org/article/look-back-2025-year-foreign-policy> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

—. 2026. After the Supreme Court ruling, what is next for Trump's tariffs? The Council on Foreign Relations, 20 Februarie. <https://www.cfr.org/articles/after-the-supreme-court-ruling-what-is-next-for-trumps-tariffs> (25 Februarie 2026 geraadpleeg).

Ganchev, I. 2025. Trump's new foreign policy: strategic repositioning in a multipolar world. Centre for Regional Integration, 24 Maart. <http://regionalintegration.org/trumps-new-foreign-policy-strategic-repositioning-in-a-multipolar-world> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Garicano, L. 2025. Strategic autonomy for Europe requires economic growth. Centre for Economic Policy Research, 4 September. <https://cepr.org/voxeu/columns/strategic-autonomy-europe-requires-economic-growth> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Gilboa, E. 2019. The impact of social media on diplomacy: from information to action. *The Hague Journal of Diplomacy*, 14(2):178–201.

Greene, C. 2026. Trump Administration will suspend visa processing from 75 countries, extending crackdown on legal immigration. *Time*, 14 Januarie. <https://time.com/7346329/trump-immigration-visa-processing-pause> (15 Januarie 2026 geraadpleeg).

Haas, L. 2026. The dangers of Donald Trump's ad hoc foreign policy. *The National Interest*, 9 Januarie. <https://www.afpc.org/publications/articles/the-dangers-of-donald-trumps-ad-hoc-foreign-policy> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Hagen, L. 2026. How CT's Jim Himes navigates Congress in "unprecedented" Trump era. Connecticut Public Radio, 12 Januarie. <https://www.ctpublic.org/news/2026-01-12/jim-himes-ct-intelligence-committee-trump-congress> (14 Januarie 2026 geraadpleeg).

Howe, A. 2026. Supreme Court strikes down tariffs. SCOTUSblog, 20 Februarie. <https://www.scotusblog.com/2026/02/supreme-court-strikes-down-tariffs> (21 Februarie 2026 geraadpleeg).

Hutchison, H. 2026. Scott Bessent lays out future of Trump's tariffs, trade deals. *The Daily BS*, 22 Februarie. <https://thedailybs.com/2026/02/22/scott-bessent-lays-out-future-of-trumps-tariffs-trade-deals/> (28 Februarie 2026 geraadpleeg).

Jones, E. 2026. Solidarity is a must for Europe to ensure its own security. *Strategic Europe*, 8 Januarie. <https://carnegieendowment.org/europe/strategic-europe/2026/01/solidarity-is-a-must-for-europe-to-ensure-its-own-security?lang=en> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Joumaa, A. 2026. Analysis – Trump's foreign policy message in a nutshell: "We can reach you". *Aljazeera*, 3 Maart. <https://www.aljazeera.com/news/2026/3/3/analysis-trumps-foreign-policy-message-in-a-nutshell-we-can-reach-you> (6 Maart 2026 geraadpleeg).

Katz, M. 2025. The Mearsheimer logic underlying Trump's National Security Strategy. *E-International Relations*, 19 Desember. <https://www.e-ir.info/2025/12/19/opinion-the-mearsheimer-logic-underlying-trumps-national-security-strategy> (26 Maart 2026 geraadpleeg).

Keith, T. en S. Pfeiffer. 2025. A look at President Trump's foreign policy 6 months into his second administration. NPR, 21 Julie. <https://www.npr.org/2025/07/21/nx-s1-5471311/a-look-at-president-trumps-foreign-policy-6-months-into-his-second-administration> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Kissinger, H. 1966. Domestic structure and foreign policy. *Daedalus*, 95(2):501–26.

Klueter, S. 2025. Trump's social media: a comprehensive overview. *Co-operative Food Magazine*, 23 Augustus. <https://magazine.co-operativefood.co.uk/blog/trumps-social-media-a-comprehensive> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Kreutzer, P. 2025. Ten principles of operational diplomacy: a framework. Association for Diplomatic Studies and Training. <https://adst.org/ten-principles-of-operational-diplomacy-a-framework> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Kupchan, C. en P. Trubowitz. 2025. A middle way for American foreign policy. *Foreign Affairs*, 31 Desember. <https://www.foreignaffairs.com/united-states/middle-way-american-foreign-policy> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Lamont, M., B. Park en E. Ayala-Hurtado. 2017. Trump's electoral speeches and his appeal to the American white working class. *British Journal of Sociology*, 68 (S1):S153–S180. <https://dash.harvard.edu/entities/publication/73120379-469b-6bd4-e053-0100007fdf3b> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Leader. 2025a. Trump is a revolutionary. Will he succeed? *The Economist*, 24 April. <https://www.economist.com/leaders/2025/04/24/trump-is-a-revolutionary-will-he-succeed> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

—. 2025b. Donald Trump is unpopular. Why is it so hard to stand up to him? *The Economist*, 4 September. <https://www.economist.com/leaders/2025/09/04/donald-trump-is-unpopular-why-is-it-so-hard-to-stand-up-to-him> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Lissner, R., D. Sacks e.a. 2025. Unpacking a Trump twist of the National Security Strategy. *Council on Foreign Relations*, 6 Desember. <https://www.cfr.org/articles/unpacking-trump-twist-national-security-strategy> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Miklovis, C. 2025. A fractured EU navigates a 2nd Trump term. *The World Mind*, 31 Januarie. <https://www.theworldmind.org/briefing-archive/a-fractured-eu-navigates-a-2nd-trump-term> (7 Februarie 2026 geraadpleeg).

Mitchell, E. 2026. Senate shoots down Iran war powers measure. *The Hill*, 24 Maart. <https://thehill.com/homenews/senate/5799286-iran-war-powers-resolution-defeated/> (26 Maart 2026 geraadpleeg).

Moroses, D. 2025. Authority for emergency tariffs poses puzzle for justices. *LAW360*, 3 September. <https://www.law360.co.uk/articles/2383519/authority-for-emergency-tariffs-poses-puzzle-for-justices> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Nerozzi, D. en E. Stokols. 2025. Inside Trump's small national security team. *Politico*, 7 Desember. <https://www.politico.com/news/2025/12/07/the-small-team-running-trumps-foreign-policy-00679802>. (12 Desember 2025 geraadpleeg).

- O'Hanlon, M. 2026. The illusion of isolationism. *Foreign Affairs*, 5 Januarie. <https://www.foreignaffairs.com/united-states/illusion-isolationism> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Perron, N. 2025. What's Plan B? Rebuilding foreign policy in response to the predatory policies of the Trump Administration. *Network for Strategic Analysis*, 7 Julie. <https://ras-nsa.ca/whats-plan-b-rebuilding-foreign-policy-in-response-to-the-predatory-policies-of-the-trump-administration> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).
- Princewill, N. 2025. Trump wants to talk business with Africa in hopes of countering China. CNN, 9 Julie. <https://edition.cnn.com/2025/07/09/africa/trump-african-leaders-summit-intl> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).
- Ramirez, S. 2026. Europe's crisis of self-confidence: a call for renewal. *The Guardian*, 13 Januarie. <https://www.theguardian.com/commentisfree/2026/jan/12/the-guardian-view-on-europes-crisis-of-self-confidence-a-new-mindset-needed-for-new-times> (14 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Roa, C. 2026. Trump's National Security Strategy signals the start of imperial America. The Institute for Peace & Diplomacy, 6 Januarie. <https://peacediplomacy.org/2026/01/06/donald-trumps-national-security-strategy-signals-the-start-of-imperial-america> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).
- Roberts, W. 2025. Trump versus the judiciary. *American Bar Association*, 23 Julie. <https://www.ibanet.org/Trump-versus-the-judiciary> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).
- Ross, A. en D. Rivers. 2018. Discursive deflection: Accusation of "fake news" and the spread of mis- and disinformation in the tweets of President Trump. *Social Media + Society*, 4(2):1–12.
- Sakellariadis, J. 2025. Senior House Dem offers rare praise for Trump. *Politico*, 15 Mei. <https://www.politico.com/news/2025/05/15/jim-himes-trump-middle-east-00351854> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).
- Salama, V. 2026. The end of diplomacy. *The Atlantic*, 24 Februarie. <https://www.theatlantic.com/national-security/2026/02/trump-diplomacy-state-department-washington/686126/> (25 Februarie 2026 geraadpleeg).
- Samuels, B. 2025. Trump fills end of 2025 with foreign policy. *The Hill*, 30 Desember. <https://thehill.com/homenews/administration/5665946-trump-foreign-policy-focus/> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Sarwari, N. 2026. U.S. Senate once again rejects bid to limit Trump's war powers on Iran. *OMID Radio*, 25 Maart. <https://omidradio.com/en/2026/03/25/u-s-senate-once-again-rejects-bid-to-limit-trumps-war-powers-on-ira> (27 Maart 2026 geraadpleeg).
- Shiffrinson, J., E. Ashford, B. Crandall e.a. 2025. U.S. Foreign Policy surprises in 2025. Center for International and Security Studies at Maryland (CISSM), University of Maryland. 30 Desember 2025. <https://cissm.umd.edu/research-impact/publications/us-foreign-policy-surprises-2025> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Stanton, J. 2025. US Supreme Court ponders the balance of power – and sides with President Trump. *The Conversation*, 2 Julie. <https://theconversation.com/us-supreme-court-ponders-the-balance-of-power-and-sides-with-president-trump-260258> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Stepansky, J. 2026. Maduro abduction shows influence, limits of US Secretary of State Rubio. *Aljazeera*, 6 Januarie. <https://www.aljazeera.com/news/2026/1/6/maduro-abduction-shows-influence-limits-of-us-secretary-of-state-rubio> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Stokols, E. 2025. “This is shattering”: Europe reels from Trump’s new world order. *Politico*, 23 Desember. <https://www.politico.com/news/2025/12/23/this-is-shattering-europe-reels-from-trumps-new-world-order-00703927> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Suter, T. 2026. Top House Intelligence democrat labels Venezuela operation “imperial adventure”. *The Hill*, 4 Januarie. <https://thehill.com/policy/defense/5672146-venezuela-operation-himes-criticis> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Talbot, M. 2026. Under threat. *The New Yorker*, 19 Januarie. <https://www.magzter.com/stories/culture/The-New-Yorker/UNDER-THREAT> (25 Januarie 2026 geraadpleeg).

Tama, J. 2025. Congress can check the president on foreign policy – even under Trump. Emissary – Carnegie Endowment for International Peace, 30 Januarie. <https://carnegieendowment.org/emissary/2025/01/trump-congress-foreign-policy-check?lang=en> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Tanis, T. 2025. President Trump can continue to withhold billions in foreign aid, court rules. NPR, 13 Augustus. <https://www.npr.org/sections/goats-and-soda/2025/08/13/nx-s1-5501666/trump-administration-foreign-aid> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Torossian, R. 2025. President Trump’s communications strategy: possible insight. *O’Dwyer’s*, 16 Januarie. <https://www.odwyerpr.com/story/public/22407/2025-01-16/president-trumps-communications-strategy-possible-insight.html> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Torpey, J. 2025. Trump’s second term and Europe. *International Horizons*, 13 Februarie. <https://ralphbuncheinstitute.org/trumps-second-term-and-europe> (18 Februarie 2026 geraadpleeg).

United States. 2026. Marco Rubio, the chameleon in the war room. *The Economist*, 23 Maart. <https://economist.com/united-states/2026/03/23/marco-rubio-the-chameleon-in-the-war-room> (28 Maart 2026 geraadpleeg).

Waldman, T. 2026. What Thucydides could really teach Trump. *Survival*, 68(1):149–58.

Waterhouse, B. 2017. Donald Trump: Foreign Affairs. UVA – Miller Center, 11 April. <https://millercenter.org/president/trump/foreign-affairs> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Wither, J. 2026. Making sense of hybrid warfare. *Connections: The Quarterly Journal*, 15(2):73–87.

Zurcher, A. en T. Geoghegan. 2025. Has Trump kept his day one promises? BBC, 23 Februarie. <https://www.bbc.com/news/articles/crlx8w5wdl0o> (6 Maart 2026 geraadpleeg).

***Hofsake, wetgewing, Withuis, staatsdepartemente en ander***

America First policy directive to the secretary of state. 2025. The White House, 20 Januarie. <https://www.whitehouse.gov/presidential-actions/2025/01/america-first-policy-directive-to-the-secretary-of-state> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

Executive Order 14199. 2025. Withdrawing the United States from and ending funding to certain United Nations Organizations and reviewing United States support to all international organizations. Federal Register, 10 Februarie. <https://www.federalregister.gov/documents/2025/02/10/2025-02504/withdrawing-the-united-states-from-and-ending-funding-to-certain-united-nations-organizations-and> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

*Haig v. Agee*, 1981. 453 U.S. 280.

*Harisiades v. Shaughnessy*, 1952. 342 U.S. 580.

International. 2025. Trumpworld thinks Europe has betrayed the West. *The Economist*, 2 Desember. <https://www.economist.com/international/2025/12/02/trumpworld-thinks-europe-has-betrayed-the-west> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

International Emergency Economic Powers Act. 1977. <https://www.congress.gov/crs-product/R45618> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

*Learning Resources, Inc. v. Trump*, 607 U.S. 2026.

Lexington. 2026. The radical honesty of Donald Trump. *The Economist*, 7 Januarie. <https://www.economist.com/united-states/2026/01/07/the-radical-honesty-of-donald-trump> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Pillar VI. 2025. Establish an America First Foreign Policy. *America First AGENDA*, 2025. <https://agenda.americafirstpolicy.com/strengthen-leadership/establish-an-america-first-foreign-policy> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Press Statement. 2025. Announcement of actions to combat the Global Censorship-Industrial Complex. State Department, 23 Desember. <https://www.state.gov/releases/office-of-the-spokesperson/2025/12/announcement-of-actions-to-combat-the-global-censorship-industrial-complex> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Quinnipiac University. 2025. Voters give democrats in Congress a record low job approval but still might vote for them in 2026, Quinnipiac University National Poll finds; Majority think Trump's use of Presidential power goes too far. National Poll, 17 Desember. <https://poll.qu.edu/poll-release?releaseid=3943> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Reuben, A. 2025. Why Trump is targeting Spain over Nato spending. BBC, 24 Junie. <https://www.bbc.com/news/articles/ckg3082d3ero> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).



Rubio, M. 2025. Secretary of State Marco Rubio remarks to the press. U.S. Department of State, 17 November. <https://www.state.gov/releases/office-of-the-spokesperson/2025/11/secretary-of-state-marco-remarks-to-the-press> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

—. 2026. Ending the charade of wasteful international organizations. State Department, 10 Januarie. <https://statedept.substack.com/p/ending-the-charade-of-wasteful-international> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

State Department. 2026. This is our hemisphere. Post, X, 5 Januarie. <https://x.com/StateDept/status/2008221563888292207> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

Trump, D. 2026. State of the Union Address. *WTOP News*, 24 Februarie <https://wtop.com/news/2026/02/read-the-complete-transcript-of-trumps-2026-state-of-the-union/> (28 Februarie 2026 geraadpleeg).

Trump v. V.O.S. Selections, Inc. 2025. Petition for a Writ of Certiorari. <https://www.documentcloud.org/documents/26082939-tariff-vos-selections-cert-petition/?mode=document> (12 Januarie 2026 geraadpleeg).

US Senate approves cutting billions in foreign aid as Trump demands. 2025. *Aljazeera*, 7 Julie. <https://www.aljazeera.com/news/2025/7/17/us-senate-approves-cutting-billions-in-foreign-aid-as-trump-demands> (9 Oktober 2025 geraadpleeg).

White House. 2025a. President Trump is leading with peace through strength. White House Newsletter, 4 Maart. <https://www.whitehouse.gov/articles/2025/03/president-trump-is-leading-with-peace-through-strength> (8 Maart 2026 geraadpleeg).

—. 2025b. National Security Strategy of the United States of America, November 2025. White House Publication, 4 November. <https://www.whitehouse.gov/wp-content/uploads/2025/12/2025-National-Security-Strategy.pdf>.

—. 2026. President Trump's peace through strength: Renewed American leadership and global security. The White House, 14 Februarie. <https://www.whitehouse.gov/articles/2026/02/president-trumps-peace-through-strength-renewed-american-leadership-and-global-security> (18 Februarie 2026 geraadpleeg).

# **Toepassing van Donald Trump se “Amerika Eerste”-leerstelling op die VSA se buitelandse beleid: Deel 2 – Gevallestudies**

**Riaan Eksteen**

---

Riaan Eksteen, navorsingsgenoot, Departement Politieke Studie en Regeerkunde,  
Universiteit van die Vrystaat

---

## ***Opsomming***

*Let asseblief daarop dat die afsnydatum vir voorvalle en ontledings met betrekking tot albei dele van hierdie tweedelige referaat 31 Maart 2026 was.*

President Donald Trump se verkiesingslagspreuk “Amerika Eerste” het in ’n leerstelling oorgegaan. Die VSA se buitelandse beleid word heroriënteer om eng-gedefinieerde nasionale belange te bevorder. Die Nasionale Veiligheidsstrategie van 2025 en Nasionale Verdedigingsstrategie van 2026 kodifiseer hierdie benadering. Saam wysig hierdie dokumente die eens grootliks retoriese slagspreuk in ’n gestruktureerde program wat prioriteite, instrumente en streekshiërargieë volgens die VSA se staatsmanskap hervorm. Begrippe van gedeelde waardes word met transaksionele samewerking vervang, veral met betrekking tot alliansies en internasionale organisasies. So word beginsels onderskryf wat buitelandsebeleidsgedrag direk dikteer. ’n Tweede sleutelbeginsel is ’n gefokuste definisie van nasionale belange wat alle buitelandsebeleidstoepassings oorheers. In streeksterme is die Amerika Eerste-leerstelling verantwoordelik vir die harde interpretasie van die Monroe-leerstelling en toepassing in die Westelike Halfrond.

Hierdie klemverskuiwing en nuwe fokus word direk aan ’n meer selektiewe benadering elders gekoppel. In Europa bevraagteken die strategie tradisionele veiligheidswaarborges van die VSA en eis dit groter lasdeling binne Navo. Dit alles weerspieël ’n verskuiwing van kollektiewe verdediging as ’n gedeelde onderneming na ’n stel afsonderlike ooreenkomste. Multilaterale instellings word onderskryf slegs waar hulle die VSA se mag versterk of help om “Amerika Eerste” se prioriteite in werking te stel. Waar hulle egter die VSA se outonomie beperk, dui die strategieë op ’n bereidwilligheid om hulle opsy te skuif of te omseil.

Albei die strategieë dui op besliste afwykings van voriges en vervang die bou van liberale ordes met 'n soewereiniteitsgesentreerde raamwerk wat minder klem op gedeelde demokratiese waardes plaas. Elkeen van die gevallestudies wat behandel word, bevestig hierdie nuwe benadering van Trump tot buitelandse aangeleenthede en wat daarmee tot voordeel van die VSA moet strek.

**Trefwoorde:** Afrika; Amerika Eerste; Brics; China; Europa; Europese Unie; G20; Gaza; Groenland; Indië; Iran; Japan; Kuba; Navo; Oekraïne; Rusland; Mark Rutte; sanksies; Suid-Afrika; tariewe; Donald Trump; veiligheidstrategie; Venezuela; verdedigingstrategie; Verenigde Nasies; Vredesraad; Westelike Halfrond

### *Abstract*

#### **Application of President Donald Trump's doctrine of "America First" to the foreign policy of the USA: Part 2 – Case studies**

*Please note at the outset that the cut-off date for incidents and analysis relating to both parts of this two-part paper was 31 March 2026.*

President Trump's foreign policy has developed from an "America First" ideology that encompasses both isolationism and interventionism, depending on the situation. This approach marks a pivotal shift toward prioritising the economic and security interests of the USA through transactional diplomacy. His National Security Strategy and Defense Strategy together convert the formerly predominantly rhetorical and electioneering phrase into a systematic programme that redefines goals, tools, and geographic hierarchies in the statecraft of the USA. The Security Strategy institutionalises "America First" as a sovereignty-focused doctrine that restricts the USA's involvement to essential national interests and dismisses previous broad liberal-internationalist aspirations, focusing on states that uphold political, economic, and cultural sovereignty which must be safeguarded against supranational limitations and encroaching multilateral frameworks.

This conceptual change redefines the fundamental objective of foreign policy as safeguarding national security, enhancing economic competitiveness, maintaining technical supremacy, and ensuring advantageous regional power dynamics, rather than advocating for universal democratic principles. Consequently, Trump unashamedly promotes economic security, military strength and transactional diplomacy over multilateral commitments. Since the beginning of his second term in January 2025, he has reshaped global relations through tariffs, demands for burden-sharing, and selective interventions. The America First policy rejects globalism, focusing on fair trade deals and allies' contributions, and countering rivals, such as China. It blends isolationism with assertive actions, such as threats and bilateral pacts, to protect the country's interests. Unlike his predecessors' emphasis on alliances and institutions, Trump sidelines multilateralism in favour of direct negotiations. This approach fosters peace through strength, as seen in Nato spending hikes and in stabilising regions through deals.

By April 2026 it will have enhanced the USA's leverage but heightened multipolar tensions. Trade deals with Japan, India and others reduce deficits and protect jobs through tariffs. Demands by the USA have eroded trust in Europe and Nato, risking a breakdown of the

coalition and alienating allies. Trump's aggressive tariffs and threats provoke retaliation and instability, while his personal style leads to credibility gaps and inconsistent actions, and often to uncontrolled outbursts. Trump views Brics as "anti-American", threatening 10% tariffs on aligned nations to curb their challenge to the dominance of the USA. Against China he escalates tariffs and restricts technology transfers, and disrupts oil supplies from partners like Iran and Venezuela, aiming to weaken Beijing's global reach. His policy towards Cuba reimposes terrorism sponsor status and tightens embargoes to pressure regime change. In Venezuela, covert operations target Maduro, potential strikes securing oil, and blocking Chinese and Russian influence per the revived Monroe Doctrine. Furthermore, the USA commenced military operations against alleged drug vessels from Venezuela in the Caribbean in September 2025. The principal declared objective was to impede drug trafficking organisations and prevent drugs from entering the USA.

Trump demands 5% GDP defence spending from Nato allies, crediting his pressure for the 2025 Hague Summit hike from 2%. He questions Article 5 commitments under the Nato treaty and, disillusioned by allies' refusal to join his military actions against Iran, he threatened withdrawal from the alliance. He pushes for bilateral trade with the United Kingdom and the European Union, with the counter that investments be made in the USA. He pressures Denmark over Greenland through tariffs. These actions have resulted in Europe's shifting toward self-reliance, fostering European autonomy and a pushback against rivals. A strong pro-Israel stance includes Gaza peace plans with relocation proposals and obliteration threats to Hamas. The Board of Peace he established seeks to oversee Gaza's peace initiative, enhance global stability, and synchronise international efforts, perhaps competing with the United Nations in conflict resolution. In the wake of the USA-Israel conflict with Iran, the Board of Peace's commitment to regional stability is facing heightened examination. The changing regional dynamics have specific ramifications for the Gaza peace effort. Iran faces strikes on nuclear and oil sites, death to several high-ranking leaders, and infrastructure threats unless it capitulates. Aid cuts to South Africa protest land reforms, labelling aspects of certain laws as discriminatory and disapproving of anti-Israel actions. Ties with India are strengthened by praising Modi. Japan signs trade deals worth \$550 billion and mutual tariffs. On Russia and Ukraine, Trump pivots to aid, sanctions and cease-fire proposals. By April 2026, he has redefined power dynamics, promoting the USA's prosperity amid multipolar tensions.

One of the most difficult problems in contemporary international politics and diplomacy is how to approach and deal with the new Washington under Trump's leadership without incurring his wrath. He has already reshaped US foreign policy in this term, disrupting the world with tariffs, downgrading alliances, belittling partners, and seeking confrontation with adversaries. Sometimes it is chaotic and often unpredictable. Several political scientists regard Trump as dangerous and ill-prepared to act on the international stage. Others define his actions as strategic and purposeful. All these developments indicate that when geopolitics is played properly, there are significant geostrategic consequences.

These consequences are undeniably attributable to Trump's approach to, and handling of, foreign policy, guided by his unwavering belief in the "America First" principle. For Trump, nothing, not even peace, transcends his aggressive transactionalism, utilising tariffs as leverage and financial instruments in his foreign policy decisions, all aimed at achieving America First objectives. Even if Trump partially succeeds in executing his policies, the globe will appear altered. His actions against Iran already demonstrate this. The next seven months will be a

pivotal period that will determine whether his novel foreign-relations strategy yields enduring successes or exacerbates global instability.

**Keywords:** Africa; America First; Board of Peace; Brics; China; Cuba; defence strategy; Europe; European Union; G20; Gaza; Greenland; India; Iran; Japan; Nato; Russia; Rutte; sanctions; security strategy; South Africa; tariffs; Trump; Ukraine; United Nations; Venezuela; Western Hemisphere

## 1. Inleiding

“Amerika Eerste” is tans die allesoorheersende leerstelling wat die kern van die VSA se buitelandse beleid vorm terwyl die Nasionale Veiligheidstrategie (NVS – National Security Strategy 2025) die rigtingwyser is waarmee beoog word om buitelandsebeleidsdoelwitte te bereik. In die eerste artikel is aspekte daarvan behandel. Om egter gewig aan die gevallestudie(s) te verleen wat in hierdie artikel bespreek word, moet die inhoud van die NVS breedvoerig ontleed word, asook toepaslike gedeeltes uit die jongste Nasionale Verdedigingstrategie (National Defense Strategy 2026). Hiermee word die optredes teen die state en instellings wat in die ondersoek bespreek word, in die konteks van hierdie strategie en “Amerika Eerste” geplaas.

Die NVS kodifiseer veral “Amerika Eerste” se realisme deur aandag te vestig op lewensbelangrike nasionale belange met die klem op ekonomiese vooruitgang, ’n gemoderniseerde Monroe-leerstelling in die Westelike Halfrond, ’n onvergenoegdheid met Europa en van sy leiers, asook met China, en die wegbeweeg van post-Koue Oorlog-sienings. Met hierdie uitgangspunte word multilaterisme, alliansiebestuur en die liberale orde verwerp. Hierdie leerstelling prioritiseer nasionale soewereiniteit en ware selfbeskikking bo die globale integrasie waardeur die afgelope 30 jaar gedefinieer is (Bell 2025). Verdedigingstrategiedokumente, presidensiële beleidsriglyne, uitvoerende bevele en kongresbesluite vorm tesame hiermee buitelandsebeleidsgedrag. Die NVS is dus ’n sentrale, maar nie ’n eksklusiewe rigtingwyser nie (Robbins 2025).

Ontleders beklemtoon dat die NVS wegbeweeg van reëlgerigte-orde-retoriek en eerder isolasie, selektiewe betrokkenheid en beskerming van die Westerse beskawing regverdig as die manier om die nasionale belange van die VSA te bevorder, wat aansluit by Amerika Eerste-retoriek en Trump se verkiesingsbeloftes. Vir ontleding- en gevallestudiedoeleindes is dit noodsaaklik om “Amerika Eerste” te behandel as die organiserende leerstelling van die VSA se huidige buitelandse beleid en die NVS as die primêre programmatiese uitdrukking van daardie leerstelling op die vlak van verklaarde strategie. Vir hierdie beleidsgerigte artikel is kwalitatiewe beleidsontleding- en gevallestudieprotokolle gevolg wat stappe vir data-insameling, kodering en afleiding in openbare beleid en buitelandsebeleidsnavorsing spesifiseer. Die belangrikste onderwerpe word behandel, waaronder ook dié wat wêreldwye aandag geniet het of steeds die onderwerp van groot belangstelling is. Hierdie gevalle word aangebied om variasie te toon in hoe die Amerika Eerste-vertrekpunt toegepas word. Hiervoor is primêre tekste gebruik, soos presidensiële toesprake, memorandumms en verklarings waarin uitdruklik verklaar word dat in alles wat gedoen word, die VSA en die land se belange eerste gestel word. Bykomend hiertoe is uitvoerende bevele, amptelike buitelandsebeleidsdokumente en mediaverklarings met reaksies in die VSA en die buiteland. Trump se memorandumms gee aan departemente soos die Tesourie, Buitelandse Sake,

Verdediging en Handel opdragte om uitgaande en inkomende beleggingsondersoeke te laat ooreenstem met die Amerika Eerste-benadering van nasionale belange en veiligheid. Riglyne word gegee oor handel, tariewe, migrasie en alliansies wat in die besonder na “Amerika Eerste” verwys wanneer veranderinge aan bestaande verbintenisse regverdig word. Dit is waardevol om na te spoor hoe die leerstelling in ekonomiese staatsinstrumente omskep word met betrekking tot buitelandse hulp, sanksies, streeksveiligheidsinstrumente en organisasies soos die Europese Unie (EU), Navo, Brics en G20. Dit is ook belangrik om ag te slaan op die Amerika Eerste-beleggingsbeleid wat Trump op 21 Februarie 2025 uitgereik het as ’n nasionaleveiligheidsgerigte beleggingsraamwerk. Tariewe is Trump se gunstelingmaatreël teen state wat volgens hom die VSA uitbuit en teen die nasionale belange van die VSA optree (The White House 2025). In hierdie geval word Indië bespreek, wat erg onder hierdie tariefroede deurloop.

Sekondêre ontledings, soos akademiese artikels wat reeds kwalitatiewe en ontledende metodes gebruik, is ook geraadpleeg. Omdat verwikkelinge in verskeie van die sleutelgebeure mekaar vinnig en byna daaglik opvolg, is sterk op gepubliseerde artikels in toonaangewende hoofstroommedia gesteun. Vir hierdie kwalitatiewe gevallestudie is almal as kerntekste beskou. ’n Verskeidenheid bronne is geraadpleeg om die gevalle wat hierna volg, soos Rusland, Oekraïne, China, Japan, Afrika, G20, Suid-Afrika, Iran, Venezuela, Kuba en Groenland, te bespreek.

## 2. Nasionaleveiligheidstrategie (NVS)

Die Nasionaleveiligheidstrategie (NVS) funksioneer as dokument wat die Amerika Eerste-leerstelling in prioriteite omskep. So dui “Amerika Eerste” op ’n versameling nasionalistiese en belanggedrewe beleidsmaatreëls wat die VSA se veiligheid, sukses, soewereiniteit en nasionale belange voorop stel (Prajapati 2025).

Statutêr is die NVS ’n dokument wat deur die president uitgereik word en wat nasionale belange, bedreigings en breë beleidsriglyne identifiseer. Dikwels word die strategie in akademiese en dinkskrumkommentaar beskryf as ’n kompas of rigtinggewende raamwerk vir buitelandse en veiligheidsbeleid tydens ’n gegewe administrasie. Die NVS van November 2025 is op 4 Desember 2025 uitgereik (National Security Strategy 2025). Dit is belangrik om aandag te gee aan die NVS se tersaaklikheid en toepassing op die VSA se buitelandse beleid. Voordat daar na gevallestudies gekyk word, is dit noodsaaklik om die kernpunte daarvan aan te dui en die oorhoofse belangrikheid hiervan vir buitelandse beleid te ondersoek aan die hand van hoe verskeie state, wêrelddele en organisasies hierdeur geraak word.

Met hierdie NVS het die VSA sy grootste buitelandsebeleidsverskuiwing sedert 1945 aangekondig. Die kernpunte in die dokument word vervolgens gegee terwyl daar in die gevallestudies op elke aspek daarvan uitgebrei word. Die Monroe-leerstelling is ’n sentrale pilaar van hierdie strategie. Die doelwit daarvan is om meer op die VSA en die Westelike Halfrond as op ander wêrelddele, beide polities en militêr, te konsentreer. Vrye toegang tot markte in die VSA en globalisering word beëindig. Immigrasie sal streng beheer word. Industrialisering in die VSA word as baie belangrik beskou. Die VSA erken dat die buitelandse beleid wat sedert 1991 gevolg is, ’n algehele ramp was. Oor daardie tydperk het politici hulle misreken met die werklikheid dat die VSA nie oor die ware mag of die finansiële kapasiteit beskik het om die hele wêreld tevrede te hou nie. Trump maak hierdie merkwaardige verklaring in die inleiding tot die strategie: “Over the past nine months, we have brought our nation – and the world – back from the brink of disaster” (National Security Strategy 2025).



Voorts verklaar die strategiedokument dat die VSA verhoudings met lande sal volhou, selfs al het hulle verskillende politieke en sosiale strukture, solank dit in die VSA se belang is. Die uitbreiding van Navo is nie meer ter sprake nie en Europese lede moet behoorlike leierskap in die organisasie neem. Die VSA se vrygewigheid is verby en lidlande sal moet betaal indien hulle die VSA se beskerming wil hê. Europa veral word gekasty en groot ontevredenheid word uitgespreek oor die leierskap en die koers wat die vasteland en die Verenigde Koninkryk (VK) inslaan. Voorts word verklaar dat groen energie nie 'n toekoms het nie, en dat die VSA sy energiesekerheid met olie, gas, steenkool en kernkrag sal uitbou. 'n Beroep word gedoen op oorheersing deur die VSA in opkomende tegnologieë. Daar word bespiegel dat indien hierdie leierskap voortduur, Europa oor 20 jaar al sy tersaaklikheid sal verloor, want die afgelope 30 jaar het die vasteland se globale ekonomiese aandeel reeds van 25% tot 14% gedaal. China word as 'n ekonomiese mededinger en 'n bron van kwesbaarhede in die voorsieningsketting beskou. Daar word gestel dat handel met China meer gebalanseerd moet wees. Die verdediging van Taiwan sal 'n prioriteit word slegs indien al die bondgenote daarvoor betaal, en dit word tans nie as lewensbelangrik beskou nie. Die VSA wil strategiese vennootskappe met Rusland bou en handel vermeerder.

Geen noemenswaardige vermelding word van Suid- en Suidoos-Asië gemaak nie. Die behoefte word gestel dat bondgenote 'n groter rol in lasdeling in die Indiese Oseaan- en Stille Oseaan-gebiede en Europa moet aanvaar. Afrika word in die laaste gedeelte van die dokument bespreek. Hierna word later terugkeer.

Die besonderhede in die strategie kom op 'n radikale heroriëntasie van die VSA se buitelandse beleid neer en voorspel beduidende veranderinge van wat kom (Berman 2025). Die NVS voorsien 'n wêreld waarin die VSA nie meer alliansies en internasionale instellings anker, ontstaan vir demokrasie en menseregte, of poog om die globale magsbalans te handhaaf nie. Die enigste sekerheid is dat 'n historiese era tot 'n einde gekom het. Hierdie feit het die VSA se minister van handel, Howard Ludnik, uitdruklik beklemtoon tydens 'n bespreking by die jaarbyeenkoms van die Wêreld- Ekonomiese Forum (WEF) in Davos, Switserland, in Januarie 2026:

The Trump Administration and myself, we are here to make a very clear point – globalization has failed the West and the United States of America. It's a failed policy. And what we are here to say is "America First" is a different model. [...] It's important to note that America First does not mean America alone. Countries that invest in their own people make better trading partners, while those that rely on globalist fantasies and shirk responsibility create instability. (Christenson 2026)

So het ander lede in Trump se afvaardiging ook nie geskroom om onomwonde te verklaar waarom die VSA daar teenwoordig is nie. Die minister van finansies, Scott Bessent (2026), verklaar:

America First Trade, and the ways it is transforming our world. America First does not mean America alone, but free trade should be fair trade. [...] And thanks to President Trump, [and] America First's approach to rebalancing global trade, we all have the opportunity to do so.

In sy toespraak het die VSA se handelsverteenvoerder, Jamieson Greer (2026), oor die bou van 'n nuwe internasionale ekonomiese sisteem uitgebrei:

This time around, the goal of the international economic system must be to prioritize and protect national interests. [...] We cannot allow our national interests to be boxed in by outdated frameworks that no longer serve their purpose – if they ever did. [...] The United States is now moving forward to fix historic problems with historic solutions. As Americans take active steps to rebalance our own trade, our partners are free to join with us to build a new international economic system adapted to today's challenges.

Na hierdie byeenkoms in Davos is daar geen twyfel meer dat alles in die VSA se buitelandse beleid om die beginsel van “Amerika Eerste” draai nie. Enige onsekerheid daaroor is uit die weg geruim. ’n Nuwe era het begin.

Hierdie benadering voorspel die grootste heroriëntering van die VSA se buitelandse beleid sedert die begin van die Koue Oorlog 80 jaar gelede. Geo-ekonomie vervang geopolitiek. Investerings in en hulp is taboe. Fossielbrandstowwe en kernkrag word verkies bo wind-, son- en ander hernubare-energie-bronne. Klimaatsverandering wek nie kommer nie. Die nuwe prioriteite spruit voort uit verhoogde besorgdheid oor binnelandse veiligheid, die bevordering van uitdruklike nasionale belange en die uitbreiding van binnelandse pogings om dwelmhandel te stuit en onwettige immigrasie te verhoed. “The new missive accurately describes the United States as it now appears on the world stage: nakedly extractive, dismissive of friends, appeasing of adversaries” (Kirshner 2025).

Die nuwe NVS dui op die bevestiging van die VSA se oorheersing in die Westelike Halfrond en die kweek van weerstand binne Europa, terwyl die herstel van strategiese stabiliteit met Rusland beoog word en die Midde-Ooste en sy leiers aanvaar word soos hulle is. Daarom bou die strategie voort op Trump se leuse “Amerika Eerste” en toon dit ’n skerp toename in kritiek – vanaf sy administrasie – op die VSA se bondgenote en ’n breër herbelyning van die land se buitelandse beleid. In die voorwoord gaan Trump voort om die dokument te beskryf as

a roadmap to ensure that America remains the greatest and most successful nation in human history. In the years ahead, we will continue to develop every dimension of our national strength – and we will make America safer, richer, freer, greater, and more powerful than ever before. (National Security Strategy 2025)

“Amerika Eerste” funksioneer as die oorkoepelende en organisatoriese plan van die VSA se hedendaagse buitelandse beleid en verskaf die kernlogika, woordeskat en hiërargie van prioriteite. Dit verander die NVS van ’n voorheen liberale-orde-dokument na ’n plan van beginselvaste realisme wat alliansiebestuur, instellingsbou en waardebevordering ondergeskik stel aan die beskerming van die land se soewereiniteit, veiligheid en nasionale belange. Strategieë in die Trump-era omvou “Amerika Eerste” en bou gepaardgaande uitgangspunte op wat die VSA kan onderskryf en wil handhaaf. Dus is dit ’n strategie wat deur resultate en nie ideologie gelei word nie. Amptelike verduidelikings beklemtoon dat dit die plig van die regering en die hoeksteen vir effektiewe leierskap deur die VSA in die wêreld is om die VSA eerste te stel en nie mee te doen aan ’n terugval na algehele isolasionisme nie (Cordesman 2025).

Die Amerika Eerste-leerstelling word in die NVS gekenmerk deur vier rigtinggewende pilare wat die VSA se nasionale belange verteenwoordig: die beskerming van die land en die inwoners en hul lewenswyse; die bevordering van voorspoed; die behoud van vrede deur krag; en die bevordering van invloed. Elke pilaar koppel eksterne verbintenisse aan konkrete binnelandse voordele – grensveiligheid, ekonomiese groei, tegnologiese voordeel en militêre oorheersing – eerder as aan abstrakte stelselonderhoudsdoelwitte.

Die Amerika Eerste-leerstelling is belangrik vir die formulering van die NVS, omdat dit die wyse verander waarop probleme gedefinieer en gerangskik word. Bedreigings word beoordeel aan die hand van hul direkte impak op die burgery, grense en ekonomiese voorrang, eerder as aan die hand van sistemiese orde of alliansieverwagtinge. Hierdie logika verhef kwessies soos migrasie, handelswanbalanse, industriële voorsieningskettings en ekonomiese mededinging tussen groot moondhede tot die kern van nasionale veiligheid en belange. Dit hervorm ook alliansie- en instellingsbeleid. Bondgenote word as lewensbelangrik beskou, maar uitdruklik volgens lasdeling en strategiese waarde. Internasionale organisasies word onderskryf waar hulle die VSA se mag versterk, nie waar hulle bindende beperkings oplê nie. Die belangrikheid van Amerika Eerste is dus tweeledig: Dit bied 'n duidelike, belangegedrewe maatstaf vir die beoordeling van beleidskeuses en normaliseer ook 'n meer transaksionele, voorwaardelike leierskap wat vennote kan ontstel en die liberale internasionale orde wat die VSA eens voorgestaan het, kan laat verbrokkel (Lissner 2025).

Die Nasionale Verdedigingstrategie, wat enkele weke na die NVS verskyn het, maak dit duidelik dat geen buitelandse inmenging meer in die Westelike Halfrond geduld sal word nie. Die VSA is vasbeslote om beslissend op te tree wanneer sy belange bedreig word. Vir die VSA is veiligheid langs sy onmiddellike omgewing 'n geopolitieke voorvereiste om sy mag te laat geld. Daardie afskrikhouding moet nie uitsluitlik op die VSA se mag rus nie. Trump het lank reeds duidelik gemaak dat die VSA saam met sy vennote sal optree wanneer elkeen sy bydrae lewer. Die strategie weerspieël daardie werklikheid met die aandrang op groter en regverdigde lasdeling, sterker vennootskapskapasiteit en duidelike verwagtinge dat dié wat voordeel trek uit die VSA se veiligheidsamewerking, betekenisvol tot hul eie verdediging en streekstabiliteit moet bydra.

Alliances built on collective responsibility rather than reliance are stronger, more credible, and far more effective when deterrence is tested. [...] Peace is maintained when deterrence is credible, and credibility rests on the certainty that the United States will act. (Skinner 2026)

Kundiges by die Brookings Institute in Washington, D.C. het ontleed wat hierdie verskuiwing na die prioritisering van mededinging tussen groot moondhede, ekonomiese sekuriteit en een-sydige optrede vir die VSA se alliansies, verdedigingshouding en globale norme kan inhou (Anderson, Aydıntaşbaş e.a. 2025).

Wanneer die veiligheidstrategie van Trump fyner ontleed word, blyk dit dat die kernbeginsels daarin nie sommer net uit die lug gegryp is om sy wispelturigheid te verwoord nie. Henry Kissinger se beginsels van realpolitiek wat nasionale belange bo ideologie en pragmatiese magsbalans beklemtoon het, onderlê sleutelemente van hierdie strategie. Kissinger se siening dat die VSA geen permanente vriende of vyande het nie, slegs belange, word inderwaarheid onderskryf. Die VSA se soewereiniteit word voorop gestel om ekonomiese sekuriteit en selektiewe betrokkenheid van mededingers soos Rusland en China teen te werk (Haghighat 2025). Kissinger se beginsels van magsbalans, belanggedrewe diplomatie en terughoudendheid in buitelandse beleid is beduidend aanwesig, asook die klem op pragmatiese “Amerika Eerste”-benaderings bo ideologiese betrokkenheid (Viala-Gaudefroy 2025).

Dan weerspieël die NVS ook Kissinger se fokus op magsbalansdiplomatie, soos die toenadering tot Rusland om spanning met China uit te buit. Wanneer globale polisiëring en nasiebou verwerp word, word dit gedoen in ooreenstemming met Kissinger se voorspraak vir volmagte (bv. Streeksbondgenote) om veiligheidslaste te bestuur en oormatige uitbreiding van die VSA te vermy.

Slutelparallele kom ook voor wanneer die idee van kern- nasionale belange soos grensbeveiliging, tariewe en oorheersing in die Westelike Halfrond via toepassing van die Monroe-leerstelling ter sprake kom. Dit sluit aan by Kissinger se afskrikking- en skakelstrategieë. Trump se gevolgtrekking en toepassing van die Monroe-leerstelling en die vermindering van Navo se uitbreiding weerspieël Kissinger se destydse taktiek om groot moondhede (bv. die Rusland-China-belyning) deur middel van hefboomwerking eerder as konfrontasie te bestuur. Lasverdeling met bondgenote en vrede met behulp van transaksies, soos met Trump se onlangse ooreenkomste, stem ooreen met Kissinger se model vroeër om vanuit 'n posisie van mag te onderhandel – dit verwerp liberale-waardes-bevordering en klimaatagendas en bevoordeel pragmatiese realisme en ekonomiese hefboomwerking.

Kissinger se voorspraak vir realisme bo idealisme het ook nasionale belange, gevolge bo beginsels, en waardegerigte buitelandse beleid wat tot eindelose konflikte lei, geprioritiseer. Trump het Kissinger verskeie kere tydens sy verkiesingsveldtog in 2016 geraadpleeg en ook tydens sy eerste ampstermyn met hom vergader. Hy het idees gekry uit Kissinger se werke, soos *Diplomacy* wat in 1994 verskyn het, wat magsbalans en terughoudendheid ná die Koue Oorlog beklemtoon het. Dit weerspieël die NVS se verwerping van hegemonisme ná die Oorlog en fokus eerder op kernbelange soos grensveiligheid en ekonomiese oorheersing (Haghighat 2025).

In die praktyk het Kissinger swaar geleun op Navo, Europese vennote en globale instellings as instrumente van die staatsmanskap van die VSA, terwyl die NVS uitdruklik aspekte van die Europese beleid kritiseer, langtermynveiligheidsleierskap van die VSA in Europa bevraagteken, en multilaterale instellings as sekondêr tot bilaterale hefboomwerking en binnelandse sterkte beklemtoon (Kissinger 1995 en 2015).

Trump implementeer 'n strategie waarna sommige waarnemers soms verwys as 'n “omgekeerde Kissinger-strategie” (Prashad 2025). Dit is egter 'n interpretatiewe parallel eerder as 'n duidelike, formele ommekeer van 'n enkele strategie. In sy tweede termyn beoog Trump om bande met Rusland (veral met betrekking tot Oekraïne) te versterk of te normaliseer, terwyl hy 'n harder houding teenoor China openbaar deur tariewe en tegnologiese ontkoppeling en deur druk op bondgenote uit te oefen om hul afhanklikheid van Beijing te verminder (Sharifli 2026). Hierdeur word die Koue Oorlog-paradigma omgekeer. In die 1970's het Nixon en Kissinger betrekkinge met China bevorder met die doel om toe 'n meer gedugte USSR teen te werk. Nou poog Trump om Rusland te betrek sodat China geïsoleer en beperk kan word (Ritchie 2025). Trump keer daardie strategie van Kissinger nie heeltemal om nie. Nietemin het hy die fundamentele driehoekbelyning verander deur Rusland as 'n moontlike instrument teen China te beskou, wat Kissinger se logika van China teenoor die USSR weerspieël, anders stel.

In sy artikel verwysende na “Amerika Eerste” en waarin hy die NVS bespreek, voer Kim Darroch, 'n voormalige ambassadeur van die VK in Washington, D.C. gedurende Trump se eerste termyn, aan dat baie elemente van Trump se huidige buitelandse beleid duidelik ooreenstem met vroeëre tradisies van die VSA wanneer dit by unilateralisme, hardkoppige nasionalisme en skeptisisme teenoor alliansies kom, selfs al is die President se retoriek buitengewoon kru. Hy merk verder op dat temas soos lasverdelingsdruk op bondgenote in Navo, eise vir beter handelsvoorwaardes, en 'n bereidwilligheid om tariewe en sanksies te gebruik, alles beleids-optredes weerspieël van presidente so uiteenlopend soos Andrew Jackson, Theodore Roosevelt, Richard Nixon en Ronald Reagan, wat Trump se benadering meer radikaal in toon as in inhoud maak. Hy beklemtoon egter ook dat die kombinasie van konfronterende boodskappe,

transaksionele ooreenkomste en bereidwilligheid om diplomatieke voorskrifte te ignoreer, wel groter wisselvalligheid vir bondgenote en instellings skep. Dit is veral die geval in Europa, wat dus meer in sy eie verdediging moet belê en moet voorberei vir 'n minder voorspelbare, maar steeds histories gewortelde weergawe van die VSA se leierskap.

It appears Mr Trump's return to the White House marks less a new direction for American foreign policy, more a resurrection of America's past. If American presidents of the 19th century, gathered in that Oval Office in the heavens, were able to browse the latest NSS, they might recognise what they were reading and say "That looks about right." (Darroch 2026)

Die NVS stel die volgende oor die VSA se verkryging van kritieke minerale duidelik: "America should similarly enlist our European and Asian allies and partners, including India, to cement and improve our joint positions in the Western Hemisphere and, with regard to critical minerals, in Africa" (National Security Strategy 2025).

Gevolglik is die VSA se strategie oor minerale drieledig. Eerstens is daar ooreenkomste wat Amerika Eerste-gedrewe is. Tweedens word dit na bilaterale ooreenkomste oorsee uitgebrei wat deur regeringsgesteunde finansiering en publieke-private vennootskappe ondersteun word. Derdens het 'n inisiatief ontstaan wat daarop gemik is om kapitaal, reserwes, verwerkingskennis en stroomaf vraag met vermoëns verbind. Nou toenemend verweef, is al drie bane gerig op die handhawing van veilige en betroubare voorsieningskettings en toegang tot kritieke minerale wat die NVS as 'n prioriteit stel. Die uitdaging sal uitvoering wees en of Washington koalisiebou wêreldwyd kan volhou terwyl terselfdertyd tariefdreigemente en ander maatreëls ingespan word wat transatlantiese verhoudinge en vennote se breër vertroue mag belemmer. Ondersteuning van die VSA sal toenemend voorwaardelik bly, naamlik toegang tot finansiering deur die VSA en sy diplomatieke ondersteuning, terwyl afnamewaarborges of aandele-deelname sal afhang van strategiese verwagtinge wat alles die VSA se nasionaleveiligheidsprioriteite en belange sal moet in ag neem (Shagina 2026).

### 3. Tariewe as buitelandsebeleidsinstrument

Trump gebruik die heffing van tariewe as 'n nuttige buitelandsebeleidsmaatreël. Eers het hy tariewe op 'n hele reeks lande afsonderlik gehef waarvan sommige onbegryplik en buitensporig hoog was. Daarna het hy na goeddunke spesifieke state om verskeie redes aan die pen laat ry. Die jongste gebeure ná die Hooggeregshof se uitspraak oor tariewe (wat in die eerste deel van die artikel bespreek is) het Trump geensins afgeskrik om te volhard met die toepassing van tariewe as 'n vername buitelandsebeleidsmaatreël nie.

Die NSV ag tariewe as 'n sentrale ekonomiese en nasionaleveiligheidsinstrument. In die gedeelte oor ekonomiese veiligheid en herindustrialisering bepaal die strategie dat die VSA industriële produksie sal hervestig deur die strategiese gebruik van tariewe en nuwe tegnologieë om lewenstandaarde te verhoog en die afhanklikheid van teenstanders vir kritieke produkte of komponente te beëindig. In die onderafdeling wat die Westelike Halfrond bespreek, word opgemerk dat die VSA meer aandag aan kommersiële diplomatie sal gee deur tariewe en wederkerige handelsooreenkomste as deur kragtige instrumente te gebruik ten einde die land se ekonomie en streekvennote te versterk. Gevolglik hanteer die NSV handelsbeleid, insluitend tariewe, as deel



van ekonomiese sekuriteit en koppel dit die instelling van tariewe uitdruklik aan die bereiking van nasionale veiligheidsdoelwitte, soos voorsieningskettingbeheer, herindustrialisering en die vermindering van die afhanklikheid van teenstanders (Özdemir 2026). Ontleders van die NSV beskryf die dokument as die verplasing van handel en tariewe van ondersteunende instrumente na kern-nasionale veiligheidsinstrumente met die klem op die strategiese gebruik van eensydige tariewe om bepaalde doelwitte te bevorder (Krueger 2025).

Op 24 Februarie 2026 het die Huis se Komitee oor Buitelandse Aangeleenthede 'n volle sitting daaraan gewy om die standpunt van die Departement van Buitelandse Sake se siening oor die bevordering van nasionale veiligheid deur handelsdiplomatie aan te hoor. Die onderstaatssekretaris vir ekonomiese groei, energie en omgewing, Jacob Helberg, het die voordrag gelewer. Sy raamwerk vir handelsdiplomatie is in wese die omarming van die huidige Amerika Eerste-leerstelling as die ekonomiese grondslag vir die VSA se buitelandse beleid, eerder as 'n afwyking daarvan. Hy herhaal die taal van die NVS dat ekonomiese veiligheid fundamenteel is vir nasionale veiligheid en dat handel, industriële kapasiteit en energie as veiligheidsinstrumente daarvolgens hanteer word. Dit is 'n kernpilaar in die denke om Amerika eerste te plaas (Helberg 2026).

Om die VSA binnelands ekonomies te kan versterk vorm tariewe onlosmaaklik deel van Trump se internasionale benadering. Die Federale Reserwebank het reeds gewaarsku dat Trump se tariewe volgehoue gevolge op inflasie sal hê. Hierdie opmerking het Trump nie aangestaan nie. Hy volg die globale tariefstrategie wat hy op 2 April 2025 aangekondig het en meedoënloos uitvoer, al het hy dit al soveel kere gewysig en keerdatums herhaaldelik uitgestel (Fact Sheet 2025a). Sy hernude dreigemente om teen beide groot en klein handelsvennote op te tree dui daarop dat hy steeds vasberade is om lande te straf met 'n verskeidenheid handelspraktyke en -beleidsmaatreëls wat hy as onregverdig en nadelig vir die VSA beskou. Volgens die gesaghebbende *Financial Times* het die VSA se handelsvennote grootliks misluk om terug te slaan teen sy omvangryke tariewe, en bloot aangehou om die spot met hom te dryf. So het die EU aangehou om die ou handelhandleiding teen 'n nuwe en andersoortige bedreiging te gebruik (Beattie 2025). Ten spyte hiervan is miljarde in ekstra doeane-inkomste teen lae koste ingesamel. In die vier maande sedert Trump die openingsalvo van sy handelsbotsings afgevuur het, het slegs China en Kanada dit probeer waag om teen Washington terug te slaan. Sedertdien het nie baie ander lande teenmaatreëls ingestel nie. In dieselfde tydperk het Trump sekere lande se tariefpersentasies verlaag, terwyl hy ander met bykomende persentasies gestraf het. Hy het ook nuwe tariefstrawwe begin uitdeel aan lande, byvoorbeeld aan dié wat lede van Brics is en handel dryf met Rusland oor olieverkope, en later ook dieselfde lande wat met Iran handel dryf. Ander tariewe wat hy ingestel het, hoofsaaklik teen lede van die EU wat sy begeerte om Groenland te bekom teenstaan, het groot opslae gemaak. Later word na hierdie spesifieke gevalle teruggekeer.

Trump het op verskeie handelsvennote van die VSA tariewe ingestel terwyl hy handelsooreenkomste met ander, veral die VK en die EU, aangegaan het. Sodoende is die wêreld ekonomie in 'n nuwe fase van kommersiële wedywing ingelei. Trump se uitvoerende bevel waarmee die tariewe aangekondig is, het verklaar dat die tariewe daarop gemik is om die VSA se handelstekort te verminder. Genoemde handelsvennote word as ongewone en buitengewone bedreigings vir die nasionale veiligheid en ekonomie van die VSA beskryf (Williams en Hille 2025).

Namate toonaangewende ekonomieë ooreenkomste met ongekende tariewe aanvaar, is Trump se visie vir globale handel vinnig besig om gestalte aan te neem. In 2025 het die VSA die volgehoue



en beproefde globale handelsorde laat vaar ten gunste van 'n radikaal alternatiewe en heeltemal onbewese stelsel wat internasionale handel omvorm. Magtige ekonomieë, soos dié van die EU en Japan, het skielik verhoogde belasting op hul uitvoere aanvaar en toegegee aan Trump se versoeke om nadelige handelsoorloë te voorkom (Williams en Sevastopulo 2025).

Ontleders verwag dat tariewe, indien hulle voortduur, met die verloop van tyd meer as \$2 triljoen in bykomende inkomste oor die volgende dekade gaan word wees. Ekonomie meen egter dat dit nie sal gebeur nie en dat die VSA die nuwe handelsversperrings sal laat vaar. Maar sommige erken dat so 'n aansienlike stroom van inkomste moeilik kan wees om te laat vaar. In *The Hill*, wat 'n invloedryke en geloofwaardige publikasie in Washington, D.C. is en wyd deur veral administrasie- en Kongres-amptenare gelees word, het daar in die eerste week van Augustus 2025 hierdie waarneming verskyn: “There is no doubt that Trump is delivering on his promise to impose steep tariffs and change America’s policies” (Gangitano en Lane 2025).

Vroeg in Julie 2025 het Trump briewe aan meer as 20 handelsvennote gestuur (insluitend Suid-Afrika) waarin hy hulle inlig oor die tariewe wat op hul uitvoere gehef sal word indien hulle nie teen 1 Augustus 'n ooreenkoms met die VSA bereik nie. Nadat Trump hierdie nuwe sperdatum gestel het, het Japan 'n ooreenkoms beding om tariewe van 30% tot 15% verminder te kry. Die insiggewendste deel van hierdie ooreenkoms is egter dat Japan onderneem om waarborge op beleggings tot \$550 miljard te bied wat betrekking het op die VSA se nasionale veiligheid. Die kernbeginsels in hierdie ooreenkoms vorm ook die grondslag waarop die ooreenkoms daarna met die EU voltrek is. Die EU het tot hierdie handelsooreenkoms ingestem wat 'n toegewing aan Trump is en het besef dat die VSA se ekonomiese mag te omvangryk is om aan te vat, te ontduik, te isoleer of te ignoreer. Onlangs het die president van die EU-raad, António Costa, ook gesê dat die transatlantiese betrekkinge ná Trump se vroeëre hewige kritiek op die EU nou gestabiliseer het (Foy 2025). Met die tariefaanslag teen die Europese lande oor hul standpunt ten opsigte van Groenland oorweeg die EU nou hul eie teenmaatreëls. Hoe ver hulle sal vorder, en of hul dreigement enige verandering by Trump sal teweeg bring, is nog onduidelik. Bernd Lange, wat die voorsitter van die EU se handelskomitee is, het in 'n onderhoud om teenmaatreëls tot die EU se beskikking te bespreek, opgemerk – sonder om enige besonderhede te verstrek – dat in 'n wêreld waar ekonomiese mag toenemend vir politieke doeleindes gebruik word, reëlgerigte handel self 'n strategiese voordeel inhou – en dat dít juis is waar die EU besondere mag het. Hy het egter sy ontsteltenis oor Trump se 10%-tariefheffing op agt lidlande, wat vanaf 1 Februarie 2026 van krag sou word, duidelik met die volgende woorde laat blyk:

This is an incredible affront. This is no way to treat partners. This is a new dimension of imperialism on the part of the US President – simply unacceptable. The EU must now take a clear stance. A trade instrument is being used as a lever for political pressure. It is now impossible to simply move on to the agenda. This means that the European Parliament’s work on implementing last summer’s trade deal between the EU and the US must be suspended. (Lange 2026)

Met die hoofkomponente van sy agenda wat nou realiseer, het Trump reeds 'n onuitwisbare invloed op die ekonomie van die VSA gehad. Hy poog deurgaans om wêreldhandel te hervorm. Met die tariewe wat hy implementeer, voer hy daardie strategie uit (Swanson 2025). Die wel-slae en onstuimighede wat ontstaan, is alles as gevolg van sy besluite (Bommakanti 2025).

Trump has long wanted to rework world trade. The tariffs will carry out that plan. Cuts to USAid were not just a case study in the Trump administration going after woke pending or trying to change the federal government's bottom line. It was also crucial to a larger shift in foreign policy strategy. (Douthat 2025)

Die tariewe-oorlog oorheers al maande lank die nuus. Dit is dus maklik om te vergeet dat die hoogste tariewe wat Trump tot dusver gehê het, op produkte van toepassing is en nie op lande nie. Daar is nietemin rede om te dink dat die President se nywerheidsheffings dalk 'n ander oorsaak het. Volgens Artikel 232 van die Wet op Handelsuitbreiding van 1962 word die VSA toegelaat om invoere wat as 'n bedreiging vir nasionale veiligheid beskou word, te beperk (Trade Expansion Act of 1962). Terwyl wederkerige tariewe lande teiken wat handelsoorskotte met die VSA het, is sektorale tariewe meer omvattend.

#### 4. Toepassing van tariewe, sanksies en ander strafmaatreëls

##### 4.1 Indië

Dalk die mees verwarrende en teenproduktiewe geopolitieke spel is Trump se antagonistiese houding teenoor Indië. Hier het hy dit kennelik te ver gedryf, en Indië het gereageer op 'n manier wat hy nie verwag het nie. Die afgelope 35 jaar het die verhouding tussen die VSA en Indië gaandeweg versterk. Indië se grootste probleem is nou dat hulle vir die eerste keer met 'n VSA te doen kry wat nie deur strategiese onbaatsugtigheid gemotiveer word nie (Marshall 2025a). Hulle het geglo dat hulle op die VSA kon staatmaak om hul militêre optrede teen Pakistan te ondersteun. Trump het handelsonderhandelinge met Indië gestaak en (deur middel van 'n plasing op sosiale media) 'n basislyntarief van 25% ingestel. Op 4 Augustus 2025 het hy aangekondig dat daardie tarief met nog 25% sal styg en sekondêre sanksies ook teen Indië ingestel sal word as gevolg van die land se olie-aankope van Rusland. Hierdie stappe is in Nieu-Delhi beskou as dwangmaatreëls en inmenging in Indië se buitelandse beleid en is as onprakties gesien, gegewe Indië se olie-invoerbehoefte. Trump het ook met verdere tariewe gedreig weens Indië se lidmaatskap van Brics en, daarna ook, as gevolg van Indië se handel met Iran. Trump het selfs nog verder gegaan deur maatskappye van die VSA wat in Indië vervaardig – nadat hy hulle eers gekritiseer en gedreig het met finansiële strawwe – aan te moedig om eerder in hul eie land te belê. Groeiende twyfel oor of daar nog op die Trump-administrasie staatgemaak kan word, versprei nou oor die netwerk van die VSA se bondgenote dwarsdeur Asië. In Indië bestaan daar 'n gevoel van pyn, trauma, verbasing en ongeloof omdat Trump Indië nou meer as ooit vantevore beledig het. Vir die eerste keer in drie dekades het Trump se optrede, verklarings en dwangmatige toon Indië se verhouding met die VSA 'n plofbare binnelandse politieke kwessie in Indië gemaak. Die opposisie, die media en die Indiese publiek het die regering aangemoedig om sterk te staan teen Trump se dreigemente.

Nadat Trump sy buitensporige tariewe teen Indië ingestel het, het die eerste minister van Indië, Narendra Modi, hom eenvoudig geïgnoreer. Modi het nie teruggedeins nie. Hy het met sy handelsvennote, Wladimir Poetin en Xi Jinping, vergader. Xi word dikwels as 'n belangrike strategiese mededinger van Modi beskou. Hul verhouding word gekenmerk deur diepe wantroue, mededinging en selfs oomblikke van openlike vyandigheid, veral oor grensgeskille en strategiese ambisies. Hierdie drie leiers se ontmoeting teen die einde van Augustus 2025 het 'n nuwe tydvak ingelui wat Trump heeltemal uitsluit (Carnegie Endowment 2025). Die vraag het dadelik ontstaan of Indië hom van die VSA gaan distansieer. Die optiese beeld waar Modi

skouer aan skouer met Poetin en Xi staan, het deur die wêreldmedia weergalm, harder as die seremoniële betekenis daarvan. Dit het gekom op 'n tydstip toe Indië sy strategiese besluit om met Rusland en China saam te werk duidelik gemaak het (Xuan, Chen en Jia 2025). Indië kommunikeer dus onomwonde aan die wêreld dat daar alternatiewe is wat gevolg kan word.

Dit is duidelik dat Modi stabiliteit en ondersteuning gesoek het en dit in China by Xi en in Rusland by Poetin gekry het. Hy het onderneem om verhoudinge op grond van wedersydse vertroue, waardigheid en sensitiwiteit te bevorder, terwyl Xi beklemtoon het dat die twee lande mekaar as vennote eerder as mededingers, en as geleenthede vir ontwikkeling eerder as bedreigings beskou (Marshal 2025b). Die twee leiers se woordkeuses laat min twyfel wie hulle in gedagte het. Enkele dae later het Trump opgemerk dat die VSA beide Indië en Rusland in China se guns verloor het (Fitzgerald 2025). "His go-it-alone, tariff-centric diplomacy has alienated allies and left openings for Beijing to build its own coalitions" (Campbell en Doshi 2025).

Hierna het Indië aangekondig dat die land sal voortgaan om Russiese olie te koop aangesien dit ekonomiese voordele het ten spyte van Trump se invoertariewe. Namate Europa en die VSA Russiese olie vermy het oor Moskou se inval in Oekraïne, het Indië voordeel getrek uit die korting op Russiese produksie en sodoende die grootste koper van Russiese ruolie geword (Mukherjee en Verma 2025). Die ontmoetings het ook verdere gevolge gehad: Xi het Rusland, Indië en ander lande in die streek versoek om by China aan te sluit om deur middel van hul gesamentlike ekonomiese invloed die Weste uit te daag in 'n tyd wat deur toenemende geopolitieke en handelspanning gekenmerk word. Volgens hom moet die wêreld wat tans verandering ondergaan, steeds 'n ordelike, multipolêre orde voorhou. Dit sluit die bevordering van vryhandel en 'n regverdiger en redeliker globale bestuurstelsel in wat 'n duidelike uitdaging aan die huidige VSA-geleide stelsel bied.

Die Amerika Eerste-vertrekpunt maak die VSA se beleid teenoor Indië meer belangegedrewe, transaksioneel en ekonomies. Aan die een kant bly Indië steeds vir Washington 'n belangrike strategiese teenwig teen China in die Indiese en Stille Oseaan. Aan die ander kant fokus die Amerika Eerste-beginsel op die verhoging van die VSA se ekonomiese winste, soewereiniteit en lasdeling, met minder klem op multilateralisme of die bevordering van liberale internasionale waardes (Fong, Albert e.a. 2025). Selfs onder die meer nasionalistiese en transaksionele administrasie van Trump beskou Washington Indië dus as 'n langtermynveiligheidsmedewerker. Hierdie benadering bots dikwels met Indië se eie projekte – "Made in India" en "Atmanirbhar Bharat" (selfstandige Indië) – waar beide kante vervaardiging, werkgeleenthede en tegnologiese winste tuis soek eerder as om aan mekaar se eise toe te gee (Pande 2025).

Selfs onder streng toepassing van die Amerika Eerste-beginsel het die VSA met Indië oor verdedigingstechnologiese, gesamentlike-produksie- en hoëtegnologiese vennootskappe gesels. Dit is aanvanklik as wedersydse voordelig beskou, maar was uiteindelik bloot gerig op die VSA se veiligheidsbelange en -vereistes en nywerheidsvoordele. So het die VSA Indië se voorkeur-handelstatus beëindig, tariewe skerp verhoog en die bilaterale ekonomiese verhouding rondom die regstelling van die VSA se handelstekort gestruktureer en druk op Indië oor marktoegang en nywerheidsbeleid uitgeoefen. Die VSA se tariewe van 25–50% op Indiese uitvoere het Nieu-Delhi aangespoor om plaaslike vervaardiging en uitvoerdiversifikasie onder "Atmanirbhar Bharat" te verdubbel, eerder as om toe te gee aan al die eise van die VSA. Selfs wanneer Washington tariewe verhoog, gebruik Indië die Atmanirbhar Bharat-raamwerk met behulp van siviele kern- en ander tegnologie om plaaslike vervaardiging en veerkrachtigheid in die voorsieningsketting te bevorder.

Polities besorg “Atmanirbhar Bharat” aan die regering van Modi ’n stewige been om op te staan en onwrikbaar te bly teen die druk van die VSA op boere, klein produsente en energie-keuses, asook teen tariewe. Hierdie benadering versterk Indië se bedingingsposisie. Daarbenewens loop Washington die risiko dat sy oormatige druk Indië sal dryf om die bande met sy vennote in Brics te versterk en alternatiewe markte te skep wat die hefboomwerking en langtermyninvloed van die VSA kan ondermyn. In wese verwerp “Atmanirbhar Bharat” nie betrokkenheid by die VSA se Amerika Eerste-benadering nie (Mishra 2025).

Dit dien tegelyk as ’n verdedigende verskansing teen die VSA se ekonomiese dwangmaatreels en as ’n aanvallende strategie om krisis (tariewe, visumbepelings en oliedruk) te omskep in geleenthede om Indië se ekonomie, vennootskappe en bedingingsposisie op ’n meer Indië-gesentreerde wyse (met inagneming van nasionale waardigheid en maatskaplike welsyn) te herstruktureer. Die openbare mening beskou die VSA grotendeels as ’n belangrike vennoot, terwyl Nieu-Delhi reageer deur te volhard met sy beskouings van multilateralisme en van strategiese samewerking met Washington oor gemeenskaplike belange, maar terselfdertyd sy bande met Rusland, China en die breër Globale Suide as ’n stigterslid van Brics te balanseer. Indië definieer sy strategiese outonomie as die vermoë om onafhanklike besluite te neem, bindende alliansies te vermy en verskeie magsentrums – die VSA, Rusland, Europa en China – op onderwerpgerigte voorwaardes te betrek (Strategic Files 2025).

Indië se strategiese outonomie is egter onder druk as gevolg van sy afhanklikheid van China en die VSA vir handel, terwyl dit ook veiligheidsbedreigings vanaf China in die gesig staar. Die huidige stram verhouding tussen die VSA en Indië bemoeilik Indië se beleid van onverbondenheid (Donald 2024). Indië is baie trots op sy strategiese outonomie in sy buitelandse beleid, maar die werklike toets sal wees of dit ’n langdurige krisis met Washington kan hanteer (Krishnan 2025). In die latere gedeeltes oor Brics en die VSA se militêre aksies teen Iran word na hierdie aspek teruggekeer met verwysing na Modi se pragmatisme.

#### **4.2 Europa, die EU en Groenland**

Elkeen van hierdie onderwerpe verdien afsonderlike bespreking, maar word hier saamgevoeg na aanleiding van Trump se siening oor Europa en meer onlangse uitlatings oor Groenland. Die Amerika Eerste-beginsel kom by al vier gevalle ter sprake, terwyl die ingestelde tariewe op Europa en die EU van toepassing is. Nadat Trump se beoogde planne met Groenland meer aandag begin trek het en die Europeërs daarop gereageer het, het die verhoudinge tussen die VSA en Europa al hoe strammer begin word. In die proses het Trump verdere kole op die vuur gegooi en verskeie aksies van stapel gestuur om sy misnoeë met Europa en die vasteland se leiers te kenne te gee. Hy het besluit nie teruggedeins vir enige konfrontasie wat na sy kant toe gekom het nie. Hy bly onwrikbaar oor sy standpunte en verkondig hulle onbeskaamd. Hy skroom nie om wêreldleiers, en veral dié van Europa, trompop te konfronteer nie. By veral die jaarlikse byeenkoms van die WEF in Januarie 2026 het hy nie doekies omgedraai nie.

Die VSA se ontevredenheid met Europa het reeds kort ná die begin van Trump se tweede termyn begin. In Februarie 2025 het visepresident JD Vance se tirade teenoor Europa die gehoor by die veiligheidskonferensie in München geskok (Frank 2025). Europa is skielik nie meer as ’n effektiewe bondgenoot beskou nie. Op hierdie tema het die NVS uitgebrei: Europa is besig om te verval as gevolg van ekonomiese stagnasie en hewige regulering. Spanning styg oor massa-immigrasie en toenemende sensuur van diegene wat die amptelike narratiewe uitdaag. Nog erger, die strategie bied steun aan antiimmigrasiepopuliste en verregse groepe wat

Europa se ongewilde leiers teenstaan. Maar die belangrikste van alles: Die strategie beklemtoon die dood van die ou orde waarin die VSA en sy bondgenote Westerse demokratiese waardes as 'n globale wondermiddel wou bevorder. Terwyl Europese leiers saamtrek deur gegriefde verklarings van solidariteit uit te reik, is dit onwaarskynlik dat hulle genoeg sal doen om die strukturele probleme aan te spreek, laat staan nog oplos. Onbekostigbare state, demografiese afname, groeiende sosiale ongemak en verswakte weermagte vererger die toestand waarin baie state in Europa verkeer.

Die NVS bepaal die instel van tariewe, dreigemente oor tariewe en selektiewe sanksies teen Europese state en instellings en beskou van hulle nie as vennote nie maar as mededingers wie se handelsoorskotte en regulatoriese mag beperk moet word. Die hervestiging van vervaardiging in die VSA word aangemoedig, asook meer bilaterale bedinging met belangrike Europese ekonomieë wat die EU se voorkeur vir multilaterale, reëlgerigte handelsbestuur uitdaag (Olink 2025). Die essensie van die NVS vir Europa is dat dit voorkeur gee aan die soewereiniteit van die VSA, materiële voordeel en binnelandse politiek bo alliansiebestuur en institusionele verbintenisse wat die Atlantiese orde ná 1945 gedefinieer het (Pillar IV 2025). Dit behels die verskuiwing van multilaterale, reëlgerigte samewerking na bilaterale ooreenkomste en verbintenisse, soos die verbinding van Navo se veiligheidsvereistes met handelskonsessies of verdedigings- en nywerheidsaankope. Strategies is die NVS belangrik omdat dit die VSA se toekomstige beleid op verskillende gebiede uiteensit. Verder word 'n laer strategiese belangrikheid vir Europa in verhouding tot die Westelike Halfrond en die Indiese Oseaan-en Stille Oseaan-gebied geregverdig, soos blyk uit amptelike strategiedokumente wat uitdruklik die moontlike herwaarderding van die VSA se rol op die vasteland in die vooruitsig stel (Schütte 2025).

Terwyl skeptisisme uitgespreek word oor Navo, die EU en multilaterale instellings wat hulle bemoei met klimaat, handel en menseregte, is die belangrikheid van “Amerika Eerste” vir Europa minder in die slagspreuke wat in die NVS voorkom as in die onsekerheid wat dit skep. Dit verhaas onvermydelik die debatte oor Europese strategiese outonomie, verdedigingsintegrasie en die behoefte aan 'n sterker Europese pilaar wat met of sonder Washington kan optree. Verder verhoog dit die twyfel oor die langdurigheid van die VSA se verbintenisse met Europa en sy instellings omdat die VSA se beskerming te eniger tyd voorwaardelik of geheel en al teruggetrek kan word (Balfour 2021). Dit dryf Europa om 'n wêreld te oorweeg waarin die VSA 'n afwisselend belynde groot moondheid is eerder as 'n betroubare vennoot en leier (Finabel 2025).

Ingevolge die Amerika Eerste-beginsel, en soos onderskryf deur die NVS, sal die VSA se beleid teenoor die EU meer belangegedrewe, transaksioneel en mededingend gefokus wees wat die tradisionele alliansielogika van gedeelde waardes en multilateralisme verswak. Samewerking oor aangeleenthede waaruit die VSA sal voordeel tref, sal uitgebrei word, soos met verdedigingsbesteding, handelsbalanse en migrasie. Europeërs sal groter aandag aan strategiese outonomie moet skenk. Die VSA se verbintenisse sal geregverdig word slegs as dit meetbare opbrengste aan die land se werkers, belastingbetalers en firmas bied. Hierdie verbintenisse met alliansies en instellings sal hersien word as onderhandelbare kontrakte eerder as gemeenskapsprojekte, wat die klem nie meer op norme en gedeelde identiteit in die VSA se verhoudinge met die EU sal plaas nie.

Die EU bestempel die Amerika Eerste-benadering as 'n eensydige beleid wat gemeenskaplike belange benadeel, vertroue ondermyn en met die idee van 'n gebalanseerde vennootskap tussen die EU en die VSA bots. Die kritiek wat oor die migrasiebeleid, klimaatinisiatiewe en globalisme uitgespreek word, word verwerp, terwyl dit by sommige Europese nasionalistiese en regse partye groot byval vind.



Groenland moet beskou word teen die agtergrond van hoe die VSA se nasionale veiligheid, ekonomiese voordeel en grootmoondheidswedywering in die Arktiese gebied nagestreef word, selfs ten koste van wrywing in Navo en ook buite Europa, asook binnelandse teenkanting. Die gebied word voorgestel as 'n kritieke bate waarvan die beheer, toegang of belyning hervorm moet word om die VSA se nasionale belange en strategiese voorsprong teenoor Rusland, China en Europa te verhoog. Daardeur wil Trump toegang tot die hele Arktiese streek verseker, en daarom beskou hy die gebied as 'n strategiese teater wat toekomstige globale mag sal definieer. Vir hom is Groenland onontbeerlik vir die VSA se veiligheidsverdediging vanweë die land se ligging (naby die GYVK-gaping), sy rol in vroeë missielwaarskuwing en sy funksie as 'n platform vir die monitering van Russiese en Chinese aktiwiteite in die Arktiese gebied. Die GYVK-gaping is daardie gedeelte van Noord-Atlantiese waters tussen Groenland, Ysland en die VK. Dit is 'n strategiese vlootwurgpunt omdat skepe en duikbote dikwels daardeur beweeg vanuit die Arktiese of Noorse See na die wyer Atlantiese Oseaan. Tydens die Koue Oorlog het Navo hierdie gaping noukeurig gemonitor om Sowjet-duikbote wat die Atlantiese Oseaan binnegegaan het, op te spoor. Gevolglik is dit vandag nog steeds belangrik vir die monitering van vlootaktiwiteit en die beskerming van Atlantiese seeroetes.

Daar is reeds bevestig dat China reeds in 2025 43 loodsduike suksesvol onderneem het tydens verskeie sendings na die Arktiese gebied wat gesamentlike operasies ingesluit het waarby twee diepseevaartuie met bemannings betrokke was.

An expert on polar politics at the Australian Strategic Policy Institute points out that this is really about developing deep-ocean resources for the long term. She believes China is setting itself up to become the global frontrunner in managing the seabed and its assets. (Raquel 2026)

In hierdie verband is Groenland onontbeerlik vir die oprigting van wat Trump die Goue Koepel noem om as 'n landwyse verdedigingskild te dien wat missiellanserings oral in die wêreld sal opspoor en poog om hulle in verskeie fases van vlug te vernietig. Daarmee word 'n skild gevorm om die VSA teen ballistiese, hipersoniese en kruismissielaanvalle te beskerm deur die gebruik van sensors en onderskeppers wat op land, ter see en in die ruimte ontplooi word (Greene 2026; Omur 2025; Fact Sheet 2025b).

Bestaande reëlins, soos die VSA en Denemarke se verdedigingsooreenkoms van 1951, en latere toegang tot en gebruik van die gebied vir die Thule/Pituffik-ruimtebasis word deur Amerika Eerste geïnterpreteer as reëlins wat uitgebrei of heronderhandel moet word om die VSA se teenwoordigheid in die Arktiese gebied te verbeter (Roush 2025). Trump se herhaalde druk weerspieël die voorkeur vir direkte jurisdiksie oor hierdie sleutelgebied eerder as om afhanklik te wees van geallieerde soewereiniteit. In die proses vorm Groenland 'n frontlinie in die VSA se mededinging met China en Rusland. Trump en sy amptenare beklemtoon dat die eiland omring word deur Russiese ysbrekers wat kernaangedrewe is en Chinese skepe, wat die VSA kwesbaar laat onder die huidige Deense rentmeesterskap en wisselvallige gereedheid van Navo. Hierdie wedywering regverdig eise vir meer troepe, radar- en vloottoegang, en vir die beperking van Chinese infrastruktuur en mynbouprojekte wat ooreenstem met gestelde prioriteite om mededingende groot moondhede naby die VSA se invloed- en belangesfeer te beheer. Dan moet die kernargument wat Trump voorhou, nie uit die oog verloor word nie (Schwartz en Baskaran 2026).



Trump het vervolgens gedreig om tariewe teen agt lidstate van Navo in te stel weens hul teenkanting teen sy standpunte. Spanning tussen Trump en Friedrich Merz van Duitsland, Emmanuel Macron van Frankryk, Keir Starmer van die VK en Ursula von der Leyen, president van die Europese Kommissie, het aansienlik toegeneem. Duitsland het ongeveer 13 lede van die Bundeswehr na Groenland gestuur as deel van 'n breër Europese/Navo-teenwoordigheid wat deur Denemarke versoek is. Die troepe het deelgeneem aan 'n kort verkenningssending en verwante oefeninge in en om Groenland saam met ander Europese magte (Silverman 2026). Berlyn motiveer die ontplooiing as ondersteuning aan Denemarke, versterking van Navo se Arktiese voetspoor en in reaksie op geopolitieke spanning. Denemarke het ook afsonderlik saam met die owerheid in Groenland militêre oefeninge beplan om 'n teenwoordigheid in die Arktiese gebied uit te brei (Martin 2026).

Die hele kwessie van Groenland en veral Trump se uitlatings het internasionale nuus en verrigtinge by die WEF oorheers. Uiteindelik is hierdie vrese tot 'n mate besweer met Trump se hoofrede op 21 Januarie 2026, maar nie uit die weg geruim nie. Trump het sy beginselstandpunt herhaal en benadruk, maar afstand gedoen van die moontlikheid om militêre middele aan te wend om Groenland te bekom. Hy en Rutte, wat goed met Trump oor die weg kom, het later oor 'n onderhandelingsproses ooreengekom en Trump het betekenisvol bygevoeg: "You can say yes or no, and then we will remember that" (Trump 2026).

Hoe vinnig en bevredigend 'n oplossing gevind sal word, is onvoorspelbaar en onduidelik in hierdie stadium. Wat wel bekend is, is dat Trump en Rutte ingestem het tot 'n hoëvlakraamwerk vir 'n toekomstige ooreenkoms wat die onmiddellike tarief- en soewereiniteitskrisis sal deëskaleer en die weg sal baan vir verdere onderhandelinge tussen die VSA, Denemarke en Groenland. Trump het reeds sy dreigement teruggetrek om 10% (en later 25%) tariewe op agt Europese Navo-bondgenote in te stel. Groenland gaan nog lank die onderwerp van bespreking wees – nie net tussen die VSA, Europa en Navo nie, maar ook met die politieke polemiek wat dit in die VSA veroorsaak.

### 4.3 Japan

Amerika Eerste en die NVS stel die verhouding tussen die VSA en Japan meer uitdruklik as transaksioneel en gefokus op lasdeling. Japan bly steeds 'n onontbeerlike bondgenoot vir die VSA se strategie in Oos-Asië. Die vennootskap word van 'n solidariteitsgerigte een na 'n ooreenkoms herformuleer waarin Japan se waarde gemeet word aan hoeveel dit bydra tot die VSA se veiligheids- en ekonomiese doelwitte (Tsuboi 2026). Hierdie bondgenootskap is van wesenlike belang om veiligheid en stabiliteit te handhaaf. Trump het 'n suksesvolle vergadering met Japan se nuwe eerste minister, Sanae Takaichi, gehad. Nogtans word Japan gedruk om konkrete voordele te bewys wat die land aan die VSA kan bied wat betref sekuriteit, handel en belegging (Kozlowski 2019).

Onder Trump word die vennootskap herhaaldelik beskryf as onwankelbaar en selfs op koers na 'n nuwe goue era. Dit word egter aan verwagtinge gekoppel dat Japan meer aan verdediging sal bestee en groter streeksverantwoordelikhede sal aanvaar (Govella 2025).

Die VSA se strategiedokumente en openbare verklarings plaas druk op alle bondgenote om finansieel by te dra, wat 'n ongerustheid laat blyk by die VSA dat vennote, soos Japan, te min bydra tot die toekomstige ontplooiing van die VSA se magte. Die beleid beklemtoon dat die land se geografiese nabyheid aan China, Taiwan en Noord-Korea nie outomaties beskerming

deur die VSA waarborg nie. Gevolglik moet Japan voortdurend sy onontbeerlikheid herbevestig deur hoër verdedigingsbesteding, wyer operasionele integrasie en uitgebreide toegang (Govella 2025).

Omdat Amerika Eerste selektief eerder as isolasionisties is, bly Japan sentraal as 'n frontliniebondgenoot in verhouding tot China en die beveiliging van die seeroetes in die Indiese en Stille Oseaan. Vir Tokio skep die strategie beide risiko en geleentheid. Die risiko van skielike tarief- of alliansiedruk is moontlik sodra Japan as 'n ekonomiese mededinger of onderbesteder beskou word. Japan kry sodoende die geleentheid om die VSA se verbintenis te omsluit deur groter verdedigingsamewerking en belegging in die VSA se ekonomie aan te bied (Kozlowski 2019).

#### 4.4 Afrika

Trump volg 'n transaksionele, sekuriteitsgerigte benadering tot Afrika. Hy beskou Afrika hoofsaaklik deur 'n ekonomiese en geostrategiese lens met die klem op sakegeleentheid en in mededinging met China vir sleutelminerale (Princewill 2025). Sy beleid teenoor Afrika fokus op die verskuiwing van humanitêre hulp na sakegerigte verhoudings. Dit beklemtoon Afrika se sakepotensiaal en mineralerykdom wat kritiek vir die VSA se belange is. Die Agentskap vir Internasionale Ontwikkeling (USAid) is afgeskaf en ander hulpprogramme aansienlik ingekort met die argument dat toekomstige betrokkenheid in Afrika met die doelwitte van Amerika Eerste moet ooreenstem. Trump het al 'n paar Afrika-leiers ontvang om spesifieke handelsooreenkomste aan te bied, wat op die verkryging van mineraalregte en die benutting van politieke ooreenkomste vir ekonomiese winste vir die VSA gefokus het, terwyl hy terselfdertyd die Afrika-state onder druk geplaas het om saam te werk en sy immigrasiebeleid af te dwing. Dit het gelei tot kritiek uit verskeie oorde dat die VSA sy hulp in Afrika verminder en langdurige humanitêre en ontwikkelingsverhoudinge ondermyn.

As 'n leerstelling behandel Amerika Eerste buitelandse beleid hoofsaaklik as 'n middel om sigbare ekonomiese, veiligheids- en politieke opbrengste aan die VSA te lewer en te verseker. In Afrika se geval word dit gekenmerk deur vennootskappe wat onmiddellike voordele bied, eerder as langtermynontwikkeling of -verbintenisse wat lank neem om iets op te lewer, indien ooit (Bell en Faulkner 2025).

Dit is dus minder belangrik as 'n gedetailleerde Afrika-strategie en meer betekenisvol as 'n presidensiële beleidsopdrag wat die VSA se betrokkenheid vernou tot gebiede wat as duidelike oorwinnings vir die VSA teenoor mededingers soos China en Rusland beskou kan word (Seifman 2025).

Ingevolge die Amerika Eerste-benadering word hulp en diplomatieke teenwoordigheid eerder as verstelbare hefbome as semi-outonome pilare van langtermynvennootskappe beskou. Dit word gesien in die aansienlike besnoeiings aan bystand, die sluiting of afskaling van ontwikkelingsinstrumente en politieke gedrewe herroepings of vervangings van ambassadeurs (Stone 2026).

Vir regerings in Afrika spoor “Amerika Eerste” lande aan – indien hulle die volgehoue aandag van Washington verlang en wil behou – om met voorstelle vorendag te kom om binnelandse winste vir die VSA te lewer in die vorm van werkseleenthede, as teenwig vir China en vir energiesekerheid (Bell en Faulkner 2025).

#### 4.5 Brics

Teenoor Brics neem Trump 'n onverbiddelike en ongenaakbare standpunt in. Sy houding is vyandig en strafgerig. Die groep het twee keer vir Trump die harnas in gejaag. Eers het hy sy aggressiewe retoriek en tariefdreigemente teenoor lede van Brics aangewend weens sy kommer oor die statusgevaar vir die VSA se dollar en multilaterale meningsverskille. Ook kan hy nie verdra dat die organisasie voorspraak maak om Westerse oorheersing in diplomatie (lees: die VSA en Trump se styl om internasionale sake te bedryf) met 'n multipolêre wêreldstruktuur te vervang nie. Uiteraard sal dit die Westersgesentreerde wêreldorde herformuleer en die dollar as internasionale transaksiebetaalmiddel vervang. Trump beskou Brics as anti-Amerikaans en beweer dat dit die groep se oogmerk is om die dollar skade te berokken. Trump se beleidsverklarings dui op 'n bereidwilligheid om strenger handelsanksies in te stel, veral indien Brics gesamentlike finansiële meganismes of voorstelle vir 'n enkele geldeenheid bevorder. Hy het elke lid van Brics – en ook lande wat beplan om by die groep aan te sluit – met bykomende tariewe gedreig. Trump se aggressiewe benadering tot beide Afrika en Brics het die verhoudings met verskeie Afrika-lande gespanne gemaak, soos met Suid-Afrika, wat reeds aan nuwe tariewe en opgeskorte hulp onderworpe is weens sy buitelandsebeleidstandpunte en sekere aspekte van sy binnelandse beleid waarmee Trump hewig verskil. Die feit dat Iran en Rusland lede is en tans hoog op Trump se lys vir strenger sanksies is, plaas Brics en sy lede nog meer onder die soeklig en in die spervuur.

Hierna het Trump nie spesifiek na Brics verwys nie, maar lede afsonderlik geteiken toe hy tariewe van 25% aangekondig het teen enige land wat voortgaan om sake te doen of handel te dryf met Iran, wat ook 'n lid van Brics is. Dit is 'n vorm van sekondêre sanksies teen Iran se belangrikste handelsvennote en is bykomend tot bestaande primêre en sekondêre finansiële sanksies wat die VSA reeds toepas. Sy hand word versterk deur dienende wetgewing (Tariffs For Terrorism Act) wat sulke tariewe vereis teen lande wat Irannese olie en petroleumprodukte koop (Breuninger 2026).

Volgens Amerika Eerste en die NVS word Brics as 'n strukturele uitdager vir die VSA se mag beskou. Ter wille van die verdediging van die VSA se soewereiniteit, dollarhegemonie en industriële belange word druk toegepas eerder as dat daar toegeeflik opgetree word. Brics word gesien as 'n voertuig vir nie-Westerse koördinerende en institusionele vernieuwing (bv. nuwe ontwikkelingsbank, reserwewereël, uitbreiding na meer lede) wat die sentrale rol van die VSA en Westerse beleidsmaatreëls uitdaag en geleidelik kan laat verswak (Weinberg, Mil-Man en Gamburg 2025). Daarom word Brics se standpunte oor dedollarisering en alternatiewe betaalstelsels as 'n direkte bedreiging vir die VSA se monetêre voorrang en sy geopolitieke hefbomwerking gesien (Martin 2025). Druk gegrond op Amerika Eerste het onbedoeld die interne Brics-samehorigheid en -identiteit versterk, en lede is gedwing om ekonomiese samewerking uit te brei en niedollarfinansiering te ondersoek, juis om blootstelling aan die VSA se hefbomwerking te verminder (Nan 2025).

Gevolglik word die VSA se houding teenoor Brics met afskrik- en strafvoorwaardes – tariewe, finansiële dreigemente en diplomatieke delegitimering – eerder as in betrokkenheid geanker. Sodoende het Brics die afgelope tyd stewige houe gely, asook met Modi se ampsbesoek aan Israel en Trump se amptelik uitnodiging aan Modi om by sy Vredesraad aan te sluit. Sou Indië aansluit terwyl ander lede van Brics weier om deel te neem, sou dit die indruk van 'n gebroke front van die Globale Suide verskerp, met Indië wat nader beweeg aan die strukture wat die VSA lei, selfs oor kern-politiekeveiligheidskwessies en nie net oor ekonomie en tegnologie

nie. Die beeld van 'n Globale Suide wat weerstand bied teen die VSA se hegemonie, is stadig maar seker besig om weg te kwyn (Mohan 2026). Meer as net Iran se kernambisie is met die drastiese optredes deur die VSA en Israel geknak. Iran was in geen posisie om voorwaardes te stel of te eis nie. Venezuela verloor beheer oor sy olie. Kuba is op die punt van ekonomiese ineenstorting en word noodsaaklike olie-invoere van Venezuela en Mexiko geweier, en geen Latyns-Amerikaanse land haas om Kuba te ondersteun nie. Vir Suid-Afrika en sy ander vennote in Brics is daar baie om oor na te dink. Die oorlog teen Iran en Iran se aanvalle op twee van sy Brics-vennote, Saoedi-Arabië en die VAE, het nog verdere ongemaklikhede vir Brics opgelewer wat eenheid in die groep tans feitlik onmoontlik maak (Eksteen 2026).

#### 4.6 Rusland

“Amerika Eerste” beteken in wese dat internasionale verbintenisse aangegaan behoort te word slegs indien die VSA en sy bewoners sigbaar bevoordeel word ten opsigte van veiligheid, voorspoed en belange. Dit stem ooreen met beginselvaste realisme in die NVS wat voortdurende mededinging tussen groot moondhede aanvaar, maar multilaterale beperkings verwerp wat die VSA se handelsvryheid inperk (The White House 2025). Daarvolgens is die VSA se beleid teenoor Rusland uitdruklik belangegedrewe en transaksioneel. Gevolglik word Rusland beskou as 'n grootmoondheidsmededinger wat bestuur moet word om vaste veiligheids- en ekonomiese winste vir die VSA te verseker, eerder as 'n ideologiese vyand of vennoot in liberale projekte. Dit laat sodoende ruimte vir selektiewe samewerking of akkommodasie wanneer dit geoordeel word as om die VSA se voorkeure te dien (dink bv. aan Oekraïne, wapenbeheer of energie), selfs ten koste van tradisionele alliansieverwagtinge. Die Russiese leierskap kan egter nie deur 'n liberale denkproses getransformeer word nie. Voorkeur word dus verleen aan militêre afskrikking, sanksies en energiehefboomwerking as instrumente om Russiese mag te bestuur, terwyl demokrasiebevordering of universele norme as primêre doelwitte ten opsigte van Rusland as beleid afgeskaal word.

In die konteks van die oorlog in Oekraïne beteken dit eerstens dat pogings aangewend moet word om die konflik te beëindig deur middel van onderhandelinge. Tweedens moet daar die bereidwilligheid wees om beperkings op Oekraïne se maksimalistiese doelwitte te bereik (bv. lidmaatskap van Navo). Dit alles moet geskied met die stabilisering van die streeksbalans teen laer koste vir die VSA as doelwit. Carment en Belo (2025) stel hul siening oor die bereiking daarvan soos volg: “The trajectory of the war will be shaped less by battlefield momentum than by the interaction between economic endurance, political will, and strategic patience.”

Hierdie benadering vind neerslag in Trump se voorkeur vir realistiese optredes in buitelandse aangeleenthede (Grigas 2025). Die Amerika Eerste-denkrigting is gemaklik met 'n wêreld van invloedssfeer wat die VSA se voorrang in die Westelike Halfrond beklemtoon en waar daar van bondgenote in Oos-Europa 'n meer beperkte, voorwaardelike rol verwag word. Sodoende word Europese state aangemoedig om hulle verdedigingsbesteding te verhoog en meer verantwoordelikheid teenoor Russiese mag te aanvaar, terwyl die VSA die toesig oor en toepassing van kern- en strategiese hefboomwerking behou en ook die reg voorbehou om sy verbintenisse en koste te herevalueer (Pillar I 2025). In die proses word ruimte vir selektiewe samewerking met Moskou geskep wanneer dit spesifieke doelwitte van die VSA bevorder (soos wapen-beheermaatreëls en energieprysbestuur). Hierdie buigsamheid is polities voordelig omdat dit wisselwerking tussen harde retoriek en sanksies aan die een kant moontlik maak en aan die ander kant persoonlike diplomatie of ooreenkomste met Russiese leiers toelaat sonder om die oorkoepelende raamwerk van mededingende grootmoondheidspolitik te laat vaar (Rowe 2025).

#### 4.7 Oekraïne

Wanneer Oekraïne deur 'n Amerika Eerste-lens herinterpreteer word, word dit nie as 'n normatiewe projek van demokrasiebevordering gedoen nie, maar eerder as 'n frontlinietoets vir wat in die nasionale belang van die VSA is. Die beskerming van Navo se oostelike flank en die voorkoming van 'n vyandige mag wat Europa kan oorheers, bly in die VSA se geo-strategiese belang. Dit moet egter teen laer koste vir die VSA en met meer geallieerde bydraes nagestreef word wat oneweredige laste op belastingbetalers van die VSA vermy (Pearson 2025; Little 2026). Bystand aan Oekraïne word toenemend aan voorwaardes en bedinging gekoppel. Bykomende hulp moet bydraend tot 'n wapenstilstand-/onderhandelingsstrategie wees eerder as 'n openlike veldtog om Rusland uit en uit te verslaan. Hiervolgens word Oekraïne as 'n Europese veiligheidsprobleem beskou waarmee die VSA sal help, maar wat die moondheid nie onbepaald sal onderskryf nie. Trump beklemtoon voortdurend dat Europese state groter verantwoordelikheid moet aanvaar vir die finansiering en bewapening van Oekraïne, met Washington wat hefboomfinansiering behou. Vertraging of afskaling van hulp vanaf die VSA word as 'n wettige instrument beskou om beide Kiëf en Europese bondgenote te dwing om by 'n onderhandelde formule aan te sluit wat vir Washington se prioriteite en nasionale belange aanvaarbaar is (Kellogg en McDonald 2023). Die beginsel gee prominensie aan 'n onderhandelde skikking eerder as 'n totale Oekraïense oorwinning as die verlangde uitkoms (Legro 2025). Volgens Desch (2026) beweeg Kiëf dalk in die huidige omstandighede na 'n kompromisvrede – een wat noodwendig die oorgawe van Oekraïne se grondgebied insluit.

Baie Europese leiers en die leierskorps van die EU vrees dat die VSA belangstelling sal verloor om Wladimir Poetin na vrede te dryf wanneer die aanvalle teen Iran voortduur en groter afmetings aanneem en dat die voorraad missiele wat Kiëf dringend nodig het, nou deur die VSA self benodig word.

Europeans struggling to cope with Donald Trump's inflammatory interventions may be about to discover there's one thing worse: Not being the object of his attention anymore. As Trump's ongoing operation against Iran takes priority with Pentagon planners and the White House, European officials fear he will lose interest in ending Russia's full-scale war in Ukraine, now into its fifth year. (Ross 2026)

#### 4.8 China

In die geval van China behels Amerika Eerste hoofsaaklik die beskerming van die VSA se rykdom, mag en interne veiligheid eerder as die verdediging van 'n liberale internasionale orde of die beskerming van abstrakte globale verantwoordelikhede. China word dus minder as 'n ideologiese vyand beskou wat verander moet word en meer as die hoof- buitelandse mededinger wat gebalanseer, beperk of benut moet word om die VSA se nasionale belange te bevorder (Bennett en Popli 2026). Hiervolgens word China as die grootste bedreiging en mededinger vir die VSA se ekonomiese en tegnologiese voorrang hanteer. Beleidsinstrumente word geregverdig as middele waarmee die VSA teen Chinese invloed beskerm word eerder as 'n manier om China in 'n reëlgerigte orde te plaas (Sankey en Henderson 2025).

China gebruik strategiese geleenthede om die VSA se leierskap te ondermyn en alternatiewe staats- en ekonomiese reëlings te bevorder (Expert Comment 2024). Beleid teenoor China word hoofsaaklik deur die lens van die VSA se binnelandse veerkragtigheid beoordeel, wat mededingende voordeel eerder as 'n gesamentlike projek om enige liberale orde te vestig, vooropstel (Robbins 2025).



#### 4.9 G20

Die VSA se beleid teenoor en onlangse hantering van die G20 is suiwer belangegedrewe. Die forum word gesien as 'n arena om die VSA se groei, sekuriteit en hefboomwerking oor mededingers en vennote te bevorder, nie as 'n komitee vir globale bestuur nie. Dit herdefinieer wat die VSA van die G20 verwag – 'n verskuiwing van breë konsensusbou oor globale en openbare problematiek na die verkryging van bepaalde ekonomiese, energie- en geopolitieke voordele vir die VSA, selfs ten koste van die verbokkeling van tradisionele inklusiewe multilateralisme (Romero en Patrick 2025). In hierdie proses het Suid-Afrika as voorsitter van die groep in 2025 onvermydelik weens sy ondeurdagte buitelandsebeleidbesluite en -optredes, asook oor sekere aspekte van sy binnelandse beleid in botsing met Trump gekom. Die VSA se doelbewuste afwesigheid by die G20 se jaarvergadering in November 2025 in Johannesburg het 'n skadu oor die groep, sy agenda en sy besluite geplaas. Dit het vererger met Trump se daaropvolgende besluit om Suid-Afrika van al die aktiwiteite van die G20 in 2026 uit te sluit wanneer hy voorsitter is. Suid-Afrika se lidmaatskap mag dalk in hierdie komende jaar in gedrang kom met Trump se besluit om Suid-Afrika nie na die jaarvergadering in die VSA te nooi nie. Suid-Afrika se voortgesette lidmaatskap van die G20 word minder geregverdig deur eng ekonomiese maatstawwe en meer deur 'n kombinasie van historiese, strukturele en diplomatieke faktore wat dit 'n sentrale verteenwoordiger van Afrika en die breër Globale Suide in globale ekonomiese bestuur maak (Le Pere 2026).

Hierdie oorgang volg 'n ongekende reeks van vier opeenvolgende Globale Suide-geleide voorsitters (Indonesië, Indië, Brasilië en Suid-Afrika), waartydens die forum se agenda, asook lidmaatskap, ontwikkel en uitgebrei het. Die forum se eerste volledige gasheersiklus is voltooi. Sedert die G20 verhef is van 'n beskeie jaarlikse byeenkoms van ministers van finansies tot 'n beraad op leiersvlak in reaksie op die wêreldwye finansiële krisis in 2007–2008, het elke lid minstens een keer voorgesit. Nou, vir die eerste keer sedert 2009, keer die G20-presidentskap terug na die VSA. Dit verteenwoordig 'n substantiewe en normatiewe verskuiwing van 'n meer uitgebreide, inklusiewe, ontwikkelingsgesentreerde G20 na 'n nouer, meer genasionaliseerde visie. Dit is die VSA se doel om die bestuur van risiko's en ontwikkelingskwessies (onder andere finansiële stabiliteit en klimaatvereistes) te hanteer om by die VSA se binnelandse vereistes en belange in te pas soos gedefinieer deur die voorskrifte van die Amerika Eerste-leerstelling. Die VSA wil verseker dat die G20 terugkeer na 'n beperkte, staatsgesentreerde ekonomiese forum (Mukherjee 2025).

Die VSA het reeds aangedui dat 'n agenda gevolg sal word wat baie van wat oor die afgelope vier jaar bereik is, sal beperk of selfs negeer. So 'n verskuiwing laat fundamentele vrae oor die G20 se doel, legitimititeit en doeltreffendheid ontstaan op 'n tydstip wanneer multilateralisme self toenemend onder druk verkeer.

The Trump administration has already signaled that its presidency will pursue a markedly leaner agenda framed around economic growth, deregulation, energy security, and technology, and which will surely curtail the G20's work in areas including climate, inequality, and development. In practice, this is likely to mean fewer working groups, fewer ministerial meetings, and sharply reduced interaction with civil society and most engagement groups. (Romero en Patrick 2025)



Gevolgtlik sal die doelwitte wat in 2025 aanvaar is en ag slaan op die belange van Afrika en die Globale Suide, min of geen aandag in 2026 geniet nie, want dit pas nie in by die VSA se agenda vir 2026 nie. (Media Note 2025)

Die strategiese betekenis van Amerika Eerste ten opsigte van die G20 hang af van hoe die VSA sy invloedssfeer en grootmoondheidsmededingingsdenkwyse gaan gebruik om globale reëls te versterk wat op die beskerming en bevordering van sy eie nasionale belange neerkom (Vinjamuri 2025).

Hierdie benadering kan op kort termyn die VSA se hefboomwerking verbeter, maar hou ook die risiko in dat die G20 as 'n wettige spilpunt van globale ekonomiese bestuur verlam kan word. Ontevrede lede mag in die proses meer aandag skenk aan alternatiewe groeperings, soos Brics of streeksreëlings (Media Note 2025). Die waarskynlikste uitkoms is dat 2026 'n ontwrigtende jaar vir die G20 sal wees – een wat gekenmerk gaan word deur transaksionele diplomatie, herhalende dreigemente van tariewe en minagting vir institusionele kontinuïteit of diplomatieke konvensie. 'n VSA-gesentreerde G20 wat institusionele geheue en ideologiese momentum heeltemal verwerp, hou die moontlikheid in dat die G20 se sin vir gemeenskaplike onderneming verlore sal gaan. Heelwat vraagstukke – van die klimaatkrisis en die tans ontvouende energie-oorgang tot internasionale finansies en korporatiewe belasting – kan eenvoudig uit formele besprekings verdwyn. Pretoria het aangedui dat dit waarskynlik sal stilbly en wag vir die volgende rotasie van die G20 wat in 2027 in die VK se hande sal wees.

#### **4.10 Suid-Afrika**

Die VSA se beleid teenoor Suid-Afrika draai nie net om tariewe en Trump se eie siening van sekere aspekte van wetgewing en gebeure in die land nie. Veel meer is op die spel wanneer die VSA meer openlik belangegedrewe, transaksioneel en bestraffend optree met ekonomiese- en ideologiese-belyningstoetse wat toenemend toegang tot handel, hulpverlening en diplomatieke welwillendheid beëindig. Pretoria se Brics-oriëntasie en sy standpunte en optredes ten opsigte van Israel en aansienlike verbondenheid aan en samewerking met Hamas, Iran, China, Rusland en Kuba word saam met sy selfversekerde houding oor die Globale Suide die lakmoestoets vir die VSA. So word Suid-Afrika minder as 'n strategiese vennoot en meer as 'n huiwerige of onbetroubare swaastaat in globale mededinging beskou (Tapsoba 2025). In Kongres-geledere word daar alreeds na Suid-Afrika verwys as synde vyandig teenoor die VSA. Senator John Kennedy van Louisiana het Suid-Afrika by verskeie onlangse geleenthede beskryf as die VSA se vyand en duidelik nie die VSA se vriend nie weens Pretoria se buitelandsebeleidsbelyning: “Well, they are a unique problem for America. I mean, they are our enemy right now. They are buddies with all of our enemies. And they have been very critical of the United States” (Maromo 2025).

Gevolgtlik loop Suid-Afrika die risiko om telkens ekonomiese en diplomatieke vergelding van Washington te ontlok, nie net van Trump se kant nie, maar, ewe belangrik, ook van die Kongres. Suid-Afrika word as 'n probleem hanteer en selfs as 'n gevaar beskou wat onder druk geplaas moet word omdat dit in konflik met die VSA se prioriteite staan en gevolglik onversoenbaar met daardie land se nasionale belange en veiligheid is (Meeting 2025). Die nuwe ambassadeur van die VSA het teen die middel van Februarie 2026 met sy dienstermyn begin. Suid-Afrika het steeds nie 'n gevolmagtigde ambassadeur in Washington nie, net 'n nuut aangestelde tydelike saakgelastigde wat bevel van die ambassade neem. Op so 'n aanstelling is stellig besluit aangesien die pos nie geloofsbriewe vereis nie. Dit verleen egter nie ambassadeurstatus aan die persoon nie, aangesien hy nie as sodanig by die VSA geakkrediteer word nie.

#### 4.11 Venezuela

Hierdie land het 'n toets geword van hoe die VSA se hardkoppige nastrewing van nasionale belang (energiesekerheid, migrasie, China/Rusland/Iran) versoen word met skeptisisme teenoor beide multilateralisme en oop regimeveranderingsaksies. Venezuela is gesien as 'n probleem rakende invloedssfeersekuriteit, grootmoondheidsmededinging en beheer van strategiese hulpbronne, bekamping van dwelmshandel in al sy fasette, en migrasievloei, eerder as 'n projek om demokrasie te herstel. Die Westelike Halfrond word as 'n prioriteitsarena behandel, soos die NVS dit ook duidelik stel, en van die hoogste belang in die VSA se buitelandse beleid. Mededingers moet in hierdie gebied uitgesluit word sodat die VSA sy strategiese belangrikheid en handelsvryheid kan behou. In hierdie opsig maak Venezuela saak omdat dit China, Rusland en Iran in sy energie- en sekuriteitssektore toegelaat het (Tobin 2025).

Met hierdie logika word Caracas as beide 'n veiligheids- en 'n geopolitieke probleem beskou. Optrede teen Venezuela was drieledig: om dwelmshandelaars op hul roetes na die VSA te stuit en hul bote te vernietig; om die President te verwyder sodat hy op dwelmaanklagte in die VSA kan teregstaan; om die oliebronne te bestuur sodat – soos die VSA dit stel – die inkomste daaruit tot die voordeel van die plaaslike bevolking beskikbaar gestel kan word wat hulle vir soveel dekades ontnem was. Hierdie optrede het ook bykomende resultate opgelewer wat die VSA as bedreigings vir sy nasionale belange geag het. Die betrokkenheid van Rusland, China en Iran in Venezuela is ontwrig en die voordele wat hulle uit daardie teenwoordigheid geniet het, is beëindig. Kuba, wat in verskeie opsigte van Venezuela afhanklik is, is 'n gevoelige slag toegedien.

#### 4.12 Kuba

Die VSA het sy eerste blokkade van Kuba meer as 60 jaar gelede ingestel. Tans beleef die land 'n humanitêre krisis, en vir sy regering, wat om oorlewing veg, lyk die situasie benard. Met die militêre optrede van die VSA vroeg in Januarie 2026 teen Venezuela in opvolging van sy maande lange aksies teen dwelmbote en olieskepe, het die VSA ook die land se bande met Kuba 'n gevoelige slag toegedien. Kuba beleef tans die ergste ekonomiese krisis in sy 67 jaar onder kommunistiese bewind. Met reeds wydverspreide kragonderbrekings, medisynetekorte en stygende voedselpryse was Kuba se ekonomiese probleme nog nooit erger nie. Oor hierdie krisis wat Kuba nou in die gesig staar, is daar weinig beheer. Ná die VSA se optrede teen Venezuela en die oorname van sy oliesektor vloei petroleumprodukte nie meer na Kuba nie en is die land se reddingslyn met sy naaste bondgenoot erg ontwrig. Hierdie toedrag van sake sal bestaande tekorte aan voedsel, brandstof, medisyne en elektrisiteit vererger en die risiko van maatskaplike onrus verhoog. Trump het daarop gesinspeel dat die land binnekort 'n ekonomiese ineenstorting kan beleef en het Havana aangespoor om 'n ooreenkoms te sluit voordat dit te laat is. Sodra die gevolge van die VSA se optrede ten volle realiseer, kan Kubaanse leiers dit as 'n opsie oorweeg. Op die oomblik bly Kuba egter steeds uitdagend (ten minste in woorde), terwyl ander Latyns-Amerikaanse leiers gekies het om Trump te paai (News 2026).

Byna elke bewoner van die Withuis sedert Dwight Eisenhower het gepoog om Kuba se kommunistiese regering omver te werp. Trump dink dit sal uiteindelik onder sy toesig gebeur, en sonder veel moeite. Die eilandnatie met minder as 10 miljoen inwoners is nou in die moeilikheid nadat hul hoofweldoener deur spesiale magte van die VSA uit Venezuela verwyder is. Hierdie aanval het belangrike strategiese gevolge vir Kuba. Meer as 30 Kubaanse militêre personeel het in die operasie omgekom. Die ontbloting van Kuba se intelligensie- en militêre rol in Venezuela kan Havana se beeld onder sommige van sy bondgenote kompliseer. Nood-

saaklike ekonomiese reddingslyne is afgesny. Sanksies beperk handel, belegging, finansiële vloei en toegang tot tegnologie, wat feitlik alle sektore van die Kubaanse ekonomie raak. Beperkings word geplaas op toegang tot die VSA se finansiële stelsel, en die dollar bemoeilik Kubaanse buitelandse transaksies (Sanction regime, met geen datum van uitreiking nie).

Die aanval op Venezuela word gesien as 'n teken dat Kuba nou 'n primêre teiken is vir Trump se breër hemisferiese strategie onderskryf deur die Monroe-doktrine en wat binne die Amerika Eerste-raamwerk en die NVS val om buitehemisferiese invloed uit te skakel en linksgesinde outoritêre regimes te teiken. Aanduidings is reeds daar dat Havana dalk selfs die volgende teiken vir erge strafmaatreëls deur die VSA kan word (Tekin 2026).

Die VSA pas al vir langer as ses dekades omvattende sanksies teen Kuba toe, wat hierdie strafbepalings een van die langste eensydige toepassings in die geskiedenis maak. Aanvanklik is sanksies tydens die Koue Oorlog aangewend as 'n reaksie op die Kubaanse revolusie se belyning met die Sowjetunie en die nagevolge van die Kubaanse missielkrisis. Sanksies is sedertdien herhaaldelik geregverdig ter bevordering van demokrasie, menseregte en nasionale veiligheid. Sedert die aanvanklike instel van sanksies tussen 1960 en 1963 het opeenvolgende presidente uitvoere geleidelik gestaak. Kubaanse bates is gevries en 'n volledige embargo is ingestel op handel en die meeste reise. Later het die Kongres opgetree om buitelandse firmas wat met Kuba handel dryf of in die land belê, met boetes te dreig. Sodoende het sanksies 'n besliste eksterritoriale karakter gekry. Hierdie raamwerk het die beleid besonder veerkragtig gemaak teenoor verandering, want die opheffing van sleutelemente vereis nou optrede deur die Kongres eerder as 'n besluit deur die President (Klein 2025). Die aanval op Venezuela het ook die beperkings van China se strekvermoë bewys – petroleumprodukte is nie meer beskikbaar nie, ook nie vir Iran en Kuba nie (Chaguan 2026).

Trump se dreigement om tariewe te hef op lande wat olie aan Kuba verskaf, het 'n gedugte nuwe uitdaging vir die Mexikaanse president, Claudia Sheinbaum, geskep in haar pogings om Mexiko se belange met die eise van die Withuis te balanseer (McDonnell en Linthicum 2026). Mexiko se daaropvolgende besluit om olieverskappings te staak, dreig om Kuba se reeds ernstige brandstof- en ekonomiese krisis te verdiep, terwyl dit sy politieke en ekonomiese afhanklikheid van 'n nouer stel buitelandse vennote verhoog en Havana se beweegruimte verder beperk. Hiermee het Kuba se energiereddingslyn 'n direkte teiken en slagoffer van die VSA se dwangdiplomatie geword en om sy belange in sy invloedssfeer te beskerm. Kuba sal waarskynlik pogings verdubbel om voorrade van Rusland, Angola, Algerië, Brasilië of ander lande te bekom, maar hierdie verskaffers moet potensiële tarief- of sanksieblootstelling deur die VSA teen betreklik beskeie kommersiële winste opweeg. Moontlike vlootblokkades in die nabyheid van Kuba kan nie uitgesluit word vir die VSA om die strop nog nouer te trek nie. Uitvoere van ruolie na Havana droog vinnig op en met oliereserwes wat krities laag raak, staan Kuba ekonomiese ineenstorting in die gesig sonder nuwe voorrade (Aris 2026).

Met brandstofvoorrade wat die afgelope maande afgeneem het, het bedrywighede in hospitale afgeneem terwyl siektes en hongerte steeds toeneem. Motorbestuurders wag ure lank met die hoop om brandstof te bekom. Kragonderbrekings is 'n daaglikse realiteit oor 'n groot deel van die eiland en lugdienste – sonder stralerbrandstof – skort vlugte op. Die gevolglike afname in toerisme tesame met verskeie lande wat hul kontrakte met Kubaanse dokters gekanselleer het, vererger die krisis vir Havana met broodnodige buitelandse valuta wat die land ontnem word om vir invoere te betaal (Daniels en Chávez 2026).

#### 4.13 Iran

Oor die afgelope agt maande het die VSA sy buitelandse beleid teenoor Iran met toenemende druk verskerp deur sanksies, diplomatieke aksies en militêre aanvalle, hoofsaaklik as gevolg van kommer oor Iran se kernkragambisies, kwaadwillige streeksaktiwiteite en onderdrukking van die bevolking. Washington beskou hierdie stappe as noodsaaklik om Teheran enige kernwapenvermoë te ontsê, sy missiel- en hommeltuigprogramme en uitvoere van daardie items te ontwrig, en sy vermoë te beperk om gevolmagtigdes te finansier. Dienooreenkomstig het Trump druk begin toepas wat ook die herinstelling en verskerping van sanksies op Iran se energie-, konstruksie- en tegnologiese sektore insluit. Onlangse maatreëls teiken instellings wat gekoppel is aan Iran se kernprogram en sy ballistiese-missiel- en onbemandelugvaartuigstelsels. Dit weerspieël Washington se vasberadenheid om enige geheime of vinnige vooruitsig op kernwapens te voorkom. In Junie 2025 het die VSA hewige lugaanvalle op drie kernkragterreine geloods om verryking en wapenrelevante navorsing te vernietig. Sedertdien handhaaf die VSA 'n verhoogde vloot- en lugteenwoordigheid in Iran se nabyheid wat toon dat die VSA te eniger tyd gereed is om aanvalle te herhaal indien Iran sensitiewe kernkragbedrywighede hervat. Ook indien sy gewelddadige onderdrukking van protesteerders verder toeneem.

Washington beskou Iran se steun vir groepe soos die Houthi's in Jemen, milisies in Sirië, Hasjd al-Sjaabi in Irak, Hezbollah in Libanon en Hamas in Gaza as direkte bedreigings vir die VSA se bondgenote, streekstabiliteit en vryheid van seevaart. Sanksies oor die afgelope maande het entiteite en vaartuie geteiken wat gekoppel is aan Iran se skaduvloot. Washington beskuldig hulle daarvan dat hulle olie en petrochemikalieë smokkel om netwerke en volmagbedrywighede te finansier. Die VSA het ook teen Iran se hommeltuig- en missielhandel met Rusland en Venezuela en ander vennote opgetree, en aangevoer dat hierdie uitvoere die VSA se nasionale belange in die Westelike Halfrond en die Midde-Ooste bedreig. Deur inkomstestrome te ontwrig en wapenoordragte te bemoeilik, beoog Washington om Teheran se vermoë te verswak om mag buite sy grense te projekteer.

Aan die einde van 2025 het Iran wydverspreide protes oor ekonomiese probleme en geld-eenheidineenstorting beleef wat die VSA gekoppel het aan die gevolge van sanksies en wanbestuur. In reaksie hierop het Washington ook sanksies ingestel teen Irannese veiligheidsbeamptes en finansiële netwerke wat daarvan beskuldig word dat hulle betogers gewelddadig onderdruk. Sekondêre sanksies dreig ook teen buitelandse instansies wat vir Iran bystaan. Hierdie maatreëls word geregverdig as beide 'n menseregtereksie en 'n wyse om die regering finansiël verder te isoleer en interne druk op die leierskap te verhoog.

Teen die einde van Januarie 2026 het Trump Iran baie ernstig gewaarsku om te onderhandel of om drastiese gevolge te verwag. Hy stel drie ononderhandelbare eise aan die Irannese: 'n permanente einde aan alle verryking van uraan en die wegdoening van alle voorrade; beperkings op die reikwydte en aantal van hul ballistiese missiele; en 'n einde aan alle steun vir groepe in die Midde-Ooste, insluitend Hamas, Hezbollah en die Houthi's. Trump het reeds verskeie stappe gedoen ter voorbereiding sou hy op aksie teen Iran besluit. Die Golfstreek, die Indiese Oseaan en die oostelike Middellandse See beleef een van die ernstigste vlakke van militêre opbou deur die VSA in baie jare (Sanger, Pager en Fassihi 2026). Op 28 Januarie 2026 het Marco Rubio voor die Senaat se Komitee oor Buitelandse Verhoudinge net hierdie opmerking gemaak: "The president never rules out his options as commander in chief to protect the national interest of the United States" (Kelly 2026).

Intussen het die menseslagting van protesteerders wat teen die Irannese owerhede se onderdrukking gekant is, onverpoosd aangehou. Hieroor het Trump Iran ook alreeds gewaarsku om optrede daaroor te wagte te wees. Al reaksie wat die Irannese toon, is om op hul beurt te waarsku dat hard teruggeslaan sal word as die land aangeval word. Waarnemers meen dat Iran dit hierdie keer mag bedoel (Erlanger 2026). Dit het Trump nie van sy planne laat afsien nie.

Die probleme wat voortspruit uit Trump se optrede teen Iran belig die ongerieflike waarheid: So magtig as wat die VSA se ekonomie is, is dit steeds onlosmaaklik verbind met die res van die wêreld. In sy *Chokepoints: American power in the age of economic warfare* (2025) artikuleer Edward Fishman die gedagte dat die VSA beduidende eensydige hefboomwerking via knelpunte (die dollar, noodsaaklike finansiële en tegnologiese infrastruktuur, tariewe en uitvoerbeheerraamwerke) besit, maar dat die President se onvoorspelbare toepassing van hierdie hefboomwerking dreig om daardie knelpunte te verminder en die langtermynmag van die VSA in gedrang te bring. Deur die wêreld ekonomie in 'n wapen te omskep keer hy dekades van globalisering om met ongekende gevolge. Die les uit die buitelandse beleid van die Trump-era is dat ekonomiese oorlogvoering met dissipline, koalisiebou en 'n langtermynplan toegepas moet word, eerder as 'n eenvoudige, transaksionele instrument in 'n poging om buitelandse beleidsdoelwitte af te dwing.

#### 4.14 Sanksies

Ingevolge Amerika Eerste is sanksies 'n sentrale en hoogs aanwendbare instrument van die VSA se buitelandse beleid deurdat dit direk en uitdruklik gekoppel word aan die beskerming van die VSA se veiligheid, voorspoed en die bereiking van geopolitieke doelwitte. Met hierdie benadering word sanksies en sanksieverwante maatreëls (soos tariewe) selfgeldend en dikwels eensydig toegepas om beide teenstanders en huiwerige vennote te dwing om by die VSA se voorkeure en vereistes in te val (Pillar IV 2025). Die VSA se sanksiebeleid, wat vele geselekteerde sanksies en teikens betrek, beklemtoon dat die primêre doel daarmee is om die VSA se nasionale belange te beskerm en te bevorder – veiligheid, ekonomiese mededingendheid en strategiese oorheersing – eerder as om internasionale norme te handhaaf (Rosenberg 2025).

Sanksies word as eerste reaksie toegepas en nie as laaste uitweg nie. Dit weerspieël vertroue in die VSA se finansiële mag (Sanctions Primer 2023). Sodoende kry sanksies hul tweeledige karakter: Hulle dui op morele of politieke veroordeling, maar is bowenal instrumente van magspolitiiek en ekonomiese staatsmanskap wat tot die VSA se voordeel aangewend word (Sinkkonen 2019).

Die NVS beskou ekonomiese instrumente, insluitend sanksies, as die kern van grootmoondheidsmededinging. Sekondêre sanksies en tariewe word teen Derde Wêreld-land se firmas en banke, asook individue, gebruik wanneer hulle met teikens van die VSA handel en sodoende met die VSA se buitelandsebeleidsvoorkeure ekstraterritoriaal betrokke raak – om hulle hul toegang tot die VSA se markte en die dollarstelsel te ontnem. Hierdie beginsel dwing state om te kies tussen ekonomiese betrekkinge met die VSA en betrekkinge met aangewese teenstanders. Trump het hierdie metode gevolg in sy tariefheffings teen lede van Brics oor hul handel met Iran.



## 5. Die VSA en Israel se lugaanvalle teen Iran en die dood van Khamenei

Trump se vyandigheid teenoor Iran spruit uit die gyselaarskrisis met die VSA se ambassade in Teheran in 1979. Hy het dit vir die eerste keer in die openbaar veroordeel in 'n televisie-onderhoud in 1980 waarin hy ook die inval en beslaglegging van Iran se olievelde bepleit het. Die 444 dae lange krisis, die mislukte Operasie Eagle Claw-reddingspoging, en president Carter se klaarblyklike swakheid het 'n diepe invloed op Trump se wêreldbeskouing gelaat. Macintyre (2026) beweer dat hierdie ervaring Trump se oortuiging versterk het dat militêre mag en die toon van krag noodsaaklik is vir die VSA se geloofwaardigheid – wat die huidige konflik met Iran die hoogtepunt maak van griewe wat deel was van die psige van die VSA.

Die VSA se toepassing van strategiese diplomاسie het Iran vele geleenthede gebied om tot 'n vergelyk te kom. Iran het egter verkies om weerstand te bied. Toe die geopolitieke siening oor Iran verander, het Trump besluit om tot dwangdiplomاسie oor te gaan (wat Sanger 2026 as “coercive diplomacy” beskryf). Hierdie dwang is moeilik om vir 'n onbeperkte tyd vol te hou. Ook is strafmaatreëls nie die finale oplossing nie. Om Iran intern te verander verg ander benaderings met planne wat daarvoor daargestel moet word. Wat reeds ná die lugaanvalle op verskeie teikens in Iran en die grootskaalse beskadiging van Iran se vloot, lugmag en ander instellings, tesame met die dood van ajatolla Ali Khamenei baie duidelik geword het, is dat die Midde-Ooste van vóór 28 Februarie 2026 daarmee heen is. 'n Nuwe Midde-Ooste sal tot stand kom wat deur die VSA en sy streeksbondgenote Israel, die Golfmonargieë, Turkye en 'n veranderde Sirië bepaal en oorheers sal word. Rusland en China mag mindere rolle speel; Iran was hul laaste geostrategiese vennoot in die streek. Rusland het reeds Sirië aan die VSA afgestaan. Rubio het Iran se teensinnigheid om sy ballistiese missiele te openbaar reeds geruime tyd as 'n groot probleem uitgewys (Chávez 2026).

Trump het begin moeg word vir nimmereindigende onderhandelinge. Weke lank het hy 'n armada van vliegdekskepe en torpedojaers in die waters van die Midde-Ooste ontplooi wat deur eskaders F-35- en F-22-vegvliegtuie versterk is en na geallieerde basisse regoor die streek gestuur is. Dit was die grootste opbou van mag deur die VSA sedert die oorlog in 2003 om Saddam Hussein van Irak omver te werp. Operasie Epic Fury het op 28 Februarie 2026 begin (Subramanian 2026).

Die weermagstafhoof van die VSA, generaal Dan Caine, het hierdie punt beklemtoon tydens die mediakonferensie wat hy en die minister van oorlog, Pete Hegseth, gehou het:

This is not a single overnight operation. The military objectives that the Joint Forces have been tasked with will take some time to achieve, and in some cases, will be difficult and gritty work. Part of the U.S. mission is to bar Iran from any ability to “project power outside its borders”. (Timotija 2026)

Soos wat verwag kon word, was die reaksie in die buiteland hoofsaaklik negatief en veroordelend. Die hooftemas daarvan het die onwettigheid, eskalasierisiko's, burgerlike skade en moontlike motiewe vir bewindsverandering in Iran beklemtoon (NPR's International Desk 2026; Bayer en Gray 2026). Baie regerings, veral Rusland en China, en verskeie leiers wat die Globale Suide verteenwoordig, insluitend Suid-Afrika, het die aanvalle bestempel as 'n voorbedagte daad van aggressie teen 'n soewereine lid van die VN wat nie as selfverdediging ingevolge die VN se Handves geregverdig kan word nie. Die eerste minister van die VK, Keir Starmer, het sy regering doelbewus militêr van die aanvalle weerhou. Hy het uitdruklik



beklemtoon dat die VK geen aandeel in hierdie aanvalle gehad het nie. Nadat hy 'n oproep van 'n woedende Trump ontvang het, het hy sy aanvanklike weiering verander dat militêre vliegtuie van die VSA 'n basis in die VK kon gebruik.

Die VN se Veiligheidsraad het in 'n noodsitting vergader na die gesamentlike aanvalle deur die VSA en Israel. Die een vergadering wat daaraan gewy was, het niks opgelewer nie. Toe Rosa Freedman, Britse professor in regte, konflik en globale ontwikkeling aan die Universiteit van Reading, gevra is of die aanvalle internasionale reg skend, het sy die volgende antwoord gegee.

Iran has been a threat, not only to Israel, but to the entire region for decades now under this regime. And they have been very clear about the threats that they pose and about their ambitions to have nuclear weapons and to use nuclear weapons. If you look at it within the context of the purpose of that law and the purpose of the United Nations, it's very clear that those strikes within the context of Iran developing a nuclear weapon are completely lawful. (Freedman 2026)

Dit is belangrik om daarop te let dat van die kritiek wat die VAE en Saoedi-Arabië gelewer het, die hewigste dié was wat teen Iran uitgespreek is vir sy lugaanvalle op teikens op hul grondgebied wat nie basisse van die VSA is nie. Bahrein het daarin geslaag om 'n resoluëie deur die Veiligheidsraad aanvaar te kry waarin Iran veroordeel word vir die aanvalle teen Golfstate. 'n Verdere resoluëie wat gevra het dat die VN optrede teen Iran sou toelaat om te help om die Seestraat van Hormoes oop te hou het misluk.

Verder was die optrede van die VAE as 'n Brics-lid in direkte diplomatieke konflik met 'n medelid oor 'n primêre strategiese saak (skeepvaart en energie). Hierdie interne verdeeldheid binne Brics is geopenbaar en die uitbeelding van 'n verenigde Globale Suide-alliansie word ondermyn. So word die omvang van Brics se tekortkominge in operasionele kapasiteit ontbloot en word eenstemmigheid oor harde veiligheidsaangeleenthede en krisisbestuur moeiliker. Hierdie verwikkeling sal ongetwyfeld ook besprekings binne Brics rakende die formulering van verenigde standpunte oor Golfsekuriteit en navigasievryheid bemoeilik. Verder illustreer dit dat verskillende bedreigingspersepsies en alliansieraamwerke (VAE teenoor Iran, en moontlik ander Brics-lede) samesprekinge en besluite oor geostrategiese aangeleenthede uitdagend, indien nie onmoontlik nie, maak. Die geloofwaardigheid van Brics het ongetwyfeld 'n aansienlike knou weg (Eksteen 2026).

Terwyl die Golfstate steeds op goeie voet met Washington verkeer en steeds passiewe gashere vir die VSA se magte speel, mag die Iran-konflik 'n fundamentele hersiening van die verhoudings tussen die VSA en die Golfstate vereis. Hul onderhandelaars sal 'n meer gebalanseerde veiligheidsvennootskap met die VSA verlang. Hulle sal strategiese wederkerigheid eis. Die huisvesting van die VSA se magte hou tans 'n oneweredige risiko vir hulle in sonder gewaarborgde beskerming. Toekomstige samewerking sal afhang van hersiene verwagtinge en verpligtinge.

Operasie Epic Fury stem ooreen met die Amerika Eerste-leerstelling en omarm drie kernskakels: binnelandse veiligheid as die hoogste belang, verwerping van multilaterale beperkings, en strategiese transaksionalisme, voordat dit oorgaan na die interne spanning wat die veldtog blootlê. Gedurende Trump se tweede termyn is direkte militêre betrokkenheid by Iran – geïllustreer deur uitgebreide aanvalle en langdurige militêre operasies – gesien as 'n beduidende uitbreiding eerder as 'n verwerping van sy “Amerika Eerste”-filosofie. Die Iran-

veldtog dui nie op 'n herlewing van tradisionele liberaal-internasionalistiese intervensionisme nie, maar eerder op 'n beperkte, transaksionele en selfsugtige rasionaal waarin militêre mag gebruik word as 'n manier om vermeende bedreigings vir die VSA se veiligheid, ekonomiese belange en binnelandse politieke kapitaal uit te skakel.

Die VSA is dus afhanklik van dwangdiplomatie (*The Economist* noem dit weer “gunboat diplomacy” (The Telegram 2026) om strategiese welslae te behaal. Terwyl die konflik met Iran voortduur, hou die wêreld die oorlog met ingehoue asem dop. Wat die meeste dalk nie besef nie, is die strategiese dinamika en verskuiwing wat aan die gang is namate Iran se militêre doeltreffendheid afneem terwyl die vermoëns en vasberadenheid van die VSA, Israel en verskeie state in die Golf versterk. Die gevolg is 'n langdurige, laer-intensiteit-uitputtingsoorlog – een wat, ten spyte van die huidige spekulasie, Washington en sy bondgenote bevoordeel. Maar wat sal die prys wees wat uiteindelik betaal moet word om daardie oorwinning te behaal?

Trump se doeltreffendheid as 'n oorlogstydse president word nou eers ná die aanvang van die VSA se optredes teen Iran beoordeel. Deur die militêre historikus Victor Hanson (2001) se drie kriteria vir oorlogstydse presidensiële sukses te gebruik, kry Trump prysenswaardige graderings in twee daarvan. Die eerste een behels die aanwending van toepaslike mag om uitdruklike militêre doelwitte te probeer bereik. Meer as 8 000 teikens is reeds in die eerste maand aangeval, terwyl Iran se verdedigingsopset en leierskap aansienlik verswak is. Die tweede een is sy standvastigheid teen binnelandse teenkanting van beide Demokrate en Republikeine wat antioorlog is. Sy tekortkoming lê egter in die derde kriterium om die aksies teen Iran in etiese terme uiteen te sit. In teenstelling met presidente Woodrow Wilson, Franklin Roosevelt en George H.W. Bush vermy Trump dit om die VSA se optredes op idealisme te baseer en verkies hy om dit volgens oorwegings van nasionale belang te formuleer. Gevolglik voer Continetti (2026) aan dat hierdie benadering voldoende kan wees slegs solank militêre optredes suksesvol is. Hy waarsku dat volgehoue openbare steun tradisioneel staatgemaak het op presidente wat die VSA se oortuigings en belange saam gehandhaaf het. Hy beweer dat die effektiwste manier om die bedreigings van Iran te neutraliseer nie net militêre meerderwaardigheid behels nie, maar ook hulp insluit om die bevolking van daardie land te help om hul onafhanklikheid te verkry. Hierdie etiese argument het Trump nog nie aangebied nie, omdat hy nie die waardes van sy Amerika Eerste-beleid in die gedrang wil bring nie.

## 6. Navo

Die VSA se beleid teenoor Navo word meer openlik transaksioneel en lasdelinggedrewe gestel terwyl die alliansie steeds as 'n sleutel – maar 'n voorwaardelike een – tot die VSA se veiligheid en grootmoondheidstrategie gesien word. Navo word van 'n solidariteitsgemeenskap na 'n kontrak herformuleer waarin kollektiewe verdediging en die VSA se leierskap uitdruklik gekoppel word aan hoeveel bondgenote finansieel bydra, spandeer, en tot watter mate hulle politiek saamstem met die VSA.

Die organisasie word gedefinieer nie as 'n waardegerigte groep nie, maar eerder as 'n instrument om die VSA se soewereiniteit, veiligheid en ekonomiese voordeel te bevorder. So verskuif die klem van abstrakte retoriek van die liberale orde na meetbare opbrengste – byvoorbeeld troepeerontploffings, verdedigingsbestedingstekens en ekonomiese voordele vir die VSA se belastingbetalers, en bevordering van sy nasionale belange.

Navo se sentrale politieke probleem van lasdeling word uitgelig met beskuldigings dat Europese bondgenote nie hul finansiële verpligtinge behoorlik nakom nie. Trump het aanvanklik hierdie kritiek gebruik om te eis dat bondgenote 2% van hul bruto binnelandse produk (BBP) moet bydra. In sy tweede termyn het hy begin druk uitoefen vir tot 5% van lede se BBP. Ook het hy voorgelê dat die VSA se bereidwilligheid om bondgenote te verdedig daarvan sal afhang of hulle aan sy finansiële-bydrae-vereistes voldoen en gedreig dat indien bondgenote nie hul verpligtinge nakom nie, hulle nie op die beskerming van die VSA sal kan staatmaak nie. Dit is 'n onsekerheid wat nie in kollektiewe verdedigingsgeloofwaardigheid hoort nie, al herhaal Navo sy vaste verbintenisse (Lyons 2025).

Vir Navo is “Amerika Eerste” belangrik omdat dit interne heronderhandeling oor rolle, risiko's en koste afdwing, al dryf dit Europeërs om verdedigingsbesteding te versnel en groter strategiese verantwoordelikheid te oorweeg eerder as om op die VSA se vrygewigheid staat te maak. Vir Europese regerings skep dit 'n deurlopende dilemma om telkens op die VSA se eise oor besteding, handel en belyning te reageer terwyl hulle binnelandse mening en angs moet bestuur oor die VSA se veiligheidswaarborgs wat al hoe meer afhanklik word van daaglikse politieke omwentelinge in Washington.

Ná Trump se toespraak by die WEF op 21 Januarie 2026 het Mark Rutte, sekretaris-generaal van Navo, die volgende opmerkings gemaak wat perspektief op sekere punte van Trump se kritiek op Navo gee.

So again, I'm not popular with you now because I'm defending Donald Trump, but I really believe you can be happy that he is there because he has forced us in Europe to step up, to face the consequences that we have to take care more of our own defence. [...] The US is by far the most powerful nation on Earth. And the President of the United States is therefore the leader of the free world. And you cannot envision NATO without the leader of the free world being an integral part of that organisation. And nobody wants it, not on the US side, not on the European side. (Rutte 2026)

Verder wys Rutte daarop dat die VSA steeds meer as 80 000 troepe in Europa gestasioneer hou. Dit beklemtoon sy verbintenis tot Europese verdediging, veral in lande soos Pole en Duitsland. Namate die VSA sy fokus na Asië verskuif, word daar verwag dat Europese lande hul eie verdedigingsvermoëns sal verbeter. Die sterk militêre teenwoordigheid van die VSA, insluitend sy kernskild, bly noodsaaklik vir Navo se veiligheid. Vir Rutte is die besluite wat Trump reeds geneem het, deurslaggewend vir Navo se evolusie in die era na die Koue Oorlog. Daarbenewens, terwyl Europa 'n beduidende rol speel, maak dit slegs 25% van Navo se totale BBP uit. Hierdie feit beklemtoon die belangrikheid van bydraes van die nie-Europese lede tot die alliansie.

Die VSA se houding teenoor Navo het ook reeds die politieke arena in die Kongres betree. Twee senatore het konsepwetgewing ingedien na 'n besoek aan Groenland deur lede van albei partye in die Kongres:

Mr. Trump's fixation on taking Greenland is unfolding at a time when the United States needs a strong, united front against adversaries that are working to expand their influence and undermine democratic alliances. [...] Allied unity is not optional; it is a strategic necessity. [...] Instead of strengthening our alliances, threats against Greenland and NATO are undermining America's own interests. (Shaheen en Murkowski 2026; kyk ook Mackinnon en Milne 2026)

Hierdie wetsontwerp het ook net by woorde gebly nadat Trump senatore bearbei en gedreig het omdat hulle sy gesag oor buitelandse aangeleenthede uitdaag, soos met die voorstel oor Venezuela wat nie goedgekeur is nie. In die eerste artikel is aandag aan laasgenoemde onderwerp geskenk. Die dreigement van Trump om uit Navo te onttrek nadat sommige lidstate swaarde met hom oor sy aksies teen Iran gekruis het, het sommige senatore weer eens laat besluit om die onderwerp van die behoud van lidmaatskap van die VSA op te neem.

Soos die aksies teen Iran voortduur, kom Navo se lot meer en meer ter sprake, nie net in die VSA nie, maar ook in Europese hoofstede. Dit het begin met Trump wat hulle nie vooraf kennis gegee het van die aanvalle teen Iran nie. Hulle was toe minder ondersteunend van die oorlog – hoewel nie so openlik krities om mee te begin nie. Trump se woede het vererger toe hulle nie sy uitdaging om die Straat van Hormoes te help heropen, nagekom het nie deur te verklaar dat dit nie hul oorlog is nie. Navo het ook verder gegaan en begin om steun vir die VSA en Israel se oorlogspoging te ontken, of dit nou die gebruik van basisse of lugruim is: eers die VK, toe Spanje, Italië, en Frankryk. Rubio het ook opgemerk dat die VSA sy rol in Navo kan heroorweeg.

Die einde van sy lidmaatskap van Navo sal beslis vir die VSA nadelig wees. Vrae sal ontstaan oor ander alliansies waaraan die VSA behoort en oor die betroubaarheid van die VSA as bondgenoot. Sal so 'n onttrekking uit Navo 'n stap in die rigting van 'n terugtrekking na die Amerikas wees? Dit is in werklikheid die kern van Trump se strategie ten spyte van die indruk wat deur die jongste Midde-Oosterse optrede geskep word. Die Golfstate staan reeds 'n dilemma in die gesig oor wat hul bande met die VSA opgelewer het. Israel staan ten volle langs Trump, aangesien sy eie belange ook deur die Iran-oorlog gedien word, maar kan die land verseker wees van onbeperkte steun in die toekoms?

Navo se slagspreuk, “Een vir almal, en almal vir een”, verpersoonlik die uitgangspunt van kollektiewe verdediging. 'n Aanval op een lid word beskou as 'n aanval op almal, soos uiteengesit in artikel 5 van die Noord-Atlantiese Verdrag. Wanneer Trump dreig om Navo te verlaat en bondgenote reageer deur te beweer dat die konflik teen Iran nie hul oorlog is nie, word hierdie slagspreuk uitgedaag. Sy onlangse stellings kan gesien word as 'n eksistensiële gevaar vir Navo, aangesien dit die alliansie se legitimiteit, samehang en politieke rasionaal ondermyn, hoewel dit tans nie 'n formele ontbinding daarstel nie. Groeiende skeptisisme oor die VSA se steun vir Navo-lande lei daartoe dat Europeërs 'n vennootskap onderling sonder Washington oorweeg. Rubio het dit onomwonde aan die Europeërs gestel dat as Navo bloot inhou dat die VSA Europa moet verdedig as hulle aangeval word, maar andersins weerhou word daarvan om basisse te gebruik wanneer dit nodig is, is dit moeilik om betrokke te bly en te sê dat dié reëling tot voordeel van die VSA is.

Trump se benadering teenoor Navo weerspieël 'n strewe om die alliansie so ver te kry om op waardegedrewe inisiatiewe te fokus wat meer belyn is met sy strewe van Amerika Eerste (Jack 2026). Trump se probleme met Navo het lank voor die Iran-oorlog begin. Hy was nog nooit 'n groot aanhanger van 'n organisasie wat, volgens hom, veel meer van die VSA neem en verwag as wat dit teruggee nie. Europese lande moenie onderskat wat die verlies van die VSA vir Navo sou beteken nie. Dit is nie net by verre die grootste mag en die bron van die organisasie se hoofkernverdediging nie, maar ook die hart van die alliansie se koördinerende. Die VSA het ook gehelp om 'n Europese samehorigheid te versterk toe Europese lande dit nie alleen kon vermag nie.

Soos Washington militêr gevorder het, is Europa se reaksie gekenmerk deur besluiteloosheid, fragmentasie en beperkte kapasiteit wat beduidende kommer oor die toekomstige eenheid van die Westerse alliansie veroorsaak. Europa se onvermoë om onafhanklik militêre mag op groot

skaal te projekteer, bly problematies. Politieke meningsverskille binne lidstate lei tot strategiese onsekerheid. Hul leiers is verdeeld tussen heftige teenkanting teen die VSA se aktiwiteite in Iran en 'n gemete of gedeeltelike samewerking met Washington. Binnelandse politieke faktore beïnvloed toenemend buitelandsebeleidsbesluite, wat lei tot 'n agteruitgang van strategiese sekerheid. So word die kloof tussen die VSA en sy Europese bondgenote al hoe groter. Daardeur bly Navo se toekoms onseker terwyl Trump die sentrale veranderlike in die vorming van die alliansie se pad vorentoe bly.

## 7. Konflik in Gaza en Trump se Vredesraad

Trump se pogings om hierdie krisis op te los het gefokus op 'n selfversekerde wapenstilstand wat die VSA bemiddel het en 'n uitgebreide politieke, veiligheids- en heropboubloudruk bied. In September 2025 het hy 'n vredesplan met 20 punte onthul wat 'n onmiddellike wapenstilstand gekoppel het aan 'n volledige gyselaars-gevangene-uitruiling; Israeliese militêre terugtrekking na ooreengekome lyne; en die vinnige toename in humanitêre hulp na Gaza onder internasionale toesig. Israel en Hamas het die eerste fase in Oktober 2025 aanvaar, wat gelei het tot 'n staking van groot vyandelikhede en die begin van grootskaalse hulpkonvooie. Trump het buitengewone en direkte druk op die eerste minister van Israel, Benjamin Netanyahu, uitgeoefen terwyl hy nou saam met Katar, Egipte, Turkye en ander belangrike rolspelers in die Midde-Ooste gekoördineer het om Hamas die voorwaardes te laat aanvaar. Hierdie deurbraak is ná vele dooiepunte bereik.

'n Vredesraad (Board of Peace) met internasionale betrokkenheid, waarvan die lede deur Trump gekies is, het onder sy lewenslange voorsitterskap tot stand gekom (Troianovski 2026). Die doel hiervan is om Gaza op die lang duur te demilitariseer en daarmee Hamas te marginaliseer en die heropbou van die gebied te anker in 'n raamwerk wat deur die VN se Veiligheidsraad aanvaar is (Hassan 2025). Veiligheidsraadresolusie 2803, wat Trump se "Comprehensive plan to end the Gaza conflict" as aanhangsel insluit, is eenparig op 17 November 2025 aanvaar. Vir die eerste keer is sulke ingrypende vredesvoorstelle sonder enige teenstem aanvaar, wat Trump toelaat om konflikbestuur te verskuif na 'n forum wat die VSA oorheers.

Of dit slaag of nie, Trump se Vredesraad kom reeds neer op die omvattendste poging om die globale orde wat in 1945 gevestig is, te verander – indien nie te vervang nie. Anders as die vele retoriese aanvalle op die VN oor die dekades heen het Trump 'n formaat en potensiële instelling geskep wat eendag met die VN kan meeding. Hy het daardie mandaat kordaat uitgebrei om vrede en veiligheid buite Gaza te dek. Hy het nie die moeite gedoen om die groeiende beskuldigings te ontken dat sy eintlike doel is om die Veiligheidsraad self te marginaliseer nie.

One might have expected the Brics forum – the self-appointed vanguard of anti-hegemonic politics and the champion of the global south – to rain fire on the U.S. president. [...] Brics turned out to be the lion that did not roar. The Brics wall, hailed as the bulwark against U.S. hegemony, is revealing major cracks. (Mohan 2026)



Dan beklemtoon Mohan verder die feit dat baie lede van Brics en aspirante vir lidmaatskap weggeskram het daarvan om Trump te konfronteer. Hulle het eerder sy projek vergemaklik deur óf stilweg aan te sluit óf anderpad te kyk. Vir Mohan is dit reeds duidelik dat die mite van 'n verenigde Globale Suide wat onder China en Rusland se leierskap weerstand teen die VSA se hegemonie probeer bied, in Davos weggesmelt het.

Die teenwoordigheid van Egipte, Indonesië en die VAE – drie nuwe lede van Brics – was opvallend. Saoedi-Arabië, 'n genooide na Brics, maar nog nie 'n formele lid nie, het ook aangesluit. Argentinië, wat Brics-lidmaatskap onder president Javier Milei verwerp het, het by Davos opgedaag om hom by Trump se nuwe orde te skaar. Suid-Afrika is doodeenvoudig nie eens genooi nie. Die Brasiliaanse president, Lula da Silva, het Trump se uitnodiging verwerp. Hy het Xi en Modi versoek dat Brics nouer hieroor moet saamwerk. Sy aandrang het misluk om 'n verenigde Brics-reaksie of standpunt op te lewer. China het niksseggende kritiek gelever. Indië het die uitnodiging nie aanvaar of verwerp nie. Modi het sterk redes gehad om uit te bly met sy handelsooreenkoms met die VSA en sy ampsbesoek aan Indië wat kort daarna sou volg. Rusland se reaksie was die eienaardigste: Poetin het genoem dat Moskou die voorstel sou bestudeer en met sy strategiese vennote sou konsulteer, en toe bygevoeg dat Rusland \$1 miljard in bevrore Russiese bates tot die nuwe raad mag bydra.

Die Globale Suide het die Veiligheidsraadresolusie waaruit die Raad sy ontstaan te danke het, ondersteun, wat die druk op Israel verwyder en Palestyne min sê in die regering van Gaza se toekoms gegee het. Toe hulle gedwing is om te kies tussen morele standpuntstelling en geopolitieke realisme het die leidende state van die Globale Suide gekies vir invloed binne 'n VSA-geleide struktuur. Al vyf permanente lede het daarvoor gestem. Europa se niepermanente lede in 2025 – Denemarke, Griekeland, Slowenië – het dit ook ondersteun. Die niepermanente nie-Westerse lande – Algerië, Guyana, Pakistan, Panama, Sierra Leone, Somalië en Suid-Korea – het ook ten gunste gestem en daarmee saam het al hierdie lede effektief die VN se gesag aan 'n enkele individu uitgetraakteer.

Vir Brics se toekoms is daar twee faktore om in gedagte te hou. Eerstens het die Globale Suide – wat in woede oor Israel se veldtog in Gaza verenig het – uiteindelik 'n resoluie ondersteun wat druk op Israel verwyder en Palestyne min sê in Gaza se toekoms gee. Toe hulle gedwing is om te kies tussen morele standpuntstelling, wat gewoonlik hul verstekreaksie is, en geopolitieke toegang, het die leidende state van die Globale Suide gekies vir invloed binne 'n VSA-geleide struktuur, soos reeds hier bo genoem. Tweedens kon Brics, wat voortdurend as die voorhoede van die post-VSA globale orde voorgehou word, nie verhoed dat sy lede Trump se nuwe organisasie steun, wat baie van Brics se kernbeginsels nie onderskryf nie.

Die EU se kommissaris vir die Middellandse See, Dubravka Šuica, het die eerste raadsvergadering in Washington op 18 Februarie 2026 bygewoon. Daarna het sy die raad as baie pragmaties beskryf (Hauslohner en Mackinnon 2026). Daaroor het Macron haar skerp veroordeel (Jones 2026). Die EU het nog nie by die inisiatief aangesluit nie. Von der Leyen is genooi, maar het nie bygewoon nie.

Hierdie inisiatief is die jongste voorbeeld van Trump se aftakeling van die internasionale orde wat sedert die Tweede Wêreldoorlog heers en vervang word met die daarstelling van 'n nuwe een met hom as die middelpunt. Aaron Miller (2026) maak hierdie insiggewende stelling: “What’s unmistakably clear is whose board it is and how Trump is going to control it.”



Die nuwe veiligheidsargitektuur het met die Vredesraad se eerste vergadering die geopolitieke swaartepunt verskuif. Hierdie raad neem die kerntemas van Amerika Eerste – beheer, transaksionele lasdeling, ekonomiese hefboomwerking en institusionele mededinging – en koppel dit aan ’n nuwe vredeplan wat aan Washington strukturele voorrang in agendabepaling en besluitneming verleen. Verder gee dit die voorsitter vetoagtige magte oor riglyne en besluite wat Amerika Eerste se voorkeur vir maksimale vryheid van aksie vir die VSA weerspieël. Samewerking met die VN word in die vooruitsig gestel, maar die raad se breë mandaat plaas dit effektief as ’n mededingende of alternatiewe gesagsentrum wat die VN en sy instelling neutraliseer. Gevolglik kan die VN se menseregte- en konflikmeganismes verswak of omseil word in ooreenstemming met Amerika Eerste se skeptisisme teenoor bestaande multilaterale instellings wat as beperkende faktore vir die VSA se soewereiniteit beskou word. So word die era betree waarna Sanger (2026) verwys het as “the new era of American coercive diplomacy”.

Lidmaatskap van die raad is uitdruklik transaksioneel. Individue, en nie noodwendig lande nie, word uitgenooi om sitting te kry en kan permanente setels verseker deur ongeveer \$1 miljard dollar by te dra wat finansiële verbintenis in status en invloed omskep. Dit stem weer eens ooreen met die Amerika Eerste-leerstelling en die NVS se aandrang dat betaal moet word om voordeel uit die VSA se veiligheidsnetwerk te trek. Sekere leiers het geweier om daarop te dien (soos Macron van Frankryk), terwyl minstens vier ander Europese lande – Denemarke, Noorweë, Slowenië en Swede – reeds bevestig het dat hulle nie sal deelneem nie. Hierdie weiering dui op groeiende weerstand binne Europa teen Trump se eensydige benadering tot wêreldgebeure en laat die vraag ontstaan: Hoe sal die res van Europa, veral die lede van die EU, optree? Trump het sy uitnodiging aan die eerste minister van Kanada, Mark Carney, teruggetrek ná hul geskil oor tariewe en Kanada se moontlike vryhandelsooreenkoms met China (Klein 2026). So word die nou gevestigde transaksionele, belangegedrewe benadering bo beginselgebaseerde multilateralisme en reëlgebaseerde orde gestel:

But the underlying story is not “peace”. It is power – where it is moving, how leaders are organizing it, and who ultimately controls it. [...] President Trump’s Board of Peace functions as a foreign-policy extension of his America First agenda. Instead of working through slow, consensus-driven institutions like the United Nations, the board concentrates power, speed, and leverage – the hallmarks of Trump’s approach to global affairs. (Carter en Choe 2026)

Die twee skrywers gaan verder deur aandag daarop te vestig dat Trump se Vredesraad op die verskuiwing van reëlgebaseerde globale instellings (byvoorbeeld die VN) dui na vinnig veranderende, belangegebaseerde globale koalisies. Om te verstaan waarom hierdie verskuiwing saak maak, moet leiers en beleidmakers verby retoriek kyk en ondersoek instel na hoe mag werklik in hierdie nuwe era funksioneer – ’n benadering wat Trump instinktief aangeneem het toe hy die globale konsensus uitgedaag het. Daarmee verhef hy ooreenkomssluiting bo diplomatie, resultate bo prosesse en nasionale belange bo multilaterale norme. Daarmee beteken “Amerika Eerste” nie “Amerika Alleen” nie.

Met hierdie raad en wat daarmee gepaard gaan, is die uitgangspunte van Amerika Eerste met betrekking tot buitelandse aangeleenthede weer eens bevestig. In die lig van die gevolge van die VSA-Israel-konflik met Iran word die raad se verbintenis tot streekstabiliteit streng ondersoek. Ten spyte van \$4 miljard in toegewyde Golf-beleggings en voortdurende ondersoeke na Wêreldbank-finansiering, internasionale legitemiteit en Palestynse administrasie, lyk die raad se geartikuleerde doelwitte toenemend moeilik om te bereik. Die uitkoms van optredes teen Iran sal die vraag onwillekeurig laat ontstaan: Wat lê vir die raad voor? En daarmee saam ook vir Gaza se toekoms?

## 8. Samevattend

Trump se eerste jaar terug in die Withuis was 'n tydperk van ingrypende beleidsverandering en intense politieke konflik wat die VSA se binnelandse en buitelandse beleid hervorm het. Winste wat die bemiddeling van 'n Gaza-vredesooreenkoms en die invordering van rekord-tariefinkomste insluit, staan teenoor stygende politieke teenwinde (binnelands en buitelands), openbare vetes, en dalende goedkeuringsgraderings. Die gevolge hiervan sal nie net sy nalatenskap beïnvloed nie, maar stel ook planne op vir die komende middeltermynverkiesings in November 2026, en raak die wese van die VSA se internasionale betrekkinge en die land se politieke landskap. Ontleders meen dat die risiko's hoog is vir beide Trump en die Republikeinse Party. Belangrike wetgewing en oorwinnings in hofsake word toenemend deur uitdagings aan sy gesag en gewildheid onder kiesers en partylede oorskadu. Wat Jervis, Gavin e.a. (2018) ná Trump se eerste termyn genoem het, is vandag weer eens geldig:

Because the United States remains central to so much of world politics, new developments there are likely to ramify throughout the international system. Both President Donald Trump's defenders and his detractors agree that he is unusual, and even scholars who doubt that he will translate the bulk of his rhetoric and attitudes into policies expect some significant changes.

Hierdie waarneming bevestig wat Rutte op 26 Januarie 2026 in geen onduidelike taal nie aan die Europese parlement genoem het, en wat verder aansluit by sy opmerking ná die byeenkoms van die WEF en wat reeds in die gedeelte oor Navo aangehaal is:

If anyone thinks here that the European Union or Europe as a whole can defend itself without the US, keep on dreaming. You can't. [...] If you really want to go it alone, forget that you can ever get there with 5 per cent [defence spending]. It will be 10 per cent. You have to build up your own nuclear capability. That costs billions and billions of euros. (Ruitenbergh 2026)

Die Franse regering het ergerlik op Rutte se vermaning van Europa gereageer en Macron se fyngesvoeligheid ten toon gestel: "No, dear Mark Rutte. Europeans can and must take charge of their own security. Even the United States agrees. This is the European pillar of NATO" (Kayali 2026).

By die WEF van 2026 het Trump 'n verbale aanval teen die Westerse alliansie, die waardes van sy leiers en samelewing, en die raamwerk van wêreldhandel geloods. Hy wil doodeenvoudig hul wêreldbeskouing met syne vervang. Later was daar ook 'n groeiende aanvaarding dat 'n nuwe wêreldorde besig is om reg onder hul neuse by die konferensie te ontvou wat jare lank die ou raamwerke versinnebeeld het en sentraal tot die internasionale orde gestaan het. Uiteindelik moes hulle aanvaar dat onder Trump 'n nuwe wêreldorde aangebreek het. Niemand kan dit ontken nie. Die ou orde is weg en kom nie terug nie. Selfs die Europeërs, wat lank in ontkenning geleef het, aanvaar dit nou. Wat sentraal tot daardie nuwe orde uitkristalliseer, is 'n skroeiende minagting vir die wêreldorde wat ná die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het.

In baie opsigte het Trump se toespraak by die WEF 2026 'n dieper betekenis ingehou as wat baie besef het. Die spottery wat daarna daaroor gehoor is, het daardie betekenis oorskadu. Hy het nie net sy gehoor in Davos toegesprek nie, hy het sy opmerkinge vir die hele wêreld bedoel. Dit was 'n belangrike presidensiële toespraak. Dit was nie 'n konvensionele beleid-

toespraak nie. Hy het 'n direkte uitdaging aan die naoorlogse wêreldorde gerig, 'n aftakeling van die denkwys van die VN en 'n oop konfrontasie met die gevestigde burokrasie wat die WEF verteenwoordig, en dan die onmiskenbare waarskuwingskoot oor Europa se boeg. Oor en oor het die boodskap teruggekeer na 'n enkele tema: die VSA se mag. Toe kom die oomblik wat die toon heeltemal verskuif het. Die waarskuwing van nuwe vermoëns met wapens wat gevaarliker is as wat die wêreld ten volle verstaan of ken. In Venezuela was dit 'n duidelike aanwending van daardie mag. Hy het nie geskroom om dit weer te gebruik nie, soos Iran nou reeds ondervind het.

By die WEF in Davos het Carney die toehoorders met 'n toespraak betower oor hoe middelmoondhede, soos Kanada, die dwang van die VSA en China kan oorleef. Die werklikheid het sy retoriek kort daarna begin toets toe Trump sy land met volskaalse tariese gedreig het. Van sy braafheid om Trump aan te vat sonder om sy naam te noem, het nie veel gekom nadat die applous van die gehoor bedaar het nie.

Een van die moeilikste probleemstellings in hedendaagse internasionale politiek en diplomatie is hoe om die nuwe Washington met Trump in beheer te benader en te hanteer sonder om sy gramskap op die hals te haal. Hy het in hierdie termyn reeds die VSA se buitelandse beleid omvorm, die wêreld met tariese ontwig, alliansies afgegradeer, vennote verkleineer en konfrontasie met teenstanders gesoek. Soms is dit chaos en dikwels ook onvoorspelbaar.

Sommige buitelandse leiers, soos Rutte, het egter geleer hoe om die verhouding met Washington in 'n meer onstabiele era te bestuur (Liu, Mohan e.a. 2025). Trump het Navo gedruk om verskeie buitelandse aktiwiteite te verminder, insluitend die beëindiging van belangrike alliansiesendings in Irak en Kosovo. Die poging weerspieël 'n strewe om Navo as 'n streng Euro-Atlantiese verdedigingsgroepeer te behandel, soos dit oorspronklik bedoel was om te wees en dekades van uitbreiding terug te rol na krisisbestuur, globale vennootskappe en waardegedrewe inisiatiewe wat meer bely is met sy strewe van "Amerika Eerste"

Wanneer geopolitiek behoorlik bedryf word, is daar beduidende geostrategiese gevolge. Hierdie gevolge is onteenseglik toe te skryf aan Trump se benadering tot en hantering van buitelandse beleid met sy Amerika Eerste-leerstelling as rigtingwyser waarin hy onwrikbaar glo:

There is only one sphere of influence in today's world, and it belongs to the US. This gives Washington unmatched power and a secure home base from which it could, if necessary, disengage from any part of the world. (Beckley 2026)

Vir die nasionale verdedigingsstrategie beteken dit dat die President se benadering een van buigsame, praktiese realisme is wat die wêreld op 'n helder wyse beskou. "Out with utopian idealism; in with hardnosed realism" (National Defense Strategy 2026). Hiervolgens is Trump dan nou besig om 'n buitelandse beleid te vestig wat op soewereiniteit gegrond is en nie heeltyd konsensus najaag nie.

Trump is baie meer ongebreideld, minder voorspelbaar en meer gewillig om die ekonomie van die VSA as 'n wapen te gebruik as gedurende sy eerste termyn. Hy besef hy beskik oor mag om verreikende buitelandsebeleidsbesluite te neem en hy deins nie terug om dit te doen nie. Die NVS verhef grensveiligheid en migrasiebeheer bo tradisionele liberale-orde-doelwitte, terwyl buitelandse beleid hersien word as 'n uitbreiding van binnelandseveiligheidspolitiek en die beskerming van nasionale belange eerder as 'n projek om die bestaande globale orde te behou.

Die nasionale verdedigingstrategie bevestig die beslissende verskuiwing in die VSA se nasionaleveiligheidsprioriteite. Jare lank het sy verdedigingsbeleid die beskerming van die VSA opsy geskuif ten gunste van verafgeleë verbintenisse terwyl dwelms sy gemeenskappe verwoes, kriminele netwerke nasionale soewereiniteit ondermyn en vyandigheid teenoor die VSA in sy halfrond wortel geskiet het. Verder maak daardie strategie dit baie duidelik dat die VSA homself sal verdedig, die Westelike Halfrond sal beveilig en die vermoë sal handhaaf en geen koste sal ontsien om sy belange te beskerm waar dit ook al bedreig word nie: “That imbalance is no longer tenable. A nation cannot effectively project power abroad if its security at home is compromised” (Skinner 2026).

Wanneer na Trump se optrede met betrekking tot Groenland gekyk word, kan gesien word hoe hy sy standpunte kan verander soos wat hy goed dink of soos wat hy oortuig kan word. Sy druk kan gebuig, afgestomp en soms omgekeer word. Daarom is die belangrikste les dat sy ergste dreigemente selde bly staan. Hoofopskrifte en aandagsoekende artikels oor tariewe en sanksies word dikwels getemper as gevolg van markdruk en verhoudingstegnieke, maar baie keer is dit as gevolg van sy aptyt vir enige ooreenkoms wat hy as ’n oorwinning kan uitwys. Talle kere wanneer hy egter die harnas ingejaag word, is sy optredes skerp en onverbiddelik en getuig dit van driftigheid en kragdadigheid. Soos met sy reaksie teenoor die eerste minister van Kanada se moontlike handelsooreenkoms met China.

Namate die VSA toenemend proteksionisties en wisselvallig raak en Trump sy tariewe na eie keuse vrylik toepas en met verhogings dreig, verdien Indië se hervormingsgees lof. Modi kon op ’n baie minder konstruktiewe manier op Trump se tariewe gereageer het. Indiërs het bewys dat die bou van ’n vinniger ekonomie die beste manier is om wêreldwye invloed te verkry.

Hoe die krisis oor Groenland in die komende weke en maande gaan ontvou, sal nie net die toekoms van die transatlantiese verhouding bepaal nie, maar ook van die verhouding tussen die wêreld se groot moondhede. Vir Europa het die krisis oor Groenland die potensiaal om veel meer te word as net nog ’n stadium in die stadige ontrafeling van sy verhouding met die VSA. Europa is deur sy hoofbondgenoot in die steek gelaat en moet optree om sy belange te beskerm en nie net sy identiteit te laat geld nie. Die kern van Europa se langertermindilemma is egter die onwilligheid van Europese lande om verantwoordelikheid te neem vir hulle en die vasteland se eie verdediging (Westad 2026).

Trump se optrede saam met Israel teen Iran wat aan die einde van Februarie 2026 begin het, het gemoedere en emosies binnelands en in die buiteland aangevuur. In die VSA is Demokrate hoogs ontstoke omdat die Kongres nie vooraf magtiging daartoe verleen het nie. ’n Aantal Republikeine steun hierdie siening. Dit ten spyte van Rubio se mededeling aan die agt mees senior leiers in die Kongres dat die optrede gaan volg. Die Iran-oorlog keer globale veiligheidsverhoudinge onderstebo met onvoorspelbare gevolge wat die VSA meer blootgestel kan laat – of moontlik vryer om op te tree sonder verpligtinge en verantwoordelikhede soos voorheen. Met die aanvang van die VSA en Israel se militêre optredes aan die einde van Februarie 2026 was Iran op die punt om sy fanatiese ambisies van byna vyf dekades te bereik. Talle kommentators beweer dat die aksies die VSA se hulpbronne verkwis in wat waarskynlik ’n vergeefse poging sal wees om Iran se ingesteldheid te verander. Ook word geglo dat die oorlog begin is op aanstigting van Israel en dat die VSA se prestige ondermyn en sy wapenvoorraad uitgeput word om ’n land te verswak wat hoofsaaklik as ’n gevaar vir Israel beskou word. Die eindresultaat was nie ’n kwessie van keuse nie. Na meer as vyf dekades van aggressiewe houding en optrede teenoor die VSA het Iran sy eie keerpunt bepaal. Die VSA was gedwing om op te

tree nadat dekades van ondoeltreffende sanksies en diplomاسie misluk het om Teheran te oortuig van die gevaarlike gevolge van sy oortuigings wat die vrede en stabiliteit van die hele Midde-Ooste in gevaar gestel het, nie net dié van Israel nie.

In die tweede helfte van 2025 het “Make America Great Again” en “Amerika Eerste” begin om teenstrydighede op te lewer. Die beweging wat ’n einde aan buitelandse avontuurlustighede belowe het, bevind sig nou verdeeld tussen ’n samegroepering van ideologiese nie-intervensioniste en ’n valkagtige nasionaleveiligheidsinstelling. Die passiwiteit van die meeste Republikeine in die Kongres teenoor Trump se besluite en optrede is opvallend. Sy oorheersing van die party word telkemale bewys namate opeenvolgende wetsontwerpe om verdere militêre optrede teen Iran en Venezuela sonder Kongres-goedkeuring te voorkom en ook wanneer sy uitlatings oor Groenland niks daadwerklik in die Kongres oplewer nie (United States 2026). Die *Time*-uitgawe aan die einde van Januarie 2026 wy sy voorbladartikel aan Trump. In sy hoofartikel stel die redakteur sy waarnemings:

The American record in the past 12 months is mixed, but the results are being felt everywhere. [...] Trump has been an energetic actor on the world stage. [...] Ironically, some of the very sort of behaviors that rub the traditional Davos crowd the wrong way made these achievements possible. (Jacobs 2026)

In die *Time*-artikel wat hierop volg, maak die twee skrywers daarvan hierdie stellings:

In the President’s second term, U.S. foreign policy is personal. [...] Breathtaking bluntness defined Trump’s foreign policy [...] Trump’s frenetic diplomacy has transformed U.S. foreign policy into a solo act, casting aside a foreign policy establishment. [...] Trump’s unpredictability can be a liability, it is also his leverage. (Bennett en Popli 2026:37)

Vir hierdie twee skrywers is dit juis hierdie hefboomwerking wat nie verstaan word nie. Die mees konsekwente en deurlopende standpunt wat Trump volg, is die vaste oortuiging dat die VSA sy mag – nie noodwendig militêre mag nie – steeds wêreldwyd onderbenut laat. Trump se bravade loop die risiko om vertroue in die einste alliansies wat daardie mag onderhou het, te ondermyn.

Trump mag dalk ’n toenemend moeilike vennoot wees, maar oor ’n aantal kwessies bly die VSA onontbeerlik. In die NVS word sy buitelandsebeleidsbenadering waardeur goeie betrekkinge met vennootstate nagestreef word sonder om hulle te dwing om hul regering- of maatskaplike strukture te verander, as buigsame realisme beskou. Met Rubio het hulle bewyse gelewer hoe doeltreffend diplomاسie kan wees wanneer dit deur vasberadenheid gerugsteun word. Trump en sy amptenare noem dikwels sy onvoorspelbaarheid ’n hefboom teen beide teenstanders en bondgenote. Die trefkrag van sy dreigemente, sê sy ondersteuners, lê in sy bereidwilligheid om dit uit te voer. Dié benadering laat hom tans met min werkbare opsies om die oorlog wat hy begin het met die duidelike doel om Iran tot onderwerping te dreig, te beëindig. Sy kenmerkende onderhandelingsstrategie het nie met die Iranse regering gewerk nie. Sy opmerking dat hy Iran sal bombardeer “terug na die Steentydperk waar hulle hoort”, sal vir jare weerklink as die stempel wat hy op die Amerikaanse buitelandse beleid laat.

’n Transatlantiese herstel vereis ’n sterker Europa – militêr, ekonomies, kultureel en polities. Washington vra vir ’n ware vennoot en beslis nie ’n junior bondgenoot nie. Merz het Duitsland



verbind tot sterk verdedigings- en ekonomiese heropknapping deur ernstige deregulering deur te voer. Wanneer die populistiese opmerkings by die strategiese konferensie in München teen die huidige administrasie in Washington opsy gesit word, is daar fundamente vir 'n gesonde transatlantiese herstel, maar dit is Europa wat dit sal moet laat gebeur (Von Lichtenstein 2026). Die oorlog teen Iran en die Europese afsydigheid daarvoor maak hierdie taak eintlik onmoontlik. “President Trump’s second term has been punctuated by blunt, sometimes shocking statements about foreign policy – often appearing to be driven not by national interests alone, but by perceived slights” (Yourish, Davis en Wallace 2026).

Vir Trump oortref niks – nie eens vrede nie – sy kragdadige transaksionalisme, tariewe as hefboome en finansiële meganismes wat hy aanwend in sy buitelandsebeleidsbesluite met die oog op Amerika Eerste-doelstellings. Al slaag Trump gedeeltelik in die uitvoering van daardie besluite, sal die wêreld anders lyk. Sy optredes teen Iran bewys dit reeds. Die komende sewe maande sal beslis 'n deurslaggewende tydperk wees wat gaan bepaal of sy nuwe benadering tot internasionale aangeleenthede volhoubare oorwinnings oplewer en of dit bloot dieper globale onstabiliteit in die hand werk.

As Republikeine die middeltermynverkiesing in November 2026 wen, sal dit 'n seldsame politieke gebeurtenis wees. Daarom sal Trump die debat moet omskep in 'n keuse tussen twee partye met heeltemal verskillende waardes, ideologieë, rekords en sienings oor buitelandse aangeleenthede. Daarmee het hy in sy Staatsrede van Februarie 2026 begin.

Die VSA is nie geïsoleer nie, al lyk dit so, veral met die gebeure in Iran. Dit word nogtans gekies en verkies. Werklike druk word toegepas. Produkte en energie van die VSA word verkies. Washington gebruik handel al hoe meer uitdruklik as 'n bedingingsmag. Die ooreenkoms met Indië is bewys van 'n tydgebonde ooreenkoms met vaste tarief- en marktoegangsvoorwaardes wat gekoppel is aan 'n breër strategiese pakket. Die VSA gebruik ook die grondreëls wat in daardie ooreenkoms vervat is om tariewe in geopolitieke bedingingsmag te omskep, selfs ten spyte van die Hooggeregshof se beslissing dat van Trump se tariewe op 'n ongrondwetlike grondslag gebaseer is. Die gedeelde boodskap vanuit beide Washington en Nieu-Delhi is dat handel 'n strategiese instrument is en dat dit gebruik sal word. Die gevolge is werklik en toon die rigting van hoe die wind internasionaal waai – ook vir Suid-Afrika. Modi se besoek aan Israel het ook nie in isolasie plaasgevind nie. Dit het sekerlik met die goedkeuring, of selfs aanmoediging, van Trump plaasgevind. Al hierdie ontwikkelinge dui daarop dat wanneer geopolitiek behoorlik gespeel word, daar beduidende geostrategiese gevolge is. Hierdie gevolge is onteenseglik toe te skryf aan Trump se benadering tot en hantering van buitelandse beleid met sy “Amerika Eerste”-leerstelling as rigtingwyser waarin hy onwrikbaar glo.

## Bibliografie

### Boeke

Fishman, E. 2025. *Chokepoints: American power in the age of economic warfare*. New York: Portfolio, Penguin Random House.

Hanson, V. 2001. *The soul of battle: from ancient times to the present day*. New York: Knopf Doubleday Publishing Group.



Jervis, R., F.J. Gavin, J. Rovner en D.N. Labrosse. 2018. *Chaos in the liberal order: the Trump presidency and international politics in the twenty-first Century*. New York: Columbia University Press.

Kissinger, H. 1995. *Diplomacy*. New York: Simon and Schuster.

—. 2015. *World order*. New York: Penguin Books.

### **Koerantartikels**

Beattie, A. 2025. Brussels should not be shocked by Trump being Trump. *Financial Times*, 17 Julie. <https://www.ft.com/content/2b92837a-0481-40b5-bf06-df54e67a2ed3> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Bommakanti, K. 2025. The US, NATO, and Ukraine: the politics of strategic flexibility. *IDN-InDepthNews*, 30 Maart. <https://indepthnews.net/the-us-nato-and-ukraine-the-politics-of-strategic-flexibility> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Campbell, K. en R. Doshi. 2025. America alone can't match China. But with our allies, it's no contest. *The New York Times*, 7 September. <https://www.nytimes.com/2025/09/07/opinion/us-trump-china-allies.html> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Chávez, S., J. Politi e.a. 2026. US and Iran hold fresh nuclear talks after Marco Rubio warning. *Financial Times*, 26 Februarie. <https://www.ft.com/content/c70a2349-124f-405a-89cf-255754cbe52d> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Christenson, J. 2026. Commerce Secretary Howard Lutnick tells Davos forum: "Globalization has failed". *The New York Post*, 20 Januarie <https://nypost.com/2026/01/20/us-news/commerce-secretary-howard-lutnick-tells-wef-globalization-has-failed> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Continettii, M. 2026. What Trump's wartime leadership is missing. *The Wall Street Journal*, 20 Maart. <https://www.wsj.com/opinion/free-expression/what-trumps-wartime-leadership-is-missing-93c904a8> (20 Maart 2026 geraadpleeg).

Daniels, J. en S. Chávez. 2026. Donald Trump floats "friendly takeover" of Cuba. *Financial Times*, 27 Februarie. <https://www.ft.com/content/616ba900-4087-476c-8327-afb352720996> (28 Februarie 2026 geraadpleeg).

Douthat, R. 2025. The DOGE alum asking if foreign aid is America's problem. *The New York Times*, 31 Julie. <https://www.nytimes.com/2025/07/31/opinion/doge-foreign-aid-jeremy-lewin.html> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Erlanger, S. 2026. Trump warns Iran with military muscle, but risks a regional war. *The New York Times*, 29 Januarie. <https://www.nytimes.com/2026/01/29/world/europe/trump-iran-threats.html> (30 Januarie 2026 geraadpleeg).

Fairless, T. en K. Mackrael. 2026. Europe got tough with Trump, but it needs the U.S. as much as ever. *The Wall Street Journal*, 27 Januarie. <https://www.wsj.com/world/europe/>

europa-got-tough-with-trump-but-it-needs-the-u-s-as-much-as-ever-20a3220e  
(31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Feinberg, A. 2025. NATO boss praises “Dear Donald” for pushing alliance to boost defense spending: “You made this change possible”. *Independent*, 25 Junie. <https://www.independent.co.uk/news/world/americas/us-politics/donald-trump-nato-mark-rutte-defense-b2776610.html>  
(31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Foy, H. 2025. EU has “turned the page” with Trump, says bloc’s president. *Financial Times*, 8 September. <https://www.ft.com/content/17d0ffdb-f275-4c37-98bc-9b505db563b1>  
(31 Januarie 2026 geraadpleeg).

—. 2026. Europe must stop “dreaming” about defence without US, Rutte warns. *Financial Times*, 26 Januarie. <https://www.ft.com/content/e2f6cd48-2f89-4b75-9aae-fb9e70e773fd>  
(31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Klein, E. 2026. Trump just proved Carney’s point. *The New York Times*, 25 Januarie. <https://www.nytimes.com/2026/01/25/opinion/trump-carney-davos-canada-greenland.html>  
(31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Leahy, J. en K. Hille. 2025. Xi Jinping outlines China’s ambition to reshape world order in showpiece summit. *Financial Times*, 1 September. <https://www.ft.com/content/ccf6e56a-0e54-4e0a-9b00-b574455bffff> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Mackinnon, A. en R. Milne. 2026. US senators introduce bill to stop military from occupying Nato territories. *Financial Times*, 14 Januarie. <https://www.ft.com/content/c8b309a0-d214-4bb7-9630-bfcaa91925a3> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Marshal, M. 2025a. In India’s rebound from Trump blows, Modi has no easy choices. *The New York Times*, 6 September. <https://www.nytimes.com/2025/09/06/world/asia/india-modi-trump-united-states-relations.html> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

—. 2025b. What has being a “true friend” to Trump gotten Modi? Not much, Indians say. *The New York Times*, 31 Julie. <https://www.nytimes.com/2025/07/31/world/asia/modi-trump-india-tariffs.html> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Sanger, D. 2026. Trump’s turnabout on Greenland shows the limits of his coercive powers. *The New York Times*, 24 Januarie. <https://www.nytimes.com/2026/01/23/us/politics/trumps-greenland-power.html> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Sanger, D., T. Pager en F. Fassihi. 2026. Trump threatens Iran with “Massive Armada” and presses a set of demands. *The New York Times*, 28 Januarie. <https://www.nytimes.com/2026/01/28/us/politics/trump-iran-armada.html> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Shaheen, J. en L. Murkowski. 2026. Congress must defend NATO from Trump. *The New York Times*, 27 Januarie. <https://www.nytimes.com/2026/01/27/opinion/senators-congress-nato-trump-greenland.html> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Swanson, A. 2025. Overturning the global trade system, Trump puts his ideas to the test. *The New York Times*, 1 Augustus. <https://www.nytimes.com/2025/08/01/business/economy/trump-tariffs.html> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Troianovski, A. 2026. Trump's "Board of Peace" would have global scope but one man in charge. *The New York Times*, 21 Januarie. <https://www.nytimes.com/2026/01/21/us/politics/trump-board-peace-united-nations.html> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Westad, O. 2026. Greenland, America and the end of Atlanticism. *Financial Times*, 24 Januarie. <https://www.ft.com/content/5657be61-33f0-424d-b11e-431b3f74d5ce> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Williams, A. en K. Hille. 2025. Donald Trump reignites global trade war with sweeping tariff regime. *Financial Times*, 1 Augustus. <https://www.ft.com/content/f9cec1b0-9583-4791-9f18-164a30b13f9b> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Williams, A. en S. Sevastopulo. 2025. Tariff roulette: inside Trump's chaotic trade negotiations. *Financial Mail*, 2 Augustus. <https://www.ft.com/content/b6e2bf64-cd18-46dc-9f3f-2e381b061c1b> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Xuan, H., L. Chen en D. Jia. 2025. Why Modi won't play cowboys and Indians with Trump, opting instead for strategic autonomy. *Caixin Global*, 15 September. <https://www.caixinglobal.com/2025-09-15/cover-story-why-modi-wont-play-cowboys-and-indians-with-trump-opting-instead-for-strategic-autonomy-102362436.html> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Yourish, K., W.B. Davis en T. Wallace. 2026. How Trump sees the world: It's personal. *The New York Times*, 11 Februarie. <https://www.nytimes.com/interactive/2026/02/11/us/trump-foreign-policy-world-quotes.html?smid=whatsapp-nytimes> (15 Februarie 2026 geraadpleeg).

### ***Akademie en algemene tydskrifte en mediakanale***

Anderson, S., A. Aydinbaş e.a. 2025. Breaking down Trump's 2025 National Security Strategy. *Brookings*, 8 Desember. <https://www.brookings.edu/articles/breaking-down-trumps-2025-national-security-strategy> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Aris, B. 2026. Cuban economy is three weeks from collapse without new oil supplies. *IntelliNews*, 29 Januarie. <https://www.intellinews.com/cuban-economy-is-three-weeks-from-collapse-without-new-oil-supplies-422894> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Bayer, L. en A. Gray. 2026. EU nations call for "maximum restraint", respect for international law in Iran conflict. *Reuters*, 1 Maart. <https://www.reuters.com/world/middle-east/eu-nations-call-maximum-restraint-respect-international-law-iran-conflict-2026-03-01> (3 Maart 2026 geraadpleeg).

Beckley, M. 2026. There is only one sphere of influence. *Foreign Affairs*, 4 Februarie. [https://www.foreignaffairs.com/united-states/there-only-one-sphere-influence?utm\\_medium=social&utm\\_source=whatsapp\\_posts&utm\\_campaign=wu\\_soc](https://www.foreignaffairs.com/united-states/there-only-one-sphere-influence?utm_medium=social&utm_source=whatsapp_posts&utm_campaign=wu_soc) (6 Februarie 2026 geraadpleeg).

Bell, C. en C. Faulkner. 2025. The “America First” case for U.S. engagement in Africa. *Foreign Policy*, 19 Mei. <https://foreignpolicy.com/2025/05/19/america-first-africa-trump-engagement> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Bell, J. 2025. New U.S. National Security Strategy flies in face of global development realities. *Alliance 4 American Leadership*, 9 Desember. <https://fpif.org/new-u-s-national-security-strategy-flies-in-face-of-global-development-realities/> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Bennett, B. en N. Popli. 2026. Whatever Trump wants. *TIME*, 26 Januarie. <https://www.magzter.com/stories/news/Time/WHATEVER-TRUMP-WANTS> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Berman, I. 2025. What Trump’s New National Security Strategy signifies. *Forbes*, 8 Desember. <https://www.forbes.com/sites/ilanberman/2025/12/08/what-trumps-new-national-security-strategy-signifies> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Bessent at Davos. 2026. Transcript of interview with Scott Bessent. *Rev*, 20 Januarie. <https://www.rev.com/transcripts/bessent-at-davos> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Birchard, R. 2026. Iran war: Will Europe’s split on US strikes backfire? *Deutsche Welle*, 2 Maart. <https://www.dw.com/en/iran-war-will-europes-split-on-us-strikes-backfire/a-76188782> (3 Maart 2026 geraadpleeg).

Carment, D. en D. Belo. 2025. Ukraine-Russia: Strategic realism to break the war’s stalemate. *The Institute for Peace & Diplomacy*, 17 Desember. <https://peacediplomacy.org/2025/12/17/ukraine-russia-strategic-realism-to-break-the-wars-stalemate> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Carter, J. en J. Choe. 2026. Trump’s Board of Peace and the quiet reallocation of power. *The Daily BS*, 28 Januarie. <https://thedailybs.com/2026/01/28/trumps-board-of-peace-and-the-quiet-reallocation-of-power/> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Chaguan. 2026. America’s raid on Venezuela reveals the limits of China’s reach. *The Economist*, 5 Januarie. <https://economist.com/china/2026/01/05/americas-raid-on-venezuela-reveals-the-limits-of-chinas-reach> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Cordesman, A. 2025. President Trump’s New National Security Strategy. *Center for Strategic and International Studies*, 18 Desember 2025. <https://www.csis.org/analysis/president-trumps-new-national-security-strategy> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Darroch, K. 2026. Earlier presidents would recognise – and even approve of – “America First”. *The Economist*, 30 Januarie. <https://www.economist.com/by-invitation/2026/01/29/earlier-presidents-would-recognise-and-even-approve-of-america-first> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Desch, M. 2026. Ukraine is losing the war. *Foreign Affairs*, 26 Februarie. [https://www.foreignaffairs.com/russia/ukraine-losing-war?utm\\_medium=social&utm\\_source=whatsapp\\_posts&utm\\_campaign=wu\\_soc](https://www.foreignaffairs.com/russia/ukraine-losing-war?utm_medium=social&utm_source=whatsapp_posts&utm_campaign=wu_soc) (27 Februarie 2026 geraadpleeg).

Donald, D. 2024. India between superpowers: Strategic autonomy in the shadow of a pacific conflict. *Council on Foreign Relations*, 16 Desember. <https://www.cfr.org/blog/india-between-superpowers-strategic-autonomy-shadow-pacific-conflict#chapter-title-0-> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Egyptian Streets News Desk. 2026. Egypt calls for restraint as Iran targets Gulf countries following US-Israel attacks. *Egyptian Streets*, 28 Februarie. <https://egyptianstreets.com/2026/02/28/egypt-calls-for-restraint-as-iran-targets-gulf-countries-following-us-israel-attacks> (3 Maart 2026 geraadpleeg).

Eksteen, R. 2026. Brics ontsnap nie die impak en gevolge van die VSA en Israel se militêre optredes teen Iran nie. *Maroela Media*, 12 Maart. <https://maroelamedia.co.za/debat/diskoers/Brics-kan-iran-oorlog-nie-ontsnap-nie/> (20 Maart 2026 geraadpleeg).

Europe. 2026. Europe's five stages of grief for the transatlantic alliance. *The Economist*, 22 Januarie. <https://economist.com/europe/2026/01/22/europes-five-stages-of-grief-for-the-transatlantic-alliance> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Fitzgerald, S. 2025. Trump: US has "lost" India, Russia to China. *Newsmax*, 5 September. <https://www.newsmax.com/newsfront/donald-trump-u-s-russia/2025/09/05/id/1225193> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Fong, C., E. Albert, L. Maizland en B. Xu. 2025. U.S.-India relations. *Council on Foreign Relations*, 7 Augustus. <https://www.cfr.org/timelines/us-india-relations> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Frank, B. 2025. Selected speeches held at the Munich Security Conference, Volume II. *Munich Security Conference*, April. [https://securityconference.org/assets/user\\_upload/MSC\\_Speeches\\_2025\\_Vol2\\_Ansicht.pdf](https://securityconference.org/assets/user_upload/MSC_Speeches_2025_Vol2_Ansicht.pdf) (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Freedman, R. 2026. Law doesn't operate in a vacuum. *Deutsche Welle*, 2 Maart. <https://www.dw.com/en/iran-war-will-europes-split-on-us-strikes-backfire/a-76188782> (3 Maart 2026 geraadpleeg).

Gangitano, A. 2025. Trump meets new Syrian leader in Saudi Arabia. *The Hill*, 14 Mei. <https://thehill.com/homenews/administration/5299353-trump-meets-syria-leader> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Gangitano, A. en S. Lane. 2025. Trump seeks to celebrate tariffs, reassure on economy. *The Hill*, 7 Augustus. <https://thehill.com/business/5441828-trump-tariffs-economic-impact> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Govella, K. 2025. Japan's response to Trump 2.0: Sustaining U.S. ties, strengthening international partnerships. *Center for Strategic and International Studies*, 6 Oktober. <https://www.csis.org/analysis/japans-response-trump-20-sustaining-us-ties-strengthening-international-partnerships> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).



- Greene, C. 2026. Why is Trump so intent on acquiring Greenland? *TIME*, 9 Januarie. <https://time.com/7344877/trump-greenland-annexation-threats-purchase-national-security-economic> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Greer, J. 2026. From Hamilton to today: Trade and U.S. economic strategy. *Office of the U.S. Trade Representative*, 20 Januarie <https://ustr.gov/about/policy-offices/press-office/speeches-and-remarks/2026/hamilton-today-trade-and-us-economic-strategy> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Grigas, A. 2025. Trump's Russia policy must be rooted in realism. Atlantic Council, 5 Junie. <https://www.atlanticcouncil.org/blogs/ukrainealert/trumps-russia-policy-must-be-rooted-in-realism> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Haghighat, H. 2025. An inquiry into Trump's foreign policy and the doctrines of Kissinger. *Institute for Political and International Studies*, 26 April. <https://www.ipis.ir/en/subjectview/766198/An-Inquiry-into-Trumps-Foreign-Policy-and-the-Doctrines-of-Kissinger> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Hassan, Z. 2025. By endorsing the U.S. Gaza Plan, the UN Security Council elevates "Rule by Law" over Rule of Law. *Carnegie Russia Eurasia Center*, 5 Desember. <https://carnegieendowment.org/russia-eurasia/research/2025/12/un-security-council-endorse-us-gaza-plan-international-law> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Hauslohner, A. en A. Mackinnon. 2026. Donald Trump announces \$10bn commitment to "Board of Peace" at inaugural meeting. *Financial Times*, 19 Februarie. <https://www.ft.com/content/244c40c6-fc1b-42f5-9374-b21da8e96310> (26 Februarie 2026 geraadpleeg).
- Helberg, J. 2026. Opening remarks by Under Secretary of State Jacob Helberg at the House Committee on Foreign Affairs hearing "Advancing National Security through Commercial Diplomacy". *State Department*, 24 Februarie. <https://www.state.gov/opening-remarks-by-under-secretary-of-state-jacob-helberg-at-the-house-committee-on-foreign-affairs-hearing-on-advancing-national-security-through-commercial-diplomacy> (25 Februarie 2026 geraadpleeg).
- HT News Desk. 2026. "Deeply concerned": India's first reaction to US-Israeli strikes on Iran. *Hindustan Times*, 28 Februarie. <https://www.hindustantimes.com/india-news/deeply-concerned-indias-first-reaction-to-us-israeli-strikes-on-iran-modi-trump-netanyahu-101772287192351.html> (2 Maart 2026 geraadpleeg).
- International. 2026. Lots of world leaders are attacking Europe. Why? *The Economist*, 27 January. <https://www.economist.com/international/2026/01/27/lots-of-world-leaders-are-attacking-europe-why> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Jack, V. 2026. US presses NATO for major reset, ending mission in Iraq. *Politico*, 19 Februarie. <https://www.politico.eu/article/us-presses-nato-reset-cut-foreign-missions-allies-peacekeeping-iraq-kosovo/> (27 Februarie 2026 geraadpleeg).
- Jacobs, S. 2026. Trump in the world. *TIME*, 26 Januarie. <https://www.pressreader.com/canada/time/20260126/281526527447648> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).



- Jones, M. 2026. France lashes out at Commissioner Šuica's Board of Peace meeting. *MSN*, 20 Februarie. <https://www.msn.com/en-xl/news/other/newsletter-france-lashes-out-at-commissioner-%C5%A1uica-s-board-of-peace-meeting/ar-AA1WiMD> (26 Februarie 2026 geraadpleeg).
- Kayali, L. 2026. France snaps back at NATO chief Rutte in feud over Europe's defense muscle. *Politico*, 27 Januarie. <https://www.politico.eu/article/france-snaps-back-nato-mark-rutte-european-defense/> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Kellogg, K. en G. McDonald. 2023. Ukraine end State. *America First Policy Institute*, 3 November. <https://www.americafirstpolicy.com/issues/expert-insight-ukraine-end-state>.
- Kelly, L. 2026. 5 takeaways from Rubio's Senate hearing on Venezuela. *The Hill*, 28 January. <https://thehill.com/policy/international/5711528-rubio-urges-patience-venezuela/> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Kirby, P. 2025. Germany's Merz tells BBC Europe was free-riding on US. *BBC*, 18 Julie. <https://www.bbc.com/news/articles/ckg6v0pk964o> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Kirshner, J. 2025. Donald Trump's petulant foreign policy. America is wilfully abandoning its friends. *UnHerd*, 18 Desember. <https://unherd.com/2025/12/donald-trumps-petulant-foreign-policy/> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Klein, J. 2025. Cuba: U.S. policy overview. *Congress.gov*, 1 Augustus. <https://www.congress.gov/crs-product/IF10045> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Kozłowski, G. 2019. US-Japan burden-sharing during the presidency of Donald Trump. *Humanities and Social Sciences*, vol. XXV, 27:4, 2020:51–65. <https://doi.prz.edu.pl/pl/pdf/einh/540> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Krishnan, M. 2025. India rebalances China, Russia ties amid US tariff friction in New Delhi. *Deutsche Welle*, 9 September. <https://www.dw.com/en/india-rebalances-china-russia-ties-amid-us-tariff-friction/a-73920826> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Krueger, T., J.E. Prince, O. Shweiki e.a. 2025. Key takeaways from the 2025 National Security Strategy: What has Changed and what it means for business. *Akin*, 17 Desember. <https://www.akingump.com/en/insights/alerts/key-takeaways-from-the-2025-national-security-strategy-what-has-changed-and-what-it-means-for-business> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Kurtzleben, D. 2025. Trump tells NATO members they must move first on Russia sanctions over Ukraine. *NPR*, 13 September. <https://www.npr.org/2025/09/13/nx-s1-5540664/trump-russia-sanctions-nato-ukraine> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Lange, B. 2026. "Europe is not powerless". *IPS*, 19 Januarie. <https://www.ips-journal.eu/interviews/europe-is-not-powerless-8804/> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Leader. 2025. Europe has an urgency deficit. *The Economist*, 11 September. <https://www.economist.com/europe/2025/09/11/europe-has-an-urgency-deficit> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

- Le Pere, G. 2026. South Africa: The ambiguities of a Middle Power. *Wiley Online Library*, 17 Januarie. <https://onlinelibrary.wiley.com/doi/full/10.1111/1758-5899.70120> (26 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Legro, J. 2025. The Trump doctrine: America First revisited. *Miller Center*, 10 September. <https://millercenter.org/news-events/events/trump-doctrine-america-first-revisited> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Lissner, R. 2025. Unpacking a Trump twist of the National Security Strategy. *Council on Foreign Relations*, 6 Desember. <https://www.cfr.org/expert-brief/unpacking-trump-twist-national-security-strategy> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Little, A. 2026. Trump's grand plan to reshape the world order leaves Europe with a difficult choice to make. *BBC*, 9 Januarie. <https://www.bbc.com/news/articles/c041n3ng03no> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Liu, Z., C.R. Mohan, J. Crabtree e.a. 2025. 6 Trump lessons for global leaders in 2026. *Foreign Policy*, 29 Desember. <https://foreignpolicy.com/2025/12/29/trump-lessons-2026-china-india-europe-middle-east/> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Lyons, E. 2025. Trump questions NATO allies' will for collective defense while casting doubt on U.S.' own treaty commitment. *CBS News*, 7 Maart. <https://www.cbsnews.com/news/trump-nato-article-5-collective-defense-europe-doubt-us-treaty-commitment> (8 Maart 2026 geraadpleeg).
- Macintyre, B. 2026. For America, the Iran war has been 50 years in the making. *The Times*, 6 Maart. <https://www.thetimes.com/comment/columnists/article/america-iran-war-50-years-making-t2j8tbkqj> (8 Maart 2026 geraadpleeg).
- Maromo, J. 2025. "South Africa is our enemy": US Senator John Kennedy pushes for Pretoria's removal from AGOA. *IOL*, 11 Desember. [https://iol.co.za/news/politics/2025-12-11-south-africa-is-our-enemy-us-senator-john-kennedy-pushes-for-pretorias-removal-from-agoa/#google\\_vignette](https://iol.co.za/news/politics/2025-12-11-south-africa-is-our-enemy-us-senator-john-kennedy-pushes-for-pretorias-removal-from-agoa/#google_vignette) (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Martin, N. 2025. Why is Donald Trump so afraid of Brics? *Deutsche Welle*, 7 Augustus. <https://www.dw.com/en/why-is-donald-trump-so-afraid-of-Brics/a-73188532> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Martin, T. 2026. Denmark bolsters Greenland forces "in close collaboration with NATO allies". *Breaking Defense*, 14 Januarie, <https://breakingdefense.com/2026/01/denmark-bolsters-greenland-forces-in-close-collaboration-with-nato-allies> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- McDonnell, P. en K. Linthicum. 2026. Trump's Cuba oil tariff threat creates new diplomatic challenge for Mexico's Sheinbaum. *Los Angeles Times*, 30 Januarie. <https://www.latimes.com/world-nation/story/2026-01-30/trumps-cuba-oil-tariff-threat-creates-new-diplomatic-challenge-for-mexicos-sheinbaum> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Mishra, M. 2025. Tariffs, turbulence and turning points: India's trade reset. *Grant Thornton Insights*, 1 September. <https://www.grantthornton.in/insights/articles/tariffs-turbulence-and-turning-points-indias-trade-reset> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Mohan, R. 2026. Brics Wall – The myth of a global south resisting U.S. hegemony melted away in Davos. *Foreign Policy*, 27 Januarie. <https://foreignpolicy.com/2026/01/27/trump-board-of-peace-brics-united-nations-china-russia-global-south/> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Mukherjee, A. 2025. The United States' new G20 priorities. *Observer Research Foundation America*, 22 Desember. <https://orfamerica.org/orf-america-comments/the-united-states-new-g20-priorities> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Mukherjee, H. en N. Verma. 2025. India will continue to buy Russian oil despite US tariffs. *Reuters*, 6 September. <https://www.reuters.com/business/energy/india-will-continue-buy-russian-oil-despite-us-tariffs-finance-minister-says-2025-09-05/> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Nan, H. 2025. How Trump's anti-Brics crusade is giving bloc new strength and meaning. *South China Post*, 14 Augustus. <https://www.scmp.com/opinion/world-opinion/article/3321580/how-trumps-anti-brics-crusade-giving-bloc-new-strength-and-meaning> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

NPR's International Desk. 2026. Here's how world leaders are reacting to the U.S.-Israel strikes on Iran. *NPR*, 28 Februarie. <https://www.npr.org/2026/02/28/nx-s1-5730352/world-leaders-reaction-operation-epic-fury> (3 Maart 2026 geraadpleeg).

Olink, A. 2025. Renegotiating alliances: Trump's America's first foreign policy and the European Union's quest for strategic autonomy. *Finabel*, 11 Junie. <https://finabel.org/renegotiating-alliances-trumps-americas-first-foreign-policy-and-the-european-unions-quest-for-strategic-autonomy> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Omur, A. 2025. Greenland's critical role in North America: The U.S. way ahead. USNORTHCOM, Department of Defense, s.d. <https://www.northcom.mil/Portals/28/OmurFinalwDisclaimer.pdf>.

Otorbaev, D. 2025. A fractured alliance on the edge of collapse. LinkedIn, 14 September. [https://www.linkedin.com/feed/update/urn:li:activity:7372177219210854400/?%20commentUrn=urn%3Ali%3Acomment%3A\(activity%3A7372177219210854400%2C7372817878888198144\)&dashCommentUrn=urn%3Ali%3Afsd\\_comment%3A\(7372817878888198144%2Curn%3Ali%3Aactivity%3A7372177219210854400\)](https://www.linkedin.com/feed/update/urn:li:activity:7372177219210854400/?%20commentUrn=urn%3Ali%3Acomment%3A(activity%3A7372177219210854400%2C7372817878888198144)&dashCommentUrn=urn%3Ali%3Afsd_comment%3A(7372817878888198144%2Curn%3Ali%3Aactivity%3A7372177219210854400)) (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Özdemir, G. 2026. How the U.S. 2025 National Security Strategy rewrites geopolitics through technology. *Politics Today*, 16 Januarie. <https://politicstoday.org/how-the-u-s-2025-national-security-strategy-rewrites-geopolitics-through-technology> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Pande, A. 2025. US-India embrace turns to transactional tension. *Hudson Institute – GIS reports*, 19 November. <https://www.hudson.org/foreign-policy/us-india-embrace-turns-transactional-tension-aparna-pande> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Pearson, M. 2025. Trump's new "America First" security strategy: What to know. *Deutsche Welle*, 12 Augustus. <https://www.dw.com/en/us-president-donald-trump-national-security-strategy-explained-america-first-foreign-policy/a-75066190> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Prajapati, H. 2025. Decoding Trump's "America First" doctrine: What his National Security Strategy revealed. *ModernDiplomacy*, 22 Desember. <https://moderndiplomacy.eu/2025/12/22/decoding-trumps-america-first-doctrine-what-his-national-security-strategy-revealed> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Prashad, V. 2025. Donald Trump's reverse Kissinger strategy. *Peoples Dispatch*, 6 Maart. <https://peoplesdispatch.org/2025/03/06/donald-trumps-reverse-kissinger-strategy> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Princewill, N. 2025. Trump wants to talk business with Africa in hopes of countering China. *CNN*, 9 Julie. <https://edition.cnn.com/2025/07/09/africa/trump-african-leaders-summit-intl> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Raquel, R. 2026. China successfully explores the Gakkel Ridge under the Arctic ice for the first time with the Fendouzhe submersible. *El Adelantado*, 27 Januarie. <https://eladelantado.com/en/arctic-china-submersible> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Ritchie, L. 2025. Trump's "Reverse Kissinger" is wishful thinking. *New Eastern Europe*, 22 September. <https://neweasterneurope.eu/2025/09/27/trumps-reverse-kissinger-is-wishful-thinkin> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Robbins, C. 2025. "America First" meets the National Security and Defense Strategies. *Council on Foreign Relations*, 13 November. <https://www.cfr.org/expert-brief/america-first-meets-national-security-and-defense-strategies> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Romero, G. en S. Patrick. 2025. The G20 agenda is shifting from the Global South to America First. *Emissary – Carnegie*, 23 Desember. <https://carnegieendowment.org/emissary/2025/12/g20-trump-us-global-south-america-first-agenda?lang=en> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Rosenberg, E. 2019. Assessing the use of sanctions in addressing national security and foreign policy challenges. *CNAS*, 15 Mei. <https://www.cnas.org/publications/congressional-testimony/assessing-the-use-of-sanctions-in-addressing-national-security-and-foreign-policy-challenges> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Ross, T. 2026. What the Iran war means for Ukraine. *Politico*, 3 Maart. <https://www.politico.eu/article/donald-trump-iran-ukraine-forgotten-war/> (3 Maart 2026 geraadpleeg).

Roush, T. 2025. What to know about Pituffik space base as Trump pushes to acquire Greenland decades after U.S. built military site. *Forbes*, 29 Maart. <https://www.forbes.com/sites/tylerroush/2025/03/29/what-to-know-about-pituffik-space-base-as-trump-pushes-to-acquire-greenland-decades-after-us-built-military-site> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Rowe, D. 2025. The meaning of “America First”. *Kenyon Alumni Magazine*, Fall, 47:1. <https://bulletin.kenyon.edu/article/the-meaning-of-america-first> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Ruitenbergh, R. 2026. NATO’s Rutte says Europe can’t defend itself without US; France balks. *DefenseNews*, 27 Januarie. <https://www.defensenews.com/global/europe/2026/01/27/natos-rutte-says-europe-cant-defend-itself-without-us-france-balks/> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Sankey, E. en J. Henderson. 2025. What does an America First China Strategy look like? *Cato Institute*, 4 Desember. <https://www.cato.org/commentary/what-does-america-first-china-strategy-look> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Savic, B. 2025. Divergent U.S. and EU sanctions reflect growing Western geopolitical rift. *Geopolitical Intelligence Services*, 6 Junie. <https://www.gisreportsonline.com/r/us-eu-sanctions> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Schütte, L. 2025. America First, Europe Fourth. *War on the Rocks*, 4 Desember. <https://warontherocks.com/2025/12/america-first-europe-fourth> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Schwartz, M. en G. Baskaran. 2026. Greenland, rare earths, and Arctic security. *Center for Strategic and International Studies*, Washington, D.C., 8 Januarie. <https://www.csis.org/analysis/greenland-rare-earths-and-arctic-security> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Seifman, R. 2025. Trumps “America First” policy in Africa: The consequences. *Impakter*, 29 Desember. <https://impakter.com/trumps-america-first-policy-in-africa-the-consequences> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Shagina, M. 2026. US critical-minerals diplomacy: From America-First deals to Pax Silica. *International Institute for Strategic Studies*, 29 Januarie. <https://www.iiss.org/online-analysis/online-analysis/2026/01/us-critical-minerals-diplomacy-from-america-first-deals-to-pax-silica> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Sharifli, Y. 2025. Trump’s reverse Kissinger fantasy: History won’t repeat itself. *Anadolu Agency*, 21 Maart. <https://www.thefreelibrary.com/OPINION+-+Trump%27s+reverse+Kissinger+fantasy%3a+History+won%27t+repeat...-a0832001576> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Sharp, A. 2025. The U.S.-Europe divide on how to hurt Moscow. *Foreign Policy*, 12 September. <https://foreignpolicy.com/2025/09/12/us-secondary-tariffs-india-china-russian-oil-g7-sanctions> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Silverman, H. 2026. Germany, other NATO allies sending troops to Greenland amid Trump threats. *Newsweek*, 14 Januarie. <https://www.newsweek.com/greenland-germany-sending-troops-nato-donald-trump-threats-11361535> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).



- Sinkkonen, V. 2019. Sanctions and US foreign policy in the Trump era: a perfect storm. *Briefing Paper (269): Finnish Institute of International Affairs*, September. <https://fiia.fi/en/publication/sanctions-and-us-foreign-policy-in-the-trump-era-a-perfect-storm> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Skinner, J. 2026. Peace through strength begins at home. *The National Interest*, 29 January. <https://nationalinterest.org/feature/peace-through-strength-begins-at-home> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Stone, K. 2026. Analysis: National Security Strategy means for Africa. *Times*, 15 Januarie. <https://www.premiumtimesng.com/news/headlines/849736-analysis-what-trumps-new-us-national-security-strategy-means-for-africa.html?tztc=1> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Subramanian, C. 2026. Diplomacy to war: How Trump's team decided to attack Iran. *Bloomberg*, 1 Maart. <https://www.bloomberg.com/news/articles/2026-03-01/iran-strikes-how-us-decided-to-launch-operation-epic-fury> (3 Maart 2026 geraadpleeg).
- Tapsoba, S. 2025. African macroeconomics under Trump. *Policy Center for the New South*, Maart. [https://www.policycenter.ma/sites/default/files/2025-03/RP\\_02-25%20\(Sampawende%20J.%20Tapsoba\).pdf](https://www.policycenter.ma/sites/default/files/2025-03/RP_02-25%20(Sampawende%20J.%20Tapsoba).pdf)
- Tchakarova, V. 2026. The hard geopolitical truths no one wants to hear in Europe – Europe is still geopolitically asleep. *Tchakarova Substack*, 16 Januarie. <https://substack.com/inbox/post/184785433> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Tekin, E. 2026. US has now set its sights on Cuba, following Venezuela: Report. *Anadolu Agency*, 22 Januarie. <https://www.aa.com.tr/en/americas/us-has-now-set-its-sights-on-cuba-following-venezuela-report/3807289> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- The Americas. 2026. Mark Carney understands the new world, but can he survive it? *The Economist*, 25 Januarie. <https://www.economist.com/the-americas/2026/01/25/mark-carney-understands-the-new-world-but-can-he-survive-it> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).
- The Telegram. 2026. America's failing gunboat diplomacy. *The Economist*, 17 Maart. <https://economist.com/international/2026/03/17/americas-failing-gunboat-diplomacy> (20 Maart 2026 geraadpleeg).
- Timotija, F. 2026. Hegseth gives fiery defense of Iran war; Caine predicts more US losses. *The Hill*, 2 Maart. <https://thehill.com/policy/defense/5762761-hegeseth-caine-iran-pentagon-briefing/> (4 Maart 2026 geraadpleeg).
- Tobin, W. 2025. "Maximum pressure" sanctions on Venezuela help US adversaries, hurt Venezuelans. *Atlantic Council*, 23 Januarie. <https://www.atlanticcouncil.org/in-depth-research-reports/issue-brief/maximum-pressure-sanctions-on-venezuela-help-us-adversaries-hurt-venezuelans/> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).



Tsuboi, D. 2026. The US-Japan alliance must be the linchpin of Asia in the 2025 US National Security Strategy. *Australian Institute of International Affairs*, 15 Januarie. <https://www.internationalaffairs.org.au/australianoutlook/the-us-japan-alliance-must-be-the-linchpin-of-asia-in-the-2025-us-national-security-strategy> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

United States. 2026. How Congress viewed Donald Trump's Greenland grab. *The Economist*, 25 Januarie. <https://www.economist.com/united-states/2026/01/25/why-congress-wont-restrain-donald-trumps-assault-on-allies> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Viala-Gaudefroy, J. 2025. National Security Strategy as an ideological manifesto. *The Conversation*, 17 Desember. <https://theconversation.com/the-maga-international-trumps-2025-national-security-strategy-as-an-ideological-manifesto-272094>.

Vinjamuri, L. 2025. The G20 presidency presents an opportunity for the United States. Will Trump take it? *Chicago Council on Global Affairs*, 5 Desember. <https://globalaffairs.org/commentary/analysis/g20-presidency-presents-opportunity-united-states-will-trump-take-it> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Von Lichtenstein, M. 2026. A transatlantic reset. *Geopolitical Intelligence Services*, 19 Februarie. <https://www.gisreportsonline.com/r/transatlantic-reset> (22 Februarie 2026 geraadpleeg).

Weinberg, J., A. Mil-Man en Y. Gamburg. 2025. America First? The relevance of the Brics in Trump's new world order and its impact on the Middle East. *Friedrich Naumann Foundation: Policy Paper*, Desember. <https://www.freiheit.org/relevance-Brics-trumps-new-world-order-and-its-impact-middle-eastern-multi-alignment-strategies> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

### ***Hofsake, wetgewing, Withuis en ander***

Carnegie Endowment. 2025. <https://carnegieendowment.org> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Expert Comment. 2024. Trump's "America First" foreign policy will accelerate China's push for global leadership. *Chatham House*, 14 November. <https://www.chathamhouse.org/2024/11/trumps-america-first-foreign-policy-will-accelerate-chinas-push-global-leadership> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Fact Sheet. 2025a. President Donald J. Trump declares national emergency to increase our competitive edge, protect our sovereignty, and strengthen our national and economic security. *The White House*, 2 April. <https://www.whitehouse.gov/fact-sheets/2025/04/fact-sheet-president-donald-j-trump-declares-national-emergency-to-increase-our-competitive-edge-protect-our-sovereignty-and-strengthen-our-national-and-economic-security> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

—. 2025b. Golden Dome. *Center for Arms Control and Non-Proliferation*, 9 Junie. <https://armscontrolcenter.org/fact-sheet-golden-dome> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Media Note. 2025. United States assumes presidency of the Group of 20. *Department of State*, 1 Desember. <https://www.state.gov/releases/office-of-the-spokesperson/2025/12/united-states-assumes-presidency-of-the-group-of-20> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Meeting. 2025. U.S.-Africa policy in a second Trump term. *Council on Foreign Relations*, 29 Januarie. <https://www.cfr.org/event/us-africa-policy-second-trump-term> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

National Defense Strategy of the United States of America. 2026. *Department of War*. January. <https://media.defense.gov/2026/Jan/23/2003864773/-1/-1/0/2026-national-defense-strategy.pdf>.

National Security Strategy (National Security Strategy of the United States of America). 2025. *The White House*. November. <https://www.whitehouse.gov/wp-content/uploads/2025/12/2025-National-Security-Strategy.pdf>.

News. 2026. Trump says no more Venezuelan oil or money to go to Cuba, demands “deal”. *Al Jazeera News*, 11 Januarie. <https://www.aljazeera.com/news/2026/1/11/trump-says-no-more-venezuelan-oil-or-money-to-go-to-cuba-and-demands-deal> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Pillar I. 2025. America First Policy. *America First Policy Institute*. <https://agenda.americafirstpolicy.com> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

—. IV. 2025. Establish an America First foreign policy. *America First Policy Institute*. <https://agenda.americafirstpolicy.com/strengthen-leadership/establish-an-america-first-foreign-policy> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Presidential Actions. 2025. America First Investment Policy. *The White House*, 21 Februarie. <https://www.whitehouse.gov/presidential-actions/2025/02/america-first-investment-policy> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Sanctions Primer. 2023. How the United States uses restrictive mechanisms to foreign policy or national security objectives. *Congressional Research Service*, 6 November. [https://www.congress.gov/crs\\_external\\_products/R/PDF/R47829/R47829.3.pdf](https://www.congress.gov/crs_external_products/R/PDF/R47829/R47829.3.pdf).

Strategic Files. 2025. How long can India balance? Strategic autonomy in a polarising world. *IPI*, 24 Desember. <https://ipi.org.pk/how-long-can-india-balance-strategic-autonomy-in-a-polarising-world-2> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

Trade Expansion Act of 1962. <https://fraser.stlouisfed.org/title/trade-expansion-act-1962-5736/fulltext> (31 Januarie 2026 geraadpleeg).

United Nations. 2025. Resolution 2803 (2025). Adopted by the Security Council at its 10046th meeting, on 17 November 2025. *Digital Library*, 17 November. <https://digitallibrary.un.org/record/4093207?v=pdf>.

# **'n Woordmedevoorkomsnetwerk-ontleding van die Nederlandse lirieke van Heidevolk as heidenmetaalgroep**

**Burgert Senekal**

---

Burgert Senekal, navorsingsgenoot, Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans,  
Universiteit van die Vrystaat

---

## ***Opsomming***

Hierdie artikel bied 'n woordmedevoorkomsnetwerk-ontleding van die Nederlandse lirieke van die heidenmetaalgroep Heidevolk met die doel om die sentrale temas en narratiewe wat hul werk definieer, bloot te lê. In die breër konteks van swaarmetaal, en spesifiek die verwante genres van Viking- en heidenmetaal, word Heidevolk as 'n unieke groep geposisioneer wat hul moedertaal en plaaslike geskiedenis van die Lae Lande gebruik om hul eie Germaanse erfenis te verken, eerder as om slegs op die Skandinawiese Vikingtydperk te fokus.

Die ondersoek gebruik 'n kwantitatiewe benadering deur 'n woordmedevoorkomsnetwerk uit al sewe van die groep se vollengte albums saam te stel. Na deeglike datavoerwerking, insluitende lemmatisering en die verwydering van stopwoorde, is die netwerk ontleed deur gebruik te maak van twee algoritmes: PageRank, om die belangrikste kernwoorde te identifiseer, en die Louvain-algoritme, om tematies verwante gemeenskappe of groepe woorde te ontdek.

Die PageRank-resultate onthul kernwoorde soos *land*, *god*, *volk*, *bloed*, *woud*, *stryd*, *zwaard*, *rijk*, en *aarde*, wat dui op 'n duidelike fokus op geskiedenis, etnisiteit, die natuur en 'n krygersgees. Die Louvain-algoritme het hierdie woorde verder in 25 gemeenskappe georganiseer. Die klassifikasies van hierdie gemeenskappe bevestig dat Heidevolk se lirieke sentreer rondom mitologie en Legendes (Germaanse gode soos Wodan en Tiwaz), Natuur en Landskap (*aarde*, *woud*, *moeder*), en temas van Stryd en Konflik, onder andere met verwysing na historiese gebeure.

Deur hierdie woordmedevoorkomsnetwerk-ontleding bied die artikel 'n empiriese bewys van Heidevolk se identiteit as 'n heidenmetaalgroep met 'n sterk, lokaliserende Germaanse en natuurgerigte wêreldbeskouing, wat hul posisie in die groter subgenre onderstreep.

**Trefwoorde:** Germaanse erfenis; heidenmetaal; Heidevolk; lirieke; Louvain-algoritme; Nederland; PageRank; Vikingmetaal; woordmedevoorkomsnetwerk-ontleding

### Abstract

#### A word co-occurrence network analysis of the Dutch lyrics of Heidevolk as a pagan metal band

This study provides a comprehensive quantitative network analysis of the Dutch lyrics produced by the pagan metal group Heidevolk, aiming to uncover the central themes and narratives that define their musical output. By positioning Heidevolk within the broader context of heavy metal – specifically the Viking and pagan metal subgenres – the study highlights the group's unique approach of utilising their native Dutch language and local history from the Low Countries to explore Germanic heritage, rather than relying on generic Scandinavian Viking tropes.

The article begins by situating heavy metal as a diverse musical landscape encompassing various subgenres, including extreme metal, folk metal and pagan metal. Viking metal is defined as a subgenre primarily focused on the Viking Age (8th to 11th century), Norse religious traditions, and Scandinavian landscapes. *Pagan metal* is a broader umbrella term that incorporates diverse pre-Christian traditions – including Celtic, Slavic Saxon, and Germanic – rather than being strictly limited to Scandinavian themes.

A recurring characteristic in these subgenres is the use of native or archaic languages to distance the bands from Anglo-American cultural hegemony and establish authentic local identities. While some bands utilise dead languages to connect with early history, Heidevolk distinguishes itself by using modern Dutch to interpret the history of the Low Countries, explicitly rejecting generic Viking themes in favour of local historical events and personal experiences in nature.

Heidevolk, founded in Arnhem in 2002, is noted for its heroic, choir-like vocal style and its educational, non-profit approach to cultural preservation. The band members often collaborate with historians and museum curators to ensure that their lyrics are historically grounded, while being creatively interpreted for a 21st-century audience.

To analyse these lyrics, the research employed a quantitative approach using a word co-occurrence network constructed from all seven of the band's full-length albums. The data processing involved several rigorous steps:

1. Data collection: Lyrics were sourced from the Encyclopaedia Metallum and Dark Lyrics websites. Instrumental tracks, cover songs, and non-Dutch tracks were excluded to ensure that the analysis focused exclusively on the band's own Dutch-language content.
2. Data preprocessing: Using the Textlens tool, the lyrics were lemmatised (reducing words to their dictionary base forms) and filtered to remove “stop words” – common words with little thematic value – leaving 1 727 unique words for analysis.

The resulting network was visualised and analysed using two key algorithms within the Gephi software:

1. PageRank: Used to identify the most influential or central words within the network.
2. Louvain algorithm: Applied to identify “communities” or thematic clusters where specific groups of words frequently appear together (co-occur).

The network analysis resulted in 25 distinct communities, which were classified using the Gemini 3 Flash model to provide objective labels. The results revealed a deeply interconnected worldview where history, mythology and nature are inseparable.

The PageRank algorithm highlighted key terms such as *land* (land), *god*, *volk* (people/nation), *bloed* (blood), *woud* (forest), *strijd* (struggle), *zwaard* (sword), *rijk* (empire/realm) and *aarde* (earth). These words immediately characterise the band’s focus on ethnicity, heritage, conflict and the natural world.

Multiple communities focus on nature. In the band’s pagan worldview, the natural environment is not merely a background but a living entity that interacts with human experience and religious traditions.

Significant communities demonstrate a preoccupation with Germanic mythology. References to Wodan (Odin), Tiwaz (Tyr) and Holda indicate a specific focus on Germanic manifestations of deities, distinct from Viking-specific interpretations. The study notes the inclusion of “Wodan” rather than “Odin” as a deliberate linguistic marker of a Dutch/Germanic frame of reference.

Some communities are defined by themes of resistance and defence. The lyrics anchor the band in the local history of Gelderland and the wider Low Countries, frequently referencing the Batavian rebellion against Rome and the Saxon resistance against Frankish/Christian expansion.

A notable tension between life/death and light/darkness (e.g., *nacht* vs. *dag*) permeates the network, contributing to the epic and cosmological tone that characterises the genre.

The article concludes that Heidevolk is definitively a pagan metal group with a strong, localised Germanic and nature-oriented worldview. By empirically mapping the co-occurrence of words like *land*, *dood* (death), *volk* (people/nation), *strijd* (struggle), and *woud* (forest), the research validates the band’s unique role in the genre. They do not merely borrow from Viking metal; they actively construct an identity rooted in the specific historical and cultural soil of the Low Countries.

**Keywords:** Dutch; Germanic heritage; Heidevolk; Louvain algorithm; lyrics; pagan metal; PageRank; Viking metal; word co-occurrence network analysis

## 1. Inleiding

Die wêreld van swaarmetaal is ’n uitgebreide musikale landskap waar ’n verskeidenheid uiteenlopende subgenres aangetref word wat wissel van ekstreme style tot meer melodieuse variasies. Binne hierdie wye spektrum het genres soos heidense en Vikingmetaal ontstaan, wat onderskei word deur hul liriese fokus op voor-Christelike kulture, geloofstradisies en die

geskiedenis van hul onderskeie streke. Hierdie subgenres weerspieël dikwels 'n belangstelling in plaaslike erfenis en word gekenmerk deur die gebruik van inheemse of selfs dooie tale,<sup>1</sup> 'n bewuste keuse om afstand te doen van Anglo-Amerikaanse kulturele hegemonie en 'n outentieke plaaslike identiteit te bevestig. Dit is teen hierdie agtergrond van tematiese en linguistiese verkenning binne die globale metaaltoneel dat die werk van groepe soos die Nederlandse Heidevolk tot stand gekom het.

In die huidige ondersoek word 'n woordmedevoorkomsnetwerk-ontleding van die Nederlandse lirieke van die heidenmetaalgroep Heidevolk onderneem ten einde die sentrale temas en narratiewe wat hul werk definieer, bloot te lê. Die doel van die ondersoek is om Heidevolk se kernwoordeskat te identifiseer, en die navorsing bied sodoende 'n empiriese verkenning van die groep se identiteit as 'n heidenmetaalgroep met 'n sterk, gelokaliseerde Germaanse en natuurgerigte wêreldbeskouing.

Die artikel is soos volg gestruktureer. Eers word 'n oorsig van sleuteltermes soos *heidense* en *Vikingmetaal*, hul oorsprong, en 'n agtergrond van die groep Heidevolk gebied. Daarna volg 'n omskrywing van die metodes wat in die huidige ondersoek gevolg is, wat die stappe vir dataversameling, datavoerwerking (lemmatisering en stopwoordverwydering), en die ontledingsmetodes (die gebruik van PageRank- en Louvain-algoritmes, laasgenoemde om nodusse te identifiseer wat gereeld saam voorkom, *gemeenskappe* genoem) in besonderhede beskryf. Dan word die bevindinge van die woordmedevoorkomsnetwerk-ontleding aangebied en bespreek, insluitende die kernwoorde en die geïdentifiseerde gemeenskappe. Die artikel sluit af met slotopmerkings en voorstelle vir verdere navorsing.

## 2. Agtergrond

### 2.1 Terme

*Swaarmetaal* is 'n sambreelterm wat 'n verskeidenheid uiteenlopende musiekstyle beskryf, met bekende subgenres van swaarmetaal byvoorbeeld dié wat as ekstreme metaal bekendstaan: rukmetaal (thrash metal), doemmetaal (doom metal), doodsmetaal (death metal) en swartmetaal (black metal) (Mora-Rioja 2023:20; Senekal 2025:312). Die term *swaarmetaal* is omvattend en sluit ook vroeë groepe en ligter musiekstyle in (Senekal 2025:314). *Volksmetaal* (folk metal) is 'n ander vorm van swaarmetaal wat onderskei word deur die gebruik van tradisionele volksinstrumente (soos viole, fluite en trekklauiere) en streeksmelodieë in 'n swaarmetaalraamwerk (De Klepper, Molpheta, Pille en Saouma 2007:39; Mora-Rioja 2023:23). Heidense en Vikingmetaal kan verwant wees aan volksmetaal, maar kan ook onder ander swaarmetaalsubgenres ingedeel word omdat dit hoofsaaklik op grond van liriese inhoud eerder as musikale styl onderskei word (Von Helden 2010:257; Bénard-Goutouly 2015:95; Heinen 2017:70; Fletcher 2019:230; Manea 2020:69). Let egter daarop dat Heinen (2017:69–70) te kenne gee: “Eine Unterscheidung zwischen Viking, Pagan und Folk Metal gestaltet sich schwierig und bezüglich der dafür notwendigen Kriterien besteht kein Konsens” (Dit is moeilik om te onderskei tussen Viking-, heidense en volksmetaal, en daar is geen konsensus oor die nodige kriteria nie).



Vikingmetaal word spesifiek gedefinieer deur sy fokus op die Vikingtydperk (8ste tot 11de eeu), Noorse geloofstradisies en die landskappe van Skandinawië (De Klepper e.a. 2007:38; Von Helden 2010:257; Heinen 2017:70). Dit word soms beskryf as 'n subgenre van swartmetaal, wat, in navolging van die voorbeeld wat deur die Sweedse groep Bathory gestel is, sataniese beelde vir Noorse beelde verruil het (De Klepper e.a. 2007:38; Heinen 2017:68), maar daar is ook doodsmetaalgroepe wat as Vikingmetaal beskryf word (Moynihan en Søderlind 2003:30; De Klepper e.a. 2007:30–1; Von Helden 2010:257) (kyk verderaan). Wat klank betref, hoef Vikingmetaal nie soos swart- of doodsmetaal te klink nie, omdat die indeling op die tematiese fokus van lirieke berus (Fletcher 2019:230). Stilisties kan die musiek wissel van stadige, epiese liedjies tot vinnige, aggressiewe swarmetaal, maar die tematiese kern bly die verheerliking van die Noorse verlede en anti-Christelike sentiment, beskou deur die lens van historiese konflik (Segers 2012:56). Nasionaliteit en 'n diepgaande belangstelling in die eie land se geskiedenis is 'n onlosmaaklike deel van Vikingmetaal (Von Helden 2010:258).

*Heidenmetaal* is 'n breër sambreelterm as *Vikingmetaal* en omvat groepe wat inspirasie put uit voor-Christelike tradisies wêreldwyd, nie beperk tot Skandinawië nie (Von Helden 2010:257; Segers 2012:56; Heinen 2017:70). Terwyl Vikingmetaal op Noorse gode soos Óðinn en Þórr fokus, kan heidense swarmetaalgroepe Keltiese, Slawiese, Saksiese, Germaanse<sup>2</sup> en ander geloofstradisies insluit (De Klepper e.a. 2007:41; Von Helden 2010:257). Algemene temas van heidenmetaal sluit in die viering van die natuur, Middeleeuse kultuur en die verwerping van georganiseerde monoteïstiese godsdienste ten gunste van inheemse geloofsoortuigings (De Klepper e.a. 2007:41). Terwyl alle Vikingmetaal as heidenmetaal beskou kan word, is nie alle heidenmetaal daarom Vikingmetaal nie. 'n Groep wat oor Keltiese geskiedenis of die Romeinse Republiek sing, sal onder heidenmetaal val, maar nie onder Vikingmetaal nie. Om hierdie rede hoort Heidevolk eerder by heidenmetaal as by Vikingmetaal, soos later in hierdie artikel aangetoon word.

'n Algemene kenmerk van beide heidense en Vikingmetaal is die wydverspreide (alhoewel nie eksklusiewe nie) gebruik van inheemse en dooie tale. Heinen (2017:71) skryf: “Auf verbaler Ebene zeichnet sich Pagan Metal durch seine Sprachenvielfalt aus” (Op 'n verbale vlak word heidenmetaal deur sy verskeidenheid tale gekenmerk). In die vroeë 1990's het sommige ekstreme metaalgroepe begin om Engels – die omgangstaal van rock en pop – te verwerp, soos Trafford (2021:229) aanvoer:

Modern local languages were increasingly deployed by extreme metal bands in their songs as a way of stating distance from and opposition to what was seen as one of the keys to becoming commercially successful: adherence to a flattening neo-liberal Anglo-American hegemony over global culture.

Burzum,<sup>3</sup> 'n invloedryke swartmetaalgroep van Noorweë met 'n sterk fokus op Noorse en Germaanse geloofstradisies, het byvoorbeeld Noorweegse lirieke ingesluit in *Det som engang var* (1993) en *Hvis lyset tar oss* (1994), terwyl ander Noorweegse swartmetaalgroepe, soos Dimmu Borgir, Satyricon, Ulver, Darkthrone, Demonic, Gorgoroth en Troll, almal opnames in Noorweë ingesluit het (Senekal 2025:317). Ander inheemse tale is oor die algemeen volop in swarmetaal: Aes Dana sing in Frans, Cruachan in Iers, Fimbulvet in Duits, Heol Telwen in Frans en Bretons, Korpiklaani in Fins, Månegarm en Vintersorg in Sweeds, Negură Bunget in Roemeens, en Sólstafir in Yslands (Heinen 2017:85–97). Die Faroëse groep Týr verweef tradisionele Faroëse ballades (*kvæði*) in hul musiek, wat 'n lewende mondelinge tradisie bewaar wat uit die Middeleeue dateer (Trafford 2021:231). In die Baltiese lande sing Obtest,

Ha Lela en Zpoan Vtenz in Litaus, terwyl Skyforger in Letties sing (Weinstein 2014:66). Daar is ook 'n hele aantal swaarmetaalgroepe wat in Afrikaans sing (Senekal 2011; 2025), alhoewel hierdie groepe nie as heidense- of Vikingmetaalgroepe beskryf word nie.

Verskeie heidenmetaalgroepe het ook opnames in dooie tale vrygestel. In teenstelling met die gebruik van Latyn in ander musiekgenres, verkies heidenmetaalgroepe gewoonlik 'n enkele uitgestorwe volkstaal wat spesifiek verband hou met hul eie land van oorsprong se vroegste vormingstydperk (Trafford 2021:227). Noorweë se Enslaved het byvoorbeeld Oudnoors (en Yslands) gebruik op *Vikingligr Veldi* (1994) om egtheid en 'n direkte skakel met hul voorouers aan te dui (Trafford 2021:229). Burzum het 'n album, *Dauði Baldrs* (1997), vrygestel wat, ondanks die feit dat dit suiwer instrumentaal is, die verhaal van die god Baldr se dood vertel deur middel van volledige Oudnoorse tekste in die omslagnotas (Trafford 2021:230). Burzum se latere album, *Umskiptar* (2012), is geheel en al in Oudnoors getoonset (Trafford 2021:230). Ásmegin sing in argaïese Noorweëgs (Weinstein 2014:66), en Otyg sing op hul beurt in 'n argaïese Sweedse streeksdialek (Kahn-Harris 2007:106). Die Switserse groep Eluveitie skryf lirieke in herskepte Gallies om die stories van die Helvetiaanse Kelte te vertel (De Klepper e.a. 2007:40; Weinstein 2014:66; Trafford 2021:233). Die Griekse groep Kawir sing op hul beurt in antieke Grieks (Fletcher 2019:233). 'n Meer onlangse ontwikkeling in hierdie opsig is die genre NeoFolk wat gedeeltelik uit Skandinawiese swartmetaal ontwikkel het en Oudnoors, Protogermaans en ander antieke tale gebruik (Granholt 2011; Roe 2019; Senekal 2024).

## 2.2 Oorspronge

Die wortels van heiden- en Vikingmetaal kan teruggevoer word na die grondslagjare van swaarmetaal in die laat 1960's en vroeë 1970's. Vroeë groepe soos Led Zeppelin en Black Sabbath het temas van fantasie en mitologie bekendgestel, met Led Zeppelin se "Immigrant song" (*Led Zeppelin III* 1970) wat eksplisiet na Walhalla en Viking-verkenning verwys (De Klepper e.a. 2007:10,16; Bénard-Goutouly 2015:91; Fletcher 2019:229). Nog 'n noemenswaardige vroeë verwysing na die Vikings in swaarmetaal is Manowar se "Gates of Valhalla" (*Into glory ride* 1983) (Heesch 2010:72; Fletcher 2019:229). Die spesifieke kristallisering van Vikingmetaal het egter in die laat 1980's en vroeë 1990's plaasgevind, hoofsaaklik uit die Skandinawiese swartmetaaltoneel.

Die Sweedse swartmetaalgroep Bathory word dikwels as die pionier van Vikingmetaal beskou (De Klepper e.a. 2007:38; Heesch 2010:72; Von Helden 2010:258; Weinstein 2014:60; Bénard-Goutouly 2015:91; Fletcher 2019:229), asook 'n pioniersgroep van swartmetaal (Senekal 2025:315). Terwyl Bathory se vroeë werk Sataniese swartmetaal was, was die vrystelling van *Blood Fire Death* (1988), *Hammerheart* (1990) en *Twilight of the gods* (1991) 'n paradigmaskuif in hierdie groep se werk (De Klepper e.a. 2007:38; Segers 2012:26; Weinstein 2014:60). Quorthon, die stigter en enigste lid van die groep, het met hierdie opnames wegbeweeg van Sataniese temas, wat hy beskou het as 'n vervalsing wat deur die Christelike kerk geskep is, en het eerder die Viking-era as 'n bron van outentieke erfenis omarm (Segers 2012:26; Heinen 2017:69). Hierdie oorgang het 'n epiese, geromantiseerde liedjieskryfbenadering bekendgestel wat in Quorthon se woorde "screams of Satan" vervang het met "proud and strong Nordsmen" en "dragon ships" (aangehaal in Heinen 2017:69).

Na Bathory het die Noorweegse swartmetaalgroep, Enslaved, 'n deurslaggewende rol gespeel in die vestiging van Vikingmetaal. Fletcher (2019:230) noem Enslaved: “the first true Viking metal band”, terwyl Von Helden (2010:260) skryf dat Enslaved: “coined the Scandinavian Viking metal scene like no other band” (kyk ook Heinen 2017:69). Hul debuutalbum, *Vikingligr Veldi* (1994), word beskou as 'n fundamentele teks vir Vikingmetaal, wat 'n bloudruk daarstel wat die aggressie van swartmetaal met vertellings van die Noorse gode gekombineer het (Fletcher 2019:230; Trafford 2021:228). Hierdie beweging was deels 'n reaksie teen die kommersialisering van doodsmetaal en 'n begeerte om terug te keer na 'n suiwerder uitdrukking van Nordiese identiteit (Segers 2012:28).

Die Sweedse doodsmetaalgroep Unleashed, wie se eerste vrystelling die demo *The utter dark* (1990) was, het ook 'n kernrol gespeel in die vroeë ontwikkeling en vestiging van die Vikingmetaal-subgenre (Moynihan en Söderlind 2003:30; Heesch 2010:72). Hul musiek en lirieke is sterk beïnvloed deur die voor-Christelike heidendom, die Viking-era en Noorse geloofstradisies (Moynihan en Söderlind, 2003:30; De Klepper e.a. 2007:30). Hierdie fokus op hul kultuurerfenis word duidelik in hul lewende optredes weerspieël, waar lede gereeld amulette van Þórr se hamer (Mjöllnir) dra en die hoofanger uit 'n groot Viking-drinkhoring drink om sy voorvaders te vereer (Moynihan en Söderlind, 2003:31; De Klepper e.a. 2007:30).

Ook van Swede is die doodsmetaalgroep Amon Amarth, wat debuteer met die demo *The arrival of the Fimbul winter* (1994). Amon Amarth is een van die sigbaarste Vikingmetaalgroepe wie se lirieke uitsluitlik op Noorse geloofstradisies en Viking-geskiedenis fokus (De Klepper e.a. 2007:31; Heesch 2010:72; Skeeck 2022:209). Benewens hul lirieke en albumomslae is hul Viking-invloede ooglopend tydens vertonings – die kombinasie van drinkhorings, armbande, lang hare en baarde gee aan die groeplede 'n stereotipiese Vikingvoorkoms (De Klepper e.a. 2007:31). Om 'n spesifieke atmosfeer te skep wat hul kultuurerfenis weerspieël, nooi die groep selfs historiese heruitbeeldingsgroepe (“re-enactment groups”) soos die Jomsvikings om skyngevegte tydens hul optredes uit te voer (De Klepper e.a. 2007:102; Heesch 2010:75; Bénard-Goutouly 2015:92).

Die Britse groep Skyclad word ook wyd erken as 'n baanbrekersgroep in die skep van beide die volksmetaal- en heidenmetaal-subgenres (Weinstein 2014:60; Skeeck 2022:139). Die groep het sy naam gekry van die praktyk van Wicca-rituele om naak onder die oop lug te dans, wat hul sterk ideologiese fokus op die natuur en neoheidendom weerspieël het (Weinstein 2014:60). Hul debuutalbum, *The wayward songs of Mother Earth* (1991), het die tydskrif *Kerrang!* aangespoor om die term *heidensmetaal* (“pagan metal”) in 'n resensie te gebruik (Weinstein 2014:60). Liries het Skyclad dikwels mitologiese en druïdiese terme gekombineer met anti-establishment sosiopolitieke kommentaar, en gereeld die moderne kapitalistiese samelewing verwerp ten gunste van 'n eenvoudiger, historiese verlede (Skeeck 2022:139).

Ander belangrike groepe tydens die vestigingsfase van heidenmetaal is Primordial uit Ierland en Amorphis uit Finland, en later Obtest van Litaue, Skyforger van Latvia, en Pole se Graveland (Weinstein 2014:60–2).

Volgens Fletcher (2019:232) het Vikingmetaal soms ontwikkel in heidenmetaal soos groepe “transition[ed] from Norse material to things closer to home”. Weinstein (2014:61) maak 'n soortgelyke stelling: “Viking metal’s greatest influence has been the inspiration that it has given to others to explore their own roots.” Fletcher (2019:232) noem die Italiaanse groep White Skull wat *Tales from the North* (1999) vrygestel het wat Skandinawiese temas as

onderwerp gehad het, maar die volgende jaar *Public glory, secret agony* (2000) oor die Romeinse Republiek vrygestel het. Fletcher (2019:232) sien hierdie album as deel van 'n breër tendens in swaarmetaal waar die oorspronklike fokus op die Vikings ontwikkel het tot 'n herwaardering van die geskiedenis van lande waaruit groepe ontstaan het. Meer onlangs het groepe albums oor Romeinse geskiedenis vrygestel (bv. *Carthago Delenda Est* (2016) deur Italië se Ade), Duitse geskiedenis (bv. *Arminius: Furor Teutonicus* (2012) deur Duitsland se Rebellion), en Griekse geskiedenis (bv. *The Battle of Thermopylae: The Chronicle* (2008) deur Griekeland se Sacred Blood) (Fletcher 2019:232–3). Fletcher (2019:235) noem ook Heidevolk as 'n duidelike voorbeeld van 'n groep met 'n sterk klem op die geskiedenis van die land waarvandaan die groep kom. In die volgende afdeling word Heidevolk in meer besonderhede bespreek.

### 3. Heidevolk

Heidevolk, 'n groep uit die Gelderland-provinsie van Nederland, verteenwoordig die kenmerkende eienskappe van heidenmetaal, terwyl dit illustreer hoe groepe buite Skandinawië die genre by hul eie erfenis aanpas. Die groep is in 2002 in Arnhem deur Paul Braadvraat (baskitaar), Joost Vellenknotscher (dromme), Niels Beenkerver (kitaar), Sebas Bloeddorst (kitaar), Jesse Vuerbaert (vokale) en Joris Boghtdrincker (vokale) gestig (Heinen 2017:89; Encyclopaedia Metallum 2026). Die groep bestaan tans uit Rowan Roodbaert (baskitaar), Koen Vuurdichter (kitaar), Jacco de Wijs (vokale), Mat van Baest (kitaar), Kevin van den Heiligenberg (dromme) en Daniël Wansink (vokale) (Encyclopaedia Metallum 2026), met geeneen van die oorspronklike lede wat steeds deel van die groep is nie.

Anders as baie ander swaarmetaalgroepe wat staatmaak op harde vokale wat geskree of gegil word, word Heidevolk onderskei deur hul gebruik van twee sangers wat skoon, baritonsang verskaf. Hierdie styl word beskryf as sou hulle klink “like a choir of soldiers” wat voor die geveg sing, wat hul musiek 'n heroïese atmosfeer gee (Heinen 2017:89). Alhoewel die groep dikwels deur tydskrifte onder Vikingmetaal gekategoriseer word, pas Heidevolk meer akkuraat in by heidenmetaal, aangesien hulle aktief hul moedertaal, Nederlands, gebruik om die spesifieke geskiedenis van die Lae Lande te verken eerder as om generiese Noorse beelde te leen (Ashby en Schofield 2015:505). Hulle sing nie oor Skandinawiese Vikings nie, maar eerder oor die Germaanse stamme van hul eie streek, soos die Saksers en Batawiërs (Ashby en Schofield 2015:505). Hul album *Batavi* (2012) beskryf byvoorbeeld die geskiedenis van die Bataafse stam en hul opstand teen die Romeinse Ryk in 69–70 A.J. (Ashby en Schofield 2015:505; Fletcher 2019:235). Joris Boghtdrincker noem juis dat die Batawiërs gesien word as die oorsprong van die Nederlandse volk, wat hierdie verhaal van besondere plaaslike belang maak (Siegfried 2013c). Deur liedere soos “Saksenland” en “Koning Radboud” (*Walhalla wacht* 2008) beklemtoon hulle weer plaaslike weerstand teen Frankiese en Christelike uitbreiding (Halink 2020:115). In 'n onderhoud met Siegfried (2013a) sê Joris Boghtdrincker:

I'm very much into the local stuff. We never played the Viking card or the Pan-Germanic card. We do have some songs that have generic themes, but most of our stuff is about local historic events and our personal experiences in nature.

Heidevolk se belangrikheid lê in hul opvoedkundige en bewaringsgerigte benadering tot swaarmetaal. Die groep funksioneer as 'n organisasie sonder winsbejag met die uitdruklike doel om bewustheid van Germaanse geskiedenis, geloofstradisies en volksvertellings te bevorder (Ashby en Schofield 2015:505). Ashby en Schofield (2015:505) noem dat lede van die groep, insluitend die destydse kitaarspeler, Reamon “Bomenbreker” Bloem – 'n geskiedenis-onderwyser – navorsing doen, soos om museumkurators te raadpleeg, om te verseker dat hul lirieke histories gegrond is. In die reeds genoemde onderhoud met Siegfried (2013a) sê Joris Boghtdrincker egter dat hulle daarvan bewus is dat hulle kreatief met die geskiedenis omgaan:

I've never claimed that what we write is historically correct. We try to make it as much historically correct [as possible], without letting it interfere into the whole creative process. What we do is, we root it in facts, but we do give it our own interpretation, because this is 21st-century people looking at past phenomena.

Om in hul moedertaal te sing is van besondere belang vir Heidevolk. In 'n persverklaring in 2008 sê hulle: “Since language is the vehicle of the mind, Heidevolk conveys its thoughts in their purest and most authentic way: their native tongue” (aangehaal in Weinstein 2014:66).

Aangesien Heidevolk ook heidense temas aanspreek, of historiese gebeure soos die kerstening van die Saksers vanuit 'n heidense perspektief benader, kom die vraag by 'n mens op waarin die groepslede self glo. In dieselfde onderhoud met Siegfried (2013b) sê Joris Boghtdrincker dat elke groepslid sy eie idees rondom geloof het, maar sy perspektief is op respek vir sy voorsate gegrond:

What I believe is not the same as what my ancestors believed. What I try to put into the music is the respect for the way they thought and the way they portrayed their values on certain gods, because that is my belief. What a god is, is an accumulation of values – of things that have been instrumental for survival portrayed on several characters who also interact.

Benewens lewende optredes was Heidevolk ook produktief ten opsigte van opnames. Heidevolk het die volgende sewe albums tot op hede vrygestel, asook 'n paar enkelsnitte:

1. *De strijdlust is geboren* (2005)
2. *Walhalla wacht* (2008)
3. *Uit oude grond* (2010)
4. *Batavi* (2012)
5. *Velua* (2015)
6. *Vuur van verzet* (2018)
7. *Wederkeer* (2023).

Die metode waarvolgens die lirieke van hierdie sewe albums ontleed is, word vervolgens bespreek.



## 4. Metodes

In 'n woordmedevoorkomsnetwerk word woorde voorgestel as nodusse ( $n$ ), en skakels ( $m$ ) word tussen woorde aangedui wanneer hulle langs mekaar in 'n sin voorkom. Wanneer dit vir 'n hele teks of korpus gedoen word, is die resultaat 'n netwerk (ook bekend as 'n grafiek), wat dan ontleed kan word met behulp van maatstawwe wat binne die netwerkwetenskap ontwikkel is. Wanneer so 'n netwerk saamgestel word, is dit nodig om te verduidelik wat ingesluit en uitgesluit is, hoe datamodellering gedoen is, watter maatstawwe gebruik is en hoe dit geïnterpreteer is. Hierdie afdeling spreek hierdie vrae aan.

### 4.1 Dataversameling

Die lirieke van die liedjies op Heidevolk se eerste ses vollengte albums is handmatig verkry van Encyclopaedia Metallum (Encyclopaedia Metallum 2026), wat 'n gesaghebbende databasis oor swaarmetaal is. Alhoewel Encyclopaedia Metallum se dekking uitgebreid is, het hierdie databasis nie die lirieke van alle liedjies van Heidevolk se sewende en mees onlangse album, *Wederkeer* (2023), ingesluit nie, en daarom is hierdie lirieke van Dark Lyrics (s.j.) verkry. Lirieke is in Google Sheets gestoor vir verdere verwerking.

Aangesien die fokus in die huidige ondersoek op lirieke is, is instrumentale liedjies natuurlik uitgesluit. Daarbenewens is oorslae (*covers*) soos “Immigrant song”, “In the Dutch mountains” en “Rebel yell” op *Velua* (2015) ook uitgesluit, omdat die lirieke nie deur Heidevolk geskryf is nie en boonop in Engels is. Twee liedjies, “Vinland” (*Velua* 2015) en “A wolf in my heart” (*Vuur van verzet* 2018) is in Engels, en aangesien Engelse teks die ontleding sou ontwig, is hierdie twee liedjies ook uitgesluit. Die lirieke van “The alliance” (*Vuur van verzet* 2018) is in beide Nederlands en Engels, en slegs die Nederlandse deel is ingesluit. Met hierdie uitsluitings in ag geneem, bied Tabel 1 'n oorsig oor die korpus. Die aantal unieke woorde verwys na hul gelemmatiseerde weergawes, uitgesluit stopwoorde (kyk hier onder).

**Tabel 1. 'n Oorsig oor die datastel**

| Veranderlike                                       | Waarde |
|----------------------------------------------------|--------|
| Getal albums                                       | 7      |
| Getal liedjies                                     | 66     |
| Getal reëls                                        | 977    |
| Totale getal woorde (uitgesluit stopwoorde)        | 5 436  |
| Totale getal unieke woorde (uitgesluit stopwoorde) | 1 727  |

### 4.2 Datavorverwerking

Nadat die korpus saamgestel is, is Heidevolk se lirieke vooraf verwerk om teksontleding moontlik te maak, met die uiteindelijke doel om 'n woordaangrensingstabel (“word adjacency table”) saam te stel wat in Gephi (Bastian, Heymann en Jacomy 2009) as 'n netwerk ontleed kan word. Die huidige afdeling bespreek die stappe vir die voorverwerking van teks.

Eerstens is Doumen, Prins en Vandeghinste (2025) se Textlens<sup>4</sup> gebruik om woorde te *lemmatiseer*, wat verwys na die taalkundige proses om verboë vorme van 'n woord tot hul



woordeboekbasisvorm, bekend as 'n lemma, te verminder deur die woord se bedoelde betekenis en konteks in ag te neem. Lemmatisering was nodig omdat die fokus in die huidige ondersoek op die identifisering van temas is eerder as op die bestudering van die struktuur van taal. Textlens is gekies omdat lemmatisering natuurlik taalspesifiek is, en Textlens die vermoë bied om lemmatisering vir Nederlandse tekste, saam met Engels, Duits en Frans, uit te voer. Die gebruik van Textlens het ook beteken dat leestekens verwyder is en woorde na kleinletters omgeskakel is, behalwe in die geval van eiename, wat agterna na kleinletters omgeskakel is. Textlens het 'n uitvoer verskaf met 'n ID, teken, lemma, woordsoort-etikettering en Benoemde Entiteitsherkenning vir elke woord, maar slegs die lemma was nodig vir die huidige ondersoek.

Tweedens is Textlens se uitvoer in Google Sheets ingevoer, waar reëls lirieke met behulp van gepasmaakte formules hersaamgestel is. Vir die openingsreël van “Krijgsvolk” (*De strijdlust is geboren* 2005), wat oorspronklik lees: “Hoorns galmen in het Noorderland” (soos gesien in die Teken-kolom hier onder), het Textlens byvoorbeeld uitvoer verskaf in die formaat soos in Tabel 2, wat hersaamgestel is as “hoorn galmen in het Noorderland” (die Lemma-kolom).

**Tabel 2. 'n Voorbeeld van Textlens-uitvoer**

| ID          | Teken       | Lemma       | Woordsoort                     | Entiteit |
|-------------|-------------|-------------|--------------------------------|----------|
| d1.p1.s2.w1 | Hoorns      | Hoorn       | N(soort, mv, basis)            | O        |
| d1.p1.s2.w2 | Galmen      | galmen      | WW(pv, tgw, mv)                | O        |
| d1.p1.s2.w3 | In          | In          | VZ(init)                       | O        |
| d1.p1.s2.w4 | Het         | Het         | LID(bep)                       | O        |
| d1.p1.s2.w5 | Noorderland | Noorderland | N(eigen, ev, basis, onz, stan) | B-LOC    |

Derdens, weer eens omdat die fokus in hierdie ondersoek op die identifisering van temas is eerder as om te bestudeer hoe taalstrukture funksioneer, is stopwoorde – algemeen gebruikte woorde wat min unieke betekenis dra – uit Textlens se uitvoer verwyder. Vir 'n lys van stopwoorde het ek die Nederlandse stopwoorde gebruik wat in die Digitale Geesteswetenskappe-instrument, Voyant Tools (Sinclair en Rockwell 2016) gebruik word, soos verskaf deur Driedger (2015).

Oor die algemeen het voorverwerking dus die teks omgeskakel soos in Tabel 3, wat die eerste vers van “Krijgsvolk” (*De strijdlust is geboren* 2005) aandui. In die eerste kolom is die oorspronklike teks, in die tweede die vorm daarvan na lemmatisering, en in die derde die finale weergawe nadat stopwoorde verwyder is, wat dan die invoer vir teksontleding vorm.

**Tabel 3. 'n Voorbeeld van uitsette in die teksvoorverwerkingsfase**

| Oorspronklike                     | Gelemmatiseer                        | Stopwoorde verwyder      |
|-----------------------------------|--------------------------------------|--------------------------|
| Hoorns galmen in het Noorderland  | hoorn galmen in het noorderland      | hoorn galmen noorderland |
| De strijdlust is geboren          | de strijdlust zijn geboren           | strijdlust geboren       |
| Trouw in t gevecht tot in de dood | trouw in tten gevecht tot in de dood | trouw tten gevecht dood  |
| Bij Balders dood gezworen         | bij balder dood zweren               | balder dood zweren       |
| In naam Alvaders en onze stam     | in naam alvaders en ons stam         | naam alvaders stam       |

Nadat stopwoorde verwyder is, is reëls lirieke verdeel in aangrensende pare waar die eerste kolom 'n woord bevat en die tweede kolom 'n woord bevat wat saam met die eerste woord voorkom, mits stopwoorde verwyder is. Die openingsreël van “Krijgsvolk” (*De strijdlust is geboren* 2005) sal dan skakels verkry soos volg: *hoorn — galmen en galmen — Noorderland*. Let daarop dat die rigting van die skakel tussen woorde nie aangedui is nie, omdat die samevoorkoms as wederkerig beskou is. 'n Gewig is ook aan skakels toegeken gebaseer op die aantal kere wat woorde saam voorkom. Hierdie lys van woorde wat saam voorkom is vanaf Google Sheets as 'n CSV-lêer uitgevoer en in Gephi (Bastian e.a. 2009) ingevoer ten einde 'n netwerkontleding te kan doen, soos in die volgende onderafdeling bespreek word.

### 4.3 Dataontleding

Woordmedevoorkomsnetwerke is geneig om dig geskakelde netwerke te wees waar dit moeilik kan wees om betekenisvolle inligting te onttrek wanneer die netwerk gevisualiseer word, selfs met stopwoorde verwyder. Om hierdie rede is twee algoritmes in die huidige navorsing gebruik om belangrike temas te identifiseer: PageRank, wat belangrike nodusse in groot netwerke uitlig, en die Louvain-algoritme, wat gemeenskappe in groot netwerke identifiseer. Hierdie metodes word in meer besonderhede bespreek, en beide word in Gephi (Bastian e.a. 2009) geïmplementeer.

PageRank, wat ontwikkel is deur die medestigters van Google, Larry Page en Sergey Brin (Brin en Page 1998), is oorspronklik geskep vir die rangskikking van soekenjinresultate gebaseer op tersaaklikheid en belangrikheid (Newman 2018:166; Brughmans en Peebles 2023:137). PageRank is 'n variant van Bonacich (1987) se eigenvektorsentraliteit en evalueer 'n nodus se belangrikheid nie net volgens die aantal direkte skakels wat 'n nodus het nie, maar ook volgens die kwaliteit van daardie verbindings. 'n Skakel vanaf 'n belangrike nodus dra meer by tot 'n hoë PageRank-waarde as een vanaf 'n onbelangrike nodus (Newman 2018:166; Pinheiro 2023:144). Alhoewel dit fundamenteel was vir websoektogte, word PageRank wyd gebruik in ander domeine, soos die identifisering van invloedryke rolspelers in sosiale netwerke en die rangskikking van wetenskaplike artikels en skrywers in verwysingsnetwerke (Liao, Mariani, Medo, Zhang en Zhou 2017:39; Pinheiro 2023:3). PageRank word in die huidige ondersoek gebruik om die belangrikste woorde in Heidevolk se lirieke te identifiseer, beide oor die algemeen en ten opsigte van temas.

Die Louvain-algoritme, in 2008 ontwikkel deur Vincent Blondel, Jean-Loup Guillaume, Renaud Lambiotte en Etienne Lefebvre aan die Universiteit van Louvain (Blondel, Guillaume, Lambiotte en Lefebvre 2008), is 'n heuristiese metode vir die opsporing van gemeenskappe in groot netwerke deur modulariteit te maksimeer (Barabási 2016:3; Newman 2018:511). Modulariteit is 'n maatstaf wat gebruik word om die kwaliteit van 'n netwerk se verdeling in gemeenskappe te bepaal deur die verskil te meet tussen die waargenome getal skakels wat nodusse binne dieselfde groepe verbind en die verwagte getal skakels indien die skakels ewekansig versprei was (Newman 2018:205; Brughmans en Peebles 2023:132; Pinheiro 2023:39). Die tegniese werking van die Louvain-algoritme word in sowel die oorspronklike publikasie as in Barabási (2016:51), Newman (2018:512), Knoke en Yang (2020:118) en Pinheiro (2023:40) bespreek. In Gephi word daar dan 'n arbitrêre nommer aan gemeenskappe vir verwysingsdoeleindes toegeken. Die netwerk kan boonop op verskillende vlakke ontleed word, maar vir die huidige ondersoek word die netwerk op die verstekvlak ontleed. Te danke aan sy doeltreffendheid en vermoë om netwerke te hanteer waar gewigte aan skakels toegeken is, word die Louvain-algoritme wyd gebruik om groot datastelle in uiteenlopende velde te


ontleed (Knoke en Yang 2020:118), insluitende die ontleding van woordmedevoorkomsnetwerke waar hierdie algoritme gebruik word om onderwerpe te identifiseer (Chao, Liu en Li 2021; Vera en Palma 2021). In die huidige ondersoek is die Louvain-algoritme op die hele woordmedevoorkomsnetwerk toegepas om groepe woorde te identifiseer wat dikwels saam in Heidevolk se lirieke voorkom.

Die gemeenskappe is verder voorsien van 'n klassifikasie-etiket deur van die Groot Multimodale Model (GMM), Gemini 3 Flash (Doshi 2025), gebruik te maak. Gemini 3 Flash is tans een van Google se mees gevorderde GMM's en vertoon PhD-vlak-redeneringsvermoë, tesame met uitstekende prestasie op alle maatstaftoetse (Doshi 2025). Vir die klassifikasie is 'n instruksie aan die model vanuit Google Sheets verskaf, naamlik: "identify the theme, provide response in Afrikaans", soos toegepas op die 20 woorde met die hoogste PageRank-waardes binne elke gemeenskap. Hierdie oop instruksie het dit moontlik gemaak om 'n etiket te skep wat nuanses in ag neem en die beste by die versameling woorde pas, maar sonder dat die navorser se agtergrondskennis en perspektief die klassifikasie-etiket beïnvloed. Etiket word later in die huidige artikel verskaf soos deur Gemini 3 Flash toegeken, tesame met die woorde met die hoogste PageRank-waardes wat in daardie gemeenskap onder daardie etiket aangetref word.

Die resultate van die ontleding van Heidevolk se lirieke word in die res van die artikel bespreek.

## 5. Resultate

Die volledige woordmedevoorkomsnetwerk van Heidevolk se lirieke bestaan uit 1 727 nodusse ( $n$ ) (woorde) en 2 970 skakels ( $m$ ) (medevoorkomste), maar sommige nodusse is onverbind omdat hulle nie gereeld saam met ander nodusse voorkom nie. Die grootste verbindende komponent van die netwerk – bekend as die reuse komponent – bestaan uit 1 558 nodusse en 2 878 skakels, soos hier onder in Figuur 1 vertoon word. Vir hierdie grafiek is die OpenOrd-kraggerigte uitleg-algoritme van Martin, Brown, Klavans en Boyack (2011) gebruik om die netwerk te visualiseer. Met behulp van die Louvain-algoritme is hierdie netwerk in gemeenskappe verdeel, en daar is 25 gemeenskappe gevind, wat in Figuur 1 met verskillende kleure aangedui word. Woorde met hoë PageRank-waardes word met groter nodusse en etikette aangedui, met ander woorde hoe groter die nodus en etiket, hoe hoër daardie nodus se PageRank-waarde. Ter wille van leesbaarheid word slegs die 20 nodusse met die hoogste PageRank-waardes se etikette in Figuur 1 vertoon, naamlik *nacht*, *leven*, *land*, *dood*, *god*, *volk*, *bloed*, *komen*, *woud*, *strijd*, *vuur*, *zon*, *zien*, *zwaard*, *rijk*, *kracht*, *dag*, *tijd*, *aarde* en *brenge*. Hierdie kernwoorde tipeer reeds Heidevolk se lirieke as gemoeid met geskiedenis, etnisiteit, erfenis, die natuur en 'n krygersgees. Let egter daarop dat dit, soos verwag kon word, 'n dig geskakelde netwerk is en dat woorde wat in 'n gemeenskap aangetref word, ook saam met woorde buite daardie gemeenskap voorkom.



**Figuur 1.** Die grootste verbinde komponent in die woordmedevoorkomsnetwerk van Heidevolk se lirieke, met 1 558 nodusse en 2 878 skakels

Tabel 4 dui al 25 gemeenskappe aan wat met behulp van die Louvain-algoritme geïdentifiseer is (gesorteer van groot na klein), die getal nodusse in daardie gemeenskap, die 5 kernwoorde met die hoogste PageRank-waardes in elke gemeenskap, sowel as Gemini se klassifikasie van kernwoorde.

**Tabel 4. Gemeenskappe, kernwoorde en klassifikasies**

| Gemeenskap | Getal nodusse | Top vyf kernwoorde                     | Klassifikasie               |
|------------|---------------|----------------------------------------|-----------------------------|
| 9          | 112           | pad, grond, nieuw, ver, huis           | Avontuur en Oorlewing       |
| 19         | 106           | land, woud, ziel, oud, liggen          | Natuur en landskap          |
| 17         | 102           | hemel, hal, vinden, groot, vallen      | Mitologie en Avontuur       |
| 4          | 95            | god, komen, zoon, laten, drinken       | Mites en Legendes           |
| 10         | 88            | nacht, dag, breken, oog, diep          | Lig en Donkerte             |
| 2          | 85            | volk, rijk, vechten, broeder, trouw    | Geskiedenis en Konflik      |
| 7          | 82            | vuur, aarde, hart, branden, rijen      | Taal en Letterkunde         |
| 25         | 75            | woede, stam, winter, naam, verliezen   | Mites en Legendes           |
| 14         | 73            | zon, brengen, vlees, onheil, klauw     | Stryd tussen Goed en Kwaad  |
| 21         | 67            | leven, dood, vrijheid, rome, lucht     | Vryheid en Stryd            |
| 3          | 61            | zien, kracht, moed, sterk, einde       | Moed en Deursettingsvermoë  |
| 16         | 60            | sterven, bevrijden, angst, pijn, terug | Stryd en Bevryding          |
| 15         | 57            | bloed, ader, beest, water, bezwijken   | Natuur en Lewe              |
| 24         | 57            | man, ontwaken, laat, tiwaz, donder     | Geloof en Mitologie         |
| 12         | 55            | wodan, wereld, boom, negen, heersen    | Germaanse Mitologie         |
| 8          | 50            | zwaard, heffen, hoorn, rune, heuvel    | Mites en Legendes           |
| 11         | 48            | tijd, wachten, hand, nemen, toekomst   | Noodlot en Verganklikheid   |
| 20         | 46            | strijd, zege, trekken, uur, drijven    | Emosie en Hartstog          |
| 18         | 44            | horen, vijand, eeuwig, klinken, roep   | Stryd en Konflik            |
| 22         | 39            | gelre, keren, oorlog, hertog, zicht    | Geskiedenis en Oorlog       |
| 5          | 38            | lot, draad, heer, urth, bepalen        | Bestemming en Goddelike Wil |
| 1          | 36            | twee, jagen, brand, kerk, plan         | Gevaar en Konflik           |
| 13         | 32            | bier, vloeien, spreken, recht, heel    | Natuur en Landskap          |
| 23         | 25            | raaf, wolf, buit, reizen, fier         | Avontuur en Stryd           |
| 6          | 25            | aard, baren, moeder, holda, snel       | Natuur en Lewe              |

Die klassifikasies van kernwoorde van gemeenskappe dui op lirieke wat rondom die geskiedenis, mitologie, natuur, landskap en kultuur sentreer. Heelwat gemeenskappe fokus op Natuur en Landskap (Gemeenskappe 19, 13 en 6), waar woorde soos *woud*, *aarde* en *moeder* sentraal staan. Dit weerspieël die heidense wêreldbeskouing waarin die natuurlike omgewing nie net 'n agtergrond is nie, maar 'n lewende entiteit wat intiem met die menslike ervaring en



ook geloofstradisies verweef is (kyk bv. Wolfgang 2014). Hierdie wêreldbeskouing is juis duidelik in die lirieke van “Holda” (*Wederkeer*) te sien:

En waar zij gaat gehoorzaamt de aard  
Gekleed in haar winters gewaad  
Weeft zij de wolken bedekt ons met sneeuw  
Hoedster der stormen

Mitologiese elemente oor die algemeen, wat kenmerkend is van die genre, is duidelik sigbaar in verskeie groot gemeenskappe, byvoorbeeld Gemeenskap 17 (Mitologie en Avontuur), 4 (Mitologie en Legendes), 25 (Mites en Legendes), 24 (Geloof en Mitologie), 12 (Germaanse Mitologie) en 8 (Mites en Legendes). Gemeenskap 12 (Germaanse Mitologie) bevat spesifieke verwysings na Wodan, die wêreldboom (Yggdrasil), en die getal 9,<sup>5</sup> terwyl gode soos Tiwaz (Týr) en Donar (Þórr) in Gemeenskap 24 betrek word. Hierdie kernwoorde dui op ’n verbintenis met die Oudnoorse en Germaanse geloofstradisies, maar die keuse van Germaanse naamvorme in plaas van die Oudnoorse Óðinn, Þórr en Týr dui daarop dat Heidevolk veral plaaslike manifestasies van hierdie gode in gedagte het, nie ’n Viking-omgewing nie. Die plaaslike karakter van geloofstradisies word versterk deur Heidevolk se verwysings na Holda, wat nie binne ’n Skandinawiese/Viking-konteks bekend is nie (Wolfgang 2014:430), en die afwesigheid van Freyr en Freyja in hul lirieke, wat gode is wat slegs binne ’n Skandinawiese/Viking-konteks bekend is (Grundy 1996:64; Wolfgang 2014:390). Hierdie mitologiese temas word ook dikwels gekoppel aan begrippe van noodlot. Gemeenskap 5 (Bestemming en Goddelike Wil) gebruik woorde soos *lot*, *draad* en *Urth*, wat verwys na die Norns (Urð, Verðandi en Skuld) wat die lewensdrade van gode en mense weef, volgens *Völuspá* vers 20 (Pettit 2023:42). Voorbeelde van liedjies met sterk mitologiese elemente is “Furor Teutonicus” op *De strijdlust is geboren*, “Wodan heerst”, “Het Wilde Heer”, “Naar de hal der gevallen” en “Zwaarden geheven” op *Walhalla wacht*, “Ostara”,<sup>6</sup> “Dondergod”, “Reuzenmacht” en “Levenslot” op *Uit oude grond*, “Urth” op *Velua*, en “Hagalaz”, “Drink met de goden (Walhalla)” en “Holda” op *Wederkeer* “Wodan heerst” (*Walhalla wacht*) vertel byvoorbeeld die verhaal van Wodan/Óðinn se offer om die runes te bekom, en alhoewel die verhaal bekend is uit die Oudnoorse *Völuspá* vers 138 (Pettit 2023:112), plaas die gebruik van sy naamvorm as “Wodan” die liriek binne ’n Nederlandse verwysingsraamwerk:

Wodan hing in de boom zichzelf verwond met een speer  
Een offer om de runenwijsheid te krijgen  
Geteisterd door zijn honger en dorst voor negen nachten lang  
Zo maakte hij zichzelf de runen eigen  
Het runenschrift het magisch schrift schonk hij aan ’t Midgaardvolk  
Een gift aan ons die met zijn zegen strijden  
Nu kerven wij de runen in ons zwaard voor winst in ’t gevecht  
Walkuren zien wij door de hemelen rijden.

Konflik en stryd vorm ’n verdere duidelike tematiese pilaar. Gemeenskappe soos 2 (Geskiedenis en Konflik), 21 (Vryheid en Stryd) en 16 (Stryd en Bevryding) toon ’n woorde-skat van verset, met terme soos *vechten*, *vrijheid*, *angst*, en *bevrijden*. Die teenwoordigheid van historiese verwysings, soos gesien in Gemeenskap 22 met verwysings na *Gelre* en die *hertog*, dui daarop dat Heidevolk hul lirieke in die plaaslike geskiedenis van Nederland anker, eerder as om slegs generiese mitologiese temas te gebruik. Daar is byvoorbeeld liedjies wat ’n sterk Nederlandse trots verwoord, soos “Het Gelders volkslied” en “Het bier zal weer vloeien” op



*De strijdlust is geboren*, “Een Geldersch lied” op *Uit oude grond*, en “De hallen van mijn vaderen” op *Vehua*. Daar is ook liedjies oor spesifieke historiese gebeure, byvoorbeeld vertellings oor die Bataafse opstand teen die Romeinse Ryk tydens die 1ste eeu in “Opstand der Bataven” (*Walhalla wacht*) en op hul konsepalbum, *Batavi* (kyk bv. Esposito 2021 oor die Bataafse opstand). Hul latere konsepalbum, *Vuur van verzet*, handel oor ander Germaanse teenstand teen Rome. In “Vrijgevochten” (*Batavi*) skryf Heidevolk byvoorbeeld oor die stryd teen Romeinse oorheersing:

Ik voel de trots  
Als ik mijn land aanschouw  
Tot in de eeuwigheid  
Verbonden met mijn grond

Ooit was ik de keizer trouw  
En vocht ik in zijn naam  
Maar de woede van Germania  
Droeg ik altijd in mijn hart

Vrijheidszin vervulde mij  
En ik wierp mijn masker af  
Woeste stammen langs de Rijn  
Voerden oorlog met het rijk.

Die stryd teen die Franke en hul gedwonge kerstenings van Germaanse volke tydens die vroeë Middeleeue word ook in Heidevolk se lirieke aangetref. “Koning Radboud” (*Walhalla wacht*) handel oor Redbad (laat 7de tot vroeë 8ste eeue) se verset teen die Franke en kerstening, soos byvoorbeeld bespreek deur Halink (2020) (daar is ook ’n 2008-film, *Redbad*, oor hierdie Friese leier vrygestel). Die gedwonge kerstening van die Saksers tydens die 8ste eeu deur Karel die Grote en weerstand daarteen, soos onder andere in Rembold (2018) bespreek, word in “Walhalla wacht” (*Walhalla wacht*) uitgebeeld:

Kom Saksenbroeders hef uw zwaard ten hemel  
Trek nu ten strijde voor de goden en het land  
Dood aan de Franken en hun god Jehova  
Vernietig hun kruizen steek hun kerken in de brand

Rijs Saksenbroeders toont uw trouw aan Wodan  
Hoor hoe zijn raven krijsen in de nacht  
Grijp naar de wapens zweer de eed op Gungnir  
Vrees toch uw dood niet want Walhalla wacht

Zij die de Irminzuil<sup>7</sup> voor God onteerden  
Zullen de prijs betalen met hun hoofd  
Zij die Aasgetrouwen bruto vermoordden  
Kleuren de grond nu met hun bloed dieprood

Rijs Saksenbroeders toont uw trouw aan Donar  
Hoor hoe zijn bokken rijden in de nacht

Grijp naar de wapens zweer de eed op Mjöltnir  
Vrees toch uw dood niet want Walhalla wacht

Nooit zal de christengod hier vrede vinden  
Jezus zal nimmer leven in ons hart  
Vergeefs is hun strijd om onze ziel te winnen  
Gruwelijk zijn dood die de Saksen tart

Rijs Saksenbroeders toont uw trouw aan Saxnot<sup>8</sup>  
Hoor hoe de vrouwen huilen in de nacht  
Grijp naar de wapens zweer de eed op de doden  
Vrees toch uw dood niet want Walhalla wacht.

Laastens is daar 'n opvallende teenstelling tussen lig en donker en lewe en dood in Heidevolk se lirieke, soos byvoorbeeld gesien daarin dat *leven* en *dood* van die woorde met die hoogste PageRank-waardes in hierdie netwerk is. Gemeenskap 10 (Ligte en Donkerte) is 'n gemeenskap van teenstelling waar *nacht* en *dag*, *licht* en *donker* en *duister* en *helder* teenoor mekaar staan. Hierdie teenstelling dra by tot die epiëse en kosmologiese toon wat die lirieke kenmerk, en dien as agtergrond vir die temas van stryd en die natuurlike wêreld. "Raidho" (*Wederkeer*) is by uitstek 'n liriek wat so teenstellend werk:

Door 't duister der nacht  
Door 't vuur van de dag  
Volg ik het pad naar de wijsheid  
Ik leef en leer ik offer en eer  
Ik hoor ik zie ik spreek

Met vriendschap en vreugd  
Verlies en met deugd  
Omkleed ik mijn ziel en mijn zinnen  
Iedere dag zolang ik mag  
Voel ik vraag ik weet ik

Raidho Raidho  
Van de schoot die mij baarde  
Tot aan mijn dood

Met moed en beleid  
En 't verstrijken der tijd  
Vind ik het vuur in mijn leven  
Het kind opgebloeid mijn geest is gegroeid  
Hoor ik zie ik leef ik.

In geheel gesien, dui die kern van Heidevolk se lirieke op 'n sterk etniese trots waar 'n eie kultuur ten opsigte van plek en geloof gehandhaaf word, en die stryd om daardie eie kultuur teen aanvalle van buite – by name deur die Romeine en Franke – te beskerm. Die klem val op 'n eie Germaanse kultuur, nie 'n Viking-verwysingsraamwerk soos met Vikingmetaal aangetref word nie, soos gesien kan word in plekname en die name van gode wat genoem word. Nietemin is verskillende begrippe in Heidevolk se lirieke verweefd: natuur en gode, gode en

stryd, stryd en plek, plek en gode, plek en natuur. Hierdie verweefdheid kan in die woordmedevoorkomsnetwerk in Figuur 1 waargeneem word, en ook in die oorvleuelende kernwoorde, én in die oorvleuelende klassifikasies wat deur Gemini aan gemeenskappe van kernwoorde toegeken is. Só 'n verweefdheid is kenmerkend van die kennisdomein wat Heidevolk se basis vorm, omdat die heidense geloofstradisies verweef is met die geskiedenis, natuur en mense se alledaagse lewens. As sodanig beeld Heidevolk nie slegs hierdie tradisies in hul lirieke uit nie, maar ook 'n lewensuitkyk waar die alledaagse met die verlede en bonatuurlike verweefd is.

## 6. Ten slotte

Hierdie woordmedevoorkomsnetwerkontleding het Heidevolk se posisie as 'n heidenmetaalgroep met 'n sterk gelokaliseerde Germaanse en natuurgerigte wêreldbeskouing empiries uitgelig. Die PageRank-geïdentifiseerde kernwoorde (*land, dood, volk, strijd, woud*) en die 25 gemeenskappe wat deur die Louvain-algoritme geïdentifiseer is, sentreer om mitologie, natuur en stryd, wat hul fokus op die geskiedenis van die Lae Lande en Germaanse erfenis onderstreep, eerder as om slegs op die Skandinawiese Vikingtydperk te steun. Die ondersoek bied sodoende 'n gedetailleerde blik op die tematiese kompleksiteit van Heidevolk se lirieke, en bevestig hul rol in die breër subgenre as 'n groep wat plaaslike identiteit en geskiedenis deur swaarmetaal uitdruk.

Heidevolk is 'n baie sigbare Nederlandse en Nederlandstalige heidenmetaalgroep, maar daar bestaan ander groepe, soos Mondvolland, :Nodfyr:, Alvader, Bezwing en nog vele meer wat ook bestudeer kan word. Toekomstige ondersoeke kan sulke groepe betrek, of selfs vergelykend te werk gaan om die kernwoordeskat van verskillende groepe te vergelyk.

## Bibliografie

Álvarez-Ossorio Rivas, A., F. Lozano en C. Alarcón (reds.). 2019. *The present of antiquity. Reception, recovery, reinvention of the ancient world in current popular culture*. Besançon: Institute des Sciences et Techniques de l'Antiquité.

Ashby, S.P. en J. Schofield. 2015. "Hold the Heathen hammer high": Representation, re-enactment and the construction of "Pagan" heritage. *International Journal of Heritage Studies*, 21(5):493–511. DOI:10.1080/13527258.2014.960441.

Barabási, A.-L. 2016. *Network science*. Cambridge, VK: Cambridge University Press.

Bastian, M., S. Heymann en M. Jacomy. 2009. Gephi: an open source software for exploring and manipulating networks. *Proceedings of the International AAAI Conference on Web and Social Media*, 3(1):361–2.

Bénard-Goutouly, N. 2015. La figure du Viking dans la musique metal. *Nordiques*, 29:87–100. DOI:10.4000/nordiques.5425.

- Billington, S. en M. Green (reds.). 1996. *The concept of the goddess*. Londen: Routledge.
- Blondel, V.D., J.-L. Guillaume, R. Lambiotte en E. Lefebvre. 2008. Fast unfolding of communities in large networks. *Journal of Statistical Mechanics: Theory and Experiment*, 2008(10):P10008. DOI:10.1088/1742-5468/2008/10/P10008.
- Bonacich, P. 1987. Power and centrality: a family of measures. *American Journal of Sociology*, 92(5):1170–82. DOI:10.1086/228631.
- Brin, S. en L. Page. 1998. The anatomy of a large-scale hypertextual web search engine. *Computer Networks and ISDN Systems*, 30(1–7):107–17. DOI:10.1016/S0169-7552(98)00110-X.
- Brughmans, T. en M.A. Peeples. 2023. *Network science in archaeology*. Cambridge: Cambridge University Press. DOI:10.1017/9781009170659.
- Chao, A.S., Z. Liu en Q. Li. 2021. Network of words. *Journal of Historical Network Research*. DOI:10.25517/jhnr.v5i1.122.
- Dark Lyrics. S.j. Heidevolk lyrics. <http://www.darklyrics.com/lyrics/heidevolk/wederkeer.html> (16 Januarie 2026 geraadpleeg).
- De Klepper, S., S. Molpheta, S. Pille en R. Saouma. 2007. *Cultural heritage and history in the metal scene*. Wageningen: Belvedere Chair in The Chairgroup Land Use Planning.
- Doshi, T. 2025. Gemini 3 Flash: frontier intelligence built for speed. <https://blog.google/products-and-platforms/products/gemini/gemini-3-flash> (10 Maart 2026 geraadpleeg).
- Doumen, J., V. Prins en V. Vandeghinste. 2025. Textlens: an online dashboard for digital text analysis. *Zenodo*. DOI:10.5281/zenodo.15425644.
- Driedger, M.D. 2015. Dutch stop words (revised). [https://www.academia.edu/10234830/Dutch\\_stop\\_words\\_revised](https://www.academia.edu/10234830/Dutch_stop_words_revised) (19 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Encyclopaedia Metallum. 2026. Heidevolk. <https://www.metal-archives.com/bands/Heidevolk/17850#> (16 Januarie 2026 geraadpleeg).
- Esposito, G. 2021. *Armies of the Germanic peoples, 200 BC to AD 500. History, organization and equipment*. South Yorkshire: Pen & Sword Military.
- Fletcher, K. 2019. Classical antiquity, heavy metal music, and European identity. In Álvarez-Ossorio Rivas, Lozano en Alarcón (reds.) 2019:223–46.
- Granholm, K. 2011. “Sons of northern darkness”: Heathen influences in black metal and neofolk music. *Numen*, 58(4):514–44. DOI:10.1163/156852711X577069.
- Grundy, S. 1996. Freyja and Frigg. In Billington en Green (reds.) 1996:56–67.

- Halink, S. 2020. Van “Gods vijand” tot nationaal icoon. De verbeelding van Redbad en andere “heidense helden” in vergelijkend perspectief. *De Vrije Fries*, 100:102–19.
- Heesch, F. 2010. Metal for Nordic men: Amon Amarth’s representations of Vikings. In Scott (red.) 2010:71–80.
- Heinen, S. 2017. *“Odin rules”: Religion, Medien und Musik im Pagan Metal*. Bielefeld: Transcript Verlag.
- Kahn-Harris, K. 2007. *Extreme metal: music and culture on the edge*. Oxford: Berg.
- Knoke, D. en S. Yang. 2020. *Social network analysis*. Thousand Oaks, Kalifornië: SAGE.
- Liao, H., M.S. Mariani, M. Medo, Y.-C. Zhang en M.-Y. Zhou. 2017. Ranking in evolving complex networks. *Physics Reports*, 689:1–54. DOI:10.1016/j.physrep.2017.05.001.
- Manea, I.-M. 2020. Aesthetic Heathenism: pagan revival in extreme metal music. *[Inter]sections*, 23:59–76.
- Martin, S., W.M. Brown, R. Klavans en K.W. Boyack. 2011. OpenOrd: an open-source toolbox for large graph layout. In *Visualization and Data Analysis 2011*. IS&T/SPIE Electronic Imaging, SPIE (SPIE Proceedings):786806. DOI:10.1117/12.871402.
- Mora-Rioja, A. 2023. *Poetry in English and metal music: adaptation and appropriation across media*. Cham: Springer Nature Switzerland. DOI:10.1007/978-3-031-29183-8.
- Moynihan, M. en D. Söderlind 2003. *Lords of chaos. The bloody rise of the Satanic metal underground*. Los Angeles: Feral House.
- Murdoch, B. en M. Read. (reds.). 2004. *Early Germanic literature and culture*. Rochester: Camden House.
- Newman, M. 2018. *Networks*. Oxford: Oxford University Press. DOI:10.1093/oso/9780198805090.001.0001.
- Pettit, E. (red.). 2023. *The Poetic Edda: a dual-language edition*. Cambridge, VK: Open Book Publishers. DOI:10.11647/OBP.0308.
- Pinheiro, C.A.R. 2023. *Network science. Analysis and optimization algorithms for real-world applications*. Hoboken, NJ: John Wiley & Sons.
- Rembold, I. 2018. *Conquest and christianization: Saxony and the Carolingian world, 772–888*. Cambridge: Cambridge University Press. DOI:10.1017/9781108164597.
- Roe, S. 2019. Against the modern world: NeoFolk and the authentic ritual experience. *Literature & Aesthetics*, 29(2):15–31.
- Scott, N.W.R. (red.). 2010. *The metal void: first gatherings*. Oxford: Inter-Disciplinary Press.

Segers, G.F.P. 2012. A blaze in the northern sky: black metal as an expression of extremist politics in modern day Europe. MA-verhandeling, Tilburg Universiteit.

Senekal, B.A. 2011. Vervreemding in die ekstreem: 'n oorsig oor normloosheid en sosiale isolasie in Afrikaanse ekstreme metal. *LitNet Akademies*, 8(1):76–101. [https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2021/01/LA\\_8\\_1d\\_senekal.pdf](https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2021/01/LA_8_1d_senekal.pdf).

—. 2024. The Norse Pagan revival in music: A network analysis of Wardruna's environment on Spotify. *Ensovoort*, 45(9). <http://ensovoort.co.za/index.php/2024/09/09/the-norse-pagan-revival-in-music-a-network-analysis-of-wardrunas-environment-on-spotify> (5 Mei 2025 geraadpleeg).

—. 2025. Mensveragterend, afstootlik en omstrede: 'n verkenning van Afrikaanse swartmetaal. *LitNet Akademies*, 22(3):308–38. [https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2026/01/LitNet-Akademies\\_j22n3b6\\_Senekal.pdf](https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2026/01/LitNet-Akademies_j22n3b6_Senekal.pdf).

Siegfried, K.E.H. 2013a. Interview with Joris Boghtdrincker of Heidevolk, Part One. <https://www.norsemyth.org/2013/06/interview-with-joris-boghtdrincker-of.html> (11 Maart 2026 geraadpleeg).

—. 2013b. Interview with Joris Boghtdrincker of Heidevolk, Part Two. [https://www.norsemyth.org/2013/06/interview-with-joris-boghtdrincker-of\\_12.html](https://www.norsemyth.org/2013/06/interview-with-joris-boghtdrincker-of_12.html) (11 Maart 2026 geraadpleeg).

—. 2013c. Interview with Joris Boghtdrincker of Heidevolk, Part Three. [https://www.norsemyth.org/2013/06/interview-with-joris-boghtdrincker-of\\_18.html](https://www.norsemyth.org/2013/06/interview-with-joris-boghtdrincker-of_18.html) (11 Maart 2026 geraadpleeg).

Simek, R. 2004. Germanic religion and the conversion to Christianity. In Murdoch en Read (reds.) 2004:73–102.

Sinclair, S. en G. Rockwell. 2016. *Voyant tools*. <http://voyant-tools.org> (6 Mei 2026 geraadpleeg).

Skeech, M. 2022. The biology of heavy metal. Evolutionary links between science and culture. Doktorale proefskrif, University van Salford.

Trafford, S. 2021. Nata vimpi curmi da: dead languages and primordial nationalisms in folk metal music. In Valijärvi, Doesburg en Digioia (reds.) 2021:223–40).

Valijärvi, R.-L., C. Doesburg en A. Digioia (reds.). 2021. *Multilingual metal music: socio-cultural, linguistic and literary perspectives on heavy metal lyrics*. Bingley: Emerald Publishing Limited. DOI:10.1108/978-1-83909-948-920200020.

Vera, J. en W. Palma. 2021. The community structure of word co-occurrence networks: experiments with languages from the Americas. *EPL (Europhysics Letters)*, 134(5):58002. DOI:10.1209/0295-5075/134/58002.



Von Helden, I. 2010. Barbarians and literature: Viking metal and its links to Old Norse mythology. In Scott (red.) 2010:257–64.

Weinstein, D. 2014. Pagan metal. In Weston en Bennett (reds.) 2014:58–75.

Weston, D. en A. Bennett. (reds.). 2014. *Pop Pagans: Paganism and popular music*. Oxon: Routledge.

Wolfgang, G. 2014. *Germanische Mythologie Vollständige Ausgabe*. Wiesbaden: Marix Verlag.

## Diskografie

Ade. 2016. *Carthago Delenda Est*. Xtrem Music.

Amon Amarth. 1994. *The Arrival of the Fimbul Winter*. Onafhanklik.

Bathory. 1988. *Blood Fire Death*. Black Mark/Tyfon.

—. 1990. *Hammerheart*. Noise Records.

—. 1991. *Twilight of the Gods*. Black Mark Production.

Burzum. 1993. *Det som engang var*. Cymophane.

—. 1994. *Hvis lyset tar oss*. Misanthropy, Cymophane.

—. 1997. *Dauði Baldrs*. Misanthropy Records.

—. 2012. *Umskiptar*. Byelobog Productions.

Enslaved. 1994. *Vikingligr Veldi*. Deathlike Silence.

Heidevolk. 2005. *De strijdlust is geboren*. Onafhanklik.

—. 2008. *Walhalla wacht*. Napalm Records.

—. 2010. *Uit oude grond*. Napalm Records.

—. 2012. *Batavi*. Napalm Records.

—. 2015. *Velua*. Napalm Records.

—. 2018. *Vuur van verzet*. Napalm Records.

—. 2023. *Wederkeer*. Napalm Records.

Led Zeppelin. 1970. *Led Zeppelin III*. Atlantic Records.

Manowar. 1983. *Into Glory Ride*. Megaforce Records.

Rebellion. 2012. *Arminius: Furor Teutonicus*. Massacre Records.

Sacred Blood. 2008. *The Battle of Thermopylae: The Chronicle*. Eat Metal Records.

Skyclad. 1991. *The Wayward Sons of Mother Earth*. Noise Records.

Unleashed. 1990. *The Utter Dark*. Onafhanklik.

White Skull. 1999. *Tales from the North*. Nuclear Blast Records.

—. 2000. *Public Glory, Secret Agony*. Nuclear Blast Records.

## Filmografie

Reiné, R. 2018. *Redbad*. Farmhouse TV & Film.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Trafford (2021:226) definieer 'n dooie taal soos volg: "A 'dead' language is one that has no living users for whom it is a mother tongue, that is, one learnt as a child as one's first language."

<sup>2</sup> Germaanse, Saksiese en Noorse geloofstradisies is natuurlik nouverwant. Die onderskeid wat hier getref word, het spesifiek betrekking op die naamvorme van gode (Woden/Óðinn) en onderlinge verskille, byvoorbeeld die teenwoordigheid van 'n god in een streek, maar nie in 'n ander nie.

<sup>3</sup> Burzum se enigste lid, Varg Vikernes, stig onder andere die Norsk Hedensk Front en skryf 'n aantal boeke oor Noorse/Germaanse geloofstradisies (Senekal 2025:318).

<sup>4</sup> Textlens is beskikbaar by <https://portal.clarin.ivdnt.org/textlens/annotate/corpora>.

<sup>5</sup> Die getal 9 is belangrik in Noorse/Germaanse mitologie. Óðinn/Wodan hang byvoorbeeld vir nege dae aan Yggdrasil om die runes te bekom, soos genoem in "Wodan heerst" (*Walhalla wacht*).

<sup>6</sup> Wolfgang (2014:427) toon aan dat 'n godin genaamd Ostara nooit bestaan het nie en dat haar naam van die lys van Germaanse gode geskrap moet word.

<sup>7</sup> Karel die Grote se vernietiging van die Irminsul in 772 A.J. was 'n spesifieke poging om inheemse geloofstradisies onder die Saksers te vernietig (Rembold 2018:76).

<sup>8</sup> Saxnot is 'n god wat slegs onder die Saksers bekend is (Simek 2004:83).

# **Wêrelde wat tot stand vertel word: Narratiewe konstruksie en die etiek van representasie in *Die wêreld van Charlie Oeng***

**Willie Burger**

---

Willie Burger, Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria

---

## ***Opsomming***

Hierdie artikel ondersoek hoe *Die wêreld van Charlie Oeng* (2017) deur Etienne van Heerden narratiewe wêreldskepping voorstel as 'n proses wat tegelyk epistemologies noodsaaklik en eties problematies is. Deur gebruik te maak van teoretiese insigte uit Paul Ricoeur se narratiewe hermeneutiek en Thomas Pavel se teorie van fiktiewe wêrelde, redeneer ek dat die roman die konstruksie van 'n storiewêreld dramatiseer as 'n tipe kennisvorming wat afhanklik is van seleksie, ordening en verbeeldingryke konfigurasie. Narratiewe konfigurasie blyk 'n voorwaarde vir die verstaan van die ander, die verlede en die self te wees, maar terselfdertyd is dit 'n aktiwiteit wat noodwendig deur perspektiewe en diskursiewe strukture van bepaalde tydperke gevorm word.

Die roman plaas hierdie problematiek op die voorgrond deur 'n verteller te skep wat poog om die wêreld van Charlie Oeng saam te stel op grond van fragmentariese getuienis, argivale materiaal en verbeeldingryke aanvulling. Die mise-en-abyme-struktuur, waarin die verteller 'n roman skryf met dieselfde titel as die roman deur Etienne van Heerden, beklemtoon die bemiddelde aard van wêreldvorming en voorkom dat narratiewe samehang met epistemologiese sekerheid verwar word. Pavel se begrip van die digtheid en toeganklikheid van fiktiewe wêrelde help om te verduidelik hoe fyn besonderhede en verwysings na 'n herkenbare historiese werklikheid die indruk van 'n samehangende wêreld skep, terwyl die roman terselfdertyd die interpretatiewe arbeid waardeur hierdie samehang tot stand kom, uitspel.

Die artikel toon verder aan dat narratiewe wêreldvorming etiese implikasies het, aangesien die representasie van die ander plaasvind binne histories gestruktureerde verhoudings van ongelykheid. Die wêreld van Charlie Oeng word deur diskoerse bemiddel wat bepaal wie kan praat en wie as interpreteerder optree. Die roman suggereer egter dat die risiko van

wanvoorstelling nie vermy kan word deur aan narratiewe betrokkenheid te onttrek nie. Soos Ricoeur aantoon, ontstaan selfbegrip juis deur betrokkenheid by verhale waardeur ervaring betekenis verkry.

Die artikel kom tot die gevolgtrekking dat *Die wêreld van Charlie Oeng* narratiewe wêreldvorming voorstel as 'n praktyk wat sowel verbeeldingryke betrokkenheid as kritiese selfbewustheid vereis. Fiksie bied nie direkte toegang tot die wêreld van die ander nie, maar skep die moontlikheid van 'n begrip van die ander ('n ander mens of die verlede) wat bewus bly van die voorlopige en bemiddelde aard van interpretasie.

**Trefwoorde:** metafiksie; narratiewe etiek; narratiewe identiteit; Thomas Pavel; Paul Ricoeur; storiewêreld; Etienne van Heerden; wêreldskepping

### *Abstract*

#### **Narrating worlds into being: Narrative construction and the ethics of representation in Etienne van Heerden's *Die wêreld van Charlie Oeng***

This article examines how *Die wêreld van Charlie Oeng* ("The world of Charlie Oeng", 2017) by Etienne van Heerden presents narrative world-making as a process that is simultaneously epistemologically indispensable and ethically problematic. Drawing on Paul Ricoeur's narrative hermeneutics together with Thomas Pavel's theory of fictional worlds, I argue that the novel dramatises the construction of a story world as a mode of knowledge production dependent upon selection, ordering and imaginative configuration. Narrative configuration emerges as a precondition for understanding the other, the past and the self, while at the same time remaining an activity inevitably shaped by historically situated perspectives and discursive formations. In doing so, the novel contributes to broader international debates in narrative theory concerning the relationship between storytelling, interpretation and the construction of social reality.

The novel foregrounds this problem by presenting a narrator who attempts to reconstruct Charlie Oeng's world from fragmentary testimony, archival material and imaginative supplementation. Its mise-en-abyme structure – in which the narrator writes a novel bearing the same title as Etienne van Heerden's novel itself – emphasises the mediated nature of narrative world-making and prevents narrative coherence from being mistaken for epistemological certainty. Pavel's concepts of the density and accessibility of fictional worlds illuminate how detailed description and references to a recognisable historical reality generate the impression of a coherent world, while the novel simultaneously exposes the interpretative labour through which such coherence is produced.

The article further demonstrates that narrative world-making has significant ethical implications because representations of the other are always mediated through historically structured relations of power and inequality. Charlie Oeng's world is constructed through discourses that determine who is authorised to speak, whose perspective is privileged and who assumes the role of interpreter. Yet the novel also suggests that the risk of misrepresentation cannot be avoided simply by withdrawing from narrative engagement. As Ricoeur argues, self-understanding is achieved precisely through participation in narratives by means of which human experience acquires meaning.

The article concludes that *Die wêreld van Charlie Oeng* presents narrative world-making as a practice requiring both imaginative engagement and critical self-awareness. Fiction does not provide unmediated access to the world of the other, but it does create the possibility of understanding both other persons and the past while remaining conscious of the provisional, interpretative and mediated character of all acts of representation.

**Keywords:** metafiction; narrative ethics; narrative identity; Thomas Pavel; Paul Ricoeur; story worlds; Etienne van Heerden; world-making

## 1. Inleiding

Soos die titel reeds aandui, is *Die wêreld van Charlie Oeng* (2017) ten nouste gemoeid met narratiewe wêreldskepping. In hierdie artikel word aangevoer dat *Die wêreld van Charlie Oeng* veel meer is as bloot die rekonstruksie van die “wêreld” van ’n gemarginaliseerde Kantonees in die Karoo. Die roman neem eintlik die prosesse waarvolgens enige wêreld deur vertelling gekonstrueer word onder die loep. Die roman onthul hoedat die handelinge van herinnering, navorsing, verbeelding en handelingskomposisie (“*emplotment*”)<sup>1</sup> onvermydelik die wêreld wat daardeur gerepresenteer word, vorm. In hierdie proses word die etiese implikasies van wêreldskepping belig, spesifiek in omstandighede waarin ’n subjek probeer om die wêreld van ’n afwesige ander subjek te vertel: ’n subjek (’n individu, maar ook die verlede wat nooit teenwoordig gestel kan word nie) wat nie op die vertelling kan reageer of dit kan korreger nie. Die roman ondersoek die omstandighede waarin stories oor ander vertel kan word, asook die manier waarop dit gedoen word.

Die artikel steun op die werk van Paul Ricoeur oor narratiewe singewing (veral in sy driedelige werk *Time and narrative*, 1984, 1985 en 1988) en Thomas Pavel se studie van fiksiewêreldes (*Fictional worlds*, 1984), aangevul deur enkele idees van Eric Hayot (*On literary worlds*, 2012), ten einde hierdie probleem van vertelling te belig. Die roman word egter nie gelees as blote illustrasie van hierdie teorieë nie. Ricoeur se begrip *narratiewe konfigurasie* en Pavel se teorie oor fiksiewêreldes help om sin te maak van die wyse waarop die roman omgaan met die onmisbaarheid en terselfdertyd die onmoontlikheid (en gevaar) van narratiewe wêreldskepping. Ricoeur se weergawe van handelingskomposisie dien om te verduidelik waarom narratiewe konfigurasie onmisbaar is vir die begrip van ervaring van tyd en vir die konstruering van ’n narratiewe identiteit, terwyl Pavel se werk aandui hoedat narratiewe ontologies verskillende wêreldes tot stand bring wat tóg ook kognitief toeganklik is.

*Die wêreld van Charlie Oeng* is, soos Nel (2018:297) ook in haar resensie aanvoer, soos byna Van Heerden se hele oeuvre, gemoeid met die verlede en met skuld. Die roman word aangebied as ’n roman met die titel: “Die wêreld van Charlie Oeng” wat deur Tian Kilian geskryf word. Dit is die verhaal van Tian Kilian se lewe. Die verskriklike Guy Fawkesnag van 1964 toe sy ouers vermoor is tydens ’n vuurwerkvertoning wat hy as klein seuntjie by hulle afgesmeek het, is die bepalende trauma wat sy hele lewe oorheers. As volwassene naby aan aftrede kyk hy in die “tweede dekade van die 21ste eeu” (371) terug en probeer om sin te maak van daardie nag, ten einde sy eie aandadigheid (skuld) te konfronteer, om vrede te maak, om “aflaat” te verkry. Die “flapteks” van die roman wat Kilian geskryf het stel immers: “Hoe harder Tian probeer om die pyn wat hom sedert sy jeug vergesel te verstaan, hoe tergender word die vraag: Waar eindig Charlie Oeng se skuld en waar begin sy eie aanspreeklikheid.”

Om sin te maak van trauma, van die verlede en om te kom tot selfbegrip moet Tian noodwendig die verlede rekonstrueer deur 'n geskiedenis te skryf. Enige geskiedenis is 'n verhaal: 'n konfigurasie van gebeurtenisse in 'n betekenisvolle volgorde wat handeling kousaal en temporeel met mekaar skakel. In Ricoeur (1984:65–8) se terme is so 'n narratiewe konfigurasie 'n voorwaarde vir begrip: dit transformeer geïsoleerde insidente in betekenisvolle gebeurtenisse deur hulle in 'n plot saam te snoer. Sonder narratiewe konfigurasie bly die verlede 'n versameling “insidente” wat nie chronologies of kousaal geskakel is nie, blote fragmente sonder samehang. Terselfdertyd maak die roman egter ook duidelik dat so 'n narratiewe konfigurasie nooit neutraal is nie. Die wêreld wat tot stand vertel word, is konstruksies, gevorm deur beperkte kennis, ideologiese vooroordele, selektiewe klemplasinge en verbeeldingryke projeksies. Wanneer die wêreld van 'n ander persoon – veral iemand wat nie self kan antwoord of “terugpraat” nie – vertel word, word wêreldskepping eties wankelrig.

Die roman toon dus nie bloot hoe 'n wêreld tot stand kom nie, maar ondersoek die spanning tussen die noodsaak om 'n ander se wêreld te verbeel en die gevaar om dit verkeerd, onvolledig of toe-eienend te doen. Hierdie spanning hou ook verband met huidige debatte rondom kulturele toe-eiening en die etiek van representasie. Vrae rakende wie die reg het om wie se storie te vertel, het oor die afgelope dekades al sterker na vore getree. Wie gee aan een mens die reg om 'n ander se storie te vertel? Durf 'n man 'n vrou se storie vertel of 'n vrou 'n man se storie? Mag 'n wit skrywer die storie van 'n gemarginaliseerde persoon vertel? Durf 'n Afrikaner uit die Karoo die storie van 'n Kantoneuse immigrant vertel? Sulke vrae vorm deel van breër debatte oor die etiese implikasies van narratiewe representasie (Kunzru 2016, Sarkar 2018, Jones 2019). Die roman beweeg egter verby hierdie debatte deur die fundamentele epistemologiese probleem daaragter op die voorgrond te plaas. Die enigste manier om 'n ander persoon te verstaan, is om 'n wêreld om hulle te verbeel, maar so 'n verbeeldingshandeling hou onvermydelik die gevaar van verdraaiing in.

Hierdie teenstrydigheid word in die roman gedramatiseer. Narratiewe wêreldskepping is sowel noodsaaklik as gevaarlik. Sonder vertelling bly die verlede bloot oorweldigende data en onverstaanbaar terwyl die self sonder vertelling gefragmenteerd en identiteitloos bly, maar narratiewe wat samehang en begrip moontlik maak, lei onvermydelik tot seleksie, interpretasie en projeksie. Hierdie teenstrydigheid word nie deur die roman opgelos nie maar die implikasies daarvan word eerder ondersoek. Sodoende word die leser gelei om nie net na te dink oor die representasie van Charlie Oeng (deur Tian Kilian) nie, maar oor die breër vraag oor hoe narratiewe en wêreldskepping begrip van die verlede, van die ander en van onself bemiddel.

Die fokus op wêreldskepping word reeds deur die titel aangedui.

## 2. Die romantitel as sleutel

Die titel “Die wêreld van Charlie Oeng” verskaf 'n belangrike invalshoek tot die roman se tematiese bemoenings. In *Vertelkunde* (1989:124) beskryf Brink 'n romantitel as 'n belangrike “drumpel” wat na die verteltekste oorgesteek word. Die titel is volgens hom die “eerste kennisgewing van 'n andersoortige – fiksionele, narratiewe – ruimte wat ons hier betree”. Brink beskou die titel as 'n “leë teken” wat as 't ware 'n “belofte” maak, wat deur die res van die roman “ingevul” word. Die titel skep volgens Brink “'n verhouding” met die res van die teks en “die titel kan/moet naamlik getoets word aan die teks, en andersom”. In hierdie artikel word die titel van Etienne van Heerden se roman *Die wêreld van Charlie Oeng* as uitgangspunt geneem en “getoets” aan die teks, en andersom.



Die klem op “die wêreld van ...”, eerder as op “die lewe van ...” of “die storie van ...” Charlie Oeng, is reeds ’n aanduiding dat die roman nie bloot gemoeid is met die vertelling van gebeurtenisse nie, maar met die konstruksie van ’n narratiewe wêreld. Die begrip van ’n *wêreld* suggereer ’n ingewikkelde konfigurasie van temporele, ruimtelike, kulturele en ervaringsdimensies wat ’n geheel vorm (Hayot 2012:44). ’n Wêreld is meer as ’n opeenvolging van gebeurtenisse of die ruimte soos in narratologie gedefinieer as die plek waar die gebeure plaasvind en wat ook betekenisvol is. Dit impliseer ’n gestruktureerde geheel wat as ’n samehangende omgewing ervaar kan word – selfs al word daar min inligting oor die ruimte gegee, veronderstel die leser ’n geheel. Dit is ’n gestruktureerde omgewing waarin karakters handel, waarneem en interpreteer asof hulle in ’n volledige wêreld leef. Deur die begrip van ’n wêreld op die voorgrond te plaas, rig die titel reeds die leser se aandag op die prosesse waardeur narratiewe ’n ervaarbare realiteit skep.

Die frase “die wêreld van ...” in die titel sluit aan by ’n gevestigde historiografiese gebruik. “Die wêreld van ...” (en ook ander weergawes soos “die lewe van ...” of “die tyd van ...”) kom dikwels voor in titels van historiografiese werke.<sup>2</sup> Meer as slegs ’n fokus op die spesifieke persoon se biografie, is werke met “die wêreld van” in die titel gewoonlik ’n poging om ’n hele era te rekonstrueer. Gevolglik suggereer die titel dat Charlie Oeng nie bloot as ’n individuele karakter funksioneer nie, maar as die fokuspunt waardeur ’n breër historiese en kulturele dinamiek ondersoek word.

Terselfdertyd stel die titel ook ’n etiese dimensie aan die bod. Die formulering “die wêreld van ...” nooi vrae uit soos wie se wêreld deur wie gerepresenteer word. In die roman word die probleem dat Charlie Oeng se wêreld nie direk toeganklik is nie maar gerekonstrueer moet word uit fragmente van herinnerings, uit argiefmateriaal, hoorsêgetuieis en die verbeelding. Die titel dui reeds op die sentrale spanning in die roman: die noodsaak daarvan om die wêreld van die afwesige (ander persoon, die verlede) te konstrueer en die onsekerheid wat met so ’n konstruksie gepaard gaan.

Die titel eggo ook die titel van die omstrede film *The world of Suzie Wong* (1960). In die roman word telkens na hierdie film verwys. Mavis Latsky en Charlie Oeng gaan kyk die film “saam” wanneer dit in die dorp vertoon word (386). Dit blyk ook dat Charlie Oeng die rol van ’n “ekstra” in die film vertolk het. Reeds kort na die uitreiking daarvan in 1960 is die film beskryf as ’n aaneenryging van clichés en is dit gekritiseer vir die stereotipiese uitbeelding van Oosterlinge (Crowther 1960). In vakliteratuur het die film intussen een van die sleuteltekste van Hollywood-Oriëntalisme geword: die film beeld Hongkong/Wan Chai as ’n eksotiese toeristeruimte uit met kleurvolle tonele van kroeë, liggies en bordele. Die verhaal draai om ’n wit manlike Amerikaner (voorgehou as ’n “ridder op ’n wit perd” / “white knight”) wat die Asiatiese vroulike prostituut Suzie Wong “red”. Marchetti (1994) wys in haar ontleding van wat sy “die geel gevaar-diskoers” noem, daarop dat hierdie Hollywood-plots, waarvan *The world of Suzie Wong* die eerste was, die verhouding tussen ras, seksualiteit en mag romantiseer en depolitiseer.

Die romantiese reddingsplot van die film het ’n groot invloed gehad op latere representasies van die “eksotiese Ooste” in Amerikaanse en Europese representasies. Balaji en Worawongs (2010) wys daarop dat die verhouding tussen die heldhaftige Westerse man en ’n “onderdanige en beskikbare” Asiatiese vrou wat maar net te dankbaar is dat sy uit armoede en prostitutie gered kan word, steeds tot in die 21ste eeu talle uitbeeldings van Asiërs deurtrek (onder meer in advertensies). Die romantiese fantasie-plot verdoesel die feit dat ’n basiese magsasimmetrie

en meerderwaardigheid van 'n Westerse kultuur en vryheid voorgehou word. Deur *The world of Suzie Wong* as interteks te betrek, vestig die roman die aandag op 'n selfbewustheid van die geskiedenis van Westerse representasies van die “Oriënt” en op die maniere waarop vertellings ideologiese stereotipes kan versterk.

In *Die wêreld van Charlie Oeng* skep Tian Kilian 'n karakter, Sy, 'n eksotiese skoonheid wat die Karoodorp se mans in beroering bring (daar is selfs gerugte oor sy eie pa en Sy) en wat voorheen in 'n liefdesverhouding met Charlie Oeng was. Die jong Kilian se maatjie, Botes, sê oor Sy: “My pa sê sy gaan nog die een of ander wit man laat ontug pleeg, daardie een” (308). Oeng het agter Sy aan na die dorp gekom waar sy saam met 'n winkelier bly (en die “winkelhoer” genoem word – 308). Wanneer Jenny May Tian se manuskrip lees, lewer sy kritiek op dié karakter. Al probeer hy verduidelik, sê Jenny May: “Dis duidelik soos daglig: Sy is jou Suzie Wong” (309). Hierdie kommentaar beklemtoon die gevaar inherent aan Tian se poging om Charlie se wêreld te herskep. Tian se poging kan geredelik oorgelewerde Oosterse stereotipes reproduseer.

Die romantitel funksioneer dus as 'n konseptuele sleutel wat die aandag op narratiewe wêreldskepping as sowel 'n epistemologiese as 'n etiese probleem vestig. Die roman is nie net die vertelling van Charlie se lewensverhaal nie, dit lê die prosesse bloot waardeur narratiewe wêreld tot stand kom en ondersoek die aannames onderliggend aan daardie konstruksies.

### 3. Die roman: 'n wêreld in 'n wêreld in 'n wêreld

Die klem op *wêreld* as konseptuele raam word verder gekompliseer deur die roman se veelvlakke narratiewe struktuur. Die verhaal sluit aan by die speurverhaaltradisie: mense is vermoor (prokureur Kilian en sy vrou) en die skuldige, sy motiewe en die gevolge van die moorde moet ondersoek word. Skuld en aandaagdigheid is sentrale temas in Van Heerden se oeuvre, van sy eerste roman, *Toorberg* (1984), waarin 'n magistraat die dood van Druppeltjie Dumisani ondersoek, tot sy jongste, *Gebeente* (2023), waarin 'n staatsaanklaer en magistraat 'n plaasmoord digby die dorpie Gebeente ondersoek.

In *Die wêreld van Charlie Oeng* word drie storielyne vervleg, maar die vertelling is selfs meer kompleks as bloot die vervlegting van drie verhaallyne waarin eintlik drie afsonderlike “wêrelde” tot stand kom:

#### 3.1 Die eerste verhaallyn (en “wêreld” wat tot stand kom) is die wêreld van Tian Kilian in die hede (in die tweede dekade van die 21ste eeu)

Op die eerste verhaalvlak gaan dit oor Tian Kilian wat 'n roman skryf waarin hy 'n traumatiese gebeurtenis uit sy kindertyd herskep. Albei sy ouers is op Guy Fawkesaand in 1964 vermoor en 'n been- en vellehandelaar op hulle Karoodorp, Charlie Oeng, was vir die moord verantwoordelik. Kilian werk as uitgewer in Kaapstad. Hy skryf dat hy die verhaal “opdroom” in die “tweede dekade van die 21ste eeu” (371). Ten einde die verhaal volledig te vertel, reis hy op die spoor van Charlie Oeng ook na Amsterdam en China, hy raak in 'n verhouding betrokke met Jenny May, 'n Nederlandse lugwaardin van Chinese afkoms, en hy raadpleeg die hofuitspraak van die moordverhoor.

### 3.2 Die tweede verhaallyn (en “wêreld”) is die wêreld van Tian Kilian as kind in die vroeë 1960’s

Tian Kilian is ’n jong seun in die vroeë 1960’s. Hendrik Verwoerd is die eerste minister en die wêreld wat in hierdie verhaallyn tot stand vertel word, is een van Afrikaner-selfversekerdheid. Die leefwyse op die dorp, en die plaas, Tian se pa se regspraktyk, sy ma se boekwinkel, sy Latynonderwyser, Juffrou Latsky, en die optrede van die veiligheidspolisie word breedvoerig beskryf. Nie alleen word die Suid-Afrikaanse plattelandse wêreld van die vroeë 1960’s met al die rassistiese vooroordele noukeurig tot stand vertel nie, ook die vuurwerkvertoning, die moorde en die hofsak word geleidelik onthul.

### 3.3 Die derde verhaallyn: die verhaal (“wêreld”) van Charlie Oeng

Kilian konstrueer ’n lewe vir Charlie Oeng van lank voor sy aankoms op die Karoodorp waar hy onder andere as “dreinsjinees”, “Koekepan”, “Chinaman” en “Soutsjinees” bekend staan. Reeds as jong man in Amsterdam, waar Chinese op die rand van die gemeenskap leef, raak hy bewus van sy “ontuisheid” in die Europese wêreld. Na ’n vernederende liefdesteleurstelling (as Chinees word hy nie toegelaat om ’n verhouding met ’n Nederlandse meisie te hê nie) word hy ’n “slagter” – ’n sluipmoordenaar vir ’n ondergrondse Chinese netwerk. Tydens die Tweede Wêreldoorlog vlug hy (vermom as ’n Duitse offisier) na China. Daar speel hy ’n rol as ’n “ekstra” in die film *The world of Suzie Wong*, maar hy vlug na Suid-Afrika wanneer die ondergrondse netwerk uit Amsterdam hom weer opspoor en vir moorde wil gebruik. Onderweg na Suid-Afrika ontmoet hy vir Sy en raak op haar verlief. Hy werk aanvanklik as ’n southarker op soutpanne naby Port Elizabeth en hy maak vriende met Cor van Gogh (’n broer van die beroemde skilder). Hy volg vir Sy na ’n klein Karoodorpie waar sy by ’n winkelier intrek en hy word ’n velle- en benehandelaar asook ’n vuurwerkvervaardiger. Hy knoop ’n geheime verhouding met die Latynonderwyseres Mavis Latsky aan. Uiteindelik word hy aan die moorde op die Kilians skuldig bevind.

### 3.4 Wêreldskepping as gelaagde proses

Die vervlegting van hierdie drie verhaalvlakke beklemtoon dat wêreldskepping nie ’n enkelvoudige handeling is nie maar ’n gelaagde proses waarin verskillende vlakke van verbeelding oor mekaar skuif.

Die roman word aangebied as ’n roman, *Die wêreld van Charlie Oeng*, wat deur Tian Kilian geskryf is en wat by implikasie die boek is wat die leser in die hande hou en lees. Die leser weet egter dat Tian Kilian ’n karakter in Etienne van Heerden se roman *Die wêreld van Charlie Oeng* is. Kilian skryf in die roman ’n roman met dieselfde titel. Sodoende ontstaan ’n ingewikkelde verhouding tussen die skrywer Van Heerden en Tian Kilian die karakter. Die een word deur die ander verbeel of dan in die woorde van die roman, droom die een die ander: Tian skryf byvoorbeeld op ’n stadium: “Hierdie woorde kom vannag by my op, asof iets of iemand dit by my ingedroom het [...] is dit maar net een van die baie drome wat as skoenlappers in die sloot van die lewe by mens verbywapper?” (529). Vroeër in die roman verwys hy na een van die drakies wat op die kas by hom in sy kamer kom sit: “... en eers nadat ek ’n boek na hom gegooi het, besef ek daar was niks, dit was ’n skaduwee. ’n Skaduwee van iewers by my ingedroom, nes hierdie hele verhaal” (307).

Uiteindelik word die “indromery” nog ingewikkelder:

Ek word vanoggend wakker met die gedagte dat ouma Ogies tydens hul gesprekke by die visdam van Charlie Ng verstaan het dat die skoenlapper nie alleen droom nie. Dit gaan verder, want die skoenlapper droom die danspapegaai en die papegaai, op sy beurt, droom háár.

En sy droom hierdie hele verhaal, die ene wat ek, Tian, hier vertel.

Dit moes ’n vreeslike gedagte gewees het. Die aandadigheid wat sy moes gevoel het. (455–6)

Van Heerden verbeel die hele roman – dit is immers ’n fiksiewerk wat hy uitdink. Maar hy verbeel vir Kilian wat die hele roman verbeel, en Tian reken hy skryf net die verhaal wat ouma Ogies verbeel. Die roman dra egter die titel *Die wêreld van Charlie Oeng*, wat aandui dat Kilian probeer om “die wêreld van Charlie Oeng”, Oeng se hele lewe, te verbeel. Kilian probeer hom in die vreemde “ander” wêreld van Charlie Oeng in verbeel, hy probeer om Charlie Oeng se wêreld te skep sodat hy dit van binne kan ervaar. Verder probeer hy ook om die “wêreld” van die 1960’s, met Verwoerd aan bewind en die groeiende Afrikanernasionalisme en selftrots, in sy geheue op te roep, wat ook verbeelding verg. Om die verlede te ondersoek moet die wêreld van die verlede verbeel word.<sup>3</sup> Boonop word die hele proses van iemand wat iemand anders “droom” selfs verder gekompliseer deurdat Ouma Ogies alles al voor die tyd gedroom het, op grond van die papegaaidans wat sy waargeneem het – en dat dit ingegee is deur die skoenlapper. Die skoenlapperverwysing word naby aan die einde van die roman duidelik wanneer Jenny May op haar iPad lees dat Chuang Tzu gedroom het dat hy ’n skoenlapper is en later was dit onmoontlik om te weet of Tzu die skoenlapper droom en of die skoenlapper Tzu droom (552).

In hierdie omstandighede is almal se lewens oor en weer vervleg. Almal is medepligtig aan alles wat gebeur. Tian is medepligtig aan sy ouers se dood (496).

Die poging om as ’t ware in ’n ander se wêreld in te kom, om die wêreld van ’n ander mens te verbeel, om sodoende ’n ander te ken en te verstaan, word nie slegs deur die komplekse verhouding tussen vertellers en karakters ondersoek nie. In die roman word die moontlikheid om ’n ander se wêreld te ken, te betree, te beleef, ook bevestig deur Tian wat telkens in die sirkel wat Oeng op die grond getrek het, gaan hurk – aan die begin toe die vuurwerkreëlings getref is (16), en weer aan die einde van die roman toe die landdros hom verskrik uit die sirkel pluk (530). Die ingaan in die wêreld van die ander lei egter tot ’n skuldgevoel (531), ’n gevoel dat dit ’n oortreding is om die wêreld van ’n ander te betree en dat dit tot boosheid kan lei. Aan die ander kant is so ’n sirkel ook die “toorwiel” van ’n mens se eie wêreld waarin ’n mens kan onttrek aan die groter wêreld, soos wat Oeng telkens doen. Maar dit is ook ’n toorwiel omdat die totstandkoming van ’n wêreld deur die “toorkrag” van vertelling tot stand gebring kan word (532).

Om na so ’n “towersirkel” te ontsnap, in ’n mens se eie wêreld in te onttrek, is ’n manier om te oorleef, maar dit kan ook moeilik word om weer uit so ’n towersirkel te ontsnap. Dit is onmoontlik om verhoudings met ander mense te hê wanneer ’n mens heeltemal in jou eie wêreld, eie sirkel afgesluit word, dit dryf ander mense van ’n mens weg, soos wat Charlie Oeng alleen is en uiteindelik swyg in die hof en in die aanhoudingselle in sy eie sirkel onttrek. Dit is egter ook wat met Tian gebeur. Sy lewe lank leef hy só nou verbonde met die wêreld van Charlie Oeng dat dit hom ook isoleer. Hy kan nie verhoudings aanknoop voordat hy nie uit

daardie wêreld kan ontsnap nie. Eers wanneer hy die wêreld van Charlie Oeng kan agterlaat, kan hy in 'n sinvolle verhouding met Jenny May tree (583). Mense onttrek om verskillende redes in hulle eie wêrelde / sirkels in: Charlie omdat hy “gesig verloor”, ontuis is en nie inpas in die ander wêreld nie, Tian oor sy skuldgevoel, 'n medepligtigheid wat eers baie jare later opgehef word deur die liefde van Jenny May – daarna stink hy nie meer na kruit nie (533).

Die ingewikkelde oor-en-weer-dromery, oor wie wat verbeel en stories vertel, hoe wêreld geskep word, dwing die leser tot nadenke oor die volgende:

- Wat kan een mens oor 'n ander weet?
- Hoe doen ons kennis oor ander mense op?
- Kan 'n mens ander mense regtig verstaan?
- Kan 'n mens uit jou eie wêreld na 'n ander uitreik en is jy bereikbaar vir ander?
- Wat is die rol van kuns (romans) ten opsigte van al hierdie vrae?

Verder lewer die roman 'n interessante bydrae tot die rol van clichés, stereotipering van ander mense en groepe en die probleem van kulturele toe-eiening, oor politieke korrektheid, oor wie die durf kan hê om hom/haarself in iemand anders se wêreld in te verbeel en daaroor te skryf – of dit nou 'n wit Suid-Afrikaanse man is wat oor 'n Chinees skryf, 'n Britse filmmaker wat 'n film oor 'n Chinese vrou maak, 'n middeljarige uitgewer wat homself in 'n vorige era en sy eie ouers se wêreld probeer indink, om as wit bevoorregte persoon 'n albino te bedink ... al hierdie beskouings word problematies en daarom is kuns ook – soos die kunsonderwyser aan Tian se ma verduidelik – gevaarlik:

Die rol van kuns is om die vreemde te gaan opsoek, nes daardie Sestigters van jou en Mavis in Parys gaan maak het, en in hul boeke oor skryf. Die kuns moet jou laat skrik. Dit is die ding van kuns wat ons mense nie begryp nie [...] By tye moet jy bereid wees om deur die kuns belêdig te word, mens! (400)

#### 4. Waarom is narratiewe wêreldskepping nodig?

Die noodsaaklikheid van narratiewe wêreldskepping in *Die wêreld van Charlie Oeng* is die opvallendste in die wyse waarop herinnering en trauma in die roman uitgebeeld word. Tian se poging om die verlede te rekonstrueer word nie deur blote belangstelling in die geskiedenis gemotiveer nie, maar deur 'n eksistensiële behoefte om sy eie lewe te verstaan. Die traumatiese gebeure op Guy Fawkesnag in 1964, toe sy ouers tydens die vuurwerkvertoning wat Oeng op hulle plaas kom lewer het vermoor is, bly dekades later vir Tian onopgelos. Hy voel aandadig omdat hy sy ouers gesmeek het om die vertoning te laat aanbied deur Charlie Oeng. In die roman word herhaaldelik gesuggereer dat die verlede nie sonder meer agtergelaat kan word nie. Die verlede bly druk op die hede plaas in die vorm van gefragmenteerde beelde en indrukke wat steeds ongeïntegreerd is, wat nie in 'n samehangende narratief opgeneem is nie.

Tian beskryf sy onderdrukte en gefragmenteerde herinnerings as beelde wat “elke dag die een of ander tyd, soos paddas in 'n donker dam in die middel van 'n populierbos” skielik na bo dryf (36). Die metafoor suggereer die voortdurende teenwoordigheid van sekere herinneringe, maar terselfdertyd ook die onverstaanbaarheid daarvan. Die beelde dryf nie in 'n geordende volgorde



na bo nie maar op onvoorspelbare wyse en sonder enige duidelike verbande met mekaar. Hulle bly gefragmenteerd en weerstaan integrasie in 'n betekenisvolle geheel. Sonder narratiewe konfigurasie bly die verlede 'n reeks onverbonde indrukke wat nie geredelik geïnterpreteer kan word nie.

Paul Ricoeur se verduideliking van narratiewe konfigurasie help om te verduidelik waarom sulke fragmente nie op hulle eie tot begrip kan lei nie. Om 'n verhaal te vertel behels volgens Ricoeur twee handelings, naamlik 'n seleksie en 'n ordening. Die seleksie spruit daaruit dat uit alle moontlike handelinge slegs sekere geselekteer word om by die verhaal in te sluit. Dit is enersyds onmoontlik om alles te vertel en andersyds is alle inligting gewoon nie nodig vir die spesifieke verhaal wat vertel word nie. Die ordening of “handelingskomposisie” is volgens Ricoeur die proses waardeur die geselekteerde handelinge saamgekomponeer word sodat hulle kousaal en chronologies met mekaar verbind word met 'n begin, middel en einde. Hierdie handelingskomposisie (plot) gee betekenis aan elk van die geselekteerde handelinge en maak daarvan 'n betekenisvolle gebeurtenis – dit kry betekenis weens die plek daarvan in die plot. Vir Ricoeur is die handelingskomposisie die vernaamste manier waarop ons sin van die wêreld kan maak, dit is die enigste manier waarop ons tyd hanteerbaar kan maak en die manier waarop identiteit gevorm word.

Ricoeur (1984:45) wys daarop dat *mimesis* dikwels vertaal word as “representasie” of as “nabootsing”, maar vir hom (in navolging van Aristoteles) is *mimesis* nie een van hierdie twee nie. Vertelling is nie 'n passiewe afbeelding of nabootsing nie (soos wat onder meer Plato gemeen het), maar 'n kreatiewe proses waardeur betekenis geskep word in 'n situasie van “asof”. Sonder die konfigurasie van die handelingskomposisie is die ervaring van tyd altyd ongeorden. Vertelling gee struktuur wat tyd verstaanbaar maak deur gebeurtenisse in 'n volgorde te komponeer wat dit moontlik maak om hulle te interpreteer.

Tian se begeerte om sy lewensverhaal te vertel kan in hierdie terme verstaan word. Hy spreek die hoop uit om sy “lewensverhaal kant en klaar af te handel, van begin tot slot” (38). Hierdie formulering druk 'n begeerte vir sluiting uit, vir die moontlikheid dat al die uiteenlopende elemente van sy verlede in 'n samehangende geheel saamgebring kan word. Ricoeur wys daarop dat Aristoteles se beskrywing van 'n vertelling (*muthos*) as iets met 'n begin, middel en einde, nie 'n oppervlakkige opmerking is nie, maar juis aandui dat die saamkomponering afstuur op 'n slot wat samehang en betekenis verskaf. Vir Tian gaan dit nie slegs oor 'n literêre projek om 'n roman te skryf nie, maar sy skryfwerk is 'n reaksie op die behoefte om die gebeurtenisse wat tot die hede en tot sy huidige situasie gelei het, te begryp.

Die beeld van sy pa se ring wat Tian lewenslank met hom saamdra, illustreer die durende las van ongeïntegreerde ervarings. Die ring, bevlek met sy pa se bloed, word op die aand van die moord aan die verskrikte klein seuntjie gegee. Dit bly 'n herinnering as 'n fisiese teenwoordigheid van die trauma deur sy hele lewe (38–9). Die ring laat 'n letsel op sy lyf (die vel onder die ring word as “bleek”, “dun en sag” beskryf) omdat hy dit sy hele lewe lank saamgedra het. Die suggestie is dat die verlede (trauma uit die verlede) fisiese merke laat. Die ring bly egter 'n geïsoleerde objek waarvan hy nie die betekenis ten volle kan begryp voordat dit nie in 'n vertelling opgeneem word nie. Wanneer hy die nag in Switserland 'n vuurwerkvertoning bywoon en dan die ring afhaal en weggooi (39), stel hy homself (die letsel wat deur die trauma gelaat is) bloot, maak homself weerloos (lê sy eie dun vel bloot), ten einde die traumatiese gebeurtenis te kan integreer in 'n groter verhaal wat sin daaraan kan gee. Eers as die fragment geïntegreer word in 'n narratiewe konfigurasie kan dit betekenis verkry wat verder strek as die onmiddellike emosionele impak daarvan.



'n Verhaal bied die moontlikheid dat hy sy verlede en sy aandeel daarin kan verstaan en "aflaat" kan verkry vir sy eie skuld. Die bevryding van die las wat hy lewenslank saamgedra het, is die slot waarop sy lewensverhaal afstuur en die konfigurasie is dus hierop ingestel. In 'n plot (handelingskomposisie) kry elke handeling sin in die lig van die slot. Naby aan die slot van die roman vra Kilian homself af:

Hoe vergewe mens die moordenaar van jou ouers? Hoe werk vergifnis? Hoe verskil morbiede fassinatie met iemand wat jou lank terug leed aangedoen het van 'n poging om daardie mens te begryp en te vergewe en jouself te bevry? (548)

Die vertelhandeling word dus die manier waarop die verlede (en trauma en skuld) ondersoek word. Tian se finale besluit om sy verlede op te teken ontstaan betekenisvol genoeg op 'n nuwejaarsaand (37–9). Dit is simbolies betekenisvol. Terwyl al die mense in die rigting van die nuwejaarsvuurwerkvertoning beweeg, as 't ware die toekoms tegemoet, beurt Tian teen die stroom in, in die teenoorgestelde rigting (weg van die nuwe jaar na die verlede) om die vuurwerkvertoning van 1964 in herinnering te roep. Hierdie gebaar suggereer dat die hede alleen verstaan kan word deur 'n terugkeer na die verlede en dat 'n toekomsgerigtheid eers kan ontstaan wanneer daar 'n betekenisvolle verband tussen die hede en die verlede gelê is.

Die behoefte aan samehang kan in Ricoeur se terme beskryf word as die behoefte aan konfigurasie. Konfigurasie word moontlik gemaak deur die proses van mimesis. Ricoeur beskryf die proses van vertelling in terme van 'n drievoudige struktuur van mimesis (1984:64–75). Prefigurasie (mimesis1) verwys na die praktiese en simboliese strukture wat ons ervaring vorm voordat dit narratief word. Konfigurasie (mimesis2) verwys na die handelingskomposisie, die proses van die maak van 'n plot, waardeur gebeurtenisse in 'n betekenisvolle volgorde saamgekomponeer word. Refigurasie (mimesis3) beskryf die manier waarop die narratief die leser se begrip van die wêreld verander deurdat die wêreld van die teks geïntegreer word met die wêreld van die leser.

Tian se herinneringe kan verstaan word as 'n deel van die prefiguratiewe dimensie van ervaring. Dit bestaan uit beelde, indrukke en fragmente sonder narratiewe samehang. Deur die skryfhandeling word hierdie fragmente gekonfigureer in 'n plot wat dit moontlik maak om hulle te interpreteer (mimesis2). Maar hierdie konfigurasie skep nie alleen samehangende kennis oor die verlede nie, dit verander uiteindelik Tian se selfbegrip (mimesis3). Die vertelling word die medium waardeur die self herfigureer kan word.

Tian se poging om sy eie lewe te vertel, lei egter onvermydelik tot 'n vertelling van meer as sy eie lewe. Ten einde sy eie verlede te begryp, moet hy ook die lewe van Charlie Oeng herkonstrueer – 'n lewe wat ten nouste met sy eie vervleg is. Hy het Charlie Ng se naam op sy arm naby aan die oksel laat tatoeër – aanduiding van hoe hy as 't ware Ng onder sy vel saamdra. Jenny May sê sy wens sy kan die letters afbyt en wegspoeg (549) dat hy ontslae kan wees van Charlie Ng. Hy besef ook dat hy homself "verwond" met Charlie Ng se naam (549). Die trauma, die haat en die vrees wat hy lewenslank saamdra, moet eers weggegee word, voordat hy homself kan terugkry. Dit het so intiem deel van homself geword, die wêreld van Charlie Oeng en sy eie wêreld is so intiem vervleg, dat hy nie homself kan wees voordat hy daardie wêreld van hom kan losmaak nie: Jenny May spel dit uit: "Jy sal moet weggee [...] as jy iets wil terughê" (549). Hy moet eers die wêreld van Charlie Oeng weggee – die roman voltooi – om homself te kan vind. Soos reeds hier bo daarop gewys, is een van die eerste handelinge van Tian wat in die roman beskryf word, waar hy as klein seuntjie in die "toorwiel"

gaan staan (16). Tian kan nie die moord op sy ouers verstaan sonder om Charlie Oeng se geskiedenis te verstaan nie – hy het nodig om “daardie mens te begryp en te vergewe” om homself te bevry (548). Daarvoor moet hy in die toorwiel tree, maar dan moet hy ook weer daaruit klim. Die vertelling van die self raak onskeibaar van die vertelling van die ander. Selfbegrip vereis dus die verbeeldingryke rekonstruksie van die ander se wêreld.

Die roman beklemtoon herhaaldelik dat die wêreld van die self nie in isolasie verstaan kan word nie. Tian se poging om sin van sy eie verlede te maak lei hom na argiewe, na die hoorsêgetuïenis van ander, na die besoek van plekke en gesprekke met ander wat verder reik as sy eie onmiddellike ervarings. Hy raadpleeg byvoorbeeld die hofrekords, en besoek Amsterdam en Hongkong ten einde Charlie se geskiedenis te rekonstrueer. Hy kan homself slegs verstaan deur die self te plaas binne die breër netwerk van verhoudings wat oor tyd en ruimte strek.

Ricoeur se teorie oor narratiewe identiteit (veral in *Oneself as another*, 1992) dien om te verduidelik waarom hierdie beweging na die wêreld van die ander nodig is. Narratiewe identiteit word nie gekonstrueer bloot uit interne selfrefleksie nie, maar kom voort uit die interpretasie van handeling binne ’n breër sosiale en historiese konteks. Die self word gekonstitueer in verhouding tot ander. Selfbegrip vereis daarom ’n bemoeienis met ander se wêreld.

Die probleem is natuurlik dat so ’n bemoeienis met ander altyd gemedieer is. Net soos ’n mens nie direkte toegang tot jouself het nie, maar jouself as ’n vertelling konstrueer en leer ken (Ricoeur 1992:114),<sup>4</sup> het mens ook geen direkte toegang tot ’n ander nie. Kennis van ander is ook fragmentaries, gebaseer op “spore”. Tian moet dus die wêreld van Charlie Oeng konstrueer deur verbeeldingryke interpretasie. Die noodsaak van narratiewe wêreldskepping ontstaan uit die onmoontlikheid om direkte toegang tot ’n ander persoon se (of ’n mens se eie) wêreld te kry. Wanneer Tian in die “toorwiel” gaan staan, wanneer hy dus Charlie se wêreld betree, slaan hoendervleis op sy arms uit: “Ek sien iets, iets kom op, soos ’n wind of ’n swerm. Iets is om my en dis asof ek ’n galm hoor, ’n geluid sonder geraas, ’n fluistering wat daver” (16).

Die roman suggereer dat die verbeeldingryke konstruksie van die ander nie opsioneel is nie, maar onvermydelik. Sonder narratiewe konfigurasie bly die verlede onverstaanbaar en die self gefragmenteerd. Die roman vra egter terselfdertyd ook vrae oor die betroubaarheid van sulke rekonfigurasies. As die wêreld van die ander verbeel moet word ten einde dit te kan bedink, hoe kan mens seker maak dat die verbeelding nie die ander verdraai of toe-eien nie?

Hierdie spanning betrek die etiese dimensie wat deur die hele roman aanwesig is. Die noodsaak van narratiewe wêreldskepping is onlosmaaklik verbonde aan die risiko van wanvoorstelling. *Die wêreld van Charlie Oeng* bevestig nie maar net die belang van narratiewe nie, maar ondersoek ook die omstandighede waaronder narratiewe begrip moontlik gemaak word. Die behoefte om ’n samehangende wêreld te konstrueer is ten nouste gebonde aan die moontlikheid om met ander in ’n verhouding te tree. Tian se verhouding met Jenny May suggereer dat dialoog moontlik gemaak word slegs wanneer die verlede gekonfronteer is en geïntegreer is in ’n narratief wat dit vir die self moontlik maak om ’n posisie in verhouding tot ander in te neem. Tian se verhouding met haar kan immers slegs herstel word nadat hy die storie vertel en “aflaat” verkry het, nadat hy vir Charlie Ng laat gaan het om homself te kon verkry. Vertelling word dus ’n voorvereiste vir ’n etiese verhouding. Sonder narratiewe integrering bly die self vasgevang in onopgeloste fragmente wat kommunikasie verhinder. Dit word bevestig deur Charlie se onvermoë om verhoudings met ander aan te gaan – soos Charlie Ng bly hy telkens

in sy eie afgeslote wêreld – sy toorsirkel. Oor die trauma van weeskind wees, verkies hy steeds om nie eens in die roman te skryf nie – hy meld bloot dat hy deur Mavis Latsky in die steek gelaat is en deur die tannie van die ACVV opgelaaie en weggeneem is (542). Die stilte, sy keuse om sekere dele van sy lewe te verswyg, stem ook ooreen met Charlie Oeng. Witkant praat baie oor Charlie Oeng, maar stel hom nie regtig self aan die woord nie. Mavis Latsky eien Oeng se gedigte toe en publiseer dit as haar eie. Hy swyg in die hof. Hy kry nie ’n kans om sy saak te stel as jong man in Amsterdam nie. Wat nie vertel word nie, kan ook nie verstaan word nie.

Die roman suggereer egter ook dat die spanning tussen die noodsaak van narratiewe wêreldskepping en die onmoontlikheid daarvan om dit ten volle reg te kry, nie opgelos kan word nie. Vertelling skakel nie die onsekerheid uit nie, maar in die roman word die prosesse waardeur betekenis gekonstrueer word, blootgelê. Die rol van die verbeelding word byvoorbeeld deur die magiese elemente in die roman beklemtoon. Die magiese spruit onder meer uit Witkant se “misleidende getuigenis oor drakies en toordery en magiese sirkels” (540). Die getekende dolk word werklikheid. Die vernaamste manier is die “oor-en-weer-indromery” waarin die meta-fiksionele oorskryding van grense tussen fiksiewêreld die gekonstrueerdheid beklemtoon (hier onder meer daaroor). Narratiewe wêreldskepping is nie alleen in spanning tussen noodsaak en onmoontlikheid nie, maar hierdie spanning kan nie finaal opgelos word nie.

Vervolgens word ondersoek hoedat die roman die meganismes waardeur narratiewe die indruk van koherensie wek, blootlê.

## 5. Hoe word wêreld gekonstrueer?

Terwyl Ricoeur se werk nuttig is om te verstaan waarom narratiewe konfigurasie noodsaaklik is om sin te maak van die verlede en van die self, bied Thomas Pavel (1984) se teorie van fiksiewêreld ’n manier om te begryp hoe sulke wêreld tot stand kom en waarom hulle ontologies problematies bly. Pavel wys, in aansluiting by Ricoeur, daarop dat vertellings nie bloot verwys na ’n vooraf bestaande werklikheid nie, maar na ’n afsonderlike wêreld wat tot stand kom. Vertelwêreld word opgebou uit seleksie en rangskikking van besonderhede wat saam die indruk van ’n samehangende omgewing skep waarin karakters optree en gebeurtenisse ontvou. Sulke wêreld is nie identies aan die empiriese leefwêreld nie, al word baie elemente daaruit ontleen; die empiriese wêreld dien eerder as ’n soort “mentale bloudruk” vir hoe wêreld voorstelbaar word (Herman 2009:71).

In *Die wêreld van Charlie Oeng* word hierdie wêreldskeppingsproses eksplisiet op die voorgrond geplaas. Die roman bied nie die fiksiewêreld as ’n deursigtige representasie van ’n reedsbestaande werklikheid aan nie, maar ontbloot herhaaldelik die meganismes waardeur so ’n wêreld gebou word. Tian Kilian put uit ’n verskeidenheid bronne in ’n poging om Charlie Oeng se wêreld te rekonstrueer; hy versamel inligting uit die “spore” wat Charlie gelaat het. Ricoeur beskryf die verlede as iets wat nie eenvoudig weer teenwoordig gestel kan word nie, maar wat slegs deur middel van spore benader kan word (1985:104, 120). Hierdie konstruksie uit spore onthul én transformeer: die vertelling maak aspekte van die verlede sigbaar, maar verander terselfdertyd die wyse waarop die verlede verstaan word (1985:158).

Die “spore” waaruit Tian Charlie Oeng se wêreld opbou, sluit herinneringe, hoorsê, argivale dokumente, getuienis en verbeeldingryke spekulerings in. Hy raadpleeg hofrekords, versamel fragmente van getuienis (onder andere van Witkant), luister na skinderstories en gesprekke in sy ma se boekwinkel, ontvang ’n brief van Mavis Latsky uit Kanada en reis na Amsterdam en Hongkong om aspekte van Charlie se verlede te probeer herwin. Die wêreld van Charlie Oeng word dus nie as ’n gegewe aangebied nie, maar as die resultaat van ’n proses waarin historiese navorsing en verbeelding onafskeidbaar vervleg is. Die rol van die verbeelding word selfbewus ontbloot, byvoorbeeld wanneer Witkant se vertellings oor drakies uiteindelik as ’n verbeeldingryke uitbreiding van hoenders blyk, of wanneer Charlie ’n dolk teken wat later ’n werklike dolk word. Die roman beklemtoon dus nie net die bestaan van ’n wêreld nie, maar die moeite en besluite wat nodig is om daardie wêreld tot stand te bring.

Pavel beskryf verskille in die digtheid van fiksiewêrelde (1984:108). Sommige wêrelde bevat ’n hoë mate van fyn besonderhede wat dit vir lesers moontlik maak om die fiksiewêreld met relatiewe gemak te verbeel, terwyl ander slegs minimaal gespesifiseer is. Die wêreld van *Die wêreld van Charlie Oeng* is in hierdie sin dig gespesifiseer. Die roman bied uitgebreide beskrywings van interieurs, landskappe en voorwerpe wat ’n gevoel van materiële spesifiteit skep: Tian se ma se boekwinkel, sy pa se regs kantoor, die hofsaal, Ng se sinkhok vir velle en bene, die dorp en die soutpanne. Die narratief vestig telkens die aandag op konkrete detail – die rangskikking van boeke, die teksture van oppervlaktes, die kleure van voorwerpe, die klanke van stemme en selfs reuke soos die swaai van vuurwerke of die reuk van dierlike oorblyfsels. Hierdie sintuiglike detail skep die indruk van ’n bewoonde omgewing en stel die leser in staat om die wêreld verbeeldingryk te betree.

Terselfdertyd beklemtoon die roman dat hierdie wêreld nie neutraal of vanselfsprekend is nie. Die prefiguratiewe materiaal waaruit Tian Charlie se wêreld konstrueer, sluit nie slegs feitelike spore in nie, maar ook oorgeërfde stereotipes en ideologiese aannames. Reeds op die eerste bladsye word Charlie as ’n “vreemdeling” en “buitestander” voorgestel. Die verwysing na “toe Chinees deur die werfhek gestap kom” (11) sonder lidwoord funksioneer as ’n eienaam wat sy “Chineesheid” totaliseer. Sy voorkoms – onder meer die gepunte strooihoed of “kadoetjie” (11) – en die sin “Die mense het graag gesê dat hy maklik jou hond sal opvreet” (11) dui daarop dat kennis oor hom op hoorsê en stereotipering berus. Die suggestie dat hy “in die skaduwees wag” (11) dra verder by tot die konstruksie van ’n onheilspellende figuur wat as bedreigend ervaar word.

Hierdie stereotipering word versterk deur die verskeidenheid name wat aan hom toegeken word: Bootchinese, Ng, Oeng, Chinaman, Chinees (12) en later ook Koekepan en Soutchinese. Die benoeming van die ander funksioneer as ’n manier om hom simbolies buite die gemeenskap te posisioneer. Wanneer Oeng op die dorp aankom, word hy as ’n “mak Chinees” beskryf en sonder seremonie deur boere “nader geklap” (41), wat die meerderwaardigheidsgevoel van die wit gemeenskap en die rassitiese logika van die tydperk blootlê. Selfs die oordeel dat hy ongeletterd is omdat hy nie die Latynse alfabet ken nie (41), weerspieël ’n koloniale epistemologie waarin alternatiewe kennisstelsels gemarginaliseer word.

Hierdie vooroordele vorm deel van die wêreld waarin Oeng hom bevind: ’n apartheidsamelewing waarin rassehiërargieë en stereotipes die interpretasie van die ander struktureer. Reeds op bladsy 12 merk Tian se pa afkeurend op dat eerwaarde Mtuze “die volk opstook teen Verwoerd”, wat die ideologiese raamwerk aandui waarbinne die gemeenskap funksioneer. Die wêreld waarin Oeng hom bevind, is dus een waarin hy van meet af aan uitgeskuif word. Hierdie marginalisering word verder verdiep wanneer Tian die verhaal terugvoer na Oeng se jeug in

Amsterdam, waar die Chinese gemeenskap eweneens uitgesluit en gemarginaliseer word en waar Oeng byvoorbeeld nie 'n verhouding met 'n Hollandse meisie mag hê nie. Van vroeg af ervaar Oeng dat die wêreld nie plek vir hom het nie en dat sy bestaan na die rand van ander mense se wêreld verskuif word. Hierdie besonderhede dra dus nie slegs by tot wêreldskepping nie, maar toon ook hoe voorafbestaande kulturele kategorieë die konstruksie van die wêreld struktureer.

Geleidelik word 'n geskiedenis opgebou waarin Oeng se uiteindelijke betrokkenheid by geweld gemotiveer word. Die narratief suggereer dat sy ervaring van vernedering en verlies aan menswaardigheid – herhaaldelik beskryf as die verlies van “gesig” (27, 230, 235, 262, 266, 286, 304, 343, 504) – lei tot 'n bestaan waarin sy woude uiteindelik dolke word: “Ek sal hulle my woude wys. Want nes dit die geval met Charlie Ng is, is my woude my dolke” (350). Die boekwinkel wat hy aan die brand steek omdat daar geen Chinese boeke beskikbaar is nie, funksioneer as 'n simboliese uitdrukking van sy vervreemding in 'n wêreld wat hom ontken.

Die roman toon egter nie slegs hoe Oeng se wêreld deur historiese en sosiale faktore gevorm word nie, maar ook hoe individue self binne hulle eie wêreld vasgevang is. Elke karakter leef binne 'n spesifieke weergawe van die wêreld wat selde as slegs een moontlike wêreld herken word. Die inwoners van die Karoodorp ervaar die vreemdeling as 'n indringer, eerder as om hulle eie wêreld as beperk te erken. Hierdie geslote wêreld word gesimboliseer deur die toorsirkel waarin Oeng hurk en waarbinne hy onaantasbaar voel. Tian herhaal hierdie gebaar wanneer hy self in die sirkel hurk, asof hy poog om Oeng se wêreld te betree. Die implikasie is dat 'n mens eers van jou eie wêreld as wêreld bewus word wanneer jy met 'n ander wêreld gekonfronteer word.

Die rol van kuns is sentraal tot hierdie moontlikheid om tussen wêreld te beweeg. Die roman beklemtoon herhaaldelik dat kunswerke toegang tot ander wêreld bied. Cor van Gogh se geheime saampiekel van Vincent se skildery, wat uiteindelik aanleiding gee tot die moorde, illustreer hoe kunswerke konkrete gevolge in die historiese wêreld kan hê. Oeng se eie skilderye word deur Witkant beskryf as werke wat lewendig word; die dolk beweeg as 't ware van die papier na die hand van die moordenaar. Die teks suggereer dus dat fiksiewêreld nie bloot imaginêr is nie, maar 'n werklike invloed op menslike handeling kan uitoefen.

Hierdie idee word eksplisiet gemaak in die stelling dat 'n kunswerk nie “papierdun” is nie: “As jy reg vat, en jy vat met vertroue, vat jy tot binne-in die storie van daardie papegaai, daardie boompie en daardie bruggie” (368). Deur jouself aan 'n kunswerk oor te gee, betree jy die wêreld van die kunswerk. Tian se poging om Charlie se wêreld te vertel is dus self 'n artistieke handeling waardeur hy uit sy eie geslote wêreld probeer ontsnap. Die roman self stel die leser in staat om hierdie wêreld te beleef en demonstreer sodoende die epistemologiese potensiaal van fiksie.

Tog beklemtoon die roman terselfdertyd die beperkings van hierdie proses. Tian se reis na Hongkong word deur Jenny May gekritiseer as 'n toeristiese blik wat die illusie van begrip skep sonder werklike toegang tot die ander se wêreld. Die intertekstuele verwysing na *The world of Suzie Wong* dui op die gevaar dat pogings om die ander voor te stel maklik op oriëntalistiese projeksies kan berus. Selfs goedbedoelde verbeelding kan dus bestaande stereotipes herhaal. Die wêreld wat Tian konstrueer, is uiteindelik sy verbeelde wêreld; Oeng self kom nie direk aan die woord nie.



Hierdie mise-en-abyme-struktuur – die roman wat deur Tian geskryf word binne Van Heerden se roman – beklemtoon die ontologiese gelaagdheid van fiksiewêreld (Pavel 1984). Die leser word voortdurend herinner dat die wêreld van Charlie Oeng bemiddel word deur interpretatiewe handeling wat seleksie, weglating en projeksie behels. Die verwysing na die 36 strategieë beklemtoon verder die strategiese aard van narratiewe konstruksie: stories word gevorm deur keuses oor wat ingesluit en wat weggelaat word (meer daaroor in afdeling 6).

Die gevolg is 'n produktiewe spanning tussen indompeling en nadenke. Die roman bied 'n diggeweefde wêreld wat die leser kan beleef, maar herinner terselfdertyd daaraan dat hierdie wêreld 'n konstruksie is. Die etiese implikasie is dat die ander slegs deur middel van verbeelding benader kan word, maar dat hierdie verbeelding altyd die risiko loop om die ander tot 'n projeksie van die self te beperk.

Die roman is dus uiteindelik 'n nadenke oor kuns as 'n medium waardeur wêreld geskep en betree kan word, maar ook oor die onmoontlikheid om ooit volkome toegang tot die ander se wêreld te verkry. Tian se poging om Charlie Oeng se wêreld te rekonstrueer openbaar nie slegs Charlie se geskiedenis nie, maar ook die historiese en ideologiese wêreld waaruit Tian self kom. Deur hierdie proses word dit moontlik om te besef hoe 'n hele gemeenskap aandadig kan wees aan die wêreld wat Charlie gevorm het – en dus ook aan die geweld wat daaruit voortvloei.

Wêreldskepping is dus tegelyk 'n epistemologiese noodsaaklikheid en 'n etiese risiko. Fiksie maak dit moontlik om die wêreld van die ander te betree, maar herinner ons terselfdertyd daaraan dat hierdie toegang altyd bemiddel en voorlopig bly. Die roman maak hierdie konstruksieproses verder eksplisiet deur vertelling self as 'n strategiese handeling voor te stel.

## 6. Vertelling en wêreldskepping as listige strategie

Die roman beklemtoon nie slegs dat wêreld uit spore opgebou word nie, maar ook dat hierdie proses 'n strategiese handeling is. Die verwysing na die sogenaamde 36 oud-Chinese krygstaktieke plaas die narratiewe konstruksie van Charlie Oeng se wêreld binne 'n raamwerk waarin indirekte handeling, listigheid en ompad-denke 'n sentrale rol speel. Die krygstaktieke word nie slegs in die “Nota” genoem nie, maar is die hoofstukopskrifte – 'n aanduiding van hoe sentraal die “listige vertelstrategieë” in die roman staan. Die krygstaktieke – dikwels in Engels vertaal as *stratagems* – vorm nie 'n klassieke filosofiese teks nie, maar 'n versameling spreuke wat 'n veel ouer Chinese tradisie van indirekte, “listige” optrede saamvat (Von Senger 2023). Hierdie taktieke is nie beperk tot militêre strategie nie, maar word breër toegepas op politieke, sosiale en kulturele praktyke. Van Heerden benut hierdie begrip as 'n belangrike parallel vir die verstaan van narratiewe handeling soos handelingskomposisie en die strategiese aanwending van vertelprosesse.

In die “Nota” voorin *Die wêreld van Charlie Oeng* (2017:9), aangebied as die nota voorin Tian Kilian se roman, word uitdruklik verwys na “die ses-en-dertig oud-Chinese krygstaktieke”, waarvan die oorsprong as mities beskryf word. Harro von Senger, een van die belangrikste Westerse kenners van hierdie tradisie, gebruik die begrip *stratagem* om te verwys na wat Van Heerden as “krygstaktieke” vertaal. Hy verbind hierdie begrip met die Duitse woord *List*, wat hy beskryf as 'n middel waardeur 'n doel bereik word wat nie deur gewone of reguit middele bereik kan word nie – 'n vorm van slinkse, indirekte handeling (Von Senger 2023:1–2). In Westerse



denke word “lis” dikwels negatief beskou, as ’n ondeug of ’n “verkeerde soort slimheid”, aangesien dit impliseer dat die doel die middele heilig. Von Senger wys egter daarop dat lis in die Chinese tradisie nie inherent negatief is nie. Die Chinese karakter vir wysheid, deug en listigheid is dieselfde; die morele waarde van lis hang af van die wyse waarop dit aangewend word (2023:3). Soos ’n kombuismes nie op sigself goed of sleg is nie, maar goed of sleg word deur sy gebruik, kan lis ingespan word vir destruktiewe of konstruktiewe doeleindes.

Die 36 krygstaktieke word volgens Von Senger (2023:5) verbind met die Chinese begrip *Moulüe*, ’n begrip van werklikheidsvorming waarin beide reguit en indirekte strategieë deel vorm van ’n breër begrip van handeling. Von Senger beskryf hierdie denke in terme van die yin-yang-simbool, waarin lig en donker nie opponerende absolutes is nie, maar aanvullende dimensies van dieselfde geheel (2023:5–6). Hierdie dialektiese verhouding impliseer dat werklikheid nie slegs deur direkte, deursigtige handeling verstaan kan word nie, maar ook deur indirekte, skynbaar listige strategieë. In hierdie sin verruim *Moulüe* die moontlikhede van interpretasie en optrede: dit maak ruimte vir ’n kompleksiteit wat nie in binêre opposisies tussen reg en verkeerd, waarheid en leuen, of goed en kwaad vasgevang kan word nie.

Hierdie begrip is besonder toepaslik vir die wyse waarop Tian Kilian die wêreld van Charlie Oeng probeer rekonstrueer. Sy vertelling volg nie ’n reguit, chronologiese pad nie, maar maak gebruik van indirekte bewegings, verskuiwings van perspektief en spronge in tyd. Die eerste hoofstuk van die roman dra die titel Krygstaktiek 1: “Offer die peerboom op as jy die perskeboom wil kry” (11). Op die vlak van handeling verwys dit na Charlie Oeng se bereidheid om sy trots op te offer wanneer hy ’n saamrygeleentheid met Tian se pa aanvaar, ten spyte van sy wrewel teenoor die vernederende behandeling wat hy ontvang. Maar die taktiek funksioneer ook op ’n metanarratiewe vlak. Die vertelling self offer die illusie van lineêre samehang op om ’n ryker begrip moontlik te maak.

Die openingsparagrafe van die roman demonstreer reeds hierdie listige strategie. Die vertelling begin met Tian Kilian se vertrek uit Hongkong, maar erken onmiddellik dat hierdie gebeurtenis eers veel later plaasvind. Die narratief beweeg dan terug na die vuurwerkvertoning op Sloopplaas en die aanloop daartoe, toe die Chinees die werf besoek het en Tian sy ouers gesmeek het om die vertoning te laat plaasvind (11). Binne die eerste twee paragrafe word verskeie tydspronge gemaak, terwyl die fokalisasie ook verskuif en ander perspektiewe – veral dié van Ouma Ogies – oopgemaak word. Die samehang van ’n enkelvoudige vertelperspektief word dus doelbewus opgeoffer om ’n meer komplekse wêreld tot stand te bring.

Die vraag wat Ouma Ogies aan Tian stel – “Wat is jou storie?” (20) – beklemtoon die selfreflekterende aard van hierdie proses. Tian antwoord dat hy “slagysters stel”, ’n metafoor wat die vertelling self as ’n vorm van strategie voorstel. Die slagysters word gestel om “die Skreeu” te vang: “die vreeslike dinge wat mense mekaar aandoen, met die onliefde, met die wreedheid, met hierdie plek waarin ons woon se verskriklike geskiedenis van bloed” (21). Die vertelling funksioneer dus as ’n indirekte poging om iets van hierdie historiese geweld en menslike wreedheid te begryp.

Om die Skreeu te verstaan, is ’n meer komplekse benadering nodig as die lineêre logika van die regstelsel, wat daarop gemik is om skuld vas te stel en ’n duidelike onderskeid tussen oortreders en slagoffers te maak. Die Skreeu kan nie deur ’n enkelvoudige narratief vasgevang word nie, omdat die boosheid nie los van die menslike vermoë tot liefde en sorg bedink kan word nie. Soos die yin-yang-simbool suggereer, bevat die donker reeds ’n kern van lig, en die

lig 'n kern van donker. Die listige strategieë van die vertelling maak dit moontlik om hierdie verweefdheid te erken en te verbeel.

Wanneer Tian die eerste keer in die towersirkel tree, voel sy hart “so dun soos 'n skoenlapper se vlerke” (16). Die beeld van die skoenlapper, wat herhaaldelik in die roman voorkom, word verbind met die Daoïstiese verhaal van Zhuangzi wat droom dat hy 'n skoenlapper is – of dat die skoenlapper droom dat hy Zhuangzi is (552–3). Die skoenlapper simboliseer die beweging tussen wêrelde, die vermoë van verbeelding om grense tussen self en ander oor te steek.

Tian skep Ouma Ogies binne sy vertelling juis om toegang tot Charlie Oeng se wêreld te verkry (397). Hy droom haar as karakter sodat sy kan droom in Oeng se verhaal in. Die opoffering van historiese sekerheid maak dus 'n ander vorm van waarheid moontlik – nie feitelike waarheid nie, maar 'n vorm van verstaan wat die historiese werklikheid anders belig. Die peerboom word geoffer om die perskeboom te verkry: die waarheid van bevestigbare feite word gedeeltelik opgeoffer om 'n meer omvattende begrip van menslike ervaring moontlik te maak.

Betekenisvol is die verwysing na 'n 37ste krygstaktiek: “die taktiek van liefhê” (398). Hierdie toevoeging beklemtoon die positiewe potensiaal van listigheid. Lis word hier nie verbind met manipulasie of misleiding nie, maar met die moontlikheid van empatie en begrip. Om lief te hê vereis 'n vorm van indirekte kennis, 'n bereidheid om jou wêreld vanuit 'n ander wêreld te beskou. Hierdie insig is ook van toepassing op Tian se verhouding met Jenny May en op sy poging om Charlie Oeng te verstaan.

Die krygstaktieke funksioneer dus as 'n metafoor vir die wyse waarop die roman self sy wêreld konstrueer. Wêreldskepping is nie 'n direkte proses nie, maar 'n strategiese handeling wat indirekte bewegings, verskuiwings van perspektief en die samevoeging van uiteenlopende elemente behels. Die roman toon hoe narratief as 'n vorm van *Moulië* funksioneer: 'n praktyk waarin reguit en indirekte strategieë saamwerk om 'n meer omvattende begrip van werklikheid moontlik te maak.

Hierdeur word die verband tussen narratiewe vorm en etiese begrip duidelik. Om die wêreld van Charlie Oeng te kan verbeel, moet Tian bereid wees om sy eie sekerhede op te offer en hom oop te stel vir die kompleksiteit van 'n werklikheid waarin skuld, lyding en liefde onlosmaaklik verweef is. Die krygstaktieke beklemtoon dus dat die vertel van 'n wêreld nie bloot 'n representasie van werklikheid is nie, maar 'n strategiese handeling waardeur 'n nuwe perspektief op die werklikheid moontlik gemaak word.

## 7. Etiese implikasies van narratiewe wêreldskepping

Die etiese probleem van narratiewe wêreldskepping kom die duidelikste na vore op die punt waar die noodsaaklikheid om die wêreld van die ander te konstrueer saamval met die onmoontlikheid om daardie konstruksie te bevestig. Soos die voorafgaande afdelings aangetoon het, demonstreer *Die wêreld van Charlie Oeng* dat narratiewe konfigurasie onontbeerlik is vir die verstaan van sowel die verlede as die self. Tog maak die roman ook duidelik dat sodanige konfigurasie altyd deur seleksie, perspektief en verbeeldingryke projeksie gevorm word – dat listige strategieë aangewend word. Wanneer die subjek wie se wêreld gekonstrueer word nie kan reageer, regstellings maak of weerstand bied teen die voorstelling nie, word narratiewe wêreldskepping eties bedenklik.

Die roman plaas hierdie problematiek herhaaldelik op die voorgrond. Tian konstrueer die wêreld van Charlie Oeng vanuit 'n posisie wat terselfdertyd bevoorreg en beperk is. Aan die een kant het Tian toegang tot opvoeding, boeke, argivale bronne en die kulturele kapitaal wat hom in staat stel om te skryf. Hy word groot in 'n huishouding waarin literatuur, geleerdheid en intellektuele gesprek waardeur word. Sy ma bestuur 'n boekwinkel, hy blink uit op skool, ontvang boekpryse en word van jongs af aan 'n literêre kultuur blootgestel. Sy pa beklee 'n gerespekteerde posisie as prokureur-boer op die dorp en behoort aan 'n klub van uitgesoekte mans. Tian het lewenslank die bykomende inkomste wat die verkoop van die erfplaas oplewer het. Hierdie vorme van bevoorregting gee Tian toegang tot interpretatiewe raamwerke en narratiewe instrumente wat hom in staat stel om 'n samehangende weergawe van die verlede te produseer.

Aan die ander kant word Tian se begrip gevorm deur die ideologiese omgewing waarin hy grootword. Die rassevooroordele wat in die apartheidsamelewing ingebed is, vorm deel van die horison waaruit hy Charlie Oeng aanvanklik waarneem. Die taal wat gebruik word om Charlie te beskryf, weerspieël die aannames van 'n samelewing wat deur rassehiërargie gestruktureer word. Charlie verskyn binne 'n diskoers wat hom as marginaal, eksoties of minderwaardig posisioneer. Tian se poging om Charlie se wêreld te rekonstrueer moet dus nie alleen met die afwesigheid van direkte getuienis rekening hou nie, maar ook met die teenwoordigheid van oorgeërfde stereotipes.

Die etiese spanning ontstaan juis uit hierdie kombinasie van noodsaaklikheid en beperking. Tian kan nie sy eie verlede verstaan sonder om Charlie se verhaal te rekonstrueer nie, maar die beskikbare materiaal word deur diskoerse bemiddel wat deur ongelykheid gevorm is. Die roman suggereer dus dat narratiewe wêreldskepping altyd binne histories gesitueerde magstrukture plaasvind. Die probleem is nie bloot epistemologies nie maar eties: hoe kan 'n mens die wêreld van die ander konstrueer sonder om daardie wêreld toe te eien?

Die afwesigheid van 'n dialogiese korrektief verskerp hierdie probleem. In Tian se verhouding met Jenny May vind die konstruksie van 'n gedeelde wêreld deur dialoog plaas. Jenny May kan op Tian se interpretasies reageer, sy aannames bevraagteken en die narratiewe patrone wat hy gebruik, uitdaag. Haar opmerking dat Sy soos Tian se "Suzie Wong" lyk, funksioneer juis as sodanige korrektief. Dialoog maak die hersiening van interpretatiewe raamwerke moontlik en open die moontlikheid van wedersydse erkenning.

Daarteenoor kan Charlie Oeng nie op Tian se rekonstruksie van sy wêreld reageer nie. Histories is Charlie gemarginaliseer; sosiaal word hy grootliks as stil voorgestel; narratief spreek hy selde direk. Sy gedigte word toegeëien en onder Mavis Latsky se naam gepubliseer, 'n handeling wat die stilmaak van sy stem binne 'n literêre sisteem simboliseer wat ander vorme van kulturele gesag bevoordeel. Fisies is Charlie afwesig: Tian kan hom nie direk ontmoet nie, maar moet staatmaak op spore wat in argiewe, getuienisse en herinneringe bewaar gebly het.

Die probleem word nog ingewikkelder gemaak deur die feit dat baie van die narratiewe oor Charlie deur figure bemiddel word wie se eie posisies eties dubbelsinnig is. Witkant stel homself voor as 'n interpreteerder van Charlie se wêreld, maar doen dit op maniere wat sy eie belange dien. Tian se pa konstrueer narratiewe in die hofsaal wat samehang op komplekse situasies afdwing om regtelike uitkomst te bereik. Die landdros neem besluite oor Tian se toekoms wat die verloop van sy lewe vorm sonder om hom volle deelname aan daardie besluite te gun. Hierdie voorbeelde illustreer hoe narratiewe gesag dikwels met institusionele mag verbind is – en dat Charlie daarvan ontnem is.

Die roman toon dus hoe narratiewe wêreldskepping as 'n vorm van beheer kan funksioneer. Die vermoë om die wêreld van 'n ander te vertel, kan die mag impliseer om daardie persoon se identiteit te definieer. Sulke definisiehandelinge kan die kompleksiteit van geleefde ervaring verduister en interpretatiewe raamwerke opele wat die belange van die verteller eerder as dié van die voorgestelde subjek dien.

Die figuur van Mavis Latsky bied 'n besonder treffende illustrasie van die etiese risiko's wat met narratiewe toe-eiening gepaard gaan. Deur Charlie se gedigte onder haar eie naam te publiseer, eien sy nie alleen sy woorde toe nie, maar ook die ervaringswêreld waaruit daardie woorde ontstaan. Hierdie handeling verteenwoordig 'n uiterste vorm van narratiewe onteiening waarin die stem van die gemarginaliseerde subjek in die diskoers van 'n meer sosiaal bevoorregte figuur opgeneem word. Die roman ontbloot sodoende die maniere waarop literêre representasie breër patrone van kulturele ongelykheid kan reproduseer.

Terselfdertyd weerstaan die roman die gevolgtrekking dat die narratiewe representasie van die ander daarom laat vaar moet word. Stilte sou nie die etiese probleem oplos nie, maar eerder die moontlikheid van begrip heeltemal uitskakel. Indien Tian sou nalaat om Charlie se wêreld te probeer rekonstrueer, sou die verlede gefragmenteerd en onbegryplik bly. Die roman suggereer dat etiese risiko nie vermy kan word deur aan narratiewe betrokkenheid te onttrek nie.

Die figuur van Ouma Ogies bevestig hierdie punt. Haar blindheid funksioneer simbolies as 'n aanduiding dat begrip nie uitsluitlik van visuele sekerheid afhanklik is nie. Ouma Ogies suggereer dat dit moontlik is om die lyding van 'n ander verbeeldingryk te ervaar, selfs in die afwesigheid van direkte waarneming. Die moontlikheid van medelye berus juis op die vermoë om die wêreld van 'n ander te verbeel. Sonder sodanige verbeeldingryke betrokkenheid sou etiese verhoudings onmoontlik wees.

Die spanning tussen noodsaaklikheid en onmoontlikheid bly dus onopgelos. Die roman suggereer dat die poging om die wêreld van die ander te verstaan voortgesit moet word ten spyte van die risiko van wanvoorstelling. Sonder sodanige pogings sou die moontlikheid van selfbegrip ook verdwyn. Die etiese uitdaging lê nie daarin om definitiewe kennis te bereik nie, maar om bewus te bly van die voorlopige karakter van narratiewe konstruksies.

Die slotafdeling bring daarom die teoretiese implikasies van die argument saam deur te oorweeg hoe die roman narratiewe wêreldskepping posisioneer as sowel 'n epistemologiese noodsaaklikheid as 'n etiese risiko, en hoe hierdie spanning verband hou met breër vrae oor die rol van fiksie in die bemiddeling van begrip van die verlede en van ander.

## 8. Ten slotte: Narratiewe wêreldskepping as noodsaaklik en prekêr

*Die wêreld van Charlie Oeng* stel narratiewe wêreldskepping uiteindelik voor as 'n praktyk wat tegelyk epistemologies noodsaaklik en eties riskant is. Die roman demonstreer dat die verstaan van die verlede, die ander en die self nie moontlik is sonder narratiewe konfigurasie nie, maar toon terselfdertyd dat sodanige konfigurasie nooit 'n deursigtige herwinning van die verlede of die ander kan wees nie. Narratiewe wêreldskepping berus noodwendig op seleksie, rangskikking en verbeeldingryke projeksie, en bly daarom voorlopig en bemiddel.

Pavel se teorie van fiktiewe wêrelde help om hierdie dinamika te verhelder. Fiktiewe wêrelde is nie bloot weerspieëlings van empiriese werklikheid nie, maar gestruktureerde omgewings wat lesers in staat stel om ervarings buite hulle onmiddellike konteks te verbeeld. Die toeganklikheid van sodanige wêrelde berus op die konkrete detail waardeur 'n omgewing as samehangend ervaar word. *Die wêreld van Charlie Oeng* maak egter terselfdertyd die prosesse waardeur hierdie samehang tot stand kom sigbaar, en voorkom sodoende dat narratiewe samehang met epistemologiese sekerheid verwar word. Die roman se mise-en-abyme-struktuur en eksplisiete refleksie op strategieë van seleksie en ordening onderstreep dat wêreldskepping 'n interpretatiewe aktiwiteit is wat deur histories gesitueerde perspektiewe gevorm word.

Hierdie insig het direkte etiese implikasies. Indien die wêreld van die ander slegs deur bemiddeling toeganklik is, kan representasie nie as 'n neutrale weergawe van ervaring beskou word nie. Die roman toon hoe narratiewe gesag ingebed is in sosiale en diskursiewe strukture wat bepaal wie kan praat, wie gehoor word en wie as interpreteerder optree. Die wêreld van Charlie Oeng ontstaan dus binne verhoudings van ongelykheid wat die moontlikhede van representasie vorm en beperk. Narratiewe wêreldskepping impliseer daarom altyd die risiko van toe-eiening, reduksie of vervorming van die ander se ervaring.

Tog suggereer die roman dat hierdie risiko nie vermy kan word deur aan narratiewe betrokkenheid te onttrek nie. Sonder narratiewe konfigurasie bly die verlede 'n versameling fragmente wat nie tot betekenisvolle ervaring geïntegreer kan word nie. Die poging om die wêreld van die ander te verstaan is daarom nie 'n opsionele bykoms tot selfbegrip nie, maar 'n voorwaarde daarvan. Soos Ricoeur aantoon, ontstaan die self in verhouding tot verhale waardeur ervaring betekenis verkry. Die rekonstruksie van Charlie Oeng se wêreld word terselfdertyd 'n proses waardeur Tian sy eie verlede konfronteer en sy betrokkenheid by die gebeure wat sy lewe gevorm het, heroorweeg.

Die roman dramatiseer dus 'n fundamentele spanning: begrip vereis dat 'n wêreld verbeeld word, maar elke verbeelde wêreld bly gedeeltelik en voorlopig. Narratiewe wêreldskepping kan nie finale sekerheid voortbring nie, maar maak 'n vorm van begrip moontlik wat bewus bly van sy eie voorlopigheid. Die etiese implikasie lê nie daarin om wêreldskepping te vermy nie, maar om die beperkings van interpretasie te erken terwyl die noodsaaklikheid daarvan behou word.

*Die wêreld van Charlie Oeng* stel narratiewe wêreldskepping daarom voor as 'n praktyk wat sowel verbeeldingryke betrokkenheid as kritiese selfbewustheid vereis. Deur die leser bewus te maak van die interpretatiewe arbeid waardeur wêrelde tot stand kom, bevorder die roman 'n vorm van hermeneutiese nederigheid wat die kompleksiteit van die verstaan van die ander erken sonder om die noodsaaklikheid van hierdie poging prys te gee. Fiksie bied nie direkte toegang tot die wêreld van die ander nie, maar skep die moontlikheid van 'n refleksiewe verhouding tot die prosesse waardeur sodanige wêrelde gekonstrueer word. In hierdie sin funksioneer narratiewe wêreldskepping as 'n voorwaarde vir begrip wat terselfdertyd sy eie epistemologiese en etiese beperkings onthul.



## Bibliografie

Aristoteles. 1991. *Die poëtika*. Vertaal deur E.L. de Kock en L. Cilliers. Pretoria: Academica.

Balaji, M. en T. Worawongs. 2010. The new Suzie Wong: Normative assumptions of white male and Asian female relationships. *Communication, Culture and Critique*, 3(2):224–41.

Brink, A.P. 1989. *Vertelkunde*. Pretoria: Academica.

Crowther, B. 1960. The Screen: “World of Suzie Wong”. *New York Times*, 11 November. <https://www.nytimes.com/1960/11/11/archives/the-screen-world-of-suzie-wongnancy-kwan-holden-star-at-music-hall.html> (15 Junie 2025 geraadpleeg).

Hayot, E. 2012. *On literary worlds*. Oxford: Oxford University Press.

Jones, M. 2018. How free should novelists be to imagine radically different lives? *The Guardian*, 13 Augustus. <https://www.theguardian.com/books/2018/aug/13/how-free-should-novelists-be-to-imagine-radically-different-lives> (15 Mei 2023 geraadpleeg).

Kunzru, H. 2016. Whose life is it anyway? Novelists have their say on cultural appropriation. *The Guardian*, 1 Oktober. <https://www.theguardian.com/books/2016/oct/01/novelists-cultural-appropriation-literature-lionel-shriver> (12 Mei 2023 geraadpleeg).

Marchetti, G. 1994. *Romance and the Yellow Peril. Race, sex, and discursive strategies in Hollywood fiction*. Los Angeles: University of California Press.

Nel, A. 2018. *Die wêreld van Charlie Oeng*. Resensie. *Tydskrif vir Letterkunde*, 55(1):197–9.

Pavel, T. 1986. *Fictional worlds*. Cambridge, MA: Harvard University Press.

Ricoeur, P. 1984 [1983]. *Time and narrative. Volume I*. Chicago: University of Chicago Press.

—. 1985. *Time and narrative. Volume 2*. Vertaal deur K. McLaughlin en D. Pellauer. Chicago: University of Chicago Press.

—. 1988. *Time and Narrative. Volume 3*. Vertaal deur K. McLaughlin en D. Pellauer. Chicago: University of Chicago Press.

—. 1992 [1990]. *Oneself as another*. Vertaal deur K. Blamey. Chicago: University of Chicago Press.

Sarkar, A. 2019. Why we need to pause before claiming cultural appropriation. *The Guardian*, 29 April. [https://www.theguardian.com/commentisfree/2019/apr/29/cultural-appropriation-racial-oppression-exploitation-colonialism?CMP=share\\_btn\\_link](https://www.theguardian.com/commentisfree/2019/apr/29/cultural-appropriation-racial-oppression-exploitation-colonialism?CMP=share_btn_link) (15 Mei 2023 geraadpleeg).



Van Heerden, E. 1984. *Toorberg*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2017. *Die wêreld van Charlie Oeng*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2023. *Gebeente*. Kaapstad: Tafelberg.

Von Senger, H. 2023. Stratagems as a means of achieving justice and spreading truth. *Laws*, 12(36). <https://doi.org/10.3390/laws12030036>.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Ek gebruik die begrip *handelingskomposisie* na aanleiding van De Kock en Celliers se vertaling van Aristoteles se begrip *muthos* in *Die poëtika* (1991:55). In Ricoeur se *Time and narrative* word *muthos* met “emplotment” vertaal. Ricoeur (1984:32–3) beklemtoon dat *muthos* binne die *Poëtika* juis ’n werkwoordfunksie vervul en daarom is “emplotment” vir hom “die maak van ’n plot” eerder as bloot ’n “plot”. In hierdie sin is De Kock en Celliers se begrip *handelingskomposisie* ’n gelukkige vertaling.

<sup>2</sup> Enkele lukraak voorbeelde: Chandler, S.B. en J.A. Molinaro (reds.). 1966. *The world of Dante: Six studies in language and thought*. Toronto: University of Toronto Press; Finley, M.I. 2002. *The world of Odysseus*. New York: NYRB Classics; Wallace, R. 1972. *The world of Leonardo, 1452–1519*. New York: Time-Life International; Coughlan, R. 1966. *The world of Michelangelo, 1475–1564*. New York: Time-Life Books. Claybourne, A. en R. Treays. 1997. *The world of Shakespeare*. Londen: Usborne.

<sup>3</sup> Vergelyk Ricoeur se monumentale werk: *Memory, history, forgetting* waarin hy onder meer die rol van verbeelding in herinnering beklemtoon.

<sup>4</sup> “Following the intuitive preunderstanding we have of these things, do we not consider human lives to be more readable when they have been interpreted in terms of the stories that people tell about them? And are not these life stories in turn made more intelligible when the narrative models of plots – borrowed from history or from fiction (drama or novel) are applied to them? It therefore seems possible to take the following chain of assertions as valid: self-understanding is an interpretation; interpretation of the self, in turn, finds in the narrative, among other signs and symbols, a privileged form of mediation; the latter borrows from history as well as from fiction, making a life story a fictional history or, if one prefers, a historical fiction, interweaving the historiographic style of biographies with the novelistic style of autobiographies.” (Ricoeur 1992:114)

# ***Godsdienwetenskappe***

---

ISSN 1995-5928

# Fanonisme as 'n vyand van vrede: 'n ervare antwoord vanuit die teenrevolusionêre tradisie

J.A. Schlebusch en Paul Maritz

---

J.A. Schlebusch, Departement Sistematiese en Historiese Teologie, Universiteit van Pretoria, en  
Paul Maritz, onafhanklike navorser

---

## *Opsomming*

Hierdie artikel ondersoek Fanonisme as 'n invloedryke ideologiese raamwerk in die hedendaagse Suid-Afrikaanse politiek, met spesifieke verwysing na die uitdruklike beroep op Frantz Fanon vanuit meer revolusionêre kringe. Deur Fanon se denke binne sy intellektuele genealogie te plaas, met name sy afhanklikheid van die Hegeliaanse dialektiek en Marxistiese geskiedenis teorie, word getoon hoe ras vir Fanon die primêre dryfveer van historiese konflik word. Volgens Fanon is menswaardigheid nie 'n ontologiese gegewe nie, maar word dit eers deur erkenning verkry, wat noodwendig deur middel van gewelddadige konfrontasie plaasvind. Dekolonisasie word gevolglik binne Fanonisme as 'n inherent gewelddadige proses beskou, en versoening tussen die gekoloniseerde en kolonis word vanuit die staanspoor as onmoontlik geag.

Teen hierdie agtergrond evalueer die artikel die implikasies van Fanonisme vir Suid-Afrika se grondwetlike oorgang en veelrassige samelewing. Fanon se terapeutiese begrip van geweld ondermyn die moontlikheid van vrede en lei noodwendig tot herhalende en deurlopende konflik, aangesien elke gegewe politieke orde onder alle omstandighede slegs as voorlopig beskou word. Fanonisme is dus in wese onversoenbaar met die grondwetlike regstaat, die mark-ekonomie en die Christelike antropologie waarvolgens menswaardigheid as onvervreembaar beskou word.

Vanuit die teenrevolusionêre of neo-Calvinistiese tradisie, veral soos verwoord deur Groen van Prinsterer, Herman Bavinck en Abraham Kuyper, word die ideologiese onderbou van die Fanonistiese tradisie verwerp as begrond in revolusionêre ideale van gelykheid wat geweld legitimeer. In plaas daarvan word klem gelê op die Godgegewe orde, skeppingsverskeidenheid en die etiek van naasteliefde. Gegewe die bewese historiese invloed van hierdie tradisie in Nederland, word hierdie antwoord as 'n ervaringsgebaseerde een voorgestel. Ongelykheid word

nie ontken nie, maar as 'n werklikheid hanteer wat deur hervorming binne die raamwerk van wet en orde aangespreek moet word. Fanonisme, hoewel mobiliserend, is uiteindelik onversoenbaar met vrede, terwyl die teenrevolusionêre tradisie 'n meer volhoubare grondslag vir geregtigheid en maatskaplike stabiliteit bied. Hierdie studie kombineer filosofiese ontleding met teologiese kritiek om die beleidsimplikasies vir Suid-Afrika se toekoms binne 'n pluralistiese en grondwetlike maatskaplike orde sistematies te belig.

**Trefwoorde:** Bavinck, Herman; Fanon, Frantz; Fanonisme; grondwetlike demokrasie; Kuyper, Abraham; neo-Calvinisme; revolusie

### *Abstract*

#### **Fanonism as enemy of peace: A skilled response from the anti-revolutionary tradition**

Fanonism serves as a powerful ideological framework within contemporary political thought and is especially relevant considering the increasing influence of the anti-colonial political theory of Frantz Fanon in the South African political landscape. Fanon's thought, deeply rooted in the dialectical philosophy of Georg Wilhelm Friedrich Hegel and the historical materialism of Karl Marx, reconfigures these traditions by placing race – rather than economic class – at the centre of historical development. Within this framework, human dignity is neither an inherent nor ontological reality, but something that must be achieved through recognition, and recognition itself is obtained through confrontation. Conflict is therefore not incidental but constitutive of our humanity.

From this foundation follows a radical conception of decolonisation, fundamentally understood as replacement rather than reform, with the colonised displacing the coloniser through violent struggle. Violence is not merely instrumental but transformative. It functions as the very means through which the colonised recover agency, identity, and dignity. The act of resistance becomes a process of self-realisation, and violence assumes a therapeutic quality, purporting to restore the humanity that colonial domination has denied. Yet this same logic renders reconciliation structurally impossible. Any coexistence between coloniser and colonised is necessarily incomplete because it lacks the decisive moment of recognition forged through conflict.

The implications of this position are far-reaching. If dignity depends on recognition, and recognition depends on struggle, then no political settlement can ever be final. Every order remains provisional, every peace temporary. Violence is not confined to a revolutionary moment but becomes embedded in the logic of history itself. Liberation, once achieved, contains within it the seeds of further contestation, since the conditions of recognition must continually be reasserted. In this sense, Fanonism entails a self-perpetuating cycle in which conflict is both origin and outcome.

Within South Africa, these dynamics acquire particular urgency. Fanonist language and categories have become increasingly visible in political discourse, especially in movements that frame social relations in terms of racial antagonism and historical redress. This occurs against the backdrop of a constitutional transition that has long been regarded as a negotiated and non-violent resolution to systemic conflict. The Fanonist framework stands in tension with this legacy. A constitutional order presupposes that political disagreement can be mediated through law and legal reform, that rights are inalienable and mutually recognised, and that

violence is constrained within defined limits. By contrast, a worldview in which violence is the necessary precondition for liberation radically disrupts such assumptions. The law itself is reduced to an extension of historical domination rather than serving as a neutral arbiter.

This tension extends beyond jurisprudence into the social and economic fabric. A society organised around enduring antagonism struggles to sustain the trust required for cooperation, investment, and long-term planning. Property rights, contractual obligations, and institutional continuity depend on a minimum level of shared commitment to stability. Where conflict is valorised and reconciliation deferred, these conditions erode.

In contrast to this revolutionary paradigm, the anti-revolutionary or neo-Calvinist tradition offers a fundamentally different point of departure, as articulated in the thought of its most prominent representatives, Herman Bavinck and Abraham Kuyper. In the neo-Calvinist view, human dignity is not the product of historical struggle but an ontological given, rooted in the divine design that produced the created order. Every person possesses inherent worth by virtue of being created, independent of recognition, power, or struggle. This understanding alters the moral architecture of social relations. Conflict, though real and often severe, does not define human identity and cannot serve as the foundation of justice.

Within this framework, natural inequalities or differentiation are acknowledged as features of reality rather than anomalies to be eradicated through revolutionary transformation. The task is not to dissolve all distinctions in the name of equality, but to order them justly within a normative structure that respects both unity and diversity. Reform is pursued within the bounds of law and moral responsibility rather than through the overthrow of existing relations by force. The emphasis falls on restoration rather than rupture, on continuity rather than negation.

The divergence between these traditions is most evident in their respective philosophies of history. A Fanonist historiography, shaped by Hegelian and Marxist thought, interprets history as a succession of conflicts culminating in the overthrow of oppressive systems. Progress is achieved through rupture, and the future is imagined as emerging from the violent destruction of all orders and relationships deemed oppressive. By contrast, the anti-revolutionary perspective understands history as the unfolding of an ordered reality in which human action is significant but not absolute. Conflict is neither denied nor romanticised; it is a manifestation of disorder that calls for correction and reformation within the context of a stable moral framework that works to the benefit of all parties involved.

Violence, accordingly, occupies radically different roles. In Fanonism, it is elevated to a creative and redemptive force, capable of generating both personal and collective transformation. In the neo-Calvinist tradition, violence is, at most, a tragic necessity, tightly circumscribed and never imbued with intrinsic moral value. It cannot heal the wounds it inflicts, nor can it establish the conditions for lasting peace. To treat violence itself as therapeutic is to undermine the very possibility of community, since it erodes trust and replaces mutual recognition with domination.

At the anthropological level, the contrast is equally stark. Fanonism defines the human being in terms of struggle and recognition, locating identity within a relational dynamic of opposition. The self is constituted through the negation of the other. The anti-revolutionary tradition, by contrast, affirms an identity that precedes and transcends such relations. The so-called “other” is not an obstacle to be overcome but a neighbour to be recognised, even where injustice must be confronted and rectified.

A framework such as Fanonism, which defers reconciliation until after decisive and violent struggle, cannot sustain a shared political order. It risks entrenching divisions and perpetuating cycles of retaliation. By contrast, a framework that affirms inherent dignity and seeks justice within an ordered structure provides a basis for coexistence, even amid unresolved tensions.

Fanonism, for all its mobilising power and moral urgency, ultimately points towards a horizon in which conflict is never fully resolved. Its internal logic destabilises every achieved settlement and renders peace contingent and fragile. The anti-revolutionary theory, by contrast, as perhaps the most thorough and comprehensive response developed to the threat of violent revolution, offers an alternative that avoids the trap of denying injustice while positioning its resolution within a framework that preserves the possibility of stability and reconciliation. The choice between these two paradigms, especially in the context of the modern South African socio-political landscape, is therefore not simply of academic interest but an existential one for a society in desperate need of finding a balance between justice and peace.

**Keywords:** Bavinck, Herman; constitutional democracy; Fanon, Frantz; Fanonism; Kuyper, Abraham; neo-Calvinism; revolution

## 1. Inleiding

Frantz Fanon (1925–1961) was ’n wêreldberoemde psigiater, politieke denker en revolusionêre skrywer van Martinique, wat veral bekendheid verwerf het vir sy invloedryke ontleding van kolonialisme, ras en geweld. Hy is in Fort-de-France, die hoofstad van die Frans-Karibiese eiland Martinique, gebore. Hier het sy persoonlike ervaring van Franse kolonialisme gedurende sy vormingsjare ’n blywende indruk op hom gelaat. Nadat hy tydens die Tweede Wêreldoorlog saam met die Vrye Franse Magte op die eiland Dominica diens gedoen het, het Fanon geneeskunde en sielkunde in Lyon, Frankryk, studeer. Gedurende sy studies het hy ’n besondere waardering ontwikkel vir denkers soos Hegel, Marx en Sartre, wat hom, as mediese dokter van beroep, tot die gevolgtrekking laat kom het dat die kernuitdagings waarmee Martinique te kampe het, in wese sosiopolities van aard was (Hilton 2011:46–47).

Dat Fanon en sy werk ’n belangrike rol in Suid-Afrikaanse politieke denke speel, en dit reeds dekades lank doen, is nie ooglopend nie. Tog toon ’n dieper lees en fyner ontleding van partye aan die linkerkant van die politieke spektrum, veral die Economic Freedom Fighters (EFF), ’n konsekwente terugkeer na Fanon wanneer nuwe idees ter ondersteuning van spesifieke interpretasies van revolusie in Suid-Afrika benodig word. In sy stigtingsdokument van 2013 stel die EFF dit prontuit wanneer hy verklaar sy missie “draws inspiration from the broad Marxist-Leninist tradition and Fanonian schools of thought in their analyses of the state, imperialism, culture and class contradictions in every society” (EFF 2013). Die EFF se opleidingsgids, wat in 2014 opgestel is, begin met Fanon se regverdiging van revolusie: “When we revolt it’s not for a particular culture. We revolt simply because, for many reasons, we can no longer breathe” (EFF 2014). In 2020 het die EFF ’n aanlyn saamlees-inisiatief tydens die COVID-19-pandemie geloods, en die eerste boek wat gekies is, was Fanon se bekende *The wretched of the earth* (EFF 2020). Fanon se invloed is egter nie beperk tot die relatief jong politieke denke van die EFF nie. Hy word reeds in *I write what I like*, ’n keur van Steve Biko se werke van 1969 tot 1972, aangehaal. Fanon word dus nie bloot rakelings deur Biko aangehaal nie, maar dien as ’n vastrapplek vir sleutelgedagtes. Onder meer stel Biko (1987:72):



As Fanon puts it: “The consciousness of the self is not the closing of a door to communication [...] National consciousness, which is not nationalism, is the only thing that will give us an international dimension.” This is an encouraging sign, for there is no doubt that the black-white power struggle in South Africa is but a microcosm of the global confrontation between the Third World and the rich white nations of the world which is manifesting itself in an ever more real manner as the years go by.

Van belang is dat Biko onder die invloed van Fanon se Hegeliaanse interpretasie van wêreldorde staan. Daar is die tesis en die antitese, die een teen die ander. Samewerking en geleidelike verbetering op weg na vrede, soos hier onder aan die hand van die Nederlandse teen-revolusionêre denke voorgestel word, is onversoenbaar met so ’n wêreldbeeld.

Die Suid-Afrikaanse grondwetlike oorgang van 1993 tot 1996 word dikwels geprys as ’n voorbeeld van ’n suksesvolle niegewelddadige oorgang. Teen hierdie agtergrond bring Fanon se taal van absolute vernietiging en heropbou slegs ná afloop van ’n suiwerende geweldsproses diep en ontstellende vraagstukke na vore. Met ’n toename in internasionale vrae rakende plaasmoorde en in besonder die Suid-Afrikaanse regering se hantering van die dreunsang “Kill the Boer”, asook die EFF se voortdurende oproep tot meer gewelddadige en konfronterende optrede, is dit nodig om te verstaan wat hierdie denke dryf, en hoe daar op ’n etiese en beginselvaste wyse daarop gereageer kan word ten einde veiligheid op kort termyn en stabiliteit in die medium termyn te bereik. Hierdie ideologie word nou duidelik van Suid-Afrika na die VSA uitgevoer, veral in die lig van die onlangse verkiesing van Zohran Mamdani, die seun en navorger van die Fanonistiese voormalige Herbert J. Kelman-professor aan die Universiteit van Kaapstad, Mahmood Mamdani, as burgemeester van die stad New York (Mamdani 2020:xxi). Sodanige hedendaagse politieke tendense, wat intellektueel ontwikkel is binne die kader van die Verligting en daaropvolgende filosofiese tradisies, herinner onwillekeurig aan Groen van Prinsterer (1801–1876). As die vader van die teen-revolusionêre (oftewel anti-Verligtings-) beweging in Nederland, was sy bekende tese dat die strewe na revolusionêre gelykheid, ook onder die vaandel van die mees liberale ideale en slagspreuke, uiteindelik uitloop op geweld en tirannie (Groen van Prinsterer 1847:118). Groen van Prinsterer se mees vername erfgename, Herman Bavinck (1854–1921) en Abraham Kuyper (1837–1920), het ook uitvoerig met die Marxisties-Hegeliaanse tradisie in gesprek getree waarbinne Fanon homself geposisioneer het.

In die lig hiervan gaan die outeurs daarvan uit dat die ideologiese verering van Fanon se “terapie” van geweld nie oor die lang termyn verdra kan word sonder dat dit op fisiese geweld sal uitloop, of ten minste daartoe sal bydra nie. Die bedoeling hier is egter nie om Fanonisme summier te verwerp nie, maar eerder om dit ten diepste te deurgrond, krities te ontleed en ’n meer volhoubare alternatief daar te stel. In die Suid-Afrikaanse konteks bied neo-Calvinisme nie net ’n konkrete alternatief vir Fanonisme binne dieselfde demografiese landskap nie, maar juis een wat by wyse van ’n beklemtoning van die morele beginsels en epistemologiese begronding van sosiopolitieke ontwikkelings by uitstek geskik is vir ’n prinsipiële kritiek op Fanonisme.

Teen die agtergrond van Noord-Europese kolonisasie kort ná die Reformasie, is daar ook ’n ooreenstemmende ideologiese ooreenstemming in die suide van Afrika te vinde rakende die invloed van Protestantisme. Die Engelse en Nederlandse Protestantisme van die 19de en 20ste eeue, toe kontak, onder meer weens die Groot Trek, aansienlik toegeneem het, het binne die rivierbeddings van Calvinisme en neo-Calvinisme ontwikkel, wat hierdie alternatief toepaslik maak juis omdat die woordeskat en wêreldbeskouing nie die vrugte van ’n onbeproefde denkraamwerk is nie. Ander alternatiewe tot revolusie kan ook voorgestel word, maar in hierdie artikel is die fokus juis

op die mees prominente en ontwikkelde antwoord op revolusionêre denke wat die Westerse filosofie ná afloop van die Franse Revolusie geproduseer het.

## 2. Fanon op die skouers van Marx en Hegel

Om Frantz Fanon in isolasie te lees, dus om Fanon te isoleer van die intellektuele tradisie waaruit hy put, sou daartoe lei dat die volle diepte van sy idees moontlik slegs ten dele begryp word. Die noodwendige gevolg van so 'n lees is dat die uitdagings wat Fanonisme bied, onderskat, misverstaan of oppervlakkig beantwoord word. Fanon kan alleenlik verstaan word binne die filosofiese tradisie waarin hy homself beduidend posisioneer.

### 2.1 Fanon se wortels

Dat Fanon diep belese was, blyk duidelik uit die ruim lys denkers waaruit hy gedurig aanhaal in sy twee bekendste boeke *Black skin, white masks* (gepubliseer in Frans in 1952 en eerste vertaal in Engels in 1967) en *The wretched of the earth* (gepubliseer in Frans in 1961 en eerste vertaal in Engels in 1963). Gedurige en diepgrondige interaksie met die werke van Freud en Jung oor psigoanalise, Karl Jaspers, Nietzsche en Fichte, dikwels vanuit die oorspronklike Duits, maar ook Lenin, Gandhi en Sartre, met retoriese verwysings na Balzac en Plato, maak dit duidelik dat Fanon met van die belangrikste denkers in die Westerse intellektuele tradisie in gesprek getree het. Sy argumente was nie ideologies losstaande gedagtes nie, maar is gevorm by wyse van 'n diepgaande gesprek met die ideeësgeskiedenis. Vir die doeleindes van revolusie steun Fanon grootliks op die kerndialektiek van die Duitse filosoof Georg Friedrich Wilhelm Hegel (1770–1831) en die daaruitvloeiende, oftewel daaropvolgende wêreld- en geskiedenis-beskouing van Karl Marx (1818–1883). In hierdie afdeling sal die genealogie van Fanon se beskouing en idees in hul verband met Hegel en Marx ontwikkel word ten einde uiteen te sit watter idees en konstruksies Fanon van beide denkers neem en in watter opsigte sy denke nuut of opsetlik teenstrydig is. Sodoende verdiep die begrip van die “genus” en “spesie” van Fanonisme, wat noodwendig tot 'n meer akkurate ideologiese kategorisering en derhalwe 'n meer deurdringende kritiek sal lei.

### 2.2 Herkenning, wese en konflik by Hegel

Fanon se bekendste werk is ongetwyfeld *The wretched of the earth* en dan meer spesifiek die eerste hoofstuk daarvan, “On violence” (sommige vertalings “Concerning violence”). Hierdie boek, en spesifiek die bogenoemde eerste hoofstuk, toon Fanon op sy sterkste, en sekerlik op sy mees radikale binne die konteks van hierdie studie. Onder meer stel Fanon (1963:93):

The settler's work is to make even dreams of liberty impossible for the native. The native's work is to imagine all possible methods for destroying the settler. On the logical plane, the Manicheism of the settler produces a Manicheism of the native. To the theory of the “absolute evil of the native” the theory of the “absolute evil of the settler” replies. The appearance of the settler has meant in the terms of syncretism the death of the aboriginal society, cultural lethargy, and the petrification of individuals. For the native, life can only spring up again out of the rotting corpse of the settler. This then is the correspondence, term by term, between the two trains of reasoning.

Dit is nodig om Fanon self uitvoerig aan die woord te stel, juis omdat heelwat hedendaagse interpreteerders meen dat Fanon te straf gekritiseer word en dat sy denke eintlik nie so gewelddadig was soos wat dit dikwels uitgebeeld word nie. 'n Invloedryke boek oor Fanon se denke is Lewis Gordon se 2015-boek *What Fanon said*. Reeds in die voorwoord skryf Sonia Dayan-Herzbrun, emeritus professor aan die Universiteit van Parys VII:

Gordon reminds us that the hegemonic view is that theory is supposed to be left to white theorists (I shall add: better if they are male). Blacks are supposed to offer only their 'experience,' or to be followers and imitators, in other words to put a white mask on their black faces.

Die Hegeliaanse een-teen-die-ander-konstruksie is reeds in die voorwoord die wegspringpunt. Dayan-Herzbrun (2015:xi) stel verder, oor Fanon: "For others, he represents nothing but a past revolutionary theory that apologizes for violence and is, because of that, unacceptable in a world where only the powerful can overtly use (extreme) violence and be highly praised." Die apologetiese benadering tot geweld is hier reeds speurbaar. Hierdie opvatting stel dat Fanon onaanvaarbaar is, nie omdat hy geweld voorstaan nie, maar omdat hy 'n onaanvaarbare vorm van geweld voorstaan. Die enigste logiese gevolgtrekking is dat daar volgens hierdie beskouing aanvaarbare vorme van geweld moet wees, eerder as dat geweld teenoor ander skepsels per se verkeerd is. Die gevaar van hierdie denke is vanselfsprekend. Gordon (2015:9) self meen dat Fanon 'n morele aversie teenoor geweld het, en noem kommentare oor Fanon se ophemeling van geweld "karikature" (2015:78).

Van besondere belang vir hierdie studie is Gordon se interpretasie van "On violence". Hieroor stel hy: "Violence, he [Fanon] argues, has a cathartic effect of bringing the former down to size. This bringing down is an equalizing effect experienced by the colonized as a form of moving up." Gordon bied geweld aan as 'n snoeiskêr waarmee gelykheid bereik kan word, maar Fanon se eie woorde, wat bo reeds aangehaal is, verwys na die oorblyfsels van die setlaar as 'n verrottende lyk, nie as 'n gelyke nie. Hier is Fanon se eie woorde duidelik en verstaanbaar en moeilik versoenbaar met Gordon se interpretasie daarvan.

'n Volgende boek oor Fanon is *Fanon today: Reason and revolt of the wretched of the earth*, wat in 2021 onder redaksie van Nigel Gibson gepubliseer is. In hierdie boek word 21 hoofstukke deur verskillende outeurs van regoor die wêreld saamgevoeg, almal oorhoofs positief en dankbaar teenoor Fanon. Gibson (2021:270) begin sy eie hoofstuk met die woorde "Sixty years after Fanon's death, movements across the world stand up to the systemic racism and structural violence at the heart of 'Western civilization', no longer believing in its shibboleths." Die klem val hier, soos in baie van hierdie boek se hoofstukke, op geweld as antwoord, en daarom as regverdig. So 'n interpretasie stel dus dat geweld dalk sleg mag wees, maar dat geweld wat as antwoord op geweld aangewend word, verstaanbaar en nodig is. Hier kom die kern van die moderne Fanon-apologetiek, en die vraag wat hierdie artikel wil aanspreek, baie sterk na vore. Die moderne aanwending van Fanon is dikwels, soos in die bogenoemde voorbeelde, dat Fanon nie 'n gewelddenaar was nie, maar dat hy geweld soms as die enigste opsie erken het. Op geen punt argumenteer Fanon vir matigheid met betrekking tot geweld nie, met ander woorde dat geweld moet stop sodra 'n bepaalde punt bereik word. Sy geweld is vernietigend en suiwerend, en sy eie woorde hier is ondubbelsinnig.

Die behandeling van moderne sekondêre literatuur oor Fanon sou onvolledig wees sonder Gibson se eie opmerkings oor “On violence” in sy 2003-boek *Fanon: The postcolonial imagination*. Hier stel Gibson (2003:76):

Fanon’s opening chapter of *The Wretched*, “Concerning Violence,” has been controversial ever since its publication. Its audacious claim that violence was a royal road to salvation was underlined by Sartre’s introduction and his declaration that “violence, like Achilles’ lance, can heal the wound that it has inflicted” (*The Wretched of the Earth*, 30). The passages on the therapeutic power of violence, repeated countless times by critics and supporters throughout the 1960s and 1970s, have often meant that *The Wretched* has been reduced to a paean to violence written by a man “condemned to death.” While many readings have caricatured Fanon as a philosopher of violence, this exaggeration was perceptively recognized by Hannah Arendt, who nevertheless could not entirely escape its pull. She held that readers were generally familiar with only the first chapter of *The Wretched*, ignoring the rest of the book; but she darkly charged that Fanon “glorified violence for violence’s sake.” A re-evaluation of Fanon’s idea of the importance of violence in the decolonization struggle is essential, yet we have to be careful.

En later:

We have to approach the question carefully because violence cannot be allowed to speak for itself. It does not have its own meaning but it has a context and a history and has to be approached nonreductively. To be made thinkable, violence has to be historicized. Additionally, Fanon’s own concerns and qualifications about the efficacy of violent action to sustain a liberation movement indicate a problematization that has too often been skipped over.

Dit is veral nodig om op Gibson se strewe te let: hy poog om ’n herevaluering van Fanon se idee van die belangrikheid van geweld daarstel deur dit te kontekstualiseer en teen die doek van die geskiedenis te projekteer ten einde hierdie konteks daar te stel. Lesers, beide diegene wat die teks vanuit ’n akademiese perspektief benader sowel as diegene wat met ’n politieke bril lees, moet op hierdie punt vra of Gibson se opmerking oor karikature waar is, en of dit ironies genoeg eerder op sy eie werk van toepassing is – met ander woorde, of hy ’n karikatuur van Fanon maak. ’n Letterlike lees van Fanon stel eenvoudig dat die vernietiging van die setlaar-volk onontbeerlik is, en dat die opstand van die inheemse volk slegs uit die verrottende lyk van die setlaar kan spruit. Gegewe die ontstaansgeskiedenis en die konteks is dit duidelik dat hierdie aanhalings nie bloot figuurlik bedoel is nie. Fanon is ook nie besig om ’n ander outeur aan te haal of beeldend te skryf nie. Dit is daarom nodig om op hierdie punt na Fanon self terug te keer.

Alvorens hy tot hierdie gevolgtrekking kom, sou Fanon ook elders in “On violence” die onvermydelikheid van konflik en geweld aanvoer en verdedig. Hy begin hierdie hoofstuk met die woorde:

National liberation, national renaissance, the restoration of nationhood to the people, commonwealth: whatever may be the headings used or the new formulas introduced, decolonization is always a violent phenomenon. At whatever level we study it – relationships between individuals, new names for sports clubs, the human admixture at cocktail parties, in the police, on the directing boards of national or private banks –

decolonization is quite simply the replacing of a certain “species” of men by another “species” of men.

Alhoewel heelwat van hierdie spesifieke hoofstuk hierdie spesifieke trant volg, is dit nodig, gegewe die argument wat volg, om kennis te neem van ten minste twee verdere opmerkings van Fanon (1963:71): “What is the real nature of this violence? We have seen that it is the intuition of the colonized masses that their liberation must, and can only, be achieved by force,” asook “Violence is thus seen as comparable to a royal pardon. The colonized man finds his freedom in and through violence” (Fanon 1963:86).

Vir die meer gesoute Fanon-leser is hierdie trant en benadering duidelik en wesenlik anders as die een wat in *Black skin, white masks* ingeneem word, waar Fanon deurlopend met groot denkers in gesprek tree. In die meer aggressiewe *The wretched of the earth* word Hegel nie eers een keer aangehaal nie, en Marx slegs twee keer. Die twee kere waar Marx aangehaal word, is nietemin wesenlik tot die uiteindelijke gevolgtrekking, soos onder aangetoon sal word, maar die afwesigheid van verwysings na die filosofiese tradisie is nietemin ’n teken daarvan dat Fanon met sy tweede boek ’n ander doel voor oë gehad het as met sy eerste. Hierdie punt kom selfs sterker na vore as daar in ag geneem word dat *Black skin, white masks* agtien direkte verwysings na Hegel bevat, met die laaste afdeling voor sy samevatting ’n oordenking onder die opskrif “The Negro and Hegel”. Ook Marx word in hierdie werk vier keer direk aangehaal. Waar *The wretched of the earth* krities en prakties toepaslik wou wees, was *Black skin, white masks* nadenkend en filosofies-histories. Die aggressie in die latere Fanon mag dus aanvanklik na ’n onbeskaafde oproep tot geweld lyk indien die leser onbewus daarvan is dat Fanon baie dieper oor revolusie en die omkeer van ’n staat gedink en geskryf het alvorens hy na die praktyk gekeer het. Juis daarom moet ’n studie van Fanon se intellektuele wortels eerstens na *Black skin, white masks* kyk en daaruit put.

Vanuit Hegel se denke put Fanon ten minste drie idees wat bepalend tot sy denke staan: Wese, herkenning, en die noodsaaklikheid van gewelddadige konfrontasie. Alhoewel hierdie gedagtes elders na vore kom, bied “The Negro and Hegel” ’n voldoende verklaring en samevatting sodat die fokus eksklusief daarop kan val. Fanon begin hierdie afdeling met ’n aanhaling uit Hegel se *Fenomenologie van die gees*: “Self-consciousness exists in itself and for itself, in that and by the fact that it exists for another self-consciousness; that is to say, it is only by being acknowledged or recognized”. Hier is dit alreeds duidelik waarheen hy op pad is met sy argument. Fanon voer aan dat die mens eers sy bestaan kan verwesenlik sodra hy volle erkenning van ’n ander mens ontvang, ’n interpretasie van Hegel wat Fanon dan na ras ekstrapoleer. Later in dieselfde afdeling haal Fanon Hegel ’n tweede keer aan:

It is solely by risking life that freedom is obtained; only thus is it tried and proved that the essential nature of self-consciousness is not bare existence, is not the merely immediate form in which at first makes its appearance, is not its mere absorption in the expanse of life.

Direk na afloop van hierdie aanhaling kom Fanon tot ’n kernagtige gevolgtrekking: “Thus human reality in-itself-for-itself can be achieved only through conflict and through the risk that conflict implies.” Fanon se toepassing van Hegel is op hierdie punt in ’n onomkeerbare eenrigtingstraat. As die mens slegs volkome mens kan wees wanneer volle erkenning deur ander verleen word, en wanneer daardie volle erkenning eers ná konflik bereik kan word, dan kan daar geen alternatief tot geweld wees nie. Hegel word dikwels as abstrak en moeilik leesbaar



beskryf, maar vir Fanon is Hegel se boodskap duidelik: Geweld is die enigste pad vorentoe vir die voorheen gekoloniseerde. Helaas is die aanslag nog nie verby nie. Wat sou Fanon dan maak van slawe wat bevry is, of gekoloniseerdes wat volle gelykheid voor die reg ontvang het? Hierdie opheffing is 'n opheffing van buite, nie van binne nie, wat beteken dat dit bloot neerkom op 'n verandering van lewensomstandighede, nie die wese nie.

Die uitwerking van Fanon se lees van Hegel sal later met betrekking tot Suid-Afrika in meer diepte bespreek word, maar die aanvanklike gevolgtrekking kan op hierdie punt gemaak word dat Fanon aan die hand van Hegel daarvan oortuig geraak het dat 'n vreedsame samekoms tussen voormalige setlaars en gekoloniseerdes nie moontlik is nie, en dat sulke ooreenkomste noodwendig onvolledig moet wees.

### **2.3 Bevryding aan die ander kant van Marx**

In die slotwoord van die eerste band van *Das Kapital* skryf Karl Marx: “Bei Hegel steht die Dialektik auf dem Kopf; ich habe sie wieder auf die Füße gestellt.” Dit kan direk vertaal word as “By Hegel staan die dialektiek op sy kop, ek het dit weer op die voete gesit.” Wat Marx probeer doen is duidelik: hy poog om Hegel se idee van 'n geskiedenis wat deur konflik-momente ontvou in praktyk om te skakel. Hy wil die daad by die woord voeg, as die daad revolusie is en die woord filosofie.

Marx se interpretasie van Hegel, en die toepassings wat hy uit Hegel se denke maak, is ongetwyfeld van groot belang vir Fanon se begrip van Hegel. Alhoewel Fanon in totaal slegs ses keer in sy twee boeke na Marx verwys, moet sy aanhalings eerder geweeg as getel word. In *The wretched of the earth* word Marx 'n ereplek in Fanon (1963:40) se ontleding gegee:

When you examine at close quarters the colonial context, it is evident that what parcels out the world is to begin with the fact of belonging to or not belonging to a given race, a given species. In the colonies the economic substructure is also a superstructure. The cause is the consequence; you are rich because you are white, you are white because you are rich. This is why Marxist analysis should always be slightly stretched every time we have to do with the colonial problem.

Everything up to and including the very nature of precapitalist society, so well explained by Marx, must here be thought out again. The serf is in essence different from the knight, but a reference to divine right is necessary to legitimize this statutory difference.

Alles begin dus vir Fanon by ras as die deurslaggewende faktor in die geskiedenis. Hoe die geskiedenis hom dan ook Hegeliaans mag ontvou, dit begin by jou ras, of soos Fanon dit selfs krasser stel, by jou spesie. Hy gaan verder en koppel welstand en voorspoed in 'n koloniale konteks direk aan ras. Laastens verklaar hy self dat hy hom nie by die tradisionele Marxisme hou nie, maar dit noodwendig moet “rek”. Marx se dialektiese posisionering van burger teenoor gepeupel of bourgeoisie teenoor proletariaat, is vir Fanon 'n goeie beginpunt, maar dit maak onvoldoende erns met die kwessie van ras, wat skerp in Fanon se denke aangebied word. In sy raamwerk is die primêre belang nie meer ekonomiese klasse, soos by Marx nie, maar eerder ras.



Teen hierdie agtergrond kan die fokus nou verskuif na die vraag hoe hierdie konseptuele raamwerk funksioneer wanneer dit toegepas word binne 'n konkrete historiese en grondwetlike konteks soos dié van Suid-Afrika, en watter spannings en implikasies daaruit voortvloei.

### 3. Die implikasies vir Suid-Afrika

Fanon se afhanklikheid van die Hegeliaanse dialektiek en die Marxistiese herinterpretasie daarvan maak duidelik dat sy beskouing van geskiedenis en sosiale verhoudinge nie toevallig of pragmaties is nie, maar diep veranker is in 'n bepaalde ontologiese en historiografiese raamwerk. Binne hierdie raamwerk word konflik nie as 'n afwyking of tydelike disfunksie beskou nie, maar as 'n noodsaaklike moment van menswording en historiese vooruitgang.

Fanon se meer radikale uitsprake oor geweld en onversoenbaarheid mag natuurlik nie los gesien word van die breër teoretiese struktuur waarbinne dit funksioneer nie. Sonder sodanige begronding sou sy gevolgtrekkings maklik gereduseer kon word tot retoriese oordrywing of konteksgebonde polemieë. Tog is Fanon ondubbelsinnig in hoe hy die pad vorentoe sien. Volgens hom, en dus ook volgens enige politieke party wat hul ideologie as "Fanonisties" beskryf, lyk die pad vorentoe so:

The naked truth of decolonization evokes for us the searing bullets and bloodstained knives which emanate from it. For if the last shall be first, this will only come to pass after a murderous and decisive struggle between the two protagonists. (Fanon 1963:39)

Dit moet noodwendig op hierdie punt gevra word of versoening nie tog moontlik is nie. Wat dan van die situasie in Suid-Afrika, waar wapens ter syde gestel is, en vrede om 'n tafel gesluit is, met 'n grondwet as gevolgtrekking daarvan? Vir Fanon (1963:39) is die antwoord duidelik:

The zone where the natives live is not complementary to the zone inhabited by the settlers. The two zones are opposed, but not in the service of a higher unity. Obedient to the rules of pure Aristotelian logic, they both follow the principle of reciprocal exclusivity. No conciliation is possible, for of the two terms, one is superfluous.

'n Fanonistiese beskouing sou versoening dus uitstel totdat die een deur die ander deur middel van geweld vervang is. Die pad wat sedert 1994 in Suid-Afrika gevolg is, het juis vanuit die aanname gewerk dat geweld nie 'n nodige stap in menswording is of hoef te wees nie. Die verwerping van 'n onderhandelde vrede in die naam van onvolledigheid sal noodwendig tot geweld lei in 'n land waar verskillende rasse nie net binne dieselfde grense woon nie, maar dikwels onder mekaar woon.

### 4. Die teenrevolusionêre antwoord

'n Kritiek op Fanon vanuit die teenrevolusionêre tradisie, soos hierdie artikel beoog, is natuurlik iets nuuts. Die voorste politieke teoloë in hierdie tradisie, veral die twee mees vooraanstaande opvolgers van Groen van Prinsterer (1801–1876), Herman Bavinck (1854 – 1921) en Abraham Kuyper (1837 – 1920), het egter deeglik omgegaan met die Marxisties-Hegeliaanse

filosofiese tradisie waarbinne Fanon homself later sou posisioneer. Dit is juis dan ook om hierdie rede dat die bronne vanuit hierdie tradisie so waardevol kan wees vir ons omgang met Fanonisme in Suid-Afrika vandag. Beide Bavinck en Kuyper se kritiek teen die liberalisme onderliggend aan Marxisme fokus op die beskouing dat gelykheid iets is wat deur die mens bewerkstellig word eerder as 'n ontologiese werklikheid wat erkenning verdien.

In 1913 het Bavinck 'n artikel oor die onderwerp van gelykheid gepubliseer. Hy skryf die feit dat die kwessie van gelykheid op die spits gedryf word toe aan die mensdom se deurlopende filosofiese worsteling met “het probleem der eenheid en veelheid” (Bavinck 1913:17). Bavinck noem hoe daar duidelike onderskeid en dikwels disharmonie tussen volke, klasse en groepe bestaan ten spyte van die eenheid van die mensdom. Hy wys dan verder uit hoe bepaalde filosofiese strominge poog om hierdie spanning tussen eenheid en veelheid op te los deur panteïstiese en monistiese uitgangspunte wat in wese die eenheid verabsoluteer as die enigste ware werklikheid, en die verskeidenheid afmaak as die blote produk van verbeelding. Hy noem Hegel se filosofie as 'n voorbeeld van so 'n stelsel, maar vir hom is Boeddhisme die mees konsekwente vergestaltung hiervan. Hierteenoor is daar ook stelsels wat die pluraliteit van die werklikheid en die mensdom verabsoluteer ten koste van eenheid, soos die Grieks-Romeinse politeïsme en die Manigeïsme (Bavinck 1913:18–19).

Bavinck (1913:20) wys dan uit hoe Jean-Jacques Rousseau hierdie worsteling met verskeidenheid, soos vergestalt in sosio-ekonomiese ongelykheid, op die spits gedryf het. Rousseau het ongelykheid as die produk van beskawing beskou en gevolglik 'n terugkeer bepleit na wat hy beskou het as die idee van 'n primitiewe natuurstaat van die mens waarin daar absolute gelykheid sou bestaan. Hy het gevolglik 'n terugkeer vanaf kultuur na 'n sogenaamde natuurstaat bepleit, wat hy self nie beweer het ooit histories bestaan het nie en wat bloot as 'n idee bestaan het (Bavinck 1913:25–26, 28). Interessant genoeg, spreek Bavinck waardering uit vir Rousseau se goeie bedoelings en beskou hom as iemand, wat te midde van die Verligting se verheerliking van wetenskaplike vooruitgang, nie die lyding van gewone mense uit die oog verloor het nie. Tog meen Bavinck dat alhoewel:

Rousseau zelf geen socialist en geen communist [is] geweest; ... de gedachten, door hem geuit over de ongelijkheid en haar oorsprong, over rijken en armen, over heeren en knechten, en vooral ook over de dienstbaarmaking der maatschappelijke en staatkundige instellingen van den kant der rijken en machtigen aan hun eigen belangen, zijn toch het materiaal geworden waaruit de socialistische en communistische stelsels na hem opgebouwd zijn.

Bavinck (1913:30) gee toe dat Rousseau 'n onderskeid tref tussen natuurlike en maatskaplike ongelykheid, maar beklemtoon dat hy tog ook die natuurlike ongelykheid aanval, omdat ook natuurlike ongelykhede tussen mense, soos verskille in liggaamlike vermoëns, dikwels die gevolg is van opvoeding en leefstyl.

Teen die einde van sy artikel stel hy Rousseau as Geneefse verteenwoordiger van die liberalisme teenoor Calvin as Geneefse verteenwoordiger van die Gereformeerde Christendom:

Calvijn zocht de oorzaak van alle ellende in de zonde, eene persoonlijke daad, bestaande in ongehoorzaamheid aan de goddelijke wet. Rousseau wierp alle schuld op de maatschappij en de beschaving, en werd tot tranen toe geroerd als hij dacht hoe goed hij was; nooit had er een mensch zoo goed en medelijdend als hij op aarde geleefd!

Calvijn verwagte niets van die natuur maar alles alleen van Gods genade in Christus; Rousseau had aan genade geen behoefte, en stelde alle heil in terugkeer tot die natuur. Calvijn in één woord wierp den mensch en alle scheepsel diep in het stof terneer voor de overweldigende majesteit Gods, Rousseau verhief den mensch ten troon, zichzelf in de eerste plaats, ten koste van Gods recht en heiligheid. (Bavinck 1913:32)

Wat betref die ongelikheid tussen mense, sien die Calvinisme dit in die soewereiniteit van God soos dit deur sy voorsienigheid beslag vind, terwyl die liberalisme dit as wesenlik mensgemaak beskou. Daarom voer Bavinck aan dat die onderskeid en verskeidenheid in die mensdom ten diepste nie in kultuur en opvoeding begrond is nie:

want de fundamentele verschillen gaan daaraan vooraf, en zijn reeds in de natuur gegeven; en ook de natuur is de oorzaak niet, want deze ontstond niet en bestaat niet door zichzelf, maar wordt van haar aanvang af en altijd door gedragen door het woord van Gods kracht. (Bavinck 1913:33)

Bavinck (1913:33) wys daarop dat waar die Calvinisme altyd daarna streef om die samelewing te hervorm met die doel om die sonde af te werp en toenemende belyning met die goddelike wil te bewerkstellig, Rousseau se revolusionêre gelykheidsidee die mens ewiglik ontevrede laat met sy lot en tot die omverwerping van die Godgegewe natuurlike orde lei, wat uiteindelik in die praktyk uitloop op anargie, chaos en selfs toenemende armoede.

Bavinck (1883:444–445) verwerp ook die Hegeliaanse geskiedenisbeskouing wat hierdie anargie en spanning as 'n deurlopende kenmerk van menslike interaksie voorhou, as 'n panteïstiese vergissing wat die natuur verkeerdelik “als het eeuwig in en uit en tot zichzelf zich bewegende leven” beskou en daarom geen erkenning gee aan die goddelike soewereiniteit of die idee van 'n Godgegewe orde as sodanig nie. Die geskiedenis word hivolgens as 'n ewige, geslote stelsel beskou wat tot in ewigheid meganisties herhaal sonder enige oorsprong of doel. Die uiteinde hiervan is dan ook 'n monistiese beskouing van die werklikheid waarvolgens, in die naam van gelykheid, “alle grenzen uitgewischt, en alle onderscheidingen opgeheven” word (Bavinck 1883:445).

Hierdie kritiek funksioneer by Bavinck nie bloot as 'n afwysing van 'n enkele filosofiese stelsel nie, maar as 'n prinsipiële waarskuwing teen enige geskiedenisbeskouing wat die werklikheid immanent sluit en sodoende die transendente oorsprong en normatiwiteit van orde ontken. Deur die historiese proses op Hegeliaanse wyse as selfgenoegsaam en selfbewegend te verstaan, word die moontlikheid van 'n Goddelik-begronde doel, sowel as van vaste onderskeidings binne die skeppingsorde, metodologies uitgeskakel. Dit baan die weg vir 'n gelykmakende begrip van die werklikheid waarin verskil nie meer as gegewe erken word nie, maar as 'n probleem wat by wyse van die gelykheidsidee opgehef kan word. Hierdie gelykheidsidee, gewortel in die liberalisme, ontbou dan in die kommunisme.

Abraham Kuyper (1891:7) wys daarop dat die haglike omstandighede van die armes een van die belangrikste redes is waarom Karl Marx se kommunistiese gelykheidsidee soveel aanklank gevind het gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu. Boonop beweer Kuyper dat die sosialiste hulself dikwels op Christus beroep omdat hulle Hom as die groot profeet van hul gelykheidsutopie beskou. Vir Kuyper (1891:23) lê die ironie egter daarin dat die toepassing van hierdie gelykheidsidee in die praktyk uitloop op die vestiging van:

een aristocratie van veel lager kaliber, t.w. de aristocratie van het geld, zich opmaakt, om *ons* de wet te stellen, *ons* den voet op den nek te zetten, en aldus nogmaals datzelfde kwaad te vernieuwen, dat eens met zoo ongelooflijke inspanning door de Voltaires en Rousseaus en de helden der Bastille bedwongen werd.

In hierdie opsig het Kuyper homself natuurlik beduidend by die konserwatiewe kontra-verligtingsnarratief geskaar, wat reeds in sy tyd vir ongeveer 'n eeu gewaarsku het dat tirannie en toenemende onderdrukking die logiese uiteinde van liberale drome sou wees. Reeds in 1791 het Edmund Burke op dieselfde ironie gewys in die toepassing van die verligtingsideaal van gelykheid:

But the rights ... though declared are certainly not enjoyed by the French ... The fact is, that notwithstanding the cry of liberty and equality, the most oppressive tyranny – the tyranny of a delegated Banditti – pervades every part of that distracted country. (Burke 1791:50)

Te midde van die spanning tussen die simplistiese ideaal en die kompleksiteit van die werklikheid wat daar in die liberalisme en Marxisme heers, is dit slegs by wyse van die onveranderlike beginsels van die Skrif, toegepas na gelang van die eise van elke unieke konteks, dat harmonie tussen die eenheid en verskeidenheid bewerk en herstel kan word (Bavinck 1913:43). Waar die kommunisme dus 'n bloot teoretiese en prakties onhaalbare gelykheidsideaal op papier bepleit wat in wese strydig is met die aard van die werklikheid, is dit eintlik in die Christelike beginsel van naasteliefde waar werklike bemoeienis met die praktiese, alledaagse uitdagings van die armes en verdruktes lê, d.w.s. by wyse van daardie “heiligh medelijden” wat volgens Kuyper (1891:45) volkome ontbreek in die kommunistiese model van gesentraliseerde staatsmag.

Kuyper het as Nederlandse eerste minister ook hierdie beginsel toegepas in sy beleid ten opsigte van die Nederlandse kolonies. Die Kuyper-kabinet het dit as hul plig as Christene beskou om enersyds die sosio-ekonomiese opheffing van die kolonies te bevorder, terwyl hulle terselfdertyd gehelp het om te verseker dat die plaaslike bevolkings toenemende politieke self-beskikking geniet. Selfs sy liberale teenstanders het Kuyper geloof vir hierdie progressiewe koloniale beleid. Kuyper het, juis vanuit 'n Calvinistiese waardering vir die eenheid en verskeidenheid van die mensdom, fel kritiek uitgespreek teen die imperialistiese aard van negentiende-eeuse Europese kolonialisme as in wese 'n skending van die beginsel van naasteliefde (Joustra 2019:163–164).

Hier sien ons dat die kernverskil tussen die Marxisties-Hegeliaanse sosiale leerstelling van Fanon en die neo-Calvinistiese samelewingsbeskouing in wese gewortel is in die begrip van die aard van menslike interaksie as sodanig. Volgens Kuyper en Bavinck is mense skepsels wat binne die konteks van 'n skeppingsruimte leef waarin die beginsel van naasteliefde oftewel die Goue Reël – dat 'n mens met ander moet omgaan soos jy graag sal wil hê hulle met jou moet omgaan (Matt. 7:12, Luk. 6:31) – heers. In teenstelling hiermee beskou Fanon die sameleving as onafwendbaar deur rassestryd gekenmerk. Soos Kuyper erken, bestaan realiteite soos groepsonderdrukking ook binne 'n koloniale konteks, maar hy sien nie die oplossing in geweld nie, maar eerder in die deurbreking van imperialistiese drange. Hierdie begeerte tot oorheersing word dus, volgens Bavinck en Kuyper, alleen deurbreek wanneer revolusionêre pogings om Godgegewe realiteite te omskep in menslike droombeelde kenmerkend van Fanonisme, ten sterkste verwerp word. Dit is immers juis hierdie droombeelde se drang daarna om Godgegewe werklikhede omver te werp en God self te onttroon, wat lei tot die soort geweld wat later so

duidelik in Fanonisme vergestalt word. Wanneer Kuyper (1891:9–10) oor die sosiale vraagstuk in die lig van die Marxisme skryf, beklemtoon hy ook hierdie aspek soos volg:

Ik [ga] uit van een tegenstelling, die duidelijk voor ons aller besef spreekt, ik bedoel de tegenstelling tusschen de *natuur* gelijk ze onafhankelijk van onzen wil bestaat, en onzen menschelijke *kunst* die op deze natuur inwerkt. Geheel het sociale vraagstuk wordt geboren uit het verband tusschen ons menschelijk leven en de stoffelijke wereld die ons omringt ... op elk gebied der natuur treedt menschelijke kunst op, niet om het leven der natuur te vernietigen, veelmin om er mechanisch een anderen opstal te plaatsen; maar wel om de kracht, die in de natuur schuilen bleef, er aan te ontlokken, of ook om de te wilde kracht, die van haar uitging, te regelen. Gods eigen ordinantie wil het alzoo.

Wat ons dus hier in die Calvinistiese sosiale leer vind is die idee dat die sosiale orde, as God-gegewe werklikheid, noodsaak dat die medemens ook as Godgegewe werklikheid en nie as droombeeld nie, geliefd word. Dit behels onder meer die erkenning van elkeen se Godgegewe talente sowel as tekortkominge. Hiervolgens is die strewe na gelykheid as 'n sosio-ekonomiese realiteit volkome misplaas, aangesien dit 'n ontwortelende effek het wat elkeen as abstraksie beskou, losgeskeur van tyd, plek, omgewing, familie en volk. Waar Fanon dus uitgaan van ras as allesbepalende faktor in 'n sosio-ekonomiese klassestryd wat die hele gang van die geskiedenis beheer, beskou Kuyper (1898:197) ras as bloot een van vele skeppingsrealiteite wat, saam met alle ander sodanige realiteite, onderwerp is aan Christus se soewereiniteit:

The determination of the existence of all things to be created, of what is to be a camilla or a buttercup, nightingale or crow, hart or swine, and, equally among men, the determination of our own persons, whether one is to be born as girl or boy, rich or poor, dull or clever, white or colored, or even as Abel or Cain, is the most tremendous predestination conceivable in heaven or on earth; and still we see it taking place before our eyes this very day, and we ourselves are subject to it in our entire personality; our entire existence, our very nature, our position in life being entirely dependent upon it. This all-embracing predestination, the Calvinist places, not in the hand of man, and still less in the hand of a blind natural force, but in the hand of almighty God, sovereign Creator and Possessor of heaven and earth.

Die uitgangspunt ten opsigte van verskille in stand, status en aanleg behoort dus volgens Kuyper nie te wees dat dit die produk van 'n rassestryd is nie, maar dat dit komplementêre realiteite is wat by wyse van die skeppingsdaad sowel as deur die goddelike voorsienigheid tot stand kom en saamwerk tot uitbouing van die aarde as ons gemeenskaplike tuiste. Hierdie uitgangspunt het Kuyper ook genoop om 'n oproep te doen op die Europese owerhede van die dag om krities selfondersoek te doen met betrekking tot die beoefening van kolonialisme en hul verhoudings met volke in ander wêrelddele. Kuyper beklemtoon daarom dat Europese moondhede altyd die regte van ander volke moet erken en veroordeel die koloniale uitbuiting van sy tyd as “een politiek, niet door het Kruis geïnspireerd, maar door Mammon ingegeven” (Kuyper 1897:2).

Fanon se Marxisties-Hegeliaanse raamwerk funksioneer daarteenoor nie bloot as 'n ekonomiese of strukturele teorie nie, maar as 'n antropologiese herdefiniëring van menswaardigheid, waarvolgens ontologiese erkenning eers deur rassekonflik tot stand kom. Hierdie kom dan ook in wese neer op 'n radikale inversie van die neo-Calvinistiese Goue-Reël-etiek. Wat Fanonisme veral skerp onderskei, is die epistemologiese raamwerk waarin ervaring (rassespanning, vernedering,



trauma) normatief bo openbaring en skeppingsorde verhef word en eintlik op revolusionêre wyse aangewend word in 'n voortdurende versetstryd teen alle gevestigde orde. Gevolglik word geweld nie as 'n tragiese afwyking van hierdie orde beskou nie, maar as die noodsaaklike weg tot selfverwesenliking. Soos Fanonisme, sien die neo-Calvinisme ook die geskiedenis as deurlopend gekenmerk deur stryd, maar, teenoor die Hegeliaanse ontvouing van die geskiedenis, as 'n stryd wat nie deur ewigdurende geweld en spanning gekenmerk word nie, maar een wat uitloop op die oorwinning van die Ryk van die Vredevoors oor die ryk van die bose (Kuyper 1911:501). Dit is dan ook juis vanuit hierdie raamwerk dat die teenrevolusionêre tradisie lyding en die noodsaak vir geregtigheid – ook wat betref sensitiewe koloniale kontekste – ernstig opneem, terwyl sodanige ervarings dan deurlopend in die lig van ontologies gevestigde skeppings- en openbaringsrealiteite verstaan word. Boonop het geen politieke stelsel so 'n duidelike filosofies begronde en sistematiese antwoord op die revolusiedenke ontwikkel soos die negentiende-eeuse Nederlandse teenrevolusionêre beweging nie. Dit op sigself beklemtoon die sosiopolitieke relevansie van die neo-Calvinisme as 'n voor die hand liggende teenvoeter tot Fanonisme se starre beklemtoning van rass spanning binne die Suid-Afrikaanse politieke landskap.

## 5. Slot

Die fundamentele breuklyn tussen Fanonisme en die teenrevolusionêre tradisie lê nie hoofsaaklik in beleid, ekonomiese modelle of historiese interpretasies nie, maar in hul radikaal teenoorstaande antropologiese interpretasies van wat menswees as sodanig behels. Vir die Fanonisme is menswaardigheid nie 'n gegewe nie, maar eerder iets wat eers deur stryd, erkenning en uiteindelik geweld in 'n magstryd teen onderdrukking verwerf moet word. Die mens word eers volkome mens wanneer hy, deur gewelddadige konflik, dit wat beskou word as sy regmatige plek afdwing teenoor en wegneem vanaf ander. Prakties sou dit beteken dat daar geen plek vir die nasate van die koloniserende kultuur, wat deur Fanon as indringerkultuur beskou word, gelaat word nie.

In die teenrevolusionêre tradisie, daarenteen, is menswaardigheid ontologies gefundeer: Elke mens dra van meet af aan 'n onvervreembare waardigheid as 'n skepsel van God. Hierdie waardigheid is onafhanklik van menslike handelinge en is geensins die produk van historiese oorwinning nie, maar eerder die gevolg van dit wat Godgegewe is, naamlik dat die mens as skepsel na die beeld van God geskape is en deur die goddelike voorsienigheid met 'n bepaalde doel op 'n bepaalde plek geplaas word. Dit is juis in terme van hierdie verskil waarin Fanonisme as vyand van vrede geopenbaar word, juis omdat dit nie poog om die mens teen geweld te beskerm nie, maar hom vanuit die staanspoor aan geweld wil onderwerp.

Hierin steek daar ook 'n inherente spanning en tweestryd binne die Fanonisme self. As geweld beskou word as 'n terapeutiese en suiwerende krag wat die kwale van die samelewing genees, dan vernietig dit terselfdertyd die grondslag van alle gemeenskaplikheid as sodanig. Geweld kan magstrukture dalk afbreek, maar dit is nie in staat om op sigself 'n volhoubare oplossing te bied nie. Fanon se eie logika is hier self-ondermynend: Indien menslike erkenning slegs deur geweld verkry kan word, dan is elke orde wat gevestig word voorlopig, elke vrede tydelik en elke samelewing bloot gereduseer tot 'n wagkamer vir die volgende konflik. Die teenrevolusionêre tradisie erken wel die werklikheid van sonde en onderdrukking, maar verwerp die idee dat geweld 'n legitieme skeppingskrag besit. Geweld is, in hierdie tradisie, hoogstens 'n tragiese noodmiddel wat binne die streng perke van wet en orde uitgeoefen word, nooit 'n



bron van morele genesing nie. Inteendeel, geweld is juis dikwels die gevolg van sondige en teenproduktiewe verset teen Godgegewe realiteite self.

Hierdie verskillende uitgangspunte ten opsigte van vooruitgang is dan ook grotendeels gewortel in verskille ten opsigte van historiografie. Die Hegeliaans-Marxistiese historiografie van Fanonisme beskou die geskiedenis as 'n mensgedrewe proses van oorwinning oor sistemiese ongelykheidsmomente. Die verlede word beskou as 'n ketting van opeenvolgende onderdrukkings wat deur ooreenkomstig opeenvolgende revolusionêre aksie deurbreek moet word, terwyl die onbekende toekoms aan die ander kant van hierdie vernietiging lê. Geskiedenis het geen vaste orde nie, geen gegewe grense nie en geen normatiewe struktuur buite menslike ervaring en stryd nie. Die teenrevolusionêre tradisie sien daarenteen die geskiedenis as die ontvouing van God se Raadsplan, waarin menslike handelinge werklik betekenisvol is, maar nooit absoluut nie. Hierdie geskiedenisbeskouing erken konflik en lyding, maar ontken dat chaos of geweld die finale woord het. Dit erken die oneindigheid van goddelike skeppingstrukture soos die gesin en volk, asook die eiendomsreg wat daarmee gepaard gaan en nie bloot toevallige produkte van mag is nie, maar skeppingsrealiteite wat beskerming en eerbied vereis. Om hierdie Godgegewe strukture op revolusionêre wyse af te breek in die naam van die droombeeld van 'n toekomstige utopie, kom neer op 'n rebellie teen die werklikheid self. Hierdie rebellie het dan ook juis daarom soveel negatiewe gevolge vir die samelewing dat dit geensins as 'n volhoubare resep vir vryheid beskou kan word nie.

Wanneer hierdie teenstellings op die huidige Suid-Afrikaanse politieke landskap toegepas word, is die onversoenbaarheid van Fanonisme met die grondwetlike regstaat onmiskenbaar. 'n Grondwetlike orde berus juis op die aanname dat alle burgers gelyk voor die reg is, dat politieke verskille deur regspraak en debat aangespreek word, en dat geweld deur die staat binne streng regsraamwerke gemonopoliseer en ingeperk word. Fanonisme ondermyn egter hierdie aanname deur geweld te verhef tot 'n legitieme politieke instrument van bevryding en as 'n ewige wapen teen sistemiese onderdrukking. Waar Fanonisme posvat, word die grondwet in wese gereduseer tot 'n tydelike struikelblok wat oorkom moet word. Binne Fanonisme se hiërargie van slagofferskap, word die reg as sodanig herinterpreteer as op sigself 'n vorm van arbitrêre magsuitoefening.

Fanonisme het ook enorme implikasies vir die moderne markeconomie, wat fundamenteel op vertroue, eiendomsreg, kontraktuele sekerheid en langtermynbeplanning berus. 'n Ideologie wat rassekonflik sentraal stel en geweld as 'n historiese korrektief beskou, vernietig hierdie voorwaardes. In plaas van kapitaalvorming en werkskepping, gee dit aanleiding tot kapitaalvlug, institusionele verval en toenemende armoede – ironies genoeg juis ten koste van dié wat Fanonisme beweer om te bevry.

Fanonisme se antropologie bots direk met die Christelike belydenis van die oorgrote meerderheid van Suid-Afrikaanse burgers dat elke mens na die beeld van God geskape is en dat naaste-liefde – ook die historiese vyand – 'n goddelike opdrag is. Waar Fanonisme bepaalde bevolkingsgroepe, op grond van hul afkoms, tot “setlaar” of “onderdrukker” reduceer, dring die Christelike etiek aan op bekering, versoening en geregtigheid sonder wraakgedrewe verontmensliking.

Hieruit volg die noodwendige gevolgtrekking dat die EFF en soortgelyke bewegings, in soverre hulle hulself uitdruklik op Fanonisme beroep, in wese onversoenbaar is met die sosiopolitieke werklikheid van 'n veelrassige Suid-Afrika. 'n Samelewing waarin verskillende rasse en

kulture permanent saamwoon, kan nie oorleef met hierdie ideologie wat versoening in beginsel uitstel tot iets wat slegs ná afloop van moord en vernietiging kan plaasvind nie. In hierdie opsig bied die teenrevolusionêre tradisie 'n radikaal ander uitgangspunt, begrond in respek vir God-gegewe etnokulturele differensiasie binne 'n gedeelde morele orde. Hierdie verskeidenheid is nie 'n probleem wat deur geweld opgelos moet word nie, maar 'n werklikheid wat verreken en georden moet word.

Die Fanonistiese weg belowe genesing deur geweld, maar lewer eindelose konflik. Die teen-revolusionêre weg erken lyding, maar soek hervorming binne die raamwerk van orde, reg en die beginsel van die Goue Reël as die grondslag van naasteliefde. Vir 'n land soos Suid-Afrika met sy brose sosiale weefsel en sy huidige nasionale en geopolitieke krisis, is hierdie nie bloot 'n akademiese keuse nie, maar 'n eksistensiële een. Fanonisme mag morele woede mobiliseer, maar dit kan nie 'n volhoubare sosiopolitieke orde daarstel nie. Fanonisme is nie bloot 'n verkeerde teorie nie, maar inderdaad 'n vyand van vrede. Hierdie vyandigheid manifesteer gevolglik op antropologiese, juridiese en ekonomiese terrein as iets wat tegelykertyd menswaardigheid, regsekerheid en die materiële voorwaardes vir volhoubare gemeenskapsvorming ondermyn. Die teenrevolusionêre of neo-Calvinistiese tradisie bied, as teopolitieke raamwerk, daarenteen 'n volhoubare alternatief wat binne die konteks van 'n grondwetlike orde menswaardigheid beskerm sonder om die onmisbare voorwaardes vir vrede op te offer.

## Bibliografie

Bavinck, H. 1883. De hedendaagsche wereldbeschouwing. *De Vrije Kerk*, 9:10 (Oktober 1883): 435–61.

—. 1913. Over de ongelijkheid. *Stemmen des Tijds*, 2(1913):17–43.

Biko, S.B. 1987. *I write what I like*. In Stubbs (red.) 1987.

Buijs, G.J. en S. Polinder (reds.). 2019. *Christian faith, philosophy & international relations: The lamb and the wolf*. Leiden: Brill.

Burke, E. 1791. *An appeal from the new to the old Whigs*. Londen: Dodsley.

Dayan-Herzbrun, S. 2015. Foreword. In Gordon 2015.

Economic Freedom Fighters (EFF). 2013. *Founding manifesto*. Johannesburg: EFF. <https://effonline.org/wp-content/uploads/2024/01/Founding-Manifesto.pdf>.

—. 2014. *Frequently asked questions*. Johannesburg: EFF. <https://effonline.org/wp-content/uploads/2024/01/FAQ.pdf>.

Fanon, F. 1963. *The wretched of the earth*. Uit Frans vertaal deur C. Farrington. New York: Grove Press.

—. 1967. *Black skin, white masks*. Uit Frans vertaal deur C.L. Markmann. New York: Grove Press.

- Gibson, N.C. 2003. *Fanon: The postcolonial imagination*. Cambridge: Polity Press.
- . 2021. *Fanon today: Reason and revolt of the wretched of the earth*. Daraja Press.
- Gordon, L.R. 2015. *What Fanon said: A philosophical introduction to his life and thought*. New York: Fordham University Press.
- Groen van Prinsterer, G. 1847. *Ongeloof en revolutie*. Hersiene uitgawe, 2008. Barneveld: Nederlands Dagblad.
- Hegel, G.W.F. 1977 [1807]. *Phenomenology of spirit*. Vertaal deur A.V. Miller. Oxford: Oxford University Press.
- Hilton, B.T. 2011. Frantz Fanon and colonialism: A psychology of oppression. *Journal of Scientific Psychology*, 12(1):45–59.
- Joustra, R. 2019. Abraham Kuyper among the nations. In Buijs en Polinder (reds.) 2019.
- Kuyper, A. 1891. *Het sociale vraagstuk en de Christelijke religie*. Amsterdam: Wormser.
- . 1897. *De Standaard*, 19:2. Amsterdam.
- . 1898. *Lectures on Calvinism*. Hersiene uitgawe, 2007. New York: Cosimo.
- . 1911. *Pro rege of het koningschap van Christus, eerste deel*. Kampen: Kok.
- Mamdani, M. 2020. *When victims become killers: Colonialism, nativism, and genocide in Rwanda*. Princeton: Princeton University Press.
- Marx, K. 1867. *Das Kapital: Kritik der politischen Ökonomie*. Volume I. Hamburg: Otto Meissner.
- Stubbs, A. (red.). 1987. *Steve Biko: I write what I like – A selection of his writings*. Londen: Heinemann.

# Heinrich Bullinger se kommentaar op die Brief aan Filemon

D. Francois Tolmie

---

D. Francois Tolmie, Navorsingsgenoot, Departement Ou en Nuwe Testament,  
Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van die Vrystaat

---

## *Opsomming*

Die kommentaar wat Heinrich Bullinger in 1536 op die Brief aan Filemon gepubliseer het, het feitlik nog geen aandag van navorsers ontvang nie, moontlik omdat Bullinger dikwels as 'n mindere figuur beskou word wanneer hy met Martin Luther en Johannes Calvyn vergelyk word. Verder is Bullinger se kommentaar, anders as dié van Luther en Calvyn, ook nog in geen ander taal vertaal nie en slegs in Latyn beskikbaar. Hierdie bydrae probeer die leemte in die navorsing oor hierdie kommentaar vul. Die kommentaar word in Afrikaans vertaal en deeglik ondersoek. Na 'n kort lewenskets van Bullinger en 'n oorsig van die manier waarop hy die uitleg van die Bybel benader het, word die volgende sake bespreek: die opbou van die kommentaar, die bronne wat hy gebruik het, sy siening van die ontstaansituasie van die brief en sy benadering tot die retoriek en teologie van die brief. Die ondersoek lei tot twee gevolgtrekkings: 1. Bullinger was die eerste uitlegger wat Paulus se retoriese strategie in Filemon met behulp van insigte uit die klassieke retoriek beskryf het, iets wat hy egter nie op 'n geforseerde manier doen nie; 2. Hy het heelwat moeite gedoen om die teologie van die brief vir sy eie tyd toe te eien, soms polemies teen wat hy as afwykende sieninge beskou het, maar meestal pastoraal vir die geloofslewe van sy lesers. In die slot word enkele leemtes in Bullinger se benadering uitgelig.

**Trefwoorde:** Heinrich Bullinger; Brief aan Filemon; Nuwe Testament; Pauliniese briewe; retoriek; Skrifuitleg; teologie; toe-eiening van tekste

## Abstract

### Heinrich Bullinger's commentary on the Letter to Philemon

This article provides an in-depth analysis of Heinrich Bullinger's commentary on the Letter to Philemon, published in 1536, highlighting its pivotal role in the history of Biblical interpretation and its innovative application of classical rhetoric. Bullinger, who succeeded Huldrych Zwingli as the leader of the Zurich church in 1531, was a prolific and influential figure in the Reformation, authoring more works than Luther and Calvin combined. His life was marked by a humanist education at the Latin school in Emmerich and a formative period at the University of Cologne, where a spiritual crisis led him to accept the authority of Scripture and the Church Fathers over traditional scholasticism. By 1522, he had abandoned plans to join the Carthusians, having been convinced by Luther's views on grace and justification. Throughout his forty-year leadership in Zurich, he established himself as a master of "covenant theology", viewing the Reformed faith as a continuation of the eternal covenant between God and humanity.

The core of this study focuses on Bullinger's 1536 commentary on the Letter to Philemon, which was the first of its kind to systematically apply classical rhetorical categories to the letter. Bullinger identified the letter's genre as "deliberative", a category used in classical rhetoric for speeches aimed at persuading an audience toward a specific future action. Bullinger's approach to the rhetoric of the letter was innovative for its era; contemporary commentators like Martin Luther, John Calvin, and Johannes Brenz did not utilise such rhetorical frameworks. Bullinger's analysis was heavily influenced by the work of Philipp Melanchthon, although he adapted Melanchthon's methods rather than adopting them uncritically.

Bullinger's exegetical method was founded on three primary pillars: a heavy reliance on humanist linguistic skills (strongly influenced by Desiderius Erasmus), the use of *loci* (thematic main points) to structure Biblical information, and the principle of *sola scriptura*, specifically the idea that Scripture is its own best interpreter. In his commentary, Bullinger commented on the Latin translation of the New Testament provided by Erasmus rather than the Vulgate. He drew extensively from Erasmus's *Annotiones* and *Paraphrasis* for historical background and linguistic nuances, such as identifying the etymology of the name Onesimus as meaning "useful". He also relied on the authority of Jerome to support his views on the Colossian identity of Philemon and Archippus and to interpret the term "entrails" as a reference to deep, heartfelt emotion.

The article details Bullinger's rhetorical division of the letter into eight distinct parts:

1. *Inscriptio* (vv. 1–3): The formal greeting, which Bullinger uses to argue that Philemon was likely a bishop or preacher rather than a layman.
2. *Exordium* (vv. 4–6): The introduction designed to gain goodwill, where Paul utilises arguments based on his own character (*persona*) and praises Philemon's faith.
3. Replacement of the *narratio* (v. 7): Bullinger notes that instead of a formal statement of facts, Paul weaves in his personal joy regarding Philemon's love for the saints to further motivate him.
4. *Propositio* (vv. 8–12a): The main theme. In this part, Bullinger highlights Paul's gradual and tactful approach to his request.

5. *Confirmatio* (vv. 12b–14): The presentation of proofs, where Paul praises Onesimus as his “own entrails” and explains that he would not keep the slave without Philemon’s consent.
6. *Confutatio* (vv. 15–17): A brief refutation of possible objections, such as the fact that Onesimus was a runaway, a notion which Paul “tempers” by suggesting that God’s hidden plan led to a temporary departure for an eternal gain.
7. *Second refutation* (vv. 18–19): Addressing the issue of theft, Paul acts as a guarantor for Onesimus’s debt, providing what Bullinger calls a *chirographum* (written financial guarantee).
8. *Epilogus* (vv. 20–21): An emotional conclusion intended to evoke pity and compliance, where Paul expresses total confidence in Philemon’s obedience.

Bullinger’s commentary was the first work in which Melancthon’s approach to Biblical rhetoric – albeit in a somewhat modified form – found expression. He was therefore also the first interpreter in the history of the interpretation of the letter to describe Paul’s rhetorical strategy thoroughly on the basis of insights drawn from classical rhetoric. This, however, was more than a merely formal exercise. Contrary to the practice that prevailed for many centuries, he did not focus only on the rhetoric of individual sentences or smaller phrases in the letter, but also demonstrated how it unfolds step by step through the way in which he structured Paul’s argument. Theologically, Bullinger used the commentary to bridge the gap between *doctrina* (teaching) and *vita* (life), viewing the letter as a “treasure of learning and piety”. He extracted four fundamental “hinges” of the Christian life from the text: persistent prayer, firm faith, love for the saints, and growth in good works. He also applied the text polemically against contemporary groups. He attacked the Anabaptists, arguing that Paul’s respect for Philemon’s legal ownership of a slave refuted Anabaptist views against property rights. He also used the letter to criticise Roman Catholic monasticism, comparing the “detestable kidnapping” of children into monasteries against their parents’ will to Paul’s refusal to keep another man’s servant without permission.

Despite these strengths, the article also offers a critical evaluation of Bullinger’s work, noting some weaknesses. A primary critique is that Bullinger’s rigid adherence to rhetorical structure caused him to lose focus of the letter’s central theme: reconciliation. While Bullinger correctly identified reconciliation as the letter’s purpose in the introduction to the commentary, he failed to discuss this issue thoroughly in his commentary, shifting instead to general examples of love and forgiveness. Furthermore, because he classified Paul’s request to Philemon to “receive” Onesimus (vv. 12, 15, and 17) as part of the *propositio* and the *confutatio* of the letter, its importance does not receive enough attention. It is also pointed out that Bullinger’s application of rhetorical categories was occasionally “forced”, such as his classification of Paul’s prayers as a *persona* (“character”) type of argument. Additionally, Bullinger missed the theological significance of Paul’s phrase “in the Lord” as the ultimate grounding for the transformed relationship between master and slave.

In terms of historical impact, the article concludes that Bullinger’s commentary had virtually no influence on subsequent generations of interpreters. Even though John Calvin respected Bullinger, his own commentary on Philemon shows no evidence of utilising Bullinger’s insights. The article suggests the lack of influence of this commentary on later interpreters is due to a historical focus on “major” figures like Luther and Calvin, which led to the marginalisation of Bullinger’s innovative contributions. Nonetheless, the study affirms that Bullinger’s work remains an important development in the history of interpretation of the letter for being the first to attempt a systematic rhetorical analysis of it based on insights from classical rhetoric.



**Keywords:** appropriation of texts; Heinrich Bullinger; exegesis; New Testament; Pauline letters; Letter to Philemon; rhetoric; theology

## 1. Inleiding

In hierdie bydrae val die soeklig op die kommentaar wat Heinrich Bullinger in 1536 op Paulus se brief aan Filemon gepubliseer het. Die belangrikste rede hiervoor is die feit dat hierdie kommentaar 'n belangrike ontwikkeling in die uitleggeskiedenis van die Brief aan Filemon verteenwoordig, spesifiek wat die verstaan van die retoriek van die brief betref. Hierdie saak het nog geen aandag onder Filemonkeners gekry nie. Verder kan 'n mens ook in Bullinger se kommentaar ander kenmerkende eienskappe sien van die manier waarop hy Paulus se briewe benader het. Al hierdie sake sal in die artikel aandag kry.

## 2. 'n Kort lewenskets

Heinrich Bullinger was 'n belangrike figuur in die Hervorming en het, ná die dood van Huldrych Zwingli, vir meer as 40 jaar as die leier van die kerk in Zürich gedien. Terwyl eersteslag-hervormers soos Martin Luther en Zwingli as pioniers opgetree het, het Bullinger grootliks gehelp om die Hervorming te vestig, veral deur die manier waarop hy sy insigte in die evangelie en die gereformeerde tradisie verwoord het (Shepherd 2005:28). Sy groot literêre uitset en die uitgebreide netwerk wat hy deur korrespondensie geskep het, het hom een van die mees invloedryke Protestantse teoloë van die sestiende eeu gemaak (Gordon 2002:170–1).

Bullinger is op 18 Julie 1504 in Bremgarten gebore. Hy was die vyfde en jongste seun van Heinrich Bullinger (senior), 'n priester. Priesters is nie toegelaat om te trou nie, maar die gesin het as 'n gerespekteerde huisgesin saamgewoon. Voordat Bullinger vier jaar oud was, is hy na die Latynse skool in Emmerich gestuur, waar hy blootgestel is aan die *Devotio Moderna*, 'n beweging wat klem geplaas het op vroomheid en die praktiese uitlewing van die Christelike lewe. Sy vroeë humanistiese opvoeding en blootstelling aan Patristiese literatuur het die fondament vir sy latere vakkundige loopbaan gelê (Stephens 2019:19–20).

In 1519 het Bullinger ingeskryf by die Universiteit van Keulen, 'n bastion van die tradisionele skolastiek. Sy tyd daar is gekenmerk deur 'n intense intellektuele en geestelike krisis aangesien hy probeer vasstel het wie van Luther of die Pous gelyk gehad het. Hy het onder andere die *Sentences* van Peter Lombard en die *Dekretale* van Gratianus bestudeer en gevind dat hulle swaar op die Kerkvaders steun. Gevolglik het hy ook self die Kerkvaders bestudeer, spesifiek Chrysostomus, Origenes, Ambrosiaster en Augustinus. Deur sy leeswerk het hy ontdek dat die Kerkvaders die Skrif as die finale gesag beskou het. Hy het ook tot die oortuiging gekom dat Luther se beskouings oor genade en regverdiging nader aan die apostoliese tradisie was. Teen 1522 het Bullinger sy planne om 'n monnik te word, laat vaar en die Rooms-Katolieke Kerk vir alle praktiese doeleindes verlaat (Stephens 2019:20–2).

In 1523 het hy 'n pos as onderwyser by die Sistersiënser-klooster in Kappel aanvaar op voorwaarde dat hy vrygestel word van alle monastieke pligte en die mis. Vir die onderrig van die Nuwe Testament het hy veral gebruik gemaak van Origenes, Ambrosiaster, Theofilaktus,

Melanchthon en Erasmus. In dié tyd het Bullinger ook vir Zwingli, die leier van die Switserse Hervorming, ontmoet en sy “teologiese vakleerling” geword, hoewel hy nogtans sy eie teologiese nuanses onafhanklik ontwikkel het. In 1529 is hy getroud met Anna Adlischwyler, ’n voormalige non; hulle sou uiteindelik 11 kinders hê en hulle huis was wyd bekend vir gasvryheid (Stephens 2019:22–5, Shepherd 2005:28–9).

Nadat Bullinger as predikant in sy tuisdorp Bremgarten gedien het (1529–31), is sy lewe omvergewerp deur die Tweede Kappel-oorlog in 1531 toe Zwingli op die slagveld dood is. Bullinger en sy gesin is in ballingskap gedwing. Ondanks sy jeugdige ouderdom – hy was slegs 27 – is hy gekies om Zwingli op te volg as die antistes (hoofpredikant) van Zürich. Hy het die amp aanvaar tydens ’n katastrofiese ineenstorting van die kerk daar. Die politieke leiers wou die kerk stewig onder hulle beheer plaas en het geëis dat predikers hulle nie oor wêreldse aangeleenthede mag uitspreek nie. Bullinger het egter die brose verhouding met hulle met groot takt hanteer. Hoewel hy ingestem het om agter geslote deure te werk om konflikte op te los, het hy geweier om die onderwerping van God se Woord aan ander belange te aanvaar. Hy het daarop aangedring dat predikers ’n profetiese taak gehad het om sonde te bestraf, oral in die samelewing. Onder sy leiding het die kerk in Zürich die moeilike situasie oorleef en uiteindelik ’n belangrike sentrum vir die internasionale Protestantisme geword (Gordon 2002:170–2).

Bullinger se teologie kan beskryf word as verbondsteologie – die oortuiging dat God vanaf die aanvang van die tyd ’n ewige verbond met die mensdom gesluit het. Historiese kontinuïteit was dus vir hom baie belangrik. Onder andere het hy die gereformeerde kerke gesien as die herstel en voortsetting van die geloof van die aartsvaders en die apostels (Stephens 2019:103–203). Sy belangrikste werke was die *Decades* (’n reeks preke wat die Christelike leer volledig gedek het en ’n basisdokument vir die gereformeerde godsdiens geword het), die *Consensus Tigurinus* (wat die Geneefse en Zürichse beskouinge van die Nagmaal geïntegreer het) en die Tweede Helvetiese Belydenis wat deur verskeie gereformeerde kerke aanvaar is (Opitz 2012:592–3, Gordon 2002:172–3).

Bullinger is op 17 September 1575 oorlede (Opitz 2012:592). By sy dood het sy argief ongeveer 12 000 tot 15 000 briewe bevat, ’n aanduiding van die buitengewone invloed wat hy gehad het (Shepherd 2005:30). Hoewel die baanbrekende oorspronklikheid van Luther en die sistematiese noukeurigheid van Calvyn by hom ontbreek het, het sy bestendige leierskap en oordeelkundige stilswye gehelp om die oorlewing en uitbreiding van die gereformeerde tradisie te verseker (Gordon 2002:173–81).

Bullinger het homself in die eerste plek beskou as ’n prediker en herder wie se taak dit was om die Woord van God in die gemeenskap in te dra en mense te lei in die uitlewing van die Christelike lewe (Gordon 2002:170). Nietemin het hy ’n groot aantal werke geskryf, selfs meer as dié van Luther en Calvyn saam (Shepherd 2005:28). Hy het kommentare op feitlik elke boek van die Bybel gepubliseer. In die geval van die Nuwe Testament het hy kommentare geskryf op al die geskrifte, behalwe Openbaring (waaroor hy wel in 1557 ’n honderd preke gelewer het; Opitz 2012:153). Hy het van 1525 tot 1526 in Kappel oor die Pauliniese briewe gedoseer en in 1531, nadat hy Zwingli se opvolger geword het, het hy oor die Pauliniese briewe gepreek. Op hierdie stadium het hy ook begin om sy lesings as geskrewe kommentare te publiseer (Opitz 2009:243). Sy kommentaar op Romeine het eerste verskyn (1533). Die laaste deel oor die Pauliniese briewe het in 1536 verskyn. Dit het bestaan uit kommentare op 1 en 2 Tessalonisense, die Pastorale Briewe en Filemon (Baschera en Moser 2015:265–71).

### 3. Bullinger se benadering tot die uitleg van die Bybel

Bullinger was die eerste Protestantse teoloog wat kommentare op al die Nuwe-Testamentiese briewe gepubliseer het en, soos bo vermeld, was die ooreenstemming tussen die gereformeerde leer en die apostoliese tradisie vir hom belangrik. Die gereformeerde leer was egter vir hom nooit abstrakte spekulاسie nie, maar 'n allesomvattende manier van lewe wat beteken het dat leer (*doctrina*) en lewe (*vita*) geïntegreer is. Geloof was vir hom 'n omvormende krag wat deur die Heilige Gees gebruik is om goddelike verandering in gelowiges te bewerkstellig. Christus was nie net 'n leermeester vir die lewe en 'n morele voorbeeld nie, maar ook die bron van alle wysheid. Die Skrif was die volmaakte riglyn vir die waarheid, maar om dit reg te verstaan, was 'n gereinigde hart en voortdurende soeke na goddelike verligting nodig. Hoewel hy sterk deur die Humanistiese beskouinge van Erasmus beïnvloed is, het hy dit aangepas sodat hy die gereformeerde klem op die eenheid van God se genadeverbond in beide die Ou en die Nuwe Testament kon bevorder (Baschera 2023:55–108).

In Bullinger se uitleg van Paulus se briewe kan 'n mens die drie belangrikste aspekte in sy eksegetiese benadering duidelik sien:

Eerstens is dit duidelik tot watter groot mate hy deur Desiderius Erasmus beïnvloed is, want volgens Bullinger moes uitleggers ook in die lees van die Bybel die reëls volg wat vir die verstaan van die klassieke literatuur geld. Taalvaardighede was dus vir hom van groot belang. Hierbenewens moes uitleggers tekste altyd verbind met die sentrale skopus van die Skrif, naamlik die verbondsteologie. Hy het ook groot klem geplaas op twee grondbeginsels, naamlik dat uitleggers deeglik moes ondersoek instel na die konteks van die teks en dat hulle grondige kennis van die retoriek moes hê (Vollenweider 2017:4). Vir die verstaan van die retoriek van tekste het hy gesteun op die werk van Philipp Melanchthon wat 'n omvattende Bybelse retoriek opgestel het waarin hy grootliks van klassieke retoriek gebruik gemaak het (kyk Classen 2000:99–177 vir 'n goeie oorsig van Melanchthon se retoriese benadering tot Bybelse en nie-Bybelse tekste). Bullinger het egter nie Melanchthon se benadering klakkeloos oorgeneem nie, maar dit aangepas. Hy het die retoriese instrumentarium byvoorbeeld versigtiger as Melanchthon gebruik en ook in sommige gevalle die *genus* (die retoriese aard) van Nuwe-Testamentiese geskrifte op 'n ander manier as Melanchthon beskryf (Vollenweider 2017:10, 19).<sup>1</sup>

Tweedens het hy groot klem op *loci* (temas of hoofpunte) geplaas as 'n manier om die inligting wat uit die uitleg van die teks verkry is, te struktureer en saam te vat. Hierdie benadering is op die werk van Erasmus gebaseer. Bullinger het dit ook reggekry om *loci* op 'n behendige wyse met mekaar in verband te bring en op dié manier die Bybel op 'n baie vrugbare manier uit te lê (Vollenweider 2017:5).

Derdens het hy altyd vasgehou aan die gereformeerde grondoortuiging van *sola scriptura* (slegs die Skrif). Toegepas op die skryf van kommentare op Bybelboeke het dit vir hom beteken: *scriptura sui ipsius esse commentarium* ("die Skrif is sy eie kommentaar"). Dit was egter nie 'n maklike taak nie; uitleggers moes die Skrif met groot sorg en noukeurige oordeelsvermoë lees en hulle onophoudelik daarmee besig hou omdat menslike uitleg baie maklik op 'n dwaalspoor kon beland (Vollenweider 2017:5).

## 4. Bullinger se kommentaar op Filemon

### 4.1 Afrikaanse vertaling van die kommentaar

'n Kritiese uitgawe van hierdie kommentaar is beskikbaar in Baschera en Moser (2015:265–71). Aangesien daar tot dusver nog nie 'n vertaling van hierdie kommentaar in enige taal verskyn het nie, het ek dit in Afrikaans vertaal. In die vertaling hieronder probeer ek so na as moontlik aan die Latynse teks bly, maar op so 'n manier dat dit tog ook redelik leesbaar en verstaanbaar is. Aanpassings is tot die minimum beperk. Alternatiewe vertalings word in gewone hakies aangedui. Gewone hakies word ook gebruik vir die aanduiding van bladsynommers in die kritiese teks. Verder word vierkantige hakies gebruik vir byvoegings wat nie in die teks voorkom nie.

#### 4.1.1 Argumentum<sup>2</sup> (situering) van die Brief aan Filemon (265)

Filemon het 'n slaaf gehad, Onesimus, wat nadat hy sy eienaar se besittings gesteel het, na Rome gevlug het. Daar het hy die godsdiens van Christus<sup>3</sup> aangeneem nadat hy Paulus gehoor het. Onesimus het hom in die gevangenis gedien, en dit met soveel opregtheid dat die apostel dit oorweeg het om hom met sy eienaar te versoen. Daarom het hy hierdie brief geskryf en op 'n merkwaardige manier druk op Filemon uitgeoefen om sy weggeloopte slaaf<sup>4</sup> terug te neem.

Die brief is geskryf in die deliberatiewe genre<sup>5</sup> en met soveel vaardigheid en ook met soveel geleerde beknoptheid dat dit vir my lyk asof daar deesdae niks in al die oefeninge en toesprake van redenaars bestaan wat met hierdie brief van Paulus vergelyk kan word nie.

Verder word daar vir ons in hierdie brief 'n merkwaardige voorbeeld van liefde voorgehou, aangesien so 'n belangrike persoon die saak van iemand wat 'n dief is met soveel ywer op homself neem. Ons word hierdeur geleer dat vergifnis nie aan dié wat geval het, geweier mag word nie, mits hulle tot inkeer kom. Kortom, elkeen wat hierdie kort skrywe van Paulus noukeurig ondersoek, sal dit nie bloot 'n brief noem nie, maar 'n skat van sowel geleerdheid as vroomheid.

<sup>1</sup>Van Paulus, 'n gevangene van Christus Jesus, en Timoteus, die broer, aan Filemon, die geliefde en ons kollega,<sup>6</sup> <sup>2</sup>en aan Apfia, die geliefde, en aan Argippus, ons medestryder, en aan die gemeente<sup>7</sup> in jou huis: <sup>3</sup>Genade vir julle en vrede van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

Die *inscriptio*<sup>8</sup> (aanhef) is wel aan meer as een persoon gerig, maar die hele brief<sup>9</sup> word uiteindelik aan Filemon alleen gerig. Die heilige Ambrosius<sup>10</sup> dink dat hierdie Filemon iemand uit die gewone mense was, sonder enige amptelike kerklike gesag. Dit blyk egter dat Filemon óf 'n biskop van die Kolossensers óf 'n prediker van die evangelie was, veral aangesien Paulus nie aan hom as 'n broer nie, maar as 'n *συνεργός*, dit wil sê 'n medewerker, skryf, naamlik 'n medewerker in die verkondiging van die waarheid van die evangelie. Na my mening lei die heilige Hieronimus<sup>11</sup> egter tereg af dat sowel Argippus as Filemon Kolossensers was (266). Gevolgtrekkings hieroor wat nie verag mag word nie, word immers gemaak op grond van die vierde hoofstuk van Kolossense. Wat Onesimus betref, is daar geen twyfel dat hy 'n Kolossenser was nie. Al dink Theodoretus in die Griekse skolia dat hy 'n Frigiër was,<sup>12</sup> sê die apostel nietemin self aan die Kolossensers: “Ek het Tigikus saam met Onesimus gestuur, 'n getroue en geliefde broer, wat van julle af kom.”<sup>13</sup> Verder meen ek dat Apfia Filemon se vrou was – 'n siening wat ook deur Erasmus<sup>14</sup> gehuldig word. Verder noem Paulus Argippus

'n medestryder omdat hy saam met hom in diens<sup>15</sup> van die evangelie staan. Na hierdie stryd het hy ook in 1 Timoteus 1<sup>16</sup> verwys. En wanneer hy die huisgesin van 'n biskop 'n gemeente<sup>17</sup> noem, leer hy hoe groot die vroomheid en godsdiens daarin was, en hoe ons eie huise behoort te wees. Aangesien dit hieruit duidelik is dat die apostoliese biskoppe en predikers van die evangelie gesinne gehad het, naamlik vroue, kinders en slawe,<sup>18</sup> volg dit dat die mense wat bedienaars van die evangelie opdrag gee om arm te wees<sup>19</sup> en nie eens 'n klein bietjie te mag besit nie, afwyk van dit wat waar en reg is.

<sup>4</sup>Ek dank my God altyd wanneer ek in my gebede aan jou dink <sup>5</sup>wanneer ek hoor van jou liefde en die geloof wat jy teenoor die Here Jesus het en teenoor al die heiliges, <sup>6</sup>sodat die gemeenskap van jou geloof kragtig mag word deur die kennis van elke goeie ding wat in julle in Christus Jesus is.

Hy skep 'n *exordium*<sup>20</sup> (inleiding) om welwillendheid te verkry; dit is gedeeltelik gebaseer op sy eie *persona* (karakter) en gedeeltelik op die aanbeveling van Filemon. Dit word op Paulus se *persona* gebaseer wanneer hy onthou met watter groot sorg hy bid dat die geloof wat Filemon met die ander gelowiges deel, "kragtig mag word", dit wil sê sy krag sal uitoefen; "sodat elke goeie werk in julle gevind mag word", sê hy, dit wil sê in jou en in jou huishouding; nie op grond van ons eie verdienste nie, maar op grond van Christus se genade, want alle goeie dinge in ons moet aan goddelike goedheid toegeskryf word. Wat die aanbeveling van Filemon betref: Dit gaan daaroor dat sy geloof en liefde deur ander gelowiges bekendgemaak is. Geloof, sê ek, in die Here Jesus en liefde teenoor al die heiliges (267). Hierdie gelowiges word immers deur onderlinge meelewing aan mekaar verbind.<sup>21</sup> Verder word daar in hierdie gedeelte van Paulus vier geensins geringe maar fundamentele *capita* (kernaspekte) van ons godsdiens saamgevoeg: volgehoue gebed, nie enige soort geloof nie, maar vaste geloof in God, ook liefde teenoor al die heiliges en die effek van geloof of die groei daarvan in elke goeie werk. Hierop, soos op skarniere, draai die hele Christelike lewe.<sup>22</sup>

<sup>7</sup>Want ons het baie vreugde en vertroosting in jou liefde omdat die ingewande<sup>23</sup> van die heiliges deur jou verkwik is, broer.

In plaas van 'n *narratio*<sup>24</sup> (weergawe van die gebeure) het hy nou op grond van die voorafgaande bygevoeg<sup>25</sup> hoeveel vreugde hy daaruit geput het dat Filemon met opregte liefde na die behoeftes van die gelowiges omgesien het en sulke uitstekende bewyse van sy liefde gelewer het, want van hier af beweeg Paulus op die mees gepaste manier na sy doel. Asof hy sou sê: "Aangesien jy aan almal sulke groot liefdesdienste betoon het en aangesien jy opreg in jou gemoed begaan is oor al die heiliges en nie minder deur hulle behoeftes beweeg word as jou eie nie, het ek ook gehoop dat jy deur my behoefte beweeg sou word en dat ek van jou sal ontvang wat ek begeer." Die heilige Hieronimus<sup>26</sup> sê: "Dit was gepas om God te dank vir Filemon se liefde wat die innerlike gevoel van die hart en die diepste innerlike van die gelowiges se gemoedere verkwik het, aangesien hy die innerlike gevoel van die hart en die diepste skuilplekke van die gees van die heiliges verkwik het deur hulle te ontvang. En dit is apostoliese taalgebruik, dat hy altyd van hulle as 'ingewande' praat, omdat hy die volle liefde van sy gemoed wil aandui," ensovoorts.

<sup>8</sup>Daarom, alhoewel ek in Christus groot vrymoedigheid het om jou te beveel wat jou plig is, <sup>9</sup>vra ek jou eerder op grond van die liefde; ja, ek, Paulus, 'n ou man, en nou ook 'n gevangene van Jesus Christus. <sup>10</sup>Ek vra jou namens my kind, wat ek in my boeie verwek het, Onesimus, <sup>11</sup>wat vroeër vir jou onbruikbaar was, maar nou vir jou en vir my baie bruikbaar is, <sup>12</sup>hom wat ek teruggestuur het.



Nou stel hy die *propositio*<sup>27</sup> (hoofgedagte/hoofteema), dit wil sê hy bring dit wat hy in gedagte het, na vore, maar geleidelik en op 'n verskuilde manier. Onesimus het Filemon te na gekom en hom skade berokken; daarom was Filemon se gemoed met goeie reg<sup>28</sup> erg geïrriteerd en onbuigsaam. En daarom was dit nodig vir die apostel om die beledigde en geïrriteerde man op 'n sagter manier te hanteer. Dit is hoekom hy dit wat hy wil hê, met soveel vernuf aanbied en dit met duidelike voorafargumente verpak, sodat hy Filemon se ietwat harde gemoed breek en bereik wat hy wil, voordat hy dit welsprekend verwoord.

Die argumente word gebaseer op die *persona* (karakter) van Filemon, Paulus en Onesimus. Die *scopus* (doel) is dat Filemon die wegloopslaaf Onesimus terugontvang. Met die oog daarop om Filemon te oortuig, herinner Paulus hom eers aan sy plig en redeneer hy op grond van dit wat eerbaar en regverdig is: “Ek sou jou kon beveel wat ek nou vir jou gaan vra, Filemon (268), want ek is 'n apostel van Christus en daarom is dit jou plig om te gehoorsaam.” Hierdeur het hy op 'n indirekte manier aangedui dat dit regverdig en eerbaar is dat iemand wat vir groter oortredings van sy Meester genade ontvang het, die kleiner oortreding van sy broers moet vergewe, Matteus 18[:32vv]. Inderdaad, met wonderlike vaardigheid verander hy die trant na 'n smeekgebed.<sup>29</sup> Hy doen dit asof terloops,<sup>30</sup> alhoewel hy juis hierdie saak wat in dié geval die meeste krag het, as die sterkste argument aanbied. Hy bedoel: “Alhoewel ek dus my gesag oor jou kon uitoefen, het ek dit nietemin verkies om by jou in hierdie geval te pleit op grond van liefde en jou aan jou liefde te herinner, juis omdat almal oor jou uitnemende liefde praat.” Hy sê egter nog nie wat hy wil hê nie, maar deur Filemon se emosie op 'n merkwaardige manier te ontroer, toon hy eers dat die persoon wat smee, nie verag moet word nie. Hierdie deel word op sy eie *persona* (karakter) gebaseer. Hy skep *pathos* (gevoel) deur sy ouderdom, dit wil sê die feit dat hy oud is, en voorts deur sy swakheid en sy kettings, asof hy saam met die digter<sup>31</sup> sê: “Ontferm jou oor Daunus se ouderdom!” [Verg. Aen. 12,934] en “Ontferm jou oor jou ouer in kettings” [Aen. 12,43]. Die apostel sê dus: “Jy sal nie iemand wat iets vra, weier nie, eerstens nie vir Paulus, jou apostel in Christus nie, en verder ook nie vir 'n ou man nie, want jy weet wat die natuur aan ou mense verleen. Jy weet ook hoe ou mense behandel moet word. Voeg nou daarby dat ek 'n gevangene is, ja, 'n gevangene, 'n ou man en 'n gevangene van Jesus Christus. Waarom sou jy iemand wat so belangrik is, se versoek weier?”<sup>32</sup> Nou inderdaad, ná die argumente, voeg hy dit by waarvoor hy vra, en met merkwaardige duidelikheid omdat hy nou op grond van die *persona* (karakter) van Onesimus redeneer. En aan die begin sê hy nie “Ek gee jou opdrag om Onesimus te ontvang” nie, maar hy herhaal die woord “vra”; hy sê ook nie bloot “vir Onesimus” nie, maar wel “vir my seun”. Hierby voeg hy iets nog duideliker by: “wat ek verwek het”, naamlik in<sup>33</sup> Christus, deur die evangelie “in boeie”. Hy dui immers aan dat hy Onesimus op 'n baie teer manier liefhet. Verder deur vanuit sy naam en sy bruikbaarheid te redeneer, voeg hy by: “Tot sover het hy sy naam glad nie gestand gedoen nie”, dit wil sê: “Hy was van weinig nut en nie deugsam nie”.<sup>34</sup> Ὁνήσιμος, Onesimus, beteken immers “bruikbaar”, volgens die etimologie.<sup>35</sup> “Nou sal hy inderdaad vir jou nie min bruikbaar wees nie, aangesien hy baie bruikbaar vir my in die gevangenis was, om watter rede ek hom terugstuur. As ek hom immers nie as 'n persoon van integriteit en iemand wat bruikbaar is, ervaar het nie, sou ek beslis nie so 'n dief en verkwister teruggestuur het nie.” So word selfs die misdaad van die ellendeling versag.

<sup>12</sup>Maar jy moet hom, dit wil sê, my ingewande, ontvang, <sup>13</sup>hom wat ek by my wou hou, sodat hy my namens jou in die boeie van die evangelie kon dien, <sup>14</sup>maar (269) sonder jou besluit<sup>36</sup> wou ek niks doen nie, sodat jou goedheid nie uit verpligting kom nie, maar vrywillig.



Hy gaan voort met die *confirmatio*<sup>37</sup> (bewysvoering) en *commendatio* (aanprysing) van Onesimus, want nou noem hy hom sy eie “ingewande”, dit wil sê “die mees intieme gevoelens van my hart en my unieke geliefde seun.”<sup>38</sup> Omdat Filemon immers inderdaad kon reageer: “As hy so bruikbaar vir jou was, so geliefd, waarom het jy hom nie by jou gehou nie”, antisipeer hy dit stil-stil en sê: “Ek sou hom beslis by my wou hou, want die integriteit van die man is so sigbaar dat ek nie iemand anders bo hom as dienaar sou wou hê nie. En werklik, as jy vir my enigiemand as slaaf wou stuur om my namens jou in boeie te dien, sou jy nie iemand beter as Onesimus kon stuur nie.” Hierdie uitsonderlike lof vir Onesimus sou die gemoed van sy eienaar met hom kon versoen, beter as enigiets anders. Daar volg nou egter iets wat die gedagte wat hy begin het, afrond: “Maar sonder jou besluit wou ek niks doen nie.” Rede: “Sodat dit nie ’n geval sou wees dat jou weldaad uit dwang voortgekom het nie, en nie uit welwillendheid nie.” Weldade is dus net weldade as hulle vrywillig en spontaan geskied. Met watter regverdiging<sup>39</sup> sal die monnike wat kinders van hulle ouers wegskeur om God in daardie monnik-instellings te dien, hulleself en hulle verfoeilike ontvoerings dus voortaan verdedig? Die rede [wat hulle aanvoer] mag oortuigend en goed lyk, maar Paulus wou nie ’n slaaf in regmatige diens behou sonder sy eienaar se toestemming nie. Daardie mense hou kinders egter op ’n onregmatige manier of teen die wil van hulle ouers, familie en naasbestaendes, maar as Paulus dieselfde standpunt gehuldig het as dié wat vandag met hulle Christelike vryheid spog, sou hy met groot woede en minagting uitgeroep het: “Christene is vry. Toe Onesimus die naam van Christus omhels het, het hy opgehou om Filemon se slaaf te wees; tensy die kerk dus deur boosheid ondermyn moet word, sal jy Onesimus vrylaat.” Hy beskou dit nou egter as onregverdig om iemand anders se slaaf in die heilige diens te hou. Die leerstellings van die Anabaptiste wyk dus [ook] baie ver<sup>40</sup> van die evangeliese waarheid af!

<sup>15</sup>Want dalk het hy juis vir ’n tyd weggegaan, sodat jy hom vir ewig sou terugontvang,

<sup>16</sup>nie meer as ’n slaaf nie, maar as meer as ’n slaaf, naamlik as ’n geliefde broer, veral vir my, maar hoeveel te meer dan vir jou, sowel in die vlees as in die Here! <sup>17</sup>As jy my dus as ’n vennoot beskou, ontvang hom soos vir my.

’n Kort *confutatio*<sup>41</sup> (weerlegging) verwyder sekere besware wat Onesimus se ontvangs kon verhoed. Eerstens kon Filemon beswaar maak: “Moet ek dan ’n wegloopslaaf terugneem?” Paulus antwoord: “Hy het weggegaan – dit erken ek – maar hy het dalk net vir ’n tyd weggegaan.” Deur hierdie klein partikel [dalk] by te voeg, “het hy sy uitspraak getemper, want God se besluite is verborge (270) en dit is roekeloos om met sekerheid uitsprake te maak oor iets wat onseker is.”<sup>42</sup> “Dalk,” sê hy, “het hy vir ’n tyd weggegaan, sodat jy hom vir ewig sou terugontvang.” Asof hy sou sê: “Jy moet nie net kyk na die feit dat hy gevlug het nie, maar jy moet liever oorweeg met hoeveel voordeel vir jou hy mag terugkeer en watter groot kans op verlossing daardie vlug vir hom beteken het. Hy het dus vir ’n tyd weggegaan sodat jy hom nou vir ewig sou terugontvang. Liggaamlike slawerny en eienaarskap kom met die dood tot ’n einde, maar Christelike broederskap bestaan vir ewig.” Daarop volg “sodat jy hom vir ewig sou terugontvang, nie meer as ’n slaaf nie, maar as meer as ’n slaaf, naamlik as ’n geliefde broer. Ek omhels hom beslis as ’n besonder geliefde broer, aangesien hy Christus met sy hele gemoed omhels het.”

Hierby voeg hy by wyse van vergelyking toe: “Hoeveel te meer sal hy dan vir jou geliefd wees? Afgesien daarvan dat hy saam met jou ’n dienaar van die Here Christus gemaak is en ’n lid van dieselfde liggaam geword het – ’n status waardeur hy ook vir my baie dierbaar is – kom daar immers nog dit by dat hy op ’n besondere wyse deel van jou huishouding is en ook volgens die vlees aan jou verbonde is.” Dan dring Paulus weer by Filemon op grond van sy eie *persona*

(karakter) aan deur te sê: “As jy my as jou vennoot wil hê, moet jy ook vir Onesimus as vennoot hê – iemand wat ek self as my vennoot en my seun en my ingewande beskou. As jy hom egter nie ontvang en nie by jou wil hê nie, moet jy besef dat jy ook my vennootskap sal misloop.”<sup>43</sup>

<sup>18</sup>Maar as hy jou enigsins benadeel het of iets skuld, sit dit op my rekening. <sup>19</sup>Ek, Paulus, skryf dit met my eie hand: ek sal dit terugbetaal – om nie eers te noem dat jy ook boonop jouself aan my verskuldig is nie.

Paulus reageer hiermee op die tweede [moontlike] beswaar. Onesimus het immers huis-houdelike goed gesteel en homself toe probeer red deur te vlug. Hy het egter na Italië gevlug en na Rome gekom, soos ek ook hier bo<sup>44</sup> vermeld het, om te verhoed dat hy naby [Filemon se huis] makliker gevang word, maar daar het hy al sy eienaar se geld deur weelde verkwis.<sup>45</sup> Dit het Filemon se gemoed gekrenk. Daarom tree Paulus hier as borg vir Onesimus op en neem sy verpligting namens hom op, deur ’n *chirographum*<sup>46</sup> (geskrewe waarborg) daarvoor te gee. “Ek,” sê hy, “sal daarvoor betaal; sit dit op my rekening as hy jou enigsins benadeel het. Daar is niks hier wat jy hoef te vrees<sup>47</sup> nie; ek, Paulus, skryf dit met my eie hand. Ek dink nie jy sal my verpligting en borgskap van die hand wys nie – jy wat goed weet hoeveel jy my skuld; nie net hierdie skuld nie, maar ook jouself.” Paulus het hom immers tot die lewe herstel, dit wil sê, van hom ’n Christen gemaak. Hier sien jy in hierdie voorbeeld hoe ons onself en alles wat ons het, aan ons broers verskuldig is. Ek dink ook dat die gelykenis van die Here hierop van toepassing is, soos wat dit in Lukas 10[:30–37] vertel word en deur ons by 2 Korintiërs 8 verduidelik word (271).

<sup>20</sup>Ja, broer, laat ek in die Here vreugde uit jou put; verkwik my ingewande in die Here.

<sup>21</sup>Met vertroue in jou gehoorsaamheid skryf ek aan jou, wetende dat jy selfs meer sal doen as wat ek van jou vra.

Die *epilogus*<sup>48</sup> (slot) is duidelik emosioneel van aard en is bedoel om meegevoel op te wek en te oortuig. “Vai (ja),” sê hy, “broer” – wat die toon is van iemand wat ’n dringende beroep doen.<sup>49</sup> ’n Mens kan dit alles as volg in Duits vertaal: “Ag, my broer, verheug my tog om God se ontwil! Verheug my hart in die Here!” Dit is egter pragtig en in pas met sy bedoeling dat Paulus hom oor Filemon verheug asof hy dit waarna hy strewe, reeds verkry het. Hy sê immers: “Ek twyfel nie aan jou liefde nie en daarom gebruik ek nie baie woorde teenoor jou nie, want ek weet dat jy in hierdie saak meer sal doen as wat ek van jou vra – selfs meer as die manier waarop jy jouself tot dusver aan my gewy het.”

<sup>22</sup>Maak terselfdertyd ook vir my verblyf gereed, want ek hoop dat ek deur julle gebede weer aan julle gegee sal word. <sup>23</sup>Epafras, my medegevangene in Christus Jesus, stuur groete, <sup>24</sup>saam met Markus, Aristargus, Demas en Lukas, my medewerkers. <sup>25</sup>Mag die genade van ons Here Jesus Christus met julle gees wees! Amen.

Hieronimus<sup>50</sup> het tereg gedink dat die apostel na verblyf verwys sodat Filemon sou doen wat hy vra omdat hy hom spoedig verwag het. Paulus sou dit egter ook werklik kon versoek het omdat hy op die gebede van die gelowiges staatgemaak het – gebede wat besonder effektief by die Here is. Die vername manne wat hy hier noem,<sup>51</sup> word elders vermeld.<sup>52</sup> Demas het nog nie afvallig geraak nie. Mag die Here aan alle gelowiges ’n gees van standvastigheid skenk waardeur hulle, aangespoor, tot die einde toe in die verkondiging<sup>53</sup> van die evangelie kan volhard. Amen.

Einde.

#### 4.2 Die opbou van die kommentaar

Bullinger volg in sy kommentaar die tipiese opbou wat vir kommentare in sy tyd gebruik is – ’n opbou wat reeds in die oudste beskikbare kommentaar op die Brief aan Filemon gebruik word, naamlik die kommentaar van Ambrosiaster:<sup>54</sup> ’n *argumentum* aan die begin waarin die ontstaansituasie van ’n geskrif kortliks beskryf word (met soms ook ’n kort opsomming van die boodskap van die geskrif), gevolg deur ’n verduideliking van die betekenis van die geskrif deur dit stukkies vir stukkies te werk. Hierdie opbou is eeue lank in kommentare gevolg en is dus in Bullinger se tyd en ook vir ’n lang tyd daarna gevolg wanneer kommentare geskryf is. Daar is egter twee opvallende vernuwings wanneer Bullinger se kommentaar met ander kommentare voor syne vergelyk word.

Eerstens het hy nie – soos wat die gebruik vir baie eeue was – die teks van die Vulgaat vir sy kommentaar gebruik nie, maar wel die Latynse teks van die Nuwe Testament wat Erasmus geskep het. Erasmus het in 1515 ’n Griekse Nuwe Testament saamgestel wat hy *Novum Instrumentum* genoem het. Daarna het nog vier opgedateerde weergawes hiervan verskyn, onder die titel *Novum Testamentum*. Erasmus het nie net ’n Griekse Nuwe Testament saamgestel nie, maar ook sy eie Latynse vertaling saam daarmee uitgegee omdat baie teoloë nie Grieks kon lees nie en ook omdat hy van oortuiging was dat die Vulgaat hersien behoort te word omdat dit nie akkuraat was nie. Hieroor het hy erg onder kritici deurgeloopt (Krans 2006:9–14). Bullinger maak egter wel gebruik van Erasmus se Latynse teks, meestal van die 1522-uitgawe (Vollenweider 2017:7), maar in sommige gevalle ook van die ander uitgawes (kyk byvoorbeeld die bespreking in Baschera 2013:lxiv–lxx). In hierdie opsig deel hy dus die waardering wat mense soos Johannes Lang en Martin Luther vir Erasmus se bydrae gehad het. Lang het byvoorbeeld sy vertaling van die Matteusevangelie (Junie 1521) en Luther sy vertaling van die Nuwe Testament (September 1522) op Erasmus se Griekse Nuwe Testament gebaseer (Leutzsch 2022:354–75).

Tweedens is dit opvallend hoe die opbou van Bullinger se kommentaar beïnvloed is deur insigte wat uit die klassieke retoriek voortspruit. Dit gebeur glad nie in ander kommentare wat in hierdie era geskryf is nie, onder andere nie in dié van Johannes Bugenhagen (1525), Martin Luther (1527), Thomas de Vio Cajetan (1529), Johannes Brenz (1543) en Johannes Calvyn (1551) nie. Hierdie soort benadering vind ’n mens eers weer baie later, in 1565, in die kommentaar van Georg Major (wat dit ook anders as Bullinger doen).<sup>55</sup> Bullinger se kommentaar op Filemon is die eerste waarin insigte in die klassieke retoriek gebruik is om die retoriek van die brief te verduidelik. Bullinger se benadering tot retoriek is gebaseer op die werk van Melancthon. Hierdie saak word later volledig bespreek, maar op hierdie stadium word net gewys op die manier waarop hy die brief indeel:

vv. 1–3: *inscriptio* (aanhef)

vv. 4–6: *exordium* (inleiding)

v. 7: in plaas van ’n *narratio* (weergawe van die gebeure), ’n verwysing na hoeveel vreugde Paulus uit Filemon se optrede put

vv. 8–12a: *propositio* (hoofgedagte)

vv. 12b–14: *confirmatio* (bewysvoering)

vv. 15–17: kort *confutatio* (weerlegging van moontlike beswaar van Filemon)

vv. 18–19: weerlegging<sup>56</sup> van tweede moontlike beswaar van Filemon

vv. 20–21: *epilogus* (slot)

### 4.3 Die bronne wat Bullinger gebruik het

Die twee bronne waarop Bullinger die meeste in sy kommentaar staatgemaak het, is Erasmus en Hieronimus.

Wat Erasmus betref, is reeds bo genoem dat Bullinger Erasmus se Latynse teks van die Nuwe Testament vir sy kommentaar gebruik het. Verder maak hy ses keer van Erasmus se verduideliking van die brief in sy *Paraphrasis* en sy *Annotationes* gebruik, vir agtergrondinligting en vir die verduideliking van sekere betekenisnuanses in die teks.

In die verduideliking van die aanhef van die brief (vv. 1–3), maak hy van Erasmus se *Annotationes* gebruik (sonder om hom eksplisiet te noem) wanneer hy betoog dat Onesimus 'n Kolossenser was:

Wat Onesimus betref, is daar geen twyfel dat hy 'n Kolossenser was nie. Al dink Theodoretus in die Griekse skolia dat hy 'n Frigiër was, sê die apostel nietemin self aan die Kolossensers: “Ek het Tigikus saam met Onesimus gestuur, 'n getroue en geliefde broer, wat van julle af kom [Kol. 4: 8–9].”

Bullinger baseer sy stelling oor die Griekse skolia op Erasmus se *Annotationes* op Filemon,<sup>57</sup> maar hy verstaan Erasmus nie heeltemal reg nie. In sy *Annotationes* maak Erasmus die volgende opmerking oor v. 19:

Die heilige Hieronimus redeneer op grond van hierdie gedeelte dat Onesimus van sy eienaar gevlug het, nie sonder diefstal nie. Theodoretus verklaar ook dieselfde in die skolia van die Grieke. In dieselfde kommentare vind ek dat Filemon 'n Frigiër was, onder wie daar 'n groot voorraad slawe was; vandaar die spreekwoord dat 'n Frigiër deur slae verbeter word (my vertaling van die Latynse teks in Van Poll van de Lisdonk 2014:224.100–226.105).

Erasmus se verwysing na Filemon wat 'n Frigiër was, is bedoel om 'n brug te vorm na die spreekwoord wat hy aanhaal oor Frigiërs wat deur slae verbeter moes word. Dit lyk of hy daarmee in gedagte het dat Onesimus ook 'n Frigiër was, maar dit nie uitdruklik sê nie. Kolosse was in Frigië geleë en dus beteken die feit dat Erasmus sê dat Filemon 'n Frigiër was, nie noodwendig dat hy nie 'n Kolossenser was nie. Bullinger plaas egter “Kolosse” teenoor “Frigië”. Die Griekse “skolia” waarna Erasmus hier verwys, was 'n versameling uittreksels uit verskeie Patristiese en Middeleeuse uitleggers in die elfde-eeuse kodeks 2817 (AN III, 11) wat in Erasmus se tyd in die Dominikaanse klooster in Basel was en wat hy vryelik kon gebruik (Hovingh 2012:11). Die teks is elektronies beskikbaar by <https://ntvmr.uni-muenster.de/manuscript-workspace?docID=32817>. Die gedeelte waarna Erasmus verwys, verskyn op bladsy 344r (nommer 6960) en daar staan:

Filemon was 'n merkwaardige man, enersyds 'n Frigiër van afkoms en andersyds 'n gelowige deur sy gedrag, en iemand wat die behoeftes van die heiliges ondersteun het. Sy slaaf Onesimus het gevlug nadat hy hom besteel het (my vertaling van die Griekse teks).

Erasmus het dus sy bron korrek gebruik.<sup>58</sup>

In dieselfde gedeelte noem Bullinger dat hy dink dat Apfia Filemon se vrou was en verwys dan na Erasmus wat ook so gedink het. Erasmus noem dit in sowel sy *Annotationes* (Van Poll-van de Lisdonk 2014:218.14–7) as sy *Paraphrasis* (Van Poll-van de Lisdonk 2019:492.9) en dit is dus onseker op watter een van hierdie twee Bullinger sy stelling baseer.

In sy bespreking van v. 9 (“Ek, Paulus, ’n ou man, en nou ook ’n gevangene van Jesus Christus ...”) gee Bullinger ’n redelike lang verduideliking van wat Paulus bedoel deur dit in Paulus se eie woorde te verduidelik. Hierdie verduideliking stem ooreen met Erasmus se weergawe daarvan in sy *Paraphrasis* (Van Poll-van de Lisdonk 2019:494.33–9). (Die hele *Paraphrasis* is geskryf asof dit Paulus se direkte woorde is.)

Net ’n entjie verderaan maak Bullinger van sowel die *Paraphrasis* as die *Annotationes* gebruik wanneer hy verduidelik wat Paulus bedoel wanneer hy in v. 11 sê dat Onesimus wat vroeër vir Filemon onbruikbaar was, nou bruikbaar geword het. Hy begin deur te verduidelik dat Paulus bedoel dat Onesimus “van weinig nut en nie deugsam” is nie – ’n direkte aanhaling uit die *Paraphrasis* (*parum utilis et frugi*; Van Poll-van de Lisdonk 2019:494.45–7). Dit word dan opgevolg met ’n stelling dat die naam Ὀνήσιμος volgens die etimologie “bruikbaar” beteken – inligting wat hy op Erasmus se verduideliking van v. 19 in sy *Annotationes* (Van Poll-van de Lisdonk 2014:226.122) baseer.

Vervolgens verwys hy na Erasmus in sy verduideliking van v. 12, wanneer Paulus van Onesimus as sy “ingewande” praat. Volgens Bullinger beteken dit dat Paulus bedoel dat hy “die mees intieme gevoelens van my hart en my unieke geliefde seun is” – ’n beskrywing waarvan die laaste vier (Latynse) woorde ooreenstem met Erasmus s’n in sy *Paraphrasis* (*et unice charum filium*; Van Poll-van de Lisdonk 2019:494.50).

Laastens baseer Bullinger sy verduideliking van die Griekse term ναί (“ja”) in v. 20 (“Ja, broer, laat ek in die Here vreugde uit jou put ...”) op Erasmus se verduideliking daarvan in sy *Annotationes*: Dit is die toon “van iemand wat ’n dringende beroep doen”. Bullinger haal hier direk uit die *Annotationes* aan (*vox obtestantis*; 2014:226,108–9).

Bullinger verwys ses keer na Hieronimus se kommentaar: In sy verduideliking van v. 1 stem hy saam met Hieronimus dat Argippus en Filemon beide Kolossensers was (kyk Hieronimus se kommentaar in Bucchi 2003:85.121–3). In v. 7 haal hy ’n lang gedeelte uit Hieronimus se kommentaar aan (Bucchi 2003:93.316–9) om te verduidelik wat Paulus daarmee bedoel dat Filemon die “ingewande” van die heiliges verkwik het: Dit is “apostoliese taalgebruik”, bedoel om die liefde in Paulus se gemoed aan te dui. In sy verduideliking van v. 15 (“Want dalk het hy juis vir ’n tyd weggegaan ...”) haal hy Hieronimus (Bucchi 2003:98.438–40; enkele kleiner wysiginge) met instemming aan: Paulus gebruik die woordjie “dalk” om sy uitspraak te temper omdat God se besluite verborge is en dit roekeloos is om met sekerheid daaroor te praat. In sy kommentaar op v. 17 (“As jy my dus as vennoot beskou ...”) haal hy Hieronimus (Bucchi 2003:98.461–99.467) se verduideliking aan om te verduidelik wat Paulus in gedagte het: Filemon is Paulus se vennoot; Paulus vra nou dat Filemon Onesimus ook as sy vennoot aanvaar. Indien Filemon dit nie doen nie, kan sy vennootskap met Paulus nie meer voortgaan nie. In sy verduideliking van v. 18 (Paulus se versoek dat Onesimus se skuld op sy rekening geplaas word), haal hy Hieronimus (Bucchi 2003:94.336–9) se verduideliking aan (sonder om hom by die naam te noem): Onesimus het huishoudelike goed by Filemon gesteel, na Italië gevlug en daar die geld verkwis deur spandabelrig te lewe. In die geval van v. 22 (“Maak terselfdertyd ook vir my verblyf gereed ...”) haal hy Hieronimus (Bucchi 2003:101.533–8) instemmend aan:



Paulus rig hierdie versoek om druk op Filemon te plaas. Hy vind dit egter nodig om daarop te wys dat dit ook moontlik is dat Paulus hierdie versoek opreg gerig het.

Bullinger verwys een keer na “Ambrosius” – die kommentaar van Ambrosiaster: dat hy gedink het dat Filemon nie ’n kerklike amp beklee het nie (Latynse teks in Vogels 1968:337.17–338.2). Bullinger stem egter nie saam nie. Die feit dat Paulus hom ’n *συνεργός* (“medewerker”) noem, beteken dat hy ook ’n verkondiger van die evangelie was.

Laastens haal Bullinger twee keer uit Vergilius se Aeneïs aan. Dat hy dit doen, is nie vreemd nie. Vanweë die breë Humanistiese opvoeding wat hy gehad het, was hy goed onderlê in die klassieke en verwys hy onder andere ook na Cicero, Seneca, Horatius, Juvenalus en Terentius in sy uitleg van die Nuwe Testament (Baschera en Moser 2015:xi). In hierdie geval haal hy Vergilius aan om te verduidelik hoe Paulus emosie opwek in v. 9 (“... vra ek jou ... ek, Paulus, ’n ou man, en nou ook ’n gevangene van Jesus Christus”). Die eerste aanhaling kom uit Aeneïs 12,934 en sluit aan by Paulus se verwysing na sy ouderdom: “Ontferm jou oor Daunus se ouderdom!” Die tweede aanhaling kom uit Aeneïs 12,43 en sluit aan by Paulus se verwysing na sy gevangenskap (en sy stelling dat hy Onesimus se vader geword het; v. 10): “Ontferm jou oor jou ouer in kettings!”

#### **4.4 Bullinger se siening van die ontstaansituasie van die brief**

Wat hierdie saak betref, huldig hy die tradisionele siening oor die brief, soos wat dit deur die eeue in kommentare verduidelik is (kyk Tolmie 2021:259–75 vir ’n opsomming hiervan). In die *argumentum* (situering) aan die begin van die kommentaar skets Bullinger die volgende prentjie: Filemon se slaaf Onesimus het van Filemon, sy eienaar, se besittings gesteel en na Rome gevlug. Daar het hy Paulus hoor preek, die Christelike godsdiens aangeneem en hom daarna in die gevangenis gedien. Hy het dit met soveel opregtheid gedoen dat Paulus besluit het om hom met Filemon te versoen. Daarom het hy die brief geskryf en baie druk op Filemon uitgeoefen om sy wegloopslaaf terug te neem.

In die res van die kommentaar gee hy hier en daar ’n bietjie meer inligting: Filemon was ’n biskop of ’n prediker en nie ’n leek soos wat Ambrosiaster dink nie (vv. 1–3), Filemon en Argippus was beide Kolossensers (vv. 1–3), Apfia was Filemon se vrou (vv. 1–3), Argippus het saam met Paulus in die diens van die evangelie gestaan (vv. 1–3), Onesimus het na Rome gevlug om ver weg te kom van Filemon se huis sodat hy nie maklik gevang word nie en daar het hy Filemon se geld verkwis deur in weelde te lewe (vv. 18–19), Paulus het vir Filemon tot bekering gebring (vv. 18–19) en Demas het nog nie afvallig geword toe Paulus hierdie brief geskryf het nie (vv. 22–25).

#### **4.5 Bullinger se benadering tot die retoriek van die brief**

In afdeling 4.2 is reeds daarop gewys dat Bullinger se kommentaar sterk beïnvloed is deur insigte voortspruitend uit die klassieke retoriek. Wanneer ’n mens sy kommentaar binne die uitleggeskiedenis van die brief plaas, word dit duidelik watter vernuwende bydrae hy in hierdie verband maak. Die retoriek van die brief het nog altyd aandag gekry, vanaf die eerste (beskikbare) kommentaar wat ons op die brief het, dié van Ambrosiaster (geskryf in 364–84 n.C.).<sup>59</sup> Kommentatore het dikwels verwys na Paulus se retoriese strategie en dit soms baie goed beskryf. Hulle het egter nie gebruik gemaak van begrippe uit die klassieke retoriek om dit te doen nie (volledig bespreek in Tolmie 2021:3–258). Die enigste fase toe sulke soort



begrippe wel vir 'n kort tydperk gebruik is, het voorgekom in kommentare wat voortgespruit het uit wat Gilbert Dahan (2018:18–9) “universiteitseksegese” noem. Hierdie kommentatore is beïnvloed deur die ontwikkeling van die *ars dictaminis* – ’n afdeling in die retoriek wat in die elfde en twaalfde eeu ontstaan het en wat gerig was op die onderrig in die skryfkuns van briewe en ander dokumente (kyk byvoorbeeld Camargo 1991:1–59). Teen 1140 was daar eenstemmigheid in wetenskaplike kringe dat ’n brief – soos ’n tipiese Ciceroniaanse toespraak – die volgende vyf dele moes bevat: *salutatio* (“aanhef”), *exordium* (“inleiding”, bedoel om die leser se simpatie, aandag of welwillendheid te bewerkstellig, ook bekend as die *captatio benevolentiae* of die *proverbium*), *narratio* (die agtergrond van die versoek), *petitio* (“versoek”) en *conclusio* (“slot”, Richardson 2007:56). ’n Mens kan die invloed van hierdie ontwikkeling duidelik sien in die manier waarop die volgende drie kommentatore hulle kommentare op Filemon struktureer:

|                                               |                                                 |                                           |
|-----------------------------------------------|-------------------------------------------------|-------------------------------------------|
| Thomas Aquinas <sup>60</sup><br>(ca. 1245–74) | Pierre de Tarentaise <sup>61</sup><br>(1259–69) | Nicholas van Lyra <sup>62</sup><br>(1329) |
| <i>Salutatio</i> (1–3)                        | <i>Salutatio</i> (1–3)                          | <i>Salutatio</i> (1–3)                    |
| <i>Narratio</i> (4–7)                         | <i>Actio gratiarum</i> (4–7)                    | <i>Captatio benevolentiae</i> (4–7)       |
| <i>Petitio</i> (8–22)                         | <i>Supplicatio</i> (8–20)                       | <i>Petitio</i> (8–20)                     |
| <i>Salutatio</i> (23–25)                      | <i>Conclusio</i> (21–25)                        | <i>Conclusio</i> (21–25)                  |

Alhoewel al drie hierdie kommentatore belangrike retoriese begrippe gebruik het, het nie een van hulle enige nuwe insigte oor Paulus se retoriese strategie geopper nie. Hulle het die begrippe bloot gebruik vir die indeling van die brief. Die opmerkings wat hulle wel soms oor die retoriek van die brief gemaak het, het ooreengestem met dit wat reeds in vroeëre kommentare opgemerk is.<sup>63</sup> Verder is die manier waarop hulle die brief ingedeel het ook nie deur enige latere kommentatore oorgeneem nie.

Anders as hierdie drie kommentatore, spandeer Bullinger heelwat tyd aan die retoriek van die brief, en – soos reeds bo aangedui – is hy sterk beïnvloed deur die werk van Melanchthon wie se omvattende retoriek tot ’n groot mate gebaseer was op insigte uit die klassieke retoriek, alhoewel hy nie Melanchthon se benadering klakkeloos oorneem nie. Melanchthon het nie ’n kommentaar op Filemon geskryf nie; Bullinger se kommentaar is dus die eerste geskrif waarin Melanchthon se benadering tot Bybelse retoriek neerslag vind.

In afdeling 4.2 is reeds getoon hoe hy retoriese begrippe gebruik in sy indeling van die brief. Afgesien hiervan skenk hy ook heelwat aandag aan die verduideliking van die retoriek van elke onderafdeling van die brief. Hy verduidelik nie net hoe hy Paulus se bedoeling en die moontlike effek van dit wat hy geskryf het op Filemon verstaan nie, maar skenk ook aandag aan die tipe argumente wat Paulus gebruik het.

#### 4.5.1 Die *argumentum* (opsomming)

In die *argumentum* aan die begin van die kommentaar maak Bullinger twee opmerkings wat sy aanvoeling vir die retoriek van die brief toon:

Hy noem dat Paulus deur die brief Onesimus met Filemon wou versoen en voeg dan by dat Paulus in die brief “op ’n merkwaardige manier druk op Filemon uitoefen (*mire Philemonem urget*)” om sy slaaf wat gevlug het, terug te neem.

Verder dui hy die retoriese genre van die brief as “deliberatief” aan; dus een van die drie soorte toesprake wat in die klassieke retoriek onderskei is. Hierdie beskrywing is gebruik vir toesprake wat oor toekomstige optrede gehandel het, spesifiek oor watter handeling(e) uitgevoer of vermy moes word. Sy waardering vir Paulus se retoriese vaardigheid is ook opvallend:

Die brief is geskryf in die deliberatiewe genre en met soveel vaardigheid en ook met soveel geleerde beknoptheid dat dit vir my lyk asof daar deesdae niks in al die oefeninge en toesprake van redenaars bestaan wat met hierdie brief van Paulus vergelyk kan word nie.

Hierdie beskrywing van Paulus se retoriese vaardighede herinner ’n mens aan die hoë lof wat Melanchthon vir Paulus gehad het (kyk byvoorbeeld die bespreking in Wengert 2009:133–4).

#### 4.5.2 Verse 4–6: *exordium* (inleiding)

Bullinger gebruik nie net ’n retoriese begrip om hierdie afdeling te benoem nie, maar wys ook daarop dat Paulus dit gebruik om welwillendheid te verkry. Verder dui hy ook die soort argumente aan wat Paulus gebruik: ’n argument gebaseer op sy eie *persona* (karakter) en ’n argument gebaseer op ’n aanprysing (*commendatio*) van Filemon. Volgens hom gebruik Paulus eersgenoemde soort argument wanneer hy verwys na die groot sorg waarmee hy bid dat Filemon se geloof kragtig sal word. Die tweede soort argument verwys na die feit dat die ander gelowiges van Filemon se geloof en liefde gepraat het.

#### 4.5.3 Vers 7: *hoeveel vreugde Paulus uit Filemon put*

Dit is insiggewend om te sien hoe Bullinger hierdie gedeelte benoem. Op grond van sy kennis van die retoriek verwag hy hier ’n *narratio* (weergawe van die gebeure). Soos in die klassieke retoriek, het Melanchthon die *narratio* as die tweede deel van ’n toespraak beskou en het in sy kommentaar op Romeine byvoorbeeld 1:18–3:31 as die *narratio* van die brief aangedui (Classen 2000:148 voetnoot 125). In sy retoriek het hy egter ook daarop gewys dat ’n *narratio* nie altyd nodig is nie en dat ’n mens in die praktyk moes besluit wanneer dit gebruik moet word al dan nie (Knape 1993:74). In v. 7 verwys Paulus na hoeveel vreugde en vertroosting hy in Filemon se liefde vir die ander gelowiges vind. Dit sou moeilik kon deurgaans as ’n *narratio* en dit is ook hoe Bullinger dit verstaan: In plaas van ’n *narratio* bou Paulus nou hier voort op die voorafgaande deel en praat hy oor hoeveel vreugde hy uit Filemon se liefde put. Hy verduidelik ook die onderliggende argument wat hier gebruik word: Aangesien Filemon so begaan is oor ander gelowiges se behoeftes, hoop Paulus dat hy ook sy behoefte sal oorweeg.

#### 4.5.4 Verse 8–12a: *propositio* (hoofgedagte)

Volgens Bullinger is hierdie deel die *propositio*, maar bring Paulus dit wat hy in gedagte het, “geleidelik en op ’n verskuilde manier na vore (*lento gradu et contectam*)”. Die rede hiervoor is die feit dat Onesimus Filemon skade berokken het en Filemon met goeie reg vir hom kwaad was. Paulus hanteer hom dus op ’n sagte manier en met soveel vaardigheid dat hy Filemon se houding probeer verander voordat hy direk sy versoek rig: dat Filemon vir Onesimus terugontvang (wat Bullinger die *scopus* [doel] van die brief noem).

In hierdie geval benut Paulus volgens hom weer argumente gebaseer op *persona* (karakter), en wel die karakters van Filemon, Paulus en Onesimus. In Filemon se geval herinner Paulus hom daaraan dat dit noodsaaklik is dat hy sy plig nakom en doen wat eerbaar en reg is. In Paulus se

geval handel dit daaroor dat hy nie sy apostoliese gesag gebruik nie, maar eerder 'n versoek aan Filemon rig en hom aan sy ouderdom en gevangenskap herinner. Volgens Bullinger verander Paulus die trant van die brief hier na 'n smeekgebed (letterlik “smeekgebede”, *preces*) en is dit die sterkste soort argument wat hy in hierdie deel van die brief gebruik. Deur sy ouderdom en gevangenskap te noem, skep hy *pathos* (gevoel) – net soos wat in Vergilius se Aeneïs gebeur. Laastens redeneer Paulus op grond van Onesimus, sy “seun”, se karakter: Paulus wys nie net op sy liefde vir Onesimus nie, maar sinspeel ook op feit dat Onesimus se naam “bruikbaar” beteken. Hy gebruik die begrip *etimologie* (*etymologia*). Paulus het hom baie bruikbaar in die gevangenis gevind; as dit nie die geval was nie, sou hy hom nie teruggestuur het nie.

#### 4.5.5 Verse 12b–14: *confirmatio* (bewysvoering)

Bullinger noem hierdie deel *confirmatio*, dit wil sê die deel van die argument waarin Paulus sy bewyse aanvoer. Dit doen hy by wyse van 'n *commendatio* (aanprysing) van Onesimus. Hy noem Onesimus sy “ingewande” en bedoel daarmee dat Onesimus die mees intieme gevoelens van sy hart geword het. Volgens hom voorsien Paulus ook dat Filemon nou sou wonder hoekom hy (Paulus) nie Onesimus by hom hou as hy dan so lief vir hom is nie. Daarom sê Paulus dat hy Onesimus graag by hom sou wou hou, maar nie sonder Filemon se toestemming nie. Die boodskap aan Filemon is duidelik: Hy kan geen ander slaaf vir Paulus stuur wat beter as Onesimus is nie. Bullinger is ook oortuig dat hierdie uitsonderlike lofprysing van Onesimus sou sorg dat hy en Filemon versoen sou word.

#### 4.5.6 Verse 15–17: 'n kort *confutatio*

Volgens Bullinger weerlê hierdie deel van die brief (asook die volgende deel, vv. 18–19) moontlike besware wat Filemon sou kon opper. Die eerste beswaar wat Filemon sou kon opper, is dat Onesimus 'n wegloopslaaf was. Paulus reageer as volg: Hy erken dat Onesimus weg is, maar sê dat dit dalk net vir 'n tyd was. Verder noem hy dat Filemon hom vir ewig gaan terugontvang. Daarmee bedoel Paulus dat Filemon moes besef hoeveel voordeel hy in die toekoms uit Onesimus gaan trek en ook dat Onesimus se vlug tot sy verlossing gelei het. Verder wys Bullinger daarop dat Paulus ook nog 'n argument gebaseer op sy eie *persona* (karakter) byvoeg: As Filemon wil voortgaan om Paulus as sy vennoot te hê, moet hy ook vir Onesimus as vennoot aanvaar.

#### 4.5.7 Verse 18–19: weerlegging van nog 'n moontlike beswaar van Filemon

Volgens Bullinger is Paulus se aanbod om te betaal vir die skuld wat Onesimus veroorsaak het, bedoel om 'n tweede moontlike beswaar van Filemon te weerlê. Filemon se gemoed was gekrenk oor die feit dat Onesimus van hom gesteel het voordat hy gevlug het. Daarom staan Paulus borg vir Onesimus se skuld deur middel van 'n *chirographum*. 'n *Chirographum* was 'n geskrewe finansiële waarborg en is vanaf die tweede eeu v.C. tot in die Bisantynse tydperk gebruik (Elder 2024:325). Die begrip is ook in Kolossense 2:14 in die Vulgaat gebruik. In Bullinger se tyd was dit ook nog steeds 'n bekende begrip in die regswêreld aangesien die regstelsel(s) in die vroeë moderne Europa sterk deur die Romeinse reg beïnvloed is (kyk byvoorbeeld Stein 1999:86–9).

#### 4.5.8 Verse 20–21: *epilogus*

In sy bespreking van hierdie deel vestig Bullinger die aandag op Paulus se poging om emosie en meegevoel op te wek. Die woorde “Ja, broer” wys dat hy nou ’n dringende beroep op Filemon doen. Om te illustreer hoe dringend hierdie oproep van Paulus is, verduidelik hy selfs die nuanse in Duits.

Hy gebruik nie ’n Latynse begrip om die volgende gedeelte (vv. 22–25) te benoem nie en dit is moontlik dat hy dit nog steeds as deel van die *epilogus* beskou het. Wat Paulus se retoriek in hierdie deel betref, vestig hy die aandag slegs op een saak, naamlik dat Hieronimus tereg gedink het dat Paulus vir Filemon vra om vir hom verblyf gereed te maak om ekstra druk op hom te plaas.

#### 4.6 Bullinger se benadering tot die teologie van die brief

In die bespreking van die *argumentum* (situering) van die brief noem Bullinger kortliks dat Onesimus Paulus met soveel opregtheid in die gevangenis gedien het dat Paulus dit oorweeg het om hom en Filemon te versoen. ’n Entjie verder verduidelik hy hoe die brief toegeëien behoort te word: Dit is ’n merkwaardige voorbeeld van liefde (*charitas*), aangesien iemand so belangrik soos Paulus die saak van ’n dief met soveel ywer opneem. Daaruit lei hy af dat gelowiges almal wat in sonde geval het, moet vergewe, mits hulle tot inkeer gekom het.

Die feit dat Paulus Filemon se huisgesin ’n gemeente (letterlik “kerk”, *ecclesia*) noem, word deur Bullinger op twee maniere toegeëien. Eerstens leer dit vir gelowiges dat hulle huishoudings ook deur vroomheid en godsdiens gekenmerk moet word. Tweedens beteken die feit dat Filemon ’n huis, vrou, kinders en slawe besit het, dat mense wat bedienaars van die evangelie opdrag gee om arm te bly, afwyk van die waarheid. Alhoewel hy hierdie mense nie by die naam noem nie, is sy uitspraak gerig teen die Anabaptiste, ’n groep radikale Protestante wat teen die kinderdoop gekant was.<sup>64</sup> Sommige van hulle het ook geglo dat evangeliedienaars eenvoudig moes wees (dus, sonder akademiese opleiding) en dat hulle nie ’n salaris moes kry of ’n eie huis mag besit het nie (Stephens 2019:318–20). Dit is hoekom hy hierdie gedagte teen hulle aanwend.

In sy bespreking van vv. 4–6 vestig Bullinger die aandag op Filemon se “goeie werk” en voeg dan tipies gereformeerde by “nie op grond van ons eie verdienste nie, maar op grond van Christus se genade”. Verder is hy van mening dat hierdie gedeelte van die brief die vier fundamentele *capita* (“kernaspekte”) van die Christelike godsdiens saamvat: volgehoue gebed,<sup>65</sup> ’n vaste geloof in God, liefde vir al die ander gelowiges en ’n voortdurende groei in goeie werke. Vir hom draai die hele Christelike lewe om hierdie vier aspekte.

In v. 14 vestig hy die aandag op die feit dat Paulus sê dat hy niks sonder Filemon se besluit wou doen nie, en dat die rede wat hy aangee, is dat Filemon se weldaad nie uit dwang moet voortvloei nie. Hieruit lei Bullinger af dat weldade net weldade is wanneer hulle vrywillig en spontaan geskied. Op grond hiervan val hy die praktyk om kinders in kloosters op te neem polemies aan deur te vra watter regverdiging die monnike het wat kinders van hulle ouers wegskeur om hulle in die kloosters op te neem. Hulle hou die kinders onregmatig daar teen die wil van hulle ouers en familie. Dit bots met Paulus se benadering wat nie Filemon se slaaf in sy eie regmatige diens wou hou sonder Filemon se toestemming nie. Volgens hom sou Paulus ’n heeltemal ander benadering gevolg het as hy van dieselfde opinie as die monnike was. Hy sou geredeneer het dat alle Christene vry is en dat Onesimus dus opgehou het om Filemon se

slaaf te wees toe hy 'n Christen geword en dat Filemon hom daarom moet vrylaat. Vervolgens verskuif hy sy aandag na die Anabaptiste: Paulus het dit as onregverdig beskou om iemand anders se slaaf in die diens te behou. Hiermee bedoel hy dat Paulus aanvaar het dat Onesimus Filemon se eiendom is en dus sy eiendomsreg gerespekteer het. Hierdie houding het verskil van die Anabaptiste se houding oor eiendomsreg (kyk byvoorbeeld Stephens 2019:321–2) – waaruit hy aflei dat hulle afwyk van die evangeliese waarheid. Die skerpheid van sy kritiek is opvallend. Die Anabaptiste wyk “baie ver” (letterlik “ver en wyd”, *longe lateque*) van die evangeliese waarheid af. Voorts het hy vroeër in hierdie gedeelte na die optrede van die monnike verwys as “verfoeilike ontvoerings” (*nephanda plagia*) en hulle daarvan beskuldig dat hulle kinders “wegskeur” (*abripientes*) van hulle ouers af.

Bullinger se kritiek teen die Rooms-Katolieke praktyke is nie nuut nie, en stem ooreen met ander gereformeerde sieninge.<sup>66</sup> Martin Luther het ook hierdie deel in Filemon polemies aangewend, maar op 'n ander manier as Bullinger:

Monnike verdien dus geen beloning nie omdat hulle onder dwang optree. Die pous het 'n hele kerk wat hy so met bevel dwing. Daarom is sy kerk nie van Christus nie, al sit hy daarin – 'n sinagoge. Hy dwing immers mense met blote bevel en dié wat hom gehoorsaam, doen dit nie uit vrye wil nie, maar uit noodsaak of uit [eie] voordeel. Sulke mense is nie van die kerk nie, maar van die wet en die sinagoge (my vertaling van die teks in Luther 1902:25.76.22–6).

In die geval van v. 15 haal Bullinger Hieronimus goedkeurend aan: Deur die woordjie “dalk” (“Dalk het hy juis vir 'n tyd weggegaan ...”) by te voeg, temper Paulus tereg sy uitspraak, want dit is roekeloos om met sekerheid oor God se besluite te praat. Hy verduidelik Paulus se argument verder in sy eie woorde: Liggaamlike slawerny en eienaarskap kom met die dood tot 'n einde, maar Christelike broederskap bestaan vir ewig. Verder is Onesimus nou nie net saam met Filemon 'n dienaar van Christus en lid van dieselfde geestelike liggaam nie, maar ook op 'n besondere manier deel van Filemon se huishouding. Hy eien egter nie hierdie gedagte vir sy eie tyd toe nie.

Paulus se terloopse verwysing na die feit dat Filemon homself aan Paulus te danke het (v. 19) word soos volg deur hom verstaan: (Deur sy bekering) het Paulus Filemon tot die lewe herstel. Dit word só deur hom vir sy lesers toegeëien: Dit is vir ons 'n voorbeeld in die sin dat ons onself en alles wat ons het, aan medegelowiges verskuldig is. Hy voeg by dat die Gelykenis van die Barmhartige Samaritaan ook hierop van toepassing is.

Aan die einde van die kommentaar verbind hy Paulus se seëngroet (“Mag die genade van ons Here Jesus Christus met julle gees wees”) spesifiek aan 'n gees van standvastigheid wat die Here aan alle gelowiges moet skenk sodat hulle kan volhard. Die rede hiervoor lê waarskynlik in die feit dat Bullinger in die voorafgaande net oor een van die persone in vv. 24–25 'n opmerking maak, naamlik Demas: dat hy nog nie afvallig geword het toe Paulus hierdie brief geskryf het nie.

## 5. Evaluering

Daar is heelwat inligting in Bullinger se kommentaar wat nie nuut is nie. Sy siening van die agtergrondsituasie van die brief stem byvoorbeeld ooreen met die manier waarop dit al vir eeue



verstaan is. Daar is ook geen nuwe insigte in die detailaspekte van Paulus se retoriese strategie in sy kommentaar nie<sup>67</sup> en baie van sy teologiese insigte stem ooreen met bestaande sieninge van die brief. Nietemin is sy kommentaar nie bloot 'n versameling van bestaande insigte nie. Twee sake val 'n mens op:

Eerstens is hy die eerste uitlegger in die uitleggeskiedenis van die brief wat Paulus se retoriese strategie in die brief op grond van insigte uit die klassieke retoriek beskryf. Soos bo verduidelik, het hy die insigte wat hy in Melanchthon se benadering tot die retoriese analise van tekste gekry het, gebruik om die brief in te deel. Dit was egter meer as net 'n blote formele oefening. Anders as wat die praktyk vir baie eeue was, het hy nie net op die retoriek van sinne of kleiner frases in die brief gefokus nie, maar deur die manier waarop hy die brief gestruktureer het, ook gewys hoe Paulus se argument stap vir stap in die brief ontwikkel. Al stem sy verstaan van Paulus se retoriek in die kleiner onderafdelings ooreen met bestaande insigte in sy era, het hy dit alles dus binne 'n groter oorhoofse argument verpak en wys hy hoe Paulus se gedagtes stelselmatig ontvou: Paulus gebruik die inleiding (*exordium*) om welwillendheid te skep (vv. 1–3). In plaas van die *narratio* (weergawe van die gebeure) wat 'n mens dan sou verwag, beklemtoon hy hoeveel vreugde hy uit Filemon se optrede put. Hierop volg die hoofgedagte (*propositio*) van die brief (vv. 8–12a), waarna hy oorgaan tot bewysvoering (*confirmatio*; vv. 12b–14). Dit word opgevolg met 'n dubbele weerlegging (*confutatio*) van moontlike besware wat Filemon teen sy versoek kon opper (vv. 15–19). Die brief word afgesluit met 'n slot (*epilogus*). Of 'n mens nou met hierdie siening van die opbou van die brief saamstem of nie, dit bly 'n belangrike ontwikkeling in die uitleggeskiedenis van die brief aangesien dit die eerste keer is dat die oorhoofse argument in die brief op hierdie manier verduidelik word. Afgesien hiervan, skenk hy ook aandag aan die soort argumente wat Paulus gebruik, byvoorbeeld argumente gebaseer op *persona* (karakter), lofprysing en *pathos* (gevoel). In sommige gevalle mag dit 'n bietjie geforseerd voorkom, byvoorbeeld wanneer hy die feit dat Paulus na sy gebede verwys (v. 4) as 'n argument gebaseer op Paulus se *persona* (karakter) beskryf. Die belangrike punt bly egter dat hy dieper gedink het oor Paulus se retoriese strategie as ander uitleggers van die brief.

Die genuanseerde manier waarop hy insigte uit die klassieke retoriek gebruik, is ook opvallend. Hy druk nie 'n retoriese skema op die brief af nie. Dit blyk byvoorbeeld uit die feit dat hy uitdruklik sê dat Paulus in hierdie brief nie van 'n *narratio* (weergawe van die gebeure) gebruik maak nie. Toe die nut van klassieke retoriek amper vier eeue later deur Nuwe-Testamentici herontdek is, het nie almal op dieselfde genuanseerde manier as Bullinger te werk gegaan nie. Soms is daar teen wil en dank 'n *narratio* in die brief gevind. Byvoorbeeld, volgens Christopher Kunitz (2004:124) vorm vv. 8–12 die *narratio*, en volgens Chantal Nsongisa Kimesa (2024:170) is vv. 8–9 die *narratio*.

Aan die ander kant is dit ongelukkig ook waar dat die retoriese struktuur wat Bullinger in die brief vind, 'n fokusverskuiwing tot gevolg het wat daartoe lei dat hy een van die hoofmomente in die brief misluk. Die kern van Paulus se versoek aan Filemon is dat hy Onesimus moet terugontvang. Hy noem dit drie keer: In v. 12 vra hy dat Filemon sy “ingewande” moet ontvang; in v. 15 sê hy dat Filemon Onesimus gaan terugontvang – 'n stelling wat dan met baie belangrike teologiese insigte uitgebrei word: Onesimus kom terug as méér as 'n slaaf, as 'n geliefde broer, sowel in die vlees as in die Here. Direk hierna (v. 17) vra hy 'n derde keer dat Filemon vir Onesimus moet terugontvang, as 'n vennoot, soos wat Paulus Filemon se vennoot is. Die manier waarop Bullinger die brief struktureer, veroorsaak egter dat hierdie versoeke van Paulus minder aandag kry. Volgens hom vind 'n mens die *propositio* (hoofgedagte) van die brief in vv. 8–12a. In hierdie deel van die brief rig Paulus egter nog nie sy versoek nie; hy



maak slegs voorbrand vir die feit dat hy later in die brief 'n versoek gaan rig. Die versoeke volg in vv. 12b, 15 en 17, maar hierdie dele van die brief word in die *confirmatio* (bewysvoering) en *confutatio* (weerlegging van Filemon se besware) geplaas. In die bespreking van hierdie dele skenk Bullinger gevolglik aandag aan sake in die teks wat die retoriese fase wat hy in die teks vind, ondersteun. Dit lei daartoe dat die inhoud van Paulus se versoeke minder aandag kry.

Tweedens is dit so dat die teologie van die brief vir Bullinger besonder belangrik is – juis omdat hy homself in die eerste plek as 'n prediker en 'n herder beskou het (Gordon 2002:170). Uit die bespreking in afdeling 4.6 blyk dat hy die boodskap van die brief op twee maniere vir die mense van sy tyd toe-eien, vir hulle persoonlike geloofslewe en polemies teen wat hy as afwykende sieninge beskou. Laasgenoemde kom slegs drie keer voor, maar die polemieë is baie skerp: Hy val die Anabaptiste twee keer aan oor hulle sieninge van eiendomsreg en die Rooms-Katolieke een keer oor die opneem van kinders in kloosters.

Die toe-eiening vir mense se persoonlike geloofslewe kom egter deurgaans voor: In die bespreking van *argumentum* noem hy dat die brief bedoel was om Filemon en Onesimus met mekaar te versoen en tipeer hy die brief as 'n voorbeeld van liefde wat vir gelowiges leer dat hulle nie vergifnis mag weier aan iemand wat geval het en dan tot inkeer gekom het nie. In vv. 1–3 vestig hy die aandag op die woord *ecclesia* (“kerk”) en lei daaruit af hoe groot die vroomheid en godsdiens in gelowige huise behoort te wees. In sy bespreking van vv. 4–6 wys hy daarop dat gelowiges se goeie werke nooit uit eie verdienste spruit nie, maar altyd van Christus se genade afhanklik is. Verder gebruik hy dié gedeelte om vier kernaspekte in die Christelike godsdiens te beklemtoon: gebede, geloof, liefde teenoor ander gelowiges en goeie werke. In sy bespreking van v. 14 beklemtoon hy dat weldade slegs weldade is as dit vrywillig gedoen word, en in v. 15 dat Christelike broederskap vir ewig bestaan. Paulus se verwysing na Filemon se bekering (v. 19) moet vir gelowiges as voorbeeld dien daarvan dat hulle alles aan hulle medegelowiges verskuldig is. Aan die einde van die kommentaar vestig hy die aandag op die noodsaaklikheid van standvastigheid (teen die agtergrond van Demas se verval).

In sy uitleg van die brief slaag Bullinger dus daarin om talle belangrike temas in die Christelike lewe te beklemtoon: vergifnis, praktiese Christenskap binne die huishouding, gebed, geloof, naasteliefde, goeie werke, vrywillige weldade, broederskap, onderlinge afhanklikheid en standvastigheid. 'n Mens kan nie hiermee fout vind nie. My enigste punt van kritiek is dat hy in die *argumentum* tereg daarop wys dat die doel van die brief is om versoening tussen Filemon en Onesimus te bewerk, maar dat hy in die res van die kommentaar nooit weer ordentlik aan hierdie baie belangrike saak aandag skenk nie. In die *argumentum* noem hy wel dat Paulus versoening probeer bewerk, maar verskuif spoedig die aandag na 'n ander saak: die voorbeeld van Paulus se liefde en vergifnis. Die toe-eiening verskuif dan weg van die saak van versoening na 'n meer algemene saak: dat gelowiges dié wat geval het en tot inkeer kom, moet vergewe. Die manier waarop Paulus later die herstel van die verhouding tussen Filemon en Onesimus teologies begrond met “in die Here” (v. 16) kom ook nie tot sy reg in Bullinger se kommentaar nie. Was dit dalk die gevolg van die manier waarop hy die ontvouing van Paulus se argument verstaan het (soos bo verduidelik)?

'n Laaste opmerking: Dit is jammer dat Bullinger se kommentaar feitlik geen invloed op latere kommentatore gehad het nie. Alhoewel Calvin respek vir sy kommentare gehad het (Holder 2006:249), is daar geen teken in sy kommentaar op Filemon<sup>68</sup> dat Bullinger se kommentaar enige invloed op sy verstaan van die brief gehad het nie. Die enigste verwysing wat ek in latere

kommentare na Bullinger se kommentaar kon vind, is in John Mayer se kommentaar (1631:572) wat aan die begin van sy kommentaar Bullinger se waardering vir Paulus se retoriek in die brief goedkeurend aanhaal. In die res van Mayer se kommentaar is daar egter min tekens dat sy verstaan van die brief deur sy kommentaar beïnvloed is. Vollenweider (2017:2) het waarskynlik reg dat die uitleggeskiedenis beïnvloed is deur 'n gerigtheid op die “groot” figure in die sestiende eeu soos Luther en Calvyn en dat Bullinger beskou is as iemand wie se bydrae van minder belang was. Ongelukkig het dié idee daartoe gelei dat sy vernuwende insigte in die verstaan van die retoriek van Filemon nooit die aandag gekry het wat dit verdien nie.

## Bibliografie

Baschera, L. 2023. In der “Schule göttlicher Weisheit”: Zu Heinrich Bullingers Horizontbestimmung der biblischen Exegese. *Zwingliana*, 50:55–108.

Baschera, L. (red.). 2013. *Bullinger, Heinrich: Werke: Kommentare zu den neutestamentlichen Briefen: Röm–1Kor–2Kor*. Zürich: Theologischer Verlag. Heinrich Bullinger Werke 3.6.

Baschera, L. en C. Moser (reds.). 2015. *Heinrich Bullinger: Kommentare zu den neutestamentlichen Briefen: 1–2Thess – 1–2Tim – Tit – Phlm*. Zürich: Theologischer Verlag. Heinrich Bullinger Werke 3.8.

Bateman, J.J. (vertaler). 1993. *Erasmus: paraphrases on the Epistles to Timothy, Titus, and Philemon, the Epistles of Peter and Jude, the Epistle of James, the Epistles of John, the Epistle to the Hebrews*. Toronto/Buffalo NY/Londen: University of Toronto Press. Collected Works of Erasmus 44.

Baum, G., E. Cunitz en E. Reuss (reds.). 1964 [1895]. *Ioannis Calvini opera quae supersunt omnia. Vol. 52*. Herdruk. New York, NY/Londen: Johnson Reprint Corp. Corpus Reformatorum 80.

Bray, G.L. (vertaler en red.). 2009. *Commentaries on Galatians – Philemon: Ambrosiaster*. Downers Grove, IL: IVP Academic. Ancient Christian Texts.

Brown, A.J. (red.). 2013. *Novvm Testamentvm ab Erasmo recognitvm. Tomus 4: Epistolae Apostolicae (secvnda pars) et Apocalypsis Iohannis*. Leiden: Brill. Opera Omnia Desiderii Erasmi Roterodami 6.4.

Bucchi, F. (red.). 2003. *Commentarii in epistylas Pavli apostoli ad Titvm et ad Philemonem*. Turnhout: Brepols. Corpus Christianorum, Series Latina 77C.

Camargo, M. 1991. *Ars dictaminis, ars dictandi*. Turnhout: Brepols. Typologie des Sources du Moyen Âge Occidental 60.

Classen, C.J. 2000. *Rhetorical criticism of the New Testament*. Tübingen: Mohr Siebeck. Wissenschaftliche Untersuchungen zum Neuen Testament 1.128.

Cross, E.L. en E.A. Livingstone (reds.). 2005. *The Oxford dictionary of the Christian church*. 3de uitgawe. Oxford: Oxford University Press.

Dahan, G. 2018. L'exégèse médiévale de l'épître à Philémon. *Archives d'Histoire Doctrinale et Littéraire du Moyen Âge*, 85(1):7–47.

De Gorran, N. 1617. *In omnes divi Pauli epistolas elucidatio*. Antwerpen: I. Keerbergium.

De Lyra, N. 1971 [1492]. *Postilla super totam Bibliam. IV. Straßburg 1492: Unveränderter Nachdruck*. Frankfurt am Main: Minerva GmbH.

Decock, P.B. 2010. The reception of the Letter to Philemon in the Early Church: Origen, Jerome, Chrysostom and Augustine. In Tolmie en Friedl (reds.) 2010.

Elder, N.A. 2024. This hand is validation: Philemon as a Pauline holograph. *New Testament Studies*, 70(3):324–39.

Glazemaker, J.H. 1663. *Desiderius Erasmus: annotationes, of aantekeningen op 't Nieuwe Testament*. Amsterdam: Ian Rievwertsz.

Gordon, B. 2002. Heinrich Bullinger (1504–1575). In Lindberg (red.) 2002.

Hausammann, S. 1974. Die Rhetorik im Dienst der reformatorischen Schriftauslegung. *Kerygma und Dogma*, 20:305–14.

Hill, R.C. (vertaler). 2001. *Theodoret of Cyrus: commentary on the Letters of St. Paul. Volume one: translated with an introduction*. Brookline, MA: Holy Cross Orthodox Press.

Holder, R.W. 2006. Calvin as commentator on the Pauline Epistles. In Mckim (red.) 2006.

Holder, R.W. (red.). 2008. *A companion to Paul in the Reformation*. Leiden/Boston, MA: Brill. Brill's Companions to the Christian Tradition 15.

Hovingh, P.F. 2012. *Annotationes in Epistolam ad Romanos*. Leiden: Brill. Opera Omnia Desiderii Erasmi Roterodami 6.7.

Irons, M.S., J.T. Dennison, C.T. Drown en L. Irons. 1999. Translations: Theodoret of Cyrrhus: the Epistle of Paul to Philemon. *Westminster Theological Journal*, 61:111–7.

Kannengiesser, C. 2006. *Handbook of Patristic exegesis: the Bible in Ancient Christianity. With special contributions by various scholars*. Leiden/Boston, MA: Brill.

Knape, J. 1993. *Philipp Melanchthons "Rhetorik"*. Tübingen: Niemeyer. Rhetorik-Forschungen 6.

Krans, J. 2006. *Beyond what is written: Erasmus and Beza as conjectural critics of the New Testament*. Leiden/Boston, MA: Brill. New Testament Tools and Studies 35.

Kumitz, C. 2004. *Der Brief als Medium der ἀγάπη: eine Untersuchung zur rhetorischen und epistolographischen Gestalt des Philemonbriefes*. Frankfurt am Main: Peter Lang. Europäische Hochschulschriften Reihe 23: Theologie 787.

Leutzsch, M. 2022. The first Bible translations into German based on Erasmus's New Testament: Johannes Lang's and Martin Luther's versions of the Gospel of Matthew. *The Bible Translator*, 73(3):354–75.

Lindberg, C. (red.). 2002. *The Reformation theologians: an introduction to theology in the Early Modern Period*. Malden MA: Blackwell. The Great Theologians.

Luther, M. 1902. *D. Martin Luthers Werke: kritische Gesamtausgabe*. 25. Band. Weimar: Hermann Böhlau.

Marriott, C. en E.B. Pusey (reds.). 1870. *Theodoreti episc. Cyri commentarius in omnes B. Pauli epistolas II: continens Epistolas ad Ephesios, Philippenses, Colossenses, Thessalonicenses, Hebraeos, Timotheum, Titum et Philemonem*. Oxford: J.H. Parker. BPEC.

Mayer, J. 1631. *A commentarie upon all the epistles of the apostle Saint Paul, being fourteene: representing the divers expositions thereof, out of the workes of the most learned, both ancient fathers and moderne writers, and hereby sifting out the true sense of every passage, for the benefit of all that desire to reade with understanding*. Londen: John Grismond.

Mckim, D.K. (red.). 2006. *Calvin and the Bible*. Cambridge: Cambridge University Press.

Mortensen, J. en E. Alarcón (reds.). 2012. *Commentary on the letters of Saint Paul to the Philippians, Colossians, Thessalonians, Timothy, Titus, and Philemon: translated by F.R. Larcher*. Lander, WY: Aquinas Institute for the Study of Sacred Doctrine. Biblical Commentaries. Latin/English Edition of the Works of St. Thomas Aquinas 40.

Nsongisa Kimesa, C. 2024. “οὐκέτι ὡς δοῦλον ἀλλ’ ὑπὲρ δοῦλον, ἀδελφὸν ἀγαπητόν”: plaidoyer pour un esclave fugitif (Lettre à Philémon). In Nsuka Nkoko en Kimesa (reds.) 2024.

Nsuka Nkoko, J.-B. en C.N. Kimesa (reds.). 2024. *Condition servile dans la Rome antique: de la déshumanisation à une certaine humanisation analyses et commentaires de textes choisis*. Parys: L'Harmattan. Africa Latina.

Opitz, P. 2009. Bullinger and Paul. In Holder (red.) 2009.

—. 2012. Bullinger, Heinrich. *Encyclopedia of the Bible and Its Reception*, 4:592–3.

Poster, C. en L.C. Mitchell (reds.). 2007. *Letter-writing manuals and instruction from antiquity to the present: historical and bibliographic studies*. Columbia, SC: University of South Carolina Press.

Richardson, M. 2007. The *ars dictaminis*, the formulary, and medieval epistolary practice. In Poster en Mitchell (reds.) 2007.

Scheck, T.P. (vertaler.). 2010. *St. Jerome's commentaries on Galatians, Titus, and Philemon*. Notre Dame, IN: University of Notre Dame Press.

Shepherd, V. 2005. Heinrich Bullinger, reformer (1504–1575). *Touchstone*, 23(1):28–31.

Stein, P. 1999. *Roman law in European history*. 12de uitgawe. Cambridge: Cambridge University Press.

Stephens, W.P. 2019. *The theology of Heinrich Bullinger (edited by Jim West and Joe Mock)*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. Reformed Historical Theology 59.

Tolmie, D.F. 2021. *Pointing out persuasion in Philemon: fifty readings of Paul's rhetoric from the fourth to the eighteenth century*. Tübingen: Mohr Siebeck. History of Biblical Exegesis 1.

Tolmie, D.F. en A. Friedl (reds.). 2010. *Philemon in perspective: interpreting a Pauline letter*. Berlin/New York NY: De Gruyter. Beihefte zur Zeitschrift für die neutestamentliche Wissenschaft 169.

Van Poll-van de Lisdonk, M.L. (red.). 2014. *Annotationes in Novum Testamentum*. Leiden: Brill. Opera Omnia Desiderii Erasmi Roterodami 6.10.

—. 2019. *Paraphrasis in omneis epistolas apostolicas – pars secundus*. Leiden: Brill. Opera Omnia Desiderii Erasmi Roterodami 7.5.

Vogels, H.J. (red.). 1968. *Ambrosiastri qui dicitur commentarius in epistulas Paulinas III: in epistulas ad Galatas, ad Efesios, ad Filippenses, ad Colosenses, ad Thesalonicenses, ad Timotheum, ad Titum, ad Filemonem*. Wien: Holder-Pichler-Tempsky. CSEL 81/3.

Vollenweider, S. 2017. Paulus in Zürich: zur Briefauslegung von Heinrich Bullinger. *Zeitschrift für Theologie und Kirche*, 114(1):1–20.

Wengert, T.J. 2009. The rhetorical Paul: Philip Melancthon's interpretation of the Pauline epistles. In Holder (red.) 2009.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Kyk ook Hausammann (1974:313–4) vir die manier waarop Bullinger se beskrywing van die take van predikers verskil het van die manier waarop die take van sprekers in die klassieke retoriek beskryf is. In plaas van *docere*, *delectare* en *movere* (“om te leer, te vermaak en te ontroer”), beskryf hy dit as *docere*, *hortari* en *consolari* (“om te leer, te vermaan en te troos”).

<sup>2</sup> Letterlik *argumentum*. Vanaf die vroegste tye het kommentare begin met 'n *argumentum* – 'n beskrywing van die ontstaansituasie van die geskrif. Soms (soos ook in Bullinger se geval) is die boodskap van die geskrif ook alreeds kortliks hier opgesom.

<sup>3</sup> Letterlik *religio Christi*. Kan ook vertaal word as “Christelike godsdiens”.

<sup>4</sup> Die begrip *servulum* is 'n verkleinwoord (letterlik “slafie”). Dit moet egter nie letterlik verstaan word nie. Dit kan moontlik gevoelswaarde uitdruk.

<sup>5</sup> Die begrip wat Bullinger gebruik, is *genus deliberativum*. In die klassieke retoriek is hierdie begrip gebruik om te verwys na die soort toesprake wat oor toekomstige optrede gehandel het, oor watter optrede nagestreef of vermy moet word.

<sup>6</sup> Bullinger maak gebruik van Erasmus se Latynse vertaling van die Griekse Nuwe Testament (Vollenweider 2017:7). Dié teks het die term *collega* (“kollega”) en nie *adiutor* (“medewerker”) wat in die Vulgaat voorkom nie. Die kritiese teks van Erasmus se Griekse en Latynse weergawes van Filemon is beskikbaar in Brown (2013:210–8).

<sup>7</sup> Die Latynse teks wat Bullinger gebruik, het die term *congregatio* en nie *ecclesia* wat in die Vulgaat voorkom nie. Beide begrippe word as “gemeente” vertaal.

<sup>8</sup> Hier is dit 'n wisselterm vir *salutatio*. Kyk die bespreking in afdeling 4.5.

<sup>9</sup> Letterlik *sermo*, wat ook vertaal kan word as “toespraak”, “diskoers” of “gesprek”.

<sup>10</sup> Bullinger verwys na Ambrosiaster se kommentaar op Filemon (na sy *argumentum*). Die Latynse teks is beskikbaar in Vogels (1968:337.17–338.2). 'n Engelse vertaling van Ambrosiaster se kommentaar is beskikbaar in Bray (2009).

<sup>11</sup> Bullinger verwys na Hieronimus se kommentaar op Filemon, vv. 1–2. Die Latynse teks is beskikbaar in Bucchi (2003:85.121–3). 'n Engelse vertaling is beskikbaar in Scheck (2010).

<sup>12</sup> Bullinger baseer hierdie stelling op Erasmus se *Annotationes* op Filemon, maar hy verstaan Erasmus verkeerd. Kyk die verdere bespreking hiervan in afdeling 4.3.

<sup>13</sup> Kol. 4:8–9.

<sup>14</sup> Erasmus noem dit in sowel sy *Annotationes* (Van Poll-van de Lisdonk 2014:218.14–7) as sy *Paraphrasis* (Van Poll-van de Lisdonk 2019:492.9). 'n Engelse vertaling van die *Paraphrasis* is beskikbaar in Bateman (1993:71–4), maar die *Annotationes* is nog nie in Engels vertaal nie. Daar is wel 'n (baie) ou Nederlandse vertaling beskikbaar: Glazemaker (1663).

<sup>15</sup> Letterlik “in dieselfde kamp (veg)”.

<sup>16</sup> 1 Tim. 1:18–19.

<sup>17</sup> Letterlik “kerk” (*ecclesia*).

<sup>18</sup> Die verkleinwoord *servulum* word weer gebruik. Kyk voetnoot 4.

<sup>19</sup> Letterlik “om arm te wees”.

<sup>20</sup> Hierdie begrip word in afdeling 4.5 bespreek.

<sup>21</sup> Letterlik “Want hierdie dele word naamlik deur verdeling (aan mekaar) vasgemaak”.



<sup>22</sup> Letterlik “die hele Christelike aksie”.

<sup>23</sup> Letterlik *viscera*, ’n aanduiding van emosies. Dit sou dus in ons konteks vertaal kon word as “harte”.

<sup>24</sup> Hierdie begrip word in afdeling 4.5 bespreek. Ek het die woorde *narrationis loco* vertaal met “in plaas van ’n *narratio*”. Dit kan ook vertaal word as “as ’n soort van ’n *narratio*” bedoelende dat Paulus nie ’n formele afgebakende *narratio* gebruik nie, maar dit integreer in sy argument.

<sup>25</sup> Letterlik “ingeweef”.

<sup>26</sup> Die aanhaling kom uit Hieronimus se kommentaar op Filemon, v. 7. Kyk Bucchi (2003:93.316–9).

<sup>27</sup> Hierdie begrip word in afdeling 4.5 bespreek.

<sup>28</sup> Die woorde “met goeie reg” is my vertaling van *bene merito*. Volgens die kritiese teks is dit deel van die vorige frase, maar dit pas myns insiens beter by die volgende frase (soos wat ek dit vertaal het).

<sup>29</sup> Letterlik “gebede”.

<sup>30</sup> Letterlik “asof hy nie omgee nie”.

<sup>31</sup> Bullinger verwys na die Latynse digter Vergilius. Al twee die aanhalings kom uit die *Aeneis*.

<sup>32</sup> Hierdie stelling van Bullinger stem ooreen met Erasmus se weergawe van hierdie gedeelte in sy *Paraphrasis*. Kyk Van Poll-van de Lisdonk (2019:494.33–9).

<sup>33</sup> Kan ook vertaal word as “vir” Christus.

<sup>34</sup> Bullinger baseer hierdie stelling op Erasmus se *Paraphrasis* op Filemon. Kyk Van Poll-van de Lisdonk (2019:494.45–7).

<sup>35</sup> Bullinger baseer hierdie stelling op Erasmus se *Annotationes* op Filemon. Kyk Van Poll-van de Lisdonk (2014:226.122).

<sup>36</sup> Kan ook vertaal word as “raad” of “advies”.

<sup>37</sup> Hierdie begrip word in afdeling 4.5 bespreek.

<sup>38</sup> Bullinger baseer hierdie stelling op Erasmus se *Paraphrasis* op Filemon. Kyk Van Poll-van de Lisdonk (2019:494.50).

<sup>39</sup> Letterlik “Onder watter titel van geregtigheid ...?”

<sup>40</sup> Letterlik “ver en wyd”.

<sup>41</sup> Hierdie begrip word in afdeling 4.5 bespreek. Let op dat Bullinger hier die verkleiningsvorm van *confutatio* – *confutadiuncula* – gebruik.

<sup>42</sup> Hierdie aanhaling kom uit Hieronimus se kommentaar op Filemon, vv. 15–17 (met enkele kleiner wysigings). Kyk Bucchi (2003:98.438–40).

<sup>43</sup> Bullinger baseer hierdie stelling op Hieronimus se kommentaar op Filemon, v. 17. Kyk Bucchi (2003:98.461–99.467).

<sup>44</sup> Kyk die *argumentum* aan die begin van die kommentaar.

<sup>45</sup> Bullinger baseer hierdie stelling op Hieronimus se kommentaar op Filemon, vv. 8–9. Kyk Bucchi (2003:94.336–9).

<sup>46</sup> Bullinger spel die term effens anders: *chyrographum*. Kyk die bespreking van hierdie begrip in afdeling 4.5.7.

<sup>47</sup> Die Latynse teks het *moetuas*, maar dit moet *metuas* wees.

<sup>48</sup> Hierdie begrip word in afdeling 4.5 bespreek.

<sup>49</sup> Bullinger baseer hierdie stelling op Erasmus se *Annotationes* op Filemon. Kyk Van Poll-van de Lisdonk (2014:226.108–9).

<sup>50</sup> Bullinger verwys na Hieronimus se kommentaar op Filemon, v. 22. Kyk Bucchi (2003:101.533–8).

<sup>51</sup> Die kantnota lui: “Hulle almal het saam met Paulus vir Onesimus gepleit.”

<sup>52</sup> Bullinger verwys na Kol. 4:10–4.

<sup>53</sup> Kan ook vertaal word as “beoefening (van die evangelie)”.

<sup>54</sup> Latynse teks beskikbaar in Vogels (1968:337–42) en Engelse vertaling in Bray (2009:161–3).

<sup>55</sup> Ek bespreek die wyse waarop al hierdie kommentatore die retoriek van die brief verstaan het, volledig in Tolmie (2021:133–83).

<sup>56</sup> Bullinger gebruik nie die term *confutatio* nie, maar hy beskryf hierdie deel wel as Paulus se reaksie op ’n tweede moontlike beswaar van Filemon: *respondet his ad alteram obiectionem* (“Hy reageer hiermee op die tweede beswaar”).

<sup>57</sup> Baschera (2013:lxvii) is ook van mening dat Bullinger waarskynlik op Erasmus se *Annotationes* staatgemaak het vir verwysings na die Griekse skolia.

<sup>58</sup> Omdat kodeks 2817 aandui dat hierdie inligting uit Theodoretus (van Sirrus) kom, het Erasmus verkeerdelik aanvaar dat hy hierdie siening gehuldig het. Dit kom egter uit die kommentaar van Pseudo-Oekumenius. Die teks is beskikbaar in PG 117:264A; 1881-uitgawe. Theodoretus vermeld nie dat Filemon (of Onesimus) 'n Frigiër was nie; wel dat Onesimus Filemon besteele het. Kyk sy kommentaar (beskikbaar in Marriott and Pusey 1870:287–92). Daar is twee Engelse vertalings van Theodoretus se kommentaar op Filemon beskikbaar: Hill (2001:261–5) en Irons e.a. (1999:111–7).

<sup>59</sup> Ambrosiaster se kommentaar is tydens die tyd van Pous Damasus geskryf. Kyk Kannengiesser (2006:1081).

<sup>60</sup> Latynse teks en Engelse vertaling beskikbaar in Mortensen en Alarcón (2012:461–72).

<sup>61</sup> Latynse teks beskikbaar in De Gorran (1617:587–91).

<sup>62</sup> Latynse teks beskikbaar in De Lyra (1971 [1492]).

<sup>63</sup> Kyk Tolmie (2021:105–20) vir 'n volledige oorsig van die manier waarop hierdie drie kommentatore Paulus se retoriese strategie in Filemon verstaan het.

<sup>64</sup> Die Anabaptiste het uit verskeie verskillende groeperings bestaan. Kyk Cross en Livingstone (2005:55–6).

<sup>65</sup> Let ook op die latere terloopse verwysing na “gebede wat besonder effektief is by die Here”, in sy bespreking van v. 22.

<sup>66</sup> Paulus se verwysing na Filemon se toestemming het al van vroeg af die aandag van teoloë getrek. Kyk Decock (2010:273–288) vir 'n bespreking van die manier waarop Origines en Hieronimus dit verstaan het.

<sup>67</sup> Kyk die opsomming van die manier waarop Paulus se retoriese strategie in die brief verstaan is in Tolmie (2021:282–329). Bullinger se verstaan van die detailaspekte van Paulus se strategie stem ooreen met bestaande insigte.

<sup>68</sup> Calvin se kommentaar op Filemon is in 1551 gepubliseer. Die Latynse weergawe is beskikbaar in Baum e.a. (1964 [1895]:441–50).

# ***Natuurwetenschappen***

---

ISSN 1995-5928

# Epistemiese verwagtinge en werklikhede by aandeelprysopbrengste

Abie Bouwer en Eben Maré

---

Abie Bouwer, onafhanklike navorser, en  
Eben Maré, medeprofessor, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, Universiteit van Pretoria

---

## *Opsomming*

Hierdie artikel ondersoek aandeelprysopbrengste vanuit 'n epistemiese raamwerk. Twee kern-vrae word gestel: Eerstens, indien aandeelpryse suiwer op beskikbare inligting gebaseer is, hoe behoort die statistiese eienskappe van opbrengsverdelings te lyk? Tweedens, indien empiriese aandeelprysopbrengste hiervan afwyk, wat impliseer dit oor die onderliggende dinamika?

Die eerste deel van die studie ontwikkel 'n teoretiese model vir die verwagte gedrag van prosesse wat volledig deur inligting gedryf word. Marginale veranderinge in inligting oor baie kort tydsintervalle word gebruik om te formuleer hoe die prys van 'n bate beïnvloed word en om te wys hoe die aanvanklike waarskynlikheidsdigtheidsfunksie deur opeenvolgende konvolusies ontwikkel tot verdelings op arbitrêre tydskaal.

In die tweede deel word empiriese data van aandeelpryse oor verskillende tydsintervalle ontleed, met spesifieke fokus op die evolusie van kurtose as 'n maatstaf van verspreidingsgedrag. Hierdie waarnemings word gekontrasteer met die teoretiese verwagtinge soos in die eerste deel afgelei. Daar word bevind dat slegs gedeeltelike ooreenstemming bestaan en dat strukturele afwykings voorkom wat nie met 'n suiwer inligtingsgedrewe proses strook nie. Ten slotte word 'n moontlike verklaring vir die afwykende gedrag gebied en die implikasies vir die interpretasie van markinligting word bespreek.

**Trefwoorde:** aandeelprysopbrengs; GARCH; hiperboliese omskakeling; inligtingsproses; kurtose; nie-lineêre transformasie; trosvorming; waarskynlikheidsverdeling

## ***Abstract***

### **Epistemic expectations and realities in stock price returns**

This article presents a dual investigation of stock price returns: one theoretical and one empirical. It explores how returns should behave if they are entirely driven by information and compares these theoretical expectations to actual market data. The central question is whether the statistical features of price returns can be reconciled with the notion that prices reflect only the arrival and processing of new information.

In the first, epistemic component of the study, a probability distribution is constructed to describe the impact of small units of information (“news particles”) on asset prices. The model assumes that stock prices evolve exclusively in response to these informational events, with each news particle contributing incrementally to the total information state. Since information is not directly measurable and has no inherent numerical value, its value is defined operationally as the degree to which it moves prices. The expected distribution of returns over different time intervals is then derived by convolving the distribution of individual news particles. These convolutions simulate how the accumulation of many small informational updates might affect return distributions over longer periods.

Particular attention is paid to kurtosis, which captures the relative weight of observations in the tails of a distribution, is sensitive to extreme events, and therefore provides a natural summary of the heavy-tailed behaviour and extreme price movements emphasised in the empirical finance and risk-management literature. The theoretical model predicts that, as time progresses and more informational updates are convolved, kurtosis should decay steadily and ultimately converge to the kurtosis of a normal distribution, in accordance with the central limit theorem. This behaviour is taken as a benchmark: if returns are purely information-driven, then kurtosis should follow a predictable decay path.

The empirical portion of the study analyses return data from the FTSE/JSE Top 40 Total Return Index (J200T) across a range of time intervals, from one second to one year. The returns are carefully prepared to exclude distortions due to weekend gaps and non-trading hours. For each time interval, key statistical moments are calculated, with a particular focus on kurtosis. The analysis shows that empirical kurtosis, while it declines as time intervals increase (as expected), remains significantly higher than the theoretical model predicts. Most notably, it does not appear to converge to the normal level of kurtosis (i.e. a value of 3). Even at longer intervals (e.g. daily or weekly), kurtosis remains elevated, suggesting that something other than pure information is affecting return distributions.

It is proposed that the persistent excess kurtosis observed in real return data is not the result of the information process itself, but rather of a transformation applied to information as it is reflected in prices. This transformation is argued not to be a random artefact, but to follow a consistent pattern: it is the result of a structural heuristic that emerges when market participants infer measurable values (such as returns) from unmeasurable causes (such as the significance of news). This process is referred to as hyperbolic transformation, a concept developed in earlier work. It arises from the geometric observation that when the domain of a function is not directly measurable, estimators tend to interpolate between known output values (on the range or value axis), rather than inputs (on the domain axis). Under certain assumptions, interpolation



on the value axis is proportionally equivalent to interpolation on the functional curve, resulting in a distortion of the underlying distribution, often captured by an increase in kurtosis.

To support this hypothesis, the rate of kurtosis decay in the theoretical model (where kurtosis evolves as a function of the number of convolutions) is compared to the empirical decay of kurtosis (as a function of the return interval, measured in seconds). A functional transformation is sought that aligns the two decay trajectories in their first and higher-order derivatives. A simple exponential function is found to provide an excellent match. Using numerical optimisation, parameter values are identified that minimise the difference between the theoretical and empirical kurtosis derivatives across intervals. The match is sufficiently strong to suggest that both distributions are in the same phase of decay but displaced in absolute magnitude. This displacement is attributed to hyperbolic transformation.

Furthermore, it is tested whether this excess kurtosis can be attributed to conditional heteroskedasticity (volatility clustering), a well-known feature of financial time series. Using GARCH(1,1) models and Ljung–Box tests on squared returns, it is shown that, although volatility clustering is indeed present, it cannot on its own account for the magnitude of the kurtosis observed – especially at very short intervals. It is concluded that volatility clustering contributes to excess kurtosis but is not the dominant cause.

To model returns incorporating the hypothesised transformation, a process of the form:

$$\ln \frac{S(t + \Delta t)}{S(t)} = \mu + \sigma(t) \cdot Z(X; \lambda, \kappa)$$

is used. Here,  $Z$  is a standardised version of  $\sinh(\kappa X + \lambda)$ , where  $X$  is standard normally distributed variable and  $\lambda$  and  $\kappa$  are shape parameters. The  $\sinh$  function introduces hyperbolic curvature, and the  $Z$ -transformation ensures zero mean and unit variance. The volatility term  $\sigma(t)$  follows a GARCH(1,1) process, calibrated to capture volatility dynamics. All model parameters are calibrated by maximising the log-likelihood of the observed return series. The residuals from the model (the inferred  $X$ -values) are tested for normality, autocorrelation and volatility clustering. The results are consistent with the model's assumptions: residuals approximate standard normality and exhibit no significant autocorrelation or ARCH effects, provided the data is pre-processed to remove multi-day returns and calendar artefacts.

The findings suggest that hyperbolic transformation is a viable explanation for the persistent excess kurtosis seen in return distributions, especially at intraday and daily frequencies. The model performs well in matching both the shape and dynamic structure of returns. However, the scope of the study is limited to an equity index under favourable conditions (high liquidity, active trading). Further research is needed to assess the generalisability of the findings to other assets, market regimes and levels of market efficiency. Overall, the study proposes a synthesis of information-based pricing theory and heuristic modelling, offering a coherent framework for explaining the shape and dynamics of stock return distributions and inviting further exploration of the geometric and epistemic underpinnings of market behaviour.

**Keywords:** central limit theorem; GARCH; hyperbolic transformation; information-driven process; kurtosis; nonlinear transformations; probability distribution; stock price return; volatility clustering

## 1. Inleiding

Die wêreld lewer voortdurend nuwe inligting wat tot begrip van die werklikheid bydra. Soos hierdie inligting beskikbaar raak, begin die toekoms geleidelik gestalte aanneem – voordat dit uiteindelik in die verlede verdwyn.

Nietemin is nuwe inligting nie universeel interpreteerbaar of waardeerbaar nie. Die betekenis en impak daarvan hang sterk van konteks af. Reënval, byvoorbeeld, kan voordelig wees vir 'n boer, maar nadelig vir die organiseerder van 'n buitelugkonsert. Dieselfde gebeurtenis kan dus uiteenlopende finansiële gevolge vir verskillende rolspelers hê.

Hierdie artikel ondersoek hoe nuwe inligting in aandeelpryse neerslag vind. In die gees van Williams (1938) word pryse beskou as die verdiskontering van markdeelnemers se verwagtinge oor toekomstige uitbetalings en gebeure. Indien pryse inligting doeltreffend reflekteer, behoort prysbewegings in beginsel die direkte gevolg van veranderings in beskikbare inligting te wees. Hierdie uitgangspunt rig die ondersoek na die verband tussen inligting- en prysgedrag.

Dit is welbekend dat aandeelopbrengste van die normaalverdeling afwyk. Oortollige kurtose word hier as 'n stylfeit aanvaar. Die verskynsel is reeds vroeg beskryf (Fama 1965; Mandelbrot 1963) en saamgevat in oorsigwerke (Campbell, Lo en MacKinlay 1997; Cont 2001; Lo en MacKinlay 1999).

Benaderings om die empiriese patrone te pas het oor dekades ontwikkel. Klassieke voorbeelde sluit in mengselverdelings (Press 1967), saketydmodellering (Clark 1973) en alternatiewe swaareindverdelings (Barndorff-Nielsen 1977; Eberlein en Keller 1995). Hierbenewens word ARCH/GARCH-modelle en hul uitbreidings gereeld toegepas (Bollerslev 1986, 1987; Engle 1982).

'n Parallele stroom in die afgeleide-instrumenteliteratuur fokus minder op die onderliggende prysdinamiek en eerder op prysimplikasies: Stogastiese volatiliteit en sprongdiffusie word gemotiveer deur nie-konstante implisiete volatiliteit (Bates 1996; Duffie, Pan en Singleton 2000; Heston 1993; Merton 1976). Verdere dryfvere sluit in verbeterde risikometing en veral die voorspelling van ekstreme prysbewegings (Embrechts, Klüppelberg en Mikosch 1997; McNeil, Frey en Embrechts 2005). Die frekwensie van uiterstes en swaar verdelingsuiteindes motiveer juis waarom metings wat op die verdeling se vierde moment, naamlik kurtose, gebaseer is, as 'n geskikte fokuspunt vir ondersoek dien.

Epistemiese of kousale verklarings vir waarom die opbrengsverdeling die waargenome vorm aanneem, is skaarser. Clark (1973) se mengselverdelingshipotese koppel wisselende aktiwiteit aan volatiliteit en wys dat Brown-beweging in saketyd, wanneer dit na kloktyd omgeskakel word, tot 'n swaareindverdeling lei. Modelle wat die wisselwerking tussen waardebeleggers en korttermyn-trendjagters uitbeeld (Lux en Marchesi 1999), sowel as werkwyses wat die impak van groot transaksies beklemtoon (Gabaix, Gopikrishnan, Plerou en Stanley 2003), toon soortgelyke nie-normale kenmerke. Nietemin is dié verklarings hoofsaaklik verskynselbeskrywend; verg gereelde kalibrasie; en is nie altyd bruikbaar in die praktyk vir prysbepaling of risiko-bestuur nie.

In teenstelling met dié benaderings word hier 'n ander pad gevolg. Daar word getuienis gelewer dat die waargenome opbrengsverdeling oor uiteenlopende toestande grootliks 'n byproduk van 'n heuristiek is. Dié heuristiek word aangevuur deur die omset van onkwantifiseerbare nuus in kwantifiseerbare opbrengste. Hierdie benadering lei daartoe dat die vorm van die verdeling tussen verskillende marktoestande betreklik konstant bly. Dit verminder die noodsaak vir voortdurende kalibrasie, omdat die model se parameters reeds 'n wye reeks toestande insluit. Indien dit standhou, het dit betekenisvolle implikasies vir bateprysbepaling en risikobestuur, waar onsekerheid oor die omvang van onwaarskynlike, ekstreme gebeure tradisioneel 'n uitdaging bly.

Dit bring die kernkwessie na vore: Pryse reageer op inligting, maar die waarde van nuus is self nie direk kwantifiseerbaar nie. Soos reeds genoem, het nuwe inligting nie 'n vaste of objektiewe waarde wat maklik gekwantifiseer kan word nie. Dit bemoeilik pogings om 'n model te bou wat veranderinge in die staat van inligting – oftewel “nuusbrokkies” – sistematies vertaal na veranderinge in aandeelpryse. Hoewel markdeelnemers daaglik sulke vertalings blykbaar intuïtief uitvoer (Fama, Fischer, Jensen en Roll 1969), is dit vir die teoretikus minder eenvoudig om, byvoorbeeld, “goeie nuus” om te skakel na “hierdie aandeel is nou onderwaardeer”.

Om dié rede word die presiese meganisme van interpretasie nie gemodelleer nie en daar word bloot aanvaar dat so 'n meganisme funksioneer. Daar word verder veronderstel dat nuusbrokkies op 'n kontinuum gerangskik kan word – van katastrofiese slegte nuus wat 'n maatskappy se ondergang beteken, tot uitsonderlik goeie nuus wat sy waarde aansienlik verhoog. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit voldoende dat hierdie brokkies volgens hul impakwaarde op 'n reële skaal georden kan word.

Ter wille van eenvoud word aanvaar dat nuusbrokkies sonder meetbare invloed op 'n aandeelprys 'n waarde van nul het, met positiewe waardes vir goeie nuus en negatiewe waardes vir slegte nuus.

Op grond van hierdie vereenvoudigde maar bruikbare raamwerk, word 'n waarskynlikheidsdigtheidsfunksie (WDF) vir die netto verandering in inligting oor baie kort tydsintervalle voorgestel. Hierdie funksie word nie empiries afgelei nie, maar is gebaseer op logiese redenering en aannames oor die aard van inligtingsvloei.

Met so 'n WDF tot beskikking kan teoretiese afleidings gemaak word oor die verwagte gedrag van aandeelprysopbrengste oor langer tydperke. Van besondere belang is die gedrag van kurtose – die mate van stert-digtheid – en hoe dit oor tyd ontwikkel in prosesse wat suiwer deur inligting gedryf word.

Die teoretiese raamwerk vorm die grondslag vir die empiriese gedeelte van die studie. In die empiriese gedeelte word die opbrengste van die FTSE/JSE Top 40 Total Return Index oor 'n verskeidenheid tydsintervalle, van een sekonde tot jaarliks, ontleed. Die fokus val veral op hoe kurtose oor hierdie skale ontwikkel.

Uit hierdie ontleding blyk dit dat buitengewone kurtose selfs oor lang tydsintervalle steeds teenwoordig is in die indeks se opbrengste. Dit stem nie ooreen met die verwagtinge op grond van die onderliggende inligtingsproses nie. In die teoretiese model begin die verdeling reeds ná 'n beperkte aantal konvolusies normaal lyk – baie vroeër as wat 'n jaar se akkumulering van inligting sou impliseer.

Hierdie afwyking lei tot die voorstel dat 'n heuristiese transformasie, naamlik hiperboliese omskakeling, onderliggend is aan die waargenome gedrag. Bouwer en Maré (2025) ontwikkel 'n gedagtemodel waarin markdeelnemers waardes beraam wanneer 'n kwantifiseerbare opbrengs uit 'n onderliggende, kwalitatiewe en onkwantifiseerbare konteks afgelei moet word. Omdat die definisiegebied (konteks) nie direk gemeet kan word nie, word plaaslike interpolasie op die waarde-as uitgevoer tussen twee ankeropbrengste wat met soortgelyke kontekste geassosieer word. Onder redelike aannames is so 'n interpolasie ekwivalent aan interpolasie op die funksionele kromme self, dit wil sê, op die grafiek van die funksie wat opbrengs aan konteks koppel. Hierdie meganisme lei tot 'n hiperboliese verbuiging in die konteks-opbrengs-verhouding, wat op sy beurt oortollige kurtose in die opbrengsverdeling genereer, in ooreenstemming met die empiriese patrone wat hier onder waargeneem word (vgl. Bouwer en Maré 2025; sien ook §2.4.2).

## 2. Metode van ondersoek en analise

Die studie beoog om getuienis te bied dat die verdeling van aandeelprysopbrengste 'n uitvloeisel van 'n stelselmatige heuristiek is. Onderliggende inligting word deur 'n nie-lineêre omskakeling na pryse oorgedra, wat oortollige kurtose laat ontstaan. Die vertrekpunt is normatief: *Hoe behoort opbrengste verdeel te wees indien dit uitsluitlik deur nuwe inligting gedryf word?* Hierdie epistemiese verwagting word vervolgens met werklike opbrengste vergelyk, met klem op die gedrag van kurtose. Gemiddeld en variansie volg onder sommering van onafhanklike inligtingsbydraes 'n generiese skaalreël (vgl. Durrett 2020; Feller 1971) en dra dus min inligting oor die spesifieke vorm van die onderliggende verdeling. Kurtose, as vierde sentrale moment, meet daarenteen die relatiewe gewig van waarnemings in die uiteindes van die verdeling en is besonder sensitief vir seldsame, ekstreme opbrengste. Omdat die epistemiese model in hierdie afdeling op 'n simmetriese verdeling berus, sou 'n ontleding van skeefheid verdere aannames oor asimmetrie vereis. Die verloop van kurtose oor tyd bied dus die mees geskikte toets vir die vraag of aandeelprysopbrengste werklik uitsluitlik deur nuwe inligting gedryf word.

Deur die epistemiese en empiriese gegewens langs mekaar te plaas, word 'n samehangende beeld gevorm wat die onderliggende dinamika verhelder. Die roete word hier onder bondig uiteengesit.

1. **Inligtingsverdeling.** 'n Simmetriese nuusdigtheid vir klein veranderings in die staat van totale inligting word gestel. Kurtose onder herhaalde konvolusies word analities afgelei. Die verband tussen kurtose en die aantal konvolusies word vasgelê (sien §2.1).
2. **Empiriese patroon.** Kurtose van werklike opbrengste word oor verskeie tydskale gemeet. Afplating van kurtose word waargeneem en die verband tussen tydskaal en kurtose word beraam (sien §2.2).
3. **Skakel tussen skale.** 'n Funksie  $n(\tau)$  word bepaal wat die aantal konvolusies met die tydskaal versoen, sodat die tempo van afplating in teorie en data ooreenstem. Hoërderde-afgeleides belyn die trajekte verder (sien §2.3).
4. **Gevolgtrekking uit die belyning.** Met 'n Taylor-uitbreiding word afgelei dat opbrengste deur nuus gedryf word, met 'n vlakverskuiwing in kurtose (sien einde van §2.3).

5. **Hiperboliese omskakeling.** Die vormverskuiwing word gemodelleer as 'n hiperboliese (sinh-) omskakeling van 'n byna normale drywer, wat die volgehoue oortollige kurtose verklaar sonder om die tempo van afplatting te verander (sien §2.4).
6. **Kalibrasie en toetsing.** Die parameters van die omskakeling word op data gekalibreer en getoets; die uitkoms is in lyn met die voorafgaande afleidings en ondersteun die interpretasie dat die waargenome kurtose deur 'n heuristiese vervorming ontstaan (sien einde van §4).

## 2.1 Epistemiese ondersoek

### 2.1.1 Nota oor wiskundige afleidings

Ten einde die hoofteks meer leesbaar te maak is die meeste wiskundige afleidings en verwysings na die aanhangsel, **A. Afleiding van funksies**, verskuif.

### 2.1.2 Nota oor terminologie

Die artikel verwys deurgaans na die volgende terminologie:

- **Inligting** of **inligtingstoestand** of **totale inligting** verwys na totale (publiek beskikbare) inligting op 'n bepaalde tyd, aangedui met die veranderlike  $I_t$ .
- **Inligtingsverandering** verwys na die ekstra inligting wat tot die totale inligting oor 'n periode toegevoeg is. Dit word aangedui met die stogastiese veranderlike  $X_I$  en word geassosieer met die digtheidsfunksie  $g_I(\cdot)$ .
- **Nuus** of **nuusbrokkie** verwys na 'n gestandaardiseerde weergawe van inligtingsverandering; word aangedui met die stogastiese veranderlike  $X$ ; en word geassosieer met die digtheidsfunksie  $g_X(\cdot)$ .
- **Konteks** of **nuusakkumulاسie** verwys na die som van  $n$  onafhanklike realisasies van  $X$ . Dit word aangedui met die stogastiese veranderlike  $X_N$  en word geassosieer met die digtheidsfunksie  $g_N(\cdot)$ . Konteks word (meestal implisiet) met tydskaal of aantal konvolusies gekwalifiseer. Dit moet beskou word as die akkumulاسie van nuus oor 'n bepaalde periode of aantal konvolusies.

### 2.1.3 Die digtheidsfunksie vir 'n brokkie nuus

Hierdie artikel beskou die totale inligtingstoestand,  $I_t$ . Aangesien inligting self geen inherente numeriese skaal het nie, word slegs die invloed van inligting op 'n waarneembare verskynsel beskryf – hier die aandeelprys  $S_t$  – wat veronderstel word om alle publiek beskikbare inligting tot en met  $t$  te inkorporeer.

Definieer prysverandering oor 'n kort interval,  $[t, t + \Delta t]$  as

$$\Delta S_{t+\Delta t} := S_{t+\Delta t} - S_t,$$

en die inligtingsverandering (nuus) as

$$\Delta I_{t+\Delta t} := I_{t+\Delta t} - I_t.$$

Hier word aanvaar dat prysveranderinge uitsluitlik deur inligtingsverandering veroorsaak word. Die oordrag van inligtingsverandering na prys word beskryf deur 'n streng monotoon (toenemende) en onewe funksie,  $f$ :

$$\Delta S_{t+\Delta t} = f(\Delta I_{t+\Delta t}).$$

Vir klein  $\Delta t$  word aangeneem:

- (i) Die oorgrote meerderheid van veranderings in inligting het geen waarneembare invloed op die prys oor  $[t, t + \Delta t]$  nie en gevolglik is  $\Delta S_{t+\Delta t} = 0$  in die meeste gevalle.
- (ii) 'n Klein minderheid veranderings het 'n meetbare maar beskeie invloed, sodat  $|\Delta S_{t+\Delta t}|$  klein is.
- (iii) 'n Minuskule klein fraksie veroorsaak wesenlike prysverskuiwings, wat lei tot beduidende  $|\Delta S_{t+\Delta t}|$ .

Hierdie patroon – hoë massa naby nul en swaar uiteindes – is versoenbaar met 'n kragwet-vorm vir die digtheid van inligtingsveranderings. Om hierdie gedrag op 'n eenvoudige wyse vas te vang, word 'n simmetriese kragwet-digtheid vir die inligtingsverandering gekies.

Laat  $X_I := \Delta I_{t+\Delta t}$  die verandering in inligting voorstel. Daar word aanvaar dat  $X_I$  die digtheidsfunksie  $g_I(\cdot; b, d)$  het ( $X_I \sim g_I(\cdot; b, d)$ ) met parameters  $b > 1$  en  $d > 0$ , en word gespesifiseer as

$$g_I(x; b, d) = \frac{(b-1)d^{b-1}}{2} \begin{cases} (d-x)^{-b}, & \text{vir } x < 0 \\ (d+x)^{-b}, & \text{vir } x \geq 0 \end{cases}$$

waar  $\frac{(b-1)d^{b-1}}{2}$  verseker dat  $\int_{-\infty}^{\infty} g_I(x; b, d) dx = 1$ .

Die funksie  $g_I(x; b, d)$  is 'n gesentreerde kragwet waarin twee parameters die vorm beheer:  $b > 1$  bepaal hoe vinnig die uiteindes van die digtheid afneem (kleiner  $b$  impliseer swaarder uiteindes en 'n hoër frekwensie van groot skokke), terwyl  $d > 0$  'n klein skaalparameter is wat die digtheid rondom nul glad maak om 'n singulariteit te voorkom.

Laat  $\mu_I := \mathbb{E}[X_I]$  en  $\sigma_I := \sqrt{\text{Var}[X_I]}$  (wanneer dit bestaan),<sup>1</sup> en definieer die gestandaardiseerde veranderlike

$$X := \frac{X_I - \mu_I}{\sigma_I}.$$

Die gestandaardiseerde digtheidsfunksie vir nuus is dan

$$g_X(u; b, d) := \sigma_I g_I(\mu_I + \sigma_I u; b, d).$$

Vir wat volg is slegs die gestandaardiseerde digtheidsfunksie  $g_X$  nodig. Die klem val op die gedrag van die sentrale momente – veral kurtose – onder herhaalde konvolusie.



### 2.1.4 Markov-eienskap en die swak vorm van die doeltreffende-mark-hipotese

Die raamwerk van §2.1.3 – waar  $\Delta S_{t+\Delta t} = f(\Delta I_{t+\Delta t})$  – word hier binne twee aannames geplaas wat as grondliggend in die kwantitatiewe finansiële literatuur geld: die Markov-eienskap en die swak vorm van die doeltreffende-mark-hipotese.

Eerstens word die Markov-eienskap aanvaar. Die voorwaardelike verspreiding van die verandering  $\Delta S_{t+\Delta t}$  hang slegs van  $I_t$  af en is onafhanklik van die geskiedenis vóór  $t$ . (Cochrane 2005; Harrison en Pliska 1981; Merton 1973).

Tweedens word die swak vorm van die doeltreffende-mark-hipotese aanvaar. Laat  $\mathcal{F}_t^S$  die  $\sigma$ -algebra wees wat deur publiek beskikbare prysinligting tot en met  $t$  gegenereer word, en  $R_{t,\Delta t} := \ln \frac{S_{t+\Delta t}}{S_t}$ . Definieer die voorwaardelike gemiddelde  $\eta_{t,\Delta t} := \mathbb{E}[R_{t,\Delta t} | \mathcal{F}_t^S]$ . Dan geld

$$\mathbb{E}[R_{t,\Delta t} - \eta_{t,\Delta t} | \mathcal{F}_t^S] = 0,$$

met ander woorde, gegee  $\mathcal{F}_t^S$ , is daar geen stelselmatige voorspelbaarheid in die volgende opbrengs bo en behalwe die voorwaardelike gemiddelde nie.

Beide aannames strook met §2.1.3, waar alle relevante geskiedenis in  $I_t$  opgesom word en die proses gevolglik as 'n Markov-proses beskryf kan word (vgl. Fama 1970; Samuelson 1965).

### 2.1.5 Konvolusie van inligting-gedrewe prosesse

Om die eienskappe van 'n inligtingsproses – in hierdie geval aandeelprysopbrengste – oor langer tydperke te ondersoek, word sommasies van onafhanklike waarnemings uit die verdeling  $g_X(x; b, d)$  ondersoek.

Die digtheidsfunksie van die som van onafhanklike stogastiese veranderlikes word verkry deur konvolusie van hul individuele digtheidsfunksies. In hierdie geval is dit nie eenvoudig om herhaalde konvolusies van  $g_X$  analities te bereken nie. Daarom word die karakteristieke funksie van  $g_X$  eerder gebruik, wat aangedui word met  $\varphi_X(s; b)$ .

Daar word gebruik gemaak van die bekende eienskap van karakteristieke funksies, naamlik dat die karakteristieke funksie van die som van  $n$  onafhanklike veranderlikes gelyk is aan die produk van hul individuele karakteristieke funksies (Durrett 2020; Feller 1971). Hierdie eienskap maak dit moontlik om die karakteristieke funksie van die  $n$ -voudige konvolusie voor te stel as:


$$\varphi_N(s; n, b) = \left( \int_{\mathbb{R}} e^{isx} g_X(x; b, d) dx \right)^n.$$

Sodra die karakteristieke funksie bepaal is, word die inverse diskrete Fourier-transformasie (IDFT) – bereken met 'n vinnige Fourier-transform (FFT)-algoritme – gebruik om die digtheid van die som van onafhanklike stogastiese veranderlikes te verkry, wat vervolgens numeries geïntegreer word om die verdelingsfunksie te bepaal:

$$g_N(x; n, b) = \frac{1}{2\pi} \int_{-\infty}^{\infty} e^{isx} \varphi_N(s; n, b) ds.$$

In  $g_N(x; n, b)$  dui  $n$  die aantal onafhanklike nuusbrokkies aan wat saamgevoeg word om die konteksveranderlike  $X_N$  te vorm. Die parameter  $b$  bepaal steeds die tempo waarteen die uiteindes van die digtheid afneem en gevolglik die kurtose van  $g_N$ . Let op dat die parameter  $d$  geen rol meer speel in  $\varphi_N$  of  $g_N$  nie. Die doel van  $d$  was oorspronklik om 'n wiskundige singulariteit in  $g_X$  te vermy, maar die normalisering van  $g_X$  maak dit in die praktyk oorbodig.

Figuur 1 toon digtheidsfunksies  $g_N(x; n, b)$  van konteks, dit wil sê sommasies van  $n$  onafhanklike veranderlikes  $X \sim g_X(x; b, d)$ , vir twee waardes van  $b$ , naamlik  $b = 6$  en  $b = 15$ .<sup>2</sup> In elke geval is 'n normaalverdeling met soortgelyke standaardafwyking oor die konteksdigtheid gesuperponeer. Na slegs 64 konvolusies vertoon die konteksdigtheid reeds sterk ooreenkomste met 'n normaalverdeling, soos verwag op grond van die sentrale limietstelling.



**Figuur 1. Numeriese oplossings van  $g_N(x; n, b)$  na 4, 16 en 64 konvolusies van onafhanklike gestandaardiseerde  $X \sim g_X(x; b, d)$  vir onderskeidelik  $b = 6$  en  $b = 15$  en normaalverdeling met dieselfde variansie**

### 2.1.6 Sentrale momente

Vanuit die definisie van  $g_N(x; n, b)$  is die eerste drie sentrale momente maklik afleibaar. Die gemiddeld van die verdeling is 0, die variansie is  $n$  en skeefheid is 0, danksy die simmetriese aard van die funksie rondom die oorsprong. Die fokus hier is dus uitsluitlik op die bepaling van die kurtose. Dit word direk bepaal uit  $\varphi_N(s; n, b)$  (vgl. § A.e. **Momente uit die karakteristieke funksie**):

$$\kappa(n; b) = 3 + \frac{3(b^2 - b - 8)}{n(b-4)(b-5)}.$$

## 2.2 Empiriese ondersoek

### 2.2.1 Databron en datamanipulasies

Die empiriese ondersoek maak gebruik van opbrengsdata van die FTSE/JSE Top 40 Total Return Index<sup>3</sup> (hierna J200T genoem). Hierdie spesifieke indeks is om verskeie redes geskik vir die beoogde ontleding:

- J200T bestaan uit die mees likiede aandele op die JSE, wat beteken dat aktiewe verhandeling gereeld plaasvind. Dit maak dit moontlik om opbrengste oor baie kort tydsintervalle te meet.
- Dit is 'n totale-opbrengs-indeks, wat beteken dat dividende en regte uitgifte herbelê word en nie afsonderlik verreken hoef te word nie. Dit vereenvoudig die interpretasie van opbrengste.
- Alhoewel J200T-prysdata slegs op 'n daaglikse basis beskikbaar is, is dit nie 'n beperking nie. Omdat die ontleding primêr op opbrengste (en nie pryse nie) fokus, kan korttermynopbrengste met goeie akkuraatheid afgelei word uit die FTSE/JSE Top 40 Index<sup>4</sup> (hierna J200 genoem), wat intra-dag-publikasies bied. Dit is moontlik omdat aandele oornag die oorgang van *cum*-dividend na *ex*-dividend maak, sodat die intra-dag-opbrengste van J200 en J200T identies is.

Data is van **DataScope**<sup>5</sup> verkry, 'n platform wat deur **Refinitiv** voorsien word.

### 2.2.2 Datavoorbereiding en tydskaal

Opbrengsdata is versamel vir verskeie tydskaal – vanaf 1 sekonde tot 1 dag. Vir langer tydperke (weekliks, maandeliks, ens.) is daaglikse data as basis gebruik. In daardie geval is oorvleueling van periodes noulettend vermy.

Die historiese periode waarvoor data ingesamel is, strek van Januarie 2007 tot einde Mei 2025.

Die logaritmiëse opbrengs is vir elke frekwensie bereken volgens:

$$R_k = \ln \frac{S(t_k)}{S(t_{k-1})},$$

waar  $R_k$  die opbrengs op tydstip  $t_k$  voorstel, en  $S(t_k)$  die waarde van die indeks is. Die uitdrukking  $t_{k-1}$  verwys na die vorige tydstap, waarvan die lengte ooreenstem met die tydskaal van die datastel (bv. 1 uur, 1 dag, ens.).

Let daarop dat die werklike tydsverloop tussen  $t_{k-1}$  en  $t_k$  nie altyd konstant is nie. Byvoorbeeld:

- In daaglikse data kan naweke en openbare vakansiedae tot periodes langer as 24 uur lei.
- In uurlikse data kan die tyd tussen die sluiting van een dag en die opening van die volgende dag meer as een uur wees.

Om konsekwente opbrengste te verseker, is data gefiltreer om slegs waarnemings te gebruik wat presies aan die tydskaalvereiste voldoen, byvoorbeeld:

- Naweke is uitgesluit in die geval van daaglikse data.
- Die eerste uur van daaglikse verhandeling, wat die oornag-opbrengs insluit, is uitgesluit in die geval van uurlikse data.

Hierdie reëls is konsekwent toegepas vir alle tydskaal van 1 sekonde tot 1 dag.

### 2.2.3 Langer tydperke

Vir tydskaal langer as 1 dag is praktiese kompromieë aangegaan om die aantal datapunte te maksimeer. Die meetperiodes is soos volg gedefinieer:

- **Weeklikse data:** van die eerste werksdag van een week tot die eerste werksdag van die volgende week. Die periode is dus nie altyd presies 7 dae nie.
- **Maandelikse data:** van die eerste werksdag van die maand tot die eerste werksdag van die daaropvolgende maand.
- **Kwartaallikse data:** van die eerste werksdag van die kwartaal-maand (Maart, Junie, September, Desember) tot die eerste werksdag van die volgende kwartaal-maand.
- **Jaarlikse data:** van die eerste werksdag van die jaar tot die eerste werksdag van die daaropvolgende jaar.

### 2.2.4 Beskrywende statistiek

Tabel 1 som beskrywende statistiek vir log-opbrengste  $R_k = \ln \frac{S(t_k)}{S(t_{k-1})}$  op. Omdat log-opbrengste dimensieloos is, het gemiddeld, variansie, standaardafwyking, skeefheid en kurtose geen eenhede nie. Slegs die tydskaal (in sekondes) word eksplisiet aangedui.

**Tabel 1. Beskrywende statistiek vir log-opbrengste op verskillende tydskaal. Die ry “Sekondes” gee die lengte van die tydsinterval; alle ander statistieke is dimensieloos omdat log-opbrengste geen eenheid het nie**

| Data Tydskaal             | Jaar                  | Kwartaal              | Maand                  | Week                  | Dag                    | Uur                    |
|---------------------------|-----------------------|-----------------------|------------------------|-----------------------|------------------------|------------------------|
| <b>Sekondes</b>           | 31536000              | 7862400               | 2620800                | 604800                | 86400                  | 3600                   |
| <b>Gemiddeld</b>          | $0.98 \times 10^{-1}$ | $2.51 \times 10^{-2}$ | $0.85 \times 10^{-2}$  | $2.00 \times 10^{-3}$ | $3.12 \times 10^{-4}$  | $-0.46 \times 10^{-4}$ |
| <b>Variansie</b>          | $1.76 \times 10^{-2}$ | $0.61 \times 10^{-2}$ | $2.03 \times 10^{-3}$  | $0.82 \times 10^{-3}$ | $1.61 \times 10^{-4}$  | $0.99 \times 10^{-5}$  |
| <b>Standaard-afwyking</b> | $1.33 \times 10^{-1}$ | $0.78 \times 10^{-1}$ | $0.45 \times 10^{-1}$  | $2.87 \times 10^{-2}$ | $1.27 \times 10^{-2}$  | $3.15 \times 10^{-3}$  |
| <b>Skeefheid</b>          | -1.36                 | -0.74                 | $-2.59 \times 10^{-1}$ | -0.44                 | $-1.23 \times 10^{-1}$ | $-0.67 \times 10^{-1}$ |
| <b>Kurtose</b>            | 5.43                  | 6.89                  | 4.08                   | 7.33                  | 7.76                   | 12.07                  |

| Data Tydskaal             | Kwartier               | 10 Minute              | 5 Minute               | 1 Minuut               | 5 Sekondes            | 1 Sekonde              |
|---------------------------|------------------------|------------------------|------------------------|------------------------|-----------------------|------------------------|
| <b>Sekondes</b>           | 900                    | 600                    | 300                    | 60                     | 5                     | 1                      |
| <b>Gemiddeld</b>          | $-1.08 \times 10^{-5}$ | $-0.62 \times 10^{-5}$ | $-3.09 \times 10^{-6}$ | $-0.53 \times 10^{-6}$ | $3.03 \times 10^{-8}$ | $-2.61 \times 10^{-9}$ |
| <b>Variansie</b>          | $2.65 \times 10^{-6}$  | $1.79 \times 10^{-6}$  | $0.94 \times 10^{-6}$  | $1.90 \times 10^{-7}$  | $1.42 \times 10^{-8}$ | $0.44 \times 10^{-8}$  |
| <b>Standaard-afwyking</b> | $1.63 \times 10^{-3}$  | $1.34 \times 10^{-3}$  | $0.97 \times 10^{-3}$  | $0.44 \times 10^{-3}$  | $1.19 \times 10^{-4}$ | $0.66 \times 10^{-4}$  |
| <b>Skeefheid</b>          | $-1.00 \times 10^{-2}$ | $-0.52 \times 10^{-1}$ | $-1.81 \times 10^{-1}$ | $-2.05 \times 10^{-1}$ | -0.47                 | 0.40                   |
| <b>Kurtose</b>            | 14.42                  | 15.38                  | $0.37 \times 10^2$     | $0.59 \times 10^2$     | $0.55 \times 10^3$    | $1.33 \times 10^3$     |

Omdat kurtose die sentrale onderwerp van die studie is, volg hier onder slegs ’n bondige opmerking oor gemiddeld, variansie en skeefheid. Die uitgebreide ontleding fokus op die gedrag van kurtose oor tydskaal.

**Gemiddeld.** Die gemiddelde opbrengs neem, soos verwag, nagenoeg lineêr met tydsinterval toe, sodat die gemiddelde oor baie kort horisonne in die praktyk naby nul is.

**Variansie.** In ’n proses met onafhanklike, stasionêre inkremente behoort die variansie lineêr met die tydsinterval te skaal. ’n Nie-lineêre skaalpatroon word egter waargeneem en oor kort skale beskryf ’n magswet dit beter. Dat variansie nie altyd lineêr oor horisonne skaal nie, is reeds gerapporteer – byvoorbeeld deur variansieverhoudingstoetse wat die nulhipotese van ’n stogastiese beweging verwerp (Lo en MacKinlay 1988). Variansie is nie die hoofokus hier nie en die bevinding word slegs ter volledigheid gemeld.

**Skeefheid.** Gegewe die simmetrie-aanname van die inligtingsverdeling, en die sensitiviteit van skeefheid vir uitskieters, word dit nie verder bespreek nie.

## Kurtose

Kurtose is 'n hoërorde-moment en dus vatbaar vir uitskieters en beperkte waarnemings. Dit toon egter 'n duidelike patroon wat goed deur 'n magsfunksie benader kan word:

$$\hat{\gamma}_2(\tau) = 3 + (1.5599 + 27.2 \cdot \tau^{-0.4020})^{2.1417},$$

waar die opbrengstydskaal,  $\tau$ , die aantal sekondes tussen waarnemings is.

Hierdie funksie pas uitstekend by die data, met  $R^2 = 0.98$ . Figuur 3 toon 'n log-log-plot van kurtose teenoor opbrengstydskaal, met beraamde waardes,  $\hat{\gamma}_2(\tau)$ , op die kromme gesuperponeer.

'n Probleem met hierdie benadering is dat die funksie die volgende tydskaallimiet het:

$$\lim_{\tau \rightarrow \infty} \hat{\gamma}_2(\tau) = 3 + 1.5599^{2.1417} \approx 5.59.$$

Met ander woorde: Volgens hierdie beraming daal kurtose nooit tot 3 (die waarde vir 'n normaalverdeling) nie – selfs nie vir baie lang tydskaale nie. Verskeie alternatiewe funksies is getoets, maar in geen geval stabiliseer die kurtose by 3 nie. Indien aandeelpriyse uitsluitlik deur 'n onderliggende inligtingproses bepaal word, sou verwag word dat dit uiteindelik na 'n normaalverdeling konvergeer (volgens die sentrale limietstelling). Hierdie afwyking is dus betekenisvol.

'n Tweede interessante waarneming is dat kurtose waarskynlik nie hoofsaaklik veroorsaak word deur trosvorming (Cont 2001; Fama 1965) nie. Figuur 4 toon dat die tydreeks vir daaglikse opbrengste wel duidelike periodes van hoë en lae volatiliteit het – 'n bekende kenmerk van trosvorming. Hierdie gedrag lei tot positiewe outokorrelasie in die kwadraat-opbrengste, en is waarneembaar oor alle korttermyn tydskaale.

Outokorrelasie kan redelik suksesvol gemodelleer word deur 'n GARCH(1,1)-proses (Bollerslev 1986):

$$h_t = \omega + \alpha x_{t-1}^2 + \beta h_{t-1}, \quad x_t \sim \mathcal{N}(0,1).$$

Indien trosvorming met hierdie model benader word, is dit duidelik dat kurtose en outokorrelasie verwant is. Volgens Bai, Russel en Tiao (2003) word die kurtose van 'n GARCH(1,1)-proses gegee deur:

$$\gamma_2 = \frac{6\alpha^2}{1 - (\alpha + \beta)^2 - 2\alpha^2}.$$


Die enkeltydsloering-outokorrelasie word gegee deur:

$$\rho_1 = \alpha \frac{1 - (\alpha + \beta)^2 + \alpha(\alpha + \beta)}{1 - (\alpha + \beta)^2 + \alpha^2}.$$

Om die impak van outokorrelasie op kurtose te ondersoek, is 1 miljoen geldige<sup>6</sup> parameterpare,  $(\alpha, \beta)$ , ewekansig gegenereer, en vir elke paar die ooreenstemmende waardes van kurtose  $\gamma_2$




en enkeltydsloering-outokorrelasie  $\rho_1$  bereken. Figuur 2 toon die logaritme (grondtal 10) van kurtose uitgebeeld teenoor  $\rho_1$ .




**Figuur 2. Kurtose en enkeltydsloering-outokorrelasie vanuit GARCH(1,1) vir 1 miljoen geldige  $\alpha$ - en  $\beta$ -waardes**

Hieruit blyk 'n duidelike verband tussen kurtose en outokorrelasie: Hoe hoër die kurtose, hoe hoër moet die outokorrelasie wees, maar in die empiriese data is die enkeltydsloering-outokorrelasie oor kort tydskale baie klein. Byvoorbeeld: vir 1-minuut-opbrengste is  $\rho_1 \approx 0.016$  wat volgens GARCH(1,1) nie kan lei tot 'n waargenome kurtose van  $\gamma_2 \approx 59$  nie.

Die afleiding is dus dat hoewel trosvorming 'n rol speel in verhoogde kurtose, is dit nie die primêre oorsaak nie (vgl. Cont 2001). Die gedrag van kurtose dui eerder op die bestaan van 'n verbuigingsfunksie.



**Figuur 3. Log-log-plot van kurtose teenoor opbrengstydskaal**



**Figuur 4. Daaglikse opbrengste van J200T**

### 2.3 Versoening van empiriese data en epistemiese verwagtinge

Daar bestaan nie 'n eenvoudige of natuurlike manier om die aantal konvolusies,  $n$ , van die konteks direk te verbind aan die empiriese opbrengstydskaal,  $\tau$ , soos gemeet in sekondes, nie.

Die benadering hier is om eerstens die vereiste dat  $n$  'n heelgetal moet wees, te verwater. Vervolgens word daar gepoog om die verloop van kurtose, soos voorspel deur die teoretiese funksie  $\kappa(n; b)$ , so goed moontlik te laat ooreenstem met die empiriese beraming  $\hat{\gamma}_2(\tau)$ .

Beide funksies neem hul maksimum aan wanneer  $n \rightarrow 0$  en  $\tau \rightarrow 0$  en vlak af soos  $n \rightarrow \infty$  en  $\tau \rightarrow \infty$ . Intuïtief gesien beteken dit dat beide funksies dieselfde tipe afname toon; kurtose verval oor tydskaal of konvolusies. Daar word dus na 'n gebied gesoek,  $n_0 \leq n \leq n_1$  en  $\tau_0 \leq \tau \leq \tau_1$ , waar die helling van die afgeleides van hierdie twee funksies ooreenstem; met ander woorde, waar die fase van kurtoseverval dieselfde is.

Omdat  $\kappa(n, b)$  van  $n$  afhang, en  $\hat{\gamma}_2(\tau)$  van  $\tau$ , is 'n funksionele skakel nodig tussen  $n$  en  $\tau$  sodat die kettingreël geldig is:

$$\frac{\partial \kappa(n, b)}{\partial \tau} = \frac{\partial \kappa(n, b)}{\partial n} \cdot \frac{\partial n}{\partial \tau}.$$

Verskeie funksionele vorms vir  $n(\tau)$  is empiries ondersoek. Die funksie wat die beste resultate opgelewer het, het die vorm:

$$n(\tau; n_1, n_2, n_3) \approx \exp(n_1(\log \tau)^2 + n_2 \log \tau + n_3).$$

Die parameters  $(b, n_1, n_2, n_3)$  is deur middel van die Nelder–Mead-algoritme (Nelder en Mead 1965) geoptimeer. Die fout wat deur middel van die algoritme geminimeer word, is soos volg gedefinieer:

$$\varepsilon := \sum \log \left| \frac{\partial \kappa / \partial \tau}{\partial \hat{\gamma}_2 / \partial \tau} \right|.$$

Die afgeleide van  $\kappa$  het die volgende vorm:

$$\frac{\partial \kappa}{\partial \tau} = - \frac{3(b(b-1)-8)(n_2 + 2n_1 \log \tau)}{(b-5)(b-4)\tau^{n_2+1}} e^{-n_3 - n_1(\log \tau)^2},$$

en vir  $\hat{\gamma}_2(\tau)$  die vorm

$$\frac{\partial \hat{\gamma}_2}{\partial \tau} = \alpha_2 \alpha_3 \alpha_4 \tau^{\alpha_3-1} (\alpha_1 + \alpha_2 t^{\alpha_3})^{\alpha_4-1}.$$

Die parameters wat die beste passing gelever het, is:


$$(b, n_1, n_2, n_3) = (5.017, -0.0208, 0.8448, 0.4916).$$


Hiermee is 'n uitstekende passing behaal, met  $R^2 = 0.9999$  en fout  $\varepsilon = 0.005$ .

Figuur 5 toon die verloop van kurtose en die helling van kurtose vir konteks oor 'n konvolusiebereik van 1.6 tot 7079. Hierdie verloop kom merkwaardig goed ooreen met dié van die empiries beraamde kurtose,  $\hat{\gamma}_2$ , gemeet oor opbrengstydskale van 1 sekonde tot 1 jaar.

Hoewel die hellings uitstekend ooreenstem – wat sterk aandui dat beide funksies in dieselfde fase van kurtoseverval verkeer – is die empiriese kurtose steeds opmerklik hoër as dié van die teoretiese konteks.

Skattings van verval in kurtose





**Figuur 5. Die verval in kurtose na aanleiding van konvolusies, in die geval van konteks (rooi stippellyn), en opbrengs-tydskaal in die geval van empiriese metings (swart merkers)**

Nog 'n opvallende resultaat is dat, deur net die eerste afgeleides van  $\kappa(n)$  en  $\hat{\gamma}_2(\tau)$  met mekaar te laat ooreenstem, ook 'n baie goeie passing van hoërde-afgeleides op die koop toe verkry is. Figuur 6 toon die passing tot en met die vyfde afgeleide, met opvallende akkuraatheid.

Aangesien die Taylor-reeks uitbreiding gee:

$$\hat{\gamma}_2(\tau + \Delta\tau) = \hat{\gamma}_2(\tau) + \Delta\tau \hat{\gamma}_2'(\tau) + \frac{\Delta\tau^2}{2} \hat{\gamma}_2''(\tau) + \dots,$$

en die afgeleides van  $\hat{\gamma}_2$  en  $\kappa$  byna identies is, volg daaruit dat:


$$\hat{\gamma}_2(\tau + \Delta\tau) - \hat{\gamma}_2(\tau) \approx \kappa(\tau + \Delta\tau) - \kappa(\tau).$$

Die interpretasie is dat die verval in kurtose, soos waargeneem by alle opbrengstydskale, volledig verklaar kan word deur die akkumulasie van nuus.

Maar die empiriese kurtose bly deurgaans hoër as wat deur teoretiese sommering van nuus verklaar kan word. Soos vroeër aangetoon, blyk dit nie dat die oortollige kurtose van aandeel-prysopbrengste ooit heeltemal verdwyn nie.

Hierdie hardnekkige kurtose impliseer dat die oorsaak nie in die sommering van nuus lê nie, maar eerder in 'n transformasie of verbuiging wat ná die tyd plaasvind.

## Vergelyking van hoërorde-afgeleides van kurtose



**Figuur 6.** Vergelyking van die absolute waardes van hoërorde-afgeleides van die kurtose van konteks ( $\kappa$ , rooi stippellyn) en die beraming van die kurtose van empiriese waarnemings ( $\gamma^2$ , swart merkers) vir verskillende tydskaal

## 2.4 Hiperboliese omskakeling

### 2.4.1 Motivering

Die resultate van hierdie studie bied getuigenis dat aandeelprysopbrengste oortollige kurtose toon wat nie uitsluitlik verklaar kan word deur 'n teoretiese sommering van nuusbrokkies nie. Selfs nadat 'n funksionele skakel tussen opbrengsttydskaal en aantal konvolusies van konteks afgelei is – en 'n merkwaardige passing tussen hul eerste en hoërorde-afgeleides verkry is – bly die empiriese kurtose konsekwent hoër as dié van teoretiese konteks. Hierdie verskynsel dui op die teenwoordigheid van 'n verbuiging wat nie inherent aan die inligting self is nie, maar eerder aan die proses waardeur inligting in pryse weerspieël word.

Hierdie waarneming stem ooreen met die gedagtemodel wat deur Bouwer en Maré (2025) uiteengesit is. Daar is aangetoon dat wanneer 'n kwantifiseerbare eienskap beraam word vanuit 'n onkwantifiseerbare verskynsel, beramers geneig is om interpolasies uit te voer op die waarde-as (wat meetbaar is), in plaas daarvan om op die definisiegebied self (wat latent of

onkwantifiseerbaar is) te werk. Dit lei, onder bepaalde aannames, tot 'n stelselmatige vervorming van die onderliggende verdeling – 'n verskynsel wat wiskundig beskryf kan word deur 'n hiperboliese funksie.

In die epistemiese deel is getoon dat konteks reeds ná relatief min konvolusies – soms slegs 'n paar minute – bykans normaal lyk (vgl. Figuur 1). Op daaglikse skale kom waarnemings dus effektief uit  $g_N(x, n; b)$  met  $n$  in die honderde of duisende. Die onderliggende konteks behoort gevolglik weinig oortollige kurtose te toon; met ander woorde, die definisiegebied vir inligting is op dié skaal feitlik normaal. Die waarneembare waarde-as (opbrengste) word egter deur die oorgang van onkwantifiseerbare inligting na kwantifiseerbare pryse bepaal en dit is juis dié oorgang wat lei tot die vervorming.

Indien markdeelnemers nie toegang het tot die onkwantifiseerbare konteks nie, moet hulle hul oordeel baseer op waarneembare gedrag, soos vorige prysbewegings tydens soortgelyke situasies. Die interpolasies wat daaruit volg – met ander woorde, beramings oor waarde gebaseer op beperkte verwysingspunte – is onder die betrokke omstandighede proporsioneel ekwivalent aan interpolasies op die funksionele kromme. Hierdie interpolasie is nie lineêr nie, maar toon hiperboliese afwyking, wat 'n natuurlike verklaring bied vir die oorblywende en knaende kurtose in aandeelprysopbrengste.

Hierdie interpretasie is nie net konseptueel aanneemlik nie, maar sluit ook goed aan by die empiriese bevinding: Hoewel die tempo van verval van kurtose tussen konteks en die waar-genome data ooreenstem, konvergeer hul vlakke nie. Dit laat die vermoede ontstaan dat die proses waardeur inligting in prys omskep word, self 'n bron van strukturele afwyking is. Hierdie gevolgtrekking ondersteun dus die idee van 'n hiperboliese transformasie wat ontstaan vanuit epistemiese beperkings.

#### 2.4.2 Bondige afleiding van hiperboliese omskakeling

'n Volledige afleiding van hiperboliese omskakeling val buite die bestek van hierdie artikel. 'n Bespreking word deur Bouwer en Maré (2025) uiteengesit. Hier word slegs die hoofgedagte saamgevat.

Laat  $X \sim g_X(\cdot; b, d)$  die latente waarde vir gestandaardiseerde nuusbrokkies wees (vgl. §2.1.3). Laat  $X_N = \sum_{i=1}^n X_i$  die konteks met digtheid  $g_N(\cdot; n, b)$  wees (vgl. §2.1.5). Kies  $n$  sódanig dat, vir klein  $\varepsilon > 0$ , die volgende geld:

$$\sup_{x \in \mathbb{R}} |\mathbb{P}(U \leq x) - \Phi(x)| \leq \varepsilon,$$

waar  $U = \frac{X_N}{\sqrt{n}}$  die latente, gestandaardiseerde konteks is, en  $\Phi(\cdot)$  die verdelingsfunksie vir 'n standaard-normaalverdeling. Vanuit hierdie konstruk volg dat  $U \approx \mathcal{N}(0,1)$ .

Die kern-aanname vir hiperboliese omskakeling is dat opbrengste en konteks in ideale omstandighede, waar konteks direk kwantifiseerbaar is, in 'n affiene verhouding staan:

$$R = \xi_0(U), \quad \xi_0(x) = \hat{\mu}_u + \hat{\sigma}_U x.$$



Hier verteenwoordig  $\xi_0$  'n lineêre basisafbeelding tussen (teoretiese) konteks en opbrengs. Omdat  $U$  latent is, kan  $R$  nie direk bepaal word nie. Kwalitatiewe konteks (akkumulatie van nuusberigte, finansiële state, ens.), daarenteen, is wel waarneembaar en kan met gerealiseerde opbrengste geassosieer word. Laat  $Y = \{(R_i, v_i)\}_{i=1}^m$  die geordende (met  $R_1 \leq R_2 \leq \dots \leq R_m$ ) katalogus wees wat gerealiseerde opbrengste ( $R_i$ ) met kwalitatiewe konteks ( $v_i$ ) assosieer. Die huidige kwalitatiewe konteks,  $v_s$ , word met historiese kontekste vergelyk. Twee kwalitatiewe konteksankers,  $v_r$  en  $v_t$ , met bekende opbrengste  $R_r$  en  $R_t$ , wat  $v_s$  die beste omringing gee,  $v_r \preccurlyeq v_s \preccurlyeq v_t$ , word gekies.

Aangesien  $U$  latent is, word 'n waarde aan die opbrengs  $R_s$  toegeken deur middel van plaaslike interpolasie. Laat  $u_s^*$  die (onwaarneembare) uitkoms uit  $U$  wees, wat met konteks  $v_s$  saamval. Laat  $\xi : \mathbb{R} \rightarrow \mathbb{R}$ , die (moontlik nie-lineêre) konteks-opbrengsafbeelding wees. 'n Eerste-orde-beraming vir  $R_s$  word gegee deur

$$\hat{R}_s = R_r + \delta \xi'(u_s^*),$$

waar  $\delta > 0$  die plaaslike stapgrootte is.

Om 'n funksionele vorm vir  $\xi'$  vas te lê, word die booglengte-formule aangewend:

$$\mathcal{L}(a, b) = \int_a^b \sqrt{1 + (\xi'(u))^2} du.$$

Vir die lineêre basisgeval is  $\xi'_0(u_s^*) = \hat{\sigma}_U$  konstant. Die booglengte van  $\xi_0$  oor  $[a, b]$  gee dan

$$\mathcal{L}_0(a, b) = \sqrt{1 + \hat{\sigma}_U^2} (b - a),$$

terwyl

$$\xi_0(b) - \xi_0(a) = \hat{\sigma}_U (b - a) = \frac{\hat{\sigma}_U}{\sqrt{1 + \hat{\sigma}_U^2}} \mathcal{L}_0(a, b).$$

Verandering in opbrengs is in die lineêre basisgeval dus proporsioneel tot booglengte. Die heuristiese uitgangspunt vir hiperboliese omskakeling is dat, wanneer 'n kwantifiseerbare eienskap (opbrengs) uit 'n onkwantifiseerbare verskynsel (konteks) beraam word, die mark optree asof hierdie verhouding behoue bly: Beramers verrig interpolasie op die waarde-as en fokus op verskille in opbrengs, eerder as op die latente veranderlike self. In hierdie sin vervaag die grens tussen die werklike opbrengsafbeelding en die lineêre basisafbeelding.

Prakties beteken dit dat die plaaslike verandering in opbrengs tussen die anker  $R_r$  en die beraamde waarde  $\hat{R}_s$  benader word asof dit deur die booglengte langs die werklike afbeelding  $\xi$  bepaal word. Daar word dus veronderstel dat

$$\hat{R}_s - R_r \stackrel{\text{heuristies}}{\approx} \tilde{\kappa} \int_{u_r}^{u_s^*} \sqrt{1 + (\xi'(u))^2} du,$$

vir 'n geskikte konstante  $\tilde{\kappa} = \frac{\hat{\sigma}_U}{\sqrt{1 + \hat{\sigma}_U^2}}$ . In kombinasie met (2.14) is

$$\hat{R}_S - R_r = \delta \xi'(u_s^*),$$

gee dit

$$\xi'(u_s^*) = \kappa \int_{u_r}^{u_s^*} \sqrt{1 + (\xi'(u))^2} du, \quad \kappa = \frac{\tilde{\kappa}}{\delta} > 0.$$

Met  $z(x) := \xi'(x)$  en vaste  $u_r$  gee differensiasie  $z'(x) = \kappa \sqrt{1 + z^2}$ . Skeiding van veranderlikes en integrasie lewer

$$\operatorname{asinh} z(x) = \kappa x + \lambda \quad \Rightarrow \quad \xi'(x) = \sinh(\kappa x + \lambda),$$

waar  $\lambda$  die integrasiekonstante is. Die plaaslike beraamde aandeelprysopbrengs is dus

$$\hat{R}_S \approx R_r + \delta \sinh(\kappa u_s^* + \lambda).$$

### 2.4.3 Aandeelprysopbrengste

Die doel in hierdie afdeling is om aandeelprysopbrengste te modelleer deur gebruik te maak van die beginsel van hiperboliese omskakeling. Die fokus val op daaglikse opbrengsdata van J200T, met die oog op twee aspekte:

1. Om die statistiese eienskappe van die opbrengsverdeling realisties na te boots; en
2. Om die verskynsel van trosvorming in te sluit.

Die model wat voorgestel word het die volgende vorm:

$$\Delta Y_t = \mu + \sigma_t \cdot Z(X_t; \lambda, \kappa),$$

waar:

- $Y_t = \log S_t$ .
- $\Delta Y_t = Y_{t+\Delta t} - Y_t$  is die prysopbrengs oor tydinterval  $\Delta t$ ,
- $\mu, \lambda$  en  $\kappa$  is parameters wat deur middel van kalibrasie bepaal word,
- $X_t \sim \mathcal{N}(0,1)$  is 'n standaard- normaal verdeelde stogastiese veranderlike,
- $\sigma_t$  is 'n tydafhanklike skaalparameter (standaardafwyking).

Die funksie  $Z(x; \lambda, \kappa)$  word gedefinieer as:

$$Z(x; \lambda, \kappa) = \frac{\sinh(\kappa x + \lambda) - z_1}{z_2},$$

waar  $z_1$  en  $z_2$  onderskeidelik die gemiddeld en standaardafwyking van  $\sinh(\kappa X_t + \lambda)$  voorstel, met:

$$z_1 = \exp\left(\frac{1}{2}\kappa^2\right) \cdot \sinh(\lambda)$$

$$z_2 = \sqrt{\frac{1}{2}(\exp(\kappa^2) - 1)(\exp(\kappa^2) \cdot \cosh(2\lambda) + 1)}.$$

Hieruit volg dat  $Z(x; \lambda, \kappa)$  so gedefinieer is dat dit 'n gemiddeld van 0 en 'n standaardafwyking van 1 het. Die onderliggende verdeling stem ooreen met 'n genormaliseerde weergawe van die Johnson  $SU$ -verdeling (Johnson 1949). Die bepaalde vorm van  $Z(x; \lambda, \kappa)$  bied twee voordele:

- die volatiliteit kan onafhanklik deur  $\sigma_t$  gemodelleer word, aangesien  $Z(x; \lambda, \kappa)$  gestandaardiseer is, en
- die hiperboliese eienskappe van die opbrengste word akkuraat vasgevang.

Die rol van  $\mu$  en  $\sigma_t$  is dus om die geskikte gemiddeld en skaal van die opbrengsverdeling intuïtief en buigsaam voor te stel.

Om trosvorming te modelleer, word  $\sigma_t$  eksplisiet afhanklik van tyd gemaak deur 'n GARCH(1,1)-proses te gebruik. Die variansie word soos volg voorgestel:

$$\sigma_t^2 = w + \sigma_{t-\Delta t}^2(a X_{t-\Delta t}^2 + b).$$

Let op die volgende:

- Dieselfde stogastiese veranderlike  $X_t$  wat in  $Z(x; \lambda, \kappa)$  gebruik word, dryf ook die GARCH-proses.
- Die tydsinterval  $\Delta t$ , asook al die parameters in die vektor  $\theta = (a, b, w, \mu, \lambda, \kappa)'$ , is spesifiek vir die gekose tydskaal van die data – in hierdie geval, daagliks (vgl. (2.12)).

Met ander woorde, indien  $\Delta t$  daaglikse data verteenwoordig, dan is die waardes van  $\theta$  ook spesifiek vir daaglikse data gekalibreer en behoort nie direk op ander tydskale toegepas te word nie.

#### 2.4.4 Kalibrasie van parameters

Gegee 'n vektor van prysopbrengste,  $\mathbf{y} = (y_1, y_2, \dots, y_n)$  en parameterruimte,  $\Theta$ , word 'n optimale parametervektor,  $\theta = (a, b, w, \mu, \lambda, \kappa)'$  bepaal deur die logaanneemlikheidsfunksie,  $\ell(\theta, \mathbf{y})$ , te maksimeer. Die raming word dus verkry deur:

$$\hat{\theta} = \operatorname{argmax}_{\theta \in \Theta} \hat{\ell}(\theta, \mathbf{y}),$$

waar  $\hat{\ell}(\theta, \mathbf{y}) = \sum_{i=1}^n \ell_i(\theta, y_i)$ , die gesamentlike logaanneemlikheid voorstel en elke indiwiduele term gedefinieer is as:

$$\ell_t(\theta, y_t) = \log(z_2) - \frac{1}{2} \left( \left( \frac{s - \sinh^{-1}(z_3)}{k} \right)^2 + \log(\kappa^2 \sigma_t^2 (1 + z_3^2)) \right).$$

Hier is:

- $z_3 = z_1 + z_2 \frac{y_t - \mu}{\sigma_t}$ ,
- $\sigma_t$  die tydafhanklike skaalparameter wat deur 'n GARCH(1,1)-proses gegenereer word:

$$\sigma_t^2 = w + \sigma_{t-\Delta t}^2 (a X_{t-\Delta t}^2 + b).$$

Die aanvangswaardes word gespesifiseer as:

- $y_0 := 0$
- $\sigma_0 := \frac{\hat{w}}{1 - \hat{a} - \hat{b}}.$

Die doel is om uit die uitdrukking:

$$\mathbf{y} = \mu + \boldsymbol{\sigma} \cdot \frac{\sinh(k \cdot \mathbf{X} + s) - z_1}{z_2},$$

waar  $\boldsymbol{\sigma} = (\sigma_1, \sigma_2, \dots, \sigma_n)$ , en  $\mathbf{X} = \{X_1, X_2, \dots, X_n\}$ , die onderliggende stogastiese drywers  $X_i$  te beraam, sodat die beraamde drywers  $\hat{X}_i \sim \mathcal{N}(0,1)$  is vir alle  $i \in [1, n]$ .

Die uiteindelijke toets is of:

$$\hat{\mathbf{X}} = \frac{\sinh^{-1}(\hat{z}_2(\frac{y-\hat{\mu}}{\hat{\sigma}}) + \hat{z}_1) - \hat{\lambda}}{\hat{\kappa}}$$

beraam kan word asof dit uit 'n standaard-normaalverdeling afkomstig is.

Die residue  $\hat{\mathbf{X}}$  word aan die volgende drie vereistes getoets:

1. Die residue is normaalverdeel:  $\hat{\mathbf{X}} \sim \mathcal{N}(0,1)$ .
2. Daar is nie outokorrelasie in  $\hat{\mathbf{X}}$  nie.
3. Daar is nie volatilitieitrosvorming in  $\hat{\mathbf{X}}$  nie.

#### 2.4.4.1 'n Nota aangaande die opbrengsvektor

Hierdie analise gebruik daaglikse opbrengste van J200T. Soos reeds in die afdeling oor 2.2.2 *Data voorbereiding en* (§2.2.2) verduidelik is, is opbrengste wat oor langer as een dag strek uit die data verwyder. Die resulterende steekproefgrootte vir die aangepaste dataset is  $n = 3531$ .

Outokorrelasie- en trosvormingstoetse vereis 'n volledige tydreeks sonder gapings. Indien datapunte verwyder word, word belangrike skakels in die outoregressiewe proses verbreek. Indien dit ingesluit word, kan Vrydag-tot-Maandag-opbrengste die illusie van afhanklikheid skep waar daar eintlik geen afhanklikheid is nie.

Die resultate vir beide word daarom gerapporteer:

- die volledige datastel ( $n = 4569$ ),
- die aangepaste stel ( $n = 3531$ ).

Die resultate oor outokorrelasie moet dus met versigtigheid geïnterpreteer word.

#### 2.4.4.2 Toets vir normaliteit van residue

Die volgende hipoteses is geformuleer:

$H_0$ : Die residue  $\hat{X} \sim \mathcal{N}(0,1)$ .

$H_1$ : Die residue is nie  $\mathcal{N}(0,1)$  verdeel nie.

Die Kolmogorov–Smirnov(KS)-toets word aangewend (Kolmogorov 1933; Smirnov 1948). Aangesien die parameters vanuit dieselfde steekproef beraam word waarop die toets uitgevoer word, is die standaard- KS-kritieke waardes nie geldig nie. 'n Skoenlusbenadering word daarom toegepas (Efron 1979; Efron en Tibshirani 1993), waarin die parameters vir elke skoenlusreplika herbereken word.

Met  $B = 2000$  skoenlusreplikas en 'n steekproefgrootte van  $n = 3531$ , is:

- Waargenome KS statistiek:  $D = 0.012406$ .
- Naïewe 5%- kritieke waarde is  $\frac{1.3581}{\sqrt{3531}} \approx 0.02286$ .
- Skoenlus-gebaseerde p-waarde:  $\hat{p} = 0.1180 (\pm 0.014)$ .

By 'n 5%-vlak kan die nulhipotese dus nie verwerp word nie. Die residue kom ooreen met 'n standaard-normaalverdeling.

#### 2.4.4.3 Outokorrelasie en volatilitiestrosvorming

Die Ljung–Box-portmanteau-toets (Ljung en Box 1978), wat gebaseer is op Box en Pierce (1970), word ingespan om lineêre en nie-lineêre afhanklikheid te toets:

- Opbrengste: getoets vir lineêre outokorrelasie,
- Kwadraatopbrengste: getoets vir outoregressiewe voorwaardelike heteroskedastisiteit (Engle 1982).

**Aangepaste data ( $n = 3531$ ):***Opbrengste:*

$$Q(10) = 16.629, p = 0.0830$$

$$Q(20) = 22.841, p = 0.2967$$

 $\rightarrow H_0$  nie verwerp nie  $\rightarrow$  Geen bespeurde outokorrelasie.*Kwadraatopbrengste:*

$$Q(10) = 6.834, p = 0.5546$$

$$Q(20) = 13.773, p = 0.7438$$

 $\rightarrow H_0$  nie verwerp nie  $\rightarrow$  Geen oorblywende ARCH-effekte.**Volledige data ( $n = 4569$ ):***Opbrengste:*

$$Q(10) = 21.327, p = 0.0189$$

$$Q(20) = 33.008, p = 0.0337$$

 $\rightarrow H_0$  verwerp  $\rightarrow$  Beduidende outokorrelasie (maar waarskynlik kunsmatig).*Kwadraatopbrengste:*

$$Q(10) = 5.452, p = 0.7084$$

$$Q(20) = 23.929, p = 0.157$$

 $\rightarrow H_0$  nie verwerp nie  $\rightarrow$  Geen ARCH-effekte.**2.4.4.4 Samevatting van resultate**

| Datastel | $n$  | Normaal-toets (KS)      | Outokorrelasie (p)<br>$h = 10 / 20$ | ARCH (p)<br>$h = 10 / 20$ |
|----------|------|-------------------------|-------------------------------------|---------------------------|
| Aangepas | 3531 | $D = 0.0124, p = 0.118$ | 0.083 / 0.297                       | 0.555 / 0.744             |
| Volledig | 4569 |                         | 0.019 / 0.034                       | 0.708 / 0.157             |

Die gevolgtrekking is dat die residue aan die eienskappe van 'n standaard-normaalverdeling voldoen, en dat die model effektief die variansiedinamika beskryf. Die geringe outokorrelasie wat in die volledige datastel bespeur is, kan waarskynlik toegeskryf word aan kalendergapings (soos Vrydag-tot-Maandag-opbrengste) en nie aan onderliggende ekonomiese afhanklikheid nie.



### 3. Bespreking

Die empiriese ontleding toon dat die kurtose van aandeelprysopbrengste afneem met toenemende tydskaal, in dieselfde rigting as wat deur 'n suiwer inligtinggedrewe konteks voorspel word. Nieteenstaande bly die empiriese kurtose oor al die ondersoekte tydskaal wesenlik hoër as die teoretiese kurtose van konteks. Binne die omvang van die beskikbare data is daar geen duidelike aanduiding dat die oortollige kurtose tot nul konvergeer nie. Dit dui daarop dat die verspreidingsgedrag van opbrengste nie volledig met die ideaal van 'n homogene, suiwer inligtingproses versoenbaar is nie, ondanks die normaliserende tendens wat op grond van die sentrale limietstelling verwag sou word onder standaard-aannames.

Hierdie patroon ondersteun die vermoede dat prysopbrengste wél deur konteks gedryf word, maar dat daar 'n addisionele vervorming plaasvind. Daar word voorgestel dat hierdie vervorming ontstaan deur 'n heuristiese meganisme, naamlik hiperboliese omskakeling, wat intree wanneer kwantifiseerbare verskynsels (soos pryse) beraam word op grond van onkwantifiseerbare veranderlikes (soos konteks).

Vir baie kort tydsintervalle, waar onafhanklike nuusbrokkies nog nie genoeg konvolusies ondergaan het om die eienskappe van die normaalverdeling aan te neem nie, is dit moeilik om die effek van hiperboliese omskakeling afsonderlik waar te neem. Maar deur onafhanklike nuusbrokkies kunsmatig te sommeer kan waargeneem word dat teoretiese konteks redelik vinnig normaal begin lyk. Daarom word aangeneem dat, vir daaglikse opbrengste, genoeg konvolusies reeds plaasgevind het om die konteks as feitlik normaalverdeel te beskou. Onder dié omstandighede kan die effek van hiperboliese omskakeling geïsoleer en bestudeer word.

Die model wat ontwikkel is, lewer bemoedigende resultate. Dit is in staat om sowel die verdelingskenmerke van opbrengste as die trosvorming en outoregressiewe dinamika daarvan geloofwaardig te modelleer. Nietemin is daar nog verskeie kwessies wat toekomstige navorsing vereis.

Een so 'n uitdaging is die keuse van datavoorbereiding. Indien kalibrasie op die volledige datastel uitgevoer word, vang dit wel outokorrelasie en heteroskedastisiteit akkuraat vas, maar loop dit die risiko om kunsmatige afhanklikheid in te sluit weens kalendergapings soos naweke en openbare vakansiedae. Andersyds, as die data beperk word tot streng daaglikse opbrengste, word hierdie artefakte verwyder, maar gaan daar moontlik inligting oor die ware dinamika verlore. Aangesien hiperboliese omskakeling 'n nie-lineêre transformasie meebring, is dit nie eenvoudig om hierdie twee weergawes van die data te versoen nie. Dit is 'n belangrike metodologiese oorweging, maar die hantering daarvan lê buite die bestek van hierdie artikel.

Voorts behoort daar ook ondersoek ingestel te word na die algemeenheid van hiperboliese omskakeling in finansiële tydreeks. Die verskynsel van oortollige kurtose is wyd gedokumenteer in die literatuur, en blyk 'n universele eienskap van finansiële markte te wees (Dhesi, Shakeel en Ausloos 2019; Kim en White 2004; Mandelbrot 1963). Hierdie studie is egter beperk tot slegs een indeks (J200T), onder relatief ideale toestande – met voldoende likiditeit en aktiewe handel. Gevalle van lae likiditeit of stagnante pryse is doelbewus uitgesluit om die onderliggende dinamika duidelik te isoleer.

#### 4. Samevatting

Hierdie artikel ondersoek aandeelprysopbrengste vanuit twee ooreenstemmende invalshoeke: 'n teoretiese (epistemiese) model en 'n empiriese toetsing van daardie model teenoor werklike markdata. Die studie begin met die veronderstelling dat aandeelpryse uitsluitlik deur inligting gedryf word en ondersoek dan wat die verwagte statistiese gedrag van opbrengsverdelings onder sodanige aannames behoort te wees.

In die eerste helfte van die artikel word 'n waarskynlikheidsdigtheidsfunksie vir klein inligting-veranderings, oftewel nuusbrokkies, veronderstel en word daar ondersoek hoe opeenvolgende konvolusies van hierdie funksie die verspreiding van opbrengste oor langer tydskale beïnvloed. Die artikel fokus veral op kurtose en vind dat, indien aandeelpryse suiwer deur inligting gedryf word, kurtose oor tyd afneem en uiteindelik na die normaalverdeling konvergeer.

In die tweede deel word teoretiese verwagtinge vir die konteks vergelyk met werklike opbrengsdata van J200T, oor tydskale wat van sekondes tot jare strek. Die empiriese resultate toon wel 'n dalende tendens in kurtose met toenemende tydskaal, in dieselfde rigting as wat die model voorspel, maar die waargenome kurtose bly oor al die ondersoekte tydskale beduidend hoër as die teoretiese kontekstkurtose. Dit dui op 'n aanvullende meganisme wat oortollige kurtose in stand hou.

Daar word voorgestel dat hierdie verskil verklaar kan word deur 'n heuristiese transformasie, naamlik hiperboliese omskakeling, wat plaasvind wanneer markdeelnemers waardes beraam uit onkwantifiseerbare verskynsels. Interpolasie op die waarde-as, eerder as op die definisiegebied van die funksie self, lei tot 'n geometriese verbuiging wat wiskundig as 'n hiperboliese transformasie beskryf kan word. Hierdie verbuiging verhoog die kurtose, selfs wanneer die onderliggende drywer normaalverdeel is.

Die voorgestelde benadering word getoets deur die verloop van kurtose in sowel die model as die data te vergelyk en daar word gevind dat hul afgeleides ooreenstem. Dit dui daarop dat kurtose in beide gevalle in dieselfde fase van verval verkeer. Verder word 'n model toegepas waarin opbrengste deur 'n gestruktureerde transformasie ('n gestandaardiseerde sinh-funksie) voorgestel word, gekombineer met 'n GARCH(1,1)-proses om trosvorming in volatiliteit te modelleer.

Die model lewer geloofwaardige resultate: Die residue is normaalverdeel, sonder noemenswaardige outokorrelasie of heteroskedastisiteit, mits die data vooraf gefiltreer is om kalenderafwykings te verwyder. Tog bly die empiriese kurtose hoër as wat die model voorstel, wat die vermoede versterk dat 'n onderliggende verbuigingsmeganisme bestaan.

Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat hiperboliese omskakeling 'n geloofwaardige verklaring bied vir die knaende oortollige kurtose in prysopbrengste en dat dit, in kombinasie met 'n GARCH(1,1)-proses vir volatiliteitsmodellering, 'n omvattende raamwerk vir die beskrywing van opbrengsverdelings verskaf. Verdere navorsing sal nodig wees om die algemene toepasbaarheid van hierdie bevindinge op ander bates, tydperke en markomstandighede te toets.

## Bibliografie

- Abramowitz, M. en I.A. Stegun. 1964. *Handbook of mathematical functions with formulas, graphs, and mathematical tables*. Washington, DC: National Bureau of Standards, Applied Mathematics Series 55.
- Bai, X., J.R. Russel en G.C. Tiao. 2003. Kurtosis of GARCH and stochastic volatility models with non-normal innovations. *Journal of Econometrics*, 349–60.
- Barndorff-Nielsen, O.E. 1977. Exponentially decreasing distributions for the logarithm of particle size. *Proceedings of the Royal Society of London. Series A*, 353(1674):401–19.
- Bates, D.S. 1996. Jumps and stochastic volatility: Exchange rate processes implicit in Deutsche Mark options. *The Review of Financial Studies*, 9(1):69–107. <https://doi.org/10.1093/rfs/9.1.69>.
- Bindu, P. en K. Sangita. 2015. Double Lomax distribution and its applications. *Revista Di Statistica Applicata*, LXXV(3).
- Bollerslev, T. 1986. Generalized autoregressive conditional heteroskedasticity. *Journal of Econometrics*, 302–27.
- . 1987. A conditionally heteroskedastic time series model for speculative prices and rates of return. *The Review of Economics and Statistics*, 69(3):542–47.
- Bouwer, A. en E. Maré. 2025. *Hiperboliese omskakeling*. Hangende tegniese verslag, Universiteit van Pretoria.
- Box, G.E.P. en D.A. Pierce. 1970. Distribution of residual autocorrelations in ARIMA time series models. *Journal of the American Statistical Association*, 65:1509–26.
- Campbell, J.Y., A.W. Lo en A.C. MacKinlay. 1997. *The econometrics of financial markets*. Princeton, NJ: Princeton University Press.
- Clark, P.K. 1973. A subordinated stochastic process model with finite variance for speculative prices. *Econometrica*, 41(1):135–55.
- Cochrane, J.H. 2005. *Asset pricing*. Hersiene uitgawe. Princeton, NJ: Princeton University Press.
- Cont, R. 2001. Empirical properties of asset returns: Stylized facts and statistical issues. *Quantitative Finance*, 1(2):223–36. <https://doi.org/10.1080/713665670>.
- Dhesi, G., B. Shakeel en M. Ausloos. 2019. Modelling and forecasting the kurtosis and returns distributions of financial markets: Irrational fractional Brownian motion model approach. *Annals of Operations Research*, 1397–1410.
- Duffie, D., J. Pan en K. Singleton. 2000. Transform analysis and asset pricing for affine jump-diffusions. *Econometrica*, 68(6):1343–76.

- Durrett, R. 2019. *Probability: Theory and examples*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Eberlein, E. en U. Keller. 1995. Hyperbolic distributions in finance. *Bernoulli*, 1(3):281–99.
- Efron, B. 1979. Bootstrap methods: Another look at the jackknife. *The Annals of Statistics*, 7:1–26.
- Efron, B. en R.J. Tibshirani. 1993. *An introduction to the bootstrap*. New York: Chapman & Hall/CRC.
- Embrechts, P., C. Klüppelberg en T. Mikosch. 1997. *Modelling extremal events for insurance and finance*. Berlyn; Heidelberg: Springer.
- Engle, R.F. 1982. Autoregressive conditional heteroscedasticity with estimates of the variance of United Kingdom inflation. *Econometrica*, 50:987–1007.
- Fama, E.F. 1965. The behavior of stock-market prices. *The Journal of Business*, 38(1):34–105. <https://doi.org/10.1086/294743>.
- . 1970. Efficient capital markets: A review of theory and empirical work. *The Journal of Finance*, 25(2):383–417. <https://doi.org/10.1111/j.1540-6261.1970.tb00518.x>.
- Fama, E.F., L. Fischer, M.C. Jensen en R. Roll. 1969. The adjustment of stock prices to new information. *International Economic Review*, 10.
- Feller, W. 1971. *An introduction to probability theory and its applications*. 2de uitgawe, volume 2. New York: John Wiley & Sons Inc.
- Gabaix, X., P. Gopikrishnan, V. Plerou en H.E. Stanley. 2003. A theory of power-law distributions in financial market fluctuations. *Nature*, 423(6937):267–70.
- Gil-Peláez, J. 1951. Note on the inversion theorem. *Biometrika*, 38(3–4):481–2. <https://doi.org/10.1093/biomet/38.3-4.481>.
- Harrison, J.M. en S.R. Pliska. 1981. Martingales and stochastic integrals in the theory of continuous trading. *Stochastic Processes and Their Applications*, 11(3):215–60. [https://doi.org/10.1016/0304-4149\(81\)90039-3](https://doi.org/10.1016/0304-4149(81)90039-3).
- Heston, S.L. 1993. A closed-form solution for options with stochastic volatility with applications to bond and currency options. *Review of Financial Studies*, 6:327–43.
- Johnson, N.L. 1949. Systems of frequency curves generated by methods of translation. *Biometrika*, 36(1–2), 149–76. <https://doi.org/10.1093/biomet/36.1-2.149>
- Kim, T.-H. en H. White. 2004. On more robust estimation of skewness and kurtosis: Simulation and application to the S&P500 Index. *Finance Research Letters*, 1:56–73.
- Kolmogorov, A. 1933. Sulla determinazione empirica di una legge di distribuzione. *Giornale Dell'Istituto Italiano Degli Attuari*, 4:83–91.

- Ljung, G.M. en G.E.P. Box. 1978. On a measure of lack of fit in time series models. *Biometrika*, 65:297–303.
- Lo, A.W. en A.C. MacKinlay. 1988. Stock market prices do not follow random walks: Evidence from a simple specification test. *The Review of Financial Studies*, 1(1):41–66.
- . 1999. *A non-random walk down Wall Street*. Princeton, NJ: Princeton University Press.
- Lomax, K.S. 1954. Business failures: Another example of the analysis of failure data. *Journal of the American Statistical Association*, 49(268):847–52.
- Lux, T. en M. Marchesi. 1999. Scaling and criticality in a stochastic multi-agent model of a financial market. *Nature*, 397(6719):498–500.
- Mandelbrot, B. 1963. The variation of certain speculative prices. *The Journal of Business*, 36:394–419.
- McNeil, A.J., R. Frey en P. Embrechts. 2005. *Quantitative risk management: Concepts, techniques and tools*. Princeton, NJ: Princeton University Press.
- Merton, R.C. 1973. Theory of rational option pricing. *Bell Journal of Economics and Management Science*, 4:141–83.
- . 1976. Option pricing when underlying stock returns are discontinuous. *Journal of Financial Economics*, 3(1–2):125–44. [https://doi.org/10.1016/0304-405X\(76\)90022-2](https://doi.org/10.1016/0304-405X(76)90022-2).
- Nelder, J.A. en R. Mead. 1965. A simplex method for function minimization. *The Computer Journal*, 7(4):308–13. <https://doi.org/10.1093/comjnl/7.4.308>.
- Olver, F.W.J., A.B.O. Daalhuis, D.W. Lozier, B.I. Schneider, R.F. Boisvert, C.W. Clark, B.R. Mille, H.S. Cohl en M.A. McClain (reds.). 2025. *NIST Digital Library of Mathematical Functions*. <http://dlmf.nist.gov/>.
- Press, S.J. 1967. A compound events model for security prices. *The Journal of Business*, 40(3):317–35.
- Samuelson, P.A. 1965. Proof that properly anticipated prices fluctuate randomly. *Industrial Management Review*, 6(2):41–9.
- Smirnov, N. 1948. Table for estimating the goodness of fit of empirical distributions. *The Annals of Mathematical Statistics*, 19:279–81.
- Weisstein, E.W. 2025. *Leibniz integral rule*. <https://mathworld.wolfram.com/LeibnizIntegralRule.html>.
- Williams, J.B. 1938. *The theory of investment value*. Cambridge, MA: Harvard University Press.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Vir  $g_I$  soos in (2.2) bestaan  $\mathbb{E}[X]$  as  $b > 2$ ;  $\text{Var}[X]$  as  $b > 3$ ; die derde moment as  $b > 4$ ; en die vierde moment (kurtose) as  $b > 5$  (vgl. §A.a).

<sup>2</sup> Kurtose is slegs eindig vir  $b > 5$  (vgl. §A.e). Hier word  $b = 6$  (net bo die drumpel) en  $b = 15$  (ruim daarbo) gekies om die digtheid te illustreer.

<sup>3</sup> <https://www.jse.co.za/jse/instruments/3409>.

<sup>4</sup> <https://www.jse.co.za/jse/instruments/3408>.

<sup>5</sup> Refinitiv, *DataScope Select*, <https://select.datascope.refinitiv.com/DataScope/Home>.

<sup>6</sup> Vir variansie om te bestaan, moet die voorwaarde  $(\alpha + \beta)^2 + 2\alpha^2 < 1$  geld.

## Aanhangsel

### A. Afleiding van funksies

#### a. Notasie, definisies en vertakings

**Bronne:** Vir spesiale funksies word DLMF (Olver e.a., 2025 §§ 2.2, 5.2, 5.5, 5.12, 8.12, 8.19) en Abramowitz en Stegun (1964) gevolg. Vir karakteristieke funksies: Durrett (2020) en Feller (1971).

- **Spesiale funksies**

**Gamma-funksie (Euler-integrale definisie).** Vir  $\Re z > 0$ :

$$\Gamma(z) = \int_0^\infty e^{-t} t^{z-1} dt, \quad \Gamma(z+1) = z\Gamma(z).$$

**Beta-funksie en skakel met  $\Gamma$ .** Vir  $\Re a > 0$ ,  $\Re b > 0$ :

$$B(a, b) = \int_0^1 t^{a-1} (1-t)^{b-1} dt = \frac{\Gamma(a)\Gamma(b)}{\Gamma(a+b)}.$$

'n Standaard-substitusie,  $t = \frac{x}{x+1}$ , gee vir  $\Re a > 0$ ,  $\Re(a+b) > 0$ :

$$\int_0^\infty \frac{x^{a-1}}{(1+x)^{a+b}} dx = B(a, b),$$



en met skaal  $c > 0$ :

$$\int_0^\infty \frac{x^{a-1}}{(1+cx)^{a+b}} dx = c^{-a} B(a, b).$$

**Boonste onvolledige Gamma.** Vir  $\Re a > 0$  en  $z \notin (-\infty, 0]$  (hooflak):

$$\Gamma(a, z) = \int_z^\infty t^{a-1} e^{-t} dt.$$

**Veralgemeende eksponensiële integraal.** Vir  $\Re z > 0$  (integrale vorm):

$$E_p(z) = \int_1^\infty e^{-zt} t^{-p} dt = z^{p-1} \Gamma(1-p, z).$$

(met analitiese voortsetting via die hoofvertakking van  $\Gamma(1-p, z)$ ).

- **Fourier-konvensies en karakteristieke funksies**

Die volgende word gebruik:

$$\varphi_X(t) = \mathbb{E}[e^{itx}] = \int_{\mathbb{R}} e^{itx} f_X(x) dx, \quad t \in \mathbb{R},$$

en die inverse

$$f_X(x) = \frac{1}{2\pi} \int_{\mathbb{R}} e^{-itx} \varphi_X(t) dt.$$

(Die konvolusie-eienskap:  $\varphi_{X+Y} = \varphi_X \cdot \varphi_Y$  vir onafhanklike  $X, Y$ .)

- **Vertakkings en magte**

Hier word die hooflak van die komplekse logaritme geneem:

$$\text{Log } z = \ln |z| + \text{Arg } z \in (-\pi, \pi], \quad \text{met snylyn } (-\infty, 0].$$

Magte word aldus gedefinieer:  $z^\alpha := \exp(\alpha \text{Log } z)$ .

Vir  $t \in \mathbb{R} \setminus \{0\}$  en reële  $b$  gee dit

$$(it)^b = |t|^b e^{i(\frac{\pi}{2})b} \text{sgn}(t), \quad (-it)^b = |t|^b e^{-i(\frac{\pi}{2})b} \text{sgn}(t).$$

Hierdie keuses word konsekwent in alle Fourier- en Gamma-uitdrukkings gebruik.

**b. Digtheid, variansie en standaardisering**

Vir  $b > 1$  en  $d > 0$  word die waarskynlikheidsdigtheidsfunksie (WDF) gedefinieer as 'n wysiging van die dubbele Lomax-verdeling (Bindu en Sangita 2015; Lomax 1954):

$$f(x; b, d) = \frac{b-1}{2} \frac{d^{b-1}}{(d + |x|)^b}, \quad x \in \mathbb{R}.$$

Hieruit volg  $\int_{\mathbb{R}} f = 1$ . Die verdeling is simmetries met mediaan 0. Die gemiddeld bestaan slegs vir  $b > 2$ ; in daardie geval is  $\mathbb{E}[X] = 0$ .

Die variansie bestaan vir  $b > 3$ :

$$\text{Var}(X) = \mathbb{E}[X^2] = 2 \cdot \frac{b-1}{2} d^{b-1} \cdot I,$$

waar

$$I := \int_0^\infty \frac{x^2}{(d+x)^b} dx.$$

Die substitusie  $u = \frac{x}{d+x}$  (dus  $x = \frac{u \cdot d}{1-u}$ ,  $dx = \frac{d}{(1-u)^2} du$ , en  $d+x = \frac{d}{1-u}$ ) word uitgevoer:

$$\frac{x^2}{(d+x)^b} dx = \frac{d^2 u^2}{(1-u)^2} \cdot \frac{(1-u)^b}{d^b} \cdot \frac{d}{(1-u)^2} du = d^{3-b} u^2 (1-u)^{b-4} du.$$

Derhalwe:

$$I = d^{3-b} \int_0^1 u^2 (1-u)^{b-4} du = d^{3-b} B(3, b-3) = d^{3-b} \frac{\Gamma(3)\Gamma(b-3)}{\Gamma(b)} = 2d^{3-b} \frac{\Gamma(b-3)}{\Gamma(b)}.$$

Vanuit die rekursiewe Gamma-formule:

$$\Gamma(b) = (b-1)(b-2)(b-3)\Gamma(b-3),$$

en dus,

$$\frac{\Gamma(b-3)}{\Gamma(b)} = \frac{1}{(b-1)(b-2)(b-3)}.$$

Die variansie is dus:

$$\begin{aligned} \text{Var}(X) &= (b-1)d^{b-1} \cdot 2 d^{3-b} \cdot \frac{1}{(b-1)(b-2)(b-3)} \\ &= \frac{2d^2}{(b-2)(b-3)}. \end{aligned}$$

Laat  $\sigma = \sqrt{\text{Var}_f(X)}$  en  $Y = \frac{X}{\sigma}$ . Die WDF vir  $Y$  is:

$$\begin{aligned} g_Y(y; b) &= \sigma \cdot f(\sigma y; b, d) \\ &= \sigma \cdot \frac{b-1}{2} \cdot \frac{d^{b-1}}{\sigma^b \left(\frac{d}{\sigma} + |y|\right)^b} \\ &= \sigma^{1-b} \cdot d^{b-1} \cdot \frac{b-1}{2} (q_b + |y|)^{-b}, \end{aligned}$$

waar  $q_b = \frac{d}{\sigma} = \sqrt{\frac{(b-2)(b-3)}{2}}$ . Die WDF word nou saamgevat:

$$g_X(x; b) = C_b (q_b + |x|)^{-b},$$

waar  $C_b = 2^{-\frac{b-1}{2}} \cdot \frac{b-1}{2} \cdot ((b-2)(b-3))^{\frac{b-1}{2}}$ .

### c. Afleiding van die karakteristieke funksie

Laat  $g(x) = C_b (q + |x|)^{-b}$  (gestandaardiseerde WDF,  $b > 1$ ,  $q > 0$ ). Dan vir  $t \in \mathbb{R}$ ,

$$\varphi_X(t; b) = \int_{\mathbb{R}} e^{itx} g(x, b) dx = C_b \int_{\mathbb{R}} \frac{e^{itx} + e^{-itx}}{(q + x)^b} dx.$$

Met  $u = q + x$  ( $dx = du$ ,  $x \in [0, \infty) \mapsto u \in [q, \infty)$ ):

$$\varphi_X(t; b) = C_b \left[ e^{-iqt} \int_q^\infty u^{-b} e^{itu} du + e^{iqt} \int_q^\infty u^{-b} e^{-itu} du \right].$$

Die standaard-identiteit (met analitiese voortsetting) vir  $\Re z > 0$ ,

$$\int_q^\infty u^{-b} e^{-zu} du = z^{b-1} \Gamma(1-b, zq),$$

gee (kies die hoofak van Log):

$$\varphi_X(t; b) = 2 C_b \Re[e^{-iqt} (-it)^{b-1} \Gamma(1-b, -iqt)],$$

wat eksplisiet reël is (die twee terme is konjugate vir reële  $t$  en  $q$ ).

'n Ekwivalente, dikwels numeries meer stabiele, vorm gebruik die veralgemeende eksponensiële integraal:

$$\varphi_X(t; b) = 2 C_b q^{1-b} \Re[e^{-iqt} E_b(-iqt)].$$

**d.  $n$ -voudige konvolusies**

Laat  $X_1, \dots, X_n$  onafhanklik en identies verdeel (o.i.v.) wees met WDF  $g(x) = C_b(q + |x|)^{-b}$  en karakteristieke funksie  $\varphi_X$ . Vir  $S_n = \sum_{j=1}^n X_j$  geld

$$\varphi_{S_n}(t) = \{\varphi_X(t)\}^n.$$

Met die vooraf-Fourier-konvensies is die digtheid

$$f_{S_n}(x) = \frac{1}{2\pi} \int_{\mathbb{R}} e^{itx} \varphi_{S_n}(t) dt = \frac{1}{\pi} \int_0^{\infty} \cos(tx) \varphi_{S_n}(t) dt,$$

en die verdelingsfunksie volg uit die Gil-Peláez-formule (Gil-Peláez 1951):

$$F_{S_n} = \frac{1}{2} - \frac{1}{\pi} \int_0^{\infty} \Im \left( \frac{e^{itx} \varphi_{S_n}(t)}{t} \right) dt.$$

Vir die gestandaardiseerde som  $Y_n = \frac{S_n}{\sqrt{n}}$  is

$$\varphi_{S_n}(t) = \left\{ \varphi_X \left( \frac{t}{\sqrt{n}} \right) \right\}^n.$$

In al die bostaande word die hooftak van Log en  $\Gamma(1 - b, \cdot)$  (snylyn  $(-\infty, 0]$ ) gebruik.

**e. Momente uit die karakteristieke funksie**

Laat  $g(x) = C_b(q + |x|)^{-b}$  'n gestandaardiseerde, simmetriese WDF wees met  $b > 5$ . Die hooftak van Log en  $\Gamma(1 - b, \cdot)$  word gebruik. Die KF het dan die geslote vorm:

$$\varphi_X(t; b) = 2 C_b q^{1-b} \Re \{ e^{-iqt} E_b(-iqt) \}, \quad E_b = z^{b-1} \Gamma(1 - b, z).$$

Indien  $\mathbb{E}[|X|^k] < \infty$ , bestaan  $\varphi_X^{(k)}(0)$  en

$$\varphi_X^{(k)}(0) = i^k \mathbb{E}[X^k].$$

**Afgeleide identiteit vir  $E_b$ .** Met  $E_p'(z) = -E_{p-1}(z)$  volg per induksie

$$E_p^{(k)}(0) = (-1)^k E_{p-k}(0) = (-1)^k \frac{1}{p-k-1},$$

geldig wanneer  $\Re(p-k) > 1$ , met

$$E_v(0) = \int_1^{\infty} t^{-v} dt = \frac{1}{v-1}.$$

**Berekening by  $t = 0$ .** Laat  $h(t) = e^{-iqt} E_b(-iqt)$ . Deur gebruik te maak van Leibniz (Weisstein 2025) en die kettingreël (waar  $z = -iqt$ ) word verkry:

$$h''(0) = q^2 \left[ -\frac{1}{b-1} + \frac{2}{b-2} + \frac{1}{b-3} \right],$$

$$h^{(4)}(0) = q^4 \left[ -\frac{1}{b-5} + \frac{4}{b-4} - \frac{6}{b-3} - \frac{4}{b-2} + \frac{1}{b-1} \right].$$

Omdat  $h^{(k)}(0)$  hier reël is, volg

$$\varphi_X''(0) = 2 C_b q^{1-b} h''(0),$$

$$\varphi_X^{(4)}(0) = 2 C_b q^{1-b} h^{(4)}(0).$$

Dus:

$$\mathbb{E}[X^2] = -\varphi_X''(0), \quad \mathbb{E}[X^4] = \varphi_X^{(4)}(0).$$

### Standaardisering.

Kies

$$q = q_b = \sqrt{\frac{(b-2)(b-3)}{2}}, \quad C_b = 2^{-\frac{b-1}{2}} \cdot \frac{b-1}{2} \cdot ((b-2)(b-3))^{\frac{b-1}{2}},$$

wat  $\mathbb{E}[X^2] = 1$  gee. Direkte substitusie lewer dan

$$E[X^4] = \kappa_Y(b) = 6 \frac{(b-2)(b-3)}{(b-4)(b-5)}, \quad b > 5.$$

**Som van o.i.v.-waarnemings.** Laat  $X_1, \dots, X_n$  o.i.v. wees soos  $X$ ,  $S_n = \sum_{j=1}^n X_j$ , en  $Y_n = \frac{S_n}{\sqrt{n}}$  (dus  $\text{Var}(Y_n) = 1$ ). Kumulante is additief vir onafhanklike veranderlikes:  $\kappa_k(S_n) = n\kappa_k(X)$ . Gevolglik

$$\kappa(Y_n) = 3 + \frac{\kappa_Y(b) - 3}{n} = 3 + \frac{3(b^2 - b - 8)}{n(b-4)(b-5)}.$$

# **Hiperboliese omskakeling. 'n Gedagte-eksperiment – met afleiding en evaluasie van 'n beskrywende hiperboliese verdeling – wat die bestaan van 'n sistematiese heuristiese denkfout tydens menslike skattings van nedirek meetbare eienskappe aantoon**

**Abie Bouwer en Eben Maré**

---

Abie Bouwer, onafhanklike navorser, en  
Eben Maré, medeprofessor, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, Universiteit van Pretoria

---

## ***Opsomming***

In hierdie artikel ondersoek ons die heuristiese prosesse wat mense gebruik wanneer hulle normaal verdeelde meetbare eienskappe van nedirek meetbare verskynsels skat. Deur 'n analise van Galton se eksperiment, waarin deelnemers die gewig van die vleis van 'n os moes skat, demonstreer ons hoe hierdie skattings deur 'n voorspelbare heuristiek beïnvloed word.

Ons voer aan dat hoewel die gewig van die vleis meetbaar is, die lewende os self uitdagings vir direkte meting bied. Hierdie studie bied 'n kwantitatiewe benadering tot die identifisering van die heuristiek wat in sulke skattings teenwoordig is.

Ons toon aan dat die latente aard van die definisieversameling van die funksie tot interpolasies tussen elemente van die waardeversameling lei. Wanneer die definisieversameling gesien word as 'n subjektiewe beoordeling van soortgelykheid tussen instansies van die klas, lei voorspellings tot kenmerkende en voorspelbare denkfoute wat deur 'n hiperboliese funksie gemodelleer kan word.

Ons stel 'n geometriese benadering voor. Dit lei ons analise na 'n geskikte waarskynlikheidsverdeling, wat ons vervolgens teen die Galton-data toets. Die resultate toon aan dat ons verdelingsfunksie die eiesoortige verdeling van die data bevredigend pas.



**Trefwoorde:** funksionele-kromme-interpolasie; hiperboliese omskakeling; kurtose; latente definisieversameling; onmeetbare verskynsel; skattingsheuristiek; verdelingstransformasie; waardeversamelinginterpolasie

## Abstract

**Hyperbolic transformation. A thought experiment that derives and evaluates a descriptive hyperbolic distribution and reveals systematic heuristic bias in human estimation of non-directly measurable attributes**

We investigate the potential existence of a heuristic in scenarios where a normally distributed measurable property is estimated based on an immeasurable phenomenon. Our analysis draws on the well-known Galton experiment (Galton 1907), in which 787 participants attempted to estimate the weight of dressed meat from a living ox during an agricultural exhibition. In this context, while the weight of the dressed meat is quantifiable, the living ox itself presents challenges for direct measurement. We contend that the distribution of these estimates will not conform to a normal distribution, but will instead undergo a predictable transformation. The hyperbolic sine function serves as an appropriate mechanism for executing this transformation.

We take a geometric baseline and let  $Y$  denote the population random variable for the weight of dressed meat from an ox, with  $Y \sim \mathcal{N}(\mu, \sigma^2)$ . For an ox with observed weight  $y_i$ , we define the standardised index (z-score)  $x_i = \frac{y_i - \mu}{\sigma}$ , so that over the population  $X \sim \mathcal{N}(0, 1)$ . The affine back-transformation to the measurement scale is  $f(x) = \mu + \sigma x$ , hence  $y_i = f(x_i)$ . In this framework,  $\mu$  and  $\sigma$  are the population mean and standard deviation and  $x_i$  is a numerical index (a relative position in the distribution), not the ox itself.

Because the ox itself is not a numerical object, the observer estimates the target weight by anchoring to remembered oxen with known weights. We define  $\mathcal{Y} = \{(o_i, y_i)\}_{i=1}^n$  be ordered so that  $y_1 \leq y_2 \leq \dots \leq y_n$ . Next, we suppose the new ox,  $o_s$ , (not in  $\mathcal{Y}$ ), is judged to lie between two remembered oxen,  $o_r$  and  $o_t$  with  $r < t$ . Let the in-between index be  $s \in [r, t]$  and define the fractional position  $\phi = \frac{s-r}{t-r} \in [0, 1]$ . Since the observer has no access to  $x_r, x_s$  or  $\sigma$ , the estimate is made on the value axis by linear interpolation:

$$\hat{y}_s = y_r + \phi(y_t - y_r),$$

which ensures  $y_r \leq \hat{y}_s \leq y_t$ .

Under the linear baseline,  $f(x) = \mu + \sigma x$ , the arc length between  $(a, f(a))$ , and  $(b, f(b))$  is  $\mathcal{L}(a, b) = \int_a^b \sqrt{1 + (f'(x))^2} dx = \sqrt{1 + \sigma^2}(b - a)$ , giving the exact calibration  $f(b) - f(a) = \frac{\sigma}{\sqrt{1 + \sigma^2}} \mathcal{L}(a, b)$ . In practice the observer has no access to  $x$ -values, so the estimate is made on the value axis. To capture possible miscalibration of the horizontal step, we rewrite the local first-order update as  $\hat{y}_s = y_r + \delta \hat{f}'(x_s)$  with  $\delta := \hat{x}_s - x_r$ , and tie the slope to arc length via  $\hat{f}'(\hat{x}_s) = \kappa \int_{x_r}^{\hat{x}_s} \sqrt{1 + (f'(u))^2} du$ , where  $\kappa = \frac{\sigma}{\delta \sqrt{1 + \sigma^2}}$ .

With  $x_r$  fixed, differentiating to  $\hat{x}_s$  gives  $z'(\hat{x}_s) = \kappa\sqrt{1 + z(\hat{x}_s)^2}$  where  $z(x) := \hat{f}'(x)$ . Separating variables and integrating yields  $\operatorname{asinh}(z(x)) = \kappa x + \lambda$ , hence  $\hat{f}'(x) = \sinh(\kappa x + \lambda)$ .

A first-order step then gives  $\hat{y}_s = y_r + \delta \sinh(\kappa \hat{x}_s + \lambda)$ . To retain the interpretation of  $\mu$  and  $\sigma$ , we centre and scale  $\sinh(\kappa X + \lambda)$  for  $X \sim \mathcal{N}(0,1)$  with  $z_1 = \mathbb{E}[\cdot]$  and  $z_2 = \sqrt{\operatorname{Var}[\cdot]}$ . We set  $z_i^* = (\sinh(\kappa x_i + \lambda) - z_1)/z_2$ , and define the estimator  $\hat{f}(x_i) = \mu^* + \sigma^* z_i^*$ .

We construct a cumulative density function and probability density function from this expression, along with a log-likelihood function. We fit the parameters  $\theta = (\mu, \sigma, \lambda, \kappa)'$  to the data using the log-likelihood function and assess the fit of the new distribution against the data using the Kolmogorov-Smirnov test. Our findings indicate that the new distribution aligns well with the data.

**Keywords:** distribution transformation; estimation heuristic; functional-curve interpolation; hyperbolic transformation; kurtosis; latent domain; unmeasurable phenomenon; value-set interpolation

## 1. Inleiding

In sy artikel “Vox Populi” (Galton 1907) bespreek Francis Galton ’n voorval rakende lootjies wat by ’n landbouskou verkoop is. Deelnemers aan die lotery het ’n os gesien en hulle moes skat hoeveel vleis daaruit geslag sou word. Daar was 787 geldige raaiskote. Benewens die bekende bevinding van die “wysheid van die skare”, naamlik dat die mediaanskating naby die werklike gewig was (Wallis 2014), fokus die essensie van die bespreking egter op die eienskappe van die verdeling van die raaiskote, wat vir die skrywer onverwags was. Die verdeling was nie normaal nie, maar negatief skeef, met oortollige kurtose. Vir die normaalverdeling is die skeefheid 0 en die kurtose 3 (oortollige kurtose 0). Uit ons eie metings<sup>1</sup> het ons ’n skeefheidskoeffisiënt van  $\mathbb{E}\left[\left(\frac{X-\mu}{\sigma}\right)^3\right] \approx -0,4$  en ’n kurtosekoeffisiënt van  $\mathbb{E}\left[\left(\frac{X-\mu}{\sigma}\right)^4\right] \approx 6,0$  verkry. Dit dui aan dat die verdeling nie simmetries was nie (daar was relatief meer lae skattings as hoë skattings); en skattings wat ver van die gemiddeld af was (hoë en lae skattings), het meer gereeld voorgekom as wat verwag sou word indien die verdeling normaal was.

Galton se eksperiment voldoen waarskynlik nie volledig aan die onderliggende aannames van die klassieke<sup>2</sup> sentraallimietstelling nie. Die uiteindelijke verdeling kan deur minstens twee faktore beïnvloed wees:

- i. Die sentraallimietstelling vereis dat skattings uit identiese verdelings verkry word, dus dat elke deelnemer se skatting uit dieselfde verdeling kom; in die praktyk is daar waarskynlik heterogeniteit.
- ii. Die sentraallimietstelling vereis dat raaiskote onafhanklik van mekaar moet geskied. In hierdie geval is raaiskote heel moontlik deur sosiale invloed gekorreleer.

Hoewel uitbreidings van die sentraallimietstelling onder seker omstandighede wel hierdie reëls effe verwater (Feller 1971), val 'n volledige debat buite die bestek van hierdie artikel, en ons berus ons dat die verwagting dat deelnemers se raaiskote normaalverdeel behoort te wees, op sigself nie voor die hand liggend is nie.

Sedertdien het dit begin blyk dat die eiesoortige statistiese verdeling wat deur Galton genoem is, nie uniek is nie. Talle studies, byvoorbeeld Almaatouq e.a. (2022), wat soortgelyke gevalle bestudeer, rapporteer verdelings met dieselfde kenmerkende eienskappe. Alhoewel daar na positiewe skeefverdelings verwys word, blyk dit uit 'n analise van 'n grootskaalse internet-studie (Simoiu e.a. 2019) dat beide positief-skeef en negatief-skeef verdelings voorkom.

Sommige studies fokus op beter passing van die onderliggende verdeling (vgl. Wallis 2014; Rubio 2017) sonder om die voorgestelde vorme eksplisiet aan 'n fisiese meganisme of besluitnemingsmodel te koppel. Wallis meld 'n goeie passing met 'n asimmetriese Student-t (AST), maar publiseer nie die parametrisering nie; die analitiese vorm word wel deur Zhu en Galbraith (2010) beskryf. Rubio bespreek drie t-gebaseerde families: die dubbele twee-deel (DTP)-t, die twee-deel-skaal (TPSC)-t en die twee-deel-vorm (TPSH)-t. DTP kalibreer die linker- en regterhelfte met gemeenskaplike ligging, en individuele skaal en vorm vir die twee helftes (5 parameters); TPSC deel 'n gemeenskaplike skaal; TPSH deel 'n gemeenskaplike vorm. Wanneer die linker- en regterparameters saamval, reduceer hierdie families tot die simmetriese Student-t; terselfdertyd is AST/TPSC/TPSH spesiale gevalle binne DTP.

Aangesien nóg Wallis nóg Rubio volledige parameters verskaf, pas ons self DTP-t vir vergelykingsdoeleindes. Benewens DTP-t gebruik ons ook twee normaal verdeelde verwysingspassings – Galton en Pearson – met gemiddeld en standaardafwyking soos deur Wallis gerapporteer. Hoewel verdelings soos DTP/AST dikwels uitstekende passing lewer, is ons standpunt dat blote beskrywende passing min lig op die onderliggende kognitiewe dinamika werp; ons benadering poog juis om dié dinamika ('n sistematiese heuristiek) eksplisiet te modelleer. Hierdie interpretasie resoneer met die kognitiewe-vooroordeel-literatuur (bv. Montibeller en Von Winterfeldt 2015), en Galton (1907) self stel voor dat die afwyking sielkundig van aard kan wees.

Die uitgangspunt van hierdie studie is om eiesoortige verdeling van die skattings uit Galton se eksperiment aan 'n sistematiese denkfout toe te skryf. Ons beskryf die denkfout en toon aan hoe dit tot die eiesoortige verdeling lei.

## 2. Metode van ondersoek

### 2.1 Databron

Galton (1907) het nie sy data self gepubliseer nie. Ons het 'n weergawe van die data van 'n sekondêre bron bekom (Rubio 2017). Ons bereken die gemiddeld en standaardafwyking (afgerond tot twee desimale plekke) as 1196,71 en 73,59 onderskeidelik. Wallis (2014) berig dat Pearson die gemiddeld en standaardafwyking onderskeidelik as 1197 en 61,895 bereken het. Alhoewel die gemiddelde waarde ooreenstem, verskil die standaardafwykings aansienlik. Die persentiele van ons databron stem egter uitstekend ooreen met 'n tabel van persentiele wat Galton verstrek het. Indien ons nie die standaardafwyking vanuit die brondata bereken

nie, maar eerder die persentiele pas deur middel van 'n minimeringsalgoritme, verkry ons 'n gemiddeld en standaardafwyking van onderskeidelik 1197,21 en 62,18. Vermoedelik het Pearson sy waardes op soortgelyke wyse bepaal. Ons neem dus voorts aan dat ons databron die korrekte data bevat.

Tabel 1 toon 'n opsomming van die datastel, terwyl Figuur 1 'n histogram van die datastel weergee.

**Tabel 1. Statistiese samevatting van die datastel**

|                    |          |
|--------------------|----------|
| Waarnemings        | 787      |
| Gemiddeld          | 1 196,71 |
| Mediaan            | 1 208    |
| Standaard afwyking | 73,59    |
| Skeefheid          | -0,41    |
| Kurtose            | 6,00     |
| Minimum skatting   | 896      |
| Maksimum skatting  | 1 516    |

## 2.2 Benadering

Ons benadering is van geometriese aard. Ons maak die argument dat indien die gewig van die vleis normaal verdeel is, die interpolasies tussen elemente van die waardeversameling proporsioneel ekwivalent is aan die interpolasies op die funksionele kromme. Ons gebruik die booglengteformule om aan te dui dat interpolasies op die funksionele kromme lei tot 'n hiperboliese verbuiging van die normaalverdeling.

## 2.3 Kognitiewe model

Die gedagte-eksperiment behels (1) 'n kandidaat wat (2) 'n instansie van (3) 'n klas oorweeg. Die kandidaat skat een van die (4) kwantifiseerbare eienskappe van die klas. Ons neem aan dat die bepaalde eienskap normaal verdeel is. Die kandidaat is bekend met die klas in die sin dat hy al vantevore met instansies van die klas te make gehad het, en die kandidaat is bekend met die waardes van die eienskap met betrekking tot ander instansies van die klas.

Meer konkreet, met betrekking tot die Galton eksperiment, laat ons een van die deelnemers ("kandidaat") van nader beskou: Die kandidaat sien die os ("instansie van die klas") en word gevra om die gewig van die vleis wat uit die os geslag gaan word ("kwantifiseerbare eienskap"), te skat. Die kandidaat verstaan dat osse ("klas") oor hierdie eienskap beskik en het al tevore met ander osse te make gehad en is bekend met die gewig van die vleis wat uit die ander osse geslag was.

Ons analyse ondersoek die reperkussies van 'n bepaalde algoritme wat potensieel deur die kandidaat ingespan kan word om die kwantifiseerbare eienskap te skat. Die stappe van die algoritme verloop soos volg:

1. Die kandidaat onderneem 'n proses van dimensievermindering om al die faktore wat potensieel kan bydra tot die waarde van die kwantifiseerbare eienskap na 'n enkele veranderlike te verminder. Dit is bekend dat dimensievermindering wel plaasvind en dat die brein oor die vermoë beskik om so 'n proses effektief uit te voer (Zvi en Bergman 2008). Op interne vlak beskik die kandidaat oor 'n versameling van verskynsel-en-waarde-pare waar elke instansie van die klas (waarmee die kandidaat al te doen gehad het) met 'n waarde vereenselwig word. Uit die werk van Tversky en Kahneman (1974) blyk dit uit eksperimentele analise dat mense wel oor “ankerwaardes” beskik, wat versoenbaar is met die idee dat interne instansie-en-waarde-pare bestaan. Ons neem aan dat die kandidaat die versameling in volgorde van waarde rangskik.
2. Aangesien die kandidaat al voorheen met voorbeelde van die klas te doen gehad het en bekend is met die waardes van die spesifieke eienskap van die ander voorbeelde, neem ons aan dat die kandidaat oor 'n begrip van die verspreiding van die waardes van die eienskap beskik. In die geval van Galton se eksperiment het die kandidaat 'n interne versameling van pare. Die kandidaat moet dus 'n aanvoeling van die verdeling van osse hê, aangesien hy beskrywende statistiek het, soos onder andere die grootste en kleinste osse, die middelste os, en hoe die gewig van die vleis varieer. Deur osse op hierdie manier te beskou, het die kandidaat daarin geslaag om die gewig van die vleis met 'n enkele veranderlike te verbind, naamlik waar op die skaal van osse die nuwe os hom bevind.
3. Die kandidaat vergelyk die instansie met ander instansies van die klas. Uit werk deur Kahneman en Tversky (1973) blyk dit dat mense oor gesofistikeerde interne meganismes beskik om sulke vergelykings akkuraat te kan uitvoer.
4. Indien die passing volmaak is, dit wil sê indien die kandidaat 'n vorige instansie van die klas kan herroep wat identies aan die huidige instansie is, word die waarde van die vorige instansie eenvoudig toegeken aan die nuwe instansie. Indien die passing egter nie volmaak is nie, sal die kandidaat sy gesofistikeerde verteenwoordigendheids-apparatuur inspan en die nuwe instansie tussen twee bestaande instansies van die klas plaas. Die kandidaat sal moontlik besluit dat die nuwe instansie meer gemeen het met een van die bestaande instansies en gevolglik die nuwe instansie dienooreenkomstig plaas.
5. Die kandidaat skat die waarde van die kwantifiseerbare eienskap deur te interpoleer tussen die twee bekende waardes aan weerskante van die onbekende waarde, met inagneming van die relatiewe posisie van die nuwe instansie ten opsigte van die bestaande instansies.

Ons ondersoek verder die gevolge van die algoritme.

### 3. Analise

Laat  $\mathcal{Y} = \{(o_i, y_i)\}_{i=1}^n$  die versameling van bekende pare wees waarvan elke paar 'n os,  $o_i$ , met 'n gewig,  $y_i$ , vereenselwig. Die versameling is in stygende volgorde van gewig gerangskik, d.w.s.

$$y_1 \leq y_2 \leq \dots \leq y_n.$$

Laat  $Y$  die kansveranderlike wees vir die populasie se vleisgewig, met  $Y \sim \mathcal{N}(\mu, \sigma^2)$ . Vir 'n spesifieke os,  $o_i$ , is die waarneming  $y_i$ . Definieer die gestandaardiseerde indeks (z-telling):

$$x_i = \frac{y_i - \mu}{\sigma},$$

sodat, oor die populasie,  $X = \frac{Y - \mu}{\sigma} \sim \mathcal{N}(0, 1)$ .

Die affiene afbeelding terug na die oorspronklike skaal is

$$f(x_i) = \mu + \sigma x_i \Rightarrow y_i = f(x_i).$$

Neem nou 'n nuwe os,  $o_s$ , wat nie in  $\mathcal{Y}$  voorkom nie. 'n Waarnemer posisioneer  $o_s$  tussenin twee osse,  $o_r$  en  $o_t$ , in die geordende indeksruimte van  $\mathcal{Y}$ , met  $r < t$ , en 'n (nieheelgetal-) tussenin-indeks  $s \in [r, t]$ . Definieer die fraksionele posisie:

$$\phi := \frac{s - r}{t - r} \in [0, 1].$$

Omdat die waarnemer geen toegang tot  $x_r$ ,  $x_t$  of  $\sigma$  het nie, word die skatting op die waarde-as uitgevoer. Ons dui hierdie gewigskatting aan met  $\hat{y}_s$ :

$$\hat{y}_s = y_r + \phi(y_t - y_r).$$

In die ideale (volledig bekende) lineêre geval sou  $\phi = \frac{x_s - x_r}{x_t - x_r}$  en  $y_t - y_r = \sigma(x_t - x_r)$ , wat  $\hat{y}_s = y_r + \sigma(x_s - x_r)$  lewer. Prakties is  $(x_s - x_r)$  en  $\sigma$  onbekend en moet dus geskat word.

Om die impak van 'n skattingsfout te formaliseer, laat  $\hat{f}$  die waarnemer se beraming van die terugskakeling  $f$  wees. Ons skryf nou die gewigskatting  $\hat{y}_s$  as 'n plaaslike eerste-orde-Taylor-reeks-uitbreiding:

$$\hat{y}_s = y_r + \delta \hat{f}'(\hat{x}_s),$$

waar  $\delta \geq 0$  die waarnemer se geskatte horisontale verskil is  $(\hat{x}_s - x_r)$ , en  $\hat{f}'(\hat{x}_s)$  die geïmpliseerde plaaslike helling. Indien geen skattingsfout gemaak word nie, m.a.w. as  $\hat{y}_s = y_s$  en  $\delta = x_s - x_r$ , vind ons dat  $\hat{f}'(\hat{x}_s) = \sigma$ . Ons is dus primêr geïnteresseerd in gevalle wanneer  $\delta \neq x_s - x_r$ , wat waarskynlik sal gebeur, omdat die waarnemer nie toegang tot  $x_s$  en  $x_r$  het nie.



Om  $\hat{f}'$  se vorm te identifiseer, gebruik ons die booglengte van die funksionele kromme as operasionele leidraad. Die booglengte langs die kromme wat die punte  $(a, f(a))$  en  $b, f(b))$  verbind, word gegee deur:

$$\mathcal{L}(a, b) = \int_a^b \sqrt{1 + \left(\frac{df(x)}{dx}\right)^2} dx.$$

Vir die lineêre basis,  $f(x) = \mu + \sigma x$ , is  $f'(x) = \sigma$  konstant, dus

$$\mathcal{L}(a, b) = \sqrt{1 + \sigma^2}(b - a) \Rightarrow f(b) - f(a) = \frac{\sigma}{\sqrt{1 + \sigma^2}} \mathcal{L}(a, b).$$

Tot dusver dien die lineêre basis as anker. Indien die waarnemer die  $x$ -waardes in die definisieversameling direk sou kon meet, sou die terugskakeling affien wees en die verband tussen vertikale verandering en booglengte sou deur bogenoemde identiteit vasgelê word. In die werklike skattingsituasie het die waarnemer egter geen direkte toegang tot waardes in die definisieversameling nie, en die horisontale verskil word daarom deur 'n geskatte stapgrootte,  $\delta$ , verteenwoordig. Ons gebruik gevolglik booglengte as 'n operasionele maatstaf vir hoe ver twee nabye posisies op die kromme uitmekaar is, en neem in die skattingstap aan dat die plaaslike helling eweredig is aan hierdie booglengte oor  $\delta$ . Hierdie aanname is veral redelik vir klein  $\delta$ , waar die kromme oor die betrokke interval goed deur 'n eerste-orde-benadering beskryf word. Met hierdie lineêre identiteit as anker kombineer ons nou die booglengte-verhouding met die plaaslike skatting.

Uit die identiteit hier bo, en uit ons plaaslike skatting,  $\hat{y}_s = y_r + \delta \hat{f}'(\hat{x}_s)$ , verkry ons

$$\hat{f}'(\hat{x}_s) = \kappa \int_{x_r}^{\hat{x}_s} \sqrt{1 + (\hat{f}'(u))^2} du, \quad \kappa := \frac{\sigma}{\delta \sqrt{1 + \sigma^2}}.$$

Stel  $z(x) := \hat{f}'(x)$ . Differensieer met betrekking tot  $\hat{x}_s$  (met vaste onderste grens  $x_r$ ) en skei veranderlikes:

$$z'(\hat{x}_s) = \kappa \sqrt{1 + (z(\hat{x}_s))^2} \Rightarrow \int \frac{dz}{\sqrt{1 + z^2}} = \kappa \int dx \Rightarrow \operatorname{asinh}(z(\hat{x}_s)) = \kappa \hat{x}_s + \lambda,$$

dus

$$\hat{f}'(x) = \sinh(\kappa x + \lambda).$$

Die geïmpliseerde nielineêre skatting is gevolglik

$$\hat{y}_s = y_r + \delta \sinh(\kappa \hat{x}_s + \lambda).$$

Die skatting herlei 'n normaalverdeling via 'n hiperboliese ( $\sinh$ -) transformasie tot 'n Johnson-SU-verdeling (Johnson 1949).

Om vergelykbaarheid met die lineêre basis,  $f(x) = \mu + \sigma x$ , te behou, normaliseer ons die sinh-term onder  $X \sim \mathcal{N}(0,1)$  en skryf

$$\hat{f}(x_i) = \mu^* + \sigma^* z_i^*,$$

waar  $z_i^* := \frac{\sinh(\kappa x_i + \lambda) - z_1}{z_2}$ ,  $z_1 := \mathbb{E}[\sinh(\kappa X + \lambda)]$ , en  $z_2 := \sqrt{\text{Var}[\sinh(\kappa X + \lambda)]}$ .

Met hierdie parametrisering word die oorspronklike spesifikasie,

$$\hat{y}_i = y_r + \delta \sinh(\kappa \hat{x}_i + \lambda),$$

herskryf deur die konstante en skaal  $(\mu^*, \sigma^*)$  op te neem:

$$\mu^* := y_r + \delta z_1, \quad \sigma^* := \delta z_2.$$

Gevolglik verskyn  $\delta$  nie as 'n afsonderlike parameter in  $\hat{f}(x)$  nie; dit is volledig opgeneem in  $\mu^*$  en  $\sigma^*$ , wat die vorm direk vergelykbaar met die lineêre basis maak.

Bylae A, B en C bevat die afleidings vir die kumulatiewe verdelingsfunksie, waarskynlikheidsdigtheidsfunksie, log-aanneemlikheidsfunksie, en sentrale momente van hierdie transformasie.

#### 4. Evaluasie

Ons toets die meriete van die aangepaste verdeling, soos hier bo uiteengesit, deur dit op die Galton-datastel (sien 2.1 hier bo) toe te pas. Ons pas parameters  $\theta = (\mu, \sigma, \lambda, \kappa)'$  deur middel van die log-aanneemlikheidsfunksie (sien bylaag B). Die parameters wat uit die passing verkry is, afgerond tot 4 beduidende syfers, is  $\hat{\theta} = (1196; 77,53; -0,3476; 0,8206)'$ .

Ons beweer dat die nuwe verdelingsfunksie (sinh-gebaseerde verdeling), wat ons die *Shin<sup>3</sup>-verdeling* noem, die data beter pas as twee passings van die normaalverdeling wat in die literatuur beskryf word, naamlik Galton se passing ( $\mu = 1207$ ;  $\sigma = 54,9$ ) en Pearson se passing ( $\mu = 1197$ ;  $\sigma = 61,9$ ) soos uiteengesit deur Wallis (2014). Ons vergelyk ook die Shin-verdeling met dubbele twee-deel (DTP)-t (Rubio en Steel 2015) verdeling wat soortgelyk is aan die verdelings wat deur Rubio (2017) en Wallis (2014) aangetoon word. Hier pas ons self die parameters,  $\psi = (\mu, \sigma_L, \sigma_R, \delta_L, \delta_R)$ , deur die log-aanneemlikheidsfunksie te maksimeer. Die parameters wat uit die passing verkry is, afgerond tot 4 beduidende syfers, is  $\hat{\psi} = (1226; 66,70; 31,59; 4,526; 2,272)'$ .

Om hierdie hipotese te toets gebruik ons die Kolmogorov-Smirnov-toets, wat 'n nieparametriese metode is om die empiriese verdeling van die steekproefdata te vergelyk met die teoretiese verdeling van ons voorgestelde funksie. Die nulhipotese ( $H_0$ ) stel dit dat die steekproefdata die voorgestelde verdeling volg, terwyl die alternatiewe hipotese ( $H_1$ ) beweer dat dit nie so is nie.

Ons bereken die maksimum- absolute afwyking tussen die empiriese kumulatiewe verdelingsfunksie van die data en die teoretiese kumulatiewe verdelingsfunksie (sien bylaag A) van die voorgestelde verdeling, wat in hierdie geval 0,03 is. Die kritieke waarde vir die Kolmogorov-Smirnov-toets by 'n betekenisvlak van 0,05 is 0,048, gebaseer op 787 waarnemings. Aangesien die maksimumafwyking van 0,03 minder is as die kritieke waarde van 0,048, kan ons nie die nulhipotese verwerp nie, wat aandui dat ons voorgestelde verdeling die data voldoende pas.

Die maksimumafwyking vir Galton se passing word bereken as 0,081. In hierdie geval is die maksimumafwyking groter as die kritieke waarde, en moet ons die nulhipotese verwerp. Dit dui daarop dat Galton se verdeling nie die data voldoende pas nie.


Die maksimumafwyking vir Pearson se passing word bereken as 0,075. Ook in hierdie geval is die maksimum afwyking groter as die kritieke waarde, en moet ons die nulhipotese verwerp. Dit dui aan dat Pearson se verdeling nie die data voldoende pas nie.

Die maksimumafwyking vir die DTP-t-verdeling word bereken as 0,033. In hierdie geval is die maksimumafwyking kleiner as die kritieke waarde, en kan ons nie die nulhipotese verwerp nie, wat aandui dat die DTP-t-verdeling die data voldoende pas.


Figuur 1 toon die waarskynlikheidsmassa per vaste interval ( $\Delta x$ ) van vier verdelings, gesuperponeer op 'n staafhistogram van die data. Ons gebruik 'n CDF-verskil om die massa per interval te skat,  $p_i = F(x_i) - F(x_i - \Delta x)$ . Die Shin- en DTP-t-verdelings is merkbaar meer spits (smaller in die middel) met swaarder sterte as die normaalgebaseerde passings (Galton, Pearson). Hierdie profiel verbeter die passing op twee maniere:

- i. In die interkwartielgebied oorskakel die normaalgebaseerde passings tipies die breedte van die verdeling en pas dus swakker rondom die mediaan, terwyl Shin en DTP-t 'n hoër piek en beter passing in die middel lewer.
- ii. In die sterte onderskat die normaalgebaseerde passings die frekwensie van uiterstes – soos duidelik in Figuur 2 (logskaal op die y-as), waar die afwyking drie tot vyf grootte-orde kan beloop – terwyl Shin en DTP-t dié sterte wesenlik beter akkommodeer.


Benewens die Kolmogorov-Smirnov-toets gebruik ons Q-Q-plotte (plotposisies  $(i - \frac{3}{8})/(n + \frac{1}{4})$ ; (Blom 1958) om grafies te evalueer hoe goed die Pearson-, Galton-, DTP-t- en Shin-verdelings die empiriese verspreiding van die data beskryf. Figuur 3 wys dat die normaalgebaseerde verdelings grootliks naby die 45°-lyn lê in die middel, maar sistematies in albei sterte wegbeweeg. Die DTP-t- en Shin-verdelings sluit beter by die sterte aan. Die laagste Shin-verdeling-kwantiel lê links van die 45°-lyn – 'n aanduiding van swaarder onderste sterte. Die DTP-t-verdeling is baie soortgelyk aan die Shin-verdeling, maar wyk merkbaar meer af van die 45°-lyn by die hoogste kwantiel.



**Figuur 1.** Histogram van die Galton-data. Stawe wys relatiewe voorkoms per waarde-kategorie. Die onderskeie lyne stel die waarskynlikheidsmassa per interval voor. Soliede lyn: Pearson se passing. Dun stippellyn: Galton se passing. Vet stippellyn: DTP-t-verdeling. Streep-puntlyn: Shin-verdeling.



**Figuur 2.** Histogram van die Galton-data met 'n logaritmiëse y-as om sterte te beklemtoon. Die onderskeie lyne stel waarskynlikheidsmassa per interval voor. Soliede lyn: Pearson se passing. Dun stippellyn: Galton se passing. Vet stippellyn met kolletjies: DTP-t-verdeling. Streep-puntlyn: Shin-verdeling.



**Figuur 3. Q–Q-plot: Empiriese waardes (Y) teenoor modelkwantiele (X) vir Pearson, Galton, DTP-t en Shin. Die 45°-lyn ( $y = x$ ) dui perfekte passing aan. Vir leesbaarheid is die sentrale gedeelte van die plot uitgedun, terwyl die sterte relatief digter verteenwoordig word, met die minimum en maksimum steeds ingesluit.**

## 5. Bespreking

Die kern van ons argument berus op die feit dat wanneer die kwantifiseerbare eienskap geskat word vanuit verskynsels wat nie direk kwantifiseerbaar is nie, dit moontlik is om skattings op die waardeversameling uit te voer deur tussen bekende waardes te interpoleer. Ons beklemtoon dat die kwantifiseerbare eienskap (gewig van die vleis) as basis (ongeveer) normaalverdeel is. Dan is  $f(x) = \mu + \sigma x$  affien en  $f'(x) = \sigma$  konstant, wat die verhouding tussen vertikale verandering en booglangte verskaf. Dié kalibrasie dien as anker om die implisiete verband vir  $\hat{f}'(x)$  te spesifiseer en lei tot die sinh-vorm wat in afdeling 3 afgelei is.

Die analise weerspieël die idee dat skattings van meetbare eienskappe van onmeetbare verskynsels hiperboliese (sinh-) verbuiging tot gevolg het.

Sover dit 'n geskikte verdeling betref, is dit waarskynlik dat die normaalverdeling nie die enigste verdeling is waar  $y$ -as-interpolasie van eienskappe van onmeetbare verskynsels tot hiperboliese verbuiging lei nie. Ander verdelings mag ook soortgelyke ekwivalente verhoudings tot gevolg hê, maar dit is moeiliker om algebraïes aan te toon.

Dit is ook nie nodig dat die kwantifiseerbare eienskap gemeet kan word nie. Galton se eksperiment is nuttig omdat ons die vleis wat uit die os geslag is, kan meet, maar die meting self dra nie by tot die analise nie.

'n Verdere implisiete aanname was dat die kandidaat al met instansies van die bepaalde klas te doen moes gehad het en bekend moes gewees het met die waardes van die kwantifiseerbare eienskap van die instansies. Dit mag dalk nie noodsaaklik wees nie. Dit is bekend dat mense gebruik maak van analogieë as 'n strategie om leemtes in hul verwysingsraamwerk aan te vul (Chan e.a. 2012).

## 6. Samevatting

In hierdie artikel argumenteer ons dat 'n denkfout plaasvind wanneer 'n meetbare eienskap van 'n onmeetbare verskynsel geskat word. Hierdie denkfout manifesteer onder spesifieke omstandighede, waarvan die belangrikste is dat die eienskap normaalverdeel is en dat die skatter sy skatting op 'n enkele parameter baseer. Hierdie enkele parameter het analogieë met die verspreiding van die kwantifiseerbare eienskap. Aangesien die onderliggende verskynsel nie meetbaar is nie, het die skatter min keuse, behalwe om die skatting te maak deur bekende waardes van soortgelyke verskynsels te interpoleer.

Die aannames is van so 'n aard dat die verhouding van die waarde van die eienskap ten opsigte van die waardes van soortgelyke gevalle identies is aan die geval waar interpolasies op die funksionele kromme uitgevoer word. Dit lei tot 'n verbuiging wat deur 'n hiperboliese funksie gemodelleer kan word.

Ons lei 'n verdelingsfunksie af en toets hierdie funksie, wat die data pas volgens die Kolmogorov-Smirnov-toets. In ons bespreking ondersoek ons die moontlikheid om die aannames wat die geldigheid van die analise ondersteun, te verwater. Die normaalverdeling is nie 'n vereiste nie, solank die verdeling die eienskap het dat interpolasies op die  $y$ -as (genoegsaam) ekwivalent is aan die interpolasies op die funksionele kromme. Verder blyk dit dat dit nie noodsaaklik is om die kwantifiseerbare eienskap te meet nie, aangesien die meting nie deel van die analise uitmaak nie. Dit is ook moontlik dat kandidate se verwysingsraamwerk nie presiese replikas van die betrokke klas hoef te wees nie, aangesien daar getuienis is dat mense sulke leemtes met analogieë kan aanvul.

Ons navorsing het ons bewus gemaak van leemtes wat gevul moet word. Die eerste leemte is om die bevindinge nie deur 'n gedagte-eksperiment nie, maar deur konkrete eksperimente te bevestig. Die tweede leemte wat gevul moet word, het betrekking op die verwatering van



aannames in die bespreking. Ons bespreking is merendeels spekulatief, en verdere navorsing is nodig om hierdie aannames formeel te verwater.

## Bibliografie

- Almaatouq, A., M. Rahimian, J. Burton en A. Alhajri. 2022. The distribution of initial estimates moderates the effect of social influence on the wisdom of the crowd. *Scientific Reports*, 12(16546).
- Blom, G. 1958. *Statistical estimates and transformed beta-variables*. New York: John Wiley & Sons.
- Chan, J., S.B. Paletz en C.D. Schunn. 2012. Analogy as a strategy for supporting complex problem solving under uncertainty. *Memory & Cognition*, 40:1352–65.
- Feller, W. 1971. *An introduction to Probability Theory and its applications*. 2de uitgawe. Vol. 2. New York: John Wiley & Sons Inc.
- Galton, F. 1907. Vox Populi. *Nature*, 75:450–1.
- Johnson, N.L. 1949. Systems of frequency curves generated by methods of translation. *Biometrika*, 36(1–2):149–76.
- Kahneman, D. en A. Tversky. 1973. On the psychology of prediction. *Psychological Review*, 80:237–51.
- Montibeller, G. en D. von Winterfeldt. 2015. Cognitive and motivational biases in decision and risk analysis. *Risk Analysis*, 35(7):1230–51.
- Rubio, F.J. 2017. *Galton's forecasting competition*. Herwin van RPub by RStudio. <https://www.rpubs.com/FJRubio/Galton>.
- Rubio, F.J. en M.F. Steel. 2015. Bayesian modelling of skewness and kurtosis with two-piece scale and shape distributions. *Electronic Journal of Statistics*, 9(2):1884–1912.
- Simoiu, C., C. Sumanth, A. Mysore en S. Goel. 2019. Studying the “Wisdom of crowds” at Scale. *Proceedings of the AAAI Conference on Human Computation and Crowdsourcing*, 7(1):171–9.
- Tversky, A. en D. Kahneman. 1974. Judgment under uncertainty: heuristics and biases. *Science*, 185(4157):1124–31.
- Wallis, K.F. 2014. Revisiting Francis Galton's forecasting competition. *Statistical Science*, 29(3):420–4.
- Zhu, D. en J.W. Galbraith. 2010. A generalized asymmetric Student-t distribution with application to financial econometrics. *Journal of Econometrics*, 157(2):297–305.

Zvi, I. en H. Bergman. 2008. Pathophysiology of the basal ganglia and movement disorders: from animal models to human clinical applications. *Neuroscience and Behavioral Reviews*, 32(3):367–77.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Let wel: In hierdie geval skat ons die verwagte waarde deur die rekenkundige gemiddeld van die onderskeie metings te bereken.

<sup>2</sup> Neem  $n$  kansveranderlikes  $Z_1, Z_2, \dots, Z_n$  wat

1. onafhanklik, en identies verdeel is
2. almal dieselfde verwagte waarde  $\tilde{\mu}$  het
3. almal dieselfde variansie,  $\tilde{\sigma}^2$  het, met  $0 < \tilde{\sigma}^2 < \infty$ ;

dan sal die gestandaardiseerde steekproefgemiddelde,  $\frac{\sqrt{n}(\bar{Z}_n - \tilde{\mu})}{\tilde{\sigma}}$ , na 'n standaard normaalverdeling  $\mathcal{N}(0,1)$  konvergeer soos wat  $n \rightarrow \infty$ .

<sup>3</sup> *Shin* is 'n assimilasie van *sinh*, wat die verkorte funksienaam vir die hiperboliese sinus-funksie is.

$$^4 \tilde{\mu}_k := \mathbb{E} \left[ \left( \frac{Z - \mathbb{E}[Z]}{\sqrt{(Z - \mathbb{E}[Z])^2}} \right)^k \right]$$

Bylae

## A. Verdelingsfunksies

Laat  $Z = \mu + \sigma \frac{\sinh(\kappa X + \lambda) - z_1}{z_2}$ , waar  $X \sim \mathcal{N}(0, 1)$ , en  $z_1 = \mathbb{E}(\sinh(\kappa X + \lambda)) = e^{\frac{1}{2}\kappa^2} \sinh(\lambda)$ , en  $z_2 = \sqrt{\mathbb{E}[(\sinh(\lambda + \kappa X) - z_1)^2]} = \sqrt{\frac{1}{2}(e^{\kappa^2} - 1)(e^{\kappa^2} \cosh(2\lambda) + 1)}$ .

Die kumulatiewe verdelingsfunksie word soos volg afgelei:

$$\begin{aligned} F_Z(x) &= \Pr(Z \leq x) \\ &= \Pr\left(\frac{\sinh(\lambda + \kappa X_t) - z_1}{z_2} \leq \frac{x - \mu}{\sigma}\right) \\ &= \Pr\left(X_t \leq \frac{\sinh^{-1}\left(z_2 \frac{x - \mu}{\sigma} + z_1\right) - \lambda}{\kappa}\right) \\ &= F_X\left(\frac{\sinh^{-1}\left(z_2 \frac{x - \mu}{\sigma} + z_1\right) - \lambda}{\kappa}\right) \\ &= \frac{1}{2} \left(1 + \operatorname{erf}\left(\frac{\sinh^{-1}\left(z_2 \frac{x - \mu}{\sigma} + z_1\right) - \lambda}{\sqrt{2}\kappa}\right)\right). \end{aligned}$$

Ons differensieer die kumulatiewe funksie om die **waarskynlikheidsdigtheidsfunksie** te bekom.

$$f_Z(x) = \frac{z_2 e^{-\frac{1}{2}\left(\frac{\lambda - \sinh^{-1}\left(z_2 \frac{x - \mu}{\sigma} + z_1\right)}{\kappa}\right)^2}}{\sqrt{2\pi\kappa^2\sigma^2\left(1 + \left(z_2 \frac{x - \mu}{\sigma} + z_1\right)^2\right)}}.$$

## B. Log-aanneemlikheidsfunksie

Die log-aanneemlikheidsfunksie word as volg bepaal:

$$\log(f_Z(x)) = \log(z_2) - \frac{1}{2}\left(\frac{\lambda - \sinh^{-1}(z_3)}{\kappa}\right)^2 - \frac{1}{2}\left(\log(2\pi) + \log(\kappa^2\sigma^2(1 + z_3^2))\right).$$

Let wel die verkorting:  $z_3 := z_2 \frac{x - \mu}{\sigma} + z_1$ .

Ons laat vaar die konstante waardes om die log-aanneemlikheidsfunksie te verkry:

$$\ell_Z(\theta; x) = \log(z_2) - \frac{1}{2}\left(\frac{(\lambda - \sinh^{-1}(z_3))^2}{\kappa^2} + \log(\kappa^2\sigma^2(1 + z_3^2))\right), \text{ waar } \theta = (\mu, \sigma, \lambda, \kappa)' \text{ die vektor van parameters is.}$$

### C. Sentrale momente

Die gestandaardiseerde sentrale momente vir kansveranderlikes wat uit 'n  $Z$ -verdeling (sien A) getrek is, met parameters  $\theta = (\mu, \sigma, \lambda, \kappa)'$ , word aangedui met  $\tilde{\mu}_k$  waar  $k$  die graad van die moment is.<sup>4</sup>

$$\begin{aligned} \mathbb{E}[Z] &= \mu \\ \mathbb{E}[(Z - \mu)^2] &= \sigma^2 \\ \tilde{\mu}_3 &= \frac{(e^{\kappa^2} - 1)^2 e^{\frac{\kappa^2}{2} - 3\lambda} (e^{\kappa^2} A (e^{6\lambda} - 1) + 6e^{3\lambda} \sinh(\lambda))}{2\sqrt{2} \left( (e^{\kappa^2} - 1)(e^{\kappa^2} \cosh(2\lambda) + 1) \right)^{3/2}} \\ \tilde{\mu}_4 &= \frac{e^{-4\lambda} (4A e^{2(\kappa^2 + \lambda)} + 4A e^{2\kappa^2 + 6\lambda} + 6(2e^{\kappa^2} + 1)e^{4\lambda} + B e^{2\kappa^2 + 8\lambda} + e^{2\kappa^2} B)}{4(e^{\kappa^2} \cosh(2\lambda) + 1)^2} \end{aligned}$$

Let wel die verkortings:

$$\begin{aligned} A &= e^{\kappa^2} + 2 \\ B &= e^{2\kappa^2} (e^{\kappa^2} A + 3) - 3. \end{aligned}$$

# ***Opvoedkunde***

---

ISSN 1995-5928

# Innoverende kurrikulumontwerp vir volhoubare ontwikkeling: Heelbrein®-gebaseerde Kodering en robotika-kurrikulum

Soené Botha-Zietsman

---

Soené Botha-Zietsman, Departement van Wetenskap, Wiskunde en Tegnologie,  
Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria

---

## *Opsomming*

Hierdie artikel het ondersoek ingestel oor hoe die integrasie van die Heelbrein®-denkmodel (HBDI®) in 'n graad 4-kurrikulum vir Kodering en robotika tot inklusiewe onderrigpraktyke, die ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede en belyning met tersaaklike Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD's) bygedra het. Die studie is gelei deur die volgende vraag: Hoe kan 'n HBDI®-gebaseerde kurrikulum gestruktureer en geïmplementeer word om kognitiewe diversiteit te akkommodeer en betekenisvolle leerervarings binne die konteks van Kodering en robotika te skep? Die teoretiese vertrekpunt was die HBDI®-raamwerk, wat vier denkvoorkeure onderskei, naamlik analitiese, praktiese, relasionele en kreatiewe denke. Hierdie raamwerk is gebruik om 'n geïntegreerde, projekgebaseerde kurrikulum te ontwerp wat leerders se uiteenlopende denkstyle doelbewus kan betrek. Die kurrikulum is gekoppel aan geselekteerde VOD's, insluitend VOD 4 (Gehalteonderwys), VOD 5 (Geslagsgelykheid), VOD 8 (Menswaardige werk en ekonomiese groei) en VOD 10 (Vermindering van ongelykheid). Die doel was om tegnologie-gesteunde leer met breër sosiale en volhoubare vraagstukke te verbind. Hierdie kwalitatiewe aksienavorsing is oor 14 siklusse in 'n Suid-Afrikaanse laerskoolkonteks uitgevoer. Data is deur middel van klaskamerwaarnemings, leerderprodukte, assesseringsrubrieke en onderwyserrefleksies ingesamel. Leerders het met LEGO® Spike Prime™-stelle en Samsung-tablette aan verskeie projekgebaseerde aktiwiteite gewerk, waaronder die ontwerp, bou en kodering van funksionele modelle. Die bevindinge toon eerstens dat die integrasie van die HBDI®-raamwerk leerderinsluiting bevorder het, aangesien aktiwiteite doelbewus ontwerp is om voorsiening te maak vir uiteenlopende denkvoorkeure. Tweedens dui die studie daarop dat 'n HBDI®-gebaseerde Kodering en robotika-kurrikulum die ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede, soos kritiese denke, probleemoplossing, samewerking, kreatiwiteit en kommunikasie, betekenisvol ondersteun. Derdens toon die studie dat Kodering



en robotika op laerskoolvlak sinvol geïntegreer kan word as projekgebaseerde en iteratiewe leerprosesse teorie met praktyk verbind. Laastens is bevind dat die kurrikulum duidelik met geselekteerde VOD's kan belyn indien volhoubaarheid, inklusiwiteit en sosiale verantwoordelikheid doelbewus in leeraktiwiteite geïntegreer word. Die studie dra by tot die navorsingsveld oor tegnologie-onderwys deur aan te toon dat 'n holistiese HBDI<sup>®</sup>-benadering nie slegs bydra om tegniese vaardighede te ontwikkel nie, maar leerders ook kan toerus om as kritiese, kreatiewe en verantwoordelike deelnemers in 'n tegnologies-gedrewe samelewing op te tree.

**Trefwoorde:** 21ste-eeuse vaardighede; aksienavorsing; doelwitte vir volhoubare ontwikkeling; Heelbrein<sup>®</sup>-denkmodel; Kodering en robotika; kurrikulumontwikkeling; terugwaartse ontwerp

### *Abstract*

#### **Innovative curriculum design for sustainable development: Whole Brain<sup>®</sup>-based Coding and Robotics curriculum**

This article investigates the integration of the Herrmann Brain Dominance Instrument<sup>®</sup> (HBDI<sup>®</sup>) framework into a Grade 4 Coding and Robotics curriculum, with the aim of promoting inclusive teaching practices, supporting the development of 21st-century skills, and aligning learning experiences with selected Sustainable Development Goals (SDGs). In response to increasing global emphasis on digital literacy, computational thinking and sustainability-oriented education, this research explores how Coding and Robotics can be meaningfully implemented at primary school level in ways that accommodate cognitive diversity and foster holistic learner development.

The study is guided by the overarching research question: How can the HBDI<sup>®</sup> framework be integrated into a Grade 4 Coding and Robotics curriculum to promote inclusive education, the development of 21st-century skills, and alignment with relevant SDGs? This question is supported by four sub-questions addressing cognitive diversity and learner inclusion, the development of 21st-century skills, meaningful curriculum integration at primary school level, and alignment with SDGs. These questions informed both the design of the curriculum and the interpretation of the research findings.

The theoretical foundation of the study is the HBDI<sup>®</sup> framework, which conceptualises thinking preferences across four quadrants: analytical (logical, factual and quantitative thinking), practical (sequential, organised and detail-oriented thinking), relational (interpersonal, emotional and empathetic thinking), and creative (holistic, imaginative and experimental thinking). Rather than positioning these quadrants as fixed learner types, the study adopts a holistic perspective that views thinking preferences as dynamic and developable. The HBDI<sup>®</sup> framework was therefore used as a design lens to deliberately create learning experiences that activate all four quadrants, ensuring that no single mode of thinking is privileged over others.

In addition to the HBDI<sup>®</sup> framework, the curriculum was aligned with selected Sustainable Development Goals, specifically SDG 4 (Quality Education), SDG 5 (Gender Equality), SDG 8 (Decent Work and Economic Growth) and SDG 10 (Reduced Inequalities). These goals were embedded not as abstract ideals, but as practical design principles guiding project themes, material choices, collaboration structures and assessment strategies. Through this alignment,

the study sought to demonstrate how technological education can contribute to broader social, economic and environmental awareness from an early age.

A qualitative action research methodology was employed, allowing the researcher to act simultaneously as curriculum designer, facilitator and reflective practitioner. The research was conducted in a South African primary school context and implemented over 14 iterative action research cycles. Each cycle followed a systematic process of planning, implementation, observation, reflection and refinement, enabling the curriculum to evolve responsively in relation to learner engagement, observed challenges and emerging learning opportunities.

Data were generated through multiple qualitative sources, including classroom observations, learner artefacts (such as coded models, design sketches and project outputs), assessment rubrics, peer- and self-assessments, and teacher reflection journals. This triangulation of data strengthened the trustworthiness of the findings and provided rich insight into both cognitive and social dimensions of learning. Visual data, presented as figures, documented learner-designed robotic models and project outcomes, while textual data captured learner voices and reflective insights.

Learners engaged in a wide range of project-based activities using LEGO Spike Prime™ robotics sets and tablet devices. These activities included building and programming basic vehicles, designing and testing mechanical prototypes, developing coded interactive models, and ultimately creating integrated projects such as sustainable miniature golf courses and robotic simulations. Tasks were intentionally open-ended and iterative, requiring learners to design, build, test, evaluate and refine their solutions over time. This approach emphasised learning as a process rather than a product and created space for experimentation, error and improvement.

The findings of the study are presented in direct response to the research questions. Firstly, the study found that the integration of the HBDI® framework significantly enhanced learner inclusion by intentionally accommodating diverse cognitive preferences. Learners who initially displayed dominant analytical or practical tendencies were supported through structured coding tasks and step-by-step building processes, while learners with stronger relational or creative preferences engaged deeply through collaborative design, storytelling elements and imaginative problem-solving. Over time, learners demonstrated increased flexibility in their thinking, suggesting that the curriculum not only accommodated cognitive diversity but actively developed less dominant thinking preferences.

Secondly, the findings indicate that an HBDI®-based Coding and Robotics curriculum contributes meaningfully to the development of key 21st-century skills. Across the 14 cycles, learners consistently engaged in critical thinking, problem-solving, collaboration, creativity and communication. Problem-solving was evident in iterative testing and debugging processes, while collaboration was fostered through pair and group work that required shared decision-making and negotiation. Creativity emerged through design choices, alternative solutions and the integration of narrative and play, while communication skills were strengthened through presentations, peer feedback and reflective discussions.

Thirdly, the study demonstrates that Coding and Robotics can be meaningfully integrated at primary school level when approached through project-based, developmentally appropriate and contextually relevant learning experiences. Rather than treating coding as an abstract or purely technical skill, the curriculum connected digital instructions to physical outcomes,

allowing learners to see the tangible effects of their code. This integration supported conceptual understanding, sustained engagement and learner motivation, and challenged assumptions that advanced technological concepts are unsuitable for younger learners.

Finally, the findings confirm that an HBDI<sup>®</sup>-based Coding and Robotics curriculum can align effectively with selected SDGs. Sustainability principles were embedded by recyclable materials, discussions on resource use and project themes that emphasised responsible innovation. Gender equality and reduced inequalities were addressed through inclusive grouping strategies, equitable access to resources and the deliberate rotation of leadership and technical roles. Through these practices, learners were exposed to the idea that technology can be used not only to solve technical problems, but also to address social and environmental challenges.

The study contributes to the field of technology and curriculum studies by providing an empirically grounded example of how cognitive diversity frameworks and sustainability agendas can be integrated into primary school Coding and Robotics education. It demonstrates that a holistic, HBDI<sup>®</sup>-informed approach extends beyond the acquisition of technical competencies to support the development of adaptable, reflective and socially responsible learners. Furthermore, the action research design highlights the value of iterative curriculum refinement and teacher reflection in creating responsive and inclusive learning environments.

In conclusion, this research shows that integrating the HBDI<sup>®</sup> framework into a Grade 4 Coding and Robotics curriculum offers a viable and meaningful pathway for addressing cognitive diversity, developing 21st-century skills and aligning technological education with global sustainability goals. The study underscores the importance of intentional curriculum design that recognises learners as whole thinkers and positions technology education as a tool for both personal development and social transformation.

**Keywords:** 21st-century skills; action research; backward design; Coding and Robotics; curriculum development; Sustainable Development Goals; Whole Brain<sup>®</sup> thinking model

## 1. Inleiding

Onderrig en leer vorm een van die fundamente van volhoubare ontwikkeling. Die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD's) beklemtoon die belangrike rol wat onderwys speel om mense in staat te stel om sosiaal-, ekonomies- en omgewingsgewys 'n positiewe bydrae tot die wêreld te lewer (Verenigde Nasies 2015). In die besonder fokus VOD 4: Gehalteonderwys op die bevordering van inklusiewe en regverdige leergeleenthede wat alle individue van geleenthede kan voorsien om die kennis, vaardighede en waardes te ontwikkel wat nodig is om betekenisvol tot globale vooruitgang by te dra (United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation (UNESCO), 2017; Verenigde Nasies, 2015). Die VOD's betrek ook verwante prioriteite soos byvoorbeeld geslagsgelykheid (VOD 5), menswaardige werkseleenthede en ekonomiese groei (VOD 8), die vermindering van ongelykhede (VOD 10) en die bevordering van vennootskappe vir volhoubare ontwikkeling (VOD 17) (Verenigde Nasies 2015). Die belyning van onderwys met hierdie VOD's is noodsaaklik om wêreldwye uitdagings aan te spreek en toekomstige geslagte voor te berei om

volhoubare, inklusiewe samelewings te bevorder. Die vraag is hoe kurrikulums aangepas kan word om hierdie doelwitte te bereik.

Hierdie navorsing is gebaseer op die idee dat Ned Herrmann se Heelbrein<sup>®</sup>-denkmodel (HBDI<sup>®</sup>) in kurrikulums geïntegreer kan word om die VOD's te bereik. Die HBDI<sup>®</sup> bestaan uit vier denkmodusse, naamlik analities, prakties, relasioneel en eksperimenteel (Herrmann 1999) en vorm 'n holistiese raamwerk om beide tegniese en kognitiewe vaardighede binne 'n volhoubare onderwyskonteks te ontwikkel. Die model vereis dat verskillende denkstyle by leeraktiwiteite geïntegreer word om elke leerder se denkvoorkeur te betrek. Verder kan konstruktivistiese metodologieë betrek word om geleenthede vir ontdekkingsgebaseerde leer en gesamentlike probleemoplossing te skep om noodsaaklike 21ste-eeuse vaardighede te ontwikkel. Dit sluit die ontwikkeling van kritiese denke, kreatiwiteit, samewerking en kommunikasie in (Budhai en Taddei 2015 en Stauffer 2020, 2022). Volgens Amri, Budiyo en Yuana (2019) en Lathifah, Budiyo en Yuana (2019) is dit noodsaaklik om hierdie vaardighede te ontwikkel om sukses in die moderne wêreld moontlik te maak. Deur te fokus op inklusiwiteit, aanpasbaarheid en praktiese leer, kan 'n kurrikulum as dinamiese instrument dien om verskeie ander VOD's te bereik. Die integrasie van VOD's in 'n HBDI<sup>®</sup>-gebaseerde Kodering en robotika-kurrikulum kan moontlik daartoe bydra dat die onderwys 'n aktiewe rol speel in die ontwikkeling van kritiese, kreatiewe en verantwoordelike wêreldburgers wat gereed is om 'n volhoubare toekoms te bou.

## 2. Probleemstelling en rasionaal

Voortdurende tegnologiese verandering wêreldwyd plaas die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel toenemend onder druk om by 'n vinnig veranderende wêreld aan te pas (Du Toit-Brits en Blignaut 2019, Kayembe en Nel 2019, en Magagula en Awodiji 2024). In reaksie op hierdie wêreldwye verskuiwing, erken die Departement van Basiese Onderwys (DBO 2011) in sy Nasionale Kurrikulumverklaring dat onderwys in Suid-Afrika doelbewus verander om leerders toe te rus met 21ste-eeuse vaardighede. Die doel daarvan is om ekonomiese bemagtiging, sosiale verantwoordelikheid en tegnologiese vaardigheid te bevorder (Amri e.a. 2019 en Veldman, Dicks, Suleman, Greyling, Freese en Majake 2021). Gevolglik is die bestaande Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) geleidelik uitgebrei om nuwe tegnologie-gebaseerde vakke, soos Digitale tegnologie en Kodering en robotika, in te sluit (SA News 2022). Hierdie vakke bied aan leerders die geleentheid om vaardighede te ontwikkel wat tersaaklik is vir die 4IR-werksomgewing en toekomstige studiegeleenthede. Hierdie studie is spesifiek toegespits op Kodering en robotika op laerskoolvlak.

'n Ontleding van die voorgestelde en finale kurrikulum vir Kodering en robotika (DBO 2024) het egter tot die identifikasie van sekere leemtes gelei. Die DBO se kurrikulum spreek nie eksplisiet die noodsaaklike grondvaardighede aan wat leerders benodig om suksesvol in hierdie domein te leer nie. Die noodsaaklikheid van 'n wye reeks hulpbronne word in die kurrikulum-beleidsverklaring erken (Prinsloo 2024), maar versuim om belangrike basiese voorvereistes, soos eenvoudige meganiese insig of begrip van stroombane, te beklemtoon. Die toepassing van die kurrikulum is egter deur verskeie uitdagings beïnvloed.

Die graad 4-leerders kon nie die basiese fisiese koderingstake suksesvol voltooi nie, weens gebrekkige kennis rakende die bou van eenvoudige robotte en die werking van elektriese of

meganiese komponente. Die skool was ook onvoldoende toegerus om die kurrikulum volgens die riglyne van die DBO aan te bied. Volgens die DBO (2024) behoort elke leerder toegang te hê tot 'n volledige kodering- en robotika-stel wat bestaan uit 'n mikrobeheerder, sensor-modules, elektriese en meganiese komponente en basiese gereedskap. Die betrokke skool het 11 onvolledige LEGO® Spike Prime™-stelle beskikbaar gehad. Voorgeskrewe komponente soos 'n mikrobeheerder en basiese gereedskap soos skroewedraaiers, draad en motors het ontbreek en die kwaliteit van onderrig nadelig beïnvloed.

'n Verdere uitdaging was die beperkte tyd beskikbaar vir die aanbied van die kurrikulum. Volgens die DBO (2024) word 'n minimum van twee uur per week oor vier kwartale vereis, terwyl die skool slegs een uur per week vir drie kwartale aan Kodering en robotika toegewy het. Hierdie beperking het 'n handpasgemaakte kurrikulum genoodsaak wat gestruktureer is om die kernuitkomst gestel in die nasionale raamwerk binne beperkte tyd, ruimte en middele te bereik.

Die HBDI® kon 'n praktiese en inklusiewe oplossing vir die uitdaging bied. In plaas daarvan om op een dominante denkvoorkeur te steun – soos logies-analitiese denke, kan diverse denkvoorkeure, soos prakties, relasioneel, eksperimenteel en sistematies, betrek word (Herrmann Global LLC 2022). Indien die raamwerk geïntegreer word, kan leerinhoud op verskillende maniere aangebied word om elke leerder, volgens unieke denkvoorkeur of hul natuurlik manier van dink en probleme oplos, betrek word om betekenisvolle toegang tot tegnologie-onderrig te hê. Vanuit hierdie perspektief bied die HBDI® nie alleen 'n pedagogiese strategie nie, maar ook 'n meganisme om die VOD's – veral VOD 4, 5, 8 en 10 konsekwent en effektief in die klaskamer te bereik.

### 3. Navorsingsvrae en doelstellings

Die doel van hierdie studie was om ondersoek in te stel hoe die HBDI® in 'n graad 4-kurrikulum vir Kodering en robotika geïntegreer kan word om (a) kognitiewe diversiteit en inklusiewe onderrigpraktyke te bevorder, (b) 21ste-eeuse vaardighede te ontwikkel, en (c) die kurrikulum binne 'n raamwerk van volhoubare ontwikkeling te belyn. Gegronde op die uitdaging wat verband hou met kognitiewe uitsluiting, beperkte tegnologie-integrasie en die vereistes van die VOD's, fokus die studie op die ontwikkeling, implementering en evaluering van 'n innoverende, konteksgerigte kurrikulum.

Die navorsing word gelei deur die volgende hoofnavorsingsvraag:

Hoe kan die HBDI®-raamwerk in 'n graad 4-kurrikulum vir Kodering en robotika geïntegreer word om inklusiewe onderrigpraktyke, die ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede en belyning met VOD's te bevorder?

Hierdie vraag word ondersteun deur drie verwante subnavorsingsvrae:

- Hoe kan die HBDI® kognitiewe diversiteit en leerderinsluiting in Kodering en robotika bevorder?
- Hoe dra 'n HBDI®-gebaseerde Kodering en robotika-kurrikulum by tot die ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede?




- Hoe kan Kodering en robotika sinvol op laerskoolvlak geïntegreer word?
- Hoe bely ’n HBDI®-gebaseerde Kodering en robotika-kurrikulum met tersaaklike VOD’s?

Die vrae dien as rigtingwyser vir die metodologiese benadering en verseker dat die studie nie net op teoretiese belyning fokus nie, maar ook op praktiese uitvoerbaarheid om verandering in onderrig moontlik te maak.

#### 4. Teoretiese raamwerk

Die HBDI®, ontwikkel deur Ned Herrmann (1999), bied ’n raamwerk wat tussen vier denkvoorkeure onderskei: A (analities), B (prakties/organisatories), C (relasioneel/interpersoonlik) en D (eksperimenteel), geïllustreer in figuur 1. Elke kwadrant reflekteer ’n unieke manier van dink, leer en probleme oplos, en individue toon dikwels ’n kombinasie van hierdie voorkeure (Herrmann 1999).



**Figuur 1. Aangepaste Heelbrein®-denkmodel (HBDI®) (Herrmann 1999)**

In opvoedkundige kontekste is die HBDI® veral waardevol omdat dit nie slegs op kognitiewe vaardighede fokus nie, maar op die verskeidenheid van denkstyle wat in elke klaskamer verteenwoordig word. Die model is reeds suksesvol gebruik as grondslag vir gedifferensieerde instruksie en word aangewend om leerders se uiteenlopende voorkeure en sterkpunte te akkommodeer (Herrmann Global LLC 2022). Hierdie moontlikheid om diversiteit te omarm, maak dit ’n nuttige instrument vir kurrikulumontwikkeling. Daar word nie alleen verseker dat



'n kurrikulum nie bloot lineêr of inhoudgedrewe is nie, maar ook leerervarings word ontwerp om logiese, praktiese, emosionele én kreatiewe denke te stimuleer.

Die integrasie van die HBDI® in kurrikulumontwerp verhoog betrokkenheid, bevorder samewerking en stimuleer kreatiewe probleemoplossing (Herrmann Global LLC 2022). Du Toit (2013) het byvoorbeeld bevind dat leerders wat aan 'n HBDI®-gebaseerde Kodering en robotika-kurrikulum blootgestel is, nie alleen in robotika-projekte hoër vlakke van innovasie en kritiese denke toon nie, maar ook beter tydens spanwerk saamwerk. Hierdie bevinding onderstreep die potensiaal van die model om 21ste-eeuse vaardighede soos kritiese denke, kommunikasie, samewerking en kreatiwiteit doelbewus te ontwikkel.

Dit is belangrik dat die HBDI® nie bloot aanpassings aan onderrigmetodes voorstel nie, maar 'n raamwerk bied waarvolgens 'n hele kurrikulum gestruktureer kan word. Dit beteken dat leeruitkomst, assesserings en leerervarings van meet af aan ontwerp kan word om alle kwadrante te stimuleer. Hierdeur word volhoubare leer bevorder: Leerders ontwikkel nie net hulle voorkeurdienke nie, maar word ook blootgestel aan nuwe maniere van dink wat aanpasbaarheid en probleemoplossingsvermoë kan versterk.

Die HBDI® het die teoretiese basis van hierdie studie gevorm om die implementering van 'n Kodering en robotika-kurrikulum in graad 4 te ondersteun en rigting te gee aan die sistematiese ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede. In 'n tyd van vinnige tegnologiese en pedagogiese verandering, is dit juis die kombinasie van inklusiwiteit en strukturele balans wat die HBDI® 'n geskikte anker vir kurrikulumontwikkeling maak.

## 5. Literatuurstudie

Volhoubare ontwikkeling vereis onderwys wat nie slegs kennis oordra nie, maar ook vaardighede, waardes en denkprosesse bevorder wat leerders in staat kan stel om verantwoordelik op globale uitdagings te reageer (Aarav 2025). Die Verenigde Nasies se VOD's bied 'n raamwerk vir hierdie doelwitte, met kurrikulumontwikkeling wat as 'n sleutelstrategie dien. In hierdie afdeling word die VOD's en die tersaaklikheid daarvan vir onderwys bespreek, asook hoe kurrikulums – belyn met die HBDI® – hierdie VOD's kan ondersteun.

### 5.1 Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD's)

Die VOD's, wat in 2015 deur al die lidlande van die Verenigde Nasies aanvaar is, vorm 'n wêreldwye raamwerk wat daarop gemik is om armoede uit te roei, ongelykheid te verminder, die omgewing te beskerm en vrede en welvaart vir alle mense teen 2030 te verseker (Verenigde Nasies 2015). Hierdie 17 onderling verwante doelwitte spreek sleutelkwessies aan soos klimaatsverandering, omgewingsagteruitgang, gesondheid, onderwys en geregtigheid, en sluit in: geen armoede nie (1), geen honger nie (2), gesondheid en welsyn (3), gehalteonderwys (4), geslagsgelykheid (5), skoon water en sanitasie (6), bekostigbare en skoon energie (7), menswaardige werkseleenthede en ekonomiese groei (8), nywerheid, innovasie en infrastruktuur (9), vermindering van ongelykhede (10), volhoubare stede en gemeenskappe (11), verantwoordelike verbruik en produksie (12), vermindering van aksies wat klimaatsverandering beïnvloed (13), lewe onder water (14), lewe op land (15), vrede, geregtigheid en sterk instellings (16), en vennootskappe vir die doelwitte (17).

Onderwys kan as 'n katalisator vir die bereiking van die VOD's dien, omdat dit die dryfveer vir sistemiese verandering in gemeenskappe is (Aarav 2025 en UNESCO 2017). Hierdie breër perspektief is veral tersaaklik vir hierdie studie, aangesien VOD 4 (gehalteonderwys) die noodsaaklikheid van inklusiewe, regverdig en lewenslange leergeleenthede beklemtoon. In 'n Suid-Afrikaanse konteks, waar ongelyke toegang tot tegnologie nog wyd voorkom, is die tersaaklikheid van 'n HBDI<sup>®</sup>-gebaseerde benadering wat diversiteit en insluiting sentraal plaas, noodsaaklik.

### **5.2 VOD's se tersaaklikheid vir onderwys**

Onderwys is 'n kernkomponent in die strewe na volhoubare ontwikkeling en dien as die grondslag vir die bereiking van VOD's. Volgens die Verenigde Nasies (2022) en UNESCO (2017) is VOD 4: Gehalteonderwys nie net op sigself 'n prioriteit nie, maar ook 'n hefboom vir die implementering van ander doelwitte soos die uitwissing van armoede (VOD 1), geslagsgelykheid (VOD 5), ekonomiese groei (VOD 8) en klimaataksie (VOD 13).

VOD 4 poog om inklusiewe en billike gehalteonderwys te verseker, met spesifieke fokus op universele toegang tot primêre en sekondêre onderwys, vroeë kinderontwikkeling, beroepsgerigte opleiding en billike leergeleenthede vir gemarginaliseerde groepe (UNESCO 2017). Verskeie outeurs beklemtoon dat die transformerende potensiaal van onderwys in die toerusting van leerders met kennis, vaardighede en waardes lê wat hulle in staat stel om as verantwoordelike, aktiewe burgers in 'n volhoubare wêreld op te tree (Aarav 2025 en UNESCO 2017). Hierdie interpretasie resoneer sterk met my eie kurrikulumontwerp, aangesien die HBDI<sup>®</sup> die breë doelwitte van VOD 4 kan konkretiseer deur spesifiek te fokus op kognitiewe diversiteit en insluiting in Kodering en robotika.

In hierdie konteks is kurrikulumontwikkeling van besondere belang. Wanneer onderrighoud strategies belyn word met die VOD-raamwerk, raak onderwys nie net inhoudelik tersaaklik nie, maar ook sosiaal en moreel betekenisvol. Die HBDI<sup>®</sup> dien as 'n instrument om hierdie belyning te ondersteun, deurdat 'n leeromgewing geskep kan word wat beide kognitiewe diversiteit en sosiale geregtigheid bevorder.

### **5.3 Die rol van kurrikulums in die bereiking van VOD's**

Onderrig speel 'n deurslaggewende rol in die toerus van leerders met die kennis, vaardighede, waardes en houdings wat nodig is om by te dra tot die bereiking van die VOD's. Kurrikulums kan ontwerp en geïmplementeer word om hierdie doelwitte effektief te ondersteun deur VOD-konsepte in die kurrikulum te integreer, wêreldburgerskap te bevorder en tegnologie en innovasie te benut.

UNESCO (2017) wys daarop dat kurrikulums 'n sleutelrol in die integrasie van VOD-temas speel, aangesien dit bewustheid van globale uitdagings bevorder. Ek het aangeneem dat projekte rondom kodering en robotika die VOD's kan integreer om leerders te help om praktiese oplossings vir volhoubaarheidskwessies te verken. Só kan die teoretiese uitgangspunt van UNESCO (2017) op verskeie maniere op 'n konkrete wyse in die klaskamer toegepas word.

Eerstens kan kurrikulums ontwikkel word om bewustheid en begrip te bevorder deur temas soos armoedeverligting, geslagsgelykheid, klimaatsverandering en volhoubare verbruik in vakgebiede soos wetenskap, sosiale studies en geesteswetenskappe te integreer om 'n om-

vattende begrip van globale kwessies te bevorder (UNESCO 2017). Daardeur kan bewustheid en 'n gevoel van verantwoordelikheid gekweek word om as dryfkrag te dien om by volhoubare ontwikkeling betrokke te raak. Tweedens kan kurrikulums interdisiplinêre benaderings betrek, aangesien Onderwys vir Volhoubare Ontwikkeling (OVO) 'n interdisiplinêre benadering vereis wat tradisionele vakgrense oorskry. In die proses kan kurrikulums kruisleer bevorder, aangesien leerders verbande tussen VOD's en onderwerpe kon ondersoek om sodoende 'n geïntegreerde begrip te ontwikkel (Tilbury 2011). Laastens kan kurrikulums wat ontwerp is om VOD's te bereik, die toepassing van kennis in die wêreld beklemtoon. Dit behels die insluiting van ervaringsgerigte leergeleenthede soos gemeenskapsdiensprojekte, internskappe en veldtogte (World Bank 2018). Deur betrokke te raak by gemeenskappe en aan praktiese projekte te werk wat VOD-verwante kwessies aanspreek, kan leerders kritiese denke, probleemoplossing en samewerkingsvaardighede ontwikkel. Hierdie praktiese ondervinding kan tot die tersaaklikheid van onderrig vir uitdagings bydra.

Kurrikulums speel ook 'n sleutelrol in die bevordering van wêreldburgerskap as deel van die strewende om die VOD's te bereik (UNESCO 2017). 'n Kurrikulum wat die VOD's ondersteun, behoort etiese en morele onderrig in te sluit om waardes soos empatie, geregtigheid en respek vir diversiteit te kweek. Hierdie waardes is noodsaaklik vir die vorming van wêreldburgers wat tot volhoubare ontwikkeling verbind is (UNESCO 2017). Lesse oor menseregte, sosiale geregtigheid en omgewingsetiek kan leerders inspireer om aksie te neem om VOD's in hul gemeenskappe en verder te bereik. Die bevordering van kulturele bewustheid en inklusiwiteit binne die kurrikulum is noodsaaklik vir die bereiking van VOD's wat verband hou met die vermindering van ongelykheid en die bevordering van vreedsame samelewings (Global Education Monitoring Report 2019). Kurrikuluminhoud behoort kulturele diversiteit te vier en leerders bewus te maak van die belangrikheid van insluiting en gelykheid. Deur verskillende kulture te verstaan en te waardeer, kan leerders meer ruimdenkend raak en diverse perspektiewe en praktyke ondersteun.

Tegnologie en innovasie kan die bereiking van VOD's binne 'n kurrikulum vergemaklik. Die insluiting van digitale geletterdheid in die kurrikulum is van kardinale belang om leerders voor te berei om in 'n tegnologiegedrewe wêreld te funksioneer en by te dra. Dit sluit in om te leer hoe om digitale gereedskap vir navorsing, kommunikasie en samewerking te gebruik, asook om die etiese implikasies van tegnologiegebruik te verstaan (World Bank 2018). Digitale geletterdheid stel leerders ook in staat om toegang tot 'n oorvloed aanlyn bronne oor volhoubare ontwikkeling te verkry en ingelig te bly oor globale vordering ten opsigte van die VOD's. Innoverende onderrigmetodes, soos speletjiegebaseerde leer ("gamification"), omgekeerde klaskamers ("flipped classrooms") en aanlyn leerplatforms kan leerderbetrokkenheid verbeter en die bereiking van VOD's fasiliteer (Tilbury 2011). Hierdie metodes bied diverse en buigsame leerervarings wat verskillende leerstyle en -behoeftes akkommodeer.

#### **5.4 Verband tussen HBDI® en VOD's**

Die HBDI® sluit direk aan by verskeie VOD's, aangesien dit nie net kognitiewe veelsydigheid aanmoedig nie, maar ook sosiale, tegniese en etiese verantwoordelikheid ondersteun (Herrmann 1999 en Herrmann Global LLC 2022). Ek interpreteer dit as 'n belangrike skakel tussen denksstyle en volhoubare ontwikkeling: Deur analitiese, praktiese, relasionele en eksperimentele denke te integreer, kan leerders nie net tegniese vaardighede aanleer nie, maar ook die waardes en houdings ontwikkel wat nodig is om VOD's in hul eie konteks te realiseer.

Die analitiese kwadrant ondersteun byvoorbeeld VOD 4 (Gehalteonderwys) en VOD 8 (Ekonomiese groei) deur logiese redenasie, probleemoplossing en data-analise te bevorder. Die praktiese kwadrant is veral tersaaklik vir VOD 9 (Innovasie en infrastruktuur), aangesien dit fokus op implementering, volgorde en taakvoltooiing – kernvaardighede vir tegniese ontwikkeling en volhoubare infrastruktuur. Relasionele denke (kwadrant C) kan tot die bereiking van VOD 5 bydra (Geslagsgelykheid) en VOD 16 (Vrede en geregtigheid) deur interpersoonlike kommunikasie, empatie en samewerkingsvaardighede te ontwikkel. Hierdie elemente is noodsaaklik vir die bevordering van inklusiewe en regverdigde leeromgewings. Eksperimentele denke (kwadrant D) sluit kreatiwiteit, verbeelding en die neem van risiko's in. Hierdie denkstyl dra by tot die bevordering van VOD 10 (Vermindering van ongelykhede) deur nuwe oplossings vir insluiting te verken, en tot VOD 17 (Vennootskappe vir volhoubare ontwikkeling) deur samewerking oor dissiplines heen moontlik te maak.

Deur hierdie vier kwadrante binne een geïntegreerde leerervaring te aktiveer, het die HBDI® 'n dinamiese pedagogiese benadering gebied wat die ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede kon bevorder terwyl dit direk met die waardes en doelwitte van volhoubare ontwikkeling belyn was. Dit het dus as 'n bemiddelaar tussen kognitiewe leerdiversiteit en globale opvoedkundige transformasie gedien.

### ***5.5 Kodering, robotika en onderwys in die 21ste eeu***

Verskeie studies beklemtoon dat Kodering en robotika onlangs na vore getree het as kernkomponente binne tegnologie-verwante onderwyskurrikulums, juis omdat dit 21ste-eeuse vaardighede soos probleemoplossing en kritiese denke ontwikkel (Budhai en Taddei 2015 en Stauffer 2020). Hierdie literatuur ondersteun my eie waarnemings dat graad 4-leerders, selfs met beperkte voorkennis, betekenisvol kon deelneem aan robotikaprojekte en sodoende waardevolle vaardighede kon ontwikkel.


Navorsing dui aan dat robotika-onderrig, wanneer dit projekgebaseerd en samewerkend aangebied word, leerders se betrokkenheid verhoog en hulle motiveer om volhoubare oplossings vir probleme te verken (Barbazzani 2021 en Du Toit-Brits en Blignaut 2019). Boonop ondersteun dit Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskundeonderwys, met spesiale fokus op inklusiwiteit en geslagsgelykheid, veral wanneer beide seuns en meisies aangemoedig word om aktief deel te neem aan tegnologie-ontwikkeling. Die integrasie van Kodering en robotika in die onderwys raak dus direk aan verskeie VOD's, veral VOD 4 (Gehalteonderwys), 5 (Geslagsgelykheid), 8 (Ekonomiese groei) en 9 (Innovasie en infrastruktuur). Binne die domeine van Kodering en robotika bied hierdie aktiwiteite geleenthede om kognitiewe diversiteit aan te spreek – van sistematiese kodering (analities) en die bou van robotika (prakties), tot kreatiewe toepassing (eksperimenteel) en samewerkende projekte (relasioneel).

## 6. Metodologie

### 6.1 Navorsingsontwerp

#### 6.1.1 Aksienavorsingsgedrewe HBDI®-kurrikulumontwikkelingsplan vir Kodering en robotika

Ek het 'n kwalitatiewe aksienavorsingsontwerp gevolg, aangesien die doel was om 'n nuwe kurrikulum te ontwerp, dit in die praktyk te implementeer en deur refleksie en aanpassing te verbeter. Binne hierdie raamwerk het ek twee aanvullende benaderings geïntegreer: (a) 'n behoefte-analise om die spesifieke konteks en leerderprofiel te verstaan, en (b) terugwaartse ontwerp om te verseker dat die kurrikulum logies gebou is rondom beoogde leernitkomste. Hierdie kombinasie het my in staat gestel om 'n dinamiese HBDI®-gebaseerde Kodering en robotika-kurrikulum te ontwikkel wat teorie en praktyk voortdurend aan mekaar toets en aanpas.



**Figuur 2. Die aksienavorsingsgedrewe HBDI®-ontwikkelingsplan vir Kodering en robotika**

Ek het 'n navorsingsontwerp (figuur 2) ontwikkel om die elemente van terugwaartse ontwerp (Tyler 1949 en Wiggins en McTighe 2005), behoefte-analise (Zohoorian 2015 en Ornstein en Hunkins 2016) en aksienavorsing (McNiff 2016) te kombineer. Hierdie geïntegreerde ontwerp is spesifiek saamgestel om die ontwikkeling van 'n HBDI<sup>®</sup>-gebaseerde Kodering en robotika-kurrikulum vir Kodering en robotika te ondersteun.

### *Fase 1: Behoeftanalyse*

Die eerste fase het 'n omvattende behoefte-analise behels. Hierdie analise het, soos beskryf deur Zohoorian (2015), die ontleding van die leerderprofiel behels, insluitend hul agtergrond, sterkpunte, tekortkominge, kognitiewe vermoëns, die leeromgewing en die omstandighede waaronder die vaardighede ontwikkel moet word. 'n Begrip van hierdie veranderlikes is van uiterste belang vir die ontwikkeling van 'n kurrikulum wat werklik aan die leerders se behoeftes voldoen. Ornstein en Hunkins (2016) beskryf behoefte-analise as die identifisering van teenstrydighede tussen die huidige en gewenste uitkomst, gevolg deur die prioritisering van aktiwiteite om hierdie teenstrydighede aan te spreek. Volgens Ornstein en Hunkins (2016) moet kurrikulumontwikkeling daarop fokus om hierdie gapings te oorbrug om betekenisvolle opvoedkundige transformasie te bewerkstellig. Hoewel die term *onderwysverandering* algemeen in die literatuur voorkom, verkies ek die begrip *opvoedkundige transformasie*, aangesien dit nie slegs geringe aanpassings of verbeterings aandui nie, maar 'n fundamentele herstrukturering van praktyke en benaderings impliseer. Hierdie begripskeuse beklemtoon my posisionering as 'n praktisyn wat doelbewus vernuwing en sistemiese verandering nastreef. Du Toit (2013) beklemtoon dat die transformasie van praktyk noodsaaklik is vir die vestiging van regverdige en effektiewe onderwysinstellings. Du Toit (2013) voer aan dat verandering van praktyk die herevaluering en verbetering van metodologieë vereis. Hierdie proses verg die bevraagtekening van gevestigde konvensies en idees terwyl inklusiewe, demokratiese en deelnemende metodologieë in die onderwys nagestreef word.


### *Fase 2: Terugwaartse ontwerp*

In die tweede fase het ek terugwaartse beplanningsbeginsels gebruik, 'n teorie wat deur Tyler in 1949 bekendgestel is en later deur opvoedkundige teoretici, Wiggins en McTighe (2005), verfyn is. Terugwaartse ontwerp bied 'n sistematiese benadering tot kurrikulumontwikkeling, wat 'n aanvang neem met die bepaling van die gewenste leerdervaardighede. Sodra hierdie gewenste bevoegdhede vasgestel is, ontwerp opvoeders geskikte assesserings-, leer- en onderriggeleenthede, wat 'n samehangende belyning tussen gewenste bevoegdhede, leer-geleenthede en evaluering verseker (Tyler 1949). Hierdie gestruktureerde benadering kan die logiese vloei en tersaaklikheid van lesse verbeter, terwyl dit betekenisvolle verbindings tussen teoretiese konsepte en praktiese toepassings bevorder.

### *Fase 3: Aksienavorsing*

Kurrikulumontwikkeling behoort gegrond te wees op aksienavorsingsbeginsels, spesifiek 'n bate-/sterkpuntgebaseerde benadering wat klem lê op die benutting van beskikbare hulpbronne en bestaande vermoëns eerder as om tekortkominge te beklemtoon (McAteer 2013 en McNiff 2016). Hierdie deelnemende metodologie, soos deur die geleerdes McAteer (2013) en McNiff (2016) aanbeveel, behels iteratiewe spirale van vier sikliese stappe: beplanning, aksie, observasie en refleksie, soos in figuur 3 geïllustreer.





**Figuur 3. Die aksienavorsingsmodel (aangepas uit McNiff 2016)**

Tydens die beplanningsfase het ek die konteks verken om sterkpunte en hulpbronne te identifiseer wat transformasie kan bevorder en dienoreenkomstig 'n aksieplan ontwikkel. In die aksiefase het ek die plan geïmplementeer, terwyl ek in die waarnemingsfase data deur verskeie metodes ingesamel het om die vordering van die transformasie noukeurig te monitor. Laastens, tydens die refleksiefase, het ek die uitkomst beoordeel, met belanghebbendes in gesprek getree en die ingrypings verfyn om die doeltreffendheid daarvan te verbeter, in ooreenstemming met die dinamiese en voortgaande aard van aksienavorsing.

Ten slotte demonstreer die ontwikkeling van die HBDI®-kurrikulumontwikkelingsmodel vir Kodering en robotika, soos in figuur 2 geïllustreer, 'n omvattende en dinamiese benadering tot kurrikulumontwikkeling, aangedryf deur behoeftesanalise, terugwaartse ontwerp en aksienavorsingsbeginsels.

Hierdie geïntegreerde navorsingsontwerp het dit moontlik gemaak om die HBDI® nie net as teoretiese raamwerk nie, maar ook as praktiese raamwerk vir leerdergerigte onderrig toe te pas.

Ek het McNiff (2016) se beskrywing van aksienavorsing as 'n oneindige spiraal beskou, een waarin die stappe van beplanning, aksie, observasie en refleksie voortdurend op mekaar volg en telkens tot nuwe siklusse van verbetering en innovasie lei. Hierdie spiraal is in my navorsingsontwerp (figuur 2) geïntegreer met die HBDI®-raamwerk en die beginsels van terugwaartse ontwerp. Die visuele raamwerke (figuur 1 en 2) funksioneer dus nie afsonderlik nie, maar dui saam die metodologiese logika aan: Figuur 1 toon die kognitiewe kwadrante wat ek wou aktiveer; figuur 2 toon die geïntegreerde plan; en figuur 3 plaas dit binne die voortdurende sikliese proses van aksienavorsing.

Elke siklus in die studie is dus gestruktureer om die vier stappe van aksienavorsing te reflekteer. Hierdie siklusse word in afdeling 7.3 volledig beskryf.

## 6.2 Navorsingskonteks en deelnemers

Die studie is uitgevoer in 'n enkelmedium, stedelike laerskool in Suid-Afrika. Die leerdergroep het uit 18 graad 4-leerders van diverse sosiale en kulturele agtergronde bestaan. Geen vooraf-

kennis van kodering of robotika is by hierdie groep veronderstel nie, wat 'n neutrale vertrekpunt gebied het vir die implementering van die kurrikulum.

Die skool het toegang gehad tot 11 LEGO® Spike Prime™-stelle, onvolledig in terme van dit wat die DBO vir die implementering van Kodering en robotika aanbeveel. Hierdie konteks het 'n unieke geleentheid geskep om die HBDI®-gebaseerde Kodering en robotika-kurrikulum binne beperkte hulpbronne en tyd te toets, en te verken hoe kognitiewe diversiteit leer kan verdiep ondanks praktiese uitdagings.

Die navorsingsontwerp is doelbewus in die klaskameromgewing ingebed om die aksie-navorsingsiklus (McNiff 2016) toe te pas. Die 18 leerders het dus nie net as deelnemers opgetree nie, maar ook as medenavorsers wat saam met my gereflekteer het oor wat gewerk het en wat verbeter kon word. Ek, in my rol as onderwyser-navorsers, het die beplanning en implementering gefasiliteer, die leerervarings waargeneem, en saam met die leerders gereflekteer om die daaropvolgende siklusse te verbeter.

Hierdie kontekstuele raamwerk beteken dat die studie nie bloot in 'n "neutrale laboratorium" plaasgevind het nie, maar binne 'n lewende sosiale en opvoedkundige ruimte waar aksie en refleksie voortdurend mekaar gevoed het. Dit is in lyn met McNiff (2016) se beskrywing van aksienavorsing as 'n spiraal van beplanning, aksie, observasie en refleksie wat voortdurend tot verbetering en innovasie lei.

### **6.3 Data-insameling en dokumentasie**

Ek het in lyn met die aard van aksienavorsing, waar die navorser se eie optrede, waarnemings en refleksies sentraal staan (McNiff 2016), verskeie datatipes ingesamel en gebruik om triangulasie te verseker en die bevindinge te versterk (Creswell 2014). Hierdie datatipes het my in staat gestel om die leerervaring vanuit verskillende hoeke te belig en het terselfdertyd die sikliese aard van beplanning, implementering, waarneming en refleksie ondersteun.

- **Refleksiejoernale:** Ná elke siklus het ek my waarnemings, emosies en interpretasies aangeteken. Hierdie joernale het nie bloot as 'n beskrywende instrument gedien nie, maar as 'n analitiese hulpmiddel wat my gehelp het om patrone in leerders se deelname, uitdagings en my eie onderrigstrategieë te identifiseer. Die joernale is later gekodeer om tendense soos verhoogde samewerking of verbeterde probleemoplossingsvermoë uit te lig.
- **Leerderartefakte:** Ek het werkstukke en produkte soos robothandontwerpe en koderingstake ontleed om data in te samel oor die doeltreffendheid van die kurrikulum. Hierdie artefakte het konkrete bewyse gebied van hoe leerders tegniese vaardighede en kreatiwiteit toegepas het. Ek het die artefakte vergelyk met my refleksiejoernale om ooreenkomste en teenstrydighede in my interpretasies en die leerders se eindprodukte te toets, wat bygedra het tot betroubaarheid.
- **Klaswaarnemings en video-opnames:** Ek het lesse verfilm en terselfdertyd direkte waarnemings gedoen. Die opnames het my in staat gestel om subtiele gedragaspekte en nieverbale interaksies, wat ek moontlik tydens die les misgekyk het, te herbesoek. Hierdie materiaal is gebruik om temas soos groepsdinamika en leerdermotivering met temas uit ander databronne te trianguleer.

- **Self- en portuurgroepassesserings:** Ek het rubrieke gebruik waarmee leerders hul eie werk en dié van hulle maats beoordeel het. Hierdie self- en portuurevaluasies is direk verbind aan my refleksiejoernale en video-waarnemings wat ondersoek of leerders se selfpersepsies en groepeersevaluasies ooreenstem met hul werklike prestasie en deelname.

Die assesseringsgeleentheid wat in afdeling 7.2 uiteengesit word, is doelbewus op verskillende stadiums van die siklusse gebruik: formatiewe assesserings tydens vroeë bou- en kodeertake, portuurgroepassessering en selfrefleksie tydens prototipe- en oop-einde projekte, en summatiewe assesserings by sleutelprojekte waar finale produkte geëvalueer is.

Deur hierdie uiteenlopende datatipes te kombineer en sistematies te vergelyk, kon ek patrone van kognitiewe betrokkenheid, samewerking en groei identifiseer. Hierdie triangulasie het nie net die geldigheid en betroubaarheid van die bevindinge verhoog nie, maar dit het ook die rol van die navorser se eie refleksie binne die aksienavorsingsiklus duidelik gemaak en die skakel tussen die HBDI<sup>®</sup>-raamwerk en die ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede versterk.

#### 6.4 Data-ontleding

Ek het die data tematies ontleed (Braun en Clarke 2006) deur die sistematiese identifisering, kodering en interpretasie van patrone en terugkerende betekenis in die verskillende datastelle.

In die eerste stap het ek alle databronne (joernale, leerderartefakte, video-opnames en assesserings) herhaaldelik deurgelees en voorlopige kodes wat spesifieke gedrags- of denkpatrone beskryf, toegeken. Daarna het ek die kodes saamgegroepeer in temas wat verband hou met die ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede soos probleemoplossing, samewerking, kritiese denke en kreatiwiteit.

Die HBDI<sup>®</sup>-raamwerk het as analitiese lens gedien om hierdie kodes verder te struktureer. Ek het byvoorbeeld kodes wat logiese redenering of foutsporing weerspieël onder kwadrant A (analities) geklassifiseer; take soos robot-ontwerp en praktiese toepassing onder kwadrant B (organiserend); groepsinteraksies en samewerking onder kwadrant C (interpersoonlik); en innoverende oplossings en kreatiewe idees onder kwadrant D (eksperimenteel). Hierdie klassifikasie het my in staat gestel om te vergelyk hoe die vier denkvoorkeure in leerders se werk en gedrag tot leer en probleemoplossing bygedra het.

Benewens die HBDI<sup>®</sup>-kategorieë het ek ook temas geïdentifiseer wat die breër leeromgewing weerspieël, insluitend leerdermotivering, die rol van tegnologie-integrasie en die belyning met VOD's. Hierdie bykomende temas het die analise verdiep en 'n meer omvattende prentjie gebied van hoe die kurrikulum die onderrig- en leerproses beïnvloed het.

In ooreenstemming met McAteer (2013) was data-insameling en -ontleding in hierdie studie verweef, aangesien dit nie as afsonderlike, lineêre prosesse plaasgevind het nie. Elke aksienavorsingsiklus het insameling van uiteenlopende databronne ingesluit wat reeds tydens of kort ná die implementering voorlopig gekodeer en geïnterpreteer is. Hierdie vinnige ontleding het patrone en tendense uitgelig wat onmiddellik die beplanningsfase van die volgende siklus gevoed het. Waarnemings en video-ontleding het, byvoorbeeld, vroeg gewys dat sekere leerders passief gebly het, wat gelei het tot die besluit om kleiner groepe saam te stel in die daaropvolgende siklus. Joernale en selfassesserings is herhaaldelik gebruik om leerders se eie refleksies op hul denkprosesse te identifiseer, wat nie net die temas van samewerking en

probleemoplossing bevestig het nie, maar ook die mate waarin die HBDI®-kwadrante aktief betrokke was. Só het die sikliese aard van aksienavorsing tot uitdrukking gekom: Insameling, voorlopige ontleding en aanpassing het binne elke siklus plaasgevind en is voortdurend in die daaropvolgende beplanning geïntegreer.

### 6.5 Etiese oorwegings

Etiese goedkeuring is verkry volgens die riglyne en prosedures van die betrokke instelling se etiekkomitee om deursigtigheid en navorsingsintegriteit te verseker (Creswell 2014). Ingeligte toestemming en ingeligte instemming is vooraf verkry van die skoolhoof, ouers en leerders, met duidelike kommunikasie oor die doel, aard en vrywillige aard van deelname. Anonimiteit en vertroulikheid is streng gehandhaaf tydens die insameling, analise en rapportering van data, sodat deelnemers se identiteit en bydraes beskerm is. Leerders se gesigte is nie afgeneem nie. Geen name is in die verslag gebruik nie; eerder neutrale verwysings soos Leerder 1, Leerder 2, ens. Ek het deur die hele proses selfrefleksief gewerk en krities besin oor my dubbele rol as kurrikulumontwerper en fasiliteerder, aangesien hierdie posisie potensiële vooroordele of invloede op die navorsingsproses en die interpretasie van bevindinge kon inhou (Herrmann-Nehdi 2010 en Derry, Pea, Barron, Engle, Erickson, Goldman, Hall, Koschmann, Lemke en Sherin 2010). Hierdie benadering het bygedra tot 'n meer deursigtige en betroubare navorsingsproses wat die deelnemers se stemme sentraal geplaas het.

## 7. Resultate

Die resultate word in hierdie afdeling aangebied. Die ontwikkeling van 'n HBDI®-gebaseerde Kodering en robotika-kurrikulum het drie fases en 14 siklusse ingesluit.

### 7.1 Fase 1: Behoeftes-analise

**Skoolbehoefte:** Die skooladministrasie het Kodering en robotika as 'n noodsaaklike toevoeging tot die bestaande kurrikulum beskou, aangesien dit leerders geleenthede bied om teoretiese kennis prakties toe te pas, en sodoende hul vermoëns in wetenskap, tegnologie en wiskunde te versterk.

**Leerderprofiel:** Graad 4-leerders, ouderdom 10 tot 11, is genader om aan die studie deel te neem. Die leerders was vanuit 'n breë kulturele oorsprong, insluitend Afrikaans, Engels, Koreaans, isiZulu, Sesotho, Tswana en Chinese erfenis. Die deelnemers is aanvanklik (kwartaal 1) in groepe van vier opgedeel. Waarnemings het egter getoon dat sommige leerders oorheers het terwyl ander passief gebly het. Hierdie dinamiek het die diepte van individuele leerervaringe beperk. Nadat ekstra LEGO® Spike Prime™-stelle verkry is, is die groepe vanaf kwartaal 2 tot pare verklein (sien figuur 4). Hierdie wysiging het ten doel gehad om die ervaringsgebaseerde leerproses te verdiep, individuele verantwoordelikheid te benadruk en aktiewe deelname te verseker.



**Figuur 4. Deelnemende leerders**

**Situasieanalise:** Die klaskamers was toegerus met stewige meubels wat geskik was vir aktiewe groepswerk. Daar was ook inspirerende plakkate en helder beligting, sowel as swartborde vir notas oor die aktiwiteite (sien figuur 5).



**Figuur 5. Klaskameropset wat aktiewe groepswerk ondersteun**



Die robotika-klaskamer het oor dubbeltafels, 'n witbord, 'n projektor en 'n groeiende versameling LEGO® Spike Prime™-stelle (sien figuur 6) beskik.



**Figuur 6. LEGO® Spike Prime™-stelle wat vir kodering en robotika gebruik is**

Die stoorplek was netjies gestruktureer: Hulpbronne is in geel bokse geberg. Elke boks is genummer om vinnige toegang en doeltreffende organisasie te verseker (sien figuur 7).



**Figuur 7. Stookamerorganisasie wat hulpbronbestuur vergemaklik**



Aanvanklik was daar geen tablette beskikbaar nie, maar aan die einde van kwartaal 1 het die skool 11 Samsung Galaxy Tab A7 Lite-tablette aangekoop (sien figuur 8).



**Figuur 8. Tablette wat selfstandige leer en kodeertoepassing moontlik gemaak het**

Hierdie toevoeging het die leerervaring verbeter omdat leerders nou self kon kodeer eerder as om van 'n enkele toestel of fasiliteerder afhanklik te wees.

## **7.2 Fase 2: Terugwaartse ontwerp**

**Gewenste vaardighede:** Die doel was om kernvaardighede soos kommunikasie, samewerking, kritiese denke en kreatiwiteit te ontwikkel. Die fokus was dus op probleemoplossing, ideesgenerering, ontwerp van tegnologiese oplossings en effektiewe samewerking tydens die voltooiing van projekte. Dit het ruimte geskep vir die ontwikkeling van verskillende denkprosesse volgens die unieke sterkpunte van die leerders.

### **7.2.1 Assesseringsgeleenthede**

Assessering was 'n geïntegreerde deel van onderrig. 'n Kombinasie van formatiewe, projekgebaseerde, self-, portuurgroep- en summatiewe assesseringsgeleenthede is ingesluit om leerderontwikkeling op 'n deurlopende en gestruktureerde wyse te monitor.

Formatiewe assessering is gebruik om leerders se vordering gedurende elke siklus dop te hou en om onmiddellike terugvoer te bied. Projekgebaseerde assesserings het leerders die geleentheid gebied om hul tegniese en kreatiewe vermoëns in praktiese konteks te demonstreer. Self- en portuurgroepassesserings is ingesluit om kritiese refleksie, samewerking en verantwoordelikheid vir eie leer te bevorder.

Summatiewe assessering het gefokus op die finale gehalte van voltooide projekte om te bepaal tot watter mate leerders die gewenste vaardighede en denkprosesse bemeester het. Rubrieke is

gebruik om die belyning van projekte met ontwerpvereistes en met die vier HBDI®-denkkwadrante te evalueer.

### *7.2.2 Leer- en onderriggeleenthede*

Die kurrikulum het verskeie geleenthede gebied om die ontwikkeling van spesifieke vaardighede te ondersteun het. Elke siklus het aktiwiteite ingesluit wat al vier die kwadrante van die HBDI® aangespreek het. Dit het 'n gebalanseerde benadering tot kognitiewe betrokkenheid bevorder. Analitiese take het kodering, probleemoplossing en prototipetoetsing ingesluit, terwyl praktiese aktiwiteite die samestelling van robotte en sistematiese verbeteringe van kodering en robotte behels het. Relasionele take is verbeter deur samewerkingsprojekte, storievertelling en interpersoonlike kommunikasie. In teenstelling hiermee is eksperimentele geleenthede kreatiwiteit, innovasie en verkenning bevorder deur oop take en iteratiewe ontwerpprosesse.

Die kurrikulum het sistematies geleenthede gebied om fundamentele vaardighede in die aanvanklike siklusse te ontwikkel. Komplekse aktiwiteite vir probleemoplossing en kreatiewe projekte in daaropvolgende siklusse is geskep om aan die beginsels van terugwerkende ontwerp te voldoen. Hierdie gestruktureerde progressie het leerders in staat gestel om noodsaaklike tegniese vaardighede, kritiese denkvermoëns en samewerkingsvaardighede te ontwikkel om hulle vir sukses in 21ste-eeuse kontekste voor te berei.

### *7.3 Fase 3: Aksienavorsing*


Graad 4-leerders is by uiteenlopende leerervarings betrek wat geleidelik meer kompleks geword het. Hierdie leerervarings is binne die raamwerk van terugwaartse ontwerp beplan en gestruktureer.

Soos in afdeling 7.2(b) aangedui, is die leergeleenthede doelbewus ontwerp om oor die geheel van die program al vier die HBDI®-kwadrante te aktiveer. Dit beteken egter nie dat elke individuele siklus noodwendig al vier kwadrante ewe sterk aangespreek het nie. In sommige siklusse was sekere denkprosesse meer prominent (bv. analities en prakties in die vroeë bou-aktiwiteite), terwyl ander siklusse meer op kreatiewe en interpersoonlike prosesse gesteun het. Saam het die 14 siklusse egter 'n gebalanseerde en geïntegreerde leerervaring gebied waarin al vier kwadrante oor tyd heen aangespreek en versterk is. In die beskrywings hier onder word telkens uitgelig watter kwadrante in elke siklus die sterkste tot uiting gekom het.

Hierdie afdeling bou voort op die aksienavorsingsraamwerke wat reeds in figuur 1 en 2 verduidelik is. Die 14 siklusse wat hier beskryf word, vorm die praktiese manifestasie van die spiraal van beplanning, aksie, observasie en refleksie (soos in figuur 3). Elke siklus moet dus nie as 'n afsonderlike eenheid gesien word nie, maar as deel van 'n voortgaande aksienavorsingsproses waarin elke vorige ervaring die volgende een informeer. Waar figuur 1 die kognitiewe kwadrante aandui wat geaktiveer is, en figuur 2 die geïntegreerde HBDI®-gebaseerde ontwikkelingsplan toon, illustreer hierdie afdeling hoe daardie teoretiese modelle konkreet toegepas is binne die klaspraktyk. Op hierdie manier word die kohesie tussen die teoretiese model en die praktiese implementering sigbaar gemaak.

### 7.3.1 Siklus 1: Inleiding tot LEGO®-blokke en basiese meganika

Hierdie eerste siklus het gedien as die grondslag van die leerproses en het gefokus op die bekendstelling van leerders aan die LEGO® Spike Prime™-stelle. Leerders is stap vir stap aan die bou van eenvoudige strukture bekendgestel, byvoorbeeld 'n basiese voertuig met die onderstel, motors en wiele (sien figuur 9). Hierdie praktyke het hulle in staat gestel om die beginsels van balans, stabiliteit en strukturele integriteit te verstaan.



**Figuur 9. Basiese voertuig met die onderstel, motors en wiele**

Tydens die bouproses het leerders hul voertuie self saamgestel en getoets om funksionele beweging te verseker. Die toetsfase het egter onmiddellik ontwerpoute blootgelê, aangesien sommige voertuie nie reguit beweeg het nie. Hierdie praktiese uitdaging het leerders se aandag gevestig op asimmetrie, stabiliteit en wielposisionering as kritieke faktore binne die ontwerp.

In hierdie verband het Leerder 5 tydens die eerste toetslopie die volgende opgemerk:

Ons wiele is skeef – hy gaan nie reguit ry nie.

Hierdie opmerking toon vroeë analitiese waarneming (A-kwadrant), aangesien die leerder 'n direkte verband tussen die fisiese struktuur en bewegingsuitkoms geïdentifiseer het. Die fokus was nie bloot op die feit dat die voertuig nie werk nie, maar op die onderliggende oorsaak daarvan.

Hierdie waarneming is verder bevestig deur 'n inskrywing in my refleksiejoernaal van 13 Januarie:

Die groep begin self eksperimenteer met die hoogte van die onderstel en die breedte van die basis.

Die joernaalinskrywing dui daarop dat leerders spontaan 'n iteratiewe benadering begin volg het: Hulle het aanpassings gemaak, weer getoets en strukture verfyn. Hierdie proses illustreer die ontwikkeling van probleemoplossingstrategieë en sistematiese analitiese denke, aangesien leerders veranderlikes geïsoleer en doelbewus gemanipuleer het om 'n gewenste uitkoms te bereik.

Die gebruik van motors en eenvoudige bewegende dele het verder praktiese denke (B-kwadrant) versterk. Leerders kon visueel en tasbaar waarneem hoe rotasie na lineêre beweging omgeskakel word en hoe wiel- en asrangskikking die voertuig se stabiliteit beïnvloed. Die leerervaring was dus konkreet en ervaringsgebaseerd.

Die bekendstelling van 'n lig- of aanraaksensor op 'n basiese vlak, het hierdie begrip uitgebrei deur die konsep van insette en uitsette sigbaar te maak. Leerders kon direk ervaar hoe die druk van 'n knoppie of die teenwoordigheid van lig 'n spesifieke reaksie (beweging of klank) aktiveer. Hierdie onmiddellike terugvoer het die verband tussen kode en meganiese reaksie duidelik gemaak.

In hierdie verband het ek in my refleksiejoernaal aangeteken dat:

Wanneer die sensor reageer, raak leerders opgewonde. Hulle is onmiddellik gemotiveerd.

Hierdie waarneming dui daarop dat direkte sensoriese terugvoer intrinsieke motivering versterk het. Die sigbare reaksie van die robot het abstrakte konsepte konkreet gemaak, wat beide begrip en betrokkenheid verhoog het.


Die bou- en toetsproses het dus nie slegs tegniese vaardighede ontwikkel nie, maar 'n geïntegreerde leerervaring geskep waarin analitiese, praktiese en reflektiewe denke gelyktydig geaktiveer is.

Analitiese denke (kwadrant A) is aangespreek deurdat leerders logiese koderingstappe moes uitvoer om die motors of sensors te aktiveer asook foute opgespoor en oplossings gevind het om die robot se gewenste gedrag te verkry. Tegelykertyd is praktiese denke (kwadrant B) ontwikkel deurdat leerders self die LEGO®-komponente moes manipuleer, saamstel en toets. Die fisiese handeling van bou en aanpas het hulle geleer hoe abstrakte instruksies in konkrete, funksionele resultate omgesit word.

Hierdie inleidende siklus het dus 'n dubbele funksie vervul: Dit het die tegniese en meganiese basis gelê waarop latere, meer komplekse siklusse kon voortbou. Dit het ook leerders se denkvoorkeure vroeg geaktiveer deur 'n balans tussen analitiese en praktiese leerervarings te skep.

### *7.3.2 Siklus 2: Probleemoplossing met kleursensors en storievertelling*

In hierdie siklus het leerders die kleursensor geprogrammeer om spesifieke insette (byvoorbeeld verskillende kleure) te herken en verskillende uitsette (soos ligte, bewegings of klanke) te aktiveer. Die tegniese programwerk is doelbewus met 'n kreatiewe komponent van storievertelling geïntegreer. Leerders moes scenario's ontwerp waarin die robot volgens bepaalde kleurstimuli optree. Byvoorbeeld, 'n rooi lig het beteken dat die robot moet stop, terwyl 'n groen kleur 'n vooraf geprogrammeerde vrolike melodie of piepgeluid aktiveer wat 'n suksesvolle handeling binne die storielyn voorstel (sien figuur 10).



**Figuur 10. Robot geprogrammeer met kleursensor vir storievertelling**

Hierdie integrasie van kode en narratief het vereis dat leerders tegniese logika met simboliese betekenis moes verbind.

In hierdie verband het Leerder 12 tydens die toetsfase die volgende aangedui:

Nee, hy moet 'n blou lig wys, want in ons storie word hy bang wanneer hy blou sien.

Hierdie opmerking toon hoe kreatief-eksperimentele denke (D-kwadrant) spontaan binne die programmeringsproses geïntegreer is. Die leerder het nie bloot 'n kleur aan 'n funksie gekoppel nie, maar emosionele betekenis aan die kleur toegeken en dit binne die narratief geregverdig. Die tegniese besluit is dus deur storielogika gemotiveer. Kinders verbind emosie aan kode; dit laat hul robotte vir hulle “karakters” word.

Hierdie waarneming word ondersteun deur 'n inskrywing in my refleksiejoernaal van 27 Januarie:

Kinders verbind emosie aan kode; dit laat hul robotte vir hulle “karakters” word.

Die joernaalinskrywing bevestig dat leerders die robotte nie as meganiese toestelle beskou het nie, maar as narratiewe entiteite waaraan identiteit en emosie toegeskryf is. Hierdie proses het die integrasie van kreatiewe en analitiese denke versterk.

Samewerking het 'n verdere sentrale rol gespeel in die ontwikkeling van die stories. Groepe moes rolle verdeel, idees onderhandel en gesamentlik besluit hoe die robot binne die narratief moet optree. Hierdie dinamiek het relasionele denke (C-kwadrant) bevorder.

In hierdie verband het Leerder 7 tydens 'n selfassessering die volgende gereflekteer:

Ons span kon beter kommunikeer. Ek het gevoel ek praat te veel en luister te min.

Hierdie selfrefleksie dui op ontwikkelende selfbewustheid en groei in groepsdinamika. Dit wys dat leerders nie slegs tegniese vaardighede ontwikkel het nie, maar ook metakognitiewe en interpersoonlike vaardighede begin internaliseer het – 'n belangrike komponent van geïntegreerde leer.

Die eksperimentele aard van die leerproses het veral sigbaar geword in die toets- en aanpassingsfases. Leerders het herhaaldelik verskillende kleurkombinasies en reaksies getoets om te bepaal hoe dit binne hul storielyn funksioneer.

In hierdie verband het Leerder 3 tydens groepswerk dit só verduidelik:

Ons het probeer om verskillende kleure te gebruik en te sien wat gebeur. Soms werk dit nie, maar dan verander ons dit tot dit by ons storie pas.

Hierdie opmerking illustreer die iteratiewe aard van die leerproses: toetsing, evaluering en aanpassing. Die fokus was nie bloot op tegniese korrektheid nie, maar op funksionele en narratiewe samehang. Deur hierdie herhalende proses is beide tegniese probleemoplossing en kreatiewe verfyning versterk.

Assessering is gestruktureer om hierdie geïntegreerde proses te ondersteun. Die rubriek het groepe gelei om hul werk krities te evalueer aan die hand van kriteria soos programmering, storie-integrasie, kreatiwiteit, samewerking en eksperimentele denke (tabel 1). Hierdie gestruktureerde evaluering het verseker dat tegniese en kreatiewe dimensies as ewe belangrik erken is en dat leer sistematies gemonitor kon word.

**Tabel 1. Voorbeeld van 'n assesseringsrubriek vir storievertelling in Kodering en robotika**

| Kriteria                               | Uitstekend (4)                                  | Goed (3)                                 | Bevredigend (2)                    | Beperk (1)                        |
|----------------------------------------|-------------------------------------------------|------------------------------------------|------------------------------------|-----------------------------------|
| <b>Programmering en sensor-gebruik</b> | Program werk foutloos; sensor optimaal gebruik  | Program werk met geringe foute           | Basiese funksies werk              | Min of geen funksionaliteit nie   |
| <b>Verhaal-integrasie</b>              | Robot se handelinge pas perfek by die storielyn | Goeie integrasie met klein gapings       | Los verband tussen storie en robot | Min of geen verband nie           |
| <b>Kreatiwiteit</b>                    | Hoog oorspronklik en verbeeldingryk             | Kreatief met enkele unieke idees         | Beperkte kreatiwiteit              | Stereotiep of geen nuwe idees nie |
| <b>Same-werking</b>                    | Uitstekende spanwerk; alle lede aktief betrokke | Goeie spanwerk; die meeste lede betrokke | Sommige lede nie betrokke nie      | Min samewerking                   |



| Kriteria                    | Uitstekend (4)                                       | Goed (3)                        | Bevredigend (2)                  | Beperk (1)                      |
|-----------------------------|------------------------------------------------------|---------------------------------|----------------------------------|---------------------------------|
| <b>Eksperimentele denke</b> | Aktief getoets, verbeter en nuwe moontlikhede verken | Sommige toetsing en aanpassings | Beperkte toetsing of verbetering | Geen toetsing of verkenning nie |

Tydens portuurgroepassessering moes groepe mekaar se projekte evalueer en konstruktiewe terugvoer gee. In hierdie verband het een groep tydens die evaluering van 'n ander span se projek die volgende opgemerk:


Hulle robot werk goed, maar hulle het te min toetsing gedoen. Meer toetsing sou hul ontwerp sterker gemaak het.

Hierdie terugvoer dui op 'n ontwikkelende begrip van die iteratiewe aard van ontwerp. Die fokus was nie bloot op die eindproduk nie, maar op die proses van toetsing en verfyning as noodsaaklike komponent van kwaliteit. Dit weerspieël analitiese denke (A-kwadrant) sowel as metakognitiewe bewustheid, aangesien leerders die waarde van herhaalde toetsing eksplisiet erken het.

Hierdie bevinding bevestig dat self- en portuurgroepassessering nie slegs as 'n meetinstrument gefunksioneer het nie, maar as 'n aktiewe leerstrategie wat kritiese evaluering, refleksie en prosesbewustheid versterk het. Assessering het dus 'n integrale deel van die leerproses geword en het kwalitatiewe data opgelewer wat leer- en denkprosesse sigbaar gemaak het.

### 7.3.3 Siklus 3: Evaluering van die operasionele doeltreffendheid van prototipes

In hierdie siklus is leerders bekendgestel aan die beginsels van prototipering, wat 'n kernrol speel in ingenieurs- en ontwerpprosesse. Hulle het verskillende kloumeganismes ontwerp, gebou en getoets, met die doel om te verstaan hoe 'n aanvanklike idee deur herhaling en verfyning verbeter kan word (sien figuur 11 en 12).




### **Figuur 11. Voorbeeld van 'n leerderontwerpte klouprototipe**

Tydens die eerste toetsfase van die prototipe het Leerder 9 'n kritiese waarneming gemaak oor die funksionaliteit van sy ontwerp. In hierdie verband het hy opgemerk:

Dit is te wyd om klein voorwerpe vas te hou, maar dit werk goed met groot blokke.

Hierdie opmerking toon analitiese evaluering van doeltreffendheid, aangesien die leerder die beperking van die ontwerp in verhouding tot die taak geïdentifiseer het. Die fokus was nie bloot op sukses of mislukking nie, maar op geskiktheid vir spesifieke toepassings. Hierdie vorm van kritiese onderskeiding dui op geïntegreerde praktiese (B-kwadrant) en eksperimentele denke (D-kwadrant).



### **Figuur 12. Verbeterde klouprototipe ná aanpassings**

Die iteratiewe aard van die leerproses is verder bevestig in my refleksiejoernaal van 3 Februarie, waar ek aangeteken het:

Die leerders het self die idee geopper om die hefboom korter te maak vir meer presisie.

Hierdie joernaalinskrywing dui op selfgeïnisieerde verbetering. Leerders het nie bloot onderwysersleiding gevolg nie, maar self strukturele veranderings voorgestel om funksionaliteit te verbeter. Dit illustreer die ontwikkeling van ingenieursdenke, waar aanpassing gebaseer is op waarneming en toetsing.

Portuurgroepassessering het die prototipeproses verder verdiep. Leerders moes hul ontwerpe met dié van ander groepe vergelyk en konstruktiewe terugvoer formuleer. In hierdie verband het Leerder 5 tydens spanassessering die volgende aangedui:

Ons klou is glad nie so stabiel soos groep B se klou nie. Ons moet die ratte beter balanseer.

Hierdie terugvoer toon relasionele denke (C-kwadrant), aangesien die leerder sy eie ontwerp krities met 'n ander groep s'n vergelyk en 'n konkrete verbeteringsvoorstel formuleer. Die proses het nie kompetisie bevorder nie, maar gedeelde leer en kollektiewe verfyning.

Analitiese denke (A-kwadrant) is verder aangespreek deurdat leerders die tegniese akkuraatheid van hul programmering sistematies moes kontroleer. In 'n selfassessering het Leerder 14 die volgende geskryf:

Ons het vergeet om die sensor in die regte poort te sit. Toe sien ek in die kode hy wys P3, maar ons het hom op P1 gesit. Ek het dit reggemaak.

Hierdie voorbeeld illustreer eksplisiete foutidentifikasie, interpretasie van kodetaal en doelbewuste regstelling. Die leerder het 'n diskrepansie tussen fisiese aansluiting en digitale instruksie geïdentifiseer en sistematies opgelos. Dit dui op geïntegreerde probleemoplossing waarin praktiese handeling en abstrakte kodering met mekaar verbind is.

Deur die integrasie van konstruksie, toetsing, spanassessering en selfrefleksie het hierdie siklus leerders 'n holistiese ervaring van die prototipeproses gebied. Die leerervaring het nie slegs tegniese kennis van meganika en robotika uitgebrei nie, maar ook kritiese denke, kreatiewe aanpassing, sistematiese probleemoplossing en samewerkingsvaardighede versterk. Hierdie siklus het dus 'n belangrike brug gevorm tussen basiese meganiese vaardighede en die meer komplekse integrasie van ingenieurs- en ontwerpdenke wat in latere fases van die kurrikulum vereis is.

#### *7.3.4 Siklus 4: Prototipering en toetsing (vervolg)*

In hierdie siklus het die fokus verskuif van die aanvanklike bou- en toetsfase van verskillende klou-ontwerpe, na die meer verfynde proses van ontwerpkeuse en regverdiging. Leerders moes hul prototipes sistematies evalueer volgens voorafbepaalde kriteria, waaronder robuustheid, presisie en toepaslikheid vir 'n bepaalde taak (sien figuur 13).

|              | Grabber 1                                                                      | Grabber 2                                           |
|--------------|--------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------|
| Pen          | It was very easy to grab it.                                                   | Easy to grab                                        |
| Paper        | It was <del>not easy</del> <sup>much easier</sup> to pick up to grab and lift. | Extremely easy to grab.                             |
| Empty Bottle | Kind of works. Can slip out easily. Only grabs the top.                        | Easy to grab; bottle fit in the grabber perfectly.  |
| Lego Block   | It was not able to grab the block.                                             | Quite easy to grab and lift. Easier than grabber 1. |
| Glue Stick   | Was not easy to pick up. Kept slipping.                                        | Easy to grab. The material is softer.               |

**Figuur 13. 'n Voorbeeld van evaluering van prototipes volgens kriteria**

Leerder 11 het tydens die toetsfase opgemerk:

Ons klou hou goed vas, maar dit gly soms as ons groter blokke gebruik.

My refleksiejoernaal van 17 Februarie bevestig dit:

Groepe het begin om data sistematies te registreer: Elke klou se suksesvolle optel-pogings is getel en vergelyk. Hierdie bewyse is gebruik om die finale ontwerpkeuse te regverdig.

Die toepassing van hierdie kriteria het van die leerders vereis om objektief te dink oor die sterktes en swakpunte van elke ontwerp, eerder as om bloot 'n voorkeur vir hul eie werk te hê. Die besluitnemingsproses is versterk deur toetsdata te gebruik. Groepe het hul prototipes herhaaldelik getoets en die resultate sistematies aangeteken, soos hoeveel keer 'n klou 'n voorwerp suksesvol kon ophang sonder dat dit gegly het, hoe akkuraat die beweging was, en of die ontwerp duursaam genoeg was om herhaaldelike gebruik te weerstaan.

Leerder 7 het tydens 'n selfassessering geskryf:

Ek het besef ons besluit moes nie net gaan oor wat ek dink die beste is nie, maar oor watter klou die werk gedoen het.

Hierdie waarnemings illustreer analitiese denke (kwadrant A), aangesien leerders data moes interpreteer, vergelykings tussen prototipes moes tref en die resultate moes gebruik om 'n rasonale besluit te regverdig. Praktiese denke (kwadrant B) was ook sentraal, aangesien die fisiese toetsing en aanpassing van die prototipes presisie en noukeurige aandag aan besonderhede vereis het.

Deur hierdie siklus het leerders eerstehands ervaar dat tegniese en meganiese ontwerpe slegs as suksesvol beskou kan word indien dit aan duidelik gedefinieerde kriteria voldoen. Hierdie proses het nie net hul vaardigheid in praktiese bouwerk versterk nie, maar ook hul vermoë om data-gedrewe besluite te neem, kritiese analise toe te pas en spanwerk te benut. Daarmee het die siklus 'n belangrike brug geskep tussen praktiese bouvaardighede en wetenskaplike, data-gedrewe beredenering – 'n noodsaaklike vaardigheid vir latere fases van Kodering en robotika-onderrig.

#### *7.3.5 Siklus 5: Evaluering van kloudoeltreffendheid en produkresensies*

Hierdie siklus het voortgebou op die vorige siklus deur die evaluering van klou-ontwerpe meer gestruktureerd en reflektief te benader. Leerders het hul eie prototipes saamgestel en dit aan 'n sistematiese evaluering onderwerp. Hierdie evaluering het praktiese funksionaliteitstoetse ingesluit, waar die kloue se vermoë om voorwerpe van verskillende vorms en gewigte op te tel en vas te hou gemeet is. Ook produkresensies waarin leerders hul prototipes krities moes beoordeel en terugvoer moes gee oor die werk van ander groepe. Ek het dit in my refleksie-joernaal van 3 Maart opgeteken:

Groepe het rekord gehou van suksesvolle optelpogings en terugvoer van medeleerders. Hierdie data is gebruik om die uiteindelijke ontwerpkeuse te motiveer.

Die resensieproses het 'n kernrol gespeel. Leerders moes nie net hul eie ontwerpkeuses verduidelik en regverdig nie, maar ook die werk van ander groepe beoordeel en konstruktiewe terugvoer gee. Leerder 12 het tydens 'n groepsbespreking gesê:

Ek sien nou waarom julle klou so werk.

Hierdie interaksies het analitiese denke (kwadrant A) aangespreek deurdat leerders funksionaliteit en doeltreffendheid sistematies ontleed het, en praktiese denke (kwadrant B) is versterk deur die fisiese bou, toets en aanpassing van prototipes. Relasionele denke (kwadrant C) is gestimuleer deur spanonderhandelinge en resensies, terwyl eksperimentele denke (kwadrant D) geaktiveer is deur kreatiewe aanpassings en die verkenning van onkonvensionele oplossings.

Aan die einde van die siklus het elke groep 'n gesamentlike refleksie-opdrag voltooi, waarin hulle hul prototipe verduidelik, ontwerpkeuses gemotiveer en geleerde lesse gedeel het. Leerder 8 het gesê:


Ek verstaan nou beter hoekom toetsing en terugvoer so belangrik is – dit help ons om 'n beter produk te bou en ons denke te verbeter.




Hierdie refleksies het die siklus afgerond deur die verband tussen ontwerp, evaluering en leer duidelik te maak. Leerders het nie net tegniese vaardighede in prototipering versterk nie, maar ook kritiese denkvermoë, selfbewustheid en volgehoue verbetering as deel van die leerproses ervaar.

### 7.3.6 Siklus 6: Verbetering van ontwerp en funksionaliteit

In hierdie siklus is leerders met 'n oop uitdaging gekonfronteer. Anders as in vorige siklusse, waar die take en doelwitte duidelik omskryf was, moes hulle hierdie keer 'n robot bou sonder 'n voorafbepaalde funksie. Hierdie benadering het hulle gedwing om eers self 'n probleem of behoefte te identifiseer, en daarna 'n oplossing te ontwerp wat deur hul robot aangespreek kon word (sien figuur 14 en 15).



**Figuur 14. 'n Oop robotontwerp**





### **Figuur 15. Outomatiese muisbeweging deur robot**

Aanvanklik het groepe saam besluit watter funksionaliteit hul robot sou hê. Leerder 4 het opgemerk:

Ons wil hê die robot moet klein blokkies kan skuif, maar ons weet nie of dit gaan werk nie – ons moet dit toets.

In my refleksiejoernaal op 10 Maart staan die volgende:

Die leerders het self probleme geïdentifiseer en ontwerpbesluite geneem; ek sien hoe hulle logies probeer om die beweging van die robot aan te pas op grond van praktiese toetsing.

Groepe het daarna prototipes ontwerp en gebou, die funksionaliteit getoets, en die resultate gebruik om hul robotte te verfyn. Leerder 10 het gesê:

Eers het die wiel vasgehaak, maar toe verander ons die posisie en kyk wat gebeur – ek het regtig gevoel ons leer deur te doen.

Hierdie iteratiewe siklus van ontwerp, toetsing en aanpassing het leerders bewus gemaak van die belangrikheid van voortdurende verfyning as deel van die ingenieursproses. Tydens hierdie siklus is vier HBDI®-kwadrante aktief betrek:

- Analitiese denke (kwadrant A): definisie van funksionaliteit, logiese koderingstappe en evaluering van doeltreffendheid.
- Praktiese denke (kwadrant B): fisiese bouwerk, aanpassing van komponente en presiese implementering van instruksies.
- Relasionele denke (kwadrant C): samewerking in spanne, bespreking van idees en konsensus oor robotfunksies.
- Eksperimentele denke (kwadrant D): die oop aard van die taak wat ruimte geskep het vir innoverende verkenning, kreatiewe variasies en toetsing van onkonvensionele oplossings.


Tydens hierdie siklus is nie slegs tegniese vaardighede ontwikkel nie, maar ook selfstandigheid, spanwerk en kreatiewe vryheid. Leerder 7 het in 'n selfassessering geskryf:

Ek dink ons span het goed saamgewerk en nuwe idees probeer. Dit was moeilik om te besluit, maar ek voel ons het almal bygedra.

Deur probleemidentifikasie, ontwerpontwikkeling en iteratiewe verfyning saam te voeg, het leerders ervaar hoe tegnologie en verbeelding geïntegreer kan word om unieke oplossings te skep wat hulle meer uitdaag as die voorafbepaalde take. Hierdie siklus het die grondslag gelê vir die meer komplekse en geïntegreerde projekte wat in die daaropvolgende siklusse gevolg het.

#### *7.3.7 Siklus 7: Navigasie van die LEGO® Spike Prime™-toepassing op die Samsung Galaxy Tab A7 Lite*

In hierdie siklus het ek die tegniese gebruik van die LEGO® Spike Prime™-toepassing op die Samsung Galaxy Tab A7 Lite beklemtoon. Leerders moes leer om projekte effektief te bestuur, lêers te hernoem, bestaande blokke te kombineer en programme op te stel en te laai (sien figuur 16).



**Figuur 16.** Leerders navigeer en kombineer Spike Prime™-blokke

Volgens Leerder 6 het die proses aanvanklik uitdagend gevoel:

Ek weet nie altyd watter blokkies ek moet kombineer nie, en ek vergeet soms om lêers reg te benoem en dan vind ek dit nie weer nie.

In my refleksiejoernaal het ek op 5 Mei opgemerk:

Geleidelik het leerders selfvertroue ontwikkel in die hantering van die digitale omgewing; hulle begin projekte organiseer en kode korrek oplaai sonder voortdurende ondersteuning.

Hierdie tegniese vaardighede was noodsaaklik vir die gladde funksionering van robotika-aktiwiteite, aangesien dit die brug vorm tussen fisiese bouwerk en digitale programmering. Leerder 9 het in 'n selfassessering geskryf:

Ek kon uiteindelik die blokkies kombineer en sien hoe die robot presies doen wat ek wil hê dit moet doen – dis lekker om selfstandig te werk.


Die bostaande voorbeelde bevestig dat al vier HBDI®-kwadrante tydens hierdie siklus aktief betrek is:

- Analitiese denke (kwadrant A): verfyn deur sistematiese kombinasie van blokkies en logiese ordening van programme.
- Praktiese denke (kwadrant B): geaktiveer deur die akkuraatheid wat vereis is om lêers korrek te benoem, projekte te organiseer en programme presies uit te voer.
- Relasionele denke (kwadrant C): aangespreek toe leerders saam in groepe moes werk om tegniese uitdagings te oorkom, soos sinchronisering van toestelle en die deel van programme.
- Eksperimentele denke (kwadrant D): geaktiveer deur die verkenning van nuwe moontlikhede binne die toepassing, soos die toetsing van alternatiewe blokkombinasies en kreatiewe optimalisering van programme.

Tydens hierdie siklus is 'n balans geskep tussen tegniese akkuraatheid en kreatiewe digitale verkenning. Leerders is toegerus met vaardighede wat nie net die huidige robotika-aktiwiteite vergemaklik nie, maar ook 'n fondament lê vir meer komplekse kodering- en robotikaprojekte in latere siklusse.

### *7.3.8 Siklus 8: Verkenning van gevorderde koderingskonsepte*

In hierdie siklus het leerders 'n beweegbare robot gebou wat van rigting kon verander, afstande kon aflê en draaie kon uitvoer sonder om wiele te gebruik (sien figuur 17).



**Figuur 17. Beweegbare robot sonder wiele**

Die uitdaging het vereis dat kodering van bewegings geïntegreer word met fisiese aanpassings van die robot, wat beteken het dat leerders voortdurend moes skakel tussen digitale programmering en meganiese verfyning. Leerder 8 het tydens 'n toetsopdrag opgemerk:

Eers beweeg hy nie reg nie, maar toe ek die motor posisioneer en die kode aanpas, werk dit perfek.

Hierdie opmerking vind aanklank by my inskrywing in my refleksiejoernaal op 19 Mei:

Leerders toon toenemende begrip van die verband tussen koderingsinstruksies en fisiese robotgedrag – hulle begin voorspel hoe 'n verandering in kode die beweging van die robot sal beïnvloed.

Daar kon afgelei word dat al vier HBDI<sup>®</sup>-kwadrante tydens hierdie siklus geaktiveer is:

- Analitiese denke (kwadrant A): benut in die presiese programmering van bewegingsreekse, waar leerders moes beplan watter kodes nodig was om die robot suksesvol deur 'n bepaalde baan te laat beweeg.
- Praktiese denke (kwadrant B): aangespreek deur die fisiese aanpassings aan die robot, soos die regstelling van motors, posisionering van sensors en stabilisering van komponente.
- Relasionele denke (kwadrant C): versterk deur groepwerk, waar leerders idees verduidelik, verskillende oplossings oorweeg en samewerking gebruik het om foutsoeking te vergemaklik.
- Eksperimentele denke (kwadrant D): geaktiveer deur toetsing van bewegings en die ontdekking van nuwe koderingsvariasies, aangesien leerders dikwels alternatiewe instruksies moes uitvoer om gewenste presisie te bereik.

Leerders het hul robotte self geëvalueer deur middel van 'n eenvoudige rubriek (sien tabel 3), wat daarop gemik was om selfrefleksie en bewuste foutanalise te bevorder. Die selfassesserings dui op groeiende metakognitiewe bewustheid, aangesien leerders nie slegs probleme geïden-

tifiseer het nie, maar ook doelbewus strategieë vir verbetering geformuleer het. So skryf Leerder 10 in 'n selfassessering:

Ek het gesien watter deel van my kode nie werk nie en dit verander – volgende keer sal ek dit eers toets voordat ek alles finaliseer.

Die rubriek het klem gelê op kernaspekte soos beweging en akkuraatheid, doeltreffendheid van die kode, meganiese ontwerp, probleemoplossingsvaardighede en spanwerk. Kort refleksievrae het leerders gehelp om te identifiseer watter dele van hul robot of kode die beste gewerk het, watter dele verbeter moes word, en watter nuwe idees hulle in die volgende poging wou toets. Hierdie kombinasie van selfevaluering en refleksie het die leerervaring verdiep deur leerders se verantwoordelikheid vir eie leer te bevorder en deurlopende verbetering van tegniese en samewerkende vaardighede te ondersteun.

**Tabel 2. Rubriek vir selfevaluering van robotprestasie**


| Kriteria                        | 4 – Uitstekend                                                | 3 – Goed                                                            | 2 – Redelik                                                | 1 – Beperk                                         |
|---------------------------------|---------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------|
| <b>Beweging en akkuraatheid</b> | Robot het die baan presies voltooi sonder foute               | Robot het klein foute gemaak, maar die baan meestal gevolg          | Robot het slegs 'n gedeelte van die baan voltooi           | Robot kon nie die baan voltooi nie                 |
| <b>Kodering</b>                 | Kode het foutloos gewerk en instruksies was duidelik          | Klein aanpassings was nodig, maar die meeste instruksies het gewerk | Basiese bewegings het gewerk, maar die kode was onvolledig | Kode het min of geen funksionele uitkoms gehad nie |
| <b>Meganiese ontwerp</b>        | Robot was stabiel en komponente was goed aangepas             | Klein probleme met balans of komponente                             | Robot was onstabiel en moes dikwels reggemaak word         | Robot het meganiese nie gefunksioneer nie          |
| <b>Probleemoplossing</b>        | Ek/ons het kreatiewe oplossings gevind en dit vinnig toegepas | Oplossings was bruikbaar, maar nie altyd volhoubaar nie             | Min nuwe oplossings is probeer                             | Geen poging om oplossings te vind nie              |
| <b>Spanwerk (indien groepe)</b> | Almal het aktief bygedra en goed saamgewerk                   | Die meeste lede het bygedra                                         | Slegs 'n paar lede het bygedra                             | Geen samewerking nie                               |

Hierdie siklus het leerders nie net blootgestel aan komplekse koderingsvaardighede nie, maar ook aan die interaktiewe aard van probleemoplossing in robotika, waar digitale en fisiese elemente voortdurend geïntegreer moet word. Dit vorm 'n belangrike stap in die uitbreiding van hul begrip van kodering as 'n praktiese en kreatiewe instrument.

### 7.3.9 Siklus 9: Verbetering van organisatoriese vaardighede vir LEGO® Spike Prime™-stelle

Hierdie siklus het gefokus op die ontwikkeling van leerders se organisatoriese vaardighede deur die sistematiese rangskikking en verpakking van LEGO® Spike Prime™-stelle. Die doel

was om 'n gestruktureerde leeromgewing te skep waarin orde en doeltreffendheid die leerproses ondersteun. Leerders moes leer om komponente korrek te kategoriseer, bergingspasië optimaal te benut en maniere te vind om skade of verliese van belangrike onderdele te minimaliseer (sien figuur 18).



**Figuur 18. Organisering van LEGO® Spike Prime™-stelle**

Hierdie proses het hulle geleer dat die aanleer en toepassing van tegnologiese vaardighede nie slegs die bou en programmering van robotte behels nie, maar ook die ontwikkeling van netjiese organisasie, sistematiese werk en verantwoordelikheid vir hulpmiddele. Leerder 6 het tydens die aktiwiteit opgemerk:

As ek alles in dieselfde bakkie sit, kan ek vinniger die dele kry en my robot regkry sonder om te soek.

In my refleksiejoernaal op 2 Junie skryf ek:

Die proses van sorteer en kategoriseer het leerders geleer om vooruit te beplan en sistematies te werk, wat hulle organisasievaardighede aansienlik verbeter het.

Die siklus het al vier HBDI®-kwadrante aangespreek:

- **Relasionele denke (kwadrant C):** versterk deur samewerking in groepe om 'n gesamentlike stelsel van organisasie te ontwikkel en toe te pas. Leerder 9 het byvoorbeeld gesê:  
Ek en my span het besluit om motors by motors te hou en sensor by sensor – dit maak dit makliker vir almal om te werk.
- **Praktiese denke (kwadrant B):** aangespreek deur die fisiese sortering en kategorisering van onderdele, wat presisie en aandag aan besonderhede vereis het.
- **Analitiese denke (kwadrant A):** geaktiveer deur kritiese besluitneming oor die effektiwste manier om stelle te orden en bergingspasië optimaal te benut.




- Eksperimentele denke (kwadrant D): benut deur leerders wat kreatiewe variasies probeer het, soos deur etikette te gebruik of klein onderdele in bakkies te plaas.

Hierdie proses het leerders geleer dat tegniese vaardighede nie slegs die bou en programmering van robotte behels nie, maar ook die dissipline van netjiese organisasie en verantwoordelikheid vir hulpmiddele. Spanwerk het 'n gevoel van kollektiewe verantwoordelikheid versterk, wat in toekomstige projekte waardevol sou wees. Hierdie siklus het dus nie net logistieke vaardighede ontwikkel nie, maar ook 'n belangrike bewustheid van orde en sistematiese werk as deel van tegniese sukses.

#### *7.3.10 Siklus 10: Bevordering van geometriese koderingsvaardighede met lusse ("loops")*

In hierdie siklus het die klem geval op die toepassing van herhalende patrone in kodering deur middel van lusse. Leerders het 'n beweegbare robot deur 'n doolhof laat beweeg deur algoritmes te ontwikkel wat rigtings, afstande en draaie presies gekombineer het (sien figuur 19 en 20).



**Figuur 19. Opstel van robotte vir doolhofnavigasie**



**Figuur 20. Navigasie van 'n doolhof deur algoritmiese kodering**

Die lusse te gebruik het leerders ervaar hoe herhalende bewegings gekodeer kan word om 'n komplekse taak eenvoudiger en meer doeltreffend te maak. Hierdie gestruktureerde benadering tot programmering het die belangrikheid van algoritmiese beplanning en probleemoplossing beklemtoon. Leerder 8 het opgemerk:

Ek sien nou hoe ek dieselfde rigting kan herhaal sonder om elke keer die kode te skryf – dit maak dinge baie makliker!

Hierdie waarneming illustreer hoe die gestruktureerde gebruik van lusse die begrip van herhaling en algoritmiese beplanning versterk het. In my refleksiejoernaal van 19 Junie noteer ek:

Leerders het geleer om patrone in beweging te identifiseer en dit te vertaal na lusse, wat beide die logika en die doeltreffendheid van hul kode verbeter het.

Die siklus het al vier HBDI<sup>®</sup>-kwadrante aangespreek:

- Analitiese denke (kwadrant A): geaktiveer deur die logiese opbreek van bewegingsreekse in herhalende patrone en die presiese programmering van hierdie reekse.
- Eksperimentele denke (kwadrant D): versterk deur die toetsing van verskillende algoritmes en die ontdekking van nuwe oplossings wanneer die robot onverwags verkeerd beweeg het of nie die doolhof suksesvol kon voltooi nie. Leerder 11 het byvoorbeeld gesê: Ons het probeer om die draaie anders te kodeer – dit het uiteindelik baie vinniger gewerk.
- Relasionele denke (kwadrant C): aangespreek deurdat groepe saam strategieë moes ontwikkel, kode moes verduidelik en oplossings met mekaar moes toets en verfyn.
- Praktiese denke (kwadrant B): geaktiveer deur die fisiese implementering van die robot se bewegings en die akkuraatheid van draaie en afstande.

As deel van die assessering het leerders hul eie werk ná elke doolhofpoging geëvalueer met behulp van 'n selfassesseringsrubriek (tabel 3), wat fokus op kernaspekte soos die gebruik van lusse, doolhofvoltooiing, algoritmiese beplanning, probleemoplossing en spanwerk. Leerder 9 het in die refleksievrae geskryf:

Ek verstaan nou beter hoe ek my kode kan toets en verbeter – elke fout leer my iets nuuts oor die robot en die lusse.


**Tabel 3. Rubriek vir robotsselfassessering**

| Kriteria                                      | 4 – Uitstekend                                                                   | 3 – Goed                                                   | 2 – Redelik                                                      | 1 – Beperk                            |
|-----------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------|---------------------------------------|
| <b>Gebruik van lusse</b>                      | Lusse word korrek en doeltreffend gebruik om komplekse bewegings te vereenvoudig | Lusse meestal korrek; geringe ondoeltreffendhede           | Basiese lusse gebruik; herhalings werk nie altyd funksioneel nie | Min of geen gebruik van lusse nie     |
| <b>Doolhof-voltooiing</b>                     | Robot voltooi die doolhof foutloos                                               | Robot voltooi die doolhof met geringe foute of aanpassings | Robot voltooi die doolhof gedeeltelik                            | Robot voltooi nie die doolhof nie     |
| <b>Algoritmiese beplanning</b>                | Bewegings goed gestruktureer en logies beplan                                    | Beplanning meestal logies                                  | Beplanning onvolledig                                            | Min of geen beplanning nie            |
| <b>Probleem-oplossing en eksperimentering</b> | Aktief getoets, aangepas en kreatiewe oplossings toegepas                        | Sommige aanpassings gemaak                                 | Min aanpassings of idees probeer                                 | Geen poging om oplossings te vind nie |
| <b>Spanwerk en kommunikasie</b>               | Uitstekende samewerking en duidelike verduideliking van idees                    | Goeie samewerking                                          | Gedeeltelike deelname                                            | Geen samewerking nie                  |


Hierdie kontinuering van toetsing, refleksie en verbetering het nie net die tegniese en logiese vaardighede van leerders versterk nie, maar ook hul eksperimenterende en samewerkende denke bevorder. Die siklus het dus die kombinasie van tegniese vaardigheid, kreatiewe eksperimente, samewerking en gestruktureerde beplanning duidelik beklemtoon.

### *7.3.11 Siklus 11: Iteratiewe prototipering en verbeterde koderingsvaardighede*

In hierdie siklus het leerders gefokus op iteratiewe prototipering en die ontwikkeling van gevorderde koderingsvaardighede deur miniatuurmotors te ontwerp, bou en programmeer om spesifieke take uit te voer (sien figuur 21 en 22). Die proses is gestruktureer as 'n siklus van ontwerp, toets, verfyn en hersien, wat leerders se begrip van volgehoue verbetering en herontwerp as kernaspekte van tegnologiese innovasie versterk het.



**Figuur 21. Voorbeelde van miniatuumotorontwerpe**



**Figuur 22. Voorbeeld van miniatuurmotorontwerp en motor**

Tydens die toetsfase het dit duidelik geword dat leerders toenemend selfstandig foute begin identifiseer en doelbewus aanpassings maak. In hierdie verband het Leerder 12 die volgende opgemerk:

Elke keer as die motor nie die taak regkry nie, dink ek na oor wat verkeerd is en probeer iets anders – ek sien nou hoe klein veranderinge 'n groot verskil maak.

Hierdie opmerking dui op die ontwikkeling van reflektiewe probleemoplossing en 'n groeiende begrip van iterasie as leerstrategie. Dit word ondersteun deur my refleksiejoernaalinskrywing van 22 Junie, waarin ek opmerk:

Leerders het hul eie foute opgespoor, verbeterings aangebring en terugvoering van medeleerders geïntegreer – 'n duidelike aanduiding van analitiese en eksperimentele denke in aksie.

Die beskrywings van foutontleding en sistematiese verbetering dui op analitiese denke (kwadrant A), aangesien leerders die logiese struktuur van hul kode ontleed het om optimale funksionaliteit te bereik. Die praktiese implementering van aanpassings aan die miniatuurmotors en die presiese toetsing daarvan weerspieël praktiese denke (kwadrant B), waar orde, akkuraatheid en strukturele integriteit noodsaaklik was. Die integrasie van terugvoering van medeleerders en deelname aan groepsbesprekings het relasionele denke (kwadrant C) versterk, aangesien besluitneming kollektief plaasgevind het. Die bereidheid om alternatiewe oplossings te probeer en nuwe kombinasies van sensors en koderingsopsies te verken, demonstreer eksperimentele denke (kwadrant D).




Ten einde die ontwikkeling van selfregulering verder te ondersoek, is selfassessering as deel van die refleksieproses gebruik. In hierdie verband het Leerder 14 geskryf:

Ek het geleer dat klein aanpassings in die kode en motorontwerp 'n groot invloed op die uitkoms het. Ek verstaan nou beter hoe herhaling en toetsing my kan help om suksesvol te wees.

Hierdie refleksie bevestig dat leerders nie slegs tegniese vaardighede ontwikkel het nie, maar ook 'n dieper begrip van iteratiewe verbetering en metakognitiewe bewuswording verwerf het.


### 7.3.12 Siklus 12: Verkenning van volhoubare oplossings en verbeterde beplanning en ontwerp (3 weke)

Hierdie drieweeksiklus het gefokus op die integrasie van volhoubare ontwerp, kritiese beplanning en kreatiewe probleemoplossing. Groepe het begin deur verskeie putt-putt-baanontwerpe te konseptualiseer en die funksionaliteit, estetika, bruikbaarheid en omgewings-impak van verskillende materiaalopsies sistematies te evalueer. Figuur 23, 24 en 25 toon voorbeelde van hierdie vroeë ontwerpe.




**Figuur 23. Voorbeeld van 'n putt-putt-baanontwerp**





**Figuur 24.** Nog 'n voorbeeld van 'n putt-putt-baanontwerp



**Figuur 25.** 'n Derde voorbeeld van 'n putt-putt-baanontwerp

Reeds tydens die beplanningsfase het leerders analitiese en praktiese denke geïntegreer deur ontwerpbesluite sistematies te oorweeg voordat enige fisiese konstruksie begin het. Hierdie fase was belangrik omdat dit die grondslag gelê het vir doelgerigte, volhoubare ontwerpkeuses in die daaropvolgende bouproses. Leerders het onder meer vergelyk watter ontwerp die grootste stabiliteit sou bied, hoe hellings die bal se bewegings sou beïnvloed en watter materiale bruikbaar maar terselfdertyd volhoubaar sou wees. In my refleksiejoernaal van 2 September merk ek in hierdie verband op:

Groepe vra doelgerig na materiaalsterkte, herbruikbaarheid en omgewingsimpak. Hulle redeneer reeds op 'n vlak waar funksionaliteit en volhoubaarheid gelyktydig weeg.

Hierdie waarneming bevestig dat leerders nie bloot estetiese of praktiese oorwegings maak het nie, maar volhoubaarheidsbeginsels aktief in hul besluitneming geïntegreer het.

Nadat elke groep op 'n voorlopige konsep besluit het, is planne in besonderhede ontwikkel. Ek het volhoubare beginsels doelbewus beklemtoon, en leerders het herwinbare materiaal met LEGO®-komponente gekombineer. Hierdie proses het kreatiewe denke geaktiveer, aangesien groepe unieke maniere gevind het om afvalmateriaal struktureel en esteties funksioneel te benut.

Tydens 'n groepsbespreking oor materiaalkeuses en strukturele stabiliteit het Leerder 19 die volgende opgemerk:

Ons probeer om minder plastiek te gebruik, maar steeds iets te bou wat sterk genoeg is – dis moeilik, maar interessant.

Hierdie opmerking illustreer die spanning tussen strukturele funksionaliteit en volhoubaarheid, asook die bewuste afweging van ontwerpkeuses. Dit dui op analitiese denke in die evaluering van materiaalsterkte, praktiese denke in die oorweging van konstruksie-implikasies, en eksperimentele denke in die soeke na alternatiewe oplossings.

Die groepe het gereeld hul planne aan my voorgelê, terugvoer ontvang en daarna aanpassings maak. Hierdie interaksies het relasionele denke bevorder en 'n samewerkende klasdinamiek geskep waarin elke stem gehoor is en elke voorstel oorweeg is. Die drie weke het geleidelik oorbeweeg van vrye ideevorming na meer gestruktureerde beplanning, wat leerders voorberei het om in die volgende siklus doelgerig en verantwoordelik tot fisiese implementering oor te gaan.

### *7.3.13 Siklus 13: Integrasie vir Kodering en robotika*

In hierdie siklus is projekte na 'n nuwe vlak geneem deur kodering en robotika doelbewus te integreer. Leerders het die ontwerp van hul gholfbane en troeteldiere voortgesit, maar moes nou kodering gebruik om beweging, interaksie en funksionaliteit te beheer.

Byvoorbeeld: In die gholfbaanprojekte het groepe kodering gebruik om die bewegings van 'n meganiese spil te beheer, terwyl troeteldiere reaksie op aanraking of lig getoon het. Leerder 15 het gesê:

Ek verstaan nou hoekom die motor slegs werk as die sensor reg geplaas is – dis soos 'n geheime kombinasie!

Hierdie integrasie het analitiese denke aangespreek, terwyl praktiese denke nodig is om die LEGO®-elemente akkuraat te monteer. Kreatiewe denke het na vore gekom toe groepe nuwe interaktiewe elemente geskep het. Relasionele denke is gestimuleer omdat leerders mekaar se logika moes verstaan, foute bespreek en kode verfyn. Leerder 21 het opgemerk:

Ons het eers nie verstaan hoe die sensor en motor saamwerk nie, maar toe werk dit mooi nadat ons saam besin het.

Hierdie siklus het duidelik gewys dat kodering nie in isolasie bestaan nie, maar funksioneel met ontwerp en samewerking verweef is. Leerders het begin besef dat tegnologie kreatief én verantwoordelik aangewend kan word.


#### *7.3.14 Siklus 14: Toetsing, iterasie en aanbieding*

Die finale siklus het op die toetsing, verfyning en aanbieding van projekte gefokus. Leerders het hul projekte volledig getoets, funksionaliteitskwessies geïdentifiseer, oplossings ontwikkel en herhaaldelik getoets. Figuur 26–28 illustreer voltooide projekte.



**Figuur 26. Voorbeeld van 'n voltooide putt-putt-projek**





**Figuur 27. Nog 'n voorbeeld van 'n voltooide putt-putt-projek**



**Figuur 28. 'n Derde voorbeeld van 'n voltooide putt-putt-projek**

Ek het riglyne saam met die leerders ontwikkel om die toetsing te struktureer en om iteratiewe verbeterings sistematies te beplan. Hulle het begin deur hul projekte volledig te toets en spesifieke funksionaliteitskwessies te identifiseer. Daarna het hulle oplossings ontwikkel, dit geïmplementeer en weer getoets. Die doeltreffendheid van hierdie benadering word deur twee leerders se opmerkings bevestig. Leerder 17 het gesê:

Ons bal rol nie reguit nie, so ons moet die helling aanpas – ek het dit probeer en dit werk beter.

Leerder 23 was van mening dat hulle elke keer iets nuuts leer:

Elke keer as ons iets verander, leer ons nuwe dinge oor hoe die motor en sensor saamwerk.

Leerders is tydens hierdie siklus gedwing om analities en prakties te dink, aangesien hulle voortdurend aandag aan besonderhede moes gee en met presisie moes aanpas om resultate te verbeter.

In hierdie siklus het leerders analitiese en praktiese denke toegepas, aangesien hulle voortdurend aandag aan besonderhede moes gee en presies moes aanpas om resultate te verbeter. Die toetsing het nie slegs op tegniese aspekte gefokus nie, maar ook op volhoubaarheid en bruikbaarheid. Terugvoerprosesse binne groepe het samewerking versterk, aangesien leerders nuwe idees ingebring en ontwerpe aangepas het.

Groepe het hul finale produkte aan die klas aangebied en moes verduidelik watter ontwerp- en koderingskeuses hulle gemaak het, hoe kodering en fisiese ontwerp geïntegreer is, en watter strategieë gebruik is om probleme te oorkom. Hierdie aanbiedings het nie slegs tegniese begrip getoets nie, maar ook leerders se vermoë om hul denke te verwoord en reflektief oor hul leerproses te rapporteer. In hierdie verband het Leerder 20 die volgende opgemerk:

Ek kan nou verduidelik hoekom ons hierdie strategie gebruik het en hoe ons probleme opgelos het – dis soos 'n storie van ons projek.

Hierdie opmerking dui op die ontwikkeling van metakognitiewe bewustheid en kommunikasievaardighede, aangesien die leerder nie slegs die tegniese oplossing verstaan nie, maar ook die onderliggende denkproses kan artikuleer. Dit bevestig dat die aanbiedingsfase as reflektiewe integrasiepunt gefunksioneer het waar analitiese, praktiese en relasionele denke saamgesnoer is.

Die afsluitende refleksie het die waarde van iterasie beklemtoon. Leerders het erken dat aanvanklike foute en mislukkings noodsaaklike dele van die leerproses vorm, en dat die kombinasie van analitiese, praktiese, relasionele en kreatiewe denke nodig is om tegnologieprojekte suksesvol te voltooi.

Assessering is gestruktureer rondom toetsing, iterasie, samewerking en aanbieding. Leerders is beoordeel op hul vermoë om projekte sistematies te toets, probleme te identifiseer, oplossings te ontwikkel en aanpassings deur iterasie toe te pas (tabel 4).

**Tabel 4. Assesseringsrubriek vir projektoetsing en aanbidding**

| Kriteria                                | 4 – Uitstekend                                                                                              | 3 – Goed                                                      | 2 – Redelik                                                         | 1 – Beperk                                                    |
|-----------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------|
| <b>Projektoetsing</b>                   | Alle funksies sistematies getoets; probleme volledig geïdentifiseer en gedokumenteer                        | Die meeste funksies getoets; sleutelfoute geïdentifiseer      | Basiese funksies getoets; sommige probleme nie opgemerk nie         | Min of geen toetsing nie; probleme bly onopgelos              |
| <b>Herhaling en verbetering</b>         | Oplossings kreatief en doeltreffend geïmplementeer; projek toon duidelike verbetering na elke herhaling     | Verbeterings goed toegepas; doeltreffendheid is duidelik      | Sommige aanpassings gemaak; beperkte verbetering                    | Min of geen aanpassings nie; projek toon geen verbetering nie |
| <b>Analitiese en praktiese denke</b>    | Projek toon duidelike logiese beplanning en presiese aanpassings; analitiese en praktiese denke geïntegreer | Redelik logiese beplanning; die meeste aanpassings werk       | Basiese beplanning; aanpassings werk nie altyd effektief nie        | Beplanning en aanpassings minimaal of onfunksioneel           |
| <b>Relasionele denke en samewerking</b> | Groep werk uitstekend saam, deel idees en integreer terugvoer; konstruktiewe kritiek gebruik                | Goeie samewerking en terugvoer; die meeste idees geïntegreer  | Beperkte samewerking; sommige terugvoer gebruik                     | Min of geen samewerking nie; terugvoer nie benut nie          |
| <b>Aanbidding en kommunikasie</b>       | Duidelike, gestruktureerde aanbidding; keuses en strategieë deeglik verduidelik                             | Goeie aanbidding; die meeste keuses en strategieë verduidelik | Basiese aanbidding; slegs dele van keuses of strategieë verduidelik | Swak of geen aanbidding; keuses nie verduidelik nie           |
| <b>Volhoubaarheid en refleksie</b>      | Volhoubare praktyke duidelik toegepas; refleksie toon diep insig in die leerproses                          | Volhoubaarheid oorweeg; refleksie toon goeie begrip           | Beperkte volhoubaarheid en refleksie                                | Volhoubaarheid en refleksie afwesig                           |

Uit tabel 4 kan afgelei word dat die doel van die finale aanbidding en portuurassessering nie bloot was om tegniese vaardighede te versterk en te assesser nie, maar ook om kritiese denke, kreatiewe probleemoplossing, kommunikasie en refleksie te bevorder, versterk en assesser. Dit het daartoe bygedra dat die leerders geleer het om hul eie leerproses doelbewus te evalueer.

Die 14 siklusse het gesamentlik 'n progressiewe en geïntegreerde leerpad geskep waarin leerders stelselmatig hul kodering- en robotikavaardighede ontwikkel het terwyl hulle gelyktydig heel-



breindenke en 21ste-eeuse vaardighede versterk het. Elke siklus het voortgebou op die vorige een en het spesifieke klem geplaas op die ontwikkeling van analitiese, praktiese, relasionele en kreatiewe denke binne realitiese en volhoubare ontwerpkontekste. Die kombinasie van beplanning, prototipering, toetsing, iterasie, aanbieding en refleksie het leerders nie net tegniese kundigheid laat opdoen nie, maar hulle ook toegerus om kompleksiteit en onsekerheid op 'n gestruktureerde en innoverende wyse te hanteer. Hierdie proses het uiteindelik die waarde van die HBDI® tot onderrig bevestig en gewys hoe geïntegreerde kurrikulumontwerp betekenisvolle geleenthede kan skep vir die ontwikkeling van volhoubare oplossings, kritiese denke en kreatiewe probleemoplossing in die konteks van kodering en robotika.

Ter opsomming, word die verband tussen die drie figure en die 14 aksienavorsingsiklusse as volg uiteengesit: Figuur 1 (die HBDI®-kwadrante) dien as teoretiese vertrekpunt wat die diversiteit van denkvoorkeure beskryf. Hierdie kwadrante is vervolgens geïntegreer in figuur 2, wat die kurrikulumontwerpmodel illustreer en aantoon hoe leerervarings gestruktureer is om al vier denkvoorkeure te aktiveer. Figuur 3 bou hierop voort deur die aksienavorsingsiklus te wys wat die praktiese implementering van die ontwerp moontlik maak. Binne elkeen van die 14 siklusse is aktiwiteite spesifiek beplan en uitgevoer volgens die beginsels van figuur 2, met verwysing na die HBDI®-stimulasie soos uiteengesit in figuur 1. Die observasies, refleksies en verbeterings wat tydens elke siklus plaasgevind het, sluit dus aan by die sikliese aard van aksienavorsing (figuur 3), terwyl die inhoud en aktiwiteite in die HBDI® geanker bly (figuur 1). Deur hierdie integrasie is dit moontlik gemaak om die kurrikulum iteratief te verfyn en te verseker dat dit beide teoreties begrond én prakties toepasbaar is.

## 8. Bespreking van bevindinge

Die bevindinge is rondom die hoofnavorsingsvraag en subnavorsingsvrae gestruktureer, en gekoppel aan die bevindinge van die 14 aksienavorsingsiklusse, die HBDI®-kwadrante en die VOD-temas.

Die eerste bevinding in antwoord op die hoofnavorsingsvraag is dat 'n HBDI®-gebaseerde benadering doelbewus en sistematies geïntegreer kan word in 'n graad 4-kurrikulum vir Kodering en robotika wanneer leeraktiwiteite gestruktureer word om analitiese (A), praktiese (B), relasionele (C) en kreatiewe (D) denke gelyktydig te aktiveer binne 'n sikliese aksienavorsingsraamwerk. Die 14 aksienavorsingsiklusse het 'n gestruktureerde leerproses geskep waarin ontwerp, toetsing, refleksie en herontwerp mekaar sistematies opgevolg het. Hierdie sikliese proses het nie bloot tegniese vaardighede ontwikkel nie, maar het 'n geïntegreerde denkraamwerk gevestig waarin leerders verskillende denkmodaliteite moes kombineer om probleme op te los. Die bevinding toon verder dat hierdie geïntegreerde benadering die ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede versterk het, insluitend probleemoplossing, kritiese denke, samewerking en kreatiewe innovasie. Deur die doelbewuste koppeling van leertake aan Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD 4, 5, 8, 9, 10 en 16) is tegnologiese leer eksplisiet binne 'n breër sosiale en volhoubare konteks geplaas. Die integrasie was dus nie toevallig nie, maar sistematies beplan en konsekwent toegepas.

Die tweede bevinding is dat die HBDI®-gebaseerde kurrikulum kognitiewe diversiteit aktief bevorder het deur aktiwiteite te ontwerp wat alle vier denkvoorkeure doelbewus stimuleer. Leerders het analitiese denke toegepas deur motors en sensors te kodeer (A-kwadrant),

praktiese denke deur LEGO®-komponente te manipuleer en strukture te bou (B-kwadrant), relasionele denke deur in groepe saam te werk en terugvoer te integreer (C-kwadrant), en kreatiewe denke deur unieke ontwerpopslossings te ontwikkel (D-kwadrant). Hierdie gelyktydige aktivering van verskillende denkprosesse het 'n inklusiewe leeromgewing geskep waarin uiteenlopende sterkpunte erken en benut is. In hierdie verband het Leerder 5 tydens 'n groepbespreking die volgende opgemerk:

Ons moet saam dink hoe om die wiel reg te stel, anders werk niks nie.

Hierdie opmerking dui op 'n bewustheid van interafhanklikheid en samewerkende probleemoplossing, wat kenmerkend is van die C-kwadrant (relasionele denke). Dit bevestig dat leer nie as 'n individuele aktiwiteit plaasgevind het nie, maar as 'n gedeelde kognitiewe proses waarin verskillende denkvoorkeure geïntegreer is. Die bevinding toon dus dat die kurrikulum nie slegs tegniese vaardighede ontwikkel het nie, maar ook 'n inklusiewe klasdinamiek bevorder het wat direk by VOD 4 (Gehalteonderwys) en VOD 5 (Geslagsgelykheid) aansluit.

Derdens het ek bevind dat sikliese projekte wat kodering, robotika en volhoubare ontwerp kombineer, die ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede betekenisvol versterk het. Veral in siklus 12–14 moes leerders hul projekte sistematies toets, probleme identifiseer, oplossings implementeer en weer toets. Hierdie iteratiewe proses het kritiese denke, probleemoplossing, volharding en veerkragtigheid vereis. In hierdie verband het Leerder 17 tydens die toetsfase die volgende opgemerk:

Ons bal rol nie reguit nie, so ons moet die helling aanpas – ek het dit probeer en dit werk beter.

Hierdie opmerking weerspieël analitiese evaluering (identifisering van die probleem), praktiese aanpassing (verandering van die helling) en reflektiewe evaluering van die resultaat. Dit bevestig dat leerders nie bloot instruksies gevolg het nie, maar selfstandig hipoteses gevorm en getoets het. Die bevinding toon dat tegniese kennis geïntegreer is met praktiese toepassing en sosiale samewerking, wat direk by VOD 8 (Waardige werk en ekonomiese groei) en VOD 9 (Nywerheid, innovasie en infrastruktuur) aansluit, aangesien leerders voorberei word om probleemoplossend en innoverend binne tegnologiese kontekste te funksioneer.

Die vierde bevinding is dat kodering betekenisvol geïntegreer is met ontwerp-, bou- en toetsprosesse, wat leerervaringe konkreet en toepaslik gemaak het. In plaas daarvan dat kodering as 'n afsonderlike tegniese vaardigheid aangebied is, is dit geïntegreer met tasbare projekte soos interaktiewe troeteldiere (siklus 13), waar sensors en motors funksioneel moes saamwerk. In hierdie verband het Leerder 21 tydens refleksie verduidelik:

Ons het eers nie verstaan hoe die sensor en motor saamwerk nie, maar toe werk dit mooi nadat ons saam besin het.

Hierdie opmerking dui op konseptuele begrip wat deur samewerkende refleksie ontwikkel is. Dit illustreer hoe analitiese begrip (hoe komponente funksioneer) en relasionele denke (gesamentlike besinning) geïntegreer is om betekenisvolle leer te fasiliteer. Hierdie bevinding bevestig dat tegnologie-onderrig op laerskoolvlak betekenisvol kan wees wanneer dit konkreet, geïntegreerd en samewerkend gestruktureer word, en ondersteun VOD 4 en 5 deur toeganklike en inklusiewe leergeleenthede te skep.

Die laaste bevinding is dat die ontwerp van die kurrikulum leerervarings doelbewus met Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte belyn het, waardeur leerders tegnologiese ontwerp binne 'n breër etiese en volhoubare raamwerk geplaas het. Tydens siklus 12–14 moes leerders materiaalkeuses, ontwerpbesluite en kodering in lyn bring met beginsels van volhoubaarheid. Die fokus was nie slegs op funksionaliteit nie, maar ook op verantwoordelike materiaalgebruik. In hierdie verband het Leerder 19 tydens 'n groepsbespreking die volgende opgemerk:

Ons probeer om minder plastiek te gebruik, maar steeds iets te bou wat sterk genoeg is – dis moeilik, maar interessant.

Hierdie opmerking toon 'n bewuste spanning tussen funksionaliteit en volhoubaarheid, wat dui op gevorderde kritiese denke. Dit bevestig dat leerders tegniese ontwerp binne 'n sosiale en omgewingsbewuste konteks begin plaas het. Hierdie bevinding wys dat die kurrikulum nie bloot tegnologievaardighede ontwikkel het nie, maar leerders toegerus het om sosiale, ekonomiese en omgewingsuitdagings verantwoordelik te benader, in ooreenstemming met VOD 10 en 16.

## 9. Gevolgtrekking

Daar kan afgelei word dat die HBDI® 'n doeltreffende teoretiese grondslag bied om 21ste-eeuse vaardighede en volhoubare onderrigpraktyke in die Kodering en robotika-kurrikulum vir graad 4-leerders te integreer. Om daarin te slaag, moes ek aksienavorsing, terugwaartse ontwerp en die beginsels van kognitiewe diversiteit in ag neem om 'n handpasgemaakte kurrikulum vir die leerders in my klaskamer te ontwikkel, maar ook om dit in hierdie spesifieke skoolkonteks te implementeer. Die resultate toon dat inklusiewe onderrigstrategieë wat verskillende denkvoorkeure akkommodeer, leerders aktief en betekenisvol by tegnologiegedrewe leer betrek. Daar kan bevestig word dat die HBDI® nie bloot 'n teoretiese model is nie, maar eerder 'n raamwerk vir transformasie bied aangesien pedagogie, kurrikulumontwerp en volhoubare ontwikkeling suksesvol verbind kan word. Ek het verder gedemonstreer hoe die belyning met volhoubare ontwikkelingsdoelwitte (veral VOD 4, 5, 8, 9, 10 en 16) 'n hefboom kan bied om sosiale geregtigheid en ekonomiese deelname in klaskamers te bevorder. Dit verg egter dat onderwys doelgerig en kognitief sensitief gestruktureer moet word.

Die HBDI®-gebaseerde Kodering en robotika-kurrikulum het nie bloot op die ontwikkeling van tegniese vaardighede in Kodering en robotika gefokus nie, maar ook op die ontwikkeling van kritiese denke, kreatiwiteit, samewerking en probleemoplossingsvaardighede. Die projek-gebaseerde leer en praktiese ervarings het leerders ook aangemoedig om kennis in nuwe kontekste toe te pas en as innoverende probleemoplossers op te tree.

Die fokus op VOD's kan gehalteonderwys bevorder, veral ten opsigte van geslagsgelykheid, menswaardige werk en die vermindering van ongelykhede. In die proses kon ek 'n sin van sosiale verantwoordelikheid en etiese bewustheid by leerders kweek. Daar word afgelei dat die kurrikulum 'n brug tussen onderwys en volhoubare ontwikkeling kan bou en geleenthede vir leerders uit diverse agtergronde skep om betekenisvol met tegnologie te werk. Die fokus op geslagsgelykheid en vermindering van ongelykhede het daartoe gelei dat die kurrikulum kon bydra om 'n regverdiger, volhoubare toekoms moontlik te maak.

Die kurrikulum is in een skool met beperkte hulpbronne en 'n klein leerdergroep geïmplementeer en tydsbeperkings kon die diepte van leerervarings beïnvloed. Gevolglik word veralgemening van die bevindinge na ander kontekste beperk. Die volledige beskrywing van die navorsingsproses en resultate kan egter as riglyn dien vir die ontwikkeling van soortgelyke kurrikulums in ander skole.

Aangesien ek as navorser en onderwyser betrokke was, het ek eerstehands waargeneem hoe aktiewe betrokkenheid bevorder is en leerders selfvertroue ontwikkel deur toegang tot inklusiewe, tegnologiese gedrewe leergeleenthede. Aangesien die HBDI<sup>®</sup>-raamwerk waarde toegevoeg het, kan ek dit as praktiese, transformerende model vir ander skole aanbeveel. Toekomstige navorsing kan fokus op die langtermynimpak van die HBDI<sup>®</sup>-gebaseerde Kodering en robotika-kurrikulum of die toepassing daarvan in diverse kontekste. Dit is noodsaaklik om te verstaan hoe toegang tot hoëgehalteonderwys leerders met die nodige vaardighede kan toerus om as verantwoordelike wêreldburgers in 'n vinnig veranderende wêreld te floreer.

## Bibliografie

Aarav, V. 2025. Education as a catalyst for achieving the United Nations sustainable development goals. <https://www.economicdiplomacy.in/post/education-as-a-catalyst-for-achieving-the-united-nations-sustainable-development-goals> (20 Januarie 2025 geraadpleeg).

Amri, S., C. Budiyo en R. Yuana. 2019. Beyond computational thinking: Investigating CT roles in the 21st century skill efficacy. *AIP Conference Proceedings*, 2194(1):020052. International Conference on Mathematics and Science Education, Malang, Indonesië. <https://doi.org/10.1063/1.5139735>.

Barbazzeni, B. 2021. 21st century skills to succeed in industry 4.0: A revised education to prepare future exponentials. ExO Insight. <https://insight.openexo.com/21st-century-skills-to-succeed/> (26 Januarie 2025 geraadpleeg).

Braun, V. en V. Clarke. 2006. Using thematic analysis in psychology. *Qualitative Research in Psychology*, 3(2):77–101.

Budhai, S.S. en L.M. Taddei. 2015. *Teaching the 4Cs with Technology: How do I use 21st century tools to teach 21st century skills?* Aleksandrië, VA: Association for Supervision and Curriculum Development (ASCD).

Creswell, J.W. 2014. *Research Design: Qualitative, Quantitative and Mixed Methods Approaches*. 4de uitgawe. Thousand Oaks, CA: Sage.

Departement van Basiese Onderwys (DBO). 2011. *National Curriculum Statements (NCS) Grades R–12*. <https://www.education.gov.za/Curriculum/NationalCurriculumStatementsGradesR-12.aspx> (20 Desember 2024 geraadpleeg).

—. 2024. *Curriculum and Assessment Policy Statement Coding and Robotics Intermediate Phase*. <https://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=O1vKQbbwwy0%3d&tabid=572&portalid=0&mid=13087&forcedownload=true> (20 Desember 2024 geraadpleeg).

Derry, S.J., R.D. Pea, B. Barron, R.A. Engle, F. Erickson, R. Goldman, R. Hall, T. Koschmann, J.L. Lemke en M.G. Sherin. 2010. Conducting video research in the learning sciences: Guidance on selection, analysis, technology, and ethics. *The Journal of the Learning Sciences*, 19(1):3–53. <https://doi.org/10.1080/10508400903452884>.

Du Toit, P.H. 2013. Social transformation starts with the self: An autobiographical perspective on the thinking style preferences of an educator. *South African Journal of Education*, 33(4):1–12. <https://doi.org/10.15700/201412171325>.

Du Toit-Brits, C. en H. Blignaut. 2019. Posisionering van voortgesette selfgerigte leervaardighede in een-en-twintigste-eeuse onderwys. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(4):512–29. <https://doi.org/10.17159/2224-7912/2019/v59n4a4>.

Global Education Monitoring Report. 2019. Migration, displacement and education: Building bridges, not walls. UNESCO. <https://en.unesco.org/gem-report/report/2019/migration> (20 Januarie 2025 geraadpleeg).

—. 2022. The Whole Brain<sup>®</sup> thinking model. <https://www.thinkherrmann.com/whole-brain-thinking> (20 Julie 2025 geraadpleeg).

Herrmann, N. 1999. The theory behind the HBDI and Whole Brain<sup>®</sup> technology. [https://www.thinkherrmann.com/hubfs/Articles/Theory\\_Behind\\_The\\_HBDI\\_\\_\\_and\\_Whole\\_Brain\\_\\_\\_Technology.pdf](https://www.thinkherrmann.com/hubfs/Articles/Theory_Behind_The_HBDI___and_Whole_Brain___Technology.pdf).

Herrmann-Nehdi, A. 2010. Whole Brain<sup>®</sup> thinking ignore it at your peril. [https://www.thinkherrmann.com/hubfs/UK/Articles\\_UK/Whole\\_Brain\\_THinking\\_\\_\\_Ignore\\_it\\_at\\_Your\\_Own\\_Peril.pdf](https://www.thinkherrmann.com/hubfs/UK/Articles_UK/Whole_Brain_THinking___Ignore_it_at_Your_Own_Peril.pdf).

Kayembe, C. en D. Nel. 2019. Challenges and opportunities for education in the Fourth Industrial Revolution. *African Journal of Public Affairs*, 11(3):79–94. <https://hdl.handle.net/10520/EJC-19605d342e>.

Lathifah, A., C. Budiyanto en R. Yuana. 2019. The contribution of robotics education in primary schools: Teaching and learning. *AIP Conference Proceedings*, 2194(1):020053. American Institute of Physics. <https://pubs.aip.org/aip/acp/article/2194/1/020053/819418/The-contribution-of-robotics-education-in-primary> (22 Julie 2025 geraadpleeg).

Magagula, M.M. en O.A. Awodiji. 2024. The implications of the fourth industrial revolution on technical and vocational education and training in South Africa. *Social Sciences & Humanities Open*, 10, 100896. <https://doi.org/10.1016/j.ssaho.2024.100896>.

McAteer, M. 2013. *Action research in education*. Thousand Oaks, CA: Sage.

McNiff, J. 2016. *You and your action research project*. 4de uitgawe. Routledge. <https://doi.org/10.4324/9781315693620> (22 Julie 2025 geraadpleeg).

Ornstein, A.C. en F.P. Hunkins. 2016. *Curriculum: Foundations, principles, and issues*. 7de uitgawe. New Jersey, NJ: Pearson.

Prinsloo, L. 2024. Coding and robotics for the young child: A developing country's perspective. *EDULEARN24 Proceedings*. pp. 9794–9803. <https://doi.org/10.21125/edulearn.2024.2358>.

SA News. 2022. Big changes for schools in South Africa including new subjects and a specialised curriculum. *BusinessTech*. <https://businesstech.co.za/news/trending/588454/big-changes-for-schools-in-south-africa-including-new-subjects-and-a-specialised-curriculum/> (10 Junie 2025 geraadpleeg).

Stauffer, B. 2020. What are the 4 C's of 21st century skills? <https://www.aeseducation.com/blog/four-cs-21st-century-skills> (10 Junie 2025 geraadpleeg).

—. 2022. What are 21st century skills? <https://www.aeseducation.com/blog/what-are-21st-century-skills> (11 Junie 2025 geraadpleeg).

Tilbury, D. 2011. Education for sustainable development: An expert review of processes and learning. UNESCO. <https://unesdoc.unesco.org/ark:/48223/pf0000191442> (20 Junie 2025 geraadpleeg).

Tyler, R.W. 1949. *Basic principles of curriculum and instruction*. Chicago: University of Chicago Press.

United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation (UNESCO). 2017. *Education for Sustainable Development Goals: Learning Objectives*. UNESCO. <https://unesdoc.unesco.org/ark:/48223/pf0000247444> (12 Junie 2025 geraadpleeg).

Veldman, S., E. Dicks, H. Suleman, J. Greyling, J. Freese en T. Majake. 2021. The status of Coding and Robotics in South African schools. Academy of Science of South Africa. [https://www.youtube.com/watch?v=hMHgnEY-41U&ab\\_channel=AcademyofScienceofSouthAfrica](https://www.youtube.com/watch?v=hMHgnEY-41U&ab_channel=AcademyofScienceofSouthAfrica) (20 Julie 2025 geraadpleeg).

Verenigde Nasies. 2015. Transforming our world: The 2030 Agenda for Sustainable Development. <https://sdgs.un.org/2030agenda> (4 Julie 2025 geraadpleeg).

—. 2022. Envision 2030 Goal 4: Quality Education. <https://www.un.org/development/desa/disabilities/envision2030-goal4.html> (4 Julie 2025 geraadpleeg).

Wiggins, G.P. en J. McTighe. 2005. *Understanding by design*. 2de uitgawe. Alexandrië: Association for Supervision and Curriculum Development (ASCD).

World Bank. 2018. World Development Report 2018: Learning to Realize Education's Promise. <http://hdl.handle.net/10986/28340> (6 Julie 2025 geraadpleeg).

Zohoorian, Z. 2015. A needs analysis approach: An investigation of needs in an EAP context. *Theory and Practice in Language Studies*, 5(1):58. <https://doi.org/10.17507/tp15.050107>.



# Die Hompie Kedompie-dilemma van kurrikulum: 'n verkennende studie van onderwysstudente se kurrikulumbegrip

Chris-Mari Le Hanie

---

Chris-Mari Le Hanie, Departement Opvoedkundestudies, Fakulteit Opvoedkunde, Akademia

---

## *Opsomming*

Die begrip *kurrikulum* word binne die veld van kurrikulumstudies deur 'n veelheid van definisies en perspektiewe gekenmerk. Hierdie konsepsionele meerduidigheid kan vergelyk word met wat Smith (1984) die Hompie Kedompie-dilemma genoem het, naamlik 'n situasie waar 'n woord verskillende betekenisse kan aanneem na gelang van wie dit gebruik. Ten spyte van hierdie teoretiese kompleksiteit word die begrip *kurrikulum* in onderwyspraktik en onderwyseropleiding dikwels vernou tot 'n statiese beleidsdokument of 'n stel voorgeskrewe leerinhoud. Teen hierdie agtergrond ondersoek hierdie artikel hoe onderwysstudente die begrip *kurrikulum* konseptualiseer en hoe hul begrip deur 'n doelgerigte pedagogiese ingreep beïnvloed kan word.

Die artikel volg 'n kwalitatiewe, interpretivistiese navorsingsontwerp en fokus op tweede-jaaronderwysstudente wat ingeskryf is vir 'n kurrikulumstudiesmodule aan 'n hoërondewysinstelling. Data is ingesamel deur middel van reflektiewe forumbydraes voor en na 'n gestruktureerde kontakssessie wat ontwerp is om studente se begrip van *kurrikulum* te verken en te verdiep. Die data is tematies ontleed deur gebruik te maak van Eisner (2012) se basiese kurrikulumoriëntasies as ordeningsraamwerk, terwyl Dillon (2009) se kernkurrikulumvrae as 'n normatief-analitiese lens gedien het.

Die bevindinge dui op 'n betekenisvolle verskuiwing in deelnemers se kurrikulumbegrip. Aanvanklik het die meerderheid deelnemers *kurrikulum* hoofsaaklik as 'n rigiede dokument of stel riglyne beskou. Ná die leeringreep het hul begrip verbreed om *kurrikulum* as 'n dinamiese en kontekstuele pedagogiese praktik te erken wat kennis, vaardighede, waardes en leerervarings integreer. Hierdie verskuiwing resoneer met die beginsel van kurrikulumonderhandeling (Boomer 1978), waarvolgens *kurrikulum* nie as 'n statiese, voorskriftelike entiteit beskou word

wat bloot geïmplementeer moet word nie, maar eerder as 'n dinamiese en konteksgebonde praktyk wat deur die interaksie tussen onderwysers en leerders voortdurend geïnterpreteer word. Deur 'n Eisneriaanse lens kan hierdie beweging verstaan word as 'n verskuiwing weg van 'n tegniese, produkgerigte benadering na 'n meer praktykgerigte en ervaringsgebaseerde siening van *kurrikulum*, waarin die gehalte van leerervarings en die gebruik van professionele oordeel sentraal staan (Eisner 2012). Hierdie verdieping in denke word verder belig deur Dillon (2009) se vyf kurrikulumvrae, aangesien deelnemers se denke ontwikkel het van 'n beperkte fokus op *wat* onderrig word na 'n meer samehangende en metakognitiewe besinning oor *hoe*, *waarom*, *vir wie* en *met watter waardes* kurrikulum binne spesifieke kontekste gestalte kry. Die artikel illustreer hoe doelgerigte pedagogiese betrokkenheid kan bydra tot die ontwikkeling van 'n meer genuanseerde begrip van *kurrikulum* en beklemtoon die belangrikheid daarvan om toekomstige onderwysers as aktiewe en deurlopende interpreteerders en medeontwikkelaars van kurrikulum op mikrovlak te posisioneer.

**Trefwoorde:** hoër onderwys; kurrikulum; kurrikulumgeletterdheid; onderwysopleidingsprogramme; onderwysstudente

### **Abstract**

#### **The Humpty Dumpty dilemma of curriculum: an exploratory study of pre-service teachers' understanding of curriculum**

The concept of *curriculum* has long been recognised as one of the most contested and conceptually complex constructs within curriculum studies. Unlike natural phenomena, *curriculum* does not exist independently of human interpretation and cultural context. Rather, it is a socially constructed concept shaped by philosophical assumptions, educational ideologies, policy frameworks, and pedagogical practices. Scholars have noted that the term *curriculum* carries multiple meanings, depending on theoretical orientation and contextual interpretation. This conceptual plurality is captured metaphorically in what Smith (1984) called the Humpty Dumpty dilemma, drawing on Lewis Carroll's character who asserts that words mean whatever the speaker chooses them to mean. In *curriculum* discourse this dilemma reflects the persistent challenge that *curriculum* is interpreted differently by scholars, policymakers, and practitioners. Despite this theoretical richness, *curriculum* is often understood in educational practice in a narrow and technical sense, typically reduced to policy documents, syllabi, or prescribed content which teachers must deliver. Such reductionist understandings can limit teachers' professional agency and obscure the dynamic nature of *curriculum* as lived pedagogical practice.

Within the South African education system the complexity surrounding the concept of *curriculum* is further intensified by a history of significant curriculum reform and policy transformation. Since the democratic transition, multiple curriculum frameworks have been introduced, each reflecting shifting educational priorities and societal expectations. These developments have placed teachers in a central position as interpreters and implementers of *curriculum* within diverse and often unequal educational contexts. Consequently, teacher education programmes carry a critical responsibility to develop future teachers' capacity to engage thoughtfully and critically with *curriculum*. However, research suggests that many pre-service teachers initially approach *curriculum* primarily as a prescriptive policy framework rather than as a dynamic process of teaching and learning. Against this background, the present

study explores how pre-service teachers conceptualise the notion of curriculum and how their understanding may evolve through targeted engagement with curriculum theory within a teacher education programme.

The purpose of the article was to investigate the conceptualisations of *curriculum* among second-year pre-service teachers enrolled in a Bachelor of Education programme at a higher education institution. More specifically, the study sought to examine how these students initially understand the concept of curriculum and how their understanding changes following a structured learning intervention within a curriculum studies module. The study therefore aimed to contribute to the broader discourse on curriculum understanding within teacher education by examining the processes through which students' conceptual frameworks develop when they engage with theoretical perspectives and reflective learning activities.

The article was theoretically informed by two complementary frameworks drawn from the field of curriculum studies. The first framework was Eisner's (2012) typology of five basic orientations to *curriculum*. Eisner identifies five dominant ways in which *curriculum* can be conceptualised, namely academic rationalism, technical rationality, personal relevance, social adaptation and reconstruction, and the development of cognitive processes. These orientations reflect different philosophical assumptions about the nature of knowledge, the purpose of education, and the role of teachers within curriculum practice. By distinguishing between these orientations, Eisner's framework provides a useful conceptual map through which diverse curriculum perspectives can be understood and compared. In this study, Eisner's orientations served as an organising framework for categorising and interpreting students' responses.

To deepen the analysis, the study also drew on Dillon's (2009) formulation of five core curriculum questions, which function as a normative and analytical lens for examining curriculum thinking. Dillon argues that every curriculum decision implicitly addresses five fundamental questions: what should be taught, who should decide what is taught, how it should be taught, to whom it should be taught, and for what purpose it should be taught. These questions foreground the epistemological, pedagogical and ethical dimensions of curriculum deliberation and highlight the importance of reflective professional judgement in curriculum practice. In the context of this study, Dillon's questions were used to interpret how students' responses reflected underlying assumptions about knowledge, authority, pedagogy, and educational purpose.

The study employed a qualitative research design situated within an interpretivist paradigm. An interpretivist approach was considered appropriate because the study sought to explore participants' subjective interpretations and meaning-making processes regarding the concept of *curriculum*. Rather than measuring predefined variables, the research aimed to understand how students construct meaning around the concept of *curriculum* and how these meanings shift through engagement with theoretical ideas and pedagogical dialogue. The participants were second-year pre-service teachers enrolled in Foundation Phase and Intermediate Phase teacher education programmes at a private higher education institution. The accessible population included seventy students registered for a curriculum studies module, of whom thirty-one voluntarily participated in the study after providing informed consent.

Data were collected through a structured forum activity conducted on the Moodle learning management system. The activity formed part of a contact session designed both as a learning experience and as an opportunity for data generation. The pedagogical design of the session

followed a three-phase structure consisting of an entry phase, an engagement phase, and a reflective phase. During the entry phase, students were asked to articulate their personal understanding of the term *curriculum* in their own words and to respond to the posts of at least two peers. This activity allowed the researcher to capture students' initial conceptualisations and encouraged dialogue among participants. Before the contact session students were also required to engage with prescribed readings and multimedia resources addressing various perspectives on curriculum theory.

During the engagement phase an interactive contact session was facilitated in which students discussed the concept of curriculum and explored different theoretical perspectives. The session included guided discussion, questioning and reflection aimed at challenging and expanding students' initial assumptions. Through these activities, students were introduced to the idea that *curriculum* is not limited to policy documents but encompasses a range of experiences, interactions and pedagogical processes. The reflective phase required students to revisit their original forum post and provide a revised description of *curriculum* after the learning session. Students were also asked to reflect explicitly on how and why their understanding had changed. This reflective process encouraged metacognitive awareness and allowed the researcher to examine shifts in conceptual understanding.

The data were analysed using a thematic approach guided by the conceptual frameworks described earlier. Eisner's curriculum orientations were used as an organising structure to identify patterns in students' responses, while Dillon's core curriculum questions provided an interpretive lens for examining the assumptions underlying students' conceptualisations. This dual analytical approach enabled the researcher to explore both the content of students' definitions and the deeper normative assumptions embedded within them.

The findings reveal a clear shift in students' understanding of *curriculum* following the learning intervention. In their initial responses, the majority of participants described *curriculum* in narrow and technical terms. A curriculum was typically characterised as a formal document, a structured plan, or a set of guidelines issued by educational authorities. Students often emphasised the role of the Department of Education in determining what should be taught and when it should be taught. These responses reflect a predominantly technical orientation to *curriculum* in which teaching is viewed primarily as the transmission of predetermined knowledge within a structured framework.

Following the learning session, however, students' conceptualisations of *curriculum* became noticeably broader and more nuanced. Many participants began to describe a curriculum not only as a document but also as a process involving interactions, experiences and contextual interpretation. Students increasingly recognised that *curriculum* includes the development of skills, values, and critical thinking alongside academic knowledge. They also acknowledged that teachers play an important role in interpreting and adapting a curriculum within specific classroom contexts. These responses suggest a movement toward more process-oriented and socially responsive conceptions of curriculum aligned with theoretical perspectives associated with scholars such as Stenhouse, Freire, and Dewey.

The findings illustrate how engagement with curriculum theory can contribute to more sophisticated understandings of *curriculum* among pre-service teachers. The study shows that even a relatively short pedagogical intervention can stimulate meaningful conceptual shifts when students reflect critically on their assumptions and engage with diverse theoretical

perspectives. In this sense the study highlights the importance of integrating theoretical reflection and dialogue within teacher education programmes.

The study contributes to the field of curriculum studies in several ways. Theoretically, it reinforces the argument that teachers should be understood as active curriculum agents rather than passive implementers of policy. Empirically, it provides evidence of how pre-service teachers' conceptualisations of *curriculum* can evolve through structured engagement with curriculum theory. Conceptually, the study emphasises the need for ongoing dialogue about curriculum within teacher education and higher education institutions more broadly.

In conclusion, the article illustrates how the Humpty Dumpty dilemma of *curriculum* is reflected in the initial understandings of pre-service teachers, who often interpret *curriculum* in narrow and prescriptive terms. However, the findings also demonstrate that engagement with theoretical perspectives and reflective learning activities can foster more complex and dynamic conceptualisations of *curriculum*.

By developing a deeper understanding of *curriculum* as a contextual and interpretive practice, pre-service teachers may be better equipped to exercise professional judgement and to respond meaningfully to the diverse realities of contemporary classrooms. Importantly, this shift also underscores the need for the cultivation of a continuous curriculum culture (CCC) in which curriculum engagement is not viewed as a one-off acquisition of knowledge, but as an ongoing, reflective and collaborative practice. Such a culture supports the sustained development of curriculum literacy and positions teachers as active interpreters and co-constructors of curricula within their specific contexts.

**Keywords:** curriculum; curriculum literacy; higher education; pre-service teachers; teacher education programmes

## 1. Inleiding

Smith (1984:103) het die frase “Humpty Dumpty dilemma” gebruik om gesprekke oor die betekenis van *kurrikulum* te vergelyk met die verwarrende gesprek tussen Alice en Hompie Kedompie in Lewis Carroll se *Through the looking-glass and what Alice found there*. In daardie verhaal ervaar Alice die gesprek as deurmekaar, aangesien Hompie Kedompie se woorde vir haar geen vaste betekenis het nie. Hompie Kedompie sê immers: “When I use a word, it means just what I choose it to mean – nothing more, nothing less.” Hierdie metafoer illustreer die wyse waarop die begrip *kurrikulum* dikwels uiteenlopend vertolk word.

Daarteenoor voer Egan (1978:16) aan dat “Unlike the Grand Canyon, curriculum is not a thing of nature, but of culture.” Hierdie siening plaas *kurrikulum* binne die sfeer van menslike betekenisvorming: nie as 'n vaste, natuurlike gegewe nie, maar as 'n kultureel gesitueerde konstruk wat deurlopend gevorm, bevraagteken en vernuwe word. *Kurrikulum* verkry betekenis deur die wyse waarop opvoedkundige rolspelers dit vertolk en in die praktyk laat realiseer.

In hierdie konteks beklemtoon Schubert (1986) dat *kurrikulum* eerder gekarakteriseer as gedefinieer behoort te word, aangesien karakterisering 'n ruimer beskouing bied op wat 'n kurrikulum kan wees en hoe dit vorm aanneem. Kelly (1999) en Ornstein en Hunkins (2009),



Su (2012) en Walker (2014) wys daarop dat die talryke omskrywings die veld van kurrikulumstudies stuksgewys en soms verwarrend laat voorkom. Daarteenoor beskou Breault en Marshall (2010) hierdie verskynsel as 'n teken van groei, verdieping en voortgaande betekenisvorming binne die veld.

In Suid-Afrika word hierdie dinamika verder bemoeilik deur 'n ryk kurrikulumgeskiedenis wat oor verskeie beleidsiklusse en 'n reeks van episodes strek en sigbaar is op makro-, meso- en mikrovlak (Scott 2008). In hierdie gelaagde werklikheid vervul onderwysers 'n kernrol as kurrikulumagente en -ontwikkelaars. Dit is noodsaaklik dat hulle doelbewus met kurrikulumgeletterdheid toegerus word om effektief op mikrovlak te kurrikuleer (Carl 2024).

Pratt (1980) beklemtoon reeds dat *kurrikulum* die primêre domein van die onderwyser is en dat kurrikulumdenke so oud soos die onderwys self is. Kurrikula word dus nie slegs in beleid of dokumentasie aangetref nie (Kelly 1999), maar kry gestalte in die daaglikse pedagogiese handeling van onderwysers (Le Grange 2014). Kurrikulumgeletterdheid bemagtig onderwysers om doelgerig op mikrovlak te kurrikuleer deur doelstellings en oogmerke te formuleer, 'n situasie-ontleding te doen, inhoud te selekteer en te orden, gepaste pedagogiese praktyke te kies, en deurlopend oor onderrig en leer te besin en dit te evalueer (Carl 2024).

Ten spyte hiervan ontstaan daar 'n beduidende paradoks. Alhoewel *kurrikulum* sentraal staan tot onderwyspraktyk, word daar binne onderwyseropleiding en skoolkontekste dikwels aangeneem dat die betekenis daarvan vanselfsprekend en eenduidig is. Die literatuur dui egter op die teendeel en beklemtoon die konseptuele onsekerheid rondom die begrip *kurrikulum* (Su 2012). Hierdie spanning tussen teoretiese kompleksiteit en praktiese aannames onderstreep die dringende behoefte aan 'n doelgerigte fokus op kurrikulumgeletterdheid binne die Suid-Afrikaanse onderwyseropleidingslandskap.

## 2. Probleemstelling

Die begrip *kurrikulum* ontbeër 'n enkele, algemeen aanvaarde omskrywing. Vroeë kurrikulumdenkers het reeds fundamentele vrae gestel oor of 'n kurrikulum bloot 'n bloudruk, 'n stel doelwitte en beginsels, 'n inhoudelike dokument of 'n geheel van leerervarings is (Ei-Astal 2023; Egan 1978; Kelly 1999; Maxwell 2002; Su 2012). Die literatuur dui daarop dat uiteenlopende en soms teenstrydige omskrywings van *kurrikulum* gelyktydig funksioneer, wat konseptuele onsekerheid binne die veld van kurrikulumstudies versterk (Ei-Astal 2023; Su 2012).

Internasionale en nasionale onderwystendense, soos massifikasie, standaardisering en arbeidsmarkbelyning, het hierdie konseptuele veelheid verder verdiep, veral binne ongelyke en gedifferensieerde kontekste soos Suid-Afrika (Barnett 2000; Le Hanie 2021). Ten spyte van hierdie teoretiese kompleksiteit word die betekenis van *kurrikulum* in onderwyseropleiding en skoolpraktyk egter dikwels vernou tot vakinhoud of beplande onderrigaktiwiteite, wat 'n tegniese en instrumentele benadering tot *kurrikulum* bevorder (Lunenburg 2011; Azar en Hosseini 2024).

Hierdie reduksie beperk professionele agentskap en konteksbewustheid, juis in uiteenlopende en veranderende onderwysomstandighede (Lunenburg 2011). Carl (2024) beklemtoon daarom dat onderwysers doelbewus bemagtig behoort te word as kurrikulumontwikkelaars op mikrovlak,



aangesien hulle kurrikula binne spesifieke skool- en gemeenskapsomgewings vertolk, aanpas en tot stand bring. Die kernprobleem lê dus in die spanning tussen teoretiese kurrikulumveelheid en die praktiese verenging van die kurrikulumbegrip – 'n spanning wat die noodsaaklikheid van sistematiese kurrikulumgeletterdheid in onderwyseropleiding onderstreep.

### 3. Navorsingsvrae

Die onderstaande navorsingsvrae het die fokus van hierdie artikel gerig.

#### 3.1 Hoofnavorsingsvraag

Hoe kan kurrikulumgeletterdheid binne onderwyseropleiding by hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika gekonseptualiseer en bevorder word?

#### 3.2 Subnavorsingsvrae

Tot watter mate en op watter wyse het tweedejaaronderwysstudente se konseptualisering van die begrip *kurrikulum* na afloop van 'n opleidingsingreep in kurrikulumstudies verander?

Hoe kan die begrip *kurrikulum* gekonseptualiseer word om 'n meer omvattende opvatting daarvan by onderwysstudente te ondersteun?

Hoe kan kurrikulumgeletterdheid sinvol in onderwyseropleiding geïntegreer word om studente se begrip en hantering van *kurrikulum* te versterk?

### 4. Navorsingsdoelwitte

Die doel van hierdie artikel is om die rol van kurrikulumgeletterdheid binne onderwyseropleiding by hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika te ondersoek. Die artikel bepaal verder hoe tweedejaaronderwysstudente se konseptualisering van *kurrikulum* verander as gevolg van 'n opleidingsingreep in kurrikulumstudies. Daarbenewens verken die artikel hoe die begrip *kurrikulum* gekonseptualiseer kan word om 'n meer omvattende verstaan daarvan te bevorder, asook hoe kurrikulumgeletterdheid sinvol binne onderwyseropleiding geïntegreer kan word om toekomstige onderwysers se kurrikulumbegrip en -praktyk te versterk om sodoende op te tree as interpreteerders en medeskeppers van kurrikula.

## 5. Teoretiese onderbou

### 5.1 Eisner (2012) se basiese oriëntasies tot kurrikulum as ordeningsraamwerk

Hierdie artikel maak gebruik van Eisner (2012) se basiese oriëntasies tot 'n kurrikulum as 'n konseptuele ordeningsraamwerk. Hy onderskei tussen vyf dominante kurrikulumoriëntasies, naamlik die tegniese rasionaliteit, akademiese rasionaliteit, persoonlike relevansie, sosiale aanpassing en rekonstruksie, en die ontwikkeling van kognitiewe prosesse. Hierdie oriëntasies verteenwoordig nie bloot metodologiese verskille nie, maar onderliggende aannames oor die aard van kennis, die doel van onderwys en die rol van die onderwyser binne 'n kurrikulum-perspektief.

Elk van hierdie oriëntasies word kortliks verduidelik.

Vanuit 'n akademiese-rasionaliteit-oogpunt is die doel van 'n opvoedkundige instelling die bevordering van intellektuele ontwikkeling deur die sistematiese bestudering van gevestigde kennisdissiplines en die ontwikkeling van dissiplinêre denke. Die persoonlike-relevansie-oriëntasie plaas die individu sentraal en beklemtoon die leerder se persoonlike groei, self-ontplooiing en betekenisvolle leerervarings. Vanuit 'n perspektief van sosiale aanpassing en rekonstruksie word 'n kurrikulum gesien as 'n middel waardeur leerders voorberei word om verantwoordelik in die samelewing te funksioneer en krities by sosiale vraagstukke betrokke te raak. Die tegniese oriëntasie fokus op doeltreffende beplanning, duidelike leerdoelwitte en meetbare uitkomst binne die kurrikulum. Die ontwikkeling van kognitiewe prosesse beklemtoon die bevordering van denkvaardighede soos ontleding, probleemoplossing en kritiese besinning.

Eisner (2012) se tipologie kan metodologies gemotiveer word as 'n heuristiese instrument eerder as 'n normatiewe klassifikasie. Dit beteken dat die oriëntasies aangewend word om teoretiese posisies sistematies te orden en vergelykbaar te maak sonder om die epistemologiese kompleksiteit van individuele teoretici tot vaste kategorieë te reduceer. Hierdie ordeningsraamwerk dra by tot:

- Konseptuele helderheid: Eisner bied 'n sistematiese wyse om uiteenlopende teoretiese perspektiewe te onderskei op grond van hul onderliggende aannames oor kennis en doel.
- Vergelykende ontleding: Die oriëntasies maak dit moontlik om teoretici in verhouding tot mekaar te plaas eerder as bloot histories te beskryf.
- Didaktiese funksionaliteit: Die raamwerk fasiliteer die ontwikkeling van 'n gestruktureerde tabel waarin oriëntasies sigbaar gemaak kan word vir verdere kritiese ontleding.

Alhoewel Eisner se oriëntasies in hierdie artikel as 'n ordeningsraamwerk aangewend word, dui sy beskouing van die nul-kurrikulum (Eisner 1979) daarop dat *kurrikulum* nie ten volle binne vaste kategorieë vasgelê kan word nie. Hierdie perspektief beklemtoon die gelaagde aard van kurrikula en dien as 'n belangrike herinnering aan die beperkinge wat enige tipologiese indeling inhou. In aansluiting hierby word erken dat Eisner se 2012-raamwerk nie alle epistemologiese of politieke dimensies van *kurrikulum* volledig kan verreken nie, aangesien sekere teoretici oor die grense van enkelvoudige oriëntasies beweeg en sommige paradigmas – veral postmoderne en kritiese tradisies – juis die idee van vaste tipologieë bevraagteken. Om hierdie beperking te ondervang, word 'n aanvullende teoretiese lens aangewend.

## 5.2 Dillon (2009) se kernvrae as normatief-analitiese lens

Terwyl Eisner (2012) die strukturele ordening van kurrikulumoriëntasies verskaf, word die kritiese ontleding van hierdie oriëntasies geanker in die kernvrae wat deur Dillon (2009) in die studie *The questions of curriculum* geformuleer is. Hierdie vrae verskuif die fokus vanaf blote metodologiese ontwerp na die epistemologiese, normatiewe en magsdimensies van *kurrikulum*. Waar Eisner (2012) help om oriëntasies uit te wys, maak Dillon (2009) dit moontlik om daardie oriëntasies krities te ondersoek op grond van hul implisiete aannames oor kennis en gesag. Dillon redeneer dat elke kurrikulêre handeling en beleid fundamenteel op vyf interdisiplinêre en onderling verweefde vrae behoort te berus:

- Wat behoort onderrig te word?
- Wie behoort te besluit wat onderrig word?
- Hoe behoort dit onderrig te word?
- Aan wie behoort dit onderrig te word?
- Met watter doel behoort dit onderrig te word?

Hierdie vrae dien as normatiewe en analitiese merkers wat opvoeders, kurrikulumontwikkelaars en onderwysleiers noop om die aard, doel en inhoud van onderrig voortdurend te bevraagteken. Die raamwerk impliseer dat opvoedkundige praktyke nie as tegniese uitvoering van vooraf gesentraliseerde voorskrifte verstaan moet word nie, maar as aksies van agentskap, betekenisgewing en pedagogiese oordeel (Dillon 2009). *Kurrikulum* word daarom nie gereduseer tot administratiewe dokumentasie nie, maar 'n kurrikulum word eerder gesien as die resultaat van gedurige refleksie, onderhandeling en professionele wysheid. In hierdie artikel dien Dillon se kernvrae dus as die analitiese lens waardeur elke oriëntasie bevraagteken en ontleed word. Dit beteken dat Eisner (2012) se oriëntasies nie as eindpunt dien nie, maar as vertrekpunt vir verdere normatiewe ondersoek.

Die onderstaande tabel dien as 'n metateoretiese kaart van kurrikulumdenke waarin kurrikulumteoretici nie bloot histories gerangskik word nie, maar epistemologies geposisioneer word binne Eisner(2012) se oriëntasies en bevraagteken word deur Dillon se kernkurrikulumvrae. Aangesien hierdie artikel spesifiek binne 'n Suid-Afrikaanse konteks gesitueer is, word Suid-Afrikaanse kurrikulumteoretici doelbewus ingesluit. Hierdie insluiting erken dat kurrikulumdenke nie konteksloos funksioneer nie, maar histories, polities en sosiaal ingebed is binne spesifieke nasionale en globale werklikhede.

Terselfdertyd word erken dat die veld van kurrikulumstudies wesenlik breër is as die seleksie wat hier aangebied word. Daar bestaan 'n omvangryke spektrum van kurrikulumteoretici wat betekenisvolle bydraes tot die dissipline gelewer het. Die voorgestelde metakaart maak dus nie aanspraak op volledigheid nie, maar bied eerder 'n konseptuele grondslag waarbinne kernoriëntasies, epistemologiese aannames en onderliggende normatiewe vertrekpunte sigbaar gemaak en uitgebrei kan word.

Tabel 1. Metateoretiese kaart van kurrikulumdenke

| Eisner (2012) se basiese oriëntasies tot <i>kurrikulum</i> as ordeningsraamwerk | Kurrikulum-teoretici | Kurrikulumperspektief en -doel                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 | Belangrike werke van die kurrikulumteoretici                                                   | Verbinding met Dillon (2009) se kernkurrikulumvrae                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    |
|---------------------------------------------------------------------------------|----------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Akademiese rasionaliteit                                                        | Arend Carl           | Sistematiese en professionele kurrikulumontwikkeling binne die Suid-Afrikaanse konteks; balans tussen teorie en praktyk word beklemtoon deur die fokus te plaas op die bemagtiging van die onderwyser as mikrovlakkurrikulumontwikkelaar.                                                                                                                                      | <i>Teacher empowerment through curriculum development</i> (1995; 2002; 2009; 2012; 2017; 2024) | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Disiplinêr gefundeerde en opvoedkundige kennis.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Beleidsraamwerke bied rigting, maar onderwysers neem professionele interpretatiewe besluite. Onderwysers tree op as kurrikulumontwikkelaars op mikrovlak.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur reflektiewe en teoreties ingeligte pedagogie.</li> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Alle leerders, met erkenning van diversiteit en kontekstuele behoeftes.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Ontwikkeling van kennis, professionele oordeel en verantwoordelike burgerskap.</li> </ul>                                                                                  |
| Persoonlike relevansie                                                          | Lawrence Stenhouse   | Sterk fokus op die proses van leer en ondersoekgebaseerde leer. Hy was gekant daarteen dat <i>kurrikulum</i> gefokus moet wees op behavioristiese doelwitte. Stenhouse se siening van <i>kurrikulum</i> staan bekend as die prosesbenadering. Onderwysers word geag as agente van verandering en lewenslange navorsers om aan te pas by snel groeiende veranderende kontekste. | <i>An introduction to curriculum research and development</i> (1975)                           | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Inhoud is belangrik, maar die ondersoek en proses van vorming van kennis en idees is sentraal.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Onderwysers speel 'n aktiewe rol as kurrikulumontwikkelaars en navorsers. Onderwysers se vermoë om onderrig- en leerpraktyke aan te pas volgens 'n gegewe konteks word beklemtoon.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur ondersoekende, dialogiese en besinnende pedagogie.</li> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Alle leerders as aktiewe deelnemers aan kennisondersoek.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Ontwikkeling van kritiese denke, intellektuele outonomie en professionele konteksgebaseerde leer.</li> </ul> |

| Eisner (2012) se basiese oriëntasies tot <i>kurrikulum</i> as ordeningsraamwerk | Kurrikulum-teoretici | Kurrikulumperspektief en -doel                                                                                                                                                                                                                                           | Belangrike werke van die kurrikulumteoretici          | Verbinding met Dillon (2009) se kernkurrikulumvrae                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |
|---------------------------------------------------------------------------------|----------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Persoonlike relevansie                                                          | William Doll         | Hy stel vier kenmerke van 'n postmoderne kurrikulum voor: rykheid, herhalende verdieping, verhoudings, intellektuele strengheid. <i>Kurrikulum</i> word gekenmerk as 'n komplekse, oop en selforganiserende proses wat lineêre doelwit-gebaseerde rasionaliteit verwerp. | <i>A post-modern perspective on curriculum</i> (1993) | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Ryk en oop kennis wat persoonlike interpretasie moontlik maak.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Dialoog tussen onderwyser en leerders vorm die kurrikulum dinamies.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur reflektiewe, dialogiese en hermeneutiese pedagogie.</li> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Leerders as unieke betekenisvormers binne leerprosesse.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Ontwikkeling van selfrefleksie, identiteit en transformerende betekenis.</li> </ul>                                      |
|                                                                                 | William Pinar        | <i>Kurrikulum</i> as geleefde, outobiografiese en hermeneutiese ervaring; fokus op subjektiewe betekenisvorming                                                                                                                                                          | <i>Understanding curriculum</i> (1995)                | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Kennis wat besinning oor self, geskiedenis en samelewing moontlik maak.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Nie slegs beleid nie; die individuele ervaring en interpretasie vorm die geleefde kurrikulum.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur outobiografiese selfrefleksie, dialoog en kritiese interpretasie.</li> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Leerders as unieke, histories gesitueerde subjekte.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Ontwikkeling van self-verstaan, identiteit en kritiese bewussyn.</li> </ul> |
| Sosiaal aanpassing en rekonstruksie                                             | Paulo Freire         | Kurrikulum as kritiese bevrydingspraktyk; transformasie van onregverdige sosiale strukture                                                                                                                                                                               | <i>Pedagogy of the oppressed</i> (1970)               | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Alledaagse temas wat uit leerders se werklikheid en sosiale konteks spruit. Sterk klem word gelê op algemene kennis.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Besluitneming is dialogies; leerders en onderwysers identifiseer saam betekenisvolle inhoud.</li> </ul>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                             |

| Eisner (2012) se basiese oriëntasies tot <i>kurrikulum</i> as ordeningsraamwerk | Kurrikulum-teoretici | Kurrikulumperspektief en -doel                                                                                                                                                   | Belangrike werke van die kurrikulumteoretici                                  | Verbinding met Dillon (2009) se kernkurrikulumvrae                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    |
|---------------------------------------------------------------------------------|----------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Sosiaal aanpassing en rekonstruksie                                             | Paulo Freire         | Kurrikulum as kritiese bevrydingspraktyk; transformasie van onregverdigde sosiale strukture                                                                                      | <i>Pedagogy of the oppressed</i> (1970)                                       | <ul style="list-style-type: none"> <li><i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur dialoog, probleemstelling en kritiese refleksie.</li> <li><i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Gemarginaliseerde en onderdrukte groepe sowel as alle leerders as historiese agente.</li> <li><i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Ontwikkeling van kritiese bewussyn en sosiale transformasie.</li> </ul>                                                                                                                                                                                                                                                                                |
|                                                                                 | Michael W. Apple     | Kritiese ontleding van <i>kurrikulum</i> as 'n ideologiese konstruk; fokus op mag en kennis binne onderrig- en leerpraktyke                                                      | <i>Ideology and curriculum</i> (1979); <i>Official knowledge</i> (1993)       | <ul style="list-style-type: none"> <li><i>Wat behoort onderrig te word?</i> Seleksie van kennis is ideologies; sekere kennis word bevooroordeel.</li> <li><i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Beleids- en magstrukture speel 'n dominante rol, maar kan bevraagteken word.</li> <li><i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Kritiese pedagogie wat ideologie en mag ontbloom.</li> <li><i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Alle leerders, met besondere aandag aan gemarginaliseerde groepe.</li> <li><i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Bevordering van demokratiese deelname, kritiese bewussyn en sosiale geregtigheid.</li> </ul>                        |
|                                                                                 | John Dewey           | Ervaringsgebaseerde, demokratiese kurrikulum; onderwys as sosiale vernuwing. Kurrikulum word beskryf as 'n deurlopende rekonstruksie vanuit die leerder of student se ervarings. | <i>Democracy and education</i> (1916); <i>Experience and education</i> (1938) | <ul style="list-style-type: none"> <li><i>Wat behoort onderrig te word?</i> Kennis en ervarings wat deelname aan 'n demokratiese samelewing bevorder.</li> <li><i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Onderwysers fasiliteer seleksie in dialoog met leerders en gemeenskaplike behoeftes.</li> <li><i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur ervaringsleer, samewerking en probleemoplossing.</li> <li><i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Alle leerders as burgers-in-wording binne 'n demokratiese gemeenskap.</li> <li><i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Bevordering van demokratiese deelname, sosiale groei en gedeelde probleemoplossing.</li> </ul> |



| Eisner (2012) se basiese oriëntasies tot kurrikulum as ordeningsraamwerk | Kurrikulum-teoretici | Kurrikulumperspektief en -doel                            | Belangrike werke van die kurrikulumteoretici                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           | Verbinding met Dillon (2009) se kernkurrikulumvrae                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              |
|--------------------------------------------------------------------------|----------------------|-----------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Sosiaal aanpassing en rekonstruksie                                      | George S. Counts     | Onderwys as instrument vir doelbewuste sosiale hervorming | <i>Dare the school build a new social order?</i> (1932)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Inhoud wat sosiale probleme en ongelykhede aanspreek.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Onderwysers en samelewing behoort doelbewus kurrikula te vorm om sosiale verandering te bevorder.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Kritiese bespreking van sosiale kwessies en demokratiese dialoog.</li> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Alle leerders as toekomstige burgers en agente van verandering.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Skep van 'n meer regverdige en demokratiese samelewing.</li> </ul>              |
|                                                                          | Lesley Le Grange     | Gedekolonialiseerde en posthumanistiese kurrikulumdenke   | <p><i>Currere's active force and the Africanisation of the university curriculum</i> (2014)</p> <p><i>Decolonising the university curriculum: Leading article</i> (2016)</p> <p><i>Decolonising, Africanising, indigenising, and internationalising curriculum studies: Opportunities to (re)imagine the field</i> (2018)</p> <p><i>Currere's Active Force and the concept of ubuntu</i> (2018)</p> <p><i>Decolonising the university curriculum: The what, why and how</i> (2020)</p> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Veelvoudige kennisvorme, insluitend inheemse en gemarginaliseerde epistemologie.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Besluitneming behoort inklusief te wees en verskeie epistemiese gemeenskappe te betrek.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur dialogiese en transdissiplinêre pedagogie.</li> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Diverse leerders binne 'n postkoloniale en multikulturele konteks.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Epistemiese geregtigheid, transformasie en volhoubare samelewings.</li> </ul> |

| Eisner (2012) se basiese oriëntasies tot kurrikulum as ordeningsraamwerk | Kurrikulum-teoretici | Kurrikulumperspektief en -doel                                                                                                      | Belangrike werke van die kurrikulumteoretici                                                                                                                                                                                                                                                                                                      | Verbinding met Dillon (2009) se kernkurrikulumvrae                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            |
|--------------------------------------------------------------------------|----------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Sosiaal aanpassing en rekonstruksie                                      | Jonathan Jansen      | Kritiese ontleding van postapartheid kurrikulum; kennis, ras en transformasie in onderwys word beklemtoon.                          | <i>Curriculum. Organising knowledge for the classroom</i> (2002; 2009; 2012; 2013 – contributor)<br><i>Why outcomes-based education will fail: an elaboration</i> (1999)<br><i>Curriculum reform in South Africa: a critical analysis of outcomes-based education</i> (1998)<br><i>As by fire: The end of the South African university</i> (2017) | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Kennis wat historiese bewussyn, identiteit en kritiese refleksie bevorder.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Beleids- en institusionele besluite moet krities bevraagteken word in die lig van geskiedenis en mag.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur dialogiese en reflektiewe pedagogie wat historiese ervarings erken.</li> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Diverse leerders met verskillende historiese en kulturele ervarings.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Bevordering van versoening, sosiale kohesie en transformasie.</li> </ul> |
|                                                                          | Aslam Fataar         | Erkenning van ongelykheid, kennis en sosiale konteks wat die kurrikulum voorop stel. Die fokus is op die sosiologie van kurrikulum. | <i>Access to schooling in a post-apartheid South Africa: Linking concepts to context</i> (1997)<br><i>Higher education policy discourse in South Africa: a struggle for alignment with macro development policy: perspectives on higher education</i> (2003)<br><i>Decolonising education in South Africa: perspectives and debates</i> (2018)    | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Kennis wat leerders se geleefde ervarings en sosiale realiteite erken.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Besluitneming behoort kontekssensitief te wees en leerders se stemme te betrek.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur pedagogie wat ruimte, identiteit en leerervaringe integreer.</li> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Diverse leerders met verskillende ruimtelike en sosiale trajekte.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Bevordering van epistemiese toegang, transformasie en sosiale geregtigheid.</li> </ul>                       |

| Eisner (2012) se basiese oriëntasies tot kurrikulum as ordeningsraamwerk | Kurrikulum-teoretici | Kurrikulumperspektief en -doel                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                | Belangrike werke van die kurrikulumteoretici                                                                                                             | Verbinding met Dillon (2009) se kernkurrikulumvrae                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |
|--------------------------------------------------------------------------|----------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Sosiaal aanpassing en rekonstruksie                                      | Jane Addams          | Addams beskou opvoeding as 'n sosiaal ingebedde en demokratiese proses wat leerders toerus vir aktiewe burgerskap en gemeenskapsdeelname. Vanuit haar werk by Hull House beklemtoon sy ervarings-gebaseerde leer, sosiale geregtigheid en die integrasie van skool en gemeenskap. Die doel van die kurrikulum is dus sosiale transformasie, empatie en demokratiese deelname. | <i>Democracy and social ethics</i> (1902); <i>The spirit of youth and the city streets</i> (1909); <i>Twenty years at Hull House</i> (1910)              | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Inhoud wat sosiale bewustheid en gemeenskapsdeelname bevorder.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Besluitneming as demokratiese proses tussen gemeenskap, onderwysers en leerders.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur ervaringsleer, gemeenskapsbetrokkenheid en dialoog.</li> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Alle leerders as lede van diverse gemeenskappe.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Ontwikkeling van empatie, demokratiese burgerskap en sosiale geregtigheid.</li> </ul>                                                                                                                             |
|                                                                          | Basil Bernstein      | Bernstein beskou kurrikula as sosiale konstruksies wat deur mag, klas en institusionele praktyke gevorm word.                                                                                                                                                                                                                                                                 | <i>Class, codes and control</i> (1971–1975); <i>Pedagogy, symbolic control and identity</i> (1996); <i>The structuring of pedagogic discourse</i> (1990) | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Die seleksie van kennis weerspieël dominante sosiale en institusionele magstrukture.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Besluitneming berus by beleids- en institusionele agente wat pedagogiese diskoers legitimeer.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur pedagogiese raamwerke en kodes wat die graad van onderwyser- en leerderbeheer bepaal.</li> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Toegang tot kennis word ongelyk versprei; pedagogiese kodes kan in- of uitsluiting bevorder.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Onderrig kan sosiale reproduksie legitimeer of kritiese transformasie moontlik maak.</li> </ul> |
| Tegniese oriëntasie                                                      | Franklin Bobbitt     | Die fokus word geplaas op struktuur, voorspelbaarheid en objektiwiteit van die kurrikulum. Perspektiewe word sterk beïnvloed deur behavioristiese en positivistiese denke.                                                                                                                                                                                                    | <i>Some general principles of management applied to the problems of city-school systems</i> (1913)<br><i>The curriculum</i> (1918)                       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Vaardighede en kennis afgelei uit sosiale en beroepsrolle.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Kundiges en kurrikulumontwerpers wat samelewingsbehoeftes ontleed.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Sistematiese en doelgerigte onderrig gebaseer op taakontleding.</li> </ul>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |

| Eisner (2012) se basiese oriëntasies tot <i>kurrikulum</i> as ordeningsraamwerk | Kurrikulum-teoretici | Kurrikulumperspektief en -doel                                                                                 | Belangrike werke van die kurrikulumteoretici                                                                           | Verbinding met Dillon (2009) se kernkurrikulumvrae                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |
|---------------------------------------------------------------------------------|----------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Tegniese oriëntasie                                                             | Franklin Bobbitt     | Beide Bobbitt en Charters word deel gesien van die wetenskaplike-kurrikulum-beweging.                          | <i>How to make a curriculum</i> (1924)                                                                                 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Leerders as toekomstige rolspelers in die samelewing.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Doeltreffendheid, produktiwiteit en sosiale aanpassing.</li> </ul>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       |
|                                                                                 | Werrett Charters     |                                                                                                                | <i>Methods of teaching: developed from a functional standpoint</i> (1909)<br><br><i>Curriculum construction</i> (1923) | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Spesifieke gedrags- en vaardigheids-uitkomste afgelei uit sosiale funksies.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Kurrikulumkundiges wat doelwitte wetenskaplik formuleer.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur gestruktureerde en doelgeoriënteerde onderrig.</li> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Leerders as ontvangers van voorafbepaalde leeruitkomste.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Bereiking van voorafbepaalde gedrags- en prestasiedoelwitte.</li> </ul>                                                      |
|                                                                                 | Ralph Tyler          | <i>Kurrikulum</i> as doelwit-gebaseerde, rasioneel beplande proses; fokus op meetbare uitkomste en evaluering. | <i>Basic principles of curriculum and instruction</i> (1949)                                                           | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Voorafbepaalde leerdoelwitte wat uit opvoedkundige en samelewingsbehoefte afgelei word.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Kurrikulumontwerpers en onderwysers binne die raamwerk van beleid en doelwitte.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur sistematiese leerervarings wat doelbewus gekies en georganiseer word.</li> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Alle leerders as ontvangers van gestruktureerde leerprogramme.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Bereiking van spesifieke, meetbare leeruitkomste.</li> </ul> |

| Eisner (2012) se basiese oriëntasies tot <i>kurrikulum</i> as ordeningsraamwerk | Kurrikulum-teoretici | Kurrikulumperspektief en -doel                                                                                                                                               | Belangrike werke van die kurrikulumteoretici              | Verbinding met Dillon (2009) se kernkurrikulumvrae                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         |
|---------------------------------------------------------------------------------|----------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Tegniese oriëntasie                                                             | William Spady        | <i>Kurrikulum</i> as uitkoms-gebaseerde ontwerp; fokus op demonstreerbare leerprestasie en sistematiese beplanning                                                           | <i>Outcomes-based education</i> (1994)                    | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Spesifieke uitkomst en bevoegdhede wat leerders moet demonstreer.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Beleidmakers en kurrikulum-ontwerpers in reaksie op samelewings- en beroepsvereistes.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur bemeesteringsleer en assessering wat fokus op prestasie van uitkomst.</li> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Alle leerders met differensiasie om sukses te verseker.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Ontwikkeling van demonstreerbare bevoegdhede en voorbereiding vir deelname aan die samelewing.</li> </ul> |
|                                                                                 | Hilda Taba           | Sistematiese, induktiewe kurrikulumontwikkeling; onderwyser se hooffokus is as 'n beplanner van leer.                                                                        | <i>Curriculum development: theory and practice</i> (1962) | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Konseptueel gestruktureerde inhoud gebaseer op leerders se behoeftes en konteks.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Onderwysers as primêre kurrikulumontwikkelaars.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur induktiewe en reflektiewe kurrikulumontwerp.</li> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Leerders binne spesifieke opvoedkundige kontekste.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Ontwikkeling van begrip en betekenisvolle leer.</li> </ul>                                                                                                     |
|                                                                                 | W. James Popham      | Fokus op geldige en betroubare assessering; operasionalisering van leeruitkomst. <i>Kurrikulum</i> word bestempel as alle leeruitkomst waarvoor 'n skool verantwoordelik is. | <i>Establishing instructional goals</i> (1970)            | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Meetbare gedragsdoelwitte wat assessering moontlik maak.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Kurrikulum- en assesseringskundiges.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur gestruktureerde onderrig wat fokus op toetsbare leer.</li> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Leerders as prestasiedemonstrateurs.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Betroubare meting van leer en verbetering van onderrigkwaliteit.</li> </ul>                                                                                                                            |


| Eisner (2012) se basiese oriëntasies tot <i>kurrikulum</i> as ordeningsraamwerk | Kurrikulum-teoretici | Kurrikulumperspektief en -doel                                                                                                                                                                                         | Belangrike werke van die kurrikulumteoretici                          | Verbinding met Dillon (2009) se kernkurrikulumvrae                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |
|---------------------------------------------------------------------------------|----------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Ontwikkeling van kognitiewe prosesse                                            | Benjamin Bloom       | Sistematiese ordening van denkvaardighede; fokus op kognitiewe ontwikkeling en bemeestering van meetbare leeruitkomste.                                                                                                | <i>Taxonomy of educational objectives</i> (1956)                      | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Hiërargiese kennis en denkvaardighede volgens die taksonomie.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Onderwysers en ontwerpers wat leerdoelwitte formuleer.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur progressiewe leeraktiwiteite wat kognitiewe groei bevorder.</li> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Alle leerders as ontwikkelende denkers.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Ontwikkeling van hoërorde-denke en begrip.</li> </ul>              |
|                                                                                 | Maria Montessori     | Kindgesentreerde, ontwikkelingsgebaseerde kurrikulum; fokus op selfgerigte leer en sensoriese ontwikkeling.                                                                                                            | <i>The Montessori method</i> (1912); <i>The absorbent mind</i> (1949) | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Ontwikkelingsgepaste inhoud wat leerders se natuurlike nuuskierigheid ondersteun.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Onderwysers as gidse wat leeromgewings ontwerp.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur selfgerigte en ontdekkings-gebaseerde leer.</li> <li>• <i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Unieke leerders met individuele ontwikkelingsbehoefes.</li> <li>• <i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Holistiese ontwikkeling en onafhanklikheid.</li> </ul> |
|                                                                                 | Jerome Bruner        | Bruner beskou <i>kurrikulum</i> as 'n gestruktureerde proses waardeur leerders die fundamentele strukture van dissiplinêre kennis ontdek. Sy spiraalkurrikulum en ontdekking-leer beklemtoon aktiewe betekenisvorming, | <i>The process of education</i> (1960)                                | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Wat behoort onderrig te word?</i> Fundamentele strukture van dissiplinêre kennis.</li> <li>• <i>Wie behoort te besluit wat onderrig word?</i> Onderwysers as fasiliteerders wat kennis struktureer.</li> <li>• <i>Hoe behoort dit onderrig te word?</i> Deur ontdekking-leer en spiraalorganisasie van inhoud.</li> </ul>                                                                                                                                                                                                                                                  |



| Eisner (2012) se basiese oriëntasies tot <i>kurrikulum</i> as ordeningsraamwerk | Kurrikulum-teoretici | Kurrikulumperspektief en -doel                                                                                                                                          | Belangrike werke van die kurrikulumteoretici | Verbinding met Dillon (2009) se kernkurrikulumvrae                                                                                                                                                                                                     |
|---------------------------------------------------------------------------------|----------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Ontwikkeling van kognitiewe prosesse                                            | Jerome Bruner        | progressiewe kompleksiteit en die ontwikkeling van hoërorde-denke. Die doel is nie bloot inhouds-verwerwing nie, maar die vorming van denkprosesse wat oordraagbaar is. |                                              | <ul style="list-style-type: none"> <li><i>Aan wie behoort dit onderrig te word?</i> Aktiewe leerders wat betekenis konstrueer.</li> <li><i>Met watter doel behoort dit onderrig te word?</i> Ontwikkeling van begrip en oordraagbare denke.</li> </ul> |

(Saamgestel vanuit Bernstein 1990; Bernstein 2012; Bloom 1956; Bobbitt 1924; Carl 2024; Dewey 2017; Dillon 2009; Eisner 2012; Eryaman 2010; Freire 1970; Glatthorn, Bosschee en Whitehead 2009; Le Grange 2014; Scott 2008; Stenhouse 1975; Tyler 1949; Walker 2014)

Tabel 1 toon die dominante oriëntasie van die verskillende teoretici aan. Daar kan wel 'n meta-teoretiese oorvleueling voorkom. Die erkenning van hierdie metateoretiese oorvleueling versterk die argument dat kurrikulum as studieveld nie deur enkelvoudige paradigmas begrens kan word nie, maar eerder deur 'n voortdurende spanning en dialoog tussen uiteenlopende teoretiese perspektiewe gevorm word. Die onderstaande metateoretiese kurrikulumverbindingsnetwerk (Figuur 1) dien as 'n voorbeeld hiervan. Die konstante lyn dui die dominante oriëntasie per teoretikus aan (soos in Tabel 1 aangedui), terwyl die stippellyne die verweefde en minder prominente oriëntasies wat hul denke beïnvloed, aandui.



**Figuur 1. Metateoretiese kurrikulumverbindingsnetwerk**

## 6. Navorsingsmetodologie

### 6.1 Geskiktheid van deelnemers en inhoud

Onderwysstudente in hul tweede jaar van opleiding was as deelnemers geskik, aangesien hulle aan die begin staan van 'n formele akademiese betrokkenheid met kurrikulumteorie en -praktyk. As toekomstige opvoeders is hulle sleutelrolspelers in die interpretasie, toepassing en herkonseptualisering van kurrikula in uiteenlopende kontekste.

Die inhoud van die betrokke module fokus op kurrikulumteorie, historiese ontwikkelinge en konseptuele raamwerke, en sluit insiggewende bronne en leerervarings in, wat ontwerp is om studente se kurrikulumgeletterdheid te ontwikkel. Deur studente se reflektiewe bydraes, inter-

aksie met akademiese tekste en deelname aan gestruktureerde leeraktiwiteite te ontleed, bied die artikel toegang tot betekenisvolle data rakende die konseptualisering en ontwikkeling van kurrikulumbegrip.

## 6.2 Filosofiese oriëntasie

'n Interpretivistiese lens is gebruik om die betekenis en begripsvorming van onderwysstudente rakende die begrip *kurrikulum* te ondersoek. Hierdie paradigma het dit moontlik gemaak om deelnemers se subjektiewe ervarings, perspektiewe en betekenisgewing sistematies te ontleed en sodoende die nuanses in hul konseptualisering van *kurrikulum* te verken.

## 6.3 Navorsingsontwerp

Hierdie artikel het 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp gevolg, aangesien dit die versameling van ryk en betekenisvolle data moontlik gemaak het om die navorsingsvraag en navorsingsprobleem doelmatig te ondersoek.

### 6.3.1 Deelnemers

Die deelnemers het bestaan uit ingeskrewe studente in die BEd Grondslagfase- en BEd Intermediêre Fase-programme in die Fakulteit Opvoedkunde van 'n privaat hoër-onderwysinstelling. 'n Groep van 70 tweedejaaronderwysstudente wat gedurende die betrokke tydperk vir 'n module in kurrikulumstudies ingeskryf was, het as die aanvanklike deelnemers gedien. Die inhoudsfokus van hierdie module het dit geskik gemaak vir insluiting in die ondersoek na kurrikulumgeletterdheid. Deelnemers is doelgerig, op grond van praktiese toeganklikheid, betrek, aangesien die navorser ook die dosent van die betrokke module was en dus direkte toegang tot die studente gehad het.

Die potensiële magsverhouding inherent aan my dubbele rol as dosent en navorser is doelbewus en sistematies eties hanteer. Deelname is as volledig vrywillig geposisioneer, met eksplisiete versekering aan studente dat hul keuse om deel te neem, al dan nie, geen implikasies vir hul akademiese prestasie sou inhou nie. Ingeligte toestemming is derhalwe op 'n wyse verkry wat duidelik van enige assesseringsprosesse geskei is. Alle forumbydraes wat vir navorsingsdoeleindes benut is, is anoniem verwerk om vertroulikheid en anonimiteit te verseker. Deelname is voorts nie aan formele assessering gekoppel nie, en studente is doelgerig aangemoedig om outentieke, krities-reflektiewe bydraes te lewer, eerder as om hul antwoorde/respons met dosentverwagtinge te belyn. 'n Totaal van 31 studente het vrywillig deelgeneem en ingeligte toestemming verleen.

### 6.3.2 Dataversameling

Die data is ingesamel deur middel van 'n forumaktiwiteit op die leerbestuurstelsel Moodle. Hierdie forumaktiwiteit het deel gevorm van die eerste kontakssessie, wat ten doel gehad het om die studente se aanvanklike opvatting van die begrip *kurrikulum* te bepaal en die waarde van die kurrikulumstudiesmodule reeds na die eerste kontakssessie te beklemtoon. Die instelling volg 'n omgekeerde-klaskamer-benadering (Bergmann en Sams 2012; Agirman en Ercoskun 2022), wat die gebruik van 'n gestruktureerde formaat van intrap-, deurtrap- en vastrap-aktiwiteite insluit. Hierdie benadering het studente in staat gestel om vooraf met inhoud te

werk, aktief aan die kontakonderrigssessie deel te neem, en daarna hul begrip van die inhoud te verdiep deur middel van refleksie.

Die studente se opvatting van die begrip *kurrikulum* is geëvalueer deur middel van refleksie en die bespreking van hul konsepte en idees oor die term. Die forumaktiwiteit het die studente die geleentheid gebied om hul eie begrip van *kurrikulum* in hul eie woorde uit te druk, wat as 'n basis gedien het om hul aanvanklike kennisvlak te bepaal. Dit het waardevolle insigte gelever in die studente se begrip van *kurrikulum* aan die begin van die module. Die kurrikulumgeletterdheid van die studente is slegs gedurende die begin en einde van die kontakssessie geëvalueer, en nie aan die begin en einde van die semester nie. Alhoewel die evaluering beperk was tot een kontakssessie, het dit steeds waardevolle insigte verskaf. Dit het die beginvlak van die studente se kurrikulumgeletterdheid vasgestel en die waarde van die kontakssessie in die bevordering van kurrikulumgeletterdheid aan die begin van die module beklemtoon.

#### 6.3.2.1 Oorsig van die kontakssessie

Die kontakssessie het deel gevorm van 'n gestruktureerde leerervaring wat doelbewus ontwerp is om onderwysstudente se konseptualisering van die begrip *kurrikulum* sistematies te verken, te verdiep en te verfyn. Die sessie is nie slegs as onderrigmoment benut nie, maar terselfdertyd as 'n geïntegreerde dataversamelingsgeleentheid waarin studente se bestaande opvattinge geëvalueer, hul kennisstrukture verbreed en kurrikulumgeletterdheid bevorder is deur middel van kritiese refleksie en metakognitiewe betrokkenheid.

Die pedagogiese ontwerp het uit drie komplementêre fases bestaan, naamlik die intrap-aktiwiteit, die deurtrap-aktiwiteit en die vastrap-aktiwiteit. Hierdie progressiewe benadering het studente begelei vanaf aanvanklike intuïtiewe begripsvorming na 'n meer genuanseerde, teoreties gefundeerde en reflektiewe begrip van *kurrikulum* as dinamiese en konteksgebonde konsep. Deur hierdie gestruktureerde leerproses is professionele insig in kurrikulumstudies doelbewus ondersteun.

#### 6.3.2.2 Intrap-aktiwiteit: Voorbereidende leer en forumbydraes

Die intrapfase het gefokus op die eksplisiete artikulasie van studente se voorafkennis en bestaande konseptualiserings van *kurrikulum*. Studente moes kortliks uiteensit wat hulle self onder die begrip *kurrikulum* verstaan en daarna betekenisvol reageer op ten minste twee medestudente se beskrywings. Hierdie proses het nie slegs individuele begripsvorming sigbaar gemaak nie, maar ook dialogiese kennisontwikkeling gestimuleer.

Na afloop van die aanvanklike forumbydraes is van studente verwag om deur bepaalde voorgeskrewe leermateriaal en video's te werk ter voorbereiding vir die kontakssessie. Die voorgestelde leermateriaal het ingesluit hoofstuk 1 van die voorgeskrewe handboek, *'n Inleidende perspektief op Kurrikulumstudies*, wat kurrikulumteorie bespreek; die artikel van Graham-Jolly getiteld "The nature of curriculum" in Reed, Gultig en Adendorff (2012); asook Le Grange (2014) se artikel "Currere's active force and the Africanisation of the university curriculum".

Daarbenewens moes studente twee video's bestudeer, naamlik 'n paneelbespreking met William Pinar (Teaching & Learning TV, 2014) en die video "What is curriculum" (2014). Hierdie multimodale blootstelling het teoretiese, filosofiese en kontemporêre perspektiewe geïntegreer om 'n breër epistemologiese raamwerk vir begrip te fasiliteer.

#### 6.3.2.3 Deurtrap-aktiwiteit: Interaktiewe kontakssessie en fasilitering

Die deurtrapfase het plaasgevind tydens die interaktiewe kontakssessie wat deur die dosent gefasiliteer is. 'n Klasbespreking is as primêre onderrigstrategie benut, ondersteun deur die vraag-en-antwoord-metode en doelgerigte vraagstelling as pedagogiese tegniek.

Die fasilitering was daarop gemik om studente se voorafbegrippe krities te ontgin, te bevraagteken en te rekonstrueer in die lig van teoretiese perspektiewe. Die gesprek het ruimte geskep vir konseptuele spanning, nuansering en die integrasie van uiteenlopende kurrikulum-oriëntasies. Hierdie fase het dus gefunksioneer as 'n epistemologiese "deurtrap"-moment waarin bestaande denkraamwerke aktief hersien en verbreed is.

#### 6.3.2.4 Vastrap-aktiwiteit: Hersiening en metakognitiewe refleksie

Die vastrapfase het studente teruggelei na hul oorspronklike foruminskrywing van die intrap-aktiwiteit. Studente moes 'n hersiene omskrywing van *kurrikulum* formuleer na afloop van die leerervaring en eksplisiet besin oor die verskille tussen hul aanvanklike en gewysigde omskrywings.

Hierdie refleksie het van studente vereis om aan te dui waarom hul eerste omskrywing verskil van hul tweede omskrywing, en watter teoretiese, konseptuele of perspektiewiese verskuiwings plaasgevind het. Die fokus was dus nie slegs op inhoudelike verandering nie, maar op die bewustelike erkenning van leerprosesse en begripsverdieping.

Deur hierdie metakognitiewe terugskouing is studente aangemoedig om hul eie professionele ontwikkeling as toekomstige kurrikulumontwikkelaars en beleidinterpreteerders te internaliseer.

#### 6.3.3 Data-ontleding

Die data is tematies georden deur gebruik te maak van 'n konseptueel gefundeerde analitiese raamwerk. In die eerste instansie het Eisner (2012) se basiese oriëntasies tot *kurrikulum* as ordeningsraamwerk gedien. Eisner se onderskeiding tussen akademiese rasionaliteit, persoonlike relevansie, sosiale aanpassing en rekonstruksie, tegniese oriëntasie en die ontwikkeling van kognitiewe prosesse het 'n konseptuele struktuur gebied waarbinne studente se antwoorde tematies gegroepeer kon word. Hierdie ordening het dit moontlik gemaak om verskillende kurrikulumopvattinge sistematies te kategoriseer en te beskryf.

Ten einde die ontleding verder te verdiep is die geïdentifiseerde temas ook deur Dillon (2009) se kernvrae as normatief-analitiese lens gelees. Dillon se vyf kernvrae oor *kurrikulum* (wat fokus op die waarom, wat, hoe, vir wie en met watter gevolge vir *kurrikulum*) het 'n heuristiese raamwerk gebied waardeur studente se uitsprake krities geïnterpreteer kon word. Hierdie lens het dit moontlik gemaak om nie slegs te identifiseer wat deelnemers oor *kurrikulum* sê nie, maar ook om te vra watter normatiewe aannames en implisiete posisionerings in hul konseptualiserings na vore kom.

Die ontleding was nie bloot beskrywend nie, maar interpretatief en vergelykend. Dit het patrone, konseptuele verskuiwings en onderliggende oriëntasies uitgewys wat op die ontwikkeling van kurrikulumgeletterdheid dui. Deur Eisner (2012) se oriëntasies as ordeningsraamwerk, en Dillon (2009) se kernvrae as normatief-analitiese lens is 'n meervlakkige analitiese benadering gevolg om studente se kurrikulumbegrip te belig.

#### 6.3.4 Etiese oorwegings

Etiese goedkeuring vir hierdie studie is deur die betrokke hoërondewysinstelling se etiek-komitee verleen. Daarbenewens is ingeligte toestemming vooraf van alle deelnemers verkry.

### 7. Bevindinge

Die ontleding van die data dui op 'n betekenisvolle ontwikkeling in onderwysstudente se konseptualisering én toepassing van kurrikulumgeletterdheid voor en na afloop van die kontak-sessie. Hierdie ontwikkeling manifesteer nie bloot as 'n uitbreiding van beskrywende kennis nie, maar as 'n kwalitatiewe epistemologiese herposisionering van 'n kurrikulum van 'n statiese, voorskriftelike produk na 'n dinamiese, kontekstsensitiewe en pedagogies bemiddelde praktyk. Die merker A in die deelnemers se antwoorde hier onder dui op hul opvattinge vóór die kontak-sessie, terwyl B verwys na hul antwoorde ná die kontak-sessie.

Aanvanklik het die meerderheid deelnemers 'n kurrikulum hoofsaaklik as 'n rigiede, statiese en voorgeskrewe dokument gekonseptualiseer, met beperkte ruimte vir pedagogiese interpretasie of aanpassing. In hierdie beskouing is kurrikulum-as-plan of -produk oorbeklemtoon, terwyl die waarde van die ervarende en geïmplementeerde kurrikulum op die agtergrond figureer. Hierdie beskrywings dui op 'n oorwegend tegniese-rasionalistiese kurrikulumverstaan waarin standaardisering, voorskrif en nakoming sentraal staan.

Onderliggend aan hierdie verstaan is 'n epistemologiese aanname dat kennis stabiel, vooraf bepaalbaar en lineêr oordraagbaar is, 'n siening wat die rol van die onderwyser reduceer tot dié van implementeringsagent eerder as interpreteerder en reflektiewe praktisyn. Hierdie posisionering resoneer met Eisner (2012) se beskrywing van 'n tegniese oriëntasie tot 'n kurrikulum, asook met 'n Tyleriaanse doel-middel-rasionaliteit (Tyler 1949), en sluit aan by Freire (1970) se kritiek op die sogenaamde bankkonsep van onderwys.

Verder weerspieël hierdie verstaan 'n vernoude konseptuele netwerk rondom die begrip *kurrikulum*, waarin dokumentasie, tydsindeling en assessering dominant is, terwyl konteks, waardes, leerervaringe en pedagogiese verhoudings gemarginaliseer word. 'n Kurrikulum word derhalwe hoofsaaklik as 'n makrobeleidsartefak beskou, met beperkte erkenning van die dinamiese wisselwerking tussen die beplande, geïmplementeerde en ervarende kurrikulum op mikrovlak. Hierdie tendens word weerspieël in deelnemers se uitsprake, waarin 'n kurrikulum konsekwent as riglyn, tydsraamwerk en voorskrif vir inhoudsdekking beskryf word:

Die basiese reëls en regulasies wat opvoeders moet volg om sodoende leerders suksesvol te kan oplei. (Deelnemer 3A)

Kurrikulum is die beplanning van die jaar, wat deur die departement opgestel is as riglyn wat onderwysers help om te weet wanneer 'n spesifieke onderwerp afgehandel moet word. Hierdie dokument verduidelik hoeveel ure aan onderwerpe gegee moet word. (Deelnemer 7A)

Dit sê vir jou hoeveel goed jy het om te doen en teen wanneer jy dit moet voltooi. (Deelnemer 10A)



Kurrikulum is die riglyn vir onderwysers om die korrekte materiaal in sekere aantal ure in 'n sekere volgorde aan te bied. (Deelnemer 12A)

Kurrikulum is 'n baie moeilike konsep om te verduidelik. Dit kan gesien word as alles wat van 'n sekere ouderdomsgroep verwag word om te doen teen 'n bepaalde tydperk. Dit kan so ook gesien word as wat van die onderwyser verwag word om vir die leerders te leer teen 'n sekere tydperk. Dit is die hoeveelheid kennis wat oor 'n sekere tydperk oorgedra moet word. (Deelnemer 14A)

Ek verstaan kurrikulum as 'n riglyn wat onderwysers gebruik om inhoud aan leerders oor te dra. Met ander woorde, die kurrikulum sit vir onderwysers uiteen watter inligting aan leerders oorgedra moet word, hoe, wanneer, ensovoorts. (Deelnemer 16A)

Dis die akademiese riglyne wat aan 'n skool deurgegee word, en wat die onderwysers moet volg in die akademiese jaar om te verseker leerders presteer tot op hulle beste vermoë. Dit behels al die eenhede van elke vak wat afgehandel moet word deur die loop van die jaar en wat elke leerder in staat moet kan wees om te doen na 'n leereenheid. (Deelnemer 20A)

Kurrikulum is oor alle onderwerpe wat behandel moet word en wat moet wanneer behandel word. (Deelnemer 22A)

Kurrikulum is 'n dokument wat reëls, doelwitte, assesserings en inligting deurgee wat deur die Departement opgestel word wat onderwysers gebruik om lesaanbiedings aan leerders op verskillende vlakke aan te bied. (Deelnemer 25A)

Ná die kontakssessie is 'n duidelike epistemologiese verskuiwing in die data waarneembaar, wat dui op 'n verdiepte reflektiewe herposisionering van *kurrikulum* as dinamiese, konteks-sensitiewe en onderhandelbare praktyk. Deelnemers begin 'n kurrikulum nie langer uitsluitlik as 'n voorskriftelike raamwerk interpreteer nie, maar as 'n proses van betekenisgewing waarin kennis, ervaring en konteks in voortdurende wisselwerking tree. Hierdie herposisionering impliseer 'n verbreding van kurrikulumverstaan, van 'n eng fokus op dokumentasie na 'n meer holistiese of breër beskouing.

Voorbeelde hiervan sluit in:

My definisie het nie dieselfde gebly nie, want ja dit bestaan uit reëls en regulasies maar dis net maatstaf en dit bevat somtotaal van alle leergeleenthede. (Deelnemer 3B)

Kurrikulum gaan oor meer as net riglyne wat aan onderwysers gegee word, dit sluit alle komponente van onderrig en leer in. My siening hieroor het verander en ek besef daar is meer as net die noue kurrikulum wat in ag geneem moet word, kurrikulum sluit alles in. (Deelnemer 7B)

Kurrikulum is die hart van onderwys, en daar is so baie definisies rondom wat kurrikulum is. Dit wys ons net dat dit konstant besig is om te groei. (Deelnemer 20B)

Kurrikulum is al die aspekte van leer en ook alles in die onderwys wat op papier geplaas kan word soos handboeke, lesbeplannings ens. Die kurrikulum sluit ook in die skool-beleide, leerprogramme, die klasomgewing en soveel meer. (Deelnemer 18B)

*Kurrikulum* word nie langer uitsluitlik met kennisinhoud geassosieer nie, maar ook met die ontwikkeling van hoërdevaardighede soos probleemoplossing, kritiese denke en situasionele bewustheid, sowel as met die rol van verhoudinge en kontekstuele toepassing in die leerproses. Vanuit 'n teoretiese perspektief resoneer hierdie ontwikkeling met Graham-Jolly (2012) se breër beskouing van *kurrikulum*, asook met Le Grange (2014) se opvatting van *kurrikulum* as 'n dinamiese en aktief vormende konsep wat voortdurend deur praktyk en konteks gevorm word. Deelnemer 12B stel dit soos volg:

My siening het net die nuwe perspektief van kurrikulum bevat en nie die breër een nie. Dit gaan nie net oor leerwerk en skryfwerk nie, maar oor ander leer geleenthede, al is dit op die sportveld of in die klas tussen leerders / interpersoonlike verhoudings. Dit gaan ook nie net oor wat die onderwysers vir die leerders leer nie maar ook die gesprekke wat tussen die leerders en onderwysers gevoer word. My nuwe siening het verskil van my eerste definisie.

Wat Dillon (2009) se eerste kurrikulumvraag betref, naamlik wat onderrig behoort te word, het die studente se fokus van blote inhoud na 'n integrasie van kennis, vaardighede en waardes verskuif. Aanvanklik is slegs inhoud gelys, maar ná die sessie het hulle beklemtoon dat die kurrikulum ook die ontwikkeling van leerders se volle potensiaal insluit: akademies, sosiaal en moreel. Hierdie herposisionering van *kurrikulum* as kontekstueel ontwikkelende praktyk sluit aan by Stenhouse (1975) se prosesbenadering.

Wat betref die vraag oor wie behoort te besluit wat onderrig word, het studente aanvanklik die Departement van Onderwys as primêre en bykans uitsluitlike gesagsdraer geposisioneer. Hierdie beskouing dui op 'n gesentraliseerde en hiërargiese begrip van *kurrikulum*. Dit impliseer dat besluitneming hoofsaaklik op makrovlak gesitueer word, met beperkte erkenning van die onderwyser se rol as interpreteerder en professionele praktisyn op mikrovlak.

Ná die kontakssessie het hierdie perspektief egter merkbaar verbreed. Deelnemers begin die onderwyser nie meer bloot as implementeringsagent sien nie, maar as 'n professionele agent en medeontwikkelaar van die kurrikulum, wat binne en rondom beleidsraamwerke betekenis gee aan inhoud en leerprosesse. Dit sluit direk aan by Stenhouse (1975) se idee dat onderwysers die beplande kurrikulum binne departementele riglyne aanpas volgens die behoeftes van leerders en gemeenskappe, en word verder verdiep deur die beginsel van kurrikulum-onderhandeling (Boomer 1978), waarvolgens 'n kurrikulum nie as 'n vaste gegewe funksioneer nie, maar deur die dinamiese interaksie tussen rolspelers voortdurend gevorm word.

Die kurrikulum word gewoonlik saamgestel deur die departement van onderwys om die basiese onderwerpe te dek wat deur die jaar vir leerders deur gegee moet word. (Deelnemer 13A)

Dit is 'n belangrike dokument vanaf die departement om te verseker dat die leerders die nodige werk kan doen en verstaan, voordat hulle kan oorgaan na die volgende graad. Dit wys ook vir die onderwysers watse assesserings in die jaar gedoen moet word. (Deelnemer 18A)

Kurrikulum is die beplanning van die jaar, wat deur die departement opgestel is as riglyn wat onderwysers help om te weet wanneer 'n spesifieke onderwerp afgehandel moet word. Hierdie dokument verduidelik hoeveel ure aan onderwerpe gegee moet word. (Deelnemer 25A)

Ek dink steeds dis 'n riglyn, maar jy kry verskillende vorme, 'n noue – wat dokumentasie soos die KABV Kurrikulum assesserings beleid verklaring insluit en die breër kurrikulum wat 'n somtotaal van verskeie aspekte is, soos interpretasie, ervaring en opinie. (Deelnemer 1B)

Daar is verskillende vlakke van kurrikulum en elke een verskil volgens die omstandighede. (Deelnemer 14B)

Na afloop van die inhoud wat ons ontvang het, sien ek die kurrikulum nog steeds as 'n riglyn wat onderwysers gebruik om inhoud aan leerders oor te dra. Ek besef nou egter dat die woord “kurrikulum” baie meer inhou as net 'n eenvoudige riglyn. Hierdie konsep bevat 'n baie breër spektrum van aspekte as wat ek oorspronklik gedink het, byvoorbeeld die konsep van 'n noue kurrikulum (kurrikulum beleide soos die KABV) en 'n breë kurrikulum (interaksie, meer in diepte). (Deelnemer 16B)

Die noue kurrikulum is duidelik riglyne wat stap vir stap gevolg moet word. Die breër kurrikulum kan aangepas word. (Deelnemer 17B)

Ek verstaan dit as die riglyn wat gegee word wat gevolg kan word en gebruik kan word om te sien of daar vordering is en die onderwyser kan aanpas en meer gepas maak vir die leerders sodat hulle dit makliker kan verstaan. (Deelnemer 31B)

Die skuif van liniêre kennisoordrag na aktiewe, leerdergesentreerde betrokkenheid weerspieël 'n beweging weg van 'n tegniese oriëntasie na 'n meer sosiaal-rekonstruksionistiese en kontekstueel-responsiewe benadering. Van die deelnemers se menings:

My siening het net die nouer perspektief van kurrikulum bevat en nie die breër een nie. Dit gaan nie net oor leerwerk en skryf werk nie, maar oor ander leer geleenthede, al is dit op die sportveld of in die klas tussen leerders / interpersoonlike verhoudings. Dit gaan ook nie net oor wat die onderwysers vir die leerders leer nie maar ook die gesprekke wat tussen die leerders en onderwysers gevoer word. My nuwe siening het verskil van my eerste definisie. (Deelnemer 12B)

Met breër kurrikulum in gedagte kyk ons na alle aspekte wat fokus op 'n groter prentjie soos kommunikasie en kritiese denke. En noue kurrikulum fokus meer op klein aspekte soos modules of vakke op hulle eie. (Deelnemer 21B)

Hierdie herposisionering impliseer 'n herwaardering van pedagogiese interaksie, dialoog en ervaring as integrale komponente van kurrikulum.

Wat betref die vraag oor wat aan wie onderrig behoort te word, het deelnemers se oogpunt van 'n beperkte teikengroep (bv. sekere grade of vakke) verskuif na 'n holistiese erkenning van inklusiewe onderwys en die bevordering van ontwikkelingsvlakke. Hulle het begin besef dat die kurrikulum nie neutraal is nie, maar dat dit altyd sekere waardes, kultuur en konteks dra.

Die data toon 'n groeiende bewustheid dat kurrikula nie neutraal of waardevry is nie, maar ingebed is in spesifieke kulturele, sosiale en historiese kontekste. Hierdie erkenning dui op die ontwikkeling van kritiese kurrikulumgeletterdheid. Deelnemer 24B skryf byvoorbeeld:

Onthou dat kurrikulum verskillende definisies het, nie beperk is tot een nie. Daarom moet ons ook onthou dat verskuilde kurrikulum ook belangrik is om te onthou en is net so belangrik as die leermetodes, beplanning ens. Onthou ook dat dit of nou of 'n breër kurrikulum kan wees. (Deelnemer 24B)

Laastens, ten opsigte van die vraag oor met watter doel onderrig behoort te geskied, het die mees uitgesproke verskuiwing in die data na vore gekom. Aanvanklik het studente die doel van onderrig oorwegend gereduseer tot voorbereiding vir assesserings en eksamens, 'n siening wat dui op 'n eng, instrumentele begrip van onderwys waarin prestasie, meetbaarheid en doelwitbereiking sentraal staan. In hierdie beskouing word 'n kurrikulum hoofsaaklik aangewend as 'n meganisme om voorafbepaalde uitkomst te bereik en vordering te monitor. Deelnemers het aanvanklik aangedui:

Kurrikulum is die leermateriaal wat onderwysers vir die kinders en studente moet leer per kwartaal deur die jaar en wat se onderwerpe afgehandel word vir wat se toetse. (Deelnemer 2A)

Dit bied 'n raamwerk waarvolgens onderwysers kan werk en om te sien of die leerders die doelwitte of doelstellings bereik het. (Deelnemer 12A)

Kurrikulum is wat vir die onderwysers wys watse werk gedoen moet word en ook wat die vlakke van die werk is bv. CAPS. Dit is 'n belangrike dokument vanaf die departement om te verseker dat die leerders die nodige werk kan doen en verstaan, voordat hulle kan oorgaan na die volgende graad. Dit wys ook vir die onderwysers watse assesserings in die jaar gedoen moet word. (Deelnemer 18A)

Ná die sessie het deelnemers beklemtoon dat die kurrikulum leerders behoort te bemagtig vir betekenisvolle deelname in die samelewing, die ontwikkeling van kritiese denke, en die vestiging van 21ste-eeuse vaardighede soos probleemoplossing en samewerking. Hierdie herposisionering resoneer met Freire (1970) se kritiek op die sogenaamde bankkonsep van onderwys en dui op 'n herdefiniëring van die *telos* van onderwys – weg van 'n eng tegniese en voorskriftelike oriëntasie na 'n meer sosiaal-rekonstruksionistiese, aanpasbare en persoonlik relevante benadering. Vanuit Eisner (2012) se raamwerk kan hierdie verskuiwing geïnterpreteer word as 'n beweging na oriëntasies waarin betekenis, ervaring en sosiale verantwoordelikheid sentraal staan, terwyl Dillon (2009) se kurrikulumvrae hier verdiep word deur 'n herwaardering van die “waarom” en “vir wie” van onderwys.

Voorbeelde van deelnemers se antwoorde sluit die volgende in:

My definisie het nie dieselfde gebly nie, want ja dit bestaan uit reëls en regulasies maar dis net maatstaf en dit bevat somtotaal van alle leer geleenthede. (Deelnemer 3B)

'n Meer dieper kyk na kurrikulum sal wees om breër asook noue uitkyk te hê. Met breër kurrikulum in gedagte kyk ons na alle aspekte wat fokus op 'n groter prentjie soos kommunikasie en kritiese denke. (Deelnemer 10B)

Gesamentlik dui hierdie bevindings, soos belig deur Dillon (2009) se kurrikulumvrae en Eisner (2012) se kurrikulumoriëntasies, op 'n betekenisvolle toename in konseptuele kompleksiteit, professionele agentskap en metakognitiewe bewustheid – kernkomponente van ontwikkelende kurrikulumgeletterdheid.

## 8. Teoretiese, empiriese en konseptuele bydrae

### 8.1 Teoretiese bydrae: herposisionering van die onderwyser

Empiriese bevindings dui daarop dat onderwysstudente se kurrikulumbegrip nie staties is nie, maar ontwikkel deur blootstelling aan verskillende teoretiese perspektiewe. Aanvanklik word *kurrikulum* dikwels geïnterpreteer binne 'n produkgeoriënteerde raamwerk, soos verwoord deur Ralph Tyler (1949), waar voorafbepaalde uitkomst en gestruktureerde beplanning sentraal staan. Deur doelgerigte akademiese betrokkenheid word hierdie perspektief egter uitgebrei om ook proses- en praktykgebaseerde benaderings in te sluit, soos gesien in die werk van Lawrence Stenhouse (1975), Paulo Freire (1970) en Lesley Le Grange (2014).

Binne hierdie raamwerk word geen enkele kurrikulumoriëntasie as normatief “beter” beskou nie; eerder word die kurrikulum, in ooreenstemming met Eisner (2012) se konseptualisering, verstaan as 'n multidimensionele verskynsel wat verskillende interpretasies en praktyke moontlik maak. Die ontwikkeling wat by studente waargeneem word, is dus nie 'n lineêre beweging van een model na 'n ander nie, maar 'n verbreding van hul konseptuele repertorium, wat hulle in staat stel om *kurrikulum* meer genuanseerd en kontekstueel te benader.

Hierdie verruimde perspektief dra by tot die herposisionering van die onderwyser nie bloot as uitvoerder van beleid nie, maar as reflektiewe praktisyn wat sinvol kan navigeer tussen verskillende kurrikulumoriëntasies. Só word pedagogiese inhoudskennis, inklusiwiteit en 21ste-eeuse vaardighede nie as geïsoleerde konstruksie benader nie, maar as geïntegreerde dimensies van 'n komplekse kurrikulumpraktyk, met belangrike implikasies vir onderwyseropleiding, kurrikulumontwerp en opvoedkundige beleid.

### 8.2 Empiriese bydrae: ontwikkeling van kurrikulumgeletterdheid

Die artikel dra by tot die veld van kurrikulumstudies deur empiries te illustreer hoe kurrikulumgeletterdheid onder tweedejaaronderwysstudente kan ontwikkel deur 'n enkele, goed gestruktureerde pedagogiese ingreep. Deur Dillon (2009) se vyf kurrikulumvrae as analitiese lens te gebruik, word aangetoon hoe studente se begrip van *kurrikulum* verskuif het van die siening daarvan as 'n rigiede, voorskriftelike dokument – 'n tegniese, produkgeoriënteerde benadering – na die erkenning daarvan as 'n dinamiese en konteks sensitiewe praktyk wat kennis, vaardighede, waardes en leerervarings insluit. Hierdie verskuiwing kan ook binne Eisner (2012) se kurrikulumoriëntasies geïnterpreteer word, waar studente geleidelik beweeg het van 'n oorwegend tegnologiese oriëntasie na 'n meer ervarings- en kognitief georiënteerde beskouing van *kurrikulum*. Die metodologiese bydrae toon derhalwe hoe Dillon (2009) se raamwerk – in samehang met Eisner (2012) se oriënterings – in onderwysersopleiding geoperasionaliseer kan word om konseptuele verdieping in deelnemers se kurrikulumbegrip te bevorder.

### 8.3 *Konseptuele bydrae: Strewe na 'n eenheid vir kurrikulum-in-gesprek met 'n kontinue kurrikulumkultuur (KKK) as fokuspunt*

Dit word aanbeveel dat alle hoëronderrysinstellings 'n eenheid vir kurrikulum-in-gesprek daarstel, met die KKK as fokuspunt. 'n KKK funksioneer binne 'n dialektiese ruimte, waar kennis nie as 'n absolute gegewe beskou word nie, maar as 'n dinamiese entiteit wat deur kritiese interaksie, ontologiese bevraagtekening en reflektiewe denke ontwikkel. Dit impliseer dat leer nie slegs die internalisering van bestaande idees is nie, maar 'n proses van intellektuele transformasie, waar alle opvoedkundige rolspelers aangemoedig word om gevestigde konsepte te dekonstrueer, nuwe denkstrukture te vorm en akademiese paradigmas voortdurend te herbedink.

Die KKK rus op vyf hoekstene wat 'n dinamiese en geïntegreerde benadering tot die ontwikkeling van 'n akademiese agentskap ondersteun. Hierdie akademiese agentskap veronderstel dat alle opvoedkundige rolspelers aktief en doelgerig deelneem aan 'n holistiese akademiese vorming. Hierdie vorming sluit dimensies van onderrig, leer, navorsing, programontwikkeling en gemeenskapsverbondenheid in. Die vyf hoekstene van 'n KKK veronderstel 'n voortdurende soeke na dieper begrip en uitnodiging om kritiese vrae te vra, en meta-kognitiewe bewussyn binne kontekstuele relevansie te bevorder.

Die vyf hoekstene van 'n KKK is soos volg:

- Die eerste hoeksteen is *kurrikulum* as 'n oop en betekenisvolle gesprek wat nie net as 'n oordrag van kennis gesien moet word nie, maar as 'n ruimte vir kritiese ondersoek en akademiese dialoog. Dit daag opvoedkundige rolspelers uit om vrae te vra, komplekse vraagstukke te bevraagteken en nuwe benaderings tot leer te verken, sodat nuwe insigte en benaderings geskep kan word.
- Die tweede hoeksteen is die *interdissiplinêre leer- en leergemeenskapsbenadering*, wat die samevoeging van kennis, metodes en perspektiewe uit verskeie dissiplines insluit. Hierdie benadering bevorder die ontwikkeling van nuwe denkstrukture en help opvoedkundige rolspelers om komplekse vraagstukke op 'n holistiese wyse te verstaan deur verskillende dissiplines met mekaar in gesprek te bring.
- Die derde hoeksteen is *holistiese, praktiese en normatiewe vorming*. Hierdie benadering fokus nie net op die intellektuele ontwikkeling van opvoedkundige rolspelers nie, maar beklemtoon ook die toepassing van kennis in werklike situasies en die ontwikkeling van etiese en kreatiewe denke. Dit skep nie net tegniese kundigheid nie, maar bevorder die vermoë om verantwoordelik en betrokke te wees in die samelewing.
- Die vierde hoeksteen is die *bevordering van geïntegreerde en dinamiese leerpraktyke*. Hierdie benadering bevorder die afbreek van silodenke en moedig 'n kurrikulum aan wat nie net met akademiese kennis nie, maar ook met die veranderende behoeftes van die samelewing en tegnologiese vooruitgang belyn is. Dit ondersteun die voortdurende ontwikkeling van kurrikulumpraktyke wat toepaslik bly.
- Die vyfde hoeksteen is *kritiese bewussyn van kurrikulumgrense*, wat erken dat grense nie net beperkings is nie, maar fasiliteerders van intellektuele en sosiale interaksie. Grense skep 'n ruimte vir verskeie perspektiewe en idees, en bevorder kritiese bewussyn en die konstruksie van kennis. Dit maak dit moontlik vir die kurrikulum om voortdurend toepaslik en responsief te wees vir die veranderende behoeftes van die samelewing en die wêreld.



## 9. Geleentheid vir verdere navorsing

Hoewel hierdie artikel waardevolle insigte bied oor die ontwikkeling van kurrikulum-geletterdheid onder tweedejaaronderwysstudente binne 'n spesifieke leeringreep, dui die beperkinge van die ondersoek ook op belowende weë vir verdere navorsing.

### 9.1 Steekproefomvang en konteks

Die navorsing is uitgevoer binne 'n enkele hoërondewysinstelling met 'n spesifieke pedagogiese konteks. Dit bied 'n geleentheid om toekomstige navorsing te verbreed deur groter en meer gedifferensieerde steekproewe in te sluit, asook deur vergelykende studies tussen verskillende hoërondewysinstellings of onderrigkontekste te onderneem. Só kan die vraagstuk van oordraagbaarheid en veralgemeningspotensiaal verder ondersoek word.

### 9.2 Tydsduur van die ingreep

Die ingreep is kortstondige ontwerp en het net een kontakgeleentheid ingesluit. Dit skep 'n basis om in opvolgnavorsing die langtermynvolhoubaarheid van kurrikulumgeletterdheid te ondersoek. Toekomstige navorsingsinisiatiewe kan langer ingrepe, opvolgssessies of longitudinale navorsing gebruik om die internalisering van kurrikulumbegrippe en die volgehoue impak op studente se praktyk te toets.

### 9.3 Tematiese raamwerk en analitiese benaderings

Die gebruik van Eisner (2012) se basiese kurrikulumoriëntasies as ordeningsraamwerk, in kombinasie met Dillon (2009) se vyf kernvrae as normatief-analitiese lens, het betekenisvolle struktuur en fokus aan die ontleding gebied. Hierdie benadering het dit moontlik gemaak om studente se uitsprake oor *kurrikulum* sistematies te orden en terselfdertyd krities te interpreteer. Nietemin kan die gebruik van spesifieke teoretiese raamwerke die interpretasie ook tot bepaalde epistemologiese en konseptuele kategorieë begrens. Verdere navorsing kan daarom baat vind by die toepassing van alternatiewe kurrikulumraamwerke.

## 10. Samevatting

Hierdie artikel het ondersoek ingestel na hoe onderwysstudente die begrip *kurrikulum* binne 'n hoërondewyskonteks gekonseptualiseer het. Dit was teoreties gerig deur die sogenaamde Hompie Kedompie-dilemma, wat verwys na die veelheid van betekenis wat aan die term *kurrikulum* geheg word. 'n Kwalitatiewe, interpretivistiese navorsingsontwerp is gebruik om tweedejaaronderwysstudente se begrip van *kurrikulum* voor en na 'n gestruktureerde leeringreep te verken. Data is versamel deur middel van reflektiewe forumbydraes en tematies ontleed met behulp van Eisner (2012) se kurrikulumoriëntasies en Dillon (2009) se kernkurrikulumvrae as analitiese raamwerke. Die bevindinge het getoon dat studente se aanvanklike tegniese en dokumentgebaseerde begrip van *kurrikulum* uitgebrei het na 'n meer dinamiese en kontekstuele verstaan van *kurrikulum* as pedagogiese praktyk.

## Bibliografie

Addams, J. 1902. *Democracy and social ethics*. New York, NY: Macmillan.

—. 1909. *The spirit of youth and the city streets*. New York, NY: Macmillan.

—. 1910. *Twenty years at Hull-House*. New York, NY: Macmillan.

Agirman, N. en M.H. Ercoskun. 2022. History of the flipped classroom model and uses of the flipped classroom concept. *International Journal of Curriculum and Instructional Studies*, 12(1):78–88. DOI: 10.31704/ijocis.2022.004.

Apple, M.W. 1979. *Ideology and curriculum*. Londen: Routledge & Kegan Paul.

Apple, M.W. 1993. *Official knowledge: Democratic education in a conservative age*. New York, NY: Routledge.

Azar, N.G. en F. Hosseini. 2024. Curriculum definition revisited. *Acta Medica Iranica*, 62(2):55–7. <https://doi.org/10.18502/acta.v62i2.17034>.

Barnett, R. 2000. Supercomplexity and the curriculum. *Studies in Higher Education*, 25(3):255–6. <https://doi.org/10.1080/713696156>.

Bergmann, J. en A. Sams. 2012. *Flip your classroom: Reach every student in every class every day*. Washington, DC: International Society for Technology in Education.

Bernstein, B. 1971. *Class, codes and control. Volume 1: Theoretical studies towards a sociology of language*. Londen: Routledge & Kegan Paul.

—. 1973. *Class, codes and control. Volume 2: Applied studies towards a sociology of language*. Londen: Routledge & Kegan Paul.

—. 1975. *Class, codes and control. Volume 3: Towards a theory of educational transmissions*. Londen: Routledge & Kegan Paul.

—. 1990. *The structuring of pedagogic discourse: Class, codes and control. Volume 4*. Londen, New York: Routledge.

—. 1996. *Pedagogy, symbolic control and identity: Theory, research, critique*. Londen: Taylor & Francis.

—. 2012. On the curriculum. In Reed en Gultig (reds.) 2012.

Bloom, B.S. (red.). 1956. *Taxonomy of educational objectives: cognitive domain*. New York: David McKay Company, Inc.

Bobbitt, F. 1913. *Some general principles of management applied to the problems of city-school systems*. Chicago: University of Chicago Press.

- . 1918. *The curriculum*. Boston: Houghton Mifflin.
- . 1924. *How to make a curriculum*. Boston: Houghton Mifflin.
- Boomer, G. 1978. *Negotiating the curriculum*. *English in Australia*, 44:16–29.
- Breault, J.A. en J.D. Marshall. 2010. Definitions of curriculum. In Kridel (red.) 2010.
- Bruner, J.S. 1960. *The process of education*. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Carl, A.E. 1995. *Teacher empowerment through curriculum development: Theory into practice*. Kaapstad: Juta.
- . 2002. *Teacher empowerment through curriculum development: Theory into practice*. 2de uitgawe. Kaapstad: Juta.
- . 2009. *Teacher empowerment through curriculum development: Theory into practice*. 3de uitgawe. Kaapstad: Juta.
- . 2012. *Teacher empowerment through curriculum development: Theory into practice*. 4de uitgawe. Kaapstad: Juta.
- . 2017. *Teacher empowerment through curriculum development: Theory into practice*. 5de uitgawe. Kaapstad: Juta.
- . 2024. *Teacher empowerment through curriculum development: Theory into practice*. 6de uitgawe. Kaapstad: Juta.
- Charters, W.W. 1909. *Methods of teaching: Developed from a functional standpoint*. Chicago: Row, Peterson.
- . 1923. *Curriculum construction*. New York, NY: Macmillan.
- Counts, G.S. 1932. *Dare the school build a new social order?* New York, NY: John Day.
- Dewey, J. 1916. *Democracy and education: An introduction to the philosophy of education*. New York, NY: Macmillan.
- . 1938. *Experience and education*. New York, NY: Macmillan.
- . 2017. My pedagogic creed. In Flinders en Thornton (reds.) 2017.
- Dillon, J.T. 2009. The questions of curriculum. *Journal of Curriculum Studies*, 41(3):343–59. <https://doi.org/10.1080/00220270802433261>.
- Doll, W.E. Jr. 1993. *A post-modern perspective on curriculum*. New York, NY: Teachers College Press.
- Egan, K. 1978. What is curriculum? *Curriculum Inquiry*, 8(1):65–72.

- Ei-Astal, M. 2023. What is curriculum? Building a broader understanding of the term. *Journal of Curriculum and Teaching*, 12(6):188–96. <https://doi.org/10.5430/jct.v12n6p188>.
- Eisner, E. 1979. *The educational imagination: On the design and evaluation of school programs*. New York, NY: Macmillan.
- . 2012. Five basic orientations to curriculum. In Reed, Gultig en Adendorff (reds.) 2012.
- Elliott, M., W.F. Pinar, W.M. Reynolds, P. Slattery en P.M. Taubman. 1995. *Understanding curriculum: An introduction to the study of historical and contemporary curriculum discourses*. New York, NY: Peter Lang. <https://doi.org/10.2307/1585817>.
- Eryaman, M.Y. 2010. Frameworks in curriculum development. In Kridel (red.) 2010.
- Fataar, A. 1997. Access to schooling in a post-apartheid South Africa: Linking concepts to context. *International Journal of Educational Development*, 43(4):331–48. <https://doi.org/10.1023/A:1003075806523>.
- . 2003. Higher education policy discourse in South Africa: A struggle for alignment with macro development policy. *Perspectives in Education*, 17(2):31–9. <https://doi.org/10.4314/sajhe.v17i2.25295>.
- . 2018. Decolonising education in South Africa: Perspectives and debates. *Educational Research for Social Change*, 7(SPE):vi–ix.
- Flinders, D.J. en S.J. Thornton (reds.). 2002. *The curriculum studies reader*. 2de uitgawe. Londen: Routledge Falmer.
- . 2017. *The curriculum studies reader*. 5de uitgawe. New York, NY: Routledge.
- Freire, P. 1970. *Pedagogy of the oppressed*. New York, NY: Herder & Herder.
- Glatthorn, A.A., F. Boschee en B.M. Whitehead. 2009. *Curriculum leadership. Strategies for development and implementation*. 2de uitgawe. Londen: Sage Publications Ltd.
- Graham-Jolly, M. 2012. The nature of curriculum. In Reed, Gultig en Adendorff (reds.) 2012.
- Jansen, J.D. 1998. Curriculum reform in South Africa: A critical analysis of outcomes-based education. *Cambridge Journal of Education*, 28(3):321–31. <https://doi.org/10.1080/0305764980280305>.
- . 1999. Why outcomes-based education will fail: An elaboration. In Jansen en Christie (reds.) 1999.
- . 2017. *As by fire: The end of the South African university*. Kaapstad: Tafelberg.
- Jansen, J.D. en P. Christie (reds.). 1999. *Changing curriculum: Studies on outcomes-based education in South Africa*. Kenwyn: Juta.

Kelly, A.V. 1999. *The curriculum. Theory and practice*. 4de uitgawe. Londen: Paul Chapman Publishing Ltd.

Kridel, C. (red.). 2010. *Encyclopedia of curriculum studies*. Thousand Oaks, CA: Sage.  
<https://doi.org/10.4135/9781412958806>.

Lee, J.C. C. Chi-Kin en N. Gough (reds.). 2020. *Transnational education and curriculum studies*. Londen: Routledge.

Le Grange, L. 2014. Currere's active force and the Africanisation of the university curriculum. *South African Journal of Higher Education*, 28(4):1283–94.

—. 2016. Decolonising the university curriculum: Leading article. *South African Journal of Higher Education*, 30(2):1–12. <https://journals.co.za/doi/pdf/10.20853/30-2-709>.

—. 2018. Decolonising, Africanising, indigenising, and internationalising curriculum studies: Opportunities to (re)imagine the field. *Journal of Education*, 74:4–18.  
[https://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci\\_arttext&pid=S2520-98682018000400002&lng=en&nrm=iso&tlng=en](https://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S2520-98682018000400002&lng=en&nrm=iso&tlng=en) (10 Junie 2026 geraadpleeg).

—. 2020. Decolonising the university curriculum: The what, why and how. In Lee, Chi-Kin en Gough (reds.) 2020.

Le Hanie, C. 2021. The Business Education curriculum in 21st century South Africa: a meta-study of master's and doctoral studies. PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.

Le Hanie, C. en S. Bester (reds.) 2024. *'n Inleidende perspektief op kurrikulumstudies*. Pretoria: Van Schaik.

Lunenburg, F.C. 2011. Theorizing about curriculum: conceptions and definitions. *International Journal of Scholarly Academic Intellectual Diversity*, 13(1):1–6.

Maxwell, M. 2002. What is curriculum anyway? In Flinders en Thornton (reds.) 2002.

Montessori, M. 1912. *The Montessori method*. New York, NY: Frederick A. Stokes.

—. 1949. *The absorbent mind*. Madras: The Theosophical Publishing House.

Ornstein, A.C. en F.P. Hunkins. 2009. *Curriculum: Foundations, principles, and issues*. 5de uitgawe. Boston: Pearson.

Popham, W.J. & E.L. Baker. 1970. *Establishing instructional goals*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Pratt, D. 1980. *Curriculum: Design and development*. New York: Harcourt Brace Jovanovich Inc.

Reed, Y., J. Gultig en M. Adendorff (reds.). 2012. *Curriculum: Organising knowledge for the classroom*. 3de uitgawe. Kaapstad: Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk.

Schubert, W.H. 1986. *Curriculum: Perspective, paradigm, and possibility*. New York: Macmillan.

Scott, D. 2008. *Critical essays on major curriculum theorists*. New York: Routledge.

Smith, J.M. 1984. Taking Humpty Dumpty out of the curriculum. *National Association for School Principals Bulletin*, 68(476):103–7.

Spady, W.G. 1994. *Outcome-based education: Critical issues and answers*. Arlington, VA: American Association of School Administrators.

Stenhouse, L. 1975. *An introduction to curriculum research and development*. Londen: Heinemann.

Su, S. 2012. The various concepts of curriculum and the factors involved in curricula-making. *Journal of Language Teaching and Research*, 3(1):153–8. doi: 10.4304/jltr.3.1.153-158.

Taba, H. 1962. *Curriculum development: Theory and practice*. New York: Harcourt, Brace & World.

Teaching & Learning TV. 2014. Panel discussion with Prof William Pinar. YouTube-video, 14 Mei. <https://www.youtube.com/watch?v=E5iHt72PJ9E> (10 Maart 2026 geraadpleeg).

Tyler, R.W. 1949. *Basic principles of curriculum and instruction*. Chicago: University of Chicago Press.

Walker, S. 2014. If curriculum is the answer, what is the question? *Studies in Art Education*, 55(2):91–3.

What is curriculum. 2014. YouTube-video. <https://www.youtube.com/watch?v=zHM9AGmF7T8> (10 Maart 2026 geraadpleeg).



# Poësie as emosionele brug: 'n ontleding van gedigte vir graad 8 Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Lydia Cathleen Barnett en Emma Groenewald

Lydia Cathleen Barnett en Emma Groenewald, Fakulteit Opvoedkunde, Sol Plaatje-universiteit

## Opsomming

Hierdie artikel ondersoek die opvoedkundige waarde van twee voorgeskrewe gedigte vir graad 8 Afrikaans Eerste Addisionele Taal (EAT), naamlik “Swart Karnaval” deur Nanette van Rooyen en “Valentynsdag” deur Ilze Beukes, met die oog op emosionele ondersteuning aan adolessente leerders. Ons ondersoek die wyse waarop hierdie gedigte selfbewustheid, sosiale bewustheid en verhoudingsvaardighede by leerders kan ontwikkel. Deur middel van literêre ontleding volgens die Combrinkmodel toon ons aan dat beide gedigte betekenisvolle temas bevat wat emosies soos empatie, liefde, angstigheid en kwetsbaarheid onder die loep neem. Die artikel bied praktiese riglyne vir onderwysers en dosente om hierdie gedigte doeltreffend in die klaskamer te gebruik om leerders se emosionele intelligensie en taalvaardighede gelyktydig te ontwikkel. Beide gedigte is ryk opvoedkundige hulpbronne wat tipiese adolessente-ervarings hanteer. Die toepassing van sosiaal-emosionele leer in poësie-onderrig verbeter nie slegs leerders se emosionele welstand nie, maar verhoog ook hul begrip en waardering vir Afrikaanse poësie. Die studie dra by tot die groeiende korpus navorsing oor die terapeutiese en opvoedkundige waarde van poësie in taalonderrig deur 'n perspektief te verskaf wat sowel die taalpedagogiese as die kultuurspesifieke dimensies van poësie-onderrig verreken. Vir onderwysers wat in die Suid-Afrikaanse konteks werk, waar klaskamers dikwels taalkundig en kultureel veelsoortig is, bied hierdie studie 'n model om poësie te gebruik om brûe tussen taal en emosie, asook tussen leerders van verskillende agtergronde wat dieselfde universele emosionele ervarings deel, te bou. Die artikel sluit af met praktiese strategieë vir goeie klaskamertoepassing en riglyne om sosiaal-emosionele leer doeltreffend te integreer. Hierdie benadering beklemtoon die belangrikheid van holistiese taalonderrig wat sowel kognitiewe as affektiewe ontwikkeling integreer en demonstreer hoe literatuur as 'n kragtige instrument vir sosiale en emosionele transformasie in die Afrikaans EAT-klaskamer kan dien.

**Trefwoorde:** Afrikaans Eerste Addisionele Taal; emosionele intelligensie; literêre ontleding; poësie-onderrig; sosiaal-emosionele leer

## Abstract

### Poetry as an emotional bridge: an analysis of poems for Grade 8 Afrikaans First Additional Language

This article examines the educational value of two prescribed poems for Grade 8 Afrikaans First Additional Language (FAL), namely “Swart Karnaval” by Nanette van Rooyen and “Valentynsdag” by Ilze Beukes, with a focus on emotional support for adolescent learners. Both poems appear in the *Via Afrika Afrikaans Eerste Addisionele Taal. Graad 8 leesboek* (Geldenhuis 2013) and address emotional themes that are directly relevant to the lived experiences of Grade 8 learners navigating the transition into high school.

Adolescence is characterised by profound emotional, physical and social changes. For Grade 8 learners entering high school for the first time, this transition is frequently accompanied by anxiety, uncertainty and a search for identity. Within this complex developmental context, the Afrikaans FAL classroom offers a unique opportunity to support learners not only linguistically but also emotionally. Language teachers are well positioned to use poetry as a vehicle for emotional intervention, enabling them to approach sensitive issues with nuance and care. Although the Curriculum and Assessment Policy Statement (CAPS) for Afrikaans FAL acknowledges that literature study nurtures learners’ emotional intelligence, empathy and social skills, it provides little concrete guidance on how these outcomes should be achieved in practice. This article responds to that gap by demonstrating how two prescribed poems can be used to develop social and emotional competencies in Grade 8 learners.

The theoretical framework underpinning this study is social and emotional learning (SEL), as conceptualised by the Collaborative for Academic, Social and Emotional Learning (CASEL 2003). This framework identifies five core competencies essential to healthy development: self-awareness, self-management, social awareness, relationship skills and responsible decision-making. These competencies serve as the analytical lens through which the two selected poems are examined. The study argues that poetry, as a literary genre, is uniquely suited to developing these competencies in adolescent learners because of its concentrated emotional power, its use of imagery and sound devices, and its capacity to reflect universal human experiences in accessible and memorable ways.

The method of literary analysis applied in this article is the Combrink model (Combrink 1994), which provides a systematic and progressive approach to literary engagement. The model comprises four interrelated levels: emotional response, investigation and description, interpretation, and evaluation. Importantly for this study, the model places the emotional response at the foundation of literary analysis, recognising that cognition and emotion are inseparable in the reading process. This alignment with SEL principles makes the Combrink model a particularly appropriate analytical tool for poetry that aims to develop emotional competencies alongside literary skills. Each of the two poems is analysed across these four levels, with specific reference to how structural, stylistic and thematic features activate SEL competencies in learners.

“Swart Karnaval” by Nanette van Rooyen offers a compelling exploration of emotional masquerade – the way in which people conceal their true feelings behind a performance of happiness. Through the central figure of a harlequin at a carnival who weeps a single dark tear despite maintaining an outward display of joviality, the poem speaks directly to the adolescent experience of social pressure and the tension between public image and private reality. The

poem's title establishes an immediate tension through the juxtaposition of "swart" (black), evoking darkness and melancholy, against "karnaval", evoking festivity and colour. This oxymoronic pairing runs throughout the poem, reinforced by contrasting imagery, sound devices and structural choices that deepen the reader's awareness of the harlequin's hidden suffering. The poem is analysed in terms of its capacity to develop social awareness and empathy in learners – encouraging them to look beyond surface behaviour and remain sensitive to the emotional struggles others may be concealing. In an era of social media, where adolescents are under constant pressure to project curated, positive self-images, this theme is particularly timely and pedagogically valuable.

"Valentynsdag" by Ilze Beukes examines the complex emotions surrounding adolescent romantic attraction and the vulnerability inherent in expressing one's feelings to another. The poem traces the inner dialogue of a young speaker deliberating whether to reveal romantic feelings to a beloved – an experience that is at once universal and deeply personal. Written in free verse and structured in two octaves, the poem moves from the speaker's dreaming and longing in the first octave to the moment of decision and action in the second, mirroring the emotional journey from internal conflict to resolve. Sound devices, including assonance and alliteration, are used deliberately to reflect the speaker's shifting emotional states, while the incorporation of the well-known Afrikaans proverb "Wie nie waag nie, wen nie" grounds the personal dilemma within a broader philosophy of courage and growth. The analysis of this poem focuses on its potential to develop self-awareness, responsible decision-making and self-management in learners, as well as its value in initiating honest classroom conversations about vulnerability, identity and healthy relationships.

Together, these two poems offer complementary pedagogical resources. "Swart Karnaval" directs learners' attention outward, fostering empathy and social awareness of others' emotional experiences. "Valentynsdag" turns learners' attention inward, cultivating self-awareness, emotional regulation and the courage required for authentic self-expression. This complementary focus makes it possible to address multiple dimensions of social and emotional learning in the Grade 8 Afrikaans FAL classroom through the study of just two prescribed poems. Both poems engage adolescent experiences with directness and authenticity, drawing on contexts – carnival, social performance, the school environment, first love – that resonate with young learners.

The article concludes with practical pedagogical guidelines for teachers and lecturers on how to use these poems effectively in the classroom. These guidelines are grounded in the four key elements of effective SEL implementation identified by Durlak et al. (2011): sequenced, active, focused and explicit instruction. Recommended classroom strategies include pre-reading activities that activate learners' prior emotional knowledge, structured first and second readings that progress from emotional response to analytical engagement, guided group discussions using open-ended questions, and creative response activities such as letter-writing and reflective journal entries. The importance of creating a psychologically safe classroom environment is emphasised throughout, as learners cannot be expected to engage honestly with emotionally resonant material in a space where they fear judgement or ridicule.

This study contributes to the growing body of research on the therapeutic and pedagogical value of poetry in language teaching. This article provides an Afrikaans perspective that accounts for both the language-pedagogical and culturally specific dimensions of poetry teaching in South Africa. In multilingual and multicultural South African classrooms, where

learners come from diverse linguistic, cultural and socio-economic backgrounds, the two poems examined here demonstrate how Afrikaans poetry can serve as a bridge – not only between language and emotion, but between learners who may otherwise feel distant from one another yet share the same universal adolescent experiences. The integration of social and emotional learning into poetry teaching should not be regarded as an additional burden on already pressured teachers, but rather as a necessary dimension of holistic language education that simultaneously develops cognitive and affective competencies. When poetry is taught with intentionality and sensitivity, the language classroom becomes a space where feelings are validated, empathy is cultivated, and literature fulfils its transformative potential.

**Keywords:** Afrikaans First Additional Language; emotional intelligence; literary analysis; poetry teaching; social-emotional learning

## 1. Inleiding

Die adolessente fase word deur ingrypende emosionele, liggaamlike en sosiale veranderinge gekenmerk (Watts, Cockcroft en Duncan 2013; Greenspan en Deardorff 2014). Vir graad 8-leerders, wat hul eerste jaar in die hoërskool betree, kan hierdie oorgang met angstigheid, onsekerheid en 'n soeke na identiteit gepaard gaan (Donaldson, Moore en Hawkins 2023; Avci, Baams en Kretschmer 2024). Binne hierdie verwikkelde ontwikkelingskonteks bied die Afrikaans Eerste Addisionele Taal- (EAT-) klaskamer 'n unieke geleentheid om leerders nie slegs taalkundig nie, maar ook emosioneel te ondersteun. Die hoërskool is 'n formatiewe ruimte waar adolessente hul identiteite ontwikkel, sosiale verhoudings navigeer en betekenis aan hul emosionele ervarings gee. Dit is juis in hierdie konteks dat literatuur, en veral poësie, 'n besondere waarde kan hê.

Poësie, as literêre genre, beskik oor die vermoë om emosies uit te druk, uit te daag en te verwerk (Croom 2015; Sacayan, Aliod, Buladaco, De Felipe, Poralan en Tan 2025). Verder bied poësie aan lesers die geleentheid om verwikkelde gevoelens en ervarings deur die lens van ritme, klank, beeldspraak en metafoor te verken. Anders as langer prosatekste vereis poësie 'n indringende betrokkenheid by elke woord en elke versreël – 'n proses wat sowel kognitiewe as emosionele vaardighede aanwakker. Vir adolessente, wat dikwels sukkel om hul emosies te identifiseer en te verstaan, kan poësie as 'n speël dien waarin hulle hulself herken, sowel as 'n venster waardeur hulle ander se ervarings kan waarneem.

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Afrikaans EAT graad 8 (Departement van Basiese Onderwys [DvBO] 2011:10) vereis dat leerders met literêre werke omgaan om estetiese en verbeeldingsvermoë in hul addisionele taal te ontwikkel. Die KABV (DvBO 2011:5) verklaar verder dat “kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongeluk, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede” op skoolvlak onder die loep geneem moet word. Tog bied die KABV min konkrete riglyne oor hoe waardes en emosionele ontwikkeling in die taalklaskamer geïntegreer moet word. 'n Konsepdokument vir die onderrig en assessering van letterkunde (DvBO 2011) erken wel dat literatuurstudie leerders se persoonlikheid en sosiale vaardighede ontwikkel, empatie kweek en emosionele intelligensie bevorder, maar hierdie erkenning word nie omgesit in spesifieke pedagogiese strategieë nie. Dié leemte skep 'n geleentheid vir onderwysers en navorsers om kreatiewe benaderings tot poësie-onderrig, wat akademiese sowel as emosionele doelwitte bereik, te verken.

Die keuse van “Swart Karnaval” en “Valentynsdag” as fokuspunte vir hierdie studie is doelbewus en pedagogies gemotiveerd. Albei gedigte verskyn in die *Via Afrika Afrikaans Eerste Addisionele Taal. Graad 8 leesboek* (Geldenhuys 2013) en neem belangrike emosionele temas, wat vir adolessente leerders tersaaklik is, onder die loep. “Swart Karnaval” deur Nanette van Rooyen verken die tema van empatie en die vermoë om verby oproerige of ontwrigtende gedrag te kan kyk – die besef dat mense dikwels hul ware emosies agter maskers van vrolikheid verberg. Hierdie tema is veral tersaaklik in die era van sosiale media, waar adolessente voortdurend onder druk is om ’n positiewe beeld van hulself te vertoon, selfs wanneer hulle innerlik sukkel. “Valentynsdag” deur Ilze Beukes ondersoek die verwickelde emosies met betrekking tot kalwerliefde, kwetsbaarheid en risikoneming. Die gedig vang die innerlike worsteling vas van ’n jong persoon wat moet besluit of hy of sy sy of haar gevoelens aan ’n beminde sal openbaar – ’n ervaring wat universeel is vir adolessente, maar ook diep persoonlik en dikwels angswekkend.

Saam bied hierdie twee gedigte ’n ryk pedagogiese repertoire om leerders te help om hul eie emosies, en dié van ander, beter te verstaan. “Swart Karnaval” is toegespits op sosiale bewustheid en empatie vir ander, terwyl “Valentynsdag” selfbewustheid, verantwoordelike besluitneming en die navigering van intieme verhoudings in oënskou neem. Hierdie onderskeie maar komplementêre fokusgebiede maak dit moontlik om verskeie dimensies van sosiaal-emosionele leer in die klaskamer te integreer.

Die doel van hierdie artikel is tweeledig: eerstens, om deur middel van literêre ontleding aan te toon hoe “Swart Karnaval” en “Valentynsdag” emosies wat sentraal staan tot die adolessente ervaring ondersoek; tweedens, om praktiese pedagogiese riglyne aan onderwysers en dosente te verskaf oor hoe om hierdie gedigte doeltreffend in die graad 8 Afrikaans EAT-klaskamer te gebruik. Die teoretiese raamwerk van sosiaal-emosionele leer (Collaborative for Academic, Social and Emotional Learning [CASEL] 2003) dien as ’n lens waardeur die gedigte ontleed word, met spesifieke klem op die vyf kernvaardighede van sosiaal-emosionele leer: selfbewustheid, selfbestuur, sosiale bewustheid, verhoudingsvaardighede en verantwoordelike besluitneming. Die Combrinkmodel (Combrink 1994) vir literêre ontleding word gebruik om die gedigte sistematies te ondersoek, van emosionele reaksie tot kritiese evaluering.

Hierdie studie dra by tot die groeiende korpus navorsing oor die terapeutiese en pedagogiese waarde van poësie in taalonderrig (vgl. Williams 2011; Allen, Carter en Pearson 2019; Sansuán 2020; Carvalho, Da Fonseca en De Melo Tavares 2021). Terwyl vorige studies hoofsaaklik op Engelse en Spaanse kontekste gefokus het, verskaf hierdie artikel ’n Afrikaanse perspektief wat die taalpedagogiese en kultuurspesifieke dimensies van poësie-onderrig verrek. Vir onderwysers wat in die Suid-Afrikaanse konteks werk, waar klaskamers dikwels taalkundig en kultureel veelsoortig is, bied hierdie studie ’n model om poësie te gebruik om brûe te bou – nie net tussen taal en emosie nie, maar ook tussen leerders van verskillende agtergronde wat tog dieselfde universele emosionele ervarings deel.



## 2. Teoretiese raamwerk: Sosiaal-emosionele leer

Die teoretiese raamwerk van sosiaal-emosionele leer word in hierdie afdeling uiteengesit.

### 2.1 Konseptualisering van sosiaal-emosionele leer

Sosiaal-emosionele leer verwys na die proses waardeur kinders en volwassenes die vaardighede, houdings en waardes bekom wat nodig is om emosies te verstaan en te bestuur, positiewe doelwitte te stel en te bereik, empatie vir ander te toon, positiewe verhoudings te vestig en te handhaaf en verantwoordelike besluite te neem (CASEL 2003; Zins en Elias 2006). CASEL het 'n omvattende raamwerk ontwikkel wat vyf onderling verwante vaardighede as die kern van sosiaal-emosionele ontwikkeling identifiseer. Hierdie raamwerk het wêreldwye erkenning in opvoedkundige kontekste verkry en bied 'n bruikbare lens vir die integrasie van emosionele ontwikkeling in kurrikulumontwerp en onderrigpraktyke.

Die vyf kernvaardighede van sosiaal-emosionele leer, soos deur CASEL (2003) geïdentifiseer, vorm 'n geïntegreerde stelsel van bevoegdhede wat mekaar wedersyds versterk. Selfbewustheid verwys na die vermoë om eie emosies, gedagtes en waardes te herken en te verstaan en te begryp hoe hierdie aspekte gedrag beïnvloed (Humphrey, Lendrum, Wigelsworth en Greenberg 2020). Dit sluit die vermoë om eie sterk punte en beperkinge te identifiseer, 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel en 'n geestesvermoë vir groei te kweek in. Vir adolessente, wat deur 'n fase van hewige identiteitsvorming gaan, is selfbewustheid 'n noodsaaklike vaardigheid wat hulle help om sin te maak van die liggaamlike, emosionele en sosiale veranderinge wat hulle ondergaan.

Selfbestuur behels die vaardighede om emosies, gedagtes en gedrag doeltreffend in verskillende situasies te reguleer, met inbegrip van spanningshantering, impulsbeheer en selfmotivering (Merrell, Gueldner en Feuerborn 2020). Selfbestuur sluit die vermoë om emosies te herken en te verstaan en konstruktief daarmee om te gaan in. Adolessente ervaar dikwels kragtige en wisselende emosies, en die ontwikkeling van selfbestuurvaardighede help hulle om hierdie emosies op 'n gesonde wyse te navigeer. Navorsing toon aan dat selfbestuur verbind word met akademiese sukses, gesonde verhoudings en algemene welstand (Greenberg, Domitrovich, Weissberg en Durlak 2017).

Sosiale bewustheid verwys na die kapasiteit om die perspektiewe van ander te verstaan en te waardeer, empatie te toon en sosiale en etiese norme vir gedrag te herken (Greenberg e.a. 2017). Dit sluit die vermoë om nieverbale seine te lees, verskillende kulturele kontekste te verstaan en respek vir veelsoortigheid te toon in. In die multikulturele Suid-Afrikaanse konteks, waar leerders uit verskillende taal-, kultuur- en sosio-ekonomiese agtergronde kom, is sosiale bewustheid 'n noodsaaklike vaardigheid vir die bevordering van sosiale samehörigheid en wedersydse begrip. Empatie, as 'n kernkomponent van sosiale bewustheid, stel leerders in staat om buite hul eie ervarings te kyk en ander se emosies en perspektiewe te waardeer.

Verhoudingsvaardighede behels die vermoë om gesonde en ondersteunende verhoudings met uiteenlopende individue en groepe te vestig en te handhaaf, wat doeltreffende kommunikasie, aktiewe luister, samewerking en konfliktoplossing insluit (Ellis en Zarbatany 2017). Adolessensie is 'n tyd waarin portuurverhoudings toenemend belangrik word. Daarom het die vermoë om positiewe verhoudings te navigeer 'n beduidende impak op adolessente leerders se emosionele welstand en akademiese prestasie. Verhoudingsvaardighede sluit ook die vermoë in om 'n balans te vind tussen eie behoeftes en die behoeftes van ander, grense te stel en hulp te soek wanneer dit nodig is.



Verantwoordelike besluitneming is die bevoegdheid om konstruktiewe en respekvolle keuses oor persoonlike gedrag en sosiale interaksies te maak, gebaseer op etiese standaarde, veiligheids-oorwegings en sosiale norme (Zins, Bloodworth, Weissberg en Walberg 2007). Dit behels die vermoë om probleme te identifiseer, verskillende oplossings te oorweeg, die moontlike gevolge van elke opsie te beoordeel en 'n weldeurdagte keuse te maak. Vir adolessente, wat toenemend voor verwickelde besluite te staan kom – van akademiese keuses tot sosiale situasies en groepsdruk – is die ontwikkeling van verantwoordelike besluitnemingsvaardighede van die uiterste belang.

## ***2.2 Navorsingsgrondslag vir sosiaal-emosionele leer***

Navorsing oor die impak van sosiaal-emosionele leer is omvangryk. 'n Meta-ontleding deur Durlak, Weissberg, Dymnicki, Taylor en Schellinger (2011) het 213 skoolgebaseerde programme van sosiaal-emosionele leer en meer as 270 000 leerders betrek. Hulle het bevind dat deelname aan programme van sosiaal-emosionele leer verbind word met beduidende verbeteringe in sosiaal-emosionele vaardighede, houdings, gedrag en akademiese prestasie. Leerders wat aan programme van sosiaal-emosionele leer deelgeneem het, het gemiddeld 11 persentasiepunte beter gevaar in gestandaardiseerde prestasietoetse as leerders wat nie daaraan deelgeneem het nie. Hierdie bevindings beklemtoon die belangrikheid van sosiaal-emosionele leer, nie net vir emosionele welstand nie, maar ook vir akademiese sukses.

Greenberg e.a. (2017) voer aan dat sosiaal-emosionele leer beskou moet word as 'n openbare-gesondheidsbenadering tot onderwys. Hulle wys daarop dat sosiaal-emosionele leer nie slegs individuele leerders bevoordeel nie, maar ook bydra tot die skep van 'n veiliger, meer ondersteunende skoolklimaat. In skole wat sosiaal-emosionele leer toepas, kom laer vlakke van boeliegedrag, geweld en emosionele probleme, sowel as hoër vlakke van leerderbetrokkenheid en positiewe sosiale gedrag voor. Hierdie bevindings is veral tersaaklik in die Suid-Afrikaanse konteks, waar talle skole met uitdagings soos geweld, trauma en armoede te kampe het.

Zins e.a. (2007) het bevind dat emosies 'n integrale rol in leer speel aangesien dit leerders se aandag, motivering en geheue beïnvloed. Wanneer leerders emosioneel gereguleer en positief betrokke is, is hulle beter in staat om inligting te verwerk, kritiese denke toe te pas en nuwe kennis te integreer. Aan die ander kant, wanneer leerders emosioneel ongereguleer is – as gevolg van angs, depressie, trauma of ander emosionele uitdagings – word hul kognitiewe funksionering belemmer. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid van die integrasie van emosionele ondersteuning in die klaskamer, nie as 'n bykomende komponent nie, maar as 'n fundamentele aspek van doeltreffende onderrig.

In die Suid-Afrikaanse konteks is die waarde van sosiaal-emosionele leer ook al ondersoek, alhoewel die korpus navorsing nog betreklik beperk is. Studies het aangetoon dat Suid-Afrikaanse leerders, veral diegene uit lae sosio-ekonomiese kontekste, dikwels hoër vlakke van trauma, angs en emosionele worsteling ervaar as gevolg van faktore soos armoede, geweld, MIV/vigs en gesinsverbrokkeling (Flett en Hewitt 2013). In hierdie konteks kan die toepassing van sosiaal-emosionele leer in die kurrikulum 'n lewensveranderende impak hê deur leerders te help om veerkragtigheid te ontwikkel, trauma te verwerk en gesonde hanteringsmeganismes te kweek.

### **2.3 Sosiaal-emosionele leer in die Afrikaans EAT-klaskamer**

Die integrasie van sosiaal-emosionele leer in die Afrikaans EAT-klaskamer bied unieke geleenthede en uitdagings. Aan die een kant is taalonderrig inherent gemoeid met emosionele en sosiale aspekte; taal is immers die primêre middel waardeur mense hul emosies uitdruk, identiteite vorm en met ander kommunikeer. Literatuur, as 'n komponent van taalonderrig, bied 'n besonder ryk terrein vir emosionele verkenning aangesien literêre tekste dikwels verwikkelde menslike ervarings, emosies en konflikte uitbeeld. Aan die ander kant ontvang onderwysers min formele opleiding oor hoe om sosiaal-emosionele leer in die kurrikulum te integreer en ervaar hulle dikwels tydsbeperkings en druk om die voorgeskrewe kurrikulum te voltooi.

Die KABV vir Afrikaans EAT (DvBO 2011) beklemtoon die belangrikheid daarvan dat leerders kennis, vaardighede en waardes verwerf. Volgens die algemene doelwitte van die kurrikulum moet leerders toegerus word “met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling, en betekenisvolle deelname aan die samelewing as burgers van ’n vrye land” (DvBO 2011:4). Om selfvervuld te wees moet ’n leerder hom- of haarself goed ken, wat gekoppel word aan selfbewustheid. Om betekenisvol aan die samelewing deel te neem vereis sosiale bewustheid, verhoudingsvaardighede en verantwoordelike besluitneming. Die KABV erken dus implisiet die belangrikheid van sosiaal-emosionele vaardighede, alhoewel dit nie uitdruklike riglyne verskaf om hierdie vaardighede te ontwikkel nie.

’n Konsepdokument vir die onderrig en assessering van letterkunde (DvBO 2011) is duideliker oor die rol van literatuur in emosionele ontwikkeling. Die dokument verklaar:

Literature study nurtures growth and development of the learners’ personality and social skills. They learn to empathise with characters, to feel their joys and pain. Studying literature enables them to better understand social situations, history, their own emotions, and various cultural practices. It also makes them more empathetic. Literature helps learners develop emotional intelligence.

Hierdie erkenning van die rol wat literatuur in die ontwikkeling van emosionele intelligensie speel, is bemoedigend. Die dokument bied egter min praktiese strategieë om hierdie potensiaal in die klaskamer te verwesenlik.

Poësie, as ’n genre wat emosies op ’n gekonsentreerde en kragtige wyse uitdruk, is by uitstek geskik om as voertuig vir sosiaal-emosionele leer te dien. Croom (2015) voer aan dat die lees, skryf en voordra van poësie kognitiewe sowel as emosionele prosesse in werking stel en dat hierdie tweeledige betrokkenheid tot verbeterde welstand, verhoogde selfbewustheid en groter empatie vir ander lei. Williams (2011) het ’n model vir poësieterapie in die literatuurklaskamer ontwikkel. Die model behels drie fases: (1) die herkenning van emosies in die teks; (2) die ondersoek van die wyse waarop hierdie emosies by eie ervarings aanklank vind; en (3) die skep van nuwe betekenis deur kreatiewe reaksie. Hierdie model sluit aan by die Combrinkmodel vir literêre ontleding, wat ook begin met ’n emosionele reaksie en dan vorder tot meer kognitiewe vlakke van ontleding en interpretasie.

Vir graad 8 Afrikaans EAT-leerders, wat dikwels nog besig is om hul Afrikaanse taalvaardighede te ontwikkel, bied poësie ook die voordeel van talige toeganklikheid. Die bondige aard van poësie, die gebruik van herhalende patrone en klankeffekte en die visuele voorstelling van teks kan leerders help om betekenis te konstrueer, selfs wanneer sekere woorde of frases

uitdagend is (Goepel 2024). Verder kan poësie as 'n platform dien vir die verkenning van kulturele identiteit en taalkundige veelsoortigheid. Afrikaanse poësie, met sy ryk tradisie en eietydse dinamiek, bied leerders die geleentheid om Afrikaans nie slegs as 'n addisionele taal te ervaar nie, maar as 'n lewendige, ontwikkelende taalmedium wat hul eie emosies en ervarings kan verwoord.

#### **2.4 Die Combrinkmodel vir literêre ontleding**

Hierdie studie maak gebruik van die Combrinkmodel (Combrink 1994) vir literêre ontleding. Die model bied 'n sistematiese benadering tot die lees en interpretasie van literêre tekste en onderskei vier onderling verwante vlakke van betrokkenheid: emosionele reaksie, ondersoek en beskrywing, interpretasie en evaluasie. Elk van hierdie vlakke bou voort op die vorige, maar hulle is nie noodwendig lineêr nie – lesers kan heen en weer beweeg tussen die vlakke soos hul begrip verdiep. Die model bestaan uit verskeie vlakke, maar vir hierdie studie word slegs vier vlakke gebruik.

Vlak 1 is die emosionele reaksie en behels die eerste, onmiddellike reaksie op die teks. Dit is waar lesers hul gevoelens oor die teks ervaar en uiter – of hulle dit geniet of nie, watter emosies dit by hulle ontlok, watter herinneringe of assosiasies dit oproep en so meer. In 'n sosiaal-emosionele benadering tot poësie is hierdie vlak van die uiterste belang aangesien dit leerders toelaat om hul eie emosionele ervarings te herken en te bekragtig. Onderwysers kan leerders aanmoedig deur vrae te vra soos: Hoe voel jy nadat jy hierdie gedig gelees het? Watter dele van die gedig het die sterkste emosionele impak op jou gehad? Kan jy identifiseer met die spreker of die situasie in die gedig?

Vlak 2 – ondersoek en beskrywing – behels die identifisering van literêre elemente soos struktuur, styl, taalgebruik en beeldspraak. Lesers ondersoek die teks meer ontledend met vrae soos: Hoe is die gedig gestruktureer? Watter klankeffekte word gebruik? Watter metafore en simbole is teenwoordig? Hierdie vlak verg 'n kognitiewe benadering, maar dit kan ook emosionele insigte verdiep. Wanneer leerders byvoorbeeld besef hoe die digter klankeffekte gebruik om 'n gevoel van spanning te skep, kan hulle beter verstaan waarom die gedig so 'n sterk emosionele impak op hulle gehad het.

Vlak 3 – interpretasie – behels die soeke na betekenis, temas en die digter se boodskap. Lesers probeer verstaan wat die gedig beteken, suggereer, impliseer of simboliseer. Interpretasie is inherent subjektief aangesien verskillende lesers verskillende betekenisse uit dieselfde teks kan haal, gebaseer op hul eie ervarings, waardes en perspektiewe. In 'n sosiaal-emosionele konteks kan interpretasie leerders help om die emosionele temas van die gedig te bepaal en aan menslike ervarings te koppel.

Vlak 4 – evaluasie – behels 'n kritiese oordeel oor die literêre waarde en tersaaklikheid van die teks. Leerders kan vrae vra soos: Is dit 'n goeie gedig? Waarom of waarom nie? Hoe tersaaklik is hierdie gedig vir my lewe? Watter boodskap dra die gedig oor, en stem ek daarmee saam? Evaluasie verg dat leerders hul eie waardes en oortuigings uitdruk en krities daaroor nadink. In 'n sosiaal-emosionele konteks kan evaluasie ook behels dat leerders oorweeg hoe die gedig hulle gehelp het (of nie gehelp het nie) om iets oor hulself of ander te leer.

Die Combrinkmodel is veral geskik vir 'n sosiaal-emosionele benadering tot poësie omdat dit uitdruklik erkenning gee aan die emosionele reaksie as 'n belangrike aspek van literêre ontleding. Te dikwels word emosies in akademiese kontekste as subjektief of onwetenskaplik afgemaak, maar die Combrinkmodel plaas emosie aan die begin van die interpretasieproses, as die fondament waarop verdere ontleding gebou word. Dit stem ooreen met sosiaal-emosionele leer, wat erken dat emosies en kennis nie geskei kan word nie, maar mekaar wedersyds beïnvloed en versterk.

### 3. Poësie in die Afrikaans EAT-klaskamer

Die onderrig van poësie in die Afrikaans EAT-klaskamer bied sowel uitdagings as geleenthede. Verskeie studies het reeds die hindernisse wat onderwysers en leerders ondervind wanneer hulle met poësie werk, geïdentifiseer (Cubukcu 2010; Sugandi 2015; Mavhiza 2019). Terselfdertyd het navorsing ook die transformerende potensiaal van poësie aangetoon wanneer dit op innoverende en leerdergesentreerde maniere onderrig word (Creely 2018; Sansuán 2020). Om poësie doeltreffend in die klaskamer te gebruik is dit noodsaaklik om hierdie uitdagings en geleenthede te verstaan en strategieë te ontwikkel om eersgenoemde te oorkom en die tweede te benut.

#### 3.1 Uitdagings in poësie-onderrig

Een van die algemeenste uitdagings in poësie-onderrig is taalkundige kompleksiteit. Poësie maak dikwels gebruik van figuurlike taal, idioome en kulturele verwysings wat vir EAT-leerders uitdagend kan wees (Bell Foundation 2024). Terwyl moedertaalsprekers dalk intuïtief die bybetekenisse en nuanses van sekere woorde of frases verstaan, moet EAT-leerders hierdie betekenisse bewustelik leer. Verder kan die gekonsentreerde, elliptiese aard van poëtiese taal – waar betekenis dikwels geïmpliseer eerder as uitdruklik gestel word – leerders wat nog besig is om basiese leesvaardigheid in Afrikaans te ontwikkel, frustreer.

'n Verdere uitdaging is onderwysers se eie onsekerheid oor poësie-onderrig. Baie onderwysers voel nie selfversekerd genoeg om poësie te onderrig nie, veral wanneer hulle nie 'n sterk agtergrond in die ontleding van poësie het nie (Cremin 2013). Hierdie onsekerheid kan vererger word deur die subjektiewe aard van poësie-interpretasie. Anders as in, byvoorbeeld, wiskunde, waar daar slegs een korrekte antwoord is, kan poësie veelvuldige interpretasies ondersteun. Vir onderwysers wat nie gemaklik is met hierdie dubbelsinnigheid nie, kan poësie-onderrig intimiderend wees. Cremin (2013) het bevind dat onderwysers met 'n passie vir poësie makliker analitiese vaardighede ontwikkel en meer selfvertroue in die onderrig daarvan toon, maar dat hierdie passie dikwels ontbreek, veral wanneer onderwysers negatiewe ervarings met poësie gehad het.

Leerders se houdings teenoor poësie kan ook 'n hindernis wees. Mavhiza (2019) het in haar studie van graad 11-leerders in Gauteng bevind dat baie leerders poësie as ouderwets, nietersaaklik of te moeilik beskou. Hierdie houdings word dikwels gevorm deur vorige negatiewe ervarings met poësie, waar leerders gedwing is om gedigte te memoriseer sonder om dit te verstaan of waar hulle gevoel het dat die gedigte niks met hul eie lewens te doen het nie. Wanneer leerders poësie sien as iets wat hulle moet doen eerder as iets wat hulle wil verken, word hul betrokkenheid en motivering ondermyn.

Kurrikulumdruk is 'n verdere uitdaging. Onderwysers ervaar dikwels tydsbeperkings, en die druk om die voorgeskrewe kurrikulum te voltooi, laat min tyd vir diep, emosioneel gefokusde besprekings (Westbrook, Durrani, Brown, Orr, Pryor, Boddy en Salvi 2013). In 'n konteks waar assessering dikwels op kennisherroeping eerder as emosionele ontwikkeling fokus, mag onderwysers voel dat hulle nie die “luukse” het om tyd aan emosionele aspekte te spandeer nie. Hierdie druk word vererger in skole waar leerders swak presteer in gestandaardiseerde toetse en waar daar hewige druk is om leerderuitslae te verbeter.

### ***3.2 Geleenthede in poësie-onderrig***

Ten spyte van die genoemde uitdagings bied poësie ook unieke geleenthede vir leer en ontwikkeling. Een van die grootste voordele van poësie is toeganklikheid. Die bondige aard van poësie maak dit minder intimiderend as langer prosatekste vir leerders wat nog besig is om hul Afrikaanse leesvaardighede te ontwikkel (Nichols, Rasinski, Rupley, Kellog en Paige 2018). 'n Gedig van 12 of 16 reëls is leesbaar, selfs vir swak lesers, terwyl 'n kortverhaal van verskeie bladsye oorweldigend kan lyk. Verder kan leerders 'n gedig herhaaldelik lees, wat hul begrip verdiep en selfvertroue bou (Creely 2018). Met elke lees kan nuwe betekenis ontsluit word en leerders kan die bevrediging van toenemende begrip ervaar.

Poësie se gebruik van ritme, rym en klankeffekte maak dit ook meer geheuevriendelik en dra by tot 'n multisensoriese leerervaring. Navorsing toon aan dat wanneer taal met klank en ritme gekombineer word, dit makliker is om te onthou en te verwerk (Duncan 2010). Vir EAT-leerders kan die musikale aard van poësie help om taalvaardighede te ontwikkel, terwyl dit ook 'n genotvolle estetiese ervaring bied.

Die vermoë van poësie om emosies op 'n gekonsentreerde wyse uit te druk kan vir adolessente leerders besonder kragtig wees (Allen e.a. 2019; Carvalho e.a. 2021). Adolessente ervaar dikwels sterk emosies wat hulle sukkel om te verwoord en poësie kan dien as 'n spieël waarin hulle hul eie gevoelens herken, sowel as 'n model om hierdie gevoelens te verwoord. Williams (2010:78) stel dit só: “Poetry offers a vocabulary for the ineffable.” Dit wil sê, poësie gee woorde om dit wat moeilik is om te sê, uit te druk.

Eietydse Afrikaanse poësie, soos die gedigte van Jana Erasmus, Tanita da Silva, Ilze Beukes en Nanette van Rooyen, kan leerders help om hul identiteit en kultuur te verken (vgl. Ibarra-Rius en Ballester-Roca 2019). Hierdie digters skryf oor temas wat direk tersaaklik is vir adolessente se lewens: identiteit, liefde, portuurdruk, selfbeeld, sosiale media en so meer. Die digters gebruik hedendaagse taal, verwysings na tegnologie en popkultuur en neem kwessies wat adolessente werklik raak onder die loep. Wanneer leerders hulself in gedigte herken, word die idee van “poësie is nie vir my nie” uitgedaag.

Laastens moedig poësie kreatiewe uitdrukking aan. Nadat leerders gedigte geles en ontleed het, kan hulle aangemoedig word om self gedigte te skryf – 'n proses wat taalvaardighede sowel as emosionele uitdrukking bevorder (Yavuz 2010). Kreatiewe skryfwerk gee leerders die geleentheid om uitdrukking te gee aan hul eie stemme en aktief met taal te eksperimenteer. Dit kan ook 'n terapeutiese funksie vervul deur leerders te help om moeilike emosies te verwerk en betekenis uit uitdagende ervarings te skep.

### 3.3 Strategieë om uitdagings te oorkom en geleenthede te benut

Onderwysers kan verskeie strategieë toepas om die uitdagings van poësie-onderrig die hoof te bied. Eerstens is dit belangrik om 'n veilige, ondersteunende klaskameromgewing te skep waar leerders voel hulle kan hul interpretasies en emosionele reaksies deel sonder vrees vir kritiek. Sansuán (2020) het bevind dat wanneer onderwysers uitdruklik erkenning gee aan die emosionele dimensie van poësie en leerders aanmoedig om hul gevoelens te verken, leerders se houdings teenoor poësie beduidend verbeter. Dit beteken dat onderwysers self oop moet wees oor hul eie emosionele reaksies op poësie, en leerders moet geen negatiewe gevoelens teenoor poësie koester nie.

Tweedens kan onderwysers gedigte kies wat tersaaklik is vir leerders se lewens en ervarings. Alhoewel kanonieke gedigte belangrik is, moet daar ook ruimte wees vir hedendaagse gedigte wat temas behandel wat by adolessente aanklank vind. Die keuse van “Swart Karnaval” en “Valentynsdag” vir hierdie studie is juis gebaseer op hierdie beginsel – beide gedigte hanteer emosies en ervarings wat vir graad 8-leerders tersaaklik is.

Derdens kan onderwysers multimodale benaderings gebruik om poësie toegankliker te maak. Dit kan die gebruik van visuele kuns, musiek, drama of digitale media om poësie te verken, insluit. Leerders kan byvoorbeeld gevra word om visuele voorstellings van gedigte te skep of gedigte met musiek te vergelyk. Hierdie benaderings maak poësie meer interaktief en kan leerders wat met suiwer tekstuele ontleding sukkel, help.

Vierdens is dit belangrik om professionele ontwikkeling vir onderwysers te verskaf. Onderwysers benodig opleiding in sowel literêre ontleding as sosiaal-emosionele leer om poësie doeltreffend te onderrig. Hierdie opleiding kan hulle help om selfvertroue te bou, nuwe strategieë te leer en 'n passie vir poësie te ontwikkel wat hulle aan hul leerders kan oordra.

## 4. Literêre ontleding: “Swart Karnaval” deur Nanette van Rooyen

In hierdie afdeling word “Swart Karnaval” literêr ontleed.

### 4.1 Konteks en eerste lees (Combrink vlak 1)

“Swart Karnaval” deur Nanette van Rooyen verskyn in die *Via Afrika Afrikaans EAT. Graad 8 leesboek* en is 'n kragtige verkenning van die spanning tussen uiterlike opvoerigheid en innerlike emosionele worsteling. By die eerste lees ontlok die gedig 'n duidelike emosionele reaksie – 'n gevoel van verrassing, skok en uiteindelik deernis. Die leser word aanvanklik meegevoer deur die opwindende atmosfeer van die karnaval, slegs om dan te besef dat hierdie blydschap 'n masker is vir diepliggende hartseer.

Die gedig beskryf 'n harlekyn of nar tydens 'n karnaval wat, ten spyte van sy kleurvolle en opgewekte uiterlike voorkoms, innerlik swartgallig en depressief is. Hierdie kontras tussen uiterlike skyn en innerlike werklikheid skep 'n ongemak by die leser – 'n besef dat dinge nie altyd is soos wat dit lyk nie en dat mense dikwels hul ware emosies verberg. Hierdie tema kan aanklank vind by adolessente leerders, wat self dikwels druk ervaar om 'n sekere beeld uit te straal terwyl hulle innerlik sukkel.



#### 4.2 Strukturele en stilistiese kenmerke (Combrink vlak 2)

Die gedig maak gebruik van 'n ryke arsenaal van beeldende en klankeffekte om die kontras tussen uiterlike skyn en innerlike werklikheid te skep. Reeds in die titel word 'n duidelike oksimoron-tipe spanning gevestig: “swart” (wat bybetekenis van duisternis, hartseer en somberheid dra) teenoor “karnaval” (wat tipies met vreugde, kleur en viering verbind word). Hierdie jukstaposisie van teenoorgesteldes gaan voort deur die hele gedig en skep 'n ongemaklike, dissonante atmosfeer.

Die opening van die gedig plaas die leser onmiddellik binne die opwindende atmosfeer van die karnaval: “hy kom uit die rookmis en lasergolwe” (reël 1). Die gebruik van “rookmis” en “lasergolwe” skep 'n sintuiglike ervaring van die moderne karnaval met sy tegnologiese spektakel. Die woord *lasergolwe* suggereer kleur, lig en beweging – elemente wat met feestelikheid en viering verbind word. Die beeld is dinamies en energiek en die leser verwag 'n atmosfeer van vreugde en opgewondenheid.

Hierdie aanvanklike opgewondenheid word egter vinnig gekompliseer deur die donkerder beelde wat volg. Reël 2 beskryf die harlekyn se “blink, kwinkende kunsie”. Die woord *kwinkend* suggereer 'n ligsinnige, speelse kwaliteit, maar dit word onmiddellik gekontrasteer met reël 3: “alles is donker”. Die woord *alles* beklemtoon die algehele aard van die harlekyn se innerlike duisternis, ten spyte van die uiterlike spektakel. Hierdie reël dien as 'n wentelpunt in die gedig, waar die leser se aanvanklike verwagting van vreugde omvêrgewerp word.

Die herhaling van donker beelde dwarsdeur die gedig (“donker” in reël 3, “swart traan” in reël 7) versterk die tema van onderdrukte emosies en verborge hartseer. Die gebruik van die kleur swart is veral betekenisvol aangesien swart tradisioneel met rou, depressie en die dood verbind word. In die konteks van 'n karnaval, waar kleur gewoonlik oorheers, is die teenwoordigheid van swart opvallend en ontwrigtend.

'n Besonder kragtige beeld is dié van die “swart traan” wat “uit sy linkeroog” (reël 7) drup. Die spesifieke verwysing na die “linkeroog” kan simbolies geles word – die linkerkant word tradisioneel verbind met die hart en emosies. Die feit dat slegs een traan stort, suggereer die harlekyn se poging om sy hartseer te onderdruk en te verberg. Dit is nie 'n vrylike storting van tranen nie, maar 'n enkele, onderdrukte uiting van pyn wat onwillekeurig ontsnap.

Die strofiese struktuur van die gedig ondersteun ook die tema. Alhoewel die gedig uit slegs een strofe bestaan, kan 'n leser dit in twee dele verdeel: die eerste deel (reël 1–6) fokus op die uiterlike skouspel van die karnaval, terwyl die tweede deel (reël 7–15) die innerlike emosionele toestand van die harlekyn openbaar. Hierdie strukturele verdeling weerspieël die inhoud – die beweging van buite na binne, van skyn na werklikheid.

Die gedig se toon is een van onderdrukte emosies. Hoewel die harlekyn voorgee dat dit emosioneel met hom goed gaan (reël 12: “sy bolkeil afhaal met swier”), is hy eintlik hartseer, want hy stort 'n traan (reël 7). Die woord *swier* suggereer 'n elegante, selfversekerde gebaar – die harlekyn tree op soos wat van hom verwag word, met opvoerige vaardigheid en styl. Maar hierdie opvoerigheid is net 'n masker wat sy ware gevoelens verberg.

### 4.3 Tematiese interpretasie (Combrink vlak 3)

#### 4.3.1 Die masker van vrolikheid

Een van die sentrale temas in “Swart Karnaval” is die idee van emosionele maskerade – die wyse waarop mense hul ware emosies agter ’n masker van vrolikheid of normaliteit verberg. Die harlekyn, ’n tradisionele figuur van humor en vermaak, word gebruik om hierdie maskerade te simboliseer. Alhoewel hy hom gedra op die manier wat van hom verwag word (reël 1: “hy kom uit die rookmis en lasergolwe”), is hy innerlik gebroke.

Hierdie tema is veral tersaaklik vir adolessente leerders in die 21ste eeu, wat dikwels onder druk is om ’n sekere beeld na buite uit te straal, selfs wanneer hulle innerlik sukkel. Die sosiale media verhoog hierdie druk aangesien jongmense voortdurend aangemoedig word om slegs positiewe aspekte van hul lewens te deel. Instagram, Facebook en ander platforms word gekenmerk deur beelde van geluk en sukses, terwyl die werklikheid van emosionele stryd, selftwyfel en eensaamheid verberg word. “Swart Karnaval” bied ’n geleentheid om hierdie maskers te bespreek en leerders aan te moedig om eerliker en meer opreg met hul eie emosies en dié van ander om te gaan.

Die gedig stel ook vrae oor die uitwerking van hierdie masker. Wat gebeur wanneer iemand voortdurend moet voorgee? Watter impak het dit op so iemand se emosionele welstand? Die “swart traan” suggereer dat die emosionele pyn nie werklik verdwyn net omdat dit verberg word nie – dit bly aanwesig, sluimerend, en manifesteer op subtile maniere. Vir adolessente, wat nog besig is om hul emosies te reguleer, is dit ’n belangrike les: Emosies kan nie suksesvol onderdruk word nie; dit moet eerder erken, verwerk en op gesonde maniere uitgedruk word.

#### 4.3.2 Empatie en sosiale bewustheid

Die gedig neem die tema van empatie direk onder die loep. Die spreker in die gedig, aanvanklik deel van die toeskouers wat die skouspel geniet, word skielik bewus van die harlekyn se ware emosionele toestand. Hierdie bewuswording word dramaties uitgebeeld in reël 11 tot 12: “toe hy diep voor my buig en sy bolkeil afhaal met swier”. Die gebaar van buig en die afhaal van die hoed kan gelees word as ’n simboliese oomblik van ontmaskering, waar die harlekyn sy kwetsbaarheid openbaar, al is dit dalk onbedoeld.

Die slot van die gedig (reël 13–5: “uit die holte van sy hoed vlieg ’n vlamme valk reguit op my af”) suggereer dat hierdie ontdekking ’n skokkende impak op die spreker het. Die beeld van die “vlammende valk” is veelvlakkig. ’n Valk is ’n roofvoël, gevaarlik en vinnig; die woord *vlammende* voeg intensiteit en dringendheid daarby. Hierdie beeld kan geïnterpreteer word as ’n diep besef van die harlekyn se pyn, wat die spreker emosioneel tref soos ’n aanval. Dit is nie ’n sagte, geleidelike besef nie, maar ’n skielike, skokkende openbaring wat die spreker ontwrig.

Vir graad 8-leerders bied hierdie gedig ’n waardevolle les in sosiale bewustheid: ’n Mens weet nooit werklik waardeur ander mense gaan nie, en dit is belangrik om sensitief te wees vir die moontlikheid dat ander se uiterlike gedrag dalk nie hul innerlike emosionele toestand weerspieël nie. In ’n skoolomgewing waar boeliegedrag en sosiale uitsluiting algemeen is, kan hierdie boodskap lewensveranderend wees. Leerders wat aanvanklik iemand as “die grappige een” of “die vrolike een” sien, mag dalk nie besef dat daardie persoon innerlike worsteling ervaar nie. Empatie vereis dat ons verder kyk as die uiterlike en oop is vir die moontlikheid van verborge pyn.

Die gedig kan ook gelees word as kommentaar op sosiale rolle. Die harlekyn is per definisie 'n opvoerige figuur – iemand wie se werk dit is om ander te vermaak. Maar wat gebeur wanneer die kunstenaar se rol in konflik is met sy of haar ware gevoelens? Hierdie vraag is tersaaklik, nie net vir professionele kunstenaars nie, maar vir almal wat voel dat hulle 'n rol moet speel in hul daaglikse lewens. Adolesseente ervaar dikwels hierdie spanning tussen wie hulle werklik is en wie hulle dink hulle moet wees om aanvaar te word.

#### ***4.4 Vaardighede van sosiaal-emosionele leer in “Swart Karnaval”***

##### *4.4.1 Selfbewustheid*

Die gedig moedig leerders aan om na te dink oor hul eie emosionele ervarings en hoe hulle hulself aan die wêreld toon. Vrae wat onderwysers kan gebruik om selfbewustheid te kweek, sluit die volgende in: Het jy al ooit gevoel soos die harlekyn – dat jy moes voorgee alles is reg terwyl jy innerlik sukkel? Watter emosies voel jy wanneer jy hierdie gedig lees? Kan jy identifiseer met die harlekyn of die spreker? Is daar oomblikke in jou lewe wanneer jy 'n masker dra? Hierdie vrae kan leerders help om hul emosionele patrone en hanteringsmeganismes te ondersoek.

Selfbewustheid behels ook die erkenning van die spanning tussen die openbare beeld en private ervaring. Adolesseente is dikwels baie bewus van hoe ander hulle waarneem en hierdie bewustheid kan lei tot die skep van 'n “vals self” wat poog om goedkeuring te wen. “Swart Karnaval” kan leerders help om hierdie dinamika te verken en te bevraagteken.

##### *4.4.2 Sosiale bewustheid*

Die gedig is 'n uitstekende instrument om empatie te ontwikkel. Leerders kan aangemoedig word om te oorweeg hoe hulle in die harlekyn se posisie sou voel en hoe hulle ander wat moontlik soortgelyke emosionele worsteling beleef, kan ondersteun. Besprekingsvrae kan die volgende insluit: Hoe dink jy voel die harlekyn in hierdie gedig? Waarom dink jy verberg hy sy ware emosies? Hoe kan jy help wanneer jy vermoed iemand sukkel emosioneel? Watter tekens kan jy soek dat iemand dalk nie regtig so gelukkig is soos wat hy of sy voorgee nie?

Hierdie vrae moedig leerders aan om hul waarnemingsvaardighede te verfyn en meer aandag aan ander leerders se subtiele tekens van emosionele worsteling te gee. Dit kan ook lei tot besprekings van die belangrikheid van 'n ondersteunende sosiale netwerk en hoe om hulp te bied aan iemand wat probleme ondervind.

##### *4.4.3 Verhoudingsvaardighede*

Die gedig kan gebruik word om gesprekke oor egtheid in verhoudings te fasiliteer. Leerders kan bespreek waarom dit belangrik is om eerlik te wees oor hul emosies en hoe om 'n omgewing te skep waar ander veilig voel om hul ware gevoelens te deel. Vrae soos die volgende kan leerders help om oor verhoudings na te dink: Wat maak dit moeilik om eerlik te wees oor jou emosies? Hoe kan jy ander help om te voel dit is veilig om hul ware gevoelens te deel? Watter soort vriend wil jy wees vir iemand wat sukkel?

#### 4.5 Pedagogiese strategieë vir “Swart Karnaval”

Onderwysers kan die volgende strategieë toepas om die sosiaal-emosionele leerpotensiaal van “Swart Karnaval” te verbeter:

- Voor-lees-aktiwiteit: Begin met ’n bespreking van maskers en maskerades op sosiale media. Toon voorbeelde van plasings op sosiale media en vra die leerders om te bespreek of hulle dink dat hierdie plasings ’n volledige prentjie van die persoon se lewe gee. Vra die leerders om voorbeelde te gee van wanneer mense maskers dra (letterlik en figuurlik).
- Eerste lees: Laat die leerders die gedig stil lees en aantekeninge maak van watter emosies hulle ervaar (vlak 1 van die Combrinkmodel – emosionele reaksie). Hulle kan woorde soos “hartseer”, “verras”, “ontstel” en “bekommerd” neerskryf. Dit is belangrik om die leerders te verseker dat alle emosionele reaksies geldig is.
- Tweede lees: Lees die gedig hardop voor, met aandag aan toon. Let veral op die kontras tussen die eerste deel (opgewonde toon) en die tweede deel (meer somber toon). Bespreek literêre elemente soos beeldspraak, klankeffekte en woordkeuse (vlak 2 – ondersoek en beskrywing). Vra die leerders om die “donker” woorde of beelde en die “ligte” woorde of beelde te identifiseer.
- Groepbespreking: Hou ’n klasbespreking oor die temas van die gedig. Gebruik oop vrae om die leerders aan te moedig om hul interpretasies te deel (vlak 3 – interpretasie). Vrae kan die volgende insluit: Waarom dink julle is die titel “Swart Karnaval”? Wat beteken dit om ’n masker te dra?
- Kreatiewe reaksie: Laat die leerders ’n brief aan die harlekyn skryf. Alternatiewelik kan hulle ’n gedig skryf oor ’n tyd toe hulle self ’n masker gedra het. Dit moedig empatie aan.
- Nadenke: Vra die leerders om te besin oor wat hulle uit die gedig geleer het aangaande empatie, maskers en die belangrikheid daarvan om sensitief te wees vir ander se emosies. Hulle kan dit in ’n kort kreatiewe skryfstuk, soos ’n dagboekinskrywing, doen.
- Verbinding met lewenservaring: Moedig die leerders aan om voorbeelde uit hul eie lewens te deel (as hulle gemaklik daarmee voel) waar hulle óf ’n masker gedra het óf agter iemand anders se masker ingekyk het. Dit moet in ’n veilige, onbevooroordeelde klaskameratmosfeer gebeur.
- Uitbreiding: Bespreek strategieë om hulp te soek wanneer jy emosioneel sukkel. Verskaf inligting oor skoolondersteuningsdienste, beraders en ander hulpbronne. Beklemtoon dat dit ’n teken van erkenning is om hulp te soek, nie ’n swaakteit nie.

#### 5. Literêre ontleding: “Valentynsdag” deur Ilze Beukes

In hierdie afdeling word “Valentynsdag” literêr ontleed.

##### 5.1 Konteks en eerste lees (Combrink vlak 1)

“Valentynsdag” deur Ilze Beukes verken die komplekse emosies wat met adolessente liefde gepaard gaan en die risikoneming wat dit vereis. By die eerste lees ervaar die leser ’n mengsel van emosies: opgewondenheid, angstigheid, spanning en uiteindelik hoop. Die gedig vang die innerlike dialoog van ’n jong persoon wat dit oorweeg om sy of haar gevoelens aan ’n beminde

bekend te maak vas, 'n ervaring wat universeel is vir adolessente, maar ook diep persoonlik en dikwels angswekkend.

Die gedig beskryf die innerlike worsteling van 'n jong spreker wat moet besluit of hy of sy die kans sal waag om romantiese gevoelens te openbaar, en die spanning tussen begeerte en vrees wat hierdie oomblik karakteriseer. Die gedig kan aanklank vind by adolessente lesers aangesien die meeste van hulle óf reeds hierdie ervaring gehad het óf dit in die toekoms sal hê. Die gedig het direk betrekking op die universele adolessente vraag: Moet ek die kans waag?

## **5.2 Strukturele en stilistiese kenmerke (Combrink vlak 2)**

Die gedig maak gebruik van die vrye vers as digsoort. Die sestienreëlige gedig word in twee oktawe (strofes van agt reëls elk) verdeel, wat 'n duidelike strukturele skeiding tussen die twee fases van die spreker se emosionele reis skep. Die eerste oktaaf fokus op die spreker se verlange en drome, terwyl die tweede oktaaf die oomblik van besluitneming en optrede verteenwoordig. Hierdie strukturele verdeling weerspieël die inhoud: eers die interne worsteling en oorweging, dan die uiteindelijke besluit om op te tree.

Die titel “Valentynsdag” vestig onmiddellik die konteks van romantiese liefde en die kulturele verwagtinge met betrekking tot hierdie dag. Valentynsdag is tradisioneel 'n tyd wanneer romantiese gevoelens openlik uitgedruk word, maar ook 'n tyd van groot sosiale druk, veral vir adolessente. Die dag word verbind met sowel die belofte van liefde as die vrees vir verwerping. Deur die gedig in hierdie spesifieke konteks te plaas, stel die digter 'n hele reeks kulturele assosiasies en verwagtinge in werking.

Die eerste reël, “Die dag wat ek die skelm loer”, stel 'n speelse maar angstige toon. Die woord *skelm* suggereer toegeneentheid sowel as 'n mate van skalksheid of waagmoed. Dit is 'n informele tienerwoord wat dadelik 'n gevoel van jong liefde skep. Die gebruik van “loer” impliseer dat hierdie kyk nie openlik is nie; dit is steelse, geheime bewondering, wat die spanning van ongeopenbaarde gevoelens beklemtoon. Die spreker kyk na die beminde “oor skoolstoepe heen” (reël 2), wat die skoolomgewing as die milieu vir hierdie liefde vestig.

Klankeffekte speel 'n belangrike rol in die gedig se emosionele impak. Die assonansie van die sagte “oe”-klank in reël 1 tot 2 (“loer” / “stoepe”) skep 'n melodieuse, dromerige kwaliteit wat die spreker se romantiese vervoering weerspieël. Hierdie sagte, vloeiende klank suggereer die gemak en genot van die droom, die fantasie van wat sou kon wees.

Hierdie sagte klank word later gekontrasteer met die harde “d”-klank in reël 7 tot 8, wat die erns en finaliteit van die moontlike uitkomst beklemtoon: “Dit kan die begin of / die einde van drome bring.” Die harde “d”-klank skep 'n gevoel van beslissendheid, van iets wat finaal en onomkeerbaar is. Die alliterasie versterk die impak van hierdie reëls en dwing die leser om op die erns van die besluit te let.

Die tweede oktaaf verhoog die spanning deur die herhaling van die “w”-klank (reël 9–12: “Moet ek die kans waag? / Wie nie waag nie / wen nie of / beweeg nie aan nie”). Hierdie alliterasie skep 'n klanklike intensiteit wat die spreker se toenemende innerlike konflik weerspieël. Die “w”-klank, met sy fluitende kwaliteit, kan ook die klopp van die spreker se hart of die fluistering van innerlike twyfel suggereer.

Die gebruik van die bekende Afrikaanse spreekwoord “Wie nie waag nie, wen nie” (reël 10–1) is betekenisvol. Dit plaas die persoonlike dilemma binne ’n groter konteks van lewensfilosofie en moed. Die spreekwoord suggereer dat risiko neem noodsaaklik is vir sukses en dat vordering sonder waagmoed onmoontlik is. Tog word hierdie positiewe spreekwoord gekompliseer deur die daaropvolgende reëls: “of / beweeg nie aan nie” (reël 11–2). Hier word die implikasie duidelik: Om nie te waag nie beteken stilstand, stagnasie, die verlies van geleenthede.

### **5.3 Tematiese interpretasie (Combrink vlak 3)**

#### **5.3.1 Kalwerliefde en adolessente identiteit**

“Valentynsdag” bied ’n ontroerende verkenning van kalwerliefde – daardie eerste, kragtige ervarings van romantiese aantrekking wat so kenmerkend is van adolessensie. Die gedig vang die innerlike dialoog vas wat adolessente dikwels met hulself voer wanneer hulle romantiese gevoelens ervaar: “Moet ek die kans waag?” (reël 9). Hierdie vraag is nie net oor romantiese liefde nie, maar ook oor die groter adolessente worsteling met identiteit, selfvertroue en die soeke na aanvaarding.

Om jou gevoelens aan iemand anders bekend te maak is om jouself kwetsbaar te stel – iets wat vir adolessente, wat reeds onseker is oor wie hulle is, besonder bedreigend kan voel. Die spreker in die gedig ervaar hierdie spanning ten volle. Aan die een kant is daar die verlange om met die beminde te verbind: “kanse kan vat met my hart / en joune ...” (reël 5–6). Die beeld van harte wat saam “kanse vat” suggereer ’n gedeelde risiko, ’n wedersydse kwetsbaarheid. Maar aan die ander kant is daar die vrees vir wat verkeerd kan gaan: “Dit kan die begin of / die einde van drome bring” (reël 7–8).

Die verwysing na “skoolstoepe” (reël 2) en “skoolgange” (reël 15) plaas hierdie ervarings binne die skoolomgewing. Die skool is nie net ’n plek van akademiese leer nie, maar ook ’n sosiale arena waar identiteite gevorm word, verhoudings ontwikkel en emosionele ervarings intens beleef word. Vir adolessente is die skool dikwels die primêre ruimte waar hulle hul eerste romantiese gevoelens ervaar en navigeer.

#### **5.3.2 Kwetsbaarheid en moed**

Een van die kragtigste temas in “Valentynsdag” is die spanning tussen kwetsbaarheid en moed. Die spreker droom daarvan om saam met die beminde te wees, maar is ook bewus van die risiko’s verbonde aan die ontbloting van gevoelens. Die gebruik van die bekende Afrikaanse gesegde “Wie nie waag nie, wen nie” plaas hierdie persoonlike dilemma binne ’n groter konteks van lewensfilosofie. Die spreuk herinner ons daaraan dat vordering en groei dikwels ’n mate van risiko vereis. Vir adolessente, wat besig is om te leer hoe om selfstandig besluite te neem, is dit ’n belangrike les. Die gedig illustreer dat moed nie die afwesigheid van vrees is nie, maar eerder die vermoë om ten spyte van vrees te handel.

### **5.4 Vaardighede van sosiaal-emosionele leer in “Valentynsdag”**

Die gedig bied ryke geleenthede vir die ontwikkeling van verskeie sosiaal-emosionele vaardighede. Ten opsigte van selfbewustheid help die gedig leerders om hul eie emosies met betrekking tot aantrekking, verliefdheid en kwesbaarheid te verken. Vrae vir selfbewustheid sluit in: Watter emosies ervaar die spreker in hierdie gedig? Het jy al ooit soortgelyke emosies ervaar? Hoe voel dit om jouself kwetsbaar te stel?



Vir verantwoordelike besluitneming illustreer die gedig die proses van besluitneming in 'n emosioneel gelaaië situasie. Die spreker weeg die positiewe en negatiewe kante teenoor mekaar op, oorweeg die moontlike uitkomst en maak uiteindelik 'n keuse. Onderwysers kan vra: Watter faktore oorweeg die spreker voordat hy of sy 'n besluit neem? Is dit 'n verantwoordelike besluit? Wat sou jy in hierdie situasie doen?

Die gedig kan ook gebruik word om verhoudingsvaardighede te ontwikkel deur gesprekke oor gesonde verhoudings, kommunikasie en die belangrikheid van egtheid en eerlikheid te fasiliteer. Ten opsigte van selfbestuur bied die spanning en angstigheid wat die spreker ervaar 'n geleentheid om strategieë vir emosiebestuur te bespreek.

## 6. Pedagogiese implikasies en praktiese riglyne

Sekere pedagogiese implikasies en praktiese riglyne word in hierdie afdeling bespreek.

### *6.1 Integrasie van sosiaal-emosionele leer in poësie-onderrig*

Die ontledings van “Swart Karnaval” en “Valentynsdag” demonstreer dat voorgeskrewe gedigte vir graad 8 Afrikaans EAT ryk geleenthede bied vir die ontwikkeling van sosiaal-emosionele vaardighede. Om hierdie potensiaal ten volle te benut moet onderwysers sosiaal-emosionele leer doelbewus en sistematies in hul poësie-onderrig integreer. Doeltreffende sosiaal-emosionele leer bevat vier kernelemente: Dit moet opeenvolgend wees, aktiewe betrokkenheid vereis, toegespits wees op spesifieke vaardighede en duidelike onderrig behels (Durlak e.a. 2011).

Onderwysers kan hierdie beginsels toepas wanneer hulle poësie onderrig deur duidelike leeruitkomst te stel, 'n veilige klaskameromgewing te skep, aktiewe besprekings te fasiliteer, persoonlike verbindings te maak en nadenke aan te moedig. Dit is belangrik om te verseker dat leerders voel hulle kan hul emosies en ervarings veilig deel sonder vrees vir kritiek of spot.

### *6.2 Uitdagings en strategieë*

Die toepassing van 'n sosiaal-emosionele benadering tot poësie-onderrig is nie sonder uitdagings nie. Tydsbeperkings, leerders se ongemak met emosionele kwessies, 'n gebrek aan opleiding in sosiaal-emosionele leer en veelsoortige klaskamers met leerders met uiteenlopende emosionele behoeftes is realiteite waarmee onderwysers rekening moet hou. Met doelbewuste beplanning en die gebruik van gepaste strategieë kan hierdie uitdagings die hoof gebied word. Die sleutel is om klein te begin, geduldig te wees en voortdurend te leer en aan te pas.

## 7. Gevolgtrekking

Hierdie studie het aangetoon dat voorgeskrewe gedigte vir graad 8 Afrikaans EAT, spesifiek “Swart Karnaval” deur Nanette van Rooyen en “Valentynsdag” deur Ilze Beukes, ryk pedagogiese hulpbronne is vir die ontwikkeling van sosiaal-emosionele vaardighede by adolessente

leerders. Deur middel van literêre ontleding volgens die Combrinkmodel en die teoretiese lens van sosiaal-emosionele leer is aangetoon dat hierdie gedigte emosies en ervarings wat sentraal staan tot die adolessente lewensfase onder die loop neem.

“Swart Karnaval” bied ’n diepgaande verkenning van empatie, sosiale bewustheid en die vermoë om verby opvoerige gedrag te kyk. Die gedig leer leerders dat mense dikwels hul ware emosies agter maskers van vrolikheid verberg en dat dit belangrik is om sensitief te wees vir die moontlikheid dat ander probleme mag hê, selfs wanneer hulle uiterlik goed of gelukkig voorkom. “Valentynsdag” ondersoek die verwikkelde emosies met betrekking tot kalwerliefde, kwetsbaarheid en risikoneming en bied ’n waardevolle les in moed, selfbewustheid en verantwoordelike besluitneming.

Die twee gedigte illustreer die veelsydigheid en pedagogiese waarde van poësie as instrument vir sowel taalonderrig as emosionele ontwikkeling. Vir onderwysers en dosente in Afrikaanse taalonderrig bied hierdie studie teoretiese insigte asook praktiese strategieë. Die raamwerk van sosiaal-emosionele leer, gekombineer met die Combrinkmodel vir literêre ontleding, verskaf ’n stewige basis vir poësie-onderrig wat die intellektuele én affektiewe dimensies van leer integreer.

Die studie bevestig dat poësie nie net ’n literêre kunswerk is nie, maar ook ’n kragtige instrument vir persoonlike en sosiale transformasie. Bekwame en toegewyde onderwysers kan gedigte soos “Swart Karnaval” en “Valentynsdag” gebruik om brûe te bou tussen die intellektuele en emosionele, tussen die self en die ander en tussen die teks en die persoonlike lewe. Dit is hierdie transformerende potensiaal wat poësie-onderrig waardevol maak in die Afrikaans EAT-klaskamer.

Die integrasie van sosiaal-emosionele leer in poësie-onderrig moet nie as ’n bykomende las beskou word nie, maar eerder as ’n noodsaaklike komponent van holistiese taalonderrig. Wanneer onderwysers poësie bepland en met sensitiwiteit onderrig, skep hulle ruimtes waar leerders nie net talige vaardighede ontwikkel nie, maar ook leer om hul eie emosies en dié van ander te verstaan, te waardeer en te navigeer. In ’n wêreld waar adolessente toenemend voor emosionele uitdagings te staan kom, kan die taalklaskamer ’n heilige ruimte word waar gevoelens bekragtig word, empatie gekweek word en die krag van woorde gebruik word om te genees eerder as om te beskadig. Dit is hierdie visie van poësie-onderrig, as ’n intellektuele sowel as ’n emosionele onderneming, wat die ware belofte van literatuuronderrig in die Afrikaans EAT-klaskamer verteenwoordig.

## Bibliografie

Allen, J.D., K. Carter en M. Pearson. 2019. Frangible emotion becomes tangible expression: Poetry as therapy with adolescents. *Australian Counselling Research Journal*, 13(1):14–9.

Avci, H., L. Baams en T. Kretschmer. 2024. A systematic review of social media use and adolescent identity development. *Adolescent Research Review*, 10:219–36.  
<https://doi.org/10.1007/s40894-024-00251-1>.

Bear, G.G. en K.M. Minke (reds.). 2006. *Children’s needs III: Development, prevention, and intervention*. Washington, DC: National Association of School Psychologists.

Bell Foundation. 2024. *Teaching EAL learners in English Literacy, English and English Literature*. Cambridge: Bell Foundation. <https://www.bell-foundation.org.uk/resources/guidance/curriculum-subject/teaching-eal-learners-in-english-literacy-english-and-english-literature/> (5 Januarie 2026 geraadpleeg).

Brunswick, N., S. McDougall en P. de Mornay Davies (reds.). 2010. *Reading and dyslexia in different orthographies*. Londen: Psychology Press.

Carvalho, J.C.M., P.I.M.N. da Fonseca en C.M. de Melo Tavares. 2021. Poetry as a way to express emotions in mental health. *Journal of Poetry Therapy*, 34(1):1–11. <https://doi.org/10.1080/08893675.2021.1921474>.

Collaborative for Academic, Social and Emotional Learning (CASEL). 2003. *Safe and sound: An educational leader's guide to evidence-based social and emotional learning (SEL) programmes*. Chicago, IL: CASEL.

Combrink, L.E. 1994. Die Combrinkmodel. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 28(3):261–77.

Creely, E. 2018. What's poetry got to do with it? The importance of poetry for enhancing literacy and fostering student engagement. *Literacy Learning: The Middle Years*, 26(3):64–70.

Cremin, T. 2013. *Exploring teachers' positions and practices*. Londen: Bloomsbury.

Croom, A. 2015. The practice of poetry and the psychology of well-being. *Journal of Poetry Therapy*, 28(1):21–41. <https://doi.org/10.1080/08893675.2015.980133>.

Cubukcu, F. 2010. Creative thinking and poetry in ELT classes. *Proceedings of the International Conference on New Trends in Education and Their Implications*, 7:786–90.

Departement van Basiese Onderwys (DvBO). 2011. *Kurrikulum- en Assesserings-beleidsverklaring graad 7–9. Afrikaans Eerste Addisionele Taal*. Pretoria: Staatsdrukker.

Donaldson, C., G. Moore en J. Hawkins. 2023. A systematic review of school transition interventions to improve mental health and wellbeing outcomes in children and young people. *School Mental Health*, 15(1):19–35. <https://doi.org/10.1007/s12310-022-09539-w>.

Duncan, L.G. 2010. Phonological development from a cross-linguistic perspective. In Brunswick, McDougall en De Mornay Davies (reds.) 2010.

Durlak, J.A., R.P. Weissberg, A.B. Dymnicki, R.D. Taylor en K.B. Schellinger. 2011. The impact of enhancing students' social and emotional learning: A meta-analysis of school-based universal interventions. *Child Development*, 82(1):405–32. <https://doi.org/10.1111/j.1467-8624.2010.01564.x>.

Ellis, W. en L. Zarbatany. 2017. Understanding processes of peer clique influence in late childhood and early adolescence. *Child Development Perspectives*, 11(4):227–32. <https://doi.org/10.1111/cdep.12248>.

Flett, G. en P. Hewitt. 2013. Disguised distress in children and adolescents “flying under the radar”: Why psychological problems are underestimated and how schools must respond. *Canadian Journal of School Psychology*, 28(1):12–27.  
<https://doi.org/10.1177/0829573512468845>.

Geldenhuys, K. 2013. *Via Afrika Afrikaans Eerste Addisionele Taal. Graad 8 leesboek*. Kaapstad: Via Afrika.

Goepel, J. 2024. Die impak van rympoësie op woordeskat-ontwikkeling. *African General Health and Education in the Light of the Sustainable Development Goals*, 1(2):169–95.

Greenberg, M., C.E. Domitrovich, R.P. Weissberg en J.A. Durlak. 2017. Social and emotional learning as a public health approach to education. *The Future of Children*, 27(1):13–32.  
<https://doi.org/10.1353/foc.2017.0001>.

Greenspan, L. en J. Deardorff. 2014. *The new puberty: How to navigate early development in today's girls*. New York, NY: Rodale.

Humphrey, N., A. Lendrum, M. Wigelsworth en M. Greenberg. 2020. *Social and emotional learning*. New York, NY: Routledge.

Ibarra-Rius, N. en J. Ballester-Roca. 2019. Literary reading in times of globalisation and diversity. *Pedagogía Social*, 33:53–63.

Mavhiza, G. 2019. Changes in how English FAL learners appreciate poetry when indigenous poetry is brought into the classroom: A practitioner case study of Grade 11 learners in Gauteng. MEd-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand.

Merrell, K.W., B.A. Gueldner en L.L. Feuerborn. 2020. *Social and emotional learning in the classroom: Promoting mental health and academic success*. New York, NY: Guilford.

Nichols, W., T. Rasinski, W. Rupley, R. Kellog en D. Paige. 2018. Why poetry for reading instruction? Because it works! *The Reading Teacher*, 72(3):389–97.  
<https://doi.org/10.1002/trtr.1734>.

Sacayan, G.Q., C.P. Aliod, D.E. Buladaco, A.B. de Felipe, J.S. Poralan en J.G. Tan, Jr. 2025. The grammar of poetry: Analyzing the language of literature. *International Journal of Research and Innovation in Social Science*, 9(5):6733–40.  
<https://doi.org/10.47772/IJRISS.2025.905000521>.

Sansuán, Z.R. 2020. The emotional dimension in poetic education as a key to improve adolescents' attitudes towards poetry. *Investigaciones Sobre Lectura*, 14:75–93.

Sugandi, B. 2015. Teaching poetry in ELT classrooms: Some challenges and solutions. Proceedings of the 3rd International Multidisciplinary Conference on Social Sciences. Bandar Lampung University. Ble. 54–7.

Watts, J., K. Cockcroft en N. Duncan. 2013. *Developmental psychology*. Kaapstad: Juta.

Westbrook, J., N. Durrani, R. Brown, D. Orr, J. Pryor, J. Boddy en F. Salvi. 2013. *Pedagogy, curriculum, teaching practices and teacher education in developing countries*. Final report. Education Rigorous Literature Review. EPPI Centre, Social Science Research Unit, Institute of Education, University of London. <https://doi.org/10.13140/RG.2.2.27180.77446>.

Williams, T. 2010. The therapeutic value of poetry for students and readers. *Reader*, 58/59:78–96.

—. 2011. A poetry therapy model for the literature classroom. *Journal of Poetry Therapy*, 24(1):17–33. <https://doi.org/10.1080/08893675.2011.549682>.

Yavuz, A. 2010. Enhancing creativity in the communicative language classroom through poetry as literary genre. *Dil Dergisi*, 149:64–79. [https://doi.org/10.1501/Dilder\\_0000000134](https://doi.org/10.1501/Dilder_0000000134).

Zins, J.E., M.R. Bloodworth, R.P. Weissberg en H.J. Walberg. 2007. The scientific base linking social and emotional learning to school success. *Journal of Educational and Psychological Consultation*, 17(2–3):191–210. <https://doi.org/10.1080/10474410701413145>.

Zins, J.E. en M.J. Elias. 2006. Social and emotional learning. In Bear en Minke (reds.) 2006.

#### Bylaag A. Aangepaste integrasiemodel vir literatuuronderrig (Combrink, 1994)

| Onderrigfase                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            | Leerhandeling                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>1. Emosionele respons</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Aanstip van reaksies op die teks d.m.v. 'n resepsieverslag.</li> <li>Aanstip van probleemgebiede.</li> <li>Weergawe van visualisering (fantasering; analogisering; skepping van sekondêre wêreld).</li> <li>Nagaan van interaksie met die teks, betrokkenheid by of onttrekking uit die teks d.m.v. identifikasie; assosiasie; vooruitskouing; terugskouing; projeksie; voorspelling.</li> <li>Nagaan van redes vir respons op die teks.</li> <li>Onderwysers moedig leerders d.m.v. vraagstelling aan om emosionele ervaring te herken.</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Herken en verbaliseer respons.</li> <li>Identifiseer interpretasie- of begripsprobleme.</li> <li>Ontwikkel vermoë om te visualiseer om met behulp van die verbeelding alternatiewe wêreld te skep.</li> <li>Raak betrokke by die teks d.m.v. ontwikkelende verbeelding.</li> <li>Raak bewus van identifikasie met karakters of gebeure.</li> <li>Word bewus van 'n bewegende lesersfokus wat gebeurte vooruitloop of dit terugskouend herinterpreteer.</li> <li>Raak kreatief betrokke by die teks.</li> <li>Identifiseer oorsake vir die spesifieke respons op die teks.</li> <li>Lesers uiter hul gevoelens oor die teks.</li> </ul> |

| Onderrigfase                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                | Leerhandeling                                                                                                                                                                                                                                                                           |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>2. Onderzoek en beskryf</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Bespreek verskillende gesigspunte en interpretasie.</li> <li>Analiseer die teks deurlopend om verskillende interpretasies na te gaan en te verduidelik.</li> <li>Identifiseer literêre elemente (styl; taalgebruik en beeldspraak).</li> <li>Gaan struktuurelemente na; gee aandag aan die ontwikkeling van spanning en gevolglike lesersbetrokkenheid.</li> <li>Gaan opsigtelike stylaspekte na.</li> <li>Gebruik verskillende metodes en aktiwiteite om insigte uit te bou en te verfyn.</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Ontwikkel die vermoë om die teks objektief te analiseer.</li> <li>Onderzoek die teks ontledend d.m.v. vraagstelling.</li> </ul>                                                                                                                  |
| <b>3. Interpretasie</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Bepaal die tema en hoofgedagte van die teks.</li> <li>Lê verbande na buite bv. met aktuele sake.</li> <li>Vergelyk die teks met ander tematies enersse tekste.</li> </ul>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    | <ul style="list-style-type: none"> <li>Identifiseer en formuleer die tema, hoofgedagtes en boodskap.</li> <li>Identifiseer die teks se implisiete kommentaar oor die omringende wêreld.</li> <li>Ontwikkel praat- en skryfvaardigheid.</li> <li>Interpretasie is subjektief.</li> </ul> |
| <b>4. Evaluasie</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Persoonlike respons lei geleidelik tot 'n gemotiveerde waardering van die teks.</li> <li>Ontwikkel kritiese denke d.m.v. vraagstelling en opdragte wat volgens verskillende denkvlakke beplan is.</li> </ul>                                                                                                                                                                                                                                                                                                     | <ul style="list-style-type: none"> <li>Ontwikkel die vermoë om op verskillende denkvlakke te funksioneer.</li> <li>Oordeel krities oor die literêre waarde van die gedig.</li> <li>Leerders kan hul eie waardes en oortuigings uitdruk.</li> </ul>                                      |



**Bylaag B. Gedigte****Swart Karnaval**

Nanette van Rooyen

hy kom uit die rookmis en lasergolwe  
na my toe aangestap  
Nar van die Donker Karnaval

in swart tuxedo en witpuntskoene  
roetkooloë wat smeul  
in die wit van sy gesig

'n swart traan drup uit sy linkeroog  
sy mond is 'n omgekeerde sekelmaan  
op sy wange skitter sterre

'n laser skeer oor sy rooi gepluisde hare  
toe hy diep voor my buig  
en sy bolkeil afhaal met 'n swier

uit die holte van sy hoed  
vlieg 'n vlammeende vlak  
reguit op my af

Geldenhuis (2013:94)

**Valentynsdag**

Ilze Beukes

Die dag wag ek die skelm loer  
oor skoolstoepe heen  
in woorde kan sit,  
grense kan oorsteek  
kanse kan vat met my hart  
en joune ...  
Dit kan die begin of  
einde van drome bring.

Moet ek die kans waag?  
Wie nie waag nie  
wen nie of  
beweeg nie aan nie.  
Ek skryf my hart uit  
en hoop ek word nie  
die grap oor die skoolgronde heen nie.  
Ek vat die geluksgodin aan.

Geldenhuis (2013:88)

**Bylaag C. Gedigontleding****“Valentynsdag” deur Ilze Beukes**

|                          | <b>Titel</b>                                                                                                                                                                                                                          | <b>Onderwerp</b>                                                                                                                                                                                                                                                                        | <b>Tipe gedig</b>                                                                                                                                                                       |
|--------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Positiewe emosies</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Die titel van hierdie gedig, “Valentynsdag”, is die sleutel tot talle ruimtelike kodes in die gedig.</li> </ul>                                                                                | <ul style="list-style-type: none"> <li>Hierdie gedig vergestalt die dichotomieë van onsekerheid teenoor opgewondenheid en waaghalsigheid teenoor senuagtigheid wanneer daar met die liefde in onderhandelinge getree word.</li> </ul>                                                   | <ul style="list-style-type: none"> <li>Vrye vers: Gee vryheid aan beide digter en leser om enersyds haarself uit te druk en andersyds interpretasiemoontlikhede te vergroot.</li> </ul> |
|                          | <ul style="list-style-type: none"> <li>Die leser weet dat die 14de Februarie gekenmerk word deur die konkretisering van liefde tussen twee bemindes, hetsy deur liefdeskaartjies, sjokolades en dies meer.</li> </ul>                 | <ul style="list-style-type: none"> <li>Die digter verwoord die innerlike wroeging van die spreker wat die moontlike positiewe en negatiewe nagevolge sou hy of sy die liefde beken, op die weegskaal plaas.</li> </ul>                                                                  | <ul style="list-style-type: none"> <li>Die sestienreëlige gedig word egter in twee oktawe opgedeel en kan dus as twee dele gelees word.</li> </ul>                                      |
|                          | <ul style="list-style-type: none"> <li>Die titel ontlok ook die mitologiese figuur van Cupido, die afbeelding van die Latynse god van liefde en begeerte wat uitgebeeld word as ’n mannetjie met ’n pyl en klein vlerkies.</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Kalwerliefde en die onsekerhede wat gepaard gaan met hierdie jonkheid, is ’n oorkoepelende tema in die gedig.</li> </ul>                                                                                                                         |                                                                                                                                                                                         |
|                          | <ul style="list-style-type: none"> <li>Hierdie uitbeelding kan moontlike frustrasie van die spreker uitbeeld, juis omdat die spreker onwillekeurig aan hierdie liefde of begeerte onderworpe is.</li> </ul>                           | <ul style="list-style-type: none"> <li>Deur die titel word die leser dadelik bewus gemaak dat hier met jongmensliefde, begeerte en onsekerheid te werk gegaan word en hierdie jonkheid word verder deur die loop van die gedig gestaaf deur kodes soos “skoolstoepe” (r. 2).</li> </ul> |                                                                                                                                                                                         |

|                   | Titel                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                | Onderwerp | Tipe gedig |
|-------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------|------------|
| Positiewe emosies | <ul style="list-style-type: none"> <li>Die <i>Etimologiewoordeboek van Afrikaans</i> beskryf die leksikale item soos volg:<br/> <b>Valentynsdag</b> s.nw.<br/> Dag in Februarie waarop 'n kaartjie gestuur word aan iemand van wie jy hou of voor lief is.<br/> Uit Ndl. <i>Valentijnsdag</i> (1899).<br/> Ndl. <i>Valentijnsdag</i> uit Eng. <i>Valentine's day</i> (1824), so genoem na die heilige Sint Valentyn wat op 14 Februarie herdenk word. Die feesdag van Sint Valentyn is verbind aan die Romeinse fees van die Lupercalia waarop ongetroude vrouens hulle wens om te trou, kon uitspreek.<br/> Hulle name is op potskerwe geskryf en in 'n kruik gegooi waaruit die mans dan vir hulle lootjies getrek het. Die Eng. kerk het eeue later die seremonie afgewater tot die stuur van liefdesbriewe en dit simbolies verbind aan die tyd van die jaar wat die voëls begin paar. Die fees van die Lupercalia is op 15 Februarie gevier, maar omdat geen heilige 'n feesdag op dié dag gehad het nie, het die kerk die naaste datum aanvaar, nl. 14 Februarie.<br/> Vgl. Fr. (<i>la</i>) <i>St-Valentin</i>, It. <i>giorno di San Valentino</i>, Sp. <i>dia de San Valentín</i>.</li> </ul> |           |            |

|                   | Titel                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            | Onderwerp | Tipe gedig |
|-------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------|------------|
| Positiewe emosies | <p>Die titel hou verdere implikasies vir die leser in:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die Suid-Afrikaanse en Afrikaanse konteks hou in dat sintuiglike kodes by die leser geaktiveer word. Die leser weet inherent dat dit somer, na aanleiding van die datum, is. Daarom kan die lug skoon en blou, met 'n warm temperatuur en groen blare aan die bome deur die titel gesuggereer word.</li> </ul> |           |            |
|                   | <ul style="list-style-type: none"> <li>Dit dui op jonkheid, dalk ook naïwiteit van die spreker aan, wat na aanleiding van 'n onvermydelike herfs tot ontnugtering kan lei.</li> </ul>                                                                                                                                                                                                                            |           |            |

**“Swart Karnaval” deur Nanette van Rooyen**

|                                                                                                         |                                                                                                                                                                                                                                                   |                                                                                                                                                                                                                   |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>Titel:<br/>Donker, negatiewe emosies, soos met Ingrid Jonker se gedig “Toemaar, die donker man”.</p> | <p>Ironie: Karnaval impliseer ’n plek waar die toeskouers dit geniet, ’n ligte, speelse atmosfeer met geselligheid en pret, dit word duidelik gekontrasteer met die gradeerbare adjektief wat op die donker en swaarmoedigheid aanklank maak.</p> | <p>Swart het bepaalde implikasies vir die leser: HAT – donker kleur soos dié van steenkool of die nag as jy nie die maan of sterre kan sien nie. Die adjektief aktiveer kodes van swartgalligheid en weemoed.</p> | <p>Teenoor die s.nw. wat daarop volg wat teenstellende implikasies vir die leser inhou:</p> <p><b>1</b> Fees(tyd) wat in R.K. lande of gebiede aan die vastyd voorafgaan, oorspr. beperk was tot een dag, later tot die 3 tot 8 dae onmiddellik voor Aswoensdag, en eindelik tot die hele tyd tussen Driekoninge en Aswoensdag, en gekenmerk word deur luidrugtige straatpret, eet- en drinkpartye, gemaskerde optogte en bals, e.d.; ook, feesviering gedurende hierdie tyd: <i>In Frankryk en Italië is die karnaval ’n algemene volksfees wat, veral in Nizza en Venesië, met prag gevier is. ≈ Rossini wat hierdie opera (Die Barbier van Sevilla) op bestelling vir ’n karnaval moes lewer</i> (P. de V. Pienaar). <i>So ’n karnaval is ’n jolige affêre; almal skeer die gek met mekaar en dra maskers of mombakkiese</i> (Lena Smit).</p> <p><b>2</b> Jolige, grootse feestelikheid of gekostumeerde optog, gekenmerk deur luidrugtige pretmakery en soms deur losbandigheid:</p> <p><i>Daardie aand het duisende pretmakers deelgeneem aan die karnaval</i> (S.A. Panorama).</p> <p><i>Hoewel die Londenars ’n groot fees te wagte was, was hulle darem nie voorbereid op hiërdie</i></p> |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

|  |  |  |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       |
|--|--|--|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|  |  |  | <p><i>eksotiese karnaval wat die Statebondsfees in die waarheid geword het nie (Die Burger).</i></p> <p><i>Vir die gewone afgevaardigdes is die duur van die konvensie 'n tydperk van ontspanning en karnaval (J.M.H. Viljoen).</i></p> <p><i>Baie ... sal al die nuwejaar gaan binnedans het met maskers op die gesig ..., dis beslis nie 'n salonspeletjie of 'n Engelse mode of somer karnaval nie (L.C. Schultz).</i></p> <p><i>Tóe (met die geboorte van die prins) het die blymoedige Franse natuur van 'n verbygegane wêreld botgevier aan 'n karnaval van plesier soos nog nooit tevore gesien is nie (G.S. Preller).</i></p> <p><i>Waterkarnaval.</i></p> <p><b>3</b> (figuurlik)</p> <p><b>a</b> Uitspattige feestelikheid, losbandige oordadigheid in die een of ander opsig: <i>Ons hoop môre terug te kom op hierdie karnaval van laster (De Volkstem).</i></p> <p><i>Het ek die bygelowe van die gees / binne 'n ligblou middeleeuse nag / en al die karnavalle van die vlees / met blote brein besweer tot helder dag? (D.J. Opperman).</i></p> <p><i>Die dood slaan so stilweg sy houe, maar ons wemelende karnaval gaan voort (F.A. Venter).</i></p> |
|--|--|--|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|



|                   |                                                                                                                                                                                                                                                                                                        |                                                                                                                                                                                                                          |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |
|-------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Gedigtipe:        | Vrye vers: Stel die digter en leser in staat om die interpretasiemoontlikhede binne die loop van die gedig te verbreed.<br><br>Die gedigtipe kan moontlik inspeel op die manier waarop mense vry by karnavals voel, alhoewel die adjektief moontlike ander betekenisse te weeg bring.                  | Daar is geen vaste rympatroon nie, wat moontlik kan suggereer dat die spreker nie weet wanneer hierdie swartgalligheid oor hom of haar sal kom nie.                                                                      | Emosies van swartgalligheid teenoor vryheid suggereer. Ironie.                                                                                                                                                                                                                                                   |
| Strofes en reëls: | Die gedig bestaan uit vyf strofes wat verder uit tersines bestaan, alhoewel daar op die oog af geen bepaalde vaste rympatroon is nie.                                                                                                                                                                  | Dit is veelseggend dat die digter in elke strofe iets aangaande menslike eienskappe oordra, bv. stap, skoene, gesig, oog en hoed.                                                                                        | Binne die loop van iets fantasies soos 'n karnaval, word die mens self gekontekstualiseer.                                                                                                                                                                                                                       |
|                   | <ol style="list-style-type: none"> <li>1. hy kom uit die rookmis en lasergolwe</li> <li>2. na my toe aangestap</li> <li>3. Nar van die Donker Karnaval</li> </ol>                                                                                                                                      | “hy” word met klein letters aangetref wat suggereer dat hierdie persoon of entiteit nie van so 'n groot belang is dat dit tot eienaam ewolueer nie.                                                                      | “Nar” en “Karnaval” word egter met hoofletters geskryf, wat suggereer dat die selfstandige naamwoorde opgehef word tot einame.                                                                                                                                                                                   |
|                   | Nar: Grapmaker in 'n sirkus, harlekyn, hanswors.<br>Uit Ndl. <i>nar</i> (al Mnl.).<br>Ndl. <i>nar</i> , soos ook Deens <i>nar</i> en Sweeds <i>narr</i> , uit D. <i>Narr</i> . Aangesien die woord slegs in hierdie tale voorkom, is verwantskap met bv. Latyn <i>naris</i> “neusgate”, onwaarskynlik. | Roep die beeld van die liedjie deur Anton Goosen op: “Bring vir die harlekyn nog wyn”.<br><br>Hierdie liedjie verbeeld die gedagte van 'n hartseer nar wat ander vermaak sodat hy of sy beter kan voel oor hul situasie. | Emosies van onsekerheid word opgeroep, omdat die leser onseker is daarvan of die nar in die tradisionele sin daarvan toegepas gaan word. Hierdie beeld word ook omvêrgegooi deur die kodes “swart” en “donker”.                                                                                                  |
|                   | <ol style="list-style-type: none"> <li>4. in swart tuxedo en witpuntskoene</li> <li>5. roetkooloë wat smeul</li> <li>6. in die wit van sy gesig</li> </ol>                                                                                                                                             | Allitererende s-klank.<br><br>Die harlekyn word bewapen deur 'n harnas in die vorm van 'n tuxedo, hy dra ook 'n masker (wit) en die vermomming laat voel hierdie harlekyn onpersoonlik en afgetrokke.                    | “roetkooloë” suggereer dat hierdie harlekyn geen meegevoel vir die medemens het nie, omdat die oë swart is.<br><br>Dit roep ook die vergelyking “so swart soos roet” op, die intensiewe vorm van swart as kleur-aanduidende adjektief. Hierdie oë is 'n direkte teenstelling met die wit gesig van die harlekyn. |

|  |                                                                                                                                    |                                                                                                                                                                                                                                                                                        |                                                                                                                                                                                                                                        |
|--|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|  | <p>7. 'n swart traan drup uit sy linkeroog</p> <p>8. sy mond is 'n omgekeerde sekelmaan</p> <p>9. op sy wange skitter sterre</p>   | <p>Hier word emosies prominent geuiter – die harlekyn huil nou, hy het die omgekeerde van 'n glimlag op sy gesig, alhoewel sy wange skitter (ironie).</p>                                                                                                                              | <p>Die sterre wat skitter is in direkte teenstelling met die negatiewe emosies wat die nar beleef. Dit sou blyk dat die nar se drome waar geword het, na aanleiding van die sterre wat skitter, maar die nar is steeds ongelukkig.</p> |
|  | <p>10. 'n laser skeer oor sy rooi gepluisde hare</p> <p>11. toe hy diep voor my buig</p> <p>12. en sy bolkeil afhaal met swier</p> | <p>Bolkeil: Hoed met 'n taamlike harde, ronde bol en baie smal rand;</p> <p>Swier: Spoggerige manier/houding/ens.; pronkery; elegansie.</p> <p>Die harlekyn hou steeds die front voor, alhoewel hy baie ongelukkig of depressief is. Die nar kan ook gesien word as 'n sirkusdier.</p> | <p>Die nar is steeds hoflik (deurdat hy die hoed afhaal) alhoewel hy so ongelukkig is. Hierdie hoflikheid word oorgedra deur die buiging.</p>                                                                                          |
|  | <p>13. Uit die holte van sy hoed</p> <p>14. vlieg 'n vlammeende valk</p> <p>15. reguit op my af</p>                                | <p>“Holte” versterk die beeld van ongelukigheid. Daar kom 'n allitererende v-klank ook voor in hierdie reël. Dat daar 'n vlammeende valk op die spreker af vlieg, suggereer dat die harlekyn se ingehoue gevoelens geëskaleer het en dat dit nou uit hom uitbars.</p>                  |                                                                                                                                                                                                                                        |

# **Van taalaanleer na tolkaanleer (deel 2): Die skep van kognitiewe en metakognitiewe tolkaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding**

**Kanja van der Merwe en Elbie Adendorff**

---

Kanja van der Merwe en Elbie Adendorff, Departement Afrikaans en Nederlands,  
Universiteit Stellenbosch

---

## ***Opsomming***

Hierdie artikel is die tweede van drie artikels in *LitNet Akademies* wat verslag lewer van 'n studie uit die eerste outeur se PhD-proefskrif<sup>1</sup> in Vertaling (Van der Merwe 2025). Lees die eerste deel van die reeks [hier](#). In die artikel word die kognitiewe en metakognitiewe tolkaanleerstrategieë bespreek omdat dit tolkaanleerders help om taakuitvoering te fasiliteer en hulle in staat stel om die tolkaanleerproses te koördineer.

In die studie is 'n ondersoek geloods na die skep van tolkaanleerstrategieë vir tolking as komplekse kommunikasiedaad uit Rebecca Oxford (1990) se direkte en indirekte taalaanleerstrategieë, waarvan daar drie soorte van albei is. Tolkaanleerders moet hulle tolkvaardighede deurlopend tydens hulle loopbaan met behulp van leerstrategieë slyp. Die volgende oorkoepelende navorsingsvraag is ondersoek: *In watter mate kan taalaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding benut word?* Vir die doeleindes van dié artikel word die nuutgeskepte kognitiewe en metakognitiewe tolkaanleerstrategieë as onderskeidelik direkte en indirekte strategiesoort onder die loep geneem.

Die navorsing is binne 'n kwalitatiewe beskrywende navorsingsmetodologie gesitueer waar tolkaanleerstrategieë as verskynsel met behulp van prosesgerigte tolkopleiding en taalaanleerstrategieë as teoretiese raamwerke vertolk is. Insluiting in die tolkaanleerstrategiemodel al dan nie is geskoei op die wisselwerking tussen Oxford (1990) se taalaanleerstrategiemodel en vooruitgang in prosesgerigte tolkopleiding. Data-insameling en -ontleding het gelyktydig plaasgevind.

'n Tolkaanleerstrategiemodel met 26 kognitiewe en metakognitiewe tolkaanleerstrategieë is gemotiveer met verwysing na voorbeelde en gepaardgaande tolkteorie en -begrippe uit Oxford (1990) se 26 taalaanleerstrategieë. Die 15 kognitiewe tolkaanleerstrategieë maak vier strategie-kategorieë uit, naamlik *oefen, verstaan en produseer boodskappe, ontleed en redeneer* en *skep struktuur vir invoer en produksie*. Die 11 metakognitiewe tolkaanleerstrategieë beslaan drie strategie-kategorieë, naamlik *anker jou leerproses, bestuur en beplan jou leerproses* en *evalueer jou leerproses*.

Die afleiding word gemaak dat taalaanleerstrategieë in 'n groot mate vir prosesgerigte tolkopleiding benut kan word. Tolkaanleerders (en -aanbieders) kan die nuutgeskepte kognitiewe en metakognitiewe tolkaanleerstrategieë raadpleeg om die tolkaanleerproses te optimeer.

**Trefwoorde:** kognitiewe strategieë; metakognitiewe strategieë; prosesgerigte tolkopleiding; taalaanleerstrategieë; tolkaanleerstrategieë

### **Abstract**

#### **From language learning to interpreting learning (part 2): Creating cognitive and metacognitive interpreting-learning strategies for process-oriented interpreter training**

This article is the second of three articles in *LitNet Akademies* reporting on a study from the first author's PhD dissertation in Translation (Van der Merwe 2025). In this article, cognitive and metacognitive interpreting-learning strategies are discussed as they facilitate task performance and enable learners to coordinate the interpreting-learning process.

Interpreting learners must continuously hone their interpreting skills throughout their careers using learning strategies. Oxford's (1990) three types of direct (memory, cognitive and compensation) and indirect (metacognitive, affective and social) language-learning strategies are utilised for interpreting. Direct interpreting-learning strategies relate directly to the interpreting process between two languages, while indirect strategies support the interpreting-learning process without necessarily involving interpreting. We propose that language-learning research can reveal insights into learning strategies that can be valuable for interpreter education. The following research question was investigated: *To what extent can language-learning strategies be utilised for process-oriented interpreter training?*

Two theoretical lenses are thoroughly discussed, namely process-oriented interpreter training and language-learning strategies.

Process-oriented interpreter training investigates the nature of the cognitive processes underlying interpreting. In this section, the following components are addressed: the Effort Model and cognitive load (regarding the extent to which tasks require cognitive resources to be executed); professional and strategic interpreting competence (knowledge that can only be mastered through specialised training); interpreting expertise (with phases beginner, apprentice, journeyman, expert and master); preparation phases and strategies after the interpreting assignment (such as updating the glossary); and simultaneous and consecutive interpreting-learning (strategies) (such as note-taking skills development).

Research on language-learning strategies aims to develop self-regulated learners. This section discusses the historical development of language-learning strategy research (such as early models of the good language learner), and Oxford's (1990) cognitive and metacognitive language-learning strategies. Oxford (1990) created four categories with 15 individual cognitive strategies in her model: *practice*, *understand and produce messages*, *analyse and reason* and *create structure for input and output*. The three categories of metacognitive strategies are *centre your learning process*, *manage and plan your learning process* and *evaluate your learning process*, comprising 11 individual strategies.

A qualitative descriptive research methodology was implemented where interpreting-learning strategies were interpreted as a phenomenon using research on process-oriented interpreter training and language-learning strategies. The methodological approach was to theoretically investigate Oxford's (1990) cognitive and metacognitive language-learning strategies and advancement in process-oriented interpreter training research in order to create an interpreting-learning strategy model. Data collection and analysis were conducted simultaneously.

An interpreting-learning strategy model with 26 cognitive and metacognitive interpreting-learning strategies was motivated from Oxford's (1990) 26 language-learning strategies using associated interpreting theory and concepts.

With the interaction between cognitive language-learning strategies and process-oriented interpreter training, cognition in interpreting was discussed, referring to components such as effort in the Effort Model and sense according to Interpretive Theory. Cognitive interpreting-learning strategies are used before or during the interpreting task (or throughout life) to process information and facilitate task performance to improve mainly communicative and subject area competence. This enables the interpreting learner to mitigate cognitive load, free up processing capacity for other tasks and extract meaning. In this way, effort is regulated in the Effort Model, items in the Gravitational Model become more available, and meaning is prioritised according to Interpretive Theory.

Furthermore, a definition is provided for each strategy.

### *Practice*

1. Practice purposefully: Practice interpreting and interpreting skills with a goal in mind, such as playing excerpts from a film for twenty minutes daily, stopping it to interpret consecutively, or letting it play to interpret simultaneously.
2. Practice sounds and language forms formally: Practice sounds and language forms such as accent comprehension and pronunciation by saying challenging proper nouns or useful vocabulary out loud, writing it down or recording it in a glossary.
3. Anticipate and learn formulaic language: Anticipate and learn formulaic language and text conventions for application in specific interpreting contexts, such as introductions, toasts, closings, etc.
4. Chunk and recombine: Chunk speech segments by focusing on the key concepts and recombine them using neutral sentence openings and coherent words.
5. Get natural exposure to your working languages: Get natural, passive exposure to all your working languages by reading newspapers, watching television and listening to the radio.

*Understand and produce messages*

6. Get the idea quickly: Skim through interpreting material such as presentations to identify key concepts and derive the main idea, starting with the who, what and why.
7. Use resources: Use human resources (interpreting colleagues), documents (glossaries and dictionaries), the internet, computer-aided interpreting tools (Intragloss and InterpretBank) and artificial intelligence (ChatGPT, Simplif.ai and Gemini) to facilitate understanding and production.

*Analyse and reason*

8. Reason fluidly: Reason deductively by selecting pertinent information to reach a rational conclusion, and inductively by applying premises that worked in other circumstances to a new interpreting context.
9. Analyse logical associations: Determine the essence of an expression or text by marking the argument structure (main and secondary ideas) within two minutes.
10. Analyse contrastively: Conduct a contrastive analysis to raise awareness of syntactic and stylistic similarities and differences between the source and target languages using transformation or sight interpreting.
11. Paraphrase: Paraphrase interpreting material such as speeches, TV interviews and presentations to prioritise semantic equivalence.
12. Transfer: Apply skills and knowledge of interpreting task conventions (such as anticipation in sight interpreting) to other contexts (such as simultaneous interpreting).

*Create structure for input and output*

13. Take notes: Develop a personal note-taking system by creating multi-meaning symbols that include several concepts belonging to the same semantic field.
14. Summarise: Capture the target text concisely, accurately and with maximum relevance by omitting redundant information, such as interpreting 75% of the source text.
15. Emphasise: Use a variety of emphasising techniques (including highlighting and underlining), such as highlighting important information in interpreting material within five minutes.

With the interaction between metacognitive language-learning strategies and process-oriented interpreter training, light was shed on metacognition in interpreting in the form of metacognitive knowledge (declarative, procedural and conditional knowledge) and metacognitive regulation (planning, monitoring and evaluation). Metacognitive interpreting-learning strategies are used before, during and after the interpreting task (and throughout life) to acquire knowledge about the interpreting (learning) process to improve mainly professional and strategic competence. This enables the interpreting learner to control cognitive processes. In this way, metacognitive knowledge (declarative, procedural and conditional knowledge) and metacognitive regulation of such knowledge (with the help of planning, monitoring and evaluation) are promoted. The definitions of the strategies are provided below.



### *Centre your learning process*

1. Get an overview of the work and link it with already known material: Get a comprehensive overview of a key concept or set of material in an upcoming interpreting assignment and associate it with already known material, such as updating a generic glossary.
2. Pay attention: Pay general attention to an interpreting task and ignore distractions (focused attention) by researching one topic, or pay attention to specific aspects of the interpreting task (selective attention) by determining whether performance is aligned with the communicative goal.
3. Delay interpreting in order to focus on active listening skills: Postpone interpreting either completely or partially until active listening skills are better developed by selectively practicing listening comprehension for one hour a day (initially on the gist, later including details).

### *Manage and plan your learning process*

4. Find out about interpreting: Find out how interpreting works by reading books or articles about interpreting models, phenomena, problems, challenges and strategies, and use this information to improve your interpreting-learning process.
5. Organise: Create conditions associated with optimal interpreting-learning and performance by organising your physical environment (such as creating a productive study area) and time management (such as planning logistics).
6. Set goals: Set task-specific short- and long-term goals, such as avoiding the same mistakes in a future exercise or interpreting for a specific number of hours per year.
7. Identify the purpose of an interpreting task: Think about the purpose of an interpreting task by analysing the situation and carefully following instructions on task execution.
8. Plan for an interpreting task: Plan for an upcoming interpreting task by identifying problems, determining competence and complexity, consulting sources, planning time allocation and determining the context.
9. Seek and create practice opportunities: Seek and create opportunities to practice interpreting in natural contexts, such as in the community through internships.

### *Evaluate your learning process*

10. Self-monitor: Identify online comprehension or production errors and decide whether to adjust strategy use, leave the interpretation unchanged, or correct a segment by restarting the sentence or correcting it later.
11. Self-evaluate: Evaluate your progress over time by recording your performance and drawing comparisons to reflect on strengths (e.g. language use) and weaknesses (e.g. delivery).

The study concluded that language-learning strategies can be used extensively for process-oriented interpreter training since Oxford's (1990) 26 cognitive and metacognitive language-learning strategies were recreated into 15 cognitive and 11 metacognitive interpreting-learning strategies. The proposed research-informed model offers interpreting learners a structured framework within which they can operate both cognitively and metacognitively.

**Keywords:** cognitive strategies; interpreting-learning strategies; language-learning strategies; metacognitive strategies; process-oriented interpreter training

## 1. Inleiding

Tolking is 'n uitsonderlike vorm van intertalige kommunikasie en 'n komplekse kognitiewe aktiwiteit (Kalina 2007; Tryuk 2010), waar strategieë geraadpleeg word om suksesvolle tolk-werksverrigting na te streef. Wanneer 'n tolkstrategie herhaaldelik suksesvol gebruik word, lei dit tot die outomatisering daarvan (Kalina 2000; Bartłomiejczyk 2006). Geoutomatiseerde strategiese prosesse verminder kognitiewe lading tydens die tolkproses deurdat kognitiewe kapasiteit vir ander take beskikbaar gestel word. Die term (*tolk*)strategie is gebaseer op probleemgerigtheid, potensiaalbewustheid en doelgerigtheid (Lörscher 1991), terwyl *tolk-aanleerstrategie* (*interpreting-learning strategy*) op die verbetering van tolkvaardighede gerig is. Zhang (2020) beweer dat die meeste tolkaanleerders 'n gebrek aan outonadiese leervaardighede toon en Vidyantari (2021) doen veral ná die COVID-19-pandemie 'n beroep op afstandstolk-aanleerstrategieë (*online interpreting learning strategies*).

In die eerste outeur se navorsing is daar ondersoek ingestel na die skep van tolkaanleerstrategieë uit taalaanleerstrategieë aangesien albei prosesgerigte leerprosesse is. Die begrip *taalaanleerstrategieë* het 'n gonswoord in die veld van tweedetaalaanleer geword (Pawlak 2021) omdat dit leer bespoedig en dit meer genotvol en selfgerig maak. Wat onderrig betref, stel ons wedersydse interaksie tussen tolking en taalaanleer voor omdat taalaanleer volgens Kalina (2000) insigte oor leerprosesse en strategieë kan openbaar wat waardevol vir tolkdoeleindes kan wees. Gebaseer op die wisselwerking tussen die twee velde, word die betrokke strategieë in 'n voorgestelde tolkaanleerstrategiemodel uiteengesit. Die nuutgeskepte strategieë en volledige model kan in Addendum A besigtig word.

Ons het Oxford (1990) se taalaanleerstrategiemodel vir die navorsing geraadpleeg, wat drie direkte en drie indirekte strategiesoorte bevat. Direkte taalaanleerstrategieë (geheue-, kompensasië- en kognitiewe strategieë) is gerig op die aanleer van die betrokke doeltaal en indirekte strategieë (metakognitiewe, affektiewe en sosiale strategieë) is gerig op die bestuur van die leerproses (Oxford 1990). Vir tolkdoeleindes hou direkte tolkaanleerstrategieë direk met die tolkproses tussen twee werkstale verband, terwyl indirekte tolkaanleerstrategieë die tolk(aanleer)proses bestuur en ondersteun sonder om noodwendig die tolkhandeling self te betrek.

In hierdie artikel word op die kognitiewe strategieë as direkte strategiesoort en metakognitiewe strategieë as indirekte strategiesoort gefokus, onderskeidelik gemik op taalbegrip en -produksie en die koördinerende van die leerproses. Die relevante teoretiese komponente van prosesgerigte tolkopleiding en taalaanleerstrategieë word grondig bespreek, gevolg deur 'n sintese van die metodologie. Daarna volg die bespreking van die resultate, wat lig werp op die skep van kognitiewe en metakognitiewe tolkaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding.

## 2. Teoretiese raamwerk

Voorts word die twee teoretiese uitgangspunte uitgelig, naamlik prosesgerigte tolkopleiding en taalaanleerstrategieë.

## 2.1 Prosesgerigte tolkopleiding

Prosesgerigte tolkopleiding beskik oor 'n sterk empiriese grondslag en poog om die aard van die kognitiewe prosesse onderliggend aan vertaling en tolking te verstaan (Latif 2018). Die rasionaal van die prosesgerigte benadering is dat daar klem op die proses eerder as die eind-produk geplaas moet word. In hierdie afdeling word die 1) Inspanningsmodel en kognitiewe lading; 2) professionele en strategiese tolkbevoegdheid; 3) tolkkundigheid; 4) voorbereidings-fases en -strategieë ná die tolkeleentheid; en 5) simultane en konsektiewe tolkaanleer(strategieë) bespreek.

### 2.1.1 Die Inspanningsmodel en kognitiewe lading

Die studie van kognitiewe inspanning vorm die fokus van *prosesnavorsing* (Zou 2022) – anders as *prosesgerigte navorsing* wat oor besluitneming, probleemoplossing en strategiegebruik handel. Gile (2009) se Inspanningsmodel, wat ook in die eerste artikel bespreek is, bied 'n raamwerk om die strategieë te verstaan wat tolkaanbieders aanraai om tolkprobleme te bekamp. Dié model is van toepassing op konsektiewe<sup>2</sup> en simultane tolking (Baxter 2012; Pöchhacker 2022) as deel van kongrestolking.

Kongrestolking het betrekking op die tolk van toesprake uit die brontaal in die doeltaal binne 'n formele konteks, onder meer internasionale vergaderings en binne regeringskonteks. Kongrestolking word met 'n hoë kognitiewe lading geassosieer weens verskeie parallelle bewerkings wat elkeen heelwat verwerkingskapasiteit in beslag neem (Gile 2005). Kognitiewe lading verwys na die mate waarin take kognitiewe hulpbronne vereis om uitgevoer te word (Baekelandt en Defrancq 2021). Die meeste kongrestolkprobleme word aan kognitiewe mislukking toegeskryf weens hoë verwerkingskapasiteitsvereistes waaraan daar nie voldoen kan word nie.

Tolking vereis 'n groot hoeveelheid verstandelike energie en verg dikwels selfs meer as wat beskikbaar is, wat daartoe kan lei dat werksverrigting agteruitgaan. In die Inspanningsmodel is 'n hoë vlak talige en buitetalige vaardighede van belang om beperkte hulpbronne vir die verbetering van werksverrigting aan te wend. Een beperkte hulpbron is verwerkingskapasiteit, met verwysing na die tolk se vermoë om spesifieke take onder sekere beperkings uit te voer (Maximous 2017). Om dit te optimeer, kan verwerkingskapasiteit vir veeleisende take soos notering beskikbaar gestel word. Op grond van die Inspanningsmodel kan tolkaanleerders 'n konstruk van hulle eie tolkvaardighede met die oog op tolkkundigheid doelgerig manipuleer.

### 2.1.2 Professionele en strategiese tolkbevoegdheid

Om tolking as professionele loopbaan te erken, impliseer volgens Fan (2012) en Pöchhacker (2022) dat tolkpraktisyns oor kennis en vaardighede beskik wat slegs met behulp van gespesialiseerde opleiding verkry en bemeester kan word – die interaksie tussen dié vaardighede staan as *tolkbevoegdheid* bekend. In die eerste artikel is kommunikatiewe,<sup>3</sup> vakarea-<sup>4</sup> en houdingsbevoegdheid bespreek. In hierdie artikel bespreek ons twee uit die ses soorte in Van der Merwe (2025), naamlik professionele en strategiese tolkbevoegdheid.

Professionele bevoegdheid het betrekking op die sogenoemde para-prosesdimensie van tolking (Albl-Mikasa 2012) met verwysing na professionele standaarde, lewenslange leer en meta-refleksie. Whyatt (2022) beskou lewenslange leer as 'n selfgereguleerde proses, met self-

regulering wat verwys na die mate waarin leerders aktief aan hulle eie leerproses deelneem. Tolkaanleerders moet hulle fokus verskuif van *wat* om te leer na *hoe* om te leer om verantwoordelik vir hulle eie vaardigheidsverwerwing te wees (Setton en Dawrant 2016a). PACTE (2000) definieer tolkbevoegdheidsverwerwing as 'n dinamiese proses wat leerstrategieë vereis waar verklarende (*wat*), prosedurele (*hoe*) en voorwaardelike strategiekennis (*waarom* en *wanneer*) ontwikkel word.

Strategiese bevoegdheid in taalaanleer handel oor leerders se vermoë om probleme op te los wanneer hulle kommunikatiewe handeling uitvoer. Insgelyks kom dit in tolking voor by probleemidentifikasie en -oplossing, monitering, evaluering en hersiening. Strategiese bevoegdheid is 'n metakognitiewe bevoegdheid wat ander subbevoegdhede aktiveer (Yanqun 2015). Metakognisie staan bekend as die vermoë om oor kennis na te dink, dit te begryp en te reguleer (Shreve 2009) en sluit beplanning, monitering en evaluering in (Fernández en Zabalbeascoa 2012). Die vermoë om kontekstueel toepaslike strategieë te gebruik, is 'n noodsaaklike tolkbevoegdheidskomponent.

### 2.1.3 Tolkkundigheid

Tolkkundigheid is 'n eienskap wat deur menige ure se oefening bereik word (Tiselius 2015). Tolkbevoegdheid is slegs een eienskap van tolkkundigheid: Nie alle bevoegde tolke is kundiges nie, maar enige kundige tolk is bevoeg. Buiten kognitiewe verwerking en taakverrigting, sluit tolkkundigheid interaksievaardighede en kennisverwerwingstrategieë in (Pöchhacker 2022). Ons bespreek voorts Chesterman (2000) en Sawyer (2004) se fases van tolkkundigheid: beginner, vakleerling, ambagsgesel, kenner en meester.

As *beginner* het die tolk inleidende taakblootstelling gekry en hulle gedrag is bewustelik en atomisties. Die gevorderde beginner of *vakleerling* het verder gevorder en voltooi 'n onderrigprogram (of het pas gegradueer). Hulle begin ervaring opdoen, sien ander aspekte raak wat nie uitdruklik aangeleer is nie en hulle gedrag word minder atomisties. Die *ambagsgesel* as ervare en bekwame werker begin werklik situasies ontleed, beplan en neem strategiese, doelgerigte besluite, waartydens persoonlike verantwoordelikheid en emosionele betrokkenheid bekendgestel word. Die (ervare) *kenner* werk taamlik intuïtief met ekonomiese inspanningsverbruik, maar kan kritiese rasionaliteit toepas. Hulle kan moeilike situasies bestuur, beter by onbekende situasies aanpas en voer take doeltreffender én op 'n hoër (metakognitiewe) vlak uit. As deel van 'n elitegroep tolke is die *meester* 'n kenner wat bevoeg is om ander te onderrig. Goeie tolkaanbieders is kundiges wat daartoe in staat is om hulle prestasie te verbaliseer en dit vir tolkaanleerders toeganklik te maak.

Kundigheidsverwerwing word uitgebeeld as 'n proses van geleidelike outomatisering waarin emosionele betrokkenheid, intuïsie en metakognisie belangrike rolle speel (Chesterman 2000; Sawyer 2004). Die steun op veral metakognitiewe strategieë kan die strewe na die kennerfase vir tolkaanleerders vergemaklik. Soos Wang e.a. (2020) uitlig, bevestig verskeie navorsers dat strategiese bevoegdheid 'n aanduiding van tolkkundigheid is.

### 2.1.4 Voorbereidingsfases en -strategieë ná die tolkeleentheid

Ervare, kundige tolke maak gebruik van 'n doeltreffende en doelgerigte soort voorbereiding terwyl beginners geneig is om meer tyd aan voorbereiding te bestee. Doelgerigte voorbereiding is 'n komplekse kennisbestuursproses wat die tolk in staat stel om strategieë te raadpleeg ten

einde gehalte te verseker en kognitiewe lading te versag. Met behulp van vooraf voorbereiding, leer tolke oor die tema en relevante kwessies en verwerf die tersaaklike terminologie (Jiang 2013). Tydens die tolkgeleentheid steun tolke op hulpbronne soos die internet en werk toenemend intyds hulle woordelyste met behulp van sprekers, kollegas of ander tolkmateriaal by (soos in die eerste artikel bespreek is).

In hierdie afdeling fokus ons op voorbereidingstrategieë ná die tolkgeleentheid (post-proseswerk), want selfevaluering en die terminologiese opvolg is volgens Kalina (2007) net so belangrik soos vooraf voorbereiding. Soos blyk uit Albl-Mikasa (2012) en Chang, Wu en Kuo (2019) is dit dikwels eers ná die betrokke tolkgeleentheid wat tolke hulle probleemareas of swakpunte raaksien.

Strategiese voorbereiding van onbekende onderwerpe vorm deel van vakareabevoegdheid. Taakspesifieke dokumente soos aanbiedings en agendas is bruikbaar om woordelyste met tolkgeleentheidspesifieke terminologie op te stel en te organiseer (Chang e.a. 2019). Die woordelys is 'n onontbeerlike tolkhulpbron en die opstel daarvan is 'n voortdurende proses. Die waarde van 'n woordelys word volgens Pienaar en Cornelius (2015) gedeeltelik toegeskryf aan die vaslê van terme omdat dit nie altyd weens tydsdruk intyds gebruik word nie. Dit is uiteraard tydens elke voorbereidingsfase belangrik, maar kan veral waardevol wees om ná die tolkgeleentheid by te werk.

Van der Merwe (2025:32) definieer 'n tolkwoordelys op grond van Jiang (2013:74) as “'n werkgerigte tweetalige of veeltalige lys bestaande uit terme en ander items, saamgestel uit verskeie bronne, wat vir 'n spesifieke tolkgeleentheid voorberei is en wat vir toekomstige verwysing hersien kan word”. Die woordelys kan sodoende ná die tolkgeleentheid nagegaan, hersien en vir toekomstige gebruik by ander tolkgeleenthede argiveer word. Jiang (2013) en Setton en Dawrant (2016a) ag die woordelys as 'n tasbare middel om konseptuele tolkkennis voortdurend uit te brei, te verwerk en te verfyn.

### *2.1.5 Simultane en konsektiewe tolkaanleer(strategieë)*

In hierdie afdeling word die aard van simultane en konsektiewe tolking as leerprosesse bespreek.

Met tolking as navorsingsveld wat slegs 'n paar dekades oud is, vind die meeste tolknavoring in die veld van simultane tolking plaas (Maximous 2017). Baekelandt en Defrancq (2021) tipeer die simultane modus as een van die mees komplekse en veeleisende menslike take en daarom geskied navorsing daarvoor so omvangryk. Die simultane modus vereis dat veelvuldige take uitgevoer en gekoördineer word, naamlik bronteksentleding, die stoor van die invoer, doelteksherformulering en die koördinering van alle verwerkingstappe (Baekelandt en Defrancq 2021). Dit beklemtoon 'n behoefte aan multitaakuitvoering om veelvuldige ladinge te hanteer.

Simultanetolkopleiding verg spesiale aandag as 'n leerproses omdat dit nie, soos die geval met konsektiewe tolking, moontlik is om die leerproses in kleiner dele op te deel en tolkaanleerders stap vir stap deur die verstandelike proses te lei nie (Kirchhoff 1976/2002). Daarom dat tolkaanleerders skrikkerig is om dié proses aan te pak en dikwels ontmoedig word om daarmee voort te gaan. As antwoord op Setton (1998/2002) se vraag *Vereis simultane tolking spesiale vaardighede en kan simultanetolkstrategieë aangeleer word?* (ons vertaling) is die skeep van tolkaanleerstrategieë die eerste stap in die onderrig van strategieë vir hierdie modus.



By konsektiewe tolking onderskei Setton en Dawrant (2016a) en Pienaar e.a. (2022) tussen lang en kort konsektiewe tolking. Eersgenoemde vind normaalweg in twee tot tien minute se ononderbroke tolkbeurt plaas, terwyl daar by laasgenoemde ná elke sinsdeel of brokkie dialoog getolk word. Konsektiewe tolking is óf in een rigting (uit een taal in 'n ander taal), óf tweerigting (dialoog word in albei taalrigtings getolk) (Mellinger 2022b). Produksie tydens konsektiewe tolking is volgens Gile (2009) op onder meer luisterbegrip en notering gebaseer.

Notering is 'n noodsaaklike hulpmiddel tydens konsektiewe tolking wat 'n groot hoeveelheid verwerkingskapasiteit in beslag neem en tot geheuelading bydra (Gile 2009). Hoewel uitdagend (Chen 2020), kan noteringsvaardighede, soortgelyk aan simultaanetolkspesifieke strategieë, onderrig en aangeleer word. Benewens noteringsvaardighede moet tolke lewenslank leer om oordedingskuns te bemeester (Setton en Dawrant 2016a). Die ontwikkeling van selfvertroue is derhalwe van kardinale belang vir konsektiewetolkaanleer, waar tolkaanleerstrategieë 'n rol kan speel.

Verskeie navorsers is ten gunste van leerstrategiegebruik vir lewenslange leer in tolking. Ons bespreek voorts Fan (2012), Pietrzak (2019), Heo (2018) en Li (2018).

Fan (2012) ondersoek vanuit 'n leerderperspektief hoe tolkaanleerders met kongrestolkaanleer te werk gaan en bepaal dat selfgereguleerde leer 'n rol in hulle strewe na tolkkundigheid inneem. Fan (2012) identifiseer heelwat hulpbronbestuurstrategieë om kennis met behulp van *beplanning*, *monitering* en *regulering* te beheer. Gevolglik beveel Fan (2012) aan dat tolkaanbieders uitdruklik aan tolkaanleerders moet oordra dat tolking aangeleer kan word. Insgelyks ondersteun Pietrzak (2019) selfgereguleerde leer en reflektiewe denke om tolkaanleerders bewus te maak van leerprobleme, probleemontleding, implementering van planne en evaluering van leerstrategiegebruik. Verder besin Heo (2018) en Li (2018) spesifiek oor *selfassessering* as strategie vir lewenslange leer. Dit betrek aspekte van verskeie pedagogiese benaderings soos die metakognitiewe benadering tot leer, selfregulering en volhoubare assessering.

## 2.2 Taalaanleerstrategieë

Navorsing oor taalaanleerstrategieë het sedert die 1970's toegeneem ten einde selfregulerende en suksesvolle taalaanleerders te kweek (Lee 2010). Pawlak (2021) redeneer dat taalaanleerstrategieë 'n belangrike rol speel om taalaanleerders te dwing om onafhanklike leer aan te pak. In hierdie afdeling word die historiese verloop van dié studieveld bespreek, gevolg deur 'n uiteensetting van Oxford (1990) se kognitiewe en metakognitiewe taalaanleerstrategieë.

### 2.2.1 Historiese verloop van taalaanleerstrategieënavorsing

Navorsing oor taalaanleerstrategieë is afkomstig uit die leerstrategieraamwerk wat deur Rubin (1975), Stern (1975) en Naiman, Fröhlich, Stern en Todesco (1978) daargestel is. Hulle het strategieë geïdentifiseer wat sogenaamde *goeie taalaanleerders* gebruik om Engels aan te leer; strategieë wat moontlik aan minder suksesvolle leerders oorgedra kan word. Die heersende teoretiese paradigma was op daardie stadium die kognitivism. Dit bepaal dat die "enjin" van menslike optrede die doelbewuste, disposisionele of ander verstandelike vermoëns van die brein of die verstand is (Arponen 2013).



Die begrip *goeie taalaanleerder* se oorsprong is gewortel in die seminale werk van Joan Rubin in haar artikel “What the ‘good language learner’ can teach us”. Haar fokus was op wat taalaanleerders *doen* om die taal aan te leer, eerder as op watter invoer hulle ontvang. Rubin (1975) het sewe kenmerke (vertaal deur die eerste outeur) van hierdie goeie taalaanleerder uitgelig. Die goeie taalaanleerder:

1. is gemaklik met onsekerheid en waag akkurate raaiskote;
2. het ’n sterk dryfkrag om te kommunikeer of om uit kommunikasie te leer;
3. is dikwels nie geïnhibeer nie en is bereid om dwaas voor te kom;
4. fokus op kommunikasie en skenk aandag aan vorm;
5. oefen byvoorbeeld uitspraak en sinskonstruksie;
6. moniteer sy/haar eie spreekbeurte en dié van ander; en
7. skenk aandag aan betekenis.

Uit Rubin (1975) se studie het navorsers afgelei dat taalaanleerstrategieë moontlik die hoof faktor is wat die goeie taalaanleerder van ander taalaanleerders onderskei. In dieselfde jaar het Stern (1975) tien taalaanleerstrategieë geïdentifiseer wat deur goeie taalaanleerders gebruik word, onder meer die *beplanningstrategie*, *empatiestategie* en *formele strategie*.

Gegronsd op Stern (1975) se intuïtiewe lys taalaanleerstrategieë, het Naiman e.a. (1978) lig op ses strategieë (vertaal deur die eerste outeur) gewerp wat suksesvolle taalaanleerders gebruik:

1. Vind ’n leerstyl wat by jou pas.
2. Betrek jouself by die leerproses.
3. Ontwikkel ’n bewustheid van taal as stelsel en kommunikasie.
4. Brei voortdurend jou taalkennis uit.
5. Ontwikkel die tweede taal as ’n afsonderlike stelsel.
6. Neem die eise in ag wat tweedetaalaanleer stel.

Op grond van verdere navorsing het Rubin (1981) twee soorte leerstrategieë in die eerste taalaanleerstrategiemodel geïnkorporeer: dié wat direk en dié wat indirek tot taalaanleer bydra. Voorbeelde van haar direkte strategieë is *memoriserings*, *deduktiewe redenasie*, *raaiskote waag* en *oefening*. Die indirekte leerstrategieë het vertak in *die skep van geleenthede vir oefening* (metakognitiewe strategieë) en *produksietruuks* (insluitend kommunikasiestategieë, soos in die vorige artikel bespreek).

Dansereau (1985 in Liu 2010) onderskei tussen primêre en ondersteuningstrategieë vir die direkte bestuur van leermateriaal, en bestuur van afleidings, moegheid en frustrasies respektiewelik. Rubin (1981) en Dansereau (1985) se onderskeid het die grondslag vir Oxford (1985) se eerste model met 64 strategieë gevorm. In haar vroeë klassifikasie sluit sy primêre strategieë in, onder meer *afleiding*, *opsomming* en *oefening*, en ondersteuningstrategieë, soos *selfbestuur*, *beplanning* en *samewerking*.


Gebaseer op ’n kognitiewe inligtingsverwerkingsmodel van leer, verwys O’Malley en Chamot (1990) na kognitiewe strategieë wat met inligting werk op maniere wat leer bevorder (byvoorbeeld *herhaling*); metakognitiewe strategieë wat kennis oor kognisie insluit (byvoorbeeld *funksionele beplanning*) en as uitvoerende vaardighede funksioneer vir beplanning, monitering of evaluering; en sosio-aflektiewe strategieë (byvoorbeeld *samewerking*) wat interaksie met ander en beheer oor affek insluit.

Soos gewortel in Rubin (1981), Dansereau (1985), O'Malley en Chamot (1990) en haar eie navorsing het Oxford (1990) haar model met ses soorte taalaanleerstrategieë geskep: geheuestrategieë (om taal te onthou), kognitiewe strategieë (om oor die leerproses te dink), kompensasiestategieë (om vir beperkte kennis te kompenseer), metakognitiewe strategieë (om leer te bestuur), affektiewe strategieë (om gevoelens te reguleer) en sosiale strategieë (om met ander in interaksie te tree).

### 2.2.2 Oxford (1990) se kognitiewe en metakognitiewe taalaanleerstrategieë

Oxford (1990) se kognitiewe strategieë val onder die direkte strategiesoorte (tesame met geheue- en kompensasiestategieë wat in die eerste artikel bespreek is). Soos blyk uit Oxford (1990) en Griffiths (2018) is kognitiewe strategieë noodsaaklik om 'n taal aan te leer. Dit is tipies die gewildste strategieë onder taalaanleerders en stel hulle in staat om die materiaal op direkte maniere te manipuleer, byvoorbeeld deur middel van redenasie, opsomming, ontleding en notering (Oxford 1990).


Oxford (1990) identifiseer vier kategorieë kognitiewe strategieë in haar model: *oefen*, *ontvang en stuur boodskappe*, *ontleed en redeneer* en *skep struktuur vir invoer en produksie*. Die oorspronklike Engelse kognitiewe (en metakognitiewe) kategorieë en strategieë verskyn in Addendum B. 'n Visuele uitbeelding word hier onder verskaf soos vertaal deur die eerste outeur. Die numering begin by 21 omdat die eerste 20 strategieë (die geheue- en kompensasiestategieë) in die eerste artikel uitgelig is.



**Figuur 1. Diagram van Oxford (1990) se kognitiewe strategieë**

Metakognitiewe strategieë stel taalaanleerders in staat om kennis te reguleer in hulle streeke na kommunikatiewe bevoegdheid (Oxford 2017). Dit is gemoeid met toesig oor die leerproses. Metakognitiewe strategieë is belangrik vir taalaanleer, maar Ellis (2008) beweer dat taalaanleerders dit dikwels sporadies en sonder bewustheid<sup>5</sup> toepas.

Oxford (1990) skep drie kategorieë metakognitiewe strategieë: *anker jou leerproses*, *bestuur en beplan jou leerproses* en *evalueer jou leerproses* – sien die visuele uitbeelding hier onder soos vertaal deur die eerste outeur:



**Figuur 2. Diagram van Oxford (1990) se metakognitiewe strategieë**

Ons bespreek vervolgens 'n studie oor die gebruik van kognitiewe en metakognitiewe taalaanleerstrategieë vir tolkaanleer deur Miyamoto (2008). Hy het ondersoek ingestel na hoe sogenaamde goeie tolkaanleerders (vrouetolkstudente in 'n intermediaêre tolkkursus by 'n universiteit in Osaka) spesifiek kognitiewe en metakognitiewe taalaanleerstrategieë benut tydens die konsekwente tolkaanleerproses tussen Engels en Japannees. Miyamoto (2008) se resultate toon aan dat min deelnemers metakognitiewe strategieë aangewend het, maar die meeste studente het wel verskeie kognitiewe strategieë gebruik. Die twee loop egter hand aan hand en albei is belangrik vir leer (Griffiths 2018).

Vervolgens word die metodologie van die studie kortliks bespreek, gevolg deur die skep van die kognitiewe strategieë.

### 3. Metodologie

Die metodologie van die studie is grondig in die eerste artikel bespreek. 'n Verskynsel wat ondersoek moet word, lê aan die kern van kwalitatiewe beskrywende navorsing (Creswell en Creswell Báez 2023), wat in hierdie geval tolkaanleerstrategieë is. Nieuwenhuis (2020) beweer

beskrywende navorsing speel 'n belangrike rol wanneer kwalitatiewe navorsing onderneem word. Die doel daaragter is om individue, toestande of gebeurtenisse natuurlik te beskryf deur temas uit te lig (Siedlecki 2020).

Data-insameling en -ontleding het gelyktydig plaasgevind. Oxford (1990) se taalaanleerstrategiemodel en prosesgerigte tolkopleiding is teoreties verken en 'n tolkaanleerstrategie-model is geskep. Al 26 kognitiewe en metakognitiewe taalaanleerstrategieë in Oxford (1990) se model is vir die tolkaanleerstrategiemodel oorweeg. Kognitiewe en metakognitiewe strategieë word na aanleiding van die wisselwerking tussen tolking en taalaanleer verken en 'n model word as verduideliking daarvoor geskep.

Soos Moser-Mercer (1997/2002) aanvoer, kan geen model presies met 'n verskynsel ooreenstem nie, want dan is dit nie meer 'n model nie. Insgelyks redeneer Pöchhacker (2022) dat die meeste tolkmodelle van 'n beskrywende aard is. Daarom word die eerste outeur (2025) se model as onvolledig beskou omdat sommige tolkspesifieke strategieë soos *volgafstand* en *pouseverspreiding* (wat as kognitief sou klassifiseer) nie in die model verskyn nie omdat dit nie op Oxford (1990) se model gelys word nie.

#### 4. Die wisselwerking tussen kognitiewe taalaanleerstrategieë en prosesgerigte tolkopleiding

Tolking en taalaanleer is albei kognitief dreinerende aktiwiteite, tekenend van 'n komplekse interaksie tussen inspanning en taaklading, werksverrigting, kognitiewe behoeftes, leermotivering, bevoegdheid, ensovoorts (Zou 2022). Veral in tolking dra elke tolkaspek tot kognitiewe lading by en dit grens veral tydens kongrestolking (sien 2.1.1) dikwels aan versadiging (Gile 2005). In die bespreking oor die wisselwerking tussen kognitiewe taalaanleerstrategieë en prosesgerigte tolkopleiding word kennis in tolking bespreek, gevolg deur die bespreking van die vier kategorieë kognitiewe taalaanleerstrategieë (met 15 taalaanleerstrategieë) se potensiaal vir tolkaanleer.

##### 4.1 Kennis in tolking

Kennis is belangrik in tolking omdat tolke komplekse kognitiewe bewerkings onder intense tydsdruk verrig (Gile 2009). Sodoende word hulle verwerkingskapasiteit opgeneem en moontlik oorlaai. Tolkenavorser Elisabet Tiselius sê die volgende oor kennis in tolking in 'n onderhoud (Zolubiené 2022):

Cognition has always been the core [...] of research into interpreting, because that is how interpreting research started. When research on and about interpreters started, it was within the area of cognitive psychology because people felt that [...] this act of interpreting that had been seen then at the Nuremberg Trials after World War II seemed so impossible to perform. You know, was it really possible to listen, transfer, and speak at the same time?

Ná die Nuremberg-verhoor het kognitiewe wetenskaplikes hulle veral op simultane tolking begin toespits weens die komplekse bewerkings en swaar kognitiewe lading (Gile 2015). Tolking word deur die gelyktydige verrigting van verskeie kognitiewe bewerkings uitgeken wat op beperkte aandaghulpbronne staatmaak en uiteindelik beduidend vir doeltreffende

werksverrigting is (Gile 2009). Dié prosesse is onder meer taakkoördinasie, luisterbegrip, notering, doeltaalaktivering, hersiening, besluitneming en probleemoplossing (Shreve 2006). Eitel, Endres en Renkl (2020) beweer om kognitiewe lading self te bestuur en te versag, is tekenend van 'n selfregulerende leerder.

Ferreira en Schwieter (2022) noem dat vroeë navorsing oor kongrestolking hoofsaaklik deur praktiserende kongrestolke soos Danica Seleskovitch (1978) onderneem is. Sy het in samewerking met Marianne Lederer haar invloedryke *Interpretatiewe Teorie (Théorie du sens)* geskep ingevolge waarvan vertaling en tolking eerder oor boodskappe as woorde handel. Dit is 'n koherente konstruksie wat insig in die vertaalproses as kommunikasie en die onderrig van vertaalvaardighede bied (Lederer 2010). Volgens hierdie teorie word die brontaal aanvanklik in sin (*sense*) omgeskakel, saamgestel uit talige betekenis en buitetalige kennis. Daarna vind deverbalisering plaas deurdat die taalvorme verdwyn en dié sin natuurlik en spontaan in die doeltaal uitgedruk word (Seleskovitch en Lederer 1989, in De León 2017). Die teorie is doelbewus eenvoudig, met die oog daarop om bruikbare riglyne vir praktisyns te bied (Lederer 2010).

Du Toit (2017) verduidelik dat die teorie op vier grondslagpilare staan, naamlik moedertaal-, brontaal-, wêreldkennis- en tolkmetodiekbeheersing (as deel van kommunikatiewe en vakarea-bevoegdheid). Die teorie bepaal dat beginnervertalers en -tolke neig om vorm te prioriteer en woord-vir-woord-vertalings te produseer terwyl *kenners* (sien 2.1.3) boodskappe memoriseer (Lingzhu 2020).

Gile (2009) se Inspanningsmodel en gepaardgaande Koorddanshipotese handel oor kognitiewe inspanning en lading wat tolke met elke tolktaak tydens die proses toewys en koördineer. Dit verklaar dat kognitieweladingsverwante faktore tot kognitiewe versadiging as interne tolkprobleem (binne die tolk se beheer) en kognitiewe knelpunte as eksterne tolkprobleem (buite die tolk se beheer) kan lei. Die model bied dus 'n kognitiewe verklaring vir onbevredigende tolkwerksverrigting (Zou 2022). Met betrekking tot die geleentheidskoste van inspanning is Gile se *norm van die minste inspanning* ter sprake (soos in die eerste artikel bespreek) – tolke voltooi 'n taak met die minste nodige inspanning om hulleself teen uitputting te beskerm. Doelbewuste en outomatiese strategiegebruik kan kognitiewe lading versag en die nuwe-effekte van verwerkingskapasiteitsversadiging verminder (Heyerick 2021). Hier word 'n soort balanseertoertjie of koorddans soos bepaal deur die Koorddanshipotese geveer. Setton en Dawrant (2016a:259) beweer: “If simultaneous interpreting is a tightrope, we can develop the expertise to (sometimes) dance on it.”

Seeber (2011) se Kognitieweladingsmodel illustreer die kognitiewe vereistes eie aan simultane tolking en postuleer dat simultane tolke simultane tolkspesifieke beperkings hoofsaaklik met behulp van strategieë soos *uitstel* en *antisipering* bestuur om kognitiewe lading te versag. Hierdie strategieë is in Van der Merwe (2025) se tabel van bestaande tolkstrategieë opgeneem en as kognitiewe strategieë getipeer, tesame met strategieë soos *herhaling*, *notering*, *samepersing*, *transformasie* en *volgafstand*.

Fan (2012) se studie wat in 2.1.5 bespreek is, dui op die regulering van inspanning as hulpbronbestuurstrategie en in die bestaande tolkaanleerstrategieliteratuur is *oefen* die gewildste strategie soos onder meer deur Lee (2015) gelys. Zou (2022) redeneer dat tolkaanleervermoë sal verskerp indien kognitiewe bewerkings volhoubaar gemaak word. Ons redeneer dat kognitiewe tolkaanleerstrategieë hierdie rol kan vervul.

## 4.2 Kognitiewe taalaanleerstrategieë se potensiaal vir tolkaanleer

Kognitiewe strategieë, met 'n grondslag in die kognitivisme (sien 2.2.1), het doeltaal-manipulasie of -transformasie as gemene funksie (Oxford 1990). Chiang en Villarreal (2013) se studie oor taalaanleerstrategieë vir tolking het aangetoon dat kognitiewe strategieë nie gereeld deur tolkaanleerders gebruik word nie, maar hulle en Miyamoto (2008) het heelwat kognitiewe strategieë geïdentifiseer wat in dié afdeling saam bespreek word.

Al vier kategorieë individuele kognitiewe taalaanleerstrategieë word bespreek, naamlik *oefen, ontvang en stuur boodskappe, ontleed en redeneer* en *skep struktuur vir invoer en produksie*.

### 4.2.1 Oefen

Oefening in tolking vir die verwerwing van tolkkundigheid neem dikwels die vorm van doelbewuste oefening<sup>6</sup> of doelgerigte oefening<sup>7</sup> aan. Hierdie aktiewe, onafhanklike en gereelde oefening vind tipies buite die klaskamer plaas en word deur onder meer Tiseliu (2018) en Ngoc, Truc, Huynh, Ngoc en Thien (2022) vir tolking voorgestel. Dit is kardinaal vir die uitbreiding van kognitiewe vermoëns (Tiseliu 2018) en veral aanpasbare kundigheid<sup>8</sup> (Whyatt 2022).

Die vyf taalaanleerstrategieë vir bespreking is *herhaal, oefen klanke en skryfstelsels formeel, herken en gebruik formules en patrone, hercombineer* en *oefen natuurlike kommunikasie*.

#### 4.2.1.1 Herhaal

Taalaanleerders gebruik *herhaal* om iets oor en oor te sê of te doen (Oxford 1990). Dit is ook as tolkstrategie in Van der Merwe (2025) se tolkstrategietabel opgeneem en daarby het Miyamoto (2008) *herhaling (repetition)* as gebruiklike kognitiewe taalaanleerstrategie onder tolkaanleerders geïdentifiseer.

Buiten “learning by doing” (Albl-Mikasa 2013a) moet tolke die tolkhandeling oefen met behulp van oefenmateriaal soos toesprake, onderhoude, video- en klankopnames (Gile 2005; Chen 2014; Zhang 2020) en selfs realiteitstelevisie, sepie en sport (Setton en Dawrant 2016a; Crezee en Burn 2022). Crezee en Burn (2022) verskaf die volgende stappe: Speel 'n audio-visuele uittreksel (soos 'n film of 'n TED Talk), stop dit om konsektief te tolk, of laat dit speel om simultaan te tolk.

Ericsson e.a. (1993) beveel aan dat individue uitputting moet vermy – verwys na die Inspanningsmodel en Koorddanshipotese – en oefening moet beperk word tot 'n vlak waarvan hulle volledig kan herstel. Om tolking doelgerig te oefen, verg intense inspanning en kan vir 'n beperkte tyd op 'n daaglikse basis onderneem word ten einde versadiging te vermy. Gile (2009), Chen (2014) en Bates (2016) dui op 'n weeklikse totaal van twee uur oor twee tot drie dae of in 20-minuutsegmente. Tolke kan tydens alledaagse situasies oefen, byvoorbeeld deur in die wagkamer voor 'n afspraak by die verkeersdepartement plakate te tolk, wat deel van hulle roetine kan uitmaak en in lewenslange leer kan vergestalt.

#### 4.2.1.2 Oefen klanke en skryfstelsels formeel

Taalaanleerders oefen doeltaalvorme soos uitspraak, intonasie en register op verskeie maniere met behulp van *oefen klanke en skryfstelsels formeel*. Soos in 2.2.1 uitgelig, is *aandag aan vorm* en *oefen uitspraak en sinskonstruksie* twee kenmerke van die goeie taalaanleerder. In Chiang en Villarreal (2013) se studie is kognitiewe taalaanleerstrategieë soos *oefen Engelse*



*klanke* vir tolking benut. Twee klankelemente waarop tolke kan fokus, naamlik aksentbegrip en uitspraak, word bespreek.

Tolke behoort oor die talige bevoegdheid (as deel van kommunikatiewe bevoegdheid) te beskik om verskeie aksente te verstaan (Murtiningsih en Ardlillah 2020). Chen en Gao (2023) noem dat die impak van veral niemoedertaalsprekers van Engels tolkgehalte beïnvloed. Hulle beveel Facebook, Instagram en YouTube vir tolkaanleerders aan om gemaklik met aksente om te gaan, asook om selfregulering te verskerp.

Tesame met aksentbegrip is die vertroudheid met uitspraak van veral eiename belangrik vir tolke se openbare redevoergehalte (Ma 2013; Al-Jarf 2022). Li (2014) en Al-Jarf (2022) beveel aan dat tolke televisie soos CCTV-nuus moet kyk en nuusberigopskrifte in die bron- en doeltaal moet lees, gevolg deur die opteken van eiename en ander nuttige woordeskat in 'n woordelys (Crezee en Burn 2022). Tolkaanleerders kan eienaamlyste met taalvorme soos name, stede en dorpe voorberei en oefen om dit uit te spreek.

#### 4.2.1.3 Herken en gebruik formules en patrone

Taalaanleerders raadpleeg *herken en gebruik formules en patrone* om roetineformules soos *hallo* en *hoe gaan dit met jou* te leer (Oxford 1990). *Die gebruik van formuletaal* verskyn in Van der Merwe (2025) se tolkstrategietabel en word deur Ficchi (1999) en Li (2015) as leerstrategie geopper.

Tydens openbare redevoering gebruik tolke verskeie herhalende vaste uitdrukkings bekend as *ready-made phrases* (Zidar Forte 2012), *ready-made chunks* of *formulaic language* (HalaGhanim en Al-Daqs 2015), *ready-made-language* (Setton en Dawrant 2016a) of *frozen language* (Mellinger 2022a). Dit is dus sogenaamde gereed-vir-gebruik-frases wat tolke nie hoef te verwerk nie. Hierdie uitdrukkings – tesame met tekskonvensies en retoriese middele soos inleidings, heildronke en afsluitings – moet aangeleer en geoefen word.

Die aanleer van formuletaal verminder produksie-inspanning in die Inspanningsmodel en verbeter beskikbaarheid in die Gravitasiemodel (in die eerste artikel bespreek) omdat minder nuwe inligting verwerk en behou moet word (Zidar Forte 2012). Sodoende word kognitiewe bewerkings volgens Baxter (2012) en Mellinger (2022a) beskikbaar gestel om aandag aan uitdagende segmente wat meer inspanning verg (soos datums en getalle) te skenk. Indien tolke hulle leksikale reservoir met vaste uitdrukkings aanvul (HalaGhanim en Al-Daqs 2015), hoef die sin (sien die Interpretatiewe teorie) daarvan nie verwerk te word nie.

Ons sluit ook *antisiperings*, 'n begripstrategie wat in die tolkstrategietabel verskyn, hierby in. *Antisiperings* stel tolke in staat om kognitiewe beheer te kry deur hipoteses oor onuitgesproke spraakbeurte te formuleer (Du Toit 2017). Dit verminder onsekerheid en lei tot kognitiewe verligting (Gile 2009). Die aanleer van *antisiperings* gaan gepaard met die ontwikkeling van sintaktiese en semantiese antisiperingsvermoë, enersyds op taalvlak soos sintaksis of grammatika (Ma 2013) en andersyds na aanleiding van voorspelbaarheid en tekskonvensies (Schafer 2011).

#### 4.2.1.4 Herkombineer

Taalaanleerders wend die *herkombineer*-strategie aan deur bekende elemente op nuwe maniere te verbind om uitings te produseer (Oxford 1990). Miyamoto (2008) stel die kognitiewe taal-aanleerstrategie *begin met korter sinne en tolk geleidelik langer sinne* vir tolkaanleerders voor.

Doeltreffende verdeling versag druk op inspanning omdat tolke én die gehoor kleiner eenhede makliker verwerk (Zou 2022). *Verdeling* is 'n algemene tolkstrategie en word deur Setton en Dawrant (2016b:251) gedefinieer as “die segmentering van brontaalinvoer in betekeniseenhede wat opeenvolgend met natuurlike sintaksis en verbindingstoestelle in die doeltaal getolk word” (deur die eerste outeur vertaal). Tolkaanleerders moet hierdie tegniek aanleer omdat dit volgens Zidar Forte (2012) bruikbaar is wanneer die tolk 'n groot inligtingslading in die gesig staar.

'n Oefentegniek wat deur Setton en Dawrant (2016a) en Al-Harabsheh, Shebab en Al-Rousan (2020) voorgestel word, is die *verdeel-en-herkombineer-strategie*. Hiervolgens segmenteer tolkaanleerders die bronteks in kleiner dele, fokus op die sleutelbegrippe en herkombineer dit met behulp van samehangende woorde om 'n teks te vorm. Meuleman en Van Besien (2009) beveel aan dat tolke oefen om die volgorde van frases te verander en om sinne neutraal te begin sodat dit nie by die vorige of volgende sin aansluit nie.

#### 4.2.1.5 Oefen natuurlike kommunikasie

Taalaanleerders gebruik die strategie *oefen natuurlike kommunikasie* om die doeltaal in natuurlike omgewings te oefen, byvoorbeeld deur 'n boek te lees (Oxford 1990). Hier word gefokus op werkstaalblootstelling in die vorm van natuurlike kommunikasie. Lee (2015) noem dat tolke moet lees en luister om doeltaalkennis te verbeter en hulle op sin toe te spits, terwyl Ficchi (1999) redeneer dat brontaalbegrip eers moet verbeter om uiteindelik doeltaalkennis te verbeter. Chiang en Villarreal (2013) bestempel *kyk Engelse TV-programme of films en luister na Engelse radioprogramme* as kognitiewe taalaanleerstrategieë vir tolke.

Soos deur die Gravitasiemodel bepaal, moet taalbevoegdheid onderhou word om kognitiewe versadiging te vermy. Ons stem saam met Setton en Dawrant (2016a) dat *al* die tolk se werkstale (hetsy A-, B- of C-taal) ter wille van kommunikatiewe bevoegdheid onderhou moet word. Navorsers soos Albl-Mikasa (2013a), Chen (2014), Li (2014) en Ngoc e.a. (2022) beveel aan dat tolke koerant, nuusberigopskrifte, boeke en artikels moet lees, en films, televisie en sosialemedia-video's moet kyk om taalbevoegdheid te onderhou en woordeskat te bou. Hulle moet ook radio, potgooie, musiek en oudioboeke luister (Chang e.a. 2019; Ngoc e.a. 2022) en kan multitaakvaardighede uitvoer deur met 'n halwe oor te luister terwyl hulle ander take voltooi.

Hierdie passiewe aktiwiteite sluit by *oefen klanke en skryfstelsels formeel* aan omdat dit blootstelling aan aksentbegrip en uitspraak kan verbreed, alhoewel *oefen klanke en skryfstelsels formeel* formele, aktiewe oefening betrek. Bowendien verbeter blootstelling volgens Chen (2014) en Li (2014) tolke se algemene en vakgebiedkennis. Albl-Mikasa (2013a) interpreteer dat die lees van koerante byvoorbeeld vir taalelemente én aktuele sake benut word.

#### 4.2.2 Ontvang en stuur boodskappe

Strategieë vir die stuur en ontvangs van boodskappe is nuttige taalaanleerhulpmiddele (Oxford 1990). *Ontvang en stuur boodskappe* bevat twee taalaanleerstrategieë: *kry vinnig die idee en gebruik hulpbronne*.

##### 4.2.2.1 Kry vinnig die idee

Taalaanleerders raadpleeg *kry vinnig die idee* deur te vluglees om hoofgedagtes vas te stel, wat hulle begrip aanhelp (Oxford 1990). Sodoende kan hulle sin onttrek sonder om op elke leksikale item te fokus.

Vluglees vir tegniese terminologie is al vir dekades 'n kardinale tolkvaardigheid (Makarová 1994). Weens min voorbereidingstyd moet tolke kan spoedlees en sleutelbegrippe soek wat uit die bronteks afkomstig kan wees of deur tolke self gegenereer kan word om die wesenlike betekenis vas te vang (Setton en Dawrant 2016a). Deur vinnige oriëntasie te prioritiseer (Albl-Mikasa 2012), kan tolke maklik toetred tot 'n spesifieke vakgebied verkry. Veral in die geval van nuwe, komplekse vakkennis moet hulle bewus wees van waar, waarvoor en hoe om te soek. Tolke laat die doeltekstontvangers veilig voel wanneer hulle op 'n betroubare manier met die betrokke inligting kan omgaan.

'n Oorsig oefening word deur Chen en Dong (2010) aanbeveel om die kruis van 'n teks binne 'n oogwink te kry. Dit bepaal dat tolke die sleutelidee uit 'n paragraaf in die moedertaal aflei, gevolg deur dieselfde proses in die doeltaal. Soos blyk uit Huang (2021) kan tolke die kern van 'n teks vasstel deur die *wie*, *wat* en *waarom* te identifiseer.

##### 4.2.2.2 Gebruik hulpbronne

Taalaanleerders steun op *gebruik hulpbronne* wanneer gedrukte of elektroniese hulpbronne ingespan word om boodskappe te verstaan of te produseer (Oxford 1990). Professionele tolkbevoegdheid (sien 2.1.2) sluit instrumentele bevoegdheid (hulpbronbestuur) en navorsingsbevoegdheid in en dra tot vakareabevoegdheid by. In die tolkaanleerstrategieliteratuur word woordeboeke (Li 2014) en woordelyste (Lee 2015) – sien 2.1.4 – aanbeveel om byvoorbeeld woordeskat op te bou.

Inligtingsbronne vir *ad hoc*-kennisverwerwing neem die vorm van dokumente (soos woordeleyste en woordeboeke) en menslike bronne (soos tolkkollegas) aan (Gile 2009). Hedendaags maak tolke gebruik van elektroniese woordelyste op Dropbox of Google Drive (Ferreira en Schwieter 2022; Pienaar e.a. 2022) of 'n aanlyn woordeboek of slimtoesteltoepassing (Goldsmith 2018). Gurova, Riabukha, Zinenko en Hostishcheva (2020) verwys na *interaktiewe bestuurde selfleer* as tolke se gebruik van tegnologie vir lewenslange leer. Ferreira en Schwieter (2022) beklemtoon dat die internet moontlik die opmerklikste tolkhulpbron is wat vaardighede verskerp en tot selfregulering bydra.

Rekenaargesteunde tolkhulpmiddele is ook nuttig as terminologiebestuurshulpmiddels, waar Intragloss en InterpretBank gebruik kan word (Horváth 2022). Hierbenewens redeneer Horváth (2022), Orăsan (2023) en Siu (2023) dat kunsmatige intelligensie soos ChatGPT 'n ondersteunende hulpmiddel is om tegniese begrippe tydens voorbereiding te omskryf en te vereenvoudig. Ander voorbeelde van KI gelys deur Bowker (2024) is Otter.ai vir tolkondersteuning,

Simplif.ai vir herformulering en Gemini vir termonttrekking. KI-verwante tegnologiese ontwikkeling kan kognitiewe lading potensieel versag (Horváth 2022), maar Giustini en Dastyar (2024) voeg by dat tolke oor kritiese KI-geletterdheid moet beskik om ingeligte besluite te neem.

#### 4.2.3 Ontleed en redeneer

Volwasse taalaanleerders is geneig om die doeltaal uit te redeneer deur 'n formele gedagte-model te konstrueer soos gegrond op ontleding en begrip, waarvolgens algemene reëls opgestel en hersien word (Oxford 1990). Bronteksontleiding ressorteer onder die eerste hoofsoort inspanning in tolking ingevolge die Inspanningsmodel.

Ons bespreek vervolgens die vyf taalaanleerstrategieë in hierdie kategorie, naamlik *redeneer deduktief*, *ontleed uitdrukings*, *ontleed kontrasterend*, *vertaal* en *dra oor*.

##### 4.2.3.1 Redeneer deduktief

Taalaanleerders *redeneer deduktief* wanneer hulle algemene reëls op nuwe doeltaalsituasies toepas (Oxford 1990). 'n Deduktiewe denkproses (deduksie) begin by een of meer akkurate inligtingstukke ten einde 'n akkurate afleiding te maak, terwyl 'n induktiewe denkproses (induksie) op bepaalde uitgangspunte berus wat in 'n ander situasie gewerk het (Lee-Jahnke 2005). Laasgenoemde word op 'n algemene manier toegepas sonder om te weet wat die beste resultaat sal wees.

Lee-Jahnke (2005) redeneer dat deduktiewe en induktiewe denkprosesse in vertaalaanleer-klasse gestimuleer moet word vir die verbetering van die vertaalproses. Saud (2020 in Cheng 2022) bevind in sy studie dat vertaalaanleerders se kognitiewe redeneervaardighede tot die verbetering van vertaalwerksverrigting en die regulering van inspanning lei. Vertalers moet heelwat moontlike vertaalkeuses ondersoek, dit beoordeel en 'n besluit met behulp van induksie neem (Saud 2020 in Cheng 2022). Hulle moet ook krities oor vertaalkeuses kan nadink en deur middel van deduksie tot 'n rasonale gevolgtrekking kan kom.

Voorbeelde van deduktiewe en induktiewe redeneerstrategieë word deur Pintrich (2002) verskaf: evalueer die geldigheid van logiese stellings, vermy sirkelredenasies, maak toepaslike afleidings, ensovoorts. Dehn (2008) noem dit *vloeibare redenasie* (*fluid reasoning*) wanneer induktiewe én deduktiewe redeneervermoë ingespan word.

##### 4.2.3.2 Ontleed uitdrukings

Taalaanleerders se gebruik van *ontleed uitdrukings* het betrekking daarop dat hulle 'n nuwe uitdrukking se betekenis bepaal deur dit op te breek en die betekenis van die dele te gebruik om die uitdrukking as geheel te verstaan (Oxford 1990). In die tolkaanleerstrategieliteratuur word die soortgelyke *logiese ontledingstrategie* deur Li (2014) uitgelig en Chiang en Villarreal (2013) bevind die volgende kognitiewe taalaanleerstrategie onder tolkaanleerders: *stel die betekenis van Engelse woorde vas deur dit in verstaanbare dele te verdeel*.

Li (2014) stel voor dat tolke twee minute neem om die seggingskrag (logiese verwantskappe) van 'n teks te bepaal, byvoorbeeld of dit progressief of 'n keerpunt is. Verder stel Setton en Dawrant (2016b) voor dat 'n organisasie en redenasiestruktuur van 1–2 minute se luister-oefening gemaak word, waarvan die logiese en samehangende draad die belangrikste is, gevolg deur die hoof- en sekondêre idees, oorsaaklike verbande, ensovoorts.

#### 4.2.3.3 Ontleed kontrasterend

Wanneer taalaanleerders *ontleed kontrasterend* toepas, vergelyk hulle taalelemente (byvoorbeeld sintaksis) van die eerste taal met die doeltaal om ooreenkomste en verskille vas te stel (Oxford 1990). 'n Soortgelyke tolkstrategie in die literatuur wat benut word om sintaktiese verskille uit te ken, is *transformasie*.

Sigtolking<sup>9</sup> word deur Lee (2012) en Al-Jarf (2022) aanbeveel om 'n kontrastiewe ontleding uit te voer en bewustheid van sintaktiese en stilistiese verskille tussen die bron- en doeltaal te kweek. Dit is kognitief kompleks en vereis dat tolke 'n geskrewe bronteks se hoë leksikale digtheid en sintaktiese kompleksiteit moet hanteer (Fang en Wang 2022). Volgens Kalina (2015) is dit 'n goeie tolkvoorbereidingstegniek vir simultane tolking vir die uitlok van woordeskat. Verder is dit behulpsaam om taaloordragvaardighede te ontwikkel en kommunikatiewe bevoegdheid te verskerp.

Alhoewel sigtolking 'n belangrike middel tot 'n doel in tolkopleiding is, word dit soos blyk uit Lee (2012) en Setton en Dawrant (2016b) ondernagevors. Ons beskou dit wel as 'n doeltreffende pedagogiese instrument, tolkvoorbereidingstrategie en -aanleerstrategie, byvoorbeeld om 'n koerantartikel te sigtolk.

#### 4.2.3.4 Vertaal

Taalaanleerders se gebruik van *vertaal* as strategie in taalaanleer het betrekking op die omskakeling (van woorde, frases én tekste) van 'n doeltaaluitdrukking in die moedertaal en andersom, deur een taal as basis in te span om met begrip of produksie te help (Oxford 1990). Direkte vertaling of *transkodering* is 'n algemene tolkstrategie wat in die vorige artikel as kompensasiestrategie bespreek is. Ficchi (1999) werp egter lig op *herformulering* as 'n omvangryke manier van betekenisoordrag: *herformuleer allerlei tekste mondelings met besondere aandag aan diskoerslogika*.

Die gebruik van *herformulering* as konseptualiseringstrategie vir tolkaanleerders – slimskadutolking of A-in-A-tolking of B-in-B-herformulering – word deur navorsers soos Gile (2005) en Setton en Dawrant (2016a) ondersteun vir die verbetering van kognitiewe vaardighede, veral tydens simultane tolking (Du Toit 2017). *Herformulering* is 'n waardevolle hulpmiddel om leer te verbeter (Zidar Forte 2012). Dit hou verband met die vermoë om sin te onttrek en 'n konseptueel akkurate voorstelling van die boodskap te produseer.

Gile (2005) en Setton en Dawrant (2016a) stel mondelinge (hardop) herformulering – soortgelyk aan sigtolking – van byvoorbeeld geskrewe toesprake voor.

#### 4.2.3.5 Dra oor

Die laaste strategie in hierdie kategorie is *dra oor*, wat taalaanleerders benut om talige kennis uit een taal direk op 'n ander toe te pas vir die doeleindes van begrip of produksie (Oxford 1990). Dit kan waardevol wees, maar taalaanleerders maak ook dikwels foute deur reëls te veralgemeen.

Die oorgebruik van oordragstrategieë dui daarop dat taalaanleerders nog in die intertaalstadium is, 'n hibriede taalvorm wat tussen die moeder- en doeltaal lê (Adendorff 2017). Die gebruik van 'n intertaal kom algemeen voor waar leerders wat oor verskillende Afrikaanse taal-

vaardighede beskik in dieselfde klaskamer sit (Adendorff 2025). Tolke is ideaal gesproke al ver verby die intertaalstadium, wat waarskynlik die rede is waarom oordrag nie in tolking blyk voor te kom nie – tolke gebruik liever die kompensasiestrategieë *oordraging* en *transkodering*.

Van der Merwe (2025) redeneer dat *dra oor* wel in tolking voorkom by die kognitiewe oordrag van vaardighede of tolkgeleentheidspesifieke konvensies. Song (2010) toon aan dat sigtolking byvoorbeeld benut kan word om antisipering tydens simultane tolking aan te leer. Dit bestempel sigtolking as doelgerigte oefening vir vaardigheidsverwerwing én -oordrag na simultane tolking. Song (2010) beklemtoon dus dat sigtolking waardevol vir ander soorte tolking se progressie van vaardigheidsontwikkeling is. Dit maak van tolke aanpasbare kundiges.

Tesame met vaardigheidsoordrag, kan tolkgeleentheidspesifieke konvensies oorgedra word. Indien tolke 'n nuwe geleentheid in 'n onbekende omgewing betree, maak hulle op hulle diskoerskennis<sup>10</sup> staat om hulle optrede te bepaal.

#### 4.2.4 Skep struktuur vir invoer en produksie

Taalaanleerders wend struktuurskeppende strategieë aan om die betrokke invoer in hanteerbare eenhede te struktureer (Oxford 1990). Chiang en Villarreal (2013) beskou struktuurskeppende strategieë as noodsaaklik in tolking om materiaal te manipuleer.

Die laaste drie kognitiewe taalaanleerstrategieë wat voorts bespreek word, is *noteer*, *som op* en *beklemtoon*.

##### 4.2.4.1 Noteer

Taalaanleerders *noteer* deur die hoofgedagte of spesifieke punte neer te skryf (Oxford 1990). Dit is ook 'n algemene tolkaanleerstrategie wat aangeleer en geoefen moet word (Li 2014). Notering in tolking het betrekking op die selektiewe neerskryf van belangrike inligting wat herroep en herkonstrueer moet word terwyl die tolk na 'n bronteks luister (Yen, Tu en Thao 2023). Miyamoto (2008) het bepaal *notering* word as gebruikelike kognitiewe taalaanleerstrategie vir tolking gebruik en as *noteer bondig*, *minimeer notering* en *gebruik simbole vir doeltreffende notering* uitgebrei.

Notering plaas ekstra spanning op die geheue en kan tot verskeie interne tolkprobleme lei. Indien notering doeltreffend geskied, kan dit egter volgens Baxter (2012) en Du Toit (2017) kognitiewe lading versag. Yen e.a. (2023) spesifiseer dat doeltreffende notering akkuraatheid verbeter, sin beklemtoon en gehalte bevorder.

Daar bestaan verskeie geldige noteringsmetodes wat op papier, of op toestelle met elektroniese slimpenne (Pienaar e.a. 2022), deur tolke gebruik kan word. Lingzhu (2020) en Yen e.a. (2023) beveel aan dat alle tolke 'n persoonlike noteringstelsel moet ontwikkel. Baxter (2012) en Chen (2020) dui op die volgende belangrike riglyne: *stel taalkeuse vas*, *noteer ekonomies* en *gebruik simbole en afkortings*. Li (2014) stel byvoorbeeld voor dat die vraagtekensimbool ? op 'n spreker se bevraagtekening kan dui. Tolke kan ook pyle gebruik om styging en daling aan te dui.



#### 4.2.4.2 Som op

Soos *noteer* is *som op* ook 'n algemene tolk- en tolkaanleerstrategie. Dit word deur taal-aanleerders ingespan om struktuur vir hoofsaaklik invoer te skep (Oxford 1990). Ficchi (1999) en Li (2015) beveel aan dat opsommingsvermoë verbeter moet word sodat tolke die wesenlike betekenis (sin) van 'n inligtingsegment kan vasvang.

As tolkstrategie stem *som op* ooreen met *samepersing* in tolking: om die tolkbeurt bondig en ekonomies in die doeltaal uit te druk deur oortolligheid te verwyder en die boodskap te behou (Van der Merwe 2025). Dit is 'n vorm van strategiese inligtingsvermindering of strategiese weglating (Kirchhoff 1976/2002; Fang en Wang 2022) om doelbewus selektief met doeltaal-inligting om te gaan sonder om betekenis te negeer. Tryuk (2010) en Setton en Dawrant (2016b) doen aan die hand dat *samepersing* tolke in staat stel om onder tydsdruk te werk terwyl inligting steeds akkuraat, ekonomies en met relevansie in die doeltaal uitgedruk word. Herbert (1952) het tolke reeds dekades gelede aangeraai om oortolligheid en herhalings weg te laat sodat die getolkte teks nie 75% van die tydsduur van die bronteks oorskry nie.

#### 4.2.4.3 Beklemtoon

Tesame met *noteer* en *som op*, skep leerders struktuur deur *beklemtoon* in die vorm van merk met 'n glimpen (*highlighting*), onderstreping en kleurkodering te raadpleeg om belangrike inligting in 'n gedeelte uit te lig (Oxford 1990). Beklemtoningstegnieke filtreer tersaaklike inligting wanneer invoer ontvang word en funksioneer dan as 'n gestruktureerde raamwerk wat die organisasie van inligting tydens produksie rig.

Beklemtoningstegnieke is tersaaklik vir tolking omdat tolke tegniese terme moet identifiseer soos hulle werk, met dié dat terminologielyste en ander voorbereidingsmateriaal nie altyd beskikbaar is nie. Hierdie tegnieke of strategieë is kenmerkend van leerders wat hulle kognitiewe lading en leerproses wil bestuur (Castro-Alonso, De Koning, Fiorella en Paas 2021). Om teks te onderstreep, met 'n glimpen te merk of met kleur te kodeer, is gewilde leerderbestuurde strategieë wat die leerproses ondersteun. Dit is ook eenvoudig en verg min tyd en moeite om te gebruik.

Kleurkodering kan volgens Chmiel (2005) vir taamlik tegniese tolkonderwerpe gebruik word. Makarová (1994) spesifiseer dat tolkaanleerders binne vyf minute relevante inligting in tolkeleentheidspesifieke dokumente kan onderstreep. Hierbenewens kan merk met 'n glimpen en onderstreping op 'n tablet geskied (Goldsmith 2018).

### 4.3 Die skep van kognitiewe tolkaanleerstrategieë uit taalaanleerstrategieë


In *oefen*, die eerste kategorie kognitiewe strategieë vir taalaanleer, lei ons af dat *doelgerigte oefening* van die tolkhandeling, asook klanke en taalvorme soos uitspraak en aksentbegrip, relevant vir tolking is. Hiervolgens word albei strategieë onderskeidelik as *oefen doelgerig* en *oefen klanke en taalvorme formeel* herskep en as die 20ste en 21ste strategie by die tolkaanleerstrategiemodel ingesluit (sien figuur 1 vir die oorspronklike model). Om formuletaal te gebruik en te antisipeer, is gelykerwys vir tolking van belang. Dit word as *antisipeer en leer formuletaal* (die 22ste strategie) herskep. Die taalaanleerstrategie *herkombineer* vind tydens tolking in twee stappe plaas, daarom word hierdie 23ste strategie as *verdeel en herkombineer* herskep. Die laaste strategie sluit blootstelling in die vorm van passiewe vaardighede *lees en luister* in om begrip en produksie te verbeter. Dit word as *kry natuurlike blootstelling aan jou werkstale* as die 24ste tolkaanleerstrategie herskep en ingesluit.

In *ontvang en stuur boodskappe*, die tweede kategorie kognitiewe strategieë vir taalaanleer, is dit eerstens duidelik dat *kry vinnig die idee* 'n belangrike tolkaanleerstrategie is om sin te onttrek – dit word as die 25ste strategie ingesluit. *Gebruik hulpbronne* in tolking het betrekking op 'n woordeboek, woordelys, die internet, rekenaargesteunde tolkhulpmiddele en KI. Gevolglik word dit ook as die 26ste strategie by die model ingesluit.

In *ontleed en redeneer*, die derde kategorie kognitiewe strategieë vir taalaanleer, word die afleiding gemaak dat tolke induktiewe én deduktiewe redenasievermoë in die vorm van vloeibare redenasie benut, wat as *redeneer vloeibaar* (die 27ste strategie) herskep en by die model ingesluit word. Dit is ook in tolking ter sake om komplekse uitdrukkings en tekste vir seggingskrag en logiese verwantskappe te ontleed. Hierdie 28ste strategie word as *ontleed logiese verwantskappe* verfyn en by die model ingesluit. Tolkaanleerders benut *transformasie* en sigtolking vir die doeleindes van kontrastiewe ontleding en die vasstel van betekenis – hierdie strategie word as *ontleed kontrasterend* ingesluit en verteenwoordig die 29ste strategie. Tolking is reeds 'n vertaalgewoontes, maar *herformulering* kan gebruik word om sin te onttrek. Hiervolgens word die taalaanleerstrategie *vertaal* as *herformuleer* omskep en as die 30ste strategie ingesluit. Die strategie *dra oor* word vir die oordrag van vaardighede en tolkeleentheidspesifieke konvensies in tolking aanbeveel. Gevolglik verskyn hierdie strategie as die 31ste direkte tolkaanleerstrategie in die model.

In *skep struktuur vir invoer en produksie*, die laaste kategorie kognitiewe strategieë vir taalaanleer, is drie strategieë opgeneem. *Noteer* is noodsaaklik vir tolkdoeleindes om geheueinspanning te versag en betekenis te beklemtoon. *Som op* is behulpsaam vir die skep van struktuur en tolkproduksie. Laastens is beklemtoningstegniese leerderbestuurde strategieë wat tolkaanleer kan ondersteun deur hoofelemente uit te lig. Sodoende figureer *noteer*, *som op* en *beklemtoon* onderskeidelik as die 32ste, 33ste en 34ste strategie in die model.

Derhalwe verskyn daar 15 kognitiewe strategieë in vier strategiekategorieë in die tolkaanleerstrategiemodel, naamlik *oefen* (vyf strategieë), *verstaan en produseer boodskappe*<sup>11</sup> (twee strategieë), *ontleed en redeneer* (vyf strategieë) en *skep struktuur vir invoer en produksie* (drie strategieë). 'n Visuele voorstelling volg:



**Figuur 3. Diagram van Van der Merwe (2025) se kognitiewe strategieë**

In die volgende afdeling word die skep van die metakognitiewe strategieë aan die lig gebring.

## 5. Die wisselwerking tussen metakognitiewe taalaanleerstrategieë en prosesgerigte tolkopleiding

Shihatah (2019) ag metakognisie as een van die deurslaggewendste faktore wat vertaal-aanleerders nodig om sukses in die leerproses te behaal. Dit is veral die onmiddellikheid en gelyktydigheid van die tolkproses wat hoëvlak- verstandelike verwerking (Doğan, Arumí Ribas en Mora-Rubio 2009) en komplekse probleemoplossingstake onder die beheer van metakognisie (Hu, Zheng en Wang 2021) noodsaak. Die wisselwerking tussen die eerste indirekte strategie-soort in Oxford (1990) se model – metakognitiewe taalaanleerstrategieë – en prosesgerigte tolkopleiding word bespreek. Ons fokus eers op metakognisie in tolking, gevolg deur die bespreking van die drie kategorieë metakognitiewe taalaanleerstrategieë (met 11 taalaanleerstrategieë) se potensiaal vir tolkaanleer.

### 5.1 Metakognisie in tolking

Die term *metakognisie* ontstaan uit Flavell (1976) se vroeë werk en het betrekking op leerders se bewustheid van hulle eie kennis, sowel as hulle vermoë om hulle kognitiewe prosesse te manipuleer. Metakognisie impliseer 'n eksplisiete, doelbewuste en meetbare proses (Doğan e.a. 2009), hoewel dit moeilik is om te meet omdat dit met ander kognitiewe aktiwiteit en waarneembare gedrag vervleg kan word (Angelone 2010). Tolkaanleerders wat oor goeie metakognitiewe vaardighede beskik, kan hulle eie leerprosesse, in die nastreef van 'n konkrete doelwit, monitor

en rig (Moser-Mercer 2008). Angelone (2010) en Yanqun (2015) meen 'n prosesgerigte benadering is nodig om tolkaanleerders se metakognitiewe bevoegdheid te kweek.

Metakognisie is nuttig vir die ontwikkeling van selfkonsep, die maksimering van kennis en hulpbronne en die monitering en evaluering van die tolkproses (Yanqun 2015). Dit is deurslaggewend om aan die eise te voldoen wat deur hedendaagse dinamiese vertaaltake gestel word en dit sal verseker dat tolke bekwame, selfregulerende leerders word. Hiervolgens is dit die soort kennis wat vir professionele en strategiese bevoegdheid (sien 2.1.2) benodig word. Metakognisie bestaan uit twee komponente (Fan 2012): metakognitiewe kennis en metakognitiewe regulering van kennis.

Metakognitiewe kennis is kennis oor kognitiewe prosesse. Dit speel 'n belangrike rol in die leerproses en is daardie kennis wat leerders gebruik om kognitiewe prosesse te beheer (Fan 2012). Daar is drie kategorieë metakognitiewe kennis, naamlik *verklarende*, *prosedurele* en *voorwaardelike kennis* (soos voorheen aangeraak). Shihatah (2019) verskaf voorbeelde hiervan in die vertaalkonteks: verklarende kennis is 'n student se begrip van wat vertaalstrategieë is, prosedurele kennis handel oor hoe om vertaalstrategieë toe te pas en voorwaardelike kennis is die bewustheid van watter vertaalstrategieë die geskikste vir watter vertaaltake en -situasies is.

Metakognitiewe regulering dui op die vermoë om kennis te koördineer in die vorm van 'n verskeidenheid prosesse (Shreve 2006; 2009). Hierdie prosesse word volgens Oxford (2017) as kognitiewe (soos opsomming) en metakognitiewe (soos monitering) strategieë beskou. Daar is drie soorte metakognitiewe selfreguleringsstrategieë wat deur Fan (2012) en Hu, Zheng en Wang (2021) uitgelig word: *beplanning*, *monitering* en *evaluering*. Dié strategieë vorm deel van strategiese bevoegdheid soos deur Fernández en Zabalbeascoa (2012) aangedui. Beplanning fasiliteer strategiekeuse, hulpbrongebruik en die bereik van doelwitte. Monitering is gemoeid met vorderingsmonitering soos belyn met doelwitte én identifikasie en wysiging van enige begrips- en produksieprobleme. Evaluering het te make met die beoordeling van probleemoplossing en gehalte ten einde te bepaal of die uitkoms van die proses suksesvol was (Hu e.a. 2021). Shihatah (2019) en Wang e.a. (2020) beweer dat prosesgerigte metakognitiewe strategieë soos beplanning, monitering en evaluering tot beter vertaal- en tolkvaardighede kan lei.

Talle navorsers verbind metakognisie met vertaalbevoegdheid en meer spesifiek kundigheid (sien 2.1.2 en 2.1.3). Shreve (2006; 2009) toon aan dat metakognisie ewematig aan kundigheid toeneem en dat metakognitiewe kennis én regulering deurslaggewend is om die beginner of kenner se komplekse vertaaltake te verstaan. Navorsers verbind onder meer die volgende vertaalaspekte met 'n hoër metakognisievlak: aanpasbare kundigheid (Moser-Mercer 2008), bestuur van onsekerheid (Angelone 2010; Herring 2018) en prosesverbetering (Pietrzak 2018). Arumí en Esteve (2006) en Pietrzak (2018) redeneer dat vertaal- en tolkaanleerders hulle metakognitiewe vaardighede moet verbeter ter optimalisering van die vertaal- én vertaalaanleerproses.

In Van der Merwe (2025) se tolkstrategietabel is vier tolkstrategieë as (oorwegend) meta-kognitief getipeer: *monitering*, *regstelling*, *strategievermyding* en *woordelysbywerking*. Soos in die historiese verloop (sien 2.2.1) uitgewys, kom die beplanningstrategie in Stern (1975) se lys taalaanleerstrategieë voor. Insgelyks identifiseer Naiman e.a. (1978:225) *betrek jouself by die leerproses* as 'n kenmerk van goeie taalaanleerders. O'Malley en Chamot (1985) skep die eerste metakognitiewe strategiesoort en Oxford (1985) sluit dit as ondersteuningstrategie in haar eerste model in. Tolkaanleerders moet volgens Chiang en Villarreal (2013) hulle eie leerstyle en behoeftes identifiseer en moet vir taakuitvoering kan beplan, foute kan moniteer en leerstrategiedoeltreffendheid kan evalueer. Doğan e.a. (2009) beveel aan dat tolke lewens-

lange metakognitiewe strategieë moet aanleer en ons redeneer dat metakognitiewe taalaanleerstrategieë hierdie rol kan inneem.

## 5.2 Metakognitiewe taalaanleerstrategieë se potensiaal vir tolkaanleer

Metakognitiewe strategieë is noodsaaklik vir die leerproses omdat taalaanleerders dikwels fokus verloor en deur nuwe elemente soos onbekende woorde en verwarrende reëls oorweldig word (Oxford 1990). Metakognitiewe strategieë beïnvloed die keuse van 'n gepaste kognitiewe strategie soos deur Doğan e.a. (2009) uitgewys is. Ellis (2008) beweer dat metakognitiewe strategieë algemener onder gevorderde taalaanleerders gebruik word.

Vervolgens word die drie kategorieë metakognitiewe taalaanleerstrategieë bespreek, naamlik *anker jou leerproses*, *bestuur en beplan jou leerproses* en *evalueer jou leerproses*.

### 5.2.1 Anker jou leerproses

Die gebruik van die drie strategieë in die eerste kategorie metakognitiewe strategieë verskaf 'n fokus vir taalaanleer (Oxford 1990), naamlik *kry 'n oorsig oor die werk en skakel dit met reeds bekende materiaal*, *skenk aandag* en *stel spraakproduksie uit om op luistervaardighede te fokus*.

#### 5.2.1.1 Kry 'n oorsig oor die werk en skakel dit met reeds bekende materiaal

Taalaanleerders gebruik *kry 'n oorsig oor die werk en skakel dit met reeds bekende materiaal* om 'n oorsig van 'n stel taalmateriaal in 'n toekomstige aktiwiteit te kry en dit dan met reeds bekende materiaal te verbind (Oxford 1990). Dit vind normaalweg in drie stappe plaas: *leer waarom die aktiwiteit uitgevoer word*, *bou die nodige woordeskat* en *maak die assosiasies*. Die tolkstrategie *woordelysbywerking* skakel in 'n mate hierby aan.

Selfregulerende tolkaanleerders ontleed en interpreteer die vereistes vir die betrokke tolktaak na aanleiding van hulle huidige kennis en oortuigings (Moser-Mercer 2008). Hiervolgens bepaal hulle wat van hulle verwag word en hulle verbind dit met reeds bekende materiaal. In tolking word woordeskat opgebou en die nodige assosiasies gemaak in die vorm van 'n woordelys as selfstudie-instrument (Chen 2014). Die woordelys word argumentsonthale tydens *gebruik hulpbronne* as kognitiewe strategie opgestel, maar kan tydens en ná die tolkeleentheid (sien 2.1.4) bygewerk word. Chang e.a. (2019) is van mening dat die bygewerkte woordelys waardevoller as die opgestelde woordelys is. Dit is tekenend van die tolk se bewustheid van die leerproses om kennis te kontekstualiseer deur bestaande kennis met nuwe kennis aan te vul.

Chen (2014) dui aan dat tolkaanleerders dikwels generiese woordelyste opstel wat verskeie onderwerpe soos politiek en ekonomie dek, wat hulle deurlopend bywerk deur byvoorbeeld ná klastyd die onderwerp van die week op die internet na te slaan. Chang e.a. (2019) stel voor dat woordelysbegrippe benut kan word om nog begrippe te soek en in te sluit. Voorts is Rice (2020) ten gunste van *skryf voorafkennis in 'n dagboek* as 'n beplanningstrategie voor die tolkeleentheid.

#### 5.2.1.2 Skenk aandag

Taalaanleerders gebruik *skenk aandag* om in die algemeen aandag aan 'n taak te skenk (direkte aandag) of om aandag aan spesifieke aspekte te skenk (selektiewe aandag) (Oxford 1990).

Volgens die historiese verloop (2.2.1) is die goeie taalaanleerder geneig om aandag aan vorm en betekenis te skenk. Miyamoto (2008) identifiseer *skenk veral aandag aan die eerste en laaste sinne* onder tolkaanleerders en Chiang en Villarreal (2013) bestempel *skenk aandag wanneer iemand Engels praat* as metakognitiewe taalaanleerstrategie vir tolking.

Soos afkomstig uit kognitiewe sielkunde (Dong en Li 2020), het *verdeelde aandag* betrekking op beperkte kognitiewe hulpbronne en *selektiewe aandag* dui op die seleksieproses waar daar bepaal word waaraan aandag geskenk moet word (Ivars en Calatayud 2013). In ooreenstemming met Dong en Li (2020) verkies ons die term *verdeelde aandag* omdat dit die vereistes van toltaakuitvoering beter vasvang.

Fan (2012) se studiedeelnemers het dikwels tolktake in die klaskamer voltooi sonder metakognitiewe bewustheid van wat hulle daaruit moet leer. Ook in die praktyk voer Hu e.a. (2021) aan dat versterking van metakognitiewe selfregulering vertalers en tolke aanmoedig om op die kommunikatiewe doel te fokus. Tolkaanleerders uit Chen (2014) se studie beveel aan dat slegs *een* onderwerp ter wille van kennisuitbreiding gekies word om na te vors.

#### 5.2.1.3 Stel spraakproduksie uit om op luistervaardighede te fokus

Wanneer *stel spraakproduksie uit om op luistervaardighede te fokus* deur taalaanleerders ingespan word, besluit hulle vooraf om doeltaalspraakproduksie óf heeltemal, óf gedeeltelik uit te stel totdat hulle luisterbegripsvaardighede op standaard is (Oxford 1990). In die tolkaanleerstrategieliteratuur dui Ficchi (1999) op die belang van selfleerstrategieë om luistervaardighede te bevorder en Lee (2015) identifiseer *aktiewe luister* as strategie. Volgens Miyamoto (2008) verg veral konsektiewe tolking 'n taamlik hoë luistervaardighedsvlak.

Luisterbegrip, die eerste stap in die tolkproses, is dikwels die moeilikste en uitputtendste kognitiewe tolkelement wat heelwat inspanning vereis (Huang, Shi en Wen 2023). Dit word dikwels 'n interne knelpunt vir tolkaanleerders, met Ficchi (1999) wat beweer dat hulle luistervaardighede geprioritiseer moet word om die logiese teksstruktuur én die kerninligting te begryp. Om vir tolkdoeleindes te luister, vereis ander vaardighede teenoor luister vir taalaanleerdoeleindes (Lingzhu 2020) omdat tolke volgens Kornakov (2000) en Setton en Dawrant (2016a) moet leer om aktief en aandagtig in die brontaal te luister én te verstaan. Dit vereis aktiewe, gekonsentreerde luister (Ma 2013) om afleidings te vermy en waaksaam te bly.

Een manier om luisterbegrip te oefen, is om na verskillende aksente te luister (Albi-Mikasa 2013b) en die aandag veral op eiename, getalle en mates toe te spits (Kornakov 2000). Ficchi (1999) beweer dat tolke selektief moet luister deur aanvanklik op die kern te fokus en later die besonderhede in te sluit. Li (2015) en Lingzhu (2020) raai hulle studente aan om daagliks vir minstens een uur luisterbegrip te oefen. Van der Merwe (2025) voeg by dat tolke byvoorbeeld terselfdertyd TV kan kyk en musiek kan luister en oefen om slegs aan een aandag te skenk. Uiteindelik moet tolke op luisterbegripsontwikkeling bedag wees voordat hulle die tolkhandeling aanpak.

#### 5.2.2 Bestuur en beplan jou leerproses

Beplanningstrategieë vorm deel van Oxford (1985) se eerste klassifikasie ondersteuningstrategieë en is die gewildste metakognitiewe taalaanleerstrategieë (Oxford 1990). Dit is boonop



die grootste strategiekategorie wat ses strategieë bevat: *vind uit oor taalaanleer, organiseer, stel doelwitte, identifiseer die doel van 'n taaltaak, beplan vir 'n taaltaak en soek oefengeleenthede*.

#### 5.2.2.1 Vind uit oor taalaanleer

Die strategie *vind uit oor taalaanleer* word gebruik om uit te pluig hoe taalaanleer werk in die vorm van boeke lees en met mense praat (Oxford 1990). Hierdie inligting word dan benut om die taalaanleerproses te bevorder.

Chen (2014), Setton en Dawrant (2016a) en Chang e.a. (2019) sê tolke is tipies nuuskierige mense wat graag oor nuwe dissiplines leer. Om oor hulle eie veld te leer, impliseer dat hulle aan teorie in die vorm van verduidelikings en modelle in tolkpedagogie blootgestel moet word. Bewusmaking oor teoretiese modelle is veral wenslik in die vroeë opleidings stadium en kan die leerproses duidelik maak terwyl dit steeds met praktyk verband hou (Gile 2009). Teorie kan tolkaanleerders in staat stel om tolkverskynsels, -probleme of -uitdagings en -strategieë in professionele praktyk beter te begryp (Gile 2009) en om bewustheid van hulle besluitnemingsprosesse te kweek (Alves, Magalhães en Pagano 2006). Daarby kan teorie volgens Heo (2018) tolkaanleerders help om toepaslike strategieë tydens en ná opleiding te gebruik. Huang (2019) dui op die belang om 'n balans tussen teorie en praktyk te vind en Martínez-Gómez (2018) ag hierdie soort leerbevoegdheid as beduidend vir (professionele) tolkbevoegdheid (2.1.2).

In die Suid-Afrikaanse konteks toon tolkaanbieders 'n behoefte aan kursusse om tolkaanleerders se agtergrond van tolking en gepaardgaande hoofbegrippe uit te brei (Gambrell 2018). Voorbeelde van begrippe waarvoor tolkaanleerders kan leer, is Gile (2009) se gewilde Inspannings- en Gravitasiemodel. Insgelyks kan tolke volgens Albl-Mikasa (2013a) seminare en werksinkels oor tolking bywoon.

#### 5.2.2.2 Organiseer

Om *organiseer* as taalaanleerstrategie te raadpleeg, hou verband met die skep en verstaan van omstandighede wat met optimale doeltaalaanleer verband hou. Dit het betrekking op organisering van skedules en fisiese omgewing soos ruimte, temperatuur, klank en beligting (Oxford 1990). Dit is 'n deurslaggewende hulpbronbestuurstrategie vir suksesvolle tolkaanleer om 'n goeie leeromgewing te skep en tyd goed te bestuur (Fan 2012).

Herring (2018) verwys na *fisiese en situasionele konteks*, waar eersgenoemde dui op elemente soos ligging, beligting, voorwerpe en geraas. In haar studie beweer Fan (2012) dat 'n produktiewe studie-omgewing tot 'n optimale konsentrasieveld en uiteindelik suksesvolle tolkaanleer kan lei. Tolke kan volgens Herring (2018) byvoorbeeld 'n omgewingsverandering toepas deur sitplekke te herorganiseer. In die praktyk dien dit as tolkbeplanningstrategie om logistiek te beplan (waar is die tolkegeleentheid, hoe gaan die tolk daar uitkom, hoe lank sal dit neem, ensovoorts) en te vra om vooraf die tolktoerusting te sien (Rice 2020).

Tolkaanleerders kan tydsbestuurstrategieë gebruik om leertyd doeltreffend te organiseer. Fan (2012) en Albl-Mikasa (2013a) meen tolkaanleerders moet tyd bestuur deur goed betyds te begin voorberei, hulle werkswaek te beplan en sperdatums in te reken. Rice (2020) reken tolke moet vroegtydig vir tolkegeleenthede opdaag, meer spesifiek minstens 'n halfuur voor aanvang van die tolkegeleentheid (Pienaar e.a. 2022). Dit stel die toon vir die geleentheid indien dit rampspoedig begin omdat die tolk byvoorbeeld nie die vertrek kan opspoor nie (Arumí en

Esteve 2006). Van der Merwe (2025) stel voor dat die tolk 'n klaar gepakte tolsak (met 'n pen, waterbottel, ensovoorts) gereed kan hê vir tolkgeleenthede op kort kennisgewing.

#### 5.2.2.3 Stel doelwitte

Taalaanleerders gebruik *stel doelwitte* oor die kort termyn, byvoorbeeld om 'n storie teen die einde van die week klaar te lees of oor die lang termyn, byvoorbeeld om teen die einde van die jaar die doeltaal vir informele kommunikasie te kan gebruik (Oxford 1990). Fan (2012) wys op die stel van kort- én langtermynleerdoelwitte vir suksesvolle tolkaanleer en Chiang en Villarreal (2013) bewys dat tolkaanleerders hoër punte behaal wanneer hulle duidelike doelwitte stel.

Moser-Mercer (2008) dui daarop dat tolke taakspesifieke doelwitte stel wat hulle as 'n basis benut vir die keuse en aanpassing van strategieë om doelwitte te bereik. Pietrzak (2018) doen aan die hand dat vertaalverwante selfregulering ter sprake is wanneer vertalers hulle benaderings wysig om doelwitte te bereik indien aktiwiteite nie soos beplan verloop nie. Dit is 'n kenmerk van aanpasbare kundigheid. Ibrahim-González en Noordin (2012) beveel aan dat tolke realistiese doelwitte moet stel wat met hulle selfkonsep ooreenstem. Oxford (2017) voeg by dat (taalaan)leerders self kan besluit of hulle meer as die vereistes van die taak wil doen of slegs wil doen wat vereis word, wat ook op tolke van toepassing kan wees. Lingzhu (2020) beklemtoon dat Krashen (1982) se invoerhipotese in taalaanleer aan tolkaanleerders verduidelik kan word, ingevolge waarvan leerders invoer net bo hulle vorderingsvlak (i) op daardie stadium (i+1) sal verstaan. Derhalwe moet leerders nie té moeilike of onrealistiese doelwitte stel nie, want versuim om dit te bereik, kan hulle ontmoedig.

Tolke kan in twee areas doelwitte stel (Fan 2012): in elke studieperiode om op aktiwiteite te fokus en voor 'n tolktaak om op werksverrigting te fokus. Albl-Mikasa (2013a) noem dat tolke oor die kort termyn dieselfde foute in 'n volgende oefening kan vermy. Vryskutters kan ook 'n doelwit stel om 'n spesifieke getal dae in 'n jaar te tolk.

#### 5.2.2.4 Identifiseer die doel van 'n taaltaak

Taalaanleerders benut *identifiseer die doel van 'n taaltaak* om 'n taaltaak se doel vas te stel betreffende luister-, lees-, praat- of skryfvaardighede (Oxford 1990), byvoorbeeld om na die radio te luister om die jongste nuus te kry.

Herring (2018) dui op 'n verskil tussen tolkkenaars en beginnertolke in die situasie-ontledingsfase: Kenaars is geneig om meer tyd aan die ontleding van die betrokke situasie te bestee, terwyl beginners geneig is om te dink oor wat om daaraan te doen. Shreve (2009) beweer dat taakbewustheid van belang is om doeltreffend van metakognitiewe strategieë tydens vertaling gebruik te maak.

Fernández en Zabalbeascoa (2012) beklemtoon dat *oriëntering* en *beplanning* as vertaalpraktikfasies moeilik is om te skei omdat vertalers reeds tydens die oriënteringsfase begin beplan. Rice (2020) wys op 'n tolkbeplanningstrategie om voor 'n tolkgeleentheid in die praktyk te voorspel watter eise gestel word. Volgens Pietrzak (2018) moet die vertaler oor die doel van die geleentheid of die teks nadink voordat die vertaalproses begin.

Tolkaanleerders moet die tolkaanbieder se instruksies oor taakuitvoering noukeurig volg om suksesvolle tolkaanleer te bewerkstellig (Fan 2012; Fernández en Zabalbeascoa 2012). Hulle

moet dus ook in die klaskamer oor die doel van tolkaktiwiteite besin, byvoorbeeld die rede vir die uitvoer van skadutolking, en wat hulle daaruit wil en moet leer. Hiervolgens tree hulle metakognitief op en vind selfregulering intern plaas.

#### 5.2.2.5 Beplan vir 'n taaltaak

Om te *beplan vir 'n taaltaak*, beteken taalaanleerders beplan vir enige taalelemente en -funksies wat vir 'n opkomende taaltaak vereis word. Naas *beskryf die taak of situasie* soos bespreek, vind hierdie strategie volgens Oxford (1990) in die volgende stappe plaas: *bepaal die vereistes, kontroleer jou eie talige hulpbronne en bepaal bykomende taalelemente of -funksies*.

Tydens die beplanningsfase (ook genoem oorwegingsfase) ontleed leerders 'n taak om vas te stel wat dit op grond van kompleksiteit en toestande vereis (Pietrzak 2018). Selfregulering dien as hulpmiddel om tolkaanleerders in staat te stel om hulle werk te beplan (Ibrahim-González en Noordin 2012). Die meer bevoegde vertaler is geneig om die vertaalsituasie te ontleed en die nodige hulpbronne en strategieë uiteen te sit (Shreve 2009), wat ook tolkaanleerders kan bystaan om hulle gebruik van kognitiewe strategieë te beplan.

In die tolkpraktyk beveel Rice (2020) aan dat tolke stapsgewys voorberei. Die eerste stap is om die konteks vas te stel in verband met modus, onderwerp, ensovoorts (Chang e.a. 2019). Tweedens bepaal tolke die agenda, agtergrond, deelnemers en hulle onderskeie motiverings. Volgens Albl-Mikasa (2013a) moet hulle uitvind wie spreekbeurte het, hoe sprekers hulleself gaan voorstel en watter posisie hulle gaan inneem. Vertalers moet bewus wees van wie die bron- én doelteksontvangers is voordat hulle kan begin vertaal (Pietrzak 2018). Vertalers kan volgens Pietrzak (2018) hulpbronne toeken, probleme uitwys, bevoegdheid vir taakuitvoering en -kompleksiteit vasstel, en dies meer.

#### 5.2.2.6 Soek oefengeleenthede

Taalaanleerders gebruik *soek oefengeleenthede* om die doeltaal in natuurlike kontekste te beoefen, byvoorbeeld om na 'n filmteater te gaan (Oxford 1990). Leerders wat ernstig oor taalaanleer is en verantwoordelikheid vir hulle eie leer wil aanvaar, is geneig om soveel moontlik oefengeleenthede buite die klaskamer na te streef. Rubin (1981) sluit *die skep van geleenthede vir oefening* reeds by haar eerste model in. Chiang en Villarreal (2013) toon aan dat tolkaanleerders beter presteer wanneer hulle geleenthede maksimeer om Engels te leer en te gebruik.

Enige leerder moet aktief oefengeleenthede soek en dit benut. In tolking neem oefengeleenthede in die gemeenskap die vorm van internskappe in werklike ervaringsleerleenthede aan (Martínez-Gómez 2018). Dit is dikwels in diens wat tolke se kennis- en vaardigheidsverwerwing plaasvind, soos Lesch (2014) en Herring en Swabey (2017) verduidelik. Herring en Swabey (2017) ag oefengeleenthede as belangrik om vir die tolk professionele blootstelling aan die tolkloopbaan te gee. Tolke moet sodanige geleenthede self soek of skep om beter vir die tolkloopbaan voorberei te word en sodoende beter te leer.

In Chen (2014) se studie stel heelwat tolke voor dat ná-opleidingswaarneming, diensleer- of internskapsgeleenthede gesoek word om opleiding relevanter vir die tolkpraktyk te maak. Dié tolke reken dit is kardinaal om 'n binnestander se perspektief te bekom omdat dit wat tolke in die werksplek leer taamlik kan verskil van wat hulle tydens opleiding geleer het.

### 5.2.3 *Evalueer jou leerproses*

Tolkaanleerders moet reflektiewe praktisyns word (Herring en Swabey 2017) soos kenmerkend van kundiges (Herring 2018). Diegene wat reflektiewe praktyk beoefen, leer uit vorige ervarings, wat die rol van metakognisie volgens Herring (2018) en Sawyer (2004) versterk. Selfmonitering en selfevaluering is die prominentste vaardighede van selfregulering (Pietrzak 2018) en is soos blyk uit Herring e.a. (2022) die belangrikste vir professionele tolkvaardigheidsontwikkeling.

*Evalueer jou proses* bevat twee taalaanleerstrategieë, naamlik *selfmoniteer* en *selfevalueer*.

#### 5.2.3.1 Selfmoniteer

Deur *selfmoniteer* toe te pas, identifiseer taalaanleerders doeltaalbegrip- en doeltaalproduksiefoute, bepaal watter belangrik is, en probeer dan dit uitskakel (Oxford 1990). Dit stem ooreen met drie tolkstrategieë, naamlik *monitering*, (*self*)*regstelling* en *strategievermyding* (soos *geen regstelling nie*). Rubin (1975) ag die monitering van spreekbeurte as 'n kenmerk van die goeie taalaanleerder en tolkaanleerders is volgens Chiang en Villarreal (2013) suksesvoller wanneer hulle taalfoute moniteer.

Werkverrigtingsdoeltreffendheid en gedrag moet met behulp van metakognitiewe strategieë intyds gemoniteer word (Doğan e.a. 2009; Herring 2018). Dit dui vertalers se metakognisie aan om akkuraat te assesser wat verstaan word, al dan nie, en “discreetly adjusting when necessary” (Setton en Dawrant 2016a:258). *Monitering* word feitlik altyd in die praktyk vir metakognitiewe regulering vereis omdat dit leerders help om onafhanklike vertalers te word (Chesterman 2000; Shihatah 2019). Vertalers se sekerheid oor besluite verbeter wanneer hulle die proses bewustelik moniteer (Alves e.a. 2006). Net so verbeter hulle kundigheidsvlak, met kenners se selfmonitering wat normaalweg selektiewer en akkurater as dié van beginners is (Herring 2018). Gevolglik besluit tolke tydens aktiewe, intydse *selfmonitering* of dit van hulle vereis word om strategiegebruik aan te pas, die tolkbeurt onveranderd te laat (*strategievermyding*), of 'n tolkbeurt reg te stel (*regstelling*).

Magnifico en De Francq (2019) en Shen en Liang (2021) stel dat *selfregstelling* plaasvind wanneer die tolk die produksie as onvoldoende in verband met 'n spesifieke norm beskou. *Regstelling* bepaal dat inhoud openlik of onopsigtelik reggestel word. Shen en Liang (2021) beveel aan dat die tolk tydens openlike regstelling die sin kan oorbegyn of die regstelling op 'n latere stadium kan uitvoer sodra die betrokke tekssegment weer deur die spreker gebruik word.

#### 5.2.3.2 Selfevalueer

Taalaanleerders gebruik *evalueer* om hulle doeltaalvordering met verloop van tyd te bepaal, byvoorbeeld deur vas te stel of hulle vinniger lees en meer verstaan as 'n paar maande gelede (Oxford 1990). Fan (2012) reken suksesvolle tolkaanleer vereis voortdurende evaluering van sterk- én swakpunte asook leerstrategiedoeltreffendheid. *Selfevaluering* is die gewildste bestaande tolkaanleerstrategie (sien 2.1.5) soos gelys deur Heo (2018), Li (2018) en Pietrzak (2019).

Selfrefleksie, -evaluering en -assessering is 'n selfverbeteringspoging waardeur terugvoer vir jouself vanaf jouself gegee word (Deysel 2018). Dit sluit in dat leerders oor werkverrigtings- en leergehalte besin en dit teenoor hulle eie doelwitte evalueer, sterk- en swakpunte in hulle werk uitken en hersien soos nodig. Kennis van sterk- en swakpunte is volgens Cao (2017) en

Deysel (2018) die waardevolste inligting wat reflektiewe tolkpraktisyns tydens selfevaluering kan bepaal.

Selfevaluering stel tolkstudiante én professionele tolke in staat om hulle leerproses te verbeter omdat dit metakognisie aanhelp. Dit help tolke om onder meer 'n beter begrip te ontwikkel van *hoe* hulle leer asook *hoe* hulle *beter* kan leer (Cao 2017). Fan (2012), Setton en Dawrant (2016a), Li (2018) en Herring e.a. (2022) stem almal saam dat selftoetsing die gewildste manier is om selfevaluering in tolking uit te voer. Tolkaanleerders moet krities na hulle opgeneemde werksverrigting luister en dit met vroeër opnames vergelyk ten einde vaardigheidsbemeestering na te gaan, die leerproses te evalueer, sterk- en swakpunte te bepaal en werksverrigting op te knap. Pietrzak (2018) verskaf drie elemente wat geëvalueer kan word, naamlik vertaalgehalte, kompleksiteit en moontlike verbeteringe. Cao (2017) stel voor dat 'n self-evalueringsvorm met kriteria soos inhoud, taalgebruik en lewering gebruik kan word.

### 5.3 Die skep van metakognitiewe tolkaanleerstrategieë uit taalaanleerstrategieë


In die eerste kategorie metakognitiewe strategieë, *anker jou leerproses*, word die afleiding gemaak dat *kry 'n oorsig oor die werk en skakel dit met reeds bekende materiaal, skenk aandag en stel spraakproduksie uit om op luistervaardighede te fokus* waardevol is om onderskeidelik 'n oorsig oor 'n opkomende tolktaak te kry en dit met huidige kennis te verbind, gefokusde of selektiewe aandag aan werksverrigting te skenk en die belangrikheid van aktiewe luistervaardighede uit te lig voordat die tolkhandeling aangedurf word. Hierdie strategieë word as die 35ste, 36ste en 37ste strategie herskep en by die tolkaanleerstrategiemodel ingesluit (sien figuur 2 vir die oorspronklike model). *Kry 'n oorsig oor die tolktaak en skakel dit met reeds bekende materiaal, skenk aandag en stel tolking uit om op aktiewe luistervaardighede te fokus* verteenwoordig dus die eerste drie indirekte strategieë.

In *bestuur en beplan jou leerproses*, die tweede kategorie metakognitiewe strategieë, is lig gewerp op die belangrikheid van tolkbegrippe soos die Inspannings- en Gravitasiemodel vir tolkaanleer. Hiervolgens word *vind uit oor taalaanleer* in *vind uit oor tolking* herskep. Voorts word verskeie belangrike oriënteringsaspekte in die vertaal- en tolkproses beklemtoon met die bespreking van *organiseer, stel doelwitte en identifiseer die doel van 'n taaltaak*. Tolkstudiante en -praktisyns moet hulle fisiese omgewing kan organiseer, lang- en korttermyn doelwitte kan stel en die doel van elke taak kan uitpluis. Dié strategieë word as *organiseer, stel doelwitte en identifiseer die doel van 'n tolktaak* by die model ingesluit. Dit is uiters belangrik vir tolke om vir tolkgeleenthede voor te berei en te beplan, daarom word *beplan vir 'n taaltaak* as *beplan vir 'n tolktaak* herskep. Verder is *soek oefengeleenthede* as betekenisvol bewys vir tolking in die vorm van internskappe vir werklike ervaringsleergeleenthede en blootstelling aan die loopbaan. Met die klem op die tolk se eie rol om hierdie geleenthede vir hom- of haarself daar te stel, word die strategie as *soek en skep oefengeleenthede* herskep. Die strategieë in hierdie kategorie verteenwoordig die 38ste, 39ste, 40ste, 41ste, 42ste en 43ste plek in die nuwe model.

In *valueer jou leerproses*, die laaste kategorie metakognitiewe strategieë, is twee taalaanleerstrategieë bespreek wat deel van reflektiewe tolkpraktyk uitmaak. Alle tolkaanleerders moet met toetrede tot 'n tolkloopbaan met selfmoniterings- en -evalueringstrategieë toegerus word. *Selfmoniteer* het betrekking op die intydse monitering van vordering en strategiegebruik en assessering van werksverrigting om tolkprobleme te versag. *Selfvalueer* word deurlopend asook ná die tolkgeleentheid toegepas om kennis oor sterk- en swakpunte op te doen en oor werksverrigting en leergehalte te besin. *Selfmoniteer* en *selfvalueer* figureer as die 44ste en 45ste tolkaanleerstrategie in die model.



Die model bevat gevolglik 11 metakognitiewe strategieë in drie kategorieë, naamlik *anker jou leerproses* (drie strategieë), *bestuur en beplan jou leerproses* (ses strategieë) en *evalueer jou leerproses* (twee strategieë). Dit word hier onder visueel uitgebeeld:



**Figuur 4. Diagram van Van der Merwe (2025) se metakognitiewe strategieë**

In die volgende afdeling word die bevindinge bespreek en definisies vir elke strategiesoort en individuele strategie gebied.

## 6. Bespreking van bevindinge

In hierdie afdeling word die nuutgeskepte kognitiewe en metakognitiewe strategieë in die tolk-aanleerstrategie-model bespreek.

Van der Merwe (2025:134) stel die volgende definisie van kognitiewe tolkaanleerstrategieë:

Kognitiewe tolkaanleerstrategieë word voor of tydens die tolktaak (of lewenslank) gebruik om inligting te verwerk en taakuitvoering ter verbetering van hoofsaaklik kommunikatiewe en vakareabevoegdheid te fasiliteer. Dit stel die tolkaanleerder in staat om kognitiewe lading te bestuur en te versag, verwerkingskapasiteit vir ander take beskikbaar te stel en betekenis te onttrek. Sodoende word inspanning in die Inspanningsmodel gereguleer, items in die Gravitasie-model meer beskikbaar gestel, en sin volgens die Interpretatiewe Teorie geprioritiseer.

Voorts word 'n definisie vir elke individuele strategie in die vier kategorieë kognitiewe tolkaanleerstrategieë verskaf (Van der Merwe 2025:242–3).



## *Oefen*

16. Oefen doelgerig: Oefen tolking en tolkvaardighede herhaaldelik met 'n doel in gedagte, byvoorbeeld deur elke dag vir twintig minute uittreksels uit 'n film te speel, dit te stop om konsektief te tolk, of dit te laat speel om simultaan te tolk.
17. Oefen klanke en taalvorme formeel: Oefen klanke en taalvorme soos aksentbegrip en uitspraak op 'n verskeidenheid maniere deur byvoorbeeld enige uitdagende eienaam of bruikbare woordeskat hardop te sê, neer te skryf en/of in 'n woordelys op te teken.
18. Antisipeer en leer formuletaal: Antisipeer en leer formuletaal en tekskonvensies vir toepassing in spesifieke tolkontekste, byvoorbeeld inleidings, heildronke, uiteensetting van punte op 'n agenda, bedankings, afsluitings, ensovoorts.
19. Verdeel en herkombineer: Verdeel spraaksegmente deur op die sleutelbegrippe te fokus en herkombineer dit met behulp van neutrale sinsopeninge en samehangende woorde.
20. Kry natuurlike blootstelling aan jou werkstale: Kry natuurlike, passiewe blootstelling aan al jou werkstale deur byvoorbeeld koerant te lees, televisie te kyk en radio te luister.

## *Verstaan en produseer boodskappe*

21. Kry vinnig die idee: Vluglees deur tolkmateriaal soos voorleggings om sleutelbegrippe te soek, byvoorbeeld met behulp van 'n oorsigsoefening om die hoofidee uit 'n paragraaf af te lei en te begin by die wie, wat en waarom.
22. Gebruik hulpbronne: Gebruik menslike hulpbronne (tolkkollegas), dokumente (woorde-lyste en woordeboeke), die internet, rekenaargestunde tolkhulpmiddele (Intragloss en InterpretBank) en kunsmatige intelligensie (ChatGPT, Simplif.ai en Gemini) om begrip en produksie te vergemaklik.

## *Ontleed en redeneer*

23. Redeneer vloeibaar: Redeneer deduktief deur pertinente inligting te kies om tot 'n rasonale gevolgtrekking te kom en redeneer induktief deur uitgangspunte wat in ander omstandighede gewerk het op 'n algemene manier in 'n nuwe tolksituasie toe te pas.
24. Ontleed logiese verwantskappe: Bepaal die seggingskrag van 'n uitdrukking of teks deur byvoorbeeld die redenasiestruktuur met die hoof- en sekondêre idees binne twee minute te merk.
25. Ontleed kontrasterend: Voer 'n kontrastiewe ontleding uit om bewustheid van sintaktiese en stilistiese ooreenkomste en verskille tussen die bron- en doeltaal te kweek, byvoorbeeld met behulp van transformasie of sigtolking.
26. Herformuleer: Herformuleer tolkmateriaal soos toesprake, TV-onderhoude en voorleggings met ander woorde en strukture om semantiese ekwivalensie te prioriseer.
27. Dra oor: Pas vaardighede en kennis van tolktaakkonvensies en -kontekste op ander kontekste toe, byvoorbeeld kennis van antiserping in sigtolking op simultane tolking.

### *Skep struktuur vir invoer en produksie*

28. Noteer: Ontwikkel 'n persoonlike noteringstelsel om bronteksinligting selektief neer te skryf, byvoorbeeld deur 'n multibetekenisimbool te skep wat verskeie konsepte insluit wat tot dieselfde semantiese veld behoort.
29. Som op: Druk die doeltteks bondig, akkuraat en met maksimum relevansie uit deur die wesenlike betekenis van 'n inligtingsegment vas te vang en oortollige inligting weg te laat, byvoorbeeld om 75% van die tydsduur van die bronteks te tolk.
30. Beklemtoon: Gebruik 'n verskeidenheid beklemtoningstegnieke soos merk met 'n glimpen en onderstreping om op belangrike inligting te fokus, byvoorbeeld om binne vyf minute tersaaklike inligting in tolktaakspeisifieke materiaal uit te lig.

Die tweede strategiesoort wat in hierdie artikel bespreek is, is metakognitiewe tolkaanleerstrategieë, wat Van der Merwe (2025:173) soos volg definieer:

Metakognitiewe tolkaanleerstrategieë word voor, tydens en ná die tolktaak (en lewenslank) gebruik om kennis oor die tolk(aanleer)proses te verwerf ter verbetering van hoofsaaklik professionele en strategiese bevoegdheid. Dit stel die tolkaanleerder in staat om kognitiewe prosesse te beheer. Sodoende word metakognitiewe tolkkennis (verklarende, prosedurele en voorwaardelike kennis) en metakognitiewe regulering van sodanige kennis (met behulp van hoëorde- verstandelike funksies soos beplanning, monitering en evaluering) bevorder.

Vervolgens word 'n definisie vir elke individuele strategie in die drie kategorieë metakognitiewe tolkaanleerstrategieë verskaf (Van der Merwe 2025:245–6).

### *Anker jou leerproses*

12. Kry 'n oorsig oor die tolktaak en skakel dit met reeds bekende materiaal: Kry 'n omvattende oorsig van 'n sleutelbegrip of stel materiaal in 'n komende tolktaak en assosieer dit met reeds bekende materiaal deur byvoorbeeld 'n generiese woordelys by te werk.
13. Skenk aandag: Besluit vooraf om in die algemeen aandag aan 'n tolktaak te skenk en afleidings te ignoreer (gefokusde aandag) deur byvoorbeeld een onderwerp na te vors, of om aandag aan spesifieke aspekte van die tolktaak te skenk (selektiewe aandag) deur byvoorbeeld te bepaal of werksverrigting met die kommunikatiewe doel bely is.
14. Stel tolking uit om op aktiewe luistervaardighede te fokus: Besluit vooraf om tolking as kommunikasiedaad óf heeltemal, óf gedeeltelik uit te stel totdat aktiewe luistervaardighede beter ontwikkel is, byvoorbeeld deur vir een uur per dag selektief luisterbegrip te oefen (aanvanklik op die kern, later met besonderhede ingesluit).

### *Bestuur en beplan jou leerproses*

15. Vind uit oor tolking: Vind uit hoe tolking werk deur byvoorbeeld boeke of artikels oor tolkmodelle, -verskynsels, -probleme, -uitdagings en -strategieë te lees en hierdie inligting te gebruik om jou eie tolkaanleerproses te verbeter.

16. Organiseer: Skep omstandighede wat met optimale tolkaanleer en -werksverrigting verband hou deur jou fisiese omgewing en tydsbestuur te organiseer, byvoorbeeld deur 'n produktiewe studie-omgewing te skep en logistiek te beplan.
17. Stel doelwitte: Stel realistiese of hoë taakspeisifieke kort- en langtermyn doelwitte, deur byvoorbeeld dieselfde foute in 'n toekomstige oefening te vermy of 'n spesifieke getal ure per jaar te tolk.
18. Identifiseer die doel van 'n tolktaak: Dink oor die doel van 'n tolktaak na deur die situasie te ontleed en instruksies oor taakuitvoering noukeurig te volg.
19. Beplan vir 'n tolktaak: Beplan vir 'n komende tolktaak deur probleme te identifiseer, bevoegdheid en kompleksiteit te bepaal, tersaaklike inligtingsbronne te raadpleeg, tydsbesteding te beplan en die konteks (byvoorbeeld modus, onderwerp en sprekers) te bepaal.
20. Soek en skep oefengeleenthede: Soek en skep geleenthede om tolking in natuurlike situasies te oefen, byvoorbeeld in die gemeenskap met behulp van internskappe.

### *Evalueer jou leerproses*

21. Selfmoniteer: Identifiseer intydse begrips- of produksiefoute en besluit bewustelik of dit nodig is om strategiegebruik aan te pas, die tolkbeurt onveranderd te laat, of 'n segment reg te stel deur byvoorbeeld die sin oor te begin of dit later reg te stel.
22. Selfevalueer: Evalueer jou vordering met verloop van tyd deur byvoorbeeld jou tolkwerksverrigting op te neem en vergelykings te tref ten einde oor sterkpunte (byvoorbeeld taalgebruik) en swakpunte (byvoorbeeld lewering) te besin.

## **7. Slot**

Die kwalitatiewe beskrywende ondersoek waaroor hierdie artikel verslag lewer, is uitgevoer om tolkaanleerstrategieë as ondernagevorste veld te ondersoek. Prosesgerigte tolkopleiding met gepaardgaande begrippe en Oxford (1990) se taalaanleerstrategiemodel is as teoretiese lense gebruik om die wisselwerking tussen die twee velde en die potensieel waardevolle strategieë te bepaal. Data-insameling en -ontleding was 'n gelyktydige proses en die betrokke beperkings is hanteer.

Met die wisselwerking tussen kognitiewe taalaanleerstrategieë en prosesgerigte tolkopleiding is kennis in tolking eerstens bespreek, met verwysing na verbandhoudende komponente soos inspanning in die Inspanningsmodel en sin in die Interpretatiewe Teorie. Vier kategorieë kognitiewe tolkaanleerstrategieë met 15 strategieë verskyn in die model: oefen (*oefen doelgerig, oefen klanke en taalvorme formeel, antisipeer en leer formuletaal, verdeel en herkombineer en kry natuurlike blootstelling aan jou werkstale*); verstaan en produseer boodskappe (*kry vinnig die idee en gebruik hulpbronne*); ontleed en redeneer (*redeneer vloeibaar, ontleed logiese verwantskappe, ontleed kontrasterend, herformuleer en dra oor*) en skep struktuur vir invoer en produksie (*noteer, som op en beklemtoon*).

Met die wisselwerking tussen metakognitiewe taalaanleerstrategieë en prosesgerigte tolkopleiding is lig gewerp op metakognisie in tolking in die vorm van metakognitiewe kennis (verklarende, prosedurele en voorwaardelike kennis) en metakognitiewe regulering (beplanning,

monitering en evaluering). Drie kategorieë metakognitiewe tolkaanleerstrategieë met elf strategieë is geskep: anker jou leerproses (*kry 'n oorsig oor die tolktaak en skakel dit met reeds bekende materiaal, skenk aandag en stel tolking uit om op aktiewe luistervaardighede te fokus*); bestuur en beplan jou leerproses (*vind uit oor tolking, organiseer, stel doelwitte, identifiseer die doel van 'n tolktaak, beplan vir 'n tolktaak en soek en skep oefengeleenthede*); en evalueer jou leerproses (*selfmoniteer en selfevalueer*).

Gevolgtrek kan 'n tolkaanleerstrategiemodel in 'n groot mate uit kognitiewe en metakognitiewe taalaanleerstrategieë geskep word omdat Oxford (1990) se 26 kognitiewe en metakognitiewe taalaanleerstrategieë ná sorgvuldige motivering in 26 kognitiewe en metakognitiewe tolkaanleerstrategieë herskep is.

Ten slotte toon hierdie studie aan hoe kognitiewe en metakognitiewe taalaanleerstrategieë sistematies as tolkaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding herkonseptualiseer kan word. Die voorgestelde model bied aan tolkaanleerders 'n gestruktureerde raamwerk waarbinne hulle sowel kognitief as metakognitief kan verkeer. Verder lewer die model 'n navorsingsgebaseerde bydrae tot die tolkgemeenskap as geheel deurdat dit 'n pedagogiese vertrekpunt vir strategiegerigte tolkopleiding voorstel.

Laastens plaas ons een moontlikheid vir toekomstige navorsing wat uit die studie kan spruit in die kollig: die uitstuur van opnames of voer van semigestruktureerde onderhoude om tolkaanleerders (en tolkaanbieders) se perspektief op die nuutgeskepte model te bepaal. In die volgende en laaste artikel in hierdie reeks word die skep van affektiewe en sosiale tolkaanleerstrategieë uit taalaanleerstrategieë bespreek.

## Bibliografie

Adendorff, E. 2017. Taalverwerwing en taalonderrig. In Carstens en Bosman (reds.) 2017.

—. 2025. Taalverwerwing en taalonderrig. In Carstens, Bosman en Breed (reds.) 2025.

Afrina, R. en H. Ardi. 2021. Teaching the strategies of English Department students of Universitas Negeri Padang in interpreting English short speech into Bahasa Indonesia. *Journal of English Language Teaching*, 10(1):80–95.

Ahrens, M., M. Albl-Mikasa en C. Sasse (reds.). 2012. *Dolmetschqualität in Praxis, Lehre und Forschung. Festschrift für Sylvia Kalina*. Tübingen: Narr.

Ahrens, B., S. Hansen-Schirra, M. Krein-Kühle, M. Schreiber en U. Wienen (reds.). 2018. *Translation – Didaktik – Kompetenz*. Berlyn: Frank-Timme.

Albl-Mikasa, M. 2012. The importance of being not too earnest: A process- and experience-based model of interpreter competence. In Ahrens, Albl-Mikasa en Sasse (reds.) 2012.

—. 2013a. Developing and cultivating expert interpreter competence. *The Interpreters' Newsletter*, 18:17–34.

—. 2013b. Teaching Globish? The need for an ELF pedagogy in interpreter training. *International Journal of Interpreter Education*, 5(1):3–16.

- Al-Harashsheh, A., E. Shehab en R. Al-Rousan. 2020. Consecutive interpretation training: Challenges and solutions. *Journal of Foreign Language Teaching and Translation Studies*, 5(1):85–102.
- Al-Jarf, R. 2022. Student-interpreters' foreign proper noun pronunciation errors in English-Arabic and Arabic-English media discourse interpreting. *International Journal of Translation and Interpretation Studies*, 2(1):81–90.
- Alves, F., C. Magalhães en A. Pagano. 2006. Autonomy in translation: approaching translators' education through awareness of discourse processing. *Cadernos de Tradução*, 2(10):167–92.
- Angelone, E. 2010. Uncertainty, uncertainty management and metacognitive problem solving in the translation task. In Shreve en Angelone (reds.) 2010.
- Arponen, V.P.J. 2013. The extent of cognitivism. *History of the Human Sciences*, 26(5):3–21.
- Arumí, M. en O. Esteve. 2006. Using instruments aimed at self-regulation in the consecutive interpreting 1 classroom: two case studies. *Electronic Journal of Foreign Language Teaching*, 3(2):158–89.
- Baekelandt, A. en B. Defrancq. 2021. Elicitation of particular grammatical structures in speeches for interpreting research: enhancing ecological validity of experimental research in interpreting. *Perspectives*, 29(4):643–60.
- Barranco-Droege, R., E. Macarena Pradas Macías en O. García Becerra (reds.). 2012. *Quality in interpreting: widening the scope*. Volume 2. Albolote: Editorial Comares.
- Bartłomiejczyk, M. 2006. Strategies of simultaneous interpreting and directionality. *Interpreting. International Journal of Research and Practice in Interpreting*, 8(2):149–74.
- Bates, K.S. 2016. Anxiety and self-efficacy constructs within interpretation. MA-verhandeling, Universiteit van Kansas.
- Baxter, R.N. 2012. A simplified multi-model approach to preparatory training in consecutive interpreting. *The Interpreter and Translator Trainer*, 6(1):21–43.
- Beeby, A., D. Ensinger en M. Presas (reds.). 2000. *Investigating translation*. Amsterdam: John Benjamins.
- Bowker, L. 2024. Translation technologies and research methods. Hooflesing gelewer by die 35ste CETRA Navorsingsomerskool in Vertaalwetenskap. 22 Augustus: Antwerpen.
- Campbell, J., S. Larocca, J. Marciano, K. Savenkov en A. Yanishevsky (reds.). 2022. *Proceedings of the 15th Biennial Conference of the Association for Machine Translation in the Americas (Volume 2: Users and providers track and government track)*. Orlando: Vereniging vir Masjienvertaling in die Amerikas.
- Cao, Y. 2017. Peer and self evaluation for cooperative learning in interpreting course. *Advances in Social Science, Education and Humanities Research*, 99:245–7.

Carstens, W.A.M. en N. Bosman (reds.). 2017. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.

Carstens, W.A.M., N. Bosman en A. Breed (reds.). 2025. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Carstens, W.A.M. en T.J. van Dyk (reds.). 2022. *Toegepaste taalkunde in Afrikaans*. Stellenbosch: Van Schaik.

Castro-Alonso, J.C., B.B. De Koning, L. Fiorella en F. Paas. 2021. Five strategies for optimizing instructional materials: instructor- and learner-managed cognitive load. *Educational Psychology Review*, 33(4):1379–407.

Chang, C., M.M. Wu en T.G. Kuo. 2019. Conference interpreting and knowledge acquisition: how professional interpreters tackle unfamiliar topics. *Interpreting*, 20(2):204–31.

Chen, A. 2014. Becoming an interpreter: exploring the development of interpreters from trainees to practitioners. PhD-proefskrif, Universiteit van Leeds.

Chen, S. 2020. The process of note-taking in consecutive interpreting. *Interpreting. International Journal of Research and Practice in Interpreting*, 22(1):117–39.

Chen, W. en Gao, P. 2023. The effect of AI-powered autonomous learning via social media on familiarity with the Indian English accent and on the accuracy and fluency of simultaneous interpreting. *AHCS*, 13:1324–34.

Chen, Z. en Dong, X. 2010. Simultaneous interpreting: principles and training. *Journal of Language Teaching and Research*, 1(5):714–6.

Cheng, S. 2022. Exploring the role of translators' emotion regulation and critical thinking ability in translation performance. *Frontiers in Psychology*, 13:1–10.

Chesterman, A. 2000. Teaching strategies for emancipatory translation. In Schäffner en Adab (reds.) 2000.

Chiang, Y. en D.S. Villarreal. 2013. Foreign language learning strategies and consecutive interpreting achievement: an exploratory study on Taiwanese interpreting students. *Meta: Journal des traducteurs*, 58(1):146–64.

Chmiel, A. 2005. Mental imagery in interpreting – A neurocognitive perspective. <https://parc.ipp.pt/index.php/Polissema/article/download/3338/1322> (20 September 2023 geraadpleeg).

Creswell, J.W. en J. Creswell Báez. 2023. *30 Essential skills for the qualitative researcher*. 2de uitgawe. Los Angeles, Londen: Sage.

Crezee, I.H.M. en J.A. Burn. 2022. Specialized practices in interpreting settings. In Ferreira en Schwieter (reds.) 2022.

De León, C.M. 2017. Mental imagery in translation processes. *Hermes – Journal of Language and Communication in Business*, 56:201–20.



- Dehn, M.J. 2008. *Working memory and academic learning: assessment and intervention*. New Jersey: John Wiley & Sons.
- Deysel, E. 2018. Self-assessment by computer-assisted interpreter training (CAIT) for practising interpreters: parliament as a case in study. MA-verhandelng, Universiteit Stellenbosch.
- Dimitriu, R. en M. Shlesinger (reds.). 2009. *Translators and their receivers*. Brussel: Les Editions du Hazard.
- Doğan, A., M. Arumí Ribas, B. Mora-Rubio en M. Cat. 2009. Metacognitive tools in interpreting training: a pilot study. *Journal of Faculty of Letters*, 26(1):69–84.
- Dollerup, C. en A. Lindegaard (reds.). 1994. *Teaching translation and interpreting 2 – insight, aims, visions*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.
- Dong, Y. en P. Li. 2020. Attentional control in interpreting: a model of language control and processing control. *Bilingualism: Language and Cognition*, 23(4):716–28.
- Du Toit, P. 2017. Mitigating the cognitive load of South African sign language interpreters on national television. MA-verhandelng, Universiteit van die Witwatersrand.
- Ellis, R. 2008. *The study of second language acquisition*. 2de uitgawe. Oxford: Oxford University Press.
- Ericsson, K.A. en K.W. Harwell. 2019. Deliberate practice and proposed limits on the effects of practice on the acquisition of expert performance: why the original definition matters and recommendations for future research. *Frontiers in Psychology*, 10:1–19.
- Ericsson, K.A., R.T. Krampe en C. Tesch-Römer. 1993. The role of deliberate practice in the acquisition of expert performance. *Psychological Review*, 100(3):363–406.
- Fan, D. 2012. The development of expertise in interpreting through self-regulated learning for trainee interpreters. PhD-proefskrif, Universiteit Newcastle.
- Fang, J. en J. Wang. 2022. Student interpreters' strategies in dealing with unfamiliar words in sight translation. *The International Journal of Translation and Interpreting Research*, 14(1):42–65.
- Fernández, F. en P. Zabalaescoa. 2012. Developing trainee translators' strategic subcompetence through metacognitive questionnaires. *Meta*, 57(3):740–62.
- Ferreira, A. en J.W. Schwieter. 2022. The birth and development of Translation and Interpreting Studies. In Ferreira en Schwieter (reds.) 2022.
- Ferreira, A. en J.W. Schwieter (reds.). 2022. *Introduction to Translation and Interpreting Studies*. New Jersey: Wiley Blackwell.
- Ficchi, V. 1999. Learning consecutive interpretation. *International Journal of Research and Practice in Interpreting*, 4(2):199–218.
- Flavell, J.H. 1976. Metacognitive aspects of problem solving. In Resnick (red.) 1976.

- Gambier, Y. en L. Van Doorslaer (reds.). 2010. *Handbook of Translation Studies. Volume 1*. Amsterdam: John Benjamins.
- Gambrell, S.E. 2018. Crafting an effective test: devising a model of aptitude testing for interpreter training. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Gerver, D. en H. Wallace Sinaiko (reds.). 1978. *Language interpretation and communication*. New York, Londen: Plenum Press.
- Gile, D. 2005. Teaching conference interpreting: a contribution. In Tennent (red.) 2005.
- . 2009. *Basic concepts and models for interpreter and translator training*. 2de uitgawe. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.
- Giustini, D. en V. Dastyar. 2024. Critical AI literacy for interpreting in the age of AI. *Interpreting and Society*, 4(2):1–18.
- Goldsmith, J. 2018. Tablet interpreting: consecutive interpreting 2.0. *Translation and Interpreting Studies*, 13(3):342–65.
- Griffiths, C. 2018. *The strategy factor in successful language learning: the tornado effect*. 2de uitgawe. Bristol: Multilingual Matters.
- Gurova, T., T. Riabukha, N. Zinenko en N. Hostishcheva. 2020. Mobile learning in developing phonetic competence of future interpreters. *Advanced Education*, 7(14):66–74.
- HalaGhanim, M. en M. Al-Daqs. 2015. ITT and the strategies of interpreting fixed expressions in Arabic-English simultaneous interpreting. *Journal of Humanities and Social Science*, 20(12):61–70.
- Heo, E. 2018. *Interpreting students' ability in self-assessment*. MA-verhandeling, Macquarie Universiteit.
- Herbert, J. 1952. *The interpreter's handbook: how to become a conference interpreter*. Genève: Georg.
- Herring, R.E. 2018. "I could only think about what I was doing, and that was a lot to think about": online self-regulation in dialogue interpreting. MA-verhandeling, Universiteit van Genève.
- Herring, R.E. en L. Swabey. 2017. Experiential learning in interpreter education. <https://grad2cert.org/experiential-learning-in-interpreter-education> (6 Oktober 2023 geraadpleeg).
- Heyerick, I. 2021. A descriptive study of linguistic interpreting strategies in Dutch-Flemish sign language interpreting – exploring interpreters' perspectives to understand the what, how and why. PhD-proefskrif, KU Leuven.
- Horváth, I. 2022. AI in interpreting: ethical considerations. *Across Languages and Cultures*, 23(1):1–13.
- Hu, Z., B. Zheng en X. Wang. 2021. The impact of a metacognitive self-regulation inventory in translator self-training: a pre-post study with English-Chinese translation students. *The Interpreter and Translator Trainer*, 15(4):430–49.

- Huang, J. 2021. Construction of short-term memory training model in consecutive interpretation. *Theory and Practice in Language Studies*, 11(10):1300–7.
- Huang, Y., W. Shi en J. Wen. 2023. Technology challenges and aids: the sustainable development of professional interpreters in listening comprehension effectiveness and interpreting performance. *Sustainability*, 15(8):1–18.
- Huang, Z. 2019. “Put yourself in their shoes”: a qualitative exploration of perceptions of effective translation teaching in universities. *The International Journal of Translation and Interpreting Research*, 11(1):114–29.
- Ibrahim-González, N. en N. Noordin. 2012. Learner autonomy via self-assessment in consecutive interpreting for novice learners in a non-interpreting environment. In Barranco-Droege, Macarena Pradas Macías en García Becerra (reds.) 2012.
- Ivars, A.J. en D.P. Calatayud. 2013. Mindfulness training for interpreting students. *Lebende Sprachen*, 58(2):1–25.
- Jiang, H. 2013. The interpreter’s glossary in simultaneous interpreting. *Interpreting. International Journal of Research and Practice in Interpreting*, 15(1):74–93.
- Kalina, S. 2000. Interpreting competences as a basis and a goal for teaching. *The Interpreters’ Newsletter*, 10:3–32.
- . 2007. “Microphone off” – application of the process model of interpreting to the classroom. *Kalbotyra*, 57(3):111–21.
- . 2015. Preparation. In Pöchhacker (red.) 2015.
- Kirchhoff, H. 1976/2002. Simultaneous interpreting: interdependence of variables in the interpreting process, interpreting models and interpreting strategies. In Pöchhacker en Shlesinger (reds.) 2002.
- Kornakov, P. 2000. Five principles and five skills for training interpreters. *Meta*, 45(2):241–8.
- Krashen, S.D. 1982. *Principles and practice in second language acquisition*. Kalifornië: Pergamon Press.
- Latif, M.M.M.A. 2018. Towards a typology of pedagogy-oriented translation and interpreting research. *The Interpreter and Translator Trainer*, 12(3):322–45.
- Lederer, M. 2010. Interpretive approach. In Gambier en Van Doorslaer (reds.) 2010.
- Lee, C.K. 2010. An overview of language learning strategies. *ARECLS*, 7:132–52.
- Lee, J. 2012. What skills do student interpreters need to learn in sight translation training? *Meta*, 57(3):694–714.
- Lee, Z. 2015. The reflection and self-assessment of student interpreters through logbooks: a case study. PhD-proefschrift, Heriot-Watt Universiteit.
- Lee-Jahnke, H. 2005. New cognitive approaches in process-oriented translation training. *Meta*, 50(2):359–77.

- Lesch, H.M. 2014. Die waarde en uitdagings van diensleer vir tolkopleiding: die ervaring van die tolkopleidingsprogram aan die Universiteit Stellenbosch. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 43:209–33.
- Lewandowska-Tomaszczyk, B. (red.). 2019. *Contacts and contrasts in educational contexts and translation*. New York: Springer. 105–15.
- Li, S. 2014. A case study of interpretation learning strategies employed by successful interpretation learners. *Theory and Practice in Language Studies*, 4(6):1303–11.
- . 2015. A further study of interpretation learning strategies employed by successful interpretation learners. *Theory and Practice in Language Studies*, 5(6):1296–306.
- Li, X. 2018. Self-assessment as “assessment as learning” in translator and interpreter education: validity and washback. *The Interpreter and Translator Trainer*, 12(1):48–67.
- Lingzhu, J. 2020. On trainee interpreters’ English listening comprehension barriers: the case of local university undergraduate translation majors in China. *International Journal of Linguistics, Literature and Translation*, 3(2):16–31.
- Liu, J. 2010. Language learning strategies and its training model. *International Education Studies*, 3(3):100–4.
- Lörscher, W. 1991. *Translation performance, translation process, and translation strategies: a psycholinguistic investigation*. Tübingen: Gunter Narr.
- Ma, J. 2013. A study of interpreting skills from the perspective of interpreting process. *Journal of Language Teaching and Research*, 4:1232–7.
- Magnifico, C. en B. Defrancq. 2019. Self-repair as a norm-related strategy in simultaneous interpreting and its implications for gendered approaches to interpreting. *International Journal of Translation Studies*, 31(3):352–77.
- Makarová, V. 1994. Whose line is it anyway? On teaching improvisation in interpreting. In Dollerup en Lindegaard (reds.) 1994.
- Maree, K. (red.). 2020. *First steps in research*. 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Martínez-Gómez, A. 2018. Reshaping language interpreting pedagogy through students’ self-perception of their role as ad hoc interpreters. <https://iletc.commons.gc.cuny.edu/reshaping-language-interpreting-pedagogy> (18 November 2023 geraadpleeg).
- Maximous, A. 2017. Teaching and learning community interpreting. PhD-proefskrif, Universiteit van Wes-Sydney.
- Mellinger, C.D. 2022a. Cognitive behavior during consecutive interpreting: describing the notetaking process. *The International Journal of Translation and Interpreting Research*, 14(2):103–19.
- . 2022b. Interpreting. In Ferreira en Schwieter (reds.) 2022.
- Meuleman, C. en F. Van Besien. 2009. Coping with extreme speech conditions in simultaneous interpreting. *Interpreting*, 11(1):20–34.

- Miyamoto, T. 2008. What did good interpreting learners do in their self-learning of consecutive interpreting? <https://join3.wilmina.ac.jp/repo/repository/wilmina/37/08.pdf> (4 Mei 2026 geraadpleeg).
- Moser-Mercer, B. 1997/2002. Process models in simultaneous interpretation. In Pöchhacker en Shlesinger (reds.) 2002.
- . 2008. Skill acquisition in interpreting: a human performance perspective. *The Interpreter and Translator Trainer*, 2(1):1–28.
- Murtiningsih, S. en Q. Ardlillah. 2020. Investigating students' challenges and strategies when interpreting. *Advances in Social Science, Education and Humanities Research*, 518:224–32.
- Naiman, N., M. Fröhlich, H. Stern en A. Todesco. 1978. *The good language learner*. Clevedon, Philadelphia: Multilingual Matters.
- Ngoc, N.N., H.T.T. Truc, Q. Huynh, P.N.T. Ngoc en T.T. Thien. 2022. Essential self-training skills to become an interpreter: English-majoring students' perception. *European Journal of Education Studies*, 9(12):75–89.
- Nieuwenhuis, J. 2020. Introducing qualitative research. In Maree (red.) 2020.
- O'Malley, J.M. en A.U. Chamot. 1990. *Learning strategies in second language acquisition*. New York: Cambridge University Press.
- Orăsan, C. 2023. ChatGPT for translators: a survey. Proceedings of the First NLP4TIA Workshop. <https://aclanthology.org/2023.nlp4tia-1.10> (8 April 2024 geraadpleeg).
- Oxford, R.L. 1985. *A new taxonomy of second language learning strategies*. Washington: ERIC Clearinghouse on Languages and Linguistics.
- . 1990. *Language learning strategies: what every teacher should know*. Boston: Heinle en Heinle.
- . 2017. *Teaching and researching language learning strategies: self-regulation in context*. New York, Londen: Routledge.
- PACTE. 2000. Acquiring translation competence: hypotheses and methodological problems in a research project. In Beeby, Ensinger en Presas (reds.) 2000.
- Pawlak, M. 2021. Investigating language learning strategies: prospects, pitfalls and challenges. *Language Teaching Research*, 25(5):817–35.
- Pienaar, M. en E. Cornelius. 2015. Contemporary perceptions of interpreting in South Africa. *Nordic Journal of African Studies*, 24(2):186–206.
- Pienaar, M., E. Cornelius en H. Kotzé. 2022. Talking. In Carstens en Van Dyk (reds.) 2022.
- Pietrzak, P. 2018. The effects of students' self-regulation on translation quality. *Babel: International Journal of Translation*, 64(5/6):819–39.
- . 2019. An integrated approach to assessment in translator training: the value of self-reflection. In Lewandowska-Tomaszczyk (red.) 2019.

- Pintrich, P.R. 2002. The role of metacognitive knowledge in learning, teaching, and assessing. *Theory into Practice*, 41(4):219–25.
- Pöchhacker, F. (red.). 2015. *Routledge encyclopedia of Interpreting Studies*. Londen: Routledge.
- . 2022. *Introducing Interpreting Studies*. 3de uitgawe. Londen: Routledge.
- Pöchhacker, F. en M. Shlesinger (reds.). 2002. *The Interpreting Studies reader*. Londen, New York: Routledge.
- Resnick, L.B. (red.). 1976. *The nature of intelligence*. Hillsdale: Lawrence Erlbaum Associate.
- Rice, D.M. 2020. Trends in teaching pre-assignment preparation strategies in ASL-English interpreter education programs. MA-verhandeling, Universiteit van Wes-Oregon.
- Rubin, J. 1975. What the “good language learner” can teach us. *TESOL Quarterly*, 9(1):41–51.
- . 1981. Study of cognitive processes in second language learning. *Applied Linguistics*, 11: 117–31.
- Sawyer, D.B. 2004. *Fundamental aspects of interpreter education*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.
- Schafer, G. 2011. Developing expertise through a deliberate practice project. *International Journal of Interpreter Education*, 3(1):16–27.
- Schäffner, C. en B. Adab (reds.). 2000. *Developing translation competence*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.
- Seeber, K.G. 2011. Cognitive load in simultaneous interpreting. *Interpreting*, 13(2):176–204.
- Seleskovitch, D. 1978. Language and cognition. In Gerver en Wallace Sinaiko (reds.) 1978.
- Setton, R. 1998/2002. Meaning assembly in simultaneous interpreting. In Pöchhacker en Shlesinger (reds.) 2002.
- Setton, R. en A. Dawrant. 2016a. *Conference interpreting: a complete course*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.
- . 2016b. *Conference interpreting: a trainer’s guide*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.
- Shen, M. en J. Liang. 2021. Self-repair in consecutive interpreting: similarities and differences between professional interpreters and student interpreters. *Perspectives*, 29(5):761–77.
- Shihatah, M.J.M. 2019. Using some metacognitive strategies in teaching translation to enhance faculty of education English majors’ translation skills. *Journal of the Faculty of Education*, 35(6):1–37.
- Shreve, G.M. 2006. The deliberate practice: translation and expertise. *Journal of Translation Studies*, 9(1):27–42.
- . 2009. Recipient-orientation and metacognition in the translation process. In Dimitriu en Shlesinger (reds.) 2009.



- Shreve, G.M. en E. Angelone (reds.). 2010. *Translation and cognition*. Amsterdam: John Benjamins.
- Siedlecki, S.L. 2020. Understanding descriptive research designs and methods. *Clinical Nurse Specialist*, 34(1):8–12.
- Siu, S.C. 2023. ChatGPT and GPT-4 for professional translators: exploring the potential of large language models in translation. [https://papers.ssrn.com/sol3/papers.cfm?abstract\\_id=4448091](https://papers.ssrn.com/sol3/papers.cfm?abstract_id=4448091) (15 Mei 2024 geraadpleeg).
- Song, Z. 2010. Skill transfer from sight translation to simultaneous interpreting: a case study of an effective teaching technique. *International Journal of Interpreter Education*, 2(1):120–34.
- Stern, H.H. 1975. What can we learn from the good language learner? *Canadian Modern Language Review*, 34:304–18.
- Tennent, M. (red.). 2005. *Training for the new millennium*. Amsterdam: John Benjamins.
- Tiselius, E. 2015. Expertise. In Pöchhacker (red.) 2015.
- . 2018. Deliberate practice: the unicorn of Interpreting Studies. In Ahrens, Hansen-Schirra, Krein-Kühle, Schreiber en Wien (reds.) 2018.
- Tryuk, M. 2010. Strategies in interpreting: issues, controversies, solutions. *Applied Linguistics*, 2:181–94.
- Van der Merwe, K. 2025. 'n Tolkaanleerstrategiemodel uit taalaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding. PhD-proefskrif, Universiteit Stellenbosch.
- Vidyantari, R. 2021. Online interpreting learning during pandemic from students' perspective. *Bahtera: Jurnal Pendidikan Bahasa dan Sastra*, 20(2):210–5.
- Wang, W., Y. Xu, B. Wang en L. Mu. 2020. Developing interpreting competence scales in China. *Frontiers in Psychology*, 11(481):1–16.
- Whyatt, B. 2022. Training and pedagogy. In Ferreira en Schwieter (reds.) 2022.
- Yanqun, Z. 2015. The concept and instruction of metacognition in translation competence development. *International Forum of Teaching and Studies*, 11(1–2):69–78.
- Yen, P.H., L.T.C. Tu en L.T. Thao. 2023. Students' perceptions of using note-taking in consecutive interpreting assignments. *CTU Journal of Innovation and Sustainable Development*, 15(1):8–21.
- Zhang, Y. 2020. Possible ways to make interpretation teaching more effective. *Journal of Contemporary Educational Research*, 4(7):39–42.
- Zidar Forte, J. 2012. Acquiring specific interpreting competence. *Linguistica*, 52(1):113–27.
- Zolubienė, A. 2022. On interpreting as collaboration: "There must be a will from the whole society to create access to interpreters". <https://www.redalyc.org/journal/6927/692774354010/html> (15 Januarie 2024 geraadpleeg).

Zou, D. 2022. Multi-dimensional consideration of cognitive effort in translation and interpreting process studies. In Campbell, Larocca, Marciano, Savenkov en Yanishevsky (reds.) 2022.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Erkenning en dank aan prof. Ton Vosloo en mev. Anet Pienaar-Vosloo vir befondsing uit die Ton en Anet Vosloo-Leerstool in Afrikaanse Taalpraktyk.

<sup>2</sup> Konsekutiewe tolking het betrekking daarop dat die tolk tolkbeurte in die doeltaal verskaf nadat die spreker een of meer idees in die brontaal oorgedra het, terwyl die doeltteks tydens simultane tolking op dieselfde tyd as brontekslowering plaasvind (Afrina en Ardi 2021). In Suid-Afrika word die konsekutiewe modus dikwels in gemeenskapskontekste, howe, kerke en hospitale gebruik, en die simultane modus by wetgewingskonferensies soos die nasionale parlement en opvoedkundige instellings soos universiteite (Pienaar, Cornelius en Kotzé 2022). Daar is egter geen vaste reël oor watter modus in watter konteks gebruik word nie.

<sup>3</sup> Kommunikatiewe bevoegdheid is ook ter sprake by die gebruik van kognitiewe strategieë omdat dit byvoorbeeld algemene kennis en verwante wêreldkennis verbreed (Wang, Xu, Wang en Mu 2020).

<sup>4</sup> Vakareabevoegdheid is ook ter sprake by die gebruik van kognitiewe strategieë omdat kennis 'n groot rol in vaardigheidsverwerwing en uiteindelijke deskundige prestasie speel. Moser-Mercer (2008) en Chang, Wu en Kuo (2019) reken dat tolke wat kundig in bepaalde vakgebiede is, steeds daartoe in staat moet wees om kundigheid in ander vakgebiede te bekom.

<sup>5</sup> Taalaanleerders is dikwels bewus van die strategieë wat tot taalaanleersukses lei, soos Ellis (2008) van mening is. Hulle moet dit kan verklaar indien hulle aandag daaraan skenk: Hierdie bewustheid van die denkproses is tekenend van metakognisie.

<sup>6</sup> Doelbewuste oefening, 'n invloedryke begrip in moderne vertaalpedagogie (Herring, Swabey, Tiselius en Motta 2022), word deur Ericsson, Krampe en Tesch-Römer (1993), Shreve (2006) en Wu (2023) gedefinieer as “gereelde, doelgerigte, hoogs gestruktureerde en bewuste oefening wat deur kundiges in verskeie domeine onderneem word om vaardighede, bekwaamheid en werksverrigting oor 'n lang tydperk te verbeter” (Van der Merwe 2025:117–8).

<sup>7</sup> Ericsson en Harwell (2019) het die term *doelbewuste oefening* met *doelgerigte oefening* vervang, wat verwys na geïndividualiseerde aktiwiteite wat die tolkaanleerder sonder toesig uitvoer om werksverrigting te verbeter. Ons verkies *doelgerigte oefening* bo *doelbewuste oefening* as 'n komponent van selfregulering in tolking.

<sup>8</sup> Aanpasbare kundiges kan kennis op nuwe situasies toepas en nuwe take voltooi deur van voorheen verworwe vaardighede gebruik te maak (Tiselius 2018).

<sup>9</sup> Sigtolking of sigvertaling is 'n gesproke of geïllustreerde (indien die doeltaal gebaretaal is) weergawe van 'n geskrewe bronteks (Mellinger 2022b).

<sup>10</sup> Diskoerskennis (deel van vakareabevoegdheid) is die kennis van tekskonvensies, genres en tekssoorte (Chang e.a. 2019). Ervare tolke weet hoe die tolktaak gaan verloop en kan tolkbeurte produseer wat aan die taakeise voldoen.

<sup>11</sup> Gegewe die tolkfokus herbenoem ons hierdie kategorie *verstaan en produseer boodskappe*.

## Addendum A

### Van der Merwe (2025) se nuutgeskepte kognitiewe en metakognitiewe tolkaanleerstrategieë in die volledige tolkaanleerstrategiemodel

#### Direkte tolkaanleerstrategieë

- Geheuestrategieë
  - Skep verstandelike verbande
    1. Groepeer
    2. Assosieer en brei uit
    3. Plaas tolkmateriaal in 'n konteks
  - Gebruik klanke en beelde
    4. Gebruik beelde
    5. Gebruik klanke
    6. Karteer semanties
    7. Gebruik sleutelwoorde
  - Hersien deeglik
    8. Hersien gestruktureerd
  - Gebruik aksie
    9. Gebruik fisiese respons of sensasie
    10. Gebruik meganiese tegnieke
- Kompensasiestategieë
  - Waag intelligente raaiskote
    11. Gebruik talige leidrade
    12. Gebruik kontekstuele leidrade
  - Oorkom kommunikasiestruikelblokke
    13. Slaan oor na die brontaal of transkodeer

14. Kry hulp
  15. Gebruik of interpreteer nieverbale gedrag
  16. Vermy tolkproduksie gedeeltelik of heeltemal
  17. Pas die tolkbeurt aan
  18. Brei die tolkbeurt uit
  19. Gebruik gepaste nuutskeppings
- Kognitiewe strategieë
    - Oefen
      20. Oefen doelgerig
      21. Oefen klanke en taalvorme formeel
      22. Antisipeer en leer formuletaal
      23. Verdeel en hercombineer
      24. Kry natuurlike blootstelling aan jou werkstale
    - Verstaan en produseer boodskappe
      25. Kry vinnig die idee
      26. Gebruik hulpbronne
    - Ontleed en redeneer
      27. Redeneer vloeibaar
      28. Ontleed logiese verwantskappe
      29. Ontleed kontrasterend
      30. Herformuleer
      31. Dra oor
    - Skep struktuur vir invoer en produksie
      32. Noteer
      33. Som op
      34. Beklemtoon

#### Indirekte tolkaanleerstrategieë

- Metakognitiewe strategieë
  - Anker jou leerproses
    35. Kry 'n oorsig oor die tolktaak en skakel dit met reeds bekende materiaal
    36. Skenk aandag
    37. Stel tolking uit om op aktiewe luistervaardighede te fokus
  - Bestuur en beplan jou leerproses
    38. Vind uit oor tolking

- 39. Organiseer
- 40. Stel doelwitte
- 41. Identifiseer die doel van 'n tolktaak
- 42. Beplan vir 'n tolktaak
- 43. Soek en skep oefengeleenthede
- Evalueer jou leerproses
- 44. Selfmonitor
- 45. Selfevalueer
- Affektiewe strategieë
  - Verlaag jou angsvlak
  - 46. Gebruik asemhalings- en ontspanningstegnieke
  - 47. Gebruik musiek
  - 48. Gebruik humor
  - Motiveer jouself
  - 49. Gebruik positiewe selfgesprek
  - 50. Loop oordeelkundige risiko's
  - 51. Beloon jouself
  - Neem jou emosionele temperatuur
  - 52. Luister na jou liggaam
  - 53. Gebruik 'n kontrolelys
  - 54. Hou 'n tolkdagboek
  - 55. Bespreek jou gevoelens met jou ondersteuningsnetwerk
- Sosiale strategieë
  - Vra vrae
  - 56. Vra vir 'n verduideliking of bevestiging
  - 57. Vra vir regstelling
  - Werk saam met ander
  - 58. Werk in 'n span
  - 59. Werk saam met vaardige werkstaalgebruikers en mentors
  - Empatiseer met ander
  - 60. Ontwikkel 'n kulturele begrip
  - 61. Word bewus van ander se gedagtes en gevoelens

## Addendum B

### **Oxford (1990) se oorspronklike kognitiewe en metakognitiewe taalaanleerstrategieë** *(cognitive and metacognitive language learning strategies)*

- Cognitive strategies
  - Practicing
    1. Repeating
    2. Formally practicing with sounds and writing systems
    3. Recognizing and using formulas and patterns
    4. Recombining
    5. Practicing naturalistically
  - Receiving and sending messages
    6. Getting the idea quickly
    7. Using resources
  - Analyzing and reasoning
    8. Reasoning deductively
    9. Analyzing expressions
    10. Analyzing contrastively
    11. Translating
    12. Transferring
  - Creating structure for input and output
    13. Taking notes
    14. Summarizing
    15. Highlighting
- Metacognitive strategies
  - Centering your learning
    16. Overviewing and linking with already known material
    17. Paying attention
    18. Delaying speech production to focus on listening
  - Arranging and planning your learning
    19. Finding out about language learning
    20. Organizing
    21. Setting goals and objectives
    22. Identifying the purpose of a language task
    23. Planning for a language task



24. Seeking practice opportunities

- Evaluating your learning

25. Self-monitoring

26. Self-evaluating

# Ekokritiek: nuwe moontlikhede vir teksontleding op hoërskoolvlak

Schalk J. Lubbe, Susan Meyer en Elize Vos

Schalk J. Lubbe, Susan Meyer en Elize Vos, Fakulteit Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit

## Opsomming

Letterkundeonderrig in Afrikaans Eerste Addisionele Taal (EAT) in die Verdere Onderwys- en Opleidings- (VOO-) fase, graad 10 tot 12, is kommerwekkend. Die resultate vir Afrikaans EAT toon dat graad 12-leerders vanaf 2021 tot 2025 landwyd veel swakker in vraestel 2 (letterkunde) as in vraestel 1 (taal in konteks) van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen (NSS-eksamen) gevaar het. Ten spyte van die vele voordele wat letterkunde vir leerders inhou en die dringendheid om Afrikaans EAT as vak uit te bou in ons multitalige land, is daar nie 'n goedgekose benadering met doeltreffende resultate tot letterkundeonderrig om die EAT-onderwyser in die onderrig- en leerproses te ondersteun nie.

Hierdie probleem het aanleiding gegee tot die primêre doelwit van hierdie navorsingsartikel, naamlik om te toon hoe die resepsie-estetika-benadering (d.i. met die fokus op teksontvangs en -verwerking deur die leser) en 'n geselekteerde eietydse benadering tot letterkunde – gedemonstreer aan die hand van ekokritiek (d.i. die bestudering van die verhouding en interaksie tussen die mens en sy natuurlike omgewing) – as brug kan dien om literêr-analitiese diepgang met die letterkundeonderrigpraktyk vir Afrikaans EAT (VOO-fase) te versoen.

Drie data-insamelingsmetodes is gebruik om data te kristalliseer ter wille van die betroubaarheid en geloofwaardigheid daarvan. Eerstens het die literatuurondersoek teoretiese perspektiewe op letterkundeonderrig gebied en is die resepsie-estetika as die gepaste teoretiese vertrekpunt vir hierdie navorsing gemotiveer. Tweedens is 'n dokumentontleding van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Afrikaans EAT onderneem om voorskrifte en aanbevelings vir letterkundeonderrig te ondersoek. Derdens is teksontledings van voorgeskrewe literêre tekste gedoen aan die hand van die resepsie-estetika as KABV-ondersteunde benadering, met die benutting van ekokritiek as literêr-teoretiese benaderingswyse. Voorts voldoen ons navorsing aan die gepaste etiese riglyne en is as 'n geen-risiko-studie goedgekeur.

Uiteindelik is waardevolle gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings vir vernuwende letterkunde-onderrig is vir Afrikaans EAT-onderwysers in die VOO-fase rondom bepaalde voorgeskrewe tekste saamgestel.

**Trefwoorde:** Afrikaans Eerste Addisionele Taal (EAT); ekokritiek; Kurrikulum- en Assesserings-beleidsverklaring (KABV); letterkunde-onderrig; resepsie-estetika-teorie; Verdere Onderwys- en Opleidings- (VOO-) fase

## *Abstract*

### **Ecocriticism: new possibilities for textual analysis at high school level**

Literature is directly linked to the intellectual and spiritual enrichment of learners. Literary texts can, for example, provide the context for expressing one's own ideas, views and emotions with confidence, thereby fostering independent and analytical thinking – one of the key objectives in the learning of additional languages. Beyond promoting critical and creative thinking, literary texts also offer learners the opportunity to “express their own experiences and findings about the world” and to articulate “opinions on ethical issues and values” (DBE 2011:4, 9, 14). In this way, the teaching of literature has the potential to contribute to learners' self-fulfilment and their meaningful participation in society as responsible citizens of South Africa (DBE 2011:4). It is therefore evident that positive engagement with literature will undoubtedly benefit learners.

However, the paper 2 results of the National Senior Certificate examination from 2021 to 2025 suggest that this may not be the experience of most Afrikaans First Additional Language (FAL) learners. These examination results for Afrikaans FAL indicate a decline in performance. A further concern is that grade 12 learners nationwide performed significantly worse in paper 2 (literature) than in paper 1 (language in context) (Gauteng Department of Education 2023, 2025).

Another disconcerting fact revealed alongside these results is that the number of learners taking Afrikaans FAL is nearly double that of those taking Afrikaans Home Language. In 2021, 44 909 learners took Afrikaans Home Language compared to 85 952 learners who took Afrikaans FAL (DBE 2021:341). In 2023, 48 385 learners took Afrikaans Home Language compared to 97 654 Afrikaans FAL learners (DBE 2023:54). In South Africa, Afrikaans Home Language is offered in schools where Afrikaans is the official language, while Afrikaans FAL is offered in schools where English is the official language. In some schools, Afrikaans is offered both as Home Language and as FAL. However, Afrikaans FAL also competes with Zulu, Tswana, Ndebele, Xhosa, Pedi, Sotho, Siswati, Venda and Tsonga as other possible additional languages.

With the above-mentioned poor pass rates in mind, the problem statement that was the stimulus for this research article took shape. How can greater depth in the literary analysis of prescribed works, that is, the in-depth study of literary texts through the lens of a well-chosen literary approach, strengthen the teacher's hand in the teaching and learning process?

The purpose of this research is to investigate the broadening of text experience, interpretation, and response as one possible countermeasure to the poor performance of grade 12 Afrikaans FAL learners in the literature examination. The primary objective is to demonstrate how

reception theory and a contemporary literary-theoretical approach – illustrated through ecocriticism – can serve as a bridge to integrate literary-analytical depth with the teaching practice of Afrikaans FAL in the Further Education and Training (FET) phase.

This research does not propose that learners themselves should be expected to apply insights from reception-theoretical text analyses. Rather, the focus of this article is on how the teacher can bring specific insights, derived from reception-theoretical text analysis and informed by the literary-theoretical principles of ecocriticism, into the classroom as an enriching dimension for learners.

This primary research objective is supported by secondary objectives, namely to

1. illustrate ecocriticism as a contemporary literary approach relevant to the demonstration of reception-theoretical principles in the analysis of specifically chosen prescribed literary works for Afrikaans FAL (FET phase) with the view to add value to Afrikaans literature teaching;
2. use reception-aesthetical analyses of prescribed literary works in the FET classroom complementary to analyses based on the narratological, dramatical and poetic elements prescribed by the Afrikaans FAL curriculum; and
3. use the findings from this study to add value to unlocking and experiencing literary texts in the Afrikaans FAL classroom (FET phase).

Three data collection methods were used in this research article. In the first of these, the literature review, particular theoretical perspectives on the fundamental concept of this article, namely literature teaching, were offered. Furthermore, the reception aesthetic theory was theoretically grounded thoroughly and motivated as the appropriate theoretical starting point for this article. In the second data collection phase, an in-depth document analysis of the most important source document for teachers, namely the Curriculum and Assessment Policy Statement (CAPS) for Afrikaans FAL (FET phase), was undertaken. Attention was drawn specifically to the information, prescriptions and recommendations on teaching literature, as well as the proposed literature and teaching approaches in this document. In the third place, textual analyses of two prescribed dramas for this level and phase were carried out based on reception aesthetics as a CAPS-supported approach to prescribed texts and using a reception-based literary approach, namely ecocriticism. The two dramas selected for this textual analysis are *Die laaste karretjiegraf* (2013) by Riana Steyn and Athol Fugard, and *Betower: die drama* (2015) by Fanie Viljoen.

An ecocritical approach to *Die laaste karretjiegraf* offers a fresh perspective on the complex, interdependent relationship between humanity and the earth. This innovative lens may spark excitement among learners about the possibility of dismantling the distance that conventional thought has created between humans and nature. It opens the opportunity to reconsider the traditional view of the roles of humans (as dominant and active agents) and nature (as subordinate).

Stimulating this kind of thinking in learners is beneficial for the younger generation's relationship with both living and non-living nature. The ability to think critically about traditional Western human–nature ideas may be liberating for learners at a life stage in which they are inclined to question convention. This can be directly meaningful for their lives and futures. This aligns with the general aim of the CAPS curriculum, namely that learners acquire knowledge and skills to apply in ways that are meaningful to their own lives (DBE 2011:4).

Through an ecocritical orientation, the reader's attention is drawn to the impact of the conventional view of humanity's central position of power, as well as the consequences of humanity's abuse of power over the earth. An ecocritical reading of *Betower: die drama* allows learners to take their first free – and perhaps wonder-filled – steps toward another general CAPS goal: to ensure that “regardless of socio-economic background, race, gender, physical or intellectual ability”, learners receive knowledge and skills “necessary for responsible and meaningful participation in society” (DBE 2011:4). The issues highlighted in *Betower: die drama* from an ecocritical perspective remind us of the need for humans and the earth to coexist in a responsible symbiotic relationship. Humanity is the steward of the earth and its resources. Ultimately, the value of an ecocritical interpretation of *Betower: die drama* also lies in its potential relevance to the life situations of learners who may already have experienced trauma due to the impulsiveness of adolescence, as in Nadia's case. For such learners, new self-worth may grow from the realisation that there is so much beauty in the world, as Poenk points out to Nadia in the natural space of the forest. They may come to recognise that every individual life is part of that “beauty in the world”.

Ecocritical thought emphasises that there no longer needs to be a separation between human and non-human objects. We are part of the greater surrounding creation, and our value is reflected in every other surprising piece of creation. In the CAPS curriculum, the purpose of reading literary texts is clearly stated: learners read, evaluate and respond to the aesthetic features of literary texts. They apply the metalanguage or terminology of literature to understand and appreciate literary aspects (DBE 2011:32). This highlights that literature teaching should aim to enable learners to not only comprehend literary works but also interpret them and express commentary in the form of textual response. The ecocritical method of inquiry has the added advantage of broadening teachers' literary insight while simultaneously expanding opportunities to help learners respond to texts. In this way, connections can be drawn between the content of the text and learners' personal situations, experiences, and realities. Thus, the relevance of the prescribed work to learners' own lives, and the value the text holds for them, is emphasised.

This research article has demonstrated that prescribed texts for Afrikaans FAL in the FET phase could fruitfully be used to provide learners with teachers' ecocritical insights, thereby adding value to the process of enriching and expanding learners' literary experience.

**Keywords:** Afrikaans First Additional Language (FAL); ecocriticism; Further Education and Training (FET) phase; literature teaching; reception aesthetics theory

## 1. Inleiding en kontekstualisering

Letterkunde hou direk verband met die verstandelike en geestelike verruiming van leerders. Literêre tekste kan byvoorbeeld die konteks bied om eie idees, sienings en emosies met vertroue uit te druk ten einde selfstandige en analitiese denkers te word – een van die doelstellings vir die leer van addisionele tale. Buiten vir die bevordering van kritiese en kreatiewe denke kan literêre tekste ook vir leerders die konteks bied om hul “eie ervarings en bevindinge oor die wêreld uit te druk” en “opinies oor etiese kwessies en waardes” te verwoord (DBO 2011:4, 9, 14). Sodoende het letterkunde onderrig die potensiaal om by te dra tot leerders se selfvervulling en hulle betekenisvolle deelname aan die samelewing ten einde verantwoordelike burgers van Suid-Afrika te wees (DBO 2011:4). Hieruit blyk dit dat 'n positiewe beleving van letterkunde ongetwyfeld in leerders se guns sal tel.

Die vraestel 2-uitslae van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen vanaf 2021 tot 2025 dui egter daarop dat dit moontlik nie die beleving van die meeste Afrikaans EAT-leerders is nie. Hierdie eksamenuitslae vir Afrikaans EAT dui op 'n afname in prestasie. Wat verder veront-rustend is van hierdie uitslae, is dat die graad 12-leerders landwyd oorwegend veel swakker in vraestel 2 (letterkunde) as vraestel 1 (taal in konteks) gevaar het (Gautengse Departement van Onderwys 2023, 2025).

Van die 93 813 leerders wat in 2021 geskryf het, het 8,7% nie vraestel 1 geslaag nie, teenoor 48% wat nie vraestel 2 geslaag het nie (DBO 2022). Dieselfde kommerwekkende tendens is ook duidelik in die uitslae van 2022, waar 98 046 leerders die eksamen geskryf het en 9,7% nie vraestel 1 geslaag het nie, teenoor 52% wat nie vraestel 2 geslaag het nie.

'n Verdere onrusbarende feit wat saam met die genoemde resultate bekend gemaak is, is dat die leerders wat Afrikaans EAT neem digby dubbel die getal is wat Afrikaans Huistaal neem. In 2021 het 44 909 leerders Afrikaans Huistaal geneem teenoor 85 952 leerders wat Afrikaans EAT geneem het (DBO 2021:341). In 2023 was daar 48 385 leerders wat Afrikaans Huistaal geneem het teenoor 97 654 Afrikaans EAT-leerders (DBO 2023:54). In Suid-Afrika word Afrikaans Huistaal in skole wat Afrikaans as hul amptelike taal het, aangebied, terwyl Afrikaans EAT in skole met Engels as die amptelike taal aangebied word. In sommige skole word Afrikaans wel as huistaal én EAT aangebied. Afrikaans EAT ding egter ook mee met Zoeloe, Tswana, Ndebele, Xhosa, Pedi, Sotho, Siswati, Venda en Tsonga as ander moontlike addisionele tale.

Die afgelope twee jaar (2024 en 2025) is daar steeds geen radikale verbetering ten opsigte van vraestel 2 se uitslae nie, ten spyte van die groot aantal leerders wat Afrikaans EAT neem. Twee aspekte behoort uitgelig te word wanneer hierdie gegewens beskou word. Eerstens is die letterkunde-vraestel waarin leerders so swak gevaar het deel van die assessering van Afrikaans EAT. Tweedens is Afrikaans EAT 'n vak wat dringend uitgebou behoort te word in ag genome die agtergrond van Suid-Afrika se kulturele en politieke geskiedenis.

Cloete en Engelbrecht (2014:41) herinner ons daaraan dat die Afrikaansonderwyser voor die uitdaging staan om multitaligheid te bevorder. Volgens Cloete en Engelbrecht (2014:29) word hierdie taaluitbouproses van Afrikaans as 'n eerste addisionele taal negatief gekleur deur die politieke en historiese agtergrond van Suid-Afrika sowel as die etikettering van Afrikaans as taal van onderdrukking. Hierdie negatiwiteit mag, in 'n mindere of meerdere mate, ook 'n invloed in die Afrikaans(letterkunde)klas hê. Die uitdagings vir Afrikaansonderwysers ten opsigte van die aanwakker van entoesiasme vir dié taal as 'n eerste addisionele taal is 'n onbenydenswaardige aspek van hul onderrigtaak.

Vir Afrikaans EAT-onderwysers, leerders in Afrikaans EAT-klasse en dosente wat voornemende Afrikaansonderwysers oplei, is die ontstellend hoë driuipsyfer in die Nasionale Senior Sertifikaat-letterkunde-vraestel vir Afrikaans EAT 'n probleem van onmiddellike belang. Dit bied 'n uitdaging op nasionale vlak wat dringend aandag vereis.

## 2. Probleemstelling en doel

Hierdie navorsingsartikel steun, ten opsigte van probleemstelling, sterk op die swak uitslae binne Afrikaans EAT. Verskeie ander navorsers het reeds probleme en uitdagings, spesifiek in die veld van letterkunde-onderrig in die EAT-klas, in Suid-Afrikaanse skole ondersoek. Hulle



is, onder andere, Rothman (2016), Schultz en Le Cordeur (2019), Anker (2023) en Van Wyk, Vos en Du Plessis (2025).

Rothman (2016:iii) se magisterverhandeling behels 'n ondersoek na die spesifieke temas, ruimtes en kulturele agtergronde wat Afrikaans EAT-leerders se belangstelling daarin, en dus in Afrikaanse verhaalkuns as sulks, behoort te prikkel. Rothman probeer ook vasstel in watter mate kortverhale binne die taakgebaseerde benadering vir die leer en onderrig van tweede tale gebruik kan word ten einde die onderrig en leer van letterkunde te vernuwe en te verruim.

Schultz en Le Cordeur (2019) probeer vasstel of daar 'n groot genoeg verskeidenheid sosiale kontekste in die voorgeskrewe werke uitgebeeld word om alle leerders in die Verdere Onderwys- en Opleidings- (VOO-) fase te akkommodeer, en maak voorstelle vir die moontlike verbeteringe wat aangebring kan word. In die afdeling “Bou 'n brug: Afrikaans-onderrig in die praktyk” in *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril* poog Cloete en Engelbrecht (2014) om 'n brug te bou tussen die teorie en praktyk vir die suksesvolle leer en onderrig van Afrikaans vir huistaal- en tweedetaalsprekers van Afrikaans. Etlike voorbeeldlesse, waar ook letterkunde-onderrig ingesluit word, word gebruik ter demonstrasie van hoe om die praktiese toepassing met die teorie te versoen.

Anker (2022) identifiseer leesbegripstrategieë en die onderrig daarvan as 'n reuseprobleem in al die onderwyssektore, insluitend die EAT-konteks. Van Wyk, Vos en Du Plessis (2025:567) beklemtoon dat leesbegrip 'n groot rol speel in die leerders se belewenis van voorgeskrewe tekste. Hulle konsentreer op die samestelling van 'n leerdergesentreerde onderrigraamwerk vir Afrikaans EAT-onderwysers met die klem op selfgerigte lees. Voorts benadruk sy dat die negatiewe houding van leerders tot onbevredegende akademiese prestasie kan bydra.

*Motivering* is nie 'n onbekende konsep nie. Motivering kan as 'n dryfkrag agter menslike gedrag beskou word, soos duidelik blyk sedert die navorsing van onder andere Bronfenbrenner (1979), waarin daar bevind is hoedat belangstelling en genot prestasie kan beïnvloed. Bronfenbrenner (1979) se ekologiesesisteemteorie behels dat positiewe omgewingsfaktore (onder meer die positiewe omgewings wat in ouerhuise, klaskamers en gemeenskappe geskep word) tot leerders se motivering bydra. In Wigfield en Guthrie (2010) se navorsing oor leesmotivering bou hulle voort op die bevindings van Bronfenbrenner. Hulle demonstreer hoe intrinsieke motivering, byvoorbeeld wanneer iets inherente bevrediging verskaf, tot 'n hoër vlak van betrokkenheid en prestasie lei – 'n beginsel wat ook met betrekking tot die lees van tekste geld.

Teen die agtergrond van die groot verskil tussen die uitslae van vraestel 1 en die veel swakker uitslae van vraestel 2, is bogenoemde verband tussen die inherente bevrediging en die betekenisvolle beleving van Afrikaanse leestekste op skoolvlak, en hoër prestasie in die Afrikaans-letterkundevraestel in Afrikaans EAT, belangrik. Die bevindings deur navorsers soos Bronfenbrenner (1979) en Wigfield en Guthrie (2010) oor motivering as 'n dryfkrag agter menslike gedrag, vorm die basis vir die afleiding dat die swak akademiese prestasie wat hier ter sake is, waarskynlik toegeskryf kan word aan 'n negatiewe ervaring van literêre tekste en/of letterkundeonderrig in Afrikaans EAT-klaskamers.

Die doel van hierdie navorsing is om die verruiming van teksbeleving, -interpretasie en -reaksie as een moontlike teenvoeter vir die swak prestasie van graad 12- Afrikaans EAT-leerders in die letterkundevraestel te ondersoek. Ons wil toon hoe resepsieteoretiese en 'n eietydse literêr-

teoretiese benaderingswyse – gedemonstreer aan die hand van die ekokritiek – as brug kan dien om literêre-analitiese diepgang met die onderrigpraktyk vir Afrikaans EAT (VOO-fase) te integreer.

In hierdie navorsing word daar nie voorgestel dat daar van die leerder verwag word om insigte uit resepsieteoretiese teksontleidings te kan toepas nie. In hierdie navorsingsartikel sal daar gefokus word op hóé die onderwyser bepaalde insigte, vanuit 'n resepsieteoretiese teksontleiding en deur die gebruik van die literêre-teoretiese beginsels van ekokritiek na die klaskamer kan bring as verryking vir die leerders.

### 3. Teoretiese begroning: resepsie-estetika-teorie

Die resepsie-estetika-teorie as keuse vir die ondersoekmetode wat die onderwyser bemagtig om VOO-leerders in die Afrikaans EAT-klaskamer tot 'n wyer en meer bevredigende begrip vir en interaksie met die teks te lei, word voorts gemotiveer.

Daar het in formele benaderings tot literêre ondersoek oor tyd heen verskeie klemverskuiwings plaasgevind. In dieselfde periode as die fokus op strukturalisme<sup>1</sup> en die semiotiek<sup>2</sup>, wat die outonomie van die literêre teks aangehang het, ontwikkel die Duitse resepsie-estetika-teorieë wat as lesergerigte benaderings geklassifiseer is (Du Plooy en Viljoen 2013). Die resepsie-estetika-teorie kan kortweg beskou word as die studie van die aard en moontlikhede van literêre resepsie. Dit is egter van belang dat die begrip *resepsie* hier in die ruimste sin van die woord begryp moet word, soos deur Du Plooy en Viljoen (2013) beklemtoon. Resepsie gaan nie bloot om die passiewe ontvangs van die literêre teks nie, maar veral ook om die verwerking, assimilasië en die gestaltegewing of konkretisering daarvan deur die leser – waar konkretisering verwys na die leser se verwerking van 'n literêre werk gedurende die leesproses.

Daar is twee hoofbenaderings in die resepsie-estetika-teorie: by *teksresepsie of -ontvangs* word die teks bestudeer met die oog op die reaksie van die leser as die ontvanger van die teks. By *resepsie-ondersoeke* word empiriese ondersoeke onderneem om werklike lesersreaksies deur middel van vraelyste vas te stel (Du Plooy en Viljoen 2013).

Die grondleggers van die resepsie-estetika-teorie is die Duitse literatuurteoretici Hans Robert Jauss en Wolfgang Iser, wat hul ondersoekrigting in die literatuurstudie die *resepsie-estetika* genoem het. Vir hulle dui die *resepsie* van tekste op die leesaktiwiteit, die leser se reaksie op die gelese teks of tekste en die betekenis wat uit en deur die teks deur die leser geskep word (Cloete en Engelbrecht 2014:247).

Jauss het op die *verwagtingshorison* gefokus, wat stel dat 'n leser 'n teks met 'n sekere verwagting en voorafkennis benader, met ander woorde die leser bring 'n stel verwagtinge, norme en sy/haar kulturele waardes na 'n teks (Mambrol 2018). Iser verwys weer na die *oop plekke* wat in 'n teks se ongeskrewe gedeeltes voorkom en wat self deur die leser se verwysingsraamwerk en agtergrond ingevul word. Daar is, met ander woorde, veel wat ongesê is en wat die leser moet invul; deur die aktiwiteit van die leser word die potensiele struktuur van die verhaal tot leserswerklikheid gemaak (Segers 1980:39–42). Cloete en Engelbrecht (2014:247) verduidelik dat 'n literêre teks geskryf word met 'n spanningslyn wat sekere narratiewe veranderings en verrassings meebring. Hierdie veranderings lei dan, volgens Iser se “invul van oop plekke deur die lesers”, tot 'n aktiewe en subjektiewe leesproses wat soos 'n spieël optree omdat dit sekere aspekte van lesers aan hulself openbaar.

Die resepsieteoretiese benadering tot letterkunde het as kern die verhouding tussen die leser en die teks; die klem val op die uitwerking van 'n teks op die leser. Die leser (in ons navorsing die Afrikaans EAT-onderwyser) het die geleentheid om literêr-analistiese diepgang met die onderrig-praktyk vir Afrikaans EAT (VOO-fase) te integreer aan die hand van hierdie werkwyse.

Die resepsie-estetika-teorie en die onderrig- en leerbenaderings wat die KABV vir Afrikaans EAT in die VOO-fase voorskryf, is volledig versoenbaar. Die lesergerigte resepsieteorie, waar die teks bestudeer word met die oog op die wyse waarop die lesers daarop reageer en betekenis vanuit die teks konstrueer, bied oortuigende aansluitingspunte met die konstruktivistiese onderrig- en leerbenadering, wat die grondslag van die KABV vorm en in afdeling 5 belig word.

Die resepsie-estetika-teorie moet egter nie as 'n eenduidige, afgebakende benadering beskou word nie. Daar is reeds na die twee hoofbenaderings verwys. In die teksresepsiebenadering wat in dié navorsing gevolg is, word met die term *resepsieteorie* verwys na 'n oorkoepelende benadering tot letterkunde waaronder verskeie benaderingswyses ingesluit kan word en waarvan ekokritiek vir ons navorsing geskik is. Hierdie artikel is gebou rondom die doelwitgerigte benutting van ekokritiek.

#### 4. Literatuurondersoek

Ons fokus vir die literatuurondersoek was op ekokritiek, letterkundeonderrig en Afrikaans Eerste Addisionele Taal.

##### 4.1 Ekokritiek

Die bereiking van die oorkoepelende doelstelling met ons artikel is gekoppel aan die vereiste dat onderwysers gelei sal moet word in die praktiese toepassing van resepsieteoretiese en ander eietydse benaderings tot letterkunde en hoe dit tot voordeel van die leerder se beleving van die teks benut kan word. Vir die ekokritiese ontleding van voorgeskrewe literêre werk, wat in hierdie artikel aan bod kom, sou die onderwyser bykomende leiding oor ekokritiek nodig hê naas dit wat verkrygbaar is in die handleidings waarmee tekste volgens tersaaklike verhaal-, drama- of poësie-aspekte ontleed en geïnterpreteer word.

Meyer en Smith bied 'n omvattende begripsomskrywing van die term *ekokritiek* in die aanlyn literêre naslaanwerk *Literêre terme en teorieë* (Cloete en Viljoen 2025). *Ekokritiek* word breedweg beskou as die studie van kultuurprodukte – onder meer kunswerke, literêre tekste en wetenskaplike teorieë – wat die verhouding sowel as die interaksie tussen die mens en die natuurlike omgewing ondersoek, met die niemenslike en nielewende wêreld hierby ingesluit (Meyer en Smith 2025). Childs en Fowler (2006:65), twee internasionale pioniers in die veld van ekokritiek, se meer uitgebreide beskrywing dra ook steeds gesag:

[*Ecocriticism* is] the study of literary texts with reference to the interaction between human activity and the vast range of 'natural' or non-human phenomena which bears upon human experience – encompassing (amongst many things) issues concerning fauna, flora, landscape, environment and weather.

Ekokritiek kan 'n waardevolle benaderingswyse wees vir die ontleding van voorgeskrewe skoolwerke, op die vlakke van Afrikaans EAT sowel as Huistaal, wanneer daar gepoog word om te illustreer dat die resepsieteoretiese ondersoekmetode 'n brug kan vorm tussen literêre-analitiese praktyk en klaskamerpraktyk. Een van die doelwitte in die KABV vir Afrikaans EAT in die VOO-fase (DBO 2011:5) is om leerders as verantwoordelike burgers voor te berei vir die toekoms – een waar die globale omgewingskrisis dringende aandag vereis. Die invloedryke Duitse ekokritikus Goodbody beklemtoon in die redakteursbrief van *Ecozon@* – 'n internasionaal geakkrediteerde tydskrif toegewy aan die veld van ekokritiek – dat die aarde besig is om kritieke kantelpunte te bereik wat tot snelle en onomkeerbare verandering kan lei en die lewe op aarde onmoontlik kan maak (Goodbody 2020:ii). Te midde van die rampspoedige gevolge van COVID-19 in 2020 waarsku Goodbody (2020:ii) dat die pandemie se gevolge vir ons ekonomie van verbygaande aard mag wees en die langtermynuitwerking daarvan op ons lewenswyse moontlik gering mag wees in vergelyking met dié wat klimaatsverandering op ons lewens kan uitoefen.

In die KABV vir Afrikaans EAT in die VOO-fase (DBO 2011:5) word in die vooruitsig gestel dat leerders “verantwoordelikheid teenoor die omgewing” sal toon en sal “begryp dat die wêreld 'n stel verwante stelsels is waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie”. Die tipe leesteks wat deur hierdie algemene uitkoms in die KABV voor die gees geroep word, is ekotekste. Dit is tekste wat met omgewingsprobleme en -kwessies gemoeid is of waarin aspekte van mens-natuur-verhoudings, -interaksie, -interafhanklikheid of -beïnvloeding 'n rol speel (Meyer en Smith 2025). Kotzé (2014:1) voer tereg aan dat ekotekste lesers toenemend konfronteer met die plek van die mens in die geheel van die geskape werklikheid en die intelligente, reaktiewe leser dwing om met omgewingskwessies in literêre werke in gesprek te tree. Ook Koen (2023:72) wys daarop dat 'n ekoteks ons dwing om kritiese vrae oor ons voortbestaan op aarde te vra en ons verhouding met die natuurlike omgewing te herevalueer. Asof in aansluiting by die huidige diskoers met betrekking tot ekotekste, verwys die KABV (DBO 2011:28, 29, 31, 32) na die leser se betekeniskeppende interaksie met en reaksie op die teks as kreatief en persoonlik. Hierdie soort interaksie mag, in antwoord op omgewingsvraagstukke, kritiese en probleemoplossende denke inspireer. Ekokritiek, as metode vir literêre ondersoek, beskik oor die potensiaal om lesers tot “verantwoordelike en doeltreffende bestuur van hulself en hulle aktiwiteite” te motiveer, in ooreenstemming met die algemene doelwitte van die KABV vir VOO-leerders (DBO 2011:5). Dit sou ook in lyn met die infasering van die beginsels en praktyk van omgewingsgeregtigheid van die Grondwet van Suid-Afrika wees, soos dit in die KABV (DBO 2011:5) as ideaal gestel word.

Die uitgangspunte van ekokritiek bied duidelike ondersteuning vir die KABV se kerndoelstellings. Volgens die KABV vir Afrikaans EAT in die VOO-fase (DBO 2011:5) staan mense-regte, inklusiwiteit en omgewings- en sosiale geregtigheid sentraal ten opsigte van die infasering van bepaalde beginsels, soos in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf, vir die onderrig van tale in die Suid-Afrikaanse konteks. In die KABV (DBO 2011:5) word die taalonderwyser en die leerder bewus gemaak van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid asook menseregte wat kwessies rakende diversiteit weerspieël, onder meer armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom en gestremdhede. In ons artikel sal die groot potensiaal van die literêre studieveld van ekokritiek om tot die aktiewe betrokkenheid van die leser ten opsigte van omgewingsgeregtigheid te lei, uitgelig word.

#### 4.2 Letterkundeonderrig

Letterkundeonderrig op skoolvlak word beskou as begeleiding in die bestudering van literêre tekste met die doel om die tekste te kan beoordeel en daarop te reageer (DBO 2011:14). Die studie van letterkunde speel volgens Rothmann (2016:40) 'n positiewe rol wat veral twee aspekte van leerders se opvoeding betref. Eerstens stel dit hulle bloot aan verskillende kulture en die outentieke taalgebruik van karakters met verskillende geografiese en sosiale dialekte, en daarmee saam word leerders se eie kommunikasievaardighede verbeter. Hierdie blootstelling het ook die potensiaal om leerders se empatie, respek en verdraagsaamheid ten opsigte van ander groepe in die gemeenskap te bevorder. Hierdie aspek van letterkundeonderrig is uiteraard belangrik in die Suid-Afrikaanse milieu met sy wye kulturele en etniese spektrum waaraan leerders blootgestel word. Tweedens beklemtoon Rothmann (2016:40) die rol van letterkundeonderrig ten opsigte van leerders se estetiese waardering vir letterkunde. Sy motiveer die groot invloed daarvan op die ontwikkeling van leerders se literêre belangstelling en smaak (Rothmann 2016:40).

Burger (2015:1) is dit eens dat die doel van letterkunde is om lesers (leerders) uit te daag, hulle oor hul eie beskouings te laat nadink en hulle bewus te maak van ander moontlike maniere om na hulleself en die wêreld te kyk. Cloete en Engelbrecht (2014:245) meen die belangrikste rede vir die lees van letterkunde in die klaskamer is om vir leerders 'n sensitiwiteit vir die gebruik van taal – “subtiel, intelligent, verbeeldingryk en vindingryk” – aan te leer en hul horisonne van kennis en bewustheid buite die klaskamer en hul eie omstandighede te verbreed.

Histories beskou is daar, wat benaderings tot literêre onderrig en leer betref, op verskillende aspekte van die literêrekommunikasiemodel (skrywer, teks en leser) gekonsentreer. Wanneer daar in die teksontleding op die skrywer van die teks gefokus word, word die *positivistiese* benadering gevolg (Cloete en Engelbrecht 2014:246). Volgens hierdie benadering is die skrywer se lewensomstandighede en persoonsaard, tesame met die sosiohistoriese werklikheid, bepalend in die beskouing van die literêre werk. Die strukturalisme en semiotiek het die grondslag van taalonderwysers se opleiding gevorm in die tyd toe die teks in isolasie benader is en faktore soos die konteks waaruit die literêre werk ontstaan het, buite rekening gelaat is (Cloete en Engelbrecht 2014:246). Volgens hierdie benadering word die teks ontleed slegs ten opsigte van die teks- en taalaspekte wat daarin aangetref word. Hoewel dit steeds deur Cloete en Engelbrecht (2014:246) as 'n bruikbare en betroubare benadering beskou word, aangesien die leser tog die “tekens” wat in die spesifieke teks mag voorkom, behoort te dekodeer, het die resepsieteorie 'n stewige vastrapplek in eietydse teksontleding gekry. Die rol van die leser word die middelpunt van die aandag, soos in afdeling 3 uitgewys is. Die resepsieteoretiese benadering wil leerders help om, uit die ‘gesprek’ tussen die leser en die gelese teks, 'n eie interpretasie te maak deur hul kreatiewe en persoonlike belewing daarvan (Cloete en Engelbrecht 2014:247).

Die resepsieteorie, gekenmerk deur die persoonlike leserinterpretasie van letterkundige tekste, sluit as't ware naatloos aan by die konstruktivistiese onderbou van die KABV (DBO 2011). Die beginsels van die konstruktivisme word in afdeling 5 aangebied.

#### 4.3 Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Taalverwerwing kan as 'n natuurlike proses beskou word (Cloete en Engelbrecht 2014:5). Kinders se taalinstink is kragtig en die meeste kinders leer van vroeg af reeds om 'n paar tale te praat, veral in 'n multitalige land soos Suid-Afrika waar baie kinders reeds Engels, Afrikaans



en nog een van die twaalf amptelike tale praat. Cloete en Engelbrecht (2014:5) stel dit baie duidelik dat taalverwerwing nie deur aangeleerde klanke geskied nie, maar deur middel van nabootsing en blootstelling. Met die aanleer van 'n addisionele taal word daar na die maak van foute gekyk as die invloed van die moedertaal op die doeltaal (Cloete en Engelbrecht 2014:9). Hierdie verskynsel is ook waar van Afrikaans as 'n addisionele taal. Leerders maak foute wat hoofsaaklik teruggespoor kan word na die invloed van hul moedertaal op die doeltaal, in hierdie geval Afrikaans.

In die Afrikaans EAT-klaskamer is die vertrekpunt van die onderwys dat die leerders nie noodwendig enige kennis van die taal het waarin hulle onderrig word nie. Cloete en Engelbrecht (2014:11–2) verwys na Cummins (1980) se steeds geldende onderskeid tussen basiese interpersoonlike kommunikasievaardighede en kognitiewe akademiese taalvaardigheid. Daarom is dit belangrik dat die taalfondament sterk gelê word in die Grondslagfase. In die Intermediêre en die Senior fases en in die EAT-klas leer leerders hoe om meer ingewikkelde konsepte te benader en word daar hoofsaaklik op leerders se luister-, praat-, lees- en skryfvaardighede gefokus. Vanaf graad 8 word meer klem op dink- en redeneervaardighede geplaas. Vanaf graad 10 moet leerders gereed wees om akademiese take met behulp van hulle tweede taal uit te voer.

Dit is vir Cloete en Engelbrecht (2014:10) duidelik dat taal altyd gemakliker en meer geslaagd aangeleer word in 'n omgewing wat natuurlike gespreksituasies naboots. Hierdie beginsel dien as ondersteuning van onderrig in die eerste addisionele taal.

## **5. Dokumentontleding: riglyne vir voorgeskrewe literêre tekste volgens die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring**

Eerstens word die Afrikaansonderwyser vir die doel van teksontleding gelei deur die onderrigmetodes of -benaderings vir letterkundeonderrig in die amptelike beleidsdokument van die DBO vir Afrikaans EAT in die VOO-fase, naamlik die KABV (DBO 2011) vir hierdie vak en fase.

Alhoewel die KABV (DBO 2011) nie voorskriftelik is oor watter benaderingswyse in die klaskamer gebruik moet word nie, word daar binne die raamwerk van hierdie beleidsverklaring gebruik gemaak van hoofsaaklik konstruktivistiese onderrig- en leerbeginsels. *Konstruktivisme* is 'n onderwys- en filosofiese teorie wat leerdergerigtheid beklemtoon. Volgens Vygotsky (1978:85) is die rol van die leerders hoofsaaklik om idees of kennis te konstrueer en verantwoordelikheid te neem vir hul eie leerprosesse. Taalonderwysers kan leerders uitdaag tot verbeterde denkvlakke, volgens Vygotsky se sone van proksimale ontwikkeling.

Cloete en Engelbrecht (2014:78) sluit aan by die konstruktivistiese onderrigbenadering wat beklemtoon dat leer die beste plaasvind met behulp van leerdergesentreerde aktiwiteite aan die hand van ondersoekende en ontdekkende leerbenaderings in 'n ondersteunende leeromgewing. Die rol van die onderwyser is om as 'n begeleier in die onderrigleerproses op te tree, waar leerders aangemoedig word om waagmoedig te wees. Leerders bring met hul kennis en ervarings verskillende perspektiewe na die leerproses vir doeltreffende leer.



Die vak Afrikaans word in vier taalvaardighede vir onderrig- en leerdoeleindes verdeel, naamlik *luister en praat, lees en kyk, skryf en aanbied* en *taalstrukture en -konvensies*. *Lees en kyk* is die taalvaardigheid wat in hierdie navorsing onder die loep geneem is. Hierdie taalvaardigheid word in die KABV (DBO 2011:13) as 'n proses voorgestel, bestaande uit prelees, (tydens) lees en postlees.

Lees vir begrip word as 'n komplekse kognitiewe proses beskou wat verder strek as net die dekodering van woorde. Dit behels begrip, interpretasie en betekeniskepping deur middel van die teks. Die ontwikkeling van doeltreffende leesbegripstrategieë is van groot waarde in die aanleer van 'n addisionele taal; verskeie van hierdie strategieë is uiteengesit as deel van die letterkundeonderrig- en leerproses soos deur die KABV aan onderwysers voorgehou. Voorts word daar gefokus op die leer en toepassing van die onderskeie kenmerke van literêre tekste. Laastens word leerders aangemoedig om selfstandig en uitgebreid te lees.

Tekste word bestudeer met die oog op begrip, met ander woorde om die teks se inhoud te verstaan, asook op die lees van tekste vir formele letterkundeonderrig. Die ontleding van tekste vind volgens literêre en narratologiese kenmerke plaas.

Uit die Nasionale Letterkunde-katalogus moet skole twee genres vir Afrikaans EAT kies om te bestudeer en te assesser. Hierdie genres sluit 'n drama, 'n roman, kortverhale en gedigte in. Filmstudie kan ook as 'n vyfde genre in graad 10 en 11 bestudeer word, hoewel dit volgens die KABV (DBO 2011:14, 28) slegs ter verryking mag geskied. Dit beteken dat filmstudie nooit formeel geassesseer mag word nie.

In die raamwerk van die KABV is daar sekere aspekte waarop die onderwyser tydens die letterkundeonderrigproses moet fokus. Eerstens moet leerders volgens die KABV (DBO 2011:14) die kenmerkende eienskappe van elke genre verstaan en kan identifiseer. Die kenmerkende eienskappe verwys derhalwe na daardie eienskappe wat uniek is aan elke literêre genre. Leerders behoort ook in staat te wees om figuurlike taalgebruik te identifiseer en die funksionaliteit daarvan binne die konteks te verduidelik. Die figuurlike sluit beeldspraak en stylfigure in. Leerders behoort uiteindelik ook tussen die tema en die boodskap, oftewel die skrywer se bedoeling met die skryfstuk, te kan onderskei (DBO 2011:14).

Die leesproses begin met wat as die *preleesfase* bekendstaan. Volgens die KABV kan hierdie fase beskou word as 'n inleidings-, bekendstellings- en ontsluitingsfase waar voorafkennis en vereenselwiging geaktiveer word deur middel van vlug- en soeklees (DBO 2011:28). 'n Verdere belangrike onderafdeling in hierdie fase is die hantering van nuwe woordeskat wat vir leerders onbekend mag wees. Die hantering van nuwe woordeskat in die leesproses kan gesien word as een van die belangrikste punte in die leesproses, veral in die Afrikaans EAT-klaskamer, juis omdat die leerders nie die literêre teks ten volle kan begryp sonder dat belangrike woordeskat vooraf deur die onderwyser ontsluit word nie. In die preleesfase word daar volgens die KABV (DBO 2011:28) van verskeie leesbegripstrategieë gebruik gemaak om kennis vir die leerders te aktiveer. Hierdie aktivering van voorkennis en die bespreking van die agtergrond lei dan tot 'n volgende leesbegripstrategie, naamlik voorspelling. Leerders maak in hierdie strategie gebruik van hul voorkennis en die klasbespreking om 'n voorspelling oor die verloop (plot of intrige) van die drama te maak (DBO 2011:28).

Die volgende fase in die leesproses behels die *lees* van die literêre teks. In hierdie fase fokus die onderwyser en die leerders op die aktiewe begrip van die teks. Buiten dat leerders deurentyd aanvullende aantekening behoort te maak tydens die leesproses, is woordontledingsvaardighede en kontekstuele leidrade noodsaaklike leesbegripstrategieë om woordbetekenis te verhelder. Ander belangrike leesbegripstrategieë wat in die KABV (DBO 2011:28) aangedui word, is die skep van verbintenisse, monitering van begrip en die aanpassing van leesspoed volgens die moeilikheidsgraad van die teks. Voorts kan visualisering en die maak van afleidings die leerders betrokke hou by die leesproses. Uiteindelik moet leerders aangemoedig word om hoofgedagtes te kan identifiseer en hulle moet insig toon in die woordkeuse en taalstrukture. Dit is ook belangrik dat leerders die tekssoort sal kan herken volgens die teksstruktuur en die taalkenmerke daarvan.

Die laaste fase in die leesproses staan as die *postleesfase* bekend. Gedurende hierdie fase word die teks as 'n geheel beskou en kry die leerders 'n geleentheid om daarop te reageer. Nadat die teks gelees is, kan 'n klasgesprek plaasvind oor die inhoud van die literêre teks en ook die emosionele konnotasies van die teks. Dit is belangrik om leerders in hierdie fase bewus te maak van sowel die inhoudelike as die dieper betekenis wat in die teks opgesluit is. Hierna kry leerders die geleentheid om vrae oor die teks te beantwoord vanaf 'n laer orde tot 'n hoër orde. Vir leerders om vrae oor 'n teks suksesvol te beantwoord, is dit nodig dat hulle met begrip kan lees. Vir hierdie doel behoort hulle vergelykings te kan tref, te kan kontrasteer en sintetiseer, evalueer, tot gevolgtrekkings kom, 'n eie opinie kan lug, en die genre in 'n eie skryfstuk kan reproduseer (DBO 2011:29).

Daar bestaan verskeie onderwysgidse wat voorskrifte en riglyne vir letterkundeonderrig in Afrikaans EAT in die VOO-fase bied, en wat die KABV ondersteun in die ontleding van voorgeskrewe literêre tekste volgens die narratologiese, poëtiese of drama-aspekte. Die Departement van Basiese Onderwys skryf die onderwysgidse voor wat deur onder meer Best Books en Pearson-uitgewers uitgegee is as riglyne vir letterkundeonderrig in die Afrikaans EAT-klaskamer.

In hierdie onderwysgidse vir dramatekste is 'n inleiding oor die preleesfase van die drama, 'n opsomming van die drama in Afrikaans en Engels, 'n opsomming en bespreking van die belangrikste gegewens in elke toneel, 'n ontleding van die dramaties-narratologiese aspekte, woordeskatontwikkeling en eksamenvoorbereiding in die vorm van kontekstuele vrae.

Ondanks die beskikbaarheid van gidse wat onderwysers in die Afrikaans EAT-klassituasie help om voorgeskrewe literêre tekste te ontleed, met aandag aan die belangrikste genrespesifieke literêre aspekte in elkeen, toon die uitslae in die NSS dat hierdie konvensionele manier van ontleding alleenlik tot dusver nie goeie resultate kon lewer nie.

Die motivering vir hierdie navorsing lê in die klaarblyklike behoefte daaraan om vir die onderwyser iets méér te bied in hul letterkundeonderrigtaak. Dit wil voorkom of leerders 'n meer betekenisvolle en waardevolle belewing van voorgeskrewe tekste nodig het om in vraestel 2 te kan presteer. Met hierdie gegewe as vertrekpunt verskuif die aandag in hierdie artikel na die bykomende literêr-teoretiese benaderingswyses om die verruiming van teks-belewing, -interpretasie en -reaksie as een moontlike teenvoeter vir die swak prestasie van Afrikaans EAT-leerders in die letterkunde-vraestel te ondersoek. Na hierdie ondersoek-benaderings word daar wel nie direk in die KABV verwys nie, maar elkeen van hulle bied op 'n unieke wyse 'n demonstrasie van lesergerigte beginsels wat vir letterkundeonderrig aanbeveel word.

'n Belangrike uitgangspunt in die beoogde teksontledings van voorgeskrewe dramatekste is dat dit deurgaans oor die verryking van die onderwyser gaan. Onderwysers sou van bogenoemde literêr-teoretiese ondersoekbenadering gebruik kon maak in die voorbereiding vir klasse, hoewel daar nie van die leerder verwag word om hierdie literêre teorie te bestudeer en toe te pas nie. Die idee is eerder dat dit die onderwysers se denkraamwerk verander en neerslag sal vind in hulle klaspraktyk. Leerders met 'n sterk literêre belangstelling sou wel, volgens die vrae wat hulle mag stel, met basiese konsepte uit die teorie toegerus kon word.

Alhoewel dit in die KABV (DBO 2011:14) gestel word dat leerders nie 'n teoretiese ontleding van 'n literêre teks hoef te doen nie, verhoed dit nie die onderwyser om insigte uit 'n literêr-teoretiese ontleding van voorgeskrewe tekste te benut om die onderrigproses te verdiep nie. Juis in sulke ontledings van literêre tekste lê 'n rykdom van moontlikhede om leerders positief te motiveer vir die voorgeskrewe tekste. Leerders se positiewe ingesteldheid jeens hierdie tekste raak tans verlore, omdat min onderwysers die moontlikhede en waarde hiervan insien.

Voorts sal daar geïllustreer word hoe die winste uit teksontledings aan die hand van die ekokritiese ondersoekmetode na die klas geneem kan word.

## 6. Teksontleding van twee voorgeskrewe dramas vanuit die ekokritiese perspektief

Tekste uit die korpus van voorgeskrewe werke vir die taalvlak en fase waarop hierdie artikel toegespits is en wat op grond van hul geskiktheid vir ontleding deur die lens van ekokritiek gekies is, verteenwoordig die drama as genre. Hierdie dramatekste is *Die laaste karretjiegraf* (2013) deur Riana Steyn en Athol Fugard en *Betower: die drama* (2015) deur Fanie Viljoen. Die twee dramas is gekies uit die nuutste beskikbare lysie van voorgeskrewe werke vir al die genres van Afrikaans EAT in die VOO-fase.

Aangesien 'n tradisionele teksontleding volgens die narratologiese aspekte nie binne die raamwerk van hierdie artikel vereis word nie, word slegs 'n kort oorsig oor die betrokke teks gebied voordat die teks vanuit die teoretiese begroning van ekokritiek ontleed word.

Die dramatekste wat gebruik word om vir onderwysers te demonstreer hoe teksontleding volgens bepaalde resepsie-estetika-benaderingswyses aangepak kan word – in hul voorbereiding vir letterkundeonderrig en om daarna hierdie onderrig meer leerder-tersaaklik en lewenstoepaslik te maak – is op die vaardigheidsvlak van leerders in die Afrikaans EAT-klaskamer. In die ontledings wat volg, word daar egter getoon dat leerders se begrip en waardering van tekste kan verruim. Dit kan gedoen word wanneer daar vanuit 'n nuwe hoek van tersaaklikheid gewerk word wanneer leerders met kwessies rakende die kwynde simbiose tussen hulleself en die aarde, hul enigste habitat, gekonfronteer word.

In hul navorsing lig Smith (2022) en Meyer (2021) temas in die Afrikaanse letterkunde uit wat die aandag van ekokritici vasvang. Twee van die temas waarop Meyer (2021:87–8) die aandag vestig, is tersaaklik vir die ontleding van die gekose tekste: a) die mens se interaksie met die natuur, met verskillende vergestaltings van die nielewende sowel as die lewende niemenslike by die term *natuur* ingesluit; en b) die positiewe rol wat die natuur en natuurlike omgewing in die mens se welstand speel. Dit is hierdie temas wat 'n verskeidenheid van gestaltes aanneem in die twee dramas wat in die volgende afdeling ontleed word. In sommige van die gekose

tekste staan die ongenaakbaarheid van die natuur uit en loop die karakters hulle vas teen aspekte daarvan wat hulle laat steier. Die ontleding van die mens-natuur-verhouding in hierdie tekste kan derhalwe interessante resultate lewer.

### **6.1 Die laaste karretjiegraf deur Riana Steyn en Athol Fugard**

*Die laaste karretjiegraf* is een van die dramaturg Athol Fugard se latere dramas en ook sy enigste Afrikaanse drama (Steyn en Fugard 2013). Fugard het die drama met behulp van Riana Steyn se navorsing geskryf. Hierdie drama vertel die verhaal van die karretjiemense van die Karoo en beklemtoon hoe moeilik die lewe vir hulle in die postapartheidsera is. Die karretjiemense was destyds versprei oor die Karoo en kon gevind word in die omgewings van Beaufort-Wes, Carnarvon, Cradock en Hanover, Loxton, Middelburg, Noupoot en Prieska, asook in die wêreld van Richmond, Steynsburg en Strydenburg. Die grootste konsentrasie van karretjiemense is rondom Colesberg en Victoria-Wes aangetref (Steyn en Fugard 2013).

Daar was in die vroeë jare negentig na raming 5 000 karretjiemense oor die lengte en breedte van die Groot-Karoo versprei, maar presiese getalle kon nie vasgestel word nie vanweë hierdie mense se nomadiese bestaan. Sedertdien het dié getal dramaties gekrimp, waarskynlik hoofsaaklik as gevolg van die meganisering van nywerhede. Die karretjiemense het hul bestaan as skaapskeerders op Karooplase gemaak en alles wat hulle besit het, is saam op hul donkiekarretjies vervoer. 'n "Staning", die plek waar hulle oornag, kan teen ligdag die volgende oggend verdwyn, met die mense, honde, katte, hoenders, huisware, komberse en sinkplate wat as tydelike skuiling gebruik is daarmee saam – alles op die donkiekar gelaai (Steyn en Fugard 2013:20–1).

*Die laaste karretjiegraf* vertel die verhaal van Koot Geduld, sy ma (ouma Mieta) en kinders Pienkies, Rökkies, Toek-Toek en Outjies. Koot gaan tronk toe ná die moord op sy tweede vrou, en ouma Mieta moet vir Koot se kinders sorg. Ná ouma Mieta se dood word die kinders se stryd om oorlewing in die natuur en ook te midde van die veranderde politieke landskap in ons land rondom die eerste demokratiese verkiesing op 27 April 1994 in Steyn en Fugard se drama uitgebeeld (Steyn en Fugard 2013).

Koot Geduld het reeds in die hof verskyn vir die moord op sy eerste vrou, Katryn, met die lem van sy skaapshêr. Met Koot in die tronk het ouma Mieta haar oor haar vier kleinkinders ontferm en probeer sy met behulp van haar "kieriegeld", haar pensioengeld (Steyn en Fugard 2013:10), na hulle omsien. Die drama begin met die dood van ouma Mieta as gevolg van die koue en harde winter in die Karoo, wanneer Pienkies besef dat hy na sy sibbe sal moet omsien. Hy is vir hulle verantwoordelik en Pienkies moet besluit wat die toekoms vir hom en sy jonger sibbe inhou. Dwarsdeur die drama tree die antropoloog Sarah as verteller op. Sarah ontmoet die Geduld-gesin deur haar navorsing vir haar meestersverhandeling in antropologie. Antropologie behels die studie van mense, en in die konteks van die drama word die karretjiemense as mense wat naby aan die natuur leef, uitgebeeld. Deur hierdie metaforiese uitbeelding word die antropologie en ekokritiek met mekaar in verband gebring.

Die drama begin met die begrafnistoneel van ouma Mieta wat pas begrawe is. Sy kan beskou word as die laaste ware karretjiemens juis omdat Pienkies en die res van haar kleinkinders besluit om ná haar dood weg te beweeg van die karretjieleefstyl. Die karretjiemense kan as afstammelinge van die Khoi-mense van die Karoo beskou word (Steyn en Fugard 2015:7) en het deur hul verbintenis met die Khoi-mense 'n eeue lange band met die aarde en 'n diepe afhanklikheid van die natuur. Die meeste karretjiemense was seisoenale werkers, hoofsaaklik

skaapskeerders van beroep. In die seisoene wanneer daar nie skaap geskeer is nie, was hulle afhanklik van los werkies, meestal op plase, om aan die lewe te bly. Die karretjiemense wat vroeër op die Karoopaai en elders beweeg het, was derhalwe nomadies van aard en het hoofsaaklik in tuisgemaakte huise gebly. Hierdie huise is uit sink en plastiek staangemaak, wat grotendeels bydra tot hul belewing van die natuur as ongenaakbaar.

Die drama speel af in die Karoo – ’n halfwoestynggebied wat as ’n fisiese ruimte hard en ongenaakbaar teenoor die karakters “optree”. Een van die grootste probleme wat Pienkies en sy suster en broers moet trotseer, is die winterkoue. Die koue is soms so fel dat die karakters nie kan slaap nie. Pienkies beskryf die winterkoue as “bitterlik” (Steyn en Fugard 2013:15) en so koud dat die “ys aan die binnekant van die sinkdak gehang het” (Steyn en Fugard 2013:15). Dit is egter nie net die winterkoue wat hul lewens beïnvloed het nie; bedags skroei die son uit ’n wolklose hemel. Hierdie fel son word as ’n bedreigende mag uitgebeeld in Pienkies se vertelling van hoe hulle vir ouma Mieta ’n sitplek onder die skadu van ’n doringbos moes maak wanneer hulle kamp opslaan vir die nag, uit kommer oor die son wat haar lewenslank verniel en kasty het en wat nou, op Ouma se oudag, ’n selfs groter verskrikking inhou (Steyn en Fugard 2013:15).

Die nuwe materialisme, ’n literêre stroming wat in ’n hegte verhouding tot ekokritiek staan, voer aan dat die natuur nie as ’n passiewe sosiale konstruksie beskou kan word nie, maar eerder as ’n beïnvloedende krag wat interaksie met en verandering van ander elemente teweegbring, die mens inkluis (Smith 2012:892). In hierdie drama word die kwessie van die natuur se bepalende invloed op die mens sigbaar wanneer die karakters se lewens in afhanklikheid van hul naturomgewing beskou word.

Toenemende droogtes in groot dele van die Karoo speel negatief op die omstandighede van die karretjiemense in. Die ekonomiese invloed van droogtes op boere hou verband met besluite soos om in die skeerseisoen van hul eie arbeiders eerder as rondtrekkende skaapskeerders gebruik te maak. Die inkomste van hierdie rondtrekkende gesinne word verder geknou deur tegnologiese vooruitgang. Met die verbetering van tegnologie en implemente kon boere weg-beweeg van handarbeid na meganisasie. Verder, met die druk wat droogtes op die sakke van boere plaas, verdwyn die gebruik om karretjiemense in te span vir allerhande los werkies wat nou deur ’n enkele masjien gedoen kan word. Die beïnvloedende krag wat maande en jare sonder reën op die lewens en lot van die karretjiemense uitoefen, is hier ’n duidelike weer-spreking van die idee van die passiwiteit van die natuur.

Die inkomsteverlies van die karretjiegesin in Steyn en Fugard se drama lei tot die groot waterskeidingsmoment vir Pienkies, wat ná ouma Mieta se dood en in sy pa se afwesigheid as gevolg van sy tronkstraf die rol van gesinshoof moet inneem. Pienkies moet besluit of hy en sy broers en suster kan voortgaan om afhanklik van die natuur te leef en of hulle na Tamatiestraat gaan verhuis om ’n beter lewe daar te probeer skep. Tamatiestraat word in die drama beskryf as ’n plek wat ’n “wildernis van drome” is en ook ’n plek van “verydelde hoop en wense” (Steyn en Fugard 2015:30). Volgens die *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (Odendal en Gouws 2005:1161) word met *tamatiestraat* figuurlik gesuggereer dat iemand in die moeilikheid is. Die ironie van hierdie naam lê daarom daarin dat, hoewel Pienkies en sy broers en suster Tamatiestraat as ’n uitkoms beskou, dit ver verwyderd is daarvan. Die feit dat hulle Tamatiestraat as ’n uitkoms beskou, beklemtoon inderdaad ook die realiteit van hoe moeilik die omstandighede vir die karretjiemense kon wees wanneer die natuur sy hand toemaak vir dié wat daaruit leef.



Meyer en Smith (2025) sit in hulle lemma oor ekokritiek in *Literêre terme en teorieë* (Cloete en Viljoen 2025) die konsepte van *plek*, *ruimte* en *landskap* uiteen. *Ruimte* in 'n literêre teks word beskryf as 'n neutrale term wat na die fisiese en tasbare ruimte verwys wat fisiese bakens en eienskappe besit, soos wat op 'n kaart aangedui kan word. Daar word geen emosionele betekeniswaarde aan ruimte gekoppel nie. *Plek*, daarenteen, kan beskou word as 'n fisiese ruimte wat lae van menslike en emosionele belewenis insluit. In die konsep *plek* is daar dus 'n fisiese ruimte wat verweef word met emosionele aspekte.

In *Die laaste karretjiegraf*, soos in elkeen van die voorgeskrewe tekste, kan daar tussen ruimte en plek onderskei word om te toon dat plek op verskillende emosionele wyses met die verskillende karakters verbind word. Dit herinner ons aan Meyer (2021:87–8) se bevinding dat die natuurlike omgewing dikwels in die Afrikaanse letterkunde as 'n vergestaltung van intieme persoonlike ruimtes voorgestel word en dat plek die vergestaltung van menslike identiteit kan word. In hierdie drama speel die plek ook 'n ondersteunende rol ten opsigte van karakterbeelding. Die plek word doelmatig gebruik om die emosionele toestand van die karakters te beklemtoon. 'n Voorbeeld hiervan is “vaaldag” (Steyn en Fugard 2013:16) wat gebruik word om die mismoedige atmosfeer ná die dood van Ouma Mieta te beskryf. Die kontras hiervan is die helder kameraflits aan die einde wat dui op die veranderde emosionele toestand van die karakters in die drama. Die helder kameraflits word as deel van die neweteks aangebied en dien as 'n kontras met die somber atmosfeer wat deurgaans in die drama geskep word.

Die natuuremgewing vertolk 'n prominente rol in *Die laaste karretjiegraf*. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die oerverknogtheid van die vroeë Khoi-bewoners aan die aarde wat hulle bewoon het. Rokkies herinner haar broers soms aan die verhaal wat Ouma Mieta altyd saans om die vuur vertel het – die Khoi-weergawe van hoe die sterre en melkweg hul ontstaan gehad het uit die rusie tussen die naguil en die “son daarbo” (Steyn en Fugard 2013:15). Hierdie stukkie skeppingsverhaal, volgens die Khoi se verstaan daarvan, word aan volgende generasies oorgelewer; daardeur word die plek van natuurelemente in die Khoi se aardse bestaan diep in die psige van opeenvolgende geslagte vasgelê, soos ook met Rokkies en haar sibbe om die “vertel”-vuur gebeur.

Ouma Mieta se woorde aan Pienkies en Sarah, toe sy nog gelewe het, beskryf haar verknogtheid aan die aarde en die diep emosionele band tussen die karretjiemense en die Karoo (Steyn en Fugard 2013:15, 40):

Pienkies, Ouma is nou in haar terugloopdae, my kind ... ek dink dis die laaste maal wat jy vir my so gaan styfhou. Ouma is gedaan, my kind. Klaar met die wêreld. Die tyd het gekom dat Ouma haar laaste bietjie asem moet uitblaas. Maar gee Ouma jou woord, my kind ... dat jy sal kyk dat wanneer julle my bêre, my voete hier op onse vastigheid wat die goeie Vader vir ons gegee het, sal bly. Want ons het uit hierdie einste aarde die lig gesien – almal van ons – Karretjiemense ... en dis waar ieder en elk gebêre moet word ...

[...] Nonnie, wanneer die dood my kom haal, sê vir die kinders hulle moet my bêre op ons karretjie-maniër van doen. Dat hulle my in my kombers moet toedraai en diep in die grond moet bewaar. Met klippe bo-op, sodat die gediertes my nie kan oopgrawe nie.

... voorwaar sal ek leef ... ek sal een met die Karoo word ... hierdie vlaktes se moeder-skoot sal weer vir my oopgaan. Die reën wat val, sal ek drink ... die hitte van die son sal op my val ... so ook die ysige koue van die winter ... ek sal wakker wees.



Hierdie aanhalings dui daarop dat ouma Mieta haar ware identiteit deur middel van die saambestaan met natuurdinge – die grond, reën, son en die seisoene van “hitte” en “ysige koue” – beleef. Ouma Mieta verklaar duidelik dat sy uit “hierdie vlaktes se moederskoot” gebore is en verlang om daarheen terug te keer, nie in ’n toestand van drome of verlange nie; sy “sal wakker wees” (Steyn en Fugard 2013:40). Sy wil ook ná haar dood die saambestaan met die natuur beleef: “Die reën wat val, sal ek drink ... die hitte van die son sal op my val ... so ook die ysige koue van die winter” (Steyn en Fugard 2013:40). Dit is duidelik dat daar ’n bepaalde element van konflik in ouma Mieta se belewing van die natuur bestaan. Dit hou ’n vorm van bedreiging vir hulle in, soos reeds verduidelik is, maar sy leef ook in erkenning dat haar bestaan volledig met die aarde geïntegreer is: daaruit gebore word, daaruit leef, daarheen terugkeer.

Nie net ouma Mieta beleef die innige verbondenheid met en deel wees en afhanklikheid van die aarde en wat dit vir mens en dier bied nie. Ook Koot verwoord dit aan die einde van die drama:

En hierdie plat, oop stuk aarde? En die koppies ... wat so allenig hier oral tussen niks staan nie? En wat van die springbokke, troppe en troppe van hulle wat so oor die vlakke rondtrek? En die reën, nonna? Die reën wat maak dat daar altyd iets op die veld vir hulle staan? Hoe oud is hierdie dinge, my nonna? (Steyn en Fugard 2013:46)

Koot sien selfs sy lewensmoegheid binne die konteks van die natuur: “Ek, Koot, voel net so oud soos hierdie asgrys Karoobossies” (Steyn en Fugard 2013:46). Met die dood van ouma Mieta en die verantwoordelikheid wat daarna op Pienkies se skouers rus, word hierdie karretjiegesin se besef oor die konflik in hul bestaan tot ’n spits gedryf. Tot dusver het hulle nie net ’n grondige verbondenheid met die aarde ervaar nie, maar ook ’n mate van versorging deur die natuur omdat “die reën maak dat daar altyd iets op die veld [...] staan” (Steyn en Fugard 2013:46). Tye het egter verander. Die reën bly nou meer dikwels weg, langer uitgerekte droogtes het ingetree en hierdie tweede geslag van ouma Mieta moet erken dat hulle nou die rug toegekeer word en nie meer uit die gawes van die natuur alleen kan leef nie. Pienkies besluit om die karretjie se hout vir vuurmaakhout te gebruik en die donkies te verkoop om kos te koop. Hieruit word dit duidelik dat Pienkies besluit het dat hulle klaar is met die karretjiebestaan. Die besluit is daarom dat hy en sy sibbe na Tamatiestraat sal trek – ’n informele nedersetting waar die meeste van die vroeëre karretjiemense bly. Die ironie wat in die naam opgesluit lê, is duidelik uit die feit dat die kinders Tamatiestraat as hul uitkoms beskou, hul kans op ’n nuwe lewe, maar dit blyk slegs ’n droom te wees en dat daar geen belowende toekoms in Tamatiestraat wag nie.

Hulle wat eens in ’n tevrede en simbiotiese verbintenis met die natuuumgewing geleef het, moet padgee. Die grootste waarheid wat deur hierdie drama oorgedra word, is juis die boodskap wat ook die grootste erns vir ekokritici is: Die mens leef in ’n interafhanklike verbondenheid met die niemenslike lewendes wat sy bestaan deel. Skade aan die natuur, wat in die vorm van onder andere klimaatverandering waargeneem word, impliseer ook skade vir die menslike aandadiges. Hierdie drama stimuleer nadenke oor die mens se gewaande posisie van outoriteit, wat in ekokritiese denkkringe belangrik is. Dit is die mens wat hom moet skik volgens die seisoene en bedreigings in die natuur, wat afhanklik is van die gawes van die natuur. In ’n sekere sin word die natuur die bepaler van die mens se lot. Dit is waar van die karretjiemense in Steyn en Fugard se drama, maar dit is ook waar van elke mens wie se lewe deur aardskuddings, tsoenami’s en meteorologiese rampe soos tornado’s en orkane ontwig word.

## 6.2 Betower: die drama deur Fanie Viljoen

*Betower: die drama* is in die bundel *In die kollig – speeltekste vir dramaleerders* opgeneem. Fanie Viljoen het *Betower* oorspronklik as 'n jeugroman geskryf en dit is in 2015 tot drama verwerk. *Betower*, die jeugroman, word deur Loubser (2012:1) beskryf as 'n “onvergeetlike leeservaring waarin verbeelding en werklikheid in 'n magiese simbiose vervloei”.

Teenoor die voorstelling van die natuur en natuurlike wêreld as ongenaakbaar in *Die laaste karretjiegraf*, staan 'n heeltemal andersoortige uitbeelding daarvan in Viljoen se *Betower: die drama*. Die magiese bos speel 'n prominente rol in die drama as Nadia, die protagonis, hierdie onbekende ruimte van die bos betree. 'n Belangrike element hier is die literêre konsep van *magiese realisme* en hoe dit in die drama gebruik word. Magiese realisme is die daarstelling van konkreet-reële karakters, ruimtes of gebeure teen die agtergrond van die magiese of metafisiese (Van der Elst 1992:282). In *Betower: die drama* word die karakters en gebeure as die konkreet-reële uitgebeeld, terwyl die bos magiese en fantasie-aspekte bevat.

*Betower: die drama* vertel die storie van Nadia, 'n tienermeisie wat in Johannesburg deur 'n traumatiese gebeurtenis gegaan het en nou by haar ouma in Magoebaskloof moet gaan bly. Nadia is deur haar ekskêrel, Armand, afgeneem terwyl hulle intiem verkeer het, waarna hy die video versprei het. Een van die ander ouers in die skool het haar ma oor die video geskakel. Daarna is Nadia deur haar ma verskree en uiteindelik by haar ouma afgelaai omdat haar ma geen raad gehad het met Nadia wat hierdie traumatiese gebeurtenis steeds ontken nie.

Die Magoebaskloofbos stel aanvanklik vir Nadia die onbekende voor, maar word mettertyd ook die plek van aanvaarding en heling op Nadia se pad ná die vernederende gebeurtenis in Johannesburg. Volgens Viljoen (2015) sluit sy aanvanklike roman (en ook die verwerking daarvan tot 'n drama) aan by die tradisie van bosromans in Afrikaans, soos Dalene Matthee se bostrilogie.

Op Nadia se eerste dag in Magoebaskloof staan sy met 'n bewende hart voor haar nuwe skool en stel dit in haar gedagtes duidelik dat sy nie graag daar wil wees nie. Hier ontmoet sy vir Joy en 'n vreemde seun genaamd Poenk. Poenk word beskryf as 'n seun wat totaal onvanpas lyk in hierdie wêreld; 'n “bosprins” op die skoolterrein (Viljoen 2015:40). Poenk kan nie sy eie broodjies skool toe bring nie; sy behoeftige omstandighede word afgelei uit die feit dat hy kos by die skool se voedingskema ontvang. Nadia ontdek later hoedat Poenk daarna hunker om deur die loop van die dag vry in die bosse van Magoebaskloof te dwaal in plaas daarvan om by die skool te wees. Nadat Nadia Poenk by die skool ontmoet het, volg sy Poenk een middag ná skool tot hy in die bos verdwyn.

Op die tweede, gelyklopende verhaalvlak word Poenk deur Gervan geboelie. Die leser vind aan die einde van die drama uit dat Gervan ander boelie omdat hy deur sy pa mishandel word. In die klimaks van die drama steek Gervan vir Poenk met 'n mes.

Die natuurlike wêreld verkry in hierdie drama as't ware 'n magiese element, waar die bos uitgebeeld word as 'n wonderwêreld waar die onmoontlike kan gebeur en aspekte van die fantastiese verweef word met die natuurlik-realistiese aspekte (Loubser 2012). Deur die gebruik van neologismes in die beskrywing van die amper onmoontlike móói van die boswêreld kry Viljoen (2015) dit reg om die leser in te trek in hierdie wonderwêreld. Die leser, wat die bosomgewing deur Nadia se oë beleef, dartel saam deur die “ritselgroen” woud en ruik die “sielbruin” grond en

die “oopgebreekte mos en modder”. Saam met Nadia kyk jy na die geitjie op Poenk se hand en bestudeer jy die patroon op die klein reptiel se vel en sy klewerige pote. Jy voel die druppels wat van die rotsmuur oor jou gesig waaier en jy word verblind deur die “bosse helderoranje vallende sterre” (Loubser 2012:85). Die natuurwêreld van die bos word verder voorgestel deur Nadia se beskrywing van die bos as ’n plek waar sprokies leef en waar jy drome saam met die mos aan bome kan hang (Viljoen 2015:36). In hierdie bos vergeet sy van haar spanning en probleme en glo sy weer in die drome vir haar lewe wat sy “aan die bome kan hang” – wat dus weer bestaans-reg het.

Poenk het ’n diep verbintenis met die bosnatuur; hy word uitgebeeld as ’n soort verlenging van hierdie ruimte. Nadia, wat as ’n stadsmeisie uitgebeeld word omdat sy in Johannesburg grootgeword het, ken nie die bos en die geheimenisse daarvan nie. Dit is deur middel van Poenk wat sy hierdie geheimenisvolle ruimte met sy verborge verrassings leer ken.

Die aanwend van metaforiese taalgebruik in die drama is uiters funksioneel. Deur die gebruik van die kleur *groen* word daar beskryf hoe Poenk “groen” word soos hy in die bos verdwyn en dan uiteindelik ’n skadu word (Viljoen 2015:31). Hierdie proses stel Poenk se eenwording met die bos voor en dui op sy noue verhouding met hierdie plek waar hy homself kan wees en getrou aan sy aard en liefde vir natuurdinge kan leef. Die eenwordingsproses van Poenk en die natuur word verder uitgebrei deur Poenk se handeling in die bos. Daar word beskryf hoe Poenk sy arms wyd oopstrek, met ’n oopgeknootte hemp, en dan sy arms flap (Viljoen 2015:33). Hierdie beeld ondersteun die idee dat Poenk in die bosomgewing soos ’n voël voel wat vry is.

Nadat Nadia Poenk agtervolg het, groei die vertrouensverhouding tussen hulle en stel Poenk vir Nadia voor aan die bos. Poenk lyf Nadia mettertyd in by die natuurwonders en -prosesse wat vir die haastige en onverskillige mens verborge bly. Hy leer haar van paddaeiers, pondo-platgeitjies en ook van die verskillende “speletjies” wat die natuur speel, soos die sampioene wat paddaspring, ander sampioene wat modeparade hou en ’n derde sampioenspesie wat “aan-aan speel” (Viljoen 2015:43). Poenk leer vir Nadia om die mooi in die natuur te sien, en deur hierdie gebaar leer hy ook vir Nadia hoe om weer beter oor haar eie lewe te voel.

Die bos word beskryf as groen, welig en met ’n omvattende rustigheid (Viljoen 2015:36). Die atmosfeer daarvan word uitgebeeld as amper gewyd. Dit gebeur deur die beklemtoning van die grootsheid van die bome en die planteverskeidenheid waardeur daar ’n kontras geskep word met die stadsruimte wat in Nadia se geheue ingeprent is saam met haar herinneringe aan die stadsgebeure. Poenk word voorgestel as absoluut oop en ontvanklik vir die emosionele troos van die bos. Dit is ’n plek waarin Poenk se filosofie en beskouing van die wêreld geanker is en wat derhalwe ’n rol speel in die bepaling van sy identiteit:

Die lewe is wonderlik, Nadia. Daar is soveel mooi in die wêreld. In elke ding is daar iets asemrowends, al is dit hoe klein. Maar mense kyk dit mis. Hulle sien nie meer die betowering en wonder van die lewe nie ... Dis hoekom ek ’n geitjie sal optel. Ek wil na hom kyk. Na die patroontjie op sy vel en sy klewerige pootjies. Na sy gladderige stertjie. (Viljoen 2015:47)

Poenk se filosofie dat daar in elke stukkies natuur “iets asemrowends” is, kan lei tot ’n doeltreffende brugslaanaktiwiteit tussen literêr-analitiese praktyk wat op ’n ekokritiese lees van *Betower: die drama* geskoei is en klaskamerpraktyk. Jong lesers kan, deur die oë van die twee hoofkarakters, blootstelling kry aan die mooi van natuurdinge wat so maklik misgekyk word.

Hierdeur kan 'n dieper waardering ontstaan vir allelaagse en minder allelaagse natuurlike omgewingstipes, byvoorbeeld vir “mos en modder” met die spesieverskeidenheid wat versteek daarin leef. Dit kan by ontvanklike jong lesers aanleiding gee tot 'n ernstiger benadering tot die hantering van die aarde en ons hulpbronne – van dié natuurgawes wat in die oë van die karakters in die drama oor 'n dimensie van kosbaarheid beskik. Hulle kan op 'n nuwe wyse oor die aarde as die enigste habitat vir paddas, geitjies en sampioene leer dink. Daar kan 'n nuwe verwondering ontstaan oor die onvervangbare waarde van skeppingsgegewens soos ons verskeidenheid van spesies, en 'n houding van groter waardering, juis omdat Poenk vir Nadia herinner: “[M]ense kyk dit mis” (Viljoen 2015:47).

Teenoor die bosruimte staan die ruimtes van die skool en Johannesburg. Beide hierdie ruimtes hou net ongelukkige vereenselwiging en hartseer vir die karakters in. Poenk hou nie van skool nie bloot omdat hy nie in die bos kan wees as hy by die skool is nie. Verder is dit ook die plek waar hy kos by die voedingskema ontvang, wat hom daaraan herinner dat hy behoeftig is. In die bos is hy nie arm nie; hy beleef 'n oorvloed van sinuïglike ervarings. Hier kan hy ontvlug van die boelies, voedingskemas en alles in die lewe wat hom ongelukkig maak. Nadia is aanvanklik nie gelukkig in Johannesburg of in Magoebaskloof nie omdat negatiewe konnotasies aan beide hierdie ruimtes kleef. Johannesburg herinner haar nie net aan Armand se verraad nie, maar ook aan haar eie ma se verraad en die feit dat haar ma haar nie ondersteun of selfs probeer troos het toe sy dit die nodigste gehad het nie. Magoebaskloof herinner Nadia aan die feit dat haar ma skaars kans sien om direk na haar te kyk en van haar ontvlug het deur haar net by haar ouma te kom aflaai.

Die proses waartydens Nadia die bos leer ken en leer oplet na rare en wonderlike natuurdinge het 'n deurslaggewende invloed op haar lewe. In die proses van fyn leer kyk en vir elke klein natuurwonder waardering hê, kom sy tot 'n nuwe besef van die wonder en die kosbaarheid (“betowering”) van die lewe. Sy leer ook om beter oor haar eie lewe te voel en daarvoor waardering te hê – 'n proses waarby nuwe selfwaarde en -respek ingesluit is. Die natuur “bepaal” dus nie net in 'n sekere sin wie Poenk is nie, maar die bos het ook 'n duidelike uitwerking op Nadia. Metafories kan die bosruimte beskou word as 'n plek waar genesing plaasvind.

In hierdie drama word daar beklemtoon dat die natuur nie as 'n passiewe sosiale konstruksie beskou word nie, maar eerder as “'n beïnvloedende krag wat interaksie met en verandering van ander elemente teweegbring, insluitende die mens”, soos Smith (2012:892) die denkwys van ekokritiek en die nuwe materialisme verwoord. Die konvensionele rolle omtrent wie die mag uitoefen en waarop of op wie dit uitgeoefen word, word hier omgeruil: die natuur vertolk die “aktiewe rol” teenoor die mens en kan selfs die denkwys van die mens beïnvloed en verander. Só dra die natuur by tot die uitkoms van die mens se lewe, wat op sy of haar denke berus. In *Betower: die drama* is die natuur dusdoende 'n kragtige mag van beïnvloeding in die lewens van albei karakters. Binne ekokritiek is die fokus op die interaksie met alle dinge om ons en waarvan die mens deel is. Daar word in die denkkringe van ekokritiek opnuut ondersoek ingestel na hoe die mens leef in die plek waar hy gesetel is, sê Smith (2018:8).

## 7. Vernuwende blik, uit die ekokritiese perspektief, op teksontleding vir klaskamerpraktyk

'n Ekokritiese benadering tot *Die laaste karretjiegraf* bied 'n vars blik op die ingewikkelde, interafhanklike verhouding tussen die mens en die aarde. Hierdie vernuwende perspektief mag

'n vonk van opwinding by leerders laat posvat oor die idee om die afstand wat deur konvensionele denke tussen die mens en die natuur geskep is, te verklein. Dit bied die geleentheid om 'n omkeer van die tradisionele beskouing van die rolle van mens (as dominante en handelende party) en natuur (as ondergeskikte) te oorweeg.

Die stimulering van hierdie denke by leerders is eerstens bevorderlik vir die jong geslag se verhouding met die lewende of nielewende natuur. Die vaardigheid om krities te dink oor tradisionele Westerse mens-natuur-idees mag bevrydend wees vir leerders in 'n lewenstadium waartydens hulle geneig is om die konvensionele te bevraagteken. Dit kan van direkte betekenis vir hul lewens en toekoms wees. Hier word aangesluit by die algemene doelwit van die KABV, naamlik dat leerders kennis en vaardighede verwerf om dit te kan toepas op 'n manier wat betekenisvol vir hulle lewens is (DBO 2011:4).

Deur 'n ekokritiese ingesteldheid word die leser se aandag gevestig op die uitwerking van die konvensionele beskouing van die mens se sentrale magposisie, asook die nagevolge van die mens se magmisbruik op die aarde. Met 'n ekokritiese lees van *Betower: die drama* kan die leerder die eerste vrye – en dalk verwonderde – treë gee in die rigting van 'n verdere algemene doelwit van die KABV – om “ongeag die sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisieke of intellektuele vermoë” kennis en vaardighede te ontvang “wat nodig is vir verantwoordelike en betekenisvolle deelname aan die samelewing” (DBO 2011:4). Die kwessies wat in *Betower: die drama* vanuit 'n ekokritiese oogpunt raakgesien word, herinner ons aan die mens en die aarde wat in 'n verantwoordelike simbiotiese verhouding moet saamleef. Die mens is rentmeester van die aarde en sy hulpbronne. Uiteindelik lê die waarde van 'n ekokritiese interpretasie van *Betower: die drama* ook daarin dat dit betrekking kan hê op die lewensituasie van leerders wat dalk reeds trauma ervaar het as gevolg van hul voortvarendheid in die adolessensiejare, soos in die geval van Nadia. Vir sodanige leerders kan nuwe selfwaarde groei uit die besef dat daar “soveel mooi in die wêreld” is, soos Poenk in die natuurruiimte van die bos vir Nadia uitwys. Hulle kan besef dat elke individuele lewe deel van die “mooi in die wêreld” is.

## 8. Samevatting

Ekokritiese denke beklemtoon dat daar nie meer verwydering tussen menslike en niemenslike objekte hoef te wees nie. Ons is deel van die groot omringende geskiedenis en ons waarde word weerspieël in elke ander verrassende stukkies skepping.

In die KABV word die doel van die lees van literêre tekste duidelik gestel. Leerders lees, evalueer en reageer op die estetiese kenmerke van literêre tekste. Hulle pas die meta-taal of terminologie van letterkunde toe om literêre aspekte te verstaan en te waardeer (DBO 2011:32). Hier word benadruk dat letterkunde-ondererrig daarop gemik moet wees om leerders in staat te stel om literêre werke nie slegs te begryp nie, maar om dit te interpreteer en ook kommentaar, by wyse van reaksie op die teks, te lewer. Ekokritiek as ondersoekmetode het as verdere voordeel die verruiming van onderwysers se literêre insig en, terselfdertyd, die uitbreiding van geleenthede om leerders op die teks te help reageer. Só kan die ooreenkomste tussen die teksinhoud en leerders se persoonlike situasies, ervarings en lewenswerklikheid gevind word. Op dié manier word die tersaaklikheid van die voorgeskrewe werk vir die leerders se eie lewens, en daarmee saam die waarde wat die teks vir hulle inhou, uitgelig.



In hierdie navorsingsartikel is daar gedemonstreer dat voorgeskrewe tekste vir Afrikaans EAT in die VOO-fase met vrug gebruik sou kon word om die onderwyser se ekokritiese insigte aan leerders te bied in die proses van die waardetoevoeging tot verrykende en verruimende letterkundebeleving vir die leerders.

## Bibliografie

- Alatis, J.E. (red.). 1980. *Georgetown roundtable on languages and linguistics*. Washington, DC: Georgetown University Press.
- Allen, J., P. Boshears, B. Garnicig, V.W.J. van Gerven Oei, A.S. Groves en N. Jenkins (reds.). 2012. *Continent. Year 1: a selection of issues 1.1–1.4*. Santa Barbara, CA: Punctum Books. ble. 105–15. <https://www.jstor.org/stable/jj.2353991.11>.
- Anker, J. 2022. Onderwyshulp en leesbegrip: Johan Anker beantwoord lesers en opvoeders se navrae. <https://www.litnet.co.za/onderwyshulp-en-leesbegrip-johan-anker-beantwoord-lesers-en-opvoeders-se-navrae/> (10 Junie 2024 geraadpleeg).
- Bronfenbrenner, U. 1979. *The ecology of human development: experiments by nature and design*. Boston, MA: Harvard University Press.
- Burger, W. 2015. Kies 'n boek: Voorgeskrewe boeke. *Vrouekeur*, 8 September.
- Childs, P. en R. Fowler. 2006. *The Routledge dictionary of literary terms*. Londen: Routledge.
- Cloete, D. en A. Engelbrecht (reds.). 2014. *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford University Press.
- Cloete, T.T. (red.). 2018. *Literêre terme en teorieë*. Kaapstad: HAUM Literêr.
- Cloete, T.T. en H. Viljoen (reds.). 2025. *Literêre terme en teorieë*. <http://www.litterm.co.za> (10 Februarie 2025 geraadpleeg).
- Cummins, J. 1980. The construct of language proficiency in bilingual education. In Alatis (red.) 1980.
- Departement van Basiese Onderwys (DBO). 2011. *Kurrikulum- en Assesserings-beleidsverklaring. Eerste Addisionele Taal. Graad 10–12*. Pretoria: Staatsdrukker.
- . 2021. *Uitslae van Afrikaans Eerste Addisionele Taal (NSS-eksamen)*. Pretoria: Staatsdrukker.
- . 2023. *Uitslae van Afrikaans Eerste Addisionele Taal (NSS-eksamen)*. Pretoria: Staatsdrukker.
- De Saussure, F. 1966. *Course in General Linguistics*. New York: McGraw-Hill.
- Du Plooy, H. 2025. Semiotiek. In Cloete en Viljoen (reds.) 2025.



Gautengse Departement van Onderwys. 2021. *Uitslae: Afrikaans Eerste Addisionele Taal, vraestel 1–3*. Pretoria: Gautengse Departement van Onderwys.

—. 2022. *Uitslae: Afrikaans Eerste Addisionele Taal, vraestel 1–3*. Pretoria: Gautengse Departement van Onderwys.

—. 2023. *Uitslae: Afrikaans Eerste Addisionele Taal, vraestel 1–3*. Pretoria: Gautengse Departement van Onderwys.

—. 2025. *Uitslae: Afrikaans Eerste Addisionele Taal, vraestel 1–3*. Pretoria: Gautengse Departement van Onderwys.

Goodbody, A. 2020. Cultures of climate. On bodies and atmospheres in modern fiction: an introduction. *European Journal of Literature, Culture and Environment*, 11(1):1–8.

Iser, W. 1974. *The implied reader: patterns of communication in prose fiction from Bunyan to Beckett*. Baltimore, MD: Johns Hopkins University Press.

Jauss, H. 1982. *Toward an aesthetic of reception*. Minneapolis, MN: University of Minnesota Press.

Joubert, I., C. Hartell en K. Lombard. 2016. *Navorsing: 'n gids vir die beginnervorsers*. Kaapstad: Van Schaik.

Knowles, M.S. 1975. *Self-directed learning: a guide for learners and teachers*. Chicago, IL: Association Press.

Koen, D. 2023. *Decima* van Eben Venter. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkunde-vereniging*, 35(1):72–4. <https://hdl.handle.net/10520/ejc-stilet-v35-n1-a8>.

Kotzé, L. 2014. Oorgrens-biodiversiteitsregulering in die Antroposeen. *LitNet Akademies*, 11(2):126–48.

Loubser, H. 2012. *Betower: betree 'n moderne sprokie*. <https://www.litnet.co.za/betower-betree-n-moderne-sprokie/> (18 Desember 2023 geraadpleeg).

Luther, J. 2018. Opdrag 6: Die bevordering van lees en literêre vaardigheid prikkel leerders om lesers te word en lesers te bly. <https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/438-opdrag-lees> (19 Junie 2022 geraadpleeg).

Mambrol, N. 2018. Key theories of Hans Robert Jauss. Literary theory and criticism. <https://literariness.org/2018/02/01/key-theories-of-hans-robert-jauss/> (24 Februarie 2026 geraadpleeg).

McNamara, D.S. 2007. Measuring deep, reflective comprehension and learning strategies: challenges and successes. *Metacognition and Learning*, 6(2):195–203. <http://dx.doi.org/10.1007/s11409-011-9082-8>.

Meece, J.L. en J.S. Eccles (reds.). 2010. *Handbook on research on schools, schooling and human development*. 1ste uitgawe. Boston: Routledge.

Meyer, S. 2021. Ecocritical concerns in select Afrikaans narrative works: critical perspectives. *Journal of Literary Studies / Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 37(4):84–105. <https://doi.org/10.1080/02564718.2021.1997169>.

Meyer, S. en S. Smith. 2025. Ekokritiek. In Cloete en Viljoen (reds.) 2025.

Moodley, G. 2013. Implementation of the Curriculum and Assessment Policy Statements: challenges and implications for teaching and learning. MEd-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika. <https://ir.unisa.ac.za/handle/10500/13374>.

Morar, L.L., S. Boștină-Bratu en A.G. Negoescu. 2021. Communicative teaching – an efficient approach to foreign language teaching. *Scientific Bulletin*, 26(2):163–7.

Morton, T. 2011. Objects as temporary autonomous zones. In Allen, Boshears, Garnicig, Van Gerven Oei, Groves en Jenkins (reds.) 2011.

Mouton, N. en G.L. Strydom. 2014. Quality education and the impact of public and independent schools writing the National Senior Certificate examination in South Africa. *International Business and Economics Research Journal*, 13(1):1–12.

Nation, I.S.P. 2001. *Learning vocabulary in another language*. Cambridge, MA: Cambridge University Press. <https://doi.org/10.1017/CBO9781139524759>.

Nunan, D. 2013. *Learner-centered English language education: the selected works of David Nunan*. New York, NY: Routledge.

Odendal, F.F. en R.H. Gouws. 2005. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (HAT). 5de uitgawe. Kaapstad: Pearson Education.

Rossouw, M. 2018. Resepsieteorie. In Cloete (red.) 2018.

Rothmann, A. 2016. Die gebruik van letterkunde vir die onderrig en leer van Afrikaans as addisionele taal op skool binne 'n taakgebaseerde benadering. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch. <http://hdl.handle.net/10019.1/98531>.

Russo, L. s.j. Writing within: notes on ecopoetics as spatial practice. *How2*, 3(2). [https://archive.howeverhow2archive.org/vol\\_3\\_no\\_2/ecopoetics/essays/pdfs/russoessay.pdf](https://archive.howeverhow2archive.org/vol_3_no_2/ecopoetics/essays/pdfs/russoessay.pdf) (9 April 2023 geraadpleeg).

Sands, B. 2018. What every teacher should know about translanguaging. <https://study.com/blog/what-every-teacher-should-know-about-translanguaging.html> (23 Maart 2024 geraadpleeg).

Schultz, A. en M. le Cordeur. 2019. Die onderrig van letterkunde in die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase binne die raamwerk van die Kurrikulum- en Assesserings-beleidsverklaring. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(4):545–61. <https://doi.org/10.17159/2224-7912/2019/v59n4a6>.

Schunk, D.H. 2016. *Learning theories: an educational perspective*. 8ste uitgawe. Boston, MA: Pearson.

Segers, R. 1980. *Het lezen van literatuur*. Baarn: Ambo.

Smith, S. 2012. Plek en ingeplaaste skryf. 'n Teoretiese ondersoek na ingeplaaste skryf as ekopoëtiese skryfpraktyk: geesteswetenskappe. *LitNet Akademies*, 9(3):887–928. <https://hdl.handle.net/10520/EJC129809>.

—. 2018. Ekokritiek. In Cloete (red.) 2018.

—. 2022. Op weg na 'n eiesoortige Afrikaanse ekokritiek: 'n ontleding van die gedigreeks “werf” in die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog. *LitNet Akademies*, 19(1):205–31. [https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2022/04/LitNet\\_Akademies\\_19-1\\_7\\_Smith\\_205-231.pdf](https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2022/04/LitNet_Akademies_19-1_7_Smith_205-231.pdf).

Steyn, R. en A. Fugard. 2013. *Die laaste karretjiegraf*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Türkben, T. 2021. Examination of classroom writing practices in the context of process-based approach to teaching writing. *Journal of Language and Linguistic Studies*, 17(1):619–44. [https://www.researchgate.net/publication/350394132\\_Examination\\_of\\_classroom\\_writing\\_practices\\_in\\_the\\_context\\_of\\_process-based\\_approach\\_to\\_teaching\\_writing](https://www.researchgate.net/publication/350394132_Examination_of_classroom_writing_practices_in_the_context_of_process-based_approach_to_teaching_writing) (30 Junie 2026 geraadpleeg).

Universiteit Stellenbosch Taalsentrum. 2022. A multilingual mindset. <https://languagecentre.sun.ac.za/about/a-multilingual-mindset/> (3 Februarie 2024 geraadpleeg).

Van der Elst, J. 2018. Magiese realisme. In Cloete (red.) 2018.

Van der Merwe, C.N. 1998. Letterkunde en leser, samelewing, psige: moderne benaderings tot die literatuurstudie. In Van der Merwe en Viljoen (reds.) 1998.

Van der Merwe, C.N. en H. Viljoen (reds.). 1998. *Alkant olifant: 'n inleiding tot die literatuurwetenskap*. Pretoria: Van Schaik.

Viljoen, F. 2012. *Betower*. Pretoria: LAPA.

—. 2015. *Betower: die drama*. Pretoria: NB-Uitgewers.

Van Wyk, H., E. Vos en C. du Plessis. 2025. 'n Onderrigraamwerk vir selfgerigte lees van letterkunde in Afrikaans Eerste Addisionele Taal. *LitNet Akademies*, 22(2):567–601. <https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8> (9 Februarie 2026 geraadpleeg).

Vandeyar, S. en T. Catalano. 2020. Language and identity: multilingual immigrant learners in South Africa. *Language Matters: Studies in the Languages of Southern Africa*, 51(2):106–28. <https://doi.org/10.1080/10228195.2020.1769713>.

Variend, A. 2011. *What you need to know about CAPS – part 1*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Veer, R.V.D. 2014. *Lev Vygotsky*. Londen: Bloomsbury.

Vital, A. 2008. Toward an African ecocriticism: postcolonialism, ecology and “life & times of Michael K”. *Research in African Literatures*, 39(1):87–106.  
<http://www.jstor.org/stable/20109561>.

Vygotsky, L.S. 1978. *Mind in society: the development of higher psychological processes*. Cambridge, MA: Harvard University Press.

Wigfield, A. en J.T. Guthrie. 2010. The impact of concept-oriented reading instruction on students’ reading motivation, reading engagement, and reading comprehension. In Meece en Eccles (reds.) 2010.

## Eindnotas

<sup>1</sup> *Strukturalisme* is ’n tekensisteem wat noem dat onderliggende strukture bestaan wat menslike gedrag, kultuur en taal vorm en bepaal (De Saussure 1966:88–9).

<sup>2</sup> *Semiotiek* is die wetenskap van tekens en simbole, en hoe dit betekenis verskaf binne taal en ander kommunikasiestelsels. Die semiotiek kan nooit los van strukturalisme beskou word nie (Du Plooy 2025).

# **'n Onderzoek na die rol van affektiewe en kulturele faktore in die aanleer van Afrikaans Eerste Addisionele Taal by graad 10-leerders**

**Cameron Jo Benjamin en Elbie Adendorff**

---

Cameron Jo Benjamin en Elbie Adendorff, Departement Afrikaans en Nederlands,  
Universiteit Stellenbosch

---

## ***Opsomming***

Hierdie artikel lewer verslag oor die ondersoek tydens die eersgenoemde outeur se magisterstudie (Benjamin 2025) na die rol van affektiewe en kulturele faktore wat die aanleer van Afrikaans Eerste Addisionele Taal (EAT) onder hoërskoolleerders beïnvloed. Die doel van die artikel is om die volgende navorsingsvraag te beantwoord: In watter mate beïnvloed affektiewe en kulturele faktore die aanleer van Afrikaans as eerste addisionele taal onder hoërskoolleerders?

Die studiedeelnemers het 36 graad 10-leerders aan 'n hoërskool in Kraaifontein ingesluit wat Afrikaans EAT neem. Alhoewel die leerders Afrikaans EAT neem, is Afrikaans die meerderheid van hulle se derde of vierde taal by die huis – nie hul tweede taal nie.

Krashen (1981, 1982) se affektiewefilterhipotese en Schumann (1978) se akkulturasiemodel het as teoretiese raamwerke gedien. Krashen (1982:31) beweer in die affektiewefilterhipotese dat individuele verskille in tweedetaalaanleer as aanduiding dien van hoe hoog of laag die affektiewe filter van taalaanleerders is wat die proses van tweedetaalaanleer beïnvloed. Volgens hom is die belangrikste faktor in taalaanleer die toevoer wat taalaanleerders ontvang, en dat die affektiewe faktore slegs die doel dien om hierdie toevoer na die brein te fasiliteer. Schumann se akkulturasie-model stel die standaard vir akkulturasie in taalaanleer deur die klem op identifisering met die doeltaalgroep te plaas – volgens Schumann die primêre vereiste vir taalaanleer. Die akkulturasie-model bepaal dat wanneer kultuuronderrig en doeltaalonderrig saam aangebied word, taalaanleerders gemotiveerd behoort te wees om dit aan te leer (Kitao 1991:298).

'n Gemengdemetodebenadering is in hierdie studie benut, wat volgens Reyneke (2004:132) 'n goeie metode is om in navorsing te gebruik, aangesien dit onder meer triangulasie bevorder. Deelnemende aksienavorsing (DAN) met 'n gevallestudie-komponent is as navorsingsontwerp vir die empiriese studie gekies. Een vraelys met oop en geslote vrae is as instrument gebruik om die data vir die studie in te samel. Die vrae handel oor Afrikaans EAT, asook kulturele geletterdheid rakende die aanleer van Afrikaans.

Wat die etiese oorweginge betref, het Benjamin (2025:9) eerstens skriftelike toestemming van die betrokke skoolhoof, asook die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) gekry. Tweedens is die nodige toestemming van die Departementele Etieksiftingskomitee (DESK) van die Universiteit Stellenbosch, wat die studie as mediumrisiko geklassifiseer het, en laastens van leerders (moontlike deelnemers) en hul ouers/voogde bekom.

Ná afloop van die studie is bevind dat voldoende bewys gelewer is dat affektiewe en kulturele faktore wel die aanleer van Afrikaans EAT onder hoërskoolleerders beïnvloed. Deelnemers voel dat kultuuronderrig as motivering kan dien om Afrikaans as eerste addisionele taal aan te leer. Die resultate toon ook dat deelnemers affektiewe faktore soos angs, motivering, selfvertroue, gesindheid en verveeldheid as belangrik tydens die aanleer van 'n addisionele taal ag.

**Trefwoorde:** affektiewe emosies; affektiewe faktore; Afrikaans Eerste Addisionele Taal; akkulturasiemodel; kultuur; kultuuronderrig; taalaanleerproses

## **Abstract**

### **Investigating the role of affective and cultural factors in learning Afrikaans First Additional Language among Grade 10 learners**

This article reports on a master's study investigating the extent to which affective and cultural factors influence the learning of Afrikaans First Additional Language (FAL) among Grade 10 learners at a secondary school in Kraaifontein, South Africa. The central research question was: *To what extent do affective and cultural factors affect the acquisition of Afrikaans as a first additional language among high-school learners?* The empirical sample comprised 36 Grade 10 learners whose home languages were predominantly English or other African languages; only four participants reported Afrikaans as a home language. The study therefore addresses language learning in a context where Afrikaans is frequently a third or fourth language for learners rather than their second language.

The study is theoretically anchored in Krashen's (1982) affective filter hypothesis and Schumann's (1978) acculturation model, with supplementary reference to Pekrun's (2006) control-value theory of achievement emotions. Krashen's (1982) framework foregrounds the role of affective variables (motivation, anxiety, self-confidence, attitude, boredom) in mediating learners' access to comprehensible input while Schumann's (1978) model situates language learning within processes of social and psychological distance between learners and the target-language community. Pekrun's (2006) taxonomy is used to conceptualise *academic emotions* and to distinguish valence and activation (e.g., positively activated emotions such as enjoyment; negatively activated emotions such as anxiety). The combination of these frameworks enables an integrated account that links classroom affects, learner identity and



cultural familiarity to observable engagement and reported motivation. As Benjamin (2025) notes, the two principal theoretical claims are complementary: Affective states shape the intake of the input, while acculturation processes determine learners' identification with the target-language community and thus their willingness to engage.

A mixed-methods design was employed, combining participatory action research (PAR) with a case-study approach. Data was collected via a single questionnaire containing both closed and open questions. The questionnaire as the research instrument probed learners' affective experiences in Afrikaans lessons, their motivational orientations, and their understanding of culture-based instruction. Ethical clearance was obtained from the relevant institutional committee, and permissions were secured from the school and provincial education authorities. The study ensures triangulation of the data through the integration of quantitative descriptive statistics and qualitative participant quotations to illuminate learners' subjective experiences.

The study yields convergent evidence that affective and cultural factors significantly influence learners' experiences of Afrikaans learning.

Empirical highlights include the following patterns:

- Prevalence of negative academic emotions. A majority of respondents reported negative affective states in Afrikaans lessons: Boredom (reported by 31 of 36 learners) and anxiety (24 of 36) were particularly prominent. Only a minority reported positive emotions such as excitement or strong motivation. Learner comments repeatedly attribute boredom and anxiety to lack of comprehension (teachers' language use, unfamiliar vocabulary) and to classroom practices perceived as unengaging.
- Low intrinsic motivation for many learners. Twenty-two participants indicated they were not motivated to learn Afrikaans. The study links this low motivation to both affective states (high anxiety and boredom) and to limited cultural exposure. However, learners also recognised the instrumental value of Afrikaans for communication and social integration, suggesting ambivalent motivational profiles.
- Perceived value of culture-integrated instruction. Most learners (33 of 36) endorsed the importance of teaching language together with its culture. Many participants argued that cultural activities (songs, poems, stories, traditions) make lessons more interesting and help contextualise vocabulary and usage, thereby reducing boredom and increasing willingness to communicate with native speakers.
- Evidence of acculturation dynamics. The data support Schumann's (1978) contention that social and psychological distance matters: Learners who reported limited cultural knowledge or limited contact with Afrikaans speakers expressed greater reluctance to use the language and higher levels of language-shock and embarrassment. Conversely, learners who experienced cultural activities in class reported greater confidence in interacting with Afrikaans speakers.

The findings corroborate and extend the affective filter hypothesis by demonstrating how classroom practices that fail to provide comprehensible input and cultural scaffolding raise learners' affective filters, thereby reducing intake and engagement. Pekrun's (2006) control-value perspective helps explain the emotional dynamics: Learners who perceive low control (difficulty understanding) and low value (less interest or relevance), experience deactivating negative emotions (boredom) and activating negative emotions (anxiety), both of which undermine

sustained effort. Schumann's (1978) acculturation model is validated in the local context: Cultural instruction functions as a mechanism for reducing psychological distance and fostering integrative motivation among learners who are not native Afrikaans speakers.

Benjamin (2025) proposes several classroom and curriculum interventions grounded in the empirical evidence: the prioritisation of comprehensible input and meaning-focused instruction over form-focused teaching; the integration of cultural content (music, literature, traditions) to contextualise language and increase relevance; the adoption of socio-affective strategies to build learners' self-confidence and reduce anxiety; and the design of interactive, task-based activities to mitigate boredom and promote active participation. The study also recommends teacher professional development that sensitises educators to the affective dimensions of language learning and to adopt strategies for lowering learners' affective filters.

The study is a single-site case study with a modest sample size, which limits generalisability. Future research could employ longitudinal designs, include classroom observation and teacher interviews, and test specific pedagogical interventions (e.g., culture-infused task sequences) experimentally. Comparative studies across schools with different language ecologies would clarify how community language profiles mediate the relationships observed here.

This research contributes to the literature on second-language learning by empirically linking affective states and cultural instruction to learners' engagement with Afrikaans as a first additional language in a South African secondary-school context. The integrated theoretical combination of Krashen, Schumann and Pekrun, offers a coherent explanatory framework and yields reasonable recommendations for curriculum design and classroom practice that aim to lower affective barriers and to harness culture as a motivational resource.

**Keywords:** acculturation model; affective emotions; affective factors; Afrikaans First Additional Language; culture; language learning process; teaching of culture

## 1. Inleiding

Hierdie artikel is gebaseer op navorsing wat Benjamin (2025)<sup>1</sup> onderneem het as deel van 'n magisterstudie oor taalaanleer<sup>2</sup> onder hoërskoolleerders, spesifiek graad 10-leerders wat Afrikaans EAT neem.

Die hoof- teoretiese raamwerke wat tydens die studie gebruik is, is Krashen (1981, 1982) se affektiewefilterhipotese, Pekrun (2006) se navorsing oor akademiese emosies en Schumann (1978) se akkulturasie-model. Die motivering vir die studie het berus op die belangrikheid daarvan om affektiewe faktore en kulturele faktore by die onderrig van Afrikaans EAT in ag te neem. 'n Verdere doelwit was om moontlik aanbevelings en riglyne aan onderwysers van Afrikaans EAT voor te stel ten einde kultuuronderrig in die kurrikulum in te sluit. Tydens die studie is 'n gemengdemetodebenadering gebruik. Deelnemende aksienavorsing (DAN) met 'n gevallestudie is as navorsingsontwerp gebruik om deur middel van 'n vraelys data in te samel oor die moontlike invloed van emosies en kulturele faktore op graad 10-leerders wanneer Afrikaans EAT aangeleer word. Die skool waar die empiriese ondersoek gedoen is, is in die Kraaifontein-omgewing, naby Kaapstad, geleë. Die resultate het getoon dat affektiewe en kulturele faktore wel die aanleer van Afrikaans EAT onder hoërskoolleerders beïnvloed.

Die resultate ondersteun eerstens Krashen (1981, 1982) se affektiewefilterhipotese waarin hy beweer dat affektiewe faktore taalaanleerders<sup>3</sup> se vermoë beïnvloed om 'n addisionele taal<sup>4</sup> suksesvol aan te leer. Voorts is voldoende bewys gelewer vir Schumann (1978) se akkulturasie-model waarin hy voorstel dat daar verskillende sosiale en sielkundige faktore is wat bydra tot die afstandelikheid wat taalaanleerders met die doeltaalkultuur<sup>5</sup> ervaar.

Vervolgens word die teoretiese begronding van die studie bespreek, gevolg deur 'n kort uiteensetting van die navorsingsmetodiek, voordat die bevindinge en resultate aangebied word.

## 2. Teoretiese begronding

Die volgende teoretiese raamwerke word bespreek: Eerstens, Krashen (1982) se affektiewefilterhipotese met 'n kort bespreking van die affektiewe faktore wat 'n rol in taalaanleer speel. Daarna word akademiese emosies, soos bespreek in Pekrun (2006) se beheer-waarde-teorie, kortliks onder die loep geneem, gevolg deur Schumann se akkulturasie-model (1978).

### 2.1 Die rol van affektiewe faktore by taalaanleer

Die aanleer van 'n addisionele taal word deur etlike faktore beïnvloed, onder meer kulturele en emosionele faktore. Kultuur word deur Zaker (2016:80) as belangrik in taalaanleer beskou en vir Herron, Corrie, Cole en Dubreil (1999:518) is die aanleer van en vertrouwdwording met 'n ander kultuur 'n fundamentele doelwit wanneer 'n addisionele taal aangeleer word. Saam met kultuur speel taalaanleerders se emosies ook 'n belangrike rol in die aanleer van 'n addisionele taal (Li en Zhou 2023:38, Lin 2008:115 en Oxford 1999).

#### 2.1.1 Die affektiewefilterhipotese

In sy affektiewefilterhipotese verduidelik Krashen (1982:31) dat die aanleer van 'n taal deur affektiewe faktore soos motivering, angs en selfvertroue beïnvloed word – faktore wat taalaanleerders se aanleerproses op óf 'n positiewe, óf 'n negatiewe wyse beïnvloed. Hy verduidelik dat die proses van tweedetaalaanleer insluit dat individuele verskille tussen tweede-taalaanleerders 'n aanduiding is van hoe hoog of laag die affektiewe filter van taalaanleerders is. Matroos (2023:720) verduidelik “die affektiewe filter is die onsigbare, sielkundige filter wat die proses van taalverwerwing ondersteun of dit bemoeilik”. 'n Taalaanleerder met 'n lae affektiewe filter sal suksesvoller tydens die taalaanleerproses wees. Wanneer taalaanleerders se affektiewe filter egter hoog is, word taalaanleer negatief beïnvloed, want daar is 'n denkbeeldige muur wat opgebou word wat hulle verhoed om toevoer te ontvang.

Krashen (1982:32) beweer in die affektiewefilterhipotese dat een van die belangrikste faktore in taalaanleer die toevoer (of inset) is wat taalaanleerders ontvang, en dat die affektiewe faktore se funksie slegs is om hierdie toevoer na die brein te fasiliteer. Hy plaas dus klem op die belangrikheid dat taalaanleerders genoeg verstaanbare toevoer moet ontvang ten einde suksesvol in die taalaanleerproses te kan wees.

Hierdie artikel fokus op die volgende affektiewe faktore: motivering, angs, verveeldheid, selfvertroue en gesindheid.

### 2.1.1.1 Motivering

Swartz (1996:53) beskou motivering as die dryfkrag wat 'n mens in 'n sekere rigting laat beweeg of aanspoor om 'n taak te verrig. Motivering word deur Ni (2012:1509) gedefinieer as die mate waarin 'n keuse gemaak word oor die nastreef van doelwitte en die moeite en inspanning waartoe mense hulle sal wend om daardie doelwitte te bereik. Volgens Bao en Liu (2021:465) se definisie van motivering is dit 'n interne proses wat mense stimuleer om sekere aksies uit te voer ten einde sekere behoeftes te bevredig.

In hulle navorsing onderskei Gardner en Lambert (1972) tussen twee soorte motivering wat as *instrumentele* en *geïntegreerde motivering* bekend staan. *Instrumentele motivering* verwys na die motivering van taalaanleerders om sekere doelstellings te verwesenlik, byvoorbeeld om akademiese leesstof te verstaan, hul loopbaan te bevorder of selfs 'n eksamen te slaag. *Geïntegreerde motivering* is wanneer taalaanleerders met die kultuur van die doeltaalgemeenskap geïntegreer wil word. Bao en Liu (2021:466) verdeel motivering in twee ander kategorieë as Gardner en Lambert, naamlik *ekstrinsieke* en *intrinsieke motivering*. *Ekstrinsieke motivering* word beskou as 'n eksterne gevoel wat 'n begeerte by taalaanleerders ontlok om pryse te wen en straf te vermy. Hierdie soort motivering word gewoonlik aan byvoorbeeld geld, pryse, grade en applous gekoppel. Daarteenoor hou *intrinsieke motivering* verband met 'n interne bevrediging van taalaanleerders. Dié motivering is op interne vergoeding gerig, soos selftevreidenheid dat sukses behaal is.

Cook (1991:73) spreek haar mening uit oor die belangrikheid van taalaanbieders<sup>6</sup> se rol wanneer dit kom by die motivering van taalaanleerders. Sy noem dat taalaanbieders so ver moontlik met hul aanleerders se motiveringsvlak vertrouwd moet wees, en dat dit hul onderrigbenadering behoort te beïnvloed.

### 2.1.1.2 Angs

Angs word deur Ni (2012:1509) as baie belangrik beskou. Sy sê dat taalangs een van die vernaamste faktore is wat taalaanleer beïnvloed, ongeag wat die konteks daarvan is: *informeel* (bv. deur informele kontak op straat of in die gemeenskap) of *formeel* (in die klaskamer). Angs word as 'n emosie gekarakteriseer wat spruit uit "'n onaangename toestand van innerlike onrus" (Benjamin se vertaling uit Kasatkina-Kubyshkina [2018:3]) en word deur Chen (2022:517) gedefinieer as gevoelens van onderdrukking, soos senuweeagtigheid, vrees en bekommernis.

Volgens Chen (2022:517) en Tasnimi (2009:118) bestaan daar twee soorte angs wat tydens die taalaanleerproses ervaar word, naamlik *fasiliterende ang* en *vermydingsang*. *Fasiliterende ang* bied aan taalaanleerders die nodige motivering om 'n nuwe leertaak aan te pak en moedig hulle aan om ekstra moeite in te sit om hul angsg gevoelens te oorkom. Hierdie ang dryf die taalaanleerder se stres in 'n positiewe rigting en dien selfs as motivering. In teenstelling daarmee vererger *vermydingsang* taalaanleerders se ang en lei daartoe dat hulle negatief ingestel is en nie take suksesvol voltooi nie (Chen 2022:517).

Henter (2014:375) het drie ander soorte ang geïdentifiseer. Hy noem dat taalaanleerders *persoonlikheidsang* ("trait anxiety"), *toestandsang* ("state anxiety") en *situasiespesifieke ang* ("situation-specific anxiety") ervaar. Henter beskou ang as 'n relatief stabiele persoonlikheids-eienskap, asook 'n sielkundige eienskap weens die toestand waarin iemand hom-/haarself bevind.

Dit is belangrik dat die taalaanbieder verseker dat die klaskameromgewing op so 'n wyse aangebied word dat taalaanleerders gemaklik voel in die klaskamer waar die taalaanleerproses plaasvind. Sass (2017:31) is ook van mening dat 'n atmosfeer deur taalaanbieders geskep moet word waar taalaanleerders nie angstig voel nie, en die selfvertroue het om – gegewe omstandighede tersaaklik tot die huidige bespreking – Afrikaans te gebruik om byvoorbeeld hul uitspraak te oefen.

#### 2.1.1.3 Verveeldheid

Verveeldheid word gedefinieer as 'n gemoedstoestand gekarakteriseer deur 'n gebrek aan belangstelling, stimulasie en uitdaging. Dit word beskou as een van die algemeenste emosies wat mense daaglik ervaar, maar word deur Wang en Xu (2021:51) gesien as een van die uniekste emosies in die aanleer van 'n tweede of vreemde taal. Verskeie navorsers, waaronder Ndeti, Nyamai en Mutiso (2023:1), Wang en Xu (2021:51), Pawlak, Kruk, Zawodniak en Pasikowski (2020:1) en Pekrun, Hall, Goetz en Perry (2014:696) lug hul menings daarvoor dat ofskoon verveeldheid 'n belangrike rol in die taalaanleerproses speel, daar tog so min navorsing daarvoor gedoen word.

Wang en Xu (2021:51) wys twee soorte verveeldheid uit: *Eienskapsverveeldheid* word meer as 'n persoonlikheidsienskap beskou en word geaktiveer weens 'n persoon se neiging tot verveeldheid, soos bepaal deur die persoon se individuele interne sielkundige karaktereienskappe. Daarenteen word *situasionele verveeldheid* as 'n omgewingsproduk beskou wat meestal deur eksterne omgewingsfaktore soos 'n gebrek aan stimulasie bepaal word, en wat slegs vir 'n kort tydperk duur. Wang en Xu (2021:51) gaan verder en sê dat eienskapsverveeldheid in twee kategorieë, naamlik *eksterne* en *interne verveeldheid* verdeel kan word. *Eksterne verveeldheid* is wat mense ervaar wanneer die omgewing nie hul belangstelling prikkel nie, terwyl *interne verveeldheid* verwys na individue se onvermoë om maklik by aktiwiteite of gesprekke betrokke te raak.

Interaksie in taalaanleerklasse is volgens Xie (2021:3) 'n belangrike aspek wat taalaanbieders in ag moet neem, aangesien hulle nie net vir die oordrag van pedagogiese kennis verantwoordelik is nie. Hulle moet ook aandag skenk aan die hoeveelheid werk wat onderrig word, en dat lesse te alle tye interaktief moet wees sodat die verveeldheidsfaktor uitgeskakel kan word.

#### 2.1.1.4 Selfvertroue

Selfvertroue speel 'n uiters belangrike rol in die taalaanleerproses, want volgens Chen (2022:517) lei dit tot 'n goeie selfevaluering van taalaanleerders wat verder daartoe lei dat hulle die nodige selfvertroue het om in die doeltaal te kommunikeer. Dit is belangrik dat taalaanleerders in hulself glo, in die afwesigheid waarvan hulle 'n vrees vir mislukking sal ontwikkel hul selfbeeld sal verswak en die verwagting van mislukking tot ang en 'n gebrek aan selfvertroue sal lei (Dilnoza 2021:30).

Ni (2012:1509) is van mening dat selfvertroue 'n betekenisvolle eienskap is om te besit wanneer iemand 'n tweede of vreemde taal aanleer. Sy is ook oortuig daarvan dat wanneer taalaanleerders tydens die taalaanleerproses selfvertroue opbou, hulle nie maklik sal opgee nie, en oor die nodige uithouvermoë sal beskik om enige struikelblok te oorkom. Sy sluit af deur te sê dat selfvertroue 'n verskynsel is wat verdere navorsing vereis, aangesien dit betekenisvolle implikasies vir taalaanleer inhou.

Zayed en Al-Ghandi (2019) beklemtoon die sentrale rol wat selfvertroue in die proses van taalaanleer vervul. Volgens hulle beïnvloed selfvertroue nie slegs die taalaanleerder se houding teenoor die aanleer van 'n tweede taal nie, maar bepaal dit ook die aanleerder se bereidwilligheid om die taal aktief te gebruik. Hulle voer aan dat verdere navorsing oor selfvertroue noodsaaklik is, aangesien selfvertroue taalaanbieders in staat stel om innoverende en kreatiewe strategieë te ontwikkel wat aanleerders se selfvertroue kan versterk en sodoende die aanleerproses doeltreffender maak.

#### 2.1.1.5 Gesindheid

Alhoewel houding en gesindheid met mekaar verband hou, gebruik ons die term *gesindheid* omrede *houding* verwys na 'n manier van iets doen of hanteer, en *gesindheid* na 'n denkwyse, stemming en innerlike gevoel (Benjamin 2025:22 en Verhoef 1995:42).

Vir Krashen (1982:31) word gesindheid deur affektiewe faktore bepaal en hou dit nie direk met intelligensie of aanleg verband nie. Hy glo wel dat gesindheid aan taalaanleer gekoppel word.

Volgens Henter (2014:374) word gesindheid beskou as die mees bepalende faktor van gedrag. Wanneer 'n individu 'n nuwe taak aanpak, soos die aanleer van 'n addisionele taal, ontken hierdie proses 'n waardebelade kettingreaksie. Dit impliseer dat die individu se houding teenoor die taak óf positief, óf negatief sal wees, wat uiteindelik die aard van die leerervaring beïnvloed.

In Benjamin (2025:23) se navorsing word verwys na die belangrike rol wat die klaskamer-situasie tydens die aanleerproses speel. Die atmosfeer in die klaskamer is veral belangrik wanneer dit kom by die gesindheid van taalaanleerders, want die taalaanbieder, klasmaats, leerstof en die instelling self sal bepaal watter gesindheid taalaanleerders tydens die onderrig van die addisionele taal sal toon.

Bosch en De Klerk (1996:244) wys twee moontlike taalhoudings uit wat taalaanleerders kan ervaar, naamlik *instrumentele* en *integrerende houdings*. Omdat taalhoudings positief óf negatief kan wees, beïnvloed dit die wyse waarop taalaanleerders die aanleer van 'n addisionele taal benader. 'n *Instrumentele houding* verwys na die praktiese motivering om 'n taal vir daaglikse gebruik en funksionele doelwitte aan te leer. Daarenteen spruit 'n *integrerende houding* uit sosiale en interpersoonlike druk, waar aanleerders die doeltaal aanleer om by die taalgemeenskap in te skakel en deel te word van die kultuur. Bosch en De Klerk (1996:244) beklemtoon dat taalaanleerders dikwels bewus is van die rede waarom hulle 'n taal wil aanleer, maar nie noodwendig van die onderliggende houding wat hulle koester nie. Derhalwe is dit noodsaaklik dat gesindheid en houding as navorsingsfokus in taalonderrig bespreek en ontleed word.

In hierdie afdeling is die rol van affektiewe faktore by taalaanleer bespreek. 'n Kort bespreking van die affektiewefilterhipotese het gedien as inleiding, gevolg deur 'n bespreking oor vyf affektiewe faktore, naamlik motivering, angs, verveeldheid, selfvertroue en gesindheid. Vervolgens word akademiese emosies bespreek.



## 2.2 Akademiese emosies

In die afdeling word akademiese emosies in taalaanleer bespreek. 'n Kort bespreking oor die tipes akademiese emosies word gevolg deur 'n bespreking oor hoe Pekrun se beheer-waarde-teorie deel uitmaak van akademiese emosies in taalaanleer.

### 2.2.1 Akademiese emosies

Akademiese emosies is volgens Tan, Mao, Jiang en Gao (2021:1) die emosies wat leerders in akademiese instellings ervaar en wat 'n verduideliking bied van die sielkundige prosesse wat tydens taalaanleer plaasvind.

Lee en Chei (2020:1521) verdeel emosies in twee kategorieë, naamlik *positiewe* en *negatiewe emosies*. Mense met *positiewe emosies* is entoesiasies, aktief en vol lewe, ervaar gewoonlik 'n sterk gevoel van genot en opwinding, en is toegewyd tot hulle deelname aan aktiwiteite. Daarteenoor hou *negatiewe emosies* nadelige gevolge vir taalaanleerders se akademiese prestasie in en kan daartoe lei dat hulle skool vroeg verlaat; en volgens Pekrun en Stephens (2012:3) kan hulle gesondheid negatief geaffekteer word. Lee en Chei (2020:1521) verduidelik dat daar nie noodwendig 'n negatiewe verband tussen positiewe en negatiewe emosies is nie, aangesien albei emosies hoog of laag kan wees – albei emosies moet dus as onafhanklike dimensies beskou word, eerder as een. Hulle sluit af deur te sê dat afwisseling tussen positiewe en negatiewe emosies taalaanleerders tydens die taalaanleerproses kan beïnvloed.

Akademiese emosies word deur Pekrun en Stephens (2012:4) volgens hulle valensie (“valence”) en hulle graad van aktivering/opwekking (“arousal”) gekategoriseer. Tan e.a. (2021:1) is van mening dat *akademiese emosionele valensie* daarna verwys of die stimulasie van die taalaanleerproses plesierig of onplesierig is, terwyl *akademiese emosionele aktivering* verwys na die akademiese emosionele intensiteit wat 'n stimulus kan veroorsaak. Positiewe en negatiewe emosies word in terme van valensie van mekaar onderskei, soos plesierige genot en onplesierige angs. Ten opsigte van aktivering, tref Pekrun en Stephens (2012:4) 'n verdere onderskeid tussen *aktiverende emosies* en *deaktiverende emosies*, byvoorbeeld aktiverende opgewondenheid teenoor deaktiverende ontspanning. Aktiverende emosies verhoog dus die energie, motivering en aandag van die taalaanleerder terwyl deaktiverende emosies dit verlaag.

In Pekrun, Goetz, Titz en Perry se 2002-studie assesser hulle met behulp van die akademiese-emosievraelys<sup>7</sup> studente se akademiese emosies deur hul genot, hoop, trots, angs, skaamte, woede en vorige ervaring van die lewe te meet. Wanneer valensie en die aktiveringsgraad gekombineer word, ontstaan vier soorte akademiese emosies waarin die bostaande akademiese emosies verdeel word (Xie en Kuo 2021:1):

- negatief lae geaktiveerde akademiese emosies (negatief + deaktiverend)<sup>8</sup>
- negatief hoë geaktiveerde akademiese emosies (negatief + aktiverend)
- positief lae geaktiveerde akademiese emosies (positief + deaktiverend)
- positief hoë geaktiveerde akademiese emosies (positief + aktiverend)

Tabel 1 verskaf voorbeelde van bogenoemde vier akademiese emosies met 'n aanduiding of sekere emosies positief geaktiveer of gedeaktiveer, of negatief geaktiveer of gedeaktiveer is.

**Tabel 1. Vier akademiese emosies (Xie en Kuo [2021:4] – eie vertaling [Benjamin 2025:26])**

| Aktivering/valensie | Positief<br>(Plesierige emosies)      | Negatief<br>(Onplesierige emosies)           |
|---------------------|---------------------------------------|----------------------------------------------|
| Aktiverend          | Genot, hoop, trots, dankbaarheid      | Woede, angs, skaamte                         |
| Deaktiverend        | Ontspanning, verligting, tevredenheid | Verveeldheid, ongelukkigheid, teleurstelling |

Xie en Kuo (2021:5) stel die volgende maniere voor om akademiese emosies te verbeter:

- sosiale ondersteuning van ouers en taalaanbieders
- verbetering van akademiese omgewings
- diverse klaskamersamestelling
- duidelike klaskamerinstruksie
- gestruktureerde doelwitte en sosiale verwagtinge
- terugvoer en gevolge van prestasie
- aanvaarbare klasure
- doeltreffende onderrig
- goeie balans tussen studie en rus
- goeie skooltoerusting
- redelike aantal assesserings

Hierdie riglyne behoort by te dra tot 'n gesonder klaskameromgewing wat taalaanleerders in staat sal stel om moontlike uitdagings sonder onnodige stres en druk te hanteer (Xie en Kuo 2021:5).

### 2.2.2 Beheer-waarde-teorie vir prestasie-emosies

Pekrun (2006:317) definieer *prestasië-emosies* as emosies wat direk met prestasie-aktiwiteit of prestasie-uitkomst verband hou. Hy verdeel prestasie-emosies in die volgende twee kategorieë: *aktiwiteitseemosies* wat met deurlopende prestasie-aktiwiteit verband hou en *uitkomstseemosies* wat met die uitkomst van 'n sekere aktiwiteit verband hou.

Pekrun, Goetz, Frenzel, Barchfeld en Perry (2011:38) verduidelik in hul beheer-waarde-teorie dat prestasie-emosies ontstaan wanneer aanleerders die mate van beheer oor 'n aktiwiteit evalueer. Indien taalaanleerders voel dat hulle die aktiwiteit kan beheer – of nie beheer daaroor het nie – beïnvloed dit die aard van die emosie wat ervaar word. Die teorie beklemtoon dat sowel *beheer* as *waarde* 'n deurslaggewende rol speel in die vorming van emosies: Beheer-evaluering verwys na die geskatte uitvoerbaarheid van prestasieverwante aksies, terwyl waarde-evaluering verband hou met die subjektiewe belangrikheid wat aan die aktiwiteit en die uitkomst daarvan geheg word.

Tabel 2 verduidelik die skakeling wat die beheer-waarde-teorie tussen evaluering en prestasie-emosies toon.

**Tabel 2. Die beheer-waarde-teorie (Pekrun [2006:320] – eie vertaling [Benjamin 2025:29])**

| Doelwitfokus          | Waarde                                            | Beheer                                                     | Emosie                                                                                  |
|-----------------------|---------------------------------------------------|------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------|
| Uitkoms/voornemend    | Positief (sukses)<br>Negatief (mislukking)        | Hoog<br>Medium<br>Laag<br>Hoog<br>Medium<br>Laag           | Afwagende geluk<br>Hoop<br>Hopeloosheid<br>Afwagende verligting<br>Angs<br>Hopeloosheid |
| Uitkoms/retrospektief | Positief (sukses)<br>Negatief (mislukking)        | Irrelevant<br>Self<br>Ander<br>Irrelevant<br>Self<br>Ander | Geluk<br>Trots<br>Dankbaarheid<br>Ongelukkigheid<br>Skaamte<br>Woede                    |
| Aktiwiteit            | Positief<br>Negatief<br>Positief/negatief<br>Geen | Hoog<br>Hoog<br>Laag<br>Hoog/laag                          | Genot<br>Woede<br>Frustrasie<br>Verveeldheid                                            |

Volgens Pekrun (2006:319) toon die teorie dat voornemende uitkomstemosies, retrospektiewe uitkomstemosies en aktiwiteitseemosies deur verskillende evalueringsantesedente<sup>9</sup> bepaal word. Hierdie emosiegroepe word gekarakteriseer deur verskillende maniere om die doelwitfokus en tydraamwerk te bepaal, sodat die evaluering van waarde en beheer verskillende funksies verrig. In voornemende uitkomstemosies soos hoop, angs of hopeloosheid wentel die hoofvraag rondom beheer, en of sukses behaal en mislukking vermy word, asook wat die impak van beskikbaarheid beteken om hierdie doeleindes te bereik (Pekrun 2006:319). Retrospektiewe uitkomstemosies se hoofvraag wentel rondom die uitkoms van beheer, en ondersoek of die uitkoms deur die individu self veroorsaak is, of deur ander mense of eksterne faktore. Die laaste kategorie, wat met prestasie-aktiwiteite verband hou, verduidelik dat beheer en waarde verwys na die aksie wat uitgevoer word. Hierdie kategorie emosies plaas die klem op die aksie, nie die uitkoms nie (Pekrun 2006:319).

King en Gaerlan (2014:95) sê dit is belangrik om in ag te neem dat verskillende individue se onderskeie selfbeheervermoëns tot uiteenlopende ervarings van emosies lei; derhalwe speel Pekrun se beheer-waarde-teorie 'n belangrike rol in sowel onderrig as die bestudering van antesedente in akademiese emosies.

### 2.2.3 Samevatting

Volgens Henter (2014:374) is gesindheid die mees bepalende faktor van gedrag. Wanneer 'n individu 'n nuwe taak aanpak, soos die aanleer van 'n addisionele taal, ontketen dit 'n waardebelade kettingreaksie wat die taalaanleerder se reaksie positief of negatief kan beïnvloed. Bosch en De Klerk (1996:244) het onderskei tussen *instrumentele* en *integrerende* taalhoudings. *Instrumentele houdings* spruit uit praktiese motiverings, soos die daaglikse gebruik van die taal, terwyl *integrerende houdings* verband hou met sosiale druk en die begeerte om by die doeltaalgemeenskap in te skakel. Hierdie perspektiewe beklemtoon dat taalaanleerders dikwels bewus is van die rede waarom hulle 'n taal wil aanleer, maar nie noodwendig van die onderliggende houding wat hul leerproses beïnvloed nie.

Zayed en Al-Ghandi (2019) beklemtoon die sentrale rol van selfvertroue in taalaanleer. Selfvertroue beïnvloed nie net die taalaanleerder se houding teenoor die tweede taal nie, maar bepaal ook die bereidwilligheid om die taal aktief te gebruik. Pekrun e.a. (2011:38) se beheerwaarde-teorie sluit hierby aan deur te verduidelik dat prestasie-emosies gevorm word deur die evaluering van beheer en waarde. Wanneer taalaanleerders voel dat hulle 'n taak kan beheer en dit as waardevol ervaar, ontstaan positiewe emosies wat die leerproses versterk.

Saam bied hierdie teorieë 'n geïntegreerde raamwerk vir die verstaan van taalaanleer:

- Gesindheid en houding bepaal die aanvanklike ingesteldheid van taalaanleerders.
- Selfvertroue en emosies beïnvloed die bereidwilligheid en volharding in die leerproses.

Hierdie raamwerk beklemtoon dat suksesvolle taalaanleer nie slegs 'n kognitiewe proses is nie, maar 'n dinamiese wisselwerking tussen emosionele, sosiale en motiverende faktore.

### 2.3 Die akkulturasiemodel

Die akkulturasiemodel plaas klem op identifisering met die doeltaalgemeenskap, want dit is volgens Schumann (1978) die primêre vereiste vir taalaanleer. Alhoewel Schumann die akkulturasiemodel ontwikkel het, is die akkulturasieteorie reeds in 1960 deur Linton geformuleer (Daniels, 2000:1). Hy het die sosiale en sielkundige afstand tussen die twee kultuurgroepe van moedertaalsprekers en taalaanleerders bestudeer, asook die sosiale en sielkundige veranderinge wat vir nouer interaksie ("closer interaction") nodig sou wees. *Sosiale afstand* verwys na die fisiese kontak met die doeltaalgroep en *sielkundige afstand* verwys na die bereidwilligheid van taalaanleerders om die doeltaalkultuur aan te neem. Barjesteh en Vaseghi (2012:579) meen dat indien die afstand tussen hierdie twee groepe verminder word, die taalaanleerproses en die proses van kulturele geletterdheid vir taalaanleerders geriefliker sal wees.

Schumann (1986) verdeel akkulturasie in twee groepe op grond van hoe taalaanleerders met die doeltaalkultuur integreer. Die eerste groep neem die doeltaalgemeenskap as 'n verwysingsraamwerk aan, met die hoop om ten volle met die leefstyl en waardes van daardie kultuur te vereenselwig. Die tweede groep wil sosiaal en sielkundig met die kultuur van die addisionele taal verbind wees, maar is nie gewillig om met die doeltaalkultuur te identifiseer nie. Daarmee in gedagte, meen Schumann (1986) dat albei hierdie soorte akkulturasie steeds tot sukses in die taalaanleerproses kan lei.

Verskeie navorsers, soos Barjesteh en Vaseghi (2012), Phaladi (2009) en Schumann (1986), het 'n lys faktore saamgestel wat die sosiale en sielkundige afstand van taalaanleerders bepaal. Daar word eerste die lys faktore aangebied wat die sosiale afstand bepaal:

- Sosiale oorheersing: Albei groepe – taalaanleerders sowel as moedertaalsprekers – moet voel dat hulle polities en ekonomies gelyk aan mekaar is (Barjesteh en Vaseghi 2012:580). As die taalaanleerders voel dat hulle enigsins polities of ekonomies magtiger as en "meerderwaardig" teenoor die moedertaalsprekers is, is daar nie regtig 'n nood om die addisionele taal aan te leer nie (Schumann 1986:380). Dit is ook volgens Phaladi (2009:33) moontlik dat die moedertaalsprekers die taalaanleerders buite die skoolomgewing laat voel asof laasgenoemde oorheers word en so voel die taalaanleerders ook nie gemotiveerd om verder die addisionele taal aan te leer nie.

- Schumann (1978) se drie integrasie-strategieë, naamlik assimilasië, bewaring en aanpassing: Volgens Schumann (1986:380) kan taalaanleerders enigiens van hierdie drie strategieë uitoefen en daar sal gevolge wees. As taalaanleerders besluit op *assimilasië*, beteken dit dat hulle hul eie waardes en geloof prysgee ten einde dié van die doeltaalkultuur aan te neem. Indien hulle op *bewaring* besluit, kies hulle hul eie kultuur, geloof en waardes bo dié van die addisionele taal en sal hulle geen belangstelling toon om die waardes en oortuigings van die doeltaalkultuur aan te neem nie. Die laaste strategie, *aanpassing*, is die voorkeurstrategie, wat beteken dat taalaanleerders hul eie kultuur en oortuigings behou, maar steeds dié van die addisionele taal aanneem.
- Insluiting: Phaladi (2009:33) beskou dié sosiale faktor as uiters belangrik en verduidelik dat dit verwys na taalaanleerders en moedertaalsprekers wat sosiale instellings, kerke, skole, werksplekke en ander gemeenskaplike instellings deel. Op hierdie manier is daar 'n samehorigheid tussen albei groepe en kan suksesvolle taalaanleer plaasvind.
- Samehang en grootte: Dit is belangrik dat albei groepe min of meer ewe groot is, want as een groep te groot of te klein is, belemmer dit die proses van taalaanleer (Barjesteh en Vaseghi 2012:580). Hierdie punt is egter betwisbaar, aangesien die waarskynlikheid groot is dat die moedertaalsprekers 'n veel groter groep gaan wees.
- Kongruensie: Schumann (1986:382) is van mening dat as die taalaanleerders en die moedertaalsprekers se kultuur en geloof min of meer dieselfde is of 'n paar aspekte in gemeen het, dit die proses van akkulturasie en taalaanleer bevoordeel.
- Houding: As die taalaanleerders 'n positiewe houding teenoor die moedertaalsprekers en doeltaal toon, lei dit tot die moontlikheid van beter konneksie (Barjesteh en Vaseghi 2012:580).
- Beoogde lengte van verblyf: Schumann (1986:382) stel voor dat die lengte van verblyf vir die taalaanleerders so lank moontlik moet wees, want 'n langer verblyf maak voorsiening vir langer kontaktyd met die moedertaalsprekers.

Die lys faktore wat die sielkundige afstand bepaal, is soos volg:

- Taalskok: Schumann (1986:382) verduidelik dat die term *taalskok* verwys na die gevoel van skaamte wat taalaanleerders ervaar indien hulle nie die addisionele taal korrek gebruik nie. Hy sê dat volwasse taalaanleerders meer bekommerd as jonger taalaanleerders is oor die manier hoe hulle die addisionele taal praat. Vir Phaladi (2009:34) is taalskok 'n gevoel van ontevredenheid en skuldgevoel wanneer taalaanleerders hulleself nie in die addisionele taal kan uitdruk nie.
- Kultuurskok: Kultuurskok is 'n gevoel van verwerping en verlatenheid wat weens die groot verskil tussen kulture deur taalaanleerders ervaar word (Phaladi 2009:35). Barjesteh en Vaseghi (2012:580) beskryf kultuurskok as “disoriëntering” wat deur taalaanleerders ervaar word wanneer daar groot verskille tussen die twee kulture is.
- Motivering: Phaladi (2009:35) en Schumann (1986:383) meen dat taalaanleerders gemotiveerd moet wees om die doeltaalkultuur aan te leer. Indien dit nie die geval is nie, stagneer die taalaanleerproses en belemmer dit die aanleer van die addisionele taal.
- Egodeurlaatbaarheid: Egodeurlaatbaarheid dui op die bereidwilligheid van taalaanleerders om nie net 'n addisionele taal te bemeester nie, maar ook die kultuur wat daarmee gepaard gaan. Dit sluit hul vermoë in om 'n nuwe kultuur en identiteit aan te neem.
- Kultuurstres: Hierdie faktor behels die gewaarwording wat by taalaanleerders opkom soos hulle anders begin dink en die nuwe identiteit begin bevraagteken.

In Benjamin (2025:7) se magisterstudie word veral op die belangrikheid, al dan nie, van kultuuronderdig gefokus wanneer dit kom by die aanleer van 'n addisionele taal, asook die emosionele faktore wat met die aanleer daarvan gepaard gaan. Die twee hoofteorieë, naamlik Krashen se affektiewefilterhipotese en Schumann se akkulturasie-model, is gepas om saam te gebruik, aangesien albei teorieë klem op kultuur, emosies en ander affektiewe faktore plaas.

### 3. Metodologie

'n Gemengdemetodebenadering is gebruik om die ondersoek uit te voer. Deur middel van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes is triangulasie verseker. Deelnemende aksienavorsing (DAN) met 'n gevallestudiekomponent is as navorsingsontwerp vir die empiriese studie gekies. Laastens is 'n vraelys met oop en geslote vrae as navorsingsinstrument gebruik om data in te samel.

#### 3.1 Gemengdemetodebenadering

Shorten en Smith (2017:74) skryf dat 'n gemengdemetodebenadering die proses is waardeur 'n navorser sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe data insamel en ontleed. Saraswati en Devi (2023:1) meen dat die kombinerings van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes 'n meer holistiese perspektief op navorsingsvrae gee wat dit toepasliker maak vir die ondersoek van veelvlakkige kwessies.

Volgens Kandel (2020:2) samel kwalitatiewe navorsing data in, en ontleed en interpreteer dit deur waar te neem wat mense doen en sê. McLeod (2023:8) is van mening dat kwalitatiewe navorsing voordelig vir navorsers is omdat dit geleentheid vir "nouer betrokkenheid deur die navorser" ("closer researcher interaction" [eie vertaling – Benjamin 2025:70]) skep.

Daarteenoor verduidelik kwantitatiewe navorsing 'n verskynsel deur die insameling van numeriese data wat deur middel van wiskundig gebaseerde metodes ontleed word (Kandel 2020:2). Kwantitatiewe navorsingsmetodes en ontleding van data is volgens McLeod (2023:11) voordelig vir navorsing omdat dit wetenskaplike objektiwiteit insluit.

#### 3.2 Deelnemende aksienavorsing (DAN) in gevallestudies

Lewin (in MacDonald 2012:37) lê klem op die belangrikheid daarvan dat deelnemers aan 'n studie geleentheid gegee moet word om hul mening oor 'n ondersoekte situasie te lug.

Baum, MacDougall en Smith (2006:854) meen DAN beoog om die wêreld te verstaan en te verbeter deur verandering teweeg te bring. Dit is 'n kollektiewe en selfreflektiewe proses wat navorsers en deelnemers ondergaan sodat hulle die praktyke waarin hulle lewe en hulself bevind, kan verstaan en verbeter. Hofstee (2006:127) definieer DAN as 'n navorsingsvorm waarby die deelnemers aktief betrokke is om 'n probleem op te los of 'n leerdoelwit te bereik.

Crowe, Creswell, Robertson, Huby, Avery en Sheikh (2011:1) is van mening dat gevallestudies nuttig te pas kom wanneer daar 'n nood is om diepgaande waardering te vind vir 'n sekere geval, geleentheid of verskynsel van belangstelling in die konteks van die werklike alledaagse bestaan daarvan. Hulle beskryf ook gevallestudies as 'n navorsingsbenadering wat gebruik



word om diepgaande, veelvlakkige begrip van 'n komplekse kwessie in die konteks van die werklikheid te genereer.

Volgens Nunan (1992:77–9) word 'n *geval* beskou as 'n enkele groep mense in 'n spesifieke konteks, met 'n *gevallestudie* die ondersoek van daardie geval in die konteks waarin dit voorkom. Met dié studie was die geval die bestudering van leerders van 'n hoërskool in Kraaifontein wat Afrikaans EAT neem, maar Afrikaans is nie hul tweede of derde taal by die huis nie. Die leerders was almal graad 10-leerders, 15–17 jaar oud. Die doel van Benjamin (2025:64) se studie was om die houding te bepaal van tweede- of derdetaalsprekers van Afrikaans oor die Afrikaansonderrig wat hulle op hoërskool ontvang.

### 3.3 Navorsingsinstrument

Daar is een vraelys met oop en geslote vrae gebruik om data in te samel.

'n Vraelys is 'n data-insamelingsmetode wat deur 'n respondēt in geskrewe formaat voltooi word, en dien as instrument vir die insameling en dokumentering van inligting gebaseer op 'n spesifieke onderwerp (Kuphanga 2024:3). Sass (2017:45) beskou vraelyste as hoogs buigsaam en meen baie navorsingsvrae kan in een vraelys aangeroei word; en dat dit makliker is om bevindinge tot die werklike wêreld te veralgemeen.

In Benjamin (2025:73) se studie is gebruik gemaak van oop en geslote vrae. Oop vrae laat deelnemers toe om hul eie antwoord te formuleer sonder dat enige voorstelle aan hulle “opgedring” word. Daarteenoor laat geslote vrae deelnemers nie toe om breedvoerig oor hul besluit uit te brei nie (Muijs 2004:46).

Dörnyei (2010:5–6) stel drie soorte inligting voor wat deur middel van vraelyste geopenbaar kan word: demografies, gedrag en gesindheid. In tweedetaalaanleer sentreer demografiese vrae gewoonlik rondom deelnemers se geskiedenis van tweedetaalaanleer (Van der Merwe 2022:66). In Benjamin (2025:72) se vraelys is byvoorbeeld die volgende twee demografiese vrae gevra: Op watter ouderdom het jy Afrikaans begin leer? en Het jy Afrikaans Eerste Addisionele Taal sedert graad 1 geneem? (Indien nie, spesifiseer asseblief watter Afrikaans jy geneem het.) Vrae wat navraag oor gedrag doen, is gewoonlik daarop gemik om meer uit te vind oor hoe taalklasse deur die deelnemers ervaar word. Dit verwys na die metodes en strategieë wat tydens die taalklas gebruik word. Twee voorbeelde uit Benjamin (2025:72) se vraelys is: Hoe voel jy tydens die Afrikaanslesse? en Is jy soms verveeld in die Afrikaansklas? Motiveer asseblief jou antwoord. Laastens is die doel van die vrae oor gesindheid om te bepaal hoe deelnemers oor die taal en kultuur daarvan dink en voel. Dit is hierdie inligting wat vir my ondersoek belangrik was.

Data is dus slegs deur middel van een vraelys ingesamel, waarvan die doel was om die hoofnavorsingsvraag te beantwoord. Die vraelys se doel was om deelnemers se eerlike gesindheid teenoor Afrikaans, asook die kulturaanbieding van Afrikaans, te openbaar. Daarom sluit dit vrae in oor hoe deelnemers oor Afrikaans voel; hoe hulle voel wanneer hulle Afrikaans moet praat; hoe hulle voel oor die aanbieding van kultuur wat gelykertyd as die onderrig van Afrikaans geskied; en of die manier hoe Afrikaans en die kultuur aangebied word vir hulle voordelig is.

## 4. Resultate en ontleding van vraelys se data

### 4.1 Studiekonteks

Die graad 10-leerders wat aan die studie deelgeneem het, is verbonde aan 'n hoërskool in Kraaifontein waar die leerders se huistaal nie Afrikaans is nie, maar Engels of een van die amptelike Afrikatale. Die redes waarom dit spesifiek vir dié leerders voordelig was om aan hierdie studie deel te neem, is: Hulle begin met vakspesifieke inhoud en die tema van kultuur kan tot kurrikulumintegrasie lei;<sup>10</sup> hulle beskik oor genoegsame taalvaardighede en kritiese denke om oor temas na te dink; die tema sluit aan by gesinswaardes, geloof, musiek, letterkunde en gemeenskapslewe – aspekte waarmee die leerders kan identifiseer; en hulle is op 'n kritieke stadium van identiteitsvorming, wat beteken hulle begin vra “Wie is ek?” en “Waar pas ek in?”

Ses-en-dertig leerders het ingestem om aan die studie deel te neem. Elke deelnemer is 'n unieke nommer toegeken sodat hul data en antwoorde anoniem bespreek kan word.

### 4.2 Resultate en ontleding van vraelyste

Die data word hoofsaaklik beskrywend aangebied, maar figure word gebruik om die kwantitatiewe data visueel te illustreer. Waar nodig, word die redes wat deelnemers verskaf het woordeliks weergegee.

Die resultate word soos volg uiteengesit: eerstens die algemene inligting oor die deelnemers en daarna die gedeelte wat handel oor hul emosies tydens die Afrikaans EAT-lesse en hul motivering om Afrikaans aan te leer. Daarna volg die afdeling oor kulturele geletterdheid.

#### 4.2.1 Algemene inligting oor die deelnemers

Vraag 1 het gevra in watter graad die deelnemers is en alle deelnemers het geantwoord hulle is in graad 10. Die tweede vraag wou weet hoe oud die deelnemers is, met 12 deelnemers 16 jaar oud en 24 deelnemers 15 jaar oud.

Vraag 3 het verneem na deelnemers se huistaal. Volgens die data wat ingesamel is, is die huistaal van die deelnemers soos volg: 1 Sesotho, 4 Afrikaans, 1 isiZulu, 8 isiXhosa, 4 Shona en 21 Engels. Die getalle is meer as 36 omdat sommige deelnemers meer as 1 huistaal neergeskryf het: D14 het isiXhosa en Sesotho geskryf, D22 en D23 Engels en Afrikaans en D37 Shona en Engels. Die meerderheid deelnemers se huistaal is Engels. Benjamin (2025:79) het opgemerk dat slegs 4 van die 36 deelnemers se huistaal Afrikaans is. Dit was verbasend, aangesien die groter gemeenskap waarin die skool geleë is, oorwegend Afrikaanssprekend is.


Daar is in vraag 4 aan die deelnemers gevra op watter ouderdom hulle Afrikaans begin leer het, met die meerderheid deelnemers (23) wat Afrikaans tussen die ouderdom van 4 en 8 jaar begin aanleer het. Dit is verstaanbaar, want dit is die ouderdomsgroep wanneer kinders begin skool gaan. Van die oorblywende deelnemers het 4 tussen die ouderdom van 1 en 3 jaar Afrikaans begin leer en 8 tussen die ouderdom van 9 en 14.

Vraag 5 het gevra of deelnemers sedert graad 1 Afrikaans EAT gedoen het. Tien van die deelnemers het *Nee* geantwoord en die oorblywende 26 *Ja*.

#### 4.2.2 Akademiese emosies

In hierdie afdeling word die data-ontleding van die deelnemers uit die vraelys wat betrekking op akademiese emosies het, bespreek. Dit sluit in hoe gemotiveerd hulle is om Afrikaans aan te leer, hoe hulle tydens die Afrikaanslesse voel, en watter emosies hulle ervaar wanneer hulle Afrikaans praat.

Figuur 1 dui die emosies van deelnemers tydens Afrikaanslesse aan.



**Figuur 1. Deelnemers se emosies tydens Afrikaanslesse**

Die meeste deelnemers (17) het gesê hulle voel verveeld tydens die Afrikaanslesse, met 11 wat angstig voel. Van die oorblywende deelnemers het 9 gesê hulle voel gemotiveerd en 2 opgewonde. Sommige deelnemers het meer as een emosie neergeskryf. Die data van die figuur toon dat die meerderheid deelnemers (28) hoofsaaklik negatiewe emosies (verveeldheid en ang) tydens die Afrikaanslesse ervaar, met slegs 11 leerders wat positiewe emosies (opgewondenheid en gemotiveerdheid) ervaar.

Pekrun e.a. (2011:38) stel met die beheer-waarde-teorie voor dat as taalaanleerders 'n hoë vlak van selfbeheer het en positief is, hulle meer beheer oor hul prestasie sal uitoefen. Krashen (1982:32) meen ook dat as taalaanleerders nie optimale toevoer ontvang of nie die toevoer begryp nie, dit tot 'n hoë affektiewe filter lei, wat weer 'n hoë angsvlak, verveeldheid en lae motivering tot gevolg het. Met die houding van taalaanleerders as een van die faktore wat die sosiale afstand in die akkulturasie-model bepaal, meen Schumann (1986) in Barjesteh en Vaseghi (2012:580) dat taalaanleerders 'n positiewer houding teenoor die doeltaal en moedertaalsprekers moet toon sodat dit tot 'n nouer verbinding tussen tweedetaal- en moedertaalsprekers kan lei.

Vraag 8 het aan die deelnemers gevra of hulle soms angstig voel wanneer hulle Afrikaans in die klas moet praat. Die resultate toon dat 24 deelnemers soms angstig voel wanneer hulle Afrikaans in die klas moet praat, met die oorblywende 12 wat sê dat hulle glad nie angstig voel nie. Benjamin (2025:83) reken dit kan wees omdat deelnemers waarskynlik vrees dat hulle 'n fout gaan maak wanneer hulle praat en dat hulle daarvoor, of vir die manier waarop hulle Afrikaans praat, gespot gaan word. Krashen (1982) in Ni (2012:1509) sê dat ang een van die vernaamste affektiewe faktore is wat die taalaanleerproses beïnvloed en daarom moet taalaanleerders gemaklik voel in die klaskamer en oor die nodige selfvertroue beskik om in die addisionele taal te kommunikeer. Taalskok – een van die faktore wat die sielkundige afstand

in die akkulturasie-model bepaal – word volgens Schumann (1986:382) beskryf as 'n gevoel van skaamte wat taalaanleerders ervaar indien hulle nie die addisionele taal korrek gebruik nie. Die 24 deelnemers wat angstig voel wanneer hulle Afrikaans moet praat, ervaar taalskok omdat hulle nie Afrikaans wil praat nie uit vrees dat hulle 'n fout gaan maak en gespot word. Dit is ook belangrik om in ag te neem dat 'n mate van angste baie normaal is en dat dit nie noodwendig altyd 'n negatiewe emosie is nie, soos aangedui in Ehrman (1996:149).

By vraag 9 van die vraelys moes deelnemers sê of hulle soms verveeld is in die Afrikaansklas en hul antwoord motiveer. Uit die resultate was dit duidelik dat die meeste deelnemers (31) soms verveeld in die Afrikaansklas is, met slegs 5 wat nie verveeld is nie. Dié statistiek is nie vreemd of 'n verrassing nie, want Wang en Xu (2021:51) beskou verveeldheid as een van die algemeenste emosies wat die daaglikse lewe van mense affekteer. Verder sê hulle dat verveeldheid een van die uniekste emosies is wat taalaanleerders tydens die taalaanleerproses ervaar.

Akademie-se verveeldheid dui daarop dat deelnemers die werk óf te moeilik, óf te maklik vind. Daar is 'n verband tussen die deelnemers se huistaal en die ouderdom waarop hulle Afrikaans begin aanleer het. Vier van die deelnemers is Afrikaanshuistaal sprekers en ervaar waarskynlik die werk wat onderrig word as maklik en onstimulerend. Daarteenoor is die oorwegende getal leerders nie-Afrikaanssprekendes en van hulle het op 'n laat ouderdom eers Afrikaans begin aanleer – hulle vind die werk waarskynlik moeilik.

Deelnemers het die volgende redes (woordeliks aangebied in Benjamin [2025:84]) verstrekkend waarom hulle soms verveeld in die Afrikaansklas is:

- D1: "Because I don't understand what they are saying so then I can't be in the lesson because I don't understand."
- D2: "When we have to read to the class and I have to wait for my turn."
- D3: "I'm not fluent enough in Afrikaans."
- D5: "Because sometimes I may not understand what the teacher is saying."
- D9: "Half of the time I can't understand what the question is asking of me."
- D10: "Because the teacher might be teaching in Afrikaans which I may not understand."
- D11: "Because sometimes I don't understand the language & the conversation."
- D13: "It depends on what is being taught, but most of the time I am bored."
- D20: "Because I don't understand what is being said."
- D21: "Because I don't find it interesting, more a waste of time."
- D22: "Because sometimes it's not so interesting."
- D24: "Because the teacher does not make it exciting."
- D25: "The subject is not interesting."
- D28: "It depends on how the teacher represents the lesson."
- D29: "I feel tired, like the teacher is not making it exciting."
- D30: "Sometimes I do not understand certain words and sometimes I get confused."
- D32: "I do not understand the language."

- D33: “It’s a language I cannot really understand.”
- D34: “Because sometimes I don’t understand the lesson or the big Afrikaans words.”
- D35: “Because the educators often use vocabulary that we as Afrikaans EAT learners often do not understand.”
- D36: “Because I don’t understand the language very well.”
- D37: “Because I won’t be understanding what they’re saying.”
- D38: “Because I struggle to understand Afrikaans.”
- D40: “Not all the time. There are just some words that I don’t know in Afrikaans that I know in English.”
- D41: “Because sometimes the teacher speaks slowly or too fast.”

Van die 31 deelnemers wat *Ja* op die vraag *Is jy soms verveeld in die Afrikaansklas?* geantwoord het, het 16 genoem dat hulle nie altyd verstaan wat die onderwyser sê nie, of hulle verstaan nie die gesprek wat gevoer word nie. Van die ander deelnemers het 3 gesê dat hulle verveeld is omdat dit nie opwindend is nie en nog 3 het gesê dat die onderwyser dit nie interessant maak nie. Hier word die verantwoordelikheid van taalaanbieders aan die lig gebring.

Die deelnemers voer die volgende redes (woordeliks aangebied [Benjamin 2025:85]) aan waarom hulle nie verveeld in die Afrikaansklas is nie:

- D4: “Cause I have to concentrate as someone who does not understand Afrikaans.”
- D12: “The class and the teacher is very engaging.”
- D15: “Our Afrikaans sir makes us understand it making it better.”
- D18: “Omdat ek lief vir leer is, is daar net sommige tye dat ek angstig is. Because I love learning, I’m just a bit anxious sometimes.”
- D39: “Ek is opgewonde om nuwe goed te leer.”


D4 se *Nee* en die uitdaging van “nie verstaan nie” word op ’n interessante manier verduidelik: Hierdie deelnemer beeld dit op ’n positiewe manier uit deur te sê dat hy/sy nie verveeld kan wees nie, want fokus speel ’n groot rol in die manier hoe hy/sy suksesvol in die aanleer van Afrikaans gaan wees. D4, wie se huistaal Shona is, het Afrikaans vir die eerste keer in graad 8 begin aanleer.

Vraag 17 het gevra of die leerders van mening is dat die emosies van ’n taalaanleerder ’n belangrike rol speel wanneer ’n addisionele taal aangeleer word. Van die 36 deelnemers het 33 positief reageer op die stelling, met 17 wat sterk saamstem en 16 wat net saamstem. Van die ander deelnemers voel 2 neutraal oor hierdie stelling en 1 stem glad nie saam nie.

Deelnemers moes by vraag 6 in die vraelys sê of hulle gemotiveerd voel om Afrikaans aan te leer of nie. Die meerderheid deelnemers (22) voel nie gemotiveerd om Afrikaans aan te leer nie, met slegs 14 wat wel gemotiveerd voel. Die getalle van hierdie vraag kan vergelyk word met die getalle van vraag 8 en 9. By die 24 deelnemers wat angstig tydens Afrikaanslesse voel en wanneer hulle Afrikaans moet praat en die 31 deelnemers wat soms verveeld in die Afrikaansklas is, hou dit moontlik verband met die redes waarom die meerderheid deelnemers nie gemotiveerd is om Afrikaans aan te leer nie. Krashen (1982) argumenteer in sy affektiewe-

filterhipotese dat wanneer taalaanleerders nie gemotiveerd is om 'n taal aan te leer nie, dit nie net hul toevoerinname verlaag nie, maar terselfdertyd hul affektiewe filter laat toeneem. Cook (1991:73) verwys na taalaanbieders se rol om te verseker dat taalaanleerders gemotiveerd is en dat die klaskameromgewing geskik moet wees om taalaanleerders te motiveer ten einde die addisionele taal aan te leer. Schumann (1986:383) noem ook motivering dien as een van die faktore wat die sielkundige afstand in die akkulturasie-model bepaal. Hy meen dat taalaanleerders gemotiveerd moet wees om die doeltaal en doeltaalkultuur aan te leer, anders stagneer die taalaanleerproses en sal doeltreffende taalaanleer nie plaasvind nie.

Figuur 2 toon die resultate van die deelnemers se mening of motivering belangrik is in addisionele-taalaanleer:



**Figuur 2. Die rol van motivering in addisionele-taalaanleer**

Figuur 2 toon dat 31 deelnemers oor die algemeen dink dat motivering 'n belangrike rol speel wanneer 'n addisionele taal aangeleer word, met 20 wat sterk saamstem met die stelling, en 11 wat net saamstem. Van die oorblywende deelnemers het 4 gesê hulle voel neutraal oor die stelling en 1 deelnemer stem glad nie daarmee saam nie.

#### 4.2.3 Kulturele geletterdheid

In hierdie afdeling word die data-ontleding van die deelnemers wat betrekking op kulturele geletterdheid het, bespreek. Dit sluit deelnemers se kennis oor die gebruik van kultuur in taalaanleeronderrig in, hul perspektief daaroor en hul ondervinding oor die aanleer van Afrikaans en die kultuur daarvan.



Vraag 10 het die deelnemers se kennis oor kultuuronderrig bepaal en wou van hulle weet wat hulle onder die term *kultuuronderrig* in taal verstaan. Die doel was om eerstens te probeer om 'n leerdersperspektief oor die term te kry, aangesien hoërskoolleerders verskeie idees oor kultuur het (Benjamin 2025:88). Tweedens wou Benjamin (2025:88) agterkom of daar 'n kennisgaping bestaan tussen wat die leerders verstaan en wat navorsing daaroor beweer, en – indien wel – of hierdie kennisgaping vernou kan word. Laastens was die doel van die vraag om die huidige onderrigbenaderings te evalueer om vas te stel of leerders in hul skool aan kultuuronderrig blootgestel word. Hul begrip van die onderwerp kan die doeltreffendheid (of gebrek daaraan) van die huidige onderrigbenaderings se sukses (al dan nie) uitlig. Deelnemers het die volgende onder die term *kultuuronderrig* verstaan (een deelnemer het nie die vraag beantwoord nie):

- “Teaching in that specific culture’s language.”
- “Teaching someone the ancestry of a language like what different sayings mean.”
- “Being taught a different language from yours. Learning more languages and learning different cultures, such as songs, poems and reading Afrikaans books.”
- “Culture teaching to me means learning some things in the language you understand.”
- “It means incorporating culture like traditions or practices into teaching the language.”
- “The teaching of one’s culture in their home language.”
- “It means learning the language with its culture.”
- “Teaching a language that is linked to that culture.”
- “It means learning other cultures through the languages you learn which helps you understand the language better.”
- “It means learning different attributes of the culture.”
- “It means learning about poems, novels and short stories of that language.”
- “To know who you are and understand yourself better.”
- “Teaching a certain culture in a language.”
- “When you learn about the language and the background.”
- “I think it means when you are learning about the culture of the language you are learning.”
- “For a language to have a cultural background.”
- “When you teach the culture through the language and vice versa.”
- “It means being taught cultural things in action.”
- “When learning about people’s religion and beliefs.”
- “Culture teaching is the language you speak or learn in your culture.”
- “To me it means a good thing, learning a language with a culture teaching is important.”
- “It means like when being taught a language and its culture within to make understand better about one certain language.”
- “It means learning about the culture and the language at the same time.”
- “It means learning a new technique or language.”

- “What culture teaching in languages means to me is being taught the culture or concept behind the language you are being taught.”
- “Personally, it means learning about a foreign culture.”
- “It means learning a language and the culture of the people also.”
- “Well, it means that I can understand more of it in deep.”
- “While learning Afrikaans in class the teacher includes the history and culture of Afrikaans.”
- “Learning the culture through the language.”
- “Dit help om meer oor jou kultuur te verstaan.”
- “That many cultures are different and people are diverse.”
- “Motivation.”
- “Teaching about your culture.”
- “It means being taught poems and other activities such as drama in Afrikaans.”

Uit bostaande verduidelikings lei ons af dat slegs 13 van die 35 deelnemers wat die vraag beantwoord het, regtig weet wat kultuuronderrig in taal beteken. Dit dui dus op ’n duidelike kennisgapings wat kan lei tot ’n voorstel vir beter integrasie van kulturele konsepte in taalonderrigpraktyke en die kurrikulum self.

Voorts word die deelnemersperspektiewe oor kultuuronderrig bespreek.

Wat die deelnemersperspektief oor kultuuraanbieding betref, dink 33 van die 36 deelnemers dit is belangrik om taal saam met die spesifieke kultuur aan te bied. Die antwoorde van deelnemers is in ooreenstemming met Schumann se akkulturasie-model wat klem plaas op die onderrig van die doeltaalkultuur, sodat taalaanleerders hulleself kan vereenselwig met die kultuur van die taal wat hulle aanleer (Veldsman 2021:41). Die oorblywende 3 beskou dit nie as belangrik nie.


Deelnemers het redes verstrekkend waarom hulle dink dit belangrik is om ’n taal saam met die kultuur daarvan aan te bied: Die meerderheid noem dit is belangrik dat jy die taal en die kultuur saam moet leer sodat jy die konteks beter kan verstaan, asook waar en hoe die taal ontstaan het. Baie deelnemers het ook gesê dat aanleer van die kultuur saam met die taal die aanbieding interessanter maak. Laastens het deelnemers aangevoer dat die aanleer van die kultuur saam met die taal hulle kan help om sowel die tradisie as die waardes van die taal te leer ken sodat hulle weet hoe om respek aan moedertaalsprekers te toon.

’n Mens kan aflei dat daar ’n sterk verband tussen taal en kultuur vir die leerders is, en dat hulle hieraan erkenning gee. Dit beklemtoon ook die feit dat taalaanleer nie net gaan oor grammatika- en woordeskatvaardighede nie, maar oor die dieper betekenis van die taal se waardes, tradisies en die konteks waarin die taal gevorm is en bestaan.

Deelnemers moes by vraag 12 sê of hulle dink hulle genoeg van die Afrikaanskultuur geleer het sedert hulle Afrikaans op skool doen. Van die 36 deelnemers voel 14 dat hulle genoeg van die Afrikaanskultuur geleer het sedert hulle Afrikaans op skool begin neem het, en 22 voel hulle het nie genoeg geleer nie.

Van die 22 deelnemers wat *Nee* geantwoord het, is 8 deel van die 10 wat nie sedert graad 1 Afrikaans op skool geneem het nie. D19, deel van hierdie groep, voel hulle het nie genoeg van die Afrikaanskultuur geleer nie omdat daar steeds basiese daaglikse woorde is wat hulle nie verstaan nie. Hierdie 8 deelnemers voel straks dat hulle nog nie genoeg van die Afrikaanskultuur geleer het nie omrede hulle nie sedert graad 1 Afrikaans op skool geneem het nie. Dit is moontlik waar, want D14 neem Afrikaans maar sedert graad 8, wat op 'n skamele twee jaar se ervaring van Afrikaans neerkom. Dieselfde geld vir D37 wat Afrikaans sedert graad 7 neem, sowel as D10 en D14 wat Afrikaans onderskeidelik vanaf graad 5 en 3 neem.


Figuur 3 toon die resultate op die vraag of die deelnemers Afrikaans meer verstaan en geniet wanneer Afrikaanskultuuraktiwiteite in die klas gedoen word.



**Figuur 3. Die hulp van kultuuraktiwiteite om Afrikaans te verstaan**

Volgens figuur 3 voel die meerderheid deelnemers (21) neutraal oor die stelling dat hulle Afrikaans beter verstaan en meer geniet wanneer hulle Afrikaansverwante kultuuraktiwiteite in die klas doen. Van die deelnemers stem 4 sterk met hierdie stelling saam, 9 stem net saam en 2 stem nie saam nie. 'n Moontlike rede vir die oorwegende neutrale gevoel is dat deelnemers Afrikaans dalk nie so goed verstaan nie – om dus kultuuraktiwiteite oor Afrikaans te doen, gaan waarskynlik nie hul begripsvaardighede verbeter nie.

Ten opsigte van vraag 15, toon figuur 4 die resultate:



**Figuur 4. Voordeel van Afrikaanskultuuronderig om met moedertaalsprekers te kommunikeer**

Figuur 4 dui aan die meerderheid deelnemers is ten gunste van die stelling dat hulle met die nodige kennis van die Afrikaanskultuur gemakliker voel om met moedertaalsprekers daarvan te kommunikeer: Van die deelnemers stem 12 sterk saam en 11 stem net saam. Van die res voel 7 neutraal, 5 stem nie saam nie en 1 stem glad nie saam nie. Die gevolgtrekking is dat kulturele kennis as brug dien vir die voorkoming van potensiële kommunikasieversperrings en dit laat deelnemers toe om sosiale interaksies met groter selfvertroue te navigeer.

Vraag 18 het gevra of die deelnemers meen dat Afrikaans minder vervelig sal wees indien die kultuur daarvan saam onderrig word.

Uit die resultate blyk dit dat 24 deelnemers ten gunste van hierdie stelling is, met 7 deelnemers wat sterk saamstem, en 17 wat net saamstem. Van die oorblywende deelnemers voel 8 neutraal oor hierdie stelling, 3 stem nie saam nie, en 1 stem glad nie saam nie. Die meerderheid deelnemers aan dié studie is dit dus eens dat kultuuronderig verveeldheid op 'n positiewe manier minimaliseer. Die resultate is ook in ooreenstemming met Jiang, Green, Henley en Masten (2009:481) se opmerking dat akkulturasie een van die faktore is wat 'n positiewe invloed op die taalaanleerproses het.

In hierdie afdeling is van die belangriker data wat deur middel van die vraelys bekom is, aangebied en in figure voorgestel. Uit hierdie data het ons bepaalde riglyne en aanbevelings vir die onderwyser opgestel.

## 5. Riglyne vir onderwysers

Benjamin (2025) maak 'n paar voorstelle vir onderwysers oor hoe om die produktiwiteit van klasse vir Afrikaans EAT te verhoog. Ons verskaf ook praktiese wenke hoe om aan die voorstelle te kan voldoen:

Die eerste aanbeveling is die bevestiging van die taalaanbieder se rol om betekenisgebaseerde taalverwerking te verseker: Taalaanbieders moet hul rol ken en inneem om te verseker dat taalaanleerders op die verstaan van betekenis en inligting, pleks van die verstaan van vorm (grammatika) fokus. Dit is baie belangrik dat die taalaanbieder 'n rol inneem wat primêr gerig is op die fasilitering van betekenisgeoriënteerde taalgebruik. Daar moet dus op die skep van geleenthede vir interaksie en konstruksie van betekenis gefokus word.

'n Praktiese voorbeeld vir die skep van betekenisvolle kommunikasietake is dat die leerders in pare werk aan iets soos die beplanning van 'n klasuitstappie. Hulle moet Afrikaans gebruik om betekenis te skep (roetes, pryse, tyd, aktiwiteite, en so meer). Voorts word die gebruik van inligtinggapingstake aanbeveel: Een voorbeeld is waar een leerder 'n kaart het en die ander leerder 'n lys instruksies. Hulle moet met mekaar kommunikeer om bepaalde inligting oor te dra of "leemtes" te vul.

Die tweede riglyn is dat die taalaanbieder proaktiewe leiding en pedagogiese inisiatief moet verskaf, maar veral leerdermotivering moet bevorder. Taalaanbieders moet leiding voorsien en inisiatief neem om met aanleerders te praat en hulle te motiveer wanneer hulle ongemotiveerd is. Die taalaanbieder dra die verantwoordelikheid om 'n motiveringsteunstruktuur te vestig deur middel van duidelike riglyne, konstruktiewe terugvoer en konsekwente positiewe versterking.

Hoe kan die taalaanbieder dit in die klas vermag? Hulle kan met lewendige openingsaktiwiteite begin deur byvoorbeeld 'n kort gesprek oor iets aktueels of tersaaklik vir die leerders aan te knoop: "Wat het oor die naweek gebeur?" of "Wie het gister se wedstryd gekyk?". Dit skep energie en laat leerders vinnig Afrikaans gebruik. Die taalaanbieder moet die eerste suksesse wat bereik word, vier: Gee 'n eenvoudige taak waarmee almal kan slaag, soos om 'n maklike emoji-beskrywing te gee ("Kies 'n emoji wat jou dag wys en verduidelik hoekom."). Dit bou onmiddellik selfvertroue. Die taalaanbieder kan frases gebruik soos: "Ek kan hoor jy probeer regtig om nuwe woorde te gebruik – hou aan daarmee." of "Dis 'n goeie poging; sê dit nog 'n keer, maar probeer nou die verlede tyd."

Derdens moet die taalaanbieder 'n affektief optimale leeromgewing skep om die taalaanleerders se affektiewe filter te verlaag. 'n Omgewing wat gekenmerk word deur hoë ondersteuningsvlakke, veiligheid en voorspelbaarheid, verminder leerangs en bevorder die ontwikkeling van selfvertroue as 'n kritieke voorwaarde vir taalproduksie. Die bevordering van 'n nie-straffende benadering tot foute, sowel as die normalisering van die aanleerder se taalaanleertempo, skep 'n klimaat waarin hulle bereid is om linguistiese risiko's te neem en aktief aan betekenisvorming deel te neem.

Wat kan die taalaanbieder prakties doen om aan hierdie voorstel te voldoen? Hulle moet gebruik maak van visuele ondersteuning om druk op die taalaanleerder te verminder sodat hy of sy nie net op taal hoef te steun nie, maar figure, prente en illustrasies. Die maak van foute moet genormaliseer word en die taalaanbieder moet gereeld sê: "Foute bewys jy leer." Die

taalaanbieder moet 'n eksplisiete geen uitlag-reël stel sodat niemand oor ander se taalfoute lag nie – so word die psigologiese veiligheid onmiddellik verbeter.

Vierdens moet die taalaanbieders die integrasie van kulturele geletterdheid en die genoegsame voorsiening van voldoende taaltoevoer in ag neem. Doeltreffende taalonderrig sluit die onderrig van kultuur in, aangesien taal intrinsiek verweef is met die waardes, praktyke en simboliese konstruksies van die sprekersgemeenskap. Die insluiting van kultuurkomponente bevorder leerderbegrip en verhoog die egtheid van die leerervaring. Voorts behoort taalaanbieders te sorg dat taalaanleerders omvangryke, gevarieerde en begrypbare taaltoevoer ontvang. Die kwaliteit, kwantiteit en konteks van hierdie toevoer bepaal in 'n groot mate die tempo en diepte van taalaanleer.

Hoe kan die taalaanbieder hierdie voorstel toepas? Hulle kan kulturbelaaide temas, soos musiek, advertensies, feeste of idioome gebruik, byvoorbeeld: Die taalaanbieder speel 'n Afrikaanse liedjie en die taalaanleerders probeer om die tema te identifiseer of die storie daaragter te raai. Voorts kan die taalaanbieder outentieke materiaal gebruik, soos 'n restaurant-spyskaart, 'n weerberig of 'n plasing op sosiale media. Dit verskaf ryk en natuurlike taalblootstelling. Daarmee saam kan die taalaanbieder die taalaanleerders herhaaldelik aan 'n tema blootstel om die hoeveelheid en kwaliteit van toevoer te verhoog. Kies 'n tema (bv. kos) en werk 'n week lank deur verskillende tekste: winkels, resepte, video's, gesprekke.

Laastens speel die taalaanbieders se persoonlikheid en houding teenoor taalaanleerders 'n rol in die taalaanleerproses. Die persoonlikheid en professionele houding van die taalaanbieder funksioneer as 'n interdissiplinêre faktor wat die volledige taalaanleerproses beïnvloed. Eienskappe soos empatie, geduld, entoesiasme, toeganklikheid en professionele integriteit skep 'n interaktiewe raamwerk waarin leerders se affektiewe en kognitiewe ontwikkeling optimaal kan groei. Die aanbieder se etos vorm dus deel van die leeromgewing self en funksioneer as 'n indirekte, maar belangrike bepaler van leerdermotivering, selfvertroue en bereidwilligheid tot deelname.

Wenke vir die taalaanbieder om aan die laaste riglyn te voldoen: Hulle moet entoesiasies en vol energie wees. Wanneer die onderwyser Afrikaans met lewenslus gebruik, word dit aansteeklik. Verduidelik aan die leerders dat almal teen hul eie tempo taal aanleer. Gee kalm, ondersteunende terugvoer wanneer hulle sukkel. Die onderwyser moet gereeld oogkontak maak, glimlag en knik om deelname aan te moedig en humor of ligte speelsheid gebruik om spanning te verminder.

## 6. Slot

In hierdie artikel is verslag gelewer oor navorsing wat gedoen is oor die rol van affektiewe faktore in die aanleer van Afrikaans Eerste Addisionele Taal by graad 10-leerders. Die teoretiese begronding van dié navorsing het Schumann (1978) se akkulturasie-model, Krashen (1982) se affektiewefilterhipotese en Pekrun (2006) se beheer-waarde-teorie ingesluit. Daar is onder meer gekyk na die verskillende affektiewe faktore en die sielkundige en sosiale faktore wat die aanleer van Afrikaans EAT beïnvloed en laastens hoe akademiese en prestasie-emosies 'n invloed het op die aanleer van Afrikaans EAT by graad 10-leerders. Daar is 'n gemengde-metodebenadering gebruik om die data in te samel. Wat die etiese oorweginge betref, het



Benjamin (2025) die nodige toestemming gekry om die studie uit te voer. Laastens is die kwantitatiewe en kwalitatiewe data wat deur middel van 'n vraelys ingesamel is, visueel aan gebied waar nodig.

Die navorsingsvraag van die artikel handel oor die mate waartoe affektiewe en kulturele faktore die aanleer van Afrikaans EAT onder hoërskoolleerders beïnvloed. Dit wil voorkom dat affektiewe en kulturele faktore in 'n groot mate die aanleer van Afrikaans EAT onder hoërskoolleerders beïnvloed. Dit is duidelik dat die meerderheid van die deelnemers voel dat affektiewe faktore soos angs, motivering, selfvertroue en verveeldheid 'n invloed het op die manier hoe hulle Afrikaans EAT aanleer. Deelnemers noem dat hulle verveeld is in Afrikaansklasse en dus geen motivering het om die taal aan te leer nie. Laastens het hulle ook nie die nodige selfvertroue om Afrikaans te praat nie en word angstig wanneer hulle Afrikaans moet praat.

Die studiedeelnemers voel dat taal en kultuur hand aan hand gaan en dus mekaar aanvul. Hulle sê verder dat kultuuronderdig hulle motiveer om positiewer te redeneer oor die aanleer van Afrikaans EAT en dat Afrikaansklasse minder vervelig is wanneer die kultuur saam met die taal aangeleer word.

Hierdie studie het bewys gelever van Krashen se affektiewefilterhipotese en Schumann se akkulturasie-model, aangesien deelnemers kultuuronderdig as belangrik beskou en genoem het dat affektiewe faktore soos motivering, angs, selfvertroue, gesindheid en verveeldheid 'n kardinale rol in die taalaanleerproses speel. Daar is ook bewyse gelever van Pekrun se beheer-waarde-teorie, aangesien hy voorstel dat as leerders 'n hoër vlak van selfbeheer het en positief is, hulle meer beheer oor hul prestasie sal hê en indien hulle verveeld of angstig is, hulle nie volle beheer oor hul prestasie sal hê nie. Met hierdie studie word 'n vernuwende bydrae gelever tot die breë veld van taalaanleer, asook navorsing oor affektiewe faktore en akkulturasie in 'n Afrikaanse en Suid-Afrikaanse konteks.

## Bibliografie

- Adendorff, E. 2017. Taalverwerwing en taalonderrig. In Carstens en Bosman (reds.). 2017.
- . 2025. Taalverwerwing en taalonderrig. In Carstens, Bosman en Breed (reds.). 2025.
- Bao, Y. en S. Liu. 2021. The influence of affective factors in second language acquisition on foreign language teaching. *Open Journal of Social Sciences*, 9:463–70.
- Barjesteh, H. en R. Vaseghi. 2012. Acculturation model for L2 acquisition: Review and evaluation. *Advances in Asian Social Sciences (AASS)*, 2(4):579–84.
- Baum, F., C. MacDougall en D. Smith. 2006. Participatory action research. *Journal of Epidemiology and Community Health*, 60(10):854–7.
- Benjamin, C.J. 2025. Affektiewe en kulturele faktore wat die aanleer van Afrikaans as eerste addisionele taal (EAT) onder hoërskoolleerders beïnvloed: 'n Gevallestudie. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

- Bosch, B. en V. de Klerk. 1996. Language attitudes and their implications for the teaching of English in the Eastern Cape. In De Klerk (red.) 1996.
- Byram, M. (red.). 2000. *Routledge encyclopedia of teaching and learning*. Londen: Routledge.
- Carstens, W.A.M. en N. Bosman (reds.). 2017. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.
- Carstens, W.A.M., N. Bosman en A. Breed (reds.). 2025. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Chen, Y. 2022. Analysing the impact of the affective filter hypothesis on teaching spoken Chinese as a foreign language. *The Educational Review*, 6(9):516–8.
- Cook, V. 1991. *Second language learning and second language teaching*. New York, NY: Routledge, Chapman & Hall Bpk.
- Crowe, S., K. Creswell, A. Robertson, G. Hubby, A. Avery en A. Sheikh. 2011. The case study approach. *BMC Medical Research Methodology*, 11(1):1–9.
- Daniels, J. 2000. Acculturation. In Byram (red.). 2000.
- De Klerk, V. (red.). 1996. *Focus on South Africa*. Amsterdam: John Benjamin.
- Dilnoza, U. 2021. The influence of affective factors in language learning. *Pindus Journal of Culture, Literature, and ELT*, 16(6):27–31.
- Dörnyei, Z. 2010. *Questionnaires in second language research: Construction, administration, and processing*. 2de uitgawe. New York, NY: Routledge.
- Ehrman, M.E. 1996. *Understanding second language learning difficulties*. Thousand Oaks: Sage.
- Gardner, R.C. en W.E. Lambert. 1972. *Attitudes and motivation in second language learning*. Rowley, MA: Newbury House.
- Gingras, R. (red.). 1978. *Second language acquisition and foreign language teaching*. Arlington: Center for Applied Linguistics.
- Harris, K.R., S. Graham en T. Urban (reds.). 2012. *APA Educational Psychology handbook: Vol. 2. Individual differences and cultural and contextual factors*. Washington, DC: American Psychological Association.
- Henter, R. 2014. Affective factors involved in learning a foreign language. *Procedia – Social and Behavioral Sciences*, 127:373–8.
- Herron, C., C. Corrie, S.P. Cole en S. Dubreil. 1999. The effectiveness of a video-based curriculum in teaching culture. *The Modern Language Journal*, 83(4):518–33.

Hofstee, E. 2006. *Constructing a good dissertation: A practical guide to finishing a Master's, MBA or PhD on schedule*. Sandton: Exactica.

Jiang, M., R.J. Green, T.B. Henley en W.G. Masten. 2009. Acculturation in relation to the acquisition of a second language. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*, 30(6):481–92.

Kandel, B. 2020. Qualitative versus quantitative research. *Journal of Product Innovation Management*, 32(5):1–5.

Kasatkina-Kubyskhina, O. 2018. Reducing affective factors in SLA: Key solutions to maximize the outcome of learning English. *Studies in Comparative Education*, 1. <http://dx.doi.org/10.31499/2306-5532.1.2018.140220>.

King, R.B. en M.J.M. Gaerlan. 2014. High self-control predicts more positive emotions, better engagement, and higher achievement in school. *European Journal of Psychology of Education*, 29(1):81–100.

Kitao, K. 1991. Teaching culture in foreign language instruction in the United States. *Doshisha Studies in English*. <https://eric.ed.gov/?id=ED330214> (20 April 2024 geraadpleeg).

Krashen, S. 1981. Second language acquisition. *Second Language Learning*, 3(7):19–39.

—. 1982. *Principles and practice in second language acquisition*. Oxford: Pergamon.

Kuphanga, D. 2024. *Questionnaires in research: Their role, advantages, and main aspects*. <http://dx.doi.org/10.13140/RG.2.2.15334.64325>.

Lee, J.Y. en M.J. Chei. 2020. Latent profile analysis of Korean undergraduates' academic emotions in e-learning environment. *Educational Technology Research and Development*, 68(3):1521–46.

Li, Q. en Y. Zhou. 2023. Enhancing EFL class design: Affective filter hypothesis in action. *International Journal of Education and Humanities*, 9(3):38–40.

Lin, G.H.C. 2008. Pedagogies proving Krashen's theory of affective filter. *The Hong Kong Journal of English Language and Literature*, 14:113–31.

MacDonald, C.D. 2012. Understanding participatory action research: A qualitative research methodology option. *The Canadian Journal of Action Research*, 13(2):34–50.

Matroos, A. 2023. 'n Ondersoek na die gebruik van gedigte vir tweedetaalstudente op universiteitsvlak aan die hand van die taakgebaseerde benadering. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

McLeod, S. 2023. Qualitative vs quantitative research methods & data analysis. *SimplyPsychology*. <https://www.simplypsychology.org/qualitative-quantitative.html> (17 November 2024 geraadpleeg).

- Muijs, D. 2004. *Doing quantitative research in education*. Londen: Sage.
- Ndetei, D.M., P. Nyamai en V. Mutiso. 2023. Boredom – understanding the emotion and its impact on our lives: An African perspective. *Frontiers in Sociology*, 8:1–4.
- Ni, H. 2012. The effects of affective factors in SLA and pedagogical implications. *Theory and Practices in Language Studies*, 2(7):1508–13.
- Nunan, D. 1992. *Research methods in language learning*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Oxford, R.L. 1999. Relationships between second language learning strategies and language proficiency in the context of learner autonomy and self-regulation. *Revista Canaria de Estudios Ingleses*, 38:109–26.
- Pawlak, M., M. Kruk, J. Zawodniak en S. Pasikowski. 2020. Investigating factors responsible for boredom in English classes: The case of advanced learners. *System*, 91(2):1–10.
- Pekrun, R. 2006. The control-value theory of achievement emotions: Assumptions, corollaries, and implications for educational research and practice. *Educational Psychology Review*, 18(4):315–41.
- . 2024. Control-value theory: From achievement emotion to a general theory of human emotions. *Educational Psychology Review*, 36(3):1–36.
- Pekrun, R., T. Goetz, A.C. Frenzel, P. Barchfeld en R.P. Perry. 2011. Measuring emotions in students' learning and performance: The achievement emotions questionnaire (AEQ). *Contemporary Educational Psychology*, 36(1):36–48.
- Pekrun, R., T. Goetz, W. Titz en R.P. Perry. 2002. Academic emotions in students' self-regulated learning and achievement: A program of qualitative and quantitative research. *Educational Psychologist*, 37(2):91–106.
- Pekrun, R., N.C. Hall, T. Goetz en R.P. Perry. 2014. Boredom and academic achievement: Testing a model of reciprocal causation. *Journal of Educational Psychology*, 106(3):696–710.
- Pekrun, R. en E. Stephens. 2012. Academic emotions. In Harris, Graham en Urban (reds.). 2012.
- Phaladi, T.J. 2009. Die begrip “sosiale afstand” en Afrikaanse woordeskatkennis by ’n groep tweedetaalleerders – ’n gevallestudie. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 43(1):25–38.
- Reyneke, R. 2004. Deelnemende aksienavorsing as metode van gemeenskapsbemaagtiging. *Acta Academica Supplementum*, 1:113–43.
- Saraswati, P. en A. Devi. 2023. Mixed methods-research methodology and overview. *Mathews Journal of Nursing and Health Care*, 5(4):1–3.
- Sass, J. 2017. Die gebruik van Afrikaanse musiek met lirieke as pedagogiese hulpmiddel vir die aanleer van woordeskat en uitspraak by taalverwerwingstudente. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

- Schumann, J.H. 1978. The acculturation model for second language acquisition. In Gingras (red.). 1978.
- . 1986. Research on the acculturation model for second language acquisition. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*, 7(5):379–92.
- Shorten, A. en J. Smith. 2017. Mixed methods research: Expanding the evidence base. *Evidence-based Nursing*, 20(3):74–5.
- Swartz, A. 1996. Affektiewe en kulturele faktore by die verwerwing van Afrikaans as 'n tweede taal deur swart volwasse leerders in Suid-Afrika. *Per Linguam*, 12(2):51–65.
- Tan, J., J. Mao, Y. Jiang en M. Gao. 2021. The influence of academic emotions on learning effects: A systematic review. *International Journal of Environmental Research and Public Health*, 18(18):1–19.
- Tasnimi, M. 2009. Affective factors: Anxiety. *Journal of Pan-Pacific Association of Applied Linguistics*, 13(2):117–24.
- Van der Merwe, K. 2022. 'n Ondersoek na pedagogiese tolking vir Afrikaanstweedetaal-verwerwing: 'n Gevallestudie met US-studente. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Veldsman, M. 2021. Taalgesindheid teenoor Afrikaans: 'n Gevallestudie onder Afrikaanse Taalverwerwing 188-studente. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Verhoef, M. 1995. Taalgesindhede teenoor Afrikaans – 'n verkenning vanuit taalteoretiese perspektief. *Literator*, 16(2):39–62.
- Wang, H. en Y. Xu. 2021. Effects of different types of boredom on foreign language learning. *Theory and Practice in Language Studies*, 11(1):51–6.
- Xie, J. 2021. The effects of boredom on EFL learners' engagement. *Frontiers in Psychology*, 12:1–4.
- Xie, L. en Y. Kuo. 2021. Role of academic emotions in the relationship between academic achievement and resilience among eighth graders. *Educational Research and Development Journal*, 24(1):1–20.
- Zaker, A. 2016. The acculturation model of second language acquisition: Inspecting weaknesses and strengths. *Indonesian EFL Journal*, 2(2):80–7.
- Zayed, J. en H. Al-Ghandi. 2019. The relationships among affective factors in learning EFL: A study of the Saudi setting. *English Language Teaching*, 12(9):105–21.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Cameron Jo Benjamin bedank die Ton en Alet Vosloo-Leerstool vir die beurs wat dié magisterstudie moontlik gemaak het.

<sup>2</sup> Adendorff (2017:500–1) verduidelik dat die aanleer van 'n taal in 'n akademiese konteks plaasvind, byvoorbeeld in die klaskamer. Daarom word die term in die artikel gebruik.

<sup>3</sup> Dit is die generiese term wat gebruik word om te verwys na enige persoon wat 'n taal aanleer.

<sup>4</sup> Binne die Suid-Afrikaanse basiese onderwysstelsel word die term *addisionele taal* gebruik om te verwys na die aanleer en onderrig van ander tale naas dié wat tydens huistaalaanleer en -onderrig geskied (Adendorff 2025:534). Dit is soortgelyk aan die term *tweede taal* wat verwys na die taal wat mense aanleer wanneer hulle reeds hul eerste taal (huistaal of moedertaal) aangeleer het.

<sup>5</sup> Die term *doeltaal* is uit die vertaaldissipline oorgeneem en verwys na die aanleer en verwerwing van tale nadat die eerste taal aangeleer is.

<sup>6</sup> Die term verwys na enige persoon wat 'n taalaanleerderskursus of -klas aanbied.

<sup>7</sup> Pekrun e.a. (2002) het die akademiese-emosievraelys ontwerp en dit word wêreldwyd gebruik om bestaande akademiese emosies te meet (Xie en Kuo 2021:7).

<sup>8</sup> Tussen hakies voorsien Benjamin (2025:26) Pekrun en Stephens (2012) se benamings wat tabel 1 beter verstaanbaar maak.

<sup>9</sup> *Antesedente* verwys na voorafgaande gebeurtenisse; met betrekking tot die beheer-waarde-teorie is daar *individuele/persoonlike* antesedente en *sosiale* antesedente wat die uitkoms van emosies by taalaanleerders bepaal (Pekrun 2024:13).

<sup>10</sup> Kurrikulumintegrasie verwys na die doelbewuste samevoeging van verskillende leerareas, vakke of temas binne 'n onderrigprogram om leer betekenisvoller, meer tersaaklik en meer holisties te maak.



# **Moontlike nut van ChatGPT-4o tydens juweliersontwerp, faktore wat die gebruik daarvan kan dryf en riglyne vir verantwoordelike gebruik in hoëronderrysateljees**

**Eric Leslie Holmes en Christina Johanna van Staden**

---

Eric Leslie Holmes, Departement Ontwerp en Ateljeekuns, Sentrale Universiteit vir Tegnologie, en  
Christina Johanna van Staden, Departement Rekenaarwetenskap en Informatika,  
Universiteit van die Vrystaat

---

## ***Opsomming***

Die primêre doel met hierdie ondersoek was om riglyne vir verantwoordelike gebruik van generatiewe KI-modelle (GenKI-modelle) in hoëronderrys-juweliersontwerpateljees (slegs juweliersontwerpateljees hierna) te ontwikkel. Om in dié doel te slaag, het ons drie navorsingsvrae opeenvolgend beantwoord, naamlik (a) In watter mate kan ChatGPT-4o tydens juweliersontwerp nuttig wees? (b) Watter faktore kan die gebruik van ChatGPT-4o bevorder? en (c) Hoe kan verantwoordelike gebruik in hoëronderrysateljees bevorder word? Die navorsing is binne 'n meerfasige gemengdemetodesontwerp uitgevoer. Tydens die eerste fase het ons 'n verken-nende gevallestudie onderneem om ChatGPT-4o te por om juwele te ontwerp en gesprekke daaroor te voer. Elke artefak is krities beoordeel om die moontlike nut van ChatGPT-4o te bepaal. Ons het gevind dat ChatGPT-4o nuttig is om binne sekondes KI-ontwerpe en variasies daarvan te skep. Dit het stilistiese parameters gevolg, maar geneig om te stereotipeer. Een van die ontwerpe het onsinnige teks bevat en die draagbaarheid van verskeie ontwerpe is bevraagteken. Die foute het geleenthede vir die ontwikkeling van kritiese denke en probleemoplossingsvaardighede gebied. Ons kon ChatGPT-4o deur opvolgporre lei om innoverende KI-ontwerpe te skep wat ook met gemak gedra kan word. ChatGPT-4o kan tydens die inspirasie- en ideeslypprosesse ingespan word om tyd doeltreffend te benut. Die onus rus op studente om seker te maak dat finale ontwerpe nie kopiereg of intellektuele-eiendomsreg skend nie. Die resultate van die KI-aanvaardingvoorspellingmodel (KIAVM-II) het getoon dat al die faktore die gebruik van ChatGPT-4o kan dryf. Daarom het ons riglyne vir verantwoordelike gebruik in juweliersontwerpateljees ontwerp. Die riglyne fokus op deursigtigheid (erkenning en

dokumentering van GenKI-bydrae) en die noodsaaklikheid van kritiese evaluering, plagiaatvoorkoming, kulturele sensitiwiteit en die ontwikkeling van studente se ontwerpbesluite en vakmanskap. Alhoewel ChatGPT-5 tydens die keuringsproses beskikbaar gestel is, is hierdie navorsing belangrik, aangesien dit 'n basislyn vir verdere navorsing bied. Aangesien GenKI-modelle voortdurend verbeter word, moet die riglyne gereeld hersien word om geldig te bly.

**Trefwoorde:** aangepaste KI-aanvaardingvoorspellingmodel (KIAVM-II); ChatGPT-4o; generatiewe kunsmatige intelligensie (GenKI); hoër onderwys; juweliersontwerp; KI-aanvaardingvoorspellingmodel (KIAVM); KI-ontwerpe; KI-plagiaat

## ***Abstract***

### **Potential utility of ChatGPT-4o in jewellery design, factors driving its use, and guidelines for responsible use in higher education studios**

Although generative artificial intelligence models (GenAI models) can generate and interpret images, there is still limited research available to better understand the possible impact of these tools in higher education jewellery design studios. Against this backdrop, we addressed a practical curricular challenge: Students need opportunities to learn how to work with GenAI models, but these tools cannot be uncritically integrated due to possible AI plagiarism, reinforcement of stereotypes, weakened craft development, and ethical, legal, and intellectual-property concerns. We selected ChatGPT-4o as the focal model, because it could operate multimodally, understand conversation in context, generate images, and support dialogue across iterative design exchanges.

The primary purpose of this study was therefore not merely to test a technology, but to develop grounded guidelines for the responsible educational use of GenAI models in jewellery design studios. To achieve this, we answered three sequential research questions: (1) To what extent can ChatGPT-4o be useful during jewellery design? (2) Which factors may drive its use? and (3) How can responsible use be promoted in higher education studios?

The study is framed by an understanding of jewellery design as both an artistic and technical practice in which creativity, symbolism, cultural meaning, craftsmanship, ergonomics, and material knowledge must be integrated into wearable artefacts. Within this context, GenAI models cannot simply be treated as a neutral convenience. We situate ChatGPT-4o within wider debates about creativity, originality, authorship, stereotyping, cultural appropriation, plagiarism, and the legal status of AI-generated work. A particularly important conceptual move is the distinction between creativity and originality. We argue that AI-generated jewellery images may appear creative in the sense that they combine forms in new ways, but these designs are not necessarily original in a stronger design sense. Their value must instead be judged in relation to contextual suitability, stylistic repetition, practical feasibility, and the comfort with which the jewellery could actually be worn. This distinction allowed us to evaluate ChatGPT-4o not as an autonomous designer, but as a tool whose outputs require critical curation and informed human judgement.

Methodologically, the inquiry was conducted within a pragmatic, multiphase mixed-methods design. Ethical clearance had been obtained for the broader AI-related work, no human participants were involved, and the article emphasises transparency, critical verification, and source acknowledgement. We noted that ChatGPT-4o could be viewed in a dual role during the study: primarily as a tool that depends on user input to generate responses, but also because of its conversational behaviour, as a non-human research participant whose outputs could be interrogated, redirected, and critically assessed.

The research was organised into three connected phases because each phase generated findings that informed the next. Phase 1 consisted of an exploratory case study in which the model was prompted to generate jewellery designs, engage in design-related dialogue, interpret stylistic instructions, respond to thematic and conceptual prompts, visualise rough sketches, and describe possible manufacturing processes for its own designs. In phase 2, we applied the adapted Artificial Intelligence Acceptance Prediction Model (AIAPM-II) to identify the factors likely to drive adoption and to calculate an acceptance prediction score. During phase 3 we used the combined findings of the first two phases to formulate guidelines for the responsible use of ChatGPT-4o in jewellery design studios. The overall design was therefore explicitly sequential, practical, and developmental: first exploring capability, then predicting uptake, and finally translating those findings into educational guidance.

During the qualitative phase, we collected both visual and textual data by means of five groups of prompts: material-based prompts, style-based prompts, thematic or conceptual prompts, prompts exploring collaboration with the designer's rough sketches, and prompts investigating the extent to which the model could explain manufacturing processes for its own proposed designs. These outputs were then analysed using five criteria: originality and contextual appropriateness, the model's usefulness at different phases of the design process, its ability to visualise and improve sketches, its capacity to provide workable manufacturing plans, and its ethical and practical implications, especially regarding stereotyping, cultural appropriation, and feasibility.

The first major finding is that ChatGPT-4o can generate jewellery designs and variations within seconds, which makes it potentially useful during the inspiration and idea-development phases of design. The model was able to produce visual responses rapidly, follow broad stylistic parameters, and generate alternative concepts that could stimulate discussion and refinement. In this sense, it can help students use time more efficiently and can broaden their exposure to visual possibilities, aesthetics, and stylistic directions. We show that ChatGPT-4o can be useful in establishing a "baseline" of design tendencies, enabling users to identify patterns, recurring motifs, and material-style associations that may then be questioned or deliberately redirected. These strengths support the argument that the model has educational value, not because it replaces design thinking, but because it can accelerate early ideation and provide a provocative starting point for critique and development.

However, we also found clear limitations. Although ChatGPT-4o could follow stylistic parameters, it also tended to stereotype. It frequently returned to familiar visual clichés, relied on repeated templates, and sometimes associated particular metals with predictable stylistic codes. In some cases, it produced implausible or flawed outputs: one design included nonsensical text, several outputs raised questions about wearability, and some technically specific requests were not interpreted accurately. Even where the generated images appeared attractive, the model could drift toward standardised or commercially familiar jewellery conventions rather than genuinely distinctive design solutions.

These weaknesses matter educationally because they show that GenAI models can easily reinforce safe, formulaic, or culturally unexamined design habits unless its outputs are subjected to rigorous critique.

A further important finding is that these shortcomings do not necessarily make the model useless; rather, they create opportunities for the development of critical thinking and problem-solving skills. We demonstrate that follow-up prompts could guide ChatGPT-4o toward more innovative and wearable outcomes. Through iterative prompting, questioning, and refinement, the model could be nudged beyond weaker initial responses and led toward stronger conceptual or practical solutions. This suggests that the educational value of ChatGPT-4o lies partly in the dialogue it provokes. Students can learn to evaluate outputs, identify faults, refine prompts, and make defensible design decisions. The study therefore treats prompting as a meaningful studio skill. In this view, creativity does not reside only in the AI output itself, but also in the user's ability to curate, redirect, and transform what the system produces.

Phase 2 strengthened the argument for responsible integration by showing that adoption is highly likely. Using the AIAPM-II, we found that all of the model's major adoption factors could drive its use in jewellery design studios. ChatGPT-4o was judged to offer advantages over the status quo, to be easy enough to use, useful, testable, visibly productive, compatible with user needs, and cost-effective. Two factors, however, were only partially confirmed: low input and high-quality outputs. This qualification is important, because it indicates that although the model is accessible and attractive, skilled prompting and iterative refinement are still necessary if users want stronger results. Even with these caveats, the overall acceptance prediction score was 9 out of 10, which led to the conclusion that policy and strategy are necessary. In other words, the model is sufficiently usable and appealing that students are likely to adopt it, but that very likelihood increases the urgency of responsible educational guidance.

Therefore, we developed guidelines for responsible use during phase 3. These guidelines are grounded in the view that GenAI models should be treated as functional tools that can be integrated purposefully into curricula rather than tools to be used casually or invisibly. We emphasise transparency as a central principle: contributions made by GenAI models should be acknowledged and documented. It also stresses the need for critical evaluation of AI outputs, plagiarism prevention, cultural sensitivity, and the continued development of students' own design judgement and craftsmanship. Students should not present AI-generated outputs as wholly their own work, and they carry the responsibility to ensure that final designs do not infringe copyright or intellectual property rights. The guidelines are also shaped by concern for maintaining studio learning outcomes that extend beyond finished artefacts, including reflective judgement, responsible decision-making, and the sustained development of manufacturing skills.

The study's broader contribution lies in showing that the responsible educational value of ChatGPT-4o is conditional rather than absolute. The tool is not presented as a replacement for the designer, nor as a reliable source of originality, feasibility, or ethical judgement. Instead, it is positioned as a potentially valuable assistant during inspiration and concept refinement, provided that its outputs remain subject to expert scrutiny and pedagogical structure. The article contributes a baseline for future research by documenting how ChatGPT-4o performed in a jewellery design context at a particular moment in the evolution of GenAI models. Although ChatGPT-5 became available during the review process, the authors argue that this does not diminish the relevance of the study. On the contrary, the article establishes an important benchmark against which the performance of later models can be measured to revise guidelines if


needed. As GenAI models are continuously changing, we conclude that the responsible-use guidelines must be reviewed regularly to remain valid.

**Keywords:** adapted artificial intelligence adoption prediction model (AIAPM-II); artificial intelligence adoption prediction model (AIAPM); artificial intelligence designs; artificial intelligence plagiarism; ChatGPT-4o; generative artificial intelligence (GenAI), higher education; jewellery design

## 1. Inleiding

Die eerste ChatGPT-modelle, naamlik ChatGPT-3, ChatGPT-3.5 en ChatGPT-4, was nutteloos in juweliersontwerpateljees, aangesien hulle nie visuele beelde kon skep of verstaan nie (OpenAI 2022 en 2023a). Hul opvolgers (OpenAI 2023b en 2023c), en soortgelyke generatiewe KI-modelle (GenKI-modelle), kan wel beelde skep en verstaan, maar daar is nie voldoende navorsing beskikbaar oor die moontlike nut daarvan in juweliersontwerponderwys nie (Kang 2024a). GenKI-modelle word ook nog nie in die eerste-, tweede- of derdejaar van juweliersontwerpkurrikula soos aangebied deur die Suid-Afrikaanse Universiteit vir Tegnologie geïntegreer nie (Holmes 2025).

Alhoewel studente moet leer hoe om GenKI-modelle te gebruik, kan dit nie lukraak geïntegreer word nie omdat GenKI-modelle KI-plagiaat, of die voorhou van 'n masjien se response as eie werk (King en ChatGPT 2023 en Van Staden 2023a), kan bevorder. Aangesien KI-plagiaat akademiese integriteit erodeer, bied verantwoordelike integrasie van GenKI-modelle in kurrikula tans een van die grootste uitdagings in hoër onderwys (Marcus 2025). Gevolglik het ons die behoefte om ChatGPT-4o in juweliersontwerpkurrikula te integreer, deur drie eenvoudige porre ("Ontwerp 'n goue/silwer/brons ring met bypassende oorbelle en hangertjie") te verken (figuur 1a, b en c).



**Figuur 1. ChatGPT-4o se ontwerpe vir juweliersware**

ChatGPT-4o het geen verdere riglyne nodig gehad om die KI-ontwerpe (figuur 1) te skep nie. Daaruit het Skrywer A afgelei dat sy studente, weens die spoed waarteen die KI-ontwerpe geskep is, binne sekondes aan estetika, styl en konsepvariasies blootgestel kan word. Aangesien variasies versoek kan word, kan KI-ontwerpe as inspirasiebron dien (Gonçalves, Oliveira, Rodrigues en Carvalho 2024). Menings oor die moontlike nut van GenKI-modelle tydens die juweliersontwerpproses verskil.

Volgens Magee (2024) kan GenKI-modelle gebruik word om vinnig idees en variasies te skep, maar nie om bestaande ontwerpe te verbeter óf om die uitvoerbaarheid van ontwerpe betrou-



baar te beoordeel nie. Husni en Kaspin (2025) beskou GenKI-modelle as assistente tydens die verkenning van konsepte, storievertelling en eksperimentering, maar nie as onafhanklike ontwerpers nie. Volgens die twee skrywers is menslike insig nodig om te verstaan watter kulturele betekenis, emosionele waarde en identiteit deur middel van juweliersware oorgedra kan word. Rossato, Tenuta, Testa en Cappellieri (2024) beskou GenKI-modelle egter as vennote wat ontwerpers se idees kan verbeter, veral omdat daar tydens dialoë besluit kan word in watter mate KI-ontwerpe met die ontwerper se visie, estetika en sensitiwiteit ooreenstem (Rossato e.a. 2024). McKinsey & Company (2024) en Adobe (2024) voorspel dat GenKI-modelle 'n toenemende rol in kreatiewe beroepe gaan speel om werkvloei te verbeter, veral tydens die vorming van idees en visualisering van ontwerpe. Volgens Gonçalves e.a.(2024) kan GenKI-modelle (a) produktiwiteit verhoog, (b) grense verskuif, (c) konstante vernuwing moontlik maak en (d) kreatiewe perspektiewe verbreed, aangesien gebruikers aan nuwe estetika en narratiewe blootgestel word. Daar is ook bevind dat GenKI-modelle prosesse kan bevorder.

Volgens Kang (2024b) kan ChatGPT werkvloei verbeter, aangesien ChatGPT-modelle kodes kan skep wat in Rhino Python Script ingevoer kan word om 3D-modellering te bespoedig. Magee (2024) is van mening dat die fotorealistiese beelde rekenaarondersteunde 3D-modellering kostedoeltreffend kan verminder of selfs kan uitskakel, veral aangesien ontwerpers nie vir hierdie tydrowende taak vergoed word nie. Daar is ook bevind dat GenKI-modelle reeds in die vroeë ontwerpfase fotorealistiese beeldvoorstellings vir visualisering en kommunikasie kan genereer wat tradisionele 3D-modellering en beeldweergawe in sekere werkvloeië kan beperk of vervang (Jo, Lee, Lee en Choo 2024 en Muslu en Koçyiğit 2025). GenKI-modelle kan egter ook foute maak.

Alhoewel dit iteratief gelei kan word om foute reg te stel (Azaria, Azoulay en Reches 2024), neig GenKI-modelle om nuwe response, met soortgelyke foute, te skep eerder as om foute reg te stel (Van Staden 2024a). GenKI-modelle leer egter uit hul foute, met die gevolg dat dit mettertyd in staat kan wees om gesofistikeerde, realistiese KI-ontwerpe te skep. Dit is egter juis hierdie moontlikheid wat daartoe bydra dat riglyne ontwerp moet word om verantwoordelike gebruik van GenKI-modelle in juweliersontwerpateljees te bevorder.

Die doel van hierdie navorsing was om riglyne vir verantwoordelike gebruik van GenKI-modelle in hoëronderwysateljees te ontwerp. Om daarin te slaag, moes ons eers die moontlike nut van ChatGPT-4o tydens die ontwerpproses verken en die faktore identifiseer wat die gebruik daarvan kan dryf. Gevolglik het ons drie navorsingsvrae opeenvolgend beantwoord:

1. In watter mate kan ChatGPT-4o tydens juweliersontwerp nuttig wees?
2. Watter faktore kan die gebruik van ChatGPT-4o bevorder?
3. Hoe kan verantwoordelike gebruik van ChatGPT-4o in hoëronderwysateljees bevorder word?

Ons bespreek eers kwessies rondom die gebruik van GenKI-modelle in juweliersontwerpateljees, waarna die teoretiese raamwerk, metodologie, resultate en bevindinge van al drie fases bespreek word. Ons sluit af met die bydraes en beperkings van hierdie navorsing en voorstelle vir opvolgnavorsing.



## 2. Uitdagings rondom GenKI-modelle tydens juweliersontwerp

Juweliersontwerp is beide 'n kunstige en tegniese praktyk waarin vakmanskap, kreatiwiteit en kulturele uitdrukking gekombineer word (Husni en Kaspin 2025). GenKI-modelle bring egter verandering mee, aangesien ChatGPT-4o slegs 'n por (inset, vraag, opdrag) van 'n gebruiker nodig het om komplekse algoritmes, groot datastelle en masjienleer te betrek om 'n respons te skep (OpenAI 2023a en 2024a). Tydens generering maak modelle waarskynlikheidsgebaseerde voorspellings (volgende-token-voorspelling) op grond van patrone wat in hulle opleidingsdata gevind word, maar die gehalte van die response word sterk deur die omvang en aard van die opleidingsdata beïnvloed (Wang, Cui, Wang e.a. 2026; Peykani, Ramezanlou, Tanasescu en Ghanidel 2025 en Muennighoff, Rush, Barak, Le Scao, Piktus, Tazi, Pyysalo, Wolf en Raffel 2025). Verskeie uitdagings moet hanteer word wanneer hierdie tegnologiese hulpmiddels in ateljees gebruik word.

### 2.1 'n Behoefte om porvaardighede te ontwikkel

Doeltreffende gesprekke met GenKI-modelle wek die indruk dat die gehalte van die response van die taalvaardighede van gebruikers afhang. Gebruikers moet egter die nodige vaardighede aanleer om 'n por so te stel dat reëls en outomatiese prosesse afgedwing word. Hierdie nuwe studieterrein staan as *poringenieurswese* bekend (Giray 2023). Porvaardighede verwys na 'n gebruiker se vermoë om (a) te bepaal wat van GenKI vereis word, (b) die por te bewoord, (c) die respons te beoordeel en (d) te besluit hoe die por verbeter kan word (Giray 2023).

Die gehalte van die response hang af van die gebruiker se vermoë om konteks te skep, die regte woorde te kies, take te onderverdeel, verskillende porre te toets en aanpassings te maak om die GenKI-model in staat te stel om 'n respons te verbeter. Indien die nodige data nie in die databasis beskikbaar is nie, kan 'n GenKI-model nie die opdrag korrek uitvoer nie. Gebruikers kan egter nuwe data invoer om 'n GenKI-model te lei om 'n geskikte respons te skep.

### 2.2 Benadering tot kreatiwiteit, oorspronklikheid en eienaarskap

Juweliersontwerp vereis dat studente kreatiewe denke, simboliek en sosio-kulturele betekenis met styl en tegniek integreer om oorspronklike, draagbare juweliersware te skep. Dit is noodsaaklik aangesien juweliersware nie slegs dekoratief is nie, maar ook kulturele en emosionele betekenis oordra (Walczak, Woźniak, Dominiak, Müller, Wróbel-Lachowska, Koelle en Grudzień 2025). Die terme *kreatiwiteit* en *oorspronklikheid* moet in hierdie era van GenKI-modelle gedefinieer word.

Ons verskil van Magee (2024) wat KI-ontwerpe as “oorspronklik-gehallusineerde” ontwerpe definieer. Figuur 1 dui daarop dat ChatGPT-4o liggies gehallusineer het [ontbrekende herdershaak (figuur 1a), verskil in randpatrone (figuur 1b) en verskille in plasing van die turkoois stene (figuur 1c)], maar die opdragte is redelik goed uitgevoer. Dit is moontlik dat soortgelyke ontwerpe nie bestaan nie, aangesien ChatGPT-modelle nie uit hul databasisse kopieer en plak nie (OpenAI 2023a). Uit 'n ontwerpperspektief, is die KI-ontwerpe moontlik kreatief, maar nie noodwendig oorspronklik nie.

Die term *kreatiwiteit* verwys na die vermoë om nuwe dinge te maak of om aan nuwe idees te dink (Supertaal n.d.). Alhoewel kreatiwiteit dikwels as sinoniem van oorspronklikheid, vernuftigheid en vindingrykheid beskou word, verkies ons die term kreatiwiteit. Soos in die inleidende

afdeling genoem, gebruik ons die term nuutskepping in plaas van oorspronklike ontwerp. *Oorspronklikheid* word in die juweliersbedryf aan die hand van verskeie maatstawwe gemeet. Ons het stilistiese herhaling, uitvoerbaarheid en gemak waarmee die juweliersware gedra sou kon word, gebruik om die geskiktheid van KI-ontwerpe te beoordeel. Hierdie nuansering is belangrik omdat GenKI-modelle nie uit hul databasisse kopieer en plak nie, maar eerder patrone vind om nuwe KI-ontwerpe te skep. Tot en met die beskikbaarstelling van GenKI-modelle, kon geen vorige tegnologiese hulpmiddels kreatiwiteit naboots nie. Die drie KI-ontwerpe in figuur 1 dui egter daarop dat ChatGPT-4o moontlik kreatiewe ontwerpe kan skep.

Aangesien ons nie toegang tot alle juweliersontwerpe het nie, demonstreer ons die moontlikheid dat ChatGPT-4o kreatiewe ontwerpe kan skep, aan die hand van bekende konsepte. Vir die doel van die eerste ondersoek, wou ons vasstel in watter mate ChatGPT-4o 'n gegewe kreatiewe taak kan uitvoer:

Teken 'n Brahmaanbul met tennisballe vir voorpote, rugbyballe vir agterpote, koffiebekers vir ore en 'n mop vir 'n stert. Dit moet pers en pienk kolle op sy lyf hê, oranje pêrels om sy nek en moet by 'n dam staan. Die prent moet in dwarsformaat wees.

Die taak is redelik goed uitgevoer, maar die ore was sigbaar (figuur 2a).




**Figuur 2. Uitvoer van gegewe kreatiewe taak**

Twee opvolgporre later, “Vee die ore uit” (figuur 2b) en “Onthou om die skof ook te teken. Dit is die knop op sy nek” (figuur 2c) was die taak bevredigend uitgevoer. Die doel van die tweede ondersoek was om te bepaal of ChatGPT-4o, sonder enige leidrade, 'n kreatiewe natuurtoneel kan skep:

Teken 'n prent, maar jy moet kreatief wees. Jy kan byvoorbeeld 'n natuurtoneel teken, maar die elemente in die natuur met huishoudelike items vervang.

Die respons (figuur 3a) het tekens van kreatiewe denke in die keuse van huishoudelike items getoon, asook in die plasing van die wolke, vliegtuig, waterval, bulte en bome.



**Figuur 3. ChatGPT-4o se kreatiewe natuurtoneel**

ChatGPT-4o se eie idees vir kreatiewe tonele, naamlik 'n ruimtetoneel met kombuistoerusting as planete (figuur 3b) en 'n ruimtetoneel met skoolitems (figuur 3c), het bevestig dat dit nie riglyne nodig het om kreatiewe tonele te skep nie. 'n Kundige behoort dit egter te lei om meer geloofwaardige tonele te skep. Vir die doel van hierdie ondersoek, beskou ons kreatiwiteit as die gebruiker se vermoë om 'n KI-ontwerp te kureer (kritiese keuse en verwerking) sodat ChatGPT-4o gelei kan word om 'n nuwe ontwerp te skep.

Die gebruik van GenKI-modelle skep etiese kwessies (Andersson en McIntyre 2025), veral met betrekking tot die werklike outeur van 'n KI-respons. Dit is nie 'n eenvoudige taak om outeurskap te bepaal nie, aangesien ChatGPT-modelle op neurale netwerke, soortgelyk aan die menslike brein, staatmaak om response te skep (Sanderson 2017; OpenAI 2022). Volgens Bajohr (2024) is outeurskap versprei in hierdie netwerke wat uit visuele voorstellings, tekste en ander data bestaan.

OpenAI (2026) beskou die gebruiker as die outeur of eienaar van die insette en die uitsette. Die uitsette is egter nie noodwendig uniek nie, aangesien dit moontlik kan wees dat ander gebruikers soortgelyke uitsette ontvang. Aangesien die opleidingsdata lukraak van die internet afgetrek is, kan dit elemente bevat wat deur kopie- en intellektuele eiendomsreg beskerm word of wat na kunstenaars verwys (Yup 2023). Gevolglik is deursigtigheid en verifikasie noodsaaklik wanneer GenKI-modelle gebruik word (Yup 2023).

### **2.3 Risiko's, etiese, regtelike, wetlike en morele kwessies**

Soos wat Rogers (2003) voorspel het, gebruik pioniers reeds GenKI-modelle om juwele te ontwerp, idees te verfyn en bemarkbare ontwerpe te skep (Magee 2024). Die gebruik van GenKI-modelle in juweliersontwerpateljees skep drie kernrisiko's, naamlik stereotipering, kulturele toe-eiening en KI-plagiaat.

Stereotipering verwys na die herhaling van bekende, oorbenutte motiewe wat as ontwerp-clichés funksioneer: hartvormige hangertjies, solitêre diamantringe en religieuse kruise (Batista 2015). Indien GenKI-modelle op clichés terugval, is die KI-ontwerpe voorspelbaar en word die ontwikkeling van 'n eiesoortige ontwerperstem benadeel. Tans word juweliersware as waardevol geag indien dit funksioneel is en konsepte, stories en sosiale kommentaar oordra (Scarpitti 2021). Dit kan tot *kulturele toe-eiening*, of die gebruik van elemente uit 'n ander kultuur bydra, soos byvoorbeeld om inheemse krale-patrone, Afrika-stam-motiewe of Māori-kerfpatrone te gebruik sonder om die oorsprong of simboliek daaragter te erken (Scarpitti 2021). Dit beklemtoon die rol van die ontwerper, naamlik om kreatief by die ontwerp- en vervaardigingsproses betrokke te wees om konvensionele en cliché-agtige motiewe te vermy (Batista 2015). Ontwerpers moet ook, in die konteks van digitale tegnologieë en sosiale veranderinge, teen kulturele toe-eiening waak (Scarpitti 2021).

Etiese kwessies is ook tersaaklik. GenKI-modelle kan KI-plagiaat fasiliteer wanneer studente KI-uitsette as hul eie werk inhandig. Alhoewel dit oneerlik is (Anders 2023), kan die skuldiges hulself verweer dat ChatGPT nie 'n ander *mens* is nie (Merriam-Webster Dictionary s.j.). KI-plagiaat moet bekamp word omdat dit akademiese integriteit bedreig indien studente gradueer sonder om die nodige kennis, vaardighede en tegnieke te ontwikkel om self oorspronklike juweliersware te ontwerp. Nog 'n etiese kwessie is dat vakmanskap afgewater kan word, met die gevolg dat erfenis, tradisie en werksgeleenthede in die slag kan bly (Magee 2024). In sy eenvoudigste vorm het GenKI-modelle menslike assistente (die gebruiker) nodig om hulle te lei

om foute uit te skakel. Tans kan GenKI-modelle (nog) nie outonoom ontwerp nie, gevolglik is die bedryf steeds afhanklik van ontwerpers se kundigheid met betrekking tot edelstene en -metale, vervaardigingsprosesse, ergonomika en hul insigte om funksionele juweliersware te vervaardig (Magee 2024, Sankowski, Inselmann en Krause 2025, en Verma 2025). Daarom beklemtoon UNESCO (2023) 'n mensgesentreerde benadering tot die gebruik van GenKI-modelle en 'n behoefte aan riglyne vir etiese gebruik in ateljees om KI-ontwerpe te skep.

Indien KI-ontwerpe elemente bevat wat deur kultuur, kopie- of individuele besitsreg beskerm word, hou dit wetlike uitdagings rondom kopie- en intellektuele eiendomsreg in. Volgens huidige wetgewing kan slegs produkte van menslike kreatiwiteit met kopiereg beskerm word. Die VSA Kopieregkantoor (2023) stel egter voor dat komplekse KI-response met kopiereg beskerm word en dat gebruikers slegs die gedeeltes kan beskerm wat hulle aangepas het. Regskwessies kan ontstaan indien die KI-ontwerpe beskermde ontwerpe of beelde bevat wat intellektuele eiendomsreg beïnvloed (Buick 2025, Magee 2024, en Rosati 2025). Intellektuele eiendomsreg verval ná 'n spesifieke tydperk, gewoonlik 20 jaar. Indien die reg nie hernu word nie, mag dit wel gebruik word. Daarom het ontwikkelaars stelsels in plek om seker te maak of die reg wel hernu is. Ten spyte daarvan is Google (Taff-Rice 2025) en Microsoft/OpenAI (Creamer 2025) reeds vir moontlike oortredings gedagvaar. OpenAI en Adobe is onder die indruk dat hul stelsels geskik is, aangesien hulle aanbied om die regskostes vir besigheidsvlak-gebruikers te dra. Alhoewel OpenAI stelsels in plek het om te verhoed dat ChatGPT-4o beskermde inhoud gebruik, kon Van Staden (2025a) ChatGPT-4o en DeepSeek druk om beperkings te ignoreer deur op hul hulpvaardigheid aanspraak te maak. Dosente en studente moet gevolglik op hoogte bly van ontwikkelende regs- en beleidstandpunte indien GenKI in juweliersontwerpateljees geïntegreer word (Magee 2024).

Morele kwessies ontstaan weens die vermensliking van GenKI-modelle, aangesien morele en filosofiese vrae ontstaan indien gebruikers aanneem dat GenKI-modelle “bedoelings”, “insigte” of “agentskap” het (Epstein, Hertzmann, Herman, Mahari, Frank, Groh, Schroeder, Smith, Akten, Field, Leach, Pentsland en Russakovsky 2023). Verantwoordelike integrasie van GenKI vereis 'n deeglike begrip van die implikasies daarvan en steun op deurlopende opleiding, duidelike institusionele riglyne en volgehoue impak-evaluering om ingeligte besluite te neem (Cordero, Torres-Zambrano en Cordero-Castillo 2024, Đerić, Domagoj en Dijana 2025, en Magee 2024).

### **3. 'n Meerfasige gemengdemetodesnavorsingsontwerp**

#### **3.1 Benadering tot hierdie navorsing**

Die navorsing is vanuit 'n pragmatiese perspektief benader, aangesien ons 'n probleem in die werklike wêreld wou oplos (Axtelle 1968, Feilzer 2009, en James en Burkhardt 1975).

Pragmatiese navorsing gaan dikwels gepaard met gemengdemetodesontwerpe omdat verskeie soorte data ingesamel kan word om navorsingsvrae te beantwoord (Feilzer 2009, Johnson en Omwuegbuzie 2004, en Tashakorri en Creswell 2007b). Die aangepaste KI-aanvaarding-voorspellingmodel (KIAVM-II) het pragmatiese riglyne vir die keuse van 'n geskikte ontwerp gebied.




Die KIAVM-II verteenwoordig 'n aanpassing van die KI-aanvaardingvoorspellingmodel (KIAVM), waarvan die teoretiese basis reeds in die eerste studie volledig bespreek is (Van Staden 2023b). Hierdie pragmatiese model is gebaseer op navorsing wat toon dat GenKI-modelle beide eties en oneties in hoër onderwys gebruik kan word. Die model word in drie stappe toegepas, naamlik (a) verkenning van die vermoëns en beperkings van GenKI-modelle om moontlike gebruik in 'n spesifieke klaskamer te bepaal, (b) identifisering van faktore wat die gebruik van die GenKI-model kan bevorder en (c) ontwikkeling van strategieë om verantwoordelike gebruik van die spesifieke GenKI-model te bevorder. Die KIAVM is in verskeie opvolgstudies in verskeie kontekste toegepas en verfyn (Van Staden 2024b, 2025a, 2025b en 2025c).

Aanvanklik moes dosente slegs bepaal watter faktore (deur middel van “ja”- of “nee”-vrae) die gebruik van die GenKI-model kan dryf (Van Staden 2023b). Die model is intussen gekwantifiseer deur 'n punt per faktor toe te ken om 'n aanvaarding-voorspelling-telling (AVT) te bereken. Die puntetelling is later weer aangepas deur halwe punte toe te ken indien die dryfkrag van 'n faktor nie definitief bepaal kan word nie. Onlangse verfyning, naamlik byvoeging van 'n tiende faktor (kostedoeltreffendheid) en aanpassing van aksies, het 'n titelverandering genoodsaak, gevolglik staan die KIAVM tans as die KIAVM-II bekend (figuur 4).



**Figuur 4. Aangepaste KIAVM-II (Van Staden 2025a)**

Volgens die KIAVM-II is geen aksies nodig wanneer die AVT 0 is nie. Indien die AVT egter hoër as 3 is, moet strategieë en beleid ontwerp word om verantwoordelike gebruik te bevorder. As die AVT tussen 0,5 en 2,5 is, is geen aksies nodig, maar moet die GenKI-model ná elke opdatering verken word om te bepaal of dit steeds nutteloos is. Anders as tydens vorige toepassings van die KIAVM of KIAVM-II, beskou ons die KIAVM-II as motivering om 'n meerfasige gemengdemetodesontwerp (figuur 5) te gebruik, aangesien die navorsingsvrae opeenvolgend beantwoord moet word.



**Figuur 5. 'n Meerfasige gemengdemetodesnavorsingsontwerp**

Hierdie navorsingsontwerp was geskik, aangesien die bevindinge van die een fase as basis vir die volgende fase moes dien. Meerfasige gemengdemetodesnavorsing is veral geskik wanneer betreklik nuwe navorsingsgebiede verken word omdat nuwe vrae ook beantwoord kan word (Creswell en Plano Clark 2011). Ons het die diepte van kwalitatiewe navorsing met die vergelykbaarheid van kwantitatiewe navorsing gekombineer (Creswell 2014, Tashakkori en Creswell 2007a).

Tydens die verkennende gevallestudie (fase 1, figuur 5) het skrywer A, 'n juweliersontwerper, (a) geskikte porre ontwerp, (b) die KI-ontwerpe ontleed en (c) opvolgporre geskep om ChatGPT-4o te lei om KI-ontwerpe te skep terwyl hy gesprekke oor die KI-ontwerpe gevoer het. Elke artefak en gesprek is ontleed om die moontlike nut van ChatGPT-4o in juweliersontwerpateljees te bepaal. Die fokus was op die model se interpretatiewe logika, stilistiese aanpasbaarheid en vermoë om innoverende en meer kreatiewe konsepvariasies te ontwikkel. Die bevindinge van hierdie fase het tydens die toepassing van die KIAVM-II as riglyn gedien om 'n AVT (telling uit 10) te bereken. Die bevindinge van die eerste twee fases het tydens die laaste fase as vertrekpunt gedien om riglyne vir verantwoordelike gebruik van ChatGPT-4o in juweliersontwerpateljees te ontwerp.

### 3.2 Keuse van 'n geskikte GenKI-model

Vorige navorsing het die voordele en beperkings van 10 GenKI-modelle uitgelig. Ons som die bevindinge in tabel 1 op om die keuse van 'n GenKI-model te motiveer.

**Tabel 1. Voordele en beperkings van GenKI-modelle tydens juweliersontwerp**

| GenKI en verwysing         | Voordele                                                                                                | Beperkings                                                        |
|----------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------|
| Stable fusion (Kang 2024c) | Nuttig om juweliersware te ontwerp.                                                                     | Moeilike gebruikerskoppelvlak, van eksterne masjien afhanklik.    |
| Firefly (Magee 2024)       | Beskik oor eie datastel, gratis model beskikbaar.                                                       | Kostes verbonde aan gebruik van sterker model, beperkte datastel. |
| The New Black (Kang 2024c) | Gespesialiseerde GenKI.                                                                                 | Moeilik om porre aan te pas.                                      |
| Wrtn (Kang 2024c)          | Verskeie modelle is beskikbaar, insluitend beperkte gratis model.                                       | Kostes verbonde aan gebruik van sterker modelle.                  |
| BLNG (Kang 2024c)          | Slegs vir juweliersware nuttig, intuitiewe skepper van juweliersware, beperkte gratis model beskikbaar. | Kostes verbonde aan sterker modelle met meer funksies.            |



|                                       |                                                                                                                            |                                                           |
|---------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------|
| Leonardo.AI (Magee 2024)              | Eie, beperkte datastel, beskik oor goeie begrip van juweliersterminologie: KI-ontwerpe en porre stem goed ooreen.          | Beperkte datastel, kostes verbonde aan gebruik.           |
| Midjourney (Kang 2024c en Magee 2024) | Vinnig, skep hoëgehalte-beelde.                                                                                            | Geen gratis model beskikbaar nie.                         |
| Dall-E (Kang 2024c en Magee 2024)     | Hoëgehalte-3D-beelde, ten volle met ChatGPT geïntegreer, kan ontwerpe bespreek en oor gesprekke heen onthou.               | Geen gratis model beskikbaar nie, stadiger as Midjourney. |
| ChatGPT (Kang 2024c)                  | Verstaan gesprekke met konteks, groot datastel, kan kodes vir 3D-modellering skep, beperkte model kan gratis gebruik word. | Kostes verbonde aan sterker modelle.                      |

Een van die uitdagings in hierdie navorsing is dat navorsers, soos Kang (2024c), neig om nie die spesifieke model aan te dui nie (tabel 1). Dit moes egter ten minste ChatGPT-4V wees, aangesien vorige modelle nie visuele beelde kon skep nie. Ons het ChatGPT-4o (OpenAI 2024b) gekies, aangesien hierdie GenKI-model gesprekke in konteks verstaan, oor 'n omvangryke datastel beskik en kodes vir 3D-modellering kan skep (Kang 2024c). Verdere voordele is dat die beperkte weergawe gratis gebruik kan word en dat ChatGPT steeds een van die wêreld se gewildste GenKI-modelle is (Thormundsson 2025). Alhoewel ChatGPT-5 tydens die keuringsproses beskikbaar gestel is, bied hierdie navorsing 'n basislyn waarteen die prestasie van nuwer modelle gemeet kan word.

### ***3.3 ChatGPT-4o se tweeledige rol tydens hierdie navorsing***

Ons beskou ChatGPT-4o in die eerste plek as 'n hulpmiddel wat van gebruikersinsette afhanklik is om KI-ontwerpe te skep. Ons verken dus sy vermoëns en beperkings om te bepaal of riglyne vir verantwoordelike gebruik, soos in die geval van sakrekenaars in wiskunde-klasse, ontwerp moet word.

Ons beskou ChatGPT-4o egter, weens die mensagtige manier waarop dit met sy gebruikers in gesprek tree, ook, soos Van Staden (2023c:512), as 'n deelnemer aan die navorsing. Hierdie "deelnemer" het, soortgelyk aan menslike deelnemers, gunstig gereageer op ons versoek om aan die navorsing deel te neem.

### ***3.4 Doel en doelstellings***

Die primêre doel van hierdie ondersoek was om riglyne vir die verantwoordelike gebruik van ChatGPT-4o in juweliersontwerpateljees voor te stel. Die drie navorsingsvrae is in die inleidende paragraaf gestel, gevolglik bied ons slegs die doelstellings:

- om die moontlike nut van ChatGPT-4o in juweliersontwerpateljees te bepaal.
- om die faktore te identifiseer wat die gebruik van ChatGPT-4o kan dryf.
- om riglyne vir verantwoordelike gebruik van ChatGPT-4o in juweliersontwerpateljees te stel.

Die metodes vir data-insameling en -verwerking word vervolgens bespreek.

### **3.5 Data-insameling en -verwerking**

Die kwalitatiewe data en die visuele beelde (KI-ontwerpe) is met behulp van vyf groepe porre ingesamel, naamlik:

- materiaalgebaseerde porre (goud, silwer, koper) om materiaal-assosiasies met style/motiewe te verken;
- stylgebaseerde porre om konsekwentheid ten opsigte van nabootsing van goedgekeurde ontwerpstyl te verken;
- tematiese/konseptuele porre om die GenKI-model buite tradisionele juweelkonvensies te druk om innoverende ontwerpe te skep;
- verkenning van moontlike samewerking met ChatGPT-4o om 'n juwelier se rowwe sketse te visualiseer en te verbeter; en
- porre om te verken in watter mate ChatGPT-4o die vervaardigingsproses vir sy eie KI-ontwerpe kan beskryf. Hierdie data het uit KI-ontwerpe en artefakte van die gesprekke (porre en response) met ChatGPT-4o bestaan.

Die KI-ontwerpe is aan die hand van vyf maatstawwe ontleed, wat volledig in die volgende afdeling getabuleer word. Indien 'n KI-ontwerp onvoldoende was, maar bruikbaar gelyk het, is opvolgporre gebruik totdat 'n besluit oor die moontlike nut van ChatGPT-4o in juweliers-ontwerpateljees gemaak kon word.

Die kwantitatiewe data is met behulp van die KIAVM-II ingesamel. Indien die AVT (punt uit 10) aangedui het dat ChatGPT-4o nuttig kan wees, moes ons ook riglyne vir verantwoordelike gebruik ontwerp.

### **3.6 Etiese oorwegings**

Geen menslike deelnemers is betrek nie. Ons het etiese klaring verkry om 'n model te ontwikkel om die gebruik van kunsmatige intelligensie in hoër onderwys te voorspel (UFS-HSD2023/2243). Etiese oorwegings het vrae oor outeurskap, kopiereg, stilistiese toe-eiening en akademiese integriteit ingesluit, soos bespreek in afdeling 2. Ons eis nie outeurskap van die KI-ontwerpe nie, maar Skrywer A behou kopiereg op die persoonlike ontwerpe. Ons het ChatGPT-4o op 'n verantwoordelike wyse gebruik, met 'n fokus op deursigtigheid, kritiese bevestiging en bronerkenning.

Die volledige dataset is op Mendeley Data gepubliseer (Holmes 2026) om deursigtigheid te bevorder. Ons gebruik enkele KI-ontwerpe, en verwys na die res in die dataset. Ons plaas alle ChatGPT-4o response in figuurblokke om dit duidelik van ons eie skryfwerk te onderskei.

Skrywer B het die aangepaste KI-aanvaardingvoorspellingmodel (KIAVM-II), wat ons in hierdie navorsing gebruik, oor sewe studies in verskeie kontekste ontwerp en ontwikkel. Ons verwys spaarsamig na elkeen van hierdie studies om oormatige gebruik van die spesifieke skrywer se van te vermy.

#### 4. Resultate, bevindings en aanbevelings

##### 4.1 Resultate en bevindings van fase 1: Moontlike nut van ChatGPT-4o

Die KI-ontwerpe is aan die hand van die volgende maatstawwe ontleed (tabel 2):


**Tabel 2. Maatstawwe vir die ontleding van die KI-ontwerpe**

|   | Maatstaf                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |
|---|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| 1 | Oorspronklikheid en kontekstueel toepaslikheid van die KI-ontwerpe, met 'n fokus op kreatiwiteit, oorspronklikheid en 'n mate waartoe die KI-ontwerp van standaard konvensies afgewyk het. Die doel was om ChatGPT-4o se vermoë om stilistiese konsekwenheid oor verskeie porre heen te handhaaf, te verken, sowel as sy mate van reaksie teenoor veranderlike beperkings. |
| 2 | Beperkings en vermoëns van ChatGPT-4o om te bepaal tydens watter fases van die ontwerp-proses dit nuttig kan wees. Vir dié doel is ChatGPT-4o gepor om aanpassings te maak totdat uitsluitel gegee kon word oor die moontlike nut van die GenKI in juweliersontwerpateljees.                                                                                               |
| 3 | Mate waartoe ChatGPT-4o Skrywer A se rowwe sketse kon visualiseer en verbeter, met 'n fokus op ontwerpelemente, belyning met die ontwerper se bedoeling en kwaliteit van die voorgestelde verbeterings.                                                                                                                                                                    |
| 4 | Mate waartoe ChatGPT-4o 'n vervaardigingsplan vir sy eie KI-ontwerpe kon verskaf en aanpas totdat dit aan tegniese en praktiese verwagtinge voldoen.                                                                                                                                                                                                                       |
| 5 | Etiese en praktiese implikasies van die KI-ontwerpe, 'n fokus op (a) kulturele toe-eiening (nie gekrediteerde of onsensitiewe gebruik van kulturele simbole/motiewe), (b) stereotipering (oorbenutte, cliché-agtige motiewe), en (c) praktiese uitvoerbaarheid (strukturele integriteit, materiaalkeuses, produseerbaarheid en dra-gerief) van die KI-ontwerpe.            |

Ons bespreek enkele van die KI-ontwerpe om die moontlike nut van ChatGPT-4o in juweliersontwerpateljees te bepaal. ChatGPT-4o se verkorte besprekings word ingesluit indien dit interpretasies ondersteun. Die oorspronklike pornummering word behou om lesers in staat te stel om dit in die datastel op te spoor.

##### 4.1.1 Vermoë om juweliersware sonder riglyne te ontwerp

Die doel met die eerste groep porre was om 'n basislyn te skep waarteen ChatGPT-4o se prestasies gemeet kon word. Ons het eers bepaal of ChatGPT-4o riglyne nodig gehad het om goue, silwer- en koperringe te ontwerp (figuur 6a, b en c) sodat ons 'n basislyn kon skep waarvandaan dit gelei kon word om konteksgebonde, innoverende variasies te skep.



**Figuur 6. KI-ontwerpe vir 'n goue, silwer- en koperring**

Die fyn, organiese vormtaal en kleurvolle stene in al die KI-ontwerpe (figuur 6) sluit esteties aan by konvensionele “vroulike” juwelierskodes wat op ’n stilistiese voorkeur/assosiasie kan dui, met ander woorde dat ChatGPT-4o materiaal met spesifieke stylkenmerke in verband bring:

- goud met warmer kleure en edelsteen-insetsels (figuur 6a).
- silwer met koeler kleure, en minimalistiese tot kommersiële of industriële detail (gravures, figuur 6b).
- koper met rustieke tekstuur-estetika (bv. patina en hamermerke) (figuur 6c).

Hierdie patrone kon toevallig wees, maar die vooroordele is tydens die navorsing bevestig (sien P7–P12, datastel). Gevolglik het ons stilistiese konsekwentheid verder verken (P13–P21, datastel) deur ’n ring te versoek sonder om enige riglyne te verskaf (figuur 7).



**Figuur 7. Eerste iterasie ringontwerpe (datastel)**

Die ringontwerpe het kommersiële (figuur 7a), industriële (figuur 7b) en outentieke (figuur 7c) ontwerpe verteenwoordig. Daaruit is afgelei dat ChatGPT-4o ’n patroon volg wanneer dit KI-ontwerpe skep. Die res van die KI-ontwerpe (sien P16–P21, datastel) het die afleiding bevestig.

Die afleiding is ten opsigte van hangertjieontwerpe (sien P22–P30, datastel) ondersoek. Die eerste iterasie se KI-hangertjies word in figuur 8 vertoon.




**Figuur 8. Eerste iterasie KI-ontwerpe vir hangertjies (datastel)**

Die hangertjies het nie die kommersiële, industriële en outentieke ontwerpe bevestig nie (figuur 8a, b en c). Hierdie afleiding is tydens iterasies bevestig (sien datastel).

Na afloop van die eerste groep porre is bevind dat ChatGPT-4o nuttig kan wees om ’n basislyn vir stylvergelyking te skep. Studente kan patrone en materiaalassosiasies identifiseer en bevraagteken. Hierdie basislyn was nuttig om te verstaan hoe ChatGPT-4o deur opvolgporre gelei kan word om minder-konvensionele, konteksgebonde ontwerpbesluite te maak.

#### 4.1.2 Vermoë om riglyne te volg om innoverende konsepvariasies te ontwerp

Die doel met die tweede groep porre was om te bepaal of die insluiting van spesifieke riglyne daartoe kan bydra dat ChatGPT-4o kreatiewe konsepvariasies vir bekende, goedgedokumenteerte style kan skep. Gevolglik is dit eers gepor om bekende, goedgedokumenteerte style na te boots (figuur 9a, b en c).



**Figuur 9. KI-ontwerpe gebaseer op goedgedokumenteerte style**

Die style is akkuraat nageboots (figuur 9a, b en c), waaruit afgelei is dat strukturele variasies deur goedgedokumenteerte style beperk word. ChatGPT-4o het op herhalende ontwerp-sjablone gesteun, selfs wanneer ons die estetika verander het. Hierdie patroon is by die res van die stilistiese versoeke waargeneem (vergelyk P31–P39, datastel), naamlik dat ChatGPT-4o die styl so korrek as moontlik nageboots het. Die ontwerpe was voorspelbaar en stereotipies weens 'n standaard interpretasie van 'n ring, gekenmerk deur prominente sentrale fokuspunte.

Genuanseerde, vakspesifieke porre is gevolglik geformuleer om te bepaal of dit tot kreatiewer konsepvariasies en stilistiese samehang kon bydra. Ons het byvoorbeeld 'n ongewone, tegniek-gebaseerde riglyn by 'n por gevoeg, naamlik plique-à-jour (P40–P42, datastel). Die resultate het egter getoon dat algemene stilistiese motiewe steeds herkenbaar was. Verder is die plique-à-jour (figuur 9d) nie korrek geïnterpreteer nie, aangesien dit 'n “loodglas”-effek moet vertoon. ChatGPT-4o het aanvanklik geweier om 'n neoplastisisme-hanger te skep (sien P43–P44, datastel):

Ek kon nie die versoekte beeld genereer nie omdat dit nie aan ons inhoudsbeleid voldoen nie. As jy 'n alternatiewe idee het of die versoek wil aanpas, laat my weet, dan help ek graag verder!

Hierdie styl word aan geometriese abstraksie gekenmerk, dus wou ons weet waarom dit nie aan OpenAI se inhoudsbeleid voldoen nie. ChatGPT-4o het soos volg gereageer:

Die uitdaging met neoplastisisme-ontwerpe lê in die moontlike kopiereg- en handelsmerkbeperkings omdat dit nou gekoppel is aan Piet Mondrian en De Stijl. 'n Alternatief is om 'n ontwerp te skep wat deur abstrakte, geometriese beginsels geïnspireer is sonder direkte verwysing na spesifieke bewegings of kunstenaars.

Daaruit is afgelei dat die ingeboude veiligheidsmaatreëls direkte stilistiese toe-eiening beperk. ChatGPT-4o het aangebied om die styl te herinterpreteer eerder as om spesifieke ontwerpe direk na te boots. ChatGPT-4o het die beginsels van die Neo-Plastisisme-beweging geken:



Neo-Plastisisme, ook bekend as De Stijl, is 'n abstrakte kunsbeweging wat omstreeks 1917 in Nederland ontstaan het. Dit is gestig deur Piet Mondrian en Theo van Doesburg en die naam beteken “nuwe plastiese kuns” om te verwys na 'n nuwe vorm van visuele uitdrukking ... (Sien P45, datastel vir volledige gesprek.)

Gevolglik is spesifieke parameters in 'n opvolgpor (P46) gestel (figuur 10).

**P46: Ontwerp 'n hangertjie met die volgende parameters:**

*Suiwer abstraksie: Geen uitbeelding van werklike voorwerpe of natuurlike vorms nie. Fokus op universele harmonie en orde.*

*Meetkundige vorms: Slegs reguit lyne, reghoeke en vierkante word gebruik. Geen kurwes, diagonale lyne of organiese vorms nie.*

*Primêre kleure en neutrale kleure: Gebruik slegs rooi, blou en geel (die drie primêre kleure). Gekombineer met swart, wit en grys.*

*Asimmetrie en balans: Komposisies is asimmetries, maar gebalanseerd. Klem op dinamiese ewewig – 'n balans van teenstellende kragte.*

*Vlakheid en duidelikheid: Oppervlaktes is plat en skoon.*

*Geen tekstuur of sigbare kwashale nie.*

*Verwerping van versiering: Versiering word verwyder ten gunste van strukturele duidelikheid en eenvoud.*



a



b

Piet Mondrian se komposisie met 'n groot rooi vlak en kleiner geel, swart, grys en blou vlakke

(Bron: Openbare domein, [Wikimedia Commons](#))

**Figuur 10. KI-ontwerp geïnspireer deur abstrakte, geometriese beginsels sonder om na kunstenaars te verwys**

Die KI-ontwerp (figuur 10a) is 'n sprekende voorbeeld van toe-eiening weens die sterk visuele ooreenkomste met die werk van 'n kunstenaar [vergelyk Piet Mondrian se kenmerkende neo-plastisistiese styl (figuur 10b) soos deur Janssen (2020) beskryf]. Daarmee word onlangse bevindinge bevestig, naamlik dat ChatGPT-4o redelik maklik oortuig kan word om 'n opdrag uit te voer (Ankit, Dhorajiya, Sanghani en Haider 2025 en Wolfson 2023).

Dit was bloot nodig om op die beginsels van spesifieke kunstenaars/bewegings te fokus (P46, figuur 10) om ChatGPT-4o te oortuig om veiligheidsnette te sistap. Dit is 'n belangrike bevinding, aangesien toe-eiening ten alle koste in juweliersontwerpateljees vermy moet word. In Suid-Afrika geld kopiereg vir artistieke werke vir 'n tydperk van tot 50 jaar ná die outeur se dood (Suid-Afrika 1978).

Daarna het ons ChatGPT-4o se interpretatiewe vermoëns en potensiaal vir verhoogde kreatiwiteit verder verken, met 'n fokus op sy vermoëns om artistieke KI-ontwerpe te skep: Ekspressionisme, Romantisisme en Popkuns. Ons vertoon enkele van die KI-ontwerpe in figuur 11.





**Figuur 11. KI-ontwerpe van die Ekspressionisme, Romantisisme en Popkuns**

Stylbewegings soos Ekspressionisme, Romantisisme en Popkuns is as herkenbare “kernmerkers” vertaal (figuur 11). Die Popkuns KI-ontwerp (figuur 11c) het egter onsinnige teks bevat (BOOM!, POW! en SMASH!). Aangesien die resultate van opvolgporre op stereotipering en oordrewe stilerings gedui het, is visuele merkers met stylkenmerke oor verskeie iterasies heen vergelyk om herhalende clichés te identifiseer. Die resultate het getoon dat Ekspressionisme tot die beste variasie bygedra het (sien P47–P64, datastel), terwyl Romantisisme tot voorspelbare KI-ontwerpe bygedra het. Die KI-ontwerpe van die Popkuns het herhalende clichés, naamlik verwagte helder kleure en teksagtige elemente, bevat. Ten spyte van stylwisselings het ’n sentrale steen ’n verstek-fokuspunt gevorm, naamlik sentrale-steen-sjablone. Die KI-ontwerpe, gebaseer op goedgedokumenteerde style, het beperkte konsepdiversiteit getoon. Oppervlakkige stilerings word as toe-eiening beskou en skep uitdagings indien historiese of kultuurgebonde merkers sonder voldoende konteks en motivering herhaal word.

Die resultate van hierdie groep porre het daarop gedui dat KI-ontwerpe nuttig in juweliersontwerpateljees kan wees om voorbeelde van toe-eiening te identifiseer. Studente kan die resultate gebruik om riglyne wat tegniek en vervaardiging betref (mokume-gane, granulering of emaljerings), by opvolgporre te voeg om ChatGPT-4o te por om kreatiewer ontwerpe te skep. Gevolglik kan geleenthede vir die ontwikkeling van kritiese denkvaardighede geskep word. Gebaseer op die gehalte van die KI-ontwerpe, moet konteksnavorsing, bronerkenning en motivering vereis word wanneer studente ontwerpe vir assessering indien.

#### *4.1.3 ChatGPT-4o se vermoë om tema-gebaseerde juweliersware te skep*

Die derde groep het ten doel gehad om die moontlikheid van kulturele of stilistiese toe-eiening verder te ondersoek. Ons het met porre geëksperimenteer wat ontwerpe na ’n meer neutrale, tematiese basis stuur, tipies van dié wat in juweliersontwerpateljees gebruik word. Skrywer A het sy eie estetiese voorkeure in die porre gevoeg om ChatGPT-4o van konvensionele stylverwysings weg te lei. Ons het aangeneem dat hierdie porre KI-ontwerpe kon ontlok wat ’n persoonlike ontwerpbedoeling weerspieël. Vir dié doel het ’n bestaande lesplan as vertrekpunt gedien:

Tema: Juweliersware vir sosiale impak: herdefiniëring van narratiewe

Doel van die leereenheid: Studente moet die rol van juweliersontwerp in die aanspreek van sosiale uitdagings kan verduidelik en konsepte ontwikkel wat sosiale kwessies, kulturele narratiewe en etiese oorwegings geïntegreer, benader.

Die por (P65) en KI-ontwerp word in figuur 12 vertoon.



**P65:** In hierdie projek moet jy die sinergie tussen juweliers-ontwerp, sosiale impak en identiteit ondersoek. Jy moet ondersoek instel na hoe juweliersware as 'n kragtige medium kan dien om sosiale uitdagings aan te spreek en narratiewe binne gemeenskappe te herdefinieer. Deur uiteenlopende kulturele, ekonomiese en historiese kontekste te verken, kan jy juweliersware skep wat hibriditeit beliggaam, konvensies uitdaag en bydra tot positiewe sosiale verandering. Deur jou juweliersmaakpraktyk sal jy aangemoedig word om die grense van tradisionele juwelierstegnieke en innoverende materiale te ondersoek, terwyl jy etiese en volhoubare benaderings beklemtoon (datastel).

**ChatGPT-4o:** Die halssnoerontwerp vertolk die tema “Juweliersware vir sosiale impak” (...) (datastel).

### **Figuur 12. Tematiese KI-ontwerp rondom sosiale impak**

ChatGPT-4o het die ontwerp oortuigend gemotiveer (figuur 12). Die KI-ontwerp beliggaam hibriditeit deurdat diverse tegnieke en materiale gekombineer is, maar van die byskrifte is gehallusineer. Die oorlaaiende samestelling dui daarop dat ChatGPT-4o te veel vereistes terselfdertyd probeer visualiseer. Gevolglik is fokus, visuele duidelikheid en draagbaarheid in gedrang gebring, al strook die herhaalde kombinasie van keramiek-raku en tradisionele metaalwerk met die tema. Hierdie KI-ontwerp kan in juweliersontwerpateljees gebruik word vir kritiese ontleding van tematiese belyning, simboliek en vervaardigingsmoontlikhede, veral omdat die ontwerp nie prakties uitvoerbaar is nie.

'n Opvolgpor het 'n minimalistiese ring opgelewer (sien P66, datastel), maar die narratief visueel verswak omdat simboliek, sonder konteks, nie vir 'n leek intuïtief sal wees nie. Die por is dus verder aangepas deur te versoek om 'n plique-à-jour-element by te werk met 'n parametriese styl wat op 'n spesifieke sosiale kwessie fokus, naamlik aardverwarming. Die uitkoms was baie oorlaai (sien P67, datastel) en die ChatGPT-4o is versoek om dit minder besig te maak en te kombineer met 'n enkele tegniese/estetiese element om betekenis, eenheid en visuele harmonie beter te balanseer (P68, figuur 13) (datastel).



**P68:** Tekstuur minder besig met oopwerk-elemente

**ChatGPT-4o:** Die minimalistiese ringontwerp kombineer 'n keramiek-raku-element met (...).

### **Figuur 13. 'n Minder besige KI-ontwerp om sosiale impak te simboliseer**

ChatGPT-4o het die riglyne verstaan en 'n minder oorlaaide ring (figuur 13) met 'n keramiek-raku-element, tekstuurdetail en uitgesnyde elemente ontwerp. Die oopwerk (negatiewe ruimtes) en plique-à-jour het 'n meer gefokusde en minder besige narratief ondersteun. Die plique-à-jour-tegniek (loodglaswerk-effek) het, volgens ChatGPT-4o (sien P68, datastel), die aarde se broosheid en skoonheid gesimboliseer, terwyl die organiese patrone klimaatsverandering weerspieël het. Die uitgesnyde elemente en subtiële teksture was kreatief en het toe-eiening tot die minimum beperk. Hierdie KI-ontwerp is eiesoortig, met 'n duidelike, gefokusde narratief.

ChatGPT-4o se aanpasbaarheid is vervolgens verder verken deur die ontwerpriglyne te behou, maar die tematiese fokus na geweld teen vroue en kinders te verskuif. Die doel was om te bepaal of ChatGPT-4o simboliese elemente kan herinterpreteer om 'n ontwerp aan te pas om met 'n ander sosiale kwessie te bely. Ons wou ook bepaal of dieselfde vlak van kreatiwiteit en tematiese duidelikheid gehandhaaf sou word. Die por en KI-ontwerp word in figuur 14 vertoon.



**P69:** Verander aardverwarming na geweld teen vroue en kinders.

**ChatGPT-4o:** Die minimalistiese ring fokus op die tema van (...) (datastel).

#### **Figuur 14. 'n Tematiese KI-ontwerp om geweld teen vroue en kinders te verteenwoordig**

ChatGPT-4o het materiaal, tekstuur en vorm as simboliese draers van die tema gebruik (figuur 14). Volgens ChatGPT-4o vorm die blaarvormige keramiek-raku-element die fokus om uithou vermoë voor te stel, terwyl subtiële teksture en uitgesnyde dele met deursigtigheid en bewustheid verbind word (datastel). Hoewel die simboliek nie onmiddellik sigbaar is nie, posisioneer ChatGPT-4o die plique-à-jour-inlegsels as 'n teken van innerlike krag en die organiese vormtaal as 'n metafoor vir beskerming en gedeelde verantwoordelikheid. In geheel bied hierdie KI-ontwerp 'n kontemporêre, simboliese interpretasie van geweld teen vroue en kinders. Ons kon aflei dat iteratiewe poraanpassings ChatGPT-4o gehelp het om abstrakte idees in meer betekenisvolle visuele voorstellings te vertaal.

Die vraag was hoe ChatGPT-4o sou reageer indien belangrike riglyne (verwysing na 'n sosiale kwessie) verwyder word sodat slegs die tegniese riglyne oorbly. Die resultate word in figuur 15 vertoon.



**P70:** Laat sosiale kwessies uit.

**ChatGPT-4o:** Die minimalistiese ringontwerp fokus op abstrakte vorms en kombineer (...).

**Figuur 15. KI-ontwerp sonder rigtinggewende riglyn**

ChatGPT-4o het die fokus suksesvol na stilistiese verkenning verskuif deur abstrakte vorms en 'n spel tussen organiese en geometriese patrone te gebruik om 'n visueel boeiende stuk te skep (figuur 15). Dit kon by veranderende ontwerpdoelwitte aanpas en konseptuele variasie en samehang handhaaf, mits 'n por voldoende gespesifiseer is. Nadat die sosiale tema verwyder is, het ChatGPT-4o hoofsaaklik op styl en tegniek gefokus (keramiek-raku en plique-à-jour) en terselfdertyd wegbeweeg van 'n konvensionele ronde ring met 'n sentrale steen na 'n meer ongewone, innoverende estetika.

Vervolgens wou ons bepaal of ChatGPT-4o 'n styl met kreatiewe konsepvariasie kan skep en toe-eiening van bestaande kulturele estetika kan vermy. Gevolglik wou ons ChatGPT-4o probeer dwing om kreatiewe konsepvariasies te skep wat buite raamwerke van estetiese style val. P71 het ChatGPT-4o uitgedaag om 'n ontwerp (figuur 16) te skep wat in 'n onbekende konteks gewortel is.



**P71:** Inkorporeer 'n nuwe kunsstyl geïnspireer deur buiteruimtelike wesens 4 000 ligjare weg. Hierdie wesens is vreedsaam en het 'n hoogs kenmerkende artistieke estetika.

**ChatGPT-4o:** Die kontemporêre ring is geïnspireer deur 'n vreedsame buiteruimtelike (...).

**Figuur 16. 'n Tematiese KI-ontwerp (buiteruimtelike wesens)**

Die ontwerp het getoon dat ChatGPT-4o gedruk kan word om van sy standaard konseptualisering van 'n ring af te wyk om meer kreatiwiteit in konsepvariasies (die motiewe) (figuur 16) aan die dag te lê. ChatGPT-4o moes daarna 'n kommersiële juweliersware-element integreer (figuur 17).



**P72:** Voeg Pavé-insetsel by.

**ChatGPT-4o:** Die kontemporêre ring, met 'n minimalistiese benadering, is geïnspireer deur (...).

**Figuur 17. 'n KI-ontwerp met 'n Pavé-insetsel (buiterruimtelike wesens)**

Die KI-ontwerp (figuur 17) was bevredigend, aangesien geen duidelike kulturele of stilistiese toe-eiening gevind kon word nie. ChatGPT-4o het ook suksesvol van die tipiese “sentrale fokuspunt”, wat verskeie van die vorige KI-ontwerpe vir ringe oorheers het, wegbeweeg. Die Pavé-insetsels is egter nie tegnies korrek voorgestel nie. Gevolglik is 'n kennersoog noodsaaklik wanneer ChatGPT-4o gebruik word om juweliersware te ontwerp.

In die daaropvolgende iterasies (sien P73 en P74, datastel) is ChatGPT-4o gelei om negatiewe ruimtes in te sluit om die komposisie te verfyn en 'n delikate estetika te weerspieël. Tydens die iterasies is boeiende variasies geskep wat as inspirasie kan dien. Maar, ChatGPT-4o het steeds 'n herhalende neiging getoon indien die riglyne in die por nie streng genoeg begrens was nie. KI-ontwerpe het kompleks geraak, met sentrale motiewe of “'n steen-as-fokuspunt”. Dit was dus noodsaaklik om te bepaal of die neiging ook ten opsigte van KI-ontwerpe vir hangertjies gegeld het (figuur 18).



**P75:** Skep 'n hangertjie.

**ChatGPT-4o:** Die kontemporêre hangertjie, geïnspireer deur 'n vreedsame buiterruimtelike kunsstyl, (...).

**Figuur 18. Toepassing van riglyne van 'n buiterruimtelike tema op 'n hangertjie**


Die toepassing van die riglyne op 'n ontwerp vir 'n hangertjie (figuur 18) het ChatGPT-4o gelei om meer kreatiwiteit te vertoon. Dit kon dus meer unieke ontwerpe skep wanneer dit deur doelgerigte, iteratiewe porre gelei word.

In die daaropvolgende iterasies (P76–P79, datastel) is nog parameters ingespan om ChatGPT-4o se aanpasbaarheid te toets, naamlik kleuraanwysings, kommersieel-herkenbare elemente en stylverskuiwings binne dieselfde narratief. ChatGPT-4o het telkens vinnig op nuwe riglyne



gereageer en verrassende variasies geskep. Sommige KI-ontwerpe (P76–P79, datastel) het egter strukturele foute, soos byvoorbeeld swewende komponente, bevat. ChatGPT-4o het telkens op eenvoudige, swaar motiewe teruggeval indien die porre te kripties of te wyd geformuleer is. Gevolglik is opvolgporre verfyn om ’n meer gebalanseerde estetika te bereik waarin dramatiese “donker” elemente en sagter, organiese vormtaal beter gekalibreer is.

In P80 is kontrasterende estetiese riglyne doelbewus in dieselfde por gekombineer om die impak daarvan te verken (figuur 19).



**Figuur 19. Kombinasie van twee KI-ontwerpe**

Die KI-ontwerp (figuur 19) was indrukwekkend, maar die insluiting van ’n element wat na ’n kopbeen of masker lyk, kan veroorsaak dat die ontwerp nie in almal se smaak sal val nie. Dit was egter wel ’n kreatiewe konsepvariasie, aangesien ChatGPT-4o buitengewone motiewe en elemente treffend saamgestel het om ’n ring te ontwerp. Hierdie tipe ring word selde in hoofstroom-juweliersware aangetref. ChatGPT-4o se poging om verskeie estetiese riglyne en simboliese lae gelyktydig te integreer, het egter ’n besige ontwerp tot gevolg gehad en visuele eenheid negatief beïnvloed.


In P80 tot P95 (datastel) is die porre iteratief verfyn. In ’n poging om die ontwerp te vereenvoudig, is mededingende kenmerke beperk en parameters (bv. kleurpalet, fokus en die mate van oopwerk / negatiewe ruimtes) aangepas. Tydens die ontleding van die KI-ontwerpe is die doeltreffendheid van twee riglyne vir porre bevestig, naamlik dat:

- iteratiewe porre streng en gerig geformuleer moet word om ChatGPT-4o te lei om gebalanseerde en delikate komposisies te skep,
- porre geformuleer moet word om uitdruklik herkenbare verstekke, en spesifiek sentrale fokuspunte, uit te sluit. Indien nie, het dit na hierdie verstek teruggeval.

Alhoewel die KI-ontwerpe soms visueel oortuigend was, kan die noodsaaklikheid van kundige verifikasie nie oorskat word nie, aangesien die keuse van materiaal en struktuur soms tot onuitvoerbare KI-ontwerpe gelei het.

Die doeltreffendheid van iteratiewe porre is verder verken deur te bepaal in watter mate dieselfde riglyne op ontwerpe vir ander juweliersware oorgedra word. Ons wou ook bepaal hoe sensitief ChatGPT-4o op klein porwysigings reageer. Vir dié doel is ’n enkele, kriptiese parameter in P96 (datastel) gevoeg, naamlik “rooi stene”. Die KI-ontwerp (figuur 20a) het getoon dat ChatGPT-4o die opdrag reg verstaan het (figuur 20).





**Figuur 20. Toepassing van riglyne op ander juweliersware met insluiting van rooi stene**

ChatGPT-4o kon ook kriptiese porre, waarin slegs 'n ontwerp vir 'n medaljon (figuur 20b) en oorbelle (figuur 20c) vereis is, korrek toepas. Uit figuur 20a, b en c is afgelei dat ChatGPT-4o nuttig kan wees om kreatiewe konsepvariasies te skep wat toe-eiening vermy.

Die resultate van hierdie groep porre het getoon dat iteratiewe aanpassings herkalibrasies bewerkstellig het, totdat die KI-ontwerpe bevredigend was. Die opvolgporre het 'n hoë vlak van teoretiese kennis en kennis van vervaardigingsprosesse vereis. Indien geen riglyne verskaf is nie, het ChatGPT-4o op stereotipes en oninspirerende ontwerpe teruggeval, wat daarop dui dat ChatGPT-4o die mees voor die hand liggende kenmerke van 'n gegewe ontwerpstyl gebruik. Aangesien klein porwysigings 'n beduidende invloed op die uitset gehad het, moet ontwerpers in staat wees om vooraf te voorspel watter “defaults” of visuele oplossings die model sal vind. Die gevolgtrekking dat ChatGPT-4o nuttig in juweliersontwerpateljees kan wees, word veral deur die buiteruimtelike narratief beklemtoon. Dit kan maklik geïntegreer word om nuwe idees te skep, veral weens ChatGPT-4o se vermoë om meervoudige style in 'n enkele ontwerp te integreer. Aangesien ChatGPT-4o kreatiewe estetiese benaderings verstaan, kan dit in juweliersontwerpateljees geïntegreer word om studente binne sekondes aan nuwe estetika bloot te stel.

#### *4.1.4 ChatGPT-4o se vermoë om 'n ontwerper se rowwe sketse in KI-ontwerpe te omskep en verbeter*

Die doel met die volgende groep porre was om ChatGPT-4o se vermoë om rowwe sketse bevredigend te visualiseer, te verken. Studente vind hierdie taak uitdagend, met die gevolg dat dit een van die tydrowendste take in juweliersontwerpateljees is. ChatGPT-4o is versoek om Skrywer A se rowwe skets (figuur 21a) te visualiseer (P99, figuur 21b) en te verbeter (P100, figuur 21c).



**Figuur 21. ChatGPT-4o se interpretasie van Skrywer A se rowwe skets**

Die eindproduk is geloofwaardig gevisualiseer (figuur 21b) en kan maklik gedra word. Die sirkels (figuur 21a) was korrek as pavé-agtige detail gevisualiseer. Die verbeterde ring (figuur 21c) het egter die vooraf geïdentifiseerde patroon bevestig. Die ongewone vormtaal het

na 'n meer konvensionele, simmetriese oplossings vertaal, met 'n sentrale steen as verstek. Hierdie neiging is in verdere KI-ontwerpe (P101–P104, datastel) bevestig. ChatGPT-4o kon wel gelei word om probleme rondom draagbaarheid op te los, soos byvoorbeeld ongemaklike uitsteeksels. Indien dit egter nie pertinent versoek is om sentrale elemente te vermy nie, het dit op 'n sentrale fokuspunt teruggeval.

ChatGPT-4o kon ook Skrywer A se baie rowwe skets van 'n hangertjie (figuur 22a) geloofwaardig visualiseer (figuur 22b).



**Figuur 22. Interpretasie van Skrywer A se rowwe skets vir 'n hangertjie**

Die interpretasie (figuur 22b) was indrukwekkend, aangesien ChatGPT-4o onduidelikhede (bv. die onvolledige boonste gedeelte) gekonsolideer en funksioneel gemaak het sonder om die styl noemenswaardig aan te pas. Die resultaat was 'n bemarkbare hangertjie, met swart stene wat die rowwe idee in 'n vloeiende stuk geïntegreer het. Die “verbeterde” weergawe was egter minder suksesvol. Die kleur en styl (figuur 22c) het na 'n stereotipiese, markvriendelike oplossing verskuif, met die gevolg dat Skrywer A se styl en oorspronklikheid ingeboet is. Die ontwerp neig na Edwardiaanse estetika wat deur ligte, kantagtige voorkoms, witmetaal, fyn filigraan en diamantagtige detail gekenmerk word. Die platter, minder komplekse ontwerp kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die por nie duidelike vereistes ten opsigte van detail, strukturele integriteit en estetiese behoud gestel het nie.

Die resultate van hierdie groep porre het daarop gedui dat ChatGPT-4o nuttig kan wees om onvoltooide sketse te visualiseer, maar nie noodwendig om dit te verbeter nie. Gevolglik kan ChatGPT-4o 'n nuttige visualiseringshulpmiddel in juweliersontwerpateljees wees. Indien dit egter gebruik word om rowwe sketse te verbeter, moet duidelike riglyne in porre gestel word om te verhoed dat ChatGPT-4o sy eie vooropgestelde idees implementeer.

#### *4.1.5 ChatGPT-4o se vermoë om 'n vervaardigingsplan te formuleer*

Die doel met die laaste groep porre was om die moontlikheid dat ChatGPT-4o uitvoerbare vervaardigingsplanne vir ontwerpe kan formuleer, te verken. Gevolglik moes ChatGPT-4o 'n vervaardigingsplan vir een van sy eie, eenvoudiger ringontwerpe (figuur 7b, sien figuur 23) formuleer.



**P107:** Formuleer 'n vervaardigingsplan vir die aangehegte ring.

**ChatGPT-4o:** Vervaardigingsplan vir ring met reghoekige edelsteen (...), (sien tabel 49 en 50, datastel)

**Figuur 23.** ChatGPT-4o se vervaardigingsplan vir die ring in figuur 7b

ChatGPT-4o het die proses hoofsaaklik as 'n CAD- en gietwerkvloei (3D-modellering/wasdruk, verlorewasgiet, afwerking en steensetting) uitgelê, met algemene materiaal- en gehaltebeheer-voorstelle. Hoewel die volgorde logies was en vir 'n leek korrek kan lyk, is kritieke vervaardigingsbesonderhede (bv. praktiese parameters, toleransies en besluitpunte) weggelaat. Die tweede plan het 'n tradisionele handvervaardiging uitgelê wat meer geloofwaardig was (bandvorming, gleuwing (bezel), soldering, steensetting, afwerking). Noodsaaklike proses-beheer is egter onvoldoende gespesifiseer, veral met betrekking tot metaalvoorbereiding (dikte-teikens, uitrol/-gloei), hitte- en soldeerbestuur (hard → medium → sag), presisiehoekvorming en reghoekige steensetting. Nie een van die planne het in gedagte gehou dat die ring ligter gemaak moet word of dat die plan kostedoeltreffend uitgevoer moet word nie. Beide planne moet beduidend verfyn word om met gevestigde ateljee-praktyk in verband gebring te word.

Gebaseer op die resultate is afgelei dat ChatGPT-4o nuttig in juweliersontwerpateljees kan wees ten spyte van die foute wat dit maak. 'n Kundige moet die plan met behulp van 'n dissipline-spesifieke kontrolelys evalueer en aanpassings maak, aangesien dit nie as sodanig toegepas kan word nie.

#### 4.1.6 Bevindinge oor moontlike nut van ChatGPT-4o in juweliersontwerpateljees

ChatGPT-4o kan in die eerste plek nuttig in hoëronderwysateljees wees om vinnig KI-ontwerpe te skep wat verder ontleed moet word rakende kenmerkende elemente, naamlik dat:

- goue juweliersware deurgaans ornamentele estetika getoon het, met verwysings na Griekse, Romeinse of Rococo-tradisies wat goud met luuksheid en prag verbind. Die diamantagtige stene en komplementêre kleure (blou en oranje) kan dui op 'n rudimentêre toepassing van kleurteorie.
- silwer juweliersware moderne, minimalistiese en kommersieel lewensvatbare estetika getoon het, met kenmerkende stroombelynde vorms en ligkleurige stene wat kontemporêre juweliersontwerp se strewe na eenvoud en veelsydigheid weerspieël.
- koper juweliersware 'n rustieke, handgemaakte estetika getoon het, met kenmerkende hamerteksture en turkoois kabochenstene. Dit kan op 'n data-gedrewe voorkeur vir tradisionele vakmanskappegebaseerde interpretasies van koperjuweliersware dui.

ChatGPT-4o se omvangryke opleidingsdata (Kang 2024c) het dit in staat gestel om goed-gedokumenteerte style, soos byvoorbeeld Art Nouveau en Art Deco, akkuraat na te boots. Sy vermoë om kreatiewe juweliersware te ontwerp, is egter beperk. Ons het gevind dat:

- Art Nouveau-ontwerpe vloeiende, organiese motiewe ingesluit het, terwyl Art Deco-ontwerpe geometriese presisie en simmetriese vorms ingesluit het. Die herhaling van bekende ontwerptraamwerke het gedui op afhanklikheid van vasgestelde stilistiese strukture en het gevolglik kreatiewe konsepsvariasies beperk.
- Ekspressionisme, Romantisisme en Popkunsverwysings meer variasie in KI-ontwerpe getoon het:
  - Ekspressionisme-ontwerpe was die mees abstrak en mees onkonvensioneel, waarskynlik weens die oopheid van hierdie beweging wat kreatiewe vryheid bied.
  - Romantisisme-ontwerpe was visueel aantreklik, maar het voorspelbare sentimentele motiewe bevat wat op 'n oppervlakkige begrip van die beweging se emosionele diepte dui.
  - Popkunsontwerpe het, met die insluiting van helder kleure, geometriese vorms en tekstuele elemente wat kenmerkend van die beweging is, noemenswaardige aanpasbaarheid vertoon.
  - Neo-Plastisisme het geen direkte ontwerpe opgelewer nie weens OpenAI se inhoudsbeleid, waarmee Yup (2023) se stelling dat die kopiëreg van kunstenaars beskerm word, bevestig kan word.
- ChatGPT-4o verskeie style en tegnieke kan kombineer om hibriede ontwerpe te skep wat tradisionele estetika uitdaag. Gevolglik kan studente aan nuwe moontlikhede vir kreatiwiteit blootgestel word, mits tegnologie en vakmanskap gekombineer word.

Aangesien onbekende style onderverteenvoordig in die databasis was, het onbekende style tot meer kreatiwiteit bygedra. Die oorspronklikheid van KI-ontwerpe is beperk deur materiaal-gebaseerde vooroordele, stereotipering en kulturele toe-eiening. Hierdie risiko's kon egter deur kundige riglyne in opvolgporre geminimaliseer word. Volgens Lyu, Shi, Zhang en Lin (2024) verskuif GenKI-modelle die ontwerper se fokus vanaf tegniese take na strategiese besluite oor die visuele impak van ontwerpe. Daarmee word 'n behoefte aan doeltreffende porvaardighede te leer, beklemtoon.

Tweedens kan ChatGPT-4o nuttig wees om tematiese ontwerpe te skep. Ons het gevind dat ChatGPT-4o:

- ongewone, abstrakte en nie voor die hand liggende narratiewe (bv. buiteruimtelike wesens en mikroskopiese wêrelde) in goeie KI-ontwerpe kon vertaal omdat dit nie deur gevestigde stylreëls beperk word nie.
- sosiale temas (bv. kulturele diversiteit en omgewingsvolhoubaarheid) in indrukwekkende ontwerpe kon omskakel.
- bykomende konteks benodig om komplekse narratiewe te vertaal, anders was die betekenis vaag, en het interpretatiewe diepte ontbreek.

- spekulatiewe, verhalende porre goed kon kontekstualiseer en konvensionele ontwerp-raamwerke kon oorskry om KI-ontwerpe te skep wat onkonvensionele vorms, motiewe en unieke estetika bevat.
- hibriede ontwerpe kon skep en konsepvariasies kon voorstel wat selde in hoofstroom-juweliersware voorkom, maar narratiewe helderheid was afhanklik van eksterne kontekstualisering en doelgerigte leiding.
- nuttig kan wees om kreatiwiteit te bevorder, mits tegnologie en vakmanskap doelbewus in die porre geïntegreer word.

Daarmee ondersteun ons Rossato e.a. (2024) se mening, naamlik dat ChatGPT-4o 'n tyd- en kostedoeltreffende vennoot tydens juweliersontwerp kan wees om sodoende produktiwiteit te verhoog. Uitdagings soos ondoeltreffende kommunikasie (porvaardighede) en stilistiese beperkings moet egter tydens die samewerking tussen mens en masjien oorkom word (Lyu e.a. 2024).

Derdens kan ChatGPT-4o nuttig wees om rowwe sketse vinnig te visualiseer. Ons ondersteun egter nie Magee (2024) se mening dat CAD-visualisering oorbodig kan raak nie. Ons steun eerder Holmes (2025) se bevinding dat die ontwikkeling van CAD-vaardighede steeds 'n prioriteit moet wees. Alhoewel ChatGPT-4o ontwerpe fotorealities gevisualiseer het, kan dit (nog nie) alle CAD-funksies vervang nie. ChatGPT-4o is nuttig om basiese vervaardigingsplanne te skep. Die uitvoerbaarheid van sy handvervaardigingsplan was egter beperk weens ontbrekende besonderhede, soos byvoorbeeld metaalvoorbereiding, tipes soldeersel en presiese steensetting. Ons het ChatGPT-4o nuttig gevind om rowwe sketse vinnig te visualiseer. Gevolglik steun ons Kang (2024b) se bevinding dat werkvloei tyd- en kostedoeltreffend bestuur kan word om soos Gonçalves e.a. (2024) ook bevind het, produktiwiteit te verhoog.

Vierdens kan ChatGPT-4o nuttig wees om belangrike vaardighede te ontwikkel. Ontwerpfoute soos swewende stene, ontbrekende elemente (bv. 'n herdershaak), ongemaklike dra-eienskappe of onnodige kompleksiteit skep waardevolle leergeleenthede, aangesien die uitvoerbaarheid daarvan oorweeg moet word. Doeltreffende gebruik van ChatGPT-4o vereis dat studente die nodige kennis, vaardighede en tegnieke moet aanleer om ChatGPT-4o te lei om foute uit te skakel. Indien die regte data nie in sy databasis beskikbaar is nie (Banh en Strobel 2023), kan data ingevoer word. Ons het bevind dat:

- die iteratiewe porproses 'n deurslaggewende rol tydens die aanpassing van KI-ontwerpe gespeel het, aangesien ChatGPT-4o geleidelik kon word om unieke, kontekstueel relevante KI-ontwerpe te skep.
- porre progressief aangepas moes word deur voorspelbare elemente uit te sluit en minder konvensionele tegnieke, soos byvoorbeeld mokume-gane en plique-à-jour in te sluit.
- aanpassings tot kreatiewe, struktureel diverse ontwerpe bygedra het.
- ChatGPT-4o verbeterde aanpasbaarheid getoon het indien dit uitgedaag word om veelvuldige stilistiese en tematiese komponente te integreer, veral binne verhalende verkenning van onkonvensionele ontwerpidees.
- die toepassing van ongewone beperkings, soos byvoorbeeld 'n verbod op geometriese vorms of 'n beperking op materiale (witmetale en stene), ChatGPT-4o gedwing het om unieke en konseptueel samehangende ontwerpe te skep.
- ChatGPT-4o geleidelik en opgeleidelik moet word om akkurate vervaardigingsplanne te skep.

Die iteratiewe porre het 'n deurslaggewende rol tydens die aanpassing van KI-ontwerpe gespeel, aangesien ChatGPT-4o gelei kon word om kreatiewe, kontekstueel relevante KI-ontwerpe te skep. Ons kon deur ChatGPT-4o se verstekpatrone breek deur ongewone beperkings (bv. 'n verbod op geometriese vorms of 'n beperking tot witmetale en stene) te stel om dit te lei om niekonvensionele, konseptueel samehangende ontwerpe te skep.

Laastens kan ChatGPT-4o nuttig wees om studente by leertake betrokke te maak. Volgens Giray (2023) moet gebruikers verstaan hoe 'n GenKI-model gelei kan word om verwagte response te lewer. Skrywer A het Kolb en Kolb (2005) se stappe van ervaringsleer, naamlik reflektiewe waarneming, abstrakte hipoteses en toetsing van die hipoteses tydens die gebruik van ChatGPT-4o nuttig gevind. Ervaringsleer het, soos Chiang, Wells en Xu (2021) ook bevind het, aktiewe betrokkenheid by die leerproses aangemoedig en die ontwerper/gebruiker uitgedaag om self kennis te skep en toe te pas om besluite oor die doeltreffendheid van die KI-ontwerpe te maak.

Gebaseer op die bevindinge, beskou ons ChatGPT-4o as 'n nuttige hulpmiddel in juweliersontwerpateljees. Dit is nie 'n onafhanklike ontwerper nie, maar eerder 'n kreatiewe vennoot, assistent of hulpmiddel wat tyd- en kostedoeltreffend geïntegreer kan word om produktiwiteit en werkvloei in juweliersontwerpateljees te verbeter. Ons ondersteun Gonçalves e.a. (2024) en Husni en Kaspin (2025) se mening dat 'n sinergie tussen mens en masjien 'n nuwe era van innovasie inlei, maar spesifiek in juweliersontwerpateljees. Ons bevestig nie voorspellings dat GenKI-modelle tot werksverlies kan bydra nie, aangesien 'n kundige ontwerper hierdie modelle moet lei om kreatiewe ontwerpe te skep. Aangesien ooraafhanklikheid reeds met laer kritiese denkvlakke en groter kognitiewe “offloading” in verband gebring word (Gerlich 2025 en Zhai, Wibowo en Li 2024), beveel ons aan dat belangrike vaardighede doelbewus in leertake geïntegreer word. Aangesien ChatGPT-4o gelei kon word om kreatiewe KI-ontwerpe te skep, kan dit KI-plagiaat vererger, daarom moet strategieë en beleide ontwikkel word om verantwoordelike gebruik van GenKI-modelle in juweliersontwerpateljees te bevorder.

Weens die moontlike nut van ChatGPT-4o het ons die faktore geïdentifiseer wat die gebruik van ChatGPT-4o in juweliersontwerpateljees kan dryf.

#### **4.2 Faktore wat die gebruik van ChatGPT-4o kan bevorder**

Die resultate van die KIAVM-II het getoon dat al die faktore die gebruik van ChatGPT-4o kan dryf (tabel 3), al moet 'n kundige gebruiker opvolgporre gebruik om hoër gehalte uitsette te verseker.

**Tabel 3. Resultate van die KIAVM-II**

| Faktore wat aanvaarding en gebruik kan dryf | AVT | Beslissing                                     |
|---------------------------------------------|-----|------------------------------------------------|
| Voordeel bo status quo?                     | 1   | Bevestig                                       |
| Lae inset?                                  | 0,5 | Nie oortuigend bevestig nie, aanpassings nodig |
| Hoëgehalte uitsette?                        | 0,5 | Nie oortuigend bevestig nie, iterasies nodig   |
| Mensagtige interaksie?                      | 1   | Bevestig                                       |
| Maklik om te gebruik?                       | 1   | Bevestig                                       |



| Faktore wat aanvaarding en gebruik kan dryf   | AVT      | Beslissing                              |
|-----------------------------------------------|----------|-----------------------------------------|
| Nuttig?                                       | 1        | Bevestig                                |
| Toetsbaar?                                    | 1        | Bevestig                                |
| Sigbare resultate?                            | 1        | Bevestig                                |
| Versoenbaar met gebruikers se behoeftes?      | 1        | Bevestig                                |
| Kostedoeltreffend?                            | 1        | Bevestig                                |
| <b>Aanvaarding-voorspelling-telling (AVT)</b> | <b>9</b> | <b>Beleid en strategieë noodsaaklik</b> |

Die dryfkrag van al hierdie faktore is, soos reeds genoem, tydens die ontwerp en ontwikkeling van die KIAVM-II bevestig. Die rol van verskeie van hierdie faktore word ook deur onlangse navorsing bevestig. Xia en Chen (2024) het bevind dat prestasieverwagting (hoëgehalte-uitsette, versoenbaarheid met gebruikers se behoeftes) en antropomorfisme (mensagtige interaksie) die sterkste voorspellers van houdings teenoor GenKI-modelle is, terwyl taak-tegnologie-pas (voordeel bo die status quo) die sterkste voorspeller van gedragbedoeling is. Prasad, Singh, Srinivas, Kothari en Pathak (2026) het bevind dat taak-tegnologie-pas, prestasieverwagting en insetverwagting (lae inset) die gebruik van GenKI-modelle beïnvloed. Volgens Granić (2025) is prestasieverwagting 'n kerndryfkrag, terwyl insetverwagting en waargenome verenigbaarheid (versoenbaarheid met behoeftes van gebruikers) 'n gematigde invloed op die gebruik van GenKI-modelle het. Aldreabi, Dahoul, Alhur, Alzboun en Alsahi (2025) het bevind dat insetverwagting en verwagte kostes die gebruik van GenKI-modelle beïnvloed, daarom stel hulle voor dat finansies in ag geneem moet word wanneer GenKI-modelle in die onderwys geïntegreer word.

Die nut en bruikbaarheid van GenKI-modelle tydens juweliersontwerp-onderwys is deur onlangse navorsing in die Koreaanse konteks bevestig (Kang 2024a), dus is dit moontlik dat ChatGPT-4o in studio's gebruik sal word. Aangesien daar op grond van die hoë AVT (9 uit 10) voorspel kan word dat studente ChatGPT-4o sal gebruik, en selfs kan misbruik, moes ons tydens die derde fase riglyne vir verantwoordelike gebruik in hoërsonderwys-ateljees daarstel.

### **4.3 Riglyne vir verantwoordelike gebruik in hoërsonderwysateljees**

#### *4.3.1 Inleidende agtergrond*

Ons beskou GenKI-modelle as funksionele hulpmiddels, wat doelgerig in kurrikula geïntegreer moet word. Tydens die ontwikkeling van riglyne, het ons die fokus geplaas op leer- en ontwikkelingsvaardighede wat terselfdertyd ontwikkel kan word.

Die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (SAKO) (1997) vereis sedert 1997 dat 'n stel van 12 kritiese kruisvelduitkomst (KKVU) en ontwikkelingsuitkomst (OU) tydens alle onderwys ontwikkel moet word. Geleenthede vir die ontwikkeling van hierdie vaardighede word reeds in fases van die ontwerpproses, wat in Skrywer A se ateljee gevolg word, toegepas. Gebaseer op die bevindinge van hierdie navorsing (paragraaf 4.1.6) is 'n addisionele kolom bygevoeg om aan te dui gedurende watter fases ChatGPT-4o in juweliersontwerpateljees nuttig kan wees (tabel 4).

**Tabel 4. Ontwikkeling van vaardighede tydens fases van die ontwerpproses**

| <b>Fase</b>                            | <b>Moontlike nut van GenKI-modelle</b>                                                                                       | <b>Uitkomst</b>                                                                 | <b>Gekoppelde SAKO-vaardighede aangepas uit SAKO-raamwerk vir KKVU en OU (SAKO 1997).</b>                                                                                                                                                         |
|----------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>1. Dinkskrum-sessies</b>            | Om 'n wye verskeidenheid idees te skep en verken as grondslag vir die projek.                                                | 'n Versameling idees wat verdere stappe rig.                                    | <ul style="list-style-type: none"> <li>• KKVU 1: Probleem-oplossing deur kritiese en kreatiewe denke.</li> <li>• KKVU 2: Doeltreffende samewerking.</li> <li>• OU 4: Verskeie leerstrategieë</li> </ul>                                           |
| <b>2. Visuele inspirasie</b>           | Om KI-ontwerpe en verwysings te skep wat konseptuele temas en die estetiese rigting weerspieël.                              | 'n Biblioteek van verwysings wat ontwerpelemente beïnvloed.                     | <ul style="list-style-type: none"> <li>• KKVU 4: Versamel inligting, ontleed, beoordeel krities en evalueer.</li> <li>• OU 10: Kultureel en esteties sensitief in verskeie sosiale kontekste.</li> </ul>                                          |
| <b>3. Navorsings-verslag</b>           | Om die ontwerp te baseer op tegniese kennis en praktiese toepaslikheid en om ooreenstemming met projekdoelwitte te bevorder. | 'n Omvattende begrip van die funksionele en estetiese elemente van die ontwerp. | <ul style="list-style-type: none"> <li>• KKVU 4: Versamel inligting, ontleed, beoordeel krities en evalueer.</li> <li>• KKVU 7: Begryp wêreld as 'n stel verwante stelsels.</li> <li>• OU 4: Verskeie leerstrategieë</li> </ul>                   |
| <b>4. Konsepte/sketse</b>              | Om idees te vertaal in aanvanklike sketse om konseptuele elemente te toets en 'n basis vir aanpassing te skep.               | Rowwe sketse wat as 'n bouplan vir verdere ontwikkeling dien.                   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• KKVU 3: Doeltreffende kommunikasie (visuele, simboliese en taalvaardighede).</li> <li>• KKVU 1: Probleem-oplossing deur kritiese en kreatiewe denke.</li> <li>• OU 4: Verskeie leerstrategieë</li> </ul> |
| <b>5. Ontwikkeling van die ontwerp</b> | Om konsepte te verfyn en tot samehangende ontwerpe te ontwikkel wat funksioneel, esteties aantreklik en vervaardigbaar is.   | Gepoleerde konsepte wat vorm en funksie balanseer.                              | <ul style="list-style-type: none"> <li>• KKVU 1: Probleem-oplossing deur kritiese en kreatiewe denke.</li> <li>• OU 4: Pas verskeie leerstrategieë toe om doeltreffend te leer.</li> </ul>                                                        |

| Fase                                               | Moontlike nut van GenKI-modelle                                                                                                                                                 | Uitkomste                                                                                      | Gekoppelde SAKO-vaardighede aangepas uit SAKO-raamwerk vir KKVU en OU (SAKO 1997).                                                                                                                                                                         |
|----------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>6. Finale visualisering</b>                     | Om gedetailleerde voorstellings te maak wat estetiese en strukturele elemente duidelik kommunikeer.                                                                             | Hoëgehalte, gedetailleerde ontwerpe wat vir aanbidding gereed is.                              | <ul style="list-style-type: none"> <li>• KKVU 3: Doeltreffende kommunikasie (visuele, simboliese en taalvaardighede).</li> <li>• OU 10: Kultureel en esteties sensitief in verskeie sosiale kontekste.</li> <li>• OU 4: Verskeie leerstrategieë</li> </ul> |
| <b>7. CAD-visualisering</b>                        | Om as 'n alternatiewe visualiseringshulpmiddel te dien deur voorlopige 2D-rendisies van 3D-digitale modelle te skep en sodoende die akkurate konstruksie daarvan te ondersteun. | Akkurate foto-realistiese 2D-rendisies wat die gaping tussen konsep en finale ontwerp oorbrug. | <ul style="list-style-type: none"> <li>• KKVU 5: Bestuur self en aktiwiteite doeltreffend en verantwoordelik.</li> <li>• KKVU 4: Versamel inligting, ontleed, beoordeel krities en evalueer.</li> <li>• OU 4: Verskeie leerstrategieë</li> </ul>           |
| <b>8. Tegniese tekeninge</b>                       | Om gedetailleerde planne te verskaf wat alle afmetings, spesifikasies en samestelling verduidelik.                                                                              | Omvattende tegniese planne wat die produksieproses lei.                                        | <ul style="list-style-type: none"> <li>• KKVU 3: Doeltreffende kommunikasie (visuele, simboliese en taalvaardighede).</li> <li>• KKVU 1: Probleemoplossing deur kritiese en kreatiewe denke.</li> <li>• OU 4: Verskeie leerstrategieë</li> </ul>           |
| <b>9. Plan vir vervaardiging</b>                   | Om 'n basiese vervaardigingsplan te skep wat aangepas kan word om die uitvoerbaarheid daarvan te verbeter.                                                                      | 'n Duidelike plan vir die omskakeling van die ontwerp in 'n fisiese produk.                    | <ul style="list-style-type: none"> <li>• OU 7: Ontwikkel entrepreneursvaardighede.</li> <li>• OU 8: Ondersoek opleidings- en beroepsgeleenthede.</li> <li>• OU 4: Verskeie leerstrategieë</li> </ul>                                                       |
| <b>10. Iteratiewe betrokkenheid en aanpassings</b> | Om idees aan te pas en die terugvoer te gebruik om gepoleerde stukke te ontwikkel wat by die gestelde konsep en doelwitte aansluit.                                             | 'n Finale produk wat die beoogde doelwitte bereik en verwagtinge oortref.                      | <ul style="list-style-type: none"> <li>• KKVU 1: Probleemoplossing deur kritiese en kreatiewe denke.</li> </ul>                                                                                                                                            |

| Fase | Moontlike nut van GenKI-modelle | Uitkomste | Gekoppelde SAKO-vaardighede aangepas uit SAKO-raamwerk vir KKVU en OU (SAKO 1997).                                                                                                                                                |
|------|---------------------------------|-----------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|      |                                 |           | <ul style="list-style-type: none"> <li>• KKVU 2: Werk doeltreffend met ander saam.</li> <li>• OU 9: Verantwoordelike deelname in plaaslike, nasionale en wêreld-gemeenskappe.</li> <li>• OU 4: Verskeie leerstrategieë</li> </ul> |

Die tabel stel in die vooruitsig dat verskeie vaardighede ontwikkel kan word terwyl ChatGPT-4o gebruik word: kritiese denk- en probleemoplossingsvaardighede (fase 1, 4, 5, 10), inligtingshantering en evalueringvaardighede (fase 2, 3, 7) en kommunikasie van ontwerpbedoeling (fase 4, 6, 8). Verskeie leerstrategieë kan tydens die fases van die ontwerpproses ontwikkel word om ChatGPT-4o te lei om verwagte uitkomste te bereik (tabel 4).

Eerstens kan ervaringsleervaardighede ontwikkel word terwyl studente 'n GenKI-model gebruik. Kolb en Kolb (2005) beskryf ervaringsleer as 'n siklus van konkrete ervaring, reflektiewe waarneming, abstrakte konseptualisering/hipotesevorming en aktiewe toetsing. Ervaringsleer maak studente aktief by leertake betrokke, aangesien hulle kennis self moet konstrueer, toepas en besluite moet neem (Chiang e.a. 2021 en Kolb en Kolb 2005), byvoorbeeld oor hoe die GenKI-model gepor kan word om 'n geskikte KI-ontwerp te skep. Hierdie leerproses vereis van studente om 'n taak te verrig en daaroor te reflekteer. Tydens die proses word teorie en praktyk doelbewus verbind om 'n probleem op te los, soos byvoorbeeld om 'n GenKI-model te lei om 'n vervaardigbare stukkie juweliersware te ontwerp.

Tweedens kan selfreguleringsvaardighede, of die vermoë om leertake te monitor en suksesvol uit te voer (Zhou, Teng en Al-Samarraie 2024), ontwikkel word. Tydens dié proses kan verskeie van die SAKO-vaardighede ook ontwikkel word, soos byvoorbeeld kritiese denk- en probleemoplossingsvaardighede.

Derdens kan selfgerigte leervaardighede, of die vermoë om eie leerbehoefte en leerdoelwitte te formuleer en evalueer (Voskamp, Kuiper en Volman 2020 en Knowles 1975) ontwikkel word. Studente moet selfs besluit wat nog geleer moet word om 'n GenKI-model suksesvol te lei om verwagte KI-ontwerpe te skep.

Die bevindinge toon ook dat studente se redenasie, verifikasie en refleksie eksplisiet geassesseer moet word (Zhou e.a. 2024 en UNESCO 2023).

Ons bied in die volgende afdeling 'n aantal riglyne vir verantwoordelike gebruik van ChatGPT-4o in juweliersontwerpateljees.

#### 4.3.2 Riglyne vir verantwoordelike gebruik van ChatGPT-4o in juweliersontwerpateljees

Die doel van assessering is nie om studente se KI-ontwerpe te bepunt om te bepaal of hulle slaag of nie. Studente moet ook tydens die proses leer. Daarom volg ons 'n leergeoriënteerde benadering tot assessering, wat op drie beginsels berus, naamlik dat (a) leertake eerder as assesseringstake ontwerp moet word; (b) ewekniebeoordelaars by assessering betrek word; (c) terugvoer vinnig verskaf moet word om huidige en toekomstige leer te bevorder (Carless 2007 en 2015 en Carless, Joughin en Liu 2006). Die riglyne vir verantwoordelike gebruik in juweliersontwerpateljees word in tabel 5 getabuleer onder riglyn, leertaak en doel van die leertaak om maklike verwysing moontlik te maak.

**Tabel 5. Riglyne vir verantwoordelike gebruik van ChatGPT-4o in juweliersontwerpateljees**

| Riglyne                                                             | Leertaak (leergeoriënteerde benadering)                                                                                                                                                                                                                                                                                                      | Doel van die leertaak                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |
|---------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Gebruik ChatGPT-4o om verskeie KI-ontwerpe te skep.                 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontleed en bespreek die KI-ontwerpe individueel of in groepsverband om stilistiese stereotipes, materiaalvooroordele en kreatiewe elemente te identifiseer.</li> <li>• Ontwerp porre om ChatGPT-4o te lei om die KI-ontwerpe te verbeter om kreatiwiteit te verhoog.</li> </ul>                     | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwikkel kreatiewe en kritiese denkvaardighede.</li> <li>• Ontwikkel porvaardighede.</li> <li>• Bepaal in watter mate soortgelyke ontwerpe vir verskillende gebruikers geskep is.</li> </ul>                                                                                          |
| Gebruik ChatGPT-4o om spesifieke style te skep.                     | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontleed en bespreek in watter mate die KI-ontwerpe die spesifieke style weerspieël of van die styl afwyk.</li> <li>• Identifiseer kreatiewe elemente om te bepaal in watter mate die KI-ontwerpe van die spesifieke styl afwyk.</li> <li>• Bepaal risiko's soos byvoorbeeld toe-eiening.</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwikkel stilistiese begrip om kreatiewe KI-ontwerpe van sjabloonherhaling te onderskei.</li> <li>• Bewusmaking van risiko's wat nut van finale ontwerpe beperk.</li> </ul>                                                                                                           |
| Gebruik ChatGPT-4o om style en/of abstrakte kontekste te kombineer. | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontleed en bespreek doeltreffendheid van hibriede, abstrakte en verbeeldingryke narratiewe.</li> <li>• Pas porre aan om die draagbaarheid en produseerbaarheid van KI-ontwerpe te bevorder.</li> </ul>                                                                                              | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwikkel vermoë om balans te vind tussen kreatiewe verkenning van KI-ontwerpe en die praktiese uitvoerbaarheid daarvan.</li> <li>• Ontwikkel konseptuele duidelikheid deur doelgerigte konteksleiding in porre te gebruik, sodat KI-uitsette samehangend en toepaslik bly.</li> </ul> |

| Riglyne                                                                                             | Leertaak (leergeoriënteerde benadering)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       | Doel van die leertaak                                                                                                                                                                                                                                                                                                        |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Skep geleenthede om porvaardighede te ontwikkel.                                                    | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Stel kundigheid in werking om porre iteratief te verbeter om ChatGPT-4o te lei om KI-ontwerpe te skep wat aan die gebruiker se verwagtinge voldoen – indien moontlik.</li> <li>• Gebruik ongewone beperkings om konvensionele sjablone te systap.</li> <li>• Ontwerp en ontwikkel vervaardigingsplanne.</li> </ul>                                   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwikkel leervaardighede: selfgerigte leer, selfregulering, ervaringsleer.</li> <li>• Ontwikkel vermoë om ChatGPT-4o te lei om kreatiewe ontwerpe en konsepvariasies te skep.</li> <li>• Ontwikkel vermoë om uitvoerbare vervaardigingsplanne te formuleer.</li> </ul>             |
| Skep geleenthede om ChatGPT-4o te gebruik om rowwe sketse te visualiseer, sonder om CAD te vervang. | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontleed en bespreek in watter mate ChatGPT-4o daarin geslaag het om rowwe sketse bevredigend te visualiseer.</li> <li>• Bepaal in watter mate die sketse aan verwagtinge voldoen.</li> <li>• Ondersoek die moontlikheid dat ChatGPT-4o kodes vir KI-ontwerpe kan skep wat in CAD ingevoer kan word om vervaardigbare 3D-ontwerpe te skep.</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwikkeling van vermoë om tegnologiese hulpmiddels tyd- en kostedoeltreffend te gebruik.</li> <li>• Ontwikkel tegniese vaardighede, sonder om kernvaardighede in te boet.</li> <li>• Bewuswording van verskil tussen KI-ontwerpe (visuele beelde) en CAD (3D-ontwerpe).</li> </ul> |
| Fokus op SAKO-vaardighede (tabel 4) deur dit doelbewus in leertake te integreer.                    | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Studente moet op die SAKO-vaardighede reflekteer wat hulle tydens leertake ontwikkel het, soos byvoorbeeld tydens 'n dinkskrum, navorsing en gebruik van ChatGPT-4o om KI-ontwerpe te skep.</li> </ul>                                                                                                                                               | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewusmaking van die noodsaaklikheid om ChatGPT-4o verantwoordelik te gebruik.</li> <li>• Bewusmaking van die negatiewe impak indien KI-plagiaat gepleeg word.</li> </ul>                                                                                                            |
| Ontwikkel beleid en strategieë om verantwoordelike gebruik van ChatGPT-4o te bevorder.              | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontleed en interpreteer beleid en strategieë wat ontwerp is om risiko's te bestuur, soos styl-afhanklikheid, toe-eiening en KI-plagiaat.</li> </ul>                                                                                                                                                                                                  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewuswording van die impak van onverantwoordelike gebruik van ChatGPT-4o op individue, instansies en die bedryf.</li> </ul>                                                                                                                                                         |
| Ontwikkel en gebruik 'n pro-aktiewe benadering tot KI-plagiaat.                                     | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bespreek die impak van KI-plagiaat op die ontwikkeling van kennis, vaardighede en tegnieke krities.</li> <li>• Bespreek die noodsaaklikheid van deursigtigheid met betrekking tot die gebruik van KI-ontwerpe.</li> </ul>                                                                                                                            | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewuswording van impak van KI-plagiaat op self, instansies en die bedryf.</li> </ul>                                                                                                                                                                                                |



Hierdie riglyne kan, weens die verskille tussen GenKI-modelle, nie na alle GenKI-modelle oorgedra word nie. Die onus rus op gebruikers van ander GenKI-modelle om te bepaal in watter mate die riglyne daarop van toepassing is. Weens die vinnige ontwikkeling en beskikbaarstelling van nuwe ChatGPT-modelle, beskou ons die riglyne as 'n basislyn waarteen die doeltreffendheid van nuwer GenKI-modelle gemeet kan word.

## 5. Bydraes tot die praktyk en navorsingsveld

Hierdie studie lewer verskeie bydraes tot die studieveld, beide op teoretiese, pedagogiese en praktiese gebied.

Die belangrikste bydrae is op pedagogiese vlak, naamlik:

- riglyne vir verantwoordelike gebruik van ChatGPT-4o in juweliersontwerpateljees en 'n aangepaste ontwerpproses wat aandui hoe verpligte SAKO-vaardighede ontwikkel kan word terwyl studente ChatGPT-4o gebruik. Beide is gebaseer op die bevindinge van hierdie deeglik verkennende gevallestudie, waartydens ChatGPT-4o herhaaldelik gepor is om te verstaan hoe die integrasie daarvan waarde kan toevoeg, risiko's kan verlaag en die ontwikkeling van por- en 21ste-eeuse vaardighede kan bevorder.
- alternatiewe riglyne vir die assessering (ontleding) van KI-ontwerpe, naamlik om eerder op ontwerpkeuses, motivering en uitvoerbaarheid van ontwerpe te fokus. Vir dié doel assesser ons nie die KI-ontwerp nie, maar die gebruiker se vermoë om 'n GenKI-model te gebruik om sy of haar idees te visualiseer. As sodanig, beskou ons kreatiwiteit as die gebruiker se vermoë om te kureer, motiveer, tegnies te redeneer en besluite oor ontwerpe te maak.

Verskeie bydraes word op praktiese vlak gelewer, naamlik:

- 'n gepubliseerde datastel wat deursigtigheid kan bevorder en nuttig kan wees om te verstaan hoe porre ontwerp kan word om ChatGPT-4o te lei om ontwerpe te skep wat aan verwagtinge voldoen. Alhoewel ons enkele KI-ontwerpe bespreek het, beskik dosente oor die kundigheid om die res van die KI-ontwerpe self te ontleed.
- 'n geïllustreerde, artefak-gebaseerde, vakgerigte profiel van hoe ChatGPT-4o juweliersware tipies konseptualiseer en waar dit struikel. Hierdie profiel kan nuttig wees in juweliersontwerpateljees, maar ook as basislyn dien waarteen die prestasie van ander GenKI-modelle gemeet kan word.
- 'n herhaalbare protokol, wat sistematies tydens die navorsing ontwikkel is, word deeglik beskryf. Alhoewel dit spesifiek vir 'n juweliersontwerpkonteks ontwerp is (vergelyk tegnieke en draagbaarheid), kan kundige dosente en navorsers dit na ander kontekste oordra.
- 'n demonstrasie van hoe ontwikkelaars se beleid die kreatiwiteit van GenKI-modelle kniehalter, maar ook hoe die balans tussen hulpvaardigheid en veiligheid versteur kan word om 'n GenKI-model te dwing om sy veiligheidsnette te systap.
- 'n raamwerk (riglyne) waarteen die integrasie van SAKO-vaardighede in kurrikula gemeet kan word. Sodoende kan kurrikulumhervorming bevorder word.

- 'n praktiese illustrasie van die etiese en regulatoriese dimensie, deur aan te toon hoe filters en porherformulering grense tussen stylverwantskap en toe-eiening kan verskuif, met implikasies vir assessering en deursigtige dokumentering.
- 'n alternatiewe benadering tot assessering wat rondom ontwerpbesluitneming, tegniese motivering en uitvoerbaarheid sentreer eerder as op KI-ontwerpe.
- riglyne oor hoe SAKO-uitkomst ontwikkel kan word terwyl GenKI-modelle gebruik word.

Op teoretiese gebied het ons 'n deurbraak gemaak deur die KIAVM-II nie alleen as teoretiese raamwerk te beskou nie, maar ook as motivering vir die keuse van 'n geskikte navorsingsontwerp. Aangesien ons die KIAVM-II in 'n nuwe studieveld getoets en bruikbaar bevind het, dra dit tot die geloofwaardigheid van vorige navorsing by. As sodanig kan die KIAVM-II bydra om gehalteonderwys en kurrikulumbepanning te ondersteun terwyl bestuur- en akademiese besluitnemingsprosesse ook ondersteun kan word.

## 6. Gevolgtrekking, beperkings en aanbevelings

Die doel van hierdie navorsing was om riglyne vir verantwoordelike gebruik van ChatGPT-4o in juweliersontwerpateljees voor te stel. Hierdie doel is binne die raamwerk van 'n meerfasige gemengdemetodesontwerp bereik.

Tydens die eerste fase is 'n verkennende gevallestudie onderneem om te bepaal in watter mate ChatGPT-4o in juweliersontwerpateljees nuttig kan wees. Die resultate het getoon dat ChatGPT-4o komplekse temas, soos byvoorbeeld deur die iteratiewe, onkonvensionele (buitertuimtelike) narratief aangedui, kon interpreteer en verken. Gevolglik kan dit tydens juweliersontwerp waarde toevoeg. Kernuitdagings, soos hoe om simboliek binne die medium se kleinskaalse formaat doeltreffend te benut, is ook aangespreek. Hoewel ChatGPT-4o foute gemaak het, skep dit leergeleenthede om teoretiese en praktiese kennis toe te pas om ChatGPT-4o doelbewus te lei om foute uit te skakel en innoverende konsepvariasies te skep.

Die bevindinge van die eerste fase bevestig Rossato e.a. (2024) se bevinding dat GenKI-modelle 'n kreatiewe vennoot kan wees, aangesien produktiwiteit verhoog kan word en tyd bespaar kan word, veral tydens die inspirasie-, analitiese, ontwerp-, ontwikkeling- en visualiseringfases. ChatGPT-4o kan egter nie as 'n volwaardige juwelier beskou word nie, aangesien sommige van die KI-ontwerpe, soos Magee (2024) ook bevind het, nie lewensvatbaar was nie (Huang, Yu, Ma, Zhong, Feng, Wang, Chen, Peng, Feng, Qin en Liu 2025 en Sun, Sheng, Zhou en Wu 2024). Hierdie GenKI-model het, soos Magee (2024) ook bevind het, geneig om te stereotipeer (Bai, Wang, Sucholutsky en Griffiths 2025 en Spannemann en Robinson 2025), oplossings te vereenvoudig (Amin, Salminen, Jansen, Shin en Kim 2025) en kon nie die emosionele of konseptuele diepte van menslike ontwerpers oordra nie (Bara, Darda, Ramsey en Cross 2025). Ons voeg egter by dat ChatGPT-4o tydens iteratiewe porre grotendeels gelei kon word om sy beperkings uit te skakel.

Tydens die tweede fase is gevind dat al die faktore van die KIAVM-II die gebruik van ChatGPT-4o kan dryf, daarom bied ons riglyne vir verantwoordelike gebruik in juweliersontwerp (derde fase).

Drie beperkings van hierdie studie noodsaak verdere navorsing. In die eerste plek het ons slegs één geval (ChatGPT-4o) verken, daarom beveel ons aan dat die moontlike nut en beperkings

van ander GenKI-modelle ook verken word. Tweedens het ons slegs één dosent betrek om die KI-ontwerpe te beoordeel. Die beperking is geneutraliseer deur riglyne vir assessering te ontwerp, maar ons beveel aan dat verskeie dosente in opvolgstudies betrek word om te bepaal of dit 'n impak op die objektiwiteit het. Laastens is ChatGPT-4o nie meer beskikbaar nie, aangesien dit tydens die keuringsproses met ChatGPT-5 vervang is. Hierdie navorsing dien dus as basislyn waarteen die prestasie van nuwer ChatGPT-modelle gemeet kan word om te bepaal of nuwer modelle inderdaad beter as ouer modelle presteer.

## 7. Slotgedagte

GenKI-modelle kan nuttig wees om produktiwiteit in die juweliersontwerpbedryf op 'n koste- en tyddoeltreffende wyse te verhoog, mits dit op 'n verantwoordelike manier geïntegreer word om etiese, geregtelike, wetlike en morele kwessies te vermy. Indien nie, kan hierdie kwessies daartoe bydra dat die integriteit van opkomende juweliers in die gedrang kom, aangesien akademiese integriteit van universiteite ook in die gedrang kom.

## Erkenning

Ons bedank Marnus van Staden (DS Consultants) vir die kritiese lees van die artikel, voorstelle ter verbetering van die uitleg, en die identifisering van taalfoute wat deurgeglim het.

## Bibliografie

Adobe. 2024. *State of creativity report 2024*. [https://www.adobe.com/content/dam/cct/creativecloud/business/teams/whitepapers/dotcom-116728/Adobe\\_StateofCreativity\\_Report\\_2024\\_FV\\_UE.pdf](https://www.adobe.com/content/dam/cct/creativecloud/business/teams/whitepapers/dotcom-116728/Adobe_StateofCreativity_Report_2024_FV_UE.pdf) (15 Januarie 2026 geraadpleeg).

Aldreabi, H., N.K.S. Dahoul, M. Alhur, N. Alzboun en N.R. Alsahi. 2025. Determinants of student adoption of generative AI in higher education. *Electronic Journal of e-Learning*, 23(1). <https://doi.org/10.34190/ejel.23.1.3599>.

Amin, D., J. Salminen, B.J. Jansen, J. Shin en D.H. Kim. 2025. Generative AI personas considered harmful? Putting forth twenty challenges of algorithmic user representation in human-computer interaction. *International Journal of Human-Computer Studies*, 205:103657. <https://doi.org/10.1016/j.ijhcs.2025.103657> (18 Februarie 2026 geraadpleeg).

Anders, B.A. 2023. Is using ChatGPT cheating, plagiarism, both, neither, or forward thinking? *Patterns*, 4(3):1–2. <https://doi.org/10.1016/j.patter.2023.100694>.

Andersson, M. en D. McIntyre. 2025. Can ChatGPT recognize impoliteness? An exploratory study of the pragmatic awareness of a large language model. *Journal of Pragmatics*, 239:16–36.

Ankit, K., K.S. Dhorajiya, N.D. Sanghani en A. Haider. 2025. Exploiting generative AI: A systematic literature review of methods and strategies to generate restrictive AI images. <https://doi.org/10.13140/RG.2.2.35841.16486>.

Axtelle, G.E. 1968. Pragmatism in education. *Studies in Philosophy and Education*, 6:6–13. <https://doi.org/10.1007/bf00367794>.

Azaria, A., R. Azoulay en S. Reches. 2024. ChatGPT is a remarkable tool – for experts. *Data Intelligence*, 6(1):240–96. [https://doi.org/10.1162/dint\\_a\\_00235](https://doi.org/10.1162/dint_a_00235).

Bai, X., A. Wang, I. Sucholutsky en T.L. Griffiths. 2025. Explicitly unbiased large language models still form biased associations. *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America (PNAS)*, 122(8):e2416228122. <https://doi.org/10.1073/pnas.2416228122>.

Bajohr, H. 2024. Writing at a distance: Notes on authorship and artificial intelligence. *German Studies Review*, 47(2):315–37. <https://hannesbajohr.de/en/wp-content/uploads/sites/2/2023/06/Bajohr-Writing-at-a-Distance.pdf>.

Banh, L. en G. Strobel. 2023. Generative artificial intelligence. *Electronic Markets*, 33:63. <https://doi.org/10.1007/s12525-023-00680-1>.

Bara, I., K.M. Darda, R. Ramsey en E.S. Cross. 2025. Algorithmic aesthetics: Cognitive perspectives on AI-generated visual art. *iScience*, 28(11):113826. <https://doi.org/10.1016/j.isci.2025.113826>.

Batista, C. 2015. Creativity and jewelry design: A study of case with the use of tools to stimulate creativity and methodology for selecting the best idea. 11th European Academy of Design Conference, 22 April 2015, Parys, Frankryk. [https://ead.yasar.edu.tr/wp-content/uploads/2017/02/EAD11\\_Batista\\_CREATIVITY-AND-JEWELRY-DESIGN.pdf](https://ead.yasar.edu.tr/wp-content/uploads/2017/02/EAD11_Batista_CREATIVITY-AND-JEWELRY-DESIGN.pdf).

Buick, A. 2025. Copyright and AI training data-transparency to the rescue? *Journal of Intellectual Property Law & Practice*, 20(3):182–92. <https://academic.oup.com/jiplp/article/20/3/182/7922541> (18 Februarie 2026 geraadpleeg).

Carless, D. 2007. Learning-oriented assessment: Conceptual bases and practical implications. *Innovations in Education and Teaching International*, 44(1):57–66. <https://doi.org/10.1080/14703290601081332>.

—. 2015. Exploring learning-oriented assessment processes. *Higher Education*, 69(6):963–76.

Carless, D., G. Joughin en N.F. Liu. 2006. *How assessment supports learning: Learning-oriented assessment in action*. Hongkong: Hong Kong University Press.

Chiang, C., P.K. Wells en G. Xu. 2021. How does experiential learning encourage active learning in auditing education? *Journal of Accounting Education*, 54:100713. <https://doi.org/10.1016/j.jaccedu.2020.100713>.

Cordero, J., J. Torres-Zambrano en A. Cordero-Castillo. 2024. Integration of generative artificial intelligence in higher education: Best practices. *Education Sciences*, 15(1):32. <https://doi.org/10.3390/educsci15010032>.

Creamer, E. 2025. US authors' copyright lawsuits against OpenAI and Microsoft combined in New York with newspaper actions. *The Guardian*, 4 April 2025. <https://www.theguardian.com/books/2025/apr/04/us-authors-copyright-lawsuits-against-openai-and-microsoft-combined-in-new-york-with-newspaper-actions> (14 Augustus 2025 geraadpleeg).

Creswell, J.W. 2014. *A concise introduction to mixed methods research*. Los Angeles: Sage.

Creswell, J.W. en V.L. Plano Clark. 2011. *Designing and conducting mixed methods research*. Thousand Oaks: Sage.

Cunha, J., A.C. Broega, H. Carvalho en B. Providência. (reds.). 2025. Advances in fashion and design research III. CIMODE 2024. Cham: Springer. [https://doi.org/10.1007/978-3-031-83185-0\\_27](https://doi.org/10.1007/978-3-031-83185-0_27).

Đerić, E., F. Domagoj en V. Dijana. 2025. Exploring the ethical implications of using generative AI tools in higher education. *Information*, 12(2):36. <https://www.mdpi.com/2227-9709/12/2/36>.

Epstein, Z., A. Hertzmann, L. Herman, R. Mahari, M.R. Frank, M. Groh, H. Schroeder, A. Smith, M. Akten, J. Field, M. Leach, A. Pentsland en O. Russakovsky. 2023. Art and the science of generative AI: a deeper dive. *arXiv*. <https://arxiv.org/abs/2306.04141>.

Feilzer, M.Y. 2009. Doing mixed methods research pragmatically: Implications for the rediscovery of pragmatism as research paradigm. *Journal of Mixed Methods Research*, 4(1):6–16.

Gerlich, M. 2025. AI tools in society: Impacts on cognitive offloading and the future of critical thinking. *Societies*, 15(1):6. <https://doi.org/10.3390/soc15010006>.

Giray, L. 2023. Prompt engineering with ChatGPT: A guide for academic writers. *Annals of Biomedical Engineering*, 51:2629–33.

Gonçalves, D., J. Oliveira, I. Rodrigues en H. Carvalho. 2024. AI in design: Evaluation of commercially available AI tools in the development of a jewelry collection. In Cunha, Broega, Carvalho en Providência (reds.). 2025.

Granić, A. 2025. Emerging drivers of adoption of generative AI technology in education: A review. *Applied Sciences*, 15(13):6968. <https://doi.org/10.3390/app15136968>.

Holmes, E.L. 2025. Developing a tool to assess a jewellery curriculum's promotion of graduates' Industry 4.0 readiness. PhD-verhandelings, Universiteit van die Vrystaat.

—. 2026. Datastel: Moontlike nut van ChatGPT-4o in juweliers ontwerp klaskamers, faktore wat die gebruik daarvan kan dryf en riglyne vir verantwoordelike gebruik (W1). <https://doi.org/10.17632/rxxtn25wh3.1>.

Huang, L., W. Yu, W. Ma, W. Zhong, Z. Feng, H. Wang, Q. Chen, W. Peng, X. Feng, B. Qin en T. Liu. 2025. A survey on hallucination in large language models. *ACM Transactions on Information Systems*, 43(2), Artikel 42:1–55. <https://doi.org/10.1145/3703155>.

Husni, A. en S. Kaspin. 2025. The theoretical framework of artificial intelligence (AI) challenges in the jewellery industry. *Journal of Creative Arts*, 2(2):118–32. <https://journal.uitm.edu.my/index.php/JCA/article/view/8729>.

James, W. en F. Burkhardt. 1975. *Pragmatism*. Februarie 2004. <http://public-library.uk/pdfs/8/869.pdf>.

Janssen, H. (kur.). 2020. Mondrian & De Stijl. Uitstillingskatalogus. Madrid: Museo Nacional Centro de Arte Reina Sofia. [https://www.museoreinasofia.es/sites/default/files/mondrian\\_ingles.pdf](https://www.museoreinasofia.es/sites/default/files/mondrian_ingles.pdf).

Jo, H., J.K. Lee, Y.C. Lee en S. Choo. 2024. Generative artificial intelligence and building design: Early photorealistic render visualization of façades using local identity-trained models. *Journal of Computational Design and Engineering*, 11(2):85–105. <https://doi.org/10.1093/jcde/qwae017>.

Johnson, R. en A.J. Omwuegbuzie. 2004. Mixed methods research: Towards a definition of mixed methods research. *Educational Researcher*, 33(7):14–26.

Kang, H. 2024a. A study of the use of generative AI and learner experience for jewelry design education. *The Journal of the Convergence on Culture Technology*, 10(5):743–9.

—. 2024b. A study of jewelry 3D modelling using Rhino Python generative AI. *The Journal of Convergence on Culture Technology*, 10(6):821–7.

—. 2024c. Analysis study on collaborative AI for the jewelry business. *The Journal of the Convergence on Culture Technology*, 10(4):305–10.

King, M.R. en ChatGPT. 2023. A conversation on artificial intelligence, chatbots, and plagiarism in higher education. *Cell Mol Bioeng*, 16(1):1–2. <https://doi.org/10.1007/s12195-022-00754-8>.

Knowles, M.S. 1975. *Self-directed learning: A guide for learners and teachers*. Chicago: Follett Publishing Company.

Kolb, A.Y. en D.A. Kolb. 2005. Learning styles and learning spaces: Enhanced experiential learning in higher education. *Academy of Management Learning & Education*, 4(2):193–212.

Lyu, Y., M. Shi, Y. Zhang en R. Lin. 2024. From image to imagination: Exploring the impact of generative AI on cultural translation in jewelry design. *Sustainability*, 16(1):65. <https://doi.org/10.3390/su16010065>.

Magee, M. 2024. Generative artificial intelligence as tool for jewelry design. *Gems & Gemology*, 60(3):330–47.



Marcus, N.C. 2025. Teaching around generative AI plagiarism risks. *Proceedings*, 5(1).

McKinsey & Company. 2024. Generative AI fuels creative physical product design – but is no magic wand. <https://www.mckinsey.com/generative-ai-fuels-creative-physical-product-design-but-is-no-magic-wand> (15 Januarie 2026 geraadpleeg).

Merriam-Webster Dictionary. s.j. Plagiarism. <https://www.merriam-webster.com/dictionary/plagiarism> (24 Oktober 2023 geraadpleeg).

Muennighoff, N., A.M. Rush, B. Barak, T. Le Scao, A. Piktus, N. Tazi, S. Pyysalo, T. Wolf en C. Raffel. 2025. Scaling data-constrained language models. *Journal of Machine Learning Research*, 26(53):1–66. <https://jmlr.org/papers/v26/24-1000.html> (18 Februarie 2026 geraadpleeg).

Muslu, O. en R.G. Koçyiğit. 2025. Artificial intelligence in the context of photorealism in architectural visualization. *CONTEXTO. Revista de la Facultad de Arquitectura de la Universidad Autónoma de Nuevo León*, 19(29):15–32. <https://doi.org/10.29105/contexto19.29-487>.

OpenAI. 2022. Introducing ChatGPT. <https://openai.com/blog/chatgpt/> (18 Mei 2025 geraadpleeg).

—. 2023a. GPT-4. <https://openai.com/research/gpt-4> (12 Januarie 2025 geraadpleeg).

—. 2023b. GPT-4V(ision) system card. [https://cdn.openai.com/papers/GPTV\\_System\\_Card.pdf](https://cdn.openai.com/papers/GPTV_System_Card.pdf).

—. 2023c. ChatGPT can now see, hear, and speak. <https://openai.com/blog/chatgpt-can-now-see-hear-and-speak> (14 Junie 2025 geraadpleeg).

—. 2024b. Hello GPT-4o. <https://openai.com/index/hello-gpt-4o/> (13 Mei 2025 geraadpleeg).

—. 2026. Terms of use. <https://openai.com/policies/terms-of-use/> (20 Januarie 2026 geraadpleeg).

Peykani, P., F. Ramezanlou, C. Tanasescu en S. Ghanidel. 2025. Large language models: A structured taxonomy and review of challenges, limitations, solutions, and future directions. *Applied Sciences*, 15(14):8103. <https://www.mdpi.com/2076-3417/15/14/8103> (18 Februarie 2026 geraadpleeg).

Prasad, K., S. Singh, V. Srinivas, H. Kothari, A. Pathak. 2026. Factors influencing the adoption and use of generative artificial intelligence tools among business school students in higher education. *Education and Information Technologies*. <https://doi.org/10.1007/s10639-026-13943-z>.

Rogers, E.M. 2003. *Diffusion of innovations*. 5de uitgawe. Chicago: Free Press.

Rosati, E. 2025. Infringing AI: Liability for AI-generated outputs under international, EU, and UK copyright law. *European Journal of Risk Regulation*, 16(2):603–27.

<https://www.cambridge.org/core/journals/european-journal-of-risk-regulation/article/infringing-ai-liability-for-ai-generated-outputs-under-international-eu-and-uk-copyright-law/C568C6B717E9CFC45FB52E58E54B6BEC> (18 Februarie 2026 geraadpleeg).

Rossato, B., L. Tenuta, S. Testa en A. Cappellieri. 2024. Beyond the machine: Human-AI collaboration in jewelry design. 10th International Conference of Higher Education Advances. Polytechnic University of Valencia Congress. <http://dx.doi.org/10.4995/HEAd24.2024.17262>.

Sanderson, G. 2017. But what is a neural network? <https://www.3blue1brown.com/?topic=neural-networks&lesson=neural-networks> (28 Augustus 2025 geraadpleeg).

Sankowski, O., P. Inselmann en D. Krause. 2025. Leveraging generative AI tools for design method support: Insights, challenges, and best practices. *Proceedings of the Design Society*, 5:2231–40. <https://doi.org/10.1017/pds.2025.10237>.

Scarpitti, C. 2021. The contemporary jewelry perspective: Meanings and evolutions of a necessary practice. *Journal of Jewellery Research*, 4:59–76.

Spennemann, D.H.R. en W. Robinson. 2025. When generative AI goes to the museum: Visual stereotyping of curators and museum spaces. *Information*, 16(11):936. <https://doi.org/10.3390/info16110936>.

Suid-Afrika. 1978. Kopieregwet Nr. 98 van 1978 (soos gewysig). Pretoria: Staatsdrukker. [https://www.gov.za/sites/default/files/gcis\\_document/201504/act-98-1978.pdf](https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201504/act-98-1978.pdf).

Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (SAKO). s.j. MA Filosofie: Fisiologie. <https://allqs.saqa.org.za/showQualification.php?id=21378> (15 Januarie 2026 geraadpleeg).

—. 1997. Proceedings and decisions of SAQA. *SAQA Bulletin*, 1:5–10.

Sun, Y., D. Sheng, Z. Zhou en Y. Wu. 2024. AI hallucination: towards a comprehensive classification of distorted information in artificial intelligence-generated content. *Humanities and Social Sciences Communications*, 11:1278. <https://doi.org/10.1057/s41599-024-03811-x>.

Supertaal, s.j. Kreatiwiteit. <https://gesellig.co.za/t/46187-kreatiwiteit/> (4 Februarie 2026 geraadpleeg).

Taff-Rice, A. 2025. Google's AI tool faces legal battle as creators fight for copyright protection. *Daily Journal*. <https://dailyjournal.com/article/384449-google-s-ai-tool-faces-legal-battle-as-creators-fight-for-copyright-protection> (22 Maart 2025 geraadpleeg).

Tashakorri, A. en J.W. Creswell. 2007a. Editorial: The new era of mixed methods. *Journal of Mixed Methods Research*, 1(1):3–7. <https://doi.org/10.1177/1558689806293042>.

—. 2007b. Exploring the nature of research questions in mixed methods research. *Journal of Mixed Methods Research*, 1(3):207–11.

Thormundsson, B. 2025. Top AI applications worldwide 2025. <https://www.statista.com/statistics/1609163/top-ai-applications-mau-worldwide/> (15 Julie 2025 geraadpleeg).

UNESCO. 2023. Guidance for generative AI in education and research. Parys: UNESCO. <https://unesdoc.unesco.org/ark:/48223/pf0000386693/pdf/386693eng.pdf.multi>.

Van Staden, C.J. 2023a. 'n Proaktiewe strategie om plagiaat met behulp van die ChatGPT-3.5 te bekamp – 'n verkennende ondersoek. *LitNet Akademies*, 20(3):327–66. <https://doi.org/10.56273/1995-5928/2023/j20n3b7>.

—. 2023b. Artificial Intelligence Adoption Prediction Model: Would ChatGPT-3.5 be adopted in English poetry classrooms? <https://doi.org/10.31219/osf.io/kua2x>.

—. 2023c. ChatGPT: Vriend en vyand in die Geografie-vakdidaktiek-klaskamer? Implikasies vir die praktyk. *LitNet Akademies*, 20(2):498–546. <https://doi.org/10.56273/1995-5928/2023/j20n2d5>.

—. 2024a. ChatGPT-3.5 kan kort Afrikaanse gedigte skep en verdedig: Implikasies vir die praktyk. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 43(1):54–68. <http://www.satnt.co.za/index.php/satnt/article/view/973> (8 Mei 2026 geraadpleeg).

—. 2024b. Bruikbaarheid van ChatGPT-4V(ision) om lugfoto's te ontleed, dryfvere wat opneem kan bevorder en implikasies vir Geografie-klaskamers. *LitNet Akademies*, 21(3):294–339. <https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3d4>.

—. 2025a. Die moontlike nut van ChatGPT en DeepSeek om Afrikaanse taboetaal te onderrig, faktore wat die gebruik van swetsbotte kan dryf en implikasies vir die onderwys. *LitNet Akademies*, 22(3):706–53. <https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3d6>.

—. 2025b. Strategieë om lewensvaardighede te ontwikkel terwyl Geografie-leerders ChatGPT-4o gebruik om kontoerkaarte te vertolk. *LitNet Akademies*, 22(1):315–55. <https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n1d3>.

—. 2025c. Geography's ability to interpret topographic maps and orthophotographs, adoption prediction, and learning activities to promote responsible usage in classrooms [1]. *Journal of Geography Education in Africa*, 8:16–32. <https://doi.org/10.46622/jogea.v8i1.5442>.

Verma, D. 2025. Is generative AI a successor to human-in-the-loop perception and cognition experiments in urban design and planning? *Journal of Urban Design*. <https://doi.org/10.1080/13574809.2025.2514574>.

Voskamp, A., E. Kuiper en M. Volman. 2020. Teaching practices for self-directed and self-regulated learning: case studies in Dutch innovative secondary schools. *Educational Studies*, 48(6):772–89. <https://doi.org/10.1080/03055698.2020.1814699>.

VSA Kopieregkantoor. 2023. Artificial Intelligence and copyright. *Federal Register*, 88:167.

Walczak, A., M.P. Woźniak, J. Dominiak, H. Müller, M. Wróbel-Lachowska, M. Koelle en K. Grudzień. 2025. Exploring socio-cultural expressions of interactive jewellery. <https://doi.org/10.1145/3771882.3771910>.

Wang, X., Y. Cui, J. Wang, F. Zhang, Y. Wang, X. Zhang, Z. Luo, Q. Sun, Z. Li, Y. Wang, Q. Yu, Y. Zhao, Y. Ao, X. Min, C. Men, B. Wu, B. Zhao, B. Zhang, L. Wang, G. Liu, Z. He, X. Yang, J. Liu, Y. Lin, Z. Wang en T. Huang. 2026. Multimodal learning with next-token prediction for large multimodal models. *Nature*, 650:327–33. <https://www.nature.com/articles/s41586-025-10041-x> (18 Februarie 2026 geraadpleeg).

Wolfson, S. 2023. The complex world of style, copyright and generative AI. Creative Commons. <https://creativecommons.org/2023/03/23/the-complex-world-of-style-copyright-and-generative-ai> (20 Maart 2025 geraadpleeg).

Xia, Y. en Y. Chen. 2024. Driving factors of generative AI adoption in new product development teams from a UTAUT perspective. *International Journal of Human-Computer Interaction*, 41(10):6067–88.

Yup, K. 2023. What AI art means for society, according to Yale experts. *Yale Daily News*, 22 Januarie 2023. <https://yaledailynews.com/blog/2023/01/23/what-ai-art-means-for-society-according-to-yale-experts/> (17 Julie 2025 geraadpleeg).

Zhai, C., S. Wibowo en L.D. Li. 2024. The effects of over-reliance on AI dialogue systems on students' cognitive abilities: a systematic review. *Smart Learning Environments*, 11:28. <https://doi.org/10.1186/s40561-024-00316-7>.

Zhou, X., D. Teng en H. Al-Samarraie. 2024. The mediating role of generative AI self-regulation on students' critical thinking and problem-solving. *Education Sciences*, 14(12):1302. <https://doi.org/10.3390/educsci14121302>.

# **Van taalaanleer na tolkaanleer (deel 3): Die skep van affektiewe en sosiale tolkaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding**

**Kanja van der Merwe en Harold Lesch**

---

Kanja van der Merwe en Harold Lesch, Departement Afrikaans en Nederlands,  
Universiteit Stellenbosch

---

## ***Opsomming***

Hierdie artikel is die laaste van drie artikels in *LitNet Akademies* wat verslag lewer van 'n studie uit die eerste outeur se PhD-proefskrif<sup>1</sup> in vertaling (Van der Merwe 2025). In dié artikel word die affektiewe en sosiale tolkaanleerstrategieë ontwikkel omdat dit onderskeidelik tolkaanleerders kan bystaan om hulle emosies te reguleer, en hulle kan aanmoedig om leer in samewerking met ander aan te pak.

In die studie is ondersoek ingestel na die skep van tolkaanleerstrategieë vir tolkopleiding uit Rebecca Oxford (1990) se direkte en indirekte taalaanleerstrategieë, waarvan daar drie van elke kategorie is. Die gebruik van taalaanleerstrategieë maak taalaanleer aangenamer, eenvoudiger en vinniger, wat tot tolkaanleer kan oorspoel. Die volgende hoofnavorsingsvraag is aanspreek: In watter mate kan taalaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding benut word? Vir die artikel se doeleindes word daar op die nuutgeskepte affektiewe en sosiale tolkaanleerstrategieë as twee van die indirekte strategiesoorte toegespits.

'n Kwalitatiewe beskrywende navorsingsmetodologie is geraadpleeg waar tolkaanleerstrategieë as verskynsel met behulp van prosesgerigte tolkopleiding en taalaanleerstrategieë as teoretiese raamwerk verduidelik is. Insluiting in die tolkaanleerstrategiemodel al dan nie is geskoei op die wisselwerking tussen Oxford (1990) se taalaanleerstrategiemodel en vooruitgang in prosesgerigte tolkopleiding. Die insameling en ontleding van die data het gelyktydig ontvou.

'n Tolkaanleerstrategiemodel met 16 affektiewe en sosiale tolkaanleerstrategieë is ná sorgvuldige motivering uit Oxford (1990) se 16 taalaanleerstrategieë herskep. Die 10 affektiewe tolkaanleerstrategieë bestaan uit drie strategiekategorieë, naamlik *verlaag jou angsvlak*,  *motiveer jouself* en *neem jou emosionele temperatuur*. Die ses sosiale tolkaanleerstrategieë word deur drie strategiekategorieë omvat, naamlik *vra vrae*, *werk saam met ander* en *empatiseer met ander*. Daar is bevind dat taalaanleerstrategieë in 'n wesenlike mate vir prosesgerigte tolkopleiding benut kan word. Die tolkaanleerstrategiemodel kan deur tolkaanleerders en -opleiers gebruik word om die lewenslange tolkaanleerproses te stroomlyn.

**Trefwoorde:** affektiewe strategieë; prosesgerigte tolkopleiding; sosiale strategieë; taalaanleerstrategieë; tolkaanleerstrategieë

### *Abstract*

#### **From language learning to interpreting learning (part 3): Creating affective and social interpreting-learning strategies for process-oriented interpreter training**

This article is the third of three articles in *LitNet Akademies* reporting on a study from the first author's PhD dissertation in translation (Van der Merwe 2025). In this article, affective and social interpreting-learning strategies are discussed as it can assist interpreting learners in regulating their emotions, and encourage them to approach their learning in collaboration with others.

Interpreting learners should perceive learning as a lifelong activity, especially the affective and social aspects that are often overlooked. Oxford's (1990) three types of direct (memory, cognitive and compensation) and indirect (metacognitive, affective and social) language-learning strategies are utilised for interpreting purposes. Affective and social strategies are both indirect strategies that support the interpreting-learning process without necessarily involving interpreting. We propose that language-learning research can enrich interpreting as both fields foreground learner-centeredness and focus on independent learning. The research was driven by the following research question: To what extent can language-learning strategies be utilised for process-oriented interpreter training?

Two theoretical lenses are outlined and discussed, namely process-oriented interpreter training and language-learning strategies. Process-oriented interpreter training prioritises a focus on the interpreting process, reflecting learner-centeredness and promoting the development of the interpreter's self-concept. In this section, the following two components are examined: inter-professional and attitudinal interpreting competence (competencies relating to cooperation with others, anxiety management and developing self-confidence), and emotional intelligence (the ability to understand your own and other people's emotions, and to make appropriate decisions accordingly).

Research on language-learning strategies aims to develop lifelong learners. This section discusses Oxford's (1990) affective and social language-learning strategies and Oxford's (2017) Strategic Self-Regulation Model (combining sociocultural and self-regulation theory). Oxford (1990) developed three categories of affective strategies with 10 individual strategies in her model: lower your anxiety, encourage yourself and take your emotional temperature. The three categories of social strategies are ask questions, cooperate with others and empathise with others, containing six individual strategies.



A qualitative descriptive research methodology was adopted, with interpreting-learning strategies conceptualised as a phenomenon, informed by research on process-oriented interpreter training and language learning strategies. The methodological approach entailed a theoretical investigation of Oxford's (1990) affective and social language-learning strategies, together with developments in process-oriented interpreter training research, to develop an interpreting-learning strategy model. Data collection and analysis occurred concurrently.

An interpreting-learning strategy model with 16 affective and social strategies was developed from Oxford's (1990) framework, drawing on relevant interpreting theory and concepts.

With the interaction between affective language-learning strategies and process-oriented interpreter training, affective factors in interpreting are discussed, referring to components of the affective filter hypothesis: anxiety, motivation and self-confidence. Affective interpreting-learning strategies are used before, during and after the interpreting task (and throughout life) to focus on internal affective factors in interpreting – mainly anxiety, motivation and self-confidence – to improve attitudinal competence. This enables interpreting learners to maintain a low affective filter if their anxiety level remains low and their motivation and self-confidence levels remain high. In this way, the interpreter's emotional intelligence is developed.

Furthermore, a definition is provided for each strategy.

#### Lower your anxiety level

1. Use breathing and relaxation techniques: Use breathing techniques (for example, taking a deep breath, counting from 1 to 12, and exhaling slowly) and relaxation techniques (for example, 20 minutes of meditation) to manage anxiety.
2. Use music: Listen to music to manage anxiety.
3. Use humour: Use humour to manage anxiety by, for example, joking, laughing, and smiling.

#### Motivate yourself

4. Use positive self-talk: Use positive self-talk by, for example, telling yourself two minutes before a challenging interpreting task, "I am the best person for the task".
5. Take calculated risks: Evaluate your potential to perform interpreting tasks and push yourself to take risks with good judgment.
6. Reward yourself: Reward yourself for particularly good or challenging interpreting performance with your favourite activities, such as fishing, playing video games, or enjoying a leisurely meal.

#### Take your emotional temperature

7. Listen to your body: Pay attention to signs given by your body, whether negative (such as fear and anxiety that should either be blocked out or felt) or positive (such as pleasure and appreciation) and practise self-care accordingly by, for example, getting enough sleep, eating nutrient-dense foods, doing physical exercise, and so on.
8. Use a checklist: Use a checklist to discover, evaluate, and process feelings and attitudes about interpreting in general as well as specific interpreting tasks for informed decision-

making, for example, not accepting interpreting assignments relating to child abuse or violence in the future.

9. Keep an interpreting diary: Write in a diary to lower the affective filter and disconnect from emotionally charged assignments by, for example, writing down clients' stories and then throwing them away.
10. Discuss your feelings with your support network: Talk to your social support network such as interpreting colleagues (especially for debriefing), family, friends, role players in the interpreting process (such as a project manager) and professional psychologists (if necessary) to discover and express feelings about interpreting.

With the interaction between social language-learning strategies and process-oriented interpreter training, light is shed on social factors in interpreting with reference to concepts such as social competence, the role of the interpreter, footing and interpreting as interaction. Social interpreting-learning strategies are (like affective interpreting-learning strategies also) used before, during and after the interpreting task (and throughout life) to focus on external social factors in interpreting – mainly empathy and social skills – to improve communicative and interpersonal competence. This enables the interpreting learner to produce non-renditions, cooperate with others and interact empathically. In this way, the interpreter's emotional intelligence is cultivated. The strategies are defined below.

#### Ask questions

1. Ask for clarification or verification: Ask another party to repeat, rephrase, explain, change their behaviour or speech style (for example, speak more slowly or louder), or confirm whether a specific utterance is correct (for example, to confirm whether a client has outstanding concerns).
2. Ask for correction: Ask another party such as the speaker (when appropriate), an interpreting colleague, a peer, or the interpreter trainer to correct you (for example, with your pronunciation of someone's name).

#### Cooperate with others

3. Work in a team: Work with your interpreting colleagues and peers by, for example, meeting with a language partner on Tuesdays, and with other role players such as speakers, clients and project managers by, for example, practising interprofessional education.
4. Cooperate with competent working language users and mentors: Work with skilled users of your working languages by, for example, having conversations with them over dinner, and mentors by, for example, working under the supervision of a more experienced interpreter.

#### Empathise with others

5. Develop a cultural understanding: Try to empathise with another person by being receptive, learning about the cultures of your working languages, trying to understand the other person's connection to the culture and making cultural adjustments accordingly, for example by replacing the word *cancer* with the euphemism *tumour*.

6. Become aware of others' thoughts and feelings: Become aware of the behaviour and emotional state of other parties such as clients, interpreting colleagues and speakers and act accordingly, for example by speaking directly to a client with suicidal tendencies or giving shorter interpreting shifts to your interpreting colleague on a bad day.

The study concluded that language-learning strategies can be used extensively for process-oriented interpreter training since Oxford's (1990) 16 affective and social language-learning strategies were recreated into 10 affective and six social interpreting-learning strategies. We trust that the findings of the study contribute to future research on interpreter training, learning strategies, and the dynamic interplay between interpreting and language learning within applied linguistics.

**Keywords:** affective strategies; interpreting-learning strategies; language-learning strategies; process-oriented interpreter training; social strategies

## 1. Inleiding

Navorsers identifiseer 'n gebrek aan navorsing oor tolkaanleerstrategieë ("interpreting-learning strategies") in die studieveld van tolking. Alhoewel affektiewe faktore 'n beduidende rol in tolking speel, word navorsing op hierdie gebied spesifiek oor die hoof gesien (Korpál 2016). Saam met die affektiewe dimensie is tolking 'n sosiaal gevormde kommunikatiewe aktiwiteit wat binne 'n sosiale omgewing plaasvind (Marais 2008:51 en Yuan 2022:9). Daarom kan die belang van sosiale faktore in tolking ook nie onderskat word nie.

Hierdie vereistes dui op 'n behoefte aan affektiewe en sosiale leerstrategieë vir doeltreffende lewenslange tolkaanleer. Ons reken 'n ondersoek na taalaanleerstrategieë ("language-learning strategies") kan hierdie leemte vul, aangesien dit tolke met talige gereedskap, metakognitiewe kennis en emosionele veerkragtigheid kan toerus, wat nodig is om in angswekkende omgewings te funksioneer. In die eerste outeur se navorsing (Van der Merwe 2025) is daar lig gewerp op die skep van tolkaanleerstrategieë uit taalaanleerstrategieë om die strategievelde van tolking te verryk, aangesien albei velde leerdergesentreerdheid op die voorgrond plaas en op selfstandige leer fokus.

Volgens Shaw, Grbić en Franklin (2004:70) dien taalbevoegdheid as die platform vir die oorgang van taalaanleer na tolkaanleer, wat impliseer dat tolkspesifieke vermoëns op 'n stewige talige basis gebou word. Tog eindig die bouproses nie daar nie: Albei prosesse vereis lewenslange leer en 'n volhoubare integrasie van strategieë om deurlopend by nuwe leeruitdagings aan te pas. Ons pas Oxford (1990) se taalaanleerstrategieëmodel op prosesgerigte tolkopleiding toe om die wisselwerking tussen hierdie uiteenlopende dog verwante velde in die toegepaste taalkunde te ondersoek, en te bepaal watter affektiewe en sosiale taalaanleerstrategieë nuttig vir tolking kan wees. Gebaseer op hierdie wisselwerking, word die nuutgeskepte strategieë in 'n tolkaanleerstrategieëmodel aangebied, wat in Addendum A besigtig kan word.

In dié artikel – die laaste van 'n reeks van drie artikels – word die affektiewe en sosiale komponente van prosesgerigte tolkopleiding en taalaanleerstrategieë bespreek. Daarna volg die bespreking van die wisselwerking tussen taalaanleerstrategieë en tolknavorsing, wat helderheid gee oor die skep van affektiewe en sosiale tolkaanleerstrategieë (die laaste twee indirekte strategiesoorte) vir prosesgerigte tolkopleiding.

## 2. Teoretiese raamwerk

In hierdie afdeling word die twee teoretiese uitgangspunte bespreek, naamlik prosesgerigte tolkopleiding en taalaanleerstrategieë.

### 2.1 Prosesgerigte tolkopleiding

Benaderings uit onder meer die funksionalisme, sosiologie en sosiolinguistiek het bygedra tot die behoefte aan 'n meer omvattende perspektief op prosesgerigtheid binne tolkwetenskap (Pöchhacker 2005:690). Volgens Whyatt (2022:256) weerspieël 'n fokus op die vertaalproses leerdergesentreerdheid en bevorder dit die ontwikkeling van die selfkonsep.<sup>2</sup> Die studie waaroor hierdie artikel verslag lewer, is in 'n teoretiese raamwerk gesitueer wat hoofsaaklik op prosesgerigte tolkopleiding berus. Voorts word interpersoonlike en houdingstolkbevoegdheid en emosionele intelligensie bespreek.

#### 2.1.1 Interpersoonlike en houdingstolkbevoegdheid

Die interaksie van tolkvaardighede staan as tolkbevoegdheid ("interpreting competence") bekend. Ons bespreek drie uit die ses soorte in Van der Merwe (2025:22), naamlik kommunikatiewe, interpersoonlike en houdingsbevoegdheid.

Hoewel kommunikatiewe bevoegdheid reeds in die vorige artikels toegelig is, is kulturele bevoegdheid 'n deurslaggewende komponent daarvan wat aandag in hierdie konteks verg. Dit het betrekking op kennis van die ontvangers se kulturele agtergronde en motiverings ten einde talig en kultureel gepas te tolk (Napier 2004:119). Na aanleiding hiervan konstrueer tolke hulle tolkbeurte (die doelteks) uit die ontvangerperspektief deur die gespreksgenote se konteks in te reken. Die algemene kennis ter sprake omvat historiese, ekonomiese, politieke en kulturele aspekte in verskeie gemeenskappe, asook waardes, oortuigings en gedrag. Om kennis van sosiale en etniese verskille, gemeenskapslewe en die kunste te dra, is net so noodsaaklik. Gambrell en Lesch (2021:130) beklemtoon dat 'n omvattende begrip van die kulture betrokke uiters belangrik is, gegewe dat hierdie begrip tolkproduksie kan vergemaklik.

Interpersoonlike bevoegdheid staan ook as *sosiale bevoegdheid* bekend en verwys na die vermoë om saam met ander rolspelers in die vertaalproses soos tolkkollegas, projekbestuurders, gebruikers en kliënte te werk. Spanwerk vorm deel van die peri-prosesdimensie van tolking (Albl-Mikasa 2012:62), wat werksomstandighede soos die betrokke werkstale, deelnemers, spansamestelling en tegniese toerusting insluit (Kalina 2005:778). Samewerking het 'n groot invloed op tolkproduktgehalte, daarom dat dit noodsaaklik vir tolkbevoegdheid is (Chang, Wu en Kuo 2019:219). Tolke werk tipies in pare en los mekaar (ideaal gesproke) minstens elke 20–30 minute af om versadiging teen te werk (Pienaar en Cornelius 2015:192 en Setton en Dawrant 2016a:254). Weens beperkte voorbereidingstyd moet tolke aldus Chang e.a. (2019:219) dikwels nou saam met hulle tolkkollegas werk en leierskapsvaardighede demonstreer.

Weens die tydsdruk, spontaniteit en uitvoer van 'n komplekse verskeidenheid take voor 'n gehoor tydens die tolkproses (Wang, Huang, Zeb, Liu en Wang 2022:4), word angsbestuur as deel van houdingsbevoegdheid bespreek. Tolkaanleerders leer nie doeltreffend wanneer hulle angstig is nie (Zhang 2020:40), daarom is die vermoë om angs te bestuur, beduidend vir tolkbevoegdheid. 'n Hoë angsvlak kan boonop tolke se selfvertroue ondermyn en hulle selfkonsep aftakel (Mackenzie 1998:205). 'n Tolk met 'n goeie selfkonsep, selfvertroue en deurstellingsvermoë kan kreatiewe strategieë raadpleeg om probleme op te los (Mackenzie 1998:205–6). Volgens Gambrell en Lesch (2021:130) moet tolke met selfvertroue en oortuiging kan praat.

### 2.1.2 Emosionele intelligensie

Tolke se opbou van emosionele intelligensie is van kardinale belang om sowel die kliënte as hulle eie emosies suksesvol te navigeer. Na analogie van Çoban en Albiz Telci (2016:118–9) en Cheng (2022:8) definieer ons die term *emosionele intelligensie* as die vermoë om jou eie én ander mense se emosies te verstaan en daarvolgens gepaste besluite te neem. Emosionele intelligensie is 'n ondernagevorsde veld wat 'n raamwerk uiteensit vir die ondersoek na wáár-om vertalers en tolke optree soos hulle optree (Hubscher-Davidson 2013:339, Çoban en Albiz Telci 2016:120, en Ghaemi en Bayati 2022:31). Dit is 'n niekognitiewe vaardigheid wat aangeleer, ontwikkel en verskerp kan word (Wang e.a. 2022:3). Tolke kan oor hoogs ontwikkelde kognitiewe vermoëns beskik, maar steeds weens onderontwikkelde emosionele intelligensie in die werksplek misluk (Çoban en Albiz Telci 2016:119).

Goleman (1998) in Çoban en Albiz Telci (2016:122) se uiteensetting van emosionele intelligensie bestaan uit persoonlike en sosiale bevoegdheid met vyf faktore, wat tersaaklik is by die bespreking van affektiewe en sosiale strategieë vir tolkaanleer. Goleman (1998) in Çoban en Albiz Telci (2016:122) identifiseer drie komponente wat deel van persoonlike bevoegdheid uitmaak, naamlik selfbewustheid, selfregulering en motivering. Selfbewustheid is die vermoë om jou gemoedstoestand, dryfvere en emosies tesame met die uitwerking daarvan op ander uit te ken en te verstaan (Goleman 1998 in Çoban en Albiz Telci 2016:122). Die psigo-affektiewe dimensie van selfregulering het betrekking op tolke se vermoë om hulle emosies tydens tolking te bestuur (Herring en Walczyński 2024). Selfregulering en motivering word onderskeidelik in afdeling 2.2.2 en 4.1 in meer besonderhede bespreek.

Sosiale bevoegdheid word deur twee van die vyf faktore bevorder, naamlik empatie en sosiale vaardighede. Goleman (1998) in Çoban en Albiz Telci (2016:122) definieer empatie as die vermoë om ander se emosionele toestande uit te ken, te verstaan en die bykomende vaardigheid om ander volgens hulle emosionele reaksies te behandel. Empatie vereis dus 'n begrip van die ander persoon se ervaring (die kognitiewe komponent) en die vermoë om die ander persoon se emosionele ervaring te deel (die affektiewe komponent) (Ivars en Calatayud 2013:13). Arumí en Esteve (2006:173) het in hulle studie bevind dat tolkaanleerders waarde aan empatie heg. Insgelyks beaam Hubscher-Davidson (2013:339), Çoban en Albiz Telci (2016:124) en Setton en Dawrant (2016a:66) die belang van empatie en sosiale bewustheid in tolking. As deel van hulle kommunikatiewe bevoegdheid, moet tolke hulle tolkbeurte met behulp van empatie talig en kultureel gepas maak. Emosionele intelligensie is gemoeid met mense en omstandighede waar taal as instrument gebruik word (Çoban en Albiz Telci 2016:122) – 'n kenmerk van die sosiokulturalisme wat verder in 2.2.2 bespreek word.

Tolke moet dus opgelei word om hulle emosionele reaksies te herken en te verstaan. Sommige empiriese studies lewer bewyse vir die ontwikkeling van emosionele intelligensie onder tolke. Ferdowsi en Razmi (2022:267) dui op 'n wesenlike verband tussen simultane tolking en tolkaanleerders se bewustheid van emosionele intelligensie. Hu, Chen, Tang, Zhao en Zhao (2024:28570) verskaf neurofisiologiese bewyse wat die belang van emosieregulering in tolking beklemtoon. Emosieregulering is kardinaal vir tolke se bevoegdheid en kundigheid, en kan die gehalte van vertalings aansienlik beïnvloed (Cheng 2022:5 en Qiu 2023:1). Gjurchevska Atanasovska en Mickoski (2024:81) bepleit vir sogenaamde emosionele intelligensieversterkende (“emotional intelligence-boosting”) strategieë onder tolke om ander rolspelers se emosies beter te verstaan en te interpreteer, en om negatiewe emosies meer suksesvol te hanteer.

## 2.2 Taalaanleerstrategieë

Navorsing oor taalaanleerstrategieë is 'n reaksie op vroeë soos: Hoe kan klaskamertyd die beste benut word om taalaanleerders vir doeltaalkommunikasie voor te berei? (Wenden 1987:12, ons vertaling). Die historiese verloop van die veld het in 1975 begin (soos in die tweede artikel bespreek word) en navorsing daaroor vind steeds omvangryk plaas. Daar is in 'n vroeë stadium konsensus bereik dat taalaanleerstrategieë leerders noop om verantwoordelikheid vir hulle leerprosesse te neem. In dié afdeling word Oxford (1990, 2017) se affektiewe en sosiale strategieë, en Strategiese Selfreguleringsmodel bespreek.

### 2.2.1 Oxford (1990) se affektiewe en sosiale taalaanleerstrategieë


Oxford (1990) se model word deur Oxford self asook navorsers soos Griffiths (2018:61) beskou as die volledigste taalaanleerstrategiemodel, juis omdat dit die belang van affektiewe en sosiale taalaanleerstrategieë erken. Ons stem saam met Biasetti (2016:615–6) dat bevindinge uit tweedetaalverwerwing – veral oor affektiewe en sosiale strategieë – tot professionele tolkopleiding kan bydra. Taalaanleer kan taalvaardighede, interkulturele kommunikasie, openbare redevoervaardighede en selfvertroue bevorder, asook tolke ontvanklik vir 'n nuwe kultuur maak.

Oxford se model bevat ses strategiesoorte, waarvan twee in dié artikel bespreek word: indirekte affektiewe en sosiale strategieë. Indirekte strategieë werk saam met die direkte strategieë en is nuttig in alle taalaanleerkontekste (Oxford 1990:135).

Affektiewe strategieë bevorder selfvertroue en deursettingsvermoë onder taalaanleerders om hulle aktief by taalaanleer te betrek, wat noodsaaklik vir kommunikatiewe bevoegdheid (sien 2.1.1) is. Affek behels emosies, houding, motivering, angs, empatie en waardes, wat 'n beduidende invloed op taalaanleersukses het (Oxford 1990:140 en Griffiths 2018:159). Krashen (1981:38) postuleer in sy bekende affektiewefilterhipotese (“affective filter hypothesis”) dat taalaanleerders se affektiewe filter tussen hoog (hoë angs- en lae motiveringsvlak) en laag (lae angs- en hoë motiveringsvlak) wissel soos bepaal deur affektiewe faktore. 'n Lae affektiewe filter is wenslik omdat 'n hoë affektiewe filter taalaanleer kan blokkeer. Studies toon volgens Oxford (1990:143) dat affektiewe strategieë nie voldoende benut word nie, en hierdie bevinding word steeds deur meer onlangse navorsing op die gebied gestaaf (Ranjan en Philominraj 2020:601). Die genoemde hipotese word in afdeling 4.1 op tolking toegepas omdat tolke lae vlakke van motivering en selfvertroue kan ervaar wat met hoë druk gepaardgaan, en het sodoende strategieë nodig om hierdie hoë affektiewe filter te verlaag.

Oxford (1990:143–4) skep drie kategorieë affektiewe strategieë in haar model: *verlaag jou angsvlak*, *motiveer jouself* en *neem jou emosionele temperatuur*. Voorts volg 'n visuele uitbeelding soos vertaal deur die eerste outeur:






**Figuur 1. Diagram van Oxford (1990) se affektiewe strategieë**

Naas metakognitiewe en affektiewe strategieë (eersgenoemde is in die tweede artikel bespreek), is sosiale strategieë die derde indirekte strategiesoort. Taal is in wese 'n vorm van sosiale gedrag en kommunikasie (Oxford 1990:144). Taalaanleerders gebruik sosiale strategieë om hulle interaksievaardighede, empatie en kulturele begrip te ontwikkel.

Oxford (1990) het nogmaals kommunikasiestategieë (verwys na die eerste artikel) soos *vra vrae* in haar sosiale strategieëklassifikasie ingesluit, wat deur sommige navorsers as omstrede beskou word. Oxford (1990:14) motiveer wel dat sosiale strategieë die taalaanleerder noop om saam met ander te werk, en die taal en kultuur te verstaan, wat voordelig vir die ontwikkeling van kommunikatiewe en sosiolinguistiese bevoegdheid is. In tolking vorm hierdie sosiale ingesteldheid 'n integrale deel van wat Rosiers, Eyckmans en Bauwens (2011:56) en Albl-Mikasa (2012:62) *peri-prosesvaardighede* noem, waar eienskappe soos ekstroversie en 'n samewerkende houding deurslaggewend vir suksesvolle interaksie is.

Oxford (1990:146–7) dui op drie kategorieë sosiale strategieë: *vra vrae*, *werk saam met ander* en *empatiseer met ander*. Die visuele uitbeelding volg soos vertaal deur die eerste outeur:



**Figuur 2. Diagram van Oxford (1990) se sosiale strategieë**

Navorsing oor taalaanleerstrategieë het in die vroeë 1990's, te danke aan Oxford (1990) se model, gewild geword (Lee 2010:135 en Thomas en Rose 2018:248). Daar is 'n groot omvang navorsing wat op haar werk gevolg het (Rose 2012:93). Oxford se model word volgens Stander (2020:89) wyd deur navorsers in die veld erken en gebruik.

Soos met enige gewilde konstruk, is daar ook kritiek teen Oxford se model uitgespreek. Hoewel O'Malley en Chamot (1990:103) kritiek op die model lewer omdat dit oorvleuelende sub-kategorieë skep, gee Ellis (1994:539) te kenne dat haar klassifikasie die volledige een in die veld is. Oxford (1990:249) erken self dat klassifikasiekonflikte onvermydelik is en dat dit nie moontlik is om 'n wetenskaplik gestaafde en volledige taalaanleerstrategiemodel daar te stel nie. Ons stem saam met Oxford (1990:22) dat enige taalaanleerstrategiemodel affektiewe en sosiale strategieë moet inreken.

Oxford (2017) het dekades later haar model se teoretiese basis hersien, waaroor daar in die volgende afdeling uitgebrei word.

### 2.2.2 Oxford (2017) se Strategiese Selfreguleringsmodel

Benzehaf (2021:156) wys op 'n oorvloed navorsing oor goeie taalaanleerders wat strategiese gedrag vir doeltaalaanleer aanwend. Talle studies het aangetoon dat suksesvolle strategieë deur swakke taalaanleerders geraadpleeg kan word om hulle leerproses te verbeter en selfgerigte leer te bevorder. Daar was egter teenkating, met navorsers wat nie ooreenstem oor veral die gebruik van die terminologie en die teoretiese basis van die veld nie. Oxford het in 2017 haar Strategiese Selfreguleringsmodel geskep, waar die fokus in hierdie afdeling val.

Ons bespreek eers die begrip *selfregulering* in taalaanleer omdat dit aan die kern van die Strategiese Selfreguleringsmodel lê. Hierdie begrip word dikwels uitruilbaar met terme soos *outonomie*, *selfgerigte gedrag* en selfs *metakognisie* en *probleemoplossing* gebruik (Dörnyei 2005:192, Cohen 2011:11, en Oxford 2011:173). Te midde van die terminologiese kwessies, word lig steeds gewerp op die aktiewe rol wat taalaanleerders in die leerproses speel. Ter wille van konsekwentheid tussen die twee navorsingsvelde wat in hierdie artikel bespreek word, gebruik ons die term *selfregulering*.

Dörnyei (2005:92) is een van die navorsers wat kritiek teen Oxford se model uitgespreek het en het die begrip *leerstrategie* juis met die dinamiese konstruk *selfregulering* vervang. Ander navorsers weerlê Dörnyei (2005) se kritiek omdat hulle reken hy oor taalaanleerstrategie-navorsing veralgemeen. Pawlak (2011:21) beweer dat Dörnyei (2005) nie die vele vooruitgange in die veld erken nie, en Rose (2012:92) interpreteer dat Dörnyei (2005) se herkonseptualisering 'n effe problematiese konstruk met nog 'n problematiese konstruk vervang – “a matter of throwing the baby out with the bathwater”. Winne (1995) in Griffiths (2020:607) is van mening dat taalaanleerstrategiegebruik 'n kenmerk van die selfregulerende leerder is en Rose (2012:96–7) gee te kenne dat selfregulering tog versoenbaar met taalaanleerstrategieë is. Ons steun op Cohen (2011:35) se insig dat *selfregulering* nie die begrip taalaanleerstrategieë kan vervang nie, maar dat taalaanleerders strategieë *gebruik* om selfregulerend te *wees*. Dörnyei en Ryan (2015:140–1) het toe 'n vriendeliker bespreking van taalaanleerstrategieë verskaf en die onderrig daarvan aangemoedig. Hulle voer aan dat die voortgesette toepassing van taalaanleerstrategieë belangriker is as hare kloof. Cohen, Gu, Nyikos, Plonsky, Harris, Gunning, Wang, Pawlak, Gavriilidou, Mitits, Sykes en Gao (2023:316) som hierdie insig soos volg goed op deur te fokus op die bruikbare bydrae wat die veld gelewer het (vertaal deur die eerste outeur):

Wat met groot sekerheid tot op hede in die driedigdigheid van taalaanleerstrategie-teorie, -navorsing en -praktyk beweer kan word, is dat verkennende navorsing tot die begrip van taalaanleerstrategieë bygedra het, en dat dit onmiddellike en potensieel bruikbare bevindinge vir taalaanleerders opgelewer het.

Kort nadat Dörnyei en Ryan (2015:169) versoek het dat taalaanleerstrategieë aan selfregulering gekoppel word, het 'n fokus op selfregulering in navorsing, debat en publikasie oor taalaanleerstrategieë sterk begin ontstaan (Griffiths 2020:607). Die definisie van taalaanleerstrategieë is intussen verfyn, waar ons met Thomas en Rose (2018:252) saamstem dat Oxford (2017) se definisie die nuwe insigte die beste bygewerk het. Oxford (2017:48) het 'n inhoudsontleding van 33 definisies van taalaanleerstrategieë uitgevoer, die algemeenste kenmerke geïdentifiseer en 'n omvattende en inklusiewe definisie daargestel. Dié definisie weerspieël die ontwikkeling van navorsing oor taalaanleerstrategieë (Griffiths 2018:19 en Pawlak 2021:821). Die definisie, vertaal deur die eerste outeur, lui soos volg:

Taalaanleerstrategieë is komplekse, dinamiese gedagtes en aksies, gekies en gebruik deur taalaanleerders met 'n mate van bewustheid in spesifieke kontekste ten einde veelvuldige aspekte van hulleself (soos kognitief, emosioneel en sosiaal) te reguleer met die doel om taaltake te voltooi, taalprestasie of -gebruik te verbeter, en/of langtermynvaardigheid/-vlotheid te verbeter. Strategieë word verstandelik gelei, maar kan ook fisiese en dus waarneembare manifestasies hê. Taalaanleerders gebruik dikwels strategieë op buigsame en kreatiewe maniere, kombineer dit op verskeie maniere, soos strategiekusters of strategiekettings, en orkestreer dit om aan leerbehoefes te voldoen. Strategieë kan onderrig word. Taalaanleerders besluit in hulle konteks watter strategieë om te gebruik. Die toepaslikheid van strategieë hang van verskeie persoonlike en kontekstuele faktore af.

Al hierdie aspekte lê in die hartjie van Oxford (2017) se Strategiese Selfreguleringsmodel. Hierdie model is geskep deur Vygotsky (1978) se sosiokulturele teorie en Zimmerman (2008) se teorie oor selfgereguleerde leer te verbind ten einde die sosiokulturele en sielkundige aspekte van strategiese selfregulering saam te snoer. Hierdie teorieë word vlugtig bespreek.

Vygotsky (1978) se sosiokulturele teorie beskryf dat menslike leer en ontwikkeling in sosiale verhoudings gesetel is, en dat hoër verstandelike funksies ekstern en sosiaal is voor dit intern en individueel word. Kognitiewe ontwikkeling verskuif dus met behulp van eksterne instrumente wat interne dialoog aanmoedig van die eksterne na die interne wêreld (Vygotsky 1978 in Cañada en Arumí Ribas 2012:2). Taal funksioneer as 'n belangrike instrument van hierdie bemiddelingsproses. Oxford (2017:74) skakel die sosiokulturele teorie met taalaanleerstrategiegebruik deur aan te dui dat leerstrategiegebruik gesitueer is in die sosiokulturele omgewing waarbinne strategieë gebruik word.

Selfregulering word nogmaals 'n belangrike komponent, wat volgens Zimmerman (2008:166) verband hou met hoe leerders hulle eie leerproses beheer en bemeester. Hierdie proaktiewe proses bemagtig leerders om hulle verstandelike vermoëns in 'n akademiese prestasievaardigheid te ontwikkel (Zimmerman 2008:166). Leerders moet oor inisiatief, deursettingsvermoë en aanpassingsvaardigheid beskik, asook oor die vermoë om dit te beheer.

Oxford (2017) se Strategiese Selfreguleringsmodel dui die verband tussen hierdie twee teorieë duidelik aan. Enige leerder verg sosiale bystand tydens die aanvanklike aanleer van 'n komplekse vaardigheid (soos tolking<sup>3</sup> – ons byvoeging) om uiteindelik optimaal selfregulerend te word (Zimmerman en Kitsantas 1997:35). Vygotsky (1978) in Zimmerman (2001:100) is dit eens dat leerders vaardighedsregulering opbou deur middel van bemiddeling in 'n spesifieke sosiokulturele konteks. Taalbemiddeling vind in terme van dialoog met 'n meer bevoegde ander (“more competent other”) plaas, byvoorbeeld 'n ouer, onderwyser of meer gevorderde eweknie (Oxford 2017:66). Dié rolspelers bied ondersteuning (deur kognitiewe en meta-kognitiewe prosesse of strategieë te modelleer) binne 'n leerder se sone van proksimale ontwikkeling vir take wat hulle (nog) nie onafhanklik kan uitvoer nie. Oxford (2017:67) beweer hierdie sone is die gaping tussen 'n individu se huidige en sy/haar potensiele ontwikkelingsvlak wat met die bystand van die meer bevoegde ander nagestreef word. Die meer bevoegde ander onttrek dan geleidelik sy/haar ondersteuning namate die leerder die nodige selfreguleringsfunksies internaliseer (Zimmerman 1986:311). Hiervolgens vind 'n verskuiwing van sosiale ondersteuning na selfondersteuning (selfregulering) plaas, en dít is hoe selfregulering as 'n uitkoms van sosiale bemiddeling funksioneer.

### 3. Metodologie

Die studie waaroor daar in hierdie artikel verslag gelewer word, is op kwalitatiewe beskrywende navorsing gegrond. 'n Verskynsel wat ondersoek moet word, lê aan die kern van kwalitatiewe beskrywende navorsing (Creswell en Creswell Báez 2023:6), wat in hierdie geval tolkaanleerstrategieë is.

Die metodologiese werkswyse in Van der Merwe (2025) se studie was om Oxford (1990) se taalaanleerstrategiemodel en prosesgerigte tolkopleiding teoreties te verken en 'n tolkaanleerstrategiemodel daar te stel. Affektiewe en sosiale tolkaanleerstrategieë is geskep na aanleiding van die wisselwerking tussen tolking en taalaanleer ten einde 'n model as verduideliking daarvoor te bied. Al 16 affektiewe en sosiale taalaanleerstrategieë in die model is vir die tolkaanleerstrategiemodel oorweeg. In Van der Merwe (2025:90) is 10 kenmerke van kwalitatiewe beskrywende navorsing in die lig van die studie gestaa, waarvan die laaste vier in hierdie afdeling bespreek word (sien die eerste artikel vir meer besonderhede oor die eerste ses kenmerke).

Aandag tydens kwalitatiewe beskrywende navorsing moet aan *veelvuldige perspektiewe en betekenis* geskenk word, soos dié van die deelnemer(s) en die navorser(s). Die eerste outeur het haar inherente subjektiwiteit as navorser en die talle moontlikhede van die werklikheid erken. Daar was nie studiedeelnemers ter sprake nie.

Om die betrokke verskynsel te kan verken, moet *buigsaamheid en openlikheid* geprioritiseer word deur hipoteses te formuleer en die navorsingsvraag of -doelwit deurlopend te verfyn. 'n Kwalitatiewe beskrywende studie lei tot hipoteses eerder as om dit te toets. Die waarde van hierdie studie lê dus in die identifikasie en afbakening van tolkaanleerstrategieë as 'n teoretiese verskynsel.

Nog 'n belangrike kenmerk is *subjektiwiteit* omdat kwalitatiewe beskrywende navorsing inherente subjektiewe besluite behels, byvoorbeeld wát ontleed moet word en hóé dit beskryf moet word. Die betrokke verskynsel is dikwels ontwikkelend en omvangryk. Navorsers moet dus weens subjektiewe interpretasies 'n saak vir hulle geloofwaardigheid stel en steeds ontvanklik vir ander moontlikhede bly.

Die laaste kenmerk wat by *subjektiwiteit* aansluit, is *refleksiwiteit*, met verwysing na die kwalitatiewe navorser se refleksie oor haar posisie in die studie, haar rol tydens data-ontleding en haar verhouding tot die navorsing ter sprake. Dit behels dat die navorser oor vooroordele, waardes en ervarings moet besin, wat moontlik data-ontleding kan beïnvloed. Die eerste outeur posisioneer haarself as 'n praktiserende vryskuttolk met Afrikaans/Engels as taalkombinasie en kontrakdosent aan die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands. In haar posisie erken en beperk sy sover moontlik haar eie vooroordele in die navorsing.

Subjektiwiteit is dus 'n belangrike metodologiese beperking. Ons beskou Van der Merwe (2025:256) se model as inherent subjektief omdat sy as kwalitatiewe navorser die data ingesamel en ontleed het. Sy steun egter op Stake (2011:166) se voorstel om haar objektiwiteit én subjektiwiteit te kombineer om die grondigheid van die bevindinge te verbeter.

#### **4. Die wisselwerking tussen affektiewe taalaanleerstrategieë en prosesgerigte tolkopleiding**

Dit is uitdagend vir tolke om verskeie kognitiewe en affektiewe prosesse gelyktydig te beheer (Doğan, Arumí Ribas, Mora-Rubio en Cat 2009:71 en Al-Harashseh, Shehab en Al-Rousan 2020:85). Affektiewe faktore vorm deel van houdingsbevoegdheid (sien 2.1.1) en speel 'n meldenswaardige rol in tolking. Tolkaanleersukses sal geskied indien tolke hulle kognitiewe én affektiewe vermoëns versterk (Johnson 2016:184), wat ag slaan op die wisselwerking tussen tolktaakuitvoering en tolke se interne affektiewe toestand. In die bespreking oor die wisselwerking tussen affektiewe taalaanleerstrategieë en prosesgerigte tolkopleiding word daar gefokus op affektiewe faktore in tolking, gevolg deur die toepassing van die drie kategorieë strategieë (met 10 taalaanleerstrategieë) op tolkaanleer.

##### **4.1 Affektiewe faktore in tolking**

Die fokus op affektiewe faktore tydens tolking, vorm deel van die nieamptelike psigo-affektiewe wending ("psycho-affective turn") in tolkwetenskap (Korpel 2016:298). Affektiewe faktore verwys na die emosies wat mense oor hulleself of hulle omliggende omgewing koester (Zhang

2020:40). Een dimensie van selfregulering in tolking het betrekking op die beheer van emosies. Affektiewe faktore is noodsaaklik in tolkaanleer (Cañada en Arumí Ribas 2012:14 en Zhang 2020:40) en dra by tot tolkprestasie en -gehalte (Cheng 2022:7 en Chen 2023:2).

Die psigologiese en innerlike konteks van die taalaanleerder betrek interne faktore soos affek, motivering, selfagting en angs (Oxford 2017:91). Insgelyks argumenteer Shaw en Hughes (2006:198), Moser-Mercer (2008:2) en Hubscher-Davidson (2013:339) dat affektiewe faktore soos angsbeheer, selfagting, selfvertroue en motivering kardinaal vir optimale tolkwerkverrigting is. Die tolk se psigo-affektiewe faktore kan in twee groepe uiteengesit word (Walczyński 2020:44): ekstern geaktiveerde faktore (soos angs) en intern geaktiveerde faktore (soos houding). Een manier om hierdie affektiewe dimensie van komplekse leerprosesse soos tolking en taalaanleer te verstaan, is deur die lens van Krashen (1981) se gewilde affektiewefilterhipotese (sien 2.2.1). Sommige tolknavorsers het die affektiewefilterhipotese in taalaanleer op tolking toegepas en verduidelik dat motivering en selfvertroue die tolk help om angs te bestuur, terwyl die vrees om foute te maak as 'n affektiewe filter dien (Sawyer 1994:434 en Mahdi en Esmail 2021:1733). Die vrees vir foute maak kan in bedenkinge, senuweeagtigheid of vrees ontaard, wat negatiewe gevolge vir die leerproses kan inhou (Zhang 2020:40). Meer onlangs beklemtoon Tran (2025) die gevolge van emosionele hindernisse op tolkwerkverrigting, wat die teoretiese grondslag van die affektiewefilterhipotese ondersteun. Tran (2025:4659) bevind dat wanneer tolke veiligheid, aanmoediging en ondersteuning ervaar, die affektiewe filter verlaag word, wat produktiewe leer bevorder. Ons bespreek voorts die hoof-faktore van hierdie hipotese en die tersaaklikheid daarvan vir tolking, naamlik angs, motivering en selfvertroue.

Angs is 'n ondernagevorsde konstruk wat tolkwerkverrigting kan belemmer (Tran 2025:4654). Tolke met 'n lae angsvlak praat met selfvertroue en kommunikeer beter met ander. Albl-Mikasa (2012:73), Horváth (2012:170) en Chen (2023:2) beklemtoon dat tolkgeleenthede 'n hoë kognitiewe angsvlak – fisiese en psigologiese beroepsangs op die lang en kort termyn – kan veroorsaak wat tot hoofpyn, moegheid, rugpyn en uitbranding kan lei. Soos blyk uit Bower (2015:3), het tolke dikwels nie beheer oor angswekkende situasies nie, want dit is 'n ekstern geaktiveerde faktor. Angs word opgewek weens verskeie eksterne bronne, soos reis op kort kennisgewing en onvoldoende werksreëlings (Albl-Mikasa 2012:74). Soos Hancox, McKiernan, Martin, Tomas en MacArtney (2023:932) stel, is die potensiële gevolge van uitbranding en ernstige angs skadelik vir tolke se welstand en werkverrigting.

Dit vorm deel van 'n tolk se bevoegdheid en peri-prosesvaardighede om 'n hoë angsverdraagsaamheidsvlak te ontwikkel. Angsbestuur speel 'n belangrike rol as loopbaanondersteunende vaardigheid in tolking (Çoban en Albiz Telci 2016:121–3 en Setton en Dawrant 2016b:571). Enersyds moet tolke angs kan beheer, en andersyds behoort hulle te kan voorgee dat hulle nie angstig voel wanneer hulle wel is nie (Chen 2014:78). Angsbestuursmeganismes of -strategieë is in hierdie opsig noodsaaklik om doeltreffende tolkwerkverrigting en -kundigheid na te streef (Kurz 2003:52, Bontempo en Napier 2011:99, Horváth 2012:170, en Chen 2023:4).

Motivering – die tweede faktor in die affektiewefilterhipotese – is dikwels die kritieke faktor wat 'n tolk se prestasies tydens lewenslange leer bepaal en strategiegebruik stimuleer (Lin 2013:149). Tolkaanleerders word volgens Walczyński (2020:41) deur motivering gedryf, maar navorsing oor motivering (Lin 2013:149) én demotivering (Wu 2016:15) word ondervertegenwoordig in tolknavorsing. Selfregulerende tolke behoort motiveringstrategieë te benut om hulleself op die taak gefokus te hou. Daar bestaan egter min motiveringstrategieë wat tolkopleiding kan fasiliteer (Lin 2013:149).



Daar word onderskei tussen ekstrasieke (integreerende) en intrinsieke (instrumentele) motivering (Rosiers e.a. 2011:59). Ekstrasiek gemotiveerde leerders verwag 'n beloning, op die kort termyn soos goeie punte, of op die langer termyn soos werksgeleenthede. Intrinsiek gemotiveerde leerders stel opreg belang in die leerproses wat hulle wil bemeester en streef na uitmuntendheid (Rosiers e.a. 2011:59 en Walczyński 2020:41). Ekstrasieke en intrinsieke motivering word deur Lin (2013:148) en Bolaños-Medina en Núñez (2022:135) in vyf soorte regulering verdeel: *eksterne regulering* (gedryf deur beloning of dreigemente), *ingevoerde regulering* (gedryf deur trots en die vermyding van skuldgevoelens), *geïdentifiseerde regulering* (gedryf deur erkenning van die taak se waarde), *geïntegreerde regulering* (gedryf deur gedrag wat met waardes en behoeftes bely is) en suiwer *intrinsieke regulering*. Verder bevind Lin (2013:232) en Horváth en Kálmán (2021:303) die volgende motiveringsbronne onder tolke: kommunikasiefasilitering, loopbaanontwikkeling, sosiale aansien, taalstudie, ensovoorts.

Oxford (1990:141), Zimmerman (2008:173) en Zhang (2020:40) argumenteer dat selfagting 'n individu se selfoordeel van tevredenheid met sy/haar waarde of vermoëns is. Tolke met hoë selfagting prioriteer positiwiteit en presteer beter (Zhang 2020:40). Walczyński (2020:40) onderskei tussen *algemene* (algemene selfbeoordeling), *situasionele* of *taak-* (selfbeoordeling in 'n spesifieke tolktaak) en *intermediêre selfagting* (selfbeoordeling van taal- of tolkvaardighede). Tesame met selfagting is selfdoeltreffendheid 'n goeie voorspeller van 'n suksesvolle leerproses en goeie houding<sup>4</sup> (Bontempo en Napier 2011:90). Selfdoeltreffendheid het betrekking op persone se vermoë om 'n *bepaalde* taak te verrig (Del Mar Haro-Soler 2018:138) – wat aan taakselfagting herinner. Proaktiewe selfreguleerders handhaaf sterk selfdoeltreffendheids-oortuigings in taalaanleer (Oxford 2017:71), wat die tolk in staat kan stel om sosiale en affektiewe strategieë as integrale peri-prosesvaardighede in te span om uitnemendheid na te streef.

Naas selfdoeltreffendheid is selfvertroue – die derde faktor in die affektiewefilterhipotese. Dit is 'n wenslike tolkeienskap omdat dit verband hou met persone se geloof in hulle vermoëns *sonder om die taak te spesifiseer* waarvoor dit geverg word – wat aan intermediêre selfagting herinner. Selfversekerde tolke kan uiteenlopende situasies en take danksy hulle probleem-oplossingsvermoë bestuur. Al-Harashseh e.a. (2020:86) interpreteer dat veral beginnertolke oor selfvertroue moet beskik omdat gebrek daaraan die tolkproses in gedrang kan bring. Op grond van karaktereienskappe word tolke boonop aldus Rosiers e.a. (2011:56) dikwels as selfversekerd beskryf. Tesame met angs en motivering word navorsing oor selfvertroue ook in tolknavorsing oor die hoof gesien (Xu en Liu 2023:2). Yan, Pan en Wang (2010:192) en Moore (2020:58) dui op 'n verband tussen selfvertroue en werklike tolkvermoë. Selfvertroue hou nou verband met die tolk se selfkonsep (Whyatt 2022:251). Ons stem saam met Moore (2020:25) dat tolke by hanteringsmeganismes sal baat wat selfvertroue bevorder.

In die literatuurondersoek na bestaande tolkstrategieë is geen strategieë as affektief getipeer nie, wat nogmaals op die nood vir dié ondersoek dui. Daar is ook 'n behoefte aan navorsing oor positiewe emosies soos genot in die tolkaanleerproses (Xu en Liu 2023:12). Ons argumenteer saam met Doğan e.a. (2009:73) dat tolke lewenslange strategieë moet ontwikkel om hulle emosies te bestuur – ons noem dit *affektiewe tolkaanleerstrategieë*.

#### **4.2 Affektiewe taalaanleerstrategieë se potensiaal vir tolkaanleer**

Chiang en Villarreal (2013:152) het in hulle studie oor taalaanleerstrategiegebruik onder tolke geen gewilde affektiewe strategieë geïdentifiseer nie, maar tog bevind dat affektiewe strategiegebruik 'n positiewe verband met tolkwerkverrigting toon. Soos met goeie tolkaanleerders,

argumenteer Oxford (1990:14) dat goeie taalaanleerders tipies leerhouding en emosies kan beheer. Dit is noodsaaklik omdat negatiewe emosies vordering in die wiele kan ry, en positiewe emosies uiteraard die leerproses doeltreffender en aangenamer maak. Gevorderde taalaanleerders is volgens Oxford (1990:14) mettertyd geneig om minder affektiewe strategieë te raadpleeg, maar ons steun op Griffiths (2018:159) se argument dat (tolkaan)leerders dikwels onbewus van die rol van affek in suksesvolle leer is.

Ons bespreek al drie kategorieë affektiewe taalaanleerstrategieë, naamlik *verlaag jou angsvlak*,  *motiveer jouself* en *neem jou emosionele temperatuur*.

#### 4.2.1 Verlaag jou angsvlak

Die strategieë in *verlaag jou angsvlak* is nodig vir taalaanleer omdat oormatige ang die leerproses kan belemmer (Oxford 1990:142). Skadelike ang in taalaanleer verskyn in die vorm van bekommernis, frustrasie, selfbetwyfeling, vrees en soms fisiese simptome – sien 4.1 vir fisiese angswerwante simptome in tolking. Taalangs blyk tolkaanleer te infiltreer wanneer die talige grondslag nie stabiel genoeg is om die leerproses te ondersteun nie (Shaw en Hughes 2006:197). Chiang (2010:598–9) postuleer dat 'n hoë angsvlak en lae vlak selfvertroue tot tolkaanleerangs (“interpretation learning anxiety”) kan lei, 'n komplekse situasiespesifieke ang wat met taalaanleerangs saamsmelt. Die insluiting van affektiewe strategieë vir angswermindering in die model is belangrik omdat hoë vlakke tolkaanleerangs 'n kognitiewe struikelblok word en beperkte energie kaap.

Die drie taalaanleerstrategieë vir bespreking is *gebruik progressiewe ontspanning*, *diep asemhaling of meditasie*, *gebruik musiek* en *lag*.

##### 4.2.1.1 Gebruik progressiewe ontspanning, diep asemhaling of meditasie

Voorbeelde van ontspanningstegnieke wat taalaanleerders gebruik, is die meditasietegniek deur op 'n geestelike beeld of klank toe te spits, en om al die grootste spiergroepe in die liggaam (insluitend die nek en gesig) afwisselend saam te trek en te ontspan; en diep vanuit die diafragma asem te haal (Oxford 1990:143).

Asemhalingsoefeninge word hoog deur Moore (2020:51) en Bendazzoli en Pérez-Luzardo (2022:3) geag as hanterings- en ontspanningstegnieke vir tolking. Asemhalingsbeheer vorm deel van angsbestuur (Horváth 2012:84), waar talle telefoontolkdeelnemers aan Bruno en Iborra Cuéllar (2022:6) se studie aandui dat hulle asemhalingstrategieë benut om emosies in angswekkende situasies te bestuur. Om korrekte lugwegvloei te handhaaf, lei in baie gevalle tot beter angsbestuur en 'n rustiger en meer dinamiese stem, wat waardevol vir tolking is. Al-Jarf (2021:22) se tolkstudente sal tipies voor klas vir 'n paar minute diep inasem, van 1 tot 12 tel, en dan stadig uitasem. Die gebruik van asemhalingstegnieke vervul dus 'n dubbele funksie in tolking: die verlaging van die affektiewe filter (sien 4.1) en die regulering van spraak.

Horváth (2012:168) meld dat ontspanningsprosedures soos progressiewe ontspanning en meditasie ook nuttig is om tolkangs te bestuur. Dit maak dit vir tolke moontlik om hulle aandag toepaslik te fokus, wat tot 'n laer angsvlak lei. Dit word in Roberts (2015:118) se studie bevestig dat ontspanningsaktiwiteite 'n laer uitbrandings- en moegheidsvlak in tolke tot gevolg het. Voorbeelde van verstandelike ontspanningstegnieke om ang te bestuur en die tolk se liggaam voor te berei, is joga en Jin Shin Jyutsu, wat Burns (2010:26), Setton en Dawrant

(2016a:431) en Bendazzoli en Pérez-Luzardo (2022:16) aanbeveel. Johnson (2016:79) raai aan dat tolke daaglik vir 20 minute mediteer en bewus van hulle liggaam en omliggende omgewing word. Ons redeneer dus dat nie net progressiewe ontspanning en meditasie waardevol vir die verlaging van angs in tolking is nie, maar ook beliggende ontspanningspraktyke.

Geiling, Knaevelsrud, Böttche, en Stammel (2021:8) voeg by dat stokperdjies as strategie benut kan word om tolkangs te beheer. Deelnemers aan Moore (2020:51) se studie kyk voor die betrokke tolkeleentheid na foto's van hondjies om hulle angsvlak te verlaag, en speel ná die tolkeleentheid met hulle troeteldiere.

#### 4.2.1.2 Gebruik musiek

Taalaanleerders luister na gerusstellende musiek as strategie om te ontspan (Oxford 1990:143). Shabani (2016:3) is dit eens dat musiek – tesame met kuns en taal – 'n simboliese instrument is. Uit Vygotsky se perspektief (sien 2.2.2) gebruik mense simboliese artefakte om indirekte of bemiddelde verhoudings tussen hulleself, ander mense en die wêreld tot stand te bring.

Wang e.a. (2022:2–3) beskou musiek as 'n veelsydige hulpmiddel vir die vermindering van angs, die verbetering van selfvertroue en die regulering van emosies. Om musiek op 'n daaglikse basis te luister, hou positiewe emosionele, sosiale, fisieke en gesondheidsgevolge in.

Moore (2020:51) argumenteer tolke kan na musiek luister om die angsvlak te bestuur. Insgelyks reken Setton en Dawrant (2016a:431) dat tolke voor 'n angswekkende taak musiek kan luister. Ghaemi en Bayati (2022:40–1) voeg by dat musiek emosionele intelligensie (verwys na 2.1.2) onder tolke én vertalers verbeter. In 'n interessante 2025-studie wat musiek-psigologie en tolkewetenskap kombineer, stel Kozan (2025) 'n verband tussen musiekaanleg en tolkehalte voor. Hiermee word bedoel dat mense met 'n natuurlike aanleg vir musiek, soos 'n gevoel vir ritme en klanke, moontlik beter tolk. Musiek kan dus vir tolke help om die affektiewe filter proaktief te verlaag en sodoende beter te presteer.

#### 4.2.1.3 Gebruik humor

Taalaanleerders moet gereeld lag ter wille van angsvermindering deur byvoorbeeld na grappe te luister, 'n humoristiese film te kyk of boek te lees, ensovoorts (Oxford 1990:142). Xu en Liu (2023:14) reken genot is 'n belangrike positiewe emosie wat tolkeaanleerders moet ontgin.

Soos blyk uit Shaw en Hughes (2006:198) is dit uitdagend om vas te stel watter persoonlikhede en leerstyle bevorderlik vir die uitvoering van tolktake is. Dit is egter nodig om uit te wys dat 'n sin vir humor deel van Goleman (1998) in Çoban en Albiz Telci (2016:122) se komponent *selfbewustheid* as deel van emosionele intelligensie uitmaak. Tolke het tipies 'n sin vir humor (Setton en Dawrant 2016a:65), is “quick witted, mentally alert, and sharp” (Albi-Mikasa 2012:76), verstaan trefreëls (“punchlines”) en is geneig om grappe te maak. Dit word as 'n hoëvlak- kognitiewe en sielkundige vaardigheid beskou wat tolke help om die tolktaak met 'n lae angsvlak aan te pak. Tolke in Holmgren, Søndergaard en Elklit (2003:26) en Kosman (2021:106) se studies bevestig dat humor 'n angsbestuurstrategie en positiewe emosie-gefokusde hanteringsstegniek is.

Hierbenewens meld Marković (2017:20) dat tolke wat dikwels multitaakvaardighede uitvoer en 'n hoë angsvlak in die gesig staar, kan glimlag om angs te bestuur. Veral beginnertolke wat werklik tydens die tolkproses glimlag, sal tipies 'n laer hartklop hê (Marković 2017:20). Meer onlangs bevind Iacono en Pasch (2023:64) dat beginnertolke 'n bemoedigende (“reaffirming”) glimlag as 'n strategie inspan om empatie te toon. Die aktiewe inspan van humor kan dus sielkundige veerkragtigheid en emosionele intelligensie verhoog, en die angsvlak verlaag, wat die tolk se affektiewe filter verlaag.

#### 4.2.2 *Motiveer jousef*

Navorsers bevind verskeie motiverings- en selfdoeltreffendheidsprobleme onder taalaanleerders wat strategiegebruik strem (Oxford 2017:71). Leermotivering beïnvloed tolkaanleer in dieselfde mate as taalaanleer, aangesien tolkaanleer in sekere opsigte parallel met taalaanleer loop, soos bevestig deur Shaw en Hughes (2006:197) en Yan e.a. (2010:193). Hierdie parallelle verhouding impliseer dat motivering 'n dryfveer vir vordering in leerprosesse soos taal- en tolkaanleer is. Voorts benadruk Shaw e.a. (2004:83) die belang van selfvertroue in tolke se oorgang van taal-na tolkaanleer. Lae selfvertroue is 'n beduidende dimensie van tolkaanleerangs (Chiang 2010:599) en selfbemoediging is nodig vir tolke om selfvertroue te kweek (Horváth 2012:233). Ons stem saam met Lin (2013:161–2) dat vreemdetaalmotiveringstrategieë wat selfvertroue bevorder vir tolking benut kan word.

Oxford (1990:143) stel selfbemoedigingstrategieë voor om motivering én houding onder taalaanleerders te verbeter. Sy argumenteer dat die strategiekategorie *motiveer jousef* dikwels deur taalaanleerders misken word, omdat hulle nie besef dat hulle hulleself kan aanmoedig nie en eerder op ander mense se aanmoediging steun.

*Motiveer jousef* bestaan uit drie taalaanleerstrategieë: *maak positiewe stellings, loop oordeelkundige risiko's en beloon jousef*.

##### 4.2.2.1 Maak positiewe stellings

Selfvertroue word bevorder wanneer taalaanleerders positiewe stellings vir hulleself sê of neerskryf (Oxford 1990:143). Chiang en Villarreal (2013:159) het die eenderse affektiewe strategie *ek bemoedig myself om te praat al is ek bang om 'n fout te maak* onder tolke gevind in hulle studie oor die nut van taalaanleerstrategieë vir tolking.

Volgens Zimmerman (2008:173) se teorie van selfgereguleerde leer (sien 2.2.2) het self-instruksie betrekking daarop om negatiewe gedagtes uit te skakel en positiewe gedagtes te bevorder. Taalaanleerders is geneig om positiewe selfgesprek in te span om angs te bestuur (Oxford 2017:71). Moser-Mercer (2008:16) en deelnemers aan Mathews, Cadwell, O'Boyle en Dunne (2023:439) se studie eggo dat tolke ter wille van emosieregulering positief oor hulle eie vermoëns moet wees.

Positiewe selfgesprek kan vir twee minute voor 'n uitdagende tolkegeleentheid geskied as 'n affektiewe beheermeganisme om selfvertroue aan te help (Herring 2018:98 en Moore 2020:58). 'n Deelnemer aan Kosman (2021:105, ons vertaling) sê: “Indien iemand die werk beter kon doen, sou hulle die werk gekry het.” As die organiseerders in die tolk se vermoëns glo, kan die tolk self daarin glo.

In Roberts (2015:94) se studie het deelnemers selfgesprek beoefen voor die tolktaak om hulleself vir 'n emosionele geleentheid voor te berei. Nogmaals in Kosman (2021:105) se studie sê deelnemers vir hulleself: "Nobody will die if I make a mistake" om angs en 'n lae vlak selfvertroue te bestuur. Ná die tolktaak sê Moore (2020:51) se deelnemers vir hulleself dat hulle die taak na die beste van hulle vermoë voltooi het. In hierdie voorbeelde word selfgesprek dus gebruik om die tolk te motiveer, asook om die angsvlak te verminder en selfvertroue te kweek, wat help om 'n lae affektiewe filter te handhaaf.

#### 4.2.2.2 Loop oordeelkundige risiko's

Taalaanleerders word genoop om risiko's met goeie oordeel in 'n taalaanleertaak te neem al kan hulle foute maak (Oxford 1990:142). Selfbemoediging en angsverminderende strategieë stel taalaanleerders in staat om oordeelkundige risiko's te neem.

Kognitiewe en kennisrisiko is opvallender en meer uitdagend tydens tolking as in geskrewe vertaling (Gile 2021:59). Kognitiewe risiko en gepaardgaande strategiegebruik is argumentsonthalwe tydens elke oomblik in die tolk se besluitnemingsproses aan die orde. Daarom argumenteer Gile (2021:60) dat risikovermyding of -verlaging onversoenbaar met 'n tolkloopbaan is. Tolking hou verband met voortdurende oordeelkundige afwegings tussen elemente soos inspanning, volledigheid, akkuraatheid, kommunikasie-impak en risiko (Setton en Dawrant 2016a:313). Pym (2015:72) verduidelik dat tolke gewillig moet wees om risiko's te neem en die gevolge daarvan te dra.

Goeie taalaanleerders is geneig om oopkop te wees en neem matige risiko's (Oxford 1990:142). Goeie tolkaanleerders sal aldus Angelelli (2006:34) hulle potensiaal om take uit te voer objektief beoordeel. Daarvolgens besluit hulle om die risiko te loop, in die spel van leer te dobbel en binne die perke van onsekerheid te werk, met die doel om die beste moontlike tolkprodukt te lewer. Tolke word dus gemotiveer deur verskillende keuses in hulle weergawes te ondersoek en risiko's vir moontlike beloning te neem.

#### 4.2.2.3 Beloon jouself

Taalaanleerders beloon hulleself vir 'n uitmuntende prestasie in die doeltaal (Oxford 1990:144). Machimana en Genis (2022:64) het bevind dat taalaanleerders wat goed presteer hulleself beloon wanneer hulle persoonlike doelwitte bereik.

Tolkwerk is in wese belonend omdat tolke 'n belangrike rol in die gemeenskap vervul en saam met ander rolspelers by 'n gemeenskaplike doel betrokke is (Mathews e.a. 2023:439). Soos bevestig deur Horváth en Kálmán (2021:304) word tolke gemotiveer deur die aksie wat hulle uitvoer om ander mense en kulture in staat te stel om te kommunikeer – dit staan as *geïdentifiseerde regulering* bekend waar kommunikasiefasilitering as motiveringsbron intree (sien 4.1). Tolkwerk is tipies betekenisvol, wat positiewe emosionele reaksies en motivering kweek (Geiling e.a. 2021:8). Afsien hiervan het die taalaanleerstrategie *beloon jouself* betrekking op selfbeloning vir goeie werkverrigting as selfregulerende proses (Oxford 2017:71) ter wille van selfmotivering (Zimmerman 2008:173).

In Roberts (2015:93) se studie beloon die tolkdeelnemers hulleself ná 'n emosioneel belaaide tolkgeleentheid deur aan aktiwiteite deel te neem wat genot verskaf. Holmgren e.a. (2003:26) se deelnemer vang vis in die platteland en Moore (2020:51) se deelnemer speel videospeletjies.



Rus en dieet is ook kardinaal, waar Crezee, Atkinson, Pask, Au en Wong (2015:78) postuleer dat tolke tyd opsy moet sit om te rus en 'n maaltyd<sup>5</sup> te geniet. Hierdie strategieë is emosionele en sielkundige hanteringstrategieë omdat dit tolke in staat stel om te rus, af te skakel (“go offline”) en hul aandag op genotvolle aktiwiteite toe te spits. Ons argumenteer derhalwe dat selfbeloning twee doelwitte dien: 'n beloning vir doeltreffende en harde werk, en 'n blaaskans om af te skakel.

#### 4.2.3 *Neem jou emosionele temperatuur*

Tolke moet hulle emosies kan beheer sodat hulle steeds hulle professionele pligte tydens emosioneel belaaide geleenthede kan uitvoer (Mellinger 2022:55). Hulle moet hulleself ken (selfkonsep), bewus word van hulle gevoelens én dit verstaan (Bruno en Iborra Cuéllar 2022:7), aangesien emosionele reaksies en interne affektiewe faktore soos selfbetwyfeling tolkwerkverrigting kan belemmer (Herring 2018:251). Gevolglik moet tolke volgens Cheng (2022:7) en Chen (2023:2) emosies se deurslaggewende rol in menslike funksionering omarm ten einde vertaaluitkoms en -gehalte te verbeter.

Goeie taalaanleerders kan hulle emosies en leerhoudings bestuur (Oxford 1990:140). Die strategieë wat onder *neem jou emosionele temperatuur* verskyn, help leerders om hulle gevoelens te verken om dit aan taaltake te koppel. Dié strategieë is veral nuttig om negatiewe houdings en emosies van mekaar te onderskei (Oxford 1990:144). Tensy taalaanleerders bewus is van hoe hulle voel en waarom, is hulle minder in staat om affek te bestuur. Hierdie bewustheid van affek is kritiek vir tolking omdat emosionele struikelblokke geïdentifiseer en dan hanteer moet word.

Die laaste affektiewe strategieëkategorie bevat vier taalaanleerstrategieë: *luister na jou liggaam*, *gebruik 'n kontrolelys*, *hou 'n taalaanleerdagboek* en *bespreek jou gevoelens met iemand*.

##### 4.2.3.1 *Luister na jou liggaam*

Taalaanleerders wend die strategie *luister na jou liggaam* aan om aandag aan seine van hulle liggaam te gee. Dit kan negatiewe emosies soos angs, bekommernis en vrees, of positiewe emosies, soos geluk, belangstelling en kalmte insluit. Oxford (1990:142) reken dit is behulpzaam vir angsontdekking en -bestuur om na jou liggaam te luister.

Hierdie strategie beklemtoon 'n belangrike aspek van tolking, naamlik selfsorg (“self-care”). Opleiding in selfsorg om tolke se welstand te ondersteun, het histories baie min aandag geniet, met tolke wat min of geen selfsorgopleiding ontvang het nie (Du 2024:113). Tolke kan selfsorg as affektiewe maatreeël inspan om angs te verminder, en navorsing op hierdie gebied het in onlangse jare toegeneem (Bower 2015:3 en Mathews e.a. 2023:439). Alle mense moet fisiese, geestelike en sosiale welstand hoog op prys stel (Chen 2023:3). Daar word veral van tolke fisiese en geestelike inspanning geverg.

Burns (2010:25) verwys na die strategie *fokus op jouself* – eenders as *luister na jou liggaam* – vir tolke vir die vermindering van angs, uitbranding en langtermyngeestesgevolge. Dit bepaal dat tolke genoeg moet slaap (sewe tot agt uur elke aand), voedingstofryke kosse eet en hulle gees met genotvolle aktiwiteite versorg. Tolke moet aldus Setton en Dawrant (2016a:431) goed uitgerus en waaksaam wees om die tolktaak doeltreffend uit te voer. Crezee e.a. (2015:78), Kosman (2021:105), en Bendazzoli en Pérez-Luzardo (2022:3) is van mening dat



fisiese oefening as voorkomende selfsorg ook daartoe bydra dat tolke kan afskakel en angs afskud. Fisiese oefening is in die eerste artikel tydens die bespreking van die geheuestrategie *gebruik fisiese respons of sensasie* genoem en nie toe as tersaaklik beskou nie, maar kan as affektiewe strategie bespreek word omdat dit as indirek eerder as direk getipeer word.

Horváth (2012:170) en Setton en Dawrant (2016a:433) beveel aan dat tolke negatiewe gevoelens in 'n positiewe lig sien en kanaliseer ten einde dit beter te beheer. Een van Burns (2010:27) se strategieë vir die beheer van tolkangs behels toegang tot die hart se intelligensie. Wanneer mense opregte emosies, soos waardering en liefde, oproep, kan hulle die hart se regeneratiewe en herstellende prosesse aktiveer en neurale en emosionele verbindings bou wat angs, pyn en ongemak in waardering en plesier omskakel. Vrees en angs is ongemaklike en onaangename gevoelens, wat dit volgens Kurz (2003:52) en Horváth (2012:172) belangrik maak dat leerders hulle liggaam lees om hulle angsvlak, -respons en -gedrag te herken.

Kosman (2021:106) stel 'n vermydingstrategie voor om negatiewe gedagtes voor 'n tolkegeleentheid te blokkeer en ongewenste emosionele reaksies te voorkom. In teenstelling hiermee argumenteer Herring (2018:98) negatiewe emosionele reaksies moet herlei word deur frustrasie of ontsteltenis te toon of vir 'n blaaskans te vra indien nodig. Ons beweer tolke neem hierdie besluite deur na hulle liggaam te luister en vas te stel wat hulle affektiewe behoeftes is, veral met die gevaar van uitbranding en langtermyngesondheidsgevolge (wat nie in taalaanleer voorkom nie) in ag genome.

#### 4.2.3.2 Gebruik 'n kontrolelyns

Taalaanleerders raadpleeg kontrolelyste om gevoelens, houdings en motiverings oor taalaanleer in sowel algemene as spesifieke taaltake te ondersoek (Oxford 1990:144).

Tolke ontleed en verwerk dikwels hulle emosies ná 'n tolkegeleentheid (Martínez-Gómez 2018:7). Die kontrolelyns word benut om emosies oor 'n tolkegeleentheid voor of ná die tyd krities te beskou. In Hoekman (2021:36) het 'n tolkaanleerder aan die einde van die kursus 'n kontrolelyns gebruik om gevoelens van kommer op te te weeg.

Ons postuleer tolke kan hierbenewens op 'n kontrolelyns steun om te besluit watter tolkegeleentheid hulle aanvaar, en watter moontlike geleentheid hulle eerder moet vermy om uitbranding in die wiele te ry. Dit dui op tolke se selfregulering, aangesien hulle kan besluit watter én hoeveel tolkegeleentheid hulle wil aanvaar, met hierdie keuse-element wat tot 'n verlaging van die angsvlak kan lei (Horváth en Kálmán 2021:303). Tolke konstrueer hulle selfkonsep as 'n manier om tolkegeleentheid aan te pak of te weier (Albl-Mikasa 2013:27). Hierdie bespreking herinner aan die kompensasiestrategie *kies die onderwerp* wat in die eerste artikel bespreek is en nie by die model ingesluit is nie. Hoewel dit nie as 'n direkte strategie tipeer kon word nie, kan dit as indirek en affektief geag word omdat 'n geleentheid op grond van die tolke se selfkonsep, en situasionele of taakselfagting (sien 4.1) gekies word. Die tolke kan ná afloop van 'n betrokke geleentheid die besluit neem om nie weer in daardie konteks te werk nie.

Bower (2015:13) spesifiseer dat tolke hulle aantal werksure en tolkegeleentheid kan beperk om hulle angsvlak te bestuur. Deelnemers aan Roberts (2015:40) toon aan dat voorheen emosioneel veeleisende tolkegeleentheid as 'n hanteringstrategie beperk kan word. Insgelyks het deelnemers aan Mathews e.a. (2023:439) wetenskapsverwante werksaanbiedinge geweier om aandag aan affek te skenk. Crezee e.a. (2015:77) en Vargas-Urpi (2016:676) meen dat hofolke wat met

kindermishandeling- of geweldsake werk, kan besluit om minder emosioneel belaaide geleenthede aan te pak. Sodoende skakel hulle na minder angswekkende werk oor indien hulle deur die kontrolelys van naderende uitbranding bewus gemaak word. Dit is nog 'n dimensie van tolking wat nie in taalaanleer ter sprake is nie – emosionele selfregulering as 'n beskermingsmeganisme.

#### 4.2.3.3 Hou 'n taalaanleerdagboek

Taalaanleerders hou 'n dagboek om by te bly met gebeure en gevoelens in die taalaanleerproses (Oxford 1990:144).

Dagboekhouding vir emosionele ondersteuning en verligting is tersaaklik vir tolking. Tolke kan dagboeke benut om gevoelens en angste terapeuties te verwerk (Martínez-Gómez 2018:7). Hierbenewens postuleer Fox (2000:127) en Setton en Dawrant (2016b:97) dat dagboekhou tolke se motivering en selfvertroue bevorder omdat hulle hul eie vordering monitor. Ons stem saam met Doğan e.a. (2009:69) dat enige emosionele element in die dagboek gedek kan word om 'n beter leerervaring te verseker.

Dagboekhouding is dus nuttig vir die bevordering van angste, motivering en selfvertroue na analogie van die affektiewefilterhipotese (sien 4.1). Voorts kan tolke 'n dagboek benut om te ontkoppel (“detach”). Enige tolk moet in staat wees om van hulle rol as tolk weg te tree sodat hulle hul werksbrein kan afskakel (Holmgren e.a. 2003:26), en kan reflekteer en professionaliteit bevorder (Chen 2014:155). Soos Monacelli (2009:4) aanvoer, vind tolking tipies in 'n inherente onstabiele en voortdurend veranderende omgewing plaas, wat dit as 'n chronies aansienbedreigende (“face-threatening”) taak tipeer. In hierdie onstabiele omgewing is professionele oorlewing die hoofdoelwit, en om dit te bereik, moet tolke aansienreddende (“face-saving”) meganismes gebruik deur hulle byvoorbeeld van uitings te distansieer.<sup>6</sup>

Roberts (2015:94) en Geiling e.a. (2021:8) reken dit is belangrik dat tolke hulle professionele en private lewe skei, en emosionele reaksies bestuur deur byvoorbeeld kliënte se tragiese verhale neer te skryf en daarna weg te gooi. Sodoende laat hulle emosionele ervarings ná afloop van die geleentheid agter. Hierdie strategiese gedrag vir professionele oorlewing is nie in taalaanleer van toepassing nie, aangesien taalaanleerders nie met traumatiese inhoud hoef te werk nie.

#### 4.2.3.4 Bespreek jou gevoelens met iemand

Taalaanleerders word aanbeveel om met ander rolspelers soos onderwysers, vriende of familieleden te praat om gevoelens oor taalaanleer uit te druk. Oxford (2017:88) beweer om beskermende faktore te mobiliseer, insluitend goeie verhoudings met onderrigfasiliteerders, het verhoogde veerkragtigheid en selfdoeltreffendheid tot gevolg.

Tolke moet persoonlike veiligheidsnette vestig waarop hulle kan steun wanneer hulle negatief voel (Crezee e.a. 2015:80). Crezee e.a. (2015:80) en Roberts (2015:96) reken die skep van 'n ondersteuningsnetwerk is 'n betekenisvolle hanteringsstrategie wat die tolk ná 'n emosioneel belaaide geleentheid kan raadpleeg om gevoelens te deel, ondersteuning te soek en motivering weer aan te wakker. Die stelsel kan die vorm van familie, vriende, klasmaats, eggenote, tolkopleiers en ander rolspelers<sup>7</sup> betrokke by die tolkproses aanneem (Geiling e.a. 2021:8 en Horváth en Kálmán 2021:304). Navorsing oor angsvermindering demonstreer dat tolke se sosiale lewe en familie-ondersteuning hulle teen uitbranding kan beskerm (Crezee e.a. 2015:78). Tesame hier-

mee kan tolke professionele sielkundige hulp vir ernstige beroepsangs kry (Crezee e.a. 2015:80 en Geiling e.a. 2021:8). Dit is behulpsaam om potensieële toekomstige angs te verminder, fisiese en geestelike gesondheid te bestuur, en genot en bevrediging te bevorder. 'n Ondersteunings-netwerk is dus bevorderlik vir die verbetering van sielkundige veerkragtigheid en die verlaging van tolke se affektiewe filter.

Tolke se waardevolste ondersteuners is tipies hulle tolkollegas en -eweknieë wat sosiale en emosionele ondersteuning verleen (Roberts 2015:93, Martínez-Gómez 2018:7, en Geiling e.a. 2021:8). Mathews e.a. (2023:439) beaam dat dit reinigend is om saam met ander tolke te ontlaai ("debrief"). Ontlading word deur Hancox e.a. (2023:943, ons vertaling) gedefinieer as "om oor 'n ontmoeting te besin en te verwerk wat goed verloop het al dan nie, met inagneming van die betrokke emosies". Ontlading en kommunikasie met kollegas is voordelig vir die vermindering van die angsvlak en moegheid. Geleenthede om oor werk te praat ("talk shop") baan boonop die weg vir empatiese gesprekke en waardevolle raad (Crezee e.a. 2015:79). Positiewe interaksies met tolkollegas kan luidens Martínez-Gómez (2018:7) emosionele ondersteuning en verligting aanspoor en selfvertroue verbeter. In Holmgren e.a. (2003:26) se studie sê 'n deelnemer: "[t]alking to the other interpreters has been my salvation; we talked about our worries; our situation was the same [...] we found strength in one another".


#### **4.3 Die skep van affektiewe tolkaanleerstrategieë uit taalaanleerstrategieë**

In *verlaag jou angsvlak*, die eerste kategorie affektiewe strategieë vir taalaanleer, is drie individuele taalaanleerstrategieë bespreek. Ons lei af dat asemhalings- en ontspannings-tegnieke (insluitend beliggaamde ontspanningspraktyke) waardevol vir beter tolkangsbeheer, die skenk van aandag en liggaamsvoorbereiding is. Hierdie strategiese gedrag word daarom as *gebruik asemhalings- en ontspanningstegnieke* vir die tolkaanleerstrategiemodel herskep vir die oorgang van taalaanleer na die meer angswekkende tolkaanleer en die verlaging van die affektiewe filter. Daar is aangedui dat musiek simboliese bemiddeling fasiliteer deur tolke se angs te verlaag, én hulle selfvertroue en emosionele intelligensie te verbeter. Hierdie strategie word derhalwe as *gebruik musiek* ingesluit. Die laaste angsverminderende strategie is *lag*, waar dit uitgelig is dat die gebruik van humor, lag en glimlagte as 'n positiewe angsbestuurstrategie vir tolking funksioneer. Dit word as *gebruik humor* verbreed, herskep en ingesluit en spreek die behoefte aan 'n fokus op positiewe emosies soos genot in 4.1 aan. Hierdie drie affektiewe strategieë verteenwoordig die ses-en-veertigste, sewe-en-veertigste en agt-en-veertigste tolkaanleerstrategie in die nuutgeskepte model.

Onder  *motiveer jouself*, die tweede kategorie affektiewe strategieë vir taalaanleer, is die eerste taalaanleerstrategie *maak positiewe stellings* nuttig vir tolkaanleer in die vorm van positiewe selfgesprek om negatiewe gedagtes te blokkeer en positiewe gedagtes aan te spoor vir die bevordering van motivering en selfvertroue. Dié strategie word as *gebruik positiewe self-gesprek* herskep en by die model ingesluit. Die loop van oordeelkundige risiko's is tersaaklik wanneer daar verwys word na die kies van geleenthede gebaseer op die tolk se selfkonsep, en word derhalwe as *loop oordeelkundige risiko's* ingesluit wat moontlik motivering kan bevorder. Tolking is ooglopend 'n belonende taak wat motivering kweek, maar tolke moet ook hulleself vir doeltreffende en uitdagende tolkwerksverrigting beloon om motivering aan te vuur en te kan afskakel. Hierdie laaste strategie in dié kategorie word as *beloon jouself* ingesluit, en verteenwoordig saam met die ander twee strategieë die nege-en-veertigste, vyftigste en een-en-vyftigste strategieë in die model wat die affektiewe filter kan verlaag.

In *neem jou emosionele temperatuur*, die laaste kategorie affektiewe strategieë vir taalaanleer, is vier strategieë aangeraak. Die eerste taalaanleerstrategie, *luister na jou liggaam*, is bruikbaar vir tolking om sowel positiewe as negatiewe gevoelens te ontdek en hou verband met selfsorg, wat fisiese, geestelike en sosiale welstand verbeter, angs verminder en selfvertroue bevorder. Dit word as *luister na jou liggaam* ingesluit en dien meer dimensies as die oorspronklike taalaanleerstrategie. Die volgende strategie *gebruik 'n kontrolelys* word ook só ingesluit omdat tolke op kontrolelyste steun om gevoelens, houdings en motiverings oor tolking te ontdek asook te kan ontkoppel. Dus dien dit ook meer funksies as die taalaanleerstrategie. Ons lei af dat tolke se affektiewe filter verlaag kan word indien hulle in 'n dagboek skryf omdat dit die drie hoof- affektiewe faktore in die midde bring – hierdie strategie word as *hou 'n tolkdagboek* herskep om dit by die tolkonteks aan te pas. Die laaste affektiewe strategie in die model word as *bespreek jou gevoelens met jou ondersteuningsnetwerk* herskep omrede dié strategie nuttig is vir tolking deur middel van gesprekvoering met tolkollegas, familie, vriende en ander rolspelers om tolke te beskerm teen uitbranding, angs te verminder, fisiese en geestelike gesondheid te handhaaf, ondersteuning te vind en genot te bevorder. Die fokus val dus op die netwerk van partye wat emosionele ondersteuning aan die tolk kan bied. Hierdie vier strategieë neem die twee-en-vyftigste, drie-en-vyftigste, vier-en-vyftigste en vyf-en-vyftigste strategieë plek in die model in omdat dit die affektiewe filter kan verlaag.

Gevolglik verskyn daar 10 affektiewe strategieë in drie strategiekategorieë in die model, naamlik *verlaag jou angsvlak* (drie strategieë),  *motiveer jouself* (drie strategieë) en *neem jou emosionele temperatuur* (vier strategieë). 'n Visuele voorstelling hiervan volg:



**Figuur 3. Van der Merwe (2025) se diagram van affektiewe strategieë**

Die nuutgeskepte affektiewe strategieë en volledige model kan in Addendum A beskou word.

## 5. Die wisselwerking tussen sosiale taalaanleerstrategieë en prosesgerigte tolkopleiding

Tolke voer tolktake uit om 'n spesifieke kommunikatiewe of sosiale doelwit na te streef (Davidson 2000:380). Hierdie unieke sosiale omgewing behels enersyds kliënte-onderhandelinge en netwerkbestuur, en andersyds het dit betrekking op groter sosiale kwessies soos magsverhoudings tussen tale en kulture, en die rol wat vertalers en tolke as kommunikasie-agente vervul. Die tolkloopbaan vereis sosiale bewustheid, verhoudingsbestuur en samewerking, waar die uitruil van taal 'n sosiaal bemiddelde proses word (Cañada en Arumí Ribas 2012:4, Chen 2014:122, en Çoban en Albiz Telci 2016:119). Tolke word selfregulerend wanneer hulle bemiddelingsdoelwitte stel ten einde beheer oor hulle leerprosesse te kry.

Ons bespreek laastens die wisselwerking tussen die derde indirekte strategiesoort in Oxford (1990) se model – sosiale taalaanleerstrategieë – en prosesgerigte tolkopleiding. Daar word eerstens op sosiale faktore in tolking gefokus, gevolg deur die toepassing van die drie kategorieë sosiale strategieë (met ses taalaanleerstrategieë) op tolkaanleer.

### 5.1 Sosiale faktore in tolking

Vir dekades lank is daar van die vertaler verwag om onsigbaar te wees omdat die invloed van sosiale faktore op hierdie kommunikasiedaad ontken is (Pym 2007:17 en Zheng 2017:28). Venuti (1995) in Munday (2016:223) het die vertaler se verhoogde sigbaarheid (teenoor “invisibility”) beklemtoon, wat volgens Pym (2007:4) gelei het tot 'n fokusverskuiwing van *vertalings* (die produk) na *vertalers* (die persone). Hierdie fokusverskuiwing het bande met dissiplines soos sosiologie en kultuurstudie bemoontlik (Hubscher-Davidson 2013:339). Hiervandaan die sosiologiese<sup>8</sup> wending (“sociological turn”) ingevolge waarvan vertaling 'n sosiale aktiwiteit is wat onlosmaaklik deel van sosiale kontekste vorm. Die fokus van hierdie wending berus op twee bene (Zheng 2017:28): die vertaler as persoon “doing the mediating, for whom, within what networks, and with what social effects” (Pym 2007:4), en die studie van die vertaalproses as sosiale aktiwiteit waarin 'n vertaler (of tolk) deurlopend besluite binne 'n sosiale raamwerk moet neem (Marais 2008:51 en Van Doorslaer en McMartin 2022:5). Die studie waaroor dié artikel verslag lewer, fokus op die tweede been – hóé tolke met sosiale faktore inaggenome by ander rolspelers in die tolkinteraksie aanklank vind (al dan nie).

Die studie van sosiale faktore in tolking, plaas die klem op die rol van die tolk, wat op 'n kontinuum tussen onbetrokkenheid (neutraal soos 'n masjien) en aktiewe agentskap geplaas word (Pöllabauer 2015:356). Tolke is veelsydige, sosiale agente wat die funksie van neutrale taaloordrag oorskry omdat daar altyd kwessies van magsbeskikking en agentskap is (Davidson 2000:401 en Roberts 2015:39). Die interaksie vind onder die invloed van sosiale faktore soos geslag, etnisiteit, ouderdom, kultuur,<sup>9</sup> oortuigings, sosio-ekonomiese status en die samelewing plaas (Angelelli 2006:30). Tolke speel 'n spesiale rol omdat hulle interaktief aan die vorming van die interaksie deelneem (Horváth 2012:56, Marks 2012:26, en Álvaro Aranda, Gutiérrez en Li 2021:7). Die begrip van hierdie rol moet volgens Martínez-Gómez (2018:5) deel van tolke se interpersoonlike bevoegdheid (sien 2.1.1) uitmaak. Albl-Mikasa (2012:61) beweer dat interpersoonlike bevoegdheid behels om spanlede te ontmoet, met ander te onderhandel en ander te ondersteun in die para-prosesdimensie van tolking.

'n Tolk se spreekbeurt (“talk”) bevat spore van voetwerk (“footing”) binne die getolkte interaksie, veral tydens skakeltolking (Álvaro Aranda e.a. 2021:2). Voetwerk (in verband met “equal footing” in 'n interaksie, al dan nie) kan *makro-gesprekgerig* van aard wees waar die



tolk die ander rolspelers se uitings oordra, of *teksgerig* van aardwees waar tolke (tydens konsekwente tolking) as hulleself funksioneer en waar nodig verdere verduidelikings en herhalings bied. Insgelyks onderskei Hale (2007:41) tussen *direk getolkte interaksie* (die tolk vertaal alle uitings volledig en handhaaf 'n neutrale houding) en *bemiddelde interaksie* (die tolk is verantwoordelik daarvoor om op te som, te verduidelik en die interaksie te bestuur). Tolking verskil geweldig van ander kommunikasievorme omdat dié taak minstens een deelnemer betrek wat nóg die sender, nóg die ontvanger is (Setton 1999:8). Tolke vervul terselfder tyd die rol van sender én ontvanger (kommunikasiefasiliteerder) wat daarop dui dat kommunikasie 'n transaksionele proses is wat voortdurend ontwikkel op grond van die betrokkenheid en bedoelings van alle partye (Horváth 2012:27 en Aguirre Fernández Bravo 2019:65). Yuan (2022:2) beaam dat ál die rolspelers aktiewe deelnemers is sonder om tussen die rolle van sender en ontvanger te onderskei.

Wadensjö (1998:87) se baanbrekersnavorsing oor tolking as interaksie is met 'n sosiologiese lens uitgevoer waar uitings as deel van gesitueerde dialogiese sosiale interaksies ondersoek word. Terugvoer is 'n meldenswaardige element in tolking as interaksie omdat dit die rolspelers noop om hulle spreekbeurte te organiseer en om vir wedersydse begrip te sorg (Wadensjö 1998:236). Siende dat getolkte uitings bronteksherformulerings is, het Wadensjö (1998:34) 'n weergawetipologie tot stand gebring om te kategoriseer in watter mate die bron- en doeltteks ooreenstem, al dan nie. Die doeltteks kan byvoorbeeld naby, uitgebrei of ingekort teenoor die bronteks (die weergawe) wees, waar die hoeveelheid eksplisiete inligting verskil. Wadensjö (1998:279) se *nieweergawes* ("non-renditions") is tolke se selfgegenereerde uitings wat nie as 'n bronteksekwivalent klassifiseer nie, maar wel as 'n reaksie op 'n sosiale of kommunikatiewe doelwit. Dit verduidelik hoe ingewikkeld en voortdurend ontwikkelend spontane interaksie tydens tolking is.

Oxford (2017:91) onderskei tussen taalaanleerders se sielkundige (innerlike) konteks – soos in die vorige afdeling bespreek met verwysing na affek – en hulle sosiokulturele (uiterlike) konteks – soos by hierdie bespreking van die sosiale faktore ter sprake is. In tolking fokus die sosiokulturele benadering luidens Wang (2018:153) op tolking as sosiokulturele aktiwiteit wat deur talle situasionele (historiese, sosiale, politieke of kulturele) faktore gevorm word. Vygotsky (1978) se sosiokulturalisme of sosiale konstruktivisme (sien 2.2.2) word deur Arumí en Esteve (2006:158) en Cañada en Arumí Ribas (2012:4) vir konsekwente tolking benut, wat bepaal dat betekenis samewerkend uit wederkerige interaksies tussen agente geskep word. Hierdie samewerking vereis van alle rolspelers om aktief saam te werk om betekenis te skep deur steiering ("scaffolding") – die hulp wat leerders bystaan om 'n taak uit te voer wat hulle nog nie onafhanklik kan doen nie (Király 2000:46) – te gebruik wat deur tolkopleiers en eweknieë verskaf word.

In Van der Merwe (2025) se tabel wat bestaande tolkstrategieë uiteensit, is slegs drie strategieë as sosiaal getipeer: *aanpassing*, *persoonlike assosiasie en betrokkenheid* en *verduidelikings-versoek*. Chiang en Villarreal (2013:151) bevind egter dat sosiale strategieë die tweede gewildste soort taalaanleerstrategie onder tolke was. Deur die kompleksiteit van tolke se rol te erken, kan doeltreffende strategieë ontwikkel word om die kommunikatiewe behoeftes van die betrokkenes te fasiliteer (Hsieh 2007:937). Ons argumenteer sosiale taalaanleerstrategieë kan vir hierdie doeleindes aangepas word.



## 5.2 Sosiale taalaanleerstrategieë se potensiaal vir tolkaanleer

Sosiale hulpbronne soos ondervraging, samewerking met tolkopleiers en ander tolke, eweknie-terugvoer, empatie en onderhandeling is noodsaaklik vir tolking (Horváth 2007:115 en Moser-Mercer 2008:16). Cheng (2022:7) bevestig dat kritiese denk- en kommunikasievaardighede deur middel van sosiale betrokkenheid bevorder word. Vygotsky (1978) se teorie (sien 2.2.2) postuleer dat hoër verstandelike prosesse deur middel van sosiale interaksie met 'n meer bevoegde persoon geïnternaliseer word. Oxford (2017:66) reken sosiaal gerigte strategieë speel 'n veelseggende rol tydens interaksie met hierdie persone.

Voorts word die drie kategorieë sosiale taalaanleerstrategieë bespreek, naamlik *vra vrae*, *werk saam met ander* en *empatiseer met ander*.

### 5.2.1 *Vra vrae*

Tolke dra nie bloot inligting as leikanaal ("conduit") oor nie, maar demonstreer agentskap deur vrae te vra (Davidson 2000:388). Hsieh (2007:937) beweer tolke onderneem 'n inligtingsoektog wanneer hulle inligting soek wat nodig geag word soos gebaseer op hulle eie evaluering van die kommunikatiewe behoeftes in die interaksie. Dit is teksgerigte voetwerk en bemiddelde interaksie (sien 5.1) omdat tolke die gesprek bestuur.

Taalaanleerders trek groot voordeel uit vrae vra omdat dit hulle noop om meer doeltaalinvoer te lewer (Oxford 1990:145). Oxford (1990:146) se *vra vrae*-strategiekatgorie bepaal dat taalaanleerders vir 'n taalaanbieder, moedertaalspreker of meer bevoegde eweknie vra vir 'n verduideliking, bevestiging of regstelling deur *vra vir 'n verduideliking of bevestiging* en *vra vir regstelling* te raadpleeg.

#### 5.2.1.1 *Vra vir 'n verduideliking of bevestiging*

Taalaanleerders kan vir sprekers vra om te herhaal, te herformuleer, te verduidelik, stadiger te praat, voorbeelde te verskaf of te bevestig of 'n uiting korrek is (Oxford 1990:146). *Verduidelikingsversoek* is, soos voorheen genoem, een van drie sosiale tolkstrategieë in die tolkstrategie-tabel. Herring (2018:98) bevestig die volgende sogenaamde gedragsbeheermeganismes vir skakeltolke: vra vir herhaling, verduideliking of aanpassing van gedrag, soos om stadiger of harder te praat.

As kommunikasiefasiliteerders vind tolke dit moontlik nodig om ekstra inligting by te voeg, te verduidelik of kommentaar te lewer ten doel om interpersoonlike samehorigheid te bevorder (Aguirre Fernández Bravo 2019:66–7). Tolke voer teksgerigte voetwerk uit wanneer hulle verduidelikings gee en direk op spreekbeurte kommentaar lewer (Marks 2012:5). Op grond van Wadensjö (1998) se weergawetipologie (5.1) is 'n verduidelikingsversoek 'n *nieweergawe*. Setton en Dawrant (2016a:346) argumenteer tolke kan verduidelikingsversoeke voor aanvang van die tolktaak raadpleeg. Butow, Lobb, Jefford, Goldstein, Eisenbruch, Girgis, King, Sze, Aldridge en Schofield (2010:237) noem dat tolke byvoorbeeld intyds in 'n gesondheidsorgkonteks vir die dokter kan vra om terminologie te verklaar terwyl daar op kliënte se moontlik lae vlakke van opvoeding en geletterdheid ag geslaan word.

Verder kan tolke voor afsluiting van die interaksie bevestig of die kliënt bekommernisse het wat aangespreek moet word (Álvaro Aranda e.a. 2021:7). Herring (2018:215) bevestig nogmaals tolke moet die interaksie soos nodig kan stagneer om enige verwarring uit die weg te

ruim. Herhalings kom ook in tolking voor en word as tolkgegenereerde uitsprake geklassifiseer waar die tolk kies om inligting te herhaal wat die spreker nie self herhaal het nie (Marks 2012:13). Li (2010:22) raai sprekers aan om spraakstylaanpassings soos nodig te maak en byvoorbeeld stadiger te praat.

Butow e.a. (2010:241) rig die vraag: “Is it the interpreter’s responsibility to note misunderstanding and cultural clashes and to advocate on the patient’s behalf for clarification, paraphrasing and sensitivity?” Ons antwoord *ja* hierop omdat ons argumenteer die tolk behoort daartoe in staat te wees om die dinamika van die interaksie te lees en te besluit of kommunikasiefasilitering vereis word om die deelnemers se behoeftes te bevredig. Tolke moet gespreksdeelnemers kan bystaan in die bestuur van multikulturalisme omdat hulle dit kán doen deur grense tussen kulture te oorbrug (Aguirre Fernández Bravo 2019:65). Tolke in Butow e.a. (2010:237) se studie het dit as hulle verantwoordelikheid beskou om ander gespreksdeelnemers soos die dokter of verpleegkundige direk aan te spreek en te versoek om ’n uiting op ’n ander of eenvoudiger manier weer te gee. Enige sodanige versoeke moet uiteraard op ’n kultureel gepaste wyse gerig word. Dit is derhalwe duidelik dat tolke, soos taalaanleerders, die interaksie kan help bestuur, hoewel die taalaanleerder dit ter wille van hulle eie begrip doen en die tolk dit grotendeels doen om die ontvangers se begrip in te reken.

#### 5.2.1.2 Vra vir regstelling

Taalaanleerders kan vir ander gespreksdeelnemers vra om hulle reg te help. Versoeke vir regstelling is aldus Oxford (1990:145) veral nuttig in die klaskamer omdat hierdie omgewing openlike regstelling in ’n informele en natuurlike sosiale konteks fasiliteer.

Alhoewel (*self*)regstelling as metakognitiewe strategie (sien die tweede artikel) algemeen onder tolke gebruik word, is dit nie algemeen om tydens ’n tolkgeleentheid vir ander rolspelers vir regstelling te vra nie. Chouc en Conde (2016:94) reken dit is uitdagend om ’n gepaste konteks voor te stel waar ’n tolk se uiting deur ’n ander rolspeler gekorrigeer word voor dit die ontvangers bereik. Ons illustreer met ’n voorbeeld uit navorsing in die Suid-Afrikaanse tolkpraktyk dat dit egter somtyds genoodsaak kan word om ’n ander gespreksdeelnemer se insette met ’n teksgerigte nuweergawe aan te vra. Pienaar en Cornelius (2015:190) lewer verslag dat die hofolk se prestasie op die eerste dag van die Oscar Pistorius-moordverhoor só swak was dat die getuie die uitings moes regstel. In dié geval kon dit beter wees om direk vir regstelling te vra, aangesien dit die tolk in ’n ongemaklike posisie plaas om sonder aansporing gekorrigeer te word. As tolkaanleerstrategie funksioneer *vra vir regstelling* dus as aansienreddende strategie om die tolk se geloofwaardigheid te beskerm. Ons voeg by dat dit veral in die Suid-Afrikaanse konteks nuttig kan wees om vir regstelling te vra wanneer ’n spreker se naam, met inagneming van uitspraakbegrip, moontlik verkeerd uitgespreek kan word.

Deelnemers aan Albi-Mikasa (2012:85) se studie beweer dat simultane tolkkollegas dikwels vooraf ooreenkom om mekaar van regtellings in kennis te stel. Hulle beklemtoon egter dat tolkkollegas slegs mekaar se segmente kan korrigeer wanneer terugvoer uitdruklik versoek word – dus wanneer daar vir regstelling gevra word.

Dit is algemeen vir tolke om tydens tolkopleiding in die klaskamer vir die tolkopleier as meer bevoegde ander vir regstelling te vra. Regstelling is prosesgerigte terugvoer indien dit die tolk aanmoedig om op hulle keuses en die gepaardgaande regtellings te reflekteer. Hiervolgens beveel Hurtado Albir (2015:273) aan dat tolke foute moet uitken, tesame met die aard en oorsaak daarvan, ten doel om dit reg te stel. Voorts moet kommentaar spesifiek oor kommunikasie-

verwante kwessies gelewer word (Gile 2009:47). Kommunikasieverwante kwessies is dus belangriker as taalkwessies, wat waarskynlik in taalaanleer meer voorkeur geniet.

### 5.2.2 *Werk saam met ander*

Tolke word aktief betrek by samewerkende betekeniskepping met die meer bevoegde ander en hulle portuurgroep (Moser-Mercer 2008:11). Die tolkloopbaan bepaal dat daar met ander mense gewerk word, en boonop dikwels 'n nuwe tolkspan (Chen 2014:144). Gevolglik moet tolke volgens Chen (2014:144) en Çoban en Albiz Telci (2016:123) samewerkende, leergierige en gedissiplineerde spanwerkers wees. Chen (2014:127) toon aan dat tolke dikwels met tutors en hulle eweknieë leer, en Arumí en Esteve (2006:169) bevind dat tolke waarde aan hulle verhoudings met ander tolkrolspelers heg.

Samewerking met eweknieë en vaardiger taalgebruikers is uiters belangrik vir die kweek van spangees in taalaanleer, maar Oxford (1990:145–6) wys daarop dat taalaanleerders samewerkingstrategieë klaaglik onderbenut. Die *werk saam met ander*-strategiekategorie bied aan taalaanleerders twee strategieë wat interaksie met ander partye verg (Oxford 1990:147), naamlik *werk saam met jou portuurgroep* en *werk saam met vaardige gebruikers van die nuwe taal*.

#### 5.2.2.1 *Werk saam met jou portuurgroep*

Om saam met 'n gereelde leermaat in die taalaanleerklaskamer of in 'n leerpaar of studiegroep te werk, kan volgens Oxford (1990:147) taalvaardighede bevorder. Xu en Liu (2023:14) se tolkdeelnemers het gesonde verhoudings met hulle klasmaats opgebou.

Dit is 'n veelseggende aspek van tolkopleiding om terugvoer by eweknieë te kry (Mathews e.a. 2023:443). Tolke moet spanwerk hoog op prys stel en met eweknieë sosialiseer ten einde leer as 'n sosiale en kommunikatiewe proses te begryp (Arumí en Esteve 2006:174). Tydens portuurleer beweer Holewick (2020:133) tolke kan tolkaanleerkwessies met eweknieë of vriende bespreek en die tolkhandeling saam met ander studente oefen. Chen (2014:122) benadruk dat haar tolkdeelnemers vir mekaar toesprake gee om te tolk en daarna riglyne vir verbetering en terugvoer oor taalvlotheid bied. Hulle neem vir mekaar toesprake op en ontmoet elke Dinsdagaand.

Dit is 'n beduidende element van tolke se gedragskode<sup>10</sup> en interpersoonlike bevoegdheid om hulle tolkkollegas te ondersteun. Dit behels om gesonde interpersoonlike verhoudings op te rig (Çoban en Albiz Telci 2016:124) en om tolkkabine-etiket ("booth manners") tydens simultane tolking te handhaaf (byvoorbeeld deur nie sterk parfuum te dra of aanhoudend op 'n rekenaar te tik nie). Deelnemers aan Mathews e.a. (2023:443) reken boonop dit is nuttig vir tolkkollegas om saam op 'n WhatsApp-groep te wees sodat hulle terugvoer oor werksverrigting kan gee en kennisgapings kan aanspreek.

Hetsy hulle vryskut werk of permanent aangestel is, moet tolke leer om saam met ander rolspelers betrokke by die tolkproses te werk (Horváth 2012:53). Volgens Chen (2014:150) moet tolke saamwerk met kliënte om hulle behoeftes en verwagtinge te identifiseer, toewyding te toon en hulle vertrouwe te wen. Hierbenewens moet tolke saam met die projekbestuurder (waar van toepassing) en die sprekers (waar moontlik) werk (Horváth 2012:53). Sprekers besef dikwels nie dat hulle getolk word nie; interaksie met hulle kan egter help om hierdie wanpersepsie reg te stel (Kosman 2021:105).

Interprofessionele onderrig speel ook 'n funksionele rol tydens samewerking. Dit bepaal soos blyk uit Hlavac, Harrison en Saunders (2022:111) en Krampe, Fabry en Langer (2022:6) dat lede van verskeie professionele beroepe of dissiplines – byvoorbeeld 'n tolk en 'n dokter – saam, by en van mekaar leer om samewerking te bevorder en mekaar se werk te begryp. Hlavac e.a. (2022:134) en Krampe e.a. (2022:1) slaan ag daarop dat samewerking met tolke as professionele leeraktiwiteit geprioritiseer moet word, veral in die gesondheidsorgkonteks. Interprofessionele onderrig bemoontlik ervaringsleer waarin tolke enersyds insig verkry in die take en werksaamhede van ander beroepe, en andersyds leer hoe om doeltreffend saam met hulle te werk. In tolking word die portuurgroep dus veel breër as in taalaanleer deurdat dit 'n diverse span professionele rolspelers insluit.

#### 5.2.2.2 Werk saam met vaardige gebruikers van die nuwe taal

Taalaanleerders word aangemoedig om saam met moedertaalsprekers of ander vaardige doeltaalgebruikers te werk (Oxford 1990:147). In Chen (2014:121) se studie het tolke hulle taalbevoegdheid verbeter deur tyd saam met moedertaalsprekers van Engels (die B-taal) te spandeer.

Ngoc, Truc, Huynh, Ngoc en Thien (2022:85) het 'n opname gedoen waarin tolke aangedui het dat hulle gesprekke met vreemdetalaalsprekers voer om taalbevoegdheid te bevorder. Setton en Dawrant (2016a:76) bevestig dat tolke dikwels daaglik of weeklik kontak met moedertaalsprekers van hulle werkstale maak. Soos in Albl-Mikasa (2013:24) geopper, kan gesprekke met vaardige C-taalgebruikers (sprekers van die tolk se derde werkstale) oor aandete gevoer word, want *al* die tolk se werkstale moet onderhou word. Deelnemers aan Chen (2014:124) se studie verduidelik dat hulle tolkollegas vir hulle aanlyn video's oplaai waarna hulle kan luister en as oefenmateriaal kan benut.

Om die taalaanleerder aan te spoor om die sone van proksimale ontwikkeling (sien 2.2.2) te oorbrug, bied die meer bevoegde ander verskeie soorte ondersteuning (Oxford 2017:67). Vygotsky (1978) postuleer dat 'n taalaanleerder al hoe minder bemiddeling van die meer bevoegde ander nodig het namate hulle hul eie innerlike spraak ontwikkel – hulle steun dus minder op steiering. Hulp funksioneer as steiering wanneer dit beskikbaar is op die tydstip wanneer die taalaanleerder dit nodig het, en dit verwyder word sodra dit nie meer nodig is nie. Setton en Dawrant (2016b:11) bevestig die tolkopleier kan as 'n meer bevoegde ander geraadpleeg word deur byvoorbeeld probleme saam met tolkstudiante op te los en hulle sone van proksimale ontwikkeling te prikkel.

Professionele tolke is volgens Mathews e.a. (2023:440) geneig om samewerkingsgeleenthede met ander professionele persone te bewerkstellig deur ondervinding onder toesig in gespesialiseerde instellings op te doen. Dit word geklassifiseer as selfgerigte leer wanneer tolke beskikbare ondersteuning en toesighouding met 'n gevoel van verantwoordelikheid en aanspreeklikheid hanteer (Zhong 2008:219). Mentorskap kan 'n betekenisvolle bydrae tot lewenslange tolkaanleer lewer deur tolkbevoegdheid te verskerp (Moore 2020:41). Aldus Pearce en Napier (2010:60) stimuleer mentorskap lewenslange leer, refleksie en probleemoplossing.

Veral in die Suid-Afrikaanse konteks is mentorskap 'n belangrike aspek van vaardigheidsontwikkeling en -verfyning vir nuwe én gesoute tolke (Marais 2008:58). Dit laat tolke toe om ander tolke se werk waar te neem, met hulle mentor oor enige waargenome aspekte gesprek te voer, en vrae te vra (Bentley-Sassaman 2009:66). Mentorskap is voordelig vir die tolk wat gementor word én vir die mentor (Pearce en Napier 2010:72). Interpersoonlike verhoudings

bevat inherente spanning, en dus moet strategieë bedink word om dié spanning te lenig (Hoekman 2021:44). Hierdie strategieë kan mentors en gementordes ondersteun om beter te kommunikeer, van mekaar te leer en hulle doelwitte te verwesenlik. Samewerking met “vaardiger” rolspelers hou dus in tolking verband met vaardige taalgebruikers soos in taal-aanleer, maar ook mentorskap.

### 5.2.3 *Empatiseer met ander*

Empatie, ’n pertinente komponent van emosionele intelligensie (sien 2.1.2), behels die vermoë om jouself in ander se skoene te plaas om hulle uitkyk op die wêreld beter te verstaan. Empatie is ooglopend in twee van die sosiale tolkstrategieë in Van der Merwe (2025) se tabel: *aanpassing* en *persoonlike assosiasie en betrokkenheid*. *Empatiseer met ander* was boonop die gewildste kategorie sosiale strategieë onder tolke in Chiang en Villareal (2013:159) se ondersoek.

Empatie is belangrik vir suksesvolle kommunikasie in enige taal, maar is somtyds moeilik om te bereik (Oxford 1990:146). Empatiese begrip kan voldoende met behulp van Oxford (1990:147) se twee taalaanleerstrategieë ontwikkel word, naamlik *ontwikkel ’n kulturele begrip* en *word bewus van ander se gedagtes en gevoelens*.

#### 5.2.3.1 Ontwikkel ’n kulturele begrip

Taalaanleerders bevorder empatie deur oor ’n ander persoon se kultuur te leer en hulle verband met die kultuur te probeer begryp (Oxford 1990:147) – kenmerkend van sosiokulturalisme (2.2.2). Chiang en Villarreal (2013) dui op *probeer leer oor Engelse sprekers se kultuur* as ’n gebruiklike taalaanleerstrategie onder tolke.

Nida (2012:44) beweer taal is die mees gesofistikeerde stel gewoontes binne enige kultuur. Dit weerspieël kultuur en bied toegang daartoe; en funksioneer, soos kultuur, as ’n nielineêre stelsel omdat dit onvas, onvoorspelbaar en voortdurend veranderend is. Om Nida (2012:50) direk aan te haal:

The crucial problems of effective interlingual communication are not primarily linguistic, but sociolinguistic, because it is in the blend of language and culture [...] that the real significance of translation and interpretation can be best understood [...].

Die fokus verskuif dus vanaf taalreëls na taal-in-konteks. Betekenis verskil op grond van tyd en konteks, wat deur middel van taal uitgedruk word. Gustafsson, Norström en Fioretos (2013:189) stem saam dat taal nooit kultureel neutraal kan wees nie.

Tolke moet kennis dra van die ander kulture en gebruike wat met hulle werkstale verband hou (Mellinger 2022:54). Kulturele bevoegdheid vorm deel van kommunikatiewe bevoegdheid (soos in 2.1.1 aangeraak) en behels die vermoë om kennis oor ’n bron- en doeltaalkultuur te kombineer ten doel om ’n aanvaarbare doeltekstoplossing te bewerkstellig (Olalla-Soler 2015:94). Tolke moet ’n uitgebreide kulturele bevoegdheid opbou, oopkop wees en kulturele veranderinge kan volg.

Kommunikasie met ’n tolk word altyd as interkulturele kommunikasie getipeer (Chen 2007:540). Interkulturele kommunikasie verskaf ’n perspektief op die rol van ’n tolk as kulturele skakel (“cultural broker”) en proaktiewe bemiddelaar teenoor ’n leikanaal (Butow e.a. 2010:238) –



sien 5.1. Tolke moet kulturelekonteksgebonde boodskappe in 'n ontmoeting tussen mense met wisselende verwysingsraamwerke en voorafkennis oordra (Gustafsson e.a. 2013:200). Hulle moet op 'n talige en kulturele vlak kan “improviseer” om te verseker dat die produk terselfdertyd duidelik én toereikend (“adequate”) is (Lesch 2004:257). Om Lesch (2004:257) direk aan te haal: “A translation will be judged by the degree to which it meets the recipients’ experience and capacity to decode it.” Dit plaas die klem op die ontvangers se ervaring van die tolkbeurt as 'n maatstaaf van gehalte.

Langtermynstrategieë word deur Chen (2007:533) as noodsaaklik geag om tolke se interkulturele bewustheid en ontvanklikheid (“open-mindedness”) te verbeter. Vertalers moet strategieë aanleer om as skakel tussen verskillende kulture onder 'n spesifieke kommunikatiewe doelwit te dien (Olalla-Soler 2015:87). Die gesondheidsorgtolke in Butow e.a. (2010:238) se studie het opgemerk dat sommige pasiënte se kultuur van passiwiteit en diep respek vir die dokter hulle ontmoedig om vrae te vra, wat begrip van hulle mediese toestand in gedrang bring. Hierdie tolke het ook afgelei dat die term *kanker* kultureel onvanpas is, aangesien dit in die ontvangerkultuur onvermydelik met die dood geassosieer word. Sodoende het die tolke eerder die eufemisme *tumor* geraadpleeg en geëksplisiteer om die erns van die toestand te beklemtoon. Hierdie strategiese keuse illustreer dat die tolk, met behulp van empatie, die boodskap binne die ontvanger se leefwêreld plaas.

#### 5.2.3.2 Word bewus van ander se gedagtes en gevoelens

Oxford (1990:147) postuleer dat taalaanleerders ander mense se gedrag as uitdrukkings van hulle gedagtes en gevoelens waarneem en – wanneer toepaslik – daaroor uitvra.

Vertalers en tolke moet oor die nodige empatiese vermoë beskik om sprekers se gedagtes en gevoelens te verstaan (Çoban en Albiz Telci 2016:120). Dit stel hulle in staat om kommunikasie tussen mense en situasies oor tale en 'n verskeidenheid kulture heen te verstaan en versnel. Olalla-Soler (2015:100) beskryf kulturele empatie as die vermoë om begrip te hê vir die gevoelens, denkpatrone en gedrag van verskillende kultuurgroepe. 'n Empatiese verhouding met kliënte is byvoorbeeld belangrik omdat dit die tolk toelaat om die kliënt se emosies te verstaan en te deel (Roberts 2015:8).

Skakeltolke monitor tipies ander persone in die interaksie se gedrag, aangesien dit betekenisvol kan wees of werkverrigting kan belemmer (Herring 2018:251). Dit help die kommunikasie van betekenis aan wanneer ander mense se emosionele toestand gemonitor word. Albl-Mikasa (2013:25) gee die volgende raad vir tolke: “Develop a sense of how to enter the head of the speaker and read between the lines [...] so that the audience gets a clear picture of the intended utterance.” Hierdie raad bepaal dat tolke boodskappe uit die perspektief van ontvangers se leefwêreld moet herkonstrueer.

In Chen (2014:142) se studie het 'n kliënt gedreig om selfdood te pleeg. Die tolk het toe nagelaat om die polisie se uitings te tolk en het liewer empatie getoon en direk met die kliënt in gesprek getree. Verder kan daar uiteraard met tolkkollegas geëmpatiseer word: Nog 'n deelnemer in Chen (2014:146) het “'n slegte dag” ervaar, waarop die tolkkollega empatie getoon het deur hulle elke vyftien minute eerder as elke halfuur af te los.



Ivars en Calatayud (2013:13) waarsku egter dat empatie in tolking nie moet oorspoel na emosionele betrokkenheid nie. Horváth (2012:49) en Roberts (2015:76) vestig aandag daarop dat tolke nie te betrokke by die gespreksdeelnemers in die interaksie moet raak nie, omdat dit 'n wanbegrip van tolke se rol tot gevolg kan hê. Deelnemers aan Roberts (2015:76) se studie moes emosionele afstand van kliënte en hulle probleme probeer kry, want hulle het vir saamrygeleenthede gevra of die tolke op Facebook uitgenooi. Tolke se gedragskode behoort as beskerming teen hierdie risiko's te funksioneer. Empatie het dus belangrike grense in tolking wat nie in dieselfde mate vir taalaanleer geld nie.


### 5.3 Die skep van sosiale tolkaanleerstrategieë uit taalaanleerstrategieë

In *vra vrae*, die eerste kategorie sosiale strategieë vir taalaanleer, is dit duidelik dat tolke ter wille van kommunikatiewe doeltreffendheid direkte teksgerigte versoeke en nuweergawes aan gespreksdeelnemers kan rig in die vorm van herhalings, herformulerings, verduidelikings, bevestigings en spraakstylaanpassings. Hierdie strategie beklemtoon die belang van suksesvolle kommunikasie in tolking en word ingesluit as *vra vir 'n verduideliking of bevestiging*. Dit verteenwoordig die ses-en-vyftigste strategie in die nuutgeskepte tolkaanleerstrategie-model. Insgelyks is die volgende strategie, *vra vir regstelling*, 'n teksgerigte nuweergawe wat as die sewe-en-vyftigste strategie ingesluit word omdat dit in uiterste gevalle in die praktyk (met sprekers of tolkollegas) gebruik kan word om verleentheid te vermy. Dit kan ook in die klaskamer (met tolkopleiers of eweknieë) benut word om oor vertaalkeuses na te dink. Dit vervul duidelik 'n bykomende funksie teenoor taalaanleer: selfbeskerming.

In *werk saam met ander*, die tweede kategorie sosiale strategieë vir taalaanleer, is dit ooglopend uit die bespreking van die eerste strategie *werk saam met jou portuurgroep* dat tolke saam met talle rolspelers soos tolkollegas, sprekers, kliënte en projekbestuurders werk. Om die fundamentele aard van spanwerk weer te gee, word dié strategie as *werk in 'n span* herskep en as die agt-en-vyftigste strategie ingesluit. Dit verbreed die aard van die rolspelers saam met wie tolke kan werk. Die tweede strategie, *werk saam met vaardige gebruikers van die nuwe taal*, is ter sake tydens gesprekvoering met sprekers van die tolk se werkstale, asook samewerking met mentors. Hierdie tolkaanleerstrategie voeg dus 'n nuwe dimensie tot die oorspronklike taalaanleerstrategie by en word as *werk saam met vaardige werkstaalgebruikers en mentors* herskep – dit is die nege-en-vyftigste strategie.

In *empatiseer met ander*, die laaste kategorie sosiale strategieë vir taalaanleer, argumenteer ons dat *ontwikkel 'n kulturele begrip* belangrik vir tolke is omdat hulle kulturele bevoegdheid moet opbou en as kulturele skakel moet kan dien om die ontvangers eerste te plaas. Dit verteenwoordig dan die sestigste tolkaanleerstrategie in die model. Die laaste taalaanleerstrategie in Oxford (1990) se model is, *word bewus van ander se gedagtes en gevoelens*. Tolke is geneig om ander partye in die interaksie se gedrag en emosionele toestand te monitor, byvoorbeeld kliënte, tolkollegas en die spreker(s). Hiervolgens pas tolke hulle eie gedrag of tolkbeurte soos nodig met behulp van empatie aan, hoewel dit nie moet oorspoel na emosionele betrokkenheid nie. Dié strategie word as *word bewus van ander se gedagtes en gevoelens* met 'n nuwe dimensie ingesluit – dit verteenwoordig die een-en-sestigste en laaste tolkaanleerstrategie in Van der Merwe (2025) se tolkaanleerstrategiemodel.

Die tolkaanleerstrategiemodel bevat dus ses sosiale strategieë in drie kategorieë, naamlik *vra vrae*, *werk saam met ander* en *empatiseer met ander* – elkeen met twee strategieë. Dit word soos volg visueel uitgebeeld:



**Figuur 4. Van der Merwe (2025) se diagram van sosiale strategieë**

Die nuutgeskepte sosiale strategieë en volledige model kan in Addendum A beskou word.

## 6. Bespreking van bevindinge

In hierdie afdeling word die nuutgeskepte affektiewe en sosiale strategieë as twee van die drie indirekte strategiesoorte in Van der Merwe (2025) se tolkaanleerstrategiemodel gedefinieer.

Van der Merwe (2025:189) het die volgende definisie van affektiewe tolkaanleerstrategieë geskep:

Affektiewe tolkaanleerstrategieë word voor, tydens en ná die tolktaak (en lewenslank) gebruik om op interne affektiewe faktore in tolking – hoofsaaklik angs, motivering en selfvertroue – ter verbetering van houdingsbevoegdheid toe te spits. Dit stel tolkaanleerders in staat om 'n lae affektiewe filter te handhaaf indien hulle angsvlak laag en hulle motiverings- en selfvertrouevlak hoog bly. Sodoende word die tolk se emosionele intelligensie opgebou.

Voorts word 'n definisie vir elke individuele strategie in die drie kategorieë affektiewe tolkaanleerstrategieë verskaf.

### *Verlaag jou angsvlak*

1. Gebruik asemhalings- en ontspanningstegnieke: Gebruik asemhalingstegnieke (byvoorbeeld deur diep in te asem, van 1 tot 12 te tel, en stadig uit te asem) en ontspanningstegnieke (byvoorbeeld 20 minute se meditasie) om angs te bestuur.
2. Gebruik musiek: Luister na musiek as 'n manier om angs te bestuur.
3. Gebruik humor: Gebruik humor om angs te bestuur deur byvoorbeeld grappe te maak, te lag en te glimlag.

### *Motiveer jouself*

4. Gebruik positiewe selfgesprek: Gebruik positiewe selfgesprek deur byvoorbeeld twee minute voor 'n uitdagende tolktaak vir jouself te sê *ek is die beste persoon vir die taak*.
5. Loop oordeelkundige risiko's: Evalueer jou potensiaal om tolktake uit te voer en druk jouself om risiko's met goeie oordeel te neem.
6. Beloon jouself: Beloon jouself vir besonder goeie of uitdagende tolkwerkverrigting met jou gunstelingaktiwiteite, deur byvoorbeeld vis te vang, videospeletjies te speel of 'n rustige maaltyd te geniet.

### *Neem jou emosionele temperatuur*

7. Luister na jou liggaam: Skenk aandag aan tekens wat deur jou liggaam gegee word, hetsy negatief (soos vrees en angs wat óf uitgeblokkeer, óf gevoel moet word) of positief (soos plesier en waardering) en beoefen selfsorg daarvolgens deur byvoorbeeld genoeg te slaap, voedingstofryke kos te eet, fisiese oefening te doen, ensovoorts.
8. Gebruik 'n kontrolelys: Gebruik 'n kontrolelys om gevoelens en houdings oor tolking in die algemeen asook spesifieke tolktake te ontdek, te evalueer, en vir ingeligte besluitneming te verwerk deur byvoorbeeld in die vervolg nie tolkgeleenthede met kindermishandeling- of geweldsake te aanvaar nie.
9. Hou 'n tolkdagboek: Skryf in 'n dagboek om die affektiewe filter te verlaag en van emosioneel belaaide geleenthede te ontkoppel deur byvoorbeeld kliënte se stories neer te skryf en daarna weg te gooi.
10. Bespreek jou gevoelens met jou ondersteuningsnetwerk: Praat met jou sosiale ondersteuningsnetwerk soos tolkkollegas (veral vir ontlading), familie, vriende, rolspelers in die tolkproses (soos 'n projekbestuurder) en professionele sielkundiges (indien nodig) om gevoelens oor tolking te ontdek en uit te druk.

Die laaste strategiesoort waaroor daar verslag gelewer is, is sosiale tolkaanleerstrategieë, wat Van der Merwe (2025:206) soos volg definieer:

Sosiale tolkaanleerstrategieë word voor, tydens en ná die tolktaak (en lewenslank) gebruik om op eksterne sosiale faktore in tolking – hoofsaaklik empatie en sosiale vaardighede – ter verbetering van kommunikatiewe en interpersoonlike bevoegdheid toe te spits. Dit stel die tolkaanleerder in staat om nuweergawes te produseer, saam met ander te werk en empaties om te gaan. Sodoende word die tolk se emosionele intelligensie opgebou.

Voorts word 'n definisie vir elke individuele strategie in die drie kategorieë sosiale tolkaanleerstrategieë verskaf.

### *Vra vrae*

1. Vra vir 'n verduideliking of bevestiging: Vra 'n ander party om te herhaal, te herformuleer, te verduidelik, hulle gedrag of spraakstyl te verander (byvoorbeeld stadiger of harder te praat), of te bevestig of 'n spesifieke uiting korrek is (byvoorbeeld om te bevestig of 'n kliënt uitstaande bekommernisse het).

2. Vra vir regstelling: Vra vir 'n ander party soos die spreker (wanneer toepaslik), 'n tolkollega, 'n eweknie of die tolkaanbieder om jou reg te help (met byvoorbeeld jou uitspraak van iemand se naam).

#### *Werk saam met ander*

3. Werk in 'n span: Werk saam met jou tolkollegas en eweknieë deur byvoorbeeld op Dinsdae met 'n taalmaat te ontmoet, en saam met ander rolspelers soos sprekers, kliënte en projekbestuurders deur byvoorbeeld interprofessionele onderrig te beoefen.
4. Werk saam met vaardige werkstaalgebruikers en mentors: Werk saam met vaardige gebruikers van jou werkstale deur byvoorbeeld gesprekke met hulle oor aandete te voer, en mentors deur byvoorbeeld onder toesighouding van 'n meer ervare tolk te werk.

#### *Empatiseer met ander*

5. Ontwikkel 'n kulturele begrip: Probeer empatie met 'n ander persoon hê deur ontvanklik te wees, oor jou werkstale se kulture te leer, die ander persoon se verband met die kultuur te probeer verstaan en daarvolgens kulturele aanpassings te maak, deur byvoorbeeld die woord *kanker* met die eufemisme *tumor* te vervang.
6. Word bewus van ander se gedagtes en gevoelens: Word bewus van ander partye soos kliënte, tolkollegas en sprekers se gedrag en emosionele toestand en tree daarvolgens op, deur byvoorbeeld direk met 'n kliënt met selfdoodneigings te praat of korter tolkbeurte vir jou tolkollega op 'n slegte dag te gee.

## 7. Slot

Hierdie artikel is die laaste van 'n drieluik wat verslag gelewer het van 'n ondersoek na die skep van tolkaanleerstrategieë uit taalaanleerstrategieë. Die eerste artikel het oor geheue- en kompensasiestategieë gehandel, die tweede oor kognitiewe en metakognitiewe strategieë, en hierdie een oor affektiewe en sosiale strategieë. Prosesgerigte tolkopleiding, saam met die gepaardgaande begrippe en ontwikkelings (soos emosionele intelligensie), asook Oxford (1990) se taalaanleerstrategiemodel, het die teoretiese raamwerk gevorm waarbinne die wisselwerking tussen die twee velde en die potensieel waardevolle strategieë uitgelig is. In plaas daarvan om taalaanleer en tolking as studieverde te skei, bied die toepassing van taalaanleerstrategieë op tolking 'n geïntegreerde raamwerk waarbinne tolkaanleerders hulle leerproses doelgerig kan bestuur. Data-insameling en -ontleding het parallel plaasgevind, en die tersaaklike beperkings is dienooreenkomstig aangespreek.

Met die wisselwerking tussen affektiewe taalaanleerstrategieë en prosesgerigte tolkopleiding is affektiewe faktore in tolking beklemtoon met verwysing na die affektiewefilterhipotese en die drie hoofkategorieë ter sprake, naamlik angs, motivering en selfvertroue. Drie kategorieë affektiewe tolkaanleerstrategieë met 10 strategieë is daargestel: *verlaag jou angsvlak, motiveer jouself en neem jou emosionele temperatuur*.

Met die wisselwerking tussen sosiale taalaanleerstrategieë en prosesgerigte tolkopleiding is daar toegespits op sosiale faktore in tolking met inagneming van sosiale bevoegdheid as deel van emosionele intelligensie, die rol van die tolk en tolking as interaksie. Drie kategorieë

sosiale tolkaanleerstrategieë met ses strategieë is geskep: *vra vrae, werk saam met ander en empatiseer met ander*.

Uiteindelik word die gevolgtrekking gemaak dat 'n tolkaanleerstrategiemodel in 'n groot mate uit affektiewe en sosiale taalaanleerstrategieë geskep kan word omdat Oxford (1990) se 16 affektiewe en sosiale taalaanleerstrategieë ná noukeurige bespreking in 16 affektiewe en sosiale tolkaanleerstrategieë herskep is. Een-en-sestig strategieë word in die volledige tolkaanleerstrategiemodel verteenwoordig. Leerders kan geleidelik aan hierdie tolkaanleerstrategieë bekendgestel word en deur middel van oefening leer om dit selfstandig toe te pas. Die affektiewe en sosiale strategieë spesifiek kan byvoorbeeld in mentorskap- of portuurleerprogramme ingebed word.

Een van die vele moontlike rigtings vir toekomstige navorsing wat uit hierdie studie kan voortvloei, is om 'n eksperiment uit te voer waar die model binne 'n konteks (soos Suid-Afrika met taalkombinasie Afrikaans/Engels) gesitueer word ten einde te bepaal watter strategieë op watter leerstadium gebruiklik is, en wat dit van tolkaanleerders se vaardighede (soos emosionele intelligensie) aandui. Ons hoop die bevindinge van Van der Merwe (2025) se studie lewer 'n waardevolle bydrae tot toekomstige navorsing oor tolkopleiding, leerstrategieë en die dinamiese wisselwerking tussen tolking en taalaanleer – twee uiteenlopende dog nou verwante dissiplines binne die toegepaste taalkunde.

## Bibliografie

Aguirre Fernández Bravo, E. 2019. Interpreter role (self-)perception: A model and an assessment tool. *Revista de Llengua i Dret Journal of Language and Law*, 71:62–72.

Ahrens, M., M. Albl-Mikasa en C. Sasse (reds.). 2012. *Dolmetschqualität in Praxis, Lehre und Forschung. Festschrift für Sylvia Kalina*. Tübingen: Narr.

Albl-Mikasa, M. 2012. The importance of being not too earnest: A process- and experience-based model of interpreter competence. In Ahrens, Albl-Mikasa en Sasse (reds.) 2012.

—. 2013. Developing and cultivating expert interpreter competence. *The Interpreters' Newsletter*, 18:17–34.

Al-Harashseh, A., E. Shehab en R. Al-Rousan. 2020. Consecutive interpretation training: Challenges and solutions. *Journal of Foreign Language Teaching and Translation Studies*, 5(1):85–102.

Al-Jarf, R. 2021. Teaching interpreting for tourism purposes. *Journal of English Language Teaching and Applied Linguistics*, 3(13):17–26.

Álvaro Aranda, C., R.L. Gutiérrez en S. Li. 2021. Towards a collaborative structure of interpreter-mediated medical consultations: Complementing functions between healthcare interpreters and providers. *Social Science and Medicine*, 269:1–9.

- Angelelli, C.V. 2006. Designing curriculum for healthcare interpreting education: A principles approach. In Roy (red.) 2006.
- Arabski, J. en A. Wojtaszek (reds.). 2011. *Individual differences in SLA*. Bristol: Multilingual Matters.
- Arumí, M. en O. Esteve. 2006. Using instruments aimed at self-regulation in the consecutive interpreting 1 classroom: two case studies. *Electronic Journal of Foreign Language Teaching*, 3(2):158–89.
- Bendazzoli, C. en J. Pérez-Luzardo. 2022. Theatrical training in interpreter education: A study of trainees' perception. *The Interpreter and Translator Trainer*, 16(1):1–18.
- Bentley-Sassaman, J. 2009. The experiential learning theory and interpreter education. *International Journal of Interpreter Education*, 1(1):62–7.
- Benzehaf, B. 2021. Language learning strategies reported by successful English language learners. *Journal of Applied Language and Culture Studies*, (4):143–60.
- Beylard-Ozeroff, A., J. Kralova en B. Moser-Mercer (reds.). 1998. *Translators' strategies and creativity. Selected papers from the 9th International Conference on Translation and Interpreting, Prague, September 1995*. Amsterdam: John Benjamins.
- Biasetti, G. 2016. Benefits of an interpretation course for foreign language learning and development. *Hispania*, 99(4):615–34.
- Bolaños-Medina, A. en J.L. Núñez. 2022. Autonomy support, critical thinking, and motivation as key predictors of translator trainees' strategic competence. *Across Languages and Cultures*, 23(2):131–47.
- Bontempo, K. en J. Napier. 2011. Evaluating emotional stability as a predictor of interpreter competence and aptitude for interpreting. *Aptitude for Interpreting*, 13(1):85–105.
- Bower, K. 2015. Stress and burnout in video relay service (VRS) interpreting. *Journal of Interpretation*, 24(1):1–16.
- Bruno, L. en A. Iborra Cuéllar. 2022. Two years follow up study on an ad hoc telephone interpreters' emotional regulation program. *International Humanities Review/Revista Internacional de Humanidades*, 11:1–10.
- Burns, J. 2010. Stress busters for interpreters (and everyone else). *The ATA Chronicle*, Junie:24–7.
- Butow, P.N., E.S. Lobb, M. Jefford, D. Goldstein, M. Eisenbruch, A. Girgis, M. King, M. Sze, L. Aldridge en P. Schofield. 2010. A bridge between cultures: Interpreters' perspectives of consultations with migrant oncology patients. *Supportive Care in Cancer*, 20(2):235–44.
- Cañada, M.D. en M. Arumí Ribas. 2012. Self-regulating activity: Use of metacognitive guides in the interpreting classroom. *Educational Research and Evaluation*, 18(3):1–20.



Chang, C., M.M. Wu en T.G. Kuo. 2019. Conference interpreting and knowledge acquisition: how professional interpreters tackle unfamiliar topics. *Interpreting*, 20(2):204–31.

Chen, A. 2014. Becoming an interpreter: Exploring the development of interpreters from trainees to practitioners. PhD-proefskrif, Universiteit van Leeds.

Chen, J. 2007. Strategies for abating intercultural noise in interpreting. *Meta*, 52(3):529–41.

Chen, T. 2023. The interplay between psychological well-being, stress, and burnout: Implications for translators and interpreters. *Heliyon*, 9(8):1–6.

Cheng, S. 2022. Exploring the role of translators' emotion regulation and critical thinking ability in translation performance. *Frontiers in Psychology*, 13:1–10.

Chiang, Y. 2010. Foreign language anxiety and student interpreters' learning outcomes: Implications for the theory and measurement of interpretation learning anxiety. *Meta*, 55(3):589–601.

Chiang, Y. en D.S. Villarreal. 2013. Foreign language learning strategies and consecutive interpreting achievement: an exploratory study on Taiwanese interpreting students. *Meta: Journal des traducteurs*, 58(1):146–64.

Chouc, F. en J.M. Conde. 2016. Enhancing the learning experience of interpreting students outside the classroom: A study of the benefits of situated learning at the Scottish parliament. *The Interpreter and Translator Trainer*, 10(1):92–106.

Çoban, F. en Ü. Albiz Telci. 2016. The role and importance of emotional intelligence in the acquisition of translation skills and translator training: Does a translator or interpreter need emotional intelligence? *The Journal of International Lingual, Social and Educational Sciences Year*, 2(2):118–25.

Cohen, A.D. 2011. *Strategies in learning and using a second language*. 2de uitgawe. Londen, New York: Routledge.

Cohen, A.D., P. Gu, M. Nyikos, L. Plonsky, V. Harris, P. Gunning, I.K. Wang, M. Pawlak, Z. Gavriilidou, L. Mitits, J.M. Sykes en X. Gao. 2023. Tangible insights on the strategizing of language learners and users. *Language Teaching*, 56(3):313–32.

Creswell, J.W. en J. Creswell Báez. 2023. *30 Essential skills for the qualitative researcher*. 2de uitgawe. Los Angeles, Londen: Sage.

Crezee, I., D. Atkinson, R. Pask, P. Au en S. Wong. 2015. Teaching interpreters about self-care. *International Journal of Interpreter Education*, 7(1):74–83.

Davidson, B. 2000. The interpreter as institutional gatekeeper: The social-linguistic role of interpreters in Spanish-English medical discourse. *Journal of Sociolinguistics*, 4(3):379–405.

Del Mar Haro-Soler, M. 2018. Self-confidence and its role in translator training: The students' perspective. In Lacruz en Jääskeläinen (reds.) 2018.

Doğan, A., M. Arumí Ribas, B. Mora-Rubio en M. Cat. 2009. Metacognitive tools in interpreting training: a pilot study. *Journal of Faculty of Letters*, 26(1):69–84.

Dörnyei, Z. 2005. *The psychology of the language learner: Individual differences in second language acquisition*. Mahwah: Lawrence Erlbaum Associates.

Dörnyei, Z. en S. Ryan. 2015. *The psychology of the language learner revisited*. New York: Routledge.

Du, B. 2024. Dealing with emotionally challenging cases in public service interpreting: Interpreter experience and the need for self-care training. *FITISPos International Journal*, 11(1):112–24.

Ellis, R. 1994. *The study of second language acquisition*. Oxford: Oxford University Press.

Ferdowsi, S. en M.H. Razmi. 2022. Examining associations among emotional intelligence, creativity, self-efficacy, and simultaneous interpreting practice through the mediating effect of field dependence/independence: A path analysis approach. *Journal of Psycholinguistic Research*, 51:255–72.

Ferrari, M. (red.). 2001. *The pursuit of excellence through education*. New York: Routledge.

Ferreira, A. en J.W. Schwieter (reds.). 2022. *Introduction to Translation and Interpreting Studies*. New Jersey: Wiley Blackwell.

Fox, O. 2000. The use of translation diaries in a process-orientated translation teaching methodology. In Schäffner en Adab (reds.) 2000.

Gambrell, S.E. en H. Lesch. 2021. Interpreter training: Devising a model for aptitude testing for simultaneous interpreters. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 61(0):127–49.

Geiling, A., C. Knaevelsrud, M. Böttche en N. Stammel. 2021. Mental health and work experiences of interpreters in the mental health care of refugees: A systematic review. *Frontiers in Psychiatry*, 12:1–18.

Ghaemi, H. en M.A. Bayati. 2022. Structural equation modeling of the relationship between emotional intelligence, burnout and translation competence of experienced translators. *Transactions on Comparative Education*, 4(1):30–42.

Gile, D. 2009. *Basic concepts and models for interpreter and translator training*. 2de uitgawe. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.

—. 2021. Risk management in translation: How much does it really explain? *International Journal of Interpreter Education*, 13(1):56–65.

Gjurchevska Atanasovska, K. en N. Mickoski. 2024. Enhancing emotional intelligence in interpreting students: Possibilities and perspectives. *Journal of Contemporary Philology*, 7(1):71–84.

Griffiths, C. 2018. *The strategy factor in successful language learning: the tornado effect*. 2de uitgawe. Bristol: Multilingual Matters.

—. 2020. Language learning strategies: is the baby still in the bathwater? *Applied Linguistics*, 41(4):607–11.

Gustafsson, K., E. Norström en I. Fioretos. 2013. The interpreter: A cultural broker? In Schäffner, Kredens en Fowler (reds.) 2013.

Hale, S.B. 2007. *Community interpreting*. Basingstoke: Palgrave Macmillan.

Hancox, J.A., C.F. McKiernan, A.L. Martin, J. Tomas en J.I. MacArtney. 2023. The emotional effects on professional interpreters of interpreting palliative care conversations for adult patients: A rapid review. *Palliative Medicine*, 37(7):931–46.

Herring, R.E. 2018. “I could only think about what I was doing, and that was a lot to think about”: online self-regulation in dialogue interpreting. MA-verhandeling, Universiteit van Genève.

Herring, R.E. en M. Walczyński. 2024. Emotions, stress and related phenomena in public service interpreter and translator education and training. *FITISPos International Journal*, 11(1):9–27.

Hlavac, J., C. Harrison en B. Saunders. 2022. Interprofessional education in interpreter training. *Interpreting*, 24(1):111–39.

Hoekman, H. 2021. Examining mentorship in the field of sign language interpreting: An application of relational dialectics theory. MA-verhandeling, Kollege vir Liberale Kunste, Rochester Instituut vir Tegnologie.

Holewick, K. 2020. Peer feedback and reflective practice in public service interpreter training. *Theory and Practice of Second Language Acquisition*, 6(2):133–59.

Holmgren, H., H. Søndergaard en A. Elklit. 2003. Stress and coping in traumatized interpreters: A pilot study of refugee interpreters working for a humanitarian organization. *Intervention*, 1(3):22–7.

Horváth, I. 2007. Autonomous learning: What makes it work in postgraduate interpreter training? *Across Languages and Cultures*, 8(1):103–22.

—. 2012. *Interpreter behaviour: a psychological approach*. Boedapest: Hang Nyelviskola Bt.

Horváth, I. en C. Kálmán. 2021. Motivational disposition of translation and interpreting graduates. *The Interpreter and Translator Trainer*, 15(3):287–305.

Hsieh, E. 2007. Interpreters as co-diagnosticians: Overlapping roles and services between providers and interpreters. *Social Science & Medicine*, 64(4):924–37.

- Hu, D., B. Chen, M. Tang, X. Zhao en L. Zhao. 2024. Emotional regulation in interpreters revealed by frontal asymmetry of alpha activity. *Current Psychology*, 43:28570–7.
- Hubscher-Davidson, S. 2013. Emotional intelligence and Translation Studies: A new bridge. *Meta*, 58(2):324–46.
- Hurtado Albir, A. 2015. The acquisition of translation competence. Competences, tasks, and assessment in translator training. *Meta*, 60(2):256–80.
- Iacono, K. en H. Pasch. 2023. Facing social, emotional and technological challenges in the virtual interpreting classroom / Enfrentarse a retos sociales, emocionales y tecnológicos en el aula virtual de interpretación. *FITISPos International Journal*, 10(1):45–67.
- Ivars, A.J. en D.P. Calatayud. 2013. Mindfulness training for interpreting students. *Lebende Sprachen*, 58(2):1–25.
- Johnson, J.E. 2016. Effect of mindfulness training on interpretation exam performance in graduate students in interpreting. PhD-proefskrif, Universiteit van San Francisco.
- Kalina, S. 2005. Quality assurance for interpreting processes. *Meta*, 50(2):769–84.
- Kiraly, D.C. 2000. *A social constructivist approach to translator education: Empowerment from theory to practice*. Londen: St. Jerome.
- Korpai, P. 2016. Interpreting as a stressful activity: Physiological measures of stress in simultaneous interpreting. *Poznan Studies in Contemporary Linguistics*, 52(2):297–316.
- Kosman, M. 2021. Young interpreters' coping strategies – an interview study. *SKASE Journal of Translation and Interpretation*, 14(2):97–111.
- Kozan, M. 2025. Designing a survey on the relationship between interpreting musicality and interpreting quality. Referaat gelewer by die 11de Europese Vereniging vir Vertaalstudies (EST) Voorkongres, 29 Junie 2025: aanlyn.
- Krampe, F., G. Fabry en T. Langer. 2022. Overcoming language barriers, enhancing collaboration with interpreters – an interprofessional learning intervention (Interpret2Improve). *BMC Medical Education*, 22(1):1–9.
- Krashen, S.D. 1981. *Second language acquisition and second language learning*. Oxford: Pergamon Press.
- Kurz, I. 2003. Physiological stress during simultaneous interpreting: A comparison of experts and novices. *The Interpreters' Newsletter*, 12:51–67.
- Lacruz, I. en R. Jääskeläinen (reds.). 2018. *Innovation and expansion in translation process research*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.
- Lee, C.K. 2010. An overview of language learning strategies. *ARECLS*, 7:132–52.

- Lesch, H.M. 2004. Societal factors and translation practice. *Perspectives*, 12(4):256–69.
- Li, C. 2010. Coping strategies for fast delivery in simultaneous interpretation. *The Journal of Specialised Translation*, 13:19–25.
- Lin, W. 2013. Why do students learn interpreting at the graduate level? A survey on the interpreting learning motives of Chinese graduate students in BFSU. *Translation and Interpreting Review*, 3:145–69.
- Machimana, P.N.N. en G. Genis. 2022. Language learning strategies of high and low performing second language learners: A socio-cultural perspective. *I-manager's Journal on English Language Teaching*, 12(1):56–69.
- Mackenzie, R. 1998. Creative problem-solving and translator training. In Beylard-Ozeroff, Kralova en Moser-Mercer (reds.) 1998.
- Mahdi, S.S. en W.M. Esmail. 2021. The employment of accents at the training interpreting sessions: Perspectives of Iraqi translation students. *College of Basic Education Researchers Journal*, 17(2):1731–45.
- Maraïs, K. 2008. Training translators in South Africa: First global questions. *Journal for New Generation Sciences*, 6(3):48–60.
- Marković, H. 2017. Kinesics and body language in simultaneous and consecutive interpretation. MA-verhandeling, Josip Juraj Strossmayer Universiteit van Osijek.
- Marks, A. 2012. Participation framework and footing shifts in an interpreted academic meeting. *Journal of Interpretation*, 22(1):1–28.
- Martínez-Gómez, A. 2018. Reshaping language interpreting pedagogy through students' self-perception of their role as ad hoc interpreters. <https://iletc.commons.gc.cuny.edu/reshaping-language-interpreting-pedagogy> (18 November 2023 geraadpleeg).
- Mathews, E., P. Cadwell, S. O'Boyle en S. Dunne. 2023. Crisis interpreting and deaf community access in the COVID-19 pandemic. *Perspectives*, 31(3):431–49.
- Mellinger, C.D. 2022. Interpreting. In Ferreira en Schwieter (reds.) 2022.
- Monacelli, C. 2009. *Self-preservation in simultaneous interpreting*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.
- Moore, K. 2020. Cultivating confidence: Embodying self-esteem and self-efficacy in novice signed language interpreters. MA-verhandeling. Oregon: Universiteit van Wes-Oregon.
- Moser-Mercer, B. 2008. Skill acquisition in interpreting: a human performance perspective. *The Interpreter and Translator Trainer*, 2(1):1–28.
- Munday, J. 2016. *Introducing Translation Studies: Theories and applications*. Londen, New York: Routledge.

- Napier, J. 2004. Interpreting omissions: A new perspective. *Interpreting*, 6(2):117–42.
- Ngoc, N.N., H.T.T. Truc, Q. Huynh, P.N.T. Ngoc en T.T. Thien. 2022. Essential self-training skills to become an interpreter: English-majoring students' perception. *European Journal of Education Studies*, 9(12):75–89.
- Nida, E. 2012. Sociolinguistics as a crucial factor in translating and interpreting. *Linguistics*, 43–50.
- O'Malley, J.M. en A.U. Chamot. 1990. *Learning strategies in second language acquisition*. New York: Cambridge University Press.
- Olalla-Soler, C. 2015. An experimental study into the acquisition of cultural competence in translator training: Research design and methodological issues. *The International Journal of Translation and Interpreting Research*, 7(1):86–110.
- Oxford, R.L. 1990. *Language learning strategies: What every teacher should know*. Boston: Heinle en Heinle.
- . 2011. Strategies for learning a second or foreign language. *Language Teaching*, 44(2):167–80.
- . 2017. *Teaching and Researching language learning strategies: self-regulation in context*. New York, Londen: Routledge.
- Pawlak, M. 2011. Research into language learning strategies: Taking stock and looking ahead. In Arabski en Wojtaszek (reds.) 2011.
- . 2021. Investigating language learning strategies: prospects, pitfalls and challenges. *Language Teaching Research*, 25(5):817–35.
- Pearce, T. en J. Napier. 2010. Mentoring: A vital learning tool for interpreter graduates. *International Journal of Interpreter Education*, 2(1):58–75.
- Pienaar, M. en E. Cornelius. 2015. Contemporary perceptions of interpreting in South Africa. *Nordic Journal of African Studies*, 24(2):186–206.
- Pöchhacker, F. 2005. From operation to action: Process-orientation in Interpreting Studies. *Volet interpretation*, 50(2):682–95.
- Pöchhacker, F. (red.). 2015. *Routledge encyclopedia of Interpreting Studies*. Londen: Routledge.
- Pöllabauer, S. 2015. Role. In Pöchhacker (red.) 2015.
- Pym, A. 2007. On the social and cultural turn in Translation Studies. In Pym, Shlesinger en Jettmarová (reds.) 2007.
- . 2015. Translating as risk management. *Journal of Pragmatics*, 85:67–80.



- Pym, A., M. Shlesinger en Z. Jettmarová (reds.). 2007. *Sociocultural aspects of translating and interpreting*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.
- Qiu, G. 2023. Towards the effects of translators' emotional intelligence and anxiety on their translation quality. *Heliyon*, 9(9):e19276.
- Ranjan, R. en A. Philominraj. 2020. Language learning strategies, motivation and gender in foreign language context. *Universal Journal of Educational Research*, 8(9):591–604.
- Roberts, G. 2015. Public service interpreters: The emotional and psychological impact of interpreting within public service settings. PhD-proefskrif, Cardiff Universiteit.
- Rose, H. 2012. Reconceptualizing strategic learning in the face of self-regulation: Throwing language learning strategies out with the bathwater. *Applied Linguistics*, 33(1):92–8.
- Rosiers, A., J. Eyckmans en D. Bauwens. 2011. A story of attitudes and aptitudes? Investigating individual difference variables within the context of interpreting. *Interpreting*, 13(1):53–69.
- Roy, C.B. (red.). 2006. *New approaches to interpreter education*. Washington: Gallaudet University Press.
- Sawyer, D. 1994. Monitoring processes in conference interpreting: Towards a model for interpreter-trainees. *Meta*, 39(3):433–8.
- Schäffner, C. en B. Adab (reds.). 2000. *Developing translation competence*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.
- Schäffner, C., K. Kredens en Y. Fowler (reds.). 2013. *Interpreting in a changing landscape: Selected papers from Critical Link 6*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.
- Setton, R. 1999. *Simultaneous interpretation: a cognitive-pragmatic analysis*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.
- Setton, R. en A. Dawrant. 2016a. *Conference interpreting: a complete course*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.
- . 2016b. *Conference interpreting: a trainer's guide*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.
- Shabani, K. 2016. Applications of Vygotsky's sociocultural approach for teachers' professional development. *Cogent Education*, 3:1–10.
- Shaw, S., N. Grbić en K. Franklin. 2004. Applying language skills to interpretation student perspectives from signed and spoken language programs. *Interpreting*, 6(1):69–100.
- Shaw, S. en G. Hughes. 2006. Essential characteristics of sign language interpreting students. *International Journal of Research and Practice in Interpreting*, 8(2):195–221.

Stake, R.E. 2011. *Qualitative research: Studying how things work*. New York, Londen: Guilford Press.

Stander, M. 2020. The relationship between language learning strategies and language proficiency amongst multilingual L2 students. *Scrutiny2*, 25(1):86–103.

Thomas, N. en H. Rose. 2018. Do language learning strategies need to be self-directed? Disentangling strategies from self-regulated learning. *TESOL Quarterly*, 53(1):248–57.

Tran, T. T. T. 2025. Students' anxiety levels in interpretation courses at a tertiary institution: How teachers' intervention helps. *International Journal of Research and Innovation in Social Science*, 9(3):4652–61.

Tyulenev, S. en W. Luo. (reds.). 2024. *The Routledge handbook of Translation and Sociology*. Londen, New York: Routledge.

Van der Merwe, K. 2025. 'n Tolkaanleerstrategiemodel uit taalaanleerstrategieë vir proses-gerigte tolkopleiding. PhD-proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Van Doorslaer, L. en J. McMartin. 2022. Where Translation Studies and the social meet. *Translation in Society*, 1(1):1–14.

Vargas-Urpi, M. 2016. Problems and strategies in public service interpreting as perceived by a sample of Chinese-Catalan/Spanish interpreters. *Perspectives*, 24(4):666–78.

Vygotsky, L.S. 1978. *Mind in society*. Cambridge: Harvard University Press.

Wadensjö, C. 1998. *Interpreting as interaction*. Londen, New York: Longman.

Walczyński, M. 2020. Polish-English certified interpreter's psycho-affectivity. *Półrocznik Językoznawczy Tertium*, 5(1):35–53.

Wang, B. 2015. Bridging the gap. *International Journal of Interpreter Education*, 7(1):65–73.

—. 2018. Exploring approaches to interpreting studies: from semiotic perspectives to multi-modal analysis. *Chinese Semiotic Studies*, 14(2):149–61.

Wang, F., X. Huang, S. Zeb, D. Liu en Y. Wang. 2022. Impact of music education on mental health of higher education students: Moderating role of emotional intelligence. *Frontiers in Psychology*, 13:1–10.

Wang, W., Y. Xu, B. Wang en L. Mu. 2020. Developing interpreting competence scales in China. *Frontiers in Psychology*, 11(481):1–16.

Wenden, A.L. 1987. Learner strategies: theoretical assumptions, research history and typology. In Wenden en Rubin (reds.) 1987.

Wenden, A.L. en J. Rubin (reds.). 1987. *Learner strategies in language learning*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

- Whyatt, B. 2022. Training and pedagogy. In Ferreira en Schwieter (reds.) 2022.
- Wu, Z. 2016. Towards understanding interpreter trainees' (de)motivation: An exploratory study. *The International Journal of Translation and Interpreting Research*, 8(2):13–25.
- Xu, Y. en M. Liu. 2023. Relations among and predictive effects of anxiety, enjoyment and self-efficacy on Chinese interpreting majors' self-rated interpreting competence. *Education Sciences*, 13(5):1–17.
- Yan, J.X., J. Pan en H. Wang. 2010. Learner factors, self-perceived language ability and interpreting learning. *The Interpreter and Translator Trainer*, 4(2):173–96.
- Yuan, X. 2022. A symbolic interactionist model of interpreter-facilitated communication – key communication issues in face-to-face interpreting. *Frontiers in Communication*, 7:1–10.
- Zhang, Y. 2020. Possible ways to make interpretation teaching more effective. *Journal of Contemporary Educational Research*, 4(7):39–42.
- Zheng, J. 2017. An overview of sociology of translation: Past, present and future. *International Journal of English Linguistics*, 7(4):28–32.
- Zhong, Y. 2008. Teaching translators through self-directed learning. *The Interpreter and Translator Trainer*, 2(2):203–20.
- Zimmerman, B.J. 1986. Becoming a self-regulated learner: Which are the key subprocesses? *Contemporary Educational Psychology*, 11(4):307–13.
- . 2001. Achieving academic excellence: A self-regulatory perspective. In Ferrari (red.) 2001.
- . 2008. Investigating self-regulation and motivation: Historical background, methodological developments, and future prospects. *American Educational Research Journal*, 45(1):166–83.
- Zimmerman, B.J. en A. Kitsantas. 1997. Developmental phases in self-regulation: Shifting from process goals to outcome goals. *Journal of Educational Psychology*, 89(1):29–36.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Erkenning en dank aan prof. Ton Vosloo en mev. Anet Pienaar-Vosloo vir befondsing uit die Ton en Anet Vosloo-Leerstool in Afrikaanse Taalpraktyk.

<sup>2</sup> Die term *selfkonsep* verwys na leerders se eie begrip van hulle verantwoordelikhede as vertaler (of tolk) wat hulle tydens opleiding vorm (Ferreira en Schwieter 2022:317).

<sup>3</sup> So ook kan gesitueerde en selfgerigte leer (klaarblyklik 'n verwysing na sosiokulturele teorie én selfgereguleerde leer) tolkopleiding verbeter (Wang 2015:72).

<sup>4</sup> Houding beïnvloed motivering tydens taalaanleer (Oxford 1990:141), en Angelelli (2006:34) en Zhang (2020:40) spreek 'n behoefte aan 'n meer positiewe gesindheid in tolke aan.

<sup>5</sup> Tydens die eerste outeur se eerste ervaring in die praktyk het die projekbestuurder dikwels ná 'n lang tolkgeleentheid die tolkspan vir aandete uitgeneem ter wille van ontspanning.

<sup>6</sup> Ons gee voorbeelde van nog drie maniere om tydens of ná emosioneelbelaaide tolkgeleenthede te ontkoppel: Herinner jouself dat dit bloot jou werk is en nie jou persoonlike ervaring nie (Holmgren e.a. 2003:26), tolk in die derde persoon om talige en sielkundige afstand te skep (Bancroft 2013, in Crezee e.a. 2015:79) en gee emosionele inhoud in professionele verduidelikings weer (Geiling e.a. 2021:8).

<sup>7</sup> In die eerste outeur se persoonlike ervaring het sy met die projekbestuurder gepraat om gevoelens oor die tolkproses uit te druk.

<sup>8</sup> Sien *The Routledge Handbook of Translation and Sociology* (Tyulenev en Luo 2024) vir meer oor die sosiologie van vertaling en tolking.

<sup>9</sup> Horváth (2012:35) definieer *kultuur* as kenmerke wat deur 'n nasie, samelewing of groep gedeel word, onder meer gebruike, musiek, kunswerke, lewenswyses, historiese gebeure, wets-handelinge en instellings.

<sup>10</sup> Om die tolkbedryf se professionele etiese of gedragskodes na te kom, is noodsaaklik ter bevordering van tolke se interpersoonlike bevoegdheid (Wang e.a. 2020:4). Voorbeelde van hierdie gedragskodes is die handhawing van onpartydigheid, integriteit en optrede volgens beste praktyk. Dit sluit ook die ondersteuning van kollegas in.

## Addendum A

Van der Merwe (2025) se nutgeskepte affektiewe en sosiale tolkaanleerstrategieë in die volledige tolkaanleerstrategiemodel

### Direkte tolkaanleerstrategieë

- Geheuestrategieë
  - Skep verstandelike verbande
    1. Groepeer
    2. Assosieer en brei uit
    3. Plaas tolkmateriaal in 'n konteks
  - Gebruik klanke en beelde
    4. Gebruik beelde
    5. Gebruik klanke
    6. Karteer semanties
    7. Gebruik sleutelwoorde

- Hersien deeglik
  - 8. Hersien gestruktureerd
- Gebruik aksie
  - 9. Gebruik fisiese respons of sensasie
  - 10. Gebruik meganiese tegnieke
- Kompensasiestrategieë
  - Waag intelligente raaiskote
    - 11. Gebruik talige leidrade
    - 12. Gebruik kontekstuele leidrade
  - Oorkom kommunikasiestruikelblokke
    - 13. Slaan oor na die brontaal of transkodeer
    - 14. Kry hulp
    - 15. Gebruik of interpreteer nieverbale gedrag
    - 16. Vermy tolkproduksie gedeeltelik of heeltemal
    - 17. Pas die tolkbeurt aan
    - 18. Brei die tolkbeurt uit
    - 19. Gebruik gepaste nuutskeppings
- Kognitiewe strategieë
  - Oefen
    - 20. Oefen doelgerig
    - 21. Oefen klanke en taalvorme formeel
    - 22. Antisipeer en leer formuletaal
    - 23. Verdeel en herkombineer
    - 24. Kry natuurlike blootstelling aan jou werkstale
  - Verstaan en produseer boodskappe
    - 25. Kry vinnig die idee
    - 26. Gebruik hulpbronne
  - Ontleed en redeneer
    - 27. Redeneer vloeibaar
    - 28. Ontleed logiese verwantskappe
    - 29. Ontleed kontrasterend
    - 30. Herformuleer
    - 31. Dra oor

- Skep struktuur vir invoer en produksie

32. Noteer

33. Som op

34. Beklemtoon

#### Indirekte tolkaanleerstrategieë

- Metakognitiewe strategieë

- Anker jou leerproses

35. Kry 'n oorsig oor die tolktaak en skakel dit met reeds bekende materiaal

36. Skenk aandag

37. Stel tolking uit om op aktiewe luistervaardighede te fokus

- Bestuur en beplan jou leerproses

38. Vind uit oor tolking

39. Organiseer

40. Stel doelwitte

41. Identifiseer die doel van 'n tolktaak

42. Beplan vir 'n tolktaak

43. Soek en skep oefengeleenthede

- Evalueer jou leerproses

44. Selfmonitor

45. Selfevalueer

- Affektiewe strategieë

- Verlaag jou angsvlak

46. Gebruik asemhalings- en ontspanningstegnieke

47. Gebruik musiek

48. Gebruik humor

- Motiveer jouself

49. Gebruik positiewe selfgesprek

50. Loop oordeelkundige risiko's

51. Beloon jouself

- Neem jou emosionele temperatuur

52. Luister na jou liggaam

53. Gebruik 'n kontrolelys

54. Hou 'n tolkdagboek



## 55. Bespreek jou gevoelens met jou ondersteuningsnetwerk

- Sosiale strategieë
  - Vra vrae
    - 56. Vra vir 'n verduideliking of bevestiging
    - 57. Vra vir regstelling
  - Werk saam met ander
    - 58. Werk in 'n span
    - 59. Werk saam met vaardige werkstaalgebruikers en mentors
  - Empatiseer met ander
    - 60. Ontwikkel 'n kulturele begrip
    - 61. Word bewus van ander se gedagtes en gevoelens

## Addendum B

Oxford (1990) se oorspronklike affektiewe en sosiale taalaanleerstrategieë (“affective and social language learning strategies”)

- Affective strategies
  - Lowering your anxiety
    - 1. Using progressive relaxation, deep breathing, or meditation
    - 2. Using music
    - 3. Using laughter
  - Encouraging yourself
    - 4. Making positive statements
    - 5. Taking risks wisely
    - 6. Rewarding yourself
  - Taking your emotional temperature
    - 7. Listening to your body
    - 8. Using a checklist
    - 9. Writing in a language learning diary
    - 10. Discussing your feelings with someone else

- Social strategies
  - Asking questions
    - 11. Asking for clarification or verification
    - 12. Asking for correction
  - Cooperating with others
    - 13. Cooperating with peers
    - 14. Cooperating with proficient users of the new language
  - Empathising with others
    - 15. Developing cultural understanding
    - 16. Becoming aware of others' thoughts and feelings

# ***Regte***

---

ISSN 1995-5928

# Vonnisbespreking: Die billikheid van ouderdomsgebaseerde diensbeëindiging *Kruger v Universiteit van Suid-Afrika* 2025 46 ILJ 2911 (AH)

Jacques Nieuwoudt en Judith Geldenhuys

Jacques Nieuwoudt, STADIO Higher Education, en  
Judith Geldenhuys, Universiteit van Johannesburg

## Opsomming

In hierdie vonnisbespreking word ouderdomsgebaseerde diensbeëindiging en billikheid in die Suid-Afrikaanse arbeidsreg ondersoek teen die agtergrond van die onlangse beslissing in *Kruger v Universiteit van Suid-Afrika* 2025 46 ILJ 2911 (AH). Deur die bewoording en toepassing van artikel 187(1)(f) van die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995 in die Suid-Afrikaanse regspraak te ontleed argumenteer ons dat proporsionaliteit, duidelikheid en prosedurele billikheid sentraal staan tot die onderskeid tussen billike diensbeëindiging by aftrede en diskriminasie op grond van ouderdom.

Die regs- en beleidsimplikasies van werkgewerdiskresie om aanstellings te maak na aftrede word ook ondersoek ten einde die bewysregtelike en etiese kompleksiteit van arbeidsgeskille wat handel oor die beëindiging van die diensverhouding nadat werknemers aftreeouderdom bereik het, uit te wys. Met die oog op regsekerheid en billikheid word daar aanbeveel dat werkgewers werknemers se aftreeouderdom uitdruklik en skriftelik in die dienskontrak insluit in die lig van enige moontlike toekomstige wysigings aan die werkgewer se aftreebeleid. Daar word verder aangevoer dat die onsekerhede rakende die toepassing van die wetgewing – gegewe die onafwendbare aard van aftrede – dringend aangespreek moet word, hetsy deur wysiging van die Wet om hierdie onsekerhede uit te skakel, of ten minste deur die ontwikkeling van 'n gedragskode vir verpligte aftrede om duidelikheid te verskaf oor die voortgesette regmatige toepassing daarvan in die Suid-Afrikaanse arbeidsreg.

**Trefwoorde:** aftreebeleid; aftreeouderdom; billike ontslag; normale aftreeouderdom; ooreengekome ouderdomsdiskriminasie; outomatiese onbillike ontslag; proporsionaliteit; verpligte aftrede; werkgewerdiskresie

## Abstract

### Fairness of age-based termination of employment

In this case discussion, against the backdrop of the recent decision in *Kruger v University of South Africa* 2025 46 ILJ 2911 (LC), we explore age-based termination of employment and fairness in South African labour law. By analysing the wording and application of section 187(1)(f) of the Labour Relations Act 66 of 1995 in South African case law we argue that proportionality, clarity and procedural fairness are central to distinguishing fair retirement-related termination from unfair discrimination based on age.

The legal and policy implications of employer discretion in post-retirement appointments are also examined to illuminate the evidentiary and ethical complexities of labour disputes concerning termination after employees have reached their retirement age. In pursuit of legal certainty and fairness it is advisable for employers to incorporate employees' retirement age explicitly and in writing within the employment contract in the light of any possible future revisions in the employer's retirement policy. Furthermore, it is argued that the uncertainties regarding the application of the legislation, given the inevitable nature of retirement, must be addressed either through amending the law to eliminate these uncertainties, or at the very least through the development of a code of conduct for mandatory retirement to provide clarity on its continued lawful application in South Africa.

**Keywords:** age discrimination; automatically unfair dismissal; employer discretion; fair dismissal; mandatory retirement; normal retirement age; proportionality; retirement policy

## 1. Inleiding

In die saak van *Kruger v Universiteit van Suid-Afrika* 2025 46 ILJ 2911 (AH) (*Kruger*) moes die Arbeidshof oorweeg of Kruger onbillik ontslaan is op grond van ouderdom, en of Unisa as werkgewer billik opgetree het deur hom tot aftrede te verplig.<sup>1</sup> Hoewel hierdie saak wat in die Arbeidshof beslis is, nie 'n ingrypende verandering in die bestaande regsposisie teweeg gebring het nie, dien die feite en beslissing as 'n gepaste vertrekpunt vir 'n bespreking oor die interpretasie en toepassing van die relevante wetgewing.

In ons gevolgtrekking stel ons voor dat, gegewe die interpretasie-uitdagings rondom artikel 187(2)(b) van die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995 (WAV), werkgewers duidelike en konsekwente aftreebeleide in die werkplek moet toepas.

In die belang van menslikheid, respek en billikheid teenoor werknemers wat dikwels vir lang tydperke diens gelewer het, behoort daar ten minste 'n konsultasie met die betrokke werknemer plaas te vind voordat sy of haar diens beëindig word by bereiking van die ooreengekome of normale aftreeouderdom.

Daar is voorts 'n standpunt dat die bestaande onsekerhede oor die toepassing van arbeidswetgewing in die konteks van aftrede – 'n proses wat algemeen en onvermydelik is – spoedig aangespreek moet word. Dit kan geskied deur die wetgewing te wysig ten einde die regs-onsekerheid uit die weg te ruim, asook die formulering van 'n gedragskode vir verpligte aftrede wat duidelike riglyne bied oor die voortgesette hantering van verpligte aftrede binne die Suid-Afrikaanse arbeidsreg.

## 2. Feite

Die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) het gedurende 2004 saamgesmelt met Technikon Suid-Afrika en 'n komponent van die Vista Universiteit. Ten tye van die samesmelting was die aftreeouderdom vir alle Unisa-werknemers vasgestel op 60 jaar. Gedurende 2007 het die bestuur van Unisa met die vakbond NEHAWU en die Unisa Onderhandelingsforum 'n ooreenkoms gesluit ingevolge waarvan die diensvoorwaardes van Unisa-werknemers, ook wat betref aftreeouderdom, bevestig is. Hierdie ooreenkoms het 'n onderskeid getref tussen werknemers wat voor en na die samesmelting van die drie instellings by Unisa begin werk het. Vir werknemers wat na 1 Januarie 2006 aangestel is, is die aftreeouderdom op 60 jaar vasgestel, terwyl werknemers wat reeds voor die samesmelting by Unisa werksaam was, sou aftree op die ouderdom soos bepaal in hul oorspronklike dienskontrakte, te wete 60 of 65.

Werknemers kon, nadat hulle die ooreengekome aftreeouderdom bereik het, oorweeg word vir heraanstelling. Sodanige heraanstellings was slegs op kontrakbasis en moes aan Unisa se operasionele behoeftes voldoen. Kontrakaanstellings kon nie na die ouderdom van 65 strek nie. Verder kon werknemers op eie versoek vroeg aftree nadat hulle die ouderdom van 55 bereik het, mits hulle drie maande vooraf skriftelik kennis gegee het van die voorneme om vroeg af te tree. Werknemers het ook die opsie gehad om in Desember van die jaar waarin hulle hul aftreeouderdom bereik het, af te tree.<sup>2</sup>

Na onderhandelinge met vakbonde in die onderhandelingsraad, het Unisa op 23 November 2012 besluit om die aftreeouderdom by Unisa tot 65 jaar te verhoog. Hierdie verlenging was van toepassing op bestaande en nuwe werknemers. Die wysiging het ten doel gehad om die aftreeouderdomme te standaardiseer na die samesmelting van die drie instellings. 'n Amptelike skrywe is op 19 Februarie 2013 aan werknemers uitgereik wat bevestig het dat die aftreeouderdom van 60 tot 65 jaar verhoog is vir alle Unisa werknemers.<sup>3</sup>

'n Unisa-beleidsdokument wat in 2013 aangeneem is vir die beëindiging van permanente Unisa-werknemers se diens het bevestig dat werknemers vroeg kon aftree wanneer hulle die ouderdom van 55 bereik. Die beleid het ook bepaal dat normale aftrede sou behels dat die werknemers aftree in die maand waarin die werknemers aftreeouderdom bereik. Voorsiening is ook gemaak vir "uitgestelde aftrede" wat sou behels dat die werknemers aanbly by Unisa tot aan die einde van die jaar waarin hulle moet aftree.<sup>4</sup> Dit was 'n lang gevestigde gebruik by Unisa dat werknemers wat aftree, in diens van Unisa sou bly tot aan die einde van die jaar waarin hulle 65 word, sodat hulle hul verantwoordelikhede vir die akademiese jaar behoorlik kon afhandel.<sup>5</sup>

Unisa het Kruger aanvanklik in 2001 as 'n onafhanklike kontrakteur aangestel. In Januarie 2008 is Kruger as 'n senior dosent permanent by Unisa in diens geneem. Die verpligte aftreeouderdom ten tye van Kruger se permanente aanstelling was 60 jaar.<sup>6</sup> Kruger het in April 2018 65 jaar oud geword.<sup>7</sup> Hy is aan die einde van Desember 2018 genader om vorms te teken en dokumente in te vul vir sy aftrede, maar hy het geweier om saam te werk en het skriftelik te kenne gegee dat hy nie van voorneme was om af te tree nie.<sup>8</sup> Op 11 Januarie 2019 het Kruger 'n brief van Unisa ontvang wat bevestig het dat die diensverhouding op 31 Desember 2018 deur sy aftrede beëindig is.<sup>9</sup>

Kruger het in Julie 2018 'n griefskrif by die direktoraat vir werknemerverhoudinge ingedien waarin hy beweer het dat Unisa se beleid wat hom tot aftrede verplig 'n menseregteskendings



daarstel, aangesien dit onbillik is om teen volwassenes op grond van hul ouderdom te diskrimineer. Hy het aangevoer dat dit veral onbillik is in Suid-Afrika, waar daar 'n tekort aan skaars vaardighede is. Die antwoord wat hy in September 2018 van die direktoraat ontvang het, was dat Unisa se beleid oor diensbeëindiging nie op grond van ouderdom diskrimineer nie. Steeds onvergenoeg het Kruger 'n onbillike-ontslag-geskil, gegrond op artikel 187(1)(f) van die WAV, in die Arbeidshof aanhangig gemaak. Hy het aangevoer dat die beëindiging van sy diens outomaties onbillik was op grond van diskriminasie weens ouderdom.<sup>10</sup> Hy het 'n bevel aangevra vir sy terugwerkende heraanstelling of, in die alternatief, 24 maande se salaris as kompensasie.<sup>11</sup>

Kruger se argument was dat sy ontslag outomaties onbillik was omdat daar nie 'n normale aftreeouderdom in Unisa bestaan nie. Hy het beweer dat persone in dieselfde posisie as hy steeds by Unisa werksaam was nadat hulle reeds die ouderdom van 65 bereik het. Hy het ook aangevoer dat daar nie 'n ooreengekome ouderdom vir aftrede was ten tye van die beëindiging van sy diens nie, aangesien sy dienskontrak bepaal het dat hy op 60 moes aftree, wat die ooreengekome aftreeouderdom by die aanvang van sy diens was, maar dat hy tot die ouderdom van 65 gewerk het.<sup>12</sup> Unisa se standpunt was dat Kruger nie afgedank is nie, maar dat sy dienskontrak eenvoudig deur regswerking geëindig het toe hy 65 geword het.<sup>13</sup>

### 3. Beslissing

Die hof het Unisa se beleid en kontrakte ondersoek en die ooreengekome aftreeouderdom bevestig. Die hof bevind dat Unisa bewys het dat die aftreeouderdom formeel met Unisa se werknemers onderhandel is: Voor 2012 was dit 60 jaar, en sedert Desember 2012 is dit 65 vir alle werknemers. Die Arbeidshof het aanvaar dat die partye tot die geskil dit eens was dat die aanvanklike aftreeouderdom 60 was en dat dit in 2012 tot 65 verhoog is. Kruger se dienskontrak en Unisa se beleid het duidelik 'n aftreeouderdom van 65 bepaal, waarvan hy kennis gedra het.<sup>14</sup> Die verpligte aftreeouderdom is dus 65.<sup>15</sup> Die hof bevind dat Kruger op aftrede geplaas is op 31 Desember van die jaar waarin hy 65 geword het, wat die normale aftreeouderdom was.<sup>16</sup>

Die hof het vervolgens oorweeg wat die gevolg was van die feit dat Kruger toegelaat is om aan te hou werk na die ouderdom van 60 jaar, wat sy oorspronklike aftreeouderdom was, en dat ander werknemers wat ouer as 65 was, kon aanhou werk by Unisa. Die hof was van mening dat wanneer 'n werknemer na bereiking van die aftreeouderdom ononderbroke aanhou werk, die diensverhouding bly voortbestaan, maar dat dit nie 'n nuwe stilswyende kontrak of wysiging van die aftreeouderdom skep nie.<sup>17</sup> Die ooreengekome ouderdom tussen werkgewer en werknemer reguleer die diensverhouding, selfs al bestaan daar 'n ander "normale" ouderdom vir soortgelyke poste.<sup>18</sup>

Ten opsigte van werknemers wat na die ouderdom van 65 by Unisa werksaam was, bevind die hof dat dié werknemers na aftrede op vastetermyn- of korttermynkontrakte aangestel was, gebaseer op Unisa se operasionele behoeftes. Daar is geen permanente aanstellings gemaak van werknemers nadat hulle die aftreeouderdom van 65 bereik het nie.<sup>19</sup> Kruger se argument van "as ander na 65 kan werk, waarom nie ek nie?" is verwerp, aangesien verdere in diensneming na aftrede volgens die Arbeidshof 'n nuwe kontrak vereis.<sup>20</sup>

Die hof merk op dat Kruger erken het dat daar geen motivering vir sy verdere indiensneming was nie en dat Unisa hom nie 'n kontrak aangebied het nie. Hy kon ook nie sy posisie vergelyk met dié van ander werknemers nie.<sup>21</sup> Hoewel Kruger getuig het dat die hoof- uitvoerende beampte hom mondelings verseker het dat hy nie op 65 sou aftree<sup>22</sup> nie, het hy ook erken dat hy nie geregtig was op verdere indiensneming nie, maar eerder 'n verwagting gehad het.<sup>23</sup>

Die hof het aangedui dat Kruger se verwysing van die geskil waarskynlik gegrond was op teleurstelling dat hy nie na aftrede 'n nuwe kontrak aangebied is nie. Alternatiewelik het hy moontlik verkeerdlik geglo dat ander werknemers na hul aftreeouderdom permanent aangestel is.<sup>24</sup> Die hof het bevestig dat daar geen wet in Suid-Afrika is wat indiensneming na aftrede verbied nie, maar dat dit 'n nuwe kontrak vereis, gebaseer op werkgewers se operasionele behoeftes.<sup>25</sup> Die hof het bevind dat Kruger óf nie die werklike posisie ten volle verstaan het nie, óf verkeerd ingelig was.<sup>26</sup>

Daar is ook gefokus op regspraak wat handel oor die bewyslas in geskille oor die toepassing van artikel 187(2)(b) van die WAV. Die hof het verwys na *HOSPERSA obo Venter v SA Nursing Council*<sup>27</sup> (*Venter*), *Rockliffte v Mincom (Pty) Ltd*<sup>28</sup> (*Rockliffte*) en *Motor Industry Staff Association v Great South Autobody CC*<sup>29</sup> (*Motor Industry AAH*) wat bevestig dat die bewyslas op die werkgewer rus om te bewys dat die werknemer die aftreeouderdom bereik het.<sup>30</sup> In *Rockliffte* is ook bevestig dat indien 'n werknemer 'n ander aftree-ooreenkoms beweer, die bewyslas op die werknemer rus.<sup>31</sup>

Die kernvraag wat die Arbeidshof oorweeg het, was of die beëindiging van Kruger se diens 'n outomaties onbillike ontslag ingevolge artikel 187(1)(f) van die WAV daargestel het.<sup>32</sup> Die hof bevind egter dat artikel 187(2)(b) bepaal dat ontslag op grond van ouderdom billik is indien die werknemer die normale of ooreengekome aftreeouderdom bereik het.<sup>33</sup> Die hof beklemtoon dat ontslag op grond van ouderdom billik is slegs indien dit werklik op ouderdom gebaseer is – indien dit op ander gronde soos operasionele behoeftes of die werknemers se optrede berus, is artikel 187(2)(b) nie van toepassing nie.<sup>34</sup>

Die drie vereistes van artikel 187(2)(b) is op Kruger toegepas. Die hof bevestig dat ontslag op grond van ouderdom billik is indien:

- a. die ontslag op ouderdom gebaseer is
- b. daar 'n ooreengekome of normale aftreeouderdom bestaan
- c. die werknemer daardie ouderdom bereik het.<sup>35</sup>

Die Arbeidshof bevind dat daar in hierdie geval voldoende bewys was dat Unisa se ooreengekome aftreeouderdom 65 is, wat Kruger bereik het.<sup>36</sup> Unisa het voldoende bewyse gelewer dat Kruger die ooreengekome aftreeouderdom van 65 bereik het. Ingevolge artikel 187(2)(b) van die WAV is ontslag op grond van ouderdom dan nie outomaties onbillik nie. Kruger se eis is gevolglik van die hand gewys.<sup>37</sup>

## 4. Bespreking

### 4.1 Grondwetlike beginsels en die statutêre raamwerk

*Kruger* illustreer hoe die spanning tussen artikel 187(1)(f) en 187(2)(b) van die WAV in die praktyk manifesteer. Hoewel Unisa op 'n ooreengekome aftreeouderdom gesteun het wat *Kruger* al bereik het, het *Kruger* aangevoer dat die beëindiging van sy diens onbillik was en strydig met sy regte op gelykheid en waardigheid.<sup>38</sup> Hoewel die Arbeidshof die geskil in *Kruger* uitsluitlik binne hierdie statutêre raamwerk beoordeel het, raak die feite van die saak duidelik aan die grondwetlike regte op waardigheid, gelykheid en billike arbeidspraktyke.<sup>39</sup> Artikel 39(2) van die Grondwet, 1996 plaas 'n positiewe plig op howe om hierdie regte te bevorder wanneer hulle arbeidswetgewing interpreteer. In *Kruger* het die Arbeidshof egter nie eksplisiet die grondwetlike dimensie van verpligte aftrede verreken nie, wat die vraag laat ontstaan of die beslissing aan die Grondwet se interpretasie-opdrag voldoen.

Die Grondwet verseker dat alle werknemers die reg op billike arbeidspraktyke het en verbied onbillike diskriminasie, insluitend op grond van ouderdom.<sup>40</sup> Artikel 39(2) van die Grondwet vereis dat arbeidswetgewing geïnterpreteer word in ooreenstemming met die Handves van Regte.<sup>41</sup>

Die WAV en die Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998 (WGI) gee uitvoering aan die grondwetlike regte op waardigheid, teen onbillike diskriminasie en tot billike arbeidspraktyke.<sup>42</sup> Albei wette verbied onbillike diskriminasie op gelyste gronde, met inbegrip van ouderdom. Terwyl artikel 6(1) van die WGI onbillike diskriminasie in enige “werksbeleid of -praktyk” verbied, verbied artikel 187(1)(f) van die WAV meer beperkend ontslag op grond van onbillike diskriminasie as outomaties onbillike ontslag.

Artikel 6(2) van die WGI en artikel 187(2) van die WAV verskaf onderskeidelik absolute verwerpe teen eise van onbillike diskriminasie (ingevolge die WGI) en eise rakende outomaties onbillike ontslag op grond van onbillike diskriminasie (ingevolge die WAV). Artikels 6(2)(a) en 6(2)(b) van die WGI bepaal dat dit nie op onbillike diskriminasie neerkom om regstellende-aksie-maatreëls te tref wat in ooreenstemming met die doel van die WGI is of om enige persoon te onderskei, uit te sluit of te verkies op grond van 'n inherente vereiste van 'n pos nie. Artikel 187(2)(b) bepaal dat indien die werknemer die normale of ooreengekome aftreeouderdom bereik het vir 'n persoon wat in dieselfde hoedanigheid werk, die ontslag billik sal wees.<sup>43</sup>

In teenstelling met die inherente vereiste-verweer in artikel 187(2)(a) van die WAV, het die verpligte-aftreeouderdom-verweer in artikel 187(2)(b) van die WAV niks te doen met 'n eienskap wat 'n werknemer benodig om werk te verrig nie. Dit hang slegs daarvan af of die werknemer die bepaalde chronologiese ouderdom bereik het.<sup>44</sup>

Verpligte aftrede vind plaas by bereiking van 'n spesifieke chronologiese ouderdom of daarna.<sup>45</sup> Vir verpligte aftrede om ongrondwetlik te wees, moet daar ouderdomsdiskriminasie wees en moet die diskriminasie as onbillik beskou word.<sup>46</sup>

'n Rigiede aanslag bloot op grond van die chronologiese ouderdom van 'n werknemer sonder inagneming van sy of haar voortgesette bevoegdheid kan diskriminasie daarstel, veral in geskille wat handel oor die werkgever se diskresie om werknemers na aftrede weer in diens te neem. Grondwetlike regte is nie absoluut nie en kan beperk word, mits die beperking aan die proporsionaliteitstoets van artikel 36 van die Grondwet voldoen.<sup>47</sup>

Om te bepaal of verpligte aftrede inbreuk maak op die reg op gelykheid, word die *Harksen v Lane-toets*<sup>48</sup> gebruik. Ingevolge hierdie toets moet daar bepaal word:

1. of daar differensiasie is
2. of dit op 'n gelyste grond berus
3. of die diskriminasie onbillik is.

Aangesien ouderdom 'n gelyste grond is ingevolge die Grondwet, word diskriminasie op grond daarvan weerlegbaar vermoed onbillik te wees.<sup>49</sup> Die vraag is dus nie of verpligte aftrede diskriminerend is nie, maar wanneer dit grondwetlik geregverdig kan word. Artikel 187(2)(b) van die WAV funksioneer as 'n statutêre beperking op hierdie regte, maar die bestaan van 'n statutêre uitsondering ontdaan die hof nie van die verpligting om die beperking aan die proporsionaliteitstoets van artikel 36 te onderwerp nie.<sup>50</sup>

Indien daar geen onderskeid getref word tussen persone of groepe persone nie, is die reg op gelykheid nie geskaad nie. Wanneer daar wel 'n onderskeid getref word, maar dit in geen rasonale verband met 'n regmatige doel staan nie, word die eerste dimensie van die reg op gelykheid geskend.

Differensiasie wat 'n regmatige doel dien, kan steeds die tweede dimensie van die reg op gelykheid skend, naamlik die verbod op onbillike diskriminasie soos vervat in artikels 9(3) en 9(4) van die Grondwet. Dit gebeur wanneer differensiasie neerkom op diskriminasie en die diskriminasie onbillik is.<sup>51</sup> Diskriminasie op 'n gelyste grond word weerlegbaar vermoed onbillik te wees ingevolge artikel 9(5). Aangesien ouderdom 'n gelyste grond is, word diskriminasie op grond van ouderdom weerlegbaar vermoed onbillik te wees.

*Venter* is 'n voorbeeld van hoe die WGI en WAV saamwerk om moontlike diskriminasie op grond van ouderdom te beoordeel. Alhoewel hierdie geskil onder die WGI verwys is en nie onder artikel 187(2)(b) van die WAV nie,<sup>52</sup> het die hof steeds die bepalings in artikels 187(1)(f) en 187(2)(b) as rigtinggewend vir die interpretasie van diskriminasie ingevolge die WGI beskou.<sup>53</sup> Die rede waarom *Venter* die saak ingevolge die WGI verwys het, was dat sy die geskil aanhangig gemaak het voordat haar ontslag formeel plaasgevind het.<sup>54</sup>

Die *Harksen v Lane*-toets vir diskriminasie is in *Venter* toegepas. Die hof het bevind dat by toepassing van die toets, die vraag wat gestel word, moet wees of ouderdom die uitsluitlike rede vir die diskriminerende optrede was. Sodra daar bevestig is dat dit die geval is, verskuif die bewyslas na die werkgewer om te bewys dat die diskriminasie billik was ingevolge artikel 11 van die WGI.<sup>55</sup>

Die hof het na die uitspraak in *McKinney v University of Guelph* en *Andrews v Law Society of British Columbia* verwys<sup>56</sup> waar verpligte aftrede as diskriminerend beskou is, maar as 'n redelike beperking geregverdig is ingevolge die Kanadese Handves van Regte.

Waarnemende regter Steenkamp het bevind dat verpligte aftrede onbillike diskriminasie op grond van ouderdom daarstel<sup>57</sup> indien die aftreeouderdom eensydig, sonder enige konsultasie met die werknemers, verander is.<sup>58</sup>

In *NEHAWU v University of Cape Town*<sup>59</sup> het die Konstitusionele Hof beklemtoon dat billikheid só geïnterpreteer moet word dat dit die werkgewer se operasionele behoeftes ondersteun.

Billikheid vereis 'n balans tussen die belange van werkgewers en werknemers. Die arbeidsreg moet nie slegs werknemers beskerm nie, maar ook toegepas word op 'n wyse wat werkgewers toelaat om doeltreffend te kan funksioneer.<sup>60</sup>

Derhalwe balanseer die howe werkgewers se operasionele behoeftes met werknemers se regte op waardigheid, gelykheid en voortgesette deelname aan die arbeidsmark. By die toepassing van die proporsionaliteitstoets in die konteks van verpligte aftrede moet 'n balans getref word tussen regsbeginsele en etiese oorwegings. Die werkgewers se regmatige operasionele vereistes moet opgeweeg word teen die werknemer se reg op beskerming teen onbillike diskriminasie op grond van ouderdom.

Proporsionaliteit vereis dat die werkgewer moet aantoon dat die beëindiging van diens 'n regmatige doel dien (bv. die afdwing van 'n ooreenkoms of aftreebeleid in die werkplek) en dat hierdie doel die beperking van die werknemer se regte op gelykheid en waardigheid regverdig. Die werkgewer moet aantoon dat diensbeëindiging noodsaaklik is om die doel te bereik en dat dit die mins beperkende middel is. Indien 'n werknemer byvoorbeeld steeds sy of haar pligte doeltreffend kan verrig, mag diensbeëindiging moontlik nie proporsioneel wees nie. Die howe moet deur die kritiese lens van die proporsionaliteitstoets beoordeel of die nadeel aan die werknemer (die verlies van inkomste, status, ens.) opweeg teen die werkgewer se behoefte om 'n aftreebepaling in 'n kontrak of aftreebeleid in die werkplek af te dwing.

Bosch kritiseer 'n letterlike uitleg van artikel 187(2)(b) van die WAV en voer aan dat die artikel volgens sy doel en grondwetlike konteks geïnterpreteer moet word. Hy stel dit duidelik dat artikel 187(2)(b) beperkings op werknemers se reg op billike arbeidspraktyke plaas en daarom uitgelê behoort te word op 'n wyse wat 'n werknemer se regte so min as moontlik inperk.<sup>61</sup>

Die drie uiteenlopende uitsprake in *Motor Industry KH* wys hoe die *Harksen v Lane*-proporsionaliteitstoets werk wanneer dit by ouderdomsdiskriminasie kom. Van Staden verduidelik dat regter Zondo se benadering fokus op die groot invloed wat verpligte aftrede op 'n werknemer se waardigheid het, asook op die gevaar dat werkgewers dit kan misbruik. Dit laat die werknemer se regte swaarder weeg. Regter Rogers beklemtoon daarteenoor dat daar ook 'n geldige doel is om die werksmag te vernuwe en jonger mense werk te gee. Dit wys waarom die reël soms sinvol en prakties kan wees. Waarnemende regter Van Zyl se benadering wys dat daar maniere is om 'n balans te vind deur minder beperkende opsies te gebruik wat beide partye se belange in ag neem. Saam gee hierdie drie uitsprake 'n eenvoudige raamwerk vir die derde deel van die *Harksen v Lane*-toets: Om te besluit of die diskriminasie onbillik is deur waardigheid, doelmatigheid en moontlike alternatiewe teen mekaar op te weeg.<sup>62</sup>

Teen hierdie agtergrond bied Orton se proefskrif (2024) 'n kritiese perspektief op die grondwetlikheid van verpligte aftrede. Hy voer daarin oortuigend aan dat verpligte aftrede die grondwetlike regte op billike arbeidspraktyke en teen onbillike ouderdomsdiskriminasie onregverdig beperk en dus ongrondwetlik is. Hy betoog dat verpligte aftrede gewoonlik 'n ouer persoon se selfvervullingswaardigheid skaad, aangesien dit ouer persone se vermoë onderdruk om hul identiteit, gesondheid, vermoëns en begeertes te verwesenlik en te ontwikkel.<sup>63</sup>

As 'n werknemer se diens beëindig word wanneer hy of sy aftree in 'n werkplek waar daar 'n duidelik omskrewe aftreeouderdom is wat konsekwent toegepas word, is diskriminasie op grond van ouderdom geensins ter sprake nie. Waar die beëindiging van die werknemer se diens egter op arbitrêre gronde berus, of waar die aftreebeleid in die werkplek inkonsekwent of



arbitrêr toegepas word, of indien dit uit die omstandighede duidelik blyk dat die aftreebeleid gebruik word as 'n fasade om ander motiewe te verbloem, sal die optrede deur die werkgewer onbillike diskriminasie op grond van ouderdom daarstel.<sup>64</sup>

#### 4.1.1 Die WAV en die klassifikasie van aftrede as “ontslag”

Die beslissing in *Kruger* dui daarop dat 'n beëindiging van diens waarop daar ooglopend kontraktueel ooreengekom is en voorspelbaar behoort te wees, regsonsekerheid skep.<sup>65</sup>

In die Suid-Afrikaanse arbeidsreg bestaan daar verskeie maniere waarop 'n diensverhouding beëindig kan word, insluitend beëindiging deur ooreenkoms, soos in die geval van 'n vastetermynkontrak of 'n gesamentlike skeidingsooreenkoms (*mutual separation agreement*). In sodanige gevalle verstryk die diensverhouding outomaties op die datum waaroor die partye vrywillig ooreengekom het. Dieselfde beginsel sou geld indien partye kontraktueel 'n aftreeouderdom vasgestel het, indien artikel 187(1)(f) van die WAV nie die beëindiging as outomaties onbillik geklassifiseer het nie.

Artikel 185 van die WAV bepaal dat elke werknemer die reg het om nie onbillik ontslaan te word nie. Artikel 186 definieer wat 'n “ontslag” behels.<sup>66</sup> Daar is twee kategorieë van verbodsbepalings teen onbillike ontslag in die WAV, te wete onbillike ontslag en outomaties onbillike ontslag. Onbillike ontslag vind plaas wanneer 'n ontslag nie op 'n substantief billike rede berus nie, wat beperk is tot operasionele vereistes, wangedrag of onbevoegdheid, en/of wanneer dit nie volgens 'n billike prosedure geskied het nie, wat uniek is aan elk van die drie erkende redes vir ontslag.<sup>67</sup>

Artikel 187(1)(f) van die WAV bepaal dat diensbeëindiging op grond van ouderdom nie net as 'n “ontslag” kwalifiseer nie, maar dat dit outomaties onbillik geag word. Vanuit 'n kontrakteregperspektief is dit 'n ingrypende afwyking: Waar die beëindiging andersins nie onder artikel 186 as 'n “ontslag” sou kwalifiseer nie, word dit deur artikel 187(1)(f) statutêr as ontslag geklassifiseer.

Hoewel die wetsbepalings bedoel is om werknemers teen ouderdomsgebaseerde diskriminasie te beskerm, het dit die onbedoelde gevolg dat die gewone toets vir substantiewe en prosedurele billikheid nie toegepas word nie.<sup>68</sup> Dit laat 'n praktiese en prosedurele regsvakuum waarin werkgewers nie duidelike riglyne het oor hoe om aftrede regmatig te hanteer nie, en werknemers nie die beskerming teen onbillike ontslag en tot behoorlike ontslagprosedures geniet nie.

Waar aftrede tradisioneel as 'n gesamentlik ooreengekome en voorspelbare beëindiging van diens beskou is, word dit deur die WAV herklassifiseer as 'n vorm van outomatiese onbillike ontslag, tensy dit aan die uitsondering in artikel 187(2)(b) van die WAV voldoen. Hierdie benadering wyk af van die gewone kontrakteregbeginsels en skep regsonsekerheid oor die toepaslike prosedures en regte van sowel werkgewer as werknemer. Die houe se uiteenlopende interpretasies bevestig 'n dringende behoefte aan duideliker riglyne wat die hantering van verpligte aftrede in ooreenstemming bring met die waardigheid en regverdigheid wat die arbeidsreg beoog.



#### 4.1.2 Billikheid by ontslag op grond van ouderdom

##### 4.1.2.1 Substantiewe billikheid

In *Kruger* het die Arbeidshof 'n toets gebruik vir die toepassing van artikel 187(2)(b) van die WAV. Die toets behels drie elemente: of daar 'n aftreeouderdom in die werkplek bestaan, of ouderdom die rede vir die beëindiging van Kruger se diens was, en of Kruger daardie ouderdom bereik het.<sup>69</sup>

Werkgewers kan nie op artikel 187(2)(b) van die WAV ter regverdiging steun waar die werklike rede vir die ontslag in werklikheid die werkgewer se operasionele vereistes, of die werknemer se onbevoegdheid of wangedrag is nie.<sup>70</sup> Die Arbeidshof het in die *Rockliffte*-saak bevestig dat artikel 187(2)(b) van die WAV kan slaag slegs as ontslag werklik op ouderdom berus en nie ander redes (bv. operasionele behoeftes of onbevoegdheid) vermoen nie.<sup>71</sup> In *Seokwane v Bidvest Prestige Cleaning Services (Seokwane)*<sup>72</sup> is daar gesê dat ondeurdragte aanduidings van operasionele behoeftes nie outomaties opsygesit mag word deur “aftrede” voor te hou nie.<sup>73</sup>

Werkgewers moet verseker dat die ware rede vir ontslag werklik ouderdom is, en nie wangedrag of operasionele behoeftes wat as aftrede vermoen word nie. Indien die rede nie ouderdomgebaseerd is nie, sal die vrystelling van die vereistes vir prosedurele billikheid onder artikel 187(2)(b) van die WAV nie geld nie en kan die ontslag kragtens artikel 187(1)(f) van die WAV outomaties onbillik wees.<sup>74</sup>

##### 4.1.2.2 Prosedurele billikheid

In *Kruger* is die prosedurele vereistes vir ontslag van 'n werknemer wat die ooreengekome of normale aftreeouderdom bereik het, glad nie in ag geneem nie. Daar is egter in verskeie uitsprake bevestig dat daar geen verpligting tot prosedurele billikheid rus op werkgewers wanneer werknemers die aftreeouderdom bereik het nie.<sup>75</sup>

In *Schweitzer* het die Arbeidshof bevind dat sodra 'n werknemer die aftreeouderdom bereik, ontslag op grond daarvan kragtens artikel 187(2)(b) van die WAV outomaties billik is en dat geen verdere prosedure benewens kennisgewing benodig word nie. Die Konstitusionele Hof het in geeneen van die drie uitsprake in *Motor Industry KH* formeel beslis oor die vereiste of daar 'n formele verhoor moet plaasvind voordat 'n werknemer op grond van ouderdom ontslaan word nadat hy of sy die aftreeouderdom bereik het nie. Al wat regtens vereis word, is dat aftrede voorafgegaan behoort te word deur redelike kennisgewing van diensbeëindiging om te verseker dat die werknemer wat aftree, nie onverhoeds betrap word nie en tyd het om daarvoor voor te berei.<sup>76</sup> Daar was egter wel 'n paar sake waar die hof van mening was dat billike aftreeprosedures gevolg moet word.

In *Botha v Du Toit Vrey & Partners CC (Botha)*<sup>77</sup> het die Arbeidshof kompensasie toegeken aan die werknemer omdat die werkgewer nie met hom 'n voorafgaande aftreekonsultasie gehad het nie. In hierdie saak het die werknemer aanhou werk nadat hy 65 geword het en daar was geen aftreeouderdombepaling in sy dienskontrak nie. Hy was dus onbewus wanneer hy sou aftree. Die hof bevind dat dit in so 'n geval nie voldoende is om bloot 'n maand kennis te gee van diensbeëindiging nie, maar dat 'n konsultasie noodsaaklik is vir die werkgewer en werknemer om aftrede asook moontlike alternatiewe te bespreek. Die hof was die mening toegedaan

dat die prosedure vir die ontslag by ontstentenis van 'n voorafgaande konsultasie onbillik was. Die hof het verder daarop gewys dat die WAV 'n prosedurele leemte skep, en het 'n konsultasieplig voorgestel vir wanneer aftrede daartoe aanleiding sal gee dat 'n werknemer vir wie aanvanklik geen aftreeouderdom in sy kontrak gestipuleer is nie, skielik onbewus is van wanneer sy diens ten einde sal loop. Hierdie konsultasie word nie regtens deur die WAV vereis nie, maar vind sy oorsprong in breër beginsels van menslikheid en billikheid.<sup>78</sup>

In *Seokwane* is me. Seokwane in Julie 2019 aangestel op 'n driejaar-vastetermyn-dienskontrak. Sy was op daardie stadium 62 jaar oud en reeds ouer as die maatskappy se normale aftreeouderdom. Bidvest was met haar aanstelling ten volle bewus van haar ouderdom, maar het nagelaat om haar te waarsku dat sy moontlik voortydig sou moes aftree.

Die hof het bevind dat toe die werkgewer haar diens beëindig het, daar nie billike aftreeprosedures gevolg is nie, aangesien Seokwane nie voldoende tyd gegun is om haar op aftrede voor te berei nie; verder het die proses 'n gebrek aan deursigtigheid en billikheid getoon. Die werkgewer het ook versuim om haar kwesbare posisie in ag te neem. Gevolglik het die hof beslis dat die ontslag outomaties onbillik was, aangesien dit op ouderdom gebaseer was en nie geregverdig was ingevolge artikel 187(2)(b) van die WAV nie.<sup>79</sup>

Regter Rogers het in *Motor Industry KH* ook *obiter* aangedui dat 'n verhoor wenslik is, veral om waardigheid en deursigtigheid te bevorder.<sup>80</sup> Sy opinie oor die wenslikheid van 'n verhoor voor die beëindiging van 'n werknemer se diens op grond van ouderdom stem ooreen met *Botha*, waar daar beslis is dat menslikheidsoorwegings en ordentlikheid werkgewers noop om 'n konsultasie met werknemers te voer voordat hulle aftree.<sup>81</sup> Regter Rogers en die ander instemmende regters het aanbeveel dat die konsultasie gebruik moet word om voor ontslag sekere kwessies met werknemers te bespreek: die aftreeouderdom, die werklike rede vir die ontslag en 'n gepaste kennisgewingstydperk. Hoewel 'n konsultasie of verhoor nie regtens verpligtend nie, meen die regters dat dit waardevol kan wees om die werknemer se standpunt aan te hoor ten einde toekomstige regskwessies te verhoed.<sup>82</sup>

Ofskoon artikel 187(2)(b) van die WAV werkgewers vrystel van die vereistes van prosedurele billikheid wanneer werknemers hul normale of ooreengekome aftreeouderdom bereik het,<sup>83</sup> toon die regspraak dat hierdie vrystelling nie absolute vryheid in hierdie opsig verleen nie. Die uitsprake in *Botha*, *Seokwane* en *Motor Industry KH* beklemtoon dat redelike kennisgewing, deursigtigheid en konsultasie nie net wenslik is nie, maar dikwels noodsaaklik is om die werknemer se waardigheid te eerbiedig en regsonsekerheid te vermy. Die hof het aangedui dat menslikheidsoorwegings en ordentlikheid werkgewers noop om werknemers behoorlik in te lig en te raadpleeg voor diensbeëindiging op grond van ouderdom. Alhoewel 'n formele verhoor nie regtens vereis word nie, kan die afwesigheid van enige prosedurele sorgvuldigheid die indruk van arbitrêre optrede skep en die risiko van litigasie verhoog. Die praktyk toon dus dat prosedurele billikheid, selfs waar dit nie statutêr verpligtend is nie, 'n integrale rol speel in geregverdigde arbeidspraktyke.

#### 4.2 Tydsberekening van ontslag na aftrede

Een van die kwelpunte wat nie direk in *Kruger* aangeraak is nie, is of artikel 187(2)(b) van die WAV ten doel het dat werkgewers te eniger tyd nadat werknemers die normale aftreeouderdom bereik het, op die aftreebepaling kan staatmaak om werknemers se diens te beëindig en dat sodanige ontslag dan outomaties billik is. Indien dit die geval is, hoef werkgewers, solank die werknemer die aftreeouderdom bereik het, nie 'n billike rede te hê vir die ontslag nie en ook

nie 'n billike prosedure te volg nie.<sup>84</sup> Dit sou beteken dat ouderdom nie noodwendig die direkte rede vir ontslag is nie en werkgewers sal ouderdom kan gebruik om verpligte prosedures, byvoorbeeld die voorgeskrewe prosedure vir ontslag vir operasionele vereistes in artikel 189 van die WAV, te vermy.

Die kernvraag is of artikel 187(2)(b) van die WAV afdankings na aftrede te eniger tyd toelaat, of slegs op die aftreedatum of kort daarna.

#### 4.2.1 *Schweitzer: die oorspronklike uitleg van artikel 187(2)(b)*

In *Schweitzer* het die Arbeidshof beslis dat sodra 'n werknemer die normale of ooreengekome aftreeouderdom bereik, 'n afdanking op grond van ouderdom nie outomaties onbillik is ingevolge artikel 187(2)(b) van die WAV nie. Die hof het dit geïnterpreteer as sou die werkgewer die werknemer te eniger tyd daarna mag afdank sonder om 'n billike prosedure te volg, mits die afdanking op ouderdom gebaseer is en daar 'n normale of ooreengekome aftreeouderdom is.<sup>85</sup>

In *Schweitzer* het die Arbeidshof op grond van 'n letterlike interpretasie van artikel 187(2)(b) van die WAV bevind dat as dié bepaling van toepassing is, 'n ontslag nie as outomaties onbillik beskou word nie.<sup>86</sup> Die hof het egter beklemtoon dat ontslag steeds op ander gronde onbillik kan wees, veral indien geen billike prosedure gevolg is nie.<sup>87</sup> Regter Zondo het egter beslis dat slegs skriftelike kennisgewing vereis word en dat geen verdere prosedurele vereistes voorgeskryf of vereis word nie.<sup>88</sup>

Ten slotte het die hof erken dat hierdie uitleg verreikende sosiale implikasies het, veral vir ouer werknemers wat nog in staat is om hul werk doeltreffend te verrig, maar dat dit ooreenstem met die wetgewer se taatgebruik en moontlik gemotiveer is deur beleidsoorwegings soos die bevordering van jeugtoegang tot die arbeidsmark.<sup>89</sup>

#### 4.2.2 *Interpretasie van artikel 187(2)(b) in Motor Industry KH*

Na die Arbeidshof se uitleg in *Schweitzer* moes die Konstitusionele Hof in *Motor Industry KH* heroorweeg hoe artikel 187(2)(b) van die WAV met grondwetlike waardes versoen kan word.<sup>90</sup> In *Schweitzer* het die Arbeidshof aanvaar dat werkgewers hul reg te eniger tyd na bereiking van die aftreeouderdom kan uitoefen om werknemers te ontslaan sonder verdere prosedure.

Die Konstitusionele Hof het egter in 2024 beslis dat hierdie interpretasie nie die Grondwet in ag neem nie.<sup>91</sup> Artikel 6(1) van die WGI verbied onbillike diskriminasie, onder andere op grond van ouderdom. Artikel 10 van die Grondwet beskerm menswaardigheid en artikel 23(1) die reg op billike arbeidspraktyke. Artikel 39(2) vereis dat wetgewing uitgelê moet word in ooreenstemming met die gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte.<sup>92</sup>

In *Motor Industry Staff Association v Great South Autobody BK h/a Great South Panelbeaters; Solidarity obo Strydom v State Information Technology Agency SOC Limited*<sup>93</sup> (*Motor Industry KH*) is die Konstitusionele Hof versoek om die omvang van artikel 187(2)(b) te verduidelik. Die hoogste hof kon egter nie konsensus bereik nie, wat gelei het tot drie afsonderlike uitsprake.<sup>94</sup>

In die eerste uitspraak (hoofregter Zondo met regters Chaskalson, Mathopo en Schippers instemmend) het die hoogste hof 'n ruimer uitleg gevolg en beslis dat artikel 187(2)(b) van die

WAV van toepassing is slegs indien die afdanking plaasvind op die presiese datum waarop die werknemer die ooreengekome of normale aftreeouderdom bereik, of aan die einde van daardie maand indien so ooreengekom.<sup>95</sup> Indien die werknemer daarna aanhou werk, vervall die beskerming van artikel 187(2)(b) van die WAV en is enige daaropvolgende afdanking op grond van ouderdom outomaties onbillik ingevolge artikel 187(1)(f) van die WAV.<sup>96</sup>

In die tweede uitspraak het waarnemende regter Van Zyl 'n meer gematigde interpretasie van artikel 187(2)(b) voorgestel en aanvaar dat hierdie wetsartikel steeds van toepassing kan wees indien die werknemer se diens binne 'n redelike tyd na sy of haar aftrede beëindig word.<sup>97</sup> Die werkgever moet volgens die uitspraak binne 'n redelike tyd optree en 'n keuse (eleksie) uitoefen, asook kennis dra van die regsposisie.<sup>98</sup> Indien die werkgever sou versuim om hierdie keuse binne 'n redelike tyd uit te oefen, kan dit óf op afstanddoening deur die werkgever, óf op 'n stilswyende wysiging van die dienskontrak dui.<sup>99</sup> Die tweede uitspraak wyk dus af van die rigiede afsnydatum wat in die eerste uitspraak voorgestel is.

Die derde uitspraak, geskryf deur regter Rogers (met instemming van drie ander regters),<sup>100</sup> bekragtig die aanslag in *Schweitzer* dat artikel 187(2)(b) van die WAV 'n werkgever toelaat om 'n werknemer wat die ooreengekome of normale aftreeouderdom bereik het, se diens te beëindig te eniger tyd nadat die werknemer die normale of ooreengekome aftreeouderdom bereik het, mits die afdanking op ouderdom gebaseer is.<sup>101</sup>

Dit was nie vir die hoogste hof nodig om te oorweeg of 'n werkgever verplig is om 'n billike prosedure te volg wanneer 'n werknemer na bereiking van die aftreeouderdom ontslaan word nie. In *Motor Industry KH* bevind regter Zondo egter weereens in die eerste uitspraak dat artikel 187 van die WAV ontslag outomaties onbillik maak op grond van substantiewe faktore, nie weens die versuim om 'n werknemer aan te hoor nie. Alhoewel artikel 188 van die WAV prosedurele billikheid by ontslag vereis, is dit nie by outomaties onbillike ontslag van toepassing nie. Die WAV vereis nie dat 'n werkgever prosedurele billikheid moet bewys in gevalle van outomaties onbillike ontslag nie.<sup>102</sup> Die derde uitspraak beveel egter aan dat, buiten kennis van beëindiging, werknemers 'n konsultasie of verhoor gegun behoort te word, maar stel dit nie as 'n regsplig nie.<sup>103</sup>

Alhoewel artikel 187(2)(b) van die WAV in *Motor Industry KH* aan grondwetlike ondersoek onderwerp is en die meerderheid voorgestel het dat die interpretasie daarvan belig moet word deur artikel 39(2) van die Grondwet wat die waardes van waardigheid en gelykheid bevorder, is hierdie beginsel nie in *Kruger* toegepas nie. Die verdeeldheid in die Konstitusionele Hof toon dat daar geen vaste interpretasie van artikel 187(2)(b) van die WAV bestaan nie.

Dit is opmerklik dat die Arbeidshof in *Kruger* na die Arbeidsappèlhof se beslissing in *Motor Industry AAH*<sup>104</sup> verwys, eerder as na die Konstitusionele Hof se uitspraak. Die Arbeidshof het in *Kruger* bevind dat Unisa hom op artikel 187(2)(b) kon beroep al was sy ontslag nege maande na *Kruger* se aftreedatum. Die hof se terugval op die *Schweitzer*-benadering bevestig dat die regspraak steeds verdeeld is oor die tydsberekening van ouderdomsgebaseerde ontslag. Die uiteenlopende uitsprake in *Motor Industry KH* dui daarop dat die vraagstuk oor tydsberekening van ouderdomsgebaseerde ontslag steeds nie opgelos is nie.

### 4.3 Ooreengekome v normale aftreeouderdom

In *Kruger* was die aftreeouderdom aanvanklik 60. Dit is later deur 'n beleidsverandering in die werkplek tot 65 verhoog.<sup>105</sup> Die Arbeidshof het bevind dat hierdie ooreengekome ouderdom duidelik en konsekwent toegepas is, sodat die toepassing van artikel 187(2)(b) van die WAV geregverdig was. Die saak beklemtoon die belang van 'n uitdruklike en skriftelike ooreenkoms.

Artikel 187(2)(b) onderskei tussen 'n ooreengekome aftreeouderdom (kontraktueel vasgestel) en 'n "normale" aftreeouderdom (bedryfsnorm). Die twee is disjunktief: Indien daar 'n ooreengekome ouderdom is, geld die normale ouderdom nie, en omgekeerd.<sup>106</sup> Artikel 187(2)(b) van die WAV bepaal duidelik dat 'n ontslag van 'n werknemer wat die ooreengekome of normale aftreeouderdom bereik het, billik is. Waar die werkgever en die werknemer in 'n dienskontrak of ander ooreenkoms bepaal dat die werknemer se diens beëindig sal word wanneer hy of sy 'n sekere ouderdom bereik, kwalifiseer dit as 'n ooreengekome aftreeouderdom. Wat 'n "normale" aftreeouderdom betref, is die wetgewing egter nie so duidelik nie, en die hof het al telkens oor die betekenis van hierdie bepaling klei getrap.<sup>107</sup>

Daar word geen "normale" of verpligte aftreeouderdom in enige wetgewing in Suid-Afrika vasgestel nie. Alhoewel dit oor die algemeen aanvaar word dat die gewone aftreeouderdom 65 is, is dit nie statutêr veranker nie. Daar is 'n stereotiepe oortuiging dat ouer persone se funksionele prestasie skerp afneem wanneer hulle die ouderdomsgroep van 60 tot 65 betree en dat dit die rede is hoekom hulle op daardie ouderdom moet aftree, ofskoon daar geen wetenskaplike bewyse daarvoor bestaan nie.<sup>108</sup>

Dit is nie 'n vereiste in die Suid-Afrikaanse arbeidsreg dat normale aftreeouderdomme moet saamval met, of hoër moet wees as, die voordele-ouderdomme van pensioenfondse nie.<sup>109</sup> Die voordele-ouderdomme in pensioenfondse soos bepaal deur die reëls van 'n pensioenfonds sal 'n aftreeouderdom kan word slegs as daardie reëls in 'n werknemer se dienskontrak geïnkorporeer is.<sup>110</sup> Dan sal dit 'n ooreengekome aftreeouderdom wees en nie 'n normale aftreeouderdom nie.<sup>111</sup>

In *Hibbert v ARB Electrical Wholesalers (Pty) Ltd (Hibbert)*<sup>112</sup> het die Arbeidshof bevind dat die werkgever versuim het om te bewys dat mededingers werknemers in dieselfde hoedanigheid op die betwiste ouderdom laat aftree. Die hof het egter aanvaar dat 'n normale aftreeouderdom vasgestel kan word met verwysing na praktyke in die breër bedryf.<sup>113</sup>

Die Arbeidsappèlhof het in *Rubin Sportswear v SA Clothing and Textile Workers Union (Rubin Sportswear)*<sup>114</sup> 'n toets geformuleer vir "normale" aftreeouderdom: Dit ontstaan slegs indien 'n voldoende aantal werknemers oor 'n lang tyd op daardie ouderdom aftree in soortgelyke poste. Die hof het beklemtoon dat 'n werkgever nie eensydig 'n normale ouderdom kan vasstel nie – dit moet op gevestigde gebruik berus.<sup>115</sup> Die hof het beslis dat waar daar geen ooreengekome ouderdom is nie, 'n normale aftreeouderdom ontstaan slegs as 'n gevestigde gebruik onder poste van soortgelyke aard in daardie werkplek. Die hof het verder beslis dat as daar in 'n werkplek 'n "normale" aftreeouderdom toegepas word vir poste soortgelyk aan die pos wat die betrokke werknemer wat die geskil verwys het, beklee, 'n aftreeouderdom wat individueel ooreengekom is met hom of haar voorkeur sal geniet. Die "normale" aftreeouderdom sal geld slegs as daar nie 'n ooreengekome aftreeouderdom is nie.<sup>116</sup> Wysigings in diensvoorwaardes mag nie eensydig ingestel word nie,<sup>117</sup> en as daar geen ooreengekome of normale aftreeouderdom is nie, mag werkgevers hul werknemers slegs om 'n billike rede wat nie op grond van hul ouderdom is nie, ontslaan.<sup>118</sup>



In *Cash Paymaster Services (Pty) Ltd v Brown (Cash Paymaster)*<sup>119</sup> het die Arbeidsappèlhof beslis dat waar beide ooreengekome en normale aftreeouderdomme in 'n werkplek van toepassing is, die ooreengekome aftreeouderdom voorrang geniet.<sup>120</sup> Die hof het die idee verwerp dat 'n eensydige vasstelling van 60 as aftreeouderdom dit “normaal” maak. Die betekenis van “normaal” moet volgens gewone taalgebruik verstaan word as dit wat tipies of gebruikelik is of “op die gewone manier”. Dit moet dus 'n gevestigde gebruik wees vir werknemers wat in dieselfde hoedanigheid werk om op 'n sekere ouderdom af te tree om as 'n normale aftreeouderdom te kwalifiseer.<sup>121</sup> 'n Werkgewer mag selfs verskillende normale aftreeouderdomme hê vir verskillende kategorieë werknemers in die werkplek. Artikel 187(2)(b) kan egter nie as verweer gebruik word as dit nie die normale aftreeouderdom is van die betrokke werknemer in sy spesifieke hoedanigheid nie.<sup>122</sup> Die frase “persone in daardie hoedanigheid in diens geneem” in artikel 187(2)(b) van die WAV is geïnterpreteer om persone in te sluit wat nie net by dieselfde werkgewer in diens is nie, maar ook in dieselfde hoedanigheid by ander werkgewers in dieselfde bedryf in diens is.

Die hof het in die *Venter*-saak beslis dat die feit dat ander werknemers op 60 moes aftree, nie beteken het dat daar teen Venter gediskrimineer is nie, aangesien daar geen bewys was van 'n gevestigde norm of ooreenkoms ten opsigte van aftreeouderdom nie.<sup>123</sup>

Dit blyk dat ouderdomsgebaseerde ontslag in Suid-Afrika billik geag kan word slegs indien die aftreeouderdom vooraf aan werknemers bekendgemaak is, nie eensydig ingestel is nie, en konsekwent in die werkplek toegepas is. Artikel 187(2)(b) van die WAV stel twee gronde daar waarop 'n werkgewer 'n ontslag op grond van aftreeouderdom kan regverdig: Die een is 'n ooreengekome aftreeouderdom, en die ander is 'n normale aftreeouderdom. Dit is die enigste twee geldige gronde. As daar nie 'n normale of ooreengekome aftreeouderdom is nie, sal 'n ontslag op grond van ouderdom ingevolge artikel 187(1)(f) van die WAV outomaties onbillik wees.<sup>124</sup>

#### **4.4 Gevolge van voortgesette diens na aftrede**

In *Kruger* is dit duidelik gestel dat Kruger se voortgesette indiensneming nadat hy die aftreeouderdom bereik het, 'n formele heraanstelling op grond van Unisa se operasionele behoefte sou vereis.<sup>125</sup> Dergelike aanstellings word oor die algemeen deur vastetermyn- of onafhanklike-kontrakteursooreenkomste gereguleer.<sup>126</sup> So is daar dan ook in *Kruger* getuig en die hof het aanvaar dat Unisa sy aftreebeleid konsekwent toepas en dat werknemers na aftrede nie op 'n permanente grondslag aangestel word nie.<sup>127</sup>

Alhoewel Kruger gedurende die hofverrigtinge aangevoer het dat daar met hom mondelings ooreengekom is dat hy nie sou gedwing word om af te tree nie, sou 'n weerlegging van die aftreeouderdom wat met die Unisa-werknemers onderhandel is, afdoende bewyse vereis dat dit wel die geval was. Kruger het nie aan hierdie bewyslas voldoen nie.<sup>128</sup>

*Kruger* dui daarop dat die hof informele verwagtings of mondelinge waarborge as grondslag vir voortgesette diens na aftrede verwerp. Die feit dat 'n werknemer wat die aftreeouderdom bereik het, subjektief oortuig is dat hy of sy nog by magte is om 'n positiewe bydrae in die werkplek te lewer, is irrelevant tot die beoordeling van die billikheid van die beëindiging van diens. Die beoordeling van billikheid berus ook nie op hoe bekwaam werknemers hulself ag nie.<sup>129</sup> In *Kruger* het Unisa se beleid bepaal dat Unisa die reg voorbehou om werknemers weer in diens te neem nadat hulle die ooreengekome aftreeouderdom bereik het ten einde in Unisa



se operasionele behoeftes te voorsien.<sup>130</sup> Die beleid self het aan Unisa hierdie diskresie verleen en die voorwaardes vir herindiensneming van werknemers na aftrede bepaal.

Hoewel werkgewers die diskresie het om werknemers na aftrede aan te stel, moet hierdie bevoegdheid uitgeoefen word in ooreenstemming met die werkgewer se beleid en sonder diskriminerende of arbitrêre toepassing. Ouderdomsdiskriminasie kan ter sprake wees indien aanstellings na aftrede arbitrêr voorkom.<sup>131</sup> Tog verleen die Suid-Afrikaanse reg oor die algemeen hierdie diskresie aan werkgewers, mits sodanige aanstellings op operasionele vereistes gegrond is en nie willekeurig toegepas word nie.<sup>132</sup>

Aftrede dui gewoonlik op die beëindiging van 'n diensverhouding, maar dit beteken nie altyd 'n permanente onttrekking uit winsgewende werk nie. Om na aftrede te werk, is nie regtens verbode nie.<sup>133</sup> In Suid-Afrika mag werkgewers werknemers toelaat om na hul aftreeouderdom te werk. Sulke werknemers word dikwels op kontrakbasis in diens geneem. Artikel 198B(4)(i) van die WAV bepaal uitdruklik dat die sluiting van vastetermyntkontrakte geregverdig is wanneer werknemers hul aftreeouderdom bereik het.<sup>134</sup>

Verskeie beleidsoorwegings speel 'n rol by heraanstellings nadat werknemers die voorgeskrewe of ooreengekome aftreeouderdom bereik het. Eerstens kan heraanstellings nadat die aftreeouderdom bereik is, verhoed dat jonger toetreders tot die arbeidsmark aangestel word.<sup>135</sup> Tweedens moet daar regsekerheid wees wanneer dit by dergelike aanstellings kom. Dit is veral belangrik sodat die werknemers wat geag word in die finale fase van hul loopbaan te wees die nodige beplanning kan doen vir wanneer hulle nie meer 'n salarisinkomste sal hê nie.<sup>136</sup> Heraanstellings nadat die aftreeouderdom bereik is, kan dus nie deur 'n stilswyende wysiging van die oorspronklike dienskontrak bewerkstellig word nie. Derhalwe moet die nuwe ooreenkoms geformaliseer word en verkieslik op skrif gestel word wanneer 'n heraanstelling gemaak word. Werkgewers moet hul diskresie in hierdie verband op 'n deursigtige wyse uitoefen.

Voortgesette diens na aftrede vereis 'n duidelike, formele ooreenkoms wat nie in stryd is met die werkgewer se aftreebeleid nie. Informele verwagtings of subjektiewe persepsies van bekwaamheid is onvoldoende. Werkgewers moet hul diskresie deursigtig en regverdig uitoefen, met inagneming van operasionele behoeftes, regsekerheid vir werknemers, asook breër arbeidsmarkbelange.

#### 4.5 Kontraktuele gevolge van voortgesette diens

Orton voer aan dat dienskontrakte deur tydsverloop beëindig word wanneer werknemers hul aftreeouderdom bereik, tensy hulle daarna aanhou werk. In daardie geval duur die kontrak syns insiens onbepaald voort onder die swaard van dieselfde aftreeouderdom.<sup>137</sup> Suid-Afrikaanse howe het uiteenlopende opvattinge oor wat met die dienskontrak gebeur wanneer 'n werknemer na bereiking van die aftreeouderdom onverpoos aanhou werk.

In *Schweitzer* is beslis dat wanneer werknemers die aftreeouderdom bereik, hul dienskontrakte outomaties deur regswerking ten einde loop.<sup>138</sup> As hulle dan na bereiking van die aftreeouderdom aanhou werk, word 'n nuwe dienskontrak stilswyend geskep. In *Department of Agriculture, Forestry & Fisheries v Tefo*<sup>139</sup> is beslis dat die dienskontrak in sulke omstandighede nie op die aftreeouderdom beëindig word nie, maar dat dit eerder stilswyend herleef (by wyse van novasie) en omskep word in 'n dienskontrak vir 'n onbepaalde tydperk.<sup>140</sup>

In *Motor Industry AAH* het die Arbeidsappèlhof bevind dat die reg van 'n werkgewer ingevolge artikel 187(2)(b) eiesoortig (*sui generis*) is en dat dit verkeerd is om die beginsels toe te pas wat in hofbeslissings neergelê is om aanwending te vind by die stilswyende hernuwing van byvoorbeeld 'n vastetermyndienskontrak wat verstryk het om ander redes as dat die werknemer die normale of ooreengekome aftreeouderdom bereik het.<sup>141</sup>

Die Suid-Afrikaanse howe identifiseer drie moontlike verklarings vir wat met die aftreebepaling in 'n dienskontrak gebeur wanneer 'n werknemer onverpoos en sonder om 'n nuwe ooreenkoms te sluit na aftrede aanhou werk:

(a) Outomatiese beëindiging deur regswerking

Hierdie benadering, bevestig in *Schweitzer*, stel dit dat die diensverhouding outomaties ten einde loop deur tydsverloop wanneer die aftreeouderdom bereik word.<sup>142</sup>

As 'n dienskontrak outomaties sou eindig deur verloop van tyd of regswerking, sou dit beteken dat daar nie sprake van 'n ontslag is nie.<sup>143</sup> Daar sou dus ook geen vraag wees of daar van werkgewers in sulke omstandighede vereis sou word om 'n billike rede te hê om die betrokke werknemers se diens te beëindig nie. Verder sou daar geen prosedure gevolg hoef te word deur die werkgewers om die werknemers se diens te beëindig nie. Die WAV bepaal dat die beëindiging van 'n werknemer se diens wanneer hy of sy die normale of ooreengekome aftreeouderdom bereik, en as artikel 187(2)(b) toepassing vind, billik geag sal word.

(b) Stilswyende novasie van die dienskontrak

'n Alternatiewe benadering is dat voortgesette diens 'n stilswyende hernuwing van die kontrak impliseer, insluitend die aftreebepaling.<sup>144</sup>

Novasie is 'n ooreenkoms waardeur een of meer verpligtinge tot niet gaan en vervang word deur 'n nuwe verpligting of verpligtinge.<sup>145</sup> Ten einde novasie daar te stel, moet daar 'n bedoeling wees om 'n bestaande verpligting met 'n ander verpligting te vervang.<sup>146</sup> Die bewyslas rus op die party wat beweer dat daar novasie plaasgevind het.<sup>147</sup> Indien dit nie moontlik is om duidelik te bewys dat die bedoeling was om die verpligting of verpligtinge te vervang nie, versterk dit die oorspronklike verpligting.<sup>148</sup>

Die regseffek van 'n geldige novasie is dat die oorspronklike verpligting tussen die partye verval.<sup>149</sup> Die novasie mag ook voorwaardelik wees. Dit kan byvoorbeeld gebeur as die bestaande verpligting vervang word deur 'n nuwe verpligting as daar aan 'n opskortende of ontbindende voorwaarde voldoen word.<sup>150</sup>

(c) Werkgewer se keuse om die aftreebepaling af te dwing

'n Derde moontlikheid is dat die werkgewer 'n keuse het om die aftreebepaling af te dwing, soos bespreek in *Motor Industry KH*. Volgens *Motor Industry KH* het die werkgewer die reg om op die aftreedatum, of binne 'n redelike tyd daarna, te besluit of die aftreebepaling afgedwing sal word. Indien die werkgewer nalaat om die keuse uit te oefen, kan dit as 'n afstanddoening van daardie reg geïnterpreteer word.<sup>151</sup>

Voortgesette diens nadat 'n werknemer die aftreeouderdom bereik het, sonder 'n nuwe ooreenkoms, kan dui op afstanddoening deur die werkgever van die reg om die werknemer billik te ontslaan op grond van ouderdom,<sup>152</sup> of op 'n stilswyende wysiging van die oorspronklike kontraktuele aftreebepaling wat die werkgever se verpligting tot prosedurele billikheid by die beëindiging van die werknemers se diens op 'n later stadium mag beïnvloed. Die huidige regsonsekerheid oor die kontraktuele gevolge van voortgesette diens ná aftreeouderdom ondermyn regsekerheid en voorspelbaarheid in arbeidsverhoudinge.<sup>153</sup> Hierdie regsonsekerheid het nie net teoretiese implikasies nie, maar beïnvloed ook die praktiese hantering van litigasie oor ouderdomsgebaseerde ontslag. Die reg is nie duidelik oor die interpretasie van artikel 187(2) van die WAV nie, en die hoewe is ook nie seker oor die kontraktuele gevolge van voortgesette diens nie, aangesien die ontslag wat ter sprake is, *sui generis* is.

Die Arbeidshof het in *Rockliffe obiter* bevind dat daar vir 'n suksesvolle verweer ingevolge artikel 187(2)(b) slegs bewys hoef te word dat die werknemer die ooreengekome ouderdom bereik het.<sup>154</sup> Die hof bevind egter dat as 'n werknemer aanhou werk na die aftreeouderdom, hy of sy hom- of haarself op afstanddoening en/of estoppel sou kon beroep.<sup>155</sup> Die feit dat werknemers die bewyslas opgelê word, daar regtens van hulle vereis word om die spesifieke gronde te pleit in hofsake waar hulle op grond van ouderdom ontslaan is,<sup>156</sup> en hulle daarvan bewus is dat die werkgever op artikel 187(2) van die WAV gaan probeer steun ter regverdiging, kompliseer litigasie.

In *Motor Industry KH* het die werknemer, Landman, byvoorbeeld aangevoer dat die werkgever óf afstand gedoen het van die aftreeouderdom deur voortgesette diens toe te laat, óf dat die kontrak stilswyend gewysig is.<sup>157</sup> Die werknemer het ook op estoppel gesteun en in die alternatief beweer dat 'n nuwe kontrak ontstaan het. Die hof moes dus bepaal of die ontslag outomaties onbillik was ingevolge artikel 187(1)(f), dan wel of artikel 187(2)(b) as verweer kon dien.<sup>158</sup> Die hof moes bepaal of 'n nuwe kontrak ontstaan het, en of daar afstanddoening of wysiging van die aftreebepaling was omdat Landman aangehou werk het.<sup>159</sup> Die hof moes ook beslis of Landman se ontslag outomaties onbillik was ingevolge artikel 187(1)(f) en of artikel 187(2)(b) van die WAV as verweer kon dien.<sup>160</sup> Alhoewel die bewyslas wat op werkgevers rus om op artikel 187(2)(b) staat te maak, relatief lig is, word daar van werknemers verwag om afdoende bewyse te lewer ten opsigte van elke bewering wat gemaak is.<sup>161</sup>

Die uiteenlopende benaderings tot voortgesette diens na aftrede skep regsonsekerheid vir sowel werkgevers as werknemers. Sonder 'n duidelike ooreenkoms of beleid rakende heraanstelling kan die voortsetting van diens aanleiding gee tot litigasie oor die billikheid van ontslag.

#### 4.6 Subjektiwiteit en doelmatige uitleg van artikel 187(2)(b)

*Kruger* is in die Arbeidshof beslis na die hoogste hof se beslissing in *Motor Industry KH*, maar die Arbeidshof het nie 'n meer doelmatige, ruimer interpretasie van artikel 187(2)(b) van die WAV as in *Schweitzer* gevolg nie. Dit beklemtoon die behoefte aan duideliker wetgewing.

In 1998 het hoofregter Zondo in *Schweitzer* beslis dat 'n werkgever 'n werknemer regverdig kan afdank op enige tydstip na bereiking van die ooreengekome of normale aftreeouderdom deur hom of haar te beroep op artikel 187(2)(b) van die WAV.<sup>162</sup> In 2024 het hoofregter Zondo in *Motor Industry KH* egter van sy vroeëre standpunt afgewyk en beslis dat so 'n afdanking geregverdig is slegs indien die beëindiging van diens plaasvind op die datum waarop die werknemer die ooreengekome aftreeouderdom bereik of op die laaste dag van daardie maand,

indien dit kontraktueel so ooreengekom is.<sup>163</sup> Hoofregter Zondo het hierdie herinterpretasie van die toepassing van artikel 187(2)(b) van die WAV regverdig deur hom op grondwetlike waardes te beroep, en het beklemtoon dat werkgewers se onbeperkte diskresie om werknemers na die bereiking van die aftreeouderdom af te dank, tot misbruik kan lei.<sup>164</sup> Hierdie interpretasie verteenwoordig dus 'n ruimer en meer doelmatige uitleg van die wetgewing as die vorige beperkende uitleg van die wetgewing in *Schweitzer*.<sup>165</sup>

Waarnemende regter Van Zyl het die interpretasie van artikel 187(2)(b) in *Schweitzer* ook as te letterlik beskou, aangesien dit die konteks en doel van die WAV – om arbitrêre ontslag te voorkom – misken.<sup>166</sup>

Die verskuiwing in regterlike interpretasie van artikel 187(2)(b) beklemtoon die behoefte aan duideliker wetgewing wat voorspelbaarheid verseker sonder om die grondwetlike regte van werknemers prys te gee.<sup>167</sup> Dit dui ook daarop dat regspraak aanpas onder die demokratiese bestel en 'n regte-gebaseerde benadering vereis.

## 5. Voorgestelde wysiging van artikel 187(2)(b) van die WAV

*Kruger* toon dat selfs waar 'n aftreebeleid bestaan, die afwesigheid van prosedurele vereistes en die onsekerheid oor die toepassing van artikel 187(2)(b) tot litigasie aanleiding gee. 'n Wysiging sal sulke geskille voorkom en die regte van werknemers beter beskerm.

Artikel 187(1)(f) van die WAV klassifiseer ontslag op grond van ouderdom as outomaties onbillik tensy dit binne die uitsondering van artikel 187(2)(b) val. Artikel 187(2)(b) van die WAV bepaal dat die ontslag nie outomaties onbillik is indien die werknemer die “normale of ooreengekome aftreeouderdom” in die werkplek bereik het nie. Die frase “normale aftreeouderdom” is inherent vaag en lei tot inkonsekwente interpretasie, veral waar geen uitdruklike ooreenkoms bestaan nie of waar werkplekpraktyke wissel.

Ons stel voor dat artikel 187(2)(b) van die WAV gewysig word deur “normale of ooreengekome aftreeouderdom” te vervang met 'n vereiste vir 'n uitdruklike kontraktuele ooreenkoms of 'n duidelik omskrewe kontrakbepaling vir diensbeëindiging nadat 'n werknemer die aftreeouderdom bereik het.

'n Kruisverwysing kan ingesluit word wat bevestig dat ontslag op grond van ouderdom as nie-outomaties onbillik geag sal word slegs indien daar 'n duidelik omskrewe kontrakbepaling bestaan wat die aftreeouderdom en die voorwaardes vir diensbeëindiging uitspel. Sodoende sal die afhanklikheid van vae praktyke in die werkplek en onsekerheid oor wat die normale aftreeouderdom is, uit die weg geruim word en arbeidsgeskille voorkom. Hierdie wysiging sal ook ooreenstem met die beginsels van kontrakteervryheid en dat kontrakte wat vryelik tussen werkgewers en werknemers aangegaan is, regtens afdwingbaar is. Die belyning van die wetsbepalings met gemeenregtelike beginsels sal aftrede voorspelbaar maak en vir werknemers die geleentheid gee om hul aftrede te beplan.

Aangesien artikel 187(1)(f) van die WAV die effek het dat die vereistes vir prosedurele billikheid uitgesluit word sodra 'n werknemer die aftreeouderdom bereik het,<sup>168</sup> moet daar ook voorsiening gemaak word vir die beskerming van werknemers wat na aftreeouderdom aanhou werk. Dit kan gedoen word deur 'n verpligte konsultasiebepaling soos voorgestel in die *Botha- en Venter*-sake in die wetgewing in te sluit.

Benewens die voorgestelde wetswysiging, kan aanvullende regulering in die vorm van 'n gedragskode vir verpligte aftrede verdere duidelikheid verskaf. In die kode moet “verpligte aftrede” duidelik gedefinieer word. Verder moet prosedurele vereistes uiteengesit word. In hierdie gedragskode kan daar ook riglyne ingesluit word oor alternatiewe aanstellings na aftrede en aanbevelings gemaak word oor hoe die diskresie deur werkgewers toegepas moet word (bv. in ooreenstemming met operasionele vereistes, arbeidsmarkoorwegings en die land se demografie). Sodanige maatreëls sal regsekerheid en voorspelbaarheid bevorder, werkgewers se operasionele behoeftes balanseer teen werknemers se regte op waardigheid en gelykheid, en 'n meer menswaardige, regverdige stelsel vir aftrede in die Suid-Afrikaanse arbeidsreg vestig.

## 6. Gevolgtrekking

Die regsraamwerk wat verpligte aftrede in die Suid-Afrikaanse arbeidsreg reguleer, word gekenmerk deur 'n voortdurende spanning tussen die grondwetlike waarborge van gelykheid, waardigheid en billike arbeidspraktyke en die werkgewer se reg om diensverhoudings te bestuur.<sup>169</sup> Artikel 187(1)(f) van die WAV klassifiseer ontslag op grond van ouderdom as outomaties onbillik, tensy dit aan die uitsondering in artikel 187(2)(b) voldoen. Die frase “normale of ooreengekome aftreeouderdom” is egter inherent vaag en het tot uiteenlopende interpretasies in die regspraak aanleiding gegee.<sup>170</sup>

Die tydsberekening van ontslag bly ook onseker.<sup>171</sup> Die Arbeidshof in *Kruger* steun op die Arbeidsappèlhof se benadering in *Motor Industry AAH*, wat daarop dui dat die Konstitusionele Hof se verdeelde uitspraak in *Motor Industry KH* nie voldoende leiding vir die laer howe bied nie.

Voorts is daar geen vereistes vir substantiewe en prosedurele billikheid by ouderdoms-gebaseerde ontslag nie.<sup>172</sup> Die afwesigheid van verpligte konsultasie, of selfs behoorlike kennisgewing in duidelik omskrewe wetgewing, doen afbreuk aan werknemers se reg op waardigheid en gelyke behandeling. Derhalwe word aanbeveel dat artikel 187(2)(b) van die WAV gewysig word om 'n uitdruklike kontraktuele bepaling te vereis vir diensbeëindiging op grond van ouderdom.<sup>173</sup> Hierdie wysiging sal regsekerheid bevorder, die beginsels van kontraktevryheid versterk en 'n meer voorspelbare, regverdige en menswaardige stelsel vir aftrede in die werkplek daarstel.

## Bibliografie

### *Wetgewing*

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995.

Wet op Billike Indiensneming 55 van 1998.

### **Regspraak**

*Botha v Du Toit Vrey & Partners CC* 2005 26 ILJ 2362 (AH).

*Cash Paymaster Services (Pty) Ltd v Browne* 2005 JOL 16155.

*Department of Agriculture, Forestry & Fisheries v Tefo* 2020 41 ILJ 2086 (AAH).

*Harksen v Lane* 1998 1 SA 300 (KH).

*Hibbert v ARB Electrical Wholesalers (Pty) Ltd* 2013 34 ILJ 1190 (AH).

*Hospersa namens Venter v South African Nursing Council* 2006 27 ILJ 1143 (AH).

*Kruger v University of South Africa* 2025 ZALCJHB 242.

*McKinney v University of Guelph en Andrews v Law Society of British Columbia* 1990 CanLII 60 (SCC), 1990 3 SCR 229.

*Montesse Township and Investment Corporation v Gouws* 1965 4 SA 373 (A).

*Motor Industry Staff Association and Another v Great South Autobody CC t/a Great South Panelbeaters; Solidarity obo Strydom and Others v State Information Technology Agency SOC Limited* 2025 46 ILJ 481 (KH).

*Motor Industry Staff Association v Great South Autobody CC t/a Great South Panel Beaters* 2022 43 ILJ 2326 (AAH).

*NEHAWU v University of Cape Town* 2003 24 ILJ 95 (KH).

*Rockliffte v Mincom (Pty) Ltd* 2008 29 ILJ 399 (AH).

*Rubenstein v Prices Daelite (Pty) Ltd Rubenstein v Prices Daelite (Pty) Ltd* 2002 23 ILJ 528 (AH).

*Rubin Sportswear v SA Clothing and Textile Workers Union* 2004 25 ILJ 1671 (AAH).

*Schweitzer v Waco Distributors (A Division of Voltex (Pty) Ltd)* 1998 19 ILJ 1573 (AH).

*Seokwane v Bidvest Prestige Cleaning Services* 2024 45 ILJ 333 (AH).

### **Proefskrif**

Orton, R.J.C. 2024. The constitutionality of mandatory retirement in South African labour law. LLD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.



## Handboek

Van Huyssteen, L.F., G.F. Lubbe, M.F.B. Reinecke en J.E. du Plessis. 2020. *Contract: General principles*. Kaapstad: Juta.

## Joernaalartikels

Bosch, C. 2003. Section 187(2)(B) and the dismissal of older workers: Is the LRA nuanced enough? *Industrial Law Journal*, 24:1283–303.

Van Staden, M. 2025. Age-based dismissals after retirement: *Motor Industry Staff Association and Another v Great South Africa Autobody CC t/a Great South Panelbeaters & Solidarity obo Gerhardus Viljoen Strydom and Others v State Information Technology Agency Soc Limited* [2024] ZACC 29. *De Jure*, 58(1):113–29.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Aftrede word algemeen geklassifiseer as “verplig” wanneer ’n werknemer nie bereid is om af te tree wanneer hy of sy ’n voorafbepaalde ouderdom bereik nie, maar die werkgever die werknemer daartoe dwing (Orton 2024:9).

<sup>2</sup> *Kruger* par. 1.

<sup>3</sup> Parr. 3 en 59.

<sup>4</sup> Par. 4.

<sup>5</sup> Par. 5.

<sup>6</sup> Par. 2.

<sup>7</sup> Par. 6.

<sup>8</sup> Parr. 15 en 65.

<sup>9</sup> Par. 16.

<sup>10</sup> Parr. 7 en 16.

<sup>11</sup> Parr. 7 en 22.

<sup>12</sup> Parr. 18–19.

<sup>13</sup> Par. 18.

<sup>14</sup> Par. 32.

<sup>15</sup> Parr. 36, 39 en 43.

<sup>16</sup> Par. 20.

<sup>17</sup> Par. 54.

<sup>18</sup> *Rubin Sportswear* par. 25; *Kruger* par. 57.

<sup>19</sup> *Kruger* parr. 28, 37, 38, 40–42.

<sup>20</sup> Par. 34.

<sup>21</sup> Par. 29.

<sup>22</sup> Die woord “aftree” beteken om diens te verlaat weens ouderdom of swak gesondheid; “aftrede” verwys na die punt waarop iemand ophou werk: *Motor Industry KH* par. 48.

<sup>23</sup> *Kruger* parr. 30 en 33.

<sup>24</sup> Parr. 66–67.

<sup>25</sup> Parr. 67.

<sup>26</sup> Par. 69.

<sup>27</sup> 2006 27 ILJ 1143 (AH).

<sup>28</sup> 2008 29 ILJ 399 (AH).

<sup>29</sup> 2022 43 ILJ 2326 (AAH).

<sup>30</sup> *Kruger* parr. 49–50, 51 en 58.

<sup>31</sup> Parr. 60–61.

<sup>32</sup> Parr. 25 en 44.

<sup>33</sup> Parr. 47–48.

<sup>34</sup> Par. 53.

<sup>35</sup> Par. 70.

<sup>36</sup> Parr. 56, 62 en 71.

<sup>37</sup> Parr. 63–64, 72 en 74.

<sup>38</sup> Parr. 18–19.

<sup>39</sup> Hierdie regte word in artikels 9 (gelykheid), 10 (waardigheid) en 23 (billike arbeidspraktyke) van die Grondwet verskans. Artikel 9(4) verbied onbillike diskriminasie op grond van, onder andere, ouderdom. Dit vereis voorts dat nasionale wetgewing ingestel moet word om onbillike diskriminasie te voorkom of te verbied.

<sup>40</sup> Artikels 9(4), 10 en 23 van die Grondwet.

<sup>41</sup> Hoofstuk 2 van die Grondwet.

<sup>42</sup> Artikel 1 van die WAV; *Motor Industry KH* par. 31.

<sup>43</sup> Die frase “bereiking van die ooreengekome aftreeouderdom” in artikel 187(2)(b) van die WAV beteken die werknemer het die ouderdom bereik waarop hy of sy volgens ooreenkoms sou ophou werk het (*Motor Industry KH* parr. 49–50).

<sup>44</sup> Orton (2024:41).

<sup>45</sup> Chronologiese ouderdom is die duur van ’n persoon se bestaan sedert geboorte, gewoonlik in kalenderjare (Orton 2024:32). Die frase “bereiking van die ooreengekome aftreeouderdom” in artikel 187(2)(b) van die WAV beteken dat die werknemer die ouderdom bereik het waarop hy of sy volgens ooreenkoms sou ophou werk het (*Motor Industry KH* parr. 49–50).

<sup>46</sup> Orton (2024:37).

<sup>47</sup> Orton (2024:9, 37).

<sup>48</sup> 1998 1 SA 300 (KH).

<sup>49</sup> Orton (2024:34).

<sup>50</sup> Orton (2024:9, 37).

<sup>51</sup> Orton (2024:33).

<sup>52</sup> *Venter* parr. 15–17.

<sup>53</sup> Parr. 20–22.

<sup>54</sup> Par. 17.

<sup>55</sup> Parr. 24–25.

<sup>56</sup> Par. 27.

<sup>57</sup> *Venter* par. 1.

<sup>58</sup> Parr. 1, 7–8.

<sup>59</sup> 2003 24 ILJ 95 (KH).

<sup>60</sup> *NEHAWU v University of Cape Town* 2003 24 ILJ 95 (KH) (*NEHAWU*) par. 38.

<sup>61</sup> Bosch (2003:1284, 1288).

<sup>62</sup> Van Staden, M. 2025. Age-based dismissals after retirement: *Motor Industry Staff Association and Another v Great South Africa Autobody CC t/a Great South Panelbeaters & Solidarity obo Gerhardus Viljoen Strydom and Others v State Information Technology Agency Soc Limited* [2024] ZACC 29 *De Jure*, ble. 113–29. By 116–19 bespreek Van Staden die drie uiteenlopende uitsprake en by 123–27 word die verskillende maniere van interpretasie ondersoek.

<sup>63</sup> Orton (2024: i, ii). Die proses om vas te stel of 'n ouer persoon se selfvervullingswaardigheid onregverdig deur verpligte aftrede geskaad is, word bespreek by Van Staden (2025:134). Verwys ook na die voor- en nadele van verpligte aftrede bespreek in Bosch (2003:1296–301).

<sup>64</sup> Die werklike rede vir ontslag moet feitelik bepaal word en mag nie iets anders as ouderdom wees nie. Sien *Motor Industry KH* par. 166 en *Kruger* par. 53.

<sup>65</sup> Sien ook die bespreking oor ontslag in die konteks van artikel 187 van die WAV in Bosch (2003:1285–6).

<sup>66</sup> *Motor Industry KH* par. 32.

<sup>67</sup> Orton (2024:35).

<sup>68</sup> Verwys na die bespreking onder 4.1.3.

<sup>69</sup> *Kruger* par. 70. Hierdie toets is in *Schweitzer* par. 27 vasgestel.

<sup>70</sup> Sien *Seokwane v Bidvest Prestige Cleaning Services (Pty) Ltd* 2024 45 ILJ 333 (AH) parr. 9–11; *Motor Industry Staff AAH* par. 16; *Schweitzer* par. 29 en *Rockliffie* parr. 33–36.

<sup>71</sup> *Rockliffie* parr. 19–20.

<sup>72</sup> 2024 45 ILJ 333 (AH).

<sup>73</sup> Par. 10.

<sup>74</sup> *Motor Industry AAH* par. 16. Vir meer praktyksvoorbeelde, raadpleeg Bosch (2003:1286–7).

<sup>75</sup> *Schweitzer*, *Motor Industry AAH*, *Motor Industry KH*.

<sup>76</sup> *Motor Industry KH* 62.

<sup>77</sup> 2005 26 ILJ 2362 (AH) parr. 16–17.

<sup>78</sup> *Botha* par. 17.

<sup>79</sup> *Seokwane* par. 12.

<sup>80</sup> *Motor Industry KH* parr. 4, 206 en 215.

<sup>81</sup> *Botha* par. 17.

<sup>82</sup> *Motor Industry KH* parr. 206–207.

<sup>83</sup> Orton (2024:48).

<sup>84</sup> *Kruger* par. 45.

<sup>85</sup> Hierdie interpretasie was ook gevolg in *Motor Industry AAH* par. 15.

<sup>86</sup> *Schweitzer* parr. 13–14, 27.

<sup>87</sup> *Schweitzer* parr. 20–21.

<sup>88</sup> *Motor Industry KH* par. 42.

<sup>89</sup> *Schweitzer* par. 27.

<sup>90</sup> Van Staden (2025:116–27) bespreek die Konstitusionele Hof se uitspraak in *Motor Industry KH* en die uiteenlopende benaderings tot die uitleg van die wetsartikel.

<sup>91</sup> *Motor Industry KH* parr. 21–23, 68, 70.

<sup>92</sup> *Motor Industry KH* parr. 28–30.

<sup>93</sup> 2025 46 ILJ 481 (KH).

<sup>94</sup> *Motor Industry KH* par. 1.

<sup>95</sup> *Motor Industry KH* parr. 2, 65, 165; Van Staden (2025: 116–7).

<sup>96</sup> *Motor Industry KH* par. 69.

<sup>97</sup> *Motor Industry KH* par. 139.

<sup>98</sup> *Motor Industry KH* parr. 143, 152.

<sup>99</sup> *Motor Industry KH* parr. 3, 155.

<sup>100</sup> Wn r Dods, r Kollapen en r Tshiqi.

<sup>101</sup> *Motor Industry KH* parr. 192, 201–202.

<sup>102</sup> *Motor Industry KH* par. 57.

<sup>103</sup> *Motor Industry KH* par. 4.

- <sup>104</sup> Par. 15.
- <sup>105</sup> *Kruger* par. 4.
- <sup>106</sup> Parr. 52–3.
- <sup>107</sup> Bosch (2003:1289–92).
- <sup>108</sup> Orton (2024:2–3).
- <sup>109</sup> Orton (2024:57).
- <sup>110</sup> Enige latere pensioenfondsbepalings is ook irrelevant sonder skriftelike instemming: *Motor Industry KH* par. 141.
- <sup>111</sup> Orton (2024:54).
- <sup>112</sup> 2013 34 ILJ 1190 (AH).
- <sup>113</sup> *Hibbert* par. 20.
- <sup>114</sup> 2004 25 ILJ 1671 (AAH).
- <sup>115</sup> Orton (2024:53).
- <sup>116</sup> *Rubin Sportswear* par. 25. Hierdie beginsel is ook bevestig in *Venter* par. 34.
- <sup>117</sup> *Cash Paymaster Services (Pty) Ltd v Browne* 2005 JOL 16155.
- <sup>118</sup> *Rubin Sportswear* parr. 13–15.
- <sup>119</sup> 2006 27 ILJ 281 (AAH).
- <sup>120</sup> *Cash Paymaster* par. 25.
- <sup>121</sup> *Rubin Sportswear* parr. 13–15.
- <sup>122</sup> *Rubin Sportswear* par. 20.
- <sup>123</sup> *Venter* par. 33.
- <sup>124</sup> *Rubin Sportswear* parr. 24–25.
- <sup>125</sup> *Kruger* par. 34.
- <sup>126</sup> *Cash Paymaster* parr. 25–27. Orton (2024:46).
- <sup>127</sup> *Kruger* par. 34.



<sup>128</sup> *Kruger* par. 60–61.

<sup>129</sup> *Kruger* par. 45.

<sup>130</sup> *Kruger* parr. 1, 28–29.

<sup>131</sup> *Motor Industry KH* par. 146.

<sup>132</sup> *Kruger* par. 67.

<sup>133</sup> Orton (2024:28).

<sup>134</sup> Sien ook *Rogers v Exactocraft (Pty) Ltd* 2015 36 ILJ 277 (AH) parr. 1 en 34 en Orton (2024:28).

<sup>135</sup> *Motor Industry KH* parr. 159–60 en 189. Hierdie beleidsoorwegings is in ag geneem in *Schweitzer* par. 27. Bosch (2003:1299) verduidelik egter dat dit nie 'n algemene regverdiging vir verpligte aftrede daarstel nie, omdat werkloosheid hoofsaaklik deur groter ekonomiese faktore bepaal word.

<sup>136</sup> *Motor Industry KH* par. 62.

<sup>137</sup> Orton (2024:44).

<sup>138</sup> *Schweitzer* par. 16.

<sup>139</sup> 2020 41 ILJ 2086 (AAH).

<sup>140</sup> Orton (2024:44).

<sup>141</sup> *Motor Industry AAH* par. 22.

<sup>142</sup> *Schweitzer* par. 16.

<sup>143</sup> *Schweitzer* parr. 18–19.

<sup>144</sup> *Department of Agriculture, Forestry & Fisheries v Tefo* 2020 41 ILJ 2086 (AAH) par. 20.

<sup>145</sup> Van Huyssteen e.a. (2020:581)

<sup>146</sup> Van Huyssteen e.a. (2020:582).

<sup>147</sup> *Ibid.*

<sup>148</sup> Van Huyssteen e.a. (2020:583).

<sup>149</sup> Van Huyssteen e.a. (2020:584).

<sup>150</sup> Van Huyssteen e.a. (2020:584–5).

<sup>151</sup> *Motor Industry KH* parr. 152 en 155.

<sup>152</sup> Sien egter *Rockliffte* waar hierdie moontlikheid oorweeg is. In parr. 26–31 bevind die hof dat indien 'n werknemer aanvoer dat die werkgewer afstand gedoen het van die ooreengekome aftreeouderdom, hy of sy dit moet pleit en bewys: *Montesse Township and Investment Corporation v Gouws* 1965 4 SA 373 (A) 381A–D. Die hof voer met goedkeuring van die bevinding in *Rubenstein v Prices Daelite (Pty) Ltd* 2002 23 ILJ 528 (AH) aan dat afstanddoening nie die werking van artikel 187(2)(b) van die WAV uitskakel in gevalle waar werknemers na aftrede aanhou werk nie. Daar ontstaan gevolglik geen verpligting tot prosedurele billikheid nie.

<sup>153</sup> Orton (2024:44–5).

<sup>154</sup> *Rockliffte* par. 25.

<sup>155</sup> *Rockliffte* par. 26.

<sup>156</sup> *Rockliffte* parr. 26–31; *Montesse Township and Investment Corporation v Gouws* 1965 4 SA 373 (A) 381A–D.

<sup>157</sup> *Motor Industry KH* par. 15.

<sup>158</sup> *Motor Industry KH* parr. 209–210.

<sup>159</sup> *Motor Industry KH* par. 17.

<sup>160</sup> *Motor Industry KH* parr. 17–18.

<sup>161</sup> *Rockliffte* parr. 26–31; *Montesse Township and Investment Corporation v Gouws* 1965 4 SA 373 (A) 381A–D.

<sup>162</sup> *Schweitzer* par. 27.

<sup>163</sup> *Motor Industry KH* par. 72.

<sup>164</sup> *Motor Industry KH* par. 65. Sien ook die bespreking in Van Staden (2025:120–7).

<sup>165</sup> Vir 'n bespreking van die verskillende benaderings tot die interpretasie van die betrokke wetsartikel, sien Van Staden (2025:123–7).

<sup>166</sup> *Motor Industry KH* parr. 130 en 146.

<sup>167</sup> Van Staden (2025:127–9).

<sup>168</sup> Hierdie aspek is bespreek onder 4.1.3.2.

<sup>169</sup> Sien die bespreking van die regsraamwerk onder 4.1.

<sup>170</sup> Sien die bespreking in 4.3.

<sup>171</sup> Sien die bespreking onder 4.2.

<sup>172</sup> Sien die bespreking onder 4.3.1.

<sup>173</sup> Sien die bespreking onder 4.7.

# **'n Wêreldoorsig van kliniese regsopleiding: die Verenigde Koninkryk en Ierland**

**Riette du Plessis**

---

Riette du Plessis, Skool vir Regte, Universiteit van die Witwatersrand

---

## ***Opsomming***

Kliniese programme in die Verenigde Koninkryk (VK) het sedert die 1970's in drie onderskeibare fases ontwikkel. Die Kliniese Regsopleidingsorganisasie (Clinical Legal Educational Organisation – CLEO) staan regsclinieke by. Dit het 'n handboek met modelstandaarde vrygestel en bied ook gereeld konferensies en werkwinkels aan.

Meer as 75% van die universiteite in die VK wat regsgrade aanbied, het tans kliniese regsopleidingsprogramme, waarvan heelwat deel van die kurrikulum is, met ongeveer 60% wat akademiese krediete toeken. Die hooffokus van die meerderheid van hedendaagse universiteitsregsclinieke is op studente-onderrig. Hul kliniese regsopleiding voldoen aan al die vereistes en prokureurs in Engeland en Wallis erken tans die rol van regsclinieke in die voorbereiding van studente vir die praktyk. 'n Belangrike dryfveer vir die bevordering van kliniese regsopleiding in die VK was die stigting van die *International Journal of Clinical Legal Education*. Hulle bied jaarlikse internasionale konferensies aan, asook publikasies in die tydskrif.

Kliniese regsopleiding in die VK word oor die algemeen bespreek, met 'n spesifieke fokus op kliniese regsopleiding in Engeland, Skotland, Wallis en Ierland.

Die meeste universiteite in Engeland bied tans 'n kursus in kliniese regsopleiding aan. Sommige regsclinieke werk in vennootskap met akademici en regspraktisyns, terwyl ander gespesialiseerde klinieke bedryf word.

Skotland se regscliniese kursusse wissel van alleenstaande kursusse en gespesialiseerde klinieke tot Street Law-programme vir voor- en nagraadse studente. Daar is ook regsclinieke wat deur regskole ondersteun word, maar steeds nie-kurrikulêr is.

Wallis het sewe regskole, waarvan vyf kliniese programme aanbied. Walliese wetgewing het byvoorbeeld gelei tot die skepping van innoverende regsklinieke by Cardiff Universiteit. Daar word egter aangetoon dat Wallis steeds groot “regshulpwoestyne” het.

Bykans elke Ierse regskool, in beide Noord-Ierland en die Republiek van Ierland, bied kliniese regsopleidingsprogramme aan wat voor- en nagraadse studente betrek. Drie kategorieë word onderskei, naamlik geakkrediteerde eksternskappe vir voorgraadse studente; Street Law-programme vir voor- en nagraadse studente; en regskliniekopleiding hoofsaaklik vir LLM-studente.

**Trefwoorde:** eksperimentele opleiding; eksternskap; kliniese metodologie; kliniese regs-bewegings; kliniese regsopleiding; lewende kliënt-klinieke; regsklinieke; seminaaropleiding; simulasies

### **Abstract**

#### **A world view of clinical legal education: The United Kingdom and Ireland**

Clinical legal education (CLE) developed in the United Kingdom (UK) in three distinguishable phases since the 1970's. Engagement with clinical programmes in other countries led to the creation of the UK's Clinical Legal Education Organisation (CLEO) in 1994, modelled closely, at least at the time, on its US equivalent and forerunner, the Clinical Legal Education Association (CLEA). This not only provided a forum for discussion, but soon grew into a body that could encourage, promote and support law clinics more widely. Another important driving factor in the promotion of CLE in the UK was the establishment of the *International Journal of Clinical Legal Education* in 2003. Since its establishment, annual international conferences have been arranged alongside the publication of papers in the journal.

Reports reflecting the growth of law clinics from the early 2000's indicate that there are now more than 80 law schools running clinical programmes, representing over 75% of the total number of educational institutions teaching law at degree level across the UK. Many of these law clinics are now integrated in some way into the law school portfolio, with almost 60% carrying academic credit.

Some law clinics operate in partnership with academics and legal practitioners, while others function as specialised law clinics. Partnerships between law clinics and other entities in the legal service sector have been effective in expanding service provision and capacity building. For example, LawWorks (an NGO) has worked closely with law clinics and others by hosting meetings and providing resources. This collaboration has been driven, in part, by the decline of legal aid in England and Wales. In return for cases handled by the law clinics, LawWorks offers umbrella professional indemnity insurance cover.

A major factor influencing law clinic development is that host universities' activities are measured against an employability benchmark. Academics are required to hold a PhD, resulting in fewer practitioners being able to work as full-time academics immediately after leaving practice, with law clinics consequently struggling to recruit qualified lawyers to teach. The Research Excellence Framework benchmark has also caused law schools to become more research focused.

Another benchmark measures universities on the different ways in which they engage with external partners. As academics are no longer viewed solely as teachers, the impact on law clinic teachers is that they have holistic, multidisciplinary opportunities for study, service and impact. This can include engagement with business and community groups, the rationale being to promote the provision of knowledge for the benefit of the economy and society. In order to achieve these benchmark targets, many law clinics have introduced policy clinic work, in which they conduct research for external organisations, such as charities and NGOs, with the aim of influencing policy and law reform. Students in policy clinics usually conduct, under supervision, a literature review of the research area, design an applicable methodology, collect and analyse data and finally write a report for the client. The supervisor may in turn produce a publication.

The Law Society of Scotland established a vocational Professional Education and Training (PEAT) programme, which commenced in 2012. Law clinics were considered an appropriate setting for students to gain applied knowledge and skills. Clinical methods came to be recognised as a legitimate part of the curriculum, although they were not credit-bearing courses or formally part of the curricula in the early years. Strathclyde Law Clinic led the CLE movement in Scotland following its establishment in Glasgow in 2003. Others followed and there is now only one of the 10 accredited LLB universities without a law clinic.

Law clinics gained traction through CLEO membership and collaborations with law clinics across the UK, as well as through the Scottish University Law Clinic Network (SULCN), which provides a platform for law clinic students to disseminate ideas.

Following Scotland's devolution in 1998, education and most areas of law became "devolved matters" within Scotland's legislative and policy remit. The choice of law clinics at each university has been influenced by location, local expertise, community needs and resource availability. There are, however, still underserved areas across Scotland without adequate access to legal services, especially those outside the Central Belt. CLEs vary from stand-alone courses and specialised law clinics to Street Law programmes. At some clinics, these courses form part of both undergraduate and postgraduate students' studies. Some clinics operate in partnership with other organisations, whilst others are supported by their law schools, although they remain non-curricular.

Wales has seven law schools, five of which have clinical programmes. Cardiff Law School has operated different law clinics since 2005. Some of the law clinics developed organically as opportunities arose, although not all of their activities fit neatly within a traditional law clinic or policy clinic framework. COVID-19 lockdowns forced a retraction at Cardiff, further precipitated by a significant rise in student numbers. The clinics currently focus on labour-intensive policy and hybrid clinics, particularly within their environment-focused law clinic. Other Welsh law clinics are also discussed, where a wide range of activities are offered. Wales does, however, have its fair share of "advice deserts". Young lawyers, some with law school clinical training, are currently discussing potential solutions.

Almost every Irish law school, in both Northern Ireland and the Republic of Ireland, currently offers CLE programmes to both undergraduate and postgraduate students. Three categories of CLE training are identified: accredited externships for undergraduate students; Street Law programmes for students at all levels of study; and law clinic training for all LLM students.



The future of law clinics in the UK may, to a large extent, depend on factors outside the direct control of clinic staff. Student numbers are increasing constantly. There is less investment of partnership time by *pro bono* practitioner mentors because, following the COVID-19 lockdowns, they reverted to hybrid working and established new law firm business models. Universities' workload allocation models dictate sometimes unreasonable time constraints on academic roles, leading to less scope for work that is not recognised by employers, and tension between demands for research outputs and student employability expectations and needs.

**Keywords:** clinical legal education; clinical methodology; experiential education; externship; law clinics; live client clinics; seminar instruction; simulations

## 1. Inleiding

Hierdie wêreldoorsig van kliniese regsopleiding omvat die Verenigde Koninkryk en Ierland.

In die eerste artikel in hierdie reeks, naamlik kliniese regsopleiding in Sentraal-Asië, die Midde-Ooste, Oos- en Suidoos-Asië, asook Suid-Asië, het ek aangetoon dat regskoolgebaseerde kliniese opleiding as 'n beduidende innovasie in moderne regsopleiding erken word. Die waarde daarvan lê in die manier waarop korrekte aanwending die streng universiteitstoeligting met die praktyk integreer, wat regstudente aan etiese en sosiale geregtigheidskwessies blootstel wanneer hulle met kliënte werk.<sup>1</sup>

In die daaropvolgende artikel rakende kliniese regsopleiding in Sentraal-, Oos- en Wes-Europa het ek aangetoon dat, alhoewel Wes-Europa tot en met die nuwe millennium die laaste vesting vir die aanvaarding van kliniese regsopleiding was, blyk daar tans vordering te wees. Die Bologna Process het 'n beduidende invloed op kurrikulumontwikkeling in Wes-Europa gehad. Hierdie ontwikkeling is versterk en word ondersteun deur die European Network for Clinical Legal Education (ENCLE), spesifiek deur hul gehaltestandaard vir regsklinieke. Die oprigting van regsverenigings en kliniese regsbewegings in sommige van die lande wat bespreek is, is bemoedigend.<sup>2</sup>

Kliniese regsopleiding in Sentraal- en Oos-Europa het merkbare vordering getoon ná die val van die Berlynse Muur in 1989. Die Bologna Process en die Europese regstudentevereniging (ELSA) se betrokkenheid het 'n aansienlike invloed op verdere ontwikkeling gehad, wat egter belemmer word vanweë die onttrekking van eksterne befondsing sedert die vroeë 2000's. Die oprigting van regsverenigings in sommige van die lande onder bespreking is egter bemoedigend.

Die derde artikel in hierdie reeks het kliniese regsopleiding in Latyns-Amerika en Noord-Amerika ondersoek. Daar is aangetoon dat kliniese regsopleiding in Latyns-Amerika steeds marginaal in universiteitskurrikula in die meeste jurisdiksies is. Sommige regskole bedryf egter aktiewe regsklinieke. Sekere jurisdiksies het regsklinieketwerke wat na verwagting 'n impak op die bevordering van kliniese regsopleiding sal hê.

Kanada en die VSA is bespreek met betrekking tot kliniese regsopleiding in Noord-Amerika. Alhoewel kliniese regsopleiding reeds meer as 50 jaar in Kanada bestaan, word dit nie konsekwent in regskoolkurrikula ingesluit nie. Die kliniese regsopleidingsmetodologie is in die VSA ontwikkel en het vier benaderings tot die kliniese pedagogie geïdentifiseer. Amerikaanse kliniese regsopleidingsmetodes dien as 'n wegwyser vir klinici in jurisdiksies regoor die wêreld.

Hierdie artikel ondersoek kliniese regsopleiding in die Verenigde Koninkryk (VK), asook in beide die Republiek van Ierland en Noord-Ierland. Die VK bestaan uit Engeland, Skotland, Wallis en Noord-Ierland. Die Republiek van Ierland (Eire) het in 1922 onafhanklikheid verkry. Alhoewel dit deel van die Europese Unie vorm, het Ierland steeds noue bande met die VK, sowel ekonomies as in maatskaplike verband. Beslissings deur die Europese hof vir menseregte het toegang tot die reg hoog op die agenda geplaas gedurende die vroeë 2000's. Dit het hervormings in lande soos die VK en Ierland veroorsaak.<sup>3</sup> Regsklinieke het toenemend 'n integrale deel by die meeste regskole in die voorgenoemde jurisdiksies geword.<sup>4</sup> Daar sal ook kortliks vergelykings met Suid-Afrikaanse kliniese regsopleiding getref word, en knelpunte en aanbevelings sal uitgewys word.

## 2. 'n Oorsig van die ontwikkeling van kliniese regsopleiding in die VK

Die dryfvere vir die eerste kliniese programme wat in die vroeë tot mid-1970's by 'n handjievol universiteite in die VK ontwikkel is, was 'n hernieude fokus op regspleging in die breër samelewing. Dit is aangevoer deur 'n sosio-geregtelike beweging wat kennis geneem het van kliniese bewegings in ander jurisdiksies, veral in die Verenigde State van Amerika (VSA).<sup>5</sup> 'n Paar individue met duidelike radikale agendas ten einde regsopleiding te bevorder en on vervulde regsbehoefte aan te spreek, was ook deel van hierdie beweging.<sup>6</sup> Daar was tegelykertyd 'n groeiende besorgdheid by 'n sektor regspraktisyns wat toegang tot die reg wou verbeter.<sup>7</sup> Die Federasie van Regsentrums (nou bekend as die Regsentrumnetwerk) het heelwat tot die toegang tot geregtigheid bygedra deur die voorsiening van gemeenskapsgebaseerde regsdienste sonder winsbejag. Dit word as die eerste ontwikkelingsfase beskou. Heelwat van die bogenoemde regsentrums werk tans nou saam met regs skoolklinieke deur studente op eksternskapplasing te neem.<sup>8</sup>

Die tweede ontwikkelingsfase van regsklinieke in die VK het gedurende die vroeë 1990's plaasgevind. Aansienlike hersiening van regsopleiding het gelei tot die vestiging van die beroepsfase van regsonderrig in Engeland en Wallis.<sup>9</sup> Kliniese regsopleidingsmetodes is as 'n regmatige deel van die kurrikulum erken, alhoewel dit nie noodwendig in daardie ontlukende tydperk as kredietdraende kursusse in die kurrikula geïntegreer was nie.

Betrokkenheid by kliniese regsprogramme in ander lande het gelei tot die stigting van die VK se Kliniese Regsopleidingsorganisasie (Clinical Legal Educational Organisation – CLEO) in 1994. Gedurende daardie tydperk was CLEO op die Amerikaanse Kliniese Regsopleidingsvereniging (CLEA) geskoei.<sup>10</sup> CLEO het nie slegs as 'n besprekingsforum gedien nie, maar het ook gegroei tot 'n organisasie wat kliniese regsopleiding aangemoedig het en regsklinieke bygestaan het.<sup>11</sup> Hierdie groep klinici wat by CLEO betrokke was, was vir die derde ontwikkelingsfase verantwoordelik, alhoewel die onderskeid tussen ontwikkelingsfases twee en drie soms ineenvloei. Verslae rakende die groei van regsklinieke en regskole se *pro bono*-werk, veral sedert 2000, is uitgereik.<sup>12</sup> Meer as 80 regskole in die VK, wat meer as 75% van die universiteite waar regsgrade aangebied word, verteenwoordig, het nou kliniese regsopleidingsprogramme. Baie van hierdie regsklinieke vorm nou deel van die kurrikulum, waarvan ongeveer 60% akademiese krediete aan studente toeken.<sup>13</sup> Die hooffokus van die meerderheid van hedendaagse universiteitsregsklinieke is op studente-onderrig.<sup>14</sup>

Die twee potensieel mededingende regs kliniese doelwitte, naamlik studente-opleiding en kliëntbehoefte, het die kliniekontwerp en -funksie gevorm. Alhoewel die eerste fase van regs kliniese hoofsaaklik op regstoegang gefokus het, het volhoubaarheidsprobleme aangetoon dat ander strategieë en uitkomst nodig was. Die voor die hand liggende roete na 'n volhoubare toekoms was studente-opleiding in die vorm van kredietdraende, losstaande kursusse in die regs kurrikulum. Sommige regs kliniese het egter volgehou dat kliëntediens voorrang moet geniet en dat opleiding bloot 'n welkome nuwe produk is.<sup>15</sup> Ander regs kliniese se benadering was om kliniese buite die regs skoolstrukture te bedryf, alhoewel sommige in geheel, of deels, deur regs skoolpersoneel bedryf is.<sup>16</sup>

Die eerste paar regs kliniese in die tweede fase het studente-opleiding as sentraal beskou ten einde hul werksaamhede te regverdig. Hulle het ook spesifieke leeruitkomst geïdentifiseer. Hierdie regs kliniese het egter steeds op sosiale geregtigheidsdiens gefokus wanneer hulle kliënte bedien het deur advies te gee, of deur hulle na ander dienste te verwys. Hierdie benadering het universiteitsbestuur tevrede gestel rakende hul sosiale geregtigheidsdoelstellings, asook die privaat praktisyns omdat die kliniese nie met die praktisyns geweddywer het nie. Dit is verder versterk deur die insluiting van professionele verantwoordelikheid en etiek as deel van hul kursusleeruitkomst.<sup>17</sup>

Die oorgrote meerderheid van regs kliniese in die VK bied nou openbare regsdienste aan met die verstandhouding dat, sodra 'n kliënt se saak aanvaar word, die fokus op sodanige saak sal wees. In die proses sal studente steeds opleiding ontvang in die vorm van gedetailleerde dekonstruksie van regs probleme en refleksie.<sup>18</sup>

'n Stel modelstandaarde vir regs kliniese is deur CLEO in die vorm van 'n handboek vrygestel.<sup>19</sup> Ten einde te voldoen aan die studente-aanvraag, het klinici 'n reeks kliniese opsies en dienste daargestel. Dit wissel van die verskaffing van blote regs advies tot volle regs verteenwoordiging, die plasing van studente by ander diensverskaffers, die bestuur van regs kliniese wat op regshervorming fokus en openbare regs opleidingsinisiatiewe in die vorm van Street Law.<sup>20</sup>

Kliniese regs opleiding in die VK het uitgebrei om voorsiening te maak vir die gebruik van simulaties as 'n opleidingsmetode. Dit is egter ter aanvulling tot werklike kliëntediens, waar werklike kliënte se regs aangeleenthede as 'n opvoedkundige hulpmiddel uitgebeeld word. Hierdie aanvullende metode word deur die meeste klinici en die VK en Ierland erken.

Regs opleiding in sekere dele van die VK het aansienlik verander met die instelling van ranglyste, wat die gehalte van onderrig en navorsing bepaal het, en met voornemende werkgewers wat vereis het dat graduandi oor verbeterde vaardighede moet beskik.<sup>21</sup> Kliniese regs opleiding voldoen aan al hierdie vereistes en prokureurs in Engeland en Wallis erken nou die rol van regs kliniese in die voorbereiding van studente vir die praktyk.<sup>22</sup>

CLEO is ook intussen as 'n liefdadigheidsorganisasie met korporatiewe status geregistreer.<sup>23</sup> Hulle speel 'n belangrike rol deur gereelde konferensies en werkwinkels aan te bied en het 'n hulpbronnbank daargestel.<sup>24</sup>

Vennootskappe tussen regs kliniese en ander rolspelers in die regsdienstesektor het die uitbreiding van dienslewering verseker. Die nieregteringsorganisasie LawWorks, 'n welsynsorganisasie werksaam in Engeland en Wallis, bewerkstellig kontak tussen vrywillige prokureurs en

behoefte mense.<sup>25</sup> LawWorks het byvoorbeeld nou saamgewerk met regsclinieke en hulle van hulpbronne voorsien, deels as gevolg van die afname in regshulp in Engeland en Wallis.<sup>26</sup> LawWorks het verder, in ruil vir data rakende die aantal en soorte sake wat deur die regsclinieke hanteer word, sulke klinieke van professionele skadeloosstellingsversekering voorsien.<sup>27</sup>

Nog 'n faktor wat kliniese regsontwikkeling tans beïnvloed, is die Onderriguitnemendheids-raamwerk (TEF),<sup>28</sup> wat onder meer vereis dat alle akademici reeds van meet af aan doktors-grade moet hê. Gevolglik sal minder praktisyns kwalifiseer om die akademie direk te betree, en regsclinieke sal dit dus moeiliker vind om gekwalifiseerde prokureurs aan te stel.<sup>29</sup>

Die Kennisuitruilingraamwerk (KEF) meet universiteite aan die maniere waarop hulle met eksterne vennote tot voordeel van die ekonomie en die samelewing saamwerk.<sup>30</sup> Klinici kan hul teikens bereik deur byvoorbeeld beleidsklinieke te bedryf waar navorsing vir eksterne nieregteringsorganisasies wat op welsyn fokus, gedoen word.<sup>31</sup> In hierdie beleidsklinieke doen studente onder toesig literêre oorsigte van die navorsingsgebied, ontwerp 'n gepaste metode en versamel data, waarna 'n verslag aan die kliënt gelewer word.<sup>32</sup> Die gepubliseerde data dra by tot die bereiking van die KEF-teikens. Aangesien akademici nie meer slegs mag klas gee nie, bied dit die regsclinieke die voordeel om holistiese, multidissiplinêre geleenthede vir impakvolle dienslewering aan te gryp.<sup>33</sup>

'n Belangrike dryfveer vir die bevordering van kliniese regsopleiding in die VK was die stigting van die *International Journal of Clinical Legal Education* (IJCLE) in 2003 deur klinici van Northumbria Universiteit. Die doel was om 'n toegewyde, vryetoegangs-, eweknie-geëvalueerde platform vir navorsers en praktisyns in die veld van kliniese regsopleiding te skep. Die IJCLE se skolastiese inisiatief het die wêreldwye beweging vir kliniese regsopleiding ondersteun deur jaarlikse internasionale regscliniese konferensies aan te bied en die tydskrif te publiseer.<sup>34</sup> Die eerste konferensie het in 2003 in Londen plaasgevind en jaarlikse konferensies het daarna in lande soos Suid-Afrika, Ierland, Skotland, Australië, Spanje en Pole gevolg, om slegs enkele te noem. Alhoewel die IJCLE ontstaan het uit die noodsaak om beste praktyke in kliniese regsopleiding te deel en te bevorder, het dit inderdaad gegroei tot 'n internasionaal erkende baken vir klinici.<sup>35</sup>

### 3. Kliniese regsopleiding in Engeland

Kliniese regsopleiding in Engeland het gegroei, soos hierbo verduidelik. Slegs 'n paar universiteitsregsclinieke sal hier genoem word. Die meeste universiteite in Engeland bied tans 'n kursus in kliniese regsopleiding aan, soos aangedui deur die Wetsgenootskap van die Verenigde Koninkryk.<sup>36</sup>

Northumbria Universiteit bied 'n geakkrediteerde kliniese jaarkursus aan waar studente werklike kliëntsake hanteer. Alhoewel studente nie verskyningsbevoegdheid het nie, bestaan daar tog 'n uitsondering waarby derdejaarregstudente toegelaat mag word om, in bepaalde omstandighede, voorspraak te doen onder die streng toesighouding van 'n gekwalifiseerde prokureur. Waar 'n kliënt nie deur 'n prokureur verteenwoordig word nie, mag 'n student stilweg raad gee rakende die reg of prosedure, kwessies wat geopper moet word, of vrae wat die litigant aan getuies behoort te vra. Dit staan bekend as die McKenzie-vriend.<sup>37</sup>

Studente het ook die opsie om 'n module in gemeenskapsreg te volg.<sup>38</sup> Klinici aan die Northumbria Universiteit was ook verantwoordelik vir die daarstelling van die IJCLE en die meegaande jaarlikse internasionale konferensies in kliniese regsopleiding waarna hierbo verwys is.

Die SOAS Universiteit van Londen bied verskeie geakkrediteerde regskliniese kursusse en plasinge aan. Die prominentste is die vlugtelingregskliniek en die omgewingsreggrondslag-beleidskliniek.<sup>39</sup>

Die regskool van Kent Universiteit se geakkrediteerde kliniese modules fokus op die integrasie van regspraktyk met studente se akademiese studies. Die regskliniek word in vennootskap met studente, akademici en regspraktisyne bedryf. Hul doel is om die regs- en afgeronde opleiding van regstudente toe te lig.<sup>40</sup>

Die Universiteit van Sussex bied 'n finalejaar, kredietdraende kliniese module aan wat fokus op familiereg, arbeidsreg en behuisingsreg.<sup>41</sup> Die Queen Mary Universiteit van Londen bied verskeie kliniese modelle aan, onder meer in kliniese regspraktyk, openbare regsopleiding en gemeenskapsregsopleidingsprogramme (soortgelyk aan Street Law).<sup>42</sup>

By die Universiteit van Kent kan studente 'n kliniese kursus in die regskliniek volg in vennootskap met akademici en regspraktisyne.<sup>43</sup> York Universiteit se kredietdraende module word vir senior studente aangebied.<sup>44</sup>

Die Universiteit van Surrey integreer eksperimentele regsopleiding in twee afsonderlike regsklinieke gedurende die derde studiejaar in hul modules oor toegang tot die reg en die reg en tegnologie.<sup>45</sup>

Die Universiteitskollege Londen inkorporeer kliniese regsopleiding met hul regsgrade deur studentebetrokkenheid by gespesialiseerde regsklinieke, soos die omgewingsregstigtingskliniek.<sup>46</sup> King's Kollege, Londen se regskliniek bied 'n verskeidenheid van aktiwiteite aan, soos die regsadvieskliniek, samewerkende gemeenskapsprojekte, navorsing en regsaktivisme, asook Street Law.<sup>47</sup>

#### 4. Kliniese regsopleiding in Skotland

Skotland is 'n afsonderlike jurisdiksie, sowel juridies as kultureel, van Engeland en Wallis en word ook as 'n afsonderlike land beskou vir die doeleindes van internasionale privaatrecht.<sup>48</sup> Skotland se regstelsel was goed ontwikkel ten tyde van Unievorming met Engeland in 1707.<sup>49</sup> Ná die devolusie van wetgewende en uitvoerende magte na die verskillende dele van die VK in 1998, word die meeste regsgebiede as "afgewentelde kwessies" geklassifiseer wat binne Skotse reg en beleid val. Die Skotse Wetsgenootskap en hul Fakulteit van Advokate beheer die beroep.<sup>50</sup>

Die soort regskliniek word beïnvloed deur ligging, beskikbare kundigheid en gemeenskaps-behoefte. Daar bestaan steeds groot dele regoor Skotland, veral die buite die Sentrale Gordel, waar daar nie genoegsame toegang tot regsdienste is nie.<sup>51</sup>

Tydens die tweede fase van kliniese regsopleiding in die VK in die vroeë 1990's, toe regsopleiding hervorm is, het die Skotse Wetsgenootskap 'n nuwe Professionele Onderrig en Opleiding (PEAT) program daargestel, alhoewel dit eers in 2011 en 2012 'n aanvang geneem het.<sup>52</sup> Kliniese regsopleidingsmetodes is as 'n regmatige deel van die kurrikulum erken, alhoewel dit nie noodwendig in daardie ontluikende tydperk as kredietdraende kursusse by die kurrikula geïntegreer is nie.

Strathclyde regskliniek was die voorloper van die Skotse kliniese beweging met die oprigting van hul regskliniek in Glasgow in 2003, waarna die Universiteit van Edinburgh se Gratis Regsadviesentrum in 2007 opgerig is,<sup>53</sup> gevolg deur die Aberdeen Regsprojek in 2009.<sup>54</sup> Die Universiteit van die Weste van Skotland het hul LawWise regskliniek in 2010 opgerig,<sup>55</sup> gevolg deur die Dundee regskliniek in 2013.<sup>56</sup> Vele ander het gevolg.<sup>57</sup> Stirling Universiteit is tans die enigste van die 10 LLB-geakkrediteerde universiteite sonder 'n regskliniek.

CLEO-lidmaatskap en samewerking met klinieke regoor die VK, asook die Skotse Universiteits-regsklinieknewerk (SULCN) bied 'n platform vir klinici en studente om idees uit te ruil.<sup>58</sup>

Strathclyde regskliniek is oorspronklik gestig met 'n fokus op sosiale geregtigheid en het as sodanig nie-kurrikulêr ontwikkel. Dit het oor die afgelope 20 jaar verder as slegs 'n advies- en verteenwoordigingskliniek uitgebrei en het met verskeie organisasies saamgewerk, insluitend die Skotse Vroueregentrum en die Vluchteling Oorlewingstrust.<sup>59</sup>

Die Strathclyde Universiteit het selfs verder gegaan en bied nou 'n kliniese LLB-honneursgraad aan wat deur die Wetsgenootskap van Skotland geakkrediteer is.<sup>60</sup> Hierdie kliniese regsgraad is die eerste sodanige in Skotland en omvat verpligte en volledig geïntegreerde kliniese voorsiening regdeur die studie.

Ander Skotse universiteite bied alleenstaande regskliniese kursusse aan. Die Universiteit van Edinburgh bied 'n Street Law-kursus aan en het 'n Skotse Belastingkliniek op honneursvlak.<sup>61</sup> Deelname aan hul gratis regsadviesentrum is 'n verpligte komponent van die nagraadse diploma in professionele regstudies.<sup>62</sup>

Die Universiteit van Dundee se regskliniek bied sedert hul 2023/24 akademiese jaar werklike kliëntediens en openbare regsopleiding aan.<sup>63</sup> Kliniese regsopleiding vorm ook deel van sowel voor- as nagraadse studies in die vorm van werklike kliëntediens, openbare regsopleiding en beleidsklinieke.

Ander Skotse regsklinieke word deur hul regskole ondersteun, maar is steeds nie-kurrikulêr. Die Aberdeen Regsprojek, geregistreer as 'n maatskappy beperk deur waarborg in Skotland, is byvoorbeeld deur studente opgerig, waar hulle ook die operasionele leiding neem in die verskaffing van regsdienste in verskeie regsgebiede, insluitend 'n gemeenskapsuitreik-program.<sup>64</sup> Die Robert Gordon Universiteit, ook in Aberdeen, het die Grampian Gemeenskaps-regsentrum in 2022 tot stand gebring, wat vanuit 'n plaaslike mediese praktyk bedryf word en vanwaar gemeenskapsuitreikaktiwiteite uitgevoer word.<sup>65</sup>

Regsklinieke het vinnig regoor Skotland ontwikkel en uitgebrei. Hierdie uitbreiding is te danke aan studente se behoefte aan meer praktiese en eksperimentele leerformate, tesame met hul strewe om sosiale geregtigheid te bevorder en beleidskwessies te verken. Nege uit die 10



geakkrediteerde LLB-regskole het reeds regsclinieke.<sup>66</sup> Dit dui inderdaad op 'n verbintenis tot kliniese regsopleiding in Skotland.

## 5. Kliniese regsopleiding in Wallis

Soos vroeër aangetoon, het die tweede ontwikkelingsfase van Engelse regsclinieke gedurende die vroeë 1990's aanleiding gegee tot die hersiening van regsopleiding. Die beroepsfase van regsonderrig is daarna ook in Wallis gevestig.<sup>67</sup> Wallis, met 'n bevolking van net meer as drie miljoen, het sewe regskele, waarvan vyf kliniese programme aanbied.

Cardiff Universiteit, met die grootste regskele, het kliniese regsopleiding reeds in die vroeë 1980's informeel ondersoek, maar die kliniese regsprogram het eers in 2005 in alle erns begin. Tans bedryf hulle die mees produktiewe Onskuld Projek in die VK.<sup>68</sup> Die Cardiff Onskuld Projek het byvoorbeeld in 2018, nadat 'n paar dosyn studente vir meer as ses jaar onder toesig gewerk het, daarin geslaag om 'n persoon se skuldigbevinding aan seksuele aanranding in die Koninklike Howe van Justisie omver te werp.<sup>69</sup> Die hof was inderdaad ook vol lof vir die aansienlike *pro bono*-bydrae van die Onskuld Projek. Hierdie saak het gevolg op 'n 2014-saak waarby die Onskuld Projek betrokke was, waar die hof die skuldigbevinding van 'n persoon, wat reeds 12 jaar tronkstraf vir moord uitgedien het, omvergewerp het.<sup>70</sup> Die Onskuld Projek se impak is dus aansienlik, aangesien dit noodsaaklike regsdienste lewer deur potensiële regsdwalings te ondersoek en dan die aansienlike hindernisse in die appèlstelsel te bowe moet kom.

Cardiff regskele het die voordeel dat dit in die hoofstad en naby die nasionale regering geleë is en derhalwe verskeie klinieke te kan bedryf. Die regscliniek het 'n hoogtepunt van 23 afsonderlike projekte bereik en het 'n toekenning vir die beste *pro bono*-regscliniek ontvang.<sup>71</sup> 'n Toegewyde regscliniek fokus op 'n nasionale passie, te wete rugby. In die Law in Sport *pro bono*-skema, in vennootskap met die Walliese Rugbyunie, gee studente sedert 2012 gratis regsadvies aan Walliese rugbyklubs, sowel in Engels as in Wallies.<sup>72</sup> 'n Ander regscliniek spreek kwessies in gesondheidsorg aan,<sup>73</sup> terwyl 'n hibriede regscliniek in samewerking met Mencap Cymru, volwassenes met leerprobleme bystaan.<sup>74</sup> Dit blyk dus dat regsclinieke organies ontwikkel soos geleenthede opduik, selfs al pas al die aktiwiteite nie netjies in die tradisionele regscliniek- of die beleidskliniekraamwerk nie.

Wallis het ambisieuse wetgewing uitgevaardig wat vrugbare innoverende regs- en beleidsklinieke tot stand gebring het, met inbegrip van een wat fokus op die Vryheid tot Inligtingwet.<sup>75</sup> Hierdie kliniek is in opdrag van die Tussentydse Omgewingsbeskermingsassessor vir Wallis (IEPAW) gevorm om sistemiese hersienings van die regulasies te doen.<sup>76</sup> Die Omgewingsreg- en Beleidskliniek val binne Cardiff Universiteit se multidissiplinêre Skool vir Regte en Politiek, en ondersoek omgewingsreg en -beleide in Wallis en die res van die VK. Alhoewel wetgewing en beleid diep verweef is, is die kliniese metode van refleksie aangewend. Dit het die beleidsgerigte aard van die werk van die regscliniek toenemend gevorm.<sup>77</sup> Hierdie regscliniek benut die interne kundigheid van 'n groot en buitengewoon diverse personeel van die Skool vir Regte, Politiek en Internasionale Betrekkinge, asook die geleenthede wat natuurlik voortvloei uit die afgewentelde aard van omgewingsreg.

Die COVID-19-inperkings, tesame met 'n beduidende toename in studentegetalle, het gelei tot 'n afname in kliniese aktiwiteit by Cardiff Universiteit, wat beteken dat die huidige beleid fokus op die minder arbeidsintensiewe beleids- en hibriede regsclinieke, spesifiek die omgewings-gefokusde regscliniek.<sup>78</sup>

Die Universiteit van Suid-Wallis bied sedert 2013 'n verskeidenheid kliniese aktiwiteite aan, waarvan die meeste modules geassesseer word, insluitend Cardiff Lawyers Care, 'n vennootskap met die Cardiff Distriksregsgenootskap en 'n liefdadigheidsorganisasie vir hawelose mense, The Wallich.<sup>79</sup>

Aberystwyth Universiteit bedryf twee regsclinieke. Sedert 2015 bedryf hulle 'n veteranecliniek, die Veterans Legal Link, wat gratis aanlyn regsadvies en bystand met sake aan kwesbare veterane en hul families bied.<sup>80</sup> Hul familieregcliniek het in 2016 gevolg.<sup>81</sup> Swansea Universiteit se regscliniese aktiwiteite het in 2017 begin<sup>82</sup> met 'n gewysigde portefeulje wat vennootskappe insluit, soos dié met die liefdadigheidsorganisasie Inside Justice, waar studente potensiële regsdwalings hersien.

Bangor regskool het in 2020 tydens die COVID-19-pandemie, in vennootskap met sewe Burgerlike Advies takke, met aanlyn programme in die Noord- en Middel-Wallis regscliniek begin.<sup>83</sup> Voor hierdie inisiatief het Bangor kliniese regsopleiding slegs by wyse van simulase aangebied.

Die Wetsgenootskap van Engeland en Wallis het in 2025 aangetoon dat die regshulpstelsel onvolhoubaar was.<sup>84</sup> Daar is ook aangetoon dat Wallis groot "regshulpwoestyne" het<sup>85</sup> en dat jong prokureurs, waarvan sommige kliniese regsopleiding by hul regskole ontvang het, tans samesprekings voer om moontlike oplossings te vind.<sup>86</sup>

## 6. Kliniese regsopleiding in Ierland

Beslissings deur die Europese hof vir menseregte het in die vroeë 2000's toegang tot die reg hoog op die agenda geplaas. Dit het ook hervormings in Ierland aan die gang gesit.<sup>87</sup>

Bykans elke Ierse regskool, in beide Noord-Ierland en die Republiek van Ierland, bied kliniese regsopleidingsprogramme aan wat voor- en nagraadse studente betrek.<sup>88</sup> Die regscliniese landskap in die Republiek van Ierland sal spesifiek ondersoek word. Drie kategorieë word onderskei, naamlik geakkrediteerde eksternskappe vir voorgraadse studente; Street Law-programme vir voor- en nagraadse studente; en regscliniekopleiding hoofsaaklik vir LLM-studente. Hierdie LLM-studente maak hoofsaaklik staat op die navorsingsbekwaamheid van akademiese deskundiges. Studente werk onder toesig met die doel om sosiale geregtigheid te bevorder. Ten einde hierdie doelwit te bereik, moet die studente óf litigasie in die openbare belang ondersteun, óf bydra tot beleidsdebatte en hervorming.<sup>89</sup>

Deeltydse eksternskapplasings by regsfirmas vir akademiese krediet word aangebied by Dublin Stadsuniversiteit, Maynooth Universiteit, Trinity Kollege Dublin, Universiteitskollege Dublin, die Universiteit van Galway en die Universiteit van Limerick<sup>90</sup>. Die regskool by die Universiteitskollege Cork plaas studente in hul voorlaaste studiejaar voltyds by regsfirmas, regulerende liggame, interne regsafdelings, nuwingsgewende organisasies en beleidsgroepe as

deel van hul BCL (Kliniese) graad.<sup>91</sup> Studente by die Tegnologiese Universiteit van Dublin kan die keusevak Reg en Gemeenskapsnavorsingskliniekmodule in hul finale jaar neem.<sup>92</sup> Street Law-programme word by die Atlantiese Tegnologiese Universiteit en die Queen's Universiteit Belfast aangebied.<sup>93</sup> Nagraadse klinieke is ook beskikbaar by die Universiteitskollege Cork en die Universiteite van Galway en Ulster.

Die nagraadse regskliniek by die Universiteitskollege Cork fokus op inligtingstegnologiereg, familiereg, kinderreg en sportreg.<sup>94</sup> Die Universiteit van Galway bestuur die Ierse Sentrum vir Menseregte. Nagraadse studente koördineer hul kliniese projekte in samewerking met gemeenskapsleiers, waarna hulle in kleiner groepe vir twee semesters regsnavorsing doen en ontledings produseer.<sup>95</sup> By die Universiteit van Ulster onderneem nagraadse studente ook navorsing in prioriteitsgebiede. Studente in die Toegang tot die Reg LLM-program gee ook gratis regsadvies en, waar van toepassing, sal hulle ook die publiek verteenwoordig in maatskaplike sekerheids- en arbeidsregsake.<sup>96</sup> Ulster Universiteit in Noord-Ierland bied 'n kliniese kursus aan in toegang tot die reg vir studente in die LLM-program.<sup>97</sup>

Street Law word by verskeie regskole aangebied. Hierdie metode floreer spesifiek by die Atlantiese Tegnologiese Universiteit, die Queen's Universiteit Belfast en ook by die Wetsgenootskap van Ierland, waar voornemende prokureurs opgelei word.<sup>98</sup>

Kliniese regsopleiding in Ierland het ook uitgebrei om voorsiening te maak vir die gebruik van simulaties as 'n opleidingsmetode. Dit word egter meestal slegs ter aanvulling van ander kliëntediensgebruik.<sup>99</sup>

Daar word aangevoer dat, alhoewel kliniese regsopleiding in Ierland reeds heelwat gevorderd het, drie probleme uitgesonder kan word. Die lewende-kliënt-model word belemmer deur 'n gebrek aan befondsing en teenstand vanuit "hoë kringe"; praktisyns kry selde hoë akademiese aanstellings. Verder is die meeste studente meer toegespits op beroepsontwikkeling as op die bevordering van sosiale geregtigheid en hulle verkies derhalwe eksternskapplasinge by boetiekfirmas wat in gebiede soos intellektuele eiendomsreg, sakereg, kubermisdaad en omgewingsreg spesialiseer.<sup>100</sup>

## 7. Samevatting

Kliniese programme in die VK het sedert die 1970's in drie onderskeibare fases ontwikkel.

CLEO, opgerig in 1994, het gegroei tot 'n organisasie wat kliniese regsopleiding aanmoedig en regsklinieke bystaan. Dit het 'n handboek met modelstandaarde vrygestel en bied ook gereeld konferensies en werkwinkels aan.

Meer as 75% van die universiteite in die VK wat regsgrade aanbied, het tans kliniese regsopleidingsprogramme, waarvan heelparty deel van die kurrikulum is, met ongeveer 60% wat akademiese krediete toeken. Die hooftokus van die meerderheid van hedendaagse universiteitsregsklinieke is op studente-onderrig. Hul kliniese regsopleiding voldoen aan al die vereistes en prokureurs in Engeland en Wallis erken tans die rol van regsklinieke in die voorbereiding van studente vir die praktyk.

In die VK en Ierland word simulاسies ook as 'n opleidingsmetode gebruik, alhoewel slegs ter aanvulling tot werklike kliëntediens. Vennootskappe word ook tussen regsclinieke en ander rolspelers in die regsdienstesektor gevorm om die uitbreiding van dienslewering te verseker.

'n Belangrike dryfveer vir die bevordering van kliniese regsopleiding in die VK was die stigting van die IJCLE in 2003, waarna jaarlikse internasionale konferensies, gepaardgaande met publikasies in die tydskrif gevolg het.

Die Wetsgenootskap van die Verenigde Koninkryk toon aan dat die meeste universiteite in Engeland tans 'n kursus in kliniese regsopleiding aanbied. Verskeie universiteite wat geakkrediteerde kliniese kursusse aanbied, word aangedui. Sommige van die regsclinieke word in vennootskap met akademiци en regspraktisyns bedryf, terwyl ander gespesialiseerde regsclinieke bedryf.

Die Skotse Wetsgenootskap se Professionele Onderrig en Opleiding-program van die vroeë 1990's het eers teen 2012 'n aanvang geneem en kliniese regsopleidingsmetodes word nou as 'n regmatige deel van die kurrikulum erken.

Strathclyde regscliniek was die voorloper van die Skotse kliniese beweging met die oprigting van hul regscliniek in Glasgow in 2003, waarna vele ander universiteitsregsclinieke gevolg het. Daar is tans slegs een LLB-geakkrediteerde universiteit sonder 'n regscliniek.

CLEO-lidmaatskap en samewerking met klinieke regoor die VK, asook SULCN bied platforms vir klinici en studente om idees uit te ruil.

Ná die desentralisasie in 1998 word die meeste regsgebiede in Skotland as "afgewentelde kwessies" geklassifiseer wat binne Skotse wetgewing en beleid val. Die aard van regsclinieke word dus beïnvloed deur hul ligging, beskikbare kundigheid en gemeenskapsbehoefes.

Die aanbieding van regscliniese kursusse wissel van alleenstaande kursusse tot gespesialiseerde klinieke en Street Law, terwyl die kliniese regskursus by ander instellings deel vorm van sowel voor- as nagraadse studente se studies. Sommige klinieke word in vennootskap met ander organisasies bedryf. Daar is ook regsclinieke wat deur hul regskele ondersteun word, maar steeds nie-kurrikulêr is.

Universiteitsregsclinieke het vinnig regoor Skotland ontwikkel en uitgebrei, wat inderdaad prysenswaardig is.

Wallis het sewe regskele waarvan vyf kliniese programme aanbied. Cardiff Universiteit, geleë in die hoofstad en naby die nasionale regering, het die grootste regskele en bedryf sedert 2005 verskeie regsclinieke. Hul regsclinieke het organies ontwikkel namate geleenthede hulle voorgedoen het, selfs wanneer al hul aktiwiteite nie binne tradisionele kliniekraamwerke gepas het nie.

Walliese wetgewing het ook aanleiding gegee tot die skepping van innoverende regsclinieke by Cardiff Universiteit. Die COVID-19-inperkings, tesame met 'n beduidende toename in studentegetalle, het Cardiff Universiteit egter genoop om op die minder arbeidsintensiewe beleids- en hibriede regsclinieke te fokus.

Ander Walliese universiteite is ook ondersoek, waar 'n verskeidenheid kliniese aktiwiteite aangebied word. Daar is egter aangetoon dat Wallis groot “regshulpwoestyne” het. Dit is bemoedigend dat jong prokureurs, waarvan sommige kliniese regsopleiding by hul regskele ontvang het, nou poog om moontlike oplossings te vind.

Bykans elke Ierse regskele, in beide Noord-Ierland en die Republiek van Ierland, bied kliniese regsopleidingsprogramme aan wat voor- en nagraadse studente betrek. Drie kategorieë is tydens die bespreking van die verskeie regskele onderskei, naamlik geakkrediteerde eksternskappe vir voorgraadse studente; Street Law-programme vir voor- en nagraadse studente; en regskeleopleiding hoofsaaklik vir LLM-studente. Kliniese regsopleiding aan verskeie Ierse universiteite is bespreek. Daar is aangedui dat, alhoewel kliniese regsopleiding in Ierland reeds heelwat gevorderd is, drie probleme uitgesonder kan word. Die lewende-kliënt-model word belemmer deur 'n gebrek aan befondsing en teenstand vanuit die praktyk; praktisyns kry selde hoë akademiese aanstellings. Verder verkies studente derhalwe eksternskapplasinge by boetiekfirmas om hul beroepsontwikkeling te bevorder.

Daar is aangevoer dat die toekoms van universiteitsregskele in die VK hoofsaaklik van eksterne faktore buite die beheer van kelepersoneel afhang. Daar is 'n beduidende toename in studentegetalle. Daar is ook verminderde beleggings deur vennootskappe met *pro bono*-praktyksyns, wat waarskynlik toegeskryf kan word aan hul sakemodelle wat ná die COVID-19-grendeltyd na 'n hibriede stelsel oorgeskakel is. Universiteite se sentrale werksladingsmodelle skryf soms onbuigsame en onredelike raamwerke voor, wat beteken dat die omvang van werksaamhede deur akademici wat nie deur die werkgewer erken word nie, beperk is. Laasgenoemde word verder beïnvloed deur die spanning wat ontstaan as gevolg van die hoë eise wat aan navorsing en publikasie gestel word, asook om aan studente se behoeftes en hul indiensneembaarheidsverwagtinge te voldoen.<sup>101</sup>

'n Aantal vergelykings met Suid-Afrikaanse universiteite se kliniese regsopleidingsprogramme toon ooreenkomste. Daar is ook 'n aantal lesse wat uit die voormelde geleer kan word.

Die South African University Law Clinics Association (SAULCA),<sup>102</sup> wat in 1982 gestig is, se doelstellings stem grotendeels met dié van CLEO ooreen. SAULCA dui aan dat hul missie is om hoëgehalte- kliniese regsopleiding aan te moedig en sosiale geregtigheid te bevorder. Suid-Afrikaanse universiteitsregskele word ook deur die Regspraktykraad geakkrediteer.<sup>103</sup>

Suid-Afrikaanse universiteitsregskele bied selde internasionale konferensies aan en daar is ook 'n gebrek aan 'n regstydskrif wat spesifiek op kliniese regsopleiding toegespits is, soos die IJCLE. Alhoewel vennootskappe bestaan, hoofsaaklik vir verwysingsdoeleindes, met sekere organisasies, soos Prokureurs vir Menseregte en Regshulp Suid-Afrika, kan samewerkings-ooreenkomste met privaat praktisyns oorweeg word.

Soortgelyk aan Wallis se “regshulpwoestyne”, is daar 'n gebrek aan landelike universiteitsregskele in Suid-Afrika. Universiteitsregskele kan oorweeg om landelike gebiede, in samewerking met Regshulp Suid-Afrika en hul geakkrediteerde prokureurs, te bedien. Aanvanklike konsultasies kan aanlyn plaasvind, soortgelyk aan die prosesse wat tydens die COVID-19-inperkings ingestel is.<sup>104</sup>

Suid-Afrikaanse universiteitsregsklinieke kan ook oorweeg om meer vindingryk te wees ten opsigte van die uitbreiding van hul klinieke, soortgelyk aan Cardiff Universiteit. Soos die meeste reeds vermelde universiteite, ervaar Suid-Afrikaanse universiteite ook 'n toename in studentegetalle. Oorweging kan dus geskenk word aan die daarstelling van eksternskappe om hierdie toename aan te spreek.

## Bibliografie

- Bleasdale-Hill, L. en P. Wragg. 2013. Models of clinic and their value to students, Universities and the community in the post-2012 fees era. *International Journal of Clinical Legal Education*, 19:257–70.
- Bloch, F. (red.). 2011. *The global clinical movement*. Oxford: Oxford University Press.
- Curran, L. 2007. University law clinics and their value in undertaking client-centred law reform to provide a voice for clients' experiences. *International Journal of Clinical Legal Education*, 12:105–30.
- Dunn, R., L. Bengtsson en S. McConnell. 2020. The policy clinic at Northumbria University: influencing policy/law reform as an effective educational tool for students. *International Journal of Clinical Legal Education*, 27(2):68–102.
- Giddings, J. (red.). 2025. *Global clinical legal education*. Melbourne: Routledge.
- Grimes, R., R. Dunn, R. Samaras, J. Price en L. Donnelly. 2025. Legal clinics in the UK and Ireland: Past, present and future. 389–401. In Giddings (red.) 2025.
- Himsworth, C.M.G. 2007. Devolution and its jurisdictional asymmetries. *The Modern Law Review*, 70(1):31–58.
- McFadzean, D. 2013. Law Wise Law Clinic. Perspectives on clinical legal education in Scotland. *Manitoba Law Journal*, 37(1):415–25.
- Nicolson, D. 2006. Legal education or community service? The extra-curricular student law clinic. *Web Journal of Current Legal Issues*, 3:1–17.
- Palmer, V.V. (red.). 2012. *Mixed jurisdictions worldwide: The third legal family*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Reid, E. 2012. The impact of institutions and professions in Scotland. 216–76. In Palmer (red.) 2012.
- Thomas, L. en N. Johnson (reds.). 2020. *The clinical legal education handbook*. Londen: University of London Press.
- Welgemoed, M. 2020. Clinical legal education during a global pandemic – Suggestions from the trenches: The perspective of the Nelson Mandela University. *PER/PELJ*, 23:1–31.
- Wilkes, T., B. Potin, G. Linley-Adams en J. Price. 2024. Not a blueprint: Reflections on the Cardiff Environmental Law and Policy Clinic. *International Journal of Clinical Legal Education Special Edition*, 34–71.



## Eindnotas

<sup>1</sup> Du Plessis (2024).

<sup>2</sup> Du Plessis (2024 (2)).

<sup>3</sup> Giddings (2005:154).

<sup>4</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:289).

<sup>5</sup> Bloch (2011:3).

<sup>6</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:290).

<sup>7</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:290). Sien ook <http://www.lawcentres.org.uk> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>8</sup> *Ibid.*

<sup>9</sup> Die *Legal Education and Training Review* verslag is beskikbaar by: <https://letr.org.uk/the-report/index.html> (7 Maart 2026 geraadpleeg) en die *Quality Assurance Agency* se standarde vir regsopleiding beskikbaar by: <https://www.qaa.ac.uk/docs/qaa/sbs/sbs-law-23.pdf> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>10</sup> 'n Wêreldoorsig van kliniese regsopleiding: Latyns-Amerika en Noord-Amerika, by publikasie.

<sup>11</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:290).

<sup>12</sup> Vir die volledige verslae, sien: <https://www.lawworks.org.uk> (7 Maart 2026 geraadpleeg), en soek vir *Pro bono and clinic survey reports*.

<sup>13</sup> Die mees onlangse oorsigverslag is beskikbaar by: <https://www.lawworks.org.uk/solicitors-and-volunteers/resources/lawworks-law-school-pro-bono-and-clinics-report-2020> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>14</sup> Nicolson (2006: 1–17).

<sup>15</sup> *Ibid.*

<sup>16</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:291).

<sup>17</sup> *Ibid.*

<sup>18</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:292).

<sup>19</sup> Thomas en Johnson (2020).

<sup>20</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:292).

- <sup>21</sup> Bleasedale-Hill en Wragg (2013: 257–270).
- <sup>22</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:293).
- <sup>23</sup> <https://www.cleo-uk.org> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>24</sup> <https://www.cleo-uk.org/resources> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>25</sup> <https://www.lawworks.org.uk/> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>26</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:293).
- <sup>27</sup> <https://www.lawworks.org.uk> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>28</sup> Vir meer inligting rakende TEF, sien: <https://www.officeforstudents.org.uk/advice-and-guidance/teaching/about-the-tef/> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>29</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:294).
- <sup>30</sup> *Ibid.*
- <sup>31</sup> Curran (2007:105–130).
- <sup>32</sup> Vir meer inligting, sien Dunn, Bengtsson en McConnell (2020; 68–102).
- <sup>33</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:294).
- <sup>34</sup> <https://www.northumbriajournals.co.uk/index.php/ijcle/about> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>35</sup> Die IJCLE verskyn ongelukkig nie op die Suid-Afrikaanse lys van DHET-geakkrediteerde tydskrifte nie.
- <sup>36</sup> <https://www.lawsociety.org.uk/topics/pro-bono/clinical-legal-education-and-pro-bono> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>37</sup> <https://www.judiciary.uk/wp-content/uploads/2022/07/pfd-guidance-mckenzie-friends.pdf>.
- <sup>38</sup> <https://www.northumbria.ac.uk/about-us/our-schools/northumbria-school-of-law/> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>39</sup> <https://www.soas.ac.uk/about/colleges-schools-and-departments/college-law-anthropology-and-politics/soas-llb/ba-llm/ma-law> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>40</sup> <https://www.kent.ac.uk/50/profiles/impact/law-clinic.html> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>41</sup> <https://www.sussex.ac.uk/schools/law-politics-and-sociology/about/law/clinics> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

- <sup>42</sup> <https://www.qmul.ac.uk/law/undergraduate/courses/modules/items/law6156-the-practice-of-law-in-a-clinical-environment.html> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>43</sup> <https://www.kent.ac.uk/50/profiles/impact/law-clinic.html> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>44</sup> <https://www.york.ac.uk/law/legal-clinic/legal-clinic-for-students/> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>45</sup> <https://www.surrey.ac.uk/school-law/study/clinical-legal-education> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>46</sup> <https://www.ucl.ac.uk/laws/law-environment/clinical-legal-education> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>47</sup> <https://www.kcl.ac.uk/legal-clinic> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>48</sup> Himsworth (2007: 31–58).
- <sup>49</sup> Reid (2012: 216–276).
- <sup>50</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:296).
- <sup>51</sup> *Ibid.*
- <sup>52</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:290). Vir 'n oorsig van die huidige regsopleiding in Skotland, sien: <https://digitalpublications.parliament.scot/Committees/Report/J/2018/9/23/Training-the-next-generation-of-lawyers--professional-legal-education-in-Scotland#Overview-of-legal-education-and-training-in-Scotland> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>53</sup> <https://www.law.ed.ac.uk/community/legal-advice-clinics/free-legal-advice-centre> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>54</sup> <https://abdnlawproject.com/about> (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>55</sup> Die LawWise-regskliniek het ongelukkig gesluit as gevolg van 'n herstrukturering binne die universiteit. Vir 'n bespreking van hierdie kliniek, sien McFadzean (2013:415–425).
- <sup>56</sup> Hierdie regskliniek het ook ophou bestaan as gevolg van die vertrek van die akademici en studenteiers. Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:295).
- <sup>57</sup> Robert Gordon Universiteitsregskliniek (Aberdeen) gedurende laat 2013. <https://www.rgu.ac.uk/life-at-rgu/learning-facilities/law-facilities/the-law-clinic> (7 Maart 2026 geraadpleeg); Edinburgh Napier Regskliniek in 2015 <http://enlc.co.uk/about-us/> (7 Maart 2026 geraadpleeg); Glasgow Caledonian Universiteit <https://www.gcu.ac.uk/aboutgcu/universityfacilities/lawclinic> (7 Maart 2026 geraadpleeg); en Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:295); en die Emma Ritch Regskliniek by die Universiteit van Glasgow in Maart 2023 [https://www.gla.ac.uk/news/headline\\_926923\\_en.html](https://www.gla.ac.uk/news/headline_926923_en.html) (7 Maart 2026 geraadpleeg).
- <sup>58</sup> Die huidige lede van SULCN is die Universiteit van Strathclyde regskliniek, die Universiteit van Edinburgh se gratis regsadviesentrum, die Aberdeen regsprojek (Universiteit van Aberdeen), Glasgow Caledonian Universiteit regskliniek, Emma Ritch regskliniek (Universiteit

van Glasgow), Edinburgh Napier regslyniek, TayPer regsprojek (Universiteit van Abertay) en Robert Gordon Universiteit regslyniek. Die Universiteit van Dundee se regslyniek is die nuutste, sedert laat 2023. Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:295).

<sup>59</sup> <https://www.scottishwomensrightscentre.org.uk/> en <https://www.rst.org.uk/>. (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>60</sup> <https://www.strath.ac.uk/courses/undergraduate/lblawclinicalgraduateentry/#coursecontent> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>61</sup> <http://www.drps.ed.ac.uk/21-22/dpt/cxlaws10240.htm> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>62</sup> <https://www.law.ed.ac.uk/study/diploma-professional-legal-practice/courses> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>63</sup> <https://www.dundee.ac.uk/law/clinic> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>64</sup> <https://abdnlawproject.com/> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>65</sup> Die Robert Gordon Universiteit se regslyniek het 'n volledige herbenoeming ondergaan, sien: <https://www.rgu.ac.uk/news/news-2022/5411-grampian-community-law-centre-prepares-for-torry-launch-in-scotland-first> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>66</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:297).

<sup>67</sup> Dit het gelei tot die *Legal Education and Training Review report*, <https://letr.org.uk/the-report/index.html> (7 Maart 2026 geraadpleeg) en word weerspieël in die mees onlangse *Quality Assurance Agency's benchmark standards for Law*. <https://www.qaa.ac.uk/docs/qaa/sbs/sbs-law-23.pdf> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>68</sup> <https://www.cardiff.ac.uk/news/view/1401633-cardiff-innocence-project> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>69</sup> <https://www.cardiff.ac.uk/news/view/1401633-cardiff-innocence-project> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>70</sup> <https://www.theguardian.com/uk-news/2014/dec/09/dwaine-george-murder-conviction-overturned-cardiff-university-innocence-project> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>71</sup> Wilkes, Potin, Linley-Adams, en Price (2024:38).

<sup>72</sup> <https://www.cardiff.ac.uk/news/view/531782-access-all-areas-for-law-students-on-rugby-pro-bono-scheme> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>73</sup> <https://www.hughjames.com/blog/celebrating-16-years-of-our-pro-bono-scheme-with-cardiff-university-law-department/> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>74</sup> <https://www.cardiff.ac.uk/news/view/208941-mencap-cymru-and-cardiff-law-students-launch-toolkit-for-adults-with-learning-disabilities> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>75</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:298).

<sup>76</sup> *Ibid.*

<sup>77</sup> Vir 'n volledige bespreking, sien Wilkes, Potin, Linley-Adams, en Price (2024).

<sup>78</sup> *Ibid.*

<sup>79</sup> <https://www.southwales.ac.uk/news/> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>80</sup> <https://www.aber.ac.uk/en/lac/law-legalclinics/> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>81</sup> *Ibid.*

<sup>82</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:297).

<sup>83</sup> <https://research.bangor.ac.uk/cy/publications/holistic-legal-support-for-litigants-in-person-the-north-and-mid-/> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>84</sup> <https://www.gov.uk/guidance/civil-legal-aid-review> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>85</sup> <https://www.lawsociety.org.uk/topics/research/civil-sustainability-review> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>86</sup> <https://younglegalaiddlawyers.org/legaladvisedeserts> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>87</sup> Giddings (2005:154).

<sup>88</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:298).

<sup>89</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:299).

<sup>90</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:299).

<sup>91</sup> Vir meer inligting rakende die BCL (Klinies) by die Universiteit Kollege Cork, sien <https://www.ucc.ie/en/ck301/clinical/> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>92</sup> Vir meer inligting rakende hierdie module by die Tegnologiese Universiteit van Dublin, sien <https://www.tudublin.ie/study/undergraduate/courses/law-tu918/> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>93</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:299) en <https://www.lawsociety.ie/public/Public-Legal-Education/Street-Law> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>94</sup> Vir meer inligting rakende die nagraadse regsclinieke by die Universiteit Kollege Cork, sien <https://www.ucc.ie/en/law/society/> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>95</sup> Vir meer inligting rakende die menseregteklíníek by die Universiteit van of Galway, sien <https://www.universityofgalway.ie/irish-centre-human-rights/public/clinic/> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>96</sup> Vir meer inligting rakende die Toegang tot die Reg LLM by Ulster Universiteit, sien <https://www.ulster.ac.uk/lawclinic> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>97</sup> <https://www.ulster.ac.uk/lawclinic> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>98</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:299) en <https://www.lawsociety.ie/public/Public-Legal-Education/Street-Law> (7 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>99</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:292).

<sup>100</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:300).

<sup>101</sup> Grimes, Dunn, Samaras, Price en Donnelly (2025:298).

<sup>102</sup> <https://www.saulca.co.za/> (3 April 2026 geraadpleeg).

<sup>103</sup> <https://lpc.org.za/accreditation-of-legal-aid-and-law-clinics/> (3 April 2026 geraadpleeg).

<sup>104</sup> Welgemoed (2020:1–31).



# 'n Wêreldoorsig van kliniese regsopleiding: Latyns-Amerika en Noord-Amerika

Riette du Plessis

---

Riette du Plessis, Skool vir Regte, Universiteit van die Witwatersrand

---

## *Opsomming*

Die ontwikkeling van universiteitsregsklinieke in Latyns-Amerika en Noord-Amerika word bespreek. Regskole in Argentinië bied praktiese opleiding en professionele aktiwiteite. Die kliniese metodologie is steeds onontwikkeld en bly marginaal in universiteitskurrikula. Regsklinieke is nog nie deel van die hoofstroom-regsopleiding in Brasilië nie. Die meerderheid Chileense regskole het verpligte klinieke. Nie almal bedien lewende kliënte nie; sommige gebruik simulasies. In Colombiaanse regsklinieke los kliniekstudente kliënte se regsgeskille direk op. Regsklinieke in Mexiko is nie deel van die hoofstroom-regsopleiding nie. 'n Minderheid van Peruviaanse regskole bied een of ander vorm van kliniese regsopleiding aan. Die ontwikkeling van kliniese regsopleiding in Latyns-Amerika blyk relatief belemmerd te wees.

In Kanada word sommige klinieke deur studente bedryf, terwyl daar steeds sommige kliniese regsprogramme is waarin studente slegs seminaarinstruksie ontvang. Kliniese regsprogramme diversifiseer hul werk en fokus op verskeie regskwessies. Studente se verskyningsbevoegdheid wissel regdeur Kanada. Kliniese regsopleiding word egter nie konsekwent in Kanadese regskoolkurrikula ingesluit nie. Slegs twee regskole bied dit as 'n verpligte kursus aan.

Die kliniese regsopleidingstelsel in die VSA het 'n lang geskiedenis wat in drie fases oor etlike dekades tot 'n verpligte aspek van Amerikaanse regsopleiding gegroei het. Die Amerikaanse stelsel van eksperimentele opleiding maak voorsiening vir regsklinieke, eksternskappe, hibriede modelle wat hierdie benaderings kombineer, asook simulasies. Die aanbieding wissel van geakkrediteerde kursusse tot studentgeleide werk en ander *pro bono*-aktiwiteite. Vier benaderings tot die kliniese pedagogie is geïdentifiseer, naamlik die seminaarkomponent, waar simulasies gebruik kan word om regsvaardighede aan te leer. Tweedens bespreek studente hul sake of projekte, wat veldwerk insluit, by wyse van studentegroepvorming. Die derde kenmerk van kliniese pedagogie is toesighouding deur klinici. Die vierde metode behels veldwerk, kliniekgebaseerde regswerk of 'n eksternskap. Die metodologie van kliniese regsopleiding is in die VSA ontwikkel.

Die doelstellings van kliniese regsprogramme is belyn met die sosiale geregtigheidsdoelstellings van openbarebelangpraktisyns. Amerikaanse klinici is produktief in die publikasie van hul werk, wat as riglyne vir vele klinici wêreldwyd dien.

**Trefwoorde:** eksperimentele opleiding; eksternskap; kliniese metodologie; kliniese regs-bewegings; kliniese regsopleiding; lewende-kliënt-klinieke; regsklinieke; seminaarinstruksie; simulasies

## ***Abstract***

### **A world view of clinical legal education: Latin America and North America**

The development of clinical legal education and university law clinics in Latin America and North America is explored. Legal education in Argentina mainly relies on rote transmission of legal regulation and doctrine. Opportunities for the growth of legal clinics arose from specific social and political factors, such as the severe human rights violations committed by the military government during the late 1970s. The reform of the National Constitution in 1994 intensified the need for legal representation for the underprivileged. A further turning point resulted from the political and economic crisis of 2001, which significantly affected legal claims. In 2015, national authorities evaluated university accreditation, which included law programmes, after which criteria for the intensity of practical training were determined. Law school clinics are, however, still marginal in curricula and are in many cases limited to poorly supervised practice sessions with insufficient social impact.

Brazil had, until very recently, no colleges or universities. The elite of the Brazilian colony sent their children to Portugal for higher education. In 1995, the Brazilian Network for Human Rights Education was established, using education as a means of building democracy ensuring that the horrors experienced by Brazilian society during the years of military dictatorship, from 1964 to 1986, would never be repeated. However, Brazil's Ministry of Education has used the word *clinic* in the context of legal education only since 2018. Legal clinics are not yet part of mainstream legal education in Brazil, although legal centres exist where students are accommodated by way of simulations.

In 1960, Chile experienced the world's most powerful recorded earthquake, the Valdivia earthquake and tsunami, which caused many deaths and massive devastation. This was followed by significant political shifts. In Chile, clinics are a direct product of the survivors of the 1960s, together with those who sought to suppress the legal reforms in the 1980s. The Political Constitution of 1980 guarantees equal protection under the law, as well as legal representation. Chilean universities are not permitted to award the title of lawyer, as this is reserved for the Supreme Court. To be admitted to practice, the court requires graduates to undergo a six-month practicum in a public office, the Judicial Assistance Corporation. Students who have had clinical experiences with real clients at their universities are much better prepared for the practicum, but there are no links between clinics and the Corporation. The majority of Chilean law schools have compulsory clinics. Not all serve live clients, but rather use simulations.

The first legal clinic in Colombia was established only in 1999, as it challenged traditional legal education. Few universities have legal clinics and, where they do exist, maintaining their structure is sometimes difficult due to a lack of understanding of the clinical model and methods. Any person may institute legal proceedings without the assistance of an attorney. Clinics use this strategically to allow students to deal directly with client disputes.

Since the 1970s, Mexican law schools have hosted *pro bono* law firms where students could gain real-world legal experience by serving underprivileged people. These firms, however, lack an explicit educational component. Some clinics form alliances with government agencies or NGOs to jointly provide legal services. Legal clinics do not form part of mainstream education in Mexico. Although there are more than 2 000 law schools in Mexico, only 20 have legal clinics. Most clinics are in-house and can accommodate only a handful of students. Students tend to enrol as volunteers or as part of a community service requirement, as students are legally required to complete 480 hours of community service to graduate. This service comprises any work done in the interest of society and the state. Students therefore commit hours each week to clinic work, mostly carrying out administrative tasks rather than participating in a clinical course.

The higher education system in Peru has changed significantly over the last few decades. Between 1990 and 2011, 93 universities were established. The liberalisation model from the 1993 Constitution allowed for the creation of for-profit universities, which radically changed the landscape of higher education in Peru and critically affected the quality of higher education.

In 2014, the Peruvian Congress enacted legislation to address systemic problems in Peruvian higher education. Universities were also required to adopt inclusion policies for persons with disabilities, indigenous peoples and persons living in poverty. By 2022, accreditation had been denied to 48 of the 143 Peruvian universities. Law Schools in Peru have implemented clinical legal education in two main ways. Free legal aid clinics are client-centred, providing counselling and representation to disadvantaged people. Public interest legal clinics strive to effect social change through strategic litigation, *amicus curiae*, and other advocacy strategies. Peruvian Law Schools prefer free legal aid clinics, which emerged in the 1980s as student-run initiatives without formal support. Clinical courses are compulsory at only 15 law schools. Thirty-one of the 96 licensed universities in Peru offer some form of clinical legal education. Most have chosen free legal aid clinics, with only three operating public interest legal clinics. All of these are located in Lima, possibly because of their proximity to the high courts of Peru.

The history of clinical legal education (CLE) in Canada is intertwined with movements for community-based access to justice and broader social justice that swept North America in the 1960s and 1970s. Some early clinics were established directly within law schools, while others were located off campus but maintained relationships with supporting law schools. In 1971, the federal government funded a number of community-based legal clinics that were affiliated with law schools. Since then, community legal clinics have remained relatively common. Other clinical programmes place students at external organisations with no law school governance, although a seminar is taught by a law school faculty member. In the Canadian context, the term clinical legal education is used to describe a range of experiential learning models, including internships or externships. Students provide legal services under the supervision of a licensed lawyer, with the mandate of promoting access to justice or serving the public interest. In most cases, students receive academic credit for successfully completing the programme. Clinical legal education has, however, not found a consistent foothold in Canadian law school curricula.

Currently, only two law schools in Canada mandate some form of public interest, clinical or experiential education as a condition for graduation. In all other law schools, clinical programmes are optional within the curriculum. Distinct clinical pedagogy has not yet taken firm root in Canada. Permanent clinical positions are rare, and robust research amongst clinical academics is also limited. The Association for Canadian Clinical Legal Education, founded in 2010, has created a platform for CLE and has assisted in fostering a sense of community amongst clinicians across Canada. The longevity of clinics in Canada is, however, affected by unpredictable government and other external funding. Currently, the Federation of Law Societies of Canada is consulting on changes to the national competencies required of every Canadian law graduate. Some clinical law educators resist the notion that clinics should be responsible for fulfilling prescribed student competencies, noting that, in the clinical context, practice must respond to the needs of clients. The future of Canadian clinical legal education is therefore unclear.

CLE has a long and rich history in the United States of America (USA). Over several decades, the clinical movement has grown in three distinctive waves to become an established and required aspect of American legal education. CLE falls under the rubric of experiential education, which encompasses law clinics, externships, hybrids courses, combining features of both law clinics and externships, and simulation courses. Law clinics and externships, the primary forms of CLE, each have their own pedagogical norms and best practices. A distinct clinical methodology was developed to prepare students for the actual practice of law and to inculcate the values of the profession, with an emphasis on reflection as a critical component.

Clinical scholars have identified four distinct methodologies of clinical pedagogy. First, it includes the seminar component of a clinical course. Second, students learn through a process in which they meet as a group to discuss cases or projects. The third important aspect of clinical pedagogy is supervision, while the fourth clinical methodology is the clinic-based legal work students perform in either a law clinic or externship setting, which is important as students represent clients in court. Clinical programmes in the USA play a significant role in promoting access to justice and in advancing social justice through their practice and mission. American clinicians regularly publish their work, which also serves as guidance for clinicians globally.

**Keywords:** clinical legal education; clinical methodology; experiential education; externship; law clinics; live client clinics; seminar instruction; simulations

## 1. Inleiding

Hierdie wêreldoorsig van kliniese regsopleiding omvat Latyns-Amerika en Noord-Amerika.

In die eerste artikel in hierdie reeks waarin kliniese regsopleiding in Sentraal-Asië, die Midde-Ooste, Oos- en Suidoos-Asië, asook Suid-Asië gedek word, het ek aangetoon dat regskool-gebaseerde kliniese opleiding as 'n beduidende innovasie in moderne regsopleiding erken word. Die waarde daarvan lê in die manier waarop korrekte aanwending die streng universiteits-toeligtig met die praktyk integreer, wat regstudente aan etiese en sosiale geregtigheidskwessies blootstel wanneer hulle met kliënte werk.<sup>1</sup>

In die daaropvolgende artikel rakende kliniese regsopleiding in Sentraal-, Oos- en Wes-Europa het ek aangetoon dat, alhoewel Wes-Europa tot en met die nuwe millennium die laaste vesting vir die aanvaarding van kliniese regsopleiding was, blyk daar tans vordering te wees. Die Bologna Process het 'n beduidende invloed op kurrikulumontwikkeling in Wes-Europa gehad. Hierdie ontwikkeling is versterk en word ondersteun deur die European Network for Clinical Legal Education (ENCLE), spesifiek deur hul gehaltestandaard vir regsklinieke. Die oprigting van regsverenigings en kliniese regsbewegings in sommige van die lande wat bespreek is, is bemoedigend.<sup>2</sup>

Kliniese regsopleiding in Sentraal- en Oos-Europa het merkbare vordering getoon ná die val van die Berlynse Muur in 1989. Die Bologna Process en die Europese regstudentevereniging (ELSA) se betrokkenheid het 'n aansienlike invloed op verdere ontwikkeling gehad, wat egter belemmer word vanweë die onttrekking van eksterne befondsing sedert die vroeë 2000's. Die oprigting van regsverenigings in sommige van die lande onder bespreking is egter bemoedigend.

Hierdie bespreking sal, soos in die voorgaande studies, aantoon dat kliniese regsopleiding in Latyns-Amerika steeds marginaal is in universiteitskurrikula in die meeste jurisdiksies. Sommige regskole bedryf egter aktiewe regsklinieke. Sekere jurisdiksies het regsklinieknetwerke wat na verwagting die bevordering van kliniese regsopleiding sal beïnvloed.

Die gedeelte oor Noord-Amerika bespreek kliniese regsopleiding in Kanada en die VSA. Daar sal aangedui word dat, alhoewel kliniese regsopleiding reeds vir meer as 50 jaar in Kanada bestaan, dit nie konsekwent in regskoolkurrikula ingesluit word nie. Slegs twee regskole bied dit as 'n verpligte kursus aan. Die metodologie van kliniese regsopleiding is in die VSA ontwikkel en het vier benaderings tot die kliniese pedagogie geïdentifiseer. Amerikaanse kliniese regsopleidingsmetodes dien wêreldwyd as 'n wegwyser vir klinici. Daar sal ook kortliks vergelykings met Suid-Afrikaanse kliniese regsopleiding getref word, en knelpunte en aanbevelings sal uitgewys word.

## **2. Kliniese regsopleiding in Latyns-Amerika**

Die bespreking van kliniese regsopleiding in Latyns-Amerika omvat Argentinië, Brasilië, Chili, Colombië, Mexiko en Peru.

### ***2.1 Kliniese regsopleiding in Argentinië***

Regsopleiding in Argentinië is gekritiseer vir die ensiklopediese aanbieding van die reg en leerstellings,<sup>3</sup> wat heeltemal verwyderd was van die sosiale en politieke konteks waarin dit gesetel was en derhalwe geen ruimte vir kritiek in die klaskamer gelaat het nie. Argentynse regskultuur skram selfs weg van gevallestudies en is nog minder geneë om kliniese regsopleiding in te voer.<sup>4</sup> Die proses van regsopleidingshervorming en die vestiging van regsklinieke is steeds in hul kinderskoene en die effek daarvan het nog weinig impak by die meeste universiteite gehad. Die opkoms van regsklinieke kan nie aan regshervorming toegeskryf word nie, maar eerder aan die feit dat die kliniese beweging beïnvloed is deur politieke krisis wat voortgespruit het uit die toename in militêre regerings wat demokrasie in die streek ontwig het.

Die Regs- en Ontwikkelingsbeweging van die 1960's het nie daarin geslaag om sy doelstellings in die opvoedkundige sektor te bereik nie as gevolg van 'n gebrek aan kennis rakende die koste van klinieke, kulturele en sosiale faktore, swak regsbesag en teenkanting van tradisionele opvoeders.<sup>5</sup>

Argentynse regsklinieke se geleenthede vir openbarebelangvoorspraak by sommige privaat en openbare universiteite het in die laat 1970's begin ontstaan as gevolg van erge menseregte-skendings deur die militêre regering, veral ná die stigting van die nieregeringsorganisasie, die Sentrum vir Regs- en Sosiale Studies (CELS), in 1987. CELS, wat uit vele regslui bestaan het, van wie sommige se familieledes tydens die diktatorskap verdwyn het, het regseise bevorder.<sup>6</sup> Met die herstel van 'n demokratiese regering in 1983 het verskeie nieregeringsorganisasies en nieregeringsgroepe op menseregte gefokus en sodoende die behoefte aan 'n nuwe benadering tot regspleging beklemtoon.<sup>7</sup> Ná die hervorming van die Nasionale Grondwet in 1994 was daar 'n oplewing van openbarebelangprokureurs wat veranderinge binne die reg en regsinstellings wou teweegbring om die samelewing positief te beïnvloed.

Die Latyns-Amerikaanse Netwerk vir Openbarebelangaksies het in die 1990's bygedra tot die ontwikkeling van kliniese regsopleiding in Argentinië; dit het die eerste neerslag gevind by die Comahue Openbare Universiteit se regskool.<sup>8</sup> Die Universiteit van Palermo het 'n model ontwikkel in samewerking met burgerlike organisasies. Hierdie model is vervolgens deur die Tucuman en Litoral Nasionale Universiteite aangeneem.<sup>9</sup>

Die politieke en ekonomiese krisis in 2001, wat die gevolg was van neoliberales beleid in voorafgaande jare, tesame met weerstand van sosiale bewegings, het aanleiding gegee tot versoeke om die reg te herkonfigureer.<sup>10</sup> Dit het die hoë en regsprosesse in die politieke arena gesentraliseer. Die bydraes van opkomende regsklinieke is erken, en derhalwe is nuwe uitdagings vir regsinstellings geskep.<sup>11</sup>

Regskole het in 2015 herakkreditering ondergaan. Regulasies wat twee jaar later goedgekeur is, het kriteria vir praktiese opleiding en professionele aktiwiteite ingesluit. Verskeie regskole het kort kliniese ervarings, sommige in samewerking met nieregeringsorganisasies, begin insluit.<sup>12</sup> Die Argentynse Netwerk van Regsklinieke, wat met 23 openbare en privaat universiteite geaffilieer is,<sup>13</sup> is in 2020 gestig.<sup>14</sup> Sommige van die eerste klinieke was suksesvol in die bevordering openbarebelangreg, maar het nagelaat om die kliniese metodologie te ontwikkel. Dit blyk egter dat die fokus tans besig is om te verander.

Dominante kliniekmodelle sluit regshulpkantore en openbarebelangklinieke in. Kliniese regsopleiding is nogtans marginaal in kurrikula en in baie gevalle is die toesig swak en die sosiale impak beperk.<sup>15</sup>

## **2.2 Kliniese regsopleiding in Brasilië**

Regsklinieke is nog nie deel van die hoofstroom-regsopleiding in Brasilië nie. Brasilië het tot relatief onlangs nie universiteite gehad nie. Die elite van die Brasiliaanse kolonie het hul kinders Portugal toe gestuur vir regsopleiding, waarna hulle sterk beïnvloed deur Portugese kultuur en gewoontes teruggekeer het.<sup>16</sup> Opleiding in sowel Portugal as Brasilië is sterk beïnvloed deur die Jesuïete-orde wat literêr en retories was.



Anders as Spanje, wat universiteite in sy kolonies opgerig het,<sup>17</sup> was dit nie die geval met Portugal nie. Hierdie kenmerk onderskei Brasilië van ander Latyns-Amerikaanse lande en het die ontwikkeling van Brasiliaanse regsclinieke beïnvloed. Vroeë regs kursusse was daarop gemik om mense as deel van die staat se burokrasie op te lei; hierdie regs kursusse het op gevestigde reg eerder as regspleging gefokus. Vele vryhede is ingeperk, lewens is bedreig en fisiese integriteit is geskend gedurende die militêre diktatorskap tussen 1964 en 1986. Regsopleiding het nie die werklikheid weerspieël nie, maar dit was ook hierdie krisis wat die gemeenskap genoop het om hulself te mobiliseer.<sup>18</sup>

Die Brasiliaanse Federale Grondwet van 1988 erken fundamentele menseregte en die reg tot onderrig word as sodanig beskou. Voortdurende praktiese regsopleiding is dus as 'n middel vir sosiale transformasie beskou. Die Brasiliaanse Ministerie van Onderwys (MEC) en die Balieraad (OAB) reguleer regsopleiding. Die MEC het mettertyd daarop aangedring dat die regs pedagogie kennis moet neem van die sosiale, geografiese, politieke en institusionele aspekte van die onderskeie gemeenskappe. Kommissies wat aan die begin van die 1990's deur die MEC en die OAB gevorm is, het die noodsaak van praktiese regsopleiding binne die teoretiese raamwerke geïdentifiseer. Regspraktyksentrums wat as regspraktyke funksioneer is opgerig waar studente onder toesig werk. Aangesien studente nie oor verskyningsbevoegdheid beskik nie, word hul take beperk tot kliëntekonsultasies, navorsing, regsinskrywings en die bywoning van hofsake saam met prokureurs. Studente word ook toegelaat om internskappe by privaat praktyke te volg of om as regtersklerke te werk.<sup>19</sup>

Professore en menseregte-aktiviste het die Brasiliaanse Netwerk vir Menseregte-opleiding (RBEDH) in 1995 gestig. Hierdie netwerk bevorder opleiding as 'n middel om demokrasie te bou en 'n herhaling van die gruwels wat die Brasiliaanse samelewing tydens die jare van militêre diktatorskap van 1964 tot 1986 ervaar het, te voorkom. Die Brasiliaanse Ministerie van Onderwys het eers in 2018 die woord *kliniek* binne die konteks van regsopleiding gebruik. 'n Resolusie vir kurrikulumriglyne vir regs kursusse het aanbeveel dat daar 'n vernuwing moet plaasvind om die samelewing met projekte en regsclinieke by te staan.<sup>20</sup> Sekere kenmerke vir Brasiliaanse regsclinieke is geïdentifiseer: sosiale geregtigheid, deelnemende metodologie, artikulasie tussen teorie en menseregtepraktyk, 'n interdisiplinêre benadering, integrasie van lesings, navorsing en aktiwiteite en erkenning binne fakulteite.<sup>21</sup>

Oor die afgelope 30 jaar was daar verskeie Brasiliaanse eksperimentele regsopleidingservarings. Die Advocacia Popular is gemik op die verwesenliking van kollektiewe regte, met die fokus op aspekte soos geslagsgeweld, etniese en rasse-onderdrukking en geskille rakende grondbesit. Assessoria Jurídica Popular word deur akademici en praktisyns by raadgevingssentrums bestuur. Regskole is ook by die Advocacia Popular as Assessoria Jurídica Popular betrokke. Die Núcleo de Assessoria Jurídica Popular de Ribeirão Preto (NAJURP) is 'n voorbeeld van 'n uitreikprojek van die regskool van Ribeirão Preto by die Universiteit van São Paulo gedurende die afgelope vyf jaar.<sup>22</sup>

Regspraktyksentrums, die Núcleos de Prática Jurídica, is in die 1990's geskep om regshulp aan kwesbare mense te verleen. Studente word ook deur middel van gesimuleerde aktiwiteite betrek. 'n Voorbeeld is die sentrum by die Universiteit van Brasilia, wat die bevolking van Ceilândia, die administratiewe streek van die Brasiliaanse Federale Distrik, bystaan. 'n Voorbeeld van een van die modelkantore, die Escritório Modelo, is die Escritório Modelo Dom Paulo Evaristo Arns van die Pontifikale Katolieke Universiteit van São Paulo, wat internskappe aan studente bied. Menseregteverwysingsentrums maak ook staat op die dienste van vrywillige studente wat hul intern- en eksternskappe daar voltooi.<sup>23</sup>

Die Amasone Netwerk se menseregtekliniek, opgerig in 2011, is aktief in die noorde van Brasilië, terwyl die suide deur die menseregte- en beroepsklinieke van onderskeidelik die Getúlio Vargas Foundation Regskool in São Paulo en die Joinville Region Universiteit in Porto Alegre, bedien word.<sup>24</sup> Die Nasionale Netwerk van Regsklinieke bied aansienlike potensiaal vir samewerking, gegewe die uiteenlopende omgewings waarin die onderskeie kliniese opleidingsmetodes ontwikkel en gekonsolideer het.<sup>25</sup>

Alhoewel kliniekdeelname nie verpligtend vir studente is nie, wedywer die onderskeie klinieke met intern- en eksternskappe, aangesien 'n Ministeriële Ordonnansie vereis dat studente 300 uur praktiese ondervinding voltooi.<sup>26</sup>

De Souza is van mening dat die vooruitsigte vir Brasiliaanse regsklinieke belowend is, aangesien akademici reeds ondervindings, soortgelyk aan kliniese regsopleiding, daargestel het. Hy verwys na oorsaaklike regspleging, die Advocacia Popular, algemene regsadvies, die Assessoria Jurídica, Regspraktyksentrums, die Núcleos de Prática Jurídica, modelkantore, die Escritórios Modelo en Menseregteverwysingsentrums. De Souza glo dat regsklinieke 'n komponent is van die Brasiliaanse herdemokratisering wat in die 1980's begin het, deurdat minderbevoorregte mense toenemend toegang tot regspleging verkry het.<sup>27</sup>

### ***2.3 Kliniese regsopleiding in Chili***

Die hoofbronne van die reg in Chili is wetgewing en Romeinse gemenereg. Die presedentstelsel het min invloed, aangesien regters, as beroepsburokrate, se interpretasie van die reg nie as afdoende beskou word nie.<sup>28</sup> Voor die Koue Oorlog-era is Chili as een van die mees stabiele demokrasieë in Latyns-Amerika beskou. In die 1950's en 1960's was daar egter toenemende polarisasie tussen linkse en regse politiek. Salvador Allende is in 1970 verkies om die links-gesinde sosialiste te lei. Daar is toe onder meer op buurthowe gefokus, wat ook 'n goeie grondslag vir regsklinieke kon bied. Die sakesektor het egter daarteen in opstand gekom, wat tot ekonomiese chaos gelei het. Generaal Pinochet het die regering daarna in 1973 omvergewerp en met sowel brute geweld as politieke finesse regeer. Die militêre junta het vinnig oorgeneem en in 1974 'n noodtoestand verklaar, vakbonde hul werksaamhede verbied en die universiteitstelsel oorgeneem, waarna hulle by wyse van verordeninge hul eie kursusse en akademici in beheer geplaas het.<sup>29</sup> Aangesien die Balieraad as 'n bondgenoot beskou is, het die militêre junta nie veel met hul bedrywighede ingemeng nie. Die latere Waarheidskommissie het aangedui dat die Balieraad versuim het om sy etiese verantwoordelikhede na te kom. 'n Aantal regspraktisyns het egter hul teenkanting duidelik getoon, meestal ten koste van hulself en hul gesinne. In Februarie 1981 is 'n dekreet uitgevaardig wat die Balieraad ontbind het en regsgeleerdes toegelaat het om te praktiseer sonder om aan die Balieraad te behoort.<sup>30</sup> Chili is steeds 'n onvolledige demokrasie, omdat die Grondwet van 1980 (soos gewysig in 1989 en 1997) in werking getree terwyl Generaal Pinochet nog aan bewind was.<sup>31</sup> Gevolglik was daar wydverspreide armoede en nood in die land.

In 1960 het die kragtigste aangetekende aardbewing en tsunami, die Valdivia-aardbewing, Chili getref. Dit het massiewe verwoesting en 'n hoë dodetal veroorsaak. Regsklinieke is 'n direkte produk van die oorlewendes van die 1960's, asook van diegene wat gepoog het om regshervorming in die 1980's te onderdruk.<sup>32</sup> Chili se regshulpgeskiedenis is langer as dié van die meeste Latyns-Amerikaanse lande. Die Spaanse koloniale regstelsel het reeds in die 1500's regshulp aan behoeftige lede van die inheemse bevolking verskaf. Binne twee dekades ná Chili se onafhanklikheidsverklaring van Spanje in 1810 het die appèlhowe regspraktisyns aangestel

om behoeftige mense gratis by te staan.<sup>33</sup> Teen die eeuwisseling, soos Chili van 'n landelike na 'n stedelike bevolking oorgeskakel het, is sosiale wetgewing uitgevaardig, waarna die Chileense Balieraad, die Colegio de Abogados, erken is en in 1928 stelselmatig begin het om regsdiens aan behoeftiges te voorsien. In 1981 het die militêre regering drie Regshulp-korporasies gestig, een elk in die Metropolitaanse Streek, Valparaíso en die Bío-Bío-streek. 'n Vierde Korporasie is in 1987 vir Antofagasta en Tarapacá gestig.<sup>34</sup> Teen 1995 is 68 persent van kliënte deur studente verteenwoordig. Chili se Politieke Grondwet van 1980 waarborg gelyke beskerming deur die reg, asook die reg tot regsvertenwoordiging. Die Chileense Burgerlike Wetboek maak ook voorsiening vir regsdiens vir behoeftige mense.<sup>35</sup>

Chileense universiteite mag egter nie die titel *regsgeleerde* toeken nie, aangesien dié bevoegdheid vir die hooggeregshof voorbehou word. Ná voltooiing van hul regstudies moet gegradueerdes ses maande lank praktiese opleiding by die Geregtelike Bystandskorporasie, die Corporación de Asistencia Judicial, ondergaan voordat hulle mag praktiseer. Alhoewel studente wat met lewende kliënte by hul universiteite gewerk het, beter voorbereid is, is daar geen verband tussen die regsklinieke en die Corporación nie. Ten einde studente voor te berei, het die Katolieke Universiteit van Temuco, die Universidad Católica de Temuco, sy regskliniek in 1994 as 'n verpligte lewende-kliënt-kliniek geopen. Hierdie universiteit is geleë in Araucanía, 'n arm gebied in die suide van Chili met 'n groot inheemse bevolking.<sup>36</sup> Finalejaarstudente ondergaan 'n induksiefase, waarna hulle onder toesig van 'n praktisyntmentor, wat die rol van 'n klinikus vervul, met kliënte konsulteer. Studente word ook tydens hofverskynings deur die praktisyntmentor vergesel.

Die regskliniek by die Universiteit van Chili, La Chile, het in 1975, twee jaar na generaal Pinochet se oornome, begin om regshulp aan armes te verleen in samewerking met die Balieraad.<sup>37</sup> Toe die Geregtelike Bystandskorporasie later outonoom geword het, was daar soortgelyke samewerking met die regskliniek gevestig, wat algemene regsdiens in die arm dele van Santiago lewer.<sup>38</sup> Die regskliniek het ook spesialisklinieke waar 'n beperkte aantal finalejaarstudente as regtersklerke by straf-, siviele-, jeug- en arbeidshoe geplaas word. Studente werk in spanne saam in die gespesialiseerde strafregskliniek, wat komplekse finansiële oortredings hanteer. Dieselfde formaat word in die belastingkliniek gevolg.<sup>39</sup>

Die Diego Portales Universiteit in Santiago is in 1982 gestig nadat die regering die oprigting van privaat universiteite in 1980 gemagtig het. Die regskliniek het in 1987 gevolg en neem slegs instruksies van gemeenskapsagentskappe.<sup>40</sup>

Die meerderheid Chileense regskole het verpligte klinieke, alhoewel nie almal lewende kliënte bedien nie en eerder simulaties gebruik.<sup>41</sup> Beca is van mening dat kliniese regsopleiding verbeter kan word deur dit met prosedurele regskursusse te kombineer. Hy is ook van mening dat dit belangrik vir Chileense klinieke is om by die internasionale kliniese regsopleidings-gemeenskappe in te skakel.<sup>42</sup>

## 2.4 Kliniese regsopleiding in Colombië

Die Suid-Amerikaanse regskliniese beweging is in die 1990's in die suide van die vasteland gestig.<sup>43</sup> Colombiaanse regsklinieke het in die laat 1990's ontwikkel uit die idees en voorstelle van hierdie ontluikende beweging, namate regskole klassieke en statiese kurrikula begin bevraagteken het. Colombië het in 1991 'n nuwe Politieke Grondwet aanvaar met die reg as grondslag en met die uitgangspunt dat alle mense gelyk is voor die reg. Verskeie kategorieë

van regte – met inbegrip van siviele, politieke, ekonomiese, sosiale, kulturele en kollektiewe regte – wat van openbare belang is, het konsepte wat nie duidelik in die klassieke reg uitgelig was nie, aangewakker. Dit was ook die eerste keer dat 'n Grondwet die meganisme vir die verdediging van sodanige regte bevat het. 'n Belangrike kenmerk daarvan wat toegang tot regspleging ontsluit het, was dat enige persoon, sonder 'n prokureur, sake aanhangig kon maak. Hierdie kenmerk het later deel van strategiese litigasie deur regslynke geword. Toe Colombië in 1992 die regulering van universiteitsopleiding hervorm het, het die geleentheid hom voorgedoen om nuwe pedagogiese metodes te ontwikkel ten einde die gaping tussen teorie en praktyk aan te spreek. Hierdie stap was daarop gemik om sosiale geregtigheid te bevorder. Regslynke het dus bygedra tot die regsopleidingskurrikulum.<sup>44</sup>

Die eerste regslynke, die Openbare Aksiegroep (GAP), is in 1999 by die regskool van die Universidad del Rosario in Bogotá opgerig.<sup>45</sup> Oor die volgende dekade is vele regslynke by regskole regoor die land opgerig. In 2009 het GAP die Colombiaanse Netwerk van Regslynke gestig, wat vandag steeds aktief is.<sup>46</sup>

In Colombië word van elke finalejaarstudent vereis om by te dra tot 'n maatskaplike diens, bekend as consultorio jurídico. Dit is in 1971 tot stand gebring om individuele sake te hanteer wat arm persone met ekonomiese en maatskaplike probleme betref.<sup>47</sup> 'n Professor met toepaslike kennis van die spesifieke regsprobleem hou toesig oor die proses. Baie regslynke het hul kantore binne die strukture van die consultorios jurídicos, waar hulle mekaar aanvul terwyl hulle hul onderskeie outonomieë respekteer.

Regulasie 2113 het in 2021 die leereenheid van die consultorios jurídicos, asook die bestaan en werk van regslynke die eerste keer formeel erken. Die oprigting van regslynke binne regskole was nie maklik nie, aangesien dit tradisionele regsopleiding uitgedaag het. Daar is verskeie soorte regslynke.<sup>48</sup> By die Universidad de Los Andes (Bogotá) en by ICESI Universiteit (Cali) is daar 'n fokus op mense met gestremdhede. Die Universidad del Rosario (Bogotá) fokus op geweld teen vroue en geslagsaangeleenthede, terwyl die Universidad del Norte (Barranquilla) omgewingsaangeleenthede aanspreek. Algemene regslynke se werksaamhede sentreer rondom die menseregte van kwesbare groepe en sake van openbare belang, terwyl die gespesialiseerde lynke op spesifieke menseregtekwesties, soos gestremdheid, vroue, geslag en die omgewing fokus.<sup>49</sup> Sommige lynke volg die Street Law-metode en werk direk in gemeenskappe in samewerking met gemeenskapsleiers.

Die Colombiaanse Grondwet maak voorsiening vir aktiewe deelname deur burgers. Lynke-studente maak van hierdie mandaat gebruik om regsgevalle direk op te los deur kwesbare gemeenskappe en individue te verteenwoordig. Alhoewel kliniese regsopleiding die produk van 'n lang en komplekse proses is, verkies sommige universiteite steeds tradisionele opleidingsmetodes en erken nie regslynke as deel van hul kurrikula nie. Die nodige erkenning is desondanks besig om toe te neem.

## **2.5 Kliniese regsopleiding in Mexiko**

Regsopleiding in Mexiko is gekenmerk deur lesings oor leerstellige teorie en die memorisering van regulasies, terwyl dit terselfdertyd gekritiseer is vanweë oormatige wettisme, naamlik die begeerte om toegerekende geregtigheid te probeer verbeter op 'n wyse wat van enige sosiale konteks verwyderd is.<sup>50</sup> Die Nasionale Outonome Universiteit van Mexiko (UNAM) en die Unie van Universiteite van Latyns-Amerika het sedert 1959 verskeie konferensies in Latyns-

Amerikaanse regskole aangebied, waar daar 'n beroep gedoen is om 'n balans tussen teoretiese en praktiese kennis te skep. Die memoriseringsmetode is verwerp en ander vorme van aktiewe pedagogie, soos gevallestudies en kliniese werk, is bepleit.<sup>51</sup> Mexikaanse regskole het sedert die 1970's *pro bono*-regsfirmas aangebied, waar studente praktiese ondervinding opgedoen het deur dienste aan minderbevoorregte gemeenskappe te lewer. Duidelike opleidingskomponente het egter ontbreek.<sup>52</sup> Die Outonome Metropolitaanse Universiteit het in 1981 'n *pro bono*-regsfirma as 'n alternatiewe metode van regspraktyk geopen in 'n poging om weg te beweeg van die tradisionele positivistiese vorm van regsopleiding.<sup>53</sup>

Regsklinieke is in die 2000's by die Instituto Tecnológico Autónomo de México en die Centro de Investigación y Docencia Económicas geopen weens die invloed van die Latyns-Amerikaanse Netwerk,<sup>54</sup> met die doel om menseregte te doseer, die gaping tussen teorie en praktyk te oorbrug en regsdienste deur strategiese litigasie te lewer.<sup>55</sup> UNAM het nege jaar later 'n mense-regtekliniek en 'n geslagstudieprogram die lig laat sien. Die aantal regsklinieke het sedert 2015 toegeneem.<sup>56</sup> Regsklinieke vorm nogtans nie deel van die hoofstroomopleidingsprogram nie. Van die meer as 2 000 regskole in Mexiko het slegs 20 regsklinieke.<sup>57</sup>

Ondanks die feit dat Mexiko 'n menseregtekrisis beleef, bly toegang tot hoëgehalte-regsdienste problematies. Barrena verwys na die buitensporige groei van regskole, maar dui aan dat meer regsgelerdes nie noodwendig meer geregtigheid beteken nie. As rede word aangevoer dat die regsberoep swak gereguleer word omdat lidmaatskap van die Balieraad nie verpligtend is nie, terwyl die arbeidsmark hoogs kompetend is. Daar is dus 'n bedenklieke aanname dat graduandi nie hul opleiding ernstig hoef op te neem ten einde ekonomies suksesvol te wees en die beste werkseleenthede te verseker nie.<sup>58</sup>

Studente moet 480 uur gemeenskapsdiens voltooi om te kan gradueer. Dit kan egter enige werk in belang van die gemeenskap en die Staat insluit en studente verrig derhalwe slegs administratiewe take. Die meeste regsklinieke is binnenshuis en kan slegs 'n handvol studente akkommodeer, wat ongeveer 20 uur per week werk.<sup>59</sup>

Sommige klinieke vorm alliansies met regeringsagentskappe of nieregeringsorganisasies om toesig oor studentewerk te verseker. By sommige universiteite word die rol van kliniese professore nie formeel erken nie en word hulle as konsultante of administratiewe personeel aangestel. Waar hulle egter as fakulteitsprofessore aangestel word, is kliniese toesig soms minimaal as gevolg van hul ander akademiese en navorsingsverantwoordelikhede. Die feit dat studente nie verskyningsbevoegdheid het nie, bemoeilik die verskaffing van regsdienste verder.

## 2.6 Kliniese regsopleiding in Peru

Die hoëronderrysstelsel in Peru het die afgelope paar dekades aansienlik verander. Tussen 1990 en 2011 is daar 93 universiteite opgerig.<sup>60</sup> Die bevrydingsmodel van die Grondwet van 1993 laat die oprigting van universiteite met 'n winsmotief toe, wat die hoëronderryslandskap in Peru radikaal verander het. Die drastiese toename van universiteite het 'n reuse-invoed op die gehalte van hoër onderrig gehad.<sup>61</sup> Die Peruviaanse Kongres het Regulasie Nr. 30220 (die Nuwe Universiteitswet) in 2014 uitgevaardig om die sistemiese probleme in hoër onderrig aan die spreek. Die Superintendencia Nacional de Educación Superior Universitaria (SUNEDU) het die mandaat verkry om toe te sien dat universiteite ook beleide ontwikkel rakende persone met gestremdhede, die inheemse bevolking en persone wat in armoede leef. Teen 2022 het SUNEDU die akkreditasie van 48 van Peru se 143 universiteite teruggetrek, wat hulle gedwing het om te sluit.<sup>62</sup>



Sedertdien het verdere radikale verandering ingetree, deurdat universiteite nie meer die goedkeuring van SUNEDU nodig het nie. Dit het tot 'n dramatiese toename in aansoeke vir nuwe universiteitsprogramme gelei. Volgens SUNEDU was daar teen Desember 2022 'n totaal van 125 390 studente by 56 gelisensieerde regskole ingeskryf,<sup>63</sup> waarvan 24 openbare en 32 privaat universiteite was.

Regskole in Peru het kliniese regsopleiding op twee maniere geïmplementeer. Gratis regsklinieke verteenwoordig benadeelde en kwesbare mense.<sup>64</sup> Die openbarebelangklinieke is gemik op die bevordering van maatskaplike verandering by wyse van strategiese litigasie, optredes as *amicus curiae* en ander vorme van voorspraak.<sup>65</sup>

Peruviaanse regskole het 'n voorkeur vir gratis regsklinieke, wat reeds in die 1980's deur studente, sonder formele ondersteuning, begin is.<sup>66</sup> Die eerste amptelike regskoolkliniek het in 1991 by Pontificia Universidad Católica del Perú begin, waar openbarebelangklinieke ook in 1999 opgerig is.<sup>67</sup> Die oudste universiteit in die Amerikas, die Universidad Nacional Mayor de San Marcos, het in 2008 sy eie openbarebelangkliniek gestig.<sup>68</sup> Terselfdertyd het ander universiteite ook regsklinieke in die lewe geroep met die doel om gemarginaliseerde gemeenskappe by te staan. Hierdie inisiatiewe was egter skaars en het eers weer teen 2014 belangstelling gelok toe die nuwe Universiteitswet die sosiale verantwoordelikeheidsaspek ingevoer het. Hierdie wet het ook bepaal dat ten minste twee persent van 'n universiteit se jaarlikse begroting vir hierdie doeleindes aangewend moet word.<sup>69</sup>

Die Kantoor vir Sosiale Verantwoordelikheid van die Pontificia Universidad Católica del Perú's se regskool het in 2021 bevind dat 31 regskole van die 96 gelisensieerde universiteite in Peru een of ander vorm van kliniese regsopleiding aangebied het, meestal in die vorm van gratis regsklinieke. Al die regsklinieke was egter in Lima geleë, waarskynlik omdat hulle naby die hoër hof geleë is. Sommige van die Konstitusionele Hof se verhore word in Arequipa, die tweede grootste stad in Peru, gehou.<sup>70</sup>

Die kliniese regskursusse wat gewoonlik aan die einde van die regsprogram aangebied word, is by slegs 15 van die regskole verpligtend. Regstudente moet 'n internskap voltooi om te gradueer. Alhoewel elke regskool sy eie standaarde kan bepaal, duur sodanige internskappe gewoonlik een jaar.<sup>71</sup>

Gratis regsklinieke gee voorkeur aan familiereg, hoofsaaklik omdat onderhoudsake vir minderjariges nie die bystand van 'n geregistreerde prokureur vereis nie. Verdere sodanige gevalle waar studente kliënte kan verteenwoordig, word aangetref by administratiewe verbruikers-tribunale en selfregulerende mediarade. Daar word aangevoer dat kliniese regsopleiding as katalisator kan dien vir die transformasie van die tradisionele regsopleiding in Peru, wat gemik is op die behoud van die *status quo* waardeur die regerende elite sedert die koloniale era<sup>72</sup> begunstig word.

### 3. Samevatting

Kliniese regsopleiding in Argentinië is beïnvloed deur politieke krisisse weens militêre regerings wat demokrasie ontwig het. Die Latyns-Amerikaanse Netwerk vir Openbarebelangaksies het egter in die 1990's aanleiding bygedra tot die ontwikkeling van kliniese regsopleiding. Die bydraes wat die opkomende regsklinieke ná die politieke en ekonomiese krisis in 2001 gelewer het, is wyd opgemerk. Die herakkreditasie van regskole in 2015 het



aanleiding gegee tot regulasies wat vir praktiese opleiding en professionele aktiwiteite voorsiening maak. Regsklinieke fokus op die openbare belang, maar het nagelaat om die kliniese metodologie te ontwikkel. Kliniese regsopleiding is steeds marginaal in universiteitskurrikula en het 'n beperkte sosiale impak. Die Argentynse Netwerk van Regsklinieke is sedert 2020 aktief en daar word gehoop dat dit die gewenste invloed op die bevordering van kliniese regsopleiding, volgens die kliniese metodologie, op universiteitsvlak sal uitoefen.

Regsklinieke is nog nie deel van die hoofstroom-regsopleiding in Brasilië nie, aangesien die land tot relatief onlangs geen universiteite gehad het nie. Die Brasiliaanse Ministerie van Onderwys het eers in 2018 die woord *kliniek* in die konteks van regsopleiding gebruik. In 'n Resolusie vir kurrikulumriglyne vir regskursusse is daar aanbeveel dat daar 'n vernuwing moet plaasvind ten einde die samelewing met projekte en klinieke by te staan. Daar was verskeie eksperimentele regsopleidingservarings in Brasilië oor die afgelope 30 jaar waarby sommige universiteite betrokke was. Regspraktyksentrums betrek studente by gesimuleerde aktiwiteite. Modelkantore bied internskappe aan studente, terwyl menseregteverwysingsentrums staatmaak op intern- en eksternskappe van studentevrywilligers. Die verwagting is dat die Nasionale Netwerk van Regsklinieke mettertyd die ontwikkeling van kliniese regsopleiding binne universiteitskurrikula sal bevorder.

Regsklinieke in Chili is 'n direkte produk van die 1960's, toe die politiek tussen links en regs gepolariseer was. In 1975 het die regskliniek aan die Universiteit van Chili in samewerking met die Balieraad begin om regshulp aan armes te verleen. Die Katolieke Universiteit van Temuco het in 1994 'n regskliniek geopen as 'n verpligte lewende-klieënt-kliniek. Die eerste privaat universiteit het in 1982 'n regskliniek opgerig. Die meerderheid Chileense regskole het verpligte regsklinieke, alhoewel nie almal lewende kliënte bedien nie en eerder simulaties gebruik.

Colombië se Politieke Grondwet van 1991 beskou die reg as steunpilaar en bepaal dat alle mense gelyk is voor die reg. Enige persoon mag sonder 'n prokureur sake aanhangig maak, 'n kenmerk wat later deel van die strategiese litigasie deur regsklinieke geword het, waar kliniekstudente regsgeskille direk oplos deur kwesbare gemeenskappe en individue te verteenwoordig. Colombië het in 1992 die regulering van universiteitsopleiding hervorm. Nuwe pedagogiese metodes, waartoe regsklinieke bygedra het, is ontwikkel ten einde die gaping tussen teorie en praktyk te oorbrug en sosiale geregtigheid te bevorder. Colombië vereis dat elke finalejaarstudent 'n bydrae tot 'n maatskaplike diens moet lewer, waartydens individuele sake van arm persone met ekonomiese en sosiale probleme hanteer word. Die eerste regskliniek is in 1999 in Bogotá opgerig en vele regsklinieke is oor die volgende dekade by regskole opgerig. Die Colombiaanse Netwerk van Regsklinieke wat tans steeds aktief is, het in 2009 gevolg. Die oprigting van regsklinieke in regskole was nie maklik nie, aangesien dit tradisionele regsopleiding uitgedaag het. Algemene regsklinieke hanteer die menseregte van kwesbare groepe en sake van openbare belang. Gespesialiseerde klinieke fokus op spesifieke menseregtekwessies soos gestremdheid, vroue- en geslagsaangeleenthede en die omgewing. Street Law word gebruik waar daar direk in die gemeenskappe gewerk word.

Mexikaanse regskole het sedert die 1970's *pro bono*-regsfirmas aangebied, waar studente praktiese ondervinding opgedoen het deur dienste aan minderbevoorregte gemeenskappe te lewer. Duidelike opleidingskomponente het egter ontbreek. Drie regsklinieke is in die 2000's by universiteite opgerig, alhoewel dit klaarblyklik sedert 2015 vermeerder het. Studente moet 480 uur gemeenskapsdiens in belang van die gemeenskap en die staat voltooi om te gradueer.

Studente verrig derhalwe slegs administratiewe take. Die meeste klinieke is binnenshuis en kan slegs 'n handvol studente akkommodeer, wat ongeveer 20 uur per week werk. Regsklinieke is nie deel van die hoofstroom-regsopleiding nie. Van die meer as 2 000 regskole in Mexiko beskik slegs oor 20 regsklinieke.

Regskole in Peru het kliniese regsopleiding op twee maniere geïmplementeer. Gratis regsklinieke wat reeds in die 1980's deur studente, sonder formele ondersteuning, begin is en wat deur regskole verkies word, verteenwoordig benadeelde en kwesbare mense. Openbarebelangsklinieke gebruik strategiese litigasie vir die bevordering van sosiale verandering. Een-en-dertig regskole van die 96 gelisensieerde universiteite in Peru bied een of ander vorm van kliniese regsopleiding aan, meestal in die vorm van gratis regsklinieke. Al die regsklinieke is egter in Lima geleë, waarskynlik vanweë hul nabyheid aan die hoër howe. Die kliniese regskursusse, wat gewoonlik aan die einde van die regsprogram aangebied word, is by slegs 15 van die regskole verpligtend.

#### **4. Kliniese regsopleiding in Noord-Amerika**

Kliniese regsopleiding in Kanada en die Verenigde State van Amerika (VSA) sal vervolgens ondersoek word. Noord-Amerika het sentraal gestaan tot die ontwikkeling van kliniese regsopleiding en die globale kliniese beweging. Kliniese pedagogie en praktyke, in besonder in die VSA, was invloedryk en het die globale kliniese regspraktyk sterk beïnvloed. Amerikaanse klinici is steeds op die voorpunt van regskliniese navorsing en akademiese publikasies, asook die globale kliniese beweging.

##### ***4.1 Kliniese regsopleiding in Kanada***

Die geskiedenis van kliniese regsopleiding, wat reeds meer as 50 jaar lank deel vorm van die Kanadese regslandskap, is nou verweef met die bewegings vir gemeenskapsgebaseerde regstoegang en sosiale geregtigheid in Noord-Amerika gedurende die 1960's en 1970's, welke bewegings verder aangedryf is deur idealistiese regstudente.<sup>73</sup> Sommige van die vroeë regsklinieke is direk in regskole tot stand gebring, byvoorbeeld by die Universiteite van Alberta, Manitoba en Windsor.<sup>74</sup> Ander regsklinieke wat nie op kampusse geleë was nie, is steeds deur regskole ondersteun. Die federale regering het in 1971 verskeie gemeenskapsgebaseerde klinieke befonds wat met regskole geaffilieer was. Dit sluit die Dalhousie Studenteregshulp by die Osgoode regskool en die Saskatoon Regshulpvereniging by die Saskatchewan regskool in.<sup>75</sup>

Gemeenskapsregsklinieke wat van oudsher individuele en sistemiese regspraak vir toegang tot die reg in samewerking met 'n gemeenskapsraad aanspreek, kom steeds redelik algemeen voor.<sup>76</sup> Daar is ook klinieke wat deur studente bedryf word, byvoorbeeld die Studenteregsdienste van Edmonton en die Brits-Columbia Regstudente Adviesprogram.<sup>77</sup> Al die regsklinieke in Ontario het 'n Studente Regsdienste-organisasie wat deur Regshulp Ontario befonds word en eksklusief deur die regskole beheer word.

In teenstelling hiermee bied sommige kliniese regsprogramme studente slegs seminaaropleiding voordat hulle onder toesig van eksterne organisasies geplaas word wat met regskole geaffilieer is, soos die Antidiskriminasie Intensiewe Program en die Inter- en Transnasionale Intensiewe Program.<sup>78</sup> Kliniese regsprogramme diversifiseer hul werk en fokus op verskeie

regskwessies, soos regspraak vir vroue en geslagsdiverse persone,<sup>79</sup> internasionale menseregte in Frankofoniese gemeenskappe,<sup>80</sup> inheemse volke en gemeenskappe,<sup>81</sup> en grondwetlike aan-geleenthede.<sup>82</sup> Klinieke wat klein ondernemings en entrepreneurs bystaan, het ook tot stand gekom.<sup>83</sup> Kliniese regsopleiding in die Kanadese konteks omvat dus 'n reeks eksperimentele leermodelle, insluitend internskappe en eksternskappe.

Studente werk in die meeste gevalle onder toesig van 'n gelisensieerde prokureur en ontvang akademiese krediet ná voltooiing van die program. Ondanks die wye verskeidenheid van programme, bly die fokus op praktyksopleiding en -refleksie.<sup>84</sup>

Kliniese regsopleiding is egter nie 'n konstante in Kanadese regskoolkurrikula nie. Slegs twee regskole bied dit as 'n verpligte kursus aan, terwyl ander dit as 'n opsionele kursus aanbied. Kliniese regsopleiding het ook nog nie wortel geskiet in Kanada nie. Daar is verder geen robuuste navorsing onder kliniese akademici nie.<sup>85</sup>

Die sukses en lewenskragtigheid van klinieke in Kanada is nou verweef met onvoorspelbare eksterne en regeringsbefondsing.<sup>86</sup> Studente se verskyningsbevoegdheid wissel regdeur Kanada en dit beïnvloed die werksaamhede van die klinieke. Studente in Quebec is tot onlangs nie toegelaat om regsadvies te gee nie en was dus beperk tot navorsing en die verskaffing van inligting.<sup>87</sup> Die Regsvereniging van Brits-Columbia vereis dat regstudente 'n tydelike leer-klerkskap moet voltooi om aan kliniekprogramme deel te neem.<sup>88</sup> In ander provinsies, soos Ontario, word studente toegelaat om namens kliënte voor administratiewe tribunale en sommige provinsiale howe te verskyn.<sup>89</sup>

Die Vereniging vir Kanadese Kliniese Regsopleiding (ACCLE), gestig in 2010, is 'n platform wat Kanadese klinici help om 'n gemeenskapsgesindheid te kweek, aangesien Kanada 'n yl bevolkte land is wat oor ses tydsones strek en 7 500 kilometer van oos na wes beslaan. ACCLE se doelstelling is dus om 'n nasionale forum vir inligting, pedagogie en praktyk te skep; om kliniese regsopleiding en navorsing in die praktyk te bevorder;<sup>90</sup> om 'n jaarlikse kongres te reël; om verskyningsbevoegdhede vir studente te verkry; asook om die erkenning van klinici se rol in regsopleiding te bepleit.<sup>91</sup>

Iemand met 'n Kanadese regsgraad moet 'n tydperk van leerklerkskap ondergaan en die Balie-raadeksamen slaag om tot die praktyk toegelaat te word. Die aankweek van praktyks-vaardighede word dus as die verantwoordelikheid van die professie beskou. Daar was egter onlangse debatte oor die rol wat regskole kan speel om studente vir die praktyk voor te berei.<sup>92</sup>

Die Federasie van Regsverenigings van Kanada konsulteer tans rakende die nasionale vereistes wat van Kanadese regsgraduandi verwag word. Dit omvat informele gesprekke rakende leerklerkskap in die onderskeie provinsies, wat 'n beduidende impak op kliniese regsopleiding kan hê. Sommige klinici is egter gekant teen die feit dat regsklinieke belas word met die verantwoordelikheid om te verseker dat studente aan die voorgeskrewe vaardigheidsvereistes moet voldoen. Hulle voer aan dat kliniekpraktyk vir kliënte- en gemeenskapsbehoefte voorsiening moet maak deur die aanwending van kliniese pedagogie, eerder as om te verseker dat studente aan regulasiebeheerde vaardigheidsvereistes voldoen.<sup>93</sup> Smyth voer aan dat, alhoewel Kanadese kliniese geleerdes aansienlik bygedra het tot die begrip van refleksie en sosiale geregtigheid, dit betreurenswaardig is dat die toekoms van Kanadese kliniese regsopleiding tans onseker is.<sup>94</sup>

#### 4.2 Kliniese regsopleiding in die Verenigde State van Amerika

Kliniese regsopleiding in die Verenigde State van Amerika (VSA) het 'n lang geskiedenis, met die kliniese beweging wat oor dekades gegroei het tot 'n verpligte aspek van Amerikaanse regsopleiding.<sup>95</sup>

Ten einde as 'n prokureur te kwalifiseer, moet studente eers 'n baccalaureusgraad in enige rigting voltooi voordat hulle toegelaat word om die driejaar-*Juris Doctor*-graadprogram te volg en te voltooi. 'n Verdere vereiste is dat hulle 'n Balie-eksamen moet slaag. Elke staat het 'n afsonderlike Balie-eksamen wat geslaag moet word om te kwalifiseer om in daardie spesifieke staat te praktiseer.<sup>96</sup>

Kliniese regsopleiding in die VSA val onder die stelsel van eksperimentele opleiding.<sup>97</sup> Hierdie begrip sluit regsklinieke, eksternskappe, hibriede modelle wat die voorgenoemde kombineer, asook simulaties in.<sup>98</sup> Regsklinieke en eksternskappe, elk met hul eie pedagogiese norme en reëls vir beste praktyk, is die primêre vorme van kliniese regsopleiding.<sup>99</sup> Alhoewel die Street Law-metode ook gebruik word, vorm dit nie konsekwent deel van die kurrikulum nie. Die formaat wissel van 'n geakkrediteerde kursus tot studentgeleide werk of ander *pro bono*-aktiwiteite.<sup>100</sup>

Die geskiedenis van kliniese regsopleiding in die VSA word in ontwikkelingsfases beskryf, waarvan die eerste fase in die laat 1890's en die vroeë 1900's die aanvanklike formate aangeneem het, naamlik as vrywillige studenteprogramme wat ontwerp is om prokureursvaardighede aan te leer en toegang tot die reg aan armlastiges te voorsien.<sup>101</sup> Tussen 1920 en die 1940's het Bradway en Frank regsklinieke met 'n metodologie binne regsfakulteite bepleit.<sup>102</sup> Die Carnegie Foundation for the Advancement of Teaching het in 1921 drie elemente as noodsaaklik geïdentifiseer ten einde studente vir die regspraktyk voor te berei, naamlik algemene toeligting, teoretiese kennis van die reg, en praktiese opleiding om die nodige vaardighede te ontwikkel.<sup>103</sup> Teen die laat 1950's het 'n aantal regskole kliniese programme daargestel, met wisselende standaarde, waarvan heelwat vrywillig was.<sup>104</sup>

Die tweede fase, van die 1960's tot die 1990's, is deels beïnvloed deur die sosiale beweging van die 1960's waartydens studente, gesteun deur invloedryke persone, regsopleiding met sosiale relevansie tot armoede en ander siviele regte bepleit het.<sup>105</sup> Tydens hierdie fase, en daarna, is die ontwikkeling van kliniese regsopleiding deur eksterne faktore, soos befondsing deur verskeie stigtings en die regering aangehelp. Die Amerikaanse Balieraad (ABA) het in die 1990's 'n verslag uitgereik wat aanbeveel het dat regskole vaardighede en professionele waardes in die vorm van regsklinieke aanbied.<sup>106</sup> Die ABA het in 1996 vereis dat regskole werklike praktiese ervarings aan studente bied in die vorm van lewende-kliënt-klinieke of eksternskappe.<sup>107</sup> Kliniese regsopleiding is gedurende hierdie tydperk erken as 'n model wat 'n impak op die lewens van studente, kliënte en die professie gehad het.<sup>108</sup>

Die derde fase het in die 1990's begin toe kliniese regsopleidingsprogramme teen 'n vinnige tempo by verskeie universiteite bevorder is, hoofsaaklik aangemoedig deur die bevindings van die MacCrate-verslag in 1992.<sup>109</sup> Die Carnegie Foundation het in 2007 'n verslag uitgereik wat 'n geïntegreerde driejaarkurrikulum aanbeveel het wat teorie en praktyksondervinding insluit.<sup>110</sup> Al die geakkrediteerde universiteite is aangespoor om 'n vorm van kliniese regsopleiding aan te bied.

Teen die 2000's het regs klinieke erkenning ontvang vir die kritieke rol wat hulle speel om armlastiges toegang tot die reg te bied, asook vir die ontwikkeling van graduandi se potensiaal om *pro bono*-dienste as praktisyns te lewer.<sup>111</sup> Eksterne donateurs het individuele regs kople aangemoedig om in kliniese regsopleiding te belê nadat die ABA kliniese regsopleiding verpligtend gemaak het.<sup>112</sup> Die ABA het in 2014 verder vereis dat alle studente ten minste ses krediete in die vorm van regs kliniekdienste, eksternskappe of simulasies voltooi voordat hulle kon graduateer.<sup>113</sup> Alhoewel simulasies deel van eksperimentele opleiding deur die ABA-standaarde geklassifiseer word, word aangevoer dat regs klinieke en eksternskappe ware ondervindings bied.<sup>114</sup>

As deel van hul prioritisering van sosiale geregtigheid, het Amerikaanse klinici ook die leiding geneem in opleiding in kulturele vaardighede en kritiese teorie,<sup>115</sup> met gebeure in 2020 wat hierdie fundamentele aspekte van kliniese regsopleiding belig het. Die COVID-19-pandemie het regs kople en -klinieke gedwing om te sluit. Die Vereniging van Amerikaanse Regskople (Association of American Law Schools – AALS), tesame met die Vereniging vir Kliniese Regsopleiding (Clinical Legal Education Association – CLEA) het 'n verslag saamgestel waarin regs klinieke hul ervarings tydens die pandemie gedokumenteer het.<sup>116</sup> Kort daarna het die polisiemoord op George Floyd in Minneapolis, Minnesota, aanleiding gegee tot nasionale en internasionale proteste<sup>117</sup> wat 'n hernieude toewyding by sommige klinieke geskep het om rasgeregtighedswerkwinkels aan te bied en pedagogie te ontwikkel wat op antirassistiese praktyke fokus.<sup>118</sup> Die ABA het gevolglik hul standaarde in 2022 hersien en vereis dat regs kople studente se professionele identiteite, met inbegrip van vooroordele, interkulturele vaardighede en rassisme, by hul kurrikula voeg.<sup>119</sup>

'n Duidelike kliniese metodologie het in die VSA ontwikkel. Kliniese regsopleiding word beskou as 'n praktiese leermetode deur ondervinding, met refleksie as 'n noodsaaklike komponent.<sup>120</sup> Hierdie leermetode is vasgelê as 'n integrale deel van regsopleiding met die stigting van die *Clinical Law Review* in 1994, 'n eweknie-geredigeerde tydskrif wat die onderskeie aspekte van kliniese leermetodologie dokumenteer.<sup>121</sup> Dit het die akademiese status van klinici verder bevorder.

Kliniese regsgeleerdes het vier benaderings tot die kliniese pedagogie geïdentifiseer. Hierdie metodes is deur kliniese akademici ondersoek en verken en word in verskeie publikasies in geakkrediteerde regstydskrifte weerspieël.<sup>122</sup> Eerstens is daar die seminaarkomponent waar studente die rol van die regspraktisyn, die materiële reg wat op die kliniek se praktyk van toepassing is, en konsepte soos kliëntgesentreerde regstoepassing, kulturele bevoegdheid, etiek en die vorming van professionele identiteit aanleer.<sup>123</sup> Simulasies kan tydens seminare aan gebied word ten einde regsvaardighede aan te leer.<sup>124</sup>

Die tweede benadering behels studentegroepvorming, waar die groepe hul sake of projekte bespreek asook ook hul ondervindings tydens hul veldwerk bespreek.<sup>125</sup> Die derde kenmerk van kliniese pedagogie is toesighouding deur klinici wat toegelate praktisyns is en ook kennis dra van die kliniese pedagogie.<sup>126</sup> Eksternskappe omvat 'n dubbele toesighoudingsmodel waarin die fakulteitsklinikus in vennootskap met die veldtoesighouer werk.<sup>127</sup> Kliniese toesighouding plaas die student en die klinikus in noue, soms intense, interaksie onder gespanne omstandighede.<sup>128</sup> Baie klinici volg die studentgesentreerde model, waarin studente interaksie met die kliënt het en hoofsaaklik vir besluitneming verantwoordelik is.<sup>129</sup> Studente verteenwoordig ook die kliënte in die hof, aangesien hulle verskyningsbevoegdheid het. Die vierde benadering behels veldwerk, kliniekgebaseerde regswerk, of die eksternskappe waar studente direk vanuit verskeie ondervindings kennis kan opdoen.



Die doelstellings van kliniese regsprogramme van universiteite in die VSA is belyn met die sosiale geregtigheidsdoelstellings van openbarebelangpraktisyns.<sup>130</sup> Kliniese regsopleiding slyp dus studente se sosiale geregtigheidsmoraliteit deur blootstelling en die verantwoordelikheid om oplossings te vind.<sup>131</sup> Hierdie regsklinieke vul ook sekere gapings. Staatsregshulp mag byvoorbeeld nie aan ongedokumenteerde immigrante verleen word nie, terwyl geen sodanige beperking by universiteite se regsklinieke bestaan nie.<sup>132</sup>

Hierdie buigsaamheid, wat die geregtigheidsdoelstellings van regsklinieke benadruk, laat regskoolklinieke toe om gevalle- of sakekeuses uit te oefen. Sodoende vul hulle die dienste aan wat deur ander regsdienstevorsers aangebied word. Regskoolklinieke het egter die diskresie om sake te aanvaar wat waardevolle leerervarings aan studente bied. Dit is algemeen dat kliniese fakulteitslede 'n agtergrond in die openbare diens het, met ondervinding in die verteenwoordiging van kwesbare gemeenskappe.<sup>133</sup> Sommige regsklinieke werk saam met regshulporganisasies en/of aanvaar verwysings van regshulpagentskappe.

Die sosiale geregtigheidsdoelstelling van regsklinieke is van primêre belang en daar word van studente verwag om wette en stelsels te kritiseer wat daarop gemik is om die reg te hervorm,<sup>134</sup> ondanks die risiko van regeringsinmenging in sommige klinieke se pogings om sosiale geregtigheid te bevorder.<sup>135</sup>

## 5. Samevatting

Met die ondersoek na die ontwikkeling van universiteitsregsklinieke in Latyns-Amerika, blyk dit dat ontwikkeling relatief belemmerd is.

Politieke krisisse wat demokrasie in Argentinië ontwig het, het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van kliniese regsopleiding in die 1990's, alhoewel redelik beperk. Die herakkreditering van regskole in 2015 het voorsiening gemaak vir praktiese opleiding en professionele aktiwiteite, maar die kliniese metodologie is steeds onontwikkeld. Kliniese regsopleiding is steeds marginaal in universiteitskurrikula en het 'n beperkte sosiale impak. Regsklinieke is nog nie deel van die hoofstroom-regsopleiding in Brasilië nie. Daar is egter regspraktysentrums wat studente by gesimuleerde aktiwiteite betrek. Die meerderheid Chileense regskole het verpligte klinieke, alhoewel nie almal lewende kliënte bedien nie en eerder simulasies gebruik. In Colombië mag enige persoon sonder 'n prokureur sake aanhangig maak. Regsklinieke se strategieë is dus om kliniekstudente toe te laat om kliënte se regsgekkele direk op te los. Die oprigting van regsklinieke in regskole was egter nie maklik nie, aangesien dit tradisionele regsopleiding uitgedaag het. Regsklinieke in Mexiko is nie deel van die hoofstroom-regsopleiding nie. Van die meer as 2 000 regskole beskik slegs 20 oor regsklinieke. Slegs 31 regskole van die 96 gelisensieerde universiteite in Peru bied een of ander vorm van kliniese regsopleiding aan. Al die land se regsklinieke is egter in Lima geleë.

Die pogings om kliniese regsopleiding in Latyns-Amerika te bevorder, is prysenswaardig. Dit is egter jammer dat die kliniese metodologie nie by die regsklinieke wat wel opgerig is, gevolg word nie.



Kliniese regsopleiding bestaan reeds meer as 50 jaar in Kanada. Vroeë regsklinieke is direk in regskole tot stand gebring, terwyl dié wat nie op kampusse was nie, steeds die ondersteuning van regskole geniet het. Vroeëre gemeenskapsregsklinieke wat individuele en sistemiese regspraak vir toegang tot die reg in samewerking met gemeenskapsrade bedryf het, kom steeds redelik algemeen voor. Sommige klinieke word deur studente bedryf, terwyl sommige kliniese regsprogramme steeds slegs seminaaropleiding bied, waarna hulle by eksterne organisasies geplaas word. Kliniese regsprogramme diversifiseer hul werk en fokus op verskeie regskwessies. Werkzaamhede van die regsklinieke verskil ook, aangesien studente se verskyningsbevoegdheid regdeur Kanada wissel.

Kliniese regsopleiding is egter nie 'n konstante in Kanadese regskoolkurrikula nie en dit is betreurenswaardig dat slegs twee regskole dit as 'n verpligte kursus aanbied. Daar kan dus tereg gevra word of dit nie deels te wyte is aan die afwesigheid van robuuste navorsing onder kliniese akademici nie. Die Vereniging vir Kanadese Kliniese Regsopleiding se voorgestelde doelstelling is waardig en die uitvoering daarvan behoort Kanada se huidige, en soms gebrekkige, prestasies op hierdie gebied te verbeter.

Kliniese regsopleiding in die VSA het 'n lang geskiedenis wat in drie fases oor etlike dekades gegroei het tot 'n verpligte aspek van Amerikaanse regsopleiding. Die Amerikaanse stelsel van eksperimentele opleiding maak voorsiening vir regsklinieke, eksternskappe en hibriede modelle wat hierdie benaderings kombineer, asook simulاسies. Die aanbieding wissel van geakkrediteerde kursusse tot studentgeleide werk of ander *pro bono*-aktiwiteite.

Amerikaanse kliniese regsgeleerdes het vier benaderings tot die kliniese pedagogie geïdentifiseer, naamlik die seminaarkomponent, waar simulاسies gebruik kan word om regsvaardighede aan te leer. Tweedens bespreek studente hul sake of projekte, wat veldwerk insluit, by wyse van studentegroepvorming. Die derde kenmerk van kliniese pedagogie is toesighouding deur klinici, waar sulke toesighouding die student en die klinikus in noue, soms intense, interaksie onder gespanne omstandighede plaas, aangesien die student kliënte in die hof verteenwoordig. Die vierde metode behels veldwerk, kliniekgebaseerde regswerk of 'n eksternskap.

Die metodologie van kliniese regsopleiding is in die VSA ontwikkel. Die stigting van die *Clinical Law Review* in 1994, 'n eweknie-geredigeerde tydskrif wat die onderskeie aspekte van kliniese leermetodologie dokumenteer, is uiters betekenisvol. Naas hierdie tydskrif, bestaan daar talle ander tydskrifte waarin produktiewe Amerikaanse klinici hul werk publiseer, en hierdie dien ook as riglyne vir vele klinici wêreldwyd.

Die doelstellings van kliniese regsprogramme van universiteite in die VSA is belyn met die sosiale geregtighedsdoelstellings van openbarebelangpraktisyns en daar word van studente verwag om wetgewing en stelsels wat op regshervorming gemik is, te kritiseer. Die Amerikaanse kliniese regsopleidingsmetodes is inderdaad 'n wegwysers vir klinici in jurisdiksies regoor die wêreld.

'n Aantal vergelykings met die kliniese regsopleidingsprogramme van Suid-Afrikaanse universiteite toon ooreenkomste. Daar is ook 'n aantal lesse wat uit die voorafgaande oorsig geleer kan word. Soortgelyk aan die VSA, is Suid-Afrikaanse universiteitsregsklinieke ook die primêre vorm van kliniese regsopleiding. Street Law word ook nie algemeen in Suid-Afrika aangewend nie. Studente word ook nie ekstern geplaas nie.

In teenstelling met die ABA in die VSA, het die Suid-Afrikaanse Regspraktykraad nie kliniese regsopleiding verpligtend gemaak nie. Die Suid-Afrikaanse Regshulpraad befonds egter wel sommige universiteitsregsklinieke. In die VSA word refleksie as 'n noodsaaklike komponent van die leermetode beskou, alhoewel dit nie deurgaans in Suid-Afrikaanse universiteitsregsklinieke toegepas word nie.

Daar is ook geen plaaslike eweknie-geredigeerde tydskrif soos die VSA se *Clinical Law Review* nie. Daar is beduidende ooreenkomste rakende die kliniese pedagogie, alhoewel Suid-Afrikaanse regstudente nie verskyningsbevoegdheid het soos in die VSA nie.

In die laaste artikel in hierdie reeks sal daar in die besonder na die posisie in Suid-Afrika verwys word en vergelykings getref word met die onderskeie jurisdiksies wat in hierdie reeks behandel is.

## Bibliografie

AALS Policy Committee and CLEA Committee for Equity and Inclusion. 2021. Clinicians reflect on COVID-19: lessons learned and looking beyond. *Clinical Law Review*, 28(1):15–44.

Aguilar, M.F.P. 2025. Legal Clinics in Mexico. 257–261. In Giddings (red.) 2025.

American Bar Association, *Program of legal education standards* (ABA Standards, 2023). [https://www.americanbar.org/content/dam/aba/publications/misc/legal\\_education/Standards/2014\\_2015\\_aba\\_standards\\_chapter3.authcheckdam.pdf](https://www.americanbar.org/content/dam/aba/publications/misc/legal_education/Standards/2014_2015_aba_standards_chapter3.authcheckdam.pdf).

Amsterdam, A.G. 1984. Clinical legal education – A 21st-century perspective. *Journal of Legal Education*, 34(4):612–8.

Barry, M.M., J.C. Dubin en P.A. Joy (reds.). 2000. Clinical education for this millennium: The third wave. *Clinical Law Review*, 7(1):1–75.

Beca, P. 2025. Chile – Clinics in the South of the South. 251–253. In Giddings (red.) 2025.

Bliss, L. en C. Grant. 2025. Clinical legal education in the United States. 268–276. In Giddings (red.) 2025.

Bloch, F. (red.). 2011. *The global clinical movement*. Oxford: Oxford University Press.

Boles, A.M. 2017. Seeking inclusion from the inside out: Towards a paradigm of culturally proficient legal education. *Charleston Law Review*, 11:209–36.

Bryant, S. (red.). 2014. *Transforming the education of lawyers: The theory and practice of clinical pedagogy*. Durham, Noord-Carolina: Carolina Academic Press.

Buhler, S. 2013. Introduction: The Association for Canadian Clinical Legal Education (ACCLE) Conference 2012. *Manitoba Law Journal*, 37(1):357–62.

- Carpenter, A.E. 2013. The project model of clinical education: Eight principles to maximize student learning and social justice impact. *Clinical Law Review*, 20(1):39–94.
- Castro-Buitrago, E. 2011. Clinical legal education in Latin America: Toward public interest. 71–75. In Bloch (red.) 2011.
- Castro, J. en G. Yamada. 2013. Declining quality affects choice: The Peruvian case. *International Higher Education*, 70:26–7. <https://doi.org/10.6017/ihe.2013.70.8715>.
- Couso, J., A. Huneeus en R. Sieder (reds.). 2014. *Cultures of legality. Judicialization and political activism in Latin America*. Cambridge: Cambridge University Press.
- De Souza, A.P. Clinical legal education in Brazil. 245–51. In Giddings (red.) 2025.
- Du Plessis, R. 2019. Forty-five years of clinical legal education in South Africa. *Fundamina*, 25(2):12–34.
- . 2025a. 'n Wêreldoorsig van kliniese regsopleiding: Sentraal-Asië, die Midde-Ooste, Oos- en Suidoos-Asië, asook Suid-Asië. *LitNet Akademies*, 22(3). <https://www.litnet.co.za/n-wereldoorisig-van-kliniese-regsopleiding-sentraal-asie-die-midde-ooste-oos-en-suidoos-asie-asook-suid-asie>.
- . 2025b. 'n Wêreldoorsig van kliniese regsopleiding: Sentraal-, Oos- en Wes-Europa. *LitNet Akademies*, 22(3). <https://www.litnet.co.za/n-wereldoorisig-van-kliniese-regsopleiding-sentraal-oos-en-wes-europa/>.
- Findley, K.A. 2006–2007. Rediscovering the lawyer school: Curriculum reform in Wisconsin. *Wisconsin International Law Journal*, 24(1):295–333.
- Giddings, J. 2011. The first wave of modern clinical legal education: the United States, Britain, Canada, and Australia. In Bloch (red.) 2011.
- . 2025. Law clinics in France. In Giddings (red.) 2025.
- Giddings, J. (red.). 2025. *Global clinical legal education*. Melbourne: Routledge.
- Hayat, N.B. 2021. Freedom pedagogy: Toward teaching antiracist clinics. *Clinical Law Review*, 28(1):149–68.
- Heeren, G. 2011. Illegal aid: Legal assistance to immigrants in the United States. *Cardozo Law Review*, 33(2):619–74.
- Herrera, L. en L.G. Trubek. 2020. The emerging legal architecture for social justice. *New York University Review of Law and Social Change*, 4(3):355–98.
- Hoyos, E. 2017. Beyond the transplant: Origin and ongoing transformations of clinical legal education with a public interest law focus in Latin America. J.S.D Tesis, Cornell Universiteit.

- Hurder, A.J. (red.). 2011. *Clinical anthology: Readings for live-client clinics*. Durham, Noord-Carolina: Carolina Academic Press.
- Irigoyen, C. 2017. Higher education systems and institutions, Peru. 1–7. In Shin en Teixeira (reds.) 2027.
- Joy, P.A. 2011. Government interference with Law School Clinics and access to justice: When is there a legal remedy? *Case Western Reserve Law Review*, 61(4):1087–1107.
- Juergens, A. 1994. Using the MacCrate Report to strengthen live-client clinics. *Clinical Law Review*, 1(1):411–24.
- Lawton, J.D. 2017. Teaching social justice in law schools: Whose morality is it? *Indiana Law Review*, 50(3):813–47.
- Lazarte, R.A.B. 2025. Clinical legal education in Peru. 261–64. In Giddings (red.) 2025.
- Lowry, D. R. 1972. A plea for clinical law. *Canadian Bar Review*, 50(2):183–4. <https://canlii.ca/t/t6c4> (10 Februarie 2026 geraadpleeg).
- Maranville, D., L.R. Bliss, C.W. Kaas en A.S. Lopez (reds.) 2015. *Building on best practices: Transforming legal education in a changing world*. New York: Matthew Bender & Company.
- Marchisone, A. 2025. Clinical Legal Education in Argentina. 241–45. In Giddings (red.) 2025.
- Martinez, S.A. 2016. Why are we doing this? Cognitive science and nondirective supervision in clinical teaching. *Kansas Journal of Law and Public Policy*, 26(1):24–47.
- Ogilvy, J.P. 2005. Clinical legal education: An annotated bibliography. *Clinical Law Review*, 11(2):1–412.
- Samway, M.A. 1996. Access to justice: A study of legal assistance programs for the poor in Santiago, Chile. *Duke Journal of Comparative & International Law*, 6:347–70. <https://scholarship.law.duke.edu/djcil/vol6/iss2/5> (10 Februarie 2026 geraadpleeg).
- Shin, J.C. en P. Teixeira (reds.). 2017. *Encyclopedia of International Higher Education Systems and Institutions*. Dordrecht: Springer Nederland.
- Smulovitz, C. 2010. Judicialization in Argentina: Legal culture or opportunities and support structures? 234–53. In Couso, Huneeus en Sieder (reds.) 2014.
- Smyth, G. 2025. Clinical legal education in Canada. 265–68. In Giddings (red.) 2025.
- Smyth, G., S. Hale en N. Gold. 2017. Clinical and experiential learning in Canadian Law Schools: Current perspectives. *Canadian Bar Review*, 95(1):151–77. <https://cbr.cba.org/index.php/cbr/article/view/4403> (10 Februarie 2026 geraadpleeg).
- Sonsteng, J.O. 2008. A legal education renaissance: A practical approach for the twenty-first century. *William Mitchell Law Review*, 34(1):1–119.

Stuckey, R. (red.). 2007. *Best practices for legal education: a vision and a roadmap*. St. Louis, Missouri: Clinical Legal Education Association.

Sullivan, K. 1993. Self-disclosure, separation, and students: Intimacy in the clinical relationship. *Indiana Law Review*, 27(1):115–56.

Sullivan, W.M., A. Colby, J.W. Wegner, L. Bond en L.S. Shulman. 2007. Educating lawyers: Preparation for the profession of law.  
[http://archive.carnegiefoundation.org/publications/pdfs/elibrary/elibrary\\_pdf\\_632.pdf](http://archive.carnegiefoundation.org/publications/pdfs/elibrary/elibrary_pdf_632.pdf).

Torres-Villarreal, M.L. 2025. Understanding clinical legal education in Colombia: A challenge in constant evolution. 253–57. In Giddings (red.) 2025.

Wilson, R.J. 2018. *The global evolution of clinical legal education: More than a method*. Cambridge: Cambridge University Press.

—. 2002. Three law school clinics in Chile, 1970–2000: Innovation, resistance and conformity in the Global South. *Clinical Law Review*, 8(801):515–82. <https://ssrn.com/abstract=1022241> (10 Februarie 2026 geraadpleeg).

## Eindnotas

<sup>1</sup> Du Plessis (2025a).

<sup>2</sup> Du Plessis (2025b).

<sup>3</sup> Marchisone (2025:241).

<sup>4</sup> *Ibid* 242–3.

<sup>5</sup> Marchisone (2025:242–3); Castro-Buitrago (2011:71).

<sup>6</sup> Marchisone (2025:242–3).

<sup>7</sup> *Ibid*.

<sup>8</sup> Castro-Buitrago (2011:71).

<sup>9</sup> *Ibid* 72.

<sup>10</sup> Marchisone (2025:242).

<sup>11</sup> Smulovitz (2010:234–53).

<sup>12</sup> Marchisone (2025:243–44).

<sup>13</sup> *Ibid*.

<sup>14</sup> *Ibid.*

<sup>15</sup> Marchisone (2025:245).

<sup>16</sup> De Souza (2025:246).

<sup>17</sup> Die Universiteit van Santo Domingo in die Dominikaanse Republiek in 1538, histories die eerste universiteit in die Amerikas, gevolg deur San Marcos in Peru (1551), Mexiko (1553), Bogotá (1662), Cuzco (1692), Havana (1728) en Santiago (1738). De Souza (2025:246).

<sup>18</sup> De Souza (2025:246).

<sup>19</sup> *Ibid.*

<sup>20</sup> Artikel 7 van Resolusie CNE/CES No. 5/2018 het riglyne vir regskursusse neergelê.

<sup>21</sup> De Souza (2025:247).

<sup>22</sup> *Ibid* 248.

<sup>23</sup> *Ibid.*

<sup>24</sup> Die Menseregte en Beroepskliniek by die Getúlio Vargas Foundation Regskool in São Paulo en menseregte klinieke by die Joinville Region Universiteit in Porto Alegre.

<sup>25</sup> De Souza (2025:250).

<sup>26</sup> Artikel 10 van die Minister van Opvoeding Ordonnansie 1886/1994.

<sup>27</sup> *Ibid.*

<sup>28</sup> Wilson (2002:521).

<sup>29</sup> *Ibid* 524, 525.

<sup>30</sup> *Ibid* 526.

<sup>31</sup> *Ibid* 527.

<sup>32</sup> Sien Wilson (2019: hoofstuk 6).

<sup>33</sup> Samway (1996:356).

<sup>34</sup> *Ibid.*

<sup>35</sup> *Ibid* 349.

<sup>36</sup> Instituto Nacional de Estadísticas, *Región de La Araucanía*, sien <https://regiones.ine.cl/araucania/inicio> (16 Maart 2026 geraadpleeg).



- <sup>37</sup> Wilson (2020:538).
- <sup>38</sup> *Ibid* 539.
- <sup>39</sup> *Ibid* 540.
- <sup>40</sup> *Ibid* 549–52.
- <sup>41</sup> Beca (2025:252).
- <sup>42</sup> *Ibid* 253.
- <sup>43</sup> Torres-Villarreal (2025:254).
- <sup>44</sup> *Ibid*.
- <sup>45</sup> Dit word GAP genoem na die afkorting van die Spaanse naam, *Grupo de Acciones Públicas*.
- <sup>46</sup> Torres-Villarreal (2025:254).
- <sup>47</sup> *Ibid* 255.
- <sup>48</sup> *Ibid* 256.
- <sup>49</sup> *Ibid*.
- <sup>50</sup> Wilson (2019:155–58).
- <sup>51</sup> *Ibid* 160–62.
- <sup>52</sup> Torres-Villarreal (2025:258).
- <sup>53</sup> Wilson (2019:168).
- <sup>54</sup> Torres-Villarreal (2025:258).
- <sup>55</sup> *Ibid*.
- <sup>56</sup> Byvoorbeeld Michoacán's Universiteit van San Nicolás de Hidalgo en die Iberoamericana Universiteit (IBERO).
- <sup>57</sup> Torres-Villarreal (2025:258).
- <sup>58</sup> *Ibid*.
- <sup>59</sup> Slegs IBERO en ITAM bied verpligte klinieke aan.
- <sup>60</sup> Chávez Irigoyen (2017:1–7).

<sup>61</sup> Castro en Yamada (2013:26, 27).

<sup>62</sup> Lazarte (2025:264).

<sup>63</sup> *Ibid.*

<sup>64</sup> Lazarte (2025:262).

<sup>65</sup> *Ibid.*

<sup>66</sup> *Ibid.*

<sup>67</sup> *Ibid.*

<sup>68</sup> *Ibid.*

<sup>69</sup> *Ibid.*

<sup>70</sup> *Ibid.*

<sup>71</sup> *Ibid.*

<sup>72</sup> *Ibid.*

<sup>73</sup> Lowry (1972:183).

<sup>74</sup> Giddings (2011:7).

<sup>75</sup> *Ibid.*

<sup>76</sup> Dalhousie Legal Aid Service <https://www.dal.ca/faculty/law/dlas/about-dalhousie-legal-aid.html> (16 Maart 2026 geraadpleeg); Parkdale Community Legal Services <https://www.parkdalelegal.org/> (16 Maart 2026 geraadpleeg), en Community Legal Assistance Services for Saskatoon Inner City <https://www.classiclaw.ca/> (16 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>77</sup> <https://www.slsedmonton.com> (16 Maart 2026 geraadpleeg) en <https://www.lslap.bc.ca/> (16 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>78</sup> <https://www.osgoode.yorku.ca/programs/juris-doctor/jd-academic-program/clinical-and-intensive-programs/anti-discrimination-intensive-program/> (16 Maart 2026 geraadpleeg); en <https://www.osgoode.yorku.ca/programs/juris-doctor/jd-academic-program/clinical-and-intensive-programs/the-international-and-transnational-law-intensive-program-itlip/> (16 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>79</sup> Rise Women's Legal Centre (<https://www.womenslegalcentre.ca/>) (16 Maart 2026 geraadpleeg); en Barbra Schlifer Commemorative Clinic: <https://www.schliferclinic.com/> (16 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>80</sup> International Clinic for the Defence of Human Rights of UQAM (CIDDHU): <https://ciddhu.uqam.ca/en/the-ciddhu/> (16 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>81</sup> The Indigenous Community Legal Clinic: <https://allard.ubc.ca/community-clinics/indigenous-community-legal-clinic> (16 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>82</sup> The David Asper Centre for Constitutional Rights: <https://www.law.utoronto.ca/programs-centres/clinics/david-asper-centre-constitutional-advocacy-clinic> (16 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>83</sup> The BLG Business Venture Clinic: <http://www.businessventureclinic.ca/> (16 Maart 2026 geraadpleeg); en The Richards Buell Sutton LLP Business Law Clinic: <https://allard.ubc.ca/research/research-centres-and-programs/centre-business-law/business-law-clinic> (16 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>84</sup> Buhler (2013:357, 358).

<sup>85</sup> Smyth (2015:267).

<sup>86</sup> Smyth, Hale en Gold (2017).

<sup>87</sup> Smyth (2015:267).

<sup>88</sup> <https://www.lawsociety.bc.ca/becoming-a-lawyer-in-bc/admission-program/articling-centre/temporary-articles/> (16 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>89</sup> <https://lso.ca/becoming-licensed/lawyer-licensing-process/legislation,-by-laws-and-rules/rights-of-appearance-framework> (16 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>90</sup> Federation of Law Societies of Canada, 'Communique: Update on Review of National Requirement' (February 28, 2023). <https://flsc.ca/wp-content/uploads/2023/03/National-Requirement-2.pdf>.

<sup>91</sup> <http://accle.ca/category/news/> (16 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>92</sup> Smyth (2015:268).

<sup>93</sup> *Ibid.*

<sup>94</sup> *Ibid.*

<sup>95</sup> Bliss (2015:268).

<sup>96</sup> [https://www.americanbar.org/groups/public\\_education/resources/public-information/what-is-a-lawyer/](https://www.americanbar.org/groups/public_education/resources/public-information/what-is-a-lawyer/) (16 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>97</sup> Stuckey (2007:165–7).

<sup>98</sup> Maranville, Bliss, Kaas en Lopez (2015:162–3).

<sup>99</sup> *Ibid* hoofstuk 5.

<sup>100</sup> <https://streetlaw.org/networks/us-law-school-directory/> (16 Maart 2026 geraadpleeg).

<sup>101</sup> Barry, Dubin en Joy (2000:1, 6); Du Plessis (2019:16).

<sup>102</sup> Amsterdam (1984:616).

<sup>103</sup> Sonsteng (2008:42); Du Plessis (2019:16).

<sup>104</sup> Bliss (2015:270).

<sup>105</sup> *Ibid*.

<sup>106</sup> Juergens (1994:411, 412).

<sup>107</sup> Bliss (2015:270).

<sup>108</sup> Du Plessis (2019:16).

<sup>109</sup> Findley (2006–2007:306).

<sup>110</sup> Sullivan, Colby, Wegner, Bond, en Shulman (2007). Hierna, die Carnegie Verslag genoem.

<sup>111</sup> *Ibid* 15–16.

<sup>112</sup> *Ibid* 18–23.

<sup>113</sup> American Bar Association, *Program of Legal Education Standards* (ABA Standards, 2023) [https://www.americanbar.org/content/dam/aba/publications/misc/legal\\_education/Standards/2014\\_2015\\_aba\\_standards\\_chapter3.authcheckdam.pdf](https://www.americanbar.org/content/dam/aba/publications/misc/legal_education/Standards/2014_2015_aba_standards_chapter3.authcheckdam.pdf).

<sup>114</sup> Maranville, Bliss, Kaas en Lopez (2015:169–77).

<sup>115</sup> Boles (2017:209, 236).

<sup>116</sup> AALS en CLEA (2021:15–44).

<sup>117</sup> <https://www.cbsnews.com/news/george-floyd-black-lives-matter-impact/>.

<sup>118</sup> Hayat (2021:149–68).

<sup>119</sup> <https://www.nalp.org/revised-aba-standards-full-series>.

<sup>120</sup> Barry, Dubin en Joy (2000:17, 18).

<sup>121</sup> *Ibid* 18.

<sup>122</sup> Sien onder andere: Hurder (2011) en Ogilvy (2005).

<sup>123</sup> Bryant (2014: hoofstukke 3 en 4).

<sup>124</sup> *Ibid.*

<sup>125</sup> *Ibid* hoofstuk 6.

<sup>126</sup> Maranville, Bliss, Kaas en Lopez (2015:194–9).

<sup>127</sup> *Ibid* 218–9.

<sup>128</sup> Sullivan (1993:120).

<sup>129</sup> Martinez (2016:26–31).

<sup>130</sup> Herrera en Trubek (2020):357.

<sup>131</sup> Lawton (2017:820).

<sup>132</sup> Heeren (2011:625).

<sup>133</sup> Bliss (2015:274).

<sup>134</sup> Carpenter (2013:39).

<sup>135</sup> Joy (2011:1087).

# **Bedenklike verwickelinge oor die rol van deskundige getuienis in verhore met betrekking tot skadevergoedingseise in drie onlangse beslissings van die Gautengse Hooggeregshof**

**Magda Slabbert, Melodie Labuschaigne en Magdaleen Swanepoel**

---

Magda Slabbert, Melodie Labuschaigne en Magdaleen Swanepoel,  
Departement Jurisprudensie, Universiteit van Suid-Afrika

---

## ***Opsomming***

In hierdie artikel bied ons 'n kritiese evaluering van drie onlangse Suid-Afrikaanse hofuitsprake: een oor skadevergoeding as gevolg van mediese nalatigheid en twee wat uit eise teen die Padongelukfonds voortgespruit het. Die sentrale fokus van die bespreking val op die uitdagings wat spruit uit onbetroubare deskundige getuienis en die spekulatiewe aard van skadeberaming, veral ten opsigte van verlies van verdienvermoë. Die outeurs plaas hierdie bespreking binne die breër raamwerk van die Suid-Afrikaanse skadevergoedingsreg en onderskei tussen algemene skade (soos pyn en lyding, emosionele skok en verlies van lewensgenietinge) en spesiale skade (berekennbare uitgawes soos mediese koste en verlies van verdienvermoë).

Hoewel aktuariële berekeninge 'n gestruktureerde basis bied vir die kwantifisering van verdienvermoë, behou die howe 'n diskresie wat die taak om regverdige vergoeding te bepaal besonder kompleks maak. In die artikel beklemtoon ons dat die gehalte van deskundige getuienis van kardinale belang is in mediesenalatighedsake, aangesien howe nie oor die nodige kennis beskik om mediese risiko's self te beoordeel nie. Deskundiges moet binne hul veld van kundigheid getuig, logiese en feitgebaseerde opinies aanbied en spekulasie of bevooroordeelende vermy. Ons wys daarop dat howe nie gebind word deur deskundige opinies nie en dit kan verwerp indien dit nie oortuigend is nie. Daar word gewaarsku teen deskundiges wat opinies formuleer om 'n party se saak te versterk eerder as om objektief en geloofwaardig te wees. Die geloofwaardigheid van deskundiges is dus nie slegs 'n kwessie van professionele etiek nie, maar die hoeksteen van juridiese integriteit. Howe moet daarom streng waak oor die logiese en wetenskaplike verantwoordbaarheid van deskundige opinies, veral omdat die huidige stelsel toelaat dat deskundiges hulself met 'n litigant se saak vereenselwig – 'n praktyk wat deur streng juridiese oorsig gebalanseer moet word.



Voorts ondersoek ons die rol van aktuariële insette. Ofskoon sodanige beramings waardevol is, moet howe die onderliggende aannames krities evalueer en dit nie as finaal aanvaar nie. Juridiese diskresie bly 'n noodsaaklike teenwig. Die bespreking bevat ook 'n ontleding van Reël 36 van die Eenvormige Hofreëls (wat mediese ondersoeke en deskundige verslae reguleer) en Reël 18 (wat die pleit van skade bereël). Die outeurs herinner daaraan dat skadevergoeding eens en vir altyd in een aksie gevorder moet word. Totaalsom-toekennings bring finaliteit, maar skep probleme waar toekomstige kostes moeilik voorsienbaar is, veral in gevalle van kinders met langtermynskade. Periodieke betalings word as 'n meer regverdigde oplossing beskou, maar verg wetgewende ingryping om die gemenereg te hervorm. Die Konstitusionele Hof het in *MEC for Health v DZ obo WZ* die spreekwoordelike deur vir regshervorming oopgemaak, terwyl die sake, *MSM obo KBM v MEC for Health* en *BN obo AN v MEC for Health, Eastern Cape*, 'n gestruktureerde benadering bepleit het. In die onlangse saak, *TN obo BN v MEC for Health, Eastern Cape* ([2026] ZASCA 14), het die Hoogste Hof van Appèl egter verklaar dat die uitspraak in die MSM-saak verkeerd was en beklemtoon dat slegs die wetgewer die gemenereg kan verander.

Die drie sake wat in die artikel onder die loep geneem word, is *Den Hartog NO obo AH v Road Accident Fund*, waar deskundige getuienis ondermyn is deur onvolledige hospitaalrekords. Min of meer dieselfde probleme is in die sake *NIN obo BN v Road Accident Fund* en *AAS obo CMMS v MEC for Health – Gauteng Province* belig, wat die belangrikheid van geloofwaardige deskundige getuienisse onderstreep. Ons kom tot die slotsom dat die bepaling van skadevergoeding gekortwiek word deur spekulatiewe aktuariële aannames, deskundiges wat partydig optree, asook die eens en vir altyd-beginsel van skadevergoeding. Ons stel hervormings voor wat die gebruik van deskundige getuienis en die prosesse van skadeberaming kan verbeter, sodat vergoeding meer regverdig en geloofwaardig toegeken word.

**Trefwoorde:** algemene skade; deskundige getuienis; eenmaligeafhandelingsreël; eens en vir altyd-reël; kwantifisering van skade; mediese nalatigheid; Padongelukfondseise; skadevergoedingsreg; spesiale skade; verdienvermoë

## Abstract

### Doubtful developments concerning the role of expert evidence in damages claims hearings in three recent judgments of the Gauteng Division of the High Court

In this article we provide a critical examination of recent South African court decisions concerning damages claims in medical negligence and Road Accident Fund cases, highlighting the challenges posed by unreliable expert testimony and the speculative nature of quantifying damages, particularly future loss of income. The discussion is situated within the broader framework of the South African law of damages. It distinguishes between general damages encompassing non-patrimonial losses such as pain, suffering, emotional shock and loss of amenities of life on the one hand, and special damages, which refers to patrimonial losses that are objectively measurable, such as medical expenses and loss of earnings, on the other. While actuarial calculations provide a structured basis for estimating future losses, courts retain a wide discretion and the speculative character of these calculations often complicates the determination of fair and reasonable compensation.

We emphasise that quality expert evidence is indispensable in negligence cases, especially in respect of medical malpractice claims, where courts generally lack expertise to evaluate medical risks. However, experts must remain confined to their fields of specialisation, provide logical and fact-based reasoning and avoid speculation or bias. We draw on landmark cases to illustrate the principles governing expert testimony, emphasising that courts are not bound by expert opinions and may reject even agreed expert conclusions if they are found to be unconvincing. We caution against the misuse of experts as “hired guns” and stress the importance of objectivity and credibility. We emphasise that the credibility of expert witnesses is not only a matter of professional ethics, but also a cornerstone of judicial integrity. Courts must be vigilant in scrutinising the reasoning and factual bases of expert opinions, ensuring that testimony is not merely persuasive, but scientifically and logically sound. We argue that the adversarial system places pressure on experts to align with the interests of the parties who call them as witnesses, but this must be counterbalanced by strict procedural safeguards and judicial oversight.

We also explore the role of actuarial testimony, noting its value in providing a scientific framework for estimating future earnings, while reiterating that courts must evaluate the assumptions underlying such models. We highlight that actuarial evidence, while valuable, should never be treated as conclusive, since it rests on assumptions about uncertain future events. Judicial discretion – a necessary corrective to the limitations of statistical modelling – should be exercised with caution, especially in considering expert evidence.

The Uniform Rules of Court, particularly Rule 36, are examined for their regulation of medical examinations and expert reports in personal injury cases, to ensure transparency and fairness in litigation. Rule 18 requires detailed pleading of damages, while Rule 33(4) facilitates the admission of documents to expedite proceedings. We then turn to the “once and for all” rule that requires damages, both past and future, to be claimed and awarded in a single action. The discussion of this rule further illustrates the tension between legal certainty and substantive justice. While lump-sum awards provide closure, they risk unfairness in cases where future losses, particularly in medical negligence claims involving children or long-term disabilities, are difficult to predict. We suggest that structured or periodic payments could offer a more equitable solution, aligning compensation with actual needs as they arise. This approach, however, requires legislative reform, as courts are bound by existing statutory frameworks. While this principle promotes finality, critics argue that it can be unjust in cases of unpredictable future harm. The Constitutional Court in *MEC for Health v DZ obo WZ* acknowledged the issue, but deferred reform to the legislature. More recent cases, such as *MSM obo KBM v MEC for Health* and *BN obo AN v MEC for Health, Eastern Cape*, suggest a gradual shift toward flexibility, allowing services in kind or considering periodic payments in appropriate circumstances. In a recent (2026) judgment of the Supreme Court of Appeal in *TN obo BN v MEC for Health, Eastern Cape Government*, the court indicated that the *MSM* case had been wrongly decided and that any changes to the fundamental principles of the law of delict fall within the domain of the legislature.

In the article we canvass all of the abovementioned challenges through detailed analysis of the case, *Den Hartog NO obo NAH v Road Accident Fund*, where expert testimony was undermined by incomplete hospital records and limited consultation, which raised concerns about the reliability of medical evidence. Similar issues are apparent in the cases of *NIN obo BN v Road Accident Fund* and *AAS obo CMMS v MEC for Health, Gauteng Province*, reinforcing the need for credible, objective expert testimony supported by comprehensive records. We

conclude that systemic problems in damages litigation – unreliable expert evidence, speculative actuarial assumptions and rigid application of the “once and for all” rule – undermine fairness and justice. We recommend strengthening standards of expert testimony, improving hospital record-keeping, encouraging joint expert reports and considering legislative reform to allow structured or periodic payments.

We ultimately call for a more nuanced and flexible system of damages assessment that integrates credible expert evidence, careful actuarial input and judicial discretion and argue for reform that accommodates the complexities of modern medico-legal disputes.

**Keywords:** earning capacity; expert evidence; general damages; law of damages; medical negligence; “once and for all” rule; quantification of damages; Road Accident Fund claims; special damages

## 1. Inleiding

Die Suid-Afrikaanse skadevergoedingsreg, veral wat mediesenalatigheidsake en skadevergoedingseise teen die Padongelukfonds betref, staar uitdagings in die gesig, soos duidelik blyk uit die onlangse uitsprake in *Den Hartog NO obo NAH v Road Accident Fund* (24906/2021) [2024] ZAGPJHC 1196 (18 Nov. 2024), *NIN obo BN v Road Accident Fund* (19817/18 [2025] ZAGPPHC 658 (9 Junie 2025)) en *AAS obo CMMS v MEC for Health, Gauteng Province* (13531/2018) [2024] ZAGPPHC 554 (11 Junie 2024). ’n Kernprobleem wat in die onderhawige artikel bespreek en deur die hofsake belig word, is die betroubaarheid en geloofwaardigheid van deskundige getuienis. Gebrekkige deskundige getuienis word openbaar deur die toepassing van die objektiewe toets vir mediese nalatigheid wat sterk op oortuigende deskundige opinies steun en hoewe noop om onredelike of swak gefundeerde getuienis, wat dikwels tot tragiese gevolge aanleiding gee, te verwerp. In hierdie artikel werp ons ’n kritiese blik op bogenoemde drie uitsprake waar die bepaling van skadevergoeding onses insiens om verskillende redes problematies was. Ons betoog nie dat hierdie uitsprake ’n algemene tendens vertoon nie, maar beoog om uitsluitlik kritiek te lewer op hierdie drie onlangse gevalle. Twee van die beslissings spruit voort uit Padongelukfondseise, terwyl die derde in verband staan met ’n deliktuele eis gegrond op mediese nalatigheid.

Die berekening of kwantifisering van skade,<sup>1</sup> veral ten opsigte van algemene skade, word dikwels as spekulatief beskryf en vereis, onderworpe aan die diskresie van die howe, aktuariële getuienis, soos aangedui in *Road Accident Fund v Guedes* 2006 ZASCA 153; 2006 5 SA 583 (HHA) par. 8. Hierdie onsekerheid is veral ’n uitdaging by die berekening van algemene skade en die kwantifisering van toekomstige finansiële skade, meer bepaald waar beserings ’n persoon se verdienvermoë nadelig kan beïnvloed.

Ons bespreking van die vermelde beslissings fokus hoofsaaklik op die faktore wat in ag geneem word by die kwantifisering van toekomstige skade. Ons beklemtoon die behoefte aan objektiewe, geloofwaardige deskundige getuienis en bewese feite wat daarop gemik is om geregtigheid in skadevergoedingseise te verseker. Ter inleiding en om die konteks van ons bespreking te verskaf, verwys ons onder andere na die onderskeid tussen algemene en spesiale skade. Daarna word daar gefokus op die rol van deskundige getuienis, die waarde van aktuariële insette, die diskresie van howe en die algemene afhandelingsreël. Ons sluit die artikel af met spesifieke aanbevelings wat die leemtes wat geïdentifiseer is, kan verbeter.

## 2. Algemene skade

Neethling en Potgieter omskryf skade as “the detrimental impact upon any patrimonial or personality interest deemed worthy of protection by law”.<sup>2</sup> Skadevergoedingsreg in Suid-Afrika betrek sowel vermoënskade (spesiale skade) as nie-vermoënskade (algemene skade), elk met verskillende bewys- en kwantifiseringsvereistes.<sup>3</sup> Dit is egter belangrik om daarop te let dat sowel wat vermoëns- as nie-vermoënskade betref, daar aantasting van ’n regsbeskermd belang moet wees.

Uitsprake in sake soos *Rudman v Road Accident Fund* [2002] 4 All SA 422 (HHA); *AAS obo CMS v MEC for Health, Michael v Linksfield Park Clinic (Pty) Ltd* [2001] ZASCA 12; *Mngomeni (obo EN Zangwe) v MEC for Health, Eastern Cape Province* 1696/2017 [2021] ZAECPHC 13; en *Thomas v BD Sarens* 2007/6636 [2012] ZAGPJHC 161 benadruk die onderskeid<sup>4</sup> tussen spesiale skade (wat objektiewe bewyse en presiese berekeninge vereis) en algemene skade wat meer subjektief is en in sekere gevalle afhang van die hof se diskresie.<sup>5</sup> Hoewel algemene skade deur aktuariële beramings gestaaf word, bly dit steeds onderworpe aan die hof se diskresie, met inagneming van soortgelyke sake uit die verlede. Eise vir algemene skade omvat vordering vir pyn en lyding, emosionele skok, verlies van lewensgenietinge en vermindering of ontsiering. Ofskoon die eiser die bestaan van sodanige skade sover moontlik bewysregtelik moet staaf, is die kwantifisering dikwels problematies en kan die hof se oordeel beïnvloed word deur faktore soos die erns van die besering, die eiser se lewensomstandighede en die impak van die skade op ’n eiser se lewensgehalte. In *Mngomeni (obo EN Zangwe) v MEC for Health, Eastern Cape Province*, byvoorbeeld, is R300 000 toegeken vir emosionele skok en depressie as gevolg van die eiseres se kind se serebrale gestremdheid wat as algemene skade geklassifiseer is.

’n Terloopse opmerking is hier van pas. Neethling en Potgieter doen aan die hand dat “the concepts ‘general’ and ‘special’ damages should be avoided”.<sup>6</sup> Ons stem hiermee saam, veral aangesien die Wysigingswet op die Padongelukfonds 19 van 2005 die verlies van verdienvermoë normaalweg onder algemene skade hanteer – dit word onder geldelike eise beskryf in artikel 17(4)(c), saamgelees met artikel 17(4A) van die Wet (sien ook *Daniels v Road Accident Fund* (8853/2010) [2011] ZAWCHC 104 (28 April 2011) par. 5; vn. 4). Tans is die maksimumbedrag wat aan ’n persoon toegeken word vir verlies van inkomste na ’n motorongeluk R373 822 (Raadskennisgewing 813 in Staatskoerant GG 53038 25 Julie 2025). Daar word egter steeds in die howe ’n onderskeid getref tussen algemene en spesiale skade, soos blyk uit die sake wat ons hier onder bespreek.

## 3. Spesiale skade

In teenstelling met algemene skade verwys spesiale skade in deliktuele konteks na daardie skade wat nie ’n noodwendige gevolg van die onregmatige daad is nie. Spesiale skade moet spesifiek gepleit word en deur bewysmateriaal ondersteun word.<sup>7</sup> Algemene skade word beskou as wesenlike skade (*damnum circa rem*), terwyl spesiale skade gesien word as bykomende skade (*damnum extra rem*).<sup>8</sup> Spesiale skade vereis uitgebreide stawende bewyse soos kwitansies, mediese rekords, of aktuariële beramings. Spesiale skade sluit onder meer in gelede en toekomstige mediese uitgawes, gelede verlies van inkomste en toekomstige inkomste en verdienvermoë, asook skade aan eiendom.<sup>9</sup> Die eiser moet die spesifieke vermoënskade bewys aan die hand van relevante dokumentasie soos mediese rekeninge of aktuariële beramings, of ander deskundige getuienis.

Die beraming van verdienvermoë, ten spyte van die wiskundige berekening daarvan, is inherent spekulatief omdat dit gegrond is op onvoorspelbare toekomstige gebeure. Faktore soos 'n eiser se potensiële beroepsvooruitsigte, ekonomiese toestande, inflasie en lewensverwagting word in ag geneem. Die Hoogste Hof van Appèl beklemtoon tereg in *Road Accident Fund v Guedes* dat sodanige berekeninge afhanklik is van aannames ten opsigte van die eiser se toekomstige loopbaan sonder besering. Hierdie spekulatiewe vooruitskouing word deur onvoorspelbare lewensgebeure, loopbaanveranderinge, gesondheidskomplikasies, of selfs ekonomiese resessies beïnvloed. Die hof moet dus 'n balans vind tussen redelike vergoeding en oorvergoeding, wat die noodsaak van objektiewe en betroubare bewyse benadruk. Die hof word in hierdie verband bygestaan deur deskundige getuienis aan die kant van sowel die eiser as die verweerder, sodat die hof 'n ingeligte besluit kan neem. Dit het weliswaar nie in die drie sake wat ons vervolgens bespreek, gebeur nie, aangesien die deskundige getuienis wat daar aangebied is, beperk was. Aangesien ons bespreking gemik is op die effek van swak deskundige getuienis op die drie bespreekte uitsprake, fokus ons nie op 'n evaluering van die hantering van deskundige getuienis as geheel nie.

#### 4. Rol van deskundige getuienis

Die rol van deskundige getuienis is in *Michael v Linksfield Park Clinic* 2001 3 SA 1188 (HHA) parr. 34–9 duidelik omskryf. Deskundige getuies se professionele opinies mag nie op spekulasie gebaseer word nie. Hulle moet slegs binne die omvang van hul (professionele) terrein van spesialisasie getuig en sou hulle 'n mening opper wat buite die bestek van hul terrein val, moet dit summier verklaar word. Die deskundige se taak is om die hof by te staan. Nie net moet hulle die feite waarop hul getuienis gebaseer is logies en rasioneel openbaar nie, maar hulle moet ook hul redenasies aan die hof verduidelik. Hul beredenering moet logies en rasioneel wees. Indien hul beredenering na die hof se mening onvoldoende of onbevredigend is, is sodanige getuienis ontoelaatbaar. In *Road Accident Appeal Tribunal v Gouws* (56/2017) [2017] ZASCA 188 (13 Des. 2017); 2018 3 SA 413 (HHA); [2018] 1 All SA 701 (HHA) par. 33 het die Hoogste Hof van Appèl tereg opgemerk dat “[c]ourts are not bound by the view of any expert. They make the ultimate decision on issues on which experts provide an opinion.”

Die feite waarop die deskundige getuie se opinie gebaseer is, moet strook met die ander bewyse en feite van die saak. Desnieteenstaande spreek regter Sutherland hom soos volg uit in *Thomas v BD Sarens (Pty) Ltd* (2007/6636) [2012] ZAGPJHC par. 13:

Where two or more experts meet and agree on an opinion, although the parties are not at liberty to repudiate such an agreement placed before the court, it does not follow that a court is bound to defer to the agreed opinion. In practice, doubtlessly rare, a court may reject an agreed opinion on any of several grounds all amounting to the same thing, i e, the proffered opinion was unconvincing.

As 'n algemene reël van die bewysreg moet 'n eiser in die geval van beweerde mediese nalatigheid gebruik maak van mediese deskundige getuies om sy saak te bewys. Die toets vir mediese nalatigheid is objektief, maar ten einde die toets te kan toepas, steun die hof op deskundige getuienis (*Louw v Patel* (245/2021) [2023] ZASCA] 22 (22 Maart 2023)). Deskundige getuienis is van kritieke belang in mediesenalatighedsake, aangesien die hof nie in staat is om mediese risiko's te beoordeel nie.<sup>10</sup> Die primêre funksie van die deskundige



getuie op 'n spesifieke gebied is om leiding aan die hof te bied om 'n korrekte beslissing te maak.<sup>11</sup> In *Van Wyk v Lewis* 1924 AD 438 447–4 het hoofregter Innes die volgende te sê gehad:

The testimony of experienced members of the [medical profession] is of the greatest value in questions of this kind. But the decision of what is reasonable under the circumstances is for the Court; it will pay high regard to the views of the profession, but it is not bound to adopt them.

Hierdie riglyne is ook gevolg in *Louwrens v Oldwage* 2006 2 SA 161 (HHA) 175. In *Ntsele v MEC for Health, Gauteng Provincial Government* 2013 2 All SA 356 (GSJ) parr. 88–9 verwys die hof na die beslissing in *Schneider v AA* 2010 5 SA 203 (WKK) 211C–E, waar die hof maan dat deskundige getuies nie as “hired guns” gebruik moet word nie:

In short, an expert comes to court to give the court the benefit of his or her expertise. Agreed, an expert is called by a particular party, presumably because the conclusion of the expert, using his or her expertise, is in favour of the line of argument of the particular party. But that does not absolve the expert from providing the court with as objective and unbiased opinion, based on his or her expertise, as far as possible. An expert is not a hired gun who dispenses his or her expertise for the purposes of a particular case. An expert does not assume the role of the advocate, nor gives evidence which goes beyond the logic which is dictated by the scientific knowledge which that expert claims to possess.

Die gebruik van deskundige getuies is egter nie sonder uitdagings en omstredenheid nie. *Pringle v Administrator of Natal* 1990 2 SA 379 (W) 384G–H illustreer hierdie problematiek met mediesenalatighedsake duidelik. Die eiseres het skadevergoeding geëis weens die gevolge van 'n chirurgiese prosedure wat haar met breinskade, permanente sigskade en arbeidsongeskiktheid gelaat het. As die regterlike opsomming van gelewerde deskundige getuienis nagegaan word, duik stellings soos “may have lessened” en “but one must always admit how easy it is to be wise after the event” op. Hierdie frases beklemtoon die onsekerheid dat dit nie altyd moontlik is om 'n duidelike of eenstemmige antwoord te kry op baie van die vrae wat in mediesenalatighedsake opduik nie. Die regspraktisyn moet by die oorweging van die aanbieding van getuienis oor mediese prosedures en gepaardgaande beweerde gronde van nalatigheid voorsiening maak vir verskeie gebeurlikhede wat op mediese gebied kan voorkom. Verdere probleme met deskundige getuienis sluit aspekte soos vooroordeel en gebrek aan objektiwiteit in. Daar word met reg dikwels kommer uitgespreek oor die partydigheid van sommige deskundige getuies, veral omdat hulle vir hul getuienis vergoed word.

Die keuse en gebruik van deskundige getuies moet met omsigtigheid hanteer word om te verseker dat hul getuienis geloofwaardig, objektief en oortuigend is. Soos litigasie verder ontwikkel, sal die rol van deskundige getuies 'n hoeksteen van die regsproses bly om te verseker dat geregtigheid geskied deur ingeligte en akkurate besluitneming.<sup>12</sup> Hier moet ook in gedagte gehou word dat dit nie die deskundige is wat die betoog in die saak moet lewer nie, maar wel die regspan, wat op hul beurt kennis moet dra van die deskundige mening wat die getuie gaan lewer. Dit is die regspan se plig om te sorg dat die deskundige se opinie weldeurdag is en wel tot die beredenering van die saak bydra. Dit kan as oneties en onprofessioneel beskou word as 'n regspan of 'n regsverteenvoerder sonder voorbehoud aanvaar dat die deskundige se getuienis die beweerde besering of skade sal kan bewys.



## 5. Rol van aktuariële insette

Aktuariële getuienis is noodsaaklik om 'n wetenskaplike en gestruktureerde benadering tot die berekening van verdienvermoë te bied. Aktuarisise gebruik statistiese modelle, ekonomiese data en lewensverwagtingstabelle om toekomstige verdienste te beraam, met inagneming van faktore soos inflasie, diskontokoerse en loopbaanvordering. In die *Guedes*-saak benadruk die Hoogste Hof van Appèl dat aktuariële beramings 'n nuttige hulpmiddel is om die hof te help om 'n billike vergoeding te bepaal, maar dat dit nie die hof se diskresie beperk nie. Die aktuaris verskaf 'n raamwerk, maar die hof moet steeds die aannames onderliggend aan die beraming beoordeel. Byvoorbeeld, in *AAS obo CMMS v MEC for Health* – meer volledig hier onder bespreek – het die aktuaris se berekening vir die eiseres se verlies van verdienvermoë gesteun op die aanname dat sy 'n na-skoolse hoër sertifikaat of moontlik 'n diploma sou kon verwerf het, inaggenome haar matriekuitslae en voorneme om haar kwalifikasies te verbeter. Drie moontlike vooruitsigte vir haar verdienvermoë is aan die hof voorgelê, maar die hof het die moontlikheid van 'n hoër sertifikaat of 'n diploma as die redelikste moontlikheid aanvaar.

## 6. Hof se diskresie

Soos reeds gestel, behou die hof 'n wye diskresie in die bepaling van vergoeding vir verdienvermoë, aangesien aktuariële beramings slegs 'n riglyn bied. Hierdie diskresie is nodig omdat aktuariële modelle nie alle lewensgebeurlikhede kan voorsien nie. Die hof moet derhalwe die unieke feite van elke saak in ag neem. Die hof se diskresie word verder ondersteun deur die beginsel dat vergoeding die eiser se boedel moet vergoed vir die verlies wat gely is, soos uiteengesit in *Rudman v Road Accident Fund*. Die hof benadruk in *Thomas v BD Sarens (Pty) Ltd* par. 13 dat selfs wanneer die getuienis van deskundiges ooreenstem, die hof 'n opinie kan verwerp indien dit nie oortuigend is nie, wat die hof se outonomie beklemtoon.

## 7. Eenvormige Hofreëls toepaslik op skadevergoedingseise

Reël 36 van die Eenvormige Hofreëls<sup>13</sup> spreek mediese ondersoeke en deskundige getuienis in liggaamlikebeseringsake aan. 'n Party mag versoek dat 'n eiser 'n mediese ondersoek ondergaan, mits kennisgewing van minstens 15 dae gegee word wat die aard van die ondersoek, die ondersoeker, plek, tyd, naam van die deskundige en die aard van die getuienis en redelike uitgawes spesifiseer. Die deskundige se verslag moet verskaf word – gewoonlik 'n mediese verslag, aktuariële beraming, of sielkundige evaluasie (Reël 36(2)). Die ondersoekte party mag binne vyf dae beswaar aanteken. Mediese rekords en verdere ondersoeke mag, indien nodig, versoek word. Indien die deskundige nie vir getuienis by die verhoor beskikbaar is nie, kan die verslag as bewys dien mits daar geen beswaar is nie (Reël 36(4)). Hierdie reël is van kardinale belang in mediesenalatigheid- en persoonlikebeseringsake waar mediese verslae en opinies die grondslag vir die berekening van skadevergoeding vorm.

Deskundige getuies mag slegs met toestemming van die hof of alle partye geroep word. 'n Kennisgewing met 'n opsomming van hul mening moet binne bepaalde tydsraamwerke na die sluiting van pleitstukke gelewer word (Reël 36(9)). Deskundiges moet bevestig dat hul verslae waar is en vir die hof dienlik is. Partye behoort te poog om gesamentlike deskundiges aan te stel en gesamentlike notules in te dien (Reël 36(9A)).

Kragtens Reëls 18(10) tot 18(12) van die Eenvormige Hofreëls moet 'n eiser wat skadevergoeding eis sy of haar eis so formuleer dat die verweerder die omvang van die eis redelikerwys kan bepaal. In gevalle van persoonlike besering moet die eiser sy of haar geboortedatum, die aard en omvang van die beserings, asook die aard, gevolge en duur van enige gestremdheid wat tot die eis aanleiding gee, spesifiseer. Waar moontlik, moet skadevergoeding onder die volgende kategorieë ingedeel word: (1) mediese en hospitaalkoste, met 'n uiteensetting van die uitgawes; (2) pyn en lyding, met 'n aanduiding of dit tydelik of permanent is en watter beserings dit veroorsaak het; (3) gestremdheid, met besonderhede oor verlies van inkomste (reeds gelede en toekomstige), verdienvermoë en verlies van lewensgenietinge, met aanduiding van die duur daarvan; (4) liggaamlike skending, met 'n volledige beskrywing en aanduiding of dit permanent is.

Reël 33(4) bepaal dat 'n party die ander party kan versoek om die egtheid van dokumente te erken, byvoorbeeld mediese verslae, fakture, of aktuariële beramings. Hierdie reël is nuttig vir die berekening van die kwantum van skadevergoeding sonder onnodige dispuut oor dokumentasie. Die praktiese toepassing van bostaande reëls verloop soos volg: (1) Die mediese deskundige verskaf 'n verslag onder Reël 36; (2) die aktuaris beraam die verlies van verdienvermoë of versorgingskoste; en (3) die eiser se pleitstuk onder Reël 18 sit die skadebedrag uiteen. Reël 33(4) kan aangewend word om die egtheid van verslae te bevestig en die hofverrigtinge te verkort.

Alvorens ons die drie betekenisvolle onlangse beslissings bespreek, is dit nodig om kortliks na die sogenaamde “eens en vir altyd”-reël en kritiek daaroor te verwys.

## 8. Die eens en vir altyd-reël (“once and for all”-reël of eenmaligeafhandelingsreël)

Die sommeskadeleer (Engels: “the lumpsum compensation principle”) in die skadevergoedingsreg bepaal dat skadevergoeding as 'n eenmalige bedrag vasgestel en toegeken moet word. Dit beteken dat die volle skadevergoeding, te wete gelede en toekomstige skade wat op dieselfde eisorsaak berus, in een eis bepaal en gevorder moet word. Die hof moet dus alle toekomstige verliese (soos verlies van verdienvermoë of toekomstige mediese uitgawes) op die datum van die uitspraak skat en in 'n enkele redelike en billike bedrag toeken. Hierdie leerstuk is nou verbonde aan die eens en vir altyd-reël wat bepaal dat 'n eiser nie later weer op grond van dieselfde eisorsaak kan dagvaar nie. Hierdie beginsel is in *Evins v Shield Insurance Co Ltd* 1980 2 SA 814 (A) deur die destydse Appèlhof bevestig. Sleutelbeginsels van die reël bepaal dat 'n eiser nie later verdere skade mag eis wat uit dieselfde eisorsaak (delik of kontrak) voortspruit nie en dat toekomstige verlies (soos toekomstige mediese uitgawes of verlies van verdienvermoë) in die enkele oorspronklike eis ingesluit moet word. Hierdie reël is nou verwant aan die leerstuk van *res iudicata*: 'n saak wat eenkeer beslis is, bly altyd beslis. Kritici meen egter dat hierdie reël onbillik is in gevalle waar toekomstige skade onvoorspelbaar is, soos in nalatighedsake oor geboortebeserings of gewone mediese nalatigheid.<sup>14</sup> Hierdie kritiek het die vraag laat ontstaan of die reël ontwikkel moet word om periodieke betalings in plaas van 'n eenmalige bedrag toe te staan.

In die saak van *MEC for Health and Social Development, Gauteng v DZ obo WZ* 2018 1 SA 335 (KH) het die Konstitusionele Hof oorweeg of die betrokke hofreël ontwikkel moet word om periodieke betalings toe te laat in plaas van 'n eenmalige bedrag. Die meerderheid het

beslis dat enige verandering aan die reël deur die wetgewer uitgevoer moet word, en nie deur die hof nie. Tog het die Konstitusionele Hof die spreekwoordelike deur oopgemaak vir die ontwikkeling van die gemenereg sodat skuld betaal kan word in die vorm van dienste gelewer of 'n enkelbedrag in periodieke betalings, afhange van die feite van 'n saak.

'n Interessante ontwikkeling van die gemenereg vind kort na die *DZ*-saak plaas in *MSM obo KBM v MEC for Health, Gauteng* 2020 2 SA 567 (GJ) waar die hof toegelaat het dat mediese dienste *in natura* gelewer word in plaas van 'n enkelsom-betaling. Die hof het ook *obiter* voorgestel dat periodieke betalings oorweeg kan word in gepaste gevalle. Dié betrokke saak het gehandel oor 'n minderjarige kind wat met serebrale gestremdheid gediagnoseer is weens die nalatigheid van 'n openbare gesondheidsinstelling. Die eiser het 'n aansienlike bedrag vir toekomstige mediese sorg in die privaatsektor geëis. Die hof bepaal dat die staat geregtig is om toekomstige mediese sorg self te verskaf deur middel van openbare gesondheidsdienste, mits dit aan 'n aanvaarbare standaard voldoen. Die hof het die eens en vir altyd-reël ondersoek en beklemtoon dat die gemeenregtelike vereiste van 'n eenmalige geldelike betaling nie 'n absolute reël daarstel nie. In sekere gevalle kan alternatiewe vorme van vergoeding, soos dienste of periodieke betalings, meer geskik of gepas wees. Die regter het *obiter* voorgestel dat periodieke betalings oorweeg kan word in gevalle waar dit prakties en regverdigbaar is, veral in mediesenalatigheidgevalle en in kinderregteverband. Hierdie uitspraak kan vertolk word as 'n verskuiwing na 'n meer buigsame en grondwetlik-geïnspireerde benadering tot skadevergoeding in die Suid-Afrikaanse reg, veral as ag geslaan word op die State Liability Amendment Bill [B16-2018] – nog nie in werking gestel nie – wat beoog om gestruktureerde betalings of mediese dienste toe te laat vir eise teen die staat in gevalle van onregmatige mediese behandeling of mediese nalatigheid. Hierdie stap kan ook as 'n moontlike verslapping van die eens en vir altyd-reël vertolk word.

In 'n onverwagte wending het die Hoogste Hof van Appèl vroeg in 2026 in *TN obo BN v MEC for Health, Eastern Cape Government* (383/23) [2026] ZASCA 14 aangedui dat die *MSM*-saak verkeerd beslis is en dat slegs die wetgewer, en nie die hof nie, die geëkte reëls van die deliktereg kan wysig.

Ten opsigte van periodieke betalings is *BN obo AN v MEC for the Department of Health Eastern Cape* (1013/2021) [2025] ZAECMHC 20 (25 Maart 2025) van belang. Die saak handel oor serebrale gestremdheid van 'n kind weens die nalatigheid van hospitaalpersoneel by 'n openbare hospitaal. Die LUR is ten volle aanspreeklik bevind vir die skade wat die kind gely het of in die toekoms gaan ly. 'n Bedrag skadevergoeding van R4 773 595 is deur die hof toegeken. Die staat wou dit in twee paalemente betaal, ses maande uit mekaar, maar die hof het daarop gewys dat alvorens daar afgewyk kan word van die gemeenregtelike enkelbedrag-betalingsbeginsel vergestalt in die eens en vir altyd-reël, daar 'n dienooreenkomstige ooreenkoms tussen die partye moet bestaan. Indien daar geen ooreenkoms is nie, geld artikel 3(3)(a) van die State Liability Amendment Act 14 van 2011 wat bepaal dat 'n hofbevel teen 'n staatsdepartement binne 30 dae betaal moet word.

In die lig van die oorsig hier bo, verskuif die fokus vervolgens na die eerste van die drie sake wat die hoofokus van hierdie artikel vorm, te wete *Den Hartog NO obo NAH v Road Accident Fund*, wat 'n kommerwekkende tendens met betrekking tot die wetenskaplikheid en objektiwiteit van mediese deskundige getuienis aandui. Daarna word die ander twee genoemde sake bespreek.

## 9. Den Hartog NO obo NAH v Road Accident Fund

### 9.1 Feite

Advokaat Den Hartog (die eiser), in sy verteenwoordigende hoedanigheid as *curator ad litem* van 'n minderjarige kind, het 'n eis van R10 miljoen vir verlies van inkomste namens die kind ingestel. Die kind het op 7 Junie 2017 in Soweto saam met haar moeder gereis toe die taxi waarin hulle vervoer is in 'n botsing betrokke was. Die kind het hoofbeserings opgedoen en is na die Chris Hani Baragwanath-hospitaal geneem waar sy behandel is en die volgende dag ontslaan is. Behalwe dat sy op dieselfde dag van ontslag by die St John Ooghospitaal gesien is, het sy geen verdere mediese behandeling ontvang nie. Daar is ook geen getuienis deur haar moeder aangebied dat sy enige verdere fisieke pyn ondervind het wat mediese behandeling geveer het nie.

### 9.2 Getuienis

Die eiser het beweer dat die kind se breinskade van so 'n aard is dat sy nie in staat sal wees om universiteitsopleiding te kan voltooi nie. Die verweerder het dit betwis op grond van die feit dat al die deskundige getuies se verslae berus het op die oorspronklike verslag van dokter Edeling, wat op gebrekkige onvoldoende hospitaalrekords staatgemaak het.

Dokter Edeling, 'n neurochirurg, het twee regsmediese verslae opgestel oor die beweerde breinbesering wat die kind opgedoen het. Hy het in sy verslae verduidelik dat die besering voortgevloei het uit 'n *ligte* hoofbesering, soos uit die hospitaalrekords afgelei is. Hy het wel een keer met die kind in die teenwoordigheid van haar moeder gekonsulteer. Die verweerder het egter beswaar teen die gebruik van die hospitaalrekords aangeteken en daarop aangedring dat 'n verteenwoordiger van die hospitaal die inhoud van die mediese rekords onder eed moet bevestig. Geen verteenwoordiger van die hospitaal is egter as getuie geroep nie. Hoewel dokter Edeling grotendeels die hospitaalrekords se inhoud aanvaar het, het hy die behandeling wat die kind ontvang het, asook die feit dat die hospitaal haar die volgende dag ontslaan het, gekritiseer. Aangesien die hospitaalrekords onvolledig was, kon dokter Edeling nie bevestig of daar nalatigheid aan die kant van die hospitaal was nie.

Dokter Edeling het verder getuig dat daar oorweeg moet word of die kind posttraumatische geheueverlies opgedoen het, wat 'n gevolg van die hoofbesering kon wees. Ten einde hieroor te kon oordeel, het hy op die inligting staatgemaak wat deur die moeder en die kind aan hom verskaf is. Hierdie inligting het aangedui dat daar wel tekens van posttraumatische geheueverlies teenwoordig was. Dokter Edeling het getuig dat op grond van die inligting wat deur die kind en haar moeder verskaf is, die kind sekere insidente nie kon onthou nie. Volgens die kind se moeder was haar dogter wakker toe sy na die ongeluk uit die taxi verwyder is, maar dat sy haar bewussyn verloor het op pad hospitaal toe. Dokter Edeling was van mening dat die besering na die ongeluk ontwikkel het en dus volgens sy diagnose 'n verspreide breinbesering was. Hoewel die kind na sy mening te vroeg ontslaan is, het hy slegs een keer met haar gekonsulteer en verdere konsultasies onnodig gevind.

Dokter Fine, 'n psigiater, het getuig dat hy nie 'n ernstige hoofbesering by die kind kon diagnoseer nie. Hy het egter die bevinding van 'n breinbesering beaam, geskoei op die inligting verskaf deur die kind se moeder en die (onvolledige) hospitaalrekords. Hy het verklaar dat die diagnose van 'n ernstige breinbesering buite sy spesialisasieveld val en hy hom derhalwe slegs

tot psigiatryse diagnoses kon beperk. 'n Ortopediese chirurg, dokter Volkersz, het getuig dat hy geen ortopediese probleme by die kind kon diagnoseer nie. Nog 'n mediese deskundige, dié keer 'n mond-en-kaakchirurg, dokter Polakow, se regsmediese verslag is gebaseer op die konsultasie wat hy met die moeder en die kind gehad het. Hy het myofasciale pynsindroom en sinovitis by die kind gediagnoseer. Die kind se moeder het getuig dat haar kind na die ongeluk verward voorgekom het en die volgende dag uit die hospitaal ontslaan is, waarna sy toe na die St John Ooghospitaal oorgeplaas is omdat sy 'n oogbesering opgedoen het. Na haar ontslag het die kind geen verdere gesondheidsklagtes gehad nie en ook geen verdere mediese behandeling ontvang nie. Met verloop van tyd het die kind 'n paar skoolgrade gevorder, dog tekens begin toon dat sy met wiskunde sukkel. Haar moeder het getuig dat haar kind aanvanklik na die ongeluk nie met haar skoolwerk gesukkel het nie, maar dat sy bekommerd begin raak het dat die ongeluk moontlik haar kind se skoolstudiese vordering kon beïnvloed het. Ten einde duidelikhed oor hierdie aspek te kry, het die verweerder vervolgens twee onderwysers van die kind as getuies geroep. Hulle het egter getuig dat daar geen probleme met die kind se skoolstudiese prestasie en vordering was nie.

### **9.3 Uitspraak**

Die eiser het hoofsaaklik op dokter Edeling se verslae staatgemaak, asook op al die ander deskundige getuies se verslae, nieeenstaande die feit dat dokter Edeling bevestig het dat die hospitaalrekords onvolledig was. Die hof bevind gevolglik dat dokter Edeling se verslae nie betroubaar is nie en dat daar nie op sy getuienis gesteun kon word nie. Die verslae word dus verwerp. In die lig van die feit dat die ander deskundiges ook op dié verslae staatgemaak het, is ook hul deskundige verslae verwerp. Die eiser misluk gevolglik om die eis namens die kind te bewys. Ons kritiek op hierdie mediese getuienis word in par. 12 hier onder bespreek.

## **10. *NIN obo BN v Road Accident Fund***

### **10.1 Feite**

Die eiseres, NIN, het namens haar minderjarige kind, BN, 'n eis teen die Padongelukfonds ingestel. Sy het vergoeding vir die verlies van haar kind se verdienvermoë gevorder as gevolg van 'n beweerde hoofbesering wat die kind op 27 Januarie 2009 in 'n motorvoertuigongeluk opgedoen het. Hy is na die ongeluk na 'n mediese instelling geneem en later vir verdere behandeling na die Mediclinic in Bloemfontein oorgeplaas. Die kind het beserings aan sy regterelmoog en -knie opgedoen en ook van rugpyn gekla. Die CT-breinskandering deur dokters Van Wyk en Vennote het egter geen tekens van 'n skedelfraktur getoon nie. Die skandering van die ruggraat, bekken en buik het ook normaal vertoon. Later die aand is die kind, wie se toestand steeds as stabiel beskryf is, ontslaan. Dit is van beduidende belang dat daar *geen* inskrywing van 'n breinbesering in die hospitaalrekords gemaak is nie.

### **10.2 Getuienis**

In die onderhawige aksie moes hoofsaaklik bepaal word of die beseerde kind wel tydens die ongeluk 'n breinbesering opgedoen het. Verskillende deskundiges se verslae is in die saak voorgelê. Tydens die neurochirurg se kliniese ondersoek van die kind – vyf jaar na die ongeluk – het die kind se moeder vir die neurochirurg foto's van haar kind se beserings gewys.



Die chirurg het na die mediese ondersoek, gerugsteun deur die foto's, tot die gevolgtrekking gekom dat die kind tydens die ongeluk 'n breinbesering opgedoen het. Ander deskundiges in die saak wat vir professionele verslae genader is, naamlik 'n arbeidsterapeut, opvoedkundige sielkundige, asook 'n aktuaris, het die diagnose aanvaar van 'n breinbesering wat tot neuro-kognitiewe skade aanleiding kon gee.

Die hof se evaluering van die feite van saak, asook van die grondslag van en redes vir die deskundige gevolgtrekkings, is egter dat daar geen duidelike feitelike bewys van enige breinbesering by die kind was nie. Regter Mashoana merk tereg soos volg op in par. 4:

This Court must remark at this point that expert witnesses are there to assist a Court with an opinion in areas where a Court lacks competency. It is not the purpose of an expert witness to mislead a Court. Such a misleading, when it occurs, constitutes a serious professional misconduct. Given the oral evidence received and the contents of the medicolegal reports, this Court takes a view that the expert witnesses misled it, with the apparent solitary view, to manufacture, as it were, non-existent head injury. This Court is minded to refer its observations in this matter to the Health Professions Council of South Africa (HPCSA) for consideration whether a cause to investigate professional misconduct exists.

Die regter beskryf in par. 5 die professionele gevolgtrekkings van die deskundiges se gewaande breinbesering as 'n "lucrative head injury" en voeg by dat "[it is] a sad day in this country, if a finding is made that professionals aid in the manufacturing of non-existing head injuries". Dit, volgens die regter, het die deskundiges in 'n posisie geplaas "to conjure a massive claim for loss of earning capacity, particularly where minor children are involved. An allegation that head injuries are involved is a pricey allegation."

Die hof lewer gevolglik kritiek teen die verslag van die neurochirurg, dokter Mazwi, wat, soos hier bo aangetoon, die kind eers vyf jaar na die ongeluk ondersoek het. In sy regsmediese verslag, gegrond op die hospitaalrekords in sy besit, het dokter Mazwi, as deel van die kind se mediese geskiedenis, verduidelik dat "[t]he claimant experienced head trauma, also had occipital head swelling and occipital head pains, with loss of awareness. The claimant had a brief loss of consciousness and amnesia in keeping with mild head injury" (par. 9). Dokter Mazwi het nie in sy verslag verduidelik wat die medies-wetenskaplike grondslag vir sy slotsom van 'n breinbesering is nie. Selfs na bestudering van dokter Mazwi se mondelinge getuienis is die hof steeds oortuig dat sy gevolgtrekking nie geldig is nie, want hy dui nie aan hoe die sogenaamde oksipitale swelling waarna hy in sy verslag verwys het, verklaar kon word nie. Na deeglike bestudering van die kliniese hospitaalrekords bevind die hof voorts dat ook hierdie rekords geen verwysing bevat na 'n hoofbesering nie en dat daar nog minder enige bewys van 'n breinbeseringdiagnose opgeteken staan. Selfs die Padongelukfonds Vorm 1, deur dokter Waldeck voltooi, verwys nie na 'n hoofbesering nie. Regter Mashoana verklaar gevolglik tereg in par. 12:

A doctor cannot rely on a patient's *ipse dixit* when it comes to the noting of injuries, particularly where clinical notes are available. The plaintiff arrived at the scene of accident after the collision has (*sic*) happened. As to what injuries were sustained her evidence is of no moment. It is evidence that cannot be relied on.



Ses jaar na die ongeluk is die kind deur 'n neuroloog, professor Kakaza, ondersoek. Sy het haar gevolgtrekking van “mild traumatic brain injury” gegrond op verklarings dat sy neus gebloei het en daar swelling in die oksipitale deel van sy brein voorgekom het, asook heelwat skraap- en kneusmerke. Sy het vermeld dat sy verneem het dat die kind sy moeder herken het toe hy haar gesien het, maar dat hy volgens haar verward voorgekom het. Professor Kakaza se regs-mediese verslag verwys na sogenaamde neurokognitiewe versteurings en epileptiese aanvalle by die kind, wat by nadere oorweging van haar mondelinge getuienis die hof oortuig het dat haar deskundige mening beïnvloed is deur die mededeling van die kind se moeder tydens die mediese ondersoek – ses jaar na die ongeluk – dat die kind 'n week na die ongeluk epileptiese aanvalle begin gekry het. Nóg die hospitaalrekords, nóg voorgeskrewe medikasie het enige bewering gestaaf dat die kind vir epilepsie behandel is, of sodanige aanvalle ervaar het.

### 10.3 Uitspraak

Die hof beslis dat daar geen mediese of objektiewe bewyse bestaan wat 'n hoof- of breinbesering, of kognitiewe beperkings bevestig nie en dat daar derhalwe nie 'n kousale verband tussen die ongeluk en vermeende kognitiewe versteurings bewys kon word nie. Die deskundige getuienis is as spekulatief beskou en het nie daarin geslaag om die kind se beweerde belemmerde verdienvermoë te bewys nie. Gevolglik bevind die hof dat die eiser nie die bewyslas gekwyt het nie en wys die eis vir verlies van verdienvermoë van die hand.

Hierdie uitspraak beklemtoon die belangrikheid van *duidelike* mediese bewyse en deskundige ondersteuning wanneer daar vir toekomstige skade geëis word. Deskundige getuienis moet gerugsteun word deur 'n objektiewe, kliniese bewys van besering. Soos hier bo opgemerk, ontstaan daar ook vrae aangaande die eiser se regspan wat klaarblyklik nie ag geslaan het op die gebreke in die deskundige verslae nie en nie kon sien dat die getuienis nie die bewyslas sou bevredig nie. Onses insiens het hulle deur hierdie versuim hul kliënt in die steek gelaat. Eisers wie se vorderinge as gevolg van die argeloosheid of nalatigheid van regslui misluk, behoort die Regspraktykraad daarvan in kennis te stel.

## 11. *AAS obo CMMS v MEC for Health – Gauteng Province*

### 11.1 Feite

'n Deliktuele eis is deur 'n moeder (AAS) namens haar seun (CMMS) ingestel teen die LUR vir Gesondheid, Gauteng, vir skadevergoeding weens mediese nalatigheid tydens haar bevalling wat tot serebrale gestremdheid by die kind aanleiding gegee het. Die kind is op 18 Oktober 2015 gebore en met serebrale gestremdheid as gevolg van hipoksies-iskemiese ensefalopatie tydens die bevalling gediagnoseer. Sy toestand is ernstig: Hy is nie net 'n kwadrupleeg nie, maar ook intellektueel gestrem, blind en doof, ervaar daaglikse aanvalle wat nie deur medikasie beheer kan word nie, is inkontinent, word gebuisvoed weens slukprobleme en het boonop 'n geskiedenis van longinfeksies en longontsteking. Sy heupe was tydens geboorte ontwrig en is later chirurgies herstel. Die kind is geheel en al van mediese sorg afhanklik en bevind hom in 'n vegetatiewe toestand sonder bewustheid van die buitewêreld. Mediese getuienis het sy lewensverwachting op 19 jaar beraam. Die verweerder het volle aanspreeklikheid aanvaar. Die saak het uitsluitlik gefokus op die kwantifisering van die moeder van die kind se persoonlike skade, met inbegrip van algemene skade, gelede en toekomstige mediese

uitgawes, asook verlies van verdienvermoë. Die kind se moeder het haar matriek in 2010 behaal en wou dit in 2015 opgradeer vir verdere studie, maar swangerskap en haar kind se gevolglike mediese toestand het dit verhinder. Sy is die primêre versorger van haar kind en is van plan om hom in 'n spesiale skool in te skryf sodat sy haar studies kan voortsit met die tydelike hulp van die kind se ouma.

## 11.2 Getuienis

Deskundige verslae is in die onderhawige saak as hoorsêgetuienis toegelaat ingevolge ooreenkoms en artikel 3 van die Wysigingswet op Bewysreg 45 van 1988. Ons bespreking fokus op die moeder se eise vir haar persoonlike verliese. Verskeie deskundiges het verslae by die hof ingedien na hul evaluering van die eiseres. Dokter Romanis, 'n kliniese sielkundige, het die eiseres op grond van psigometriele toetse, haar negatiewe gemoedstoestand en gedragsversteurings met posttraumatische stresversteuring en depressie gediagnoseer. Hierdie diagnose het die basis gevorm vir die eis vir algemene skadevergoeding weens emosionele skok, en insgelyks ook haar eis vir toekomstige mediese uitgawes (weeklikse sielkundige konsultasies).

'n Tweede deskundige, 'n opvoedkundige sielkundige, dokter Van der Ryst, het die eiseres se kognitiewe en opvoedkundige agtergrond geëvalueer en tot die slotsom gekom dat haar intelligensie onder-gemiddeld tot gemiddeld was, wat beteken dat sy die potensiaal gehad het om studies op 'n na-skoolse hoër sertifikaat-vlak of moontlik diploma-vlak te voltooi. Die opvoedkundige sielkundige het aangedui dat universiteitstudie bo die eiseres se vermoë was, maar gemeen dat diplomastudies wel binne haar vermoë sou kon val. Hierdie beoordeling het 'n wesenlike invloed op haar potensiele verdienvermoë gehad.

'n Derde deskundige, dokter Kotzé, 'n bedryfsielkundige, het drie vooruitsigte vir die eiseres se moontlike verdienvermoë voorgestel, met gekapitaliseerde verliese ingereken. Die eerste moontlikheid was dat sy 'n graadverwante salaris sou kon verdien, 'n uitkoms wat die deskundige self verwerp het. Die tweede moontlikheid was dat sy 'n hoër sertifikaat sou kon behaal en 'n dienoreenkomstige salaris sou kon verdien of, derdens, dat sy 'n diploma sou kon behaal en so haar verdienvermoë kon verbeter. Hy het die moontlikheid van die verwerping van 'n diploma as die waarskynlikste beskou.

Die aktuaris se verslag het die beraamings van toekomstige mediese uitgawes (R36 066) en verlies van verdienvermoë bevat, met aanpassings vir die onvoorsiene. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die aanvanklike mediese getuienis van dokter Botha oor die kind se lewensverwagting (beraam op 19 jaar) die grondslag verskaf het vir die moeder se langtermynversorgingsverpligting wat 'n invloed op haar verdienvermoë sou hê.

Die verweerder het die hof na *Road Accident Fund v Guedes* par. 8 verwys waar die Hoogste Hof van Appèl beslis het dat die berekening van 'n verlies van verdienvermoë nie slegs 'n wiskundige berekening is nie. Die vasstelling daarvan is spekulatief van aard, hoewel die insette van die aktuaris 'n goeie riglyn verskaf. Die hof het vanselfsprekend steeds 'n diskresie om te bepaal wat in 'n bepaalde geval redelik en billik is (*Southern Insurance Association Ltd v Bailey* 2003 5 SA 164 (HHA) par. 23 en *Van der Plaats v South African Mutual Fire and General Insurance Co Ltd* 1980 3 SA 105 (A) 114F–115D).

### 11.3 Uitspraak

Gloobaal beskou het al die deskundige getuienis hier bo die hof oortuig van die moontlike omvang van die eiseres se skade weens emosionele gevolge en ekonomiese verlies, met 'n fokus op hoe die kind se toestand (veroorsaak deur nalatigheid) die moeder se lewe permanent verander het. Die hof staan gevolglik 'n bedrag toe vir algemene skade van R400 000, vir toekomstige mediese uitgawes van R36 066, asook vir verlies van verdienvermoë van R4 786 091. Die totale toekenning beloop derhalwe R5 222 157.

Hierdie uitspraak laat mens met baie vrae. Dit is duidelik dat die toekenning van die bedrag vir die verlies van verdienvermoë uiters subjektief en lukraak was. In ag genome dat die Padongelukfonds, soos reeds uitgewys, skadevergoeding vir die verlies van verdienvermoë in motorongeluksake tot R373 824 beperk, is die vergoedingstoekenning van meer as vier miljoen rand in hierdie saak kommerwekkend. Dié statutêre limiet ten aansien van toekomstige inkomste is ingevolge artikel 17(4) van die Wet op die Padongelukfonds so onlangs as April 2025 beperk tot eise wat nie R372 824 per jaar oorskry nie.

## 12. Kritiese bespreking van die beslissings

Die drie beslissings hier bo beskryf illustreer sistemiese tekortkominge in hoe sommige howe in Suid-Afrika mediese deskundige getuienis en die kwantifisering van algemene skadevergoeding hanteer. Ons wys vervolgens op die kernleemtes wat in hierdie sake voorkom, gevolg deur praktiese aanbevelings om in die toekoms meer realistiese en akkurate skadevergoedingsberekeninge te bewerkstellig.

### 12.1 Kernkritiek en leemtes

#### *Betroubaarheid van deskundige getuienis*

- a. *Oorafhanklikheid van een primêre deskundige:* In *Den Hartog* en *NIN* berus veelvuldige professionele uitsprake op 'n enkele mediese verslag, wat self op onvolledige en onverklaarde kliniese rekords gebaseer is. Hierdie vergissing skep 'n kettingreaksie: As die primêre verslag deur die hof verwerp word, beïnvloed dit die geloofwaardigheid van al die verdere afgeleide verslae. Elke deskundige moet sy eie afleidings maak nadat hy of sy self die pasiënt geëvalueer het en nie steun op die afleidings gemaak deur 'n ander deskundige nie.
- b. *Gebrek aan objektiewe, hedendaagse kliniese bewyse:* In *NIN* was daar geen skriftelike verwysings na 'n hoofbesering of breinbesering in die opnamerekords nie. Latere kliniese interpretasies is gekonstrueer op grond van mondelinge verklarings en die opgeroepte geheue van sommige getuies. Hierdie tipe praktyk maak dit maklik om gefabriseerde beserings te pleit. Die rol van die regspraak is hier van kardinale belang en hulle moet hul vergewis van die gehalte van die getuienis en of daar werklike gronde vir regsargumente en die bewys van die skade of besering bestaan, al dan nie.
- c. *Onvoldoende en gebrekkige ondersoek deur deskundiges:* Deskundige verslae, gebaseer slegs op 'n enkele konsultasie jare na 'n besering, sonder ondersteunende dokumentasie soos neuroskanderingsverslae, neuropsigometriese rekords, of dokumentasie wat post-traumatische stressindroom staaf, is onvoldoende om chroniese kognitiewe skade te staaf.

### *Onkunde en moontlike vooroordeel*

- a. Die uitsprake wys hoe maklik dit kan gebeur dat deskundiges se redenasies die spoor byster kan raak. Dit toon 'n verstrengeling tussen objektiewe, wetenskaplike feite en gevolgtrekkings, afgelei uit sekondêre en subjektiewe verklarings van ander getuies, asook partydigheid of voorkeur vir 'n bepaalde bevinding, gepaard met dubbelsinnige interpretasies van simptome. Die strafregtelike en etiese implikasies is in *NIN* reeds deur die hof geopper, onder andere die opmerking dat sodanige mediese deskundiges na die Suid-Afrikaanse Raad op Gesondheidsberoep (SARGB) verwys behoort te word weens professionele wangedrag. Die regspraak het na ons mening lig daarvan afgekom, aangesien ook hul rol in hierdie saak bevraagteken kan word. Die regspraak moes voorsien het dat die deskundige getuie gebrekkig was. Ook het hulle die gesag van die deskundige getuie klakkeloos aanvaar en boonop summier aanvaar dat dié getuie die eiser se saak kon staaf. Die regter kon na ons mening netsowel beveel het dat die regsgeleerdes se gedrag aan die Regspraktykraad gerapporteer moet word.

### *Aktuariële onsekerhede en ongegronde aannames*

- a. Aktuariële beramings word soms voorgelê sonder volledige openbaring van aannames en in die afwesigheid van sensitiwiteitsanalises (bekend as die “wat-as”-toets), asook sonder logiese waarskynlikheidstoetse gemeet teen werklike arbeidsmarkstatistiek. Dit vererger die spekulatiewe aard van eise vir toekomstige verliese. Terwyl daar in die reg gewerk word met die waarskynlikheid van skuld en skade (op 'n oorwig van waarskynlikheid), is aktuariële beramings gemoeid met numeriese kansberekening. Hierdie twee benaderings kan bots en veroorsaak dat die hof skepties staan oor die bruikbaarheid van die syfers.

### *Prosedurele tekortkominge*

- a. Reëls 36 en 18 van die Eenvormige Hofreëls word in die praktyk nie altyd ten volle benut nie. Een voorbeeld uit die bespreking hier bo is die versuim om hospitaal-vertegenwoordigers as getuies te roep om mediese rekords en inskrywings te verduidelik en te bevestig.
- b. Die eens en vir altyd-reël dwing ook partye om hoogs spekulatiewe berekeninge te maak, eerder as om periodieke of strukturele vergoedingsreëlings te oorweeg waar dit gepas sou wees.

### *Aanbevelings om die gehalte van deskundige getuie te verbeter*

- a. *Standaardisering en minimumvereistes vir deskundige verslae*

Hierdie aanbeveling stel die gebruik van 'n verpligte, formele en gestandaardiseerde templaot (sjabloon) vir mediese deskundige verslae in. Sodanige templaot kan saamgestel word deur te steun op die bestaande handleiding van die SAMLIR (South African Medico-Legal Reports) *The Expert Witness Guide*,<sup>15</sup> asook die 2021 Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie se Besprekingsdokument 154: Medies-regtelike eise (Projek 141). Die Regshervormingskommissie het die standaardisering van deskundige verslae, asook duideliker nakomingsvereistes aanbeveel. Hoewel huidige regsmediese deskundiges wel van gestruktureerde verslae gebruik maak, is dit noodsaaklik om 'n

nasionaal gesanksioneerde en eenvormige templaar te ontwikkel. Sodanige templaar behoort ten minste die volgende aspekte in te sluit wat die kliniese bevindings betref:

- eiser se mediese geskiedenis (verlede en hede)
  - opsomming van gesondheidstatus voor die insident/ongeluk
  - feite rakende die insident/ongeluk
  - behandeling tot dusver ontvang
  - huidige klagtes/simptome
  - kliniese ondersoek
  - datum en plek van die ondersoek
  - objektiewe bevindings (fisies, neurologies, sielkundig, en so meer)
  - deskundige mening en prognose
  - diagnostiese toetse en uitslae
  - aard en erns van beserings
  - verwagte tydlyn van herstel
  - permanente of tydelike gestremdheid (indien bevind)
  - impak op daaglikse lewe en beroepslewe; toekomstige mediese behoeftes
  - stawende bewys: mediese rekords; hospitaalnotas; skanderingverslae; laboratorium- en patologiese verslae
- b. *Prosedurele voorverhooroptrede*
- Die verpligte voorverhoorproses waar deskundiges 'n gesamentlike vergadering hou (Reël 36(9A)), waar kernkwessies geopper en meningsverskille aangeteken kan word, moet strenger deur die hof afdwing word. In die afwesigheid van konsensus kan 'n gesamentlike notule ingedien word om die hof by te staan deur die betwiste en onbetwiste sake uit te wys.
  - Ons stel ook die aanwys van onafhanklike hofbenoemde deskundiges in hoogsbetwiste sake voor waar deskundige getuigenis sterk verskil en die hof nie tot 'n slotsom kan kom nie.
- c. *Assessore*
- Assessore behoort aangestel te word om regters by te staan.<sup>16</sup> Assessore wat regters bystaan is onpartydig en help regters in plaas daarvan om 'n saak vir die eiser of die verweerder in 'n bepaalde rigting te stuur.
- d. *Aktuariële praktykstandaarde*
- Aktuarisse moet 'n gestandaardiseerde verslag voorlê wat voldoen aan die Gedragskode en Professionele standaarde van die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika (AGSA), asook die SARGB se vereistes. Benewens laasgenoemde, moet hul verslae in mediese nalatigheidseise ook die volgende bevat:

- (i) 'n volledige uiteensetting van alle aannames (insluitend inflasiekoerse, diskontokoerse en toekomstige werkspesifikasies);
  - (ii) 'n sensitiviteitsanalise wat minimum-, medium- en maksimumsituasies dek;
  - (iii) voorspellingsintervalle; en
  - (iv) 'n forensiese bylaag waarin bandwydtes aangedui word eerder as 'n enkele-puntsyfer.
- Die aannames moet onderwerp word aan 'n evaluering teen plaaslike arbeidsmarkdata (soos Statistiek SA en sektorale salarisinligting), met duidelike en gemotiveerde verklarings vir enige gebeurlikheidsaftrekkings.
  - Aktuarisse moet hul berekeninge aanbied op 'n wyse wat toeganklik is vir nie-tegniese lesers, soos regters en advokate.
  - Verslae moet duidelik onderskei tussen feite, aannames en menings.
  - Aktuarisse dien die hof en die reg, nie net die party wat hulle aanstel nie.
  - Aktuarisse moet hul berekeninge integreer met mediese en ekonomiese deskundige verslae.
- e. *Behandeling van algemene skade in spesiale gevalle*
- Wat minderjariges betref, beveel ons aan dat waar objektiewe tekens van subjektiewe pynervaring ontbreek, 'n bedrag aan algemene skadevergoeding toegeken word met inagneming van die volgende:
  - Voorkeur moet gegee word aan spesiale of veranderde kostes en versorgingsonkostes.
  - Periodieke betalings of *in natura* sorg as alternatiewe toekenning moet meer gereeld oorweeg word, in ooreenstemming met *MSM obo KBM* en die *State Liability Amendment Bill*.
- f. *Verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir kundiges*
- Waar 'n hof bevind dat 'n deskundige die hof mislei het of onbehoorlik gehandel het (soortgelyk aan die *NIN*-tipe bevinding), moet die hof die deskundige verwys na die SARGB of ander relevante professionele organisasie en moet moontlike boetes/sanksies oorweeg word.
  - Ons stel voor dat dit 'n regsvereiste word dat deskundiges wat regsmediese verslae onderneem by die hof geregistreer moet word en dat hul registrasies periodiek hersien word. Etiese opleiding vir deskundiges moet oorweeg word.
- g. *Juridiese leiding en jurisdiksionele praktyk*
- Appèlhowe en hooggeregshowe moet eenvormige riglyne uitvaardig oor minimum bewyse vir kognitiewe en hoofbeserings (byvoorbeeld watter bewyse moet *objektief* vereis word om 'n kliniese bevinding van 'n chroniese kognitiewe besering te staaf).
  - 'n *De facto* naslaanbron, oftewel 'n geannoteerde databasis wat rekord hou van skadevergoedingstoekennings, aangepas vir inflasie, wat hofe as riglyn kan gebruik, moet ontwikkel word.



In hierdie artikel beklemtoon ons 'n duidelike behoefte aan gestruktureerde, deursigtige en wetenskaplik gefundeerde prosedures vir die aanbieding en evaluering van deskundige getuienis en aktuariële beramings. Deur die instel van minimumstandaarde vir deskundige verslae, 'n verpligte templaar vir deskundige verslae, verpligte registrasie van deskundiges, gereelde gebruik van onafhanklike en hofbenoemde deskundiges in betwiste sake, assessore vir registers, gestandaardiseerde aktuariële rapportering en 'n herooring van periodieke/*in natura* betalings kan hoër meer verantwoordbare, realistiese en billike skadevergoedingstoekennings maak. Hierdie aanbevelings sal nie alleen die hoër teen misleiding beskerm nie, maar ook sorg dat benadeeldes realistiese, oorwoë en meer akkurate en billike vergoeding ontvang.

## Bibliografie

*AAS obo CMMS v MEC for Health Gauteng Province* 13531/2018 [2024] ZAGPPHC 554 (11 Junie 2024).

*BN obo AN v MEC for the Department of Health Eastern Cape* (1013/2021) [2025] ZAECMHC 20 (25 Maart 2025).

*Daniels v Road Accident Fund* (8853/2010) [2011] ZAWCHC 104 (28 April 2011).

Davis, N. 1991. Bewysproblematiek in eise rakende mediese nalatigheid. *De Rebus*, 282:419–21.

*Den Hartog NO obo NAH v Road Accident Fund* (24906/2021) [2024] ZAGPJHC 1196 (18 November 2024).

Dutton, I.T. (red.). *South African Medico-Legal Reports (SAMLRL)*. <https://samrlr.co.za/membership/the-expert-witness-guide/> (10 Julie 2026 geraadpleeg).

*Evins v Shield Insurance Co Ltd* 1980 2 SA 814 (A).

Klopper, H.B. 2017. *Damages*. Kaapstad: Juta.

Lerm, H. 2012. Two heads are better than one: Assessors in High Court civil cases. *De Rebus*, 34(6):22–24.

*Louw v Patel* (245/2021) [2023] ZASCA 22 (9 Maart 2023).

*Louwrens v Oldwage* 2006 2 SA 161 (HHA) 175.

*MEC for Health and Social Development, Gauteng v DZ obo WZ* 2018 1 SA 335 (KH).

*Michael v Linksfield Park Clinic (Pty) Ltd* [2001] ZASCA 12.

*Mngomeni (obo EN Zangwe) v MEC for Health, Eastern Cape Province* (1696/2017) [2021] ZAECPEHC 13.

Mortazavi, S. 2024. The role of expert witnesses in civil litigation: How they influence case outcomes. <https://www.paxlaw.ca/af/the-role-of-expert-witnesses-in-civil-litigation-how-they-influence-case-outcomes/> (10 Julie 2026 geraadpleeg).

*MSM obo KBM v MEC for Health, Gauteng* 2020 2 SA 567 (GJ).

Nathan, C.J.M. en M. Barnett. 1984. Rules regulating the conduct of the proceedings of the provincial and local divisions of the High Court of South Africa. [https://www.saflii.org/content/uniform\\_rules.html](https://www.saflii.org/content/uniform_rules.html) (4 Julie 2025 bygewerk). Kaapstad: Juta.

Neethling, J. en J.M. Potgieter. 2020. *Law of delict*. 8ste uitgawe. Durban: LexisNexis.

*NIN obo BN v Road Accident Fund* 19817/18 [2025] ZAGPPHC 658 (9 Junie 2025).

*Ntsele v MEC for Health, Gauteng Provincial Government* 2013 2 All SA 356 (GSJ).

Potgieter, J.M., L. Steynberg en T.B. Floyd. 2012. *Visser en Potgieter Skadevergoedingsreg.* 3de uitgawe. Kaapstad: Juta.

*Pringle v Administrator of Natal* 1990 2 SA 379 (W) 384.

*Road Accident Appeal Tribunal v Gouws* 56/2017 [2017] ZASCA 188 (13 Desember 2017); 2018 3 SA 413 (HHA); [2018] 1 All SA 701 (HHA).

*Road Accident Fund v Guedes* 2006 5 SA 583 (HHA); [2006] ZASCA 153.

*Rudman v Road Accident Fund* [2002] 4 All SA 422 (HHA).

*Schneider v AA* 2010 5 SA 203 (WKK).

Slabbert, M. en M. Labuschagne. 2023. Vonnisbespreking: Mediese nalatigheid – vertraging in oorplasing van pasiënt na geskikte sorg; en of nalatigheid oorsaaklik verband hou met amputasie van pasiënt se been. *Louw v Patel* (245/2021) [2023] ZASCA 22 (9 Maart 2023). *LitNet Akademies*, 20(2):599–611. <https://www.litnet.co.za/vonnisbespreking-mediese-nalatigheid-vertraging-in-oorplasing-van-pasient-na-geskikte-sorg-en-of-nalatigheid-oorsaaklik-verband-hou-met-amputasie-van-pasient-se-been/> (10 Julie 2026 geraadpleeg).

*Southern Insurance Association Ltd v Bailey* 2003 5 SA 164 (HHA).

*Thomas v BD Sarens* (2007/6636) [2012] ZAGPJHC 161.

*Van der Plaats v South African Mutual Fire and General Insurance Co Ltd* 1980 3 SA 105 (A).

Van der Walt, C.F.C. 1977. Die sommeskadeleer en die *once and for all*-reël. LLD-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Dit is belangrik om daarop te let dat daar 'n onderskeid getref moet word tussen die bepaling van skade en die berekening (kwantifisering) daarvan: sien Potgieter, Steynberg en Floyd (2012:185–6, 495 e.v.).

<sup>2</sup> Neethling en Potgieter (2020:256).

<sup>3</sup> Wat die volle omvang van die skadevergoedingsreg behels, sien Potgieter, Steynberg en Floyd (2012:1 e.v.).

<sup>4</sup> Sien in die algemeen Potgieter, Steynberg en Floyd (2012:36 e.v.) oor die onderskeid tussen vermoëns- en nie-vermoënskade.

<sup>5</sup> Sien oor die howe se wye diskresie in hierdie verband Potgieter, Steynberg en Floyd (2012:496).

<sup>6</sup> Neethling en Potgieter (2020: 266).

<sup>7</sup> Visser, Steynberg en Floyd (2012:23).

<sup>8</sup> Visser, Steynberg en Floyd (2012:24).

<sup>9</sup> Klopper (2017:192–5).

<sup>10</sup> Slabbert en Labuschaigne (2023:599–611).

<sup>11</sup> Davis (1991: 420–1).

<sup>12</sup> Mortazavi (2024).

<sup>13</sup> Sien in die algemeen Nathan en Barnett (1984/2025).

<sup>14</sup> Van der Walt (1977).

<sup>15</sup> Dutton (SAMLRL).

<sup>16</sup> Lerm (2012:22–24).

# Die beperkings van toestemming in die Suid-Afrikaanse inligtingsbeskermingsreg

Gretchen Jansen

---

Gretchen Jansen, Departement Handelsreg, Universiteit Stellenbosch

---

## *Opsomming*

In hierdie artikel ondersoek ek die rol en praktiese doeltreffendheid van toestemming binne die Suid-Afrikaanse inligtingsbeskermingsraamwerk onder die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013. Die vraag word gestel of toestemming, soos gedefinieer en geoperasionaliseer in die Wet, datasubjekte in staat stel om op 'n betekenisvolle wyse beheer oor hul persoonlike inligting uit te oefen. Verder word daar ook gevra of die regulatoriese betekenis daarvan oorskat word in die lig van kognitiewe en strukturele beperkings. Alhoewel Suid-Afrikaanse inligtingsbeskermingswetgewing gegrond is op die waardes van outonomie, waardigheid en selfbeskikking, word twyfel uitgespreek of toestemming hierdie rol in die land se hedendaagse digitale omgewing realisties kan vervul.

Die artikel neem 'n sistematiese regsontleding en sosiotegniese teoretiese raamwerk aan. Dit steun op Suid-Afrikaanse grondwetlike regspraak en die historiese ontwikkeling van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting – veral die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie se opvatting van privaatheid as iets wat individuele agentskap oor persoonlike inligting moontlik maak. Hierdie normatiewe grondslag word ondersoek aan die hand van insigte uit die gedragsbesluitnemingsteorie, insluitend begrensde rasionaliteit, heuristieke, verstekvoooroordeel en toestemmingsafmatting (“decision fatigue”) om te bepaal of individue in die praktyk in staat is om betekenisvolle inligtingsbeheer uit te oefen. Die ontleding word verder geplaas binne Suid-Afrika se sosiotegnologiese konteks, wat gekenmerk word deur digitale ongelykheid, ongelyke digitale geletterdheid, platformafhanklikheid en die toenemende datafikasie van openbare en private dienste. Dit ontleed die toestemmingsbepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, hul normatiewe grondslag en hul praktiese werking in konteks.

Daar word bevind dat alhoewel die Wet se toestemmingsraamwerk begripsmatig belyn is met grondwetlike waardes, kognitiewe beperkings en strukturele omstandighede die praktiese doeltreffendheid daarvan ondermyn. As gevolg hiervan funksioneer toestemming dikwels as 'n formele regsmechanisme eerder as 'n betekenisvolle uitdrukking van individuele agentskap. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat inligtingsbeskerming in Suid-Afrika minder op individuele toestemming moet staatmaak en eerder institusionele aanspreeklikheid, sterker afdwinging en strukturele beskermings moet prioritiseer om datasubjekte meer effektief te beskerm.

**Trefwoorde:** digitale bestuur; digitale ongelykheid; gedragsbesluitneming; inligtingsbeskermingsreg; inligtingsselfbeskikking; inligtingsprivaatheid; regmatige grondslag vir prosessering; toestemming; Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting

### *Abstract*

#### **The limits of consent in South African data protection law**

The Protection of Personal Information Act 4 of 2013 (POPIA) represents South Africa's primary legislative framework for the protection of personal information and gives effect to the constitutional right to privacy. Although POPIA recognises several lawful grounds for processing personal information, consent has assumed a particularly prominent role in both public discourse and organisational compliance practices. Consent is often portrayed as the central mechanism through which individuals exercise control over their personal information and safeguard their privacy interests. This article questions that assumption. It argues that while consent occupies an important place within POPIA's normative framework, its practical ability to protect data subjects is significantly constrained by both cognitive limitations and the socio-technical realities of contemporary South African digital life.

The article begins by examining the historical and conceptual foundations of POPIA's consent framework. It traces the origins of the legislation to the South African Law Reform Commission (SALRC) Project 124 on Privacy and Data Protection and demonstrates how the Commission drew heavily on constitutional jurisprudence that linked privacy to autonomy, dignity, and self-determination. Consent emerged within this framework as a mechanism through which informational self-determination could be exercised. At the same time, the SALRC recognised that privacy is not absolute and must be balanced against competing public and private interests.

The article demonstrates that POPIA's approach to consent was strongly influenced by international data protection instruments, particularly the 1981 Organisation for Economic Cooperation and Development's Guidelines Governing the Protection of Privacy and Transborder Data Flows of Personal Data, the Council of Europe 1980 Convention for the Protection of Individuals with regard to the Automatic Processing of Personal Data, and the European Union Data Protection Directive 95/46/EC. As a result, POPIA inherited many of the assumptions underlying earlier European data protection models, including the belief that individuals are capable of exercising meaningful control over personal information through informed decision-making. While these assumptions were already being questioned internationally by the time POPIA was enacted, they remain embedded within South Africa's legislative framework.

This study then undertakes a doctrinal analysis of POPIA's consent provisions. Section 11 identifies consent as one of several lawful grounds for processing personal information, alongside contractual necessity, legal obligations, legitimate interests, and public law duties. POPIA defines consent as a "voluntary, specific and informed expression of will" through which permission is granted for processing. Although the definition appears conceptually robust, each of its constituent requirements rest on assumptions that become increasingly difficult to sustain in modern digital environments.

A voluntary act requires that individuals have genuine freedom to refuse consent without suffering detriment. Specificity requires consent to relate to clearly defined processing purposes. Informed consent presupposes that individuals understand what they are agreeing to, while the requirement of an expression of will demands some affirmative indication of agreement. The article demonstrates that these requirements mirror international standards and reflect a strong commitment to informational autonomy. However, it argues that the practical conditions necessary to achieve these ideals are frequently absent.

The first major challenge identified by the article arises from cognitive and behavioural limitations. Drawing on behavioural decision-making literature, the article argues that POPIA's consent model assumes an idealised version of human decision-making that does not reflect how individuals actually interact with digital technologies. Individuals operate under conditions of bounded rationality, characterised by limited time, attention, and cognitive capacity. Modern data processing practices are highly complex, often involving secondary uses of data, algorithmic decision-making, cross-border transfers, and opaque processing ecosystems that are difficult even for sophisticated users to understand.

Faced with these complexities, individuals rely on heuristics and cognitive shortcuts rather than careful deliberation. Decisions about privacy are frequently influenced by factors such as brand familiarity, institutional trust, or perceived convenience rather than detailed assessments of data processing practices. The article argues that these behavioural realities undermine the assumption that consent reliably reflects informed and autonomous choice.

These problems are compounded by consent fatigue. Individuals encounter countless consent requests across digital platforms and services. Repeated exposure to consent notices encourages habituation and disengagement, leading users to accept requests automatically rather than evaluate them critically. In such circumstances, consent becomes a routine procedural act rather than a meaningful exercise of self-determination.

The article further highlights the role of behavioural influences such as default settings and choice architecture. Digital interfaces are frequently designed in ways that steer users toward acceptance through prominent "accept" options, complex refusal processes, and strategically structured interfaces. Although users technically retain the ability to refuse consent, the architecture of decision-making environments strongly encourages acceptance. Consequently, formal legal choice often masks substantial behavioural manipulation.

The second major challenge explored by the article concerns the structural realities of the South African digital environment. The effectiveness of consent depends on individuals possessing meaningful alternatives and genuine bargaining power. However, South Africa's socio-economic conditions often undermine these prerequisites.



Persistent digital inequality remains a defining feature of South African society. While internet penetration has increased significantly, substantial disparities remain in access, affordability, digital literacy, and quality of connectivity. Many individuals rely exclusively on mobile internet access and operate within resource-constrained environments where engaging with lengthy privacy disclosures is impractical. Digital literacy deficits further weaken the ability of individuals to understand and evaluate data processing practices.

The article also examines growing platform dependency. Access to communication, employment opportunities, education, commerce, and social participation increasingly depends on a small number of dominant digital platforms. For many users, participation in digital life requires accepting extensive data collection practices. In these circumstances, refusal is often not a realistic option. Consent becomes formally available but substantively meaningless because declining processing may effectively exclude individuals from essential social and economic activities.

State datafication presents an additional challenge. The article highlights the increasing use of biometric systems, digital identity verification, and data-driven public administration within South Africa. Access to welfare benefits, public services, financial products, and identity verification increasingly requires the surrender of personal information. Here, consent becomes particularly problematic because individuals cannot realistically opt out without forfeiting access to essential services. While POPIA contains alternative lawful grounds that better justify such processing, the continued dominance of consent discourse obscures the reality that many forms of data processing are effectively unavoidable.

Against this backdrop, the article argues that consent should no longer be viewed as the primary safeguard within South African data protection law. Instead, greater emphasis should be placed on institutional accountability, transparency, and structural regulation. POPIA already contains a comprehensive accountability framework, including obligations relating to purpose limitation, information quality, security safeguards, openness, and data subject participation. However, the effectiveness of these mechanisms depends on robust enforcement and institutional oversight.

The article concludes that South Africa's data protection framework would be strengthened by shifting its regulatory focus away from individualised consent and toward stronger accountability obligations on responsible parties. This includes enhancing the capacity of the Information Regulator, improving transparency mechanisms, and ensuring meaningful enforcement of existing legal duties. Consent should remain available where genuine choice exists, but it should be regarded as a supplementary safeguard rather than the central mechanism through which privacy and informational self-determination are protected. Such an approach would better reflect the realities of contemporary digital life and more effectively advance the constitutional values that underpin South African data protection law.

**Keywords:** behavioural decision-making; consent; data protection law; digital governance; digital inequality; information privacy; informational self-determination; lawful basis for processing; Protection of Personal Information Act (POPIA)

## 1. Inleiding

Die Suid-Afrikaanse Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (“die Wet”) beliggaam ’n moderne, beginselsgebaseerde benadering tot inligtingsbeskerming. Alhoewel die Wet verskeie grondslae bied vir regmatige prosessering van persoonlike inligting, het toestemming ’n buitensporige plek in sowel die openbare diskoers as die organisatoriese praktyk ingeneem.<sup>1</sup> Dit weerspieël ’n breër wanopvatting dat toestemming die primêre of standaardregverdiging vir prosessering is. In die praktyk word digitale lewe egter gekenmerk deur sistemiese, infrastrukturele en effektief onvermydelike vorme van inligtingsprosessering. Persoonlike inligting vloei voortdurend deur komplekse tegnologiese en burokratiese stelsels waarmee individue omgaan om toegang te kry tot dienste wat noodsaaklik is vir die moderne alledaagse lewe, soos mobiele netwerke, finansiële bemiddelaars, staatsbeheerde welsynstegnologieë, of sosialemidiaplatforms. Hierdie werklikheid ontbloeit ’n groeiende spanning binne die toestemmingsraamwerk van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting wat vrywilligheid, ingeligte keuse en ’n mate van gebruikersoutonomie veronderstel wat nie ooreenstem met hoe digitale infrastrukture funksioneer nie.

Individue<sup>2</sup> gebruik toestemmingsmeganismes nie as volkome rasionele besluitnemers wat in staat is om elke versoek om persoonlike inligting sorgvuldig te evalueer nie. Besluite oor die vraag of inligtingsprosessering aanvaar of geweier moet word, word dikwels eerder geneem onder toestande van beperkte aandag, tydsdruk en inligtingsoorlading. Gedragsnavorsing toon dat individue staatmaak op kognitiewe kortpaaie, of heuristieke, wanneer hulle komplekse digitale omgewings navigeer. Verstekvooroordeel, gewoonte aan herhaalde toestemmingsopdragte en toestemmingsafmattig (“decision fatigue”) kan alles beïnvloed hoe keuses gemaak word, wat dikwels vinnige aanvaarding eerder as reflektiewe besluitneming aanmoedig. Hierdie dinamika skakel nie noodwendig individuele agentskap uit nie, maar dit bemoeilik die aanname dat toestemming ’n vrywillige, bepaalde en ingeligte wilsuitdrukking betroubaar weerspieël.

In die Suid-Afrikaanse konteks kan die beperkings van toestemming nie verstaan word sonder om inligtingspraktyke binne ’n breër stel strukturele realiteite te plaas nie. Diep sosio-ekonomiese ongelykheid vorm die wyse waarvolgens individue met digitale tegnologieë omgaan. Gemarginaliseerde gemeenskappe is dikwels beperk in hul keuse oor die platforms en stelsels wat hulle kan gebruik om toegang tot werk, kommunikasie of openbare dienste te verkry.<sup>3</sup> Dit word vererger deur groeiende digitale afhanklikheid waar mobiele toestelle en platformgebaseerde dienste as noodsaaklike toegangspunte tot ekonomiese en sosiale deelname funksioneer.<sup>4</sup> Staatstelsels word toenemend gedatafiseer, wat wissel van biometriese identifikasie en administrasie van maatskaplike toelae<sup>5</sup> tot polisiëringstegnologieë.<sup>6</sup> Onder hierdie omstandighede word van individue vereis om hul persoonlike inligting te deel ten einde basiese dienste te ontvang. Onderliggend aan hierdie dinamika is die oorheersing van wêreldwye private platforms, hoofsaaklik gebaseer in die Globale Noorde, wat in ’n posisie is om inligtingsbepalings of -voorwaardes eensydig te stel, om met beperkte deursigtigheid te funksioneer, en wat deur buitelandse regsraamwerke gereguleer word.<sup>7</sup> Hierdie strukturele omstandighede vorm die empiriese agtergrond waarteen die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se toestemmingsraamwerk werk. Dit beklemtoon ’n konteks waarin individue, ondanks die regsvermoede van outonomie, nie realisties kan onderhandel, of die prosessering van hul persoonlike inligting kan weier nie.

Teen hierdie agtergrond voer ek in hierdie artikel aan dat toestemming as regverdiging vir die prosessering van persoonlike inligting nie as die primêre grondslag vir inligtingsbeskerming in Suid-Afrika kan dien nie. Toestemming veronderstel vrywilligheid, digitale geletterdheid en die realistiese vermoë om te weier, wat omstandighede is wat sistemies ondermyn word deur die bovermelde strukturele realiteite. In die konteks van sosio-ekonomiese ongelykheid, infrastruktuurafhanklikheid en ondeursigtige staatsdatastelsels word toestemming minder 'n vrywillige wilsuitdrukking, en 'n meer formalistiese gebaar wat geen werklike funksie dien om individue se persoonlike inligting en privaatheid te beskerm nie. Die reg se klem op individuele besluitneming verdoesel die feit dat inligtingspraktyke gedryf word deur institusionele, infrastrukturele en geopolitieke kragte wat individue nie betekenisvol kan beïnvloed nie.

Alhoewel daar toenemend navorsing is wat verband hou met die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting en Suid-Afrikaanse inligtingsbeskermingreg, fokus die meeste ontledings op leerstellige interpretasie, afdwinging en belyning met internasionale standaarde.<sup>8</sup> Wêreldwyd het die debat oor toestemming as 'n hoeksteen van inligtingsoutonomie en selfbeskikking in die inligtingsbeskermingsreg al meer aandag begin geniet.<sup>9</sup> Daar is egter min navorsing wat direk die kruispunt ondersoek tussen die Suid-Afrikaanse regsleer oor toestemming as regverdiging vir die prosessering van persoonlike inligting en die strukturele en kontekstuele realiteite soos ongelykheid, infrastruktuurafhanklikheid en beperkte digitale geletterdheid. Die doel van hierdie artikel is om die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se toestemmingsraamwerk binne die materiële realiteite van die Suid-Afrikaanse digitale lewe te plaas.

Die artikel verloop soos volg: In onderafdeling 2 ondersoek ek die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se raamwerk vir die regverdiging van die prosessering van persoonlike inligting, met spesifieke fokus op toestemming as regverdiging en die aannames waarop dit berus. In onderafdeling 3 oorweeg ek die vraag hoe kognitiewe en gedragbeperkings, soos heuristieke, toestemmingsafmatting, verstekvooordeel en keuse-argitekture die vrywilligheid en ingeligtheid wat vir geldige toestemming vereis word, ondermyn. Onderafdeling 4 demonstreer verder hoe Suid-Afrikaanse kontekstuele realiteite, insluitend digitale geletterdheid, platformafhanklikheid en staatsdatafisering, die vrywilligheid en ingeligtheid wat vir geldige toestemming vereis word, ondermyn en dit grootliks simbolies maak. Laastens word daar, in onderafdeling 5, besin oor die implikasies van hierdie bevindings vir reg en beleid en word daar gepleit vir hervormings wat gerig is op kollektiewe, deursigtigheidsgebaseerde aanspreeklikheid teenoor verantwoordelike partye, eerder as geïndividualiseerde toestemming.

## **2. Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se toestemmingsraamwerk**

### ***2.1 Historiese grondslae van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se benadering tot toestemming***

Die begripsmatige grondslag van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se benadering tot toestemming kan teruggevoer word na die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie se Projek 124 oor Privaatheid en Databeskerming. Die kommissie se werk, wat uiteindelik aanleiding gegee het tot die 2009-verslag, was die eerste volgehoue poging om 'n wetgewende raamwerk vir inligtingsbeskerming in Suid-Afrika te vestig.<sup>10</sup> Uit die staanspoor het die verslag beklemtoon dat enige toekomstige inligtingsbeskermingswetgewing praktiese effek moes gee aan die reg op privaatheid, soos beskerm deur die gemenereg en vervat in

artikel 14 van die Grondwet van Suid-Afrika.<sup>11</sup> Die verslag het sleutelbesluite van die Konstitusionele Hof en die Hoogste Hof van Appèl ontleed om te illustreer hoe privaatheid in die Suid-Afrikaanse reg gekoppel is aan waardes soos individuele outonomie, waardigheid en selfbeskikking.<sup>12</sup>

Die Kommissie verwys na *Bernstein v Bester* 1996 2 SA 751 (KH), waar regter Ackermann die idee van 'n "kontinuum" van privaatheid verwoord het: Hoe meer 'n persoon in gemeenskaplike of openbare ruimtes beweeg, hoe nouer is die omvang van privaatheidsbeskerming. Die kommissie herlei uit *Bernstein* nie net 'n ruimtelike konsep van privaatheid nie, maar 'n normatiewe een: Privaatheid beskerm die omstandighede waaronder individue 'n outonome keuse kan ontwikkel en uitoefen.<sup>13</sup> Die erkende "kontinuum" van privaatheid weerspieël die idee dat outonomie die sterkste is in die intieme sfeer, alhoewel dit nie heeltemal uitgeskakel is in kommersiële of openbare kontekste nie. Hierdie siening is verder erken deur regter Langa in *Investigating Directorate: Serious Economic Offences v Hyundai Motor Distributors (Pty) Ltd; In re Hyundai Motor Distributors (Pty) Ltd v Smit* 2001 1 SA 545 (KH).<sup>14</sup> Hieruit beklemtoon die verslag dat inligtings- en ruimtelike privaatheid verweef is en dat enige indringing aan die grondwetlike standaarde van redelikheid en proporsionaliteit moet voldoen. Die klem op regverdiging weerspieël die begrip dat privaatheid, hoewel fundamenteel vir waardigheid en selfbeskikking, nie absoluut is nie en gebalanseer moet word teen mededingende gemeenskapsbelange.<sup>15</sup>

Die kommissie se steun op *National Media Ltd v Jooste* 1996 3 SA 262 (HHA) illustreer die gemeneregtelike beskerming teen die onregmatige publikasie van private feite. Hier word privaatheid gestel as 'n aspek van persoonlikheid wat beskerming verdien omdat ongemagtigde openbaarmaking individuele waardigheid en die vermoë om mens se openbare identiteit te beheer, ondermyn. Die kommissie beskou hierdie ontwikkeling as bewys dat die Suid-Afrikaanse reg reeds begin het om inligtingsselfbeskikking<sup>16</sup> binne die *actio iniuriarum* te erken, selfs voor die bestaan van omvattende inligtingsbeskermingswetgewing.<sup>17</sup>

Die verslag steun verder op *NM v Smith* 2007 5 SA 250 (KH) wat handel oor die publikasie van 'n individu se MIV-status sonder toestemming. Die kommissie herlei uit *NM* die beginsel dat beheer oor persoonlike inligting, veral sensitiewe inligting, sentraal staan tot die beskerming van individue se morele agentskap en selfbeskikking. Die skade het nie net in blootstelling gelê nie, maar ook in die ontneming van die individu se vermoë om te besluit wanneer, hoe en aan wie sodanige inligting bekend gemaak sou word.<sup>18</sup> Die hof se erkenning dat die ongemagtigde openbaarmaking van sensitiewe mediese inligting 'n ernstige skending van waardigheid uitmaak, word as besonder belangrik beskou vir die latere regulering van "spesiale persoonlike inligting".<sup>19</sup> Verder verwys die kommissie ook na *Mistry v Interim National Medical and Dental Council of South Africa* 1998 4 SA 1127 (KH) om te illustreer dat privaatheid nie absoluut is nie en in regulatoriese kontekste beperk kan word, maar slegs onder grondwetlike waarborge.<sup>20</sup>

Dit is teen hierdie regs kundige agtergrond dat die kommissie toestemming beskou as 'n meganisme waardeur individue beheer oor hul persoonlike inligting kan uitoefen.<sup>21</sup> Terselfdertyd het die kommissie beklemtoon dat privaatheid nie 'n absolute reg is nie: Sowel die Grondwet as die gemenereg vereis dat privaatheidsbelange gebalanseer word teen mededingende regte en regmatige openbare of private belange. Die aanbevelings noem dat inligtingsbeskerming hierdie dubbele aard van privaatheid moet weerspieël: Dit moet beskermend wees vir individuele agentskap, maar terselfdertyd inherent onderhewig aan kontekstuele beperkings.<sup>22</sup> Dit

het ook die opvatting beïnvloed dat toestemming nie die enigste meganisme is om prosessering te regverdig nie, maar eerder 'n belangrike regsuitdrukking van inligtingsoutonomie is wat funksioneer binne 'n raamwerk wat onderworpe is aan mededingende magsdinamika, beleids-oorwegings en strukturele beperkings. Hierdie leerstellige grondslag word later van deurslaggewende belang in die ondersoek waarom toestemming, soos dit uiteindelik in die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting gekodifiseer is, sukkel om as 'n doeltreffende waarborg te funksioneer om uitvoering te gee aan die reg op privaatheid, soos voorgestel.

Verder beklemtoon die verslag herhaaldelik die behoefte dat Suid-Afrika homself met internasionale standaarde moet belyn om inligtingsvloei oor landsgrense te fasiliteer en regsekerheid vir besighede te verbeter.<sup>23</sup> In hierdie verband het die kommissie op drie belangrike internasionale instrumente staatgemaak:

1. Die Raad van Europa se 1981-Konvensie vir die beskerming van individue met betrekking tot die outomatiese prosessering van persoonlike data.<sup>24</sup>
2. Die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO) se 1981-Riglyne wat die beskerming van privaatheid en datavloei oor landsgrense van persoonlike data reguleer.<sup>25</sup>
3. Die Europese Unie se Databeskermingsriglyn van 1995.<sup>26</sup>

Destyds is die Databeskermingsriglyn beskou as die internasionale goue standaard vir inligtingsbeskerming, aangesien dit die omvattendste wetgewende raamwerk oor die saak verskaf het.<sup>27</sup> Teen die tyd dat die wetgewende proses vir die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting in 2013 afgehandel was, was die Europese Unie se Algemene Regulasie oor Databeskerming 2016/679<sup>28</sup> nog nie aangeneem nie. Om hierdie rede weerspieël baie van die bepalings in die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, soos verorden, dié in die Databeskermingsriglyn.<sup>29</sup> As gevolg hiervan het die Wet baie van die Databeskermingsriglyn se onderliggende aannames rakende toestemming as regverdiging vir die prosessering van persoonlike inligting geërf.

Ten einde hierdie genealogie te verstaan, is dit van kardinale belang om die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se toestemmingsbepalings, soos verorden, te ondersoek. Die Wet se fokus op toestemming weerspieël beide die kommissie se interpretasie van die reg op privaatheid en sy begeerte om Suid-Afrikaanse wetgewing met globale norme te belyn. Dit beteken egter ook dat die Wet se model deur die beperkings van die Databeskermingsriglyn-era gevorm is – beperkings wat later met die aanneming van die Algemene Regulasie oor Databeskerming aangespreek en opgelos is.

## **2.2 Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se toestemmingsraamwerk: teoretiese oorsig**

Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting neem 'n beginselgebaseerde regulatoriese model aan wat in ooreenstemming is met die internasionale inligtingsbeskermingstandaarde wat in die OESO-riglyne en die Databeskermingsriglyn gestel is. Die aanhef omskryf die Wet as die uitvoering van die grondwetlike reg op privaatheid. Daar word verder erken dat dit beperk kan word deur “regverdigbare beperkings wat daarop gemik is om ander regte en belangrike belange te beskerm”, asook om die vrye vloei van inligting, plaaslik en oor grense heen, te fasiliteer met die doel om ekonomiese en sosiale vooruitgang “binne die raamwerk van die inligtingsamelewing” te bevorder.<sup>30</sup> Die Wet probeer individuele beskerming balanseer



met ekonomiese en administratiewe doeltreffendheid deur breë, buigsame beginsels, eerder as voorskriftelike reëls te gebruik. Dit blyk ook uit die begrip van toestemming: Dit is een grondslag vir regmatige prosessering binne 'n stelsel wat veronderstel dat verantwoordelike partye die beginsels in konteks sal operasionaliseer.

Die regmatige prosessering van persoonlike inligting onder die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting is rondom agt voorwaardes gestruktureer: verantwoordingspligtigheid, beperkte prosessering, oogmerkspesifikasie, beperkte verdere prosessering, inligtingsgehalte, openheid, veiligheidsvoorsorgmaatreëls en deelname deur die datasubjek.<sup>31</sup> Hierdie voorwaardes vereis dat verantwoordelike partye prosessering regverdig en beperk, deursigtigheid verseker en prosedurele waarborge handhaaf. Dit is die grondslag van die Wet, terwyl die grondslag vir regmatige prosessering, insluitend toestemming, binne voorwaarde twee (beperkte prosessering) val as meganismes om te verseker dat die prosessering van persoonlike inligting binne die grense van die reg plaasvind.

Binne hierdie raamwerk bepaal artikel 11 van die Wet dat persoonlike inligting geprosesseer mag word slegs (i) indien die datasubjek toestemming daarvoor gee; (ii) wanneer dit noodsaaklik is om 'n kontrak uit te voer; (iii) om aan 'n verpligting wat deur die reg opgelê is, te voldoen; (iv) om 'n regmatige belang van die datasubjek te beskerm; (v) wanneer dit noodsaaklik is om 'n openbare regsplig uit te voer; (vi) om die regmatige belange van die verantwoordelike party of 'n derde party na te streef.<sup>32</sup> Alhoewel toestemming eerste gelys word, is dit nie die bedoeling van die Wet (soos die Databeskermingsriglyn) dat dit die standaard of mees toepaslike grondslag vir regmatige prosessering in alle omstandighede moet wees nie.<sup>33</sup> In die Suid-Afrikaanse openbare diskoers en praktyk word toestemming egter dikwels as die sentrale regverdiging beskou, wat die ongewenste volharding van kennis-en-keuse-narratiewe weerspieël.<sup>34</sup>

Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting definieer in artikel 1 toestemming as “enige vrywillige, bepaalde en ingeligte wilsuitdrukking waarvan verlof tot die prosessering van persoonlike inligting gegee word”.<sup>35</sup> Uit hierdie definisie kan vier elemente geïdentifiseer word wat gesamentlik 'n relatief hoë drempel stel, breedweg in ooreenstemming met die Databeskermingsriglyn se vereiste dat toestemming “vrywillig, bepaald en ingelig” moet wees.<sup>36</sup> Die Algemene Regulasie oor Databeskerming het later “ondubbelsinnig” en “duidelike bevestigende handeling” as vereistes bygevoeg,<sup>37</sup> maar die onderliggende logika bly dieselfde: Geldige toestemming vereis duidelikheid van oogmerk, voldoende openbaarmaking en die egte vermoë om toestemming te weier.

Die vier elemente van vrywilligheid, bepaaldheid, ingeligtheid en wilsuitdrukking word nie in die Wet gedefinieer nie en vereis noukeuriger ondersoek. Alhoewel hierdie aspekte nog nie in 'n geregshof bespreek is nie, is daar in navorsing vasgestel dat die begrip van hierdie konsepte ingegee kan word deur die gevestigde beginsels rakende die ekwivalente vereistes in die Databeskermingsriglyn en die Algemene Regulasie oor Databeskerming.<sup>38</sup>

Vrywilligheid is die mees betwiste element. Toestemming kan as vrywillig beskou word slegs as datasubjekte 'n vrye keuse het en later hul toestemming sonder nadeel kan terugtrek.<sup>39</sup> Daarom kan die toestemming nie deur dwang, misleiding of druk verkry word nie.<sup>40</sup> Soos vasgestel in aanhef 43 van die Algemene Regulasie oor Databeskerming, waar daar 'n magswanbalans tussen die datasubjek en die verantwoordelike party is, sal dit onwaarskynlik wees dat die toestemming vryelik (of vrywillig) gegee word. Verder moet die toestemming nie



saam met bepalinge en voorwaardes gebundel word nie, wat beteken dat die datasubjek die vryheid moet kan behou om toestemming te weerhou, maar steeds die bepalinge en voorwaardes kan aanvaar.<sup>41</sup>

Bepaaldheid vereis dat toestemming verband moet hou met 'n spesifieke en duidelik gedefinieerde doel. Artikel 13 se oogmerkspesifikasievoorwaarde versterk hierdie vereiste.<sup>42</sup> Omvattende toestemming wat alle doeleindes dek waarvoor persoonlike inligting geprosesseer sou word, sou te vaag wees om geldig te wees.<sup>43</sup> Soos bepaal deur die Europese Databeskermingsraad, moet toestemming “granulêr” wees.<sup>44</sup>

Ingeligte toestemming vereis dat datasubjekte moet verstaan waartoe hulle instem. Die toestemming moet so geformuleer wees dat die datasubjek in 'n posisie geplaas word om 'n ingeligte besluit te neem.<sup>45</sup> Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se openheidsvoorwaarde, in artikels 17 en 18 voorsien, is bedoel om dit te ondersteun deur van verantwoordelike partye te vereis om datasubjekte van sleutelinligting in kennis te stel. Dit sluit in: die identiteit van die verantwoordelike party, die inligting wat versamel word en die oogmerk van sodanige versameling, die gevolge van 'n versuim om die inligting te verskaf, en of die inligting aan 'n derde party oorgedra sal word.<sup>46</sup> Anders as die Algemene Regulasie oor Databeskerming, vereis die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting nie dat hierdie inligting in eenvoudige taal verskaf word nie. Daar is egter aangevoer dat die standaard wat in die Suid-Afrikaanse Verbruikersbeskermingswet 68 van 2008 gestel is, insiggewend is.<sup>47</sup> Dit bepaal dat die vervaardiger van 'n kennisgewing wat vereis word ingevolge die Verbruikersbeskermingswet of enige ander wet – soos die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting – die kennisgewing in eenvoudige taal moet verskaf.<sup>48</sup> In hierdie verband sou inligting aan hierdie vereiste voldoen indien “dit redelik is om af te lei dat [van] 'n gewone verbruiker van die klas persone vir wie die [inligting] bedoel is, met gemiddelde geletterdheidsvaardighede en minimale ervaring as verbruiker van die relevante goedere of dienste, verwag kan word om die inhoud, betekenis en belangrikheid van die [inligting] sonder onnodige moeite te verstaan”.<sup>49</sup> Alhoewel hierdie standaard in navorsing vasgestel is, is dit nog nie in 'n geregshof getoets nie; dus, soos dit tans staan, kan verantwoordelike partye formeel daaraan voldoen terwyl hulle steeds digte, ontoeganklike blootleggings verskaf.

Laastens beteken die vereiste van 'n wilsuitdrukking dat toestemming deur 'n bevestigende handeling aangedui moet word. Alhoewel die Wet nie uitdruklik “opt out” of geïmpliseerde toestemmingsmeganismes verbied nie, toon artikel 69, wat op direkte bemarking betrekking het, dat die Wet “opt in” as die verstek in ten minste sommige kontekste beskou. Daar kan aangevoer word dat hierdie meer toegeeflike benadering tot geïmpliseerde toestemming van die Databeskermingsriglyn geërf is. Daar word wel aangevoer dat die oorwegings wat van toepassing is op die Algemene Regulasie oor Databeskerming se “duidelike bevestigende handeling”, toegepas moet word by die interpretasie van hierdie element. Toestemming kan nie by verstek, stilte of onaktiwiteit gegee word nie,<sup>50</sup> en die handeling om toestemming te gee moet verskil van ander handelinge, soos om die bepalinge van 'n kontrak te aanvaar.<sup>51</sup>

Alhoewel die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting nie toestemming as die standaardgrondslag vir regmatige prosessering beskou nie, identifiseer die Wet wel spesifieke kontekste waarin toestemming óf vereis, óf verkies word. Direkte bemarking is die duidelikste voorbeeld: Artikel 69 neem 'n “opt in”-model aan, wat direkte bemarking deur middel van ongeoorloofde elektroniese kommunikasie toelaat slegs waar die datasubjek in die voorgeskrewe vorm vooraf toestemming gegee het.<sup>52</sup> Dit volg die logika wat onder die Databeskermingsriglyn toegepas

was, naamlik dat bemerking 'n verhoogde risiko van indringing en manipulasie inhou en dat individuele keuse as 'n beskermende drempel moet funksioneer.<sup>53</sup>

Net so heg die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting groter waarde aan toestemming wanneer dit handel oor spesiale persoonlike inligting (artikels 26 tot 33) en persoonlike inligting van kinders (artikels 34 en 35). In hierdie areas word toestemming nie net as 'n regsgrondslag beskou nie, maar beklemtoon dit ook die idee dat sekere kategorieë inligtingwaardigheid, diskriminasierisiko of ongelyke magsverhoudings in so 'n mate raak dat dit verhoogde individuele beheer regverdig. Hierdie gebiede van toestemmingsgebaseerde beskerming illustreer die breër teoretiese aanname dat individuele agentskap, uitgeoefen deur toestemming, inligtingsprosesseringsrisiko's betekenisvol kan versag. Dit beklemtoon ook die spanning in die kern van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se toestemmingsmodel: Die kontekste waarin die Wet die sterkste op toestemming steun, is juis dié waar betekenisvolle keuse in die praktyk die minste haalbaar is.

In die geheel beskou, is die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se definisie van toestemming konseptueel kragtig, maar in die praktyk kan dit operasioneel beperk wees. Dit is gegrond op 'n regsraamwerk wat stabiele en verstaanbare verhoudings tussen datasubjekte en verantwoordelike partye veronderstel. Soos daar in die volgende afdelings aangetoon word, word hierdie aanname onder druk geplaas deur die kognitiewe en gedragssomstandighede waaronder individue met toestemmingsmeganismes omgaan, asook die breër strukturele realiteite van die Suid-Afrikaanse sosiotegniese omgewing.

### **3. Kognitiewe en gedragbeperkings op toestemming**

Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se toestemmingsraamwerk berus op die uitgangspunt dat individuele datasubjekte in staat is om betekenisvolle, outonome besluite te neem oor die prosessering van hul persoonlike inligting. Die statutêre definisie vereis dat toestemming 'n vrywillige, bepaalde en ingeligte wilsuitdrukking moet wees. Implisiet in hierdie vereistes is 'n model van die datasubjek as 'n rasonale en aandagtige besluitnemer wat in staat is om met inligting om te gaan, gevolge te evalueer en werklike keuses uit te oefen. 'n Beduidende korpus van navorsing toon egter dat individue tipies nie op hierdie beraadslagende wyse met toestemmingsmeganismes omgaan nie. In plaas daarvan word besluitneming in digitale omgewings gevorm deur kognitiewe kortpaaie, besluitnemingsafmattig, verstekinstellings en gewoontegedrag. Hierdie gedragdinamika gee nie bloot aanleiding tot die mislukking van toestemming in sekere gevalle nie, maar ondermyn sistematies die voorwaardes wat nodig is vir toestemming om as 'n doeltreffende meganisme van individuele beheer te funksioneer.

#### ***3.1 Kognitiewe beperkings op ingeligte en bepaalde toestemming***

Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se vereiste dat toestemming "ingelig" moet wees, weerspieël die beginsel dat individue die aard en implikasies van die prosessering waartoe hulle instem, moet verstaan. Hierdie vereiste gee regsuitdrukking aan die idee dat individue betekenisvolle beheer oor hul persoonlike inligting kan uitoefen deur 'n bewuste en doelbewuste keuse. Hierdie uitgangspunt veronderstel egter dat individue in staat is om met inligting om te gaan op 'n wyse wat oplettend, evaluerend en vooruitstrewend is. In die praktyk

vind besluitneming in digitale omgewings plaas onder toestande van begrensde rasionaliteit,<sup>54</sup> waar individue komplekse inligtingsomgewings met beperkte tyd, aandag en kognitiewe hulpbronne moet navigeer.<sup>55</sup>

Die inligtingskompleksiteit van moderne dataprozessering oortref dit wat individue redelikerwys kan begryp. Privaatheidskennisgewings beskryf dikwels tegniese en abstrakte praktyke, soos dataversameling, outomatiese besluitneming, sekondêre gebruike en oordragte oor landsgrense, waarvan die implikasies selfs vir kundige gebruikers moeilik is om te beoordeel. Die toekomstige gebruike en gevolge van persoonlike inligting is dikwels onbepaald ten tyde van versameling, wat betekenisvolle toestemmingsevaluering verder bemoeilik. Alhoewel die Wet vereis dat individue ingelig moet word oor die oogmerk en omvang van die prosessering,<sup>56</sup> verseker die formele bepalinge van inligting nie die praktiese verstaanbaarheid daarvan nie. As gevolg hiervan kan die regsgeldigheid van toestemming deur openbaarmaking verseker word, selfs wanneer individue nie 'n betekenisvolle begrip het van dit waarop hulle ooreengekom het nie. Die aanname dat openbaarmaking alleen inligtingsbeheer moontlik maak, berus daarom op 'n geïdealiseerde model van begrip wat nie die realiteite van digitale interaksie weerspieël nie.

In die lig van hierdie inligtingsvereistes vertrou individue op kognitiewe kortpaaie, of heuristieke, om besluite doeltreffend te neem. In plaas daarvan om die inhoud van inligtingsprosesseringspraktyke sorgvuldig te evalueer, lei individue dikwels betroubaarheid af uit kontekstuele leidrade soos handelsmerkvertroudheid, institusionele legitimititeit of wydverspreide gebruik.<sup>57</sup> Die heuristieke is nie irrasioneel nie; dit is noodsaaklike strategieë wat individue toelaat om te funksioneer in omgewings wat gekenmerk word deur inligtingsoorlading. Dit beteken egter ook dat toestemmingsbesluite dikwels gevorm word deur oënskynlike vertroue en vertroudheid eerder as deur 'n wesenlike beoordeling van prosesseringspraktyke. In hierdie kontekste weerspieël die daad van toestemming 'n algemene ingesteldheid teenoor die diens of instelling, eerder as 'n bepaalde en ingeligte ooreenkoms oor bepaalde vorme van inligtingsprosessering.<sup>58</sup>

Hierdie kognitiewe dinamika het direkte implikasies vir die waardes van outonomie en inligtingsselfbeskikking wat die inligtingsbeskermingsreg onderlê. Outonomie veronderstel die vermoë om besluite te neem gebaseer op 'n begrip van relevante inligting, terwyl inligtingsselfbeskikking berus op die vermoë om te beheer hoe persoonlike inligting ingesamel en gebruik word. Waar individue nie 'n praktiese begrip van inligtingspraktyke het nie, of op heuristieke staatmaak eerder as oorweging, word hul vermoë om betekenisvolle toestemming uit te oefen, verminder.<sup>59</sup> Toestemming kan as 'n formele aanduiding van instemming funksioneer sonder om die substantiewe outonomie te verseker wat dit bedoel is om te beskerm. Op hierdie wyse verswak die kognitiewe beperkings, wat inherent is aan digitale besluitnemingsomgewings, die verband tussen toestemming en die grondwetlike waardes van waardigheid, outonomie en selfbeskikking waarop Suid-Afrika se inligtingsbeskermingsraamwerk berus.

Hierdie beperkings word verder vererger deur die herhaling waarmee individue in digitale omgewings toestemming moet gee. Herhaalde blootstelling aan toestemmingsversoeke veroorsaak die toestand, alreeds vroeër genoem, wat beskryf word as “toestemmingsafmatting”, waar individue van toestemmingsmeganismes onttrek weens hul alomteenwoordigheid en skynbare onvermydelikheid.<sup>60</sup> Onder sulke omstandighede word toestemming geroetineer eerder as beraadslagend, en funksioneer dit as 'n prosedurele stap wat nodig is om toegang tot 'n diens te kry, eerder as 'n betekenisvolle uitoefening van keuse. Hierdie gedragaanpassing weerspieël die praktiese onmoontlikheid van volgehoue, aandagtige betrokkenheid by die volume

en kompleksiteit van toestemmingsinteraksies wat in die hedendaagse digitale lewe ervaar word.

### ***3.2 Gedragsbeperkings op vrywillige toestemming***

Benewens kognitiewe beperkings, ondermyn gedragsdinamika verder die aanname dat toestemming onder die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 'n vrywillige wilsuitdrukking weerspieël. Die Wet vereis dat toestemming vrywillig gegee word. Dit impliseer dat individue dataprozessering moet kan aanvaar of weier sonder dwang, manipulasie of onnodige druk. Hierdie vereiste weerspieël die reg se verbintenis daartoe om individuele outonomie en waardigheid te respekteer deur te verseker dat individue werklike beheer behou oor besluite rakende hul persoonlike inligting. Gedragsnavorsing toon egter dat besluitneming hoogs vatbaar is vir kontekstuele invloede, insluitend verstekinstellings en koppelvlakontwerp, wat uitkomst kan vorm sonder om 'n formele keuse te beperk.<sup>61</sup> Hierdie invloede skakel keuse nie heeltemal uit nie, maar lei individue sistematies na spesifieke besluite op maniere wat die vrywilligheid en legitemiteit van toestemming verswak.

Een van die belangrikste gedragsinvloede spruit uit die krag van verstekinstellings. Individue is geneig om vooraf gekose opsies te aanvaar, nie omdat hulle dit bewustelik geëvalueer en goedgekeur het nie, maar omdat die verandering van standaardinstellings moeite, aandag en selfvertroue verg. Hierdie verskynsel, wat dikwels die “status quo-vooroordeel” genoem word, weerspieël 'n algemene neiging om die weg van die minste weerstand te kies in omstandighede van onsekerheid of kompleksiteit.<sup>62</sup> In digitale omgewings laat verstekinstellings dikwels uitgebreide inligtingsinsameling en -deel toe, wat beteken dat individue kan “aanvaar” bloot deur nie vooraf ingestelde opsies te verander nie. Alhoewel individue die formele vermoë behou om toestemming te weier of te wysig, maak die struktuur van die besluitnemingsomgewing aanvaarding die waarskynlikste uitkoms. In sodanige gevalle weerspieël toestemming gedragstraagheid eerder as 'n doelbewuste en outonome uitoefening van inligtingselfbeskikking.

Die ontwerp van digitale koppelvlakke vorm toestemmingsbesluite verder deur wat dikwels as “keuse-argitektuur” beskryf word.<sup>63</sup> Toestemmingsversoeke word tipies aangebied op maniere wat aanvaarding aanmoedig, soos deur prominente “aanvaar alles”-knoppies, gefragmenteerde openbaarmaking, of herhaalde aanwysings wat toegang tot verlangde dienste onderbreek. Hierdie ontwerpskenmerke verwyder nie noodwendig die opsie om toestemming te weier nie, maar verhoog die kognitiewe en praktiese inspanning wat nodig is om dit te doen. Met verloop van tyd leer individue dat weiering ongerieflik, tydrowend of ontwrigtend is, terwyl aanvaarding seepgladde toegang tot digitale dienste moontlik maak. Dit skep 'n omgewing waarin toestemming die standaard gedragsreaksie word, nie omdat individue inligtingsprosesseringspraktyke duidelik goedgekeur het nie, maar omdat aanvaarding die maklikste en doeltreffendste uitweg bied.<sup>64</sup> Die gevolglike toestemming kan dus nie maklik as heeltemal vrywillig gekarakteriseer word nie, selfs al voldoen dit aan die formele regsvereistes.

Saam met die kognitiewe beperkings hier bo bespreek, dui hierdie gedragsbeperkings daarop dat toestemming nie die volle normatiewe gewig kan dra wat daaraan toegeken word binne die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se regulatoriese raamwerk nie. Ofskoon toestemming steeds 'n belangrike meganisme is om individuele agentskap te erken, word die doeltreffendheid daarvan as 'n hulpmiddel om outonomie, waardigheid en inligtingselfbeskikking te beskerm, aansienlik verswak deur die gedragsrealiteite van digitale besluitneming.

#### 4. Strukturele beperkings op toestemming in die Suid-Afrikaanse konteks

Toestemming funksioneer as 'n effektiewe waarborg slegs as sekere teoretiese aannames geld, naamlik dat individue kan verstaan wat met hul persoonlike inligting gedoen word, dat hulle betekenisvolle alternatiewe het, en dat die besluit om prosessering te aanvaar of te weier werklike agentskap eerder as strukturele druk weerspieël. Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting erf hierdie aannames van die breër liberaal-individualistiese tradisie van databeskerming, wat toestemming sien as 'n meganisme waardeur outonome subjekte beheer oor persoonlike inligting uitoefen.<sup>65</sup> Hierdie model veronderstel egter relatief simmetriese mag, duidelike en deursigtige inligtingsvloei, en kontekste waarin die weerhouding van toestemming 'n realistiese opsie is. In die Suid-Afrikaanse sosiotegniese omgewing is dit selde die geval. In plaas daarvan skep diep sosio-ekonomiese ongelykheid, ongelyke digitale geletterdheid, platformafhanklikheid en groeiende staatsdatafikasie omgewings waarin die formele elemente van toestemming – vrywilligheid, bepaaldheid, ingeligte besluitneming en wilsuitdrukking – sistematies belemmer word.

Voortdurende digitale ongelykheid in Suid-Afrika ondermyn wesenlik die vrywilligheid en ingeligtheid wat 'n toestemmingsmodel veronderstel. Konnektiwiteit het eksponensieel gegroei oor die afgelope paar jaar. In 2025 is berig dat sowat 79,6% van die bevolking 'n vorm van internettoegang het,<sup>66</sup> maar dit weerspieël nie die voortdurende ongelykhede in toegang en kapasiteit nie. Alhoewel baie huishoudings nou minstens een lid met ten minste 'n vorm van internettoegang het, het slegs 'n klein fraksie van huishoudings vastelyn- of tuisinternet-verbinding, met mobiele internet verreweg die dominante toegangswyse.<sup>67</sup> Verder bly die digitale kloof vir 'n beduidende minderheid werklik en blywend. Ongeveer 21% van die bevolking – ongeveer 13,6 miljoen mense – is ongekoppeld.<sup>68</sup> Selfs onder diegene wat gekoppel is, verskil kwaliteit skerp. Ongeveer 'n derde van gebruikers is hoofsaaklik afhanklik van mobiele data, wat steeds onbetaalbaar duur is volgens wêreldwye standaarde.<sup>69</sup> Dit beperk die tyd wat mense kan spandeer om platforms te navigeer of privaatheidskennisgewings te lees. Hierdie ongelykhede word direk op sosio-ekonomiese lynstrukture weerspieël, met lae-inkomste-, landelike en informele-nedersetting-gebruikers wat ongelyk in bandbreedtebeperkte, hoëkostedigitale omgewings funksioneer.<sup>70</sup> In sulke omstandighede is die gedagte dat individue vryelik die bepaling van inligtingsprosessering kan oorweeg en beding, grootliks fiktief.

Gepaardgaande met beperkte opvoeding of digitalevaardigheidstekorte in baie gemeenskappe is die “ingeligte” element van toestemming op sy beste broos. Verskeie studies oor die aanvaarding van inligting-en-kommunikasie-tegnologie (IKT) in landelike of lae-inkomste-Afrikakontekste, insluitend Suid-Afrika, beklemtoon koste, beperkte toestelbeskikbaarheid, gebrek aan digitale-geletterdheidsopleiding en institusionele verwaarlosing as sleutelhindernisse vir effektiewe digitale burgerskap.<sup>71</sup> Wanneer die inligtingsvoorwaardes vir outonome keuse afwesig is, funksioneer toestemming minder as 'n waarborg en meer as 'n prosedurele fiksie wat inligtings-inwinning regverdig. Hierdie realiteite maak die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se afhanklikheid van individuele toestemming struktureel wansporig met die werklike digitale konteks van 'n groot deel van Suid-Afrika se bevolking.

Hierdie strukturele ongelykhede word vererger deur die feit dat deelname aan die digitale lewe vir baie Suid-Afrikaners nie meer opsioneel is nie. Namate kern- sosiale en ekonomiese funksies aanlyn migreer, raak individue toenemend afhanklik van 'n klein aantal private, hoofsaaklik buitelandse, platforms om toegang tot inligting, werkseleenthede, kommunikasie-instrumente, regeringsdienste en finansiële produkte te verkry.<sup>72</sup> Toepassings soos WhatsApp het die primêre



kommunikasiemiddel geword,<sup>73</sup> terwyl platforms soos Facebook, LinkedIn en aanlyn werwings-portale vir die werksoekende jeug onontbeerlik geword het.<sup>74</sup> Toegang tot hierdie ruimtes word toenemend 'n voorvereiste vir betekenisvolle digitale burgerskap.<sup>75</sup>

Hierdie platformafhanklikheid skep 'n magswanbalans wat toestemming formeel beskikbaar, dog inhoudelik leeg maak. Wanneer platforms noodsaaklike toegangspunte tot sosiale deelname is, is weiering van toestemming prakties onmoontlik.<sup>76</sup> Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting erken dat toestemming nie die enigste regsbasis vir prosessering is nie, en in baie noodsaaklike-diens-kontekste is ander gronde, soos noodsaaklikheid vir dienslewering of nakoming van regsverpligtinge, meer toepaslik. Tog word toestemming in die praktyk steeds as die standaardgrondslag vir prosessering beskou, selfs wanneer die voorwaardes vir geldige toestemming afwesig is. Dit skep die indruk dat individue hulself kan beskerm deur bloot in te stem of te weier, terwyl die meeste gebruikers in werklikheid min invloed het en noodsaaklike platforms nie kan gebruik sonder om omvattende inligtingspraktyke te aanvaar nie.<sup>77</sup> In 'n konteks gevorm deur wêreldwye platformdominansie – dikwels verstaan binne die breër kritiek op digitale kolonialisme<sup>78</sup> – staar Suid-Afrikaanse gebruikers 'n struktureel dwingende omgewing in die gesig waarin toestemming minder as 'n ware uitoefening van outonomie, maar meer as 'n formele vereiste funksioneer, wat die gebrek aan werklike keuse verberg. Dit is nodig om verder as toestemming as 'n sentrale organiseringsbeginsel te beweeg ten einde die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se inligtingsbeheermodel in ooreenstemming te bring met die omstandighede van die hedendaagse digitale lewe.

'n Ander belangrike faset wat bydra tot die ineenstorting van toestemming, is die bestendige uitbreiding van staatsgedrewe datafisering en die verwewing van openbare en private stelsels van identiteit, welsyn en kontrolering. In Suid-Afrika het die uitrol van biometriese verifikasie-stelsels in 2025 skerp versnel: Die Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekerheidsagentskap (SASSA) het onlangs gesigs- en vingerafdruk- biometriese registrasie verpligtend gemaak vir alle nuwe maatskaplike-toelae-aansoekers en bestaande begunstigdes wat hersien word.<sup>79</sup> Verder het die Departement van Binnelandse Sake 'n opgradering van sy nasionale digitale verifikasiestelsel voltooi, wat nou nie net staatsdepartemente nie, maar ook privaatsektorinstansies, soos banke en versekeringsmaatskappye, in staat stel om identiteite teen die Nasionale Bevolkingsregister te verifieer met behulp van biometriese inligting.<sup>80</sup>

Hierdie ontwikkelings weerspieël 'n breër verskuiwing: Openbare dienste, welsynsverspreiding, finansiële insluiting en selfs private kontrakte is nou gereeld afhanklik van biometriese-identifikasie- en digitale-verifikasie-platforms. Waar 'n identiteitsdokument of handmatige verifikasie in die verlede voldoende was, mag toegang tot maatskaplike toelaes, die bankwese, of selfs sekere nutsdienste nou biometriese verifikasie vereis. In werklikheid word inligtings-oorgawe 'n voorvereiste vir burgerlike deelname.

In hierdie konteks word toestemming as regverdiging vir die prosessering van persoonlike inligting diep problematies. Omdat datasubjekte realisties nie kan onttrek sonder om toegang tot noodsaaklike dienste prys te gee nie, stort die vrywilligheid wat ingevolge die Wet vereis word, in mekaar. Alhoewel die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting meer geskikte alternatiewe gronde vir regsgeldige prosessering bied (soos 'n regsverpligting of noodsaaklikheid vir die behoorlike uitvoering van 'n openbare regspelig), verdoesel die normatiewe en diskursiewe oorheersing van toestemming dikwels hierdie meer geskikte regverdiging in openbare-diens-kontekste.



Tesame demonstreer hierdie strukturele omstandighede – diep digitale ongelykheid en ongelyke digitale geletterdheid, wydverspreide platformafhanklikheid en die versnellende datafikasie van staats- en publieke-private infrastruktuur – hoe die kernelemente van toestemming onder die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting in die praktyk ondermyn word. Toestemming veronderstel vrywilligheid, ingeligte begrip, asook die vermoë om betekenisvol te kan weier. Tog is dit vir talle Suid-Afrikaners prakties onmoontlik om toestemming te weier (waar digitale platforms toegangspunte tot sosiale en ekonomiese deelname is), of regtens irrelevant (waar staatstelsels inligtingsoorgawe as 'n voorvereiste vir toegang tot noodsaaklike dienste vereis). Tschider voer aan dat toestemming dikwels as 'n vorm van risiko-aanvaarding funksioneer: Individue word geposisioneer asof hulle ingestem het om die gevolge van inligtingspraktyke, wat hulle nie kan onderhandel, verstaan of vermy nie, te aanvaar.<sup>81</sup> Hierdie dinamiek word versterk in struktureel ongelyke digitale omgewings waar beheer oor inligtingsinfrastrukture in magtige staats- en korporatiewe akteurs gekonsentreer is.

Hierdie realiteite beklemtoon 'n sentrale argument van hierdie artikel: Inligtingsbeskermings-reg kan nie verstaan of toegepas word in abstraksie van die sosiotegniese omstandighede waarin dit funksioneer nie. In die Suid-Afrikaanse konteks kan toestemming nie betroubaar as 'n primêre waarborg dien nie. 'n Reguleringsmodel wat gegrond is op formele opvattinge van outonomie moet heroorweeg word in die lig van die strukturele beperkings wat mense se werklike keuses vorm.

## 5. Herbesinning van inligtingsbeskerming bo en behalwe toestemming

Die ontleding hier bo bewys dat die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se afhanklikheid van toestemming konseptueel kragtig, maar prakties broos is. Die Wet stel 'n regulatoriese omgewing voor waarin datasubjekte inligtingspraktyke kan verstaan, risiko's kan evalueer en betekenisvol 'n outonome keuse kan uitdruk. Hierdie aanname word egter ondermyn deur goed gedokumenteerde kognitiewe en gedragsbeperkings wat bepaal hoe individue werklik met toestemmingsprosesse omgaan. Individue vertrou op heuristieke om komplekse digitale omgewings te navigeer en is onderworpe aan standaardvooordeel- en keuse-argitektuur wat daartoe aanleiding gee dat toestemming geroetineer en outomaties word, eerder as beraadslagend en doelgerig. Hierdie kognitiewe beperkings werk saam met, en word versterk deur, die strukturele omgewing wat Suid-Afrika se digitale ekosisteem definieer. Diep digitale ongelykheid, ongelyke digitale geletterdheid, platformafhanklikheid en die staat se groeiende datafikasie van openbare dienste werk almal om die infrastruktuur waardeur persoonlike inligting geprosesseer word, te verdoesel. Hierdie toestande maak nie net toestemming moeiliker om uit te oefen nie, maar ondermyn die presiese voorwaardes wat geldige toestemming moontlik sou maak.

Toestemming word dikwels as die standaard regverdiging vir die prosessering van persoonlike inligting beskou, maar die praktiese rol daarvan het verskuif: van die beskerming van outonomie na die verskaffing van institusionele dekking vir ondeursigtige, grootskaalse stelsels wat individue nie kan ondersoek nie. Gevolglik vra die regulatoriese raamwerk herhaaldelik dat datasubjekte verantwoordelikheid dra vir keuses wat hulle struktureel nie kan uitoefen nie. Dit is binne hierdie gaping waar die probleem van aanspreeklikheid ontstaan.

Alhoewel die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 'n omvattende stel organisatoriese pligte bevat wat gewortel is in die beginsels van verantwoordingspligtigheid,<sup>82</sup> veiligheidsvoorsorgmaatreëls<sup>83</sup> en deelname deur datasubjekte,<sup>84</sup> hang die doeltreffendheid van hierdie meganismes af van sterk institusionele toesig en betekenisvolle deursigtigheid. In die praktyk word Suid-Afrika se inligtingsbestuurslandskap gekenmerk deur voortdurende aanspreeklikheidsgapings wat hierdie statutêre verpligtinge ondermyn. Die feit dat die Inligtingsreguleerder onderbefonds en oorlaai bly, gee aanleiding tot vertraagde ondersoeke, beperkte proaktiewe monitering en die langsame ontwikkeling van afdwingingsnorme.<sup>85</sup> Terselfdertyd funksioneer sowel openbare as private liggame binne komplekse en dikwels ondeursigtige inligtingsekosisteme waarin inligting deur verskeie partye, verskaffers en infrastrukture vloei met minimale eksterne sekuriteit. Vir gewone datasubjekte maak hierdie ondeursigtigheid dit byna onmoontlik om vas te stel hoe hul inligting gebruik of misbruik word, wat ex post-regte soos toegang tot inligting,<sup>86</sup> beswaar<sup>87</sup> en regstelling<sup>88</sup> grootliks simbolies maak.

Hierdie strukturele swakhede ondermyn direk die grondslag waarop toestemming veronderstel is om te funksioneer. Toestemming veronderstel dat datasubjekte ingeligte keuses en hul regte effektief kan uitoefen en op instellings kan staatmaak om regspligte na te kom wanneer dinge skeefloop.<sup>89</sup> Indien toesig egter swak is en datapraktyke verborge bly, plaas die reg die verantwoordelikheid op datasubjekte, terwyl dit min praktiese vermoë aan hulle bied om prosessering te monitor of te betwis. Die resultaat is 'n diepgaande onsamehangendheid tussen die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se formele argitektuur en sy beleefde werklikheid: 'n regulatoriese omgewing waar toestemming meer as 'n regsifiksie, eerder as 'n substantiewe waarborg, funksioneer. Om toestemming deur hierdie lens te herevalueer beklemtoon die noodsaaklikheid om dit te herposisioneer as 'n sekondêre, of uitsonderlike, grondslag vir prosessering, gereserveer vir kontekste waarin datasubjekte werklik betekenisvolle keuses kan uitoefen.

As toestemming struktureel ongeskik is vir baie Suid-Afrikaanse kontekste, moet die swaartepunt in die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting verskuif na die gronde vir regmatige prosessering wat reeds beter weerspieël hoe persoonlike inligting gebruik word: prosessering wat nodig is vir die afsluiting of uitvoering van 'n kontrak, vir nakoming van 'n regsverpligting, om 'n regmatige belang van die datasubjek te beskerm, of om openbare funksies na te streef. Hierdie grondslae erken die feit dat inligting in noodsaaklike dienste, platforminfrastrukture en staatsisteme ingebed is.

Die versterking van alternatiewe regsgronde vereis egter 'n ooreenstemmende verbetering van die Wet se afdwingingsargitektuur. Sonder doeltreffende toesig kan verantwoordelike partye hierdie grondslae ruim interpreteer, wat die beginselgebaseerde etos van die Wet ondermyn. Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting bevat reeds sterk aanspreeklikheidsmeganismes op papier. Die probleem is nie leerstellige afwesigheid nie, maar institusionele swaakteit. Die Inligtingsreguleerder het herhaaldelik ernstige hulpbron- en kapasiteitsbeperkings uitgelig wat dit nie in staat stel om nakoming op groot skaal te monitor, betyds op skendings te reageer, of sistemiese ondersoeke te doen nie. 'n Bestuursmodel wat minder klem op toestemming plaas, moet dus fokus op die praktiese uitvoering van die Wet se bestaande meganismes sodat institusionele verantwoordelikheid, eerder as individuele toestemming, die ruggraat van inligtingsbeskerming word.

## 6. Gevolgtrekking

In hierdie artikel is daar aangevoer dat hoewel die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting se toestemmingsraamwerk leerstellig gegrond is op die grondwetlike waardes van outonomie, waardigheid en selfbeskikking, die praktiese werking daarvan beperk word deur sowel kognitiewe realiteite as strukturele omstandighede binne Suid-Afrika se digitale omgewing. Kognitiewe en gedragbeperkings soos heuristieke en begrensde rasionaliteit, gekombineer met strukturele faktore soos digitale ongelykheid, platformafhanklikheid en uitbreidende stelsels van staats- en privaat datafikasie, ondermyn egter die voorwaardes wat nodig is vir toestemming om as 'n effektiewe meganisme te funksioneer om inligtingsprosessering te regverdig.

Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting bevat reeds 'n ryker aanspreeklikheidsraamwerk, gegrond op beginsels soos regmatigheid, oogmerkspesifikasie, minimaliteit en veiligheidsvoorsorgmaatreëls, wat die primêre verantwoordelikheid op verantwoordelike partye plaas, eerder as op datasubjekte. Die sentrale uitdaging is nie die afwesigheid van regsmeganismes nie, maar hul beperkte praktiese effek by ontstentenis van kragtige institusionele handhawing. Die versterking van die kapasiteit van die Inligtingsreguleerder, asook van strukturele aanspreeklikheidsmeganismes, sal Suid-Afrika se inligtingsbeskermingsregime beter belyn met sy grondwetlike grondslag. Om toestemming te herposisioneer as 'n aanvullende waarborg, eerder as die primêre meganisme vir beskerming, bied 'n meer realistiese en geregtighedsgeoriënteerde grondslag vir inligtingsbeskerming in die Suid-Afrikaanse digitale omgewing.

## Bibliografie

- Bauer, J.M., R. Bergstrøm en R. Foss-Madsen. 2021. Are you sure, you want a cookie? – The effects of choice architecture on users' decisions about sharing private online data. *Computers in Human Behavior*, 210:106729.
- Benyera, E. 2021. *The Fourth Industrial Revolution and the recolonisation of Africa*. Oxtun: Routledge.
- Carolan, E. 2016. The continuing problems with online consent under the EU's emerging data protection principles. *Computer Law and Security Review*, 32(3):462–73.
- Chaka, C. 2022. Digital marginalization, data marginalization, and algorithmic exclusions: a critical southern decolonial approach to datafication, algorithms, and digital citizenship from the Souths. *Journal of E-Learning and Knowledge Society*, 18(3):83–95.
- Chinembiri, T. 2020. Despite reduction in mobile data tariffs, data still expensive in South Africa (Policy Brief No. 2). *Research ICT Africa*. <https://researchictafrica.net/research/despite-reduction-in-mobile-data-tariffs-data-is-still-expensive-in-south-africa> (23 Julie 2026 geraadpleeg).

Chitimira, H., K. Motlogeloa en P. Magau. 2023. A legal analysis of the regulation of information and communications technologies to promote digital inclusion for the poor and low-income earners in South Africa. *Perspectives of Law and Public Administration*, 12(4):563–74.

Cinnamon, J. 2019. Attack the data: Agency, power, and technopolitics in South African data activism. *Annals of the American Association of Geographers*, 110(3):623–39.

Coleman, D. 2019. Digital colonialism: The 21st century scramble for Africa through the extraction and control of user data and the limitations of data protection laws. *Michigan Journal of Race and Law*, 24(1):417–39.

Custers, B., S. Van der Hof, B. Schermer, S. Appleby-Arnold en N. Brockdorff. 2013. Informed consent in social media use – The gap between user expectations and EU personal data protection law. *SCRIPTed: Journal of Law, Technology and Society*, 10(3):435–57.

Datareportal. 2025. Digital 2026: South Africa. Datareportal. <https://datareportal.com/reports/digital-2026-south-africa> (23 Julie 2026 geraadpleeg).

De Carvalho, D.F., C.N. Nobre en H.T. Marques-Neto. 2022. Evaluating cognitive privacy heuristics that influence Facebook user data disclosure. *Journal of Internet Services and Applications*, 13(1):66–81.

De Freitas, M.V. 2025. *Digital sovereignty and data colonialism: Shaping a just digital order for the Global South*. Benguerir: Policy Center for the New South.

Desai, A. 2018. Cybercrime, cybersurveillance and state surveillance in South Africa. *Acta Criminologica: Southern African Journal of Criminology*, 31(3):149–60.

De Stadler, E., I.L. Hattingh, P. Esselaar en J. Boast. 2021. *Over-thinking the Protection of Personal Information Act*. Kaapstad: Juta & Kie.

Ditlhokwa, G. en V.E. Cann. 2024. Platform dependency in the big tech era: lessons from Australian Facebook blackout and Botswana implications. *Studies in Media and Communication*, 12(3):25–35.

Europese Databeskermingsraad. 2020. Guidelines 05/2020 on consent under Regulation 2016/679. *European Data Protection Board*. [https://www.edpb.europa.eu/documents/guideline/guidelines-052020-on-consent-under-regulation-2016679\\_en](https://www.edpb.europa.eu/documents/guideline/guidelines-052020-on-consent-under-regulation-2016679_en) (23 Julie 2026 geraadpleeg).

Europese Parlement en Raad. 1995. Directive 95/46/EC of the European Parliament and of the Council of 24 October 1995 on the protection of individuals with regard to the processing of personal data and on the free movement of such data. Official Journal L 281, 23/11/1995, ble. 31–50.

- Farronato, C., A. Fradkin en T. Lin. 2025. Designing consent: choice architecture and consumer welfare in data sharing. *Proceedings of the 26th ACM Conference on Economics and Computation*. <https://dl.acm.org/doi/10.1145/3736252.3742627> (23 Julie 2026 geraadpleeg).
- Froomkin, M.A. 2019. Big data: destroyer of informed consent. *Yale Journal of Law and Technology*, 21(3):27–54.
- Govender, D. 2019. POPI versus technology: Did you consent to your toothbrush spying on you? *Without Prejudice*, 19(11):26–7.
- Gutwirth, S., R. Leenes en P. de Hert (reds.). 2013. *Reloading data protection*. Dordrecht: Springer.
- Inligtingsreguleerder Suid-Afrika. 2025. Information Regulator Annual Performance Plan 2025/2026. *InfoRegulator*. <https://inforegulator.org.za/wp-content/uploads/2025/08/2025-2026-Annual-Performance-Plan.pdf>.
- Kahneman, D., J.L. Knetsch en R.H. Thaler. 1991. Anomalies: the endowment effect, loss aversion, and status quo bias. *Journal of Economic Perspectives*, 5(1):193–206.
- Korobkin, R. 2003. Bounded rationality, standard form contracts, and unconscionability. *University of Chicago Law Review*, 70(4):1203–96.
- Masur, P.K. 2020. How online privacy literacy supports self-data protection and self-determination in the age of information. *Media and Communication*, 8(2):258–69.
- Monteleone, S. 2015. Addressing the “failure” of informed consent in online data protection: Learning the lessons from behaviour-aware regulation. *Syracuse Journal of International Law and Commerce*, 43(1):69–120.
- Musoni, M. 2021. Challenges to POPIA compliance and enforcement. PPM Attorneys. <https://www.ppmattorneys.co.za/popia-compliance> (23 Julie 2026 geraadpleeg).
- Njotini, M.N. 2018. Preserving the integrity of medical-related information. How “informed” is consent? *Potchefstroom Electronic Law Journal*, 21(1):1–20.
- Nothias, T. 2025. An intellectual history of digital colonialism. *Journal of Communication*, 75(5):385–97.
- OESO (Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling). 1981. OECD guidelines governing the protection of privacy and transborder flows of personal data. [https://www.oecd.org/en/publications/2002/02/oecd-guidelines-on-the-protection-of-privacy-and-transborder-flows-of-personal-data\\_g1gh255f.html](https://www.oecd.org/en/publications/2002/02/oecd-guidelines-on-the-protection-of-privacy-and-transborder-flows-of-personal-data_g1gh255f.html) (23 Julie 2026 geraadpleeg).
- Raad van Europa. 1981. Convention for the protection of individuals with regard to automatic processing of personal data (ETS No. 108). [https://www.oas.org/es/sla/ddi/docs/proteccion\\_datos\\_personales\\_otros\\_documentos\\_UE\\_Convention\\_for\\_the\\_Protection.pdf](https://www.oas.org/es/sla/ddi/docs/proteccion_datos_personales_otros_documentos_UE_Convention_for_the_Protection.pdf).

Rhoen, M. 2016. Beyond consent: Improving data protection through consumer protection law. *International Policy Review*, 5(1):1–16.

Roos, A. 2020. The European Union's General Data Protection Regulation (GDPR) and its implications for South African data privacy law: an evaluation of selected "Content Principles". *Comparative and International Law Journal of Southern Africa*, 53(3):1–37.

—. 2023. Data protection principles under the GDPR and the POPI Act: a comparison. *Journal for Contemporary Roman-Dutch Law*, 86(1):1–26.

SARHK (Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie). 2009. Project 124 on Privacy and Data Protection. [https://www.justice.gov.za/salrc/reports/r\\_prj124\\_privacy%20and%20data%20protection2009.pdf](https://www.justice.gov.za/salrc/reports/r_prj124_privacy%20and%20data%20protection2009.pdf).

SASSA (Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekerheidsagentskap). 2025. SASSA to introduce biometric enrolment in September. [https://sassa.gov.za/documents/uploads/SASSA\\_to\\_Introduce\\_Biometric\\_Enrolment\\_in\\_September.pdf](https://sassa.gov.za/documents/uploads/SASSA_to_Introduce_Biometric_Enrolment_in_September.pdf).

Schermer, B.W., B. Custers en S. van der Hof. 2014. The crisis of consent: how stronger legal protection may lead to weaker consent in data protection. *Ethics and Information Technology*, 16(2):171–82.

Schultz, H. en W. Freedman. 2024. Plugins and POPI: a critical discussion into the legal implications of social plugins and the protection of personal information. *Potchefstroom Electronic Law Journal*, 27(1):1–32.

Sent, E.M. 2018. Rationality and bounded rationality: You can't have one without the other. *The European Journal of the History of Economic Thought*, 25(6):1370–86.

Statistiek SA. 2025. General Household Survey 2024. Statssa. <https://www.statssa.gov.za/publications/P0318/P03182024.pdf>.

Suid-Afrikaanse Regering. 2025. Home Affairs launches Operation New Broom and biometric verification to combat illegal immigration. South African Government Official Information and Services. <https://www.gov.za/news/media-statements/home-affairs-launches-operation-new-broom-and-biometric-verification-combat> (23 Julie 2026 geraadpleeg).

Thaldar, D., A. Edgcumbe en D.L. Donnelly. 2023. How to interpret core concepts in POPIA? Recommendations on the draft Code of Conduct for Research. *South African Journal of Science*, 119(7/8):1–4.

Tschider, C.A. 2021. Meaningful choice: a history of consent and alternatives to the consent myth. *North Carolina Journal of Law & Technology*, 22(4):617–80.

Van Ooijen, I. en H.U. Vrabec. 2019. Does the GDPR enhance consumer's control over personal data? An analysis from a behavioural perspective. *Journal of Consumer Policy*, 42(1):91–107.



Warner, R. en R. Sloan. 2013. Beyond notice and choice: privacy, norms, and consent. *Journal of High Technology Law*, 14:1–34.

Woldegiorgis, E.T. 2022. Mitigating the digital divide in the South African higher education system in the face of the COVID-19 pandemic. *Perspectives in Education*, 40(3):197–211.

Zanfir, G. 2013. Forgetting about consent. Why the focus should be on “suitable safeguards” in data protection law. In Gutwirth e.a. (reds.) 2013.

## Eindnotas

<sup>1</sup> De Stadler, Hattingh, Esselaar en Boast (2021:65); Govender (2019:27); Njotini (2018:3); Schultz en Freedman (2024:25–6).

<sup>2</sup> Alhoewel *datasubjekte* in die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting 2013 (WBPI) gedefinieer word om regspersone in te sluit, sal die fokus vir doeleindes van hierdie artikel op individuele natuurlike persone as datasubjekte wees.

<sup>3</sup> Chaka (2022:86–7); Chitimera, Motlogeloa en Magau (2023:568–70).

<sup>4</sup> Chaka (2022:85); Chitimera e.a. (2023:563).

<sup>5</sup> SASSA (2025).

<sup>6</sup> Desai (2018:156); Suid-Afrikaanse Regering (2025).

<sup>7</sup> Kaneel (2019:624); De Freitas (2025:3); Rhoen (2016:3–4).

<sup>8</sup> De Stadler e.a. (2021); Govender (2019:27); Njotini (2018:3); Roos (2020); Roos (2023); Thaldar, Edgcumbe en Donnelly (2023).

<sup>9</sup> Sien Froomkin (2019); Custers, Van der Hof, Schermer, Appleby-Arnold en Brockdorff (2013); Rhoen (2016); Monteleone (2015); Tschider (2021); Zanfir (2013).

<sup>10</sup> SARHK (2009).

<sup>11</sup> Artikel 14 lui: “Elkeen het die reg op privaatheid, waarby inbegrepe is die reg dat hul persoon of woning nie deursoek word nie; hul eiendom nie deursoek word nie; daar nie op hul besittings beslag gelê word nie; of daar nie op die privaatheid van hul kommunikasies inbreuk gemaak word nie.” Die aanhef tot die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting erken ook dat die reg op privaatheid ’n reg insluit op “beskerming teen die onregmatige insameling, behoud, verspreiding en gebruik van persoonlike inligting”. (SARHK 2009:16–26)

<sup>12</sup> “Preserving privacy fosters individual autonomy, dignity, self-determination, and ultimately promotes a more robust, participatory citizenry.” (SARHK 2009:16 nota 2)

<sup>13</sup> SARHK (2009:32).

<sup>14</sup> SARHK (2009:32).

<sup>15</sup> SARHK (2009:32–3).

<sup>16</sup> Die begrip *inligtingselfbeskikking* is afgelei van die Duitse reg soos bespreek in *Population Census Decision*, uitspraak van 15 Desember 1983, 1 BvR 209/83, BVerfGE 65, 1. Hierdie begrip het sentraal geword tot die Europese begrip van dataprivaatheid, en het as sodanig ook 'n invloed gehad op die Suid-Afrikaanse toepassing van die begrip.

<sup>17</sup> SARHK (2009:27–8).

<sup>18</sup> SARHK (2009:296).

<sup>19</sup> SARHK (2009:303–7).

<sup>20</sup> SARHK (2009:35).

<sup>21</sup> SARHK (2009:45–6).

<sup>22</sup> “In protecting a person’s personal information consideration should, therefore, also be given to competing interests such as the administering of national social programmes, maintaining law and order, and protecting the rights, freedoms and interests of others, including the commercial interests of industry sectors such as banking, insurance, direct marketing, health care, pharmaceuticals and travel services. The task of balancing these opposing interests is a delicate one.” (SARHK 2009:vii)

<sup>23</sup> “Privacy is therefore an important trade issue, as information privacy concerns can create a barrier to international trade. Considering the international trends and expectations, information privacy or data legislation will ensure South Africa’s future participation in the information market, if it is regarded as providing ‘adequate’ information protection by international standards.” (SARHK 2009:vii, 65)

<sup>24</sup> Raad van Europa (1981).

<sup>25</sup> OESO (1981).

<sup>26</sup> Europese Parlement en Raad (1995).

<sup>27</sup> Roos (2020:4); Tschider (2021:657).

<sup>28</sup> Regulasie (EU) 2016/679 van die Europese Parlement en van die Raad (Algemene Regulasie oor Databeskerming).

<sup>29</sup> De Stadler e.a. (2021:48); Roos (2023:3–4); Roos (2020:4).

<sup>30</sup> Inleiding tot die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (voortaan in hierdie eindnotas oral “WBPI”).

<sup>31</sup> Artikel 4(1) van die WBPI.

<sup>32</sup> Artikel 11(1) van die WBPI.

<sup>33</sup> De Stadler e.a. (2021:198); Roos (2023:8–9); Roos (2020:15–6).

<sup>34</sup> “The ‘notice’ is a presentation of terms. The ‘choice’ is an act signifying acceptance of the terms (typically using the site or clicking on an ‘I agree’ button).” (Warner en Sloan 2013:3)

<sup>35</sup> Artikel 1 van die WBPI.

<sup>36</sup> Artikel 2(h) van die Databeskerminingsriglyn.

<sup>37</sup> Artikel 4(11) van die Algemene Regulasie oor Databeskerming.

<sup>38</sup> De Stadler e.a. (2021:66–9); Roos (2023:3–4); Roos (2020:14–5).

<sup>39</sup> De Stadler e.a. (2021:6); Roos (2020:16–7); Thaldar e.a. (2023:1).

<sup>40</sup> De Stadler e.a. (2021:67); Europese Databeskerminingsraad (2020:7).

<sup>41</sup> De Stadler e.a. (2021:67); Europese Databeskerminingsraad (2020:10–1).

<sup>42</sup> Artikel 13(1) van die WBPI bepaal: “Persoonlike inligting moet vir ’n bepaalde, uitdruklik omskrewe en regmatige oogmerk wat verband hou met ’n werksaamheid of aktiwiteit van die verantwoordelike party ingesamel word.”

<sup>43</sup> De Stadler e.a. (2021:67); Europese Databeskerminingsraad (2020:12); Roos (2020:15).

<sup>44</sup> Europese Databeskerminingsraad (2020:14).

<sup>45</sup> De Stadler e.a. (2021:68).

<sup>46</sup> Artikel 18(1) van die WBPI.

<sup>47</sup> De Stadler e.a. (2021:68).

<sup>48</sup> Artikel 22(1) van die Verbruikersbeskerminingswet 68 van 2008.

<sup>49</sup> Artikel 22(2) van die Verbruikersbeskerminingswet.

<sup>50</sup> De Stadler e.a. (2021:69); Europese Databeskerminingsraad (2020:18); Roos (2020:15).

<sup>51</sup> De Stadler e.a. (2021:69); Europese Databeskerminingsraad (2020:18–19); Roos (2020:15).

<sup>52</sup> Artikel 69(1)–(2) van die WBPI. Die Inligtingsreguleerder het ’n vorm uitgereik (Vorm 4) wat die vorm voorskryf waarin toestemming onder hierdie omstandighede verkry moet word. (Vorm 4 van die Regulasies rakende die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2018.)

<sup>53</sup> Rhoen (2016:5–6); Tschider (2021:659).

<sup>54</sup> Dit beteken dat mense 'n heuristiese benadering tot besluitneming gebruik, wat gekenmerk word as nie ten volle geoptimaliseer, perfek of gerasionaliseer nie, maar tog “goed genoeg”. Hierdie kognitiewe kortpaaie lei dikwels tot vooroordele en slegte besluite. Sien Korobkin (2003); Sent (2018).

<sup>55</sup> Korobkin (2003:1222–5); Sent (2018:1374).

<sup>56</sup> Artikel 18 van die WBPI.

<sup>57</sup> Schermer, Custers en Van der Hof (2014:176–7). Sien ook De Carvalho, Nobre en Marques-Neto (2022).

<sup>58</sup> De Carvalho e.a. (2022); Van Ooijen en Vrabec (2019:94–6).

<sup>59</sup> Schermer e.a. (2014:177); Carolan (2016:470–1).

<sup>60</sup> Schermer e.a. (2014:176); Monteleone (2015:88); Van Ooijen en Vrabec (2019:95).

<sup>61</sup> Monteleone (2015:89–90); De Carvalho e.a. (2022); Schermer e.a. (2014:176–8).

<sup>62</sup> Kahneman, Knetsch en Thaler (1991:198–9); Korobkin (2003:1229–34); Rhoen (2016:3–4).

<sup>63</sup> Bauer, Bergstrøm en Foss-Madsen (2021:1–2); sien ook Farronato, Fradkin en Lin (2025).

<sup>64</sup> Monteleone (2015:89–90); Carolan (2016:470–1); Bauer e.a. (2021:5); Froomkin (2019:31).

<sup>65</sup> Warner en Sloan (2013:2); Monteleone (2015:73–4); Rhoen (2016:2); Tschider (2021:658); Zafir (2013:242).

<sup>66</sup> Datareportal (2025); Statistiek SA (2025:51).

<sup>67</sup> Statistiek SA (2025:51).

<sup>68</sup> Datareportal (2025); Statistiek SA (2025:51).

<sup>69</sup> Chinembiri (2020); Datareportal (2025); Statistiek SA (2025:53).

<sup>70</sup> Chaka (2022:87); Chitimira e.a. (2023:569); Woldegiorgis (2022:200–1).

<sup>71</sup> Chaka (2022:85); Chitimira e.a. (2023:572–3); Ditlhokwa en Cann (2024:28).

<sup>72</sup> Chitimira e.a. (2023:563).

<sup>73</sup> Datareportal (2025).

<sup>74</sup> Ditlhokwa en Cann (2024:31).

<sup>75</sup> Chaka (2022:85–7); Chitimera e.a. (2023:563–64); Woldegiorgis (2022:202).

<sup>76</sup> Custers e.a. (2013:452–3); Masur (2020:266); Monteleone (2015:83–4).

<sup>77</sup> Benyera (2021:1–16); Custers e.a. (2013:452–3); Rhoen (2016:3–4).

<sup>78</sup> Chaka (2022:84); Coleman (2019:422–3); De Freitas (2025:3–4); Nothias (2025:386–9); Benyera (2021:1–16).

<sup>79</sup> SASSA (2025).

<sup>80</sup> Suid-Afrikaanse Regering (2025).

<sup>81</sup> Tschider (2021:652).

<sup>82</sup> Artikel 8 van die WBPI.

<sup>83</sup> Artikels 19–22 van die WBPI.

<sup>84</sup> Artikels 23–25 van die WBPI.

<sup>85</sup> Inligtingsreguleerder Suid-Afrika (2025:25–6); Musoni (2021).

<sup>86</sup> Artikel 23 van die WBPI.

<sup>87</sup> Artikels 5(e), 11(3)(a), 69(3), 28(1)(c), 32(1)(b)(i) en 70(2) van die WBPI.

<sup>88</sup> Artikel 24 van die WBPI.

<sup>89</sup> Custers e.a. (2013:444–9); Monteleone (2015:83–6); Rhoen (2016:4–6).

## Inligting oor LitNet Akademies

*LitNet Akademies*, as onderafdeling van LitNet, is 'n geakkrediteerde akademiese aanlyn vaktydskrif wat Afrikaanse portuurbeoordeelde navorsingsartikels publiseer.

Hierdie geakkrediteerde gedeelte van LitNet is volkome geïntegreer met die LitNet-hipertekstomgewing, wat Voertaal ([voertaal.nu](http://voertaal.nu)) insluit. Die akademiese artikels word aangevul met **boekbesprekings**, **hoëvlakmeningsmateriaal** oor aktuele sake, **skeppende skryfwerk** en skole-inhoud (**vraestelle** en ander **skoolsake**). Hierdie aanvullingsmateriaal lei lesers via skakels tot by die akademiese artikels.

**LitNet Akademies Internasionaal**, 'n spesiale projek op Voertaal, behels 'n reeks onderhoude met Europese akademici en Suid-Afrikaanse akademici in Europa oor hul navorsing wat aansluit by geakkrediteerde navorsingsartikels wat in *LitNet Akademies* gepubliseer is. Voertaal publiseer ook gesprekke en nuus oor universiteite en kultuursake in veral die Lae Lande en dra dus só die inhoud van Afrikaanstalige akademiese navorsing oor grense heen en bevorder kulturele en akademiese uitwisseling op internasionale vlak.

*LitNet Akademies* betaal R12 000 navorsingsgeld vir portuurbeoordeelde gepubliseerde artikels en R6 000 vir vonnisbesprekings in die Regteafdeling. Hierdie gelde word direk aan die navorser betaal.

Geen bladgelde word van navorsers gevra nie, en hulle behou volkome kopiereg. *LitNet Akademies* koop sedert Mei 2022 DOI-nommers, by Crossref geregistreer, vir artikels aan. Alle gepubliseerde artikels is ooptoegang ingevolge CC BY-NC-ND.

**Klik hier vir nog inligting, asook styl- en voorleggingsriglyne.**

**Web:** <https://doi.org/10.56273/1995-5928/LA>

**E-pos:** [akademies@litnet.co.za](mailto:akademies@litnet.co.za)

**Kontaknommer:** 083 461 8348

**ISSN:** 1995-5928

*Ondersteun deur:*



*LitNet Akademies*  
(ISSN 1995-5928)  
is geakkrediteer deur die  
Departement van Hoër Onderwys en  
Opleiding (DHET) en vorm deel van die  
Suid-Afrikaanse lys van goedgekeurde  
vaktydskrifte. Hierdie artikels is  
portuurbeoordeel en kan kwalifiseer  
vir subsidie deur die Departement van  
Hoër Onderwys en Opleiding.